



NASOU  
BEPERK  
1969

**Samestelling, Afleiding  
en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit  
in Afrikaans**

**W. Kempen**

**Professor in die Afrikaanse Taalkunde aan die  
Universiteit Stellenbosch**

**Tweede en hersiene druk van  
*Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans***

**Nasou Beperk**

*Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk.  
Kaapstad Bloemfontein Johannesburg  
Port Elizabeth Pietermaritzburg*

*Getset in 10 op 11 pt Times Roman Linotype  
Gedruk en gebind deur Nasionale Handelsdrukkery Beperk  
Elsiesrivier H-69*

## Dankbetuiging

My hartlike dank aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir 'n ruime toekening om hierdie werk moontlik te maak en te bespoedig. So vorder ons.

My hartlike dank aan die Universiteit Stellenbosch vir ruime hulp om die insameling en sistematisering van materiaal te bespoedig.

My opregte waardering teenoor Lisbet vir vrystelling van ander pligte ten einde hierdie werk te kan doen.

My opregte dank en waardering aan my vroeëre en huidige assistentes J. C. Cruse en Annette Theron vir baie werk van albei wat altyd met nougesette aandag en eidelose volharding gedoen is, en aan mev. J. M. Dege-naar vir haar wonderlike tikwerk – 'n reusetaak.

My hartlike waardering aan duisende oud-studente vir wat hulle my met hulle „projekte” geleer het.

Baie, baie dankie, Uitgewery Nasou, dat u nie net boeke uitgee wat vir u self groot wins in die sak bring nie.

Dat ek self glad nie altyd bereik wat ek beoog het nie, daarvoor bly ek graag by die woorde van Browning:

*Ah, but a man's reach should  
exceed his grasp.*

*Or what's a heaven for?*

## Drie woorde vooraf

Hierdie bundel is 'n gewysigde en aangevulde herdruk van *Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans*. Waar kritiek op foute en ander tekortkominge gewys het, is geprobeer om dit in hoë mate te verbeter. Daarmee word egter nou nog nie 'n bundel uitgegee wat sy skrywer in die hoogste mate tevrede stel nie. Sedert die eerste druk het die Transformasionele Grammatika so ontwikkel dat 'n mens baie graag sommige van die T.G.-begrippe op die materiaal van hierdie bundel wou toepas. Ten opsigte van die kompositum sou dit maklik kon geskied, al sou so 'n verwerking daar dan totaal anders uitsien. Maar ten opsigte van die gebied van die afleiding is die T.G. tans (Mei 1968) nog nie ver genoeg nie, ook nie ten opsigte van die gebied van die woordsoortelike meerfunksionaliteit nie. Daarom is hierdie werk nog hoofsaaklik tradisioneel gehou.

Betekenis van woorde word meesal net aangegee waar rede bestaan om te meen dat die gemiddelde leser dit miskien nie ken nie.

„Woordsoortelike meerfunksionaliteit” vervang „Funksiewisseling” van die eerste druk omdat „Funksiewisseling” meer sê as wat bedoel is of gegee word, en om dieselfde rede word „Woordvorming” nou vervang deur „Samestelling” en „Afleiding”. Eintlik is die titel nog steeds nie goed nie en sou byvoorbeeld „'n Bydrae tot ons kennis van Komposita, Afleidinge en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit” beter gewees het, maar dit sou as onbeskeie beskou kon word. Die boot moet dus maar in sy huidige vorm die see in.

# Inhoud

## INLEIDING

§ 1	Ons loop ons vas sonder diachroniese agtergrondskennis . . .	1
§ 2	Kennis van die woordeskat, woord en woordsoort . . .	3
§ 3	Gemeenskaplike beskrywingsprobleme i.v.m. komposita, afleiding en meerfunksionaliteit . . . . .	4

## HOOFSTUK 1

### MEERFUNKSIONALITEIT

§ 4	Woordsoortelike meerfunksionaliteit . . . . .	31
§ 5	Aanhalingsgebruik (of selfnoemfunksie) . . . . .	32
§ 6	Werkwoorde en naamwoorde as korrelate van mekaar . . . . .	34
§ 7	B.nwe. en bywoorde as korrelate van mekaar . . . . .	48
§ 8	Ander woordsoortelike korrelate van die byvoeglike naamwoord . . . . .	50
§ 8.1	S.nw.-korrelate . . . . .	50
§ 8.2	Die b.nw. met ww.-korrelate . . . . .	52
§ 9	Die bywoord en sy korrelate . . . . .	54
§ 9.1	Die bywoord met b.nw.-korrelaat . . . . .	54
§ 9.2	Die bywoord met s.nw.- en ww.-korrelate . . . . .	55
§ 10	Die korrelate van die selfstandige naamwoord . . . . .	55
§ 10.1	Die s.nw. en sy b.nw.-korrelate . . . . .	55
§ 10.2	Die s.nw. met bywoord-korrelate . . . . .	70
§ 10.3	Skynvoorbeelde van s.nwe. met bywoord-korrelate . . . . .	73
§ 10.4	Die s.nw. en sy interjeksie-korrelate . . . . .	75
§ 10.5	Die s.nw. en sy telwoord-korrelate . . . . .	76
§ 10.6	Die s.nw. en sy werkwoord-korrelate . . . . .	77
§ 11	Die tussenwerpsel en sy korrelate . . . . .	79
§ 12	Die voorsetsel en sy korrelate . . . . .	79
§ 13	Die werkwoord en sy nie-selfstandigenaamwoord-korrelate . . . . .	80
§ 14	Die deelwoord en sy voorsetsel-korrelate . . . . .	81

## HOOFSTUK 2

### PROBLEME IN VERBAND MET KOMPOSITA

§ 15	Algemene opmerkings	
§ 15.1	Komposita: samestelling en samekoppeling . . . . .	83
§ 15.2	Skryfwyse van komposita . . . . .	83

§ 15.3	Probleme van vorm, semantiek, geneties en stilistiek . . . . .	84
§ 15.4	Taalvorm, verhouding en funksie by komposita . . . . .	84
§ 16	Enkele algemene kenmerke van komposita . . . . .	85
§ 16.1	Semantiese kenmerke . . . . .	85
§ 16.2	Benoeming, volgorde, groepering en verskeidenheid van komponente . . . . .	89
§ 16.3	Grammatiese funksie van die kompositum in sy geheel . . . . .	91
§ 16.4	Semantiese en stilistiese waardes . . . . .	91
§ 17	Probleme van die sistematiek . . . . .	91
§ 18	Vormprobleme by komposita . . . . .	93
§ 18.1	Verbindingsvorme of „verbindingsklanke” . . . . .	93
§ 18.2	Verbindingsvorme in afleidinge . . . . .	110
§ 18.3	Volgorde van die komponente . . . . .	110
§ 19	Semantiese probleme . . . . .	111
§ 19.1	Die probleem <i>braaivleis/vleisbraai</i> . . . . .	111
§ 19.2	Die probleem <i>woonstel</i> . . . . .	112
§ 20	Diachroniese probleme . . . . .	113
§ 21	Begrensde produktiwiteit van kompositumtipies . . . . .	114
§ 22	Stilistiese probleme . . . . .	124
§ 22.1	Semantiese en stilistiese waarde . . . . .	124
§ 22.2	Stylkeuse en styldwang . . . . .	126

### HOOFSTUK 3

#### KOMPOSITA MET 'N STAM MET 'N BYVOEGLIKENAAMWOORD-KORRELAAT AS KERN

§ 23	Stam of verbindingsvorm daarvan met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (nie-iteratief) : b.nw. : <i>armsalig</i> . . . . .	136
§ 24	Stam of verbindingsvorm daarvan met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) . . . . .	137
§ 24.1	Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) : b.nw. : <i>dubbele-dubbele</i> . . . . .	137
§ 24.2	Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) : bw. : <i>dronk-dronk</i> . . . . .	139
§ 24.3	Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) : ww. : <i>bleek-bleek</i> . . . . .	139
§ 25	Stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw. : <i>amperskoon</i> . . . . .	140
§ 26	Stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (volt. deelw.) : b.nw. : <i>aangebroude</i> . . . . .	141

§ 27	Stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : werkwoord : <i>aandik</i> . . . . .	143
§ 28	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw. komparatief-intensief)/bywoord : <i>afgronddiep</i> . . . . .	147
§ 29	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw. (nie komparatief en/of intensief nie) : <i>gifsiek</i> . . . . .	150
§ 30	Die tipes <i>been-af, padlangs, hoenderkop</i> . . . . .	153
	§ 30.1 Stam met s.nw.-korrelaat + <i>af</i> : b.nw. : <i>been-af</i> . . . . .	153
	§ 30.2 Stam met s.nw.-korrelaat + <i>langs/op/uit</i> : b.nw. : <i>padlangs</i> . . . . .	158
	§ 30.3 Stam met s.nw./b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. : <i>hoenderkop</i> . . . . .	159
§ 31	Die tipes <i>afwysend</i> en <i>duiselingwekkend</i> . . . . .	160
	§ 31.1 Stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt. deelw. : b.nw. : <i>afwysend</i> . . . . .	160
	§ 31.2 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt. deelw.) : b.nw. : <i>duiselingwekkend</i> . . . . .	164
§ 32	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (volt. deelw.) : b.nw. : <i>biesie-omringde</i> . . . . .	169
§ 33	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>kaffersleg</i> . . . . .	177
§ 34	Stam met ww.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw. : <i>breekvry</i> . . . . .	177
	§ 34.1 (Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat)/(stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat)/(stam met b.nw./bw.-korrelaat + stam met b.nw./bw.-korrelaat) + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw./s.nw. : <i>kraak-kraakdun</i> . . . . .	180
	§ 34.2 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw. : <i>beenhoringoud</i> . . . . .	181

#### HOOFSTUK 4

##### KOMPOSITA MET 'N STAM MET 'N BYWOORD-KORRELAAT AS KERN

§ 35	Stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat (iteratief) : bw. : <i>amper-amper</i> . . . . .	183
§ 36	Preposisioneel-adverbiale komposita [?] . . . . .	185
	§ 36.1 Stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat (nie-iteratief) : bw. : <i>agter-in</i> . . . . .	186
§ 37	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat : bw. : <i>bankvas</i> . . . . .	188



§ 38 Stam met ww.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat : s.nw. : <i>deugniet</i> . . . . .	189
§ 39 Stam met ww.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat : ww. : <i>houvas</i> . . . . .	190

## HOOFSTUK 5

### KOMPOSITA MET 'N STAM MET 'N SELFSTANDIGENAAMWOORD-KORRELAAT AS KERN

§ 40 Stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. : <i>dikbek</i> . . . . .	191
§ 40.1 Genetiek van stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw. : <i>platsak</i> . . . . .	192
§ 41 Stam of verbindingsvorm daarvan met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : bw. : <i>anderpad</i> . . . . .	202
§ 41.1 Die <i>kant</i> -komposita : <i>anderkant</i> . . . . .	206
§ 42 Stam of verbindingsvorm daarvan met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>anderland</i> . . . . .	208
§ 43 Stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. § 43.1 Die tipe <i>agternading</i> . . . . .	211
§ 43.2 Die tipe <i>agterdraai</i> . . . . .	212
§ 44 Stam of verbindingsvorm daarvan met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : ww. : <i>aansuiker</i> . . . . .	213
§ 45 Stam met lw.-korrelaat (?) + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw. : <i>ingat</i> . . . . .	216
§ 46 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. § 46.1 Die tipe <i>blikners</i> . . . . .	217
§ 46.2 Die tipe <i>hartseer</i> . . . . .	220
§ 47 Stam of verbindingsvorm daarvan met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (nie-iteratief) : bw. : <i>apegape</i> . . . . .	222
§ 48 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (itera- tief) . . . . .	225
§ 48.1 Tipe met bywoordelike funksie : <i>draai-draai</i> . . . . .	225
§ 48.2 Tipe met byvoeglike funksie : <i>gat-gat</i> . . . . .	228
§ 49 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (nie- iteratief) : s.nw. : <i>aalfuik</i> . . . . .	228
§ 50 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (itera- tief) : s.nw. : <i>bakke-bakke</i> . . . . .	235
§ 51 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : ww. . § 51.1 Nie-iteratiewe tipe : <i>baberbek</i> . . . . .	245
§ 51.2 Iteratiewe tipe : <i>kruk-kruk</i> . . . . .	246

§ 52	Stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>agtal</i> . . . . .	246
§ 53	Tussenwerpsels . . . . .	248
§ 54	Stam met tussenwerpsel-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>ditsembeentjie</i> . . . . .	253
§ 55	Stam met voors.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw. : <i>onderdak</i> . . . . .	254
§ 56	Stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>borrelgeluidjies</i> . . . . .	255
§ 57	Stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : ww. . . . .	257
	§ 57.1 Tipe (a) – <i>knipoog</i> . . . . .	257
	§ 57.2 Tipe (b) – <i>brandmerk</i> . . . . .	266
	§ 57.3 Tipe (c) – <i>brandasem</i> . . . . .	268
§ 58	Uitbreidingstipes . . . . .	274
§ 59	Lang komposita . . . . .	274
§ 60	Drie- (en meer-)ledige komposita met 'n stam met 'n s.nw.-korrelaat as kern . . . . .	276
	§ 60.1 Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (een of meer) : s.nw. : <i>blouwildebees</i> . . . . .	276
	§ 60.2 (Stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + (stam met s.nw.-korrelaat) : s.nw. : <i>breëdeurwaenhuis</i> . . . . .	276
	§ 60.3 Stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (een of meer) s.nw. : <i>afslaankapkar</i> . . . . .	278
	§ 60.4 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>gallamsiekte</i> . . . . .	280
	§ 60.5 Uitbreidingstipes van stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>blomkoolore</i> . . . . .	281
	§ 60.6 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>beessuipgangetjie</i> . . . . .	282
	§ 60.7 Stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>ag(t)daegras</i> . . . . .	284
	§ 60.8 Stam met tussenwerpsel-korrelaat + stam met tussenwerpsel-korrelaat (iteratief) + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>doef-doen-geluide</i> . . . . .	285
	§ 60.9 (Stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>breekbeen-tafeltjie</i> . . . . .	285
§ 60.10	Stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. : <i>blylêbeeste</i> . . . . .	286

## HOOFSTUK 6

### KOMPOSITA MET 'N STAM MET 'N TELWOORD-KORRELAAT AS KERN

§ 61	Komposita met stamme met telwoord-korrelate . . . . .	289
------	---	-----

## HOOFSTUK 7

### KOMPOSITA MET 'N STAM MET 'N VOORNAAMWOORD-KORRELAAT AS KERN

§ 62	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met vnw. <i>hulle</i> as korrelaat : s.nw. : <i>ma-hulle</i> . . . . .	291
------	---	-----

## HOOFSTUK 8

### KOMPOSITA MET 'N STAM MET 'N WERKWOORD-KORRELAAT AS KERN

§ 63	Stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat : s.nw. : <i>afkap</i> . . . . .	297
§ 64	Stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat : ww. : .	298
	§ 64.1 <i>aan-</i> . . . . .	299
	§ 64.2 <i>agter-</i> . . . . .	302
	§ 64.3 <i>by-</i> . . . . .	305
	§ 64.4 <i>deur-</i> . . . . .	307
	§ 64.5 <i>om-</i> . . . . .	312
	§ 64.6 <i>onder-</i> . . . . .	315
	§ 64.7 <i>oor-</i> . . . . .	317
	§ 64.8 <i>tussen-</i> . . . . .	322
	§ 64.9 <i>uit-</i> . . . . .	322
	§ 64.10 <i>vol-</i> . . . . .	325
	§ 64.11 <i>voor-</i> . . . . .	325
	§ 64.12 <i>weer-/weder-</i> . . . . .	328
	§ 64.13 Samevattende opmerkinge . . . . .	328
§ 65	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat : s.nw. : <i>dagbreek</i> . . . . .	333
§ 66	Stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat : ww. : <i>baasraak</i> . . . . .	335
§ 67	Stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat (itera- tief) : bw. : <i>brom-brom</i> . . . . .	341
§ 68	Stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat (nie- iteratief) : ww. : <i>bêre-koop</i> . . . . .	342

§ 69	Stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat (iteratief) : ww. : <i>blaai-blaai</i> . . . . .	345
§ 70	Sinskomposita . . . . .	347
§ 71	Afstandskomposita . . . . .	352

## HOOFSTUK 9

### AFLEIDING EN SAMESTELLENDEN AFLEIDING

§ 72	Inleiding . . . . .	355
§ 73	'n Poging tot die groepering van formantia en afleidinge in grammatiese en/of opposisionele groepe . . . . .	358
§ 74	Die persoonsgroep . . . . .	363
§ 74.1	Die tipe <i>Ben-Benna, Piet-Pieta</i> . . . . .	363
§ 74.2	Diminutiewe en persoonsname . . . . .	368
§ 74.3	Die tipes <i>Freud-Freudis, Luther-Lutheraan, Malan-Malaniet</i> . . . . .	368
§ 74.4	Die tipes <i>Birma-Birmaan, Egipte-Egiptenaar</i> . . . . .	369
§ 74.5	Die tipe <i>kuns-kunstenaar</i> . . . . .	373
§ 74.6	Die tipe <i>bank-bankier</i> . . . . .	374
§ 74.7	Die tipes <i>aktief-aktiwis-aktiwisme</i> en <i>akwarel-akwarelis</i> . . . . .	375
§ 74.8	Die tipe <i>argief-argivaris</i> . . . . .	378
§ 74.9	Die tipe <i>babbel-babbelaar</i> . . . . .	378
§ 74.10	Die tipe <i>droom-dromer</i> . . . . .	380
§ 74.11	Die tipe <i>dispuut-disputant</i> . . . . .	381
§ 74.12	Die tipe <i>gierig-gierigaard</i> . . . . .	383
§ 74.13	Die tipe <i>dik-dikkerd</i> . . . . .	384
§ 74.14	Die tipe <i>bot-botterik</i> . . . . .	385
§ 74.15	Die tipe <i>bekeer-bekeerling</i> . . . . .	385
§ 74.16	Die tipe <i>kelner-kelnerin</i> . . . . .	387
§ 74.17	Die tipe <i>baron-barones</i> . . . . .	388
§ 74.18	Die tipe <i>miljoen-miljoenêr</i> . . . . .	388
§ 75	Die versamelgroep . . . . .	388
§ 75.1	Die tipe <i>bos-boskasie</i> . . . . .	388
§ 75.2	Die tipe <i>Afrikaner-Afrikanerdom</i> . . . . .	389
§ 75.3	Die tipe <i>afvaardig-afvaardiging</i> . . . . .	391
§ 75.4	Die tipe <i>bak-baksel</i> . . . . .	391
§ 75.5	Die tipe <i>been-gebeente</i> . . . . .	392
§ 75.6	Die tipe <i>broeder-broederskap</i> . . . . .	392
§ 75.7	Die tipe <i>twee-tweeling</i> . . . . .	392
§ 76	Die toestandsgroep . . . . .	393
§ 76.1	Die tipe <i>ferment-fermentasie</i> . . . . .	393

§ 76.2	Die tipe <i>geleerd-geleertentheid</i>	393
§ 76.3	Die tipe <i>vry-vryheid</i>	395
§ 76.4	Die tipe <i>diffuus-diffusie</i>	395
§ 76.5	Die tipe <i>mallig-malligheid</i>	396
§ 76.6	Die tipe <i>aanstel-aanstelling</i>	398
§ 76.7	Die tipe <i>alkohol-alkoholisme</i>	398
§ 76.8	Die tipe <i>duister-duisternis</i>	399
§ 76.9	Die tipe <i>balling-ballingskap</i>	399
§ 76.10	Die tipe <i>droog-droogte</i>	399
§ 76.11	Die tipe <i>absurd-absurditeit</i>	400
§ 77	a-	403
§ 78	-a	404
§ 79	-aal, -iaal, -eel, -ieel	404
§ 80	-aan (-iaan, -an, -n)	410
§ 81	-aar	411
§ 82	-aard	414
§ 83	-aarts	415
§ 84	-agtig	416
§ 85	Die Romaanse groep: -ant, -aris, -ent	421
§ 85.1	-ant	422
§ 85.2	-ent	423
§ 85.3	-aris	424
§ 86	ante-	424
§ 87	anti-	425
§ 88	-asie <sup>1</sup>	426
§ 89	-asie <sup>2</sup>	429
§ 90	-baar	431
§ 91	be-	435
§ 92	-dom	439
§ 93	-e /ə/	441
§ 94	-eer	445
§ 95	-ees	453
§ 96	-endheid/-entheid	454
§ 97	-er	455
§ 98	-êr	458
§ 99	-erd	459
§ 100	-erig	460
§ 101	-erik	463
§ 102	-ery	464
§ 103	-es	467
§ 104	-eur	467
§ 105	ge-	468
§ 106	-gewyse	478
§ 107	-heid	478

§ 108	her-	481
§ 109	-ie <sup>1</sup> (verkl.)	487
§ 110	-ie <sup>2</sup>	501
§ 111	-ier	504
§ 112	-ies	504
§ 113	-iet	506
§ 114	-ig	506
§ 115	-igheid	511
§ 116	-in <sup>1</sup>	513
§ 117	-in <sup>2</sup>	513
§ 118	-ing	513
§ 119	-is	529
§ 120	-isme	531
§ 121	-kunde	533
§ 122	-lik	534
§ 123	-liks	539
§ 124	-ling	540
§ 125	-lings	541
§ 126	-loos	541
§ 127	-ment	544
§ 128	mis-	544
§ 129	-nis	546
§ 130	oer-	548
§ 131	on-	549
§ 132	ont-	556
§ 133	-s	559
§ 134	-saam	564
§ 135	-sel	565
§ 136	-skap	569
§ 137	-ster	572
§ 138	-te	573
§ 139	-teit	577
§ 140	ver-	578
§ 141	wan-	588
§ 142	Die stapeling en volgorde van reekse voor- en agtervoegsels in Afrikaans	590
§ 143	Samestellende afleiding	593

## HOOFSTUK 10

### VAN AFLEIDING TOT ANDER TERREINE VAN DIE TAAL

§ 144 Van on- tot nie- . . . . .	596
§ 145 Die sintaktiese kondisionering van afleidingsgebruik . . . . .	600
§ 146 Slotopmerkings – woordsoortelike meerfunksionaliteit, komposita en die ontstaan van Afrikaans . . . . .	610
<b>BIBLIOGRAFIE . . . . .</b>	<b>615</b>
<b>WOORDREGISTER . . . . .</b>	<b>623</b>

# Inleiding

## § 1 Ons loop ons vas sonder diachroniese agtergrondskennis

Aan die feit dat diachroniese taalstudie, veral vir die Afrikaanse taalstudent, agtergrondbegrippe uit Latyn en Nederlands vereis, val nie te twyfel nie. Dit blyk uit probleme soos die volgende:

Wat is byvoorbeeld taalkundig die verdedigbaarste vorm wanneer „'n Russiesgesinde groep 'n andersgesinde groep Russiesgesind maak” – *russifiseer, russifieer, òf russifeer/russiveer*?

Sinchronies vereis dit in die eerste plek materiaalversameling om die spreiding van die vorme *-eer, -ieer, -fiever, -fiseer en -veer* in Afrikaans na te gaan. Hoewel uit die sinchroniese feite heelwat sisteem blyk, stuit die taalbeskrywer nogtans teen moeilikhede wat nie altyd vanuit sinchroniese standpunt opgelos of verklaar kan word nie.

Ons kry naamlik gevalle soos die volgende :

*alfabeties* – *alfabetiseer*

*karakter* – *karakteriseer*

*hipnoties* – *hipnotiseer*

*kolonie* – *koloniseer*

Afgesien van die vraag of *alfabetiseer* werklik van *alfabeties* gevorm is, *hipnotiseer* van *hipnoties* ens., kòn dié werkwoorde, van sinchroniese standpunt beskou, inderdaad so inmeekaarsit, want die uitgang verskil wel: *-eer, -iseer en -seer*, maar eerstens verander daar niks aan byvoorbeeld *alfabeties, hipnoties* self nie, net so min as aan byvoorbeeld *praat* wanneer ons daarvan *praterij* maak of aan *handel* wanneer ons daarvan *handeling* maak, en tweedens, dat die uitgang verskillende vorme het, is ook soos Afrikaans in baie ander gevalle is, bv. *praat* – *praterij* (met *-erij*), maar *sukkel* – *sukkelry* (met *-ry*, nie *-erij* nie). En vergelyk verder ook *-lik, -elik* ens. in bv. *eerlik* en *geldelik* ens.

Ons kan hiermee verder gaan en sê dat daar selfs 'n soort sisteem is wat die vorme *-eer, -iseer, -seer* ens. bepaal :

(a) As die woordkorrelaat van die stam 'n b.n.w. op *-ies* is, is die uitgang van die verbale afleiding meestal *-eer* :

*elektries* – *elektriseer*<sup>1</sup>

*narkoties* – *narkotiseer*

*etimologies* – *etimologiseer*

*polemies* – *polemiseer*

*evangelies* – *evangeliseer*

*prakties* – *praktiseer*

*galvanies* – *galvaniseer*

*psigologies* – *psigologiseer*

*krities* – *kritiseer*

*sistematies* – *sistematiseer*

*magneties* – *magnetiseer*

*teoreties* – *teoretiseer* ens.

*Identies* is van die min woorde wat nie in dié sisteem lê nie, met *identifiseer* in plaas van *identiseer*\*.

1. *Elektrifiseer* is klaarblyklik anders gevorm, want hier is die stam net *elektri-*, wat nie 'n selfstandige Afrikaanse morfeem is nie.



- (b) As die woordkorrelaat van die stam 'n meerlettergrepige woord is, nie 'n b.n.w. op *-ies* is nie, en op 'n konsonant eindig, het die ww. meesal *-iseer* :

<i>alfabet</i>	– <i>alfabetiseer</i>	<i>nasionaal</i>	– <i>nasionaliseer</i>
<i>ideaal</i>	– <i>idealiseer</i>	<i>normaal</i>	– <i>normaliseer</i>
<i>karakter</i>	– <i>karakteriseer</i>	<i>standaard</i>	– <i>standaardiseer</i>
<i>klimaat</i>	– <i>klimatiseer</i>	<i>steriel</i>	– <i>steriliseer</i>
<i>kristal</i>	– <i>kristalliseer</i>	<i>tiran</i>	– <i>tiranniseer</i>
<i>lokaal</i>	– <i>lokaliseer</i>		ens.

**Opm.** *Persoon* – *personifiseer*, *protes* – *prostesteer*, *orkes* – *orkestreer* ens. lê nie binne dié sisteem nie, maar hulle vorme kan wel diachronies verklaar word.

- (c) Eindig die woordkorrelaat van die stam op 'n vokaal, is die verbale uitgang soms *-seer* :

<i>kolonie</i>	– <i>koloniseer</i>	<i>psigologie</i>	– <i>psigologiseer</i>
<i>monopolie</i>	– <i>monopoliseer</i>	<i>simpatie</i>	– <i>simpatiseer</i>

**Opm.** 1. 'n Geval soos *diagnoseer* val nie hieronder nie, want as dit volgens Afrikaans gebou was, moes dit nie die /ə/ van *diagnose* laat val het nie.

2. *Harmonie* het *harmoniseer* (groep (c)) en *harmonieer* langs hom. *Harmoniseer* kan as woordkorrelaat naas die stam *harmonies* hê. Wie dan wil onderskei, moet dus *harmonieer* (sonder *s*) daarteenoor stel.

3. *Parodieer* naas *parodie* word elders bespreek.

4. *Kondisie* – *kondisioneer*, *petisie* – *petisioneer*, met *-oneer*, en dergelike meer, kan nie sinchronies in 'n sisteem gebring word nie, diachronies wel: hulle gaan terug op Frans *condition*, *petition* ens. waaroor elders meer.

Daar is dus werklik heelwat sisteem, maar ook allerlei wat buite dié sisteem lê.

Gaan ons nou alleen sinchronies verder met die lyste, word die onduidelikhede al hoe groter, so groot dat ons vasgeloop is as ons net met Afrikaans wil werk. *Diagnose* – *diagnoseer* was al so 'n geval, maar daar is baie meer en baie wat ernstiger afwyk. *Katalogiseer* hou duidelik verband met *katalogus*, maar het 'n *i* voor die *s* waar *katalogus* 'n *u* het. *Populariseer* hou net so duidelik verband met *populêr*, maar het 'n *a* voor die *r* waar die b.n.w.-korrelaat 'n *e* het. *Apploudiseer* hou verband met *applous*, maar het nie die *s* van die s.n.w.-korrelaat behou nie. *Fabriseer* hou verband met *fabriek*, maar het nie die *k* van die s.n.w.-korrelaat nie. *Korrigeer* hou verband met *korrek*, maar het *-ig-* in plaas van *-ek* ens. So het ons *eksamen*, maar *eksamineer* ens. Verstaan kan ons dié vorme nooit sonder kennis van Frans en Latyn nie. Haal ons dié kennis daarby, sien ons byvoorbeeld dat

*katalogiseer*, met *i*, verband hou met Latyn *catalogi*,

*eksamen* en *eksamineer* met Latyn *examen* en *examina* (vergelyk ook *nomen* – *nominaal* met Latyn *nomina*), dat *applous* verband hou met die Latynse deelwoord *plausum*, maar *apploudeer* met die Latynse infinitief *plaudere*, *korrigeer* met die Latynse infinitief *corrigerere*, maar *korrek* met die Latynse deelwoord *correctum* ens.

Ons kan Afrikaans baie goed gebruik en ken sonder kennis van Nederlands, Frans, Latyn ens., maar dit moet uit die bostaande ook ewe duidelik wees dat daar baie van die vorme van Afrikaans is wat ons nie kan verstaan of nader verklaar sonder kennis van, onder meer, die genoemde tale nie. Daarsonder loop ons ons vas. Daarom word oral waar die gewens bekombaar was, ook die diachronie aangegee, of, op sy minste ook die vergelykbare Nederlandse gewens.

## § 2 Kennis van die Woordeskat, Woord en Woordsoort

In hierdie bundel word aangeneem dat die leser allerlei in verband met Afrikaans en taalstudie weet, onder meer die volgende:

1. Kennis van die samestelling van die woordeskat van Afrikaans, d.w.s. wat en hoeveel definitief of moontlik van dialektiese Nederlands of Duits, of van Franse, Maleise, Portugese, Hottentotse ens. oorsprong is, dus ook kennis van die literatuur in verband daarmee.

2. Kennis van die hoofsake van wat sedert en na Reichling deur hom en ander oor die woord geskrywe is, met inbegrip van wat oor die betekenis van 'n woord gepubliseer is.

3. Kennis van (die) woordsoorte, met inbegrip van die jongste literatuur daaroor.

Daar is ernstig oorweeg om hierin besonderhede te gee oor die onderskeiding van woordsoorte in Afrikaans, maar volledigheid sou te omvangryk word en 'n samevatting sou ongemotiveerd moes bly. Daarom word hier net voorlopig as volg verslag gedoen.

A. Ons neem aan dat die bestaan van woorde in Afrikaans bewysbaar is, onder meer met die middele wat genoem word deur Reichling, Uhlenbeck, De Groot, Roose, Martinet, Bloomfield, Whorf ens.

B. 1. 'n Paar eenvoudige spreidingstoetse is voldoende om aan te toon dat Afrikaans ook woordsoorte het. Die vraag word dus alleen: watter soorte en sub-soorte?

2. Om dit te bepaal, is eers lyste opgestel van wat in Afrikaanse skoolgrammatikas s.nwe., wwe., b.nwe. ens. genoem word.

3. Vervolgens is vir elke soort 'n battery van kenmerke opgestel. Daaruit is vir elke woordsoort subkategorieë afgelees, elkeen met die kenmerke.

So 'n werkwyse het egter veral een groot nadeel, naamlik dat woorde

wat meerkategorieel is, dan van die begin af in groepe getoets word, dus nooit aan kenmerk teenoor kenmerk getoets word nie.

Daarom is:

4. Ook 'n gesamentlike toetsbattery opgestel waarin alle kenmerke van alle woordsoorte verwerk is. Alle voorbeelde is toe daaraan getoets. Die resultate<sup>2</sup> kan as volg saamgevat word:

(a) Daar is goeie grond vir die handhawing van die onderskeiding van nege van die tien gebruiklike woordsoorte in Afrikaans. Vir die onderskeiding van b.nwe. en bwe. is daar die minste grond.

(b) Die kategoriale en subkategoriale sintaktiese en morfologiese (waar dit bestaan) kenmerke van die woordsoorte is baie duidelik beskryfbaar, maar die kategoriale semantiese kenmerke of waardes nie.

(c) Daar moet in die meeste gevalle heelwat meer subkategorieë en sub-subkategorieë onderskei word as wat gebruiklik is, veral by die ww. en die bw. So is byvoorbeeld bevind dat daar grond is om 42 subsoorte bywoorde te onderskei<sup>3</sup> (Roose vind dieselfde van Nederlands<sup>4</sup>). Vir die Afrikaanse werkwoord vind ons ten minste 6 subsoorte, elkeen met tussen 7 en 2 sub-subsoorte, afhange van die mate van detailbenadering. In dié verband kan herinner word aan die 17 wat Chomsky<sup>5</sup> en die 26 wat Lees<sup>6</sup> vir Engels gevind het, en aan die 38 wat Bierwisch<sup>7</sup> vir Duits gevind het.

### § 3 Gemeenskaplike Beskrywingsprobleme in verband met Komposita, Afleiding en Meerkategorieelheid

Verskeie taalkundiges het al op gemeenskaplike probleme in verband met bogenoemde taaltipes gestuit. De Groot sê onder meer: „Om praktiese redene houde ons aan deze tradisioneel geijkte terme, hoewel we ze zeer onbehaaglik vinden”.<sup>8</sup> Paardekooper sê onder andere:

„De tradisionele spraakkunst verdeel die morfologie eerst in een *woordvormingsleer* en een *woordvormleer*. Hij beskou die bou van bv. *grootte* (*diepte*, *breedte*) als een kwesie van woordvormingsleer: het zn *grootte* kent twee tweevlakkige delen (*groot-* en *-te*) en één daarvan vinden we terug in *diep-te*, *breed-te* enz. Op dezelfde manier heeft ver-

2. Volledige verslag sal as selfstandige publikasie verskyn.

3. Mej. A. S. Theron in *Die bywoord in Afrikaans*, 123.

4. Roose, H.: *Het probleem van de woordsoorten in het Nederlands*.

5. Noam Chomsky in „An approach to transformational grammar” in *Structure of language* van Katz en Fodor, 211.

6. Lees, R. B.: *The grammar of English nominalizations*.

7. M. Bierwisch in „Strukturalismus: Geschichte, Probleme und Methoden” in *Studia Grammatica*.<sup>2</sup>

8. De Groot, A. W.: *Inleiding tot de algemene taalwetenschap*,<sup>2</sup> 123.

*grootte* een apart tweevlakkig element *te* (zoals *stap-te*, *klap-te*, *haak-te* enz.), maar *ver groot* en *ver grootte* worden als 'twee vormen van hetzelfde woord' beschouwd en niet als twee verschillende woorden. Maar wat is 'hetzelfde woord'? Die opvatting is vrij zeker willekeurig; daarmee vervalt het onderscheid tussen woordvormleer en woordvormingsleer. Een ander onderscheid levert als resultaat *samenstelling* en *afleiding*. *Draagbaar* zn, 'draaginstrument' bestaat volgens de traditionele opvatting uit twee elementen die elk apart 'als woord' voor kunnen komen en is daarom een samenstelling. *Draagbaar* bn, 'kunnende gedragen worden' bestaat volgens die opvatting uit twee elementen waarvan wel *draag* 'als woord' voor kan komen, maar *-baar* 'kunnende ge . . . worden' niet. Daarom heet dit *draagbaar* een afleiding. Ook *blijft*, *stapte* of *gezien* zijn in deze opvatting afleidingen. Het ontbreekt ons aan een algemene theorie over de woordvorming en het ziet er niet naar uit dat die er vlug zal komen. Primair blijkt namelijk overal het woordgeheel. Soms is de grens tussen de delen in de betekenaar vaag: hoe wil men bv. *glazenier* indelen? In /glaz/ + /ə/ + /nir/? Of in /glazə/ + /nir/? Of in /glazən/ + /ir/? Hoe wil men met *dorpskerk* doen? Is de /s/ hier een apart element in betekenaar én betekenis? Zijn *boterbloem* en *paardebloem* samenstellingen zoals *boterspaan* en *paardestal*? Een andere reeks problemen hangt hiermee samen: die rondom de vraag wat één woord is."<sup>9</sup>

En verder:

„Vooral de syntaxis zelf moet ons de bewijzen leveren voor een- of meerwoordigheid. Zo bezien is een sterke ontwikkeling van de syntaxis grondvoorwaarde voor de begrensbaarheid van de categorieën woord en woordgroep en dus ook – eventueel – van de categorie woorddeel en dus ook van syntaxis en morfologie. Tenslotte blijft er het probleem van de identiteit van woorddelen met woorden. Konkreet: is het woorddeel *paarde-* in *paardestal* en *paardebloem* identiek met het woord *paard*? Volledig zijn die identiteiten in geen geval; ze zijn hoogstens gedeeltelijk."<sup>10</sup>

En Marchand sê in verband met funksiewisseling onder meer:

„That the phrase *far-off* can be used as a preadjunct (the subject of R. Tourbier's dissertation) is again a syntactic matter. Characterized adverbs do not develop such functions in any case. We will not, therefore, use the term conversion. As a matter of fact, nothing is converted, but certain stems are used for the derivation of lexical syntagmas, with the determinatum assuming a zero form. For similar reasons, the term 'functional

9. Paardekooper, P. C.: *Beknopte ABN syntaxis*, 4.

10. *Ibid.*, 5.

change' is infelicitous. The word itself does not enter another functional category, which becomes quite evident when we consider the inflected forms.<sup>11</sup>

Ons sal dié en dergelike bedenkinge een vir een moet bespreek.

Die probleme wat die nuwere taalstudie hieraan sien, kan aan die beskrywing van die volgende gevalle gedemonstreer word :

1. **Flous** *se voet*.
2. *Die patat rank geil*.
3. *Die patatrank is geil*.

Wie diachronies wil beskrywe, het hieraan weinig probleem: *flous* is, so beskou, die werkwoord wat hier tot selfstandige naamwoord geword het, *voet* is selfstandige naamwoord, *rank* die selfstandige naamwoord wat tot werkwoord geword het, *se* hoef nie noodwendig woordsoortelik beskrywe te word nie, omdat dit die enigste partikel is wat in dié konstruksie met dié waarde optree, en *patatrank* is gevorm of het ontstaan uit selfstandige naamwoord plus selfstandige naamwoord.

Wie eger sinchroon wil beskrywe, het heelwat probleme. Hy kan sê: *flous se voet* bestaan uit ww. + *se* + s.nw., maar die vraag is of dit nie fout sou wees nie, want ons het twee woorde *flous* in Afrikaans, 'n ww. en 'n s.nw. Is dit nie dalk die s.nw. *flous* nie? Of is dié twee één, byvoorbeeld vanweë die identiteit van of ooreenkoms in betekenis en vorm?

Die ander sinne bied deels dieselfde, deels ander probleme. *Die patat rank geil*: Ons kan dit afhandel deur te sê *rank* is hier 'n ww., maar ons kan ons ook daarvan bewus wees dat dit semanties en vormlik duidelik verband hou met die s.nw. *rank*, soos *stoel* (ww.) met *stoel* (s.nw., in sekere betekenis), *pleister* (ww.) met *pleister* (s.nw.) ens. Hoe moet ons dan dié of so 'n verband stel? Diachronies is dit ook weer eenvoudig: gaan na wat eerste was, dus of die proses was van s.nw. tot ww. of omgekeerd. Maar sinchronies benader, kan ons blykbaar alleen sê dat hier meer-funksionaliteit is. Sodat die geval *rank* dan gelyk is aan dié van *flous*? Gedeeltelik seker, ja, byvoorbeeld hierin dat die wwe. *rank* en *flous* verbind kan word met 'n onderwerp, dat altwee morfologie het (*het geflous/gerank*) en dat altwee bepaalbaar is deur bwe. (of altans wat tradisioneel bywoorde genoem word) ens., maar die s.nwe. *rank* en *flous* verskil, onder meer hierin dat *rank* enkelvoud en meervoud het, verbindbaar is met lidwoorde ens., en *flous* nie, alles ook kenmerke van bekende subkategorieë van s.nw. Maak ons groepe bymekaar en beskou dit kategoriaal, kom dit op die volgende neer: gevalle van selfnoemfunksie buite beskouing gelaat, het elke werkwoord<sup>12</sup> in Afrikaans 'n vorm-identiese,

11. Marchand, H.: *The categories and types of present-day English word-formation, a synchronic-diachronic approach*, 294.

12. *Hê* en *wees* en hulle ander gebruiksvorme (*het, was* ens.) vorm 'n aparte groepie.

semantiese s.nw.-korrelaat, maar hoegenaamd nie elke s.nw. het so 'n ww.-korrelaat nie en dié wat dit wel het, het dit meesal net in 'n beperkte getal betekenisaspekte van die betrokke s.nw.

Maar selfs so is dit nie volkome suiwer (gestel) nie. As ons sê die s.nw. *boer* het 'n semantiese ww.-korrelaat *boer*, kan dit tog ewe goed andersom ook gestel word: die ww. *boer* het 'n semantiese s.nw.-korrelaat *boer*. Dit kàn, hoewel ons dan ook effens anders sal moet sê, naamlik òf dat die ww. *boer* semanties beperkter is as sy s.nw.-korrelaat, òf ons sal moet sê: wwe. en s.nwe. met ww.- en s.nw.-korrelate val duidelik in twee groot groepe, naamlik dié wat semanties net gedeeltelik korrelate is, en dié wat dit volledig is. Dan val *floos* en *rank* in twee verskillende groepe. De Groot het volkome gelyk in wat hy in dié verband sê:

„In talen als het Nederlands (en alle andere IE talen) kan men drie hoofdtypen onderscheiden: A. composita, B. derivata, en C. transposities (E. 'conversions'). Om praktische redenen houden we ons aan deze traditioneel geijkte termen, hoewel we ze zeer onbehaaglijk vinden. Immers ze suggereren processen van taalgebruik in het verleden (hoe de woorden eens gemaakt zijn) en uit het heden (hierbij denken we aan 'dynamische taalbeschrijving').”<sup>13</sup>

Maar wat is dan sy oplossing van die probleem? Hy sê daarvan onder meer die volgende:

„We spreken van *transpositie* wanneer een morfeem gebruikt wordt als stam van woorden van verschillende woordsoort.

Voorbeelden: *de hamer, ik hamer; de muur is wit; ik wit de muur; ik stomp je, ik geef je een stomp*. In dergelijke gevallen constateert men dat de betekenis van de stam van de ene woordsoort (A, *de hamer*) betekenis-moment is van de stam van de andere woordsoort (B, *ik hamer, hameren*). Het werkwoord *hameren* betekent 'iets doen met een hamer'. Het werkwoord *witten* betekent 'iets doen waardoor iets wit wordt'. Het woord van de woordsoort B noemen we dan een *transpositie* in engere zin. Een transpositie is dus een woord met een zeer speciale stambetekenisstructuur. De leden van woordparen als boven bedoeld, (*de hamer* en (*ik hamer*), staan in betekenisoppositie van hun stammen tegenover elkaar, een oppositie die, zoals we straks zullen zien, verwant is aan die tussen simplex en derivatum: *water/waterschap, (ik hamer)/(dat) gehamer*.

**Opmerkingen.** Ruimtegebrek verbiedt ons op enkele belangrijke problemen die hiermee direct samenhangen, dieper in te gaan. We merken slechts het volgende op. In de eerste plaats beschouwen we, zoals uit definitie en voorbeelden blijkt, de *morfemen* in (*de hamer* en (*ik hamer* als 'hetzelfde morfeem'. We zijn inderdaad van mening dat de taalge-

13. De Groot, A. W.: *Op cit.*, 123.

bruiker deze op een bepaald niveau (dat van de morfemen) identificeert, evenals *blauw(-)* in *de hemel is blauw* en *de hemel blauwt*. Dit wil echter niet zeggen dat hij (op een ander niveau dus van het taalsysteem) de *stammen* in deze woordparen identificeert.”<sup>14</sup>

Daarna bespreek hy voorbeelde:

„Het *tweede* lid in de gegeven woordparen stelt telkens de *transpositie* voor: *de hamer – het hameren, de muur is wit – een muur witten, ik stomp – de stomp*.

### I. *Zelfstandig naamwoord – werkwoord*

#### a. *Soortnaam – werkwoord*

1. *het werkwoord is intransitief*: de fiets – ik fiets; de auto – ze autoën; de hamer – hij hamert; de beitel – we beitelten; de spijker – ik spijker; de bezem – we bezemen; een pen – we pennen; het kalf – de koe heeft gekalfd; het stof – de werkster stoft; een boer – hij heeft goed geboerd; de schoolmeester – hij schoolmeesterde de hele tijd door; de baas – ze baast over hem; dokter – ik dokter zelf maar wat.

2. *het werkwoord is transitief*: de plaats van de kachel – waar plaats je de kachel?; dat boek – boek mij maar voor de volgende reis; de kop – ik kop de dahlia's geregeld; de punt van het potlood – punt dat potlood even.

3. *het werkwoord is intransitief en transitief*: de vijl – ik vijl. (De grens tussen transitieve en intransitieve werkwoorden is niet scherp te trekken.)

b. *Stofnaam – werkwoord*: de melk – melken, de rook – roken; het stof – (af-)stoffen; het vernis – iets vernissen; de lijm – iets lijmen.

II. *Zelfstandig naamwoord – bijvoeglijk naamwoord of bijwoord*: het vet – een vet varken; het wonder – een wonder geval, de wondere wereld, hij is wonder gelukkig; het rubber – een rubber band; het platina – een platina armband; het plastic – een plastic buisje.

### III. *Bijvoeglijk naamwoord – zelfstandig naamwoord*:

a. *Het zelfstandig naamwoord is een soortnaam, meestal voor een persoon*: blind – de blinde; arm – de armen; rik – de rijke; ongelukkig – de ongelukkige; rood, rooms – de Roden en de Roomsens; Frans, Engels – de Fransen en de Engelsen; jong – het jong van de wolf.

b. Het zelfstandig naamwoord is een ‚stofnaam‘ (incl. ‚abstracta‘): in het algemeen zonder meervoud: kwaad, goed – het kwade en het goede; groen – het groen van de weiden; publiek – het publiek; erg – het erge van het geval; mooi – het mooie van de zaak was . . .

14. De Groot, A. W.: *Op. cit.*, 131.

iv. *Bijvoeglijk naamwoord – werkwoord* (bv. a. een kleur hebben, b. een kleur krijgen, c. een kleur aan iets geven):

- a. blauw – de hemel blauwt (blauw zijn)
- b. geel – de bladeren gelen al (geel worden)
- c. wit – een muur witten (wit maken).

v. *Werkwoord – zelfstandig naamwoord*: vertrekken – het vertrek; rusten – de rust; slapen – de slaap; dromen – een droom; werken – het werk; dansen – de dans; reizen – de reis; stompen – een stomp; schrikken – de schrik; vallen – de val; vluchten – op de vlucht. (Buiten beschouwing laten we hier of de volgende gevallen als transpositie, als derivatum of op andere wijze beschreven moeten worden: springen – de sprong; helpen – de hulp; drinken – de dronk en de drank; spelen – het spel; slaan – de slag; (ont)vangen – de (ont)-vangst; komen – de komst; aankomen – de aankomst; gaan – de gang; staan – de stand; bijstaan – de bijstand; overnemen – de overname; overdragen – de overdracht; aftrekken – de aftrek en de aftocht.) *Voor een persoon*: kletsen – ze is een echte klets.

vi. *Werkwoord – bijvoeglijk naamwoord* (alléén in esthetisch taalgebruik?): tintelen – het tinteel hoofd (Van Deyssel).

*Deelwoord – bijvoeglijk naamwoord a. tegenwoordig deelwoord*: bloeiende tulpen – een nog bloeiender dorp, het bloeiendste dorp;

b. *verleden deelwoord*: gedempt – gedempter licht; getrouwd – hij zag er getrouwder uit dan gisteren (van Elsschot).

vii. *Bijwoord – voorzetsel of voegwoord*: ik heb hem sinds niet meer gezien – sinds zijn vertrek, sinds hij vertrokken is; nu is hij weg – nu hij weg is . . .

viii. *Voorzetsel of toestandswoord – bijvoeglijk naamwoord*: uit – een uite kachel.

ix. *Voorzetsel – zelfstandig naamwoord*: voor of tegen de zaak – het voor en het tegen van de zaak (*misschien ook*: de pro's en die contra's; de ultra's).

(Vermoedelijk is deze lijst van mogelijkheden niet volledig.) Waarschijnlijk zal de betekenisstructuur van de transpositie beschreven moeten worden als een logische, 'species van een genus', nl. specificatie van het genus (aangegeven door de woordsoort) tot een species, 'aangegeven door het morfeem). Alsdan is deze dezelfde als die van het derivatum van het type 'specificans – specificatum', met dit verschil dat in het derivatum het genus wordt aangegeven door het tweede lid, en het species door het eerste, b.v. in *haast-ig* de eigenschap als zodanig door *-ig*, en de speciale soort eigenschap door middel van *haast-*. Grensgevallen zijn daarom misschien



*kom-st* en *vang-st*, en ook die met een andere klinker dan het morfeem in de andere woordsoort: *hulp* (vgl. *helpen*), *sprong* (vgl. *springen*), *spel* (vgl. *spelen*) e.d. Zo is de betekenis van de transpositie *wonder* in *een wonder geval* ongeveer die van (*een wonderlijk*) *geval* en (*een*) *wonderbaarlijk (geval)*.<sup>15</sup>

Dit voer hom dan tot die volgende „indicaties en tests”:

„Onderzoek en beschrijving van transposities stelt aan de taalbeschrijver bijzonder hoge eisen, omdat het hier gaat om subtiele analyses van betekenisstructuren waarvan het dikwijls moeilijk is de waarneembare kenmerken (voor de taalgebruiker) of ‚indicaties’ en ‚tests’ (voor de taalbeschuwer) vast te stellen. Waarom is b.v. het werkwoord *stoffen* een transpositie, niet het zelfstandig naamwoord (*het* of *de*) *stof*, maar omgekeerd (*de*) *plof* een transpositie, niet het werkwoord *ploffen*, en ook niet het zelfstandig naamwoord *ploffe* (bromfiets)? Beschikken we over middelen om vast te stellen of het zelfstandig naamwoord *stroom* dan wel het werkwoord *stromen* een transpositie is? Niet denkbeeldig, vooral in Amerika, maar ook in ons land, is het gevaar van een positivistische of neo-positivistische instelling die eigenlijk alléén genoeg wil nemen met constante fonologische kenmerken, die ons in gevallen als *stof* en *plof*, en *platina* als zelfstandig naamwoord en als bijvoeglijk naamwoord, in de steek laten om de zeer eenvoudige reden dat ze niet bestaan. Daarvoor is de zaak veel te gecompliceerd. In de eerste plaats brengt het fundamenteel- (maar niet strikt-) logische karakter van menselijke spreektaal met zich mee dat fonologische en morfonologische kenmerken meestal niet constant zijn (men denke alleen maar aan de ‚onregelmatige vormen’ van meervouden van het zelfstandig naamwoord en van verleden tijden van het werkwoord). Gelukkig heeft men wel morfologische en ook syntactische (gebruiks)-kenmerken, maar ook deze zijn lang niet altijd constant. In de tweede plaats: waarneembare indicia voor niet-waarneembare verschijnselen (als betekenisstructuur) zijn de taalbeschrijver natuurlijk uitermate welkom, maar dan moet hij de waarneembare indicia eerst *vaststellen*, en om dat te kunnen doen, moet hij tevoren de niet-waarneembare verschillen in betekenis en betekenisstructuur door betekenisbeschouwing, door introspectie dus, vaststellen *zonder* gebruik te maken van de indicia die hij *zoekt*: anders raakt hij in een bedrieglijke vicieuze cirkel. Om al deze redenen is er dan ook in het taalonderzoek bij ons weten geen enkele test die altijd toepasbaar en onbepert betrouwbaar is; over lakmoesreagentia beschikt men in de taalkunde, krachtens de aard van haar object, niet.

Om kort te gaan, inzake transposities gaat het erom, drie soorten van indicia te vinden: 1. om uit te maken of we met hetzelfde morfeem te doen

15. De Groot, A. W.: *Op. cit.*, 132-133.

hebben of niet (vgl. *helpen* en *hulp*; *springen* en *sprong*; *drinken* en *dronk* en *drank*; enz.); 2. om uit te maken of we met dezelfde woordsoort te doen hebben of niet (vgl. *een uitstekende toren* en *een uitstekende opmerking*; *een bloeiende tulp* en *een bloeiende onderneming*); en 3. om uit te maken wat in een woordpaar de transpositie is en wat niet (in *de stof* of *ik stof*, *de plof* of *ik plof*, *de zoom* of *ik zoom*). We moeten ons tot de volgende opmerkingen beperken.

1. In gevallen als *helpen*, *hulp*; *springen*, *sprong*; *drinken*, *dronk* en *drank*; ook in *overnemen* en *overname*, *overdragen* en *overdracht*, *ondergaan* en *ondergang*, *gaan* en *gang*, worden o.i. morfemen geïdentificeerd. (Daarmee is nog niet gezegd welke van deze woorden transposities zijn en welke niet. O.i. is *dronk* wel een transpositie, maar *drank* niet.)

2. Het probleem van 'welke woordsoort' doet zich naar wij menen alléén bij deelwoorden en bijvoeglijke naamwoorden voor. Indicatie is hier de verbuigbaarheid van het bijvoeglijk naamwoord, die men kan vaststellen door een substitutietest: *een bloeiender dorp* is mogelijk, *een bloeiender tulp* niet. Een niet-constant fonologisch verschil heeft men in het accent van *een uitstekende toren* en *een uitstékende opmerking*, in welk geval de comparatief van het bijvoeglijk naamwoord (*een nog uitstekender opmerking*), mogelijk, maar ongewoon is.

3. Behoeft aan indicaties en tests om uit te maken welk lid van de oppositie de 'transpositie' is, heeft men vooral bij de oppositie zelfstandig naamwoord-werkwoord: (*de*) *hamer*/(*ik*) *hamer*; (*de*) *haat*/(*ik*) *haat*. We vermelden de volgende; waarschijnlijk zijn er wel meer.

a. Merkwaardigerwijze is hier het diachronisch criterium: welk van de twee woorden is het oudste? praktisch een van de meest betrouwbare. Terecht wordt hiervan dan ook door W. Kempen in zijn secties over Woordsoortelijke Funksiewisseling (*Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans* (Kaapstad enz., 1962) ruim gebruik gemaakt. Theoretisch heeft men in de synchronische taalbeschrijving natuurlijk liever synchronische criteria uit de taal in de gegeven periode zelf, maar bij gebrek aan deze zijn diachronische onder voorbehoud welkom. Helaas beschikt men in dezen niet altijd over gegevens, en moet men met het trekken van conclusies uit het eerder en later voorkomen in geschreven of gedrukte teksten altijd voorzichtig zijn. Overigens is te hopen dat we spoedig over so rijk en goed geordend materiaal uit het Europees Nederlands zullen beschikken als door Kempen uit het Afrikaans gegeven wordt.

b. Een dikwijls bruikbare test *berust daarop* dat een zelfstandig naamwoord als *transpositie* ongeveer de betekenis heeft van de infinitief van het werkwoord, en ook van een derivatum van het werkwoord met prefix *ge-* (als dit bestaat natuurlijk): *de slaap*, *het slapen*, (*al dat*) *geslaap* (*overdag*); *de sprong*, *het springen*, *het gesprong*. Omgekeerd betekent *de hamer* iets geheel anders dan *het hameren* of (*dat*) *gehamer*, *een kalf* iets anders dan *het kalven*, enz.

c. Een test ligt ook daarin dat de eigenschapswoorden van plaats en tijd *lang* en *kort* bij een zelfstandig naamwoord dat transpositie is op de duur, niet op de afmeting slaan (*een lange slaap, korte hulp*), maar bij een zelfstandig naamwoord dat in de bedoelde oppositie niet de transpositie is òf op de afmeting slaan (bij voorwerpen zoals *hamer, beitel*; of een persoon: *baas, dokter*), òf niet toepasselijk zijn (bij stofnamen zoals *lijm, melk, vernis* e.d.).

d. Over het algemeen zal de taalgebruiker, gevraagd naar de betekenis van een transpositie, geneigd zijn deze te omschrijven met behulp van het andere lid van de tegenstelling, maar niet omgekeerd. B.v. wel: ‚hameren is slaan met een hamer‘, ‚gelen is geel worden‘, e.d., maar niet omgekeerd: ‚een hamer is iets dat je gebruikt als je hamert‘ of iets dergelijks enz.

(Men kan de vraag stellen of een zelfstandig naamwoord dat transpositie is bij een werkwoord niet *als zodanig* altijd een ‚abstractum‘ is, verwant aan de ‚stofnamen‘, zoals *melk* en *lijm*, ‚concreta‘ dus, die gekenmerkt zijn door ontbreken van een meervoud, en bruikbaarheid zonder lidwoord of equivalent in het z.g. enkelvoud: *haat, vrees, slaap, hulp* e.d. Als criterium is dit echter onbruikbaar, omdat de meeste van deze abstracta in secundaire betekenistoepassing ook een afgerond, telbaar, handelingsgeheel kunnen noemen, en dan een meervoud hebben: *dans, reis, vlucht, spel, gang, stand* e.d.)<sup>16</sup>

Daarmee vorder ons, maar ons kom nie volkome vry van ’n mate van willekeur nie. Om te sê „We spreken van *transpositie* wanneer een morfeem gebruikt wordt als stam van woorden van verschillende woordsoort“<sup>17</sup> is suiwer. Maar om die volgende te sê, is nie suiwer nie:

„Een dikwijls bruikbare test berust daarop dat een zelfstandig naamwoord *als transpositie* ongeveer de betekenis heeft van de infinitief van het werkwoord, en ook van een derivatum van het werkwoord met prefix *ge-* (als dit bestaat natuurlijk): *de slaap, het slapen, (al dat) geslaap (overdag); de sprong, het springen, het gesprong*. Omgekeerd betekent *de hamer* iets geheel anders dan *het hameren* of *(dat) gehamer, een kalf* iets anders dan *het kalven*, enz.“<sup>18</sup>

Waarom kan dit nie omgekeerd wees nie?

Schultink onderskei, soos ander, tussen implisiete en eksplisiete transposisie, en sê onder meer (na aanleiding van *wonder* en *af* in Nederlands):

„a) . . . Dat de richting van de transpositie van niet-adjectief naar adjectief en niet omgekeerd is, wordt aangetoond door het feit dat *wonder* en *af* als niet-adjectief door de taalgebruiker als gewoner worden ervaren dan

16. De Groot, A. W.: *Op. cit.*, 133–136.

17. *Ibid.*, 131.

18. *Ibid.*, 135.

*wonder* en *af* als adjectief. *Wonder* heeft bovendien als substantief de voor deze woordklasse normale morfologiese valentie terwyl het als adjectief in zijn morfologiese valentie zeer beperkt is. De gegeven adjectivische correlaten van *af* ervaar we alle as min of meer gekunsteld. b) Het ontbreken van verskillen in gewoonheid of morfologiese valentie maak het onmogelik synchronisch de richting van de transposisie te bepaal in reeds besproke gevalle as 1) *bruut (geweld)* naast *(de) bruut*, waar een substantief naast het adjectief staat, en as 2) *rijp (fruit)* naast *(ik) rijp*, waar een verbum naast het adjectief staat.<sup>19</sup>

Hierop sou 'n mens drie punte van kommentaar moes lewer :

1. Die ervaring van 'n taalgebruiker is sekerlik 'n realiteit, en dié van „de taalgebruiker” is byna onmoontlik om te bepaal, maar kan die taalbeskouer daarop steun *as norm*?

2. Waarom moet die beperkter morfologiese valensie van 'n morfeem as sekondêr beskou word?

3. Al twee toetse, soos Schultink volkome eerlik erken, is soms onbeslisend.

Marchand kom glad nie uit die moeilikheid uit nie. Hy vind funksiewiseling, transposisie en „conversion” ewe onaanneemlik, en praat van Engels *loan* (s.nw.) en *loan* (ww.) als „derivation by a zero-morpheme” wat niks anders as „syntactic patterns” illustreer nie: „As a matter of fact, nothing is converted, but certain stems are used for the derivation of lexical syntagmas, with the determinatum assuming a zero form.”<sup>20</sup>

1. Teen dié gebruik van „zero-morpheme” kan ernstige besware ingebring word. (Vergelyk die artikel van W. Haas.<sup>21</sup>)

2. Afleiding (Marchand se „derivation”) werk met die idee van 'n begin- en 'n eindpunt: *van* iets *tot* iets anders. Op watter sinchroniese grond(e) kies hy sy beginpunt as hy die Engels *loan* (ww.) 'n „desubstantival verb” noem?<sup>22</sup> Omdat dié *loan* beteken “(make a) loan”? Dan kon hy ewe goed die saak omgedraai het en gesê het dié *loan* is „deverbal substantive” omdat dit beteken „that which you loan”.

Ebeling bespreek nie transposisie as sodanig nie, maar wel so 'n geval, naamlik dié van Engels *hammer* (s.nw.) en *hammer* (ww.). Tot op datum is hy die enigste wat met die betekenisverband tussen 'n getransponeerde

19. Schultink, H.: *De morfologiese valentie van het ongelede adjectief in modern Nederlands*, 275–276.

20. Marchand, H.: *Op. cit.*, 293–294.

21. Haas, W.: „Zero in linguistic description”. In *Studies in Linguistic Analysis – Special Volume of the Philological Society*, 33 vlg.

22. Marchand, H.: *Op. cit.*, 294.

en 'n transposisie ('n begin- en 'n eindpunt) as 'n sinchroniese realiteit werk. Hy sê daarvan onder meer die volgende :

„If we compare the realities corresponding to the sentences *he hammers the iron* and *he buys a hammer*, we notice in both of them in some way hammer-qualities, but the things characterized by these qualities are entirely different. There may even be no hammer at all (that is, when we interpret the verb as 'to beat as with a hammer'). The reason is that a semantic minimum can be differently spread over the substance. When the word *hammer* is a substantive, it points to one thing, a hammer. But when it is a verb, it implies two things, one beating, the other beaten, and neither of these is as a matter of fact a hammer. These two things carry together the hammer-quality. We may say that *to hammer*, as a transitive verb, expresses a relationship, but what we really mean then is that the word points to two things in a given relationship to each other. When we further say that *he* and the *iron* are the subject and the direct object of the finite verb *hammers*, this way of speaking does not make any sense if we understand it in such a way that the things expressed by these parts of the sentence stand in a certain relationship to *hammers*, which in itself is already the expression of a relationship: they rather serve to specify the things already contained in the meaning of *hammers*, they indicate what the terms *x* and *y* of the relationship expressed by the verb stand for. In other words, the grammatical phrase '*The iron* is the direct object of *hammers*' means: the thing pointed to by *the iron* is the same thing as the one pointed to by the term *y* contained in *hammers*. Consequently the distinction of two things in the reality corresponding to *hammers* (and the distinction of two semantic units in the meaning 'hammer' in the construction) is necessary. I have proposed for these units the term 'valences'. The semantic minimum 'hammer', which occurs undivided in the substantive, is split up into two valences in the verb. The meaning 'hammer' may be called 'monovalent' in the substantive, and 'bivalent' in the verb: in the former case it is to be applied to one thing in reality, in the latter case to two.

To sum up: the meaning of the morpheme *hammer-* in *he hammers* evidently consists of two distinct units ('valences'), although the same semantic feature ('semantic minimum') extends over both of them, in the same way as the form *-ts* in *cats* evidently consists of two distinct units ('phonemes'), although the same distinctive feature (voicelessness) covers both of them. The discursive nature of language makes it often necessary to point repeatedly to the same thing in reality, so that one thing is referred to by a number of semantic entities; in the example *he hammers* this applies to the entities 'hammering' (one of the valences of *hammer-*) and 'he'." <sup>23</sup>

Hierby moet dan nog die volgende gelees word :

“What is identical is, in terms of Hjelmslev’s quadripartition, the form of the meaning (or a part of it), not the substance. This semantic entity (‘sememe’) has different contextually conditioned realizations (allosemes’). So ‘hammer’ is realized alternatively as ‘hammer-like object’ (the noun), ‘hammer-like acting’ and ‘hammer-like being acted upon’ (the two valences of the verb). The action associated with a hammer happens to be beating, and this belongs also to the realization of a meaning in a given context: it is no less important than, for example, the aspirated pronunciation of the *p* in certain positions in English.

When we study differences of meaning in a given context, we can, of course, only compare realizations. If we pin ourselves down to the interpretation of ‘hammering’ as ‘beating’, a proportion like (a) *hammer*: (a) *fish* = (I) *hammer*: (I) *fish* will have to be rejected. But once we realize that ‘beating’ is completely absent from the occurrence as a noun, the proportion proves to be valid, and we decide that (a) *fish* and (I) *fish* share a semantic entity. (To be sure, the same conclusion may be drawn on the basis of a narrower description of the meaning, for there is a recurrence (a) *fish*: (a) *crab* = (I) *fish*: (I) *crab*). Thus we ascertain a common element in the linguistic meanings of *I bought fish* and *She fishes for compliments*, although the things meant have hardly anything in common. The conclusions of this chapter are the following: since bivalence is a matter of semantic arrangement, (1) we can ascertain it only when the semantic whole unmistakably indicates it, and (2) we can analyze a semantic minimum alternatively as monovalent and bivalent when this corresponds to a difference of distribution.”<sup>24</sup>

Van ’n verskillende hoek, so lyk dit vir ons, is dit ’n bevestiging van ons eie bevinding, naamlik dat, diachroon beskou, transposisie van s.nw. tot ww., òf, sinchroon beskou, wanneer een s.nw. ’n ongelede ww.-korrelaat het, hy dit net het in ’n beperkte getal betekenisaspekte van die s.nw. (vgl. § 6 hiervan).

Ander taalkundiges (soos Uhlenbeck, Bally, Secheyne ens.) nie te na gesproke nie, is die posisie dus so dat niemand nog die beskrywingsprobleem volledig opgelos het nie. Tog het ons heelwat gevorder.

Die probleem kan ons insiens nou as volg gestel word: moet ons in gevalle soos *rank* (s.nw.) en *rank* (ww.) volstaan met te sê *rank* is bivalent (of tweewoordsoortelik), sonder meer, of mag ons sê die een is, sinchroon beskou, ’n transposisie van die ander?

Die probleem bly dieselfde al is daar drie, vier of meer woordsoort-funksies, soos byvoorbeeld in *pap* (b.nw., bw. – of wat tradisioneel b.nw.

24. Ebeling, C. L., t.a.p. 105–106.

/bw. genoem word –, s.nw., ww.), al moet jy dan praat van plurivalent of (miskien) meer-woordsortelik.

As ons die verband tussen die valensies nader wil benoem, mag die een beskou word as komende uit die ander, en so ja, hoe bepaal 'n mens sinchroon wat die uitgangspunt in elke geval is? En so nee, hoe moet die verband dan wel gesien word – en 'n verband is daar?

Voordat 'n antwoord gegee word waarmee in hierdie bundel gewerk is, moet daarop gewys word dat die probleem wesenlik ook op ander terreine as dié van die woord voorkom, byvoorbeeld dié van die woordgroep (of konstruksie, soos De Groot dit noem), die sin, die afleiding, die kompositum ens.

As gesê word *diepte* is 'n afleiding van *diep*, is dit sinchronies waar? Waarom kan *diep* sinchronies nie gesien word as 'n „afleiding” van *diepte* nie? Schultink behandel dié punt prinsipiële nêrens, hoewel dikwels genoeg blyk dat hy die gelede beskou as gevorm van die ongelede. Ek aanvaar dit, maar wetenskaplikheid vereis 'n norm (of norme) waarop dit berus.

As gesê word *sakdoek* is (of word?) gevorm van *sak* en *doek*, op watter sinchroniese grond berus dit? Kan *sak* en *doek* nie die dekomposisie-resultaat wees van *sakdoek* nie? (Later sal wel norme vir 'n keuse gegee word, § 6.)

As De Groot dit het oor sekondêre funksies van byvoorbeeld die konstruksie Onderwerp-Gesegde, motiveer hy wel sy gebruik van primêr/sekondêr, en wel op 'n wyse wat bruikbaar lyk in elke soort geval. Hy sê naamlik:

„In het volgende onderscheiden we verschillende aan verschillende voorwaarden gebonden gebruikswijzen van de constructie O-G (onderwerp-gezegde), als boven gedefinieerd. Men kan deze dus ook als evenzovele constructies beschrijven, die tevens gebruikscategorieën, d.i. subcategorieën, van de constructie O-G (als boven gedefinieerd) zijn.

We onderscheiden onder deze gebruikswijzen één primaire en een groot aantal secundaire. Onder de primaire verstaan we de gebruikswijze die niet, of aan een minimum aantal, gebruiksvoorwaarden gebonden is. De semantische functie van deze noemen we de primaire semantische functie van de constructie. De semantische functie van de andere, secundaire, gebruikswijzen noemen we secundaire, aan bepaalde speciale voorwaarden gebonden semantische functies van de constructie. Ongeveer op dezelfde wijze hebben we – op een ander niveau, het morfologisch niveau van het taalsysteem – destijds onderscheiden tussen een minimaal-voorwaardelijke gebruikswijze van de genitief in het Latijn (de 'proper genitive') en de meer-voorwaardelijke gebruikswijzen (de 'improper genitives'); zie *Lingua* VI, 1956, 8–64. Kort gezegd bedoelen we met de primaire gebruikswijze van O-G die met onvoorwaardelijke zinsvalentie met een nader te beschrijven referentiële en tevens een nader te beschrijven

attitudinale semantiese funksie. De semantiese funksies van sekondêre gebruikswyse van een konstruksie kan in beginsel ingedeel word naas hulle verhouding tot die primêre semantiese funksie van die konstruksie.”<sup>25</sup>

Dit is ons insiens ook bruikbaar in verband met transposisies: beskou dit as die uitgangspunt, die primêre, wat aan die minste gebruiksvaardes gebonde is.

Daarmee kan ons terugkeer tot ons derde (soort) probleem: *Die patatrank is geil*. Dit gaan oor *patatrank*.

Diachronies kan ons miskien sê dit het ontstaan uit s.nw. plus s.nw., maar sinchronies beskou, bestaan dit nie daaruit nie. Ons kan sê die tweede komponent het groter ooreenkomst met die woord *rank* as wat die eerste komponent het met die woord *patat*. Die ooreenkomste (en verskille) geld duisende dergelike samegestelde woorde.

### Ooreenkomste:

#### 1. *rank*

- (a) die *-rank* in *patatrank* kan slaan op dieselfde ding waarop *rank* alleen kan slaan;
- (b) dié *rank* is die naam van ’n telbaarheid en het ’n enkelvoud en ’n meervoud, of ten minste: die meervoud van *patatrank* word op dieselfde manier aangedui as dié van *rank* alleen (naamlik met -ə);
- (c) dit is die naam van iets waarby verskil in omvang bestaan en by die woord daarvoor bestaan ook ’n taalkundige aanduiders van omvang, naamlik die verkleiningsuitgang: *rankie*, of ten minste die diminutief van *patatrank* word op dieselfde manier aangedui as dié van *rank*, naamlik met *-ie* daarna;
- (d) *rank* en *patatrank* het dieselfde sintaktiese valensies: onderwerp en voorwerp van sinne, kerne van voorsetselkonstruksies ens.

#### 2. *patat*

- (a) die betekenis is beperk tot dié van „’n ondergrondse knolvrug”, maar dit vorm net ’n aspek of moment van die betekenis van *patatrank*: *patatrank* is naamlik nie ’n *patat* en ’n *rank* nie, alleen ’n soort *rank*;
- (b) dit lyk asof *patat-* nog gedeeltelik adjektiewies bepaalbaar bly, byvoorbeeld in *geelpatatrank*, maar seker is dit nie. Ek vind geen manier om vas te stel of *geelpatatrank* (*geel* + *patat-*) + (*rank*) is, en of dit ’n nuwe kompositum van *geelpatat* + *rank* is nie. Gesien die bevinding hieronder, naamlik dat *patat-* nóg woord nóg woordsoort is, sou ’n

25. De Groot, A. W.: „De Constructie Onderwerp-Gezegde”, 1-2. (Ongepubliseerde manuskrip van artikel in skrywer hiervan se besit.)



mens op teoretiese grond seker die voorkeur moet gee aan die gedagte dat geelpatatrunk nie *geel + patat- + -rank* is nie, maar *geelpatat + -rank*. Dit word ook gesteun deur verskille in betekenis en aksentstruktuur: *géélpatatrank* is die naam vir „die rank van ’n geelpatat en/of ’n geel patat”, maar *geel patátrunk* is die naam vir „die geel rank van ’n patat”. Dié soort verskil is kategoriaal. (Vergelyk § 6.)

### Verskille:

#### 1. rank

- (a) *-rank* in *patatrunk* is nie, soos *rank* daarbuite, verbindbaar met lidwoorde, b.nwe. ens. nie (*patatrunk* wel);
- (b) *-rank* in *patatrunk* slaan nie, soos *rank* daarbuite, op enige soort rank nie.

#### 2. patat-

- (a) min of meer soos onder (a) van verskille by *rank*;
- (b) min of meer soos onder (b) van verskille by *rank*;
- (c) *patat-* het hierin geen morfologie nie. (Of is dit miskien net so dat die getalsaspek non marqué is? Vgl. De Groot.<sup>26</sup>) *Patat-* is hierin dan nóg woord nóg woordsoort.

Hoe moet *patatrunk* in sy gebruiksfase dus beskrywe word?

’n Moderne taalkundige wat uitvoerig aan komposita gewerk het, kom nooit meer as halfpad uit die probleem uit nie. Hy doen dit byvoorbeeld as volg:

“Type *rainbòw*. A sb is determined by the stem form of another sb”, “The plural form as first-word in cpds chiefly occurs when there is no sg form, as in *clothes-brush*, *-basket*, *-horse*, *-line*, *-pin*, *-press*, *savings-bank*, *goods train*”,

en

“Two sbs may form a group of notionally coordinated members, either as an additive group, like *fighter-bomber* ‘a plane which is both fighter and bomber’, or as an appositional group, like *slave girl* ‘a girl who is a slave’.”<sup>27</sup>

De Groot sê onder meer die volgende:

“Wij zien daarom geen kans uit te maken of *boek-* in *boekhandel* het verbogen morfeem van het enkelvoud, of een onverbogen morfeem is, dus geen enkelvoud en ook geen meervoud. Bij werkwoordelijke specificantia

26. De Groot, A. W.: *Inleiding tot de algemene taalwetenschap*,<sup>2</sup> 126.

27. Marchand, H.: *Op cit.*, 21–23.

als in *zwem-school* en *loop-jongen* moet men wel een onverbogen morfeem aannemen, omdat hier *zwem-* en *-loop-* zeker niet met een van de verbogen vormen van het werkwoord (imperatief *Zwem!*; persoonsvorm in *ik zwem* of *zwem jij*) geïdentificeerd worden. Uit het bovenstaande blijkt ook dat het onjuist is te zeggen dat dit *zwem-* of *loop-* 'de stam van het werkwoord' is. Het is eenvoudig een morfeem dat op twee manieren gebruikt kan worden: 1. als stam van een werkwoord, en 2. (zoals in *zwemschool* e.d.) als stamcomponent. Vgl. ook *zweef-vliegen*.<sup>28</sup>

Op die geval *patatrank* toegepas, sou ons dus kon sê die eerste deel is 'n s.nw.-morfeem. Maar hoe word die tweede komponent dan beskrywe? Woord en woordsoort is dit in die verbinding nie, en volkome gebonde morfeem soos die eerste deel ook nie. Een antwoord skyn te wees om dit dan die sentrale morfeem te noem, en dan moet, ter onderskeiding, die eerste komponent ook nader benoem word, sê dan maar 'n perifere morfeem. Dan word die geheel-beskrywing van *patatrank* dus: (perifere s.nw.-morfeem plus sentrale s.nw.-morfeem): selfstandige naamwoord.

Dit lyk asof ons daarmee 'n hele ent vorder met die woordsoortelike beskrywing, in kort bestek, van die komponente van 'n kompositum, want nou kan ons verder as volg beskrywe:

*wildehond*: (perifere b.nw.-morfeem plus sentrale s.nw.-morfeem): s.nw.

*drinkwater*: (perifere ww.-morfeem plus sentrale s.nw.-morfeem): s.nw.

So eenvoudig is dit ten slotte egter nie. *Wilde* is immers ook 'n s.nw. en *drink* óók s.nw. Waarom *wilde* dan beskrywe as b.nw.-morfeem en *drink* as ww.-morfeem?

'n Semantiese norm is die enigste wat ek hier kon vind, naamlik dié van De Groot (§ 6 hiervan), natuurlik in aansluiting by dié wat onder die verskillende soorte meerkomponensiteit bespreek is (§ 4 tot § 14). Dit wil in hierdie gevalle sê: as *wildehond* verstaan word as „'n wilde wat 'n hond is”, en as *drinkwater* bedoel of verstaan word as „water wat vir drink bedoel is”, moet ons ontledend beskrywe: *wildehond* bestaan uit 'n perifere s.nw.-korrelaat van 'n byvoeglike naamwoord + 'n sentrale s.nw.-morfeem, of: *wilde-* en *-hond* in *wildehond* het b.nw.- en s.nw.-korrelate, en *drinkwater* uit 'n perifere s.nw.-korrelaat van 'n werkwoord + 'n sentrale s.nw.-morfeem. Word dit egter verstaan as „'n (soort) wilde hond” en „water om te drink” (of „om gedrink te word”), sal ons dit beskrywe as perifere b.nw.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem, en perifere ww.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem onderskeidelik. Vergelykbaar met *wildehond* is dan byvoorbeeld *anderland*, *klamtante* (vgl. ook § 42) en verskillend daarvan is byvoorbeeld *arm(e)sorg*, *malhuis*, *siekbed* ens. Hulle beteken naamlik „(die) sorg vir armes”, „'n huis vir malle”, „'n bed vir die

28. De Groot, A. W.: *Op cit.*, 126–127.

(’n) sieke” ens., waarin *arm(e)*, *mal*, *siek* ens. perifere s.nw.-korrelate van b.nwe. is.

Ander soorte word bespreek in die onderafdelings van komposita, waar dit te pas kom.

As die voorafgaande gedagtes ons moet help, sal ons egter groter helderheid en meer presiesheid moet kry oor die begrippe *perifeer* en *sentraal*, natuurlik in verband met die komponente van komposita.

Die betekenisstruktuur van ’n kompositum is by eerste analise<sup>29</sup> meesal binêr. Sekerlik is ’n tweede en ’n derde ens. analise van die morfeem-inhoud soms moontlik, maar dan nie meer op die vlak van die kompositum nie. *Blouwildebeesbiltong* is *blouwildebees* + *biltong*, en *blouwildebees* is *blou* + *wildebees* ens., maar die nie-eerste analise is weg van die vlak van die kompositum *blouwildebeesbiltong*. (Dieselfde geld van „sinsontleding”: *Hy eet vars perskes* kan, na ’n eerste, binêre ontleding in *Hy eet en vars perskes* of in *Hy en eet vars perskes*, en dan verder tot *hy en eet, vars en perskes* ens., ontleed word, maar na die eerste analise is ons op die vlak van die sinskomponent, nie meer op dié van die sin self nie.)

Verder sê ons die betekenisstruktuur is meesal binêr, nie altyd nie. Dié van komposita met *en*, bv. *bek-en-klouseer* (kyk verdere voorbeelde in § 70 hiervan) kan net as binêr beskou word as die *en* genegeer word – wat semanties nie kan nie. Dit val ook te betwyfel of sommige iteratiewe, bv. *lag-lag* (kyk verder § 67 hiervan) so beskou kan word.

Die binêre geld dus in hoofsaak van die determinatiewe tipe kompositum, dié dus waarin een deel specificans („bepaling”) en die ander specificatum („bepaalde”) is, of, anders uitgedruk, dié met bepaling en kern. Waarop berus die onderskeiding bepaling : kern? Omdat hier nou net eers met die betekenis gewerk word, moet ons ons ook eers net tot betekenisnorme beperk, en dan is die „kern” dié deel wat, as die ander deel verwyder sou word, dieselfde soort ding(e) benoem as die dele gesamentlik : ’n *boeksak* is ’n *sak*, ’n *sakboek* is ’n *boek*, ’n *werweldier* is ’n *dier*, *slaap-plek* is (’n) *plek*. Semanties benader, is die kern dus die sentrale morfeem, en die ander kan dan die rand-morfeem of, miskien beter, die perifere genoem word.

Dié onderskeiding loop ook deur in en tot die morfologie, by woordsoorte wat nie amorf is nie, die sintaksis, ten opsigte van alle woordsoorte, en die kompositumvorming. So kry ons dan die volgende :

## A. Woorde en Woordsoorte met Morfologie

### I. Die perifere morfeem

(a) Die perifere morfeem is oor die algemeen amorf : in die kompositum het dit meesal geen morfologie nie. *Skool*, die s.nw., het o.a. die vorme

29. Vgl. die Amerikaanse begrip „I.C.” = „Immediate Constituent”.

*skole* en *skooltjie* naas hom, en *skool* die ww. het *het geskool*, *geskoolde*, maar in *skoolbank* is *skool-* amorf.

Tog het ons gesê dit is „oor die algemeen” of „meesal” so. Dié kwalifikasie slaan op enkele gevalle soos *universiteitspan* („span met lede van een universiteit”), teenoor *universiteitespan* („span met lede van meer as een universiteit”), *houtkool* en *houtschool*, *waternood* en *watersnood* ens. Wie die „geldigheid” van sulke opposisie-vorme nie erken nie, sal die betrokke -s- en -e- dan seker as paramorfeme beskou en dan sou die woorde „oor die algemeen” en „meesal” moet verval. In elk geval is dit geen ope sisteem nie.

- Opm.:** Die perifere het dikwels ’n besondere vorm, onder meer ’n vorm wat die sentrale nooit het nie, *lidmaatskaps-*, *werks-*, *geestes-* ens. Dié word in ’n spesiale paragraaf bespreek. (§ 18.1.)
- (b) Die perifere is in die kompositum nie afleibaar nie: *skooltjie-bank* of *skoolagtigebank* (met snelle tempo en eenheidsaksent) is nie Afrikaans nie.
- (c) Die perifere is nie saamstelbaar nie. As na bv. *leesboek-sak* en *boekwerk-sak* gekyk word, kan dit lyk asof *lees* en *werk* net by *boek* gevoeg is, die een voor, die ander na, maar teoreties kan dit nie sonder meer so geskied nie, omdat *boek-* in die eerste voorbeeld eers op die vlak van die eerste analise tot sentrale morfeem by *lees-* moet verander, en in die tweede voorbeeld tot perifere by *-werk* in plaas van by *-sak*.
- (d) Die perifere is sintakties gebonde. As die eerste lid byvoorbeeld ’n b.nw.- of ’n s.nw.- of ’n ww.-morfeem ens. is, is hulle nie in die kompositum bepaalbaar deur byvoorbeeld respektiewelik b.nwe. of bwe. nie: in *wildegans* is *wilde* nie selfstandig bepaalbaar sê maar deur bv. *erg* nie: ’n *erg wildegans\**, nie so dat *erg* net op die *wilde* sal slaan nie; vir so ’n gedagte sou daar eers ’n outonome *wilde* moes bykom, dus: ’n *erg wilde wildegans*. In bv. *winterweer* sou nie sonder meer ’n b.nw. net by *winter* kon bykom tot bv. *ysige winter-weer\** nie, wel as die *ysige* op die hele *winterweer* of op *-weer* moet slaan. In bv. *stapskoene* sou nie sonder meer bv. *ver* kon bykom net by die *stap*-gedeelte, dus tot bv. *ver stapskoene\** nie, d.w.s. nie as die *ver* ’n vrye morfeem moet bly en net op *stap*- slaan nie.
- (e) Die betekenis van die perifere (1) is net ’n aspek van die betekenis van die hele kompositum en (2) benoem net ’n bykomende aspek by die betekenis van die sentrale morfeem: (1) *dam* as outonome woord beteken nooit „wat uit ’n dam kom” nie, maar *dam-* in *damwater* beteken dit wel, en (2) die betekenis *dam* of „wat uit ’n dam kom” is nie ’n essensiële deel van die betekenis „water” nie, dit is dus iets bykomstigs. In verreweg die meeste gevalle kan dan ook gesê word dat, as ’n mens die spesifieke betekenis tydelik verontagsaam, die perifere vervangbaar is deur of beteken „soort”: *damwater* is „’n soort water”, ’n *melkkoei* is „’n soort koei”, ’n *vastrapplek* is „’n soort plek”.

**Opm.:** Ten opsigte van woordaksent is daar nie 'n konstante verskil tussen perifere en sentrale morfeem nie. Omdat in die kompositumtipies s.nw./ww.-morfeem + s.nw.-morfeem, wat die mees produktiewe is en ook verreweg die meeste voorbeelde behels, die woordaksent meesal op die perifere kom, kan net gesê word dat die perifere meesal die woordaksent dra, meer nie. Die aksent is met ander woorde nie 'n indeks van perifere funksie nie.

Die woordaksent sal hier dus nie verder beskrywe word nie, wel by die besondere soorte komposita.

## 2. Die sentrale morfeem

(a) Dit is 'n saak van beskouing of 'n mens reken 'n sentrale morfeem het morfologie of nie. Hierby moet onderskei word tussen wat veral in Amerikaanse kringe die endosentriese en die eksosentriese genoem word.

**Opm.:** Die begrippe endosentries en eksosentries pas net gedeeltelik op die gebied van die kompositum in Afrikaans. Die endosentriese is dié waarin die valensie gelyk is aan dié van een of meer van die lede.<sup>30</sup> Dié stellyse deug al klaar nie, want die perifere en die sentrale lede het nie dieselfde valensies nie en hulle valensies is nie identies met dié van hulle vrye woord- en woordsoortkorrelate nie. Die valensie van *viskop* kan gelyk wees aan dié van *vis* en *kop* as woorde en woordsoorte, maar is nie gelyk aan dié van die woorddele *vis-* en/ of *-kop* nie.

Verder sou gevalle soos *dikkop* in *dikkop wees/voel* ook endosentries moet heet omdat *dikkop* tog dieselfde valensies het as *dik*, sy dit dan nie die gebonde *dik-* van *dikkop* nie, maar die vrye morfeem *dik*. Dit sou o.i. egter 'n sinlose vergelyking wees, omdat na ons oordeel die byvoeglike funksie van *dikkop* niks te make het met die feit dat *dik* 'n b.nw.-morfeem is nie. Op die norm af van gelykheid van valensie met dié van een van die komponente (ons sou steeds sê: met dié van die vrye morfeem-korrelaat van een daarvan), sou dan ook bv. *dagbreek* endosentries moes heet: *dagbreek* is s.nw. en *dag* ook, hoewel daar uit niks blyk dat *dag* (of *dag-*) verantwoordelik is vir die s.nw.-funksie van *dagbreek* nie.

Van die kant van die eksosentriese beskou, geld soortgelyke besware. Ons verkies dus om te praat van primêre en sekondêre funksies.

Dit sluit dan wel aan by die gebruik van primêr en sekondêr ten opsigte van transposisies.

Primêr is dan vir ons dié waarin die funksie van die geheel dieselfde is as dié van sentrale morfeem as vrye morfeem, en sekondêr, dié waarin 'dit nie so is nie.

30. Volgens De Groot, A. W.: *Op ctt.*, 78.

## 1. Die primêre

Hierin is die morfologie van die geheel gelyk aan dié van die woordkorrelaat van die sentrale morfeem. Naas *bol* kry ons bv. *bolle*, *bollerig* en *bolletjie*, en naas *meelbol*: *meelbolle*, *meelbollerig* en *meelbolletjie*. Aangesien ook die sentrale morfeem net 'n woorddeél is, sou dit nouliks met die teoretiese sy van die saak rym om te sê dit het morfologie. Dan liever: die woord behou sy morfologie of dra dit oor op sy morfeem-korrelaat wanneer dit net sentrale woorddeél word.

Daarteenoor staan egter dat voorvoegsels soms nie onmiddellik by 'n woord bly wanneer dit tot sentrale woorddeel word nie. *Laat* en *gelaat*, *loop* en *geloop*, is normale Afrikaans, maar *-laat* en *-loop* as sentrale morfeme, met sekere periferes daarby, kry die *ge-* voor die perifere: *gehaarlaat*, *gehardloop*. Hier kry ons dan nie 'n ander stuk morfologie vir die perifere deel nie, maar die verbale morfologie vir die geheel. Vergelyk ook *hardekoejawelste*, *maltrapste*, *uit-aseemste* ens., met 'n *-ste* aan en na die laaste of sentrale komponent wat nie aan dieselfde morfeme geheg word as hulle vrye morfeme is nie: *koejawelste\**, *trapste\** en *aseemste\** bestaan nie. *-ste* staan dus wel by die sentrale deel, maar moet beskou word as aan die geheel geheg.

## 2. Die sekondêre

Soos hierbo aangedui, kry die geheel die morfologie van die groep waartoe dit woordsoortelik hoort: *inkoejawel* (b.nw.), *-er*, *-ste*; *bek-af* (b.nw.), *-ste*; *padlangs* (b.nw.), *-er*, *-ste* ens., dus nie die sentrale deel nie.

Hoort dit tot 'n amorfe woordsoortelike subgroep, bly dit vanselfsprekend ook amorf. *Anderkant*, *andepad* (bw.), *oorkant* (bw.), *oorsee* (bw.), hoort blykbaar tot die amorfe groep: *Hy kom/gaan êrens aan/by/deur/weg* ens.

By sekondêre funksie van 'n kompositum is sentrale en perifere dele dus altwee amorf, of, presieser uitgedruk, die morfologie van die geheel is nie identies met die van die woordkorrelaat van die sentrale of die perifere nie.

(b) 1) By primêre funksie is die sintaksis van die kompositum gedeeltelik identies met dié van die vrye woordkorrelaat van die sentrale morfeem: *sitbank* kan, net soos *bank*, gebruik word as onderwerp en/of voorwerp van sinne, as deel van 'n voorsetselkonstruksie (*op die bank/sitbank*) ens., en dit kan attributief-adjektiewies ens. bepaal word (*harde banke/sitbanke*), maar die b.nw. kan nie onmiddellik voor die s.nw.-morfeem staan sonder om die kompositum te vernietig nie. *Sit-harde banke* is denkbaar, maar dan is al drie morfeme buite die kompositum *sitbanke*.

2) By sekondêre funksie volg dit ex definitione dat die sentrale morfeem geen eie sintaksis het of behou nie: *rysmier* (ww.) het in sy ge-

heel die normale sintaktiese valensies van 'n werkwoord, *-mier* het dit nie. (Kyk verder § 16.3 hiervan.)

- (c) Die betekenis van die sentrale morfeem is die kern (vgl. § 16.1 hiervan), mits dit so verstaan word dat dit, as geheel saam met die perifere, gebruik (kan) word om te beteken én om te noem. Perifere en sentrale beperk mekaar se betekenis-aspekte: in *grondboontjies* is van die betekenis *grond-* onder meer uitgesluit: „oorsaak, motief, plek om op te boer”, en van *-boontjie* onder meer „groente” ens.

Met samegestelde komponente kan die struktuur van 'n kompositum skynbaar ingewikkeld word. Vergelyk bv. *bokhaar*, *bokhaarjas*, *angora-bokhaarjas*, *angorabokhaarwinterjas*, maar tweede en meerdere analise lewer tog steeds binêre resultate: *angorabokhaar-* + *-winterjas*, *angorabok-* + *-haar*, *angora-* + *-bok*.

Al verskil tussen perifere en sentrale morfeme hier is blykbaar die volgende: as bv. *angorabokhaarwinterjas* beskou word as 'n uitbreiding van *bokhaarjas*, word die perifere by voorvoeging tot sentrale op 'n tweede of volgende vlak van analise, maar die sentrale bly sentraal op die eerste analisevlak. Wat ook al voor *-jas* ingevoeg word, dit bly die naam van „'n (soort) jas”. Wie dit as 'n splinternuwe kompositum beskou, het daaraan niks meer as 'n samegestelde perifere en 'n samegestelde sentrale deel nie: *angorabokhaar-* + *-winterjas*.

## B. Woorde en Woordsoorte sonder Morfologie

### 1. Die perifere én die sentrale

- (a) As die komponente van 'n verbinding, kompositum of nie, morfeem-korrelate is van amorfe woorde of woordsoorte, sou dit vir Afrikaans vreemd wees as hulle in 'n verbinding morfologie sou hê. Dan is perifere en sentrale morfeme dus ongedifferensieerd, byvoorbeeld in (1) *daar-* + *-van*, *hier-* + *-van*, *waar-* + *-aan*, *waar-* + *-mee*, *waar-* + *-oor*, *waar-* + *-op* ens., en (2) bv. *oorgenoeg*, *oormoedig*, *oorvol* ens.
- (b) Ook sintakties skyn dergelike komponente volledig gebonde te wees.
- (c) Semanties is daar egter wel 'n verskil tussen perifere en sentrale deel. In groep (a) (1) skyn die eerste komponent die sentrale te wees. *Daaraan*, *daarvan*, *hieraan*, *hiervan*, *waardoor* ens. beteken naamlik ongeveer „aan/oor/van die ding/dit”, is dus ongeveer gelyk aan sekere voorsetelkonstruksies soos *aan hom*, *oor die brug*, *van die trein* ens. In groep (a) (2) is die laaste komponente die draers van die kernbetekenis: „genoeg, moedig, vol” ens. Dié komponente het dan ook as woorde dieselfde valensies as die kompositum as sodanig.

## C. Woorde en Woordsoorte met en/of sonder Morfologie

Soms het een woordkorrelaat van 'n kompositumlid wel morfologie en die ander nie, en dan is daar ook binne die kompositum verskille aan te wys,

byvoorbeeld in *onderdak* (bw.), *oorsee*, *vanaand* ens. (Vergelyk ook § 55 hiervan).

Die voorsetsel en sy gebonde morfeem is altyd amorf, en die sentrale naamwoordmorfeem ook.

Wel het die hele kompositum 'n enkele keer 'n mate van morfologie, wat dan agteraan gevoeg word, bv. *onderaards*, *oorsese*. In 'n geval soos *onderaards* is dit trouens 'n voorwaarde van sametrekking dat daar 'n -s bykom. (Vergelyk ook § 133 hiervan.)

Perifere en sentrale morfeme is in sulke gevalle sintakties ewe volledig gebonde: bywoorde wat hulle kan vergesel, gaan dan met die geheel saam, bv. *diep onderaards*, *ver oorsee*.

Semanties is dié soort nie heeltemal so eenvoudig en deursigtig nie. Vir soverre ons die volgende langs mekaar kry: *hy spring in* en *hy spring in die water*, *hulle kom by* en *hulle kom by die huis*, *dit val oor* en *dit val oorboord*, sou 'n mens byna geneig wees om, soos De Groot<sup>31</sup> in 1949, die voorsetsel die sentrale morfeem te noem. Semanties is dié stelle egter nie parallel nie: afgesien daarvan dat *in*, *by*, *oor* hier, sònder meegaande s.n.w., bywoorde is en mèt s.n.w.e, voorsetsels, is hulle semantiese funksie ook anders. Die voorsetsel benoem 'n verhoudingsmoment tussen twee gegewens (vergelyk ook § 66 hiervan), en een van die twee is die s.n.w. wat saam met die voorsetsel ondergeskik verbonde is met 'n ander gegewe. Die s.n.w.-morfeem is dan blykbaar semanties sentraler as die voorsetsel-morfeem.<sup>32</sup>

Die woordaksent kom byna altyd op die sentrale morfeem.

## Samevatting

Samevattend kan nou gesê word:

1. die begrippe perifeer en sentraal geld nie, of geld nie ewe duidelik, van alle soorte komponente van alle soorte komposita nie;
2. waar dit wel geld, verskil die perifere meesal duidelik van die sentrale t.o.v. woordaksent, betekenis, morfologie en sintaksis: die woordaksent lê meesal op die perifere, die perifere kry meesal 'n betekenisaspek by wat dit as vrye morfeem nie het nie, en dit is meesal uitgesluit van deelname aan morfologiese en sintaktiese moontlikhede. Die sentrale is dikwels net so gebonde, maar daar kom selde 'n betekenisaspek by wat dit as vrye morfeem nie het nie – wel ander noemwaardes soms – en die morfologie en sintaksis van sy woordkorrelaat is dikwels identies met dié van die hele samegestelde woord.

31. De Groot, A. W.: *Structurele syntaxis*, 66.

32. Vgl. ook Van der Lubbe, H. F. A.: *Woordvolgorde in het Nederlands, een synchrone structurele beskouing*, 69 vlg.



Pas ons dit nou alles op gegewe gevalle toe, blyk dat die voorgestelde kort beskrywingswyse baie ekstensief gebruik kan word.

### Voorbeelde:

*domastrant*: (perifere b.nw.-morfeem + sentrale b.nw.-morfeem): b.nw.  
*kniediep*: (perifere s.nw.-morfeem + sentrale b.nw.-morfeem): b.nw.  
*haasbek*: (perifere s.nw.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem): b.nw.  
*staanplek*: (perifere ww.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem): s.nw.

Dit klink miskien eenvoudig genoeg en helder genoeg, maar dit deug tog nie sonder meer nie. Daar is veral twee bedenkinge teen in te bring:

a) Die onderskeiding perifeer: sentraal berus op die onderskeiding bepaling: kern, en is in seker opsig net ander name daarvoor. Maar dit is lank nie altyd duidelik dat daar 'n bepaling en 'n kern is of wát bepaling en kern is nie. Kyk maar na die tipe *malkop*. Die s.nw. *malkop* kan beskou word as bahuvihi-verbinding, dus verstaan word as betekende: „iemand met 'n mal kop”, soos *boggelrug* „iemand met 'n boggelrug”, *rooikop* „iemand met 'n rooi kop”, *langbeen* „iemand met lang bene” ens. Nou is *malkop* ook b.nw.: *iemand is malkop*, en daar is 'n regstreekse betekenisverband tussen die twee *malkoppe*. Word die konstruksie ('n) *mal kop* taalkundig gesien as b.nw. + s.nw., dan sou ons in die kompositum *malkop* 'n perifere b.nw.-morfeem + 'n sentrale s.nw.-morfeem hê, en dan in die b.nw. *malkop* seker ook. Word 'n verband tussen ('n) *mal kop*, ('n) *malkop* (s.nw.) en *malkop* (b.nw.) egter genegeer en net na *malkop* die b.nw. self gekyk, is dit glad nie so seker of so duidelik wat perifeer en wat sentraal is nie. *Malkop* (b.nw.) is sekerlik nie semanties sonder meer gelyk aan *mal* nie – dit is meesal onskuldiger – maar *mal* word soms wel gebruik in die betekenis *malkop*. Dit wil sê die betekenis en die woordsoortelike valensie is soms gelyk. So beskou, sou *malkop* dus beskou kon word as ongeveer „mal in die kop”, sodat die *kop*-gedeelte in *malkop* dus bepaling, dit wil sê perifere deel is, m.a.w. *kopmal* sou eintlik duideliker gewees het.

Ook is *malkop* nie die enigste voorbeeld van so 'n geval nie. In die hele argumentvoering sou dit goedsikks vervang kon word deur, of aangevul kon word met, bv. *kaalgat*, *ligvoet*, *losklos*, *toekop* e.d.m., selfs deur tipes van 'n ander soort morfeemverbinding, bv. *sleeptong*, *sleepvoet*, *swaaiheupe* en dergelike meer. Daar is dié punt van verskil dat *sleep* en *swaai* as selfstandige morfeme nie in dieselfde vorm (naamlik *sleep* en *swaai*) dieselfde adverbiale valensie het nie: ons kan nie sê *iemand praat/loop sleep* of *hy loop swaai* nie (soos ons wel kan sê en sê: *iemand is kaalgat/kaal*, *ligvoet/lig*, *toekop/toe*). Maar ons kan wel sê *iemand praat so sleep-sleep* / *slepend met sy tong*, *loop so sleep-sleep met sy (een of altwee) voet(e)*, *loop so swaai-swaai met die heupe* ens. So beskou, is die hoofmoment in

*sleeptong*/-voet/*swaaiheupe* en dergelike meer in die eerste komponent geleë en nie in die tweede nie, dus vergelykbaar met bv. *kopskuddend*, sodat *tongslepend*, *voet-slepend* en *heupswaaiend* eintlik ook nader aan die „waarheid” sou gewees het.

Die onderskeiding perifeer: sentraal t.o.v. die komponente van komposita deug dus nie end-uit nie.

b) 'n Tweede bedenking daarteen blyk uit 'n beskouing van komposita met samegestelde komponente, sê maar *wolhaarhond* en *minwoloöie*. *Wolhaarhond* sou allereers beskryf kon word as samegestelde perifere morfeem + onsamegestelde sentrale morfeem. Dit alleen sou egter glad nie bevredig nie, omdat dieselfde beskrywing ook vir gevalle soos *minwoloöie*, *hangskouerstedeling*, *slaphakskeenslenteraars* e.d.m. sou geld, hoewel die woordsoortkorrelate van dié komposita se komponente gedeeltelik verskil. Dan sou dus as volg beskryf kon word: *wolhaarhond* is samegestelde perifere s.nw.-morfeem + s.nw.-morfeem. Maar ook dit differensieer nog nie die tipe *wolhaarhond* van die tipe *minwoloöie*, *hangskouerventjies* e.d.m. nie, sodat dan gesê sou kon word: *wolhaarhond* is (perifere s.nw.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem): 'n samegestelde perifere s.nw.-morfeem + 'n sentrale s.nw.-morfeem. Op 'n geval soos *hangskouerstedeling* toegepas, sou so 'n beskrywing wel differensieer t.o.v. die woordsoortelike korrelate van die komponente, want dit sou wees: (perifere ww.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem): samegestelde s.nw.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem. Maar dit sou weer nie deug vir voorbeelde soos dié met *min-* en *slap-* hierbo nie, omdat hulle nie steun op komposita *minwol* en *slaphakskeen* nie (soos *wolhaarhond* en *hangskouerstedeling* wel steun op komposita *wolhaar* en *hangskouer*). *Minwoloöie* en *slaphakskeenslenteraars* sou dus beskrywe moet word as (perifere telwoord/b.nw. + sentrale s.nw.): (samegestelde perifere s.nw.-konstruksie) + sentrale s.nw.-morfeem. Maar ook dit sou onwaar wees, want in *minwoloöie* en *slaphakskeenslenteraars* is *minwol-* en *slaphakskeen-* nie konstruksies nie, maar samegestelde woorddele net soos *wolhaar-* in *wolhaarhond* of *hangskouer* in *hangskouerslenteraars* ens. 'n Mens sou daarop kon wys dat dié moeilikheid in elk geval bly bestaan, of 'n mens nou al van die begrippe perifeer en sentraal gebruik maak of nie. Maar daarmee is die geval nog nie afgehandel nie, want die *-hakskeen-*gedeelte kan ook as samegesteld beskou word. As selfstandige woord bevat dit ook 'n perifere en 'n sentrale morfeem, al twee ook s.nw.-morfeme, maar terwyl dit in sy geheel as deel van *hakskeenslenteraars* perifeer is, is dit as deel van *slaphakskeen* sentraal ens. Dit sou vir 'n geval soos *slaphakskeenslenteraars* dus die volgende beskrywing meebring: [ $\{$  perifere b.nw.  $\} + \{$  (perifere s.nw.-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem)  $\} =$  sentrale s.nw.-morfeem : sentrale s.nw.-morfeem] = 'n perifere s.nw.-konstruksie-morfeem + sentrale s.nw.-morfeem.

Dit sou die doel van studie, naamlik om te orden, verbystek of vrydel en moet dus verwerp word.

Dit sou ook getipeer kon word met 'n stelsel van simboolnotering, byvoorbeeld met die volgende :

$a = \text{b.nw.}, b = \text{s.nw.}, c = \text{ww.}, d = \text{bw.}, e = \text{voors. ens.}$

$a^1 = \text{b.nw.-morfeem}, b^1 = \text{s.nw.-morfeem}, c^1 = \text{ww.-morfeem ens.}$

$a^2 = \text{perifere b.nw.}, b^2 = \text{perif.s.nw.}, c^2 = \text{perif.ww. ens.}$

$a^3 = \text{perif.b.nw.-morfeem}, b^3 = \text{perif.s.nw.-morfeem}, c^3 = \text{perif.ww.-morfeem ens.}$

$a^4 = \text{sentrale b.nw.}, b^4 = \text{sentr. s.nw.}, c^4 = \text{sentr.ww. ens.}$

$a^5 = \text{sentr.b.nw.-morf.}, b^5 = \text{sentr. s.nw.-morfeem ens.}, \text{ens.}$

Dan sou *slaphakskeenlenteraars* kon beskryf word as

$[a + \{(b + b) = (b)\} = \{b^4\}] = [a + b^4] = [b^3] + [b^4],$

wat in geen opsig duideliker sou wees as 'n woordomskrywing nie, eerder die teendeel daarvan.

'n Laaste gedagte wat vir bogenoemde getoets is, is dié van wat skrywer hiervan 'n „neutrale morfeem” of 'n „neutroom” wil noem (afkortbaar tot Nm).

Die gedagte daarby is kortliks soos volg. Onderskei tussen taalgegewens t.o.v. hulle beskikbaarheid en hulle gebruik, op die gebied van die woord dus tussen 'n woord in sy vormlike bepaaldheid met omskryfbare betekenis en 'n woord in sy vormlike bepaaldheid met omskryfbare betekenis EN met gebruikskenmerke. Gebruik vir eersgenoemde iets soos neutrale morfeem (of neutroom of neutromorf – die naam is onbelangrik) en vir laasgenoemde (die/'n) woord.

Met 'n voorbeeld toegelig, laat ons sê ons het 'n neutroom *aas*. Sy betekenisaspekte laat hulle nie maklik op 'n duidelike wyse onder woorde bring nie, maar kan tog ongeveer en tentatief as volg gestel word :

*aas* 1. iets, 'n selfstandigheid

2. 'n aktiwiteit

3. 'n tasbare selfstandigheid

4. 'n nie-tasbare selfstandigheid

5. 'n waarneembare aktiwiteit

6. 'n nie-waarneembare aktiwiteit

7. 'n waarneembare aktiwiteit met pejoratiewe waarde

8. 'n ontbindende selfstandigheid

9. 'n ontbindende selfstandigheid wat as voedsel gebruik word

10. 'n ontbindende selfstandigheid wat as lokmiddel gebruik word

of

1. gevrekte (en ontbindende) dier

2. voedsel wat uit dooie diere bestaan

3. voedsel plus gif wat as lokmiddel gebruik word

4. voedsel wat in die visvang/jag ens. as lokmiddel gebruik word

5. lokmiddel buite die terreine van 4
6. prooi of aas as voedsel soek
7. bedel, vra
8. gulsig eet
9. lus wees vir of belus wees op iets
10. van aas voorsien, aas aansit

(Wanneer iemand nou vra: *Wat beteken aas?* kry hy een of meer van die gesketste inhoude.)

Nou kan die neutroom *aas* as woorddeel gebruik word, sê bv. in *aasmandjie*, *aasvoël*, *visaas* ens. Dan word of is net betekenismoment no. 4 in *aasmandjie* betrek, nos. 2 en/of 6 in *aasvoël*, en nos. 2 en 4 in *visaas*.

Dat *aas-* in *aasmandjie* en *aasvoël* dan nie ook vorme soos *asiemandjie\**, *asiesmandjie\**, *asievoël\** / *asiesvoël\** / *het-geaas-voël\** het nie, het dan geen verklaring nodig nie, net so min as die afwesigheid van *asieagtig\** of *het-geaserig\** naas *aasagtig* of *aserig*, omdat 'n neutroom geen morfologie of sintaksis het nie.

Of *aas* kan as woord gebruik word, en dan het dit onmiddellik ook woordkenmerke, naamlik hier morfologiese en sintaktiese kenmerke. Word dit as s.nw. gebruik, het dit vyf betekenisaspekte (nos. 1 t/m 5 van bl. 28) plus die moontlikhede tot diminuering, met of sonder meervoud, byvoeglike bepaalbaarheid (*ou aas*), verbinding met 'n lidwoord ens. En word dit as werkwoord gebruik (in betekenisaspekte nos. 6 t/m 10 van bl. 28), het dit die morfologiese en sintaktiese valensies van sekere soorte werkwoorde.

Die gedagte van 'n neutrale morfeem (of neutroom) is dus, meen ons, helder en eenvoudig en bruikbaar genoeg. Ons een beswaar teen die gedagte is egter dat ons nie daarvan oortuig is dat dit 'n taalgebruikswerklikheid is nie. Die naaste daaraan kom vrae soos: „Wat beteken *oek* en *monomeer*?” e.d.m.

Waarop kom die hele geval dus neer? Ons insiens op die volgende:

- (a) Daar sit aan 'n beskrywing van hoofaspekte van komposita te veel punte vas om alles in 'n kort, tiperende formulering saam te vat.
- (b) Aan 'n belangrike gesigspunt soos dié van die plek van 'n komponent in 'n kompositum sit daar te veel probleme vas om dit in 'n kort beskrywing op te neem, meer bepaald om 'n konsekwente gebruik te maak van die begrippe perifeer en sentraal.
- (c) 'n Woord heet oor die algemeen alleen dán samegesteld as aan sy komponente vrye selfstandige morfeme korrespondeer. Dié gesigspunt moet dus in elke kort beskrywing 'n plek kry.
- (d) Ons het dus nog nie 'n kort helder noteringswyse gevind wat vir alle soorte gevalle sou deug nie.

En tog moet ons soiets hê. Ons indruk is dat die gedagtes van neutrale morfeme en woordsoortkorrelate die mees bevredigende resultate lewer, laasgenoemde net ietsie meer as eersgenoemde. Daar is dus besluit om die

woord en die begrip „woordsoortelike korrelaat” te gebruik, naamlik as volg:

As ’n woorddeel ’n selfstandige woordkorrelaat het, word daarna verwys in die funksie wat, semanties geoordeel, daarby betrokke is. *Rankerig* in die betekenis „met baie ranke aan” word dus beskrywe as stam met s.nw.-korrelaat + *-erig*, en *rankerig* in die betekenis „geneig om (te veel of) baie te rank” as stam met ww.-korrelaat + *erig*. Omdat veral in komposita dikwels verbindingsvorme i.p.v. stamme gebruik word, moet dan natuurlik ’n algemene tiperingsvorm „stam of verbindingsvorm daarvan met woordsoortelike korrelaat + stam of verbindingsvorm” gebruik word. Dan is *patatrank*: stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. En dan kan ’n geval soos *rank* in *patat rank geil* as volg behandel word: stam met s.nw.-korrelaat waarvan die geheel hier werkwoord is.

Dit veronderstel natuurlik dat ’n mens in die geval van meerfunksionaliteit kan weet of vasstel wat sinchroon primêr en wat sekondêr is. Vir die keuse sal in elke partikuliere geval ’n motivering gegee word.

## Meerfunksionaliteit

### § 4 Woordsoortelike Meerfunksionaliteit

Elke student weet, wat elke skolier behoort te weet, dat 'n woord wat in een sinsverband byvoorbeeld 'n s.n.w. is, in 'n ander verband (byvoorbeeld) 'n ww. is, sê maar *Hy boer in die Vrystaat* teenoor *Hy is 'n boer in die Vrystaat*. Ook is bekend dat dié verskynsel van meerfunksionaliteit t.o.v. verskillende woordsoorte voorkom. Wat tot hiertoe in vakliteratuur minder aandag ontvang het, is die uitgebreidheid van die verskynsel en die soorte daarvan.

#### Drie soorte woordsoortelike meerfunksionaliteit

Daar is drie soorte woordsoortelike meerfunksionaliteit:

1. dié wat enkel verandering van sinsverband behels, soos in die voorbeeld met *boer* hier vóór;
2. dié wat bewerkstellig word deur afleiding: *man: beman* (s.n.w.: ww.), *mooi: mooiheid* (b.n.w.: s.n.w.) e.d.m., en
3. dié wat bewerkstellig word deur of wat vergesel gaan van samestelling en/of samekoppeling: *rivier* se funksie in *rivierwater* is byvoeglik, *piep* se funksie in *piepfyn* is bywoordelik.

Omdat die proses in die drie soorte gevalle verskillend is en omdat afleiding en samestelling vry volledig elders bespreek word, beperk ons ons hier tot tipe 1.

Hieroor word taamlik uitvoerig geskrywe omdat so baie van die skryweery oor die ontstaan van Afrikaans juis om hierdie punt gedraai het: in Afrikaans – en nie in Nederlands nie – sou die woordsoorte dan op willekeurige wyse deureengehaspel word. Uit wat volg, sal blyk dat daar weinig willekeur en baie sisteem is en dat Afrikaans en Nederlands hoegenaamd nie so baie verskil as wat Hesseling c.s. gemeen het nie.

#### Uitbreidheid van die verskynsel

Algemeen gesproke, kan gesê word dat die verskynsel nie baie uitgebreid is in Afrikaans nie. Daar is drie tipes met baie ruime omvang, naamlik die verbum in naamwoordelike funksie, alle woordsoorte in wat Jespersen<sup>1</sup> „quotational usage” noem (ons kan dit selfnoemfunksie of aanhalingsgebruik noem), en die meerfunksionaliteit van b.n.w. en/of bw., maar die res is streng begrens. Ons behandel die twee uitgebreides eerste.

1. Jespersen, O.: *The philosophy of grammar*, 96.

## § 5 Aanhalingsgebruik (of Selfnoemfunksie)

Dit is moontlik om enige woord uit enige woordsoortgroep aan te haal in 'n sinsverband waarin dit dan (hoofsaaklik) s.nw. of ww. is:

**Die** is gewoonlik 'n lidwoord (s.nw. met lw.-korrelaat);

**Daardie** en **wat** pas nie in die verband nie (s.nw. met vnw.-korrelaat);

**Groen** is rustig, **blou** is romanties (s.nw. met b.nw.-korrelaat).

Dit kom in verskillende soorte sintaksis voor:

*Jy moet glad nie sweer nie, nog by hoog, nog by laag;*

**Lekker** is maar 'n vinger lank;

**Dom** is swaarder as groot droogte;

*As ryk so sê, wat moet arm dan antwoord?;*

*As jy alles ver noem, sê ver naderhand niks meer nie* (s.nw. met bw.-korrelaat);

**In** is verkeerd, dit moet **op** wees (s.nw. met voors.- en bw.-korrelaat);

**Onderwyl** is nooit 'n voorsetsel nie (s.nw. met voegw.-korrelaat);

**Arrie** en **sies** is te plat vir kerkgebruik (s.nw. met uitroep-korrelaat) ens.

Elke woordsoort kan so aangewend word.

Ons moet net daarop let dat die aanhalingsnaamwoord in sulke gevalle net drie betekeniswaardes het:

1. dit is gelykbetekenend met „die woord . . . die/daardie/wat/ver/onderwyl/in” ens., en
2. dit is gelykbetekenend met „iets of iemand wat . . . groen/blou/hoog/laag/lekker/dom/ryk/arm ens. is”, d.w.s. die andersins vrye sintaksis het 'n beperking van begripsoort (vgl. § 31 hiervan), en miskien ook
3. „(om te) wees soos deur die betrokke woord genoem”, bv. **Lui** en **onnosel** is vreeslike siektes; **Dom** en **astrant** is eie familie; **Grootpraat** en **bang** is tweelingbroertjies ens.

Minder vry as die naamwoordelike aanwending is die verbale aanwending in aanhalingsgebruik. Redelik bekend is bv.

*Jy moet vir my mos, hoor* (ww. met bw.-korrelaat);

*Julle moet darem nie ouer mense jy en jou nie* (ww. met vnw.-korrelaat);

*Dis seker omdat hy gehoor het ons spot daarmee, dat hy nie vanaand een keer gemanjifiek het nie* (ww. met b.nw.-korrelaat);

*Wat vir julle tog so baie?* (ww. met voors.-korrelaat);

*As julle die dag vanself ophou met en, kan julle weet julle begin vorder* (ww. met voegw.-korrelaat)

ens. Dié konstruksie is semanties nog beperkter as die vorige: die betekeniswaarde is naamlik „mos/jy en jou/manjifiek/vir/en ens. sê”. Daarenteen is dit in een opsig weer vryer, naamlik dat dit gepenetreer het in die hele hiërgargie van die verbale sisteem, want dit kom sowel in selfstandige aanwending, as partisipiaal en in infinitieffunksie voor . . . wat nogeens die gevaar van apriorisme bewys: Ons kan naamlik nie, omdat die werkwoord

so vryelik in naamwoordelike funksie verskyn, aanneem dat die omgekeerde dan of dus ook so sal wees nie. Die stelling van voorheen kan hier dus in aangepaste vorm herhaal word: Hoewel ons met ons taal ook die hele veld van ons taalkundige ervaring bestryk, bestryk ons nie alle dele daarvan in dieselfde mate of op dieselfde manier nie. Daarom sou dit ook verkeerd wees om aan te neem dat, indien 'n taalverskynsel in Afrikaans voorkom wat in en vir Nederlands bekend en reeds bestudeer is, die feite en die omvang daarvan in Afrikaans dieselfde sal wees. (Die omgekeerde fout sou 'n mens nogtans nie verwag nie, eenvoudig omdat Nederlands nie van Afrikaans af kom nie.) Daarom is daar nog oneindig baie meer blote beskrywingswerk in verband met Afrikaans te doen as wat blykbaar oral besef word. En hoe presieser en omvattender dergelike empiriese werk aangepak word, ook vir Nederlands self, veral ook op sintaktiese gebied, hoe geringer sal ons waarskynlik vind, word die sogenaamde ontstaansprobleem van Afrikaans. En dit nie alleen nie, maar daardeur kan ons vergelykenderwys des te sekuurder bepaal hoedanig ons eie taalaktiwiteit op Suid-Afrikaanse bodem was en moontlik ook helderder leer insien waarheen Afrikaans vroeg reeds geneig het en vandag nog ontwikkel. Op dié wyse sal ons moontlik ook verstandiger leiding kan verskaf as wat ons tot hiertoe vermag het.

Hoe is dit met die verskynsel van selfnoemfunksie in Nederlands gesteld? Dat die verskynsel ook Nederlands is, kan maklik aangetoon word.

Met die betekeniswaardes:

1. „die woord . . . wat genoem word”, bv. **De en het zijn lidwoorden** (die woorde *de* en *het*), en
2. „iets of iemand wat is soos deur die betrokke woord genoem”, bv. *De bleeke dood spaart klein noch groot; Lui, lekker en veel te meugen, zijn drie dingen die niet en deugen*, en
3. „(om te) wees soos deur die betrokke woord genoem”, bv. **Al te ras breekt den hals; Al te goed is buurmans gek; Eerlijk duurt het langst** ens. is dit alledaags Nederlands.

En ander soorte met ander waardes is eweneens Nederlands, bv. die volgende:

**As is verbrande turf** (woordspeling *as* = *als*, 'n voegwoord); **poeha maken: jouw liggen** (bw. met uitroep-korrelaat); **jijen, jou(w) en en jijjou(w)en** „jij, jou' ens. vir iemand sê”; en sewentiende-eeuse Nederlands: *mijnheren* „iemand as ‚mijnheer' aanspreek”; *nichten* „ ‚nicht' sê”; *zijnmeiden* „ ‚zijn meid' sê”; *Freekt* „ ‚Freek' sê”, miskien ook gevalle soos *henxt* „ ‚hings” en *reun* in die volgende: *Je moghter henxt komen, maer 'k verzecker je, je sout ruyn* („reun”) *werom gaan*.

Aard en soort van wat ons in dié verband in ouer en in moderne Nederlands kry, wys dus op identiteit van Afrikaans en Nederlands. Maar of die omvang ook sowat eenders is, sal nog nagegaan moet word.



## § 6 Werkwoorde en Naamwoorde as Korrelate van mekaar

### Sinchronie

Daar is soveel duisende woorde wat *èn* as s.nw. *èn* as ww. gebruik word dat 'n mens, suiwer van Afrikaanse standpunt uit benader, d.w.s. sonder om die Nederlandse herkoms in ag te neem, ewe goed sou kon sê (a) die s.nw. het ww.-korrelate, as (b) die ww. het s.nw.-korrelate, byvoorbeeld in die volgende sinne:

*Moenie die **slaap** liefhê dat jy arm word nie.*

*Hy **slaap** nog steeds.*

*Niemand het hom nog dood **gewerk** nie.*

*Die **werk** staan hom nie aan nie.*

*Moenie 'n onbekende so **uitvra** nie.*

*Van **uitvra** is die tronk vol.*

Tog is hulle nie volledig gelyk die een aan die ander nie.

1. Daar is honderde woorde wat ewe volledig werkwoorde is as wat hulle volledig s.nwe. is, bv. *hap, knop, slaap* ens.
2. Daar is duisende woorde wat volledig werkwoorde is en nie volledig s.nwe. nie, of, anders uitgedruk, wat net beperkte s.nw.-valensies het, bv. *aarsel, drink, verdedig* ens.
3. Daar is honderde woorde wat volledig s.nwe. is en ook werkwoorde is, maar hulle het nie alle ww.-valensies nie, bv. *bas, kruiswa, storie, suiker, vis* ens.

### Groep 1: *hap*

#### Morfologie:

(a) Buigingsmorfologie: ww., b.nw.: *gehap, happende*

s.nw.: *happe, happie*

(b) Afleidingsmorfologie: ww. tot s.nw., b.nw.: *gehap, happery, happierig*

s.nw.: *happie*

#### Sintaksis:

(a) Werkwoord:

1) Bruikbaarheid as gesegde: *Hy het na ons gehap.*

2) Verbindbaarheid met 'n voors.: *hap na/vir . . .* ens.

3) Verbindbaarheid met hulp- en koppelwwe.: *kan/sal hap* ens., *word/is gehap*

4) Verbindbaarheid met 'n onderwerp en 'n voorwerp: *Die hond hap die kat*

5) Bywoordelike bepaalbaarheid: *hard hap, seer hap*

6) Verbindbaarheid met *en* en nog 'n ww. (of meer): *hap en byt en skop* ens.

7) Bruikbaarheid as tweede lid van die verbale hendiadis: *gestaan en hap*

(b) Selfstandige naamwoord :

- 1) Bruikbaarheid as onderwerp en voorwerp: *Die hap wat . . . , Kyk die hap wat . . .*
- 2) Byvoeglike bepaalbaarheid: *'n lelike /yslike hap*
  1. Met 'n lidw. daarby, het die b.nw. 'n attributiewe vorm. Hier is die s.nw. die naam van 'n telbaarheid.
  2. Met en/of sonder lidw., en met onverboë b.nw. Hier wissel die grammatiese betekenis van die s.nw. volgens die sintagma :
    - a. *Hard hap kan gevaarlik wees*: „om hard te hap”
    - b. *Dit kòm van hard hap*: „van hard te hap”
    - c. *Die hard hap gaan jou nog suur bekom*: „die hardhappery”
- 3) Bruikbaarheid in 'n voorsetselkonstruksie met die voorsetsel daarvoor: *in/met 'n/een hap*: „hapbeweging, haphou”
- 4) Verbindbaarheid met 'n ander s.nw.: *met ('n) hap en ('n) sluk*

### Groep 2: *drink*

*Drink* het byna alle valensies wat *hap* het, maar nie al die s.nw.-valensies nie: die diminutief (*drinkie*) en die byvoeglike bepaalbaarheid met 'n verboë byvoeglike naamwoord ontbreek: *'n/die vinnige drink* sonder meer is nie Afrikaans nie, *vinnig drink* wel.

*Drink* se s.nw.-korrelate behoort dus net tot 'n subkategorie van die s.nw.-groep.

### Groep 3: *bas*

*Bas* „die bas (van sekere soorte gewasse) aftrek”, asook (in die looiproses) „met bas behandel”.

Dit word as werkwoord meesal in die passief gebruik saam met *word*, soos in W A T.

Beteken die voorafgaande nou dat, sê maar die woorde *asemhaal* en *talm*, dus ten opsigte van meerkonkretiteit in prinsipe gelyk is aan sê maar *flerrie* en *skulp*, hoewel *asemhaal* en *talm* meesal wwe. is en *flerrie* en *skulp* meesal s.nwe.?

Dit is presies wat dit beteken. Vir hierdie publikasie is 'n toetsbattery met 118 inhoude gebruik om ooreenstemmende en differensiërende kenmerke van woordsoorte te toets. (Kyk § 2 hiervan.) Die volgende 20 woorde is deur die battery gestoot :

<i>blom</i>	<i>eet</i>	<i>kolf</i>	<i>sing</i>
<i>boer</i>	<i>glimlag</i>	<i>lag</i>	<i>slaap</i>
<i>borsel</i>	<i>huil</i>	<i>loop</i>	<i>sluk</i>
<i>donder</i>	<i>kalk</i>	<i>pleister</i>	<i>vra</i>
<i>dou</i>	<i>knor</i>	<i>saag</i>	<i>werk,</i>

maar dit het niks opgelewer nie. Almal kan byvoorbeeld saam met *om te*,

hulpwwe. en *daar word ge-* gebruik word, almal kan saam met attributiewe en predikatiewe vorme van b.nwe. gebruik word – of saam met verboë attributiewe b.nwe. en hulle bywoordelike korrelate, bv.

*gereeld eet / (die) gereelde eet*

*hard werk / harde werk*

*hard borsel / ('n) harde borsel*

*lelik pleister / lelike pleister ens.*

Nie dat daar glad geen verskille is nie. Daar is. Die tipe *die borsel borsel lekker / te hard* kom byvoorbeeld voor met dieselfde sinsvorm by o.a. *blom, boer, kalk, kolf, saag, pleister*, en nie by *eet, huil, knor, lag, loop, slaap, vra* en *werk* nie, maar by altwee groepe is die volgende sinstipe weer heel gewoon, nl. *sy / jou eet eet / slaap slaap / lag lag* ens., sodat hierin geen aanduiding lê van primêr : sekondêr nie.

Wat daar wel is, is die volgende :

A. Alles wat werkwoord is in Afrikaans, het ook onder meer die volgende s.nw.-valensies, afgesien daarvan of die ww. ook ander woordsoortelike korrelate het :

As die ww. 'n infinitief is, verskyn dit soms met *om te* daarby, soms daarsonder, veral as onderwerp van sinne : (*Om te*) **werk** is geen straf nie / **vloek** is onopgevoed / **huil** help nie / **praat** is maklik. Dit kan ook 'n samegestelde ww. wees : **Doodgaan** is geen kuns nie, **Leeglé** is 'n lui mens se werk, **Asemhaal** is 'n lewensvereiste. Die ww. kan ook onsamegesteld wees, maar vergesel wees van bepalinge : *Bedags in die tuin werk en saans in die huis, maak 'n mens darem gedaan. Soggens vroeg opstaan put 'n mens op die duur uit.*

Daar is letterlik honderde dergelike tipes sinne in Afrikaans, wat ons regverdig om te sê dat dit 'n taamlieke oop of vry konstruksie is, d.w.s. een waarin taamliek vryelik enige woord wat ww. is, as onderwerp van sinne kan fungeer.

Met 'n bepaling (of bepalinge) daarby, is die konstruksie geslotener : Ons kan wel sê *Verkoop is al genade* en *Uitverkoop is jou voorland as jy so aanhou spekuleer*, soos ons ook kan sê *Die verkoop van die rommel het lank geduur* en *Die uitverkoop van die winterklerasie is verby*, maar *Die verkoop het lank geduur* of *Die uitverkoop is verby*, kom nie te veel voor nie. In dié verband, d.w.s. sonder 'n bepaling by die naamwoordelik gebruikte ww., word, waar dit bestaan, afleidingsvorme op *-ing* aangewend, dus bv. *Die verkoping / uitverkoping is agter die rug.*

Eweneens gewoon is die aanwending van die onafgeleide ww. as lid van 'n adverbiale woordgroep wat bestaan uit 'n voorsetsel, met of sonder 'n byvoeglike woord + ww., bv. **in sy slaap oorlede** wees, **met die spring sy been breek**, **aan die skrywe** wees, **by wees by die lees** (dan kry ons dikwels afleidinge op *-ery*: *by wees by die lesery/spelery/lawaaiery*), **van sy slaan/praat af wees** e.d.m.

Net so gewoon is die aanwending van die verbum in voorwerpsverhouding: *Luister na die huil van die wind. Hoor jy die lui van die wekker? Hy bestudeer die groei van bome.*

Let op dat die werkwoord nie alleen as voorwerp optree nie, maar met 'n bepaling daarby: *die huil van die wind, die groei van die bome* ens. Ook hier gaan die konstruksie oor tot die gebied van die afleiding wanneer daarin 'n werkwoord verskyn waarby 'n *-ing*-vorm kan bestaan: *Ons sê nie Hy bestudeer die oprig/beplan/herskep/aftakel\* ens. van geboue nie, maar die oprigting/beplanning/herskepping/aftakeling* ens.

Minder uitgebreid is die naamwoordelike aanwending van die werkwoord as voorwerp sonder 'n bepaling daarby, bv. *'n bars/hap/hik, 'n kyk* (anglisisme?), *'n sny* (Boshoff<sup>2</sup>), dus ook saam met die onbepaalde lidwoord net soos in *'n berig/klap/skop/skrywe/stamp* ens.

'n Interessante uitloper hiervan is die gebruik van diminutiewe, soms naas, soms in plaas van 'n werkwoordstam, bv. *herkoutjie, pruimpie, rytjie* (teenoor *rit*), *slapie, slukkie, stappie, vrytjie* ens. Sommige hiervan kan diminutiewe wees van s.nwe., bv. *pruimpie* (miskien in Nederlands reeds van die Nederlandse s.nw. *pruim* – so nie, dan van ons ww. *pruim*, soos *herkoutjie* van ons ww. *herkou*), maar die meeste is blykbaar van die wwe. gevorm. Dan kan die s.nwe. *ry, slaap, sluk, stap, vry* ens. Rückbildungen wees en nie gevalle waar die wwe. sonder meer tot s.nwe. geword het nie.

Redelik uitgebreid, maar nie onbeperk nie, is die aanwending soos in *'n Mens kan hom aan sy lag/loop/praat/sing/stap* ens. *ken. Ek ken julle sit en julle opstaan. Julle doen en late . . . e.d.m.*

Ook beperk is gebruike soos (a) *hy kan nie sy lê kry nie, kry jou ry/sit*, meesal saam met *kry*; (b) *jou sê sê, hy loop sy loop* en *hy sing sy sing*, wat weer aansluit by die tipe *drome droom* e.d.m.

Aan die semantiese kant is daar nog twee interessante gesigspunte by hierdie groep werkwoorde met s.nw.-korrelate, nl.

1. dat in hulle s.nw.-valensies oor die algemeen alle aspekte van hulle betekenis betrek is, en

2. dat, oor die algemeen, die betekenis van die werkwoord nie op natuurlike wyse aangee kan word met behulp van die s.nw.-korrelaat nie. So iets word byvoorbeeld uiters selde in woordeboeke aangetref. W A T gee byvoorbeeld by die volgende werkwoorde die volgende getalle betekenisaspekte aan:

by <i>haal</i> : 7	by <i>heers</i> : 3	by <i>hoor</i> : 7
by <i>hang</i> : 24	by <i>heg</i> : 7	by <i>hou</i> : 27
by <i>hardloop</i> : 6	by <i>help</i> : 5	by <i>huil</i> : 5.

Wanneer dié woorde in naamwoordelike funksies verskyn, veral in sinne van die tipes *met die haal van die goed . . . , hang is maklik, hardloop is*

2. Boshoff, S. P. E.: *Volk en taal van Suid-Afrika*, 267.

*inspannend* ens., gebeur dit meesal in alle betekenisaspekte van die betrokke woorde.

Alleen in 'n onbeduidende persentasie gevalle – en hier word net 9 genoem van die 400 wat nagegaan is – word die s.nw.-korrelaat gebruik in die betekenisomsyrywing van die werkwoord. (Vergelyk ook wat in hierdie verband uit De Groot aangehaal word in § 6 hiervan.)

B. Maar die omgekeerde van stelling A is nie waar nie, d.w.s. dit is nie so dat alles wat s.nw. is, ook sekere ww.-valensies het nie. Naas die s.nw *boek* in die betekenis

„'n Aantal gedrukte of beskrewre blaaië, byna altyd van papier, maar soms ook van perkament of 'n ander materiaal wat tot 'n geheel saamgebind is in een band en oor 'n sekere onderwerp of onderwerpe handel – omvangryker as 'n pamflet” (WAT I, 462),

is daar byvoorbeeld geen werkwoord *boek* in die betekenis

„'n aantal bedrukte of beskrewre blaaië, byna altyd van papier, maar soms ook van perkament of 'n ander materiaal wat tot 'n geheel saamgebind is in een band en oor 'n sekere onderwerp of onderwerpe handel – omvangryker as 'n pamflet – tot 'n geheel in een band saamgebind” nie.

Naas die s.nw. *boontjie* in die betekenis

„Die saad, met of sonder peul, van 'n vlinderblommige plant met rooi, wit of pers, sterkruikende blomme . . .” (WAT I, 489 by *boon*),

is daar geen werkwoord *boontjie* in die betekenis

„die saad met of sonder peul, van 'n vlinderblommige plant met rooi, wit of pers, sterkruikende blomme . . . vorm” nie ens.

Die enigste s.nwe. met ww.-korrelate is dié wat tot een of meer van die volgende begripsoorte behoort :

1. Die grootste groep is dié van name van dinge waarmee ander dinge behandel kan word of waarvan gebruik gemaak kan word, bv.

<i>boei</i>	<i>kabel</i>	<i>lak</i>	<i>ploeg</i>	<i>skoffel</i>
<i>borsel</i>	<i>kalk</i>	<i>lap</i>	<i>poeier</i>	<i>sluier</i>
<i>dreg</i>	<i>katrol</i>	<i>loog</i>	<i>pomp</i>	<i>snoer</i>
<i>gespe</i>	<i>ketting</i>	<i>lym</i>	<i>prikkel</i>	<i>sous</i>
<i>glasuur</i>	<i>klamp</i>	<i>masker</i>	<i>ring</i>	<i>spalk</i>
<i>grendel</i>	<i>kram</i>	<i>olie</i>	<i>roskam</i>	ens.
<i>hamer</i>	<i>kruie</i>	<i>pantser</i>	<i>skakel</i>	

2. Kleiner, maar eweneens talryk, is die groep name van dinge wat ontstaan, verwerf, gevorm of voortgebring word, bv.

<i>aard</i>	<i>geur</i>	<i>kiek</i>	<i>kors</i>	<i>rank</i>
<i>baan</i>	<i>gis</i>	<i>kim</i>	<i>kring</i>	<i>rimpel</i>
<i>beeld</i>	<i>glans</i>	<i>klad</i>	<i>krop</i>	<i>roes</i>
<i>blom</i>	<i>golf</i>	<i>klank</i>	<i>krummel</i>	<i>ryp</i>
<i>bol</i>	<i>groef</i>	<i>klont</i>	<i>lam</i>	<i>skets</i>
<i>bult</i>	<i>hael</i>	<i>knop</i>	<i>pêrel</i>	<i>skilfer</i>
<i>dou</i>	<i>kalf</i>	<i>koek</i>	<i>plas</i>	ens.
<i>etter</i>	<i>keep</i>	<i>kolk</i>	<i>pyp</i>	

3. Ook beperkter in getal is 'n groep name van houers of plekke waarop of waarin dinge opgeberg, geberg of verberg, versorg, geplaas of gesit (kan) word, bv.

<i>bank</i>	<i>herberg</i>	<i>kerker</i>	<i>kuip</i>	<i>pag</i>
<i>boek</i>	<i>huis</i>	<i>kis</i>	<i>lys</i>	<i>rooster</i>
<i>bottel</i>	<i>kelder</i>	<i>kuil</i>	<i>mud</i>	ens.

4. Heelwat kleiner is 'n groep waarin die s.nw. iets (be)noem wat aan (meesal) mense toegebring of bewys, oorgedra of oorgebring (kan) word, waarmee hulle bejeën kan word, bv.

<i>boodskap</i>	<i>kapittel</i>	<i>loon</i>	<i>roem</i>	ens.
<i>eer</i>	<i>kus</i>	<i>plesier</i>	<i>rou</i>	
<i>haat</i>	<i>laster</i>	<i>prys</i>	<i>smaad</i>	

5. Daar is 'n klein groepie name van spele, bv.

<i>biljart</i>	<i>kaart</i>	<i>kolf</i>	<i>skaats</i>	<i>tennis</i>
<i>hoepel</i>	<i>knikker</i>	<i>skaak</i>	<i>ski</i>	ens.

6. Daar is 'n klein groepie name van dinge wat verwyderbaar is of waarvan ander dinge verwyder (kan) word, bv.

<i>(druive)korrel</i>	<i>oes</i>	<i>roof</i>	<i>skil</i>	
<i>nerf</i>	<i>peul</i>	<i>room</i>	<i>speen</i>	ens.

Ander groepies is kleiner en minder duidelik, bv.

7. name van veral aandoeninge, gewaarwordinge ens. wat hoofsaaklik sin-  
tuiglik waarneembaar is, bv.

<i>glimlag</i>	<i>grynslag</i>	<i>lawaaï</i>	<i>rumoer</i>	
<i>grief</i>	<i>hoop</i>	<i>lug</i>	<i>skaterlag</i>	
<i>grimlag</i>	<i>kwyl</i>	<i>rook</i>	ens.	en

8. (die) 'n atmosferiese groep, bv.

<i>bliksem</i>	<i>dou</i>	<i>mis</i>	ens.
<i>donder</i>	<i>hael</i>	<i>reën</i>	

Alle indeling is nie ewe duidelik of bevredigend nie, en met wat gegee is, is alles ook nog nie ingedeel nie, bv. die volgende :

<i>aas</i>	<i>boer</i>	<i>dokter</i>	<i>jood</i>	<i>nes</i>
<i>adel</i>	<i>bril</i>	<i>flerrie</i>	<i>kanker</i>	<i>pand</i>
<i>baan</i>	<i>buit</i>	<i>gis</i>	<i>klank</i>	<i>pruim</i>
<i>bandiet</i>	<i>dam</i>	<i>glans</i>	<i>kneg</i>	<i>skets</i>
<i>beeld</i>	<i>deel</i>	<i>gorrel</i>	<i>koers</i>	<i>skulp</i>
<i>bel</i>	<i>doel</i>	<i>heks</i>	<i>mun</i>	

Daar kan kleiner groepies mee saamgestel word, en party sou by een van die groepe 1. tot en met 8. ingedeel kan/kon word, maar dit sou die algemene beeld nie beduidend verander nie.

Ook by hierdie groepe, d.w.s. nommers 1 tot en met 8 hierbo, is daar twee interessante gesigspunte in verband met hulle betekenis, naamlik

1. dat, wanneer 'n s.nw. meer as so twee-drie betekenisaspekte het, in hulle ww.-valensies oor die algemeen nie alle aspekte van hulle s.nw.-betekenis betrek is nie, en

2. dat die betekenisomskrywings van die ww.-valensies meesal gegee word met gebruikmaking van die s.nw.

So gee WAT 5 betekenis by die s.nw. *adel* aan, maar net twee by die ww. *adel*,

by <i>anker</i> s.nw. 14, ww. 4,	by <i>beeld</i> s.nw. 10, ww. 2,
by <i>baan</i> s.nw. 19, ww. 2,	by <i>bok</i> s.nw. 25, ww. 1,
by <i>bad</i> s.nw. 10, ww. 2,	by <i>boog</i> s.nw. 14, ww. 1,
by <i>bal</i> s.nw. 5, ww. 1,	by <i>gruis</i> s.nw. 8, ww. 1,
by <i>baster</i> s.nw. 8, ww. 1,	by <i>haar</i> s.nw. 8, ww. 1, ens.

In 9 van hierdie elf gevalle gebruik WAT ook die betrokke s.nw.-korrelate in die definisies van die betekenis van die ww., bv.

*anker* (ww.): „met/aan 'n anker vaslê”,

*bad* (ww.): „die liggaam . . . in 'n bad reinig”,

*beeld* (ww.): „gestalte gee aan 'n stof en dit daardeur in beeld bring”.

Dit bevestig dus, maar op minder subjektiewe wyse, wat De Groot as volg gestel het :

„Over het algemeen zal de taalgebruiker, gevraagd naar de betekenis van een transpositie, geneigd zijn deze te omschrijven met behulp van het andere lid van de tegenstelling, maar niet omgekeerd. B.v. wel: ‚hameren is slaan met een hamer’, gelen is geel worden’, e.d., maar niet omgekeerd: ‚een hamer is iets dat je gebruikt als je hamert’ of iets dergelijks enz.”<sup>3</sup>

3. De Groot, A. W. : *Inleiding tot de algemene taalwetenschap*,<sup>2</sup> 135-136.

Met die voorgaande is die omvang en die sinchrone aard van die meer-funksionaliteit rondom s.nw. en ww. redelik beskrywe.

### *Diachronie*

Diachroon en vergelykend is die feite nogtans ook van waarde, en die feite is enigsins makliker bekombaar. Die diachronie van die meeste gevalle in Nederlands is bekend en in die meeste gevalle het ons te doen met wwe. wat s.nwe. geword het en nie andersom nie. Die Nederlandse wwe. *draaien, draven, drukken* en *happen* is as wwe. ouer as die Nederlandse s.nwe. *draai, draf, druk* en *hap*. Daarteenoor was die s.nwe. *bel, droom, fiets, glimlach* ens. daar vóór die wwe. *bellen, dromen, fietsen* en *glimlachen*. Tog weet ons nie in alle gevalle wat eerste was nie en soms lê die verwantskap op 'n ander vlak. So sê die WNT by byvoorbeeld die volgende nie wat eerste was, die werkwoord of die selfstandige naamwoord nie: *dood, ent, fuif, geloof, gerief, groet, hoon, plant, praal, pronk, prop, tamboer* ens.

In talle ander gevalle sê die WNT òf dat die gevalle verwant is, maar nie van mekaar afgelei is nie, bv. *kloof, krijg, luik, stut* ens., òf dat albei (afsonderlik) afkomstig is van dieselfde woordkorrelaat van die stam, bv. *ent, grijns, hoon, plant, praal, pronk, prop, tamboer* ens.

In ander gevalle is die herkoms van ww. en s.nw. onbekend, bv. *gerief, groet* ens., of is die verhouding tussen s.nw. en ww. onseker, bv. by *sukkel* ens.

Tog is die diachronie van die meeste gevalle in Nederlands wel bekend, en in die meeste gevalle het ons te doen met woorde wat eers wwe. was, en nie andersom nie.

Word nou alleen met die sekere gevalle gewerk en gevra hoeveel van die Afrikaanse soorte en voorbeelde erfgoed of behou-goed uit Nederlands is, is die antwoord taamlik duidelik. Die tipes is almal ook Nederlands, met dié verskil dat in Nederlands meesal 'n (of die) infinitiefvorm op *-(e)n* gebruik word wanneer die aanwending vertaalbaar is met of omstelbaar is tot *om te loop*, bv. *Lopen valt hem nog niet gemakkelijk* teenoor Afrikaans *Loop is vir hom nog nie maklik nie*. Tog net meesal, nie altyd nie, want bv. *Koop is koop* „Kopen is kopen” kom voor 1652 al in Nederlands voor in Breughel se *Burtige Cluchten* (1613).

Ook en veral as die geval nie infinitiefwaarde het nie, is en word dit in Nederlands nie ondikwels nie met *-e(n)*-lose vorm gestel, bv. *'k heb geen zin in die praat* in *Klug van De Gelijke Twélingen* (Amsterdam, 4e druk, 1715, bl. 2).

Ook die gebruik van 'n werkwoord-stam sonder uitgang as s.nw. saam met die onbepaalde lidwoord is gewone Nederlands, bv. *'n draai/draf/druk/hap* ens. 'n Mens kry wel die indruk dat dié gebruik in Afrikaans omvangryker is as in Nederlands, maar daar is nog te min Nederlandse gewens bekombaar om dié indruk aan die feite te toets. 'n Beperte



toets het trouens 'n teenoorgestelde resultaat gelewer. Uit 'n willekeurige monster van 274 voorbeelde wat die WNT aangee as s.nwe. wat van wwe. gevorm is, versprei van *a* tot *tooi*, is 77 (= 26%) gevind wat in Nederlands as s.nwe. voorkom, maar nie in Afrikaans nie, hoewel dié woorde een vir een wel wwe. is in Afrikaans, bv.

*bedenk*: 'n *Komt in gijn bedenk, ik behoef er mij niet op te bedenken* (WNT II<sub>1</sub>, 1158);

*behelp*: *Zijn behelp hebben, het strikt nodige hebben* (Van Dale, 212);

*beschik*: *Bedenkingen . . ., die . . . door mijn beschik in onze moedertaal zullen komen* (WNT II<sub>2</sub>, 1979);

*dommel*: *Zij raakte . . . in dien dommel, waarbij men niet wakker meer is* (WNT III<sub>2</sub>, 2788);

*dompel*: *In Oost-Indië maakt men . . . gebruik van zoogenoemde dompel, dat gemaakt wordt van kalk, fijn gehakt werk* (WNT III<sub>3</sub>, 2796);

*glooi*: *langs de glooi der heuvelen* (Van Dale, 611);

*grabbel*: *iets in de grabbel gooien* (WNT V, 527);

*gruw* (Afrikaans ww. *gru*): *gruw hebben: in angst, in benauwdheid verkeer* (WNT V, 1187);

*hinder*: *Ik had daar geen hinder in* (WNT VI, 754).

Wie meer hierin belang stel, kan verder ook nog die volgende naslaan: *knel, kwansel, peusel, peuter, ril, sluip, slyp, smag, snou, talm* ens.

Die feite wys dus teen die indruk – en 26% is baie. Maar vir wat volledige(r) vergelyking aan die dag sal bring, sal ten minste gewag moet word op die voltooiing van die WNT. Wat so 'n resultaat ook al word, sou dit op sy beste 'n verskil in omvang kon aantoon, nie 'n verskil in aard of soort nie, want ons weet reeds dat alle Afrikaanse tipes ook Nederlands en alle Nederlandse tipes ook Afrikaans is.

Dieselfde geld van die ander, geslotener tipes soos *drome droom* e.d.m. Omdat ons nie meer s.nwe. met Ablaut of Umlaut kan vorm nie, kon Afrikaans nie meer hê of kry van die tipe *drank drink, 'n band bind, 'n skoot skiet, reuke ruik* e.d.m. nie. Wel kan ons meer as Nederlands hê of kry van dieselfde tipe sonder Ab- of Umlaut, bv. *Hy drink sy drink/dink sy dink/loop sy loop/sê sy sê. Hy lag die lag van 'n malmens* ens., maar ook dié tipe is Nederlands, bv. *sy sê sê: Hij zei ook zijnen zeg<sup>4</sup>*. Daar is ook Nederlandses wat nie Afrikaans is nie, bv. *weet in Hij weet z'n weet*, maar ook hier sal volledige vergelyking en 'n finale antwoord moet wag op die voltooiing van die WNT.

As vry volledige ekserpering en gegewens sou toon dat Afrikaans in verband met die oorgang van ww. tot s.nw. inderdaad veel verder gaan as Nederlands, sou dit klaarblyklik saamhang met die feit dat Afrikaans soveel minder, en Nederlands soveel meer morfologie het. (Vergelyk ook bv. § 20 i.v.m. dieselfde punt by komposita.)

4. Waterschoot, A: *De syntaxis van het dialect van Sint-Niklaas*, 92.

Sou die omgekeerde blyk – volgens die proef-ekserpering hierbo – sou ons heelwat van ons opvattinge omtrent die hiper-analitiese van Afrikaans in ernstige hersiening moes neem.

Die feite skyn nie die volgende stelling te steun nie :

„. . . die gebruik van die infinitief (het) in Afrikaans baie *ingekrimp*, veral in sy nominale funksie. Daar was dus buite die werkwoordelike gebruik agteruitgang, soos blyk uit die volgende tipes: *helen is stelen*; *rijden is aangenaam*; *het te behandelen onderwerp*, wat in Afrikaans onderskeidelik word: *die heler is so goed as die steler*; *om te ry is aangenaam* (hoewel die tipe ook in Afrikaans bestaan, soos *werk is gesond*); *die onderwerp wat . . . Afrikaans verkies dus die omskrywing of analise.*”<sup>5</sup>

Feit is

1. dat *helen is stelen* nie in Afrikaans *die heler is so goed as die steler* word nie. *Die heler is so goed as die steler* is gewone Nederlands: *de heler is zo goed als de steler*;

2. die tipe *ry is aangenaam* word in sy duisende in Afrikaans gebruik sonder *om te* daarby, selfs gelaai met lang bepalinge soos in *Heeldag op jou kantoor werk en saans ook nog voorberei vir die volgende dag, maak 'n mens gedaan*. Daar is geen bewys dat dit minder gebruik word as verbindinge met *om te* nie;

3. die gebruik van *te* plus infinitief as attributiewe bepaling tussen lidwoord en s.nw., soos in *het te behandelen onderwerp* is nie algemeen Nederlands soos die ander gebruike nie: Overdiep sê dit kom „vooral in den ambtelijken stijl voor”<sup>6</sup> en volgens De Vooy is dit gedeeltelik ’n Latinisme en gedeeltelik ’n Germanisme.<sup>7</sup>

Op gevalle waarin Afrikaans ’n persoonsafleiding gebruik waar Nederlands die infinitiefvorm het: *Die heler is so goed as die steler* teenoor *helen is stelen*, word hier nie verder ingegaan nie, omdat dit uiters selde voorkom en buitendien nie die openheid of die geslotenheid van die korrelasie tussen werkwoord en s.nw. raak nie.

Wat die s.nw.-groep betref, is die Nederlandse gegewens meesal ook beskikbaar, naamlik in die WNT. ’n Ontleding van 510 Nederlandse s.nwe. wat daar wwe. geword het en wat almal ook Afrikaans is, bring aan die lig dat dié woordsoortelike funksiewisseling (meerfunksionaliteit) in die meeste gevalle binne sekere begripsoortelike groepe plaasgevind het. Daar word op attent gemaak dat hierdie groepe verbale waardes in baie hoë mate ooreenstem met die naamwoordelike waardes wat op bl. 38–40 hiervan aangegee is.

5. Nienaber, G. S.: *Oor Afrikaans*, 78–9.

6. Overdiep, G. S.: *Stilistiese grammatika*, 389.

7. De Vooy, C. G. N.: *Nederlandse spraakkunst*, 141.

Die begripsgroepe is die volgende :

1. Die grootste groep is die waarin die (as ww. gebruikte) s.nw. te kenne gee „behandel met, gebruik maak van, toedien, aanwend ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *boei, borsel, dreg, gespe, glasuur, grendel, hamer, kabel, kalk, katrol, ketting, klamp, kram, kruie, lak* „met lak ver-seël of vassit”, *lap, loog, lym, masker, olie, pantser, ploeg, poeier, pomp, prikkel, ring, roskam, skakel, skoffel, sluier, snoer, sous, spalk* ens.

2. Kleiner, maar eweneens talryk, is die groep waarin die ww. te kenne gee „dat wat deur die s.nw. genoem word, ontstaan of gevorm word, voort-gebring word” ens. (die sogenaamde ornatiewe), bv. *aard, blom, bol, bult, dou, etter, geur, golf, groef, hael, kalf, keep, kiek, kim, klad, klont, knop, koek, kolk, kors, kring, krop, krummel, lam, pêrel, plas, pyp, rank, rimpel, roes, ryp, skilfer* ens.

3. Heelwat kleiner, maar ewe duidelik, is die groep waarin die ww. te kenne gee „maak tot of soos, (be)handel soos, afskei ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *adel, baan, beeld, boer, buit, dam, deel, flerrie, gis, glans, heks, kanker, klank, kneg, munt, pand, skets, skulp, smous* ens.

4. Ook beperkter in getal is die groep waarin die ww. te kenne gee „op-berg, (ver)berg, versorg, plaas of sit in wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *bank, boek, bottel, herberg, huis, kelder, kerker, kis, kuil, kuip, lys, mud, pag, rooster* ens.

5. Heelwat kleiner is die groep waarin die ww. te kenne gee „bejeën met, oordra, bewys, oorbring ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *bood-skap, eer, haat, kapittel, kus, laster, loon, plesier, prys, roem, rou, smaad* ens.

6. In 'n klein groepie benoem die ww. „(die spel) speel of beoefen wat of met wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *biljart, hoepel, kaart, knik-ker, kolf, skaak, skaats, ski, tennis* ens.

7. Klein is ook 'n groepie waarin die ww. te kenne gee „verwyder, weg-neem (van), afhaal wat deur die s.nw. genoem word” (die sg. privatiewe), bv. (*druive*)*korrel, nerf, oes, peul, roof, room, skil, speen* ens.

Ander groepe is kleiner en minder duidelik, bv.

8. dié waarin die ww. te kenne gee „doen, voel, gewaarword, veroorsaak ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *glimlag, grief, grimlag, gryns-lag, hoop, kwyl, lawaai, lug, rook, rumoer, skaterlag* ens.; en

9. dié waarin die ww. te kenne gee „gebruik as, gebruik maak van, (ge)mik (wees) op, gerig wees op, jou hou by ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *aas, bel, bril, doel, fiets, gorrel, koers, nes, pruim* ens.

Dit sluit nie alles in nie, en heelwat hiervan kan ook anders ingedeel word, bv. die atmosferiese groep *bliksem, donder, dou, hael, mis, reën* ens., maar dit tipeer tog wel die meeste gevalle.

Hierteenoor moet nou die sisteem van ons eiegoed gestel word. Voordat dit gedoen kan word, moet egter 'n prinsipiële vraag gestel en beantwoord

word, naamlik: as 'n sekere woord s.nw. en ww. is in Afrikaans, maar nie ook in Nederlands nie, hoe weet ons dan dat dit die s.nw. is wat ww. word, en nie omgekeerd nie? Die antwoord is dat, as dieselfde woord ook Nederlands is en daar net s.nw., ons dit dan as s.nw.-geërfde woord beskou, sê maar *galop, kapok, kniehalter* ens. As s.nw. is hulle en behou ons hulle uit Nederlands. Ons moet alleen verklaar hoe hulle tot wwe. word in Afrikaans. Met soveel erfgoed as wat in die voorafgaande bladsye bespreek is, lê dit voor die hand om aan analogiese uitbreiding te dink. Dan moet dus nagegaan word of die eiegoed ook begripsgroepe vorm en in hoeverre dit ooreenstem met dié van die geërfde groep.

Die 150 voorbeelde van eiegoed laat hulle moeiliker indeel as die 510 geërfdes, maar die volgende is tog duidelik :

(a) Ag van die nege begripsgroepe wat ten opsigte van die erfgoed onderskei is, is ook by die eiegoed aanwesig, naamlik die volgende :

1) Dié waarin die ww. te kenne gee „behandel met, gebruik maak van, toedien, aanwend ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *blousel, das* in *Jy sal moet begin baadjie en das, gasie* in *Daar was 'n tyd toe ons as onderwysers feitlik skamele dagloners was, so het die Departement ons gegasie, ghries, kanon* in *Hulle het die skip gekanon, klip* in *Hulle is nou besig om die spoor te klip „met klip te straat”, lyn, pap, pootjie, rasper, snit* in *Hy het sparre staan en snit by die skroef „snitte aanbring of maak”, tug, veto, voering* ens.

2) Dié waarin die ww. te kenne gee „dat wat deur die s.nw. genoem word, ontstaan of gevorm word”, bv. *drieling* in *Hennie se skimmelooi drieling toe mooi laasweek, geut, kapok, kos, leer, mond, riffel, skrum, skuld* (miskien; kyk ook Boshoff, Bosman ens.), *sop, tender, tonnel, trop, tuit, tweeling, uier, wolk* ens.

3) Dié waarin die ww. te kenne gee „maak tot of soos, (be)handel soos, afskei ens. wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *bandiet* in *Ek sal jou ses maande laat bandiet „tronkstraf kry, hard werk”, beurt, bobbejaan, boikot, boontjie* (WAT I, 490), *B.T.K.* („Bergklim en Toerklub”, dus as ww. „'n reis saam met die B.T.K. onderneem”), *Craven* „Dr. Craven se rugby-metodes op iemand toepas”, *dassie* „in die son bak”, *doring* „vry”: ww., *figuur, flerrie, galop, hooi, hotnot* „nomadies bestaan”, *kam* „kammies of kamermaats wees”, *kampioen* in *Hy kampioen sowaar vandag „word kampioen”, kapater „kastreer”, kat* „soos 'n slegte kat handel”, *koelie* „smous, van huis tot huis probeer handel dryf soos koelies in die ou dae”, *komers, Lategan* „vinnig deur 'n nou gaping glip”, *Markötter* „met liefdevolle hardheid regmaak”, *skêr, skollie, snip, vlaag* ens.

4) Dié waarin die ww. te kenne gee „opberg, (ver)berg, versorg, plaas of sit in wat deur die s.nw. genoem word”, bv. *maal, eiland* „wegstuur, eenkant hou”, *hok, kamp, katel* in *Gaan die meneer hier vannag katel? „slaap”, klomp* „op 'n klomp jaag en bymekaarhou”, *konsistorie* „praat-

jies maak, in 'n groep gesels", *koukus, kraal, mishoop, pakkaas* „saamwoon, saamdrom", *seksie* in *Waar seksie jy?* „in watter seksie werk jy", *sirkus, trok, tronk, wingerd* ens.

5) Dié waarin die ww. benoem „(die spel) speel of beoefen wat of met wat deur die s.nw. genoem word", bv. *klavier, klawer, konsertina, orkes, saksofoon, snoeker* ens. (Hulle kan almal of gedeeltelik ook verkortinge wees van en vir . . . *speel*.)

6) Dié waarin die ww. te kenne gee „verwyder, wegneem (van), afhaal wat deur die s.nw. genoem word", bv. *bas, blaar, haar, kop* „die koppe van mielies afbreek" ens.

7) Dié waarin die ww. te kenne gee „doen, voel, gewaarword, veroorsaak, meedoën aan, deel hê aan ens. wat deur die s.nw. genoem word", bv. *fees, gebaar, glorie, jeremiade, rusie, storie, toets* „toets skrywe", vakansie „vakansie hou" (kan ook 'n verkorting daarvan wees) ens.

8) Dié waarin die ww. te kenne gee „gebruik as, gebruik maak van, (ge-)mik (wees) op, gerig wees op ens. wat deur die s.nw. genoem word", bv. *asgaai* „met die asgaai steek", *karwats, kierie, koekepan, kop* „met die kop stamp", *kruwiwa, lans, lem, sambok, slaai* „pruim", *spies* ens.

(b) Die één groep waarin geen eiegoed gevind is nie, is dié waarin die ww. te kenne gee „bejeën met, oordra, bewys, voel of uitspreek ens. wat deur die s.nw. genoem word". Sou die abstraktheid van die s.nw. hier die betelsel gewees het? In elk geval is net sowat twee persent van alle betrokke s.nwe. wat ook as wwe. optree, abstrakta. As groep is dié soort funksiewisseling dus hoofsaaklik iets van die wêreld van die konkreta.

Daar is hier ook gevalle wat nie duidelik binne een van die begripsgroepe val nie, bv. *duin* „in die duine gaan jag", *ertjie* „'n gaatjie of merk gooi in of op 'n tol wat stillê", *kastrol* „kul, fop" in „*Ek sal jou kastrol as jy met my lol* (miskien uit *jou kastrol skop?*), *klier* „vinnig ry" in *die motor klier, koffie* „gaan" in *huis toe koffie, muis* „aanspoor of paai" in *Jy moet die perd muis*, ens. maar dit geld ook sekere van die erfgoed, bv. *geluk, getuie, kus* „soen" ens., sodat die moeilike groepeerbaarheid niks besonders bewys nie. En verklarings lyk soms wel denkbaar: *duin* „jag" kan kom van letsels in 'n opponent se tol (WAT II, 595) ens.

Hier en daar kan ons by ou geërfde woorde dink aan herkoms uit of invloed van ander tale, bv. *skuld* (volgens Bosman 'n germanisme<sup>8</sup>?), maar die hoofsaak is tog dat Afrikaans geen enkele tipe toegevoeg het tot die groepe wat uit Nederlands geërf of geleen is nie.

Maar wys dit nou nie op 'n besondere, onnederlandse ontwikkeling dat Afrikaans soveel s.nwe. as wwe. gebruik wat Nederlands nie, of altans nie algemeen, as wwe. gebruik nie? Nee, dit volg nie uit die feite nie. Die feite

8. Bosman, D. B.: *Oor die ontstaan van Afrikaans*,<sup>2</sup> 81.

bewys wel eie Afrikaanse taalaktiwiteit, maar Nederlands het ook sý eie taalaktiwiteit rondom die gebruik van die s.nw. as ww. gehad ten opsigte van woorde waarby Afrikaans dit nie het nie. So is byvoorbeeld uit 'n lys van 253 woorde wat die w n t aangee as s.nwe. wat in Nederlands ook as wwe. gebruik word en wat Afrikaans een vir een goed ken, maar dan alleen as s.nwe., 202 nie as wwe. bekend in Afrikaans nie, bv. *argwaan*, *baard*, *baas*, *bog* (Nederlands *bochten*), *bruilof*, *duim*, *esel*, *fabel*, (Nederlands *gasten*), *hals*, *hemel*, *ink*, *juk*, *kermis*, *ketter*, *kroeg*, *lokaas*, *meel*, *oog*, *paal*, *platvoet*, *puts*, *rywiél*, *skaduwee* (Nederlands *schaduwen*), *skottel*, *smet*, *spriet*, *tabak*, *vader* ens.

Ons kan sê Afrikaans het ten opsigte van hierdie punt verarm, mits ons dan duidelik besef dat dit presies die teenoorgestelde bevinding is van wat Hesseling<sup>9</sup> gesê het. Hy sê naamlik onder meer dat, wanneer woorde wat Nederlanders „alleen als nomina gebruiken” in Afrikaans die funksie van wwe. kry, „er wel geen enkele Nederlander (zal) zijn die . . . niet 't gevoel heeft dat hier zeer sterk van zijn moedertaal is afgeweken”. En dan bedoel hy klaarblyklik dat daar op onnederlandse wyse „afgeweken” sou wees. Ons meen dat die feite die teendeel bewys het. Die feite wys ook dat Hesseling dit nou verdien om verder in ere ongenoem te bly.

Met die feite aan Nederlandse kant kan trouens nog verder gegaan word, byvoorbeeld deur daarop te wys dat in Nederlands die kompositumtipe stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, bv. *platvoet*, op groot skaal as ww. gebruik is. Kyk byvoorbeeld in die w n t onder samegestelde woorde met *kort*, *lekker*, *plat* ens. En nie een hiervan kan in Afrikaans gebruik word nie. Afrikaans het hier en daar inderdaad van Nederlands afgewyk, maar in teenoorgestelde rigting van wat Hesseling c.s. gemeen het.

Dieselfde geld *mutatis mutandis* van die tipe stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: ww., waar die s.nw.-korrelaat die naam van 'n liggaamsdeel (soms ook 'n persoonsnaam) noem, bv. *druiloor*, *luister-vink* (*vink* is hier oordragtelik gebruik), *smulpaap* e.d.m. (Vergelyk § 57.)

Ook die tipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: ww. kan genoem word, bv. *kathalzen*, *kraanhalzen*, *schokschouderen*, *schort-neuzen* e.d.m. (Vergelyk § 51.)

Wat Afrikaans van dié drie tipes as werkwoorde het, is, wat die getal betref, negeerbaar. Maar in Nederlands is dit drie getalsterke groepe.

Keer ons dan terug tot onsamegestelde s.nwe. met ww.-korrelate, is dit duidelik wat die fout is wat Hesseling c.s. begaan het. Hoe ongelooflik dit ook al mag klink, is die fout dat hulle nie ingesien het „dat ons hier . . . nie met funksieverandering te doen het nie, maar met (wat Afrikaans betref) vormidentiteit ten gevolge van defleksie”<sup>10</sup>, soos Boshoff dit gestel het.

9. Hesseling, D. C. : *Het Afrikaans*, 97.

10. Boshoff, S. P. E. : *Op cit.*, 290.

Dit is wel so dat die WNT by s.nwe. wat sonder meer ww.-funksies het, dikwels sê: „afgeleid van” of net „van” ’n gegewe s.nw., maar dit is ’n misleidende stelwyse. Nederlands *luister* „’n gebeurtenis luisterryk of met luister vier”, en *melen* „koring maal” bevat nie ’n agtervoegsel *-en* in dieselfde betekenis van die woord agtervoegsel waarin sê maar Nederlands *makelaar* ’n agtervoegsel bevat nie. Die *-en* van die Nederlandse werkwoord is bloot infinitiefuitgang (of meervoudsuitgang, ook by s.nwe.), maar dit is nie dit wat *luister* of *meel* of *smet* tot werkwoord maak nie. Nee, dié woorde word (ook in Nederlands) sonder meer as wwe. gebruik en dan en daarom kan hulle infinitief en persoons- en getalsvorme kry. En in Afrikaans kry hulle nie sulke vorme nie, omdat Afrikaans dit nie meer het nie. Maar daar is geen verskil in die wyse waarop Nederlands sê maar *meel* (s.nw.) as werkwoord gebruik en die wyse waarop Afrikaans sê maar *blousel* of *skêr* ens. as werkwoorde gebruik nie. (En dieselfde geld van die samegestelde wwe.) De Voofs bespreek dieselfde punt as volg:

„Denominatieven. I. Van substantieven. Wanneer men zegt dat die afleiding plaats heeft door middel van het suffix *-en* (*-e* in een groot deel van ons land), dan gaat men uit van de infinitief. Eigenlijk is dat maar ten dele juist, want de vorming van de infinitief behoeft niet vooraf te gaan aan die van andere verbale vormen. ‚Ik *fiets*’, ‚ik heb *gefiets*’, is niet jonger dan de infinitief *fietsen*. Een participium als *wolkend* stof (Potgieter) of *kran-sen* touw (Bogaers) kan gevormd worden zonder dat er een werkwoord *wolken* of *kran-sen* bestaat. Terecht spreekt Wilmanns (II, 79) dus van ‚blosse Verbalisierungen des Stammwortes durch Anhängung der Flexion-sendungen’.”<sup>11</sup>

De Voofs het blykbaar ook geweet dat dié verskynsel uitgebreid is in Nederlands, want hy sê verder: „De betekenis en verhouding tot het grondwoord is zo verscheiden, dat elke indeling . . . onvolledig blijft”.<sup>12</sup> (Dieselfde standpunt omtrent die vorming van denominatiewe is ook te vind in *Nederlands voor de Kweekschool* van Ligtenberg, Van Rossum, Schippers en Siljee, 184–5.)

Dit is goed dat Hesseling aan dié soort funksiewisseling aandag gegee het, maar ten opsigte van die Nederlandse feite en dus ten opsigte van die verhouding van Afrikaans tot Nederlands, het hy tog erg mis getas.

### § 7 B.nwe. en Bywoorde as Korrelate van mekaar

’n Ander paar, behalwe die korrelasie ww. en s.nw., waartussen daar baie vrye wisseling is, is b.nw. en bywoord.

11. De Voofs, C. G. N.: *Op. cit.*, 219.

12. *Ibid.*

Op Nederlandse etimologiese gronde kan ons meesal sê of gegewe woorde, sê maar bv. *hard, los, maklik, naby* ens. eers b.nw. of eers bw. was. So is byvoorbeeld bekend dat die bwe. *achterwaarts, afwaarts, anders, averechts* ens. eers b.nwe. was en dat die b.nwe. *af* en *toe* eers bwe. was. Maar sinchronies beskou, is hulle so goed die een as die ander, met ander woorde korrelate, die een van die ander :

*Die grond is hard / Hulle werk hard*

*Daar is los drade / Hulle speel te los*

*Dis maklike take / Dit stap maklik*

*Dis in die nabye toekoms / Ons woon naby.*

Elke dusdanige woord met attributiewe en predikatiewe funksie kan in predikatiewe vorm ook bywoordelik fungeer, soos in die voorbeelde hier bo, en sommige ook in attributiewe vorm, bv. 'n verskriklike *lang stuk*, 'n taamlike *hoë berg*, 'n yslike *groot slang* ens.

Die omgekeerde is egter nie waar nie: nie elke woord wat bywoord is, is ook b.nw. nie, òf, anders uitgedruk, daar is ook bwe. wat nie b.nwe. is nie, bv. *agter, amper, in, kamma, miskien, net* (bw. van tyd), *nou, oorkant, voor* ens. Hulle kan ook attributief by s.nwe. verskyn, maar dan vorm hulle meesal komposita. (Kyk verder § 43.)

Is daar nou sinchrone grond om die een as primêr in die tyd te beskou? Die antwoord is: blykbaar nie. Maar so 'n kort antwoord verbloem of verberg dan 'n groot inhoud. Daarom iets meer daaroor. 'n Vergelyking van wat tradisioneel as b.nwe. en van wat tradisioneel as bwe. beskou word,<sup>13</sup> het onder meer die volgende aan die lig gebring:

1. Daar is woorde wat tradisioneel b.nwe. genoem word, wat nie bw.-funksies het nie, bv. *Stellenbosse, goue*.

2. Daar is woorde wat tradisioneel bwe. genoem word, wat nie b.nw.-funksies het nie, bv. *gister, oorkant, mos, darem* ens.

3. Daar is woorde wat tradisioneel b.nwe. en bwe. genoem word, bv. *groot, hard, lelik, sleg*, wat in elke opsig dieselfde kenmerke het en dus as één woordsoort beskou kan word, naamlik wat A. S. Theron *Kwaliteitswoorde* genoem het.

So beskou, is daar dus geen meerkunksionaliteit van b.nw. en bw. nie. Anders beskou, sou gesê kon word dat elke b.nw. wat lid is van groep 3., ook bw. is, òf dat elke bw. wat lid is van groep 3. ook b.nw. is en dat daar geen sinchrone grond is om die een as primêr en die ander as sekondêr te beskou nie.

13. Vgl. die M.A.-skripsie van Theron, A. S.: „*Die Bywoord*” in Afrikaans.



## § 8 Ander Woordsoortelike Korrelate van die Byvoeglike Naamwoord

Met die b.nw. en bw. klaar bespreek, beperk ons ons hier tot ander soorte meerfunksionaliteit. Gevalle van selfnoemfunksie en ander oop soorte sal dus nie hier verder bespreek word nie.

### § 8.1 S.nw.-korrelate

Hierby moet tussen verskillende soorte onderskei word.

1. (a) Die tipes 'n/*die dure/lelike/losse/mooie/vaste* e.d.m.

Daar is baie grond vir die beskouing dat ons hier nie te make het met s.nw.-korrelate van b.nwe. in hulle attributiewe vorme nie, maar met substantivering deur afleiding met die agtervoegsel *-e/ə/*. Vergelyk §93. Semanties verskil hulle van

(b) bv. *aanstaande, invalide, mondeling, verloofde* hierin dat, terwyl 'n/*die dure/lelike/losse* ens. meesal enigiets kan beteken wat *duur, lelik, los* ens. is, *aanstaande, invalide, mondeling, verloofde* net beteken „aanstaande huweliksmat”, „invalide persoon”, „mondlinge eksamen” en „verloofde vriend(in)” respektiewelik. En verder is voorbeelde van groep (b) net die verkortings van die tweeledige verbindings. Hulle getal is uiters beperk in Afrikaans.

2. Die tipes *blou, bont, duister, geheel, geheim, gek* ens., sonder substantiverings *-e/ə/* (ook „sterk substantivering” genoem, o.a. deur Posthumus<sup>14</sup>).

Hierby moet weer tussen 'n paar subtypes onderskei word.

(a) Die tipe *Die son skyn oor ryk en arm, oud en jonk* e.d.m., waarin die getallose vorme die waarde het „elkeen of almal/alles wat is soos deur die betrokke woord genoem”. Baie na daaraan is die aanwending in bv.

**Eerlik** het 'n os gekoop en **fatsoenlik** het hom opgeëet.

**As ryp** so smaak, hoe moet **groen** dan nie smaak nie.

**Lekker** is maar 'n vinger lank.

**Tiekie** se **rooi** maak mooi.

**Dom** is swaarder as groot droogte.

Dié is ook selfnoemgevalle, of baie naby daaraan.

(b) Die tipe 'n/*die dwaas/gek/lelik/sleg/sot*, almal ook gebruik saam met *jou* in die betekenis „jy”: *jou dwaas/gek/lelik* ens. (Almal is ook Nederlands en die getal is klein.)

(c) Die tipe *in die duister/geheel/geheim/nat* „nattigheid”/*negatief/*, *nou* „noute”/*openbaar/publiek/ruim* ens.

Hoewel alle tipes en die meeste voorbeelde ook Nederlands is, is daar tog

14. Posthumus, M. J.: *Die vry preadjunk in Afrikaans*, 17.

enkele stukkies eiegoed, byvoorbeeld die volgende voorbeelde wat min of meer selfnoemgevalle is :

*alleen: Waarom is seer so seer en alleen so lank* (Boerneef: *Ghaap en Kambro*, 9);

*bang: Dis daar waar bang doodgegaan het* (D. F. Malherbe: *Hans-die-Skipper*, 26);

*moeg: Hulle het my moeg uitgehaal* (*Die Burger*, 9.8.1951);

*morsig: Hy is 'n ou morsig* „iemand met 'n morsige karakter”;

*siek: Siek is geen verskoning nie*;

*stief: In ons huis het stief nooit 'n rol gespeel nie* (*Die Landstem*, 27.1.1951);

*woes: Hy's 'n regte ou woes* „'n sterk vent”.

*Afdraand* en *opdraand* is lankal gesinjaleer. Boshoff<sup>15</sup> beskou hulle as erfgoed uit Nederlandse dialekte. Die ander gevalle hieronder is òf individuele òf streektaal. Hulle bewys dus wel, saam met die bostaande, 'n mate van taalaktiwiteit rondom die aanwending van die b.nw. as s.nw., maar 'n beperkter aktiwiteit :

*geleë: Wag op/soek vir/kom met 'n geleë* „geleentheid”, miskien uit 'n geleë kans;

*hoog: duskant Garies se hoog* (opgeteken in Calvinia);

**Opm.:** Dit gebeur meermale in die Afrikaanse streektaal, veral van die Noordweste, dat 'n s.nw. sonder meer as die korrelaat van 'n b.nw. gebruik word waar die algemene taal 'n afleiding op *-heid* of *-te* gebruik. Vergelyk daarvoor *mistig* „mistigheid”, *moeg* in *vaal van die moeg* „moegheid”, *onsuiwer* in *Maar later het daar onsuier in gekom en toe was ek maar verplig en smyt die vel weg* (D. Mostert: *Petaljes van Oom Bart*, 17), *siek* in *Die hoenders het die nuwesiek* (vgl. ook *brandsiek*), en *nugter* in *nugter weet* „niemand weet nie”. Dit is volkome algemeen, maar nie Nederlands nie. Wat dié *nugter* is, is nie duidelik nie. Die gelykheid daarvan met *joos weet, die duiwel weet* e.d.m. laat dink dat dit miskien 'n verkorting is vir iets soos *die nugtere* wat dan moontlik in Nederlands 'n bynaam was vir die duiwel.<sup>16</sup>

*ou: Wie is dié ou? Wat wil die ou hê? Ou kan aansluit by die arme ou man/vent*, dus ook by die tipe *aanstaande, verloofde*.

Die teensy van ons eiegoed is dat Nederlands ook hier meerkonkuraliteit het wat Afrikaans nie het nie :

*achtkant: Het plein had den vorm van een achtkant* (WNT I, 761);

*dik: het dik van het been* (WNT III<sub>2</sub>, 2614), „die vlesigste deel van die been, t.w. die kuit”;

*droef: de droef van wijn* (WNT III<sub>2</sub>, 3388), „die onsuier elemente wat in wyn oorbly”;

15. Boshoff, S. P. E.: *Op. cit.*, 165-6.

16. Malherbe, D. F.: *Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme*, 274.

*geil*: En alzo den geil, doorn, helm en andere ruigte dagelijks bedrooft werden . . . (WNT IV, 908); gewestelike benaming vir die kruipwilg, waarskynlik so genoem as gevolg van sy geilheid van groei;  
*schoon*: Wij genieten het schoon der natuur (WNT XIV, 825) ens.

Die voorbeelde is doelbewus gekies van die begin tot teen die end van die alfabet om aan te dui dat Nederlands talle eiegoed op hierdie terrein het wat nie Afrikaans is nie. Wat die volle omvang hiervan in Afrikaans en Nederlands ook al blyk te wees, lyk dit asof daar nie veel gebeur het rondom sekere soorte b.nwe. met s.nw.-korrelate nie. Dit geld in belangrike mate ook van die volgende.

### § 8.2 Die b.nw. met ww.-korrelate

Afrikaans het 'n stuk of veertig woorde wat b.nw. en ww. is, bv.

<i>bekwaam</i>	<i>hard</i>	<i>kuis</i>	<i>nuttig</i>
<i>besig</i>	<i>heel</i>	<i>los</i>	<i>regverdig</i>
<i>billik</i>	<i>heg</i>	<i>magtig</i>	<i>ruim</i>
<i>droog</i>	<i>heilig</i>	<i>matig</i>	<i>wit</i>
<i>gehoorsaam</i>	<i>kort</i>	<i>nader</i>	ens.

Hulle kategoriale semantiese waarde is ongeveer „maak, vertoon, word of wees soos deur die byvoeglike naamwoord genoem”.

Die meeste nuwes is streektaal of individuele taal, of in elk geval (nog) nie algemeen in gebruik nie, bv.

*bang*: *Kaspaas bang niemand nie*;

*brak*: *grond brak* (of is dit 'n verkorting van *braak* „breek”?);

*nuut*: *Die huis is genuut* „versien” (verwarring met *vernuwe*?);

*siek*: *Mens dood en siek nie sommer hier nie* (invloed van *dood* wat b.nw., s.nw. en ww. is);

*vies*: *Byna vies ek my vir hom* (klaarblyklik gebruik as variant naas *jou vererg* en *vererg wees*);

*vuil*: *Die rook vuil teen die wit skoorsteen* (invloed van *wit* wat b.nw. en ww. is: *wit* (*vaal*) *vertoon*);

*wasig*: . . . dit wasig . . . (A. H. Jonker: *Maskers*, 43; vergelyk aantekeninge by *vuil* en *wit*).

'n Eerste vraag hier is of dit nie wwe. is met b.nw.-korrelate nie?

By die nuwes is die verskil in gebruiksfrekwensie al 'n aanduiding dat hulle sinchronies gerealiseer word as woorde met b.nw.-funksies as sekondêre funksies. Ten tweede is hulle morfologiese en sintaktiese valensies baie beperk, want o.a. *gebang\**, *genuut\**, *gesiek\**, *gevuil\** en *gewasig\** is nie gevind nie.

By die ander, die algemene groep, is daar onder meer dié verskil dat die afleiding op *-erig/-rig*, korreleer met die betekenis van b.nwe. en nie

met dié van wwe. nie: *bekwamerig* beteken „effens of enigszins bekwaam” (nie „geneig tot bekwaam” nie), *besigrig* „effens besig” (nie „geneig tot besig” nie), *billikrig* „effens billik” (nie „geneig tot billik” nie) ens. (As die stam by *-rig/-erig* ’n werkwoord is, is die betekenis altyd „geneig tot doen soos deur die werkwoord genoem”. Vergelyk § 100.)

Die nuwe aanwendinge is geneties meesal deursigtig genoeg en ongeveer binne die semantiese sisteem van die algemene groep („nuut maak”, „siek word” ens.), maar bewys net beperkte produktiwiteit.

#### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Vergelykend en diachronies beskou, val hier nogtans ’n omvangryke inkrimping in Afrikaans te konstateer. Nederlands het naamlik in die sewentiende eeu talle onsamegestelde woorde gehad, en het dit gedeeltelik nog,<sup>17</sup> wat sonder meer as b.nwe. en as wwe. gebruik is, maar wat Afrikaans net as b.nw. ken, nie ook as wwe. nie, bv.

<i>dichten</i> „dig maak”	<i>schonen</i> „skoon maak”
<i>diepen</i> „diep(er) maak”	<i>schralen</i> „skraal word”
<i>engen</i> „vereng”	<i>schuinen</i> „skuins maak”
<i>flauwen</i> „verflou”	<i>slappen</i> „slap word”
<i>gladden</i> „glad maak”	<i>stevigen</i> „stewig maak”
<i>goren</i> „goor word”	<i>stompen</i> „stomp word”
<i>helderen</i> „verhelder / ophelder”	<i>veiligen</i> „veilig maak”
<i>killen</i> „kil word”	ens.

In verbale verband kry ons dié woorde in Afrikaans alleen in samestelling, in woordgroepe met werkwoorde en/of afgelei met formantia, dus bv. *dig maak*, *opdiep*, *vereng*, *verflou*, *glad maak*, *goor word*, *verhelder / ophelder*, *kil word* ens.

Dat dié Nederlandse b.nwe. in verbale funksie *-en* bykry, bv. *lauwen*, *schralen*, *slappen*, *stevigen* ens. het niks met die woordsoortelike oorgang as sodanig te maak nie: die *-en* is die infinitief-uitgang, en dié uitgang word nie aan dié woorde geheg om hulle tot werkwoorde te maak nie, maar as hulle as werkwoorde gebruik word. Die stelwyse van die WNT is misleidend, byvoorbeeld by *helderen*: „van *helder*” (WNT VI, 508). *Helderen* is bloot die infinitiefvorm. Daar is geen bewys dat Vondel eers die werkwoord *helder* of ’n infinitief *helderen* moes gehad het voordat hy kon skryf *Mijn gezicht . . . Door Jezus aenzicht dus geheldert* nie.<sup>18</sup>

Nee, dit is volkome duidelik dat die oorgang van b.nw. tot ww. in Afrikaans ’n geslotener groep geword het as wat dit in Nederlands was. ’n

17. Schultink, H.: *De morfologische valentie van het ongelede adjectief in modern Nederlands*, 231 vlg. en 238.

18. Vergelyk ook S. P. E. Boshoff: *Op. cit.*, 290, oor ander Afrikaanse gevalle van „vormidentiteit ten gevolge van defleksie”.

Ander vraag is in hoeverre die Nederlands ooit omgangstaal was en dus oorgedra kon word. Want Schultink<sup>19</sup> sê in verband met *blinden, diepen, donkeren* ens. :

„In deze eerste reeks is voor ons als taalgebruiker de *ver*-loze vorm ongewoner, gekunstelder dan de vorm met *ver*-. Uit de materiaalbeschrijving is af te lezen dat we deze *ver*-loze formaties in een aantal gevallen alleen in literaire bronnen hebben aangetroffen, dat andere door de handwoordenboeken ‚weinig gebruikelijk’ of ‚literair’ worden genoemd en dat nog weer andere daarnaast of uitsluitend door bepaalde sociale groepen taalgebruikers in bepaalde syntactische verbanden als technische term worden gebezigd. In deze reeks worden kortom de *ver*-loze verba behalve door het feit dat hun betekenis – anders dan die van de *ver*-formaties – niet uitsluitend ‚mutatief’ is maar ook een toestand kan aanduiden, bovendien gekenmerkt door een met ongewoonheid gepaard gaand ‚literair-archaisch en/of technisch’ betekenismoment dat de *ver*-formaties missen.”<sup>19</sup>

(Vergelyk ook die Nederlandse oorgang van samegestelde selfstandige naamwoord : werkwoord; § 51 en § 57 hiervan.)

## § 9 Die Bywoord en sy Korrelate

### § 9.1 Die bw. met b.nw.-korrelaat

Daar is geen sinchrone regverdiging om te praat van bwe. met b.nw.-korrelate nie, en die geval word net genoteer vir nadere studie. Moontlike materiaal daarvoor sou byvoorbeeld wees: *laat* „op of van ’n gevorderde tydstip”, *na* in *na familie van mekaar wees, naby, oop, regaf, ver, veraf* ens.

Daar is geen tekens van produktiwiteit van so ’n moontlike tipe oorgang nie en blykbaar word dergelike verskuiwings van geval tot geval voltrek.

Le Roux het hiervan onder meer geskrywe :

„Oorspronklike Adverbia wat dikwels deur middel van die s.g. Koppelww. met Substantiewe verbind word, kan ook as attributiewe Adje. aangewend word. Vgl. : *’n af been, ’n toe deur, oop oë, ’n reguit* karakter, ens. In die Ndl. literatuurtaal van die sewentiende eeu kom dergelike konstruksies ook dikwels voor en teen die end van die negentiende eeu het hulle opnuut in die mode gekom, maar in die Ndl. omgangstaal is hulle gebruik nog uiters beperk.”<sup>20</sup> Sedertdien het meer dele van die WNT en Gerlach Royen<sup>21</sup> met voorbeelde aangetoon dat die oorgang van bywoord tot b.nw. in Nederlands geensins ’n afgelope proses is nie.

19. Schultink, H. : *Op. cit.*, 238.

20. Le Roux, J. J. : *Oor die Afrikaanse sintaksis*, 181–2.

21. Royen, Gerlach : *Buigingsverschijselen in het Nederlands*, III 2de stuk.

## § 9.2 Die bw. met s.nw.- en ww.-korrelate

Dié oorgang kom hoofsaaklik in selfnoemfunksie voor, of in wat daarmee in noue verband staan, bv.

(a) *Amper is nog nie stamper nie. Dikwels is te vaag. Miskien het sy . . . gesien;*

(b) *Ek laat nie vir my mos nie hoor „mos' sê”. Wat toe jy so baie „toe' sê”.*

Dit is 'n ongebonde stelsel. Ander verskuiwinge kom net sporadies voor en vorm nog geen sisteem nie, bv. *saampies*. *Saam(pies)* word by tafelgedede aan huis soms as werkwoord gebruik vir „bid” of „dank”, in bv. *Kom ons saam(pies)* as 'n soort kindertaal vir *handjies saam(pies)* – 'n teken of gebaar by die bid. Vergelyk daarvoor ook *ogies* in *Kom ons ogies* „hou ogies toe, bid of dank”.

In Nederlands is die posisie in hoofsaak soos in Afrikaans, bv.

*Langzaam gaat zeker.*

*Alle waarom heeft zijn daarom.*

*Haast („byna”) is niet half.*

*Zo gaat het morgen in het gister.*

*Van hot noch haar weten.*

*In de dagen van olim (olim is 'n Latynse bw. „vroëer”).*

ens.

(Kyk Overdiep<sup>22</sup>, Werda<sup>23</sup> en Stoett<sup>24</sup>.)

Net as werkwoord kon ons die bywoord in Nederlands nog nie vind nie.

## § 10 Die Korrelate van die Selfstandige Naamwoord

### § 10.1 Die s.nw. en sy b.nw.-korrelate

Die skrywery hieroor in verband met die ontstaan van Afrikaans het soseer om die woordjies *dors*, *honger*, *lus*, *spyt*, *vaak* ens. gedraai dat die indruk gewek is dat Afrikaans nie veel of veel anders daarvan het nie. Die teendeel is waar: ons gaan werk hier met 'n stuk of veertig voorbeelde, bv. *bak*, *bog*, *fout*, *karmosyn*, *pap*, *peper*, *skelm*, *vrede* ens.

Nou is dit so dat in dié geskifte gekonsentreer is op verskille tussen Afrikaans en Nederlands, en op Nederlandse gebruike wat nie in Afrikaans voorkom nie, maar wat wel van dieselfde soort is, maar ook dan is daardie lysies baie onvolledig.

Voorbeelde van samegestelde s.nwe. daargelate omdat dit elders behandel word (§ 40 – § 60) het ons die volgende in Afrikaans:

A. *Kleurname*, veral deur dames gebruik in verband met die kleure van materiale, bv. *appelkoos*, *kapok*, *marmer*, *peper*, *roos*, *salm* ens.

22. Overdiep, G. S.: *Op. cit.*, 171 vlg. en 372 vlg.

23. Werda, C.: *Nederlandsch spreekwoordenboek*.

24. Stoett, F. A.: *Nederlandsche spreekwoorden en gezegden*.

Vanweë die semantiese verskille tussen die groepe voorbeelde, sal by elke groep aangetoon word waarom hulle as transposisies of as korrelate van die s.nw. beskou word, en nie andersom nie.

*Appelkoos, kapok, marmer* ens. as b.nwe. het elkeen net 'n aspek van die betekenis van die korrelate s.nwe., naamlik die kleuraspek, en *-erig/-ig*-afleidinge van dié morfeme is, volgens hulle betekenis, ook gevorm op basis van die s.nwe., wat dus primêr moet wees: *appelkoserig, kapokkerig* ens. beteken „(effens) soos ('n) appelkoos/marmer” ens., en nie in eerste instansie (soos afgeleide b.nwe. met ongelede b.nw.-korrelate) „effens appelkooskleurig/marmerkleurig” ens. nie.

Miskien is dié b.nwe. verkortinge van komposita met *-kleur(ig)*, miskien is en word hulle gevorm na die model van Engels. In elk geval gebruik Afrikaans reeds 'n hele reeks hiervan, sy dit meesal in verband met die kleure van vroueklere en binnenshuise versiering.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Diachronies blyk nêrens 'n verband met Nederlandse stofnaam-adjektiewe nie. Intendeel, hierby het die taalproses juis in die teenoorgestelde rigting gegaan. By stofname van metale, hout en dergelike meer het daar vroeg reeds in Nederlands verwarring ontstaan ten opsigte van verbindings- van stofnaam-adjektiewe op *-e(n)*.<sup>25</sup> Dié verwarring het ons geërf, maar ons (onbewuste?) interpretasie was dat ons met die s.nwe. te make gehad het, sodat bv. *beukehout, eikehout, houthuis, ystertafel* vir ons bestaan het uit die s.nw. net soos *albaste, erde, glase* en *albastefles, erdepot, glasekas*. Alleen in enkele gevalle het ons in so 'n eerste komponent op *-e* 'n adjektief erken, bv. *goue horlosie, houte sleutel (Houte sleutel, waterslot, die haas daardeur en die hond kapot)*. Die *-e* het by ons al hoe meer verdwyn of bewaar gebly as verbindingsklank tussen dele van komposita. Maar in Nederlands het dit tog nog in baie woorde bewaar gebly as byvoeglike formans, bv. *hout(e)(n), katoen(e)(n), marmer(e)(n), ivoor(e)(n)* en dergelike meer.

Wel lyk dit asof ons miskien in verband met materiale en kleure enkele gevalle uit Nederlands behou of (later) oorgeneem het, soos *kapok, marmer, roos* e.d.m.

**B.** Afrikaans het ook 'n klein reeksie woorde wat met *hê* en *wees* verbind word en dus in een verband s.nwe. en in ander verband b.nwe. is, of so genoem word, bv. *abuis* (meesal b.nw.), *dors, fout, honger, jammer, vrede* in *Ek het/is vrede daarmee* (streektaal). Almal benoem liggaamlike en geestelike (?) gewaarwordinge.

Die groep is volkome onproduktief, en skrywer hiervan kon, in alle eerlikheid, geen sinchroniese norm vind om hulle te groepeer as b.nw.-korrelate van s.nwe. nie.

25. Vgl. M. J. Posthumus: *Op. cit.*, 79 vlg.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Die betrokke woorde is almal ook Nederlands, maar daar is verskille in woordsoortelike funksie :

*Abuis*: Dit is 'n saak van opvatting of Afrikaans en Nederlands hier werklik verskil. Die s.nwe. in *per abuis* en *abuis hê/maak*, is dieselfde, in Afrikaans *dit is abuis* ( W A T : b.nw.) in Nederlands *iets abuis hebben* ( W N T : „mis, verkeerd”).

*Dors, honger, lus, spyt* en *vaak* is in Nederlands net s.nwe., in Afrikaans ook b.nwe. Hesseling het hier niks op die geval af probeer verklaar nie. Vir hom was bv. *dors wees, kortasem* (b.nw.), *druipstert, houtpop* (bw.), *soutsak (sit), sing-sing* almal voorbeelde van die kreoolse deureenhaspeling van woordsoorte. (Vergelyk vir die komposita in die lys § 57 en § 67.) Bosman sê van die *dors*-groep o.a. :

„Vir my gevoel het ons hier nie te doen met onderwerp, gesegde en voorwerp nie, maar is *hongerwees, skaamkry, papvoel*, saamgestelde werkwoorde. Om te praat van die oorgang van selfstandige tot byvoeglike naamwoorde kenskets die verskynsels nie. So 'n oorgang is ook geen seldsaamheid in Europese tale nie. Vergelyk Wilmanns, *Deutsche Grammatik*, 2de uitgawe, 11, p. 510, waar o.a. genoem word Duits *Ernst* en *Zorn*, Frans *chagrin* en *colère*. In één aflewering van die Ndl. Wdb. het ek die volgende Hollandse voorbeelde aangeteken: *schaar* (steil), *schade* (vgl. *jammer* en Duits *Schade*), *schalk* (vgl. Afr. *skelm*), *schamper* (?) en *schande*.

Naas *ek is honger* is in Afrikaans net so gebruiklik *ek het honger, ek kry honger, ek voel honger. Ek is skaam, ek kry skaam, ek voel skaam*, is volkome gelykwaardige uitdrukkinge. As in die eerste geval (na *is*) *honger* en *skaam* adjektiewe is en in die ander gevalle selfstandige naamwoorde, dan was die Afrikaanse taalgees 'n psigologiese onmoontlikheid. Wat is in die twee sinne *ek het honger* en *ek is siek* die logiese en psigologiese verskil tussen *het* en *is*, *honger* en *siek*? Dat ons hier te doen het met suiwer verbale begrippe blyk vir my daaruit dat die reeks Afrikaanse uitdrukkinge wat hier in aanmerking kom, beantwoord aan 'n verbale rubriek wat in alle Indogermaanse tale voorkom. *Ek is honger, dors, skaam, jammer, lus, vaak* ens. beantwoord aan *mij hongert, mij dorst, pudet me, poenitet me, het lust mij, mich schläfert* ens.

Vir die Hollandse taalgevoel kan hierdie konstruksie ook nie al te vreemd wees nie. In Hollands staan immers ook sporadies *ik heb koud* naas *ik ben koud* (Ndl. Wdbk., vi 191), *hij heeft schuld* naas *hij is schuld, hij heeft nodig* naas *hij is nodig* (alleen Gronings?). En hier sal tog seker niemand 'n kreolisme vermoed nie.<sup>26</sup>

26. Bosman, D. B. : *Op. cit.*, 83-84.



En verder sê Bosman:

„M.i. kan die grammatikus die genoemde konstruksies die beste verklaar deur aan te neem dat in *honger hebben*, *warm krijgen* en *koud zijn* – *hebben*, *krijgen* en *zijn* blote gelykwaardige kopulas is, net soos in Gronings by *nodig hebben* en *nodig zijn*, of nog beter dat *hongerhebben*, *warmkrijgen* en *koudzijn* werkwoorde is soos Lat. *calere*, *frigere*. Wat gaan hy anders doen met sulke uitdrukkinge in Hollands as *hij is kachel*, *hij is kanon*? Ek glo dit is moontlik om van hierdie Hollandse konstruksies ’n historiese verklaring te gee. Volgens die Ndl. Wdbk. is *hij is als een kartouw*, d.w.s. „hy is stomdronk”, ellipties vir *zo vol (geladen) als een kartouw*. Die verdere oorgange *hij is een kartouw*, *hij is kartouw* (vgl. *hij is een soldaat*, *hij is soldaat*) lyk my denkbaar. En dan kan *hij is kachel*, *hij is kanon* as parallelle ontwikkelinge beskou word. As *dronken* nou in die sin: *hij is dronken* ’n adjektief is, wat is *kachel* en *kanon* in die sinne *hij is kachel*, *hij is kanon*? En vir die Hollandse taalgoel is dit tog seker gemakliker om aan te neem dat *dronkenzijn*, *kachelzijn*, *kanonzijn* werkwoorde is, as om te sê dat *kachel* en *kanon* byvoeglik gebruikte selfstandige naamwoorde is. So moet Holl. *foutzijn*, Afr. *regwees*, Eng. *to be right* ens. naas *goedzijn*, *gelykhebben*, *rechthebben* ens. ook verklaar word.

Ons het dus in al hierdie gevalle m.i. te doen met verbleking van die betekenis van *hebben* tot iets so kleurloos dat dit as blote kopula kan dien, en hierdie betekenisverandering kan in Hollands waargeneem word. In *ik heb ’n boerderij* het ons die woord nog in die betekenis van *bezitten*; in *ik heb geld* sal sommige miskien al ’n oorgang voel, en daaronder verstaan so iets as *ik ben rijk*; in *ik heb honger* is van die oorspronklike betekenis van *bezitten* niks meer oor nie, en so kom *ik heb warm* te staan naas *ik ben warm* in ’n sekere rubriek van uitdrukkinge waarin *hebben* nooit die oorspronklike, konkrete betekenis van *bezitten* kon gehad het nie. In hierdie rubriek vind dan in Afrikaans verder uitbreiding plaas, sodat vandag in byna alle soortgelyke gevalle *is* naas *het* kan gebruik word. So beskou, moet hierdie -isme ook vir die Hollander baie van sy vreemdigheid verloor, en *hoef* daar geen kreolisme in gesien te word nie.”<sup>27</sup>

Met sy verwysing na die gebruik van *hebben*, *krijgen* en *zijn* het Bosman moontlik die naaste aan die waarheid gekom. Hy kon gerus *voel* daaraan toegevoeg het, en miskien ook *raak* en *word*. Die verskil tussen *dors/honger/lus* + *wees/hê/kry/voel* is net so gering as dié tussen bv. *warm/koud/lekker* + *wees/kry/voel*. Sulke byvoeglike naamwoorde kon dus die groep *dors*, *honger* ens. tot hulle aangetrek het.

27. Ibid., 84–85.

Die geval *jammer* sit anders inmekaar. Hesseling sê daarby, en by *dors*, *honger*, *kortasem*, *druipstert* ens.: „Er zal wel geen enkele Nederlander zijn, welk dialekt hij ook naast de algemene taal moge kennen, die bij 't horen van deze uitdrukkingen niet 't gevoel heeft dat hier *zeer sterk* van zijn moedertaal is afgeweken.”<sup>28</sup> Hoe sterk wyk Afrikaans hierin van Nederlands af?

Ons ken en gebruik *jammer*

- (a) as s.nw., net soos Nederlands in bv. *jammer en ellende, dit is 'n groot jammer* ens.,  
 (b) as tussenwerpsel in *Jammer! Dis te laat*, en  
 (c) as b.nw. in *iets jammer vind, dit sou jammer wees, hoe jammer is dit . . .* ens.

Die sterk afwyking geld dus net die gebruik saam met 'n persoonlike voornaamwoord plus *wees*, want die funksies is almal Nederlands (WNT VII, 166 vlg.), en dié geringe afwyking het niks van Nederlands verdring nie. As dit kreolisering is, dan is kreolisering vlak (nie sterk nie) en verrykend. Want al wat nou met *jammer* gebeur het, is dat 'n Nederlandse b.nw. in Afrikaans binne die sisteem gebring word van die meeste ander b.nwe.: hulle is met *wees* verbindbaar met die voornaamwoorde.

Dat daar iets met die groep *dors*, *honger*, *lus* ens. gebeur het, is duidelik. Die besondere daarvan is nie dat hulle tot b.nwe. geword het nie – dit het met ander woorde in Nederlands ook gebeur – maar dat juis dié groepe geraak is wat sulke primêre en universele gewaarwordinge en behoeftes benoem. Dan moet daarop gewys word dat dié groepe van oudsher en vandag nog in die meeste Indogermaanse tale op 'n besondere wyse gehanteer is en/of gehanteer word. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

### Duits

*es jammert mich*  
*es dürstet mich*  
*es hungert mich*  
*es schmerzt mich*

### Sewentiende-eeuse Nederlands

*mij jammert*  
*mij dorst*  
*mij hongert*  
*het smart mij*  
*mij lust*  
*het verdriet mij*

### Latyn

(*me*) *poenitet* „dit berou my”  
 (*me*) *pudet* „ek skaam my”  
*iuvat* „dit lus my, ek het lus”  
*decet* „dit betaam my”

28. Hesseling, D. C.: *Op. cit.*, 97. (Kursivering van my.)

Ruimte ontbreek om hier volledig op dié punt in te gaan, maar feit is dat daar van vroeg af in allerlei Indogermaanse tale allerlei verskuiwinge plaasvind rondom die genoemde begripsgroepe. Vergelyk ook byvoorbeeld sewentiende-eeuse Frans: *Il vous ennuyait d'être maître chez vous* teenoor die persoonlike: *Ça vous ennuyait . . .* As Maleis en/of Maleis-Portugees dan die ingrypende invloed op Nederlands aan die Kaap gehad het wat Hesseling wou, sou die *dors/honger/lus*-groep moes of kon gelykgemaak geword het aan die stelwyse van ander primêre en alledaagse gewaarwordinge, soos *behoefte, nood* ens. Al wat nou gebeur het, is dat deur die verbinding met *wees* dié groepie nog maar steeds uitsonderlik gehou is soos in Indogermaans.

Wat dit betref, kan ook daaraan herinner word dat die werkwoorde (*om te*) *hê* en (*om te*) *wees*, ook van oudsher a-tematies is, ook nie gelykgemaak is aan die res van ons werkwoordstelsel nie: teenoor by. *koop, het gekoop, om te koop* ens., het ons nog steeds *is, was, om te wees, en het, (het) gehad* en *om te hê*.

Dit sou vreemd gewees het as Maleis (of Maleis-Portugees) geen invloed op Kaaps-Hollands gehad het nie. Maar oorweginge soos die bostaande dwing ons tot die gevolgtrekking dat daardie invloed dan oppervlakkig moes gewees het, anders sou Afrikaans nie, ook ten opsigte van dergelike klein en kwetsbare puntjies, so getrou sy Indogermaanse vorm kon behou het nie.

In 'n paar ander gevalle is die besonderhede verskillend:

*klaar* is net 'n skynvoorbeeld van funksiewisseling: *Ek/Die kos/Die klere is klaar* is normale Afrikaans en Nederlands. *Ek het nog nie klaar nie* is nie algemene Afrikaans nie en is 'n kontaminasie van *Ek is nog nie klaar nie* en *Ek het nog nie (die werk) klaar nie*;

*vrede* in *Hy is heeltemal vrede daarmee* („tevrede”) kom met metanalise uit *tevrede*. Vergelyk daarvoor ook *tevergeefs* en *vergeefs*;

*verkoue wees/hê*: *Verkoue wees* is uit Nederlands behou. Die *hê* is waarskynlik hierby betrek uit verbindings met die name van ander ongesteldhede soos *koors/masels/pampoentjies* ens. + *hê*.

Tog kan 'n mens jou met dié geval misreken. Miskien is dit geërf, want De Vries gee ook altwee vorme vir Gronings aan, hoewel saam met vrkolns „verkoudheid”. Hy sê naamlik dat „vrkolns wezen ‚verkoud wezen’ . . . denkelijk vermenging (is) van by. Ik heb(‘e) vrkolns en Ik ben vrkoln”<sup>29</sup>.

C. Daar is 'n derde groep s.nwe. met b.nw.-korrelate, naamlik dié wat met *wees (is/was)* verbind kan word en dan, in 'n gewese betekenis, ewe

29. De Vries, W.: *Iets over woordvorming*, 147. (Tipografie van De Vries.)

goed as selfstandige naamwoorde en/of as byvoeglike naamwoorde op gevat kan word, bv.

<i>ambraal</i>	<i>konfyt</i>	<i>pekel</i>	<i>suur</i>
<i>bog</i>	<i>kurk</i>	<i>peper</i>	<i>taan</i>
<i>deurslag</i>	<i>lasarus</i>	<i>politiek</i>	<i>toiings</i>
<i>gal</i>	<i>luis</i>	<i>puik</i>	ens.
<i>flenters</i>	<i>patats</i>	<i>snuif</i>	
<i>kaiing(s)</i>	<i>pap</i>	<i>sout</i>	

Is die b.nwe. hier die sekondêre korrelate? Synchronies lyk dit in die meeste gevalle so, omdat die s.nwe. aan minimale gebruiksvoorwaardes gebonde is, of, anders uitgedruk, elkeen in eie subkategoriale soort volkome s.nw. is, terwyl die meeste korrelate b.nwe. baie gebonde is, byvoorbeeld meesal sonder trappe van vergelyking.

Daarby kom nog dat die meeste nie, soos ander b.nwe., afleibaar is met *-heid* nie, en dat afleidinge met *-rig/-erig* semanties die nouste verband hou met die s.nwe. (nie met die b.nwe. nie), bv. *gallerig* „effens soos gal”, *kaiing(s)rig* „(effens) soos (n) kaiing(s)”, *kurkerig* „soos kurk” ens.

**Opm.:** *Sout* en *suur* is volledig s.nw. en volledig b.nw. Vergelyk 'n/die *sout/suur*, *dik sout/suur*, *soute/sure*, *souterig/suurderig* (*surerig*): „soos en effens sout/suur” ens.

Semanties is daar dié ooreenkoms tussen die lede van dié groep dat hulle almal 'n komparatiewe element bevat. Hulle kan dus meesal as metaforiese adjektivering beskou word: *ambraal wees* in die betekenis „siek(erig) wees” is gelyk aan *soos ambraal wees*, net sonder 'n vergelykingspartikel. Verskeie samegestelde b.nwe. wat in ander verband ook s.nwe. is, behels dieselfde verskynsel. Vergelyk bv. *fynlaken*, *fynporselein* „soos fyn laken” ens., *hoendervel/vleis* „soos hoendervel” ens.

Dan het ons ten opsigte van die komparatiewe element hierin wesenlik dieselfde verskynsel as by sekere samegestelde adverbialia (bv. *doekvoet*, *knipmes*, *soutsak*) wat dan metaforiese adverbialisering genoem kan word.

Vryelik produktief is die tipe nie. Blykbaar word die adjektiewiese realisering voorafgegaan deur 'n periode van bewustheid van die metafoor.

#### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

*Ambraal* is (a) „iemand wat siek(erig) is”, (b) „die persoon (kind) wat die rol van die sieke speel in die speletjie „Ambraal, ambraal, hoe gaan dit nog met jou” ” en (c) die b.nw. met die betekenis van „siek”.

Boshoff het daarby gesê „oorsprong onbekend”<sup>30</sup>. Die woord kom in Afrikaans uit die Nederlandse kinderspeletjie „Admiraal is dood”, wat J. Ter Gouw<sup>31</sup> as volg verduidelik: Een kind uit ’n groep is admiraal. Hy/sy lê reguit op ’n bank, àl die ander behalwe één staan elkeen op ’n „stoep”; die één, met ’n stuk papier aan die pet, doen die rondte; hy gaan eers na die admiraal en vra op sleeptoon: „Admiraal, admiraal, hoe vaart uwee?”, en dié antwoord „Krank”. Dit (gaan) sê die één dan aan almal. Hy kom terug na die admiraal en kry telkens slegter nuus, totdat die admiraal uiteindelik dood is. Nou staan die spelers twee-twee agter die aansegger en huil kastig. Dan word die dooie admiraal begrawe, en as hulle hom wil oplik, vlie hy op en probeer één van die groep vang; die gevangene is dan weer (die) admiraal.

Dieselfde speletjie word net so in Suid-Afrika gespeel, onder die naam „Ambraal, (ambraal, hoe gaan dit met jou)”<sup>32</sup>.

Die WNT gee vyf vorme van admiraal aan: *admiraal, admeraal, amme-raal, amira(a)l* en *ameraal*. Vandaar is dit ’n klein stappie na *ambraal*.

Dit is duidelik dat die b.nw. hier kom uit die s.nw., wat des te makliker kon gebeur omdat en nadat *admiraal* so volkome verberg geraak het in of agter die vorm *ambraal*. (Vergelyk verder ook *kês* hieronder.)

*Bak* val moontlik ook in hierdie groep. Posthumus verklaar dit as volg:

„Die voor die hand liggende verklaring van *bak* in hierdie betekenis en gebruik is om uit te gaan van die substantief *bak* ‚kom’ en dan adjektivering deur kernsplitsing of langs sintaktiese weg aan te neem. *Bak hande* sou dan indirek ontstaan het uit *sy hande soos ’n bak hou*. Met verval van *soos* ’n word *bak* ’n bywoord: *sy hande bak hou*. Uit die bywoord volg die predikatiewe adjektief: *sy hande is bak* en daaruit die attributiewe adjektief: *sy bak hande*.”<sup>33</sup>

Dit kan, maar dit hoef nie, dit wil sê dit kon regstreeks kom via die metafoor. Hiervoor pleit miskien ook die feit dat uit ’n vergelyking nie alleen die *soos* moes verdwyn nie, maar ook die lidwoord (*’n*) en die feit dat die fakultatiewe gebruik van *soos* nie ’n ope konstruksie is nie.

*Bog*. Dis nog geen uitgemaakte saak dat *bog* wel ’n b.nw. is nie. (WAT gee dit net as s.nw. aan.) Maar daar is wel grond vir so ’n beskouing: *bog opmerkinge/ventjie* word dikwels uitgespreek met ’n pouse na *bog*. Sy ontstaan is duidelik: in bv. *Dis bog* word *bog* opgevat as en s.nw. „onsin”,

30. Boshoff, S. P. E.: *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, 30.

31. Ter Gouw, J.: *De Volksvermaken*, 316–7.

32. Vergelyk hiermee ook J. J. Smith: *Op ons taalakker*, 18. Dit het dus eers na die eerste druk van *Woordvorming en Funksiewisseling in Afrikaans* onder my aandag gekom dat Prof. Smith in 1936 (?) al die Nederlandse herkoms geken het.

33. Posthumus, M. J.: *Op. cit.*, 54–5.

èn/of b.nw. „onsinnig, waardeloos, nikswerd”, wat dan nog gesteun word deur gebruike soos 'n *bog van 'n vent* waar *bog van 'n* ook beteken „nikswerd, onaanneemlik” e.d.m. (*Bog* is ook Nederlands, o.a. in die vorme *bocht* en *boch*, en daar alleen s.nw., maar ook in die segswyses 'n *bog van 'n . . . , 'n klein bog* ens.)

*Deurslag*. Dié woord kry ons as s.nw. van die Nederlandse *doorslag*. Waar hy saam met *wees* gebruik word, word hy op twee maniere verstaan: in (*Dit is*) *deurslag* as (a) s.nw. „deurweekte moeras, nat grond”, en (b) as b.nw. „deurweek, deurnat, papsag”.

Mutatis mutandis net soos *ambraal*, *bog*, *deurslag*, d.w.s. as b.nw. gerealiseer as die gedagte meer op die toestand toegespits was, het die volgende b.nwe. uit die s.nwe. gekom: *gal*, *kaiings*, *kastaiing(s)*, *kês*, *konfyt* (?), *kurk*, *lasarus*, *patats*, (miskien) *pap*, *pekel*, *peper*, *politiek*, *puik* (?), *snuif*, *sout*, *suur*, *taan*.

*Kês* behoort tot dieselfde groep, maar dan moet ons weet dat *kês* 'n Nederlandse byvorm van *kaas* is. In *Die melk is kês* was *kês* dus eers 'n gewone s.nw. Toe die gedagte aan die toestand sterker geword het as die gedagte aan *kês* „kaas” self, is *kês* al hoe meer as b.nw. gerealiseer of geïnterpreteer.

*Luis wees* „platsak, arm” en *karwats* „hups” in *Hy is nog 'n karwatse man* (J. Coetzee: *Rooi Aarde*, 72) kan ook tot dié groep hoort, maar omdat daar gewoonlik 'n lidwoord by staan (wat die realisering as s.nw. lewendig hou), kon die ontstaansproses hier anders gewees het. By *karwats* is moontlik 'n vergissing of kontaminasie van en vir *rats*, *rapats*, *kordaat*/kərda:t/ en dergelike meer.

*Flenters*, *snuif* en *toiings* is miskien van hierdie groep (*Sy klere is flenters/toiings* „repië, lappe” > *Sy klere is flenters/toiings* „stukkend”, en *Die pad is snuif* „stof, sand” > *Die pad is snuif* „snuif-fyn, stof-fyn” òf moontlik reduksies van *aan flenters*, *soos/tot snuif*, *in toiings*, waaruit die partikels dan verval het soos by *stukkend* (in Nederlands ontstaan uit *aan stukken*). Vergelyk ook *pal*. By hierdie punt moet tans langer stilgestaan word, omdat die wegval van voorsetsels meermale ter sprake kom.

J. J. le Roux het al aan dié saak aandag gegee, en hy sê onder meer:

„Die langer verbindings sonder Prep. gaan terug op ouer genitiewe. Ook in hedendaagse Nederlands is hulle nog verteenwoordig, hoewel minder talryk as in Afrikaans. Vgl.: Hij drong naar binnen, het mes in de hand . . .”<sup>34</sup>

34. Le Roux, J. J.: *Op cit.*, 128.

en gee dan allerlei voorbeelde. Le Roux sê dit nie, maar sy voorbeelde is eintlik van 'n stuk of vier tipes, nl.

1. Die tipe *bril-op-die-neus*, *hoed-op-die-kop*, wat gelyk is aan *met die bril op die neus/hoed op die kop*, en wat bestaan uit (*met* + (*die*) + s.nw.) + (voors. + lidw. + s.nw.). Dit is 'n taamlik vrye of ope konstruksie in Afrikaans: ons kan in elke bywoordelike bepaling van wyse wat die genoemde vorm het, die *met* (*die*) weglaat (*hand-in-die-broeksak*, *sambreel-oor-die-kop*, *hand-om-die-lyf*, *kop-in-die-lug*, *vier-stewels-in-die-lug* ens.).

2. Die tipe *wye-been*, *toe-oë*, *loshande*, wat gelyk is aan voors. + b.nw. + s.nw., maar wat net uit b.nw. + s.nw. bestaan. Le Roux sê „In al hierdie gevalle kan ‚met‘ (lidw.) as bindwoord gebruik word”<sup>35</sup>. Dit is waar van *toe-oë* en *loshande*, maar nie van byvoorbeeld Le Roux se *wye-been* en *malkop* nie. *Met wye been loop* of *met (die/'n) malkop praat* is vir my nie Afrikaans nie, en so ander meer. In die woordgroep *met* + (*die*) + b.nw. + s.nw. as adverbiale bepaling is *met (die)* nie naastenby so algemeen fakultatief soos in groep 1. (*met* + (*die*) + s.nw.) + (voors. + lidw. + s.nw.) nie:

(a) dit geld net adverbiale bepalings van wyse of manier,

(b) meesal net verbindings met eenlettergrepige b.nwe.: *dik*, *dronk*, *droog*, *hard* ens., en

(c) net verbindings waarvan die betekenis slaan op die persoon (of dier, dus animata, lewende wesens). *Jan/hy/die seun loop met 'n blou boek rond* kan nie gereduseer word tot *Jan ens. loop blouboek rond\** nie, *Jan ens. loop met 'n af arm/met 'n blou oog/met 'n (sy) kaalkop (in die son) rond* egter wel, nl. *Jan ens. loop af-arm/blou-oog/kaalkop rond*.

3. Die tipe *hande en voete*, *kop en pootjies*, d.w.s. s.nw. + *en* + s.nw. Le Roux sluit *hande en voete* in in die groep waarin *met (die)* gebruik kan word. Volgens navraag sou ons in Afrikaans wel sê *aan hande en voete* maar nie *met hande en voete\** nie, egter wel as die bedoeling is dat jy jou (eie) hande en voete gebruik het, maar dan is die *met* nie fakultatief nie.

Ons het verskeie vaste verbindings van hierdie tipe, bv. *teen wil en dank*, *met man en muis*, *van heinde en verre*, *met sak en pak*, *met dapper en stapper*; ook met *al* as tweede, vaste, komponent bv. *met klere/geld/skoene en al* ens. In hierdie tipe is die voorsetsel vir die hele groep nie fakultatief nie, ook nie dié met *met* nie: ons kry wel *hulle het man en muis vergaan*, *sak en pak vertrek*, *klere/geld en al (in die water geval)*, maar nie *hulle gaan dapper en stapper\** of *wil en dank\** nie. *Steen en been* was van die begin af sonder voorsetsel in Nederlands.

35. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 127.

4. Die tipe *kop-na-onder* (vergelyk Le Roux), *kop onderstebo* (al is dit geen kompositum nie), d.w.s. s.nw. + bywoordelike bepaling. Hulle is min in getal, maar gaan wel terug op *met (die) kop . . .*

Van hierdie vier tipes is daar net een waarvan Le Roux ook Nederlandse voorbeelde gee, naamlik die tipe *bril-op-die-neus*. Hy gee wel nog 'n Nederlandse tipe: *De ramen opengeschoven en de gordijnen opgehaald zaten ze voor een ieder te kijk*<sup>36</sup>, maar suggereer dat dit meer tot die literatuurtaal hoort, en hy gee ook nie Afrikaanse voorbeelde daarvan nie. (Maar *Kaalvoet en broek opgerol is ons deur die stroom*, is redelik gewone Afrikaans.)

Ons moet dus noukeuriger op die vraag ingaan of voorsetsels (en ander partikels) ook in Nederlands verdwyn (het). En die vraag is gou genoeg beantwoord. Hulle het verdwyn, byvoorbeeld voor wat nou in Nederlands ook 'n bywoord is, naamlik voor *weg* (uit *e wech*; vgl. Engels *away, afraid, astray*), voor *beet* in *beet krijgen* (uit *in de beet krijgen*), voor *pal* in *pal staan*, voor *stuk(kend)* (uit *aan stukken*), voor *oog* in *ooglopend (in die ooglopend)*.

Die vraag wat vir ons vir die bepaling van die verhouding van Afrikaans tot Nederlands van veel groter belang is, is wat die omvang daarvan in Nederlands was en/of is. Daaroor bestaan daar nog geen Nederlandse inventaris nie, maar uit verspreide opmerkinge kan tog die volgende beeld opgebou word:

1. In baie gevalle waar dit lyk asof daar 'n voorsetsel weggeval het, was daar nooit een aanwesig nie, bv.

(a) *de kortste weg/zijn eigen weg gaan*<sup>37</sup>,

(b) *zeven mijlen meegaan* ens.,

(c) *Deze nacht regende het; langen tijd nergens geweest zijn* ens.

Onder meer in bepalinge van plek, tyd en maat is in Middelnederlands naamvalsvorme van s.nwe., en nie preposisies nie, gebruik. (Van die naamvalstipes het Afrikaans nog uit Nederlands oorgehou o.a. *saans, smiddags, smôrens, snags*, waarvan De Vooy sê dat hulle „in versteende vorm algemeen gebruikelijk gebleven zijn, maar die als adverbia en niet als substantieven met lidwoord gevoeld worden”.)

2. Met die vermeerderende gebruik van voorsetsels en die nie-heeltemal verdwyn van naamvalle nie, het die twee soms saamgehoop, byvoorbeeld in *te midden van de menigte* en *te midden der menigte*<sup>38</sup>, maar die gebruik van verboë vorme van s.nwe. as bepalinge van plek, tyd ens. het in Nederlands ernstig afgeneem.

36. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 128.

37. De Vooy, C. G. N.: *Op. cit.*, 304-5.

38. Royen, Gerlach: *De Nieuwe Taalgids* XXXVII, 212.



3. Tog was daar vroeg reeds in Nederlands talle ou voorsetselverbindinge waaruit voorsetsels weggeval het, byvoorbeeld die volgende:

*Akkoord.* Daarvan sê die WNT II, 34 onder meer: „Ontleend aan de Fransche zegsw. d'accord, in navolging waarvan men eerst *te akkoord*, *t'akkoord* zeide, en vervolgens, met weglating van het voorzetsel, enkel *akkoord*.”

*Monster.* Middelnederlands *monster* gaan kom van *te(n) monster* gaen.<sup>39</sup>

*Paardrijden* kom van *te paard rijden*.<sup>40</sup>

*Pal staan* kom van *te pal staan*.

*Schaakspelen* kom van *te scake spelen*.<sup>41</sup>

*Scheepgaan* kom van *te schepe gaan*.<sup>42</sup>

*Schoolgaan* kom van *ter scole(n) gaen*.<sup>43</sup>

Daar is nie genoeg materiaal beskikbaar om die omvang van sulke voorsetselverdwyninge te bepaal nie, maar daar is genoeg om te sê dat daar heelwat taallewe was en is rondom die verdwyning van ou en die verskyning of ontstaan van nuwe voorsetsels. De Vooy's is enigins in teenstryking met homself op hierdie punt. Hy vind dit onaanvaarbaar dat Den Hertog sê dat by *baantjerijden*, *boegsprietlopen*, *kribbebijten*, *pianospelen*, *toneelspelen* ens. „een voorzetsel ‚snelheidshalve onderdrukt’ is”<sup>44</sup>, maar hy sê self in verband met bv. *pianospelen* en *zak lopen* „dat ze uit oude praepositiebepalingen ontstaan kunnen zijn”<sup>45</sup>. En verder sê hy in verband met komposita soos *huiszittende* en *kristbetrouwend* dat dié soort wat in sintaktiese verband 'n voorsetsel sou byhê, selde as kompositum voorkom, asook die tipe *noodgedrongen* „door den nood gedrongen”, maar dat laasgenoemde tipe „in letterkundige taal, vooral in de jongste periode, niet zeldzaam zijn”<sup>46</sup>.

Daar is dus genoeg getuienis dat voorsetsels ook in Nederlands dikwels in die gedrang was en is. Ten opsigte hiervan het daar dus niks nuuts in Afrikaans gebeur nie, al is die omvang daarvan moontlik groter as in Nederlands. (Maar bewys is dit ook nog nie.)

4. Daar was in en na Middelnederlands reeds 'n groot mate van voorsetselverdringing, waarvan Stoett 'n stuk of sestig aangee.<sup>47</sup> (Een daarvan is vir ons van besondere belang omdat ons dit alleen nog as voegwoord ken, nl. *eer* in *Jy moet hardloop eer die pad vol duwweltjies word. Eer jy weet waar jy is, is die vakansie om* ens.)

39. Stoett, F. A. : *Middelnederlandsche spraakkunst*, 134.

40. Ibid.

41. Ibid.

42. De Vooy's, C. G. N. : *Op. cit.*, 305.

43. Stoett, F. A. : *Op. cit.*, 134.

44. De Vooy's, C. G. N. : *Op. cit.*, 171.

45. Ibid., 305.

46. Ibid., 169-170.

47. Stoett, F. A. : *Op. cit.*, 81.

Die verskynsel van voorsetselverdringing en -wisseling kom in alle periodes voor in alle tale met voorsetsels. (Vir Afrikaans is dit ruim uitgewerk deur mej. N. A. Marais,<sup>48</sup> en vir Latyn deur dr. F. H. Parigger.<sup>49</sup>)

5. Met die verskynsel onder 4. genoem, hang saam dat nuwe voorsetsels steeds weer ontstaan, onder meer deurdat

6. bestaande voorsetsels by s.nwe. verval. Van 5. en 6. gee veral prof. Gerlach Royen 'n hele reeks voorbeelde, onder meer die volgende:

Naas *te midden der/te midden van* kom *midden* sonder meer in gebruik: *midden 't volk/midden den vloer* ens. Wat hier gebeur, is dus dit: 'n s.nw. tree saam met partikels as voorsetselgroep op, die partikels verval en dan bly die s.nw. alleen oor as voorsetsel. (So het dit ook in Afrikaans gebeur met *aan die anderkant van* waarin *anderkant* 'n s.nw. in 'n voorsetselgroep is wat, met verdwyning van die partikels, *anderkant* sonder meer as voorsetsel geword het.)

Naas *ten bate van* kom *ten bate* (sonder *van*) in gebruik, naas *langsij van/der* kom *langsij* sonder meer op: *langsij . . . dat skeepje*, naas *terzij(de) van/der* kom voor: *terzij* sonder meer, bv. . . . *terzijde haar* ens.<sup>50</sup>

Royen toon verder aan dat en hoe ook bywoorde oorgaan tot voorsetsels. Behalwe *bezijs*, *aanzijds*, *geenzijds*, *rondzijds* – ou genitiewe wat eers as bywoorde gebruik is en waarby dus geen voorsetsels weggeval het nie – bespreek hy veral die geval *weerszijden*:

„Ook *weerszijden* laat ons duidelik sien, hoe bijwoord, verkorting en voorzetsel nauw in elkaar grijpen: ‚Door en tusschen de bloemen en *weerszijden* het beeldje, branden . . . stil zeer vele kaarsen’ (Coolen, Peelwerkers 152). ‚*Weerskanten* zien ze de lijnen recht gestriep en naar mal-kander toe, tot een punt naar het eind van de wereld . . . Dan komen zij onder de huizen uit, *weerszijden* liggen de weilanden met die roodbonte koeien erin’ (147); ‚het lage muurkastje waarop, *weerszijden* van een staand kruisbeeld, de waskaarsen branden’ (63; 151); ‚zitten Jan Klot en zijn vrouw *weerskanten* van de kachel’ (66). Is dit adverbiale ‚weerszijden, weer(s)kanten’ uit de verbinding met ‚ter’ geabstraheerd? Ik denk van wel: het zou in dezen niet alleen staan. Na het statige ‚ter weerszijden eener . . . middenmoot’ van straks, geef ik nog een paar andere voorbeelden: ‚ter *wederzijde* van den schoorsteenmantel’ (v. Schendel, Mijnh. Oberon 166) . . . Daarnaast doet ook het van huis uit adverbiale *weerzijds* dienst als voorzetsel: ‚Ze aten mijmerend, *weerzijds* de tafel, bij het bleeklichte venster’ (Smeding, Duivelsnaaigaren 72); ‚en de lijnen *weerszijds* zijn mond plooden zich in een monkeling’ (Eekhout, Pastoor Poncke 261)”.<sup>51</sup>

48. Marais, N. A.: *Prepositionele wisseling en differensiering in Afrikaans*.

49. Parigger, F. H.: *Aanshouwelikhedsdrang als factor bij de beteekenis-ontwikkeling der Latijnsche praepositie*.

50. Royen, Gerlach: *Op. cit.*, 212 vlg.

51. *Ibid.*

Vir Afrikaans is dit alles, gesien die opvatting van Franken oor die kondensasie van *aan* die *anderkant/duskant/oorkant* ens. in die mond van Hottentotte<sup>52</sup>, van die allergrootste belang. Die Nederlandse voorbeelde bewys nie dat Franken ongelyk gehad het nie, maar dit bewys wel dat sulke kondensasies ook kon plaasgevind het sonder Hottentotse invloed.

Presies soos *ambraal, kês* ens. is die geval *puik*. *Puik* was in Nederlands eers 'n s.nw., met die betekenis „fyn laken”. Omdat dit „die allerbeste” was, het die eienskapselement meer na vore gekom en is dit opgevat en gebruik as b.nw. (Vergelyk hiermee *fynlaken*.)

Dit lyk asof baie Nederlandse werkwoorde van twee s.nwe. gevorm, ook metafories is, metaforiese verbalisering dan, soos byvoorbeeld in *katerogen* „met schitterende ogen kijken”, blykbaar „kyk met oë soos van 'n kat(er)”, *kraanhalzen* „de hals rekken”, blykbaar „die hals lank-uit rek soos 'n kraan”, *krophalzen* „de hals vooruitsteken en het hoofd een weinig achterover houden”, blykbaar dan „soos 'n krop”, *pijlören* „de oren spitsen”, W. Vlaams, dus blykbaar „die ore spits soos 'n pyl” ens.

Dit beteken nie dat alle Nederlandse voorbeelde van wwe. wat van twee s.nwe. gevorm is, metafories is nie. *Kathalzen* (vgl. Afrikaans *kathals trek*), *bolaarzen* „hals oor kop (bol) val”, *staartbollen* (soos vorige), *snot-ogen* is nie metafories nie. Maar baie het wel dié waarde.

#### D. Ander, ongelyksoortige, gevalle.

Daar is ook enkele andere gevalle, maar dié vorm geen semantiese groep nie. Hulle word dus alleen om die diachroniese aardigheid en volledigheid bespreek.

*Bekoms* as b.nw. kan ook die resultaat wees van 'n verkeerde interpretasie van *Ek het my bekoms geëet*, waarin *my* possessief gebruik word by *bekoms*. In Nederlands sou dit beteken „my (volle) maat/porsie” (s.nw.), maar deur die sintaktiese gelykheid met *Ek het my dik/vol geëet* waarin *my* refleksief gebruik word, word *bekoms* gelyk aan „dik, vol” en kan dan ook so gebruik word: *Ek/hy is dik/vol/versadig/bekoms*. Die woord is vandag nog weinig bekend, en met weinig bekende woorde gebeur soiets des te makliker.

*Oes*: Die etimologie van *oes* is onbekend. Dit skyn geen verband te hou met die s.nw. *oes* nie. Die bewering as sou dit van *Ochse* (uitspraak *oesj* en *oes*), die naam van 'n student van twyfelagtige talente, is nog nie gestaaf nie. Word dit gestaaf, sou dit gelyk word aan die gevalle *ambraal, kês, puik* ens.

52. Franken, J. L. M.: „Boesman”, *T.W.K.*, Jan. 1938, p. 77 vlg.

**Skelm:** Die geval *skelm* is nie helder nie. Dit sou miskien metafories opgevat kon gewees het, d.w.s. die oorspronklike s.nw. *skelm*, en/of dit is miskien 'n geval soos *Hy is advokaat/predikant/boer* e.d.m. Maar laasgenoemde soort geval het nog nie volledig tot b.nw. geword nie. *Schelm* is in Nederlands net s.nw., met daarnaas 'n b.nw. *schelms*. 'n Half gelyksoortige geval het ons in Nederlands *snaak* (s.nw.), b.nw. *snaaks*, teenoor Afrikaans net die b.nw. *snaaks*; en 'n ander soort geval in Nederlands *schuin* en *schuins* as b.nw., naas Afrikaans net *skuins*. *Skuins* het in Afrikaans net al die betekeniswaardes van Nederlands *schuin* en *schuins* gekry.

Wat in verband met *bekoms*, *oes*, *skelm* ens. ook al die feite sou wees, die bostaande groepie D het blykbaar elkeen sy eie ontstaansweg gehad; daar is nie tekens van 'n sisteem soos by groepe A tot en met C nie.

Ook in Nederlands vorm sulke oorgange nog geen ope sisteem nie, en ook daar word nog soms gegis na die geneties van die oorgang:

*Akkoord* kom van *te akkoord*, wat nog in Vlaams bestaan.

**Bles:** „znw. vr., ook als bnw. voorkomende (het is althans niet zeker dat het als zoodanig een ander woord is)” (WNT II<sub>2</sub>, 2826). Gebruik in bv. *Hij is bles* ens.

**Blijk:** “*blijk* en *bloot*, duidelik zichtbaar” (Van Dale, 261). Van die s.nw. *blijk*? Die WNT noem nie dié gebruik nie.

**Cadee:** „(II), bnw. Het voorgaande woord (= cadee: s.nw. w.k.) als bnw. gebruikt”. In die betekenis „puik, goed, voortreffelik” (WNT III<sub>2</sub>, 1953).

**Kalf:** „(II), bnw. . . //De koe is *kalf*, . . .” (WNT VII<sub>1</sub>, 944) = „dragtig”.

**Katoen:** „(II), bnw. In de uitdr. zich katoen houden”; het niks met die s.nw. *katoen* te make nie: dit is onvertaalde Hebreeus: *quatôn* „klein”. (WNT VII<sub>1</sub>, 1847)

**Klem:** „(v) . . . Hetzelfde woord als *klem* (I) (= *klem*: s.nw. w.k.). Als bnw., . . . als bijvoeglijke bepaling . . . waar het staan moet voor *te klem* (de volledige uitdrukking is nergens gevonden).” (WNT VII<sub>2</sub>, 3853)

**Knel:** „(II), bnw., Vermoedelijk het znw. *knel* (I) als adj. gebezigd . . . – Bekneld . . . //De dame lag *knel* onder het voorste gedeelte van den wagen . . .” (WNT VII<sub>2</sub>, 4550).

**Knijp:** „(III), bnw. Vermoedelijk het znw. *knijp* (II), als adj. gebezigd . . . – Bekneld. // . . . de ‚aapmensch’ . . . raakte *knijp* tusschen ’t . . .” (WNT VII<sub>2</sub>, 4638).

**Krul:** „(III) . . . bnw. en bijw. . . Verwant met *krul* (I) (= *krul*: s.nw. w.k.) . . . Eigenlijk Gekruld, gekroesd, krullig.” (WNT VIII<sub>1</sub>, 482) Vir my taalgevoel sou Afrikaans *Sy hare is ’n bietjie baie krul* Kleurlingtaal wees.)

**Mul:** Die WNT IX, 1228 gee ’n s.nw. *mul* „stof, fijn poeder” ens. en ’n b.nw. *mul* „fijn als mul, stoffig, poeierig”, sonder om nadruklik te sê hoe die verhouding van die b.nw. tot die s.nw. is. Dit lyk volkome soos

die gevalle *gal, kês, puik* e.d.m., dit wil sê soos die metaforiese adjektiewe. (Kyk bl. 61.)

*Stamp*: „(II), bnw. Gemeenzame verkorting van stampvol.” Dit word ook as bywoord gebruik, sê die WNT. Die verkorting is dus soos *stapel* e.a. (WNT XV, 616).

*Stapel*: „(V), bnw. Een afkorting van stapelgek of stapelzot . . .” (WNT XV, 786).

*Stip*: „(II), bnw. en bijw. Een bijzondere toepassing van *stip* (I) (= s.nw. w.k.) of een afl. van *stippen* (I) (= ww.)” Later verdring deur *stipt*. (WNT XV, 1743)

*Straal*: „(III), bijw. Het znw. *straal* als bijw. gebruikt.” (WNT XV, 2052)

*Streke*: „(II), bnw. en bijw. Het znw. *streke* . . . als bnw. en bijw. gebruikt. Nog in W.-Vlaand. . . . – Geheel gereed; kant en klaar.” (WNT XV, 2166)

Dit is net 'n paar uit dosyne Nederlandse s.nwe. of verbaalsubstantiewe wat buite 'n sisteem om, elkeen op sy eie, tot b.nw./bywoord geword het. Presies hoe die oorgang bewerkstellig is, sê die WNT net in drie van die veertien gevalle wat hier aangegee is (*akkoord, stamp* en *stapel*). Voeg ons *mul* hierby, het ons een geval van metaforiese adjektivering (*mul*), een van voorsetselverlies (*akkoord*) en twee van dekomposisie (*stamp* en *stapel*). Die ander het in Nederlands „gebeur” op 'n wyse wat nie duidelik is nie, soos etimologiese woordeboeke honderde voorbeelde aangee van onduidelike of onsekere herkoms. Maar as ons dit aanvaar dat daar in taal, ook in Nederlands, baie gebeur (het) waarby die proses nie duidelik is nie, sou Afrikaans sonderling ontaalgelykvormig moes gewees het as dit anders was. En dan hoef ons nie in die beperkte getal moeilik verklaarbare gevalle 'n bewys te sien van kreolisering wat gestuit is nie: baie taaldinge het langs verskillende en onverwante weë uiteindelik dieselfde vorme gekry – een-een en individueel. Ook hierin het Afrikaans merkwaardig Nederlands gebly.

## § 10.2 Die s.nw. met bywoord-korrelate

**Voorbeelde:** *bak* in *Sy bene* / *Die seile staan bak*,  
*bul* in *Hy lê bul* ens.

Die betrokke bywoorde hier kan as die sekondêre beskou word omdat hulle almal, behalwe *bak*, aan ingrypende gebruiksbepערkinge onderhewig is, byvoorbeeld die afwesigheid van trappe van vergelyking, nie-afleibaarheid met *-heid* ens.

Semanties-kategoriaal het ons hier groepe:

### A. Die komparatiewe

bv. *bak* „soos 'n bak”, *bul* „soos 'n bul” ens.

Of hulle werklik almal bywoord-korrelate van die betrokke s.nwe. is,

hang daarvan af of ons meen dat ons hier met betekenis of met noempotensie te make het. As die metafoor nog lewe of spreek, deursigtig is, kan hulle as werklike voorbeelde beskou word, anders hoort hulle in die volgende paragraaf oor skynvoorbeelde.

Die betrokke voorbeelde het soms wel, soms nie, 'n verwante vorm met 'n vergelykingspartikel:

*Bul* in *Hy hou sy lyf* (= hom) *bul*. *Sy lyf bul hou* beteken „hom gedra”, altyd met 'n adjunk. Naas *Hy hou hom/sy lyf soos 'n bul* „belangrik, nie-arbeidsaam”.

**Opm.** 1. Die gewoonste gebruik van dié *bul* is *bul lê* „ledig wees”, maar daarnaas kom, na my wete, nie *soos 'n bul* voor nie.

2. *Sy lyf bul hou* behoort tot dieselfde groep as *Sy lyf advokaat/afslaer/predikant ens. hou* „hom gedra asof hy 'n advokaat, afslaer ens. is”.

3. Die *bul* van *Dis bul mooi* is blykbaar iets anders. Semanties is dit nader aan die interjektiewe *Bul* „Bielie”, 'n uitroep van bewondering of kamma-bewondering.

*Dassie* in *Die ouens sit dassie* naas *Die ouens sit soos dassies* „in die son”.

*Koe(k)sister* in *Koe(k)sister loop* beteken ongeveer „soos 'n koe(k)sister loop”, maar het geen konstruksie met 'n partikel naas hom nie. Dit beteken „ingehaak soos ('n) koeksister(s)”. (*Koeksister* is 'n soort gebak.)

*Lood* in *Vanmôre sal dit lood gaan* (Boerneef, Boplaas, 20) naas *Hoe gaan dit? Soos lood* en *Dit was lood* „swaar, moeilik”. *Dit het soos lood gegaan/Dit sal maar soos lood gaan\** het ek nie teëgekome nie. Is dit dus gebaseer op die verbinding met *wees* of is hierin die fase met 'n vergelykingspartikel oorgeslaan, sodat met *lood* dan direk metafories adverbiaal benoem word of is?

**Opm.** 1. *Patats* in *Dit gaan maar patats* „sleg”, pas semanties in dié groep, maar het geen langer vorm, bv. *soos patats* naas hom nie. Miskien is dit dan die metaforiese b.nw. *patats* „swak, minderwaardig” wat hierin 'n bywoord-korrelaat het. (Vergelyk bl. 61 hiervan.)

2. Dieselfde opmerking geld min of meer van *ad(e)laar* in *Hy hou sy lyf ad(e)laar* „windmaker, swierig”.

Alle gegewe voorbeelde van nie-gelede bywoorde het hier dus betekenis wat dié is van langer vorme en is blykbaar dus gevorm op basis van die langer vorme, 'n soort Rückbildung dus. 'n Analogies-produktiewe proses is dit blykbaar nie.

### *B. Wyse of manier*

Daar is die volgende voorbeelde:

*Duim* in *Hy ry duim/met die duim* „saam met (ry)geleentheid”.

*Galop in Hy ry galop/op 'n galop „met/op 'n galopstryk”.*

*Knieë-en-elmoë in Ons het so knieë-en-elmoë/op knieë en elmoë uitgekom „gebukkend, sukkel-sukkel”. Vergelyk ook kop-en-pootjies (onder die kombes lê); sak-en-pak (vertrek) en ander hendiadisse met adverbiale funksies en substantief-komponente.)*

*Streep in Uit die ou wêreld staan die hartbeeshuise streep wat Julie gemaak het (F. A. Venter: Geknelde land, 164) naas op/in 'n streep. (Vergelyk ook . . . strepe hang . . . (F. A. Venter: Geknelde land, 290) naas in strepe.*

*Tou in tou staan naas in 'n tou staan „in 'n (reguit) lyn”.*

Daar is geen teken van analogiese produktiwiteit nie, hoewel die gegewe voorbeelde lewendig gebruik word.

### C. Graad

1. Die groep met byvorm op uit, bv.

*Gate in Ons het dit gate/gate uit geniet „baie, buitengewoon, besonderlik”.*

*Trane in Ek het dit trane/trane uit geniet „baie”.*

Dit is 'n geslote groepie. Nie een hiervan is in Nederlands gevind nie. *Gate* en *trane* is blykbaar verkortinge uit *gate/trane uit*.

2. Die groep sonder byvorm.

'n Interessante subgroep, ook met graadwaarde, is 'n klompie maat- of omvangsnaamwoorde met bywoord-korrelate, bv.

*Hope in Dit was somer hope lekker om daar te swem (P. J. Schoeman: Op ver paaie, 117).*

*Spanne in Ons het dit spanne geniet.*

*Stukke in Van der Stel stukke beter op eie veld (Die Burger, 22.5.1950).*

*Tonne in Dit is 'n tonne mooi boek e.d.m.*

Hiervan is net *stukke* algemeen, en dit het nog genoeg oor van die beginpunt van dié soort aanwending. *Stukke beter* beteken „baie beter”, *hope geld* beteken „baie geld”, *spanne wors* is „baie wors” en *tonne vis* is „baie vis”. So word die omvangswoord 'n draer van die omvangs- of graadbegrip *baie*, wat dikwels en normaal ook bywoordelik is. En so dring dergelyke woorde met dié waarde dan in waar hulle as omvangswoorde nie sou pas nie en kry ons in plaas van *baie lekker: hope lekker*, in plaas van *ons het dit baie geniet: spanne geniet*, in plaas van *baie mooi: tonne mooi ens*.

Die stelsel lyk duidelik, maar dis nog jonk en sy produkte hoort nog nie tot die algemene taal nie.

### D. Resultaat

*Klinker in Die dadelbrood is klinker(s) gebak „kliphard, onbruikbaar”.*

*Snuif in Die paaie is snuif gery „fyn, stukkend, op”.*

*Swamme in Daardie os kom wyd . . . kyk hoe is hy swamme geslaan „tot swamme, opgeswel”* (F. A. Venter: *Geknelde land*, 13).

### *E. Plek*

*Hok in Slaan hulle hok „weg, na hulle plek(ke)”*.

*Middel in Hy is middel tussen die senters deur naas in die middel . . .*

*Senter in En Koos gaan plant hom („die bal”) senter tussen die pale (Die Burger, 22.9.1956)*. Hiernaas kom in die omgangstaal die volledige *in die senter* voor. Dat hierdie *senter* Engels is, is vir ons doel van geen belang nie. Belangrik is dat *senter* alleen, sonder voorsettel en lidwoord, in Afrikaans gebruik word, en dan moet 'n mens vra of soiets ook in ander gevalle *in Afrikaans* voorkom.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Die s.nw. met bywoord-korrelaat is nie 'n spesiale Afrikaanse verskynsel nie. In Nederlands kom dit baie dikwels voor, bv. *bril, pal, pruim* ens. Dit lyk egter asof die verskynsel 'n groter omvang het in Afrikaans.

## § 10.3 Skynvoorbeelde van s.nwe. met bw.-korrelate

**Voorbeelde:** *bak in bak speel* ens. „goed, knap, hard”,  
*blikkies in Dit gaan jou blikkies „goed”*.

Is dit, sinchronies beskou, s.nwe. met bywoord-korrelate? Dit lyk so, want De Groot se toets<sup>53</sup> pleit daarvoor, asook die feit dat die teenoorgestelde (naamlik bw.: s.nw.) 'n geslote groepie is van hoofsaaklik selfnoemgevalle. (Vergelyk § 5 hiervan.) En tog is dit net skynvoorbeelde, omdat die bywoorde semanties geen verband hou met die vorm-identiese s.nwe. nie. Wel hou hulle verband met langer vorme, en dié langer vorme is klaarblyklik die primêre. Wat ons dus in werklikheid hier het, is samegestelde woorde en woordgroepe – altwee met bywoordelike funksie – met niegelede bywoordelike korrelate.

Verskeie van die voorbeelde het verwante vorme:

1. Langer vorme met dieselfde betekenis en funksie.

Dit is die grootste groep hier en behels die volgende sub-tipes:

(a) 'n Enkelwoord naas 'n kompositum, waar die enkelwoord nie dieselfde betekenis het wat dit in ander verband het nie, maar dié van die kompositum, bv.

*Bak in Hy speel bak „baie goed”, net soos Hy speel bakgat.*

**Opm.:** Dat die verskynsel by ander woordsoorte ook voorkom, toon o.a. *in en om*.

53. Kyk § 6 hiervan.



*Die boere speel vir jou om vanjaar naas omgeëllie/-gekrap/-gesukkeld „wakker, vurig, goed”.*

Vergelyk hiermee ook die b.nw. *in in Die oes is maar in vanjaar naas ingat/-koejawel* ens. „swak, sleg”.

*Rûens in Die kar draai sommer hier rûens oor die pad* (streektaal, Riversdal) naas *rûensagteroor*. *Rûens* beteken hier „skielik, dwars” en *rûensagteroor* „regagteroor” met die bygedagte dat dit vinnig en skielik gebeur. Dan het *rûens* wel enigsins die betekenis van *rûensagteroor*, wat nie ’n/die betekenis is van die s.nw. *rûens* nie.

*Smoor in . . . al het dit sommige jare maar smoor gegaan . . .* (J. Bosman: *Blomme van gister*, 44), naas *smoorsleg* „sleg, swaar, moeilik”. Synchronies beskou, kan *smoor* dus die morfeem *smoor-* van *smoorsleg* wees wat nou (as bywoord) gebruik word met die hele betekenis van *smoorsleg*. (Daar is ook ’n hele verskeidenheid ander „smore”: werkwoorde, s.nwe. en b.nwe., maar die meeste hou nie verband met bostaande gevalle nie.)

(b) ’n Enkelwoord naas ’n woordgroep, waar die enkelwoord dieselfde betekenis, funksie en valensies het as die woordgroep:

(1) woord sonder lidwoord/telwoord teenoor woord met lidwoord/telwoord in bv. *Kom bietjie/’n bietjie hier. Dit is ietsie/’n ietsie te veel. Die reën het stryk/een stryk deur gesif;*

1. Die groep met byvorm op uit *uit*, bv.

(2) woord met voorsetsel, soms ook lidwoord, teenoor woord sonder voorsetsel en/of lidwoord in bv. *Dit gaan jou blikkies/Gaan na jou blikkies „dit gaan jou goed”* of ook „totsiens”.

Nederlandse voorbeelde is te vinde o.a. in W. de Vries: *Iets over woordvorming*, § 13 vlg.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Van al die voorbeelde hier is net *smoor* ook Nederlands. Dit is naamlik in Nederlands verkort uit *smoorlijk* (WNT XIV, 2199), net soos ’n ander *smoor* uit *smoordronken*, net soos *stapel* uit *stapelgek/-zot* ens., en *straal* uit *straalbezopen/-dronken/-zat*.

### 2. Ander gevalle?

Die vraagteken beteken net dat dit nie seker is of dié gevalle hier tuis hoort nie. In hoofsaak is hulle net diachroniese en etimologiese eienaardighede wat deel is van ons woordeskat, nie van ons woordvormingsstelsel nie.

*Kas* en *kis* is moontlik variante van mekaar net soos wanneer hulle s.nwe. is, in *Die sjokolade kas maak* „gedaan, op” en *Hulle is kis gespeel. Jou kis lag/val/werk* e.d.m., en dit lyk asof dit Nederlands is: *Dat vat is kas* „dit lek, is stukkend, kapot, gedaan”. Dit kom van die s.nw. in *kasduig* „vat-duie”, maar die WNT sê nie hoe die b.nw. ontstaan het nie.

*Kits in Alles staan kits en agtermekaar voor ons deur* (L. Maré: *Die nuwejaarsfees*, 9) is afkomstig van *in 'n kits?* (Met Maré se taal moet 'n mens versigtig wees, want dit wyk dikwels van die normale af. Vergelyk *Ons Eie Boek* x, 3, Sept. 1944, bl. 100 vlg.)

*Stroop in 15/30/40 stroop*, gebruik in tennis, ook in 'n *stroopspel* is afkomstig van Engels *love* via *stropigheid?*

*Taks in Hy vertel dit taks/ . . . kom taks hier* „van tyd tot tyd”, hou blykbaar verband met Nederlands *taks*: onder meer „opgelegde taak, vasgestelde tydruimte”, en dus ook met Afrikaans *Dis sy taks* „soveel as waartoe hy verplig of in staat is”, maar hoe ons daarvandaan tot die bywoord kom, is nie duidelik nie.

**Opm.:** 1. *Paaie in iets paaie geniet, paaie omgee* „baie” is klaarblyklik 'n vervorming van *baie*.

2. *Een gal in . . . een gal hardloop* „volgens 'n vaste stryk” is klaarblyklik dekomposisie van *egaal* . . . met kontaminasie?

Alles saam beskou, kom die meeste bywoorde van s.nwe. dus uit woordgroepe waaruit voorsetsels of ander partikels weggeval het, maar dis nog nie so ver dat die gebruik van sulke partikels in ander woordgroepe fakultatief geword het soos in die tipe *met die hoed op die kop tot hoed op die kop* nie.

In elk geval is dit nie 'n spesiale Afrikaanse verskynsel nie, in Nederlands het dit baie dikwels gebeur (vergelyk *bril, pal, pruim* e.d.m.), al lyk dit voorlopig asof dit in Afrikaans meer gebeur het.

#### § 10.4 Die s.nw. en sy interjeksie-korrelate

Semanties benader, val dit ernstig te betwyfel of daar so 'n groep bestaan.

Daar is wel verskeie s.nwe. met interjektief-korrelate, naamlik

(a) name van die Christelike Opperwese en van *Alla(h)*, waarby

(b) enkele Bybelname aansluit, bv. *Jeremia, Josef, Moses*,

(c) name van natuurvorme en verskynsels, bv. *aarde, bliksem, hel, hemel*,

(d) enkele vloekwoorde soos *swerkater* en *swernoot*, en

(e) enkele ongelyksoortige woorde soos *appels, bielie, deksels, genade, skote (Pe(r)toors)* ens.,

maar die betekenis van die interjeksie is selde of nooit ongeveer identies met dié van die s.nw. nie. As ons dit met Antal<sup>54</sup> en De Groot<sup>55</sup> aanvaar dat hulle as interjeksies werklik betekenis het, val hulle almal in De Groot se groep „Emoties”, en dié emosies is nooit deel of aspek van die betekenis van die korrelate s.nwe. nie. Wel hou die meeste van hulle reg-

54. Antal, L.: *Questions of meaning*, 46.

55. De Groot, A. W.: „De interjectie” in *Studies op het gebied van het hedendaagse Nederlands*, 13 vlg. en 20.

streeks verband met die betekenis van sinne of meerwoordkonstruksies waarvan die betrokke s.nwe. deel is, dus skietgebede of skyngede, verwensinge, uitinge van verwondering ens., bv. *Jy's/hy's 'n bielie/swerkater/swernoot* ens. So beskou, is die meeste dan wel interjektief-korrelate van sinne of konstruksies met interjektiewe waarde.

**Opm.:** Sinchroon beskou, geld dit egter nie van almal nie, bv. *appels, deksels, genade, skote* (?) ens., wat dan eenvoudig as „ander woorde” beskou moet word. *Deksels* hou wel semanties verband met die bywoord *deksels* (*deksels/verbrands ver* e.d.m.).

Produktief skyn die tipe hoegenaamd nie te wees nie.

#### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Diachroon beskou, is die meeste van hulle nadruklike of verbloemde vloeke of uitinge van verbasing, grotendeels ook Nederlandse erfgoed. Selfs 'n oënskynlik „onskuldige” woord soos *deksel(s)* is in Nederlands 'n „basterdvloek, in plaats van duivel, donder of bliksem” (WNT III, 2388). Vergelyk ook die artikel van De Groot<sup>56</sup> en verder die WNT, met supplemente, oor *alla* – waar die Afrikaanse gebruik ook genoem word –.)

Die volgende is nie in Nederlands gevind nie: *Appels!*

### § 10.5 Die s.nw. en sy telwoord-korrelate

Die s.nw. het nie werklik telwoord-korrelate nie. Hierdie paragrafie is dus net bedoel om te sê dat *bondels, hope, stapels, troppe, vragte* e.d.m. nie telwoorde is nie. Hulle is semanties wel verwant aan telwoorde, naamlik vir soverre hulle maat of omvang of hoeveelheid benoem, maar hulle mis meesal die rekenkundige presiesheid van werklike telwoorde soos *twee, sewe* ens. Ook hulle kenmerke is deels dieselfde :

1. Telwoord en hoeveelheds-s.nw. kan optree as eerste lid van die konstruksie met s.nw. as tweede lid: *twee bome, klomp bome*, ook as die lidwoord *die* daarby kom: *die twee bome/klomp(e) bome*, maar reeds met 'n verskil: nie 'n *twee bome\** nie, hoewel tog: 'n *klomp bome*.

2. Sekere voornaamwoorde kan daarvóór in die konstruksie verskyn: *my/jou/hulle twee bome/klomp bome*.

3. Sekere voorsetsels kan daarvóór verskyn: *met twee bome/klomp bome*.

4. Daar kan b.nwe. bykom: *twee lelike bome/klomp lelike bome*, egter reeds met 'n verskil, naamlik nie *lelike twee bome\** nie, wel *lelike klomp bome*, maar ook wel *die lelike twee/lelike klomp bome* ens.

Daarteenoor staan absolute verskille, byvoorbeeld dat die telwoord nie diminueerbaar is wanneer dit vergesel is van 'n volgende s.nw. nie (die

56. Kyk voetnoot 55.

hoeveelheids-s.nw. wel), byvoorbeeld geen *tweetjie(s) bome\** nie, wel ('n) *klompie(s) bome* ens.

*Bondels, hope, stapels, troppe, vragte* is dus gewone s.nwe.

Die enkele ander geval(le) van 'n s.nw. met telwoord-korrelaat, is ook Nederlands en as sodanig uit Nederlands geërf, en daar sit geen spesiale Afrikaanse taalproses aan vas nie, bv. *party* in *party mense*. (Oor die Nederlandse gebruik, kyk WNT XII, 559, waarin ook na Afrikaans verwys word. En oor die verdwyning van die lidwoord: 'n *party . . . , party -*, vergelyk die WNT oor *de sommige -*: Deel XIV, 2512.)

### § 10.6 Die s.nw. en sy ww.-korrelate

Die voorbeelde hier laat ons direk in dieselfde moeilikheid beland wat by die werkwoord en sy s.nw.-korrelate gestel is, naamlik is daar sinchroniese grond waarop die s.nw. hier as die primêre beskou kan word?

De Groot se toetse bring ons 'n hele end weg:

„Een dikwijls bruikbare test berust daarop dat een zelfstandig naamwoord *als transpositie* ongeveer de betekenis heeft van de infinitief van het werkwoord, en ook van een derivatum van het werkwoord met prefix *ge-* (als dit bestaat natuurlijk): *de slaap, het slapen, (al dat) geslaap (overdag); de sprong, het springen, het gesprong*. Omgekeerd betekent *de hamer* iets geheel anders dan *het hameren* of (*dat*) *gehamer, een kalf* iets anders dan *het kalven*, enz.<sup>57</sup>

Maar die ander betekenis sal presieser gestel moet word en die materiaal toon dat daar verskeie semantiese subgroepe is. Dié subgroepe, daar is nege, is reeds volledig bespreek in § 6.

#### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Sowat 77% (= 510 voorbeelde) van die materiaal waarmee hier gewerk word, is erfgoed of leengoed uit Nederlands, naamlik die nege begripsgroepe wat alreeds in § 6 genoem is. Diachroon benader, is dit woorde wat in Nederlands reeds volgens die WNT van s.nwe. tot wwe. geword het. Ook hulle kan in begripsgroepe ingedeel word en dié korrespondeer presies met die sinchroon-bepaalde Afrikaanses. (Kyk ook § 6.)

Hoe weet ons dat hulle leen- of erfgoed is? Seker weet ons dit nie, d.w.s. dit is moontlik dat sommige daarvan eers in Afrikaans tot werkwoorde geword het, maar hulle word tot dié groep gereken as hulle reeds in altwee funksies (s.nw. en ww.) Nederlands is.

Dat sommige eers in Afrikaans getransponeer is, is moontlik, mede op

57. De Groot, A. W.: *Inleiding tot de Algemene Taalwetenschap*,<sup>2</sup> 135.

grond hiervan dat ons tog heelwat het wat nie Nederlands is nie of ten minste nie in Nederlandse bronne gevind is nie, in ons materiaal 23% (= 150 voorbeelde).

Ook hulle val redelik duidelik in begripsgroepe, naamlik op een na dieselfde wat hierbo gevind is (§ 6). Die een wat by ons eiegoed nie gevind is nie, is dié waarin die ww.-korrelaat te kenne gee „bejeën met, oordra, bewys, voel of uitspreek ens. wat deur die s.nw. genoem word”.

De Groot se tweede en derde toetse bevestig net in onderdele die resultate wat met die eerste verkry is :

„Een test ligt ook daarin dat de eigenschapswoorden van plaats en tijd *lang* en *kort* bij een zelfstandig naamwoord dat transposities is op de duur, niet op de afmeting slaan (*een lange slaap, korte hulp*), maar bij een zelfstandig naamwoord dat in de bedoelde opposities niet de transposities is of op de afmeting slaan (bij voorwerpen zoals *hamer, beitel*; of een persoon: *baas, dokter*), of niet toepasselijk zijn (bij stofnamen zoals *lijm, melk, vernis* e.d.).”<sup>58</sup>

*Lang* skyn hierby in Afrikaans selfs ’n groter hulpmiddel te wees vanweë sy vormvariant *lank*. So kry ons dan *die lang slaap* teenoor *die lank slaap*, maar veral *lank slaap* (sonder lidwoord: *slaap* is dan ’n s.nw.-korrelaat van ’n ww.), nie teenoor *lang slaap* nie, maar wel naas ’n/*die lang slaap*. Maar dis ’n onderskeiding aan dieselfde kant van die grens, want in altwee gevalle is *slaap* s.nw. Die aanwendbaarheid of nie-aanwendbaarheid van attributiewe en predikatiewe vorme van die b.nw. het dieselfde semantiese funksie: *lank ploeg/n(die) lang ploeg, lelik lap/n lelike lap* ens., maar ook dit lê aan dieselfde kant.

De Groot se derde toets het seker ’n mate van waarde:

„Over het algemeen zal de taalgebruiker, gevraagd naar de betekenis van een transposities, geneigd zijn deze te omschrijven met behulp van het andere lid van de tegenstelling, maar niet omgekeerd. B.v. wel: ‚hameren is slaan met een hamer’, ‚gelen is geel worden’, e.d., maar niet omgekeerd: ‚een hamer is iets dat je gebruikt als je hamert’ of iets dergelyks enz.”<sup>59</sup>

’n Klompie vrae aan studente het ’n hoë persentasie identiese antwoorde gebring, waarby veral opvallend was dat die meeste sukkel om die betekenis te gee van ’n s.nw.-korrelaat van ’n ww., bv. *haat, huil, uitvra* ens. Ook vanweë die swak taalvermoë van toetspersone lyk dié toets dus onbetroubaar.

58. De Groot, A. W.: *Op cit.*, 135.

59. *Ibid.*, 135-6.

## § 11 Die Tussenwerpsel en sy Korrelate

Die tussenwerpsel word algemeen as 'n a-sintaktiese woordsoort beskou: *Eina in Eina! Hoe seer kry ek nou* staan buite die sintaksis van *Hoe seer kry ek nou*. Dit beteken nogtans nie dat alle tussenwerpsels dus altyd a-sintakties verskyn nie. Daar is van hulle, bv. *Ka(r)plaks*, wat binne-in sinne kan verskyn waarin hulle as interjektiewe bywoorde (meesal van wyse) beskou kan word, bv. . . . *daai woorde val sommer kerplaks soos 'n dooi mossie op die grond* (A. H. de Vries: „Frankie offer sy droom”, *Inset*, Junie 1961, 30) en *Die motor het girts om die hoek geskuiwe* e.d.m. Op dié manier het sekere sekondêre tussenwerpsels reeds in Nederlands tot bywoord geword (en soms van bywoord tot b.n.w., bv. *deksels*, soos in Afrikaans *'n dekselse ver ent en 'n dekselse ent, vervloeks* ens.) Maar dis meesal net klanknabootsende interjeksies wat in sinsverband tot bywoord word, bv. Afrikaans *Die ou het pardoems/ploems/woeps neergeslaan*.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Dieselfde het in Nederlands gebeur. Trouens, woordsoortelike verskuiwinge rondom die interjeksie in Nederlands is so omvangryk dat dit, volgens Hesseling gedink, byna 'n Kreoolse indruk maak. Gewoon is byvoorbeeld die gebruik daarvan as s.n.w., bv. *het uiten van ach, een langgerekt ah, een blij aha* (ook gediminueer: *'n ahaatje*), *zijn ai was aanstellerig, het viel met een bof, de eerste klep uit de toren* (ook iteratief-adverbiaal by Vondel: *'t Gepluynde vlercxken elck klep klep beweeght*) ens.

Minder gewoon, maar tog uitgebreid, is die gebruik van die interjeksie as bywoord, bv. *de hond liep er in volle vaart bof op, krek elf uur, hij blaasde de lamp poef uit* ens., asook die byvoeglike funksie, bv. *ik was klets „kletsnat”, krak over iets zijn, 'n krik man „opvlieënd”, ik ben er paf van* (al die hiervoor genoemde voorbeelde uit die WNT), *door lang vasten wordt men wee „flou”* (Van Dale) e.d.m.

Op hierdie terrein het daar niks nuuts in Afrikaans gebeur nie, nog in aard, nog in omvang.

## § 12 Die Voorsetsel en sy Korrelate

Daar is verskeie woorde in Afrikaans wat, volgens die sinsverband, soms bywoord soms voorsetsel is, bv. *aan (sit aan/sit aan tafel), in (spring in/spring in die see), na, om, onder, oor, op, teen, uit* ens. Die vraag is: (a) is hulle in dié soort gevalle korrelate van mekaar, en indien wel, (b) is dit voorsetsels met bywoord-korrelate, of andersom? Ons soek nog na 'n antwoord op sinchrone gronde.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Dié dubbelsisteem is presies soos dit van Nederlands geërf is, en in Nederlands is dit 'n Germaanse erfenis. Die vraag is net of daar hierby in Afrikaans iets besonder gebeur het. Sover nagegaan is, is die antwoord: nee, geen ou bywoord het in Afrikaans voorsetsel geword en geen voorsetsel bywoord nie, tensy 'n mens 'n enkele postposisionele gebruik as bywoordelik wil beskou, bv. *langs*<sup>2</sup> in *langs die huis langs*.<sup>3</sup> Dié sluit by *in die tuin in, uit my uit*, ook *uit uit my uit (en rank soheentoe)* e.d.m. aan, en dit is 'n tipe wat ook Nederlands is. Afgesien van talle voorbeelde wat uit Nederlandse letterkunde aangehaal kan word, soos . . . *ze vloog deur me vinger-tjes deur* (Ar. Tael: *Martijntje*, Amsterdam 1941, 207), gee Pauwels bladsye vol voorbeelde van dié en vergelykbare tipes in Vlaams, bv. *al . . . al, in . . . in, uit . . . uit, door . . . door, over . . . over, op . . . op, voorbij . . . voorbij, bij . . . bij, af . . . af* ens.<sup>60</sup>

### § 13 Die Werkwoord en sy Nie-selfstandigenaamwoord-korrelate

Moontlike materiaal onder hierdie hoof is te beperk in getal dan dat daar enige sprake kan wees van sisteem of produktiwiteit.

Afrikaans het enkele werkwoorde met wat na bywoord-korrelate lyk, bv. *aanhou, glo, vergeet* en *verseg* in *Hy het aanhou gelol tot ons kwaad geword het, Hy was glo weer siek. Sy werk was al vergeet klaar* en *Ek sal dit verseg nie doen nie*. Dit is egter nie sonder meer duidelik dat hulle werklik korrelate van die ooreenstemmende wwe. is nie. *Aanhou* is hier semanties ongeveer gelyk aan *aanhoudend*, dus na genoeg aan die werkwoord *aanhou*. Was dit hier werklik die werkwoord *aanhou* dan moes die vorm *aangehou* gewees het. Vergelyk daarvoor bv. *Hulle het opgehou lol* (egter nie *Hulle het ophou gelol\** nie). In die ander gevalle moet daar egter iets bybedink word om 'n semantiese verband in te sien. Die bywoord *glo* gee immers nie *glo* (of *geloof*) te kenne nie, eerder die teendeel. Die naaste staan dit nog aan *Glo dit as jy wil (maar ek glo dit kwalik)*. Die bywoord *vergeet* beteken „lankal” en is semanties dus nader aan *Ek het nou al vergeet hoe lank al* as aan *vergeet* sonder meer. *Verseg* as werkwoord beteken „beslis weier”, *verseg* as bywoord egter alleen „beslis”.

Dat hierdie bywoord-korrelate nie primêre funksies benoem nie, kan sinchroon afgelei word van die strenge beperktheid van hulle morfologiese en sintaktiese valensies in vergelyking met die soveel uitgebreider valensies van die vorm-identiese werkwoorde.

### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Vergelyking met Nederlands bring wel iets aan die dag in verband met *glo* en *verseg*, maar verklaar nie alles nie. Ons bywoord *glo* berus klaar-

60. Pauwels, J. L.: „De expletieve ontkenning nie(t) aan het einde van de zin in het Zuidnederlands en het Afrikaans”, in *Het Dialect van Aarschot en Omstreken*.

blyklik op die ironiese Nederlands – *geloof ik* –, wat ongeveer gelyk is aan „volgens my meegedeel word (maar dis nog die vraag of ek dit glo)”, en *verseg* berus op die Afrikaanse en Nederlandse werkwoord *verseg/verzeggen* (met voorwerp). Hoe *verseg* tot bywoord geword het, is egter nie duidelik nie.

Wat ook al die diachroniese feite, soveel skyn vas te staan: ons het hier te doen met verskuiwings per woord en nie met analogiese produktiwiteit nie.

#### § 14 Die Deelwoord en sy Voorsetsel-korrelate

Dit is twyfelagtig of Afrikaans selfs twee voorbeelde hiervan het, naamlik *gesien* in bv. *Albert se daad is, gesien die verhouding . . .* (WAT) en *uitgenome* in bv. *Hy het in alles aan ons gelyk geword, uitgenome die sonde*, of is altwee hier meer voegwoorde? Sinchroon beskou, hou hulle wel verband met die betrokke werkwoorde, maar meer bepaald met die voltooide deelwoorde daarvan, sodat wat na hulle in die sin volg, eintlik of ook as voorwerpe beskou kan word.

##### *Diachronie en Vergelyking met Nederlands*

Altwee gebruike is ook Nederlands, en dié soort oorgang geskied blykbaar langs individuele sintaktiese weg. Vergelyk daarvoor ook die geskiedenis en die etimologie van *aangesien*, *maar*, *terwyl* ens.

Dergelike verskuiwinge buite 'n sisteem, een-een en per toeval, het Nederlands ook, selfs van 'n tipe wat niks nuuts in Afrikaans opgelewer het nie, byvoorbeeld die oorgang van werkwoord tot b.nw., soos in die volgende:

*Blijk* in „*blijk* en bloot, duidelik zichtbaar” (Van Dale. 261).

*Gril*: „(VI), bnw. Misschien verwant aan *Grillen*, rillen, . . . IJzingwekkend, duizelingwekkend; ijzig, griezelig . . . // Een gril gezicht . . . Hoe gril dien leidekker daar in de hoogte aan 't werk te zien!” (WNT v, 764)

*Kriel*: „(IV), bnw. en bijw. . . Waarschijnlijk verwant met *Krielen*; de grondbetekenis zal dan ‚wriemelend, bewegelijk’ zijn.” (WNT VIII<sub>1</sub>, 201)

*Stip*: „(II), bnw. en bijw. Een bijzondere toepassing van *Stip* (I) (= s.nw. W.K.) of een afl. van *Stippen* (I).” (WNT XV, 1743)

(Vergelyk verder ook § 10.1 oor die oorgang van s.nw. tot b.nw. e.a.)

Dergelike voorbeelde van werkwoorde wat sonder enige morfologiese of afleidingsteken tot b.nw. geword het in Nederlands, kan per dosyne genoem word. Of dit ooit tot 'n sisteem geword het in Nederlands, laat die naslaanwerke nie blyk nie. Maar hoe dit ook al gesien word, 'n Afrikaanse tipe is dit nie.



Met die oorsig van die veld van woordsoortelike funksiewisseling voor ons, kan ten slotte op 'n paar verdere verskynsels daarby gewys word.

1. Daar is klaarblyklik 'n mate van analogiewerking, meer by die ope tipes oorgange, minder by die geslotener tipes.

2. Die analogie spring nie willekeurig van woordsoort tot woordsoort nie, maar beweeg stelselmatig tussen sekere tipes, hoofsaaklik tussen sekere tipes, hoofsaaklik tussen die vier ope woordsoorte.

3. Die funksiewisseling kom as stelsel alleen voor wanneer daar geen betekenisbreuk of sprong is tussen die betekenis van 'n woord in sy gewone funksie en die betekenis van dieselfde woord in sy ander funksie nie. Is daar wel so 'n breuk of sprong, moet altyd daarmee rekening gehou word dat ons òf met 'n totaal ander woord te doen het òf met 'n heel besondere ontwikkeling. Kyk maar weer na die geval *katoen* as b.nw. in Nederlands en die gevalle *suiker* en *kam* „vasknyp” as werkwoorde in Afrikaans. *Suiker* in bv. *Kom ons suiker af dorp toe* kan, wat sy betekenis betref („gaan”), nie die s.nw. *suiker* „soetmaakmiddel” wees wat tot werkwoord geword het nie. Of dit miskien 'n vertaling (?) is van Bantoe-Afrikaans *soegha* (= Engels/fuga: /) „suiker”, en Bantoe *suga* „loop, gaan” is nie duidelik nie. *Kam* in 'n *ryding kam* „met die knieë vasknyp” kan geen verband hou met die s.nw. *kam* „getande instrument vir die versorging van hare” nie. Dit is onvertaalde Hottentots ('*kam*).

4. Onkunde, verdraaiinge, verbloeming, taalspel en dergelike faktore lewer soms produkte wat heeltemal ondeursigtig is sonder kennis van die ontstaansomstandighede daarvan.

5. Selfs ope tipes oorgange het beperkinge of begrensinge, byvoorbeeld dié wat geïllustreer is met die korrelate van s.nwe., wwe. en b.nwe. ens. Dergelike begrensinge is soms semanties, soms morfologies, soms sintakties, en soms meer as een gelyktydig. Die oorgang van een woordsoort tot 'n ander beteken dus nie dat dit dus outomaties al die gebruiksmoontlikhede van die nuwe soort verower nie.

6. Hoewel daar geen taalkundige grond skyn te wees om te vermoed dat samegestelde woorde hulle ten opsigte van woordsoortelike meerkunksionaliteit wesenlik anders gedra as onsamegestelde woorde nie, is daar tog aanduidings dat sekere tipes oorgange meer dikwels kan voorkom as ander, byvoorbeeld dié wat ontstaan het uit stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : werkwoord en stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : werkwoord in Nederlands, en stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. in Afrikaans. (Vergelyk Hoofstuk 3 en vlg.)

## Probleme in verband met Komposita

### § 15 Algemene Opmerkings

#### § 15.1 Komposita: samestelling en samekoppeling

Omdat samestelling en samekoppeling soveel identiese kenmerke en funksies het, is 'n groepnaam vir al twee nodig. Daarvoor word hier die woord kompositum gebruik. 'n Kompositum is dan enige woord wat bestaan uit twee of meer komponente wat selfstandige woordkorrelate het, met mindere of meerdere fonetiese eenheid, eenheid van betekenis (semantiese eenheid) en eenheid van funksie (funksionele en/of morfologiese eenheid). Op hierdie eenhede word verderop nader ingegaan.

#### § 15.2 Skryfwyse van komposita

Waar ons ons hier met die taalbou van Afrikaans besig hou, sou dit nie goed pas om oor 'n uiterlikheid soos spelling te skrywe nie. Tog moet ons daarop wys dat die skryfwyse van samegestelde woorde in die praktyk groot moeilikheid gee – so word altans gewoonlik gesê. Eintlik lê die moeilikheid egter nie by die samegestelde woord nie, want as ons weet dat 'n woord 'n samestelling of 'n samekoppeling is, skrywe ons dit aan een. Die moeilikheid lê daarin dat ons nie op eksakte manier kan vasstel wanneer sekere woordverbindings komposita vorm en wanneer hulle (losser) woordgroepe is nie. En dergelyke eksakte maniere moet ook en veral prakties wees om te deug.

Sover ek kan sien, kan die taalwetenskap hieraan niks verhelp tensy die spellende publiek bereid is om 'n groot mate van vryheid te aanvaar nie. Want feit is nou eenmaal dat die grens tussen woordgroep en samekoppeling nie skerp en helder is nie. Daarom sal die liewer-vas-mense genoeë moet neem met byvoorbeeld *belang stel* en *raak gooi* deur die liewer-los-mense, en dié sal genoeë moet neem met *belangstel* en *raakgooi* van die liewer-vas-span. Dit sou in ooreenstemming wees met die huidige struktuur van Afrikaans op hierdie punt.

Hiermee saam, hang sekere probleme van sistematiek, soos byvoorbeeld die volgende twee:

1. 'n Ou vraag is of woorde soos *oorbluf*, *oorloop*, *aanlê* en *aanvaar* samegestelde of afgeleide woorde is. Ons kan nie sonder meer antwoord nie omdat ons nie altyd presies weet wat 'n woord is nie, dus ook nie altyd presies wanneer 'n gegewe klank- of foneem(groep) dalk 'n formans is nie. So het baie mense die element *toe* in *huis toe*, *kerk toe* as agtervoegsel beskou, vergelykbaar met bv. *-waarts* in *huiswaarts/kerkwaarts*, en dit dus ook aanmekaar geskrywe. Die meederheid het egter aangeneem dat

toe 'n woord is – en dan kan natuurlik wel oorweeg word of dit 'n kompositum vorm in 'n voorafgaande woord, en dus aanmekaar geskrywe moet word, en of dit 'n woordgroep vorm wat los kan wees, soos dit nou is.

2. Die jongste probleem wat opgewerp is, is die vraag of verbindings soos *afarmsoldaat*, *rooikopmeisie*, *breërandhoed* inderdaad samestellings is. Is hulle nie tweeledige woordgroepe nie: *afarm soldaat*, *rooikop meisie*, *breërand hoed*? Myns insiens het Posthumus<sup>1</sup> sy saak nie bewys nie, seker nie vir alle voorbeelde van hierdie tipe nie. Daarom moet dit myns insiens voorlopig nog, wat die skryfwyse betref, as komposita beskou en behandel word.

### § 15.3 Probleme van vorm, semantiek, geneties en stilistiek

Vorm in verband met die kompositum kan twee dinge beteken, naamlik

(a) klankvorm, dit wil byvoorbeeld sê of gegewe gevalle verbindingsklanke het of nie, bv. *boerebeskuit*/*boerbeskuit*, *streekskongres*/*streekkongres*, *ontploffingstof*/*ploffstof* e.d.m.;

(b) volgorde van die komponente: *rughandhou* of *handrughou*, *lesingreeks* of (woordgroep) *reeks lesings* ens.

Die hardnekkigste moeilikheid wat mense met die semantiese kant van komposita het, is dat terwyl verwag word dat die kompositum moet „sê wat die ding is”, dit so dikwels nie „sê wat die ding is” nie. Ons sal sulke probleme verderop bespreek.

Die sentrale probleem hier is om die grense te bepaal van produktiewe tipes. Ons behandel sulke geval(le) later.

Kom alle kompositumsoorte in elke stylverband voor? Sover ek kon nagaan, ja. Maar daar is by verskillende tipes baie groot verskille in gebruiksfrekwensie volgens stylverskil. Dit wil sê dat sulke verskille meesal net statisties bewysbaar is.

### § 15.4 Taalvorm, verhouding en funksie by komposita

Wie uitsluitend op die vorm van enige gegewe stuk taal afgaan, moet tot 'n onhoudbare gevolgtrekking kom – gestel selfs dat hy dan in die geheel iets daarvan verstaan, behalwe natuurlik net om te weet wat dit beteken. Iets soos *heeldag op iemand se nek lê* of *op die hoeke van die strate lê* vind die meeste mense waarskynlik nie so erg vreemd nie, want dit is immers oordragtelike taal en die meeste weet iets van figuurlike taal of beeldspraak. Maar konfronteer hulle nou met bv.

<i>Die eiers begin pik</i>	teenoor	<i>Die hoenders sal jou pik,</i>	of
<i>Pasop, jy sal steek</i>	teenoor	<i>Pasop, jy sal afval,</i>	of
<i>Die stoel sit nie lekker nie</i>	teenoor	<i>Ek sit nie lekker nie,</i>	of
<i>Jy is mos hier om te werk</i>	teenoor	<i>Eet, man, die vrugte is mos hier om te eet,</i>	

dan weet hulle nie goed raad daarmee nie.

1. Posthumus, M. J.: *Die vry preadjunk in Afrikaans*.

Taalkundig kan ons in die bostaande gevalle sê: Gelykheid van taalvorm is nie sinoniem met gelykheid van sinsverhouding of sinsfunksie nie, of die taalvorm nou al 'n sin (sinsvorm) of 'n woord (woordvorm) is. In die bostaande sinne is die sinsvorme dieselfde, naamlik (grammatiese) onderwerp voorop, gevolg deur verba in die aktiewe vorm: *pik, steek, sit, eet* ens. Maar ons bedoel tog daarmee en verstaan daaronder „gepik en gestee (sal) word”, „(vir 'n mens) om op te sit”, en „om geëet te word”. Net so is die woordvorm van sê maar *straatveër* en *straatvrou* en *visvrou* en *viskop* dieselfde, naamlik twee s.nwe., maar die verhouding tussen die dele is heeltemal verskillend: in *straatveër* het ons 'n voorwerpsverhouding, in *straatvrou* iets van 'n lokale verhouding, in *visvrou* 'n soort bedryfsverhouding en in *viskop* 'n genitiefverhouding.

Selfs as die verhouding tussen die dele dieselfde is, is die funksie van die geheel soms totaal anders. *Broekskeur* en *naelskraap* is net so saamgestel soos bv. *bloedlaat* en *haresny*, naamlik stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat, maar die eerste twee is b.nwe. en/of bywoorde, en die laaste twee wwe. of s.nwe. (wat deur die sinsverband bepaal word by die laaste twee).

Haal ons nou die grootste verskeidenheid van sulke en soortgelyke gevalle bymekaar, blyk daaruit dat in sintaktiese studies waar dit te pas kom, aandag bestee moet word aan verskeie gesigspunte, waarvan die belangrikste in die volgende paragrawe nader toegelig word.

## § 16 Enkele algemene Kenmerke van Komposita

Wie komposita bestudeer, moet o.a. die volgende steeds in die gedagte hou.

### § 16.1 Semantiese kenmerke

1. Die laaste deel van die kompositum dra gewoonlik die kernbetekenis van die geheel: *karperde* is „perde”, ’n *perdekar* is „'n kar”, *blikkiesmelk* is „melk”. (Daar is nogtans ook gevalle (a) waar die eerste deel die kernbetekenis dra: *goewerneur-generaal*, *sekretaris-generaal*; (b) waar altwee dele gelyke betekenis het: *doofstom*, *domastrant*; (c) waar dit 'n saak van interpretasie is of die eerste dan wel die tweede lid die kernbetekenis dra, maar waar die een nouliks as aan die ander ondergeskik beskou kan word: *eendvoël*, *varkdier*, *mansmens*.)

2. 'n Deel of die geheel van die kompositum word soms oordragtelik aangewend: *houtduiwel* „hotnotsgot”, *kraaibek* „instrument”, *meeldiaken* (spotnaam by Van Bruggen uit *Op Veld en Rante*, 14; glad geen diaken nie), *vetsak* „vet mens”, *middelmannetjie* „deel van grondpad”.

3. Die kompositum benoem nie alle kenmerke van die ding nie (net so min as wat 'n onsamegestelde woord dit doen): dit benoem een of meer kenmerke, of die plek van herkoms, of die materiaal of die gebruik ens.,

bv. *sakdoek* (*neusdoek* sou nader gewees het, maar sou nog geensins alle kenmerke genoem het nie), *maanhaar* (noem glad nie dat dit 'n leeu is nie), *toebroodjie* (noem nie dat dit opmeakaargeplakte snye is nie), *bitterkaroo* (verswyg dat dit 'n plant is) ens.

4. Binne dieselfde wyse van samestelling kan 'n hele verskeidenheid van verhoudinge tussen die dele beslote lê. Die volgende is byvoorbeeld almal presies eenders saamgestel, naamlik stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: *leiwater* „water wat/waarmee gelei word”, *braaivleis* „gebraaide vleis”, *syferwater* „syferende water”, *opgaardam* „dam wat water opgaar” ens.

Daar is al baie pogings aangewend om die verhouding tussen die dele van komposita sistematies te beskrywe, byvoorbeeld deur Brugmann<sup>2</sup>, Paul<sup>3</sup>, Curme<sup>4</sup> ens., almal insiggewend en verdienstelik, maar dit is alleen sedert die werk van Bloomfield, Chomsky e.a. dat daar nuwe en bevruggende gedagtes gekom het. Die belangrikste daarvan is stellig dié van Lees<sup>5</sup>. Hoewel sy gedagtes eintlik net goed gevolg en beoordeel kan word saam met kennis van die Generatief-Transformasionele Grammatika, is die wesenlike van sy beskouing tog duidelik genoeg gegee.

Lees sê naamlik onder meer die volgende:

“... in my view, nominal compounds are understood on the basis of certain fixed syntactic relations (subject, object, etc.) which are specifiable only in terms of the relations among the constituents of underlying sentences, ...”<sup>6</sup>

in aansluiting by wat hy reeds eerder gesê het, naamlik

“When we examine the internal structure of more complex nominals we see that it usually incorporates the major grammatical relations found in whole sentences”<sup>7</sup>,

en verder “nominal compounds (are) transformed versions of sentences.”<sup>8</sup>

Daar is dan, volgens hom, nege sulke „major grammatical relations”, naamlik

- “1. Subject – Predicate
2. Subject – Middle Object
3. Subject – Verb
4. Subject – Object

2. Brugmann, K.: „Über das Wesen der sogenannten Wortzusammensetzungen. Eine sprachpsychologische Studie.”

3. Paul, H.: *Deutsche Grammatik*, Bd. V, Teil IV: Wortbildungslehre.

4. Curme, G. O.: *Syntax* (Vol. III of *A Grammar of the English Language*).

5. Lees, R. B.: *The grammar of English nominalizations*.

6. *Ibid.*, xxxix.

7. *Ibid.*, xviii.

8. *Ibid.*, xix.

5. Verb – Object
6. Subject – Prepositional Object
7. Verb – Prepositional Object
8. Object – Prepositional Object
9. Proper Nouns and Naming.”<sup>9</sup>

Lees weet en gee toe dat

“... nominal compounds are (indeed) understood on the basis of certain fixed syntactic relations (subject, object, etc.) which are specifiable only in terms of the relations among the constituents of underlying sentences, and ... nominal compounds are indeed multiply ambiguous, i.e. can be understood, each one, in several of the possible ways allowed by the grammar ...”<sup>10</sup>,

waarvan hy ook voorbeelde gee. Hy is hom ook goed bewus van gebreke in sy uiteensetting, maar meen tog dat hy op die regte spoor is. As sy beskouinge werklik van waarde moet wees, nie alleen vir Engels nie, maar ook vir Afrikaans, sou dit getoets moet en moes word nie net aan en met nominale komposita nie, maar aan alle soorte. Dit is gedoen met ’n groep voorbeelde van elkeen van die 43 verskillende tipes komposita wat in hierdie bundel bespreek word. Daaruit blyk die volgende:

Ook nie-nominale komposita kan verstaan word “on the basis of certain fixed syntactic relations (subject, object etc.) which are specifiable only in terms of the relations among the constituents of underlying sentences”. Gebruik ’n mens daarvoor, net om die toetsing, De Groot se indeling van konstruksies<sup>11</sup>, kry jy ongeveer die volgende:

I. (a) relasioneel, verbindende lid neweskikkend, bv.

*domastrant, vaalverslae, agterin, Boet-hulle, bêre-koop, boor-boor, bakke-bakke, tjirp-tjirp.*

(b) relasioneel, verbindende lid onderskikkend, bv.

*dronk-dronk, asynsuur, gifsiiek, hoenderkop, breekvry, blousel-blou, bankvas, baasraak, bedel-bedel (loop), doekvoet, klompies-klompies, aanvalsbevel, sangfees.*

II. kern-adjunk

(a) kern = eienskapsw., adjunk = bw. van graad, bv.

*dubbele-dubbele (straf), dronk-dronk (slinger), amper-skoon, lang-gerekte, amper-amper, boor-boor.*

9. *Op. cit.*, xiii–xv.

10. *Op. cit.*, xxxix.

11. De Groot, A. W.: *Inleiding tot de algemene taalwetenschap*,<sup>2</sup> 66–67.

- (b) kern = ww., adjunk = bw. bepaling, bv.  
*aansterk, hardwerkend, deugniet, afkap, aangee, baasraak, blaai lees, aansuiker.*
- (c) kern = s.nw., adjunk = eienskapswoord, bv.  
*anderkant, domsiekte, hartseer, bakke-bakke; borrelgeluidjie.*
- (d) kern = voors. + voors.-voorw., adjunk = eienskapsw., bv.  
*biesie-omringde, sononder, padaf.*
- (e) kern = eienskapsw., adjunk = eienskapsw., bv.  
*kraak-kraakdun.*
- (f) kern = s.nw., adjunk = deiktiese bepaling, bv.  
*inkoejawel.*
- (g) kern = s.nw., adjunk = telw., bv.  
*driebeen.*
- (h) kern = tussenwerpsel, adjunk = bw. graadbepaling, bv.  
*tjirp-tjirp.*

### III. onderwerp-gesegde, bv.

*been-af, poot-uit, dikbek, biesie-omringde, bankvas, dagbreek, proefpreek, kwê-voël, borrelgeluidjies, brandmerk.*

### IV. gesegde-voorwerp, bv.

*duiselingwekkend, melkverkoop, fietsry.*

Dit wil nie sê dat daar geen besware en/of probleme oorbly nie:

1. Daar is byvoorbeeld 'n hoë mate van willekeurigheid in die taalbeskouer se besluit(e) met watter sintaktiese verhouding 'n gegewe kompositum(tipe) verband hou.

2. Die begrippe en terminologie waarmee Lees en ons noodwendig moet werk by die indeling van „sintaktiese verhoudinge” is nog nie wetenskaplik verantwoord nie – byvoorbeeld onderwerp-voorwerp ens.

3. Deurgaans word in dié indeling komposita met ongelyksoortige sintaktiese funksies op grond van die gelyksoortige sintaktiese funksie na analogie waarvan hulle gevorm is, onder dieselfde kategorie ingedeel – dus eintlik 'n diachroniese waarheid, wat van die sinchronie 'n leuen maak, want die taalgebruiker realiseer nie *aansterk, deugniet, blaai lees, baasraak* as gelyksoortighede nie, hoewel hy hulle volgens voorbeeld van dieselfde sintaktiese verhouding, naamlik gesegde-bepaling sou kon gevorm het.

Hoe gaan die taalbeskouer vir die taalgebruiker die sintaktiese en semantiese funksies van bv. *hoenderkop, doekvoet, vuurbek, dikbek, hardekwas, beenaf* ens. ooreenbring met sy kategorisering van dié woorde op grond van sintaktiese funksies waarop hulle berus, nl. *kop van 'n hoender, 'n dik bek, 'n harde kwas, 'n af been* ens.?

4. Sogenaamde eksosentriese komposita, d.w.s. dié waarvan die funksie in hierdie bundel sekondêr genoem is, bv. *poot-uit*, *hoenderkop* „dronk”, *druipstert* (bw.) ens., word nie bevredigend gehanteer nie. Dit skyn in hoofsaak ’n probleem(pie) vir die semantikus te wees.

5. Soos uit 4. (bl. 86 vlg.) blyk, word die besondere verhouding tussen die dele ook nie in die vorm van die kompositum aangedui nie. Kyk verder ook na die volgende: *langbeenvolstruis* is nie „’n volstruis met net een lang been” nie, maar daar kan nie omdat hy twee lang bene het, gesê word *langbenevolstruis\** nie; ’n *veerpoothoender* het nie net een veer aan die een poot nie, maar daarom kan dié hoender nie ’n *verepotehoender\** genoem word nie. Mense sê so dikwels dat bv. *meisieskool* as volg gespél behoort te word: *meisiesskool\**, omdat dit immers „’n skool vir meer as een meisie” is. As dit ’n geldige argument was, sou ons kon sê: aangesien ’n *pannekoek* net in een pan gebak word, moet ons dit ten minste ook spel: *pankoek\**, al sou ons dan miskien nog *pannekoek* sê – wat onsin sou wees. Ons kan dit ook anders stel: of die eerste komponent(e) van komposita verbindingsklanke het of nie het nie (-e-, -s-, -er-, -ing- ens.), word nie deur die verhouding tussen die komponente bepaal nie.

#### § 16.2 Benoeming, volgorde, groepering en verskeidenheid van komponente

Komposita word hoofsaaklik analogies gevorm. Vir die taalmens wat nuwe komposita moet beoordeel, is dit dus van onmiddellike belang om steeds analoga te vind, ook om die ontstaan van nuwe komposita te verklaar.

Dan is dit noodsaaklik dat hy eers die komponente grammaties benoem. Volgens hulle funksie in die kompositum of volgens hulle usuele funksie? Om te benoem volgens die funksie in die kompositum, is waardeloos omdat in verreweg die meeste gevalle die funksie van die eerste komponent adjektiewies of adverbiaal is by die tweede. Beskrywe ons nou die funksie as adjektiewies-adverbiaal, dan is dit iets wat van die meeste soorte komposita geld, maar wat nie onderskei nie, want dan sou die volgende byvoorbeeld identies wees: *baanrekord*, *drinkwater*, *geelperske*, *kapoeterbekmuis*. Dit is meer prakties om te benoem volgens die usuele funksie. En dan is *baanrekord* stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, *drinkwater* is stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, *geelperske* is stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat en *kapoeterbekmuis* is . . . ? Dit kan ons slegs sê as ons weet wat *kapoeter* is. Laat ons sê ons weet nie, dan weet ons ten minste wat *kapoeterbek* is, naamlik s.nw., en dan kán ons ten minste sê *kapoeterbekmuis* is ’n stam met ’n samegestelde s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. Hiermee kom ons ver, maar nie end-uit nie, want is bv. *werkesel* nou stam met ww.-korrelaat of stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat,



en *slaapdronk* en *slaapkamer*, is dit die stam van die s.nw.-korrelaat of die ww.-korrelaat *slaap* wat ons hier het? Ons kan 'n antwoord probeer vind deur te vra: watter woordsoort sou die probleemwoord wees indien ons die betekenis van die hele kompositum probeer gee in terme van die betekenis van sy komponente. Dan sou ons kon sê: 'n *slaapkamer* is „'n kamer waarin geslaap word of waarin 'n mens slaap”, en dan sou ons dié *slaap* as stam met werkwoord-korrelaat kon beskrywe. Doen ons nou dieselfde met *slaapdronk*, sou ons sê dit beteken „dronk van (as gevolg van, as nawerking van) die slaap”, net soos *wynsat* sou beteken „sat van die wyn”, sodat ons dan hier met *slaap* as stam met s.nw.-korrelaat te maak het (parallel met *wyn*). Dink ons daarenteen egter aan bv. *Hy is aan die slaap/aan die skrywe/aan die rondloop* dan word dit darem ernstig die vraag of 'n beskrywing as stam met s.nw.-korrelaat sonder meer korrek is. In die gevalle soos *slaapdronk* verdien dit dan aanbeveling om as volg te beskrywe: stam met ww.-/s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat.

Daar is meer moeilikhede met die benoeming van die komponente van komposita. Dit word elders in die paragraaf oor gemeenskaplike beskrywingsprobleme in verband met komposita, afleiding en meerkomponensiteit bespreek.

Verder is dit ook noodsaaklik om op die volgorde en groepering van komponente te let: *perdry* en *ryperd* is nie analoog nie, want *perdry* is stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat en *ryperd* is net omgekeerd: stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (afgesien daarvan dat hulle nie dieselfde beteken nie; vergelyk ook § 16.1 l. hiervan). *Bokmelk* en *melkbok* kan beskou word as eenders saamgestel: stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, en dan is hulle grammaties wel analoog, maar semanties is hulle oneenders. *Lepellê* en *lêhoenders* bestaan altwee uit 'n stam met 'n s.nw.-korrelaat en 'n stam met 'n ww.-korrelaat maar 'n belangrike verskil lê in die volgorde van die dele: die een is 'n stam met s.nw.-korrelaat eerste gevolg deur 'n stam met ww.-korrelaat, die ander omgekeerd: 'n stam met ww.-korrelaat gevolg deur 'n stam met s.nw.-korrelaat, en die twee is dus nie analoog nie.

In meerledige komposita, d.w.s. dié met meer as twee komponente, is dit verder dikwels ook van belang om op die groepering te let. *Veerpoot-hoender* is byvoorbeeld nie sonder meer *veer* + *poot* + *hoender*, of stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat nie, maar wel *veerpoot* + *hoender*, dus (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + stam met s.nw.-korrelaat, en dus nie sonder meer gelyk aan bv. *senuwee-hoofpyn*, *kabaretdansmusiek* ens. nie, wat stam met s.nw.-korrelaat + (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) is.

Net soos in die geval van bv. *jou sê sê* ens. is dit by komposita verder ook van belang of woorde in 'n kompositum herhaal word dan wel of dit verskillende woorde is wat saamgestel is. Net so min as wat bv. *jou sê sê* sonder meer gelyk gestel kan word aan bv. *jou werk doen*, met *sê* en

werk as voorwerpe, net so min is bv. *drafstap* of *ryloop* of *huilpraat* (as werkwoorde, met verskillende stamme met ww.-korrelate saamgestel) sonder meer identies met bv. *lag-lag* of *fluit-fluit* ens. (as werkwoorde, saamgestel deur herhaling van die stam met ww.-korrelaat).

### § 16.3 Grammatiese funksie van die kompositum in sy geheel

Volgens die grammatiese komponente kan *broekskeur* en *perdry* as identies beskou word, al hoef dit nie: altwee stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat. *Perdry* word egter òf as ww. òf as s.nw. gebruik, en *broekskeur* vrywel altyd net as bywoord, bv. *Dit gaan broekskeur*. Aanvaar ons nou die naamwoordelike en werkwoordelike funksie van komposita soos *perdry* as die normale – ons het immers honderde daarvan in Afrikaans – dan is dit duidelik dat *broekskeur* se bywoordelike funksie om verklaring vra. Stel ons nou verder vas dat daar baie min soos *broekskeur* is, bv. *naelskraap*, *boomskraap*, dan word dit nòg duideliker dat hier iets besonders aan die gang is of was. Ons sê dus daar moet gelet word op die funksie van die kompositum in sy geheel.

### § 16.4 Semantiese en stilistiese waardes

Hierdie twee waardes is meesal baie ontwykender as die voriges wat hier genoem is. Dit word later vollediger behandel.

Wat hier volg, is bedoel om sommige van die gesigspunte wat onder § 16.1 tot en met § 16.3 genoem is, nader te illustreer deur hulle in taalprobleme in verband met komposita toe te pas.

### § 17 Probleme van die Sistematiek

Ons onderwys hou nog vas aan die onderskeiding tussen samestelling en samekoppeling: samestelling sou dan analogies gevorm word, sê maar bv. *kopmense* (J. van Bruggen: *Ampie die Kind*<sup>4</sup>, 130) na analogie van bv. *kopstukke*, *kopskoot* of iets dergeliks, en samekoppeling sou (langsaam) uit sinsverband ontstaan, naamlik so dat twee of meer woorde wat lank los langs mekaar voorkom, ten slotte soms saamgetrek word tot een woord, sê maar bv. (*'n*) *dik bek* tot *dikbek*.

Tog deug die onderskeiding op dié manier nie heeltemal nie. Dit is wel waar dat ons van die meeste óu samekoppelingse weet dat hulle so ontstaan het, maar 1) watter bewys is daar dat sê maar *dunlip* nie analogies en spontaan gevorm is na analogie van bv. *diklip*, *dikbek* en dergelike meer nie? En 2) watter aanduiding is daar in enige woord self van die wyse waarop dit sou of kon ontstaan het? Watter aanduiding is daar dus in byvoorbeeld *kopmense* dat dit nie 'n samekoppeling sou wees nie, en in

*dunlip* dat dit wel een sou wees? Daar is in die woorde self geen aanduiding dat die een spontaan of onmiddellik gevorm sou gewees het en die ander nie, wel dat die een kon ontstaan het uit sametrekking van wat in 'n sin langs mekaar kan voorkom (*dunlip* uit ('n) *dun lip*). Daarom wil ek die onderskeiding tussen samestelling en samekoppeling anders stel. Die kenmerk wat die samestelling van die samekoppeling onderskei, is die volgende:

die dele van die samestelling is nie isoleerbaar tot losse sintaktiese jukstaposisie met behoud van dieselfde verhouding tussen die dele nie. Daarenteen is die dele van die samekoppeling wel isoleerbaar tot losse sintaktiese jukstaposisie met behoud van dieselfde verhouding tussen die dele.

Die bogenoemde onderskeiding het enigsins toeligting nodig. Dit kan gedoen word aan die hand van voorbeelde soos *Gaan koop suikerbrood en botter* en *Sy ryperd is siek*. Op grond van die fonetiese eenheid (snelle tempo, en aksent net op *suiker*, dus *suikerbrood* en nie *suikerbròod* nie), betekenseenheid (*suikerbrood* is net „brood”, nie „suiker” ook nie), en funksionele en morfologiese eenheid (*suikerbrood* fungeer as een s.nw. en die meervoud word net by *brood* aangegee, nie ook by *suiker* nie, hoewel die s.nw.-korrelaat van *suiker* sy eie meervoud *suikertjies* het, dus *suikerbrode* en nie *suikertjiesbrode*\* nie), noem ons *suikerbrood* 'n kompositum. Maar is dit nou samestelling of samekoppeling? Samestelling, omdat, hoewel die dele isoleerbaar is tot bv. *Gaan koop suiker, brood en botter*, die verhouding tussen *suiker* en *brood* nie eenders is in die twee gevalle nie: in *suikerbrood* het *suiker* 'n adjektiewiese funksie ten opsigte van *brood* en in *suiker, brood* ens. nie.

In *Sy ryperd is siek* kan die fonetiese, die semantiese en die funksionele eenheid van *ryperd* bewys word, sodat *ryperd* 'n kompositum sal heet. Wat dit egter 'n samestelling maak en nie 'n samekoppeling nie, is min of meer dieselfde oorweging as in die geval van *suikerbrood*: die dele is isoleerbaar tot losse sintaktiese jukstaposisie (sy dit dan byvoorbeeld so: *Sy ry perd* en nie in die gegewe sin nie), maar die verhouding tussen *ry* en *perd* in *Sy ryperd* is ten ene male nie dieselfde as dié tussen *ry* en *perd* in *Sy ry perd* nie. In *ryperd* is daar 'n adjektiewiese verhouding en in *Sy ry perd* 'n objeksverhouding. Daarenteen is die verhouding tussen *perd* en *ry* dieselfde of dit nou al in die sin *Perdry is gesond* of in die sin *Hy kan die perd ry* is. Daarom is *perdry* 'n samekoppeling.

Absoluut is die onderskeiding hoegenaamd nie: gevalle soos *poot-uit, hartseer* ens. is van een kant beskou samestellinge, en van 'n ander kant beskou samekoppeling. Net so min is die onderskeiding tussen kompositum en nie-kompositum absoluut: 'n belangrike deel van die proefskrif van dr. M. J. Posthumus<sup>12</sup> handel juis daarvoor of byvoorbeeld sê maar

12. Posthumus, M. J.: *Die vry pre-adjunk in Afrikaans*.

*langhaaresel* en *eerstejaarstudent* nou komposita is of woordgroepe (wat dan moontlik so geskrywe moet word: *langhaar esel*, en *eerstejaar student*). Waarom moet 'n gebrekkige onderskeiding dan tog gehandhaaf word? Omdat ons in die derduisende gevalle waar ons tog redelike duidelikheid en sekerheid het, die volgende gebruik daarvan kan maak:

(a) Samestellinge word altyd aaneen geskrywe.

(b) Samestellinge het dikwels duidelike stylwaardes. (Hieroor later meer.)

(c) Die onderskeiding tussen samestelling en samekoppeling is geneties onontbeerlik.

## § 18 Vormprobleme by Komposita

Hier kom veral verbindingsvorme en die volgorde van komponente in die kompositum ter sprake.

### § 18.1 Verbindingsvorme of „verbindingsklanke”

Dit is gebruikelik om die *-s-* in bv. *badskamer*, *verjaarsdag*, *werksklere* en dergelike meer 'n verbindingsklank te noem. Dit is egter 'n vraag of dit nie 'n misleidende naam is nie, want dit suggereer dat so 'n klank nie deel is van een van die komponente van die kompositum nie, maar net 'n deel van die geheel. Dit kom ons voor dat die posisie in Afrikaans ook is soos De Groot dit vir Nederlands sien:

„Een grensgeval tussen één morfeem en een zelfstandig morfeem met een flectiemorfeem zijn de specificantia met een paramorfeem *-s*, zoals in *schaapskooi*, *zinsklank*, *manshoogte* e.d., soms met een speciale klinker: *scheepsarts*, *scheepstdokter*, *scheepsrecht*. Met ‚paramorfeem’ of ‚paramorfematische vorm’ bedoelen we een vormmoment aan de eenheid die aan deze geen betekenis geeft, maar een bepaalde (morfologische) valentie geeft, d.i. als specificans gebruikt te worden. Deze *-s* is niet een apart element tussen twee delen van het woord, een ‚verbindingsconsonant’. Een compositum heeft in het Nederlands evenveel segmenten als het morfemen of morfeemcombinaties heeft, en deze *-s* is duidelijk een vormmoment aan het eerste segment, het specificans. Bovendien kan de speciale klinker *ee* in *scheeps-(arts)* e.d. niet als verbindingsklinker of ‚blindvocaal’ beschreven worden, en deze is *met de -s samen* een vormmoment aan het eerste segment.”<sup>13</sup>

Daar is aanduiding dat die taalgebruik die sogenaamde „verbindingsklank” vrywel konsekwent by die eerste lid van 'n kompositum groepeer.

13. De Groot, A. W.: *Op. cit.*, 127.

(a) As komposita met sulke klanke in gebreekte reekse gebruik word, is dit altyd met dié klank(e) by die eerste, of in elk geval 'n binne-komponent: *aanvals-* of *afweerwapens*, *aanvangs-* en *sluitingsgesange*, *afstands-* en *kontakkomposita*, *werkgewers-* en *werknemersbelange* ens. (Vergelyk in dié verband ook die gebruik van WAT, bv. *distriksagent/-hoof/-vereniging*, *doktersadvies/-mes/-resep*, *dorpsbasaar/-fees/-lewe*.)

(b) Die „verbindingsklank kan altyd saam met die voorafgaande morfeem as end van 'n foneemreeks uitgespreek word: *gebieds-*, *gebruiks-*, *gedrags-*, *gehoors-* maar nie altyd saam met die morfeem wat daarna volg nie, of indien wel, dan is dit nie altyd 'n tipe foneemverbinding wat Afrikaans is vir die begin van 'n foneemreeks nie, bv. *sg-*, *sh-*, *sr-* in byvoorbeeld *woningsgeskil*, *verkeershoof*, *geluidsrigting*.

„Verbindingsklank” is dus nie verkeerd nie, maar moet dan verstaan word as deel van die voorafgaande morfeem. Dan strook dit ook met die feit dat sulke vorme soms eindkomponente van komposita is, soos in *grootskeeps* (vgl. *skeepswerf*), *goedsmoeds* (vgl. *moedswil*).

Die vraag om te stel en te probeer beantwoord, is dus of daar enige reël of reëlmaat is in verband met sulke verbindingsvorme. Dit kan egter alleen indien dit altyd duidelik is of ons met verbindingsvorme te make het of nie. Is *wilde* en *eike* verbindingsvorme in bv. *wildeals* en *eikehout*? Daar-naas het ons immers ook *wild* en *eik*.

Ons kyk eers na gevalle waar dit wel volkome duidelik is. Moontlik kan dit ons dan help met probleemgevalle.

1. *-d /t/*

Voorbeelde: *huishoudkundig/-skool*, *skeldnaam/-taal* (teenoor *huishou*, *skel*).

2. *-dens /dəns/*

*benydenswaardig*, *lydensbeker/-week/-weg* (teenoor *beny-ly*).

3. *-der /dər/*

*beendergestel/-samestel/-stelsel* (teenoor *been*).

4. *-ds /ts/*

*skeidslyn/-muur/-regter* (teenoor *skei*).

5. *-e /ə/*

*leeueaandeel* (teenoor *leeu*, *leeus*).

6. *-en /ən/*

*vliegensnel* (teenoor *vlieg*).

7. *-ens /əns/*

*aanbevelenswaardig*, *afkeurenswaardig*, *betreurenswaardig*, *lesenswaardig*, *prysenswaardig* (teenoor *aanbeveel*, *afkeur*, *betreur*, *lees*, *prys*).

8. *-er /ər/*

*aanvullenderwys(e)*, *kalwerhok*, *kinderskoen/-verhaal* ens., *lammerhok/-kraal/-vanger* ens., *suiderbreedte/-lig/-see* ens., *vraenderwyse* (teenoor *aanvullend*, *kalf*, *kind*, *lam*, *suid*, *vraend*).

9. *-ing* /əŋ/  
aanmeldingsvorm, aanstellingsbrief, beskawingspeil (teenoor *aanmeld*, *aanstel*, *beskaaf*.)
10. *-n* / (ə)n/  
koppent, voetenent (teenoor *koppe*, *voete*).
11. *-ns* / (ə)ns/  
binnenshuis, etensklok/-tyd/-uur ens., vergewensgesind, vertrouensman (teenoor *binne*, *ete*, *vergewe*, *vertroue*).
12. *-s*  
aankoopsprys, aanvalsaksie/-beleid/-krag ens., aanvangsdag/-geluid/-klas ens., agentskapswerk, ambagskring/-kursus/-man ens., badshuis/-kamer/-water ens. (teenoor *aankoop*, *aanval*, *aanvang*, *agent*, *ambag*, *bad*).
13. *-te* /tə/  
rystebrei (teenoor *rys*).
14. *-tens* /təns/  
agtenswaardig (teenoor *ag*).
15. *-(te)r* / (tə)r/  
oosterkim, westergrens (teenoor *oos* en *wes*).

Al die gegewe voorbeelde het dít gemeenskaplik dat die verbindingsvorme nie buite verbindingsvorme voorkom nie, of anders uitgedruk, hulle het nie vrye korrelate morfeme met dieselfde vorm nie.

Help dit ons nou met gevalle soos *wilde-* en *eike-* in *wildeals* en *eikeboom*? Blykbaar niks, want *wilde* en *eike* is vrye morfeme, en van hulle soort is daar honderde voorbeelde en tipes, bv.

1. *-e* /ə/: *bedde*(goed), *denne*(boom/-bos/-tak ens.), *diere*(temmer/-tuin ens.), *duiwe*(hok ens.).
2. *-ens* /əns/: *nooiens*(uil/-van ens.).
3. *-er* /ər/: *billiker*(wyse), *gelyker*(wyse) ens.
4. *-ns* /əns/: *gewetens*(angs), *lewens*(aand/-daad/-las/-lig ens.), *vermoëns*(belasting), *wesens*(trek) ens.
5. *-s*: *administrateurs*(kantoor ens.), *allemans*(gek), *aptekers*(assistent ens.), *dooiemans*(deur).
6. *-te* /tə/: *geeste*(besweerder), *kreefte*(gang), *toeriste*(klas) ens.

Die vraag is dus duidelik of hierdie vorme die attributiewe en/of die substantiveringsvorme van byvoeglike naamwoorde (*wilde*), en sekere trapvorme van byvoeglike naamwoorde (*billiker*, *gelyker*), en die meervoude van selfstandige naamwoorde is (*bedde*, *diere*, *nooiens*, *gewetens*, *administrateurs*, *geeste* ens.)?

Die betekenis skyn hier 'n hulpmiddel te wees, maar laat ons nog altyd met probleme sit, en skep selfs ook nuwes. Teoreties kan *bedde-*, *denne-*, *diere-* ens. in *beddegoed*, *dennebome*, *dieretuin* geen naamwoorde wees

nie, (a) omdat dit nie woorde is nie en (b) omdat meervoud nie op grond van sy betekenis alleen of op grond van sy vorm meervoud is nie: meervoud is net meervoud as dit gesien en gestel (kan) word in opposisie tot enkelvoud. En nou is dit so dat wat in die woorddele na meervoude lyk en wat ook semanties so verstaan, bedoel of geïnterpreteer kan word, alleen meervoude genoem sou kon word indien daarnaas, of daarteenoor, vorme bestaan wat enkelvoud na vorm en betekenis is, dus byvoorbeeld *universiteitespan* teenoor *universiteitspan*, *skoolspan*/-sang, *skolespan*/-sang.

Maar ons sal sien dat ons baie min hiervan het, in elk geval nie wat 'n ekstensiewe of produktiewe groep vorm nie. Daar bestaan geen teenstelling *perdestal* : *perdstal* met die teenstelling „stal vir meer as een perd” teenoor „stal vir een of vir meer gesigspunt van getal ten opsigte van die genoemde nie uitgedruk nie”, of *pannekoek* vir „koek wat in meer as een pan (voor)berei word” teenoor *pankoek* waar die getalsaspek van pan of een of ongenoem is.

Wie dan *perde*-, *panne*- ens. in dergelike gevalle meervoude wil noem, moet dit self weet, maar hulle gebruik dan die woord meervoud nie in die sin waarvoor dit oor die hele wêreld gebruik word nie.

Ons sê dus dat, wat hier na meervoude lyk, geen meervoude is nie, maar verbindingsvorme, en meer bepaald perifere, nie-sentrale, verbindingsvorme.

Daarmee is in beginsel ook alle ander gevalle van skynmeervoude soos *gewetens(angs)*, *lewens(aand)*, *administrateurs(kantoor)*, *geeste(besweerder)*, *nooiens(uil)* en dergelike meer afgehandel, asook die gevalle met *-er* (*billikerwyse*, *gelykerwyse* e.d.m.). *Billiker*-, *gelyker*- ens., beteken hier naamlik nie „meer billik/gelyk” ens. nie, maar, saam met *-wyse*, net „op 'n billike/ gelyke wyse/manier”. Semanties is hulle dus nie komparatiewe vorme nie: hulle is verbindingsvorme.

En byvoorbeeld *wilde*- (in *wildeals*/-*hond*), *hoë* en *lae* (in bv. *hoëveld*, *laeveld*)? By die meeste b.nwe. of hulle gebonde korrelate het ons nie 'n teenstelling tussen betekenis en vorm van vrye, verboë b.nw. + s.nw. teenoor gebonde, korrelate b.nw.-morfeem + s.nw.-morfeem, of van die van vrye, onverboë b.nw. + s.nw. teenoor gebonde, verboë, korrelate b.nw.-morfeem + s.nw.-morfeem, dus van bv. *wildeals* teenoor *wildals* nie. Maar daar is tog sekere morfeme waarby dit wêl voorkom, bv.

<i>binneband</i>	: <i>binneste band</i>	<i>ligbaken</i>	: <i>ligte baken</i>
<i>binnegoed</i>	: <i>binneste goed</i>	<i>ligbom</i>	: <i>ligte bom</i>
<i>binnekring</i>	: <i>binneste kring</i>	<i>middelman</i>	: <i>middelste man</i>
<i>bobaas</i>	: <i>boonste baas</i>	<i>middelry</i>	: <i>middelste ry</i>
<i>bodeur</i>	: <i>boonste deur</i>	<i>normaalskool</i>	: <i>normale skool</i>
<i>Boland</i>	: <i>boonste land</i>	<i>onderbaadjie</i>	: <i>onderste baadjie</i>
<i>bolig</i>	: <i>boonste lig</i>	<i>onderdak</i>	: <i>onderste dak</i>
<i>borok</i>	: <i>boonste rok</i>	<i>onderhemp</i>	: <i>onderste hemp</i>

<i>droogdok</i>	: <i>droë dok</i>	<i>oudleerling</i>	: <i>ou leerling</i>
<i>droogoond</i>	: <i>droë oond</i>	<i>oudstudent</i>	: <i>ou student</i>
<i>droogskuur</i>	: <i>droë skuur</i>	<i>regbank</i>	: <i>regte bank</i>
<i>dubbeldeur</i>	: <i>dubbele deur</i>	<i>ru-gare</i>	: <i>ruwe gare</i>
<i>dubbelpunt</i>	: <i>dubbele punt</i>	<i>ru-yster</i>	: <i>ruwe yster</i>
<i>edelman</i>	: <i>edele man</i>	<i>skeefbeen</i>	: <i>skewe been</i>
<i>goedkeuring</i>	: <i>goeie keuring</i>	<i>voorbode</i>	: <i>voorste bode</i>
<i>goud-aar</i>	: <i>goue aar</i>	<i>voordeur</i>	: <i>voorste deur</i>
<i>hegpleister</i>	: <i>hegte pleister</i>	<i>wilddief</i>	: <i>wilde dief</i>
<i>hoogland</i>	: <i>hoë land</i>	<i>wildsmaak</i>	: <i>wilde smaak</i>
<i>hoogoond</i>	: <i>hoë oond</i>	<i>wildvuur</i>	: <i>wilde vuur</i>

(tabaksiekte)

Hier is 'n vormverskil wel dikwels 'n draer van 'n semantiese verskil. Moet of kan hier dus ook van verbindingsvorme gepraat word? Die antwoord, lyk dit my, sal afhang van die antwoord op 'n ander vraag, naamlik of ons met teenstellinge soos die bostaande werklik (nog) op dieselfde vlak be-weeg?

Die materiaal is omvangryk – hier word met 308 voorbeelde gewerk – maar nie alles soortgelyk nie.

#### A. Die tipe binneband : binnenste band

Die perifere morfeem het twee semanties-verwante woordkorrelate, naamlik die bywoord *binne* en die voorsetsel *binne*. Was *binne-* in *binneband* die voorsetsel-korrelaat, sou 'n mens normaliter die woordaksent op die s.nw.-korrelaat verwag (vergelyk ook bl. 321), die kompositum sou normaalweg 'n bywoord wees en die betekenis sou wees „binne of aan die binnekant van 'n band”, en nie, soos hier „iets ('n band) wat binne 'n (ander) band is” nie. *Binne-* is hier dan blykbaar die korrelaat van die bywoord *binne*. Teenoor dié vorm staan nou die semanties-verwante *binnenste*, met 'n duidelike superlatiewe waarde, net soos by *bo* : *boonste*, *onder* : *onderste*, *voor* : *voorste*. Dit wil nie sê dat die betekenisteenstelling altyd eenders is nie: *-baas* in *bobaas* slaan nie op dieselfde soort *baas* as *baas* in *boonste baas* nie, net so min as *-land* in *Boland* teenoor *land* in *boonste land*, of *-deur* in *bodeur* (s.nw. „boonste helfte van 'n bo-en-onder-deur”) teenoor *boonste deur* (net soos *onderdeur* en *onderste deur*). En as daar geen teenstelling is nie, is superlatiefvorm soms net skynsuperlatief, soos in *duskantse/-ste*, *oorkantse/-ste* e.d.m., waarby miskien soms, maar sekerlik nie konsekwent gedifferensieer word nie.

In die meeste gevalle van hierdie soort is die waardes egter wel kategoriaal: „met superlatiewe waarde” teenoor „sonder aanduiding van superlatiewe waarde”. Wat hier verder ook al van sy, vergelykings vereis ten minste gelyke vlakke, en dié is hier ongelyk. Daarby kom nog dat die superlatiefvorme vrye, vervangbare vorme is, woorde dus, nie woorddele nie, sodat hier geen sprake van besondere verbindingsvorme kan wees nie.



### B. Die tipe droogdok : droë dok

'n Eerste vraag hierby is: met watter woordsoortkorrelaat *droog-* het ons hier te doen: dié van die b.nw. of dié van die ww.? Vergelyk ook *droog-middel/-rak/-skuur* ens. Op grond van die betekenis lyk dit in die meeste gevalle na die ww.-korrelate. *Droog-* in *droogdok* kán as die ww.-korrelaat beskou word en is dan geen verbindingsvorm nie, naamlik as dit verstaan word as „dok waarin skepe gedroog word vir behandeling”. En so nie? Dan byvoorbeeld as die korrelaat van die predikatiewe vorm van die b.nw. Dit kan as die betekenis klop, d.w.s. as *droogdok* hier ongeveer beteken „dok wat droog is”. Daarvoor het ons egter *droë dok*. Dus vind ons hier geen beslissende aanduiding dat *droog-* wel b.nw.- of ww.-korrelaat is nie. Dieselfde geld van voorbeelde soos *styf-* in *styfgaas* (teenoor *stye* *gaas*) ens.

Ons kan dan hier van verbindingsvorme praat, maar dan beteken dit non marqués, dit is sonder spesiale of besondere aanduiding.

In elk geval kan ons die vorm *droog-* in *droogdok* nie beskou as semanties-distinktief teenoor die vorm *droë* in *droë dok* nie, omdat die kompositum en die woordgroep nie op dieselfde taalvlak lê nie.

### C. Die tipe hoë oond : hoogoord

Blykbaar soortgelyk is bv. *growwe smid* teenoor *grofsmid*, *normale skool* teenoor *normaalskool*, miskien *ou leerling/soldaat/student* teenoor *oudleerling/-soldaat* ens., *ruwe gare/yster* teenoor *ru-gare/-yster* ens. In al hierdie gevalle het ons ook predikatiewe konstruksies in die vergelyking: 'n *oond wat hoog/n smid wat grof is* ens., maar dié kom semanties die nouste ooreen met die konstruksie van vrye b.nw. plus s.nw., dus bv. 'n *hoë oond/growwe smid* ens. *Hoog-*, *grof-*, *normaal-*, *oud-* en *ru-* is hier dus blykbaar nie die woorddeel-korrelate van die predikatiewe b.nw-vorme *hoog*, *grof*, *normaal*, *oud* en *ru* nie: dié twee stelle vorme staan semanties-distinktief teenoor mekaar. Kan hulle dus wel as verbindingsvorme beskou word? Indien wel, dan nie op dieselfde wyse as bv. by *aanvals-/* en *aanvangs-*, *administrateurs-/* en *aptekers-* ens. (vergelyk bl. 95 hiervan) nie, want laasgenoemde vorme is juis nie semanties-distinktief nie, d.w.s. nie in 'n opposisie-sisteem op die vlak van die kompositum nie.

Ons het dus in die drie tipes gevalle: *binneband* : *binnenste band*, *droogdok* : *droë dok*, en *hoog-oond* : *hoë oond* dieselfde soort situasie van 'n perifere komponent wat by attributiewe plasing semanties-distinktief is teenoor twee nie-kompositumkonstruksies.

Hoort die *wilde-* van bv. *wildeals/-hond* dus ook hierby? Nee, omdat ons geen betekenisteenstelling het van byvoorbeeld 'n perifere b.nw.-korrelaat *wild-* + sentrale s.nw.-korrelaat teenoor 'n perifere b.nw.-korrelaat *wild-* + dieselfde sentrale s.nw.-korrelaat nie, dus nie bv. *wildeals/-hond* teenoor *wildals/-hond* (waarin *wild-* die b.nw.-korrelaat is) nie, of

ook nie *wilde als/hond* teenoor *wild* (b.n.w.) *als/hond* nie, alleen *wildeals/-hond* teen *wildals/-hond* (waarin *wild* 'n perifere s.n.w.-korrelaat is). Met ander woorde ás ons 'n groep gehad het *wildeals/-hond* teenoor *wildals/-hond*, of *wilde als/hond* teenoor *wildals/-hond*, met in altwee gevalle die *wild*-deel as semantiese korrelaat van die b.n.w. *wild(e)*, sou ons wel hierin 'n verbindingsvorm kon gesien of erken het. Nou nie, dus ook nie in bv. *hoëveld*, *laeveld* e.d.m. nie. *Hoëveld* het wel 'n *Hoogveld* langs hom (volgens WAT IV, 395), maar nie teenoor hom nie, en *laeveld* het ook geen *laagveld*-opposisie nie (altans nie met *laag*- in 'n/die byvoeglike betekenis „nie hoog nie”). Wel het ons opposisie tussen *laag* en *lae* in bv. *Laagmaleis* en *lae Maleis* e.d.m. En wel het ons 'n verbindingsvorm in *wilds-(vleis)*, omdat *wilds*- geen korrelaat het buite komposita nie, maar dit is dan van dieselfde tipe as *aanvangs*-ens. (vergelyk bl. 95 hiervan).

Ons het dus fonematies-distinktiewe en semanties-distinktiewe verbindingsvorme by komposita.

Daarmee kan ons na ons vraag insake enige moontlike reël of reëlmaat by sulke vorme (bl. 94) terugkeer. 'n Lys wat 13175 voorbeelde beloop, bring die volgende aan die lig :

1. Daar is sekere perifere morfeme wat nooit verbindingsvorme het nie, bv. *baai-*, *borsel-*, *gars-*: *baaibroek/-kostuum*, *borselhare/-kop*, *garskorrel/-pryse* ens.

2. Daar is ook sekere tipes komposita wat selde of nooit verbindingsvorme het nie, byvoorbeeld die wat deur die volgende voorbeelde verteenwoordig word :

(a) *blinknuut*, *vaalverslae*, (b) *lang-lang*, *ou-ou*, (c) *afslaan*, *opvolg* ens.

3. Daar is sekere perifere morfeme wat altyd of byna altyd verbindingsvorme het, bv. *mans-*, *regs-*, *verbindings-*: *mansklerie/-mens*, *regsmense/praktyk*, *verbindingsvorm/-weë*.

4. Daar is ook sekere tipes perifere morfeme wat altyd of byna altyd verbindingsvorme het, veral vorme met *-s* :

(a) Perifere morfeme op *-heid* het, in 507 uit 509 gevalle (= 96.6%) wat in WAT en ander woordeboeke nageslaan is, 'n *-s*-verbindingsvorm, bv. *afhanklikheidsbeseff/-dag*, *beleefdheidsbesoek/-gebaar*, *eenheidsaksent/front*, en net 2 uit 509 geen *-s* nie, naamlik *dapperheidliewend* en *oudheidskenner* (altwee baie ongewoon in Afrikaans), met 'n verhouding tussen die dele wat korrespondeer met 'n akkusatiefverhouding in 'n sin.

(b) Perifere morfeme op *-ing* het in 2338 uit 2451 voorbeelde (= 95%) steeds 'n *-s*-verbindingsvorm, bv. *aanmeldingsvorm*, *aanstellingsbrief*, *beskawingspeil*, *buigingsvorm* ens. (en sonder *-s* enkele kere: *aantekeningboek*, *dubbelverdiepinggebou*, *sendingkerk*, *woninghuur* ens.).

'n Interessante verskynsel by die *-ing(s)*-groep is dat hulle in die kompositum so dikwels *-ing(s)* het, hoewel hulle daarbuite soms ook vrye

korrelate sonder *-ing(s)* het, bv. *aanbevelingsbrief* (naas *aanbeveel*), *aanbestedingswerk* (naas *aanbestee*), *aanbiedingsdatum* (naas *aanbied*) ens.

Dat *aanbeveelbrief\**, *aanbesteewerk\** en dergelike meer nie voorkom nie, kan nouliks aan die woordsoort geleë wees, omdat ww.-korrelate tog vryelik as perifere komponente van komposita voorkom. (Vergelyk § 63 vlg.)

'n Ondersoek van 2,482 voorbeelde met *-ing(s)* in die Auslaut van die perifere komponent, bring die volgende aan die lig: In die oorgrote meerderheid (2,026 van die 2,482) het die eerste komponent (op *-ings*) buite 'n gegewe kompositum ook 'n vorm sonder *-ings*, maar mét 'n gegewe tweede komponent alléén die vorm mét *-ings*; ons het bv. *beskaaf* en *beskawing*, maar alleen *beskawingspeil*, nie ook *beskaafpeil\** nie. Ons het *begroot* en *begroting* maar alleen *begrotingspos*, nie ook *begrootpos\** nie. Hierteenoor staan heelwat voorbeelde waar 'n gegewe morfeem binne en buite 'n kompositum voorkom met en sonder *-ings*, bv. *aanroepvorm* en *aanroepingsvorm*, *aansluitkoste* en *aansluitingskoste*, *afkoelvlak* en *afkoelingsvlak* ens., sodat 'n mens sou kon vra waarom dit nie ook by die eerste groep voorkom nie?

Moontlik lê 'n antwoord gedeeltelik hiérin dat die afleidinge op *-ing* meesal 'n beperkter getal betekenisaspekte skyn te behels as die betrokke werkwoord-korrelate sonder *-ing*, of, anders uitgedruk, die betekenis van die *-ing*-vorme skyn meesal spesifieker en beperkter te wees as dié van hulle werkwoord-korrelate. (Dit is volgens 205 voorbeelde wat in WAT nagegaan is. Net 83 = 37% daarvan het ewe veel of meer betekenisaspekte as die ww.-korrelate.) Dit is trouens ook die geval met ander afleidinge (vergelyk § 73).

So gee WAT I, 548 by *buig* 10 betekenis- en/of gebruikaspekte, by *buiging* (I, 548) as s.nw. 6, en by *buiging*- in komposita net 1. By *breek* (I, 524) is die getalle 32, 3 en 1, by *brand* (I, 516) 33, 3 en 1 ens. Hier volg 'n paar voorbeelde:

By *branding* gee WAT net 1) „skuimende opstuwing van seegolwe”, 2) „groot aangeleentheid”, en 3) „aanwending van gloeihitte vir verwoesting van weefsels (medies)”, dus nie byvoorbeeld die volgende wat wel by die werkwoord aanwesig is nie: „in vlamme opgaan, hitte gee, skroei of aanbrand, warm word, skiet of hard gooi” ens.

By *breking* gee WAT net 1) „rigtingsverandering van 'n ligstraal van een medium na 'n ander”, 2) „'n bepaalde soort foneemwysiging (taalkundig)”, en 3) „manier waarop sekere minerale gebreek word”, dus nie byvoorbeeld die volgende wat by die werkwoord aanwesig is nie: „stukkend raak, oorwen, aanbreek, met geweld uit die weg baan, dof word, loswoel” ens.

Die omgekeerde kom ook voor, alleen met veel minder getalverskille, bv. *afbeeld* 4 (I, 66), *afbeelding* 5 (I, 66), *begroot* 1 (I, 356), *begroting* 2

(I, 356), *bespreek* 4 (I, 391), *bespreking* 5 (I, 391), *daal* 3 (II, 3), *daling* 5 (II, 25) ens. Die bykomende betekenisaspek(te) kan soms as ('n) noempotensie beskou word, maar kan in elk geval met die gegewe waarde nie as 'n afleiding beskou word nie. Voorbeelde: *afbeelding* in die betekenis „Die korrespondensie wat deur die ligstrale gelê word tussen die bron- en die beeldpunte.” In die betekenisaspekte van *afbeeld* is daar niks wat hiermee verband hou nie.

So gesien, word dit duidelik dat die keuse tussen 'n vorm op *-ing* en een daarsonder as eerste komponent van komposita meesal nie 'n keuse is tussen verbindingsvorm of geen verbindingsvorm nie, maar 'n keuse tussen semanties-spesifieker en semanties-minder-spesifieke vorme, met ander woorde dat *-ing* meesal semanties distinktief is, in dié soort gevalle dus geen verbindingsvorm is nie, en dat dus alleen dié soort vorme met *-s* soms as verbindingsvorm aangesien kan word.

Dit is hoegenaamd nie altyd so nie. Onder meer gee WAT heelwat woorde met 'n eerste komponent op *-ing* wat nie buite die kompositum gevind is of gegee word nie, bv. *deursettingsvermoë* (WAT II, 116), maar nie *deursetting\** of *deurset\** nie, *eenrigtingsverkeer* (WAT II, 438), maar nie *eenrigting\** nie ens.

Sulke gevalle kan, sinchronies beskou, vanselfsprekend nie komposita genoem word nie – die aanvangskomponent bestaan nie ook as selfstandige woord nie – en die eerste komponente dus nie s.n.w.-korrelate nie, om dieselfde rede. Dieselfde geld dan van woorde of woordkorrelate wat in die *-ing*-vorm meer betekenisaspekte het as die *-ing*-lose vorm, bv. *bestem*, *beweeg*, *gewaarword*, *herlei* ens. In die bykomende betekenisaspekte is sulke woorde nie outomaties afleidinge nie: *bestemming* in die betekenis „plek waarheen iemand op reis is” kan alleen as afleiding beskou word as dit semanties verband hou met *bestem*, of *beweging* in die betekenis „markskommeling” as dit semanties verband hou met *beweeg* ens. Volgens De Groot<sup>14</sup> sou 'n mens in sommige gevalle miskien praat van ('n) noempotensie(s) en nie van ('n) betekenisaspek(te) nie. Watter beskouing en dus ook terminologie 'n mens hier ook al kies, een ding skyn vas te staan: as 'n afleiding nie semanties verband hou met 'n grondwoord nie, is dit in daardie betekenis geen afleiding (meer) nie, d.w.s. die afleiding is dan blykbaar *as woord* op iets anders toegepas nadat dit reeds gevorm was. Verskyn die korrelate van sulke woorde nou in komposita, dan mag sulke komponente nie afleidingskorrelate genoem word nie en die *-ing*-vorme dus nie verbindingsvorme nie. (Vergelyk verder § 118 oor Afleidingsprobleme.)

(c) Perifere morfeme op *-skap* het meesal 'n *-s*-verbindingsvorm, bv. *broederskapsgedagte*, *gemeenskapskas*, *lidmaatskapskaart*, maar daar is

14. De Groot, A. W.: *Op. cit.*, 120.

ook bepaalde morfeme met 'n fakultatiewe, suiwer fonematiese -s, bv. *gereedskap(s)kamer* /-kas/-kis, *geselskap(s)gebruik* /-kamer ens.

(d) Perifere morfeme op -(i)teit het meesal ook 'n -s-verbindingsvorm, bv. *affiniteitsverhouding*, *elastisiteitstoets*, *fakulteitsraad*. ('n Enkele keer is egter ook *fakulteit(s)getal*/-reeks gevind.)

Uit die voorafgaande uitvoerige bespreking sou mens dus kon verwag dat nuwe woorde met 'n eerste komponent op -heid, -ing, -skap of -teit hulle by die bestaande meerderheid aansluit en ook -s- kry. 'n Voorskrif durf ons daarvan nie maak nie, maar vir verset daarteen sou daar ook nie grond wees nie.

Dit klop ook met die posisie in Nederlands, waarvan Van Lessen sê : „Zeker hebben wij de s bijna altijd na de suffixen -ing, -heid, schap en -teit. In de jongere taal breidt zich het gebruik ervan ook uit tot woorden die vroeger stamcompositie hadden, bv. mnl. *hontdage* – nnl. *hondsdagen*, mnl. *conincrone* – nnl. *koningskroon*, mnl. *statrecht* – nnl. *stadsrecht*, mnl. *statmuur* – nnl. *stadsmuur*, mnl. *dorplude*, *dorpman*, *dorpmarkt*, *dorpwijf* – nnl. *dorpsdokter*, *dorpskermis* enz., mnl. *calfvel* – nnl. *kalfsveld*, mnl. *hongernoot*, *waternoot* – nnl. *hongersnood*, *watersnood*, mnl. *houtcole* – nnl. *houtskool*. Dit laaste geval is eenigzins opmerkelijk, daar ook in het Ndl. andere samenstellingen met *hout* nooit een s hebben. Nog in de 17de eeuw vindt men *houtkool* en ook *houte(n) kolen*. Van Wijk zegt ‚vergelijk nhd. *holzkohle*.‘ Zou die vorm misschien invloed bij ons gehad hebben?”<sup>15</sup>

By ander klankgroep- en klankverbindings- is daar nie soveel reëlmaat nie, maar tog wel duidelike groepe en neigings, o.m. die volgende : Komposita met eerste komponente op -aar, -er of -ier kry meesal 'n verbinding-s, bv.

<i>amptenaarshouding</i>	<i>aankondigingsprogram</i>	<i>bankiersvereniging</i>
<i>amptenaarsmentaliteit</i>	<i>moedersbond</i>	<i>brigadiersmondering</i>
<i>amptenaarswoning</i>	<i>rederykersgroepe</i>	<i>juwelierswinkel</i>
<i>bedelaarshuis</i>	<i>swerwersbestaan</i>	<i>kruideniersware</i>
<i>bedelaarsklere</i>	<i>werkersbond</i>	<i>leweransiersbewys</i>
<i>bedelaarsmaniere</i>	<i>wewersgilde</i>	<i>passasierswaens</i>
<i>beoordelaarsbanke</i>		
<i>beoordelaarspos</i>		
<i>beoordelaarsvorm</i>		
<i>eienaarsreg</i>		
<i>eienaarsvergadering</i>		
<i>eienaarsvoordele</i>		

15. Van Lessen, J. H. : *Samengestelde naamwoorde in het Nederlandsch*, 5, 6.

Dit wil nie sê dat àl sulke woorde àltyd 'n verbindings-*s* kry nie – wel dat dit in verreweg die meeste gevalle gebeur. Die volgende het byvoorbeeld meesal nie so 'n -*s* nie, hoewel hulle eenders gebou is; *vaderland* en *moedertaal*.

Om neigings en groepe ten opsigte van die gebruik van verbindingsklanke beter te sien, moet ons ons woorde met verbindingsklanke 'n keer met Nederlands vergelyk.

Behalwe die groep met *-heid, -teit, -skap en -ing*, is 'n verdere lys van 6,719 aangelê, met die volgende groepe :

Met verbindingsklank *-s-* : 4,402,  
*-(t)(d)ens-* : 47,  
*-ns-* : 120,

met *-e-* : 1,783,

met *-ds-* : 7,

met *-te-* : 75,

met *-(t)er-* : 164,

met *-tes-* : 110,

met *-d, -der-* ens. : 11.

1. Van die 4,402 met verbindings-*s* in Afrikaans is 1,720 ook in Nederlands gevind, bv. *aangesigskramp, aangesigspyn, aangesigsverlamming, aannemersbedryf, aannemersfirma, aanvalsaksie, aanvalsbasis* ens. Dit wil nie sê dat die ander nie in Nederlands voorkom of bestaan nie, bv. *aanvalsbattery/-beleid/-bereid/-beweging/-daad/-drif*, maar hulle is nie gevind nie. Daarom word hier net gewerk met die feite van die 1,720 wat wel gevind is.

In 1,610 uit die 1,720 gevalle (93½%), is die Afrikaans en die Nederlands identies, bv.

#### **Afrikaans**

*aangesigspyn*

*aangesigsverlamming*

*aanvalsfront*

*aanvalskolonnie*

*aanvangsonderwys*

*aanvangspunt*

*ambagsgilde*

*ambagsman*

*arbeidsbelange*

*arbeidsdag*

#### **Nederlands**

*aangezichtspijn*

*aangezichtsverlamming*

*aanvalsfront*

*aanvalskolonnie*

*aanvangsonderwijs*

*aanvangspunt*

*ambachtsgilde*

*ambachtsman*

*arbeidsbelangen*

*arbeidsdag* ens.

Die 110 wat verskil, behels die volgende :

(a) in 37 gevalle het Nederlands slegs die *-s*-lose vorm waar in Afrikaans sowel die *-s*-vorm as die *-s*-lose vorm het, bv.

<i>adelboek/adelsboek</i>	<i>adelboek</i>
<i>adelbrief/adelsbrief</i>	<i>adelbrief</i>
<i>aflaatjaar/aflaatsjaar</i>	<i>aflaatjaar</i>
<i>afstandmeter/afstandsmeter</i>	<i>afstandmeter</i>
<i>badhuis/badshuis</i>	<i>badhuis</i>
<i>badkamer/badkamer</i>	<i>badkamer</i>
<i>badwater/badwater</i>	<i>badwater</i>
<i>besitreg/besitsreg</i>	<i>bezitrecht</i>
<i>doodakte/doodsakte</i>	<i>doodakte</i>
<i>doodbaar/doodsbaar</i>	<i>doodbaar</i>
<i>doopbediening/doopsbediening</i>	<i>doopbediening ens.,</i>

(b) in 33 gevalle het Nederlands slegs die -s-vorm waar Afrikaans sowel -s-vorm as -s-lose vorm het, bv.

<i>afvaartstyd/afvaarttyd</i>	<i>afvaartstijd</i>
<i>alantsbier/alantbier</i>	<i>alantsbier</i>
<i>alantsolie/alantolie</i>	<i>alantsolie</i>
<i>arendsklou/arendklou</i>	<i>arendsklaw</i>
<i>Baälsdiens/Baäldiens</i>	<i>Baälsdienst</i>
<i>boksbaard/bokbaard</i>	<i>boksbaard</i>
<i>bootshaak/boothaak</i>	<i>bootshaak</i>
<i>broodsgebrek/broodgebrek</i>	<i>broodsgebrek</i>
<i>duiwelsbrood/duiwelbrood</i>	<i>duivelsbrood</i>
<i>duiwelskunstenaar/duiwelkunstenaar</i>	<i>duivelskunstenaar ens.,</i>

(c) in 23 gevalle het Nederlands slegs die -s-lose vorm waar Afrikaans net die -s-vorm het, bv.

<i>adelsheerskappy</i>	<i>adelheerschappij</i>
<i>afstandskompas</i>	<i>afstandkompas</i>
<i>bondsvolk</i>	<i>bondvolk</i>
<i>diakensamp</i>	<i>diakenambt</i>
<i>diakenspos</i>	<i>diakenpost</i>
<i>doodsbrief</i>	<i>doodbrief</i>
<i>geslagskunde</i>	<i>geslachtkunde</i>
<i>huidskleur</i>	<i>huidkleur ens.,</i>

(d) in 17 gevalle het Nederlands sowel die -s-vorm as die -s-lose vorm waar Afrikaans slegs die -s-vorm het, bv.

<i>afstandsmars</i>	<i>afstandsmars/afstandmars</i>
<i>bondsark</i>	<i>bondsark/bondark</i>
<i>doodsvlek</i>	<i>doodsvlek/doodvlek</i>
<i>fabrieksgoed</i>	<i>fabrieksgoed/fabriekgoed</i>
<i>geslagsboom</i>	<i>geslachtsboom/geslachtboom</i>
<i>geslagsnaam</i>	<i>geslachtsnaam/geslachtnaam</i>
<i>liefdesbetrekking</i>	<i>liefdesbetrekking/liefdebetrekking</i>
<i>pioniersarbeid</i>	<i>pioniersarbeid/pionierarbeid</i>
<i>vaderlandsliewend</i>	<i>vaderlandslievend/vaderlandlievend ens.</i>

Hoe die posisie sal lyk as ons die  $4,402 - 1,720 = 2,682$  voorbeelde wat nou *nie* in Nederlands gevind is nie, ook daar sou vind, weet ons nie. Maar uit die feite voor ons, blyk dat die gebruik van die verbindings-*s*- in Afrikaans toegeneem het, veral wat betref (a) en (c). En as ons dan in huidige Afrikaans *s*'e het en kry waar Nederlands *e*'s/ə/ het, bv.

<i>amptenaarsgroep</i>	teenoor	<i>ambtenarengroep</i>
<i>amptenaarswoning</i>		<i>ambtenarenwoning</i>

dan is dit 'n verdere aanduiding dat Afrikaans die verbindings-*s* meer gebruik as Nederlands.

2. Van die 1783 komposita met verbindings-*e*, is 914 in Nederlands gevind (*e(n)*- en *e(n)*-lose vorme in Nederlands). Laat ons 6 met 'n totaal verskillende vorm buite rekening, bv. *beenderengrot* en *beendersoep*, *bladerdak*, *bladerkrans* ens., lewer die vergelyking die volgende :

(a) 81% is identies, d.w.s. as ons Afrikaans -*e*- gelyk reken aan en met Nederlands -*e*- en/of -*en*-, bv.

<i>aandelekapitaal</i>	<i>aandelenkapitaal</i>
<i>advokatepraktyk</i>	<i>advocatenpraktijk</i>
<i>basilledraer</i>	<i>bacillendrager</i>
<i>beeldevereerder</i>	<i>beeldenvereerder</i>
<i>berkeboom</i>	<i>berkenboom</i>
<i>berkehout</i>	<i>berkenhout</i>
<i>boewebende</i>	<i>boevenbende</i>
<i>boewegesig</i>	<i>boevengezicht</i> ens.,

(b) dié wat nie identies is nie, behels hoofsaaklik die volgende verskille :

(1) 16 het in Nederlands slegs die -*e*-lose vorm waar Afrikaans sowel die -*e*-vorm as die -*e*-lose vorm het, bv.

<i>amptenarestand</i> / <i>amptenaarstand</i>	<i>ambtenaarstand</i>
<i>benestelsel</i> / <i>beenstelsel</i>	<i>beenstelsel</i>
<i>blommetapyt</i> / <i>blomtapyt</i>	<i>bloemtapijt</i>
<i>boekverkoper</i> / <i>boekverkoper</i>	<i>boekverkoper</i>
<i>boerevergadering</i> / <i>boervergadering</i>	<i>boervergadering</i>
<i>briewedraer</i> / <i>briefdraer</i>	<i>briefdrager</i> ens.,

(2) 148 het in Nederlands slegs die -*e(n)*-vorm waar Afrikaans sowel die -*e*-vorm as die -*e*-lose vorm het, bv.

<i>advokaatstreek</i> / <i>advokatestreek</i>	<i>advocatenstreek</i>
<i>aapbroekie</i> / <i>apebroekie</i>	<i>apenbroekje</i>
<i>bedpisser</i> / <i>beddepisser</i>	<i>beddenpisser</i>
<i>bedplank</i> / <i>beddeplank</i>	<i>beddenplank</i>
<i>blomsimboliek</i> / <i>blommesimboliek</i>	<i>bloemensymboliek</i>
<i>boekkraam</i> / <i>boekekraam</i>	<i>boekenkraam</i>
<i>boeklêer</i> / <i>boekelêer</i>	<i>boekenlegger</i>
<i>boerfamilie</i> / <i>boerefamilie</i>	<i>boerenfamilie</i>



*boerfees/boerefees*  
*boerwerf/boerewerf*  
*boerwerk/boerewerk*  
*druifkorrel/druiwekorrel*  
*druifkultuur/druiwekultuur*  
*garnaalvangs/garnalevangs*  
*garnaalvisser/garnalevisser*  
*wiegdruk/wiegedruk*  
*wieglid/wieglid*  
*woordryk/woorderyk*

*boerenfeest*  
*boerenwerf*  
*boerenwerk*  
*druivenkorrel*  
*druivencultuur*  
*garnalenvangst*  
*garnalenvisser*  
*wiegedruk*  
*wiegenlied*  
*woordenrijk ens.*

Die Nederlandse verbindingsklank *-e-* het dus op groot skaal in Afrikaans bewaar gebly, maar ons het tog baie kwytgeraak. Daar was dus, en daar is m.i. nog steeds, 'n neiging tot *-e-*lose vorme.

Dit klop ook met wat in die gewone omgangstaal gebeur. Ouer mense praat nog van *armesorg*, *glasekas*, *assegaai*, *baardeloos*, *beddelaken* ens., maar die jongeres se vorm is *armsorg*, *glaskas*, *asgaai* ens.

Ook in die letterkunde het *bergetoppe*, *beestetrop*, *glasekas* e.d.m. verdwyn, hoewel dit nog taamlik algemeen was hier rondom 1930–1940, byvoorbeeld in die werk van D. F. Malherbe.

3. Woorde met ander verbindingsklanke of vorme toon nie veel verskil tussen Afrikaans en Nederlands nie. So is ons sisteem ten opsigte van die verbindingsvorme *-ens-*, *-ns-*, *-te-*, *-tes en -er* in hoofsaak dieselfde as Nederlands: in 242 Afrikaanse voorbeelde hiervan wat ook min of meer in Nederlands gevind is, is 228 identies, bv.

<i>aanbevelenswaardig</i>	<i>gewetensangs</i>	<i>lammervanger</i>
<i>etenstyd</i>	<i>gewetensbeswaar</i>	<i>nooiensboom</i>
<i>etensuur</i>	<i>kalwerliefde</i>	<i>produktehandel</i>
<i>geestesgawes</i>	<i>kinderarbeid</i>	<i>suiderson</i>
<i>geestesinhoud</i>	<i>kreeftegang</i>	<i>toeristeklas ens.</i>

Tog wys die geringe getal verskille in dieselfde rigting as wat by *-s-* en *-e-* gevind is. Die volgende voorbeelde sal dit illustreer:

- |   |  |
|---|--|
| (a) <i>doemwaardig/doemenswaardig</i>         | <i>doemwaardig</i>                             |
| <i>prysenswaardig</i>                         | <i>prijzenswaardig/</i><br><i>prijswaardig</i> |
| (b) <i>binnemonds (bw.)/binnensmond (bw.)</i> | <i>binnensmonds</i>                            |
| <i>binnekamers (bw.)/binnenskamers (bw.)</i>  | <i>binnenskamers</i>                           |
| (c) <i>geeskrag/geesteskrag</i>               | <i>geestkracht</i>                             |
| <i>geesvermoë/geestesvermoë</i>               | <i>geestvermogen</i>                           |
| <i>geesverrukking/geestesverrukking</i>       | <i>geestverrukking</i>                         |
| <i>geesverskyning/geestesverskyning</i>       | <i>geestverschijsning</i>                      |
| <i>geesvervoering/geestesvervoering</i>       | <i>geestvervoering</i>                         |
| <i>geesverwantskap/geestesverwantskap</i>     | <i>geestverwantschap</i>                       |

(d) *beeswa*  
*resepboek/reseptboek*

*beestenwagen*  
*receptboek*

Die groot stryery in Afrikaans in verband met verbindingsklanke by komposita het nog altyd gegaan oor 1. die sogenaamde instrusiewe *-s-*, d.w.s. 'n *-s-* wat verskyn waar hy nie sou hoort nie, bv. *badskamer*, *verjaarsdag*, *werksmense* en *werksklere*, *streeksverskille*, *wintershande* en *-voete* ens., en 2. die afwesigheid van *-e-* waar dit dan behoort te wees.

Die materiaal toon duidelik genoeg aan dat daar nie fonologiese grond is vir daardie hoort en behoort nie: van Nederlands tot Afrikaans het die *-s-* toegeneem en die *-e-* afgeneem.

Woordsoortelik is die posisie enigsins anders: die verbindings *-s* kom hoofsaaklik voor in komposita met 'n s.nw. as eerste komponent, in Afrikaans en Nederlands – 'n toestand wat kom uit die voor-Nederlandse verbuigingsperiode. Maar die *-s-* kom nie uitsluitend na s.nwe. voor nie: woorde soos *binnensmonds* (*-s-* na voors.), *wydsbeens* (*-s-* na b.nw.), *goedsmoeds* (*-s-* na b.nw.), is bekend genoeg.

Daar was (en is?) verset teen Afrikaans *werksmans*, *werksklere*, omdat die *-s-* na 'n werkwoord verskyn. Maar waarom kan *werk* nie (ook) as stam met s.nw.-korrelaat opgevat word nie, net soos *bad* in *badskamer*? En selfs al sou dit 'n stam met ww.-korrelaat wees, soos *verjaar* in *verjaarsdag* 'n stam met ww.-korrelaat is, kan ons hoogstens sê dat na stamme met ww.-korrelate as eerste komponente selde 'n *-s-* kom. Dis nie waar dat daar nooit 'n *-s-* verskyn nie. Selfs Nederlands het dit, onder meer in bv. *verkoopsprijs*, *verkoopvoorwaarden*, *zagsman/-lieden/-vrouw*. (Of Afrikaans *vegsmán* ook Nederlands is, weet ons nog nie, maar die WNT gee dit nie aan nie.)

Daar was dus vroeg in Nederlands reeds wat daar vandag in geringe mate in Afrikaans ook is, naamlik fluktuasie van die verbindings *-s-* ook buite sy woordsoortelike grense. Van Lessen sê byvoorbeeld van Nederlands:

„De oudste gevallen van samenstellingen uit twee substantiva zijn die, waarbij het eerste lid in den stamvorm staat. Later zijn daarnaast casus-composita in gebruik gekomen, en in onze moderne talen zijn in principe beide soorten nog aanwezig. Het is alleen niet altijd gemakkelijk te zien, waar men stamcomposita heeft en waar niet. De verbindingsklank *e* kán wel de representant zijn van een Oudgermaansche en misschien ook Indogermaansche stamvocaal, maar behoeft het geenszins te zijn. Reeds in het Grieksch en Latijn en ook in het Oudgermaansch breidt één bepaalde vocaal zich uit ook bij stammen, waar zij oorspronkelijk in het geheel niet thuishoort. Men kan dan eigenlijk ternauwernood meer van stamvocaal spreken: veeleer is het een verbindingsklank geworden. Voor het Grieksch is het de *ø*, voor het Latijn de *ii* (in die taal de regelmatige ontwikkeling

van de Idg. *ð* in open middensyllabe) en voor het Gotisch de *ǣ*. Die vindt men nl. behalve bij de *ǣ*-stammen ook bij *n*- en *ð*-stammen en eens ook bij een *r*-stam (*bróþralubó*). Nog niet verklaard is, waarom in het Gotisch zooveel vocalische stammen zonder verbindingsvocaal voorkomen, maar waarschijnlijk zal het feit, dat reeds toen het besef van de verschillende stammen niet helder meer was, de oorzaak zijn.”<sup>16</sup>

En verder:

„Eerst later konden de consonantische casusuitgangen in gebruik komen, doordat die sterker afweken van de oude verbindingsklanken der eigenlijke composita. Het belangrijkste zijn die met *s*. Reeds in het Mnd. komen voorbeelden voor van zulke composita, zelfs als het eerste lid een femininum is. Wilmanns neemt aan, dat die uit het Nederduitsch in het Hoogduitsch zijn gekomen, en men meent dat bij ons het Duitsch op die formatie ook invloed heeft gehad. Wilmanns merkt verder op, dat men die *s* bij feminina het eerst aantref in die gevallen, waar het eerste lid een samenstelling is of een woord met een zware afleidingssyllabe. In den Ogerm. tijd had men het nl. vermeden dergelijke zware formaties als eerste compositielid te gebruiken en daardoor behoefden er geen oude vormen verdrongen te worden. Ook hebben samengestelde masculina vaker *s* dan enkelvoudige. Het schijnt nl. dat de *s* een beter inzicht geeft, hoe men de scheiding tusschen het eerste en het tweede lid moet maken, wat bij lange samenstellingen dikwijls niet overbodig is.

Het zou de moeite waard zijn na te gaan, in hoeverre deze opmerkingen die Wilmanns over het Duitsch maakt, ook voor het Nederlandsch gelden. Zeker hebben wij de *s* bijna altijd na de suffixen *-ing*, *-heid*, *-schap* en *teit*. In de jongere taal breidt zich het gebruik ervan ook uit tot woorden die vroeger stamcompositie hadden, b.v. mnl. *hontdage* – nnl. *hondsdagen*, mnl. *conincrone* – nnl. *koningskroon*, mnl. *statrecht* – nnl. *stadsrecht*, mnl. *statmuur* – nnl. *stadsmuur*, mnl. *dorplude*, *dorpman*, *dorpmarkt*, *dorpwijf* – nnl. *dorpsdokter*, *dorpskermis* enz., mnl. *calfvel* – nnl. *kalfsvel*, mnl. *hongernoot*, *waternoot* – nnl. *hongersnood*, *watersnood*, mnl. *houtcole* – nnl. *houtschool*. Dit laatste geval is eenigszins opmerkelijk, daar ook in het Nnl. andere samenstellingen met *hout* nooit een *s* hebben. Nog in de 17de eeuw vindt men *houtkool* en ook *houte(n) kolen*. Van Wijk zegt ‚vergelijk nhd. *holzkohle*.’ Zou die vorm misschien invloed bij ons gehad hebben?

Maar in nog een woord nl. bij *goudsbloem* heeft het Nederlandsch zoo ’n *s*, die men niet zou verwachten; immers ook bij *goud* vindt men nergens anders dezen vorm. In het Mnl. bestond alleen *goutbloeme*. Het *Ndl. Wb.*

16. Van Lessen, J. H.: *Op. cit.*, 4.

geeft eenige dialectische vormen: nnd. *goldblaume*, oostfri. *goldieblöme*, gron. *goldjebloom*, maar die kunnen ter verklaring niet dienen, evenmin als het Nhd. *goldblume*.

Aan den anderen kant kan men opmerken, dat soms in de oude taal composita de *s* als verbindingsklank hebben, waar wij die niet meer gebruiken. Zoo vindt men in de 17de eeuw en zelfs reeds in het Mnl. *peerdts-hayr*, *paertshoofd* e.d. Nu zijn deze vormen alleen dialectisch nog over. Vondel heeft ook *katslist*, terwijl men in het Ndl. *Wb. katshoofd* en *katskop* vermeld vindt. Deze samenstellingen zijn echter nog niet Mnl., daar het eerste lid toen nog *catte* luidde. Bij Bredero komt *koes-huyt* voor. Terwyl dus het gebruik van de *s* in 't algemeen is toegenomen bestaan er enkele gevallen, waar dat nu reeds is verouderd.<sup>17</sup>

En dieselfde geldt die *-e-* (Nederlands *-en*):

„*-en* is oorspronkelijk de uitgang van den zwakken genitief, maar wordt later in het Nederlandsch, wat heel begrijpelijk is, dikwijls als een teken van den pluralis opgevat. Ook hier is dus een suffix buiten zijn oorspronkelijke grenzen gekomen . . . Wanneer nu in het Ogerm. de toestand van verwarring reeds is begonnen, dan behoeft het niet te verwonderen dat die in het Mnl. grooter is geworden. Toch is daar nog altijd meer van het oude bewaard, dan in onze moderne taal. Composita met *dage-* kent het Mnl. b.v. nog: *dageloon*, *dageraet*, *dagerake*, *dagesterre*, *dagestont*, *dage-tijt*; die met *dach-* zijn echter al in de meerderheid. Wij kennen *dage-* niet meer als eerste lid, behalve in het onbegrepen *dageraad*. Oude composita met *hont-* komen in het Mnl. nog voor: *hontdagen*, *hontgebas*, *hont-honger*, *hontvoeder*, maar die met *honts-* zijn veel gewoner en enkele met *honde-* treft men ook aan. Het komt mij het aannemelijkst voor dezen laatsten vorm te verklaren als een analogie naar samenstellingen met een korte stamsyllabe in het eerste lid. Als het een casusvorm was, zou het een gen. plur. moeten zijn, en zulke composita bestaan in het Ogerm. bijna niet. Een zwakke gen. plur. kan ter verklaring van den Mnl. vorm niet in aanmerking komen, en voor een verklaring van de Nnl. vormen is dat ook niet bijzonder waarschijnlijk, daar men, ook in de dialecten die *-en* bewaard hebben, nergens *honden-*vindt.<sup>18</sup>

Wat in Afrikaans gebeur, gebeur dus in dieselfde rigting waarin Nederlands – en deels Germaans – vóór Afrikaans al gegaan het.

Op die praktiese taalbeleid toegepas, beteken dit dat ons die sogenaamde instrusiewe *-s-* gerus maar met *rus* kan laat – en dan die *-e-* ook. Daar skyn geen dringende taalkundige oorweginge te bestaan om ons met sogenaamde foutiewe verbindingsvorme te bemoei nie.

17. Ibid. as 16, 5–7.

18. Ibid., 6–7.

## § 18.2 Verbindingsvorme in afleidinge

Daar is 'n hoë mate van ooreenkoms tussen verbindingsvorme in komposita en dié in afleidinge.

1. Daar is partikuliere woorde sonder besondere verbindingsvorme in afleidinge daarvan, bv. *aanbeveel* (-baar/-beveler/-beveling), *aanvul* (-lend/-sel), *afkeur* (-baar/-end/-ing), *eet* (-baar/eter/etery) ens.

2. Daar is partikuliere woorde wat soms wel besondere verbindingsvorme in afleidinge daarvan het.

(a) Die verbindingsvorme is soms dieselfde of deels dieselfde as dié wat in komposita voorkom, bv.

*huishoud*- in *huishoud*/-skool/-elik/-ing/-ster,

*kinder*- in *kinder*/-arbeid/-boek/-bybel ens. /-agtig/-lik/-loos ens.,

*nooiens*- in *nooiens*/-haar/-perske/-van ens., *nooien*/-tjie/-s ens.

(b) Soms het afleidinge dieselfde verbindingsvorme as komposita, maar die komposita het meer of ook ander verbindingsvorme, bv.

*lamsboud*/-kotelet, *lammerhok*/-kraal/-oes, *lamme(r)tjie*,

*oosterlig*/-grens, *oosterlik*/-ling/-s, *oostewind*, *Oossee*, *ooswaarts* ens.,

*dorperaad*/-naar/-ling, *dorpsgrond*/-japie ens.

(c) Soms kom in afleidinge meer en/of ander verbindingsvorme voor as in komposita met dieselfde grondstamme, bv.

*ly*- en *lyd*- alleen in afleidinge, *lydens*- alleen in komposita: *lyer*, *lyding*, *lydend*, *lydsaam* ens.

*wese(n)* soos in *wesentjie*/-lik/-loos, *wesens* soos in *wesensleer*/-trek ens.

*kuns(t)(e)* soos in *kunstig*, *kunstenaar*, *kunstelik*, maar *kunsbeen*/-botter/-glas/-hars ens.

Dit lyk moontlik dat daar 'n mindere of meerdere mate van fonologiese (en ander of meerdere mate van fonologiese (en andersoortige?) sisteem skuil agter die spreiding van verbindingsvorme in afleidinge en komposita – vergelyk ook Hoofstuk VIII van prof. M. de Villiers se *Afrikaanse Klankleer* – maar dit wag nog op intensiewer ondersoek.

## § 18.3 Volgorde van die komponente

Daar bestaan in Afrikaans nouliks enige probleem in verband met die volgorde van 'n kompositum se komponente. Daar was al 'n getwis oor *braaivleis* en *vleisbraai*, maar dit het oor die betekenis gegaan, nie wesenlik oor die volgorde nie. Daar was ook 'n kortstondige gefladder oor bv. *handrughou*, maar *rughandhou* het gou die veld gewen. (Miskien was *handrughou* ook maar 'n verskrywing van *Die Burger* (21.10.1957). Ook in ons letterkunde kom selde sulke vormprobleme van volgorde voor; ek dink nou aan Van Bruggen se *swart kruipknetjies* (in plaas van wat hy bedoel het, nl. *kruipswart knetjies* in *Op Veld en Rante*, 13). Sulke probleemies raak die betekenis meer as iets anders.

Wat baie meer voorkom, is die vraag of die verbinding van sekere woordsoorte wel sogenaamde goeie Afrikaans is, bv. *handgemaakte*, *bloed-omrande*, *grootboek* e.d.m. Sulke vrae is egter meer van 'n geneitiese aard en word dus liewer dáár bespreek.

Dit is waar van die meeste vrae wat 'n mens oor kompositumtipies kry, daarom word die tipies by die geneties behandel.

'n Soort kompositumprobleem wat dikwels voorkom, is dié wat in verband staan met die verhouding tussen die dele van die kompositum. Dit het veral bekend geraak in verband met die skryfwyse *meisieskool* en *raadsaal* (en nie *meisiesskool\** en *raadssaal\** nie). Mense het gesê dat 'n *meisieskool* 'n „skool vir meisies” (mv.) en 'n *raadsaal* die „saal van die raad” is, daarom behoort dit *meisiesskool\** en *raadssaal\** te wees. Net so is gesê: *armsorg* is die „sorg van die armes”, daarom moet dit *armesorg* wees. (Konsekwenster sou gewees het om te sê: dit moet *armesorg\** wees, aangesien die meervoud van *arme* *armes* is.)

Uit wat hiervóór gesê is, weet ons reeds dat so 'n stelling taalkundig onhoudbaar is, want die verhouding tussen die dele van 'n kompositum word vrywel nooit in die vorm daarvan aangedui nie. En die besware teen *meisie* + *skool* of *raad* + *saal* of *arm* + *sorg* berus juis op die implisiete opvatting dat die verhouding wel aangedui (kan) word. So is dit ook gestel ten opsigte van die woord *springstof* (*Die Burger*, 23.4.1956). *Springstof* sou dan nie deug nie „omdat die stof self nie spring nie, maar laat spring” (kousatief dus). Tereg is gewys op bv. *braakmiddel* en *vomeermiddel*, en daar is baie meer, bv. *bloosgedagte*, *lawaaewater*, *skree(u)pyn*.

## § 19 Semantiese Probleme

### § 19.1 Die probleem braaivleis/vleisbraai

Daar was geruime tyd 'n hardnekkige getwis oor *vleisbraai* en *braaivleis*. Watter van die twee is nou reg?

Haal ons soortgelyke materiaal daarby, word die geval nog onsekerder, want watter botsing is daar tussen bv. *perdry* en *ryperd*, *naaldsteek* en *steeknaald*, *veeslag* en *slagvee*, *skaapslag* en *slagskaap*, *werpspies* en *spieswerp*, *toustaan* en *staantou*? (Daar is dosyne sulke pare in Afrikaans.) Die verskil tussen *perdry* en *ryperd* is volkome helder: *perdry* is „'n ryery van perde”, en *ryperd* is „'n perd van die rybare soort”. Die verskil word beheers deur die semantiese wet dat, altans in verreweg die meeste komposita, die kernbetekenis gedra word deur die laaste komponent. *Vleisbraai* ens. sit nêr so inmekaar: *vleisbraai* is „'n braaiery”, en *braaivleis* is „vleis”.

Altwee vorme is dus volkome normale Afrikaans.

Daar word o.a. ook betoog dat wel gesê kan word, bv. *Sy is uitgenooi na 'n vleisbraai* maar nie *Sy is uitgenooi na 'n braaivleis*, want aangesien *vleisbraai* beteken „vleisbraaiery”, kan iemand daarheen genooi word, maar aangesien *braaivleis* tog „'n soort vleis” beteken, kan niemand na „'n vleis” genooi word nie.

Dit is waar dat ons nie iemand na 'n vleis uitnooi nie, maar as iemand na 'n *braaivleis* genooi word, word hy nie na 'n vleis genooi nie, maar na 'n *braaivleisaand* of *vleisbraaiparty* of *vleisbraaibyeenkoms*. Nou word gesê dat ons vir die byeenkoms net *vleisbraai* sonder meer gebruik, of, so nie, dan bv. *braaivleisaand*, m.a.w. 'n deel van 'n meerledige kompositum kan nie gebruik word vir die geheel nie. *Braaivleis* sou dan net „vleis” (kan) wees, en nié ook byvoorbeeld 'n byeenkoms nie.

Is dit waar? Ja, as ons na bv. *ryperd*, *leiwater*, *slagvee*, *rukwind*, *drabroek* ens. kyk, is dit wel waar dat die kompositum stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat nie sonder meer gebruik (kan) word om iets anders te beteken as respektieflik „perd, water, vee, wind” ens. nie. *Braaivleis* is dus ook nie iets anders as „vleis” nie? Nee. Nie binne hierdie sisteem nie.

Daar is nogtans ook 'n ander kant van hierdie sisteem, nl. dat veelgebruikte komposita soms verkort raak en dat ander betekenisuitbreiding ondergaan. Dan sôu ons van *braaivleisaand* af kon gekom het tot *braaivleis* sonder meer, miskien soos met *skemerkelkie* wat nie net 'n *kelkie* beteken nie, maar óók so 'n soort byeenkoms. En ons kon ook langs ander natuurlike weë daartoe gekom het. Vergelyk bv. *Hoe was die braaivleis toe? Hoe het die braaivleis toe gesmaak?*, waarin *braaivleis* opgevat kan word as synde „die vleis self”, maar ook „die geleentheid waarby dit opgedis is”.

Daar is dus vir *vleisbraai* („'n aandjie) op logiese (of logisistiese) grond meer te sê as vir *braaivleis*, maar altwee is goeie Afrikaans en die ou *braaivleis* kon op begryplike wyse maklik ook gekom het tot die terrein van „'n aandjie, 'n byeenkoms” of iets dergeliks.

## § 19.2 Die probleem woonstel

Die gewoonste soort semantiese probleme kom in die volgende vorme voor: Mens beweer dat die woord . . . nie goed is nie, want dit sê dan nie wat die ding is nie. *Woonstel* sou dan nie 'n goeie woord vir Engels *flat* wees nie, want dit sê nie dat dit „'n soort huis” is nie. 'n Mens sou so 'n beswaar kon afmaak met die retoriese wedervraag of *flat* dan sê wat die ding is. Die taalkundige moet egter weet wat die taalsisteem is. Daarvolgens is en was 'n woord nog altyd net 'n etiket vir 'n begrip of ding en geen definisie of omskrywing nie.

'n Mens sou kon beweer dat die samegestelde woord *krulkopklonkie* meer noem ten opsigte van die ding as bv. *klonkie* onsamegesteld. Maar

dieselfde geld nie van ('n) *maanhaar, dikbek, skoelapper, meeldiaken, knorpot, bromponie, latjiebeen* en *sekelstert* nie. Daar is geen aanduiding dat hulle name is respektieflik vir „'n leeu, (soort) fiets” ens. nie. Hieruit blyk dat die taalgebruiker dinge benoem soms deur alleen kenmerke of eienskappe uit te sonder, met verswyging van die soort of naam van die ding self. Dan is *woonstel* geen alleenstaande geval nie.

Dieselfde soort beswaar is al gebruik teen o.a. *vonkprop* en *kragpunt* en *koelkas* en *brandkas* ens., en in alle gevalle is dié beswaar, taalkundig beskou, ewe sonder grond.

## § 20 Diachroniese Probleme

Die lekepubliek én akademiese publiek stuit veral teen twee soorte genetiese probleme in verband met komposita. (a) die indruk dat sekeres eienaardig of sonderling sou wees, en (b) die vormingsmoontlikhede en beperkinge van komposita.

Hierdie afdeling is in die sogenaamde eenaardiges alleen geïnteresseerd vir soverre dit betrekking het op die ontstaanswyse, en hier meer bepaald tipes waarvan daar uiters min voorbeelde is. Daar is sulke voorbeelde, wat elders in meer besonderhede bespreek word, bv. *klaarpraat, lepellê, broekskeur, hoekom, kort-kort* ens. Die vraag is: waarin steek die eenaardige hiervan? Hierin, dat daar ten opsigte van bepaalde punte baie min of geen soortgelykes in Afrikaans bestaan nie. Kyk maar na die volgende: *Lepellê* is nie sonder meer gelyk aan of soos *perdry* nie, al is altwee stam met s.nw.-korrelaat plus stam met ww.-korrelaat. Die verskil lê in die verhouding tussen die dele: in *perdry* is daar 'n voorwerpverhouding en in *lepellê* 'n soort komparatiewe verhouding, d.w.s. dit is min of meer gelyk aan „lê soos ('n) lepel(s)”. Van *perdry* se soort is daar baie: *bergklîm, kleitrap, visvang* ens., van *lepellê* s'n nie. Ons kan wel wys op 'n ooreenkoms met bv. *bokspring, knipmesry, skêrskop, soutsak sit* en *velling lê*, wat almal ook verbindings van stam met s.nw.-korrelaat plus stam met ww.-korrelaat is, maar dis geen uitgemaakte saak dat en of hulle komposita dan wel woordgroepe is nie, al is die verhouding van *knipmes* tot *ry* en van *soutsak* tot *sit* ook dieselfde as dié tussen *lepel* en *lê*. En *bokspring* is wel „spring soos 'n bok”, en *skêrskop* „skop soos 'n skêr”, maar *bokspring* en *skêrskop* is ook s.nwe. wat met 'n/die verbindbaar is, en *lepellê* nie. Ons kan dan sê *lepellê* is eienaardig ten opsigte van (a) die beperkte getal van sy soort en (b) die verhouding tussen die dele.

Eienaardig is dus 'n reële begrip in die taalkunde, mits ons ons maar baie helder rekenskap gee van presies waarin die eenaardige geleë is. Kyk ook na die res van die groepe wat hierbo genoem is.

*Broekskeur* se komponente is woordsoortelik identies met dié van *lepellê* (al kan *skeur* ook as s.nw. opgevat word), nl. stam met s.nw.-korrelaat



plus stam met ww.-korrelaat, maar hulle verskil hierin dat *broekskeur* (in die uitdrukking *broekskeur gaan*) 'n bywoord is (en *lepellê* nie). Daar is nog sulkes, bv. *boomskraap* en *naelskraap*, maar ten opsigte van dié besondere funksie is hulle uiters beperk in getal.

*Hoekom* staan nog meer alleen. Word net na sy komponente gekyk, is dit gelyk aan bv. *binnekom*, *vasloop* (stam met bw.-korrelaat plus stam met ww.-korrelaat) of aan *daarlaat* of *watwou*, maar die verskil lê veral in sy funksie: dit is bywoord en voegwoord, en dáarvan het Afrikaans nie ander voorbeelde nie.

*Kort-kort* het darem baie soortgelykes langs hom, sou 'n mens dink: *gou-gou*, *nou-nou*, *net-net* ens., maar teenoor die feit dat ons met ongeveer dieselfde betekenis kan sê *Hy kom gou* – of *gou-gou* / *nou* – of *nou-nou*, *Die bal was net/net-net oor die dwarspaal*, staan dat ons nie met ongeveer dieselfde betekenis kan sê: *Hy was kort daar* en *Hy was kort-kort daar* nie. Semanties is *kort-kort* dus iets van 'n unikum, maar ook alleen as dit saam met sy woordsoort (bw.) beskou word. Want word die woordsoort 'n oomblik genegeer, kan byvoorbeeld gewys word op *fluit-fluit en sing-sing deur die wêreld gaan*, waarin dié woorde ook „maklik, sorgeloos” beteken en nie net letterlik „fluitende en singende” nie.

Stel dit nou weer teenoor die geval *klaarpraat* in bv. *klaarpraat wees* „gedaan, klaar, moeg ens. wees”. Dit is ook nie 'n betekenis wat in die komponente *klaar* en *praat* lê nie, maar daarom is dit nog nie gelyk aan die gevalle *kort-kort* of *fluit-fluit* nie. *Klaarpraat* is (a) 'n b.nw., (b) dit word uitsluitend predikatief gebruik, en (c) dit word net saam met die een enkele werkwoord *wees* gebruik. Die Afrikaanse en Nederlandse woord *welkom* is baie soos *klaarpraat*, maar verskil daarvan hierin dat dit ook attributief gebruik word en ook saam met ander werkwoorde, bv. *welkom heet* ens.

Hier is net komposita as voorbeelde van unika gegee, omdat dié hoofstuk oor komposita handel. Maar daar is unika of eienaardighede op elke terrein van die taal, en in alle tale.

## § 21 Begrensde Produktiwiteit van Kompositumtypes

Met die feit van unika moet ons rekening hou in die geneties van die taalwetenskap. Komposita ontstaan hoofsaaklik deur analogiese vorming, d.w.s. na analogie van reeds bestaendes word nuwes gevorm. So het ons bv. *studeerkamer*, *skryfding*, *trefkrag* na analogie waarvan dan bv. *leeskamer*, *roerding*, *stootkrag* ens. gevorm kan word. Duisende het so ontstaan en ontstaan nog.<sup>19</sup>

19. Vergelyk die verskillende vaktaalpublikasies van die Vaktaalburo.

Tog kan ons nie onbeperk nuwes vorm nie. Ons kan nie na analogie van bv. *broekskeur* en *naelskraap boekkoop\** en/of *mieliestamp\** vorm nie. Waarom nie?

Omdat *boekkoop\** en *mieliestamp\** om presies gelyk te wees aan die analoga, (a) bywoorde sou moes wees en (b) in dieselfde sintaksis sou moes verskyn, naamlik net saam met *gaan* of *wees*, dus bv. *Dit was (gaan) boekkoop/mieliestamp\** en (c) ook die betekenis sou sekondêr moes wees, dus ongeveer „moelik”, wat ons nie kan realiseer nie.

Ons sê dan eerstens dat die analogie as verklarings- of as produktiwiteitsbeginsel erken word alleen wanneer analoga en nuwe vorming volkome en presies analoog is.

Maar is dit nou nie strydig met die uiteensetting hiervóór in verband met unika nie? As die bespreekte voorbeelde dan sulke min of meer alleenstaande gevalle is, waar is dan die analoga waarvolgens hulle ontstaan het? Die antwoord is: hulle het waarskynlik of moontlik nie analogies ontstaan nie; alles ontstaan nie analogies nie. Die analogie is die algemeenste en dikwels 'n grootskaalse ontstaansbeginsel, maar *nie* 'n verklaring vir elke nuwe vorming nie. Dit beteken dat unika op 'n besondere wyse ontstaan.

*Klaarpraat* kan met behulp van die volgende voorbeelde verklaar word: (a) *Hy (hulle) is klaar met praat* of (b) *klaar gepraat* of (c) *Dis klaar gepraat wat hom (hulle) betref*, en dien (b) of (c), dan waarskynlik met weglating van die *ge-* van die deelwoord in die mond van nie-Nederlands-sprekendes.

*Lepellê* kàn gevorm gewees het na analogie van Nederlands *brilzien/brilstaren*, en die res van die groep dan ook so; of dit kan byvoorbeeld 'n vertaling wees van 'n stuk Maleis-Afrikaans of Hottentots-Afrikaans of iets dergeliks. Maar vergelyk die paragrawe waar die gevalle later volledig bespreek word.

*Broekskeur* c.s. kàn analogies uit *propschiet* c.s. ontstaan het òf 'n nie-Germaanse maaksel wees.

*Hoekom* kom van *Hoe kom dit dat . . .* ens.

Beteken dit alles nou ook dat die analogie wèl of nié ook by klein groepies taalsoorte werk? Prakties gestel, kan ons dieselfde vraag só stel: Kan klein groepies soos bv. *lepellê*, *broekskeur* ook analogies verder werk, en/of kan unika so werk?

Die antwoord is: Ja, één geval van 'n soort of 'n klein groepie van een soort kán analogies werk indien sy gebruiksfrekwensie hoog is. Dan is hulle ook dikwels persoonlike/individuele en/of geleentheidsvorminge. So het ek gevind, wat my na analogiese vorminge by *lepellê* lyk, onder meer *kraanvoël staan* „stil op een been”, *kameel stap* „soos 'n kameel, lank sonder water”, *predikant staan* „soos 'n padwyser pal op een plek”, en by *broekskeur*: *hoedswaai* in *Dit gaan partykeer hoedswaai om opge-laaï te word, hemplap* in *Dit gaan maar hemplap om uit te kom, broek oprol* in *om broek oprol deur die water te kom* ens.

Dit kom my voor asof ons in die analogiese vorminge van klein groepies die volgende verloop van sake kry: Variante op die eerste en/of op die tweede komponent; die variante is aanvanklik sinonieme of sinsverwante woorde, of hoort ten minste tot dieselfde begripsoort. Later kan dit heeltemal uit die groep breek. Kyk maar na die nuwes hierbo.

In plaas van *lepel* + *lê* kry ons ander beelde: *kraanvoël, kameel, predikant*, gelyktydig met ander verba van die *lê/sit/staan/loop*-groep, naamlik naas *lê* nou *staan* en *stap*. So het ons naas *broek* en *skeur* ander name van kledingstukke: *hoed* en *hemp*, en naas *skeur* ander sinsverwante aktiwiteitsverba *swaai, lap* en *oprol*.

Dergelike taalspel is in die taal van Kleurlinge, studente, kinders e.a. redelik bekend, al is die funksie daar anders. So sal 'n Kleurling byvoorbeeld sê 'n *baas is hard op sy mense* „werkers”. Sy maat beaam met: *Ja, man, hard soos samint* „sement”. *Ja, swaer, sê die derde, en as jy jou toon aan hom* („die sement, die baas”) *stamp dan loop die bloed. Nee maar so ken ons hom mos self, swaer, so ken ons daardie baas. Hy stamp sommer jou toon af. Hy reken nie jou voete nie, daardie baas nie . . .* ens., al in 'n kring, dan agter 'n woord, dan agter 'n beeld of 'n klank aan. Vergelyk dit ook met die drank- en daggarympies, waarvan m.i. baie verklaar moet word as 'n spel met variante en assosiasies, nie as logiese of redelike uitinge nie.

Ons keer dan tot die unika terug en sê tweedens: Klein groepies wat analogies produktief is, is dit in beperkte mate en in 'n vorm wat herkenbaar is as spel met variante.

Daarmee stap ons eers van die klein groepies af en kyk na die vraag van die begrensing van produktiwiteit by oper of groter groepe. Ons kies daarvoor twee baie algemene tipes, t.w. stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat en stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, nl. *hoenderlamp* en *Pashur-trots*. Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat beskryf 'n kompositumtipe waarvan daar duisende voorbeelde in Afrikaans bestaan en waarvan nog voortdurend nuwes gevorm word. (Vergelyk Vaktaalburopublikasies.) Tog weier ons taalgevoel sekere of sommige verbindings. So het alle mense wat gevra is, „nee” gesê op

*hoenderlamp* en eweneens op *Pashur-trots*. Waarom sou dit die taalgevoel stuit? Toets ons die woorde aan die algemene kenmerke wat hier voor van komposita gegee is, dan vind ons die volgende:

*Hoenderlamp* sluit ten opsigte van elke algemene kenmerk van komposita (§ 16 hiervan) by 'n lang reeks soortgelykes (analoge) aan. Hy verskil net in een opsig – wat nie as kenmerk genoem is nie – naamlik dat die begrip waarvoor die woord (dan sou moes) staan, 'n fiksie is vir al die mense wat ondervra is. Toe daarna aan die mense verduidelik is dat in dig bevolkte gebiede snags elektriese ligte by hoenderkampe aan die brand gehou word as afskrikmiddel teen dieuwe, en dat dié lampe dan hoenderlampe heet, het die weieragtigheid van die taalgevoel ook verdwyn.

Ons sê dan dat 'n eerste begrensing van produktiwiteit van groot groepe hierin lê: Die komposita kan nie gevorm word as die begrip waarvoor dit sou moet staan, fiktief is nie.

In die reële taalgebruik kom dit vanselfsprekend nie voor dat 'n mens 'n woord probeer vorm vir 'n fiktiewe begrip nie, sodat kennis van hierdie begrensing van geen nut is nie. Wel is dit van nut vir die taalkundige wat soms met woorde moet eksperimenteer om die grense van sy vak te leer.

Kom ons draai nou die stelling hierbo enigins om in die vorm van 'n vraag: As die begrip nou nie-fiktief is, en as die komponente daarvan deur twee s.n.w. benoem word, kan 'n mens dan vryelik dié twee tot kompositum saamtrek?

Bekyk die geval *Pashur-trots* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 143). Fiktief is die begrip soos Malherbe dit gebruik, bepaald nie. En die kompositum bestaan uit twee komponente met s.n.w.-korrelate. Tog stuit dit teen die taalgevoel van sowat alle proefpersone. Waarom sou dit wees? Die enigste wat ek kon vind, was dit: (1) *Pashur* is vir Afrikaanssprekendes 'n ongewone woord – die klankverbinding /ʃu:r/ is ook onafrikaans. (2) Komposita van stam met eienaam-korrelaat en stam met gewone s.n.w.-korrelaat kom hoofsaaklik voor ten opsigte van uitvindings, fabrikate, naamgewinge e.d.m., bv. *Brenngeweer*, *Raleighfiets*, *Bunsenbrander*, *Simonsberg*, *Mostertsdrif*, *Theronsbrug*, *Potgietersrus* ens., d.w.s. (3) komposita van stam met eienaam-korrelaat en stam met abstrakte (!) s.n.w.-korrelaat as tweede lid is min in getal en het 'n lae gebruiksfrekwensie.

Ons kan dan sê dat die tweede begrensing is: die kompositum word nie of selde of moeilik gevorm indien dit begripsoorte behels wat selde reeds gekoppel voorkom in analoge met hoë gebruiksfrekwensie.

Beteken dit nou dat Malherbe se *Pashur-trots* (en sy *Here-toorn* in *Die Profeet*, 100) verkeerd is? Nee, dit beteken net dat sulke gevalle nie standaardtaal is nie. (Wat dit dan wel is? Dit is geprojekeerde vorme wat in

Malherbe se styl 'n aanwysbare funksie het. Aan die nie-woordkunstenaar hoef 'n mens byna nie te sê om daarvan af te bly nie, hy kom vanself nie of nouliks daartoe.)

Maar is gevalle soos die volgende nie in stryd met die twee begrensings van produktiwiteit hierbo nie, bv. *tjankbalie*, *grenskous*, *hoendervrugte*, *brompot*, *praatorrel* ens.? Hoe kan die dele van dié komposita nou met mekaar in verband gedink/gerealiseer word? Die antwoord is blykbaar dat ons hier met oordragtelike taalgebruik te doen het. In verband met komposita gebeur dit nogal dikwels dat één deel oordragtelik aangewend word: *balie*, *kous*, *vrugte*, *pot* en *orrel* hierbo is almal beeldspraak of oordragtelike taalgebruik, waarvan ons meer het. Vergelyk verder bv. *druiloor*, *kwelgees*, *lok-/luistervink*, *spotvoël*, *prikkelpop*, *skinderbek*.

Ons moet dus aan die tweede begrensing hierbo toevoeg: Wat in nie-oordragtelike aanwending nie verbind word (of kan word) nie omdat dit só nie realiseerbaar sou wees nie, kan in oordragtelike aanwending dikwels wêl gerealiseer word.

So kan ons 'n *tjankbalie* nie realiseer as „'n soort balie” of 'n *grenskous* as „'n soort kous” of *hoendervrugte* as „'n soort vrugte van 'n boom” byvoorbeeld nie, ens. Ek meen dat die opmerking waar bly afgesien van die woordsoort(e) wat verbind word/is: *tjankbalie* en *grenskous* en *brompot* is bv. stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat maar *hoendervrugte* is tog stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, en daar is meer hiervan, bv. *meeldiaken* (J. v. Bruggen: *Op Veld en Rante*, 14), *kultuurpriester*, *leeuvere* e.d.m.

Geld die bogenoemde twee begrensinge nou van alle soorte komposita, d.w.s. waar onder soorte verstaan word wat woordsoortelik verskillend saamgestel is? Ja, dit geld van alle soorte, maar dit is nie die enigste begrensing nie. Kyk maar na die volgende: *springbok*, *groeiboom*, *langore*, *skryfman*.

'n Mens kan sê: 'n *springbok* is „'n bok wat spring” of (in minder idiomatiese Afrikaans) „'n springende bok”, en *hangore* is „hangende ore” of „ore wat hang”. Waarom kan ons dan nou nie ook „'n boom wat groei” of „'n groeiende boom” 'n *groeiboom\** noem en „'n man wat skryf” of „'n skrywende man” 'n *skryfman\** nie? (Al ons proefpersone sê naamlik „nee” op *groeiboom\** en *skryfman\*!*) Dit lyk asof ons hier nie te maak het met nie-realiseerbare dinge nie, want „'n man wat skrywe” en „'n boom wat groei” is tog net so reël as *springbokke* en *hangore!* Wat is dan hier die beletsel?

Die grammatiese komponente is identies: stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, die verhouding tussen die dele is identies (soos omskrywe), die verbonde begripsoorte is identies: stam met aktiwiteits-ww.-korrelaat + stam met konkrete s.nw.-korrelaat, daar is derhonderde

presiese analoga: *staanlamp, skuifelgang, afloopwater, draaiskyf* ens., daar is selfs dosyne gevalle waar komposita van stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat bestaan naas 'n woordgroep van dieselfde stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, bv. *sukkelbestaan/sukkelende bestaan*<sup>20</sup>, *spottaal/spottende taal, snorkgeluide/snorkende geluide* e.d.m. Dus waarom dan nie ook bv. *groeiboom\** en *skryfman\** nie?

Om 'n antwoord te probeer vind, gaan ons weer soos voorheen te werk en versamel ander voorbeelde. Voorbeelde waarvan? Voorbeelde van wat bestaan en van wat nie kan bestaan nie, van komposita en woordgroepe van die tipe *sukkelbestaan/sukkelende bestaan*. 'n Materiaalversameling van ongeveer 1100 voorbeelde bevat onder meer die volgende:

(a) 96 gevalle soos *hangore/hangende ore/ore wat hang*, d.w.s. kompositum en twee woordgroepe langs mekaar, bv. *huilstem, kwylymond, kookwater* ens.,

(b) 360 gevalle soos *groeiboom\**, d.w.s. waar ons 2 woordgroepe het maar geen kompositum nie, bv. *aankomende trein/trein wat aankom, dreunende masjinerie/masjinerie wat dreun, juigende menigte/menigte wat juig* ens.,

(c) 500 gevalle soos *waskom/kom waarin gewas word of waarin 'n mens was*, d.w.s. kompositum en een woordgroep (vergelyk (a)), bv. *rekvermoë/vermoë om te rek, aftreetyd/tyd om af te tree of tyd wanneer 'n mens af-tree, badtyd/tyd om te bad* ens.,

(d) 20 gevalle soos *brompot* en 84 soos *brulpadda*, d.w.s. waar (1) soos in *brompot* ten minste een deel oordragtelik aangewend word, bv. *bakvissie, knorhaan* ens. en (2) soos in *brulpadda* die woord soseer 'n vaste dingnaam geword het dat ons nie sonder meer 'n semanties min of meer gelyke omskrywing daarvan naas die kompositum kry of kan kry nie, bv. *baksteen, dryfsand, karringmelk* ens.,

(e) 45 gevalle soos *eetgerei*, d.w.s. waar een (of meer) komponent(e) net nog in komposita voorkom òf net in versterkte uitdrukkinge en dus ook nie woordgroepe as variante taalvorme het of kan hê nie, bv. *dryfveer, reisgesel, smeltkroes* ens.,

(f) sowat 'n 40 gevalle soos *kuiergaste*, d.w.s. waarin die betekenis van die kompositum nouliks omskryf kan word in terme van die betekenis van die dele (dus baie na aan (d) (2) hierbo) en waarby prakties gesproke dan ook selde of nooit 'n woordgroep naas die kompositum voorkom nie, bv. *kuiermense/kuiergaste, uitlaatklep/uitlaatpyp, vangplek* ens.

Kan 'n mens hieruit nou iets wys word? Ja, ten minste dit:

- 1) dat *springbok* en *hangore* tog nie sonder meer binne dieselfde groep lê nie: *springbok* is nader aan ons groep (d) 2) hierbo, en *hangore* is van groep (a);
- 2) dat *groeiboom\** en *skryfman\** wel van dieselfde groep is, nl. groep (b);

20. Die ww. moet dan natuurlik 'n adjektiewiese vorm (*sukkelende* ens.) kry.

- 3) dat in verreweg die meeste gevalle (die hele groep (c), = 500!!) die verhouding van stam met ww.-korrelaat tot stam met s.nw.-korrelaat in 'n kompositum nie aangegee word of kan word deur teenwoordige deelwoordvorm + s.nw. nie: in nie een enkele van die 500 gevalle in (c) kan ons 'n teenwoordige deelwoord van die verbale attributief byvoeglik voor die s.nw. aanwend nie: 'n *afklimplek* is byvoorbeeld nie „'n afklimmende plek” nie, 'n *afloopvoor* nie „'n aflopende voor” nie, 'n *aangespeletjie* nie „'n aangeënde speletjie” nie ens.;
- 4) dat 3) volkome klop met groep (c): woordgroepe met teenwoordige deelwoordvorm maar sonder kompositum daarby.

As ons materiaal nou verteenwoordigend is – en ek meen dit is wel – kan ons nou blykbaar dit sê:

'n Produktiewe tipe kompositum is nie sonder meer produktief ten opsigte van elke verhoudingsort waarbinne dié tipe voorkom nie! !

In die besondere geval van stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat beteken dit dat die tipe nie vryelik produktief is ten opsigte van teenwoordige deelwoordverhoudinge nie.

Beteken dit nou dat, indien *groeiboom*\* en *skryfman*\* (wat nou bedoel word as nuwe vorminge) opgevat kan word as betekenende iets anders as „groeierende boom” en „skrywende man” dit wêl bestaanbaar sou wees? Al antwoord wat hieruit kan volg, is dit: ja, ás en mits sulke ander betekenis ons nie ook weer binne die kring laat beland van ander onproduktiewe verhoudingswyses nie. Kom ons kyk watter ander teoretiese betekenis ons aan *groeiboom*\* en *skryfman*\* sou kon heg. Onder meer moontlikhede kies ek die volgende:

- A. *groeiboom*: (1) boom wat gegroei het „(klaar) gegroeide boom”,  
 (2) boom(soort) wat goed groei, wat nie sukkel om te groei nie,  
 (3) voorstelling in die vorm van 'n boom, van hoe bv. 'n maatskappy gegroei „uitgebrei” het, met takke ens.
- B. *skryfman*: (1) man wat geskrywe het,  
 (2) man oor wie daar geskrywe is/word,  
 (3) man wat hou van skryf, wat graag/maklik skrywe.

Ons nader weer ons proefpersone. My proefpersone het „nee” geantwoord op A (1), B (1) en B (2), en „ja” op A (2), A (3) en B(3). Waarom ja, waarom nee?

Nee op A (1) en B (1): omdat dit binne die kader van 'n onproduktiewe verhoudingstipe val, naamlik die perfektiewe of voltooid deelwoordverhouding. Daar is komposita met dié verhouding bv. *braaivleis* „gebraaide

vleis”, *kwesbokke* „gekweste bokke”, *roosterbrood* „geroosterde brood” e.d.m., maar die getal is klein in vergelyking met ander. Ook nee op B (2) omdat dié verhouding selde of nooit voorkom binne die kompositumverbinding stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat nie.

Ja op A (2), A (3) en B (3) omdat dit aansluit by goedverteenvoerdigde produktiewe verhoudingstipes. Analoog met A (2) is bv. *breekgoed*, *huil-tipe*, *praatsoort*, *skopgeaardheid*; analoog met A (3) is bv. *groeikaart*, *slaapgrafiek*, *werkrooster*, en B (3) is ongeveer gelyk aan A (2).

As dit alles min of meer so is, kan ons nogtans vra: hoe het die bestaande gevalle van die onproduktiewe verhoudingstipes dan ontstaan?

Daar is nog geen antwoord op die vraag nie, maar ons gee aan die hand dat die antwoord moontlik in die diachronie lê.

In die geskiedenis en voorgeskiedenis van kompositumvorming kan ons onder meer die volgende momente onderskei:

(a) Die verhoudinge tussen verbonde woorde is morfologies, d.w.s. in die vorm van een of meer van die woorde aangedui:

<i>hunsla staḫs</i>	„plek van die offer”
<i>figgra gulḫ</i>	„ring van die vingers”
<i>lunae dies</i>	„dag van die maan”.

(b) Met verminderde morfologie kry ons meer as een verhouding by identiese morfologie, d.w.s. die morfologie is dan nie meer volkome onderskeidend nie.

(c) In komposita kry ons ’n minimum morfologie, so min dat wat oorbly feitlik glad nie meer verhoudinge benoem nie, maar bloot as verbindingsklanke gaan fungeer, bv. *hongersnood*, *werksman*.

(d) By komposita, met of sonder verbindingsklanke, word analogies ander gevorm wat in geringe mate ’n ander verhouding kan behels.

(e) Hierby kom waarskynlik nog die volgende genetiese oorweging, naamlik dat die ding self, of die mens se begrip of gebruik daarvan, so gaan verander, dat agterna allerlei moet bybedink word indien ons nog wil verstaan hoe of waarom dié ding dié naam (in die vorm van ’n kompositum byvoorbeeld) dra: *weerwolf*, *viswyf*.

1. Dit wil sê dat wat ons vandag ontleed of realiseer as van ’n besondere verhoudingsoort, dit aanvanklik miskien glad nie was nie. Dit skyn my te kan geld van baie van die voorbeelde in groep (a) op bl. 119 hiervan. Kyk na die volgende:

**Tip:** stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw.

**Verhouding:** teenwoordige deelwoord.



- Voorbeelde:** *hangore:* „ore wat altyd/dikwels hang, ahang, nie regop staan nie, wat geneig is om slap te hang”.
- huilstem:* „stem wat na huil klink, stem soos van iemand wat huil” (verbaalabstraktum is ’n s.n.w. hier).
- kwylmond:* „mond met of vol kwyl (s.n.w.!) daaromheen”.
- kookwater:* „water wat moet gekook word”; vgl. *slagding/slagvee, leiwater, stoofappels* in „appels vir stowe bedoel” ens.

2. Daar is nog ander moontlikhede, byvoorbeeld dat ’n werkwoord en ’n s.n.w. eers geruime tyd in allerlei verband saamgebruik word in woord-groep en sinne en daarná pas tot kompositum saamgetrek word. So het ons baie derjare gepraat van „die klop van die disselboom” wanneer by-voorbeeld met perde gery is, maar dis eers in die afgelope sowat 30 jaar dat *klopdisselboom* as bywoord sy verskyning gemaak het. So het mense taamlik lank gepraat en gedoen in verband met „langs die pad staan en wag/vra om opgelaai te word” voordat *duimry* en *ryloop* ontstaan het. So word in *Ampie die Kind* eers verskeie kere gedink aan en gepraat oor *mense wat hulle kop gebruik* voordat Van Bruggen daartoe kom om hulle *kopmense te noem* (bl. 130). Janar sê in *Die Boerprofeet* van D. F. Malherbe (bl. 65) dat die moeilikheid *’n tamaai vuur, ’n tamaai brand* geword het. Hy sê *’n mens se kop raak maklik aan die brand, en dan word dit ’n brandkop-affêre* . . .

3. Daar is ook die moontlikheid dat ons ten opsigte van die gebonde/geslote verhoudingstipes stam met teenwoordige of voltooide deelwoord-korrelaat + stam met s.n.w.-korrelaat te maak het met sintaktiese mededinging: die vorming van teenwoordige of voltooide deelwoordvorme is so ’n ongebonde proses en die semantiese funksies daarvan so helder dat ’n kompositum alleen gevorm word indien dit iets anders sou sê as wat die ooreenstemmende woordgroep van stam met deelwoord-korrelaat + stam met s.n.w.-korrelaat sê. Laat ek dit toelig: ons praat van *’n aanmatigende* (teenwoordige deelwoordvorm) *houding, tergende* (teenwoordige deelwoordvorm) *optrede, verdwaasde* (voltooide deelwoordvorm) *mense, verteerde/verterende* (deelwoordsvorme) *kos/vuur* ens. Ons gebruik hierdie *-ende* en *-de/-te* (*voltrekte vonnis*) ook by nie-verbaalstamme:

- (*aan*)*donkerende nag* (C. M. v. d. Heever: *Groei*, 259);  
*dorrende vlakke* (J. van Bruggen: *Die Burgemeester van Slaplaagte*, 103);  
*blouende vertes* (C. M. v. d. Heever: *Langs die Grootpad*, 43);  
*rondende vorme* (C. M. v. d. Heever: *Simson*, 102);  
*’n dun begordynde venster* (C. M. v. d. Heever: *Kromburg*, 280).

Die algemene semantiese sisteem hiervan is: die teenwoordige deelwoord-vorme stel sake meesal aktief, duratief, prosessief, die voltooide deelwoordvorme stel dit meesal perfektief, as afgehandel. (Enkele geykte en geïsoleerde gevalle waarin dit anders is, raak nie die hoofsteeem: teenwoordige deelwoordvorm met min of meer aktiewe waarde, voltooide deelwoordvorm met min of meer perfektiewe waarde nie.) D.w.s. dat wanneer ons nou hierdie gesigspunte by 'n s.n.w. wil uitdruk, ons vryelik na 'n deelwoordvorm gryp en dit met die s.n.w. verbind: *vallende blare*, *besmette hout* ens. Dan lyk dit hoogs onwaarskynlik dat ons *valblare\** of *besmet-hout\** sal gaan vorm in die betekenis: „vallende blare/besmette hout”, want in *valblare\** is daar geen aanduiding dat daarmee „vallende blare” bedoel word nie, terwyl die woordgroep *vallende blare* nadruklik sê wat en hoe bedoel word.

Is hierdie gedagte korrek, dan steun dit wat onder (e) 1. hiervoor gesê is, en dan is dit moontlik fiktief en verkeerd om bv. *hangore*, *huilstem*, *kwylmond*, *kookwater* e.d.m. te analiseer as „hangende ore, huilende stem, kwylyende mond, kokende water”. So beskou, en by nadere herooring, lyk dit my dan ook asof 'n *sukkelbestaan* nie sonder meer gelyk is aan „'n sukkelende bestaan” nie. Anders uitgedruk, kan ons sê: dit lyk asof komposita van die tipe *hangore*, *sukkelbestaan* ens. wat ons, as ons op die verhouding tussen die dele afgaan, sou wou beskrywe as teenwoordige deelwoordverhouding, tog nie van so 'n verhouding uitgegaan het nie. En as dit so is, kan ons die reeds bespreekte begrensing handhaaf en net nader spesifiseer in die geval van stam met ww-korrelaat + stam met s.n.w.-korrelaat, naamlik so: 'n uitsluitend en beslis duratiewe of perfektiewe verhouding van 'n werkwoord tot 'n s.n.w., soos te vind in bv. *afvallende blare/afgevalde blare* kan nie in die ooreenstemmende kompositum saamgetrek word tot bv. *afvalblare* nie. *Afvalblare* sou goeie Afrikaans wees maar dit beteken nie „afvallende blare” nie, en ook nie uitsluitend „afgevalde blare” nie. Veel meer is dit ongeveer „blare wat afgeval het” en/of „blare wat moontlik/ waarskynlik afgeval het” ens.

Die verhaal oor begrensinge het effens lank geword, en tog is dit nie voltooï nie. Want kyk na die volgende: „die dag waarop Europa deur die Geallieerdes bevry is van die Duitse besetting” heet nie die *bevrydag\** nie, maar die *bevrydingsdag*. Waarom die een en nie die ander nie?

Ons gaan die vraag nie hier beantwoord nie. Ons volstaan met op te merk dat daar honderde dergelike gevalle is waar 'n mens 'n ope keuse vermag tussen stam met ww.-korrelaat + stam met s.n.w.-korrelaat of stam met s.n.w.-korrelaat wat van dieselfde werkwoord afgelei is + stam met s.n.w.-korrelaat, waar tog die voorkeur gegee word aan stam met s.n.w.-korrelaat + stam met s.n.w.-korrelaat, bv.:

## Nee

stam met ww.-korrelaat +  
stam met s.nw.-korrelaat  
*aanduitekens\**  
*bepaalfaktor\**  
*beslisdag\**  
*vertraagveldtog\**  
*verslankkuur\**

## Ja

stam met s.nw.-korrelaat (afgelei van  
dieselfde ww.-korrelaat) + stam met  
s.nw.-korrelaat  
*aanduidingstekens*  
*bepalingsfaktor*  
*beslissingsdag*  
*vertragingveldtog*  
*verslankingskuur*

Uit uitvoeriger materiaalversameling sou kon blyk dat die taal die voorkeur aan (stam met ww.-korrelaat + *ing* : s.nw.) + (stam met s.nw.-korrelaat) gee bo stam met ww.-korrelaat sonder *-ing* + stam met s.nw.-korrelaat. Maar dit kan ook ingewikkelder wees.

Verder kan ook gevalle soos die volgende so bewerk word : *sterwensuur*, *lewensduur* en *kindersorg*, *lammerooie*.

Ons kan dan die hele saak van die beoordeling van nuwe komposita so saamvat: Nuwe gevalle moet getoets word aan die kenmerke wat in § 16 uiteengesit is en aan die begrensinge wat in die verdere bladsye bespreek is.

## § 22 Stilistiese Probleme

### § 22.1 Semantiese waarde en stilistiese waarde

'n Mens sou ewe goed van stilistiese en semantiese funksie kon praat. Met semantiese funksie word bedoel: dit wat die besondere taalvorm meer te kenne gee as net sy gewone betekenis. As 'n taalgebruiker byvoorbeeld sê *Toe loop trap ek tog vir jou vanslewe in 'n gat*, sê *tog vir jou vanslewe* nie net dat dit onverwags gebeur het nie, maar ook dat hy enigsins emosioneel ingestel is teenoor die voorval, hier selfs dat hy self daarvoor glimlag. Dit kan selfs die hoofbedoeling met dié besondere woordkeuse wees. As 'n taalgebruiker sê *Die hale-hale het so gelê van die pak slae wat hulle gekry het*, wat word dan meer of minder as net *dat die hale so gelê het* gesê? Die nadruk word op die getal en die intensiteit van die hale gelê of ook op die distribusie. Die semantiese funksie of waarde is intensief-distributief.

Daar is lank nie altyd dergelike plus-waardes aanwesig nie, maar ons moet tog steeds oorweeg of dit nie wel daar is nie. Dieselfde geld van die moontlike stilistiese waardes of funksies. Die stilistiese waarde of funksie is nie juis inherent aan die besondere taalvorm self nie: dit sit meer so inmekaar dat daar baie taalvorme is wat meesal net in 'n bepaalde soort stylverband verskyn. 'n Algemene soort teenstelling is byvoorbeeld dié tussen familiêre omgangstaal aan die een kant en (versorgder) literêre taal

en offisiële taal aan die ander kant. 'n Ander teenstelling is dié tussen byvoorbeeld emosionele taal aan die een kant en nugter (neutrale) taal aan die ander kant. So hoort baie van die voorbeelde wat onder meerkomposisie bespreek is, tot die familiêre omgangstaal. So is Malherbe se gebruik van deelwoorde meer literêre taal. Modale vorme soos *mos, darem, bra*, verkleinwoorde, die meeste soorte herhalingsamestellinge, die verbale hendiadis (*staan en slaap*), kom meesal in emosionele taal voor. Daarenteen kom baie taalvorme meer bepaald in offisiële stukke voor, sê maar bv. 'n *Vergadering staan gehou te word. Die te houe vergadering sal sy eie voorsitter kies* ens.

Soms is dit alleen duidelik dat sekere taalvorme ekstra of plus-funksies het, sonder dat 'n mens duidelik kan insien of dit semanties, stilisties of sintakties is. Kyk maar byvoorbeeld na die komposita en die sinslengtes in die prosa van D. F. Malherbe.

Malherbe se prosa val naamlik duidelik uiteen in twee periodes: 1. Alles wat voor *Die Hart van Moab* en *Saul die Worstelheld* gekom het, en 2. alles daarna, bv. *Die Bergstroom ruis, Vlam van die Suurveld, En die Wawiele rol, Die Profeet, Boerprofeet* ens. Dit is geen absolute skeiding nie, veral omdat Malherbe van *Die Profeet* af weer al hoe meer terugkeer tot die styl van die eerste periode, maar die uiterstes van altwee soorte is tog duidelik onderskei en onderskeibaar. In die eerste periode dan is die plus-funksie van die kompositum by hom, soos vrywel altyd by elke ander skrywer van Afrikaans, om te benoem, naamlik deur in komposita saam te groepeer.

Dié funksie is in die tweede periode nog aanwesig, maar daar kom nog een by: om, ook ter steun van en met die steun van ander taalgrepe, 'n maksimum aan betekenislading in 'n minimum van sinslengte te verkry. Deur byvoorbeeld te praat van *Jehowa-woorde* en *Pashur-trots*, is woordgroepe vermý: *woorde van Jehowa* en *trots (wat tipies is) van Pashur*. Wie dié besondere sintakties-stilistiese funksie van dergelike komposita nie raaksien of erken nie, kom natuurlik ook maklik daartoe om die gebruik van dergelike vorme af te keur al kom hulle ook in Malherbe se eerste periode voor, net in veel kleiner getalle, en al kom hulle ook af en toe by ander skrywers voor. Die onderskeidende in die hele taalvorm van Malherbe se tweede periode lê dan ook hierin dat hy soveel moontlik afleidinge en komposita in plaas van woordgroepe, en soveel moontlik woordgroepe in plaas van bysinne plus die minimum aan verba finita gebruik. Daardeur raak sinsdele al hoe verder van mekaar geskei en vermeerder die sinspanning dus, en daardeur kry ons steeds minder maar steeds langer sinne, soseer dat die hele eerste prosagroep nie een sin het wat so lank is as dosyne in die tweede groep nie. Kom ons kyk maar na die volgende sin (*Die Hart van Moab*, 1941):

„Voorts krydend met handige vangwerk in die rossige blare skeer Jethar

die hoë halms nou neer dat 'n goue leegte aanwandel *onder sy verblindende hande-beweging* en *voor sy stuiwende sandale uit . . .* En bo die slag van Azkar se sekelhale hoor hy die Moabiet se asemstote heenruis soos dié van 'n moegegjaagde bees. Dan haal hy uit die Moabiet dat sy vangspan nog wyer swaai, en *sy yslike gryp-hand* word 'n ganse leërafdeling van strydvaardige seuns van Moab wat die moed-ontvalle Hebreërs aankeer tot snelle doem. Dan los die reëlmaat van sy spierige werkgang op in *verwilderende gryping en deurhaling, aanrukking en vaarterige wegsakstoting*, en stap hy aan met sy vak in die vuurhitte van ontketende arbeidsdrif.<sup>21</sup>

## § 22.2 Stylkeuse en styl dwang

In 'n vorige paragraaf is daarop gewys dat die soort styl waarin sekere taalvorme meer as ander voorkom, dikwels uiters lastig bepaalbaar is, hoewel dit nogtans geprobeer moet word, omdat wat in een styl laag of stylvorm produktief of viriel is, dit nie noodwendig ook in 'n ander stylvorm of styl laag is nie. So is daar byvoorbeeld verskeie konstruksies wat min of meer uitsluitend in die volkstaalstyl voorkom: die gebruik en die opstapeling van modale adverbiala (*mos, darem, nie, bra* ens.), die meeste soorte herhalingsamestellinge (*lag-lag, troppe-troppe, twee-twee* en *twee-twee man op 'n slag* e.d.m.), allerlei spreekwoorde en spreekwyses (*hy het sy rieme styfgeloop*).

Wanneer ons nou dergelike aspekte in 'n stuk literatuurtaal nagaan – en ons skakel die spreektaal alleen uit omdat dit daar nie so maklik bestudeerbaar is nie – is dit van belang om helderheid te verkry omtrent een vraag: Wat is dit wat bepaal watter taalvorme 'n skrywer gebruik, en hoe verloop die hele proses?

Vir die beantwoording van die vraag sou dit die gelukkigste gewees het as ons gevalle kon hê waar 'n skrywer se hele taalbeheer volkome gelykwaardig is aan alle eise wat sy gees kan stel, d.w.s. as ons stukke letterkunde kon hê waarin volledig uitdrukking gegee is aan en uitdrukking gevind het, implisiet waar dit moes en implisiet waar die verhoudinge en die balans dit so vereis het, alle inhoud en gewaarwording van die skrywer in verband met die konsepsie waarmee hy hom besig gehou het. Maar nou bestaan daar alleen gevalle waarin 'n skrywer 'n persoonlike maksimum en optimum bereik het, sê maar byvoorbeeld Homeros in die *Ilias*. Dat dit 'n maksimum en 'n optimum is, kan ons met objektiewe norme meet: Ons kan byvoorbeeld sy woordeskat tel, ook met onderafdelinge; ons kan tel hoeveel verskillende voegwoorde hy gebruik, hoeveel b.nwe., bwe. en voorsetsels, hoeveel wwe. in die finitum-vorm en

21. Oor die besonderhede van taalvorm en stylwaarde in dergelike stukke van Malherbe se taal, word verwys na *Ons Eie Boek*, Deel X, no. 4, waar 'n poging aangewend is deur skrywer hiervan om die stylwaardes te ontleed.

hoeveel in die infinitum-vorm, hoeveel soorte afleidinge en komposita, hoeveel soorte sinne, hoeveel verskillende sinslengtes en in watter getalsverhouding tot mekaar ens. Dan kry ons die persoonlike sisteem van elke individuele skrywer, waarbinne ons sy eie taalgebruik kan bestudeer, maar dan het ons daarmee nog nie die algemene van die hele taal nie, want enige twee begaafde individue se taalomvang en vermoë is nog steeds minder as dié van die hele taalgroep waarvan hulle lede is. En selfs as 'n mens alle skrywers se taal gesamentlik bestudeer, is daarmee nog geensins gewaarborg dat dan alles wat in die ongedwonge spreektaal bestaan, ook in dié geskrewe vorm aangewend is nie. In 'n sekere sin is alle literêre taal arm, d.w.s. armer as die spreektaal, net soos dit aan die ander kant weer in 'n ander sin ryker is, naamlik ryker aan literêre vorme. Hoe ons dit nogtans ook beskou, die taal van die individu het nie dieselfde omvang as die taal van die hele (taal)gemeenskap nie. Daarom kan ons nie in die ontleding van 'n skrywer se taal uitgaan van die standpunt dat ons ongeveer 'n 100% gelykwaardigheid van ervaring en taalvermoë het nie. Dit wil onder meer ook sê dat, hoe ongedwonge die vormgewing-in-taal ook moontlik verloop, dit steeds in mindere of meerdere mate gepaard sal gaan met 'n strewe of 'n soeke na die ideale vorm, 'n strewe waarin ook die allergrootste taalkunstenaar hom kan misreken. Bewus uitdink, kan hy nie naastenby alles nie, omdat die konsepsie sy volle aandag in beslag neem, sodat die besondere taalvorm waarin die konseptuele ten slotte vorm vind, tog in belangrike mate deur nie-bewuste faktore bepaal moet word. In dié verband is uitgewerk hoe die mindere of meerdere gebruik van verkleinwoorde deur die styl bepaal word.<sup>22</sup>

Daardie gevolgtrekking was egter vergesel van opmerkinge dat daar ook ander faktore is wat die besondere gebruik van taalvorme bepaal. Een daarvan is die tema, naamlik in hoeverre dit bepaal watter woordeskat gebruik gaan word. Skrywe iemand byvoorbeeld oor dinge met vormvaste diminutiewe name (*boordjie, agretjie, sysie*), kan hy nouliks voorkom dat hy diminutiewe gebruik. Skrywe hy oor *mier-|honde-|bees-* of *wortelsoorte* kan hy nouliks voorkom dat hy samekoppeling sal gebruik (*rooimier, wildehond, wildebees, geelwortels* ens.). Het hy eenmaal sy tema gekies, is daarmee outomaties gedeeltelik sy woordeskat gekies.

Dieselfde geld mutatis mutandis van sy styl. Hy is as 't ware vry om sy styl te kies, d.w.s. hy maak by en in homself uit hoe hy gaan staan teenoor sy tema, maar sodra dié ingesteldheid vasstaan, volg daaruit outomaties dat sekere taalvorme meer as ander in sy werk sal voorkom (dus vanself sekere taalvorme minder as ander). Ons moet op grond van allerlei oorweginge aanneem dat dié stilistiese ingesteldheid in verreweg die meeste gevalle geskied met 'n minimum inmenging van die bewuste denke en dat die proses van vormgewing-in-taal in hoë mate eweneens verloop

22. Kempens, W.: *Die verkleinwoord in Afrikaans*, 43–44.

sonder stelselmatige of voorbedagte kontrole of inmenging deur en van die intellek. Dan vind ons dat konstantheid van styl by 'n bepaalde skrywer, konstantheid van taalvorme by dieselfde skrywer beteken/waarborg. Is hy byvoorbeeld perifrasties, is sy taalvorm perifrasties; is hy nugter, het sy taalvorme 'n nugtere waarde ens. Die stylkeuse (wat, ek sê dit nog 'n keer, nie bewus opgevat moet word nie) bring dus taalkundig gesproke styldwang mee. Dit kan nagegaan word in die genoemde studie oor die verkleinwoord in Afrikaans, maar ons doel hier is om te illustreer ook ten opsigte van ander taalvorme. Ons kies daarvoor die volgende groepe: afleiding, kompositum, woordgroep en sin.

Alvorens dit uit te werk, moet ook verwys word na wat in die laaste hoofstuk gesê word oor afleiding as sinsvorm, naamlik dat verskillende soorte afleidinge in verskillende soorte verband as sinsvorme beskou kan (of moet) word. Hier wil ons konstateer dat, sodra 'n skrywer se styl so is dat dit, in die een geval meer, in die ander geval minder, van 'n bepaalde taalvorm gebruik maak, ons te doen het met stylinvloed. Die vraag wat dus nou hier gestel en beantwoord moet word, is: hoeveel en watter soorte afleiding hou enige verband met styl? Dit is nog nie moontlik om 'n volledige antwoord te verstrek nie, maar ons kan reeds sê dat die diminutief nie die enigste vorm van of soort afleiding is waarvan die gebruik deur stylfaktore bepaal word nie. Ook die gebruik van afleidinge op *-erig*, *-ery* (en, veral by D. F. Malherbe) *-heid* en *-ing*, wissel van styl tot styl: hoe volkser die styl, hoe meer word van afleidinge op *-erig* en *-ery* gebruik gemaak, en omgekeerd, en (spesiaal by Malherbe), hoe strakker sy styl, hoe hoër is die gebruiksfrekwensie van afleidinge op *-heid* en *-ing*.

Dit bring ons tot die volgende vraag, naamlik of daar ook 'n verband is tussen kompositumvorming of kompositumgebruik en styl. Dat daar 'n verband is, ly geen twyfel hoegenaamd nie: die getalle komposita van die tipe *gerwe-bindende* (*Saul die Worstelheld*, 110), *kuddes-draende* (*Die Hart van Moab*, 52) en *Jehowa-tartende* (*Die Profeet*, 29) in Malherbe se Bybeltrilogie is sowat 'n dertig keer so hoog as in sy aanvangsbundels, net soos sy gebruik van verkleinwoorde in die trilogie sowat die kleinste is in die hele Afrikaanse prosa, en sy gebruik daarvan sowat 'n dertig keer groter in sy aanvangsbundels. Wat ons nog nie weet nie, is (a) van watter soorte komposita dit geld en (b) wat die volle omvang daarvan as stylvariasie in Afrikaans is.

'n Toets-ekserpering van Mikro se werk het aan die lig gebring dat daar 'n byna volmaakte negatiewe korrelasie is tussen die getalle samekoppeling en die getalle samestellinge wat gebruik is. By nadere ondersoek het egter geblyk dat dit die reinste toeval is en dat die gebruik van dié twee soorte komposita eintlik deur verskillende faktore bepaal word. Ons moet dié faktore dus eers bespreek alvorens nader tot die vraag van stylsamenhang terug te kom.

Die saak sit dan só inmekaar: die kompositumtipe stam met b.nw.-

korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat is 'n samekoppeling, stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat 'n samestelling. Die samekoppeling is 'n natuurlike verbindingsvorm en -wyse, die samestelling is 'n onnatuurlike verbindingsvorm en -wyse.<sup>23</sup> Tog is die samekoppeling 'n onvrye verbindingswyse en die samestelling 'n vrye verbindingswyse, naamlik in dié sin dat ons nie min of meer vryelik nuwe samekoppeling kan vorm nie, maar wel taamlik vryelik nuwe samestellinge. Ek kan hier nou nuwe samestellinge soos *boomfigure*, *vuurhoutjiekleur*, *papierbankie* ens. maak, en al is al drie nuut, al drie is ook in orde. Maar ek kan selfs nie een enkele nuwe samekoppeling van b.nw. en s.nw. willekeurlik sit en maak nie, sê maar *swartpyp\** (soos *swartvark*) of *wildeckind\** (soos *wildehond*) ens. nie.

Maar ons kan dit ook enigszins omdraai en sê: die samestelling kan betreklik vryelik gedekomponeer word, die samekoppeling nie. Ons kan naamlik praat van *leestories* of *stories oor leeus* (woordgroep), *boomfigure* of *figure geteken in die vorm van bome*, *wawiel* of *wiel van 'n wa*, maar ons het nie dieselfde keuse tussen *wildehond* en *hond wat wild is*, *taaipit* en *pit wat taai is*, *laeveld* en *veld wat laag is* ens. nie. Wat bepaal dan die getal samekoppeling van die genoemde tipe (stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) wat iemand gebruik? In laaste instansie bepaal sy tema dit: skryf hy dikwels oor dinge waarvan die vaste name by wyse van samekoppeling gegee is (*rooimier*, *wildegans* ens.), dan kan hy nie daaraan ontkom om soveel samekoppeling te hê nie. Dit wil sê dié getal is in eerste instansie reeds vooraf bepaal deur die samestelling van die taal self. As die taal, soos Afrikaans, samekoppeling het, sal en moet elkeen samekoppeling gebruik wanneer hy oor sekere dinge skrywe. Daaraan is nie te ontkom nie.

Daarenteen volg dit nie ook dat, omdat en indien 'n taal 'n min of meer vaste naam vir iets het in die vorm van 'n samestelling, die skrywer dus ook gebonde of verplig is om die samestelling te gebruik nie. Ons kan byvoorbeeld min of meer ewe goed praat van 'n *asbakkie* as van 'n *bakkie vir (die) as*, van 'n *blombedding* as van 'n *bedding vir (of met) blomme*, van 'n *langbeendonkie* (samestelling) as van 'n *donkie met lang bene* ens. Die gewone keuse lê dus tussen samestelling en woordgroep.

Wanneer een bundel nou, in vergelyking met 'n ander, minder komposita gebruik, of wanneer een skrywer proporsioneel minder as 'n ander gebruik, is daar dan duidelike faktore wat die gebruiksomvang bepaal en word dan in dieselfde mate meer woordgroepe gebruik? Wat ons hier interesseer, is meer bepaald die vraag of dit op enige wyse saamhang met stylfaktore. Vir die beantwoording van die vraag moet die frekwensies nagegaan word. En sodra ons samestellinge en woordgroepe begin tel,

23. Bosman, D. B.: „Die Aanmeekaarskryf van woorde in Afrikaans”, *Die Huisgenoot*, 10.11.1933.



blyk dat alles nie voetstoots getal kan word nie. Ons kan dus as volg werk:

1. Skakel alle samestellinge uit wat nie omstelbaar is tot woordgroepe of sinne nie. Die volgende is voorbeelde daarvan: *bruidegom*, *maanhaar*, *blikskottel* (van mense gesê), *booswig*, *dambord*, *vonkprop* ens. Soos uit die voorbeelde blyk, is dit dus nie net ou samestellinge wat buite rekening gehou moet word nie (soos *maanhaar* ens.), maar ook nuwes soos *vonkprop* ens., dus alle gevalle waarin die betekenis van die geheel op een of ander manier (reeds) van die betekenis van die dele geïsoleer is sodat die betekenis van die geheel nie sonder meer gestel kan word in terme van die betekenis van die dele nie. Ons kan byvoorbeeld sê 'n *kortsteelpyp* is „'n pyp met 'n kort steel”, maar ons kan nie sê 'n *bruidegom* is „die bruid van die gom” of *maanhare* is „die hare van die maan” ens. nie.

2. Skakel alle samestellinge uit waarvan die omstelbaarheid twyfelagtig is.

Nou kan ons tel hoeveel omstelbare komposita daar in 'n bundel voorkom. In *Op die Plaas* van C. M. v. d. Heever is daar 214, in *Langs die Grootpad* van dieselfde skrywer 473. Dit lyk na 'n enorme verskil, maar dit is nie werklik so verskillend nie, omdat *Langs die Grootpad* meer as twee keer die omvang van *Op die Plaas* het. Daarom moet ook by benadering die getal woorde per bundel bereken word. Dan kan die getal omstelbare komposita in die volgende bundels van C. M. v. d. Heever aangegee word per duisend woorde, as volg:

<b>Bundel</b>	<b>Getal Woorde</b>	<b>Omsteltb. Ss.</b>	<b>Omstelbare Ss. per 1,000 woorde</b>
<i>Op die Plaas</i>	32,400	214	6.6
<i>Langs die Grootpad</i>	83,700	473	5.65
<i>Droogte</i>	45,400	412	9.7
<i>Somer</i>	33,000	183	5.5
<i>Kromburg</i>	89,700	443	4.9
<i>Van Aangesig tot Aangesig</i>	90,900	395	4.3

Die gemiddelde getal omstelbare samestellinge per 1,000 per bundel is 6.1. Dan sou ons kon sê *Op die Plaas*, *Langs die Grootpad* en *Somer* is normaal, maar dan moet die gevalle *Kromburg*, *Van Aangesig tot Aangesig* en *Droogte* verklaar word. Die eerste twee is benede normaal, aansienlik benede, die laaste baie aansienliker bo normaal. Dit kan natuurlik bloot toevallig wees. Indien wel, kan ons die hele saak hierby laat. Maar nou weet ons dat die verskille op hierdie terrein in die werk van D. F. Malherbe en (gedeeltelik) Langenhoven nie volkome toevallig is nie, dat dit naamlik sterk verband hou met die styl van die skrywers. Daarom moet ons hier ook ondersoek of dit moontlik die verskille kan verklaar. Indien wel, sou ons moet aantoon dat die styl van die bundels met die minste (per duisend) omstelbare samestellinge, d.w.s. waarin die meeste moontlike same-

stellinge nie gebruik is nie, ook relatief meer perifrasties is. Op grond waarvan noem ons nou 'n stylsoort perifrasties?

Die perifrastiese styl gee, volgens inhoud of tema benader, 'n maksimum aan besonderhede. Taalkundig benader, kan ons sê die perifrastiese styl neig tot meer woorde, meer woordgroepe, meer sinne. Meer as wat? Meer as wat nodig is vir 'n saaklike samevatting van die feitlike hoofsaak van 'n gegewe. (Daarmee word die perifrastiese styl hoegenaamd nie afgekeur nie, want dan sou ons daarmee 'n groot deel van ons Afrikaanse letterkunde veroordeel en gelyktydig ontken dat die perifrastiese styl ook sy bedoeling en sy waarde het. So is dit byvoorbeeld byna die aangewese styl van die werklike knap verteller in oomblikke van ontspanning wanneer mense tyd en lus het om te luister.) Word die begrip nou toegepas op die onderwerp hier, kan bewys word dat, hoe meer perifrasties die styl is, hoe minder samestellinge daar is.

Maar die stelling kan nie omgedraai word tot: hoe minder omstelbare komposita, of liever hoe minder samestellinge, hoe meer perifrasties is die styl dus nie, nie as alle soorte samestellinge in aanmerking geneem word nie. Op hierdie kant van die saak word later verder ingegaan. In die verbygaan word net daarop gewys dat die frekwensie van samestellingsgebruik net één is van 'n hele stel taalfaktore wat in hulle gesamentlikheid minder of meer perifrasties genoeg kan word. Anders sou daar werklik tot die onbewysbare stelling geraak moes word dat die styl van Langenhoven is soos dié van Van den Heever of Jonker of Mikro . . . wat dit beslis nie is nie.

Dit kan dus bewys word dat daar 'n mate van stylsamehang is tussen die gebruik van samestellinge en die gebruik van ander taalvorme. Dit lê redelik voor die hand, al durf dit nie, selfs nie op redelike gronde, sommer aangeneem word nie: wetenskaplikheid verg bewyse. Maar dit lê verder ook volkome voor die hand dat, indien noemenswaardig minder samestellinge van 'n moontlike soort aangewend word, dan ooreenkomstig meer ander taalvorme aangewend word of is.

Een van dié taalvorme is die woordgroep, al is dit lank nie die enigste nie. Was dit die enigste variant op 'n samestelling, sou die saak volgens die teoretiese sistematiek taamlik eenvoudig gewees het, naamlik as volg: eerstens: kry die getal omstelbare samestellinge per duisend per bundel. Tweedens: bereken dan die gemiddelde per duisend per bundel. As die eerste resultaat dan vir 'n bepaalde bundel sê 4.3 is en tweedens die algemene gemiddelde is sê 6.1, dan moes ons outomaties 1.8 per duisend woorde meer woordgroepe kry, want dan sou die eenvoudige reël tog wees: hoe minder omstelbare samestellinge, hoe meer woordgroepe. Maar die reële syfers klop nie met dié teoretiese berekening nie, wat beteken dat die woordgroep nie die enigste variant op omstelbare samestellinge kan wees nie. Die ander variant is klaarblyklik die sin. In plaas van byvoorbeeld te sê: *Die kortsteelpyp is te duur*, kan met 'n woordgroep gesê word:

*Die pyp met die kort steel is te duur, of met 'n (by)sin : Die pyp wat 'n kort steel het, is te duur.*

Dit sal nog jare se werk kos om die omvang van hierdie verskynsel te bepaal. Wat reeds gedoen is, toon egter duidelik aan dat daar wel so 'n verband bestaan. Dit bestaan selfs op 'n terrein waar 'n mens dit, teoreties benader, nie sou verwag nie, naamlik die keuse tussen die gebruik van die gesplete en die nie-gesplete betreklike voornaamwoord, dus byvoorbeeld tussen *waarvan*, *waar . . . van*, *wat . . . van*, soos in

*Die boedel waarvan jy skrywe . . .*

*Die boedel waar jy van skrywe . . .*

*Die boedel wat jy van skrywe . . .*

Volgens ons letterkunde lyk dit asof dié drie vorme nie gelykop gewaardeer word nie en asof daar stylfaktore aan vassit.

In Mikro se werk kry ons onder meer die volgende vorme daarvan :

*waarna naas wat . . . na,                      waarvan naas wat . . . van,*

*waarvoor naas wat . . . voor,            met wie naas wat . . . mee,*

*waarvan naas van wie                      ens.*

Beperk ons ons tot kompositum teenoor woordgroep, blyk dat Mikro die gesplete tipe (*wat . . . van/aan/mee*) baie meer in sy *Toiings*-reeks gebruik as byvoorbeeld in *Die Boerseun*, *Die Wa-as* e.a. Nou kan 'n mens nog dink dat dit hier meer 'n saak van tematologie as van styl is, maar by D. F. Malherbe is daar 'n besliste stylverband.

Malherbe gebruik die gesplete vorm dikwels :

*Die tartgloed wat Tirsa net van praat*

*Hierdie . . . stilte . . . sal die . . . huis, die eerste gerieflike huis wat sy eie sal wees en hulle na uitgesien het, nog onleefbaar maak . . .*

*. . . sulke grotes soos wat 'n mens op kan ry ens.*

As iemand reken dat Malherbe hom in sy eerste werk hieraan besondig het maar hom later tog seker tot beter weë sou bekeer het, misreken hy hom. *Die Meulenaar* en *Hans-die-Skipper* het sowat sewe-en-dertig gevalle, die vyf bundels na *Saul die Worstelheld*, nl. *Die Bergstroom ruis*, *Vlam van die Suurveld*, *Die Wawiele rol*, *Die Profeet* en *Die Boerprofeet* het ongeveer vyf-en-sewentig, d.w.s. agtien per bundel teenoor vyftien per bundel . . . en in laasgenoemde geval is dit in die strak gestileerde taal. Hieruit moet dus blyk dat Malherbe nie die sienswyse deel dat hierdie gesplete vorm in een of ander opsig minder dan die samegestelde is nie: *wat . . . van* teenoor *waarvan*, *wat . . . op* teenoor *waarop* ens. Want die kwaaieste gestileerde, *Saul die Worstelheld*, het dertien gevalle . . . na genoeg aan die gemiddelde. Die enigste bundel wat goed onder die gemiddelde hou, is *Die Hart van Moab* : dié het net vier! Dat die konstruksie

bewustelik vermy is, durf ek op grond van alles wat hierbo gesê is, nie glo nie. Prof. Malherbe het self aan skrywer hiervan gesê dat hy meen daar is niks teen die konstruksie op te merk nie . . . behalwe natuurlik Engelshede soos *op dit* e.d.m. Dan het die gesplete vorm dus on- of onderbewustelik op 'n enkele geval na uitgeskakel geraak, presies soos in dieselfde bundel (*Die Hart van Moab*) met die verkleinwoorde gebeur het: die fakultatiewe aanwending van verkleinwoorde daarin tel slegs 6, teenoor die gemiddelde minimum per Afrikaanse bundel, nl. 189. Hierdie syfer is te merkwaardig dat dit die resultaat van bewuste berekendheid kan wees. Keer ons dan tot die voornaamwoorde terug, beteken dit dat hierdie gesplete taalvorme in *Moab* ook in hoofsaak vanself, on- of onderbewustelik uitgeskakel geraak het deur die aard van die Moab-konsepsie en die aard van sy taal-uiting. Dan wil dit werklik voorkom asof D. F. Malherbe se taalgevoel onfeilbaarder is as sy taalteorie, asof dit, om een van sy eie komparatiefvorme te gebruik *verdraender* (d.i. „verder draende”) is dan sy bewuste leer. En waarom sou D. F. Malherbe hom nie ook misreken nie? Die grote Wordsworth se „pathetic fallacy” is 'n eerbare geval van teorie en praktyk wat nie wou klop nie. Dit sou dan negatief as volg gestel kan word: die gesplete vorm het moontlik nie afbrekende stylwaarde nie, maar die samegestelde vorm het dan definitief plus-waarde in hoog-gestileerde taal.

Veel hoof hieraan nie toegevoeg te word nie, behalwe dat gegewens uit ander skrywers in dieselfde rigting was, byvoorbeeld die gebruik van dié vorme deur A. H. Jonker.

Die vorm *wat . . . van/op/aan* ens. is die gewone volkstaalstylvorm, dus die vorm met sy hoogste gebruiksfrekwensie in die gewone geselstaal, en ook die vorm in ligte dramas, romans ens. wat so na moontlik aan die geselstaal hou.

*Waar . . . van/op/aan* kom in elke stylsoort voor, maar daar is tog 'n sterk neiging om dit in versorgde taal te vermy. *Waarvan/-op/-aan* ens. kom ook in elke stylsoort voor, maar sy gebruiksfrekwensie in die offisiële taal, strakke styl e.d.m. is hoër as dié van die ander twee vorme.

Geld dit nou van waar/wat + enige voorsetsel? Nee, volgens ons materiaal nie. Dis veral die volgende wat in al drie vorme voorkom: *waar/wat + aan, agter, by, deur, in, mee, na, onder, oor, op, teen, uit, van* en *voor*.

Op grond van die teoretiese sistematiek sou 'n mens dan verwag dat daar 'n stylverband is tussen die gebruik van sekere soorte afleidinge, sekere soorte komposita en sekere soorte woordgroepe. Van 'n hele verskeidenheid wat nagegaan is, blyk dat daar wel so 'n verband bestaan ten opsigte van (a) verkleinwoorde, (b) iteratiefkomposita en (c) die verbale hendiadis.

Vir dié taalvorme is die volgende bundels noukeurig geëkserpeer :

Mikro :	<i>Rou Rieme</i>	<i>Toiings</i>	<i>Daar was nege</i>
	<i>Pelgrims</i>	<i>Huisies teen die Heuwel</i>	<i>Kaptein Gericke</i>
	<i>Vreemdelinge</i>	<i>Kompartement 1001 E,</i>	<i>Vier mense.</i>
	<i>Oeslande</i>	<i>Die Wa-as</i>	
	<i>Boerseun</i>	<i>Klaradynstraat</i>	
C. J. Langenhoven :	<i>Mof en sy Mense</i>	<i>Doppers en Filistyne</i>	
	<i>Herrie op die ou tremspoor</i>	<i>Die mantel van Elia</i>	
	<i>Lig van verre dae</i>	<i>Skaduwees van Nasaret</i>	
	<i>Sonde met die bure</i>	<i>Loeloeraai.</i>	
D. F. Malherbe :	<i>Hans-die-Skipper</i>	<i>Vlam van die Suurveld</i>	
	<i>Die Meulenaar</i>	<i>Die Hart van Moab</i>	
	<i>Vergeet nie</i>	<i>Saul die Worstelheld</i>	
	<i>Die Bergstroom ruis</i>	<i>Die Profeet</i>	
	<i>Loutervure</i>	<i>Die Boerprofeet.</i>	
	<i>En die Wawiele rol</i>		
G. C. en S. B. Hobson:	<i>Kees van die Kalaharie</i>	<i>Geluksvlei</i>	
	<i>Skankwan van die Duine</i>	<i>Kalahariekaskenades</i>	
	<i>Buks</i>	<i>Op die Voorposte</i>	
	<i>Vlam van die Bantomberge</i>	<i>Aan Jannie.</i>	

Die getalle is vervolgens omgewerk tot getalle per 1,000 woorde in elke bundel. Vergelyking daarvan bring aan die lig dat daar byna 'n honderd persent wetmatigheid is.

1. As enige bundel meer as sowat 60 verkleinwoorde gebruik, is daar altyd ook verbale hendiadisse en iteratiewe aanwesig. Met laer getalle registreer die stylsamehang blykbaar nie meer duidelik nie.

2. As die gebruiksfrekwensie van die diminutief hoog is, is dié van die ander twee taalvorme ook relatief hoër, en omgekeerd.

3. Die verbale hendiadis en die iteratief kom altyd minder as die diminutief voor, en

4. altyd in die getalsvolgorde: die meeste diminutiewe, die tweede meeste verbale hendiadisse en die derde meeste iteratiewe.

Die individualiteit van die vier skrywers deurbreek vrywel nooit hierdie wetmatigheid nie. Hulle individualiteit openbaar hom net daarin dat hulle gebruiksfrekwensies verskil, naamlik as volg :

Skrywer	Hoogste gebruikspunt van		
	Diminutiewe	Verbale Hendiadis	Iteratiewe
Mikro	33	22	9
Langenhoven	82	25	13
Malherbe	64	36	9
Hobsons	250	186	61

Die Hobsons se werk is baie meer gelaai met dié soorte taalvorme as wat die ander drie skrywers s'n is, maar ook hier word die wetmatigheid gehandhaaf.<sup>24</sup>

Daar is dus ook 'n stylverband tussen die gebruik van sekere soorte komposita en/of die gebruik van woordgroepe met ooreenstemmende waardes. Daarom word in die volgende afdelings oral waar dit duidelik is, die stilistiese waarde of die stylkader van komposita ook aangedui.

#### *Soorte komposita in Afrikaans*

Ons metode van werk tot hiertoe het één groot nadeel gehad, naamlik dat geen geval nog van alle gesigspunte beskrywe is nie. Ook kan dit vir die taalgebruiker wat nie die tyd het om alles self na te gaan nie, sy nut hê om 'n oorsig te kry van die mees gewone soorte komposita in Afrikaans. Daarom volg hier 'n sketsmatige beskrywing van die belangrikste tipes. Ons groepeer dan volgens (a) die woordsoort van die woordkorrelaat van die laaste komponent – omdat die laaste komponent gewoonlik die kern is – en (b) die funksie van die hele kompositum.

24. Oor die Hobsons se gebruik van die verbale hendiadis is uitvoerig geskrywe in *Dietse Studies* (bundel aangebied aan prof. dr. J. du P. Scholtz), bl. 77, in die artikel „Die verbale hendiadis in Afrikaans” deur skrywer hiervan.

## Komposita met 'n Stam met 'n Byvoeglikenaamwoordkorrelaat as Kern

### § 23 Stam of verbindingvorm met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (nie-iteratief): b.nw.

*armsalig*

*blinknuut*

*brutaal-kameraadskaplik*

*domastrant*

*doofstom*

*klam-koue* (D. F. Malherbe : *Die Profeet*, 234)

*sierlik-breë* (C. M. v. d. Heever : *Groei*, 16)

*vaal-verslae* (A. Jonker : *Die Trekboer*, 176)

*vreemd-wonderlike* (J. van Bruggen : *Ampie die Meisiekind*, 105)

Tensy daar 'n eenheidsindeks soos trapvorme by die laaste komponent is, kan baie verbindingse wat nou as komposita geskrywe word, ook woordgroepe wees: op grond van *armsaliger*, *armsaligste*, *domastranter/-ste*, *ligblouer/-ste* kan *armsalig*, *domastrant* en *ligblou* as komposita beskou word. Op grond van *donkerder blou* sou 'n mens *donker blou* as woordgroep kon/wou gaan reken, maar op grond van *donkerblouste* as kompositum. Vergelyk ook *helder wakker* (los in die *Woordelys*), *helderder wakker*, *helderste wakker* (?). Tradisie, meer as taalkundige oorweginge, en taalgevoel, bepaal wat hier skryfkundig as kompositum en wat as woordgroep behandel word.

Dis dikwels moeilik om te bepaal of die verhouding in 'n gegewe verbinding kopulatief bedoel is, dus as ongeveer gelyk aan „en”, dan wel of die eerste deel bepalend bedoel is by die tweede. Is bv. *vuilwit* „vuil en wit”, of „wit wat vuil is”? En is *blinkvet* altyd „so vet dat dit blink”, of soms ook „blink en vet”? Veral in die werk van C. M. van den Heever kan dié soort verbinding dikwels op twee maniere opgevat word, soos byvoorbeeld in *nukkerig-geprikkel* (*Simson*, 57), *weelderig-sinnelike* (*Groei*, 25), net soos trouens werkwoorde van die tipe *slurp-drink* (*Droogte*, 93), *huil-kla* (*Simson*, 57). Vergelyk § 85.

Die determinatiewe tipe, waarin die eerste komponent dan bywoordelik fungeer, is die gewone in spreek- en skryftaal, bv. *blinkvet* (wat ook as stam met ww.-korrelaat plus stam met b.nw.-korrelaat opgevat kan word), *donkergroen*, *dolbly* ens.

'n Interessante semantiese sub-tipe hiervan is dié waarin die eerste en die tweede komponente sinonieme is, bv. *dankbaar-bly* (*Gesang* 68), *dom-*

*onnosel, kaalnakend, lieflik-mooi, pragtig-mooi, ver-afgeleë* (wat verskil van *veraf-geleë*), miskien ook *yslik-groot* ens.

### *Diachronie*

In ons prosa kom dié tipe met kopulatiewe verhouding veral na 1935 voor. Wat daarvan in die spreektaal bestaan, soos *doofstom* en *luilekker*, is meesal Nederlandse erfgoed. Die konstruksie is redelik oop en is van Nederlands geërf.

**Opm.:** Verbindings van stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (nie-iteratief): s.nw. kom 'n enkele keer voor maar behels nie ander verskynsels as die gewone korrelasie van b.nw.:s.nw. nie, bv. *eerlikverkeerd* in *Hy het deur eerlikverkeerd 'n bandiet geword* (J. v. Bruggen: *Ampie die Natuurkind*, 52), 'n *geelgawe* (pampoensort), *rooiklein* in *Rooiklein wil maar nie hierlangs deug nie* (H. S. van Blerk: *Geboorteplaas*, 43).

## § 24 Stam of verbindingvorm met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief)

### § 24.1 Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) : b.nw.

'n **dubbele-dubbele straf** (L. Maré: *Mooi Lemoene*, 34)  
*die beste-beste volkies* (Mikro: *Toiings*, 57)  
*die groot-groot lied* (Boerneef: *Palissandryne*, 129)  
*die ou-ou jare* (Psalm 77:6, 1933)  
**ryk-ryk kêrels** (C. M. v. d. Heever: *Laat Vrugte*, 274)

Dit het soseer gewoonte geword om die iteratief stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat as kompositum te skrywe, dat die indruk kan (kon) bestaan (ontstaan het) dat elke sodanige verbinding ook inderdaad en outomaties 'n kompositum is. Dit is nogtans nie so nie: *ou-ou* in Ps. 77:6 is in die 1953-druk vervang deur *ou, ou*. Vergelyk ook *jou duur, duur brief* (Hettie Smit: *Sy kom met die Sekelmaan*, 147), . . . *Oktober, die mooiste mooiste maand* (Leipoldt: „Oktobermaand”).

Die meeste komposita is van eenlettergrepige woorde, bv. *dik-dik snye, groot-groot hope, lang-lang skywe*, maar meerlettergrepiges is ook gewoon, bv. *lekker-lekker dae, hoë-hoë berge* ens.

Soos uit enkele van die voorbeelde blyk, kom die iteratiewe b.nw. attributief saam met s.nw. in die meervoud en in die enkelvoud voor. (Prof. Scholtz gee net voorbeelde saam met die meervoud, maar sê daarby dat dit „nie moeilik sou wees om voorbeelde daarvan in Afrikaans” saam met die enkelvoud te vind nie. T.W.K. April 1957, 13.)



Komparatiefvorme is seldsaam, bv. *sagter-sagter tou*, superlatiewe alle-daags, bv. *fynste-fynste geluidjies, die grootste-grootste stukke, bitterste-bitterste medisyne* ens.

Die semantiese waarde van die konstruksie is intensiverend of emfaties. Dit kom in enige stylsoort voor, maar tog die minste in strakke stylverband. Ook van Afrikaans is waar wat Bouman van Nederlands gesê het, naamlik dat die iteratiewe adjektief tuis is in enige „innige styl”.<sup>1</sup> Kyk byvoorbeeld na die volgende getalle uit die werk van A. H. Jonker en vergelyk die getalsverskille met die stylverskille:

<b>Bundel</b>	<b>Totaal van alle soorte iteratiewe (±)</b>	<b>B.nwe.</b>
<i>Najaar</i>	28	2
<i>Maskers</i>	4	0
<i>Gebeurtenisse</i>	11	1
<i>Die Kanker van die Jare</i>	2	0
<i>Bande</i>	20	0
<i>Die Plaasverdeling</i>	20	4
<i>Die Trekboer</i>	56	7

### *Diachronie*

Dis moeilik om vas te stel of ’n bepaalde geval nuut is of reeds in Nederlands bestaan (het), maar dit wil voorkom asof nuwes tog taamlik vryelik gevorm kan word, al bly dit veral ’n stylvorm van die omgangstaal.

Die tipe is nogtans ook Nederlands. De Vooys<sup>2</sup> noem net een voorbeeld: *oud-ouwe stem* (Cremer) en sê die konstruksie „komt zelden voor”. Scholtz<sup>3</sup> sê die herhaling van attributiewe b.nwe. kom ook in Nederlands voor, maar „tot samekoppelings het dié herhalings selde ontwikkel”. Dit is so, maar dat herhaalde attributiewe b.nwe. nie dikwels in Nederlands ook aaneengeskrewe word nie en in Afrikaans wel, bied geen basis van vergelyking nie. Iteratiewe het nou eenkeer meer onder ons aandag gekom en ons hê nou eenmaal ’n offisiële skryfwyse vir hulle. Wie weet as dit anders of vry was, sou ons ook minder dikwels iteratiewe b.nwe. aaneenskrif. Tog lyk dit wel waar dat die konstruksie in Afrikaans veel oper is as in Nederlands en dit is al wat ons hoef te verklaar – met versnelling van tempo gee die herhaling immers feitlik outomaties ’n samekoppeling. Waarom die gebruik dan verruim het, is ’n onderwerp vir verdere studie, maar dit sal vermoedelik verband hou met ander volkstaalvorme wat ook ’n ruimer ontwikkeling in Afrikaans gehad het.<sup>4</sup>

1. Kolleges van prof. A. C. Bouman, Stellenbosch, 1935.

2. De Vooys, C. G. N.: *Nederlandse Spraakkunst*, 169.

3. Scholtz, J. du P.: „Reduplikasieverskynsels in Afrikaans”, 13.

4. Vergelyk W. Kempen: *Die Verkleinwoord in Afrikaans*, 129.

## § 24.2 Stam met b.nw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) : bywoord

*Hy slinger dronk-dronk die huis in*

*Die somer is droog-droog verby* (A. H. Jonker : *Die Trekboer*, 90)

*. . . hoor net hoe fyn-fyn tintinkie kan sing . . .* (Boerneef : *Palissandryne*, 41)

*Twee waarnemers kom kwaad-kwaad in Londen aan* (*Die Burger*, 25.8.1951)

Daar is geen sekerheid dat so 'n tipe wel bestaan nie. Wat ons hiervan het, kan meesal wees òf (a) stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat wat, net soos die meeste ander b.nw., in predikatiewe vorm bywoordelik fungeer, òf (b) stamme met bw.-korrelate met dieselfde vorm as die b.nw., òf (c) stamme met b.nw.-korrelate so goed as bw.-korrelate, omdat dit 'n saak van interpretasie is hoe hulle opgevat moet word.

Volgens ons nalesing kom die bywoordelike funksie in ons letterkunde veel meer voor as die byvoeglike, bv.

*koel-koel in Ek probeer jou koel-koel in die offisieelste koeranttaal opsom* (Hettie Smit : *Sy kom met die Sekelmaan*, 33)

*kruppel-kruppel in Oom Hans sukkel kruppel-kruppel agter sy koeie aan* (H. S. van Blerk : *Geboorteplaas*, 75)

*lui-lui in Die rooster lê op die kole en 'n blou rokie ryg lui-lui deur die wilgertakke* (W. O. Kühne : *Kassie Krog in die Knyp*, 104)

*skeef-skeef in Toe sukkel hy so skeef-skeef pale toe* (gesprek, rugbywedstryd)

*skuins-skuins in Die Kapenaars stap vanmôre weer so skuins-skuins teen die wind* (radio, Augustus 1950)

*stil-stil in Kassie maak hom stil-stil uit die voete* (W. O. Kühne : *Kassie Krog in die Knyp*, 8).

Wat die tipe geneties ook al is, die semantiese en stilistiese waardes is identies met dié van stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw., en stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat : bw. (Vergelyk § 24.1 en § 25.)

## § 24.3 Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (iteratief) : werkwoord

*bleek-bleek in Hy bleek-bleek „word bleek”*

*blou-blou in Hy wou die saak sommer blou-blou*

Die tipe kom nog te min voor om iets daarvan te kan sê.

**§ 25 Stam met b.nw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat : b.nw.**

*amperskoon* in *Willempie kom ook help koek bak met sy amperskoon handjies* (spreektaal, Steynsrus)  
*brutaal-kameraadskaplik* (A. H. Jonker: *Die Trekboer*, 33)  
*alleen-bang* (idem, 42)  
*vaal-verslae* (idem, 176)  
*week-mismoedig* (idem, 32)  
*brutaal-spelerig* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 112)  
*deurskynend-dun* (*Die Byvoegsel*, 22.3.1952)  
*dronkdik* in *dronkdik harsings* (spreektaal, Caledon)  
*gemoedelik-vriendelike* in . . . *en groet met 'n gemoedelik-vriendelike skaam-laggie die mense* (C. M. v. d. Heever: *Droogte*, 26)  
*fletsblou* (C. M. v. d. Heever: *Laat Vrugte*, 73)  
*klaerig-piepende* (A. H. Jonker: *Die Plaasverdeling*, 248)  
*verward-vraende* (A. H. Jonker: *Die Plaasverdeling*, 166)

Die tipe kom, veral in die letterkunde, dikwels voor, hoewel dit glad nie altyd duidelik is of ons inderdaad te make het met gevalle van stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat nie, byvoorbeeld in sommige van dié wat hier bo staan. Die twyfel kom deur die volgende:

1. Of die komponente apposisieel of determinatief verstaan moet word, by. *klam-koue hande* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 234) as „klam en koud”, en dan sou dit stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat wees, of as „op 'n klam(merige) manier koud”, en dan sou dit stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat wees. Dieselfde geld van gevalle soos die volgende:

. . . *as die os dan so lui-onwillig opstaan . . .* (Hobsons: *Geluksvlei*, 87)  
*Telkens as Jan met 'n moegseer rug en dor keel orent kom* (F. Steyn: *Die wêreld wat was*, 66)

. . . *daardie nuwe-bekende familielied . . .* (C. J. Langenhoven: *Van die Aarde na die Sterre*)

*Eers het die aarde safnat begin word* (Mikro: *Toiings*, 64)  
*'n Karakter wat stil-kwaadaardig is* (*Die Suiderstem*, 13.9.1947)  
*Oor haar stiltevrede gelaat . . .* (*Sarie Marais*, 4.10.1950) ens.

2. In die gegewe verband is dit nie altyd duidelik of 'n kompositum byvoeglik of bywoordelik verstaan moet word nie. In *Hulle sit . . . verleënuuskierig en kyk* (A. H. Jonker: *Die Plaasverdeling*, 38) kan *verleënuuskierig* nie alleen op twee maniere geïnterpreteer word nie, maar dit kan ook as òf bywoordelik òf byvoeglik opgevat word.

3. Daar is geen objektiewe manier om vas te stel of wat byvoeglik gebruik word, ook so saamgestel is en of die geheel nie maar 'n samegestelde bywoord is nie. Dit geld van vrywel elke voorbeeld hier bo en is eintlik inherent aan die vae grens tussen bywoord en predikatiewe b.nw. (Vergelyk § 22.)

4. Vanweë die onhelderheid van die onderskeiding tussen woordgroep en samekoppeling, is dit ook glad nie altyd duidelik of 'n gegewe verbinding inderdaad 'n kompositum is nie, bv. *deurskynend-dun*, *gloeiend-koorsige*, *heimlik-mooi* (C. M. v. d. Heever: „Konsertina in die nag”), *netjiesverspot* in *netjiesverspot aantrek* (spreektaal, Loeriesfontein) ens.

Al die onsekerhede oor bepaalde verbindings daargelate, is dit tog wel duidelik dat die soort kompositum wel bestaan. Die semantiese funksie van dié tipe is meesal, soos dié van die meeste ander soorte, om te presieseer: *doljammer* en *dronkdik*, *moegseer* en *rooi-klein* sê elkeen presieser wat die woordkorrelaat van die laaste stam op algemener wyse ook sê. Stilisties is die tipe oral tuis, in volks- en nie-volkstaalstyl, in mondelinge en geskrewe taal, en dit is ook produktief.

#### *Diachronie*

Wat eiegoed en wat erfgoed is, is moeilik bepaalbaar, maar onder meer die volgende is ook Nederlands: *dolbly/-driftig/-graag*, *doodalleen/-angstig/-arm*, *helderblou/-bruin*, *louwarm* ens.

Die meeste voorbeelde op die vorige bladsy is nie in Nederlands gevind nie. Die tipe is dus wel Nederlands en kon dan hier analogies voortgewerk het.

### **§ 26 Stam met bw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat (volt. deelw.) : b.nw.**

*aangebroeide* in *aangebroeide eiers*

*deurwas* in *Die vleis is met vet deurwas*

*diegesetelde*

*doodgegooi* in *Sy was maar doodgegooi op hom „verlief”* (H. S. van Blerk: *Geboorteplaas*, 53)

*keelafgensy* in *Sy was keelafgesny en haar liggaam was ernstig vermink* (*Die Burger*, 4.10.1956)

*koorsig-gebrande* in *Die koorsig-gebrande lippe kleef aanmekaar* (Sangiro: *Op Safari*, 78)

*oorgekonkel* in *As jy oorgekonkel is Jan . . . dan kan jy maar oorgekonkel word* (Leon Maré: „Trou” uit F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 56)

oorstuurde in 'n oorstuurde spysverteringstelsel (*Die Huisgenoot*, 11.4.1947)

oorvonkel in *Dan staan sy verweerde gesig oorvonkel van voldaanheid* (D. F. Malherbe: *Vlam van die Suurveld*, 22)

Omgangstaal en letterkunde ken en gebruik hierdie tipe ewe goed en wesenlik is dit niks anders as die voltooide deelwoord wat byvoeglik fungeer nie. Al wat nou ekstra gebeur, is dat daar 'n stam met 'n bw.-korrelaat by die stam met 'n deelwoord-korrelaat kom. Maar die tipe het enkele uitlopers waarvan die bekendste stam met 'n bw.-korrelaat + ge- of geen ge- nie + stam met 'n s.nw.-korrelaat is, bv.

deur-sonde in *Die deur-sonde struik en plante* (C. M. v. d. Heever: *Somer*, 146)

deurvoorde in . . . waar die uitgedorde kuile vaal lê tussen deurvoorde klipharde walkante (C. M. v. d. Heever: *Droogte*, 13)

fyngehandskoende in *fyngehandskoende vingertoppe* (Marie Linde: *Die Goue Roos*, 8)

ingebottel in *Die stadsmeisies sit ingebottel in kantore* (spreektaal, Stellenbosch)

hoog-gepoot in . . . rye beddens, hoog-gepoot en wit (D. J. Opperman: „Legende van die drie versoeking” uit *Negester oor Ninevé*, 23)

ommuurde in *ommuurde wildkraal* (Sangiro: *Op Safari*, 129)

omnewel in *Sy visioene is omnewel* (D. F. Malherbe: *Saul die Worstelheld*, 336)

omsonde in . . . blik . . . rus op omsonde vaal huisegroepe (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 5)

rooi-gerande in *Sy rooi-gerande oë knip-knip* (*Die Brandwag*, 26.9.1947)

sleg-gebui in . . . was sleg-gebui (S. V. Petersen: *As die Son ondergaan*, 39)

uitgevoering in *My hoed is uitvoering* (spreektaal, Namakwaland) ens.

Die tipe met 'n bywoord voor die deelwoordvorm is net 'n uitbreiding van die tipe ge- + stam met s.nw.-korrelaat: bywoord. Dié tipe is onder afleiding behandel, en sluit ook aan by be- en ver-afleidinge, soos in 'n *bleek bemaande dag* (S. V. Petersen: *As die Son ondergaan*, 25), *rosig-verlakte naels* (*Die Brandwag*, 29.11.1945), *witbebloesemde braambosse* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 6).

Stam met b.nw.-korrelaat + ge- + stam met s.nw.-korrelaat: b.nw., soos in *groengeringde kruik* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 9) is dan duidelik net 'n variasie op dieselfde tema as stam met bw.-korrelaat + ge- + stam met s.nw.-korrelaat: b.nw.

### *Diachronie*

Dié sub-tipe is meer literatuur- as omgangstaal, en verskeie van ons voorbeelde is ook Nederlands, bv. *deur-sonde*, *swaar-gebaard*, *wit-gedaste* ens.

Bes moontlik is die nuwe Afrikaanses gevorm na analogie van dergelike erfgoed. Maar hulle kán ook die produk wees van 'n ander proses, naamlik dieselfde wat in Nederlands werksaam was en waarvan Overdiep sê:

„Naar analogie van de verleden deelw. van *denominatiewe werkw.* als: *gekroonde* hoofden, *gekleede* heeren etc. – vormt men, vooral in litteraire taal, *adjectieven* die op een verleden deelw. *lijken*: Snuifjes bieden aan slecht *geneusde* lieden (Penning).– Een *gebochelde* gestalte.”<sup>5</sup>

## § 27 Stam met bw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat : werkwoord

<i>aandik</i>	<i>oploom</i>
<i>aansterk</i>	<i>uitdun</i>
<i>invet</i>	<i>uitvars</i>
<i>opdonker</i>	<i>wegdof</i>

Allereers moet 'n mens opmerk dat *aan* nie 'n voorsetsel hoëf te wees nie, want inderdaad: hoe kom dit dan dat 'n stam met voorsetsel-korrelaat met 'n stam met b.nw.-korrelaat verbind word? Normaler sou wees om dit as stam met bw.-korrelaat te beskou, want 'n bywoord verbind tog op gewone wyse met 'n b.nw. Maar wie sê *vlak* in *aanvlak* is die stam met b.nw.-korrelaat *vlak*? Dit kan ook stam met s.nw.-korrelaat, selfs stam met bw.-korrelaat wees. *Aanvlak* sou dus kon wees: (a) stam met voors.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, wat onwaarskynlik hoewel moontlik is omdat voorsetsels selde komposita vorm, (b) stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, (c) stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat/stam met bw.-korrelaat – en dan sou dié vraag beantwoord moes word: hoe word dit tot wêrkwoord?

Word nou allereers 'n lys materiaal aangelê, blyk gou dat die probleem van die woordsoortelike beskrywing ook in baie ander gevalle bestaan. As ons nou maar eers aanneem dat die eerste komponente almal bywoord-korrelate is, kry ons naamlik die volgende: van huidige- – dus sinchroniese – standpunt uit, is party voorbeelde

1. stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, soos *aandik*, *afkoel*, *afronde*, *opfris*, *ophelder*, *opvrolik*, *opwarm* ens., ander is
2. stam met bw.-korrelaat + stam met (a) s.nw.-/(b) b.nw.-korrelaat, soos *aanvlak*, *insuur*, *uithonger*, ander is
3. stam met bw.-korrelaat + stam met (a) b.nw.-/(b) ww.-korrelaat, bv. *aansuiwer*, *afkort*, *bywit*, *insout* (of is *sout* hier s.nw.?), *opdroog*, *oplos*, *uitblink* ens.

Die lys van 109 waarmee ons nou hier verder werk, behels dié met as eerste komponent *aan*, *af*, *by*, *deur*, *heen*, *in*, *na*, *om*, *onder*, *oor*, *op*, *toe*, *uit*

5. Overdiep, G. S.: *Stilistiese grammatica*, 249.

en *weg*. Die kompositum is dan ook veral om die eerste komponent opgebou. As tweede komponent kry ons in Afrikaans 54 verskillendes, bv. *bleek, diep, dof, droog, dun, fris, heilig, knap, kort* ens. Van die 109 voorbeelde is 89 net so gevind in Nederlands – sien verder onder *Diachronie* vir gegewens. Twintig voorbeelde is blykbaar eiegoed:

<i>aandonker</i>	<i>afbitter</i>	<i>deurlouter</i>
<i>aanduister</i>	<i>afdig</i>	<i>deursomber</i>
<i>aangrou</i>	<i>afglad</i>	<i>deurvrot</i>
<i>aanhelder</i>	<i>afkort</i>	<i>insuur</i>
<i>aanklam</i>	<i>afkrom</i>	<i>uitlos</i>
<i>aanstatig</i>	<i>afspits</i>	<i>uitvars</i>
<i>aanvogtig</i>	<i>deurdonker</i>	

**Opm.:** WAT gee *aanstatig* (sonder vermelding dat dit net by Jochem van Bruggen voorkom), maar dis 'n foutiewe inskrywing, want dit kom net voor in die verbinding *aangestatig kom* (dus nie as selfstandige ww. nie). Dit word hier dus verder buite rekening gelaat.

Die orige 19 voorbeelde bestaan uit (a) stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, bv. *aanduister, aangrou, aanhelder, aanklam* ens., (b) stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-/ww.-/s.nw.-korrelaat, *afkrom, deurlouter, deurvrot, insuur, uitlos*.

Die produktiwiteit het dus inderdaad verloop soos die vergelyking met Nederlands (vergelyk *Diachronie*) kon laat verwag. In aansluiting daarmee kan ook tot die slotsom gekom word, dat die kompositumtipe stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat: werkwoord, soos in *aanvlak*, gewone Afrikaans (en Nederlands) is, dat dit produktief is en gevorm word met 'n stam met b.nw.-korrelaat as tweede komponent, wat nie ook 'n ww.-korrelaat het nie.

**Opm.:** Voorbeelde soos die volgende bevat nie stamme met b.nw.-korrelate wat ook stamme met ww.-korrelate kan wees nie, maar wel stamme met b.nw.-korrelate (of stamme met bw.-korrelate) wat saam met 'n (ander) stam met bw.-korrelaat as werkwoord fungeer – die dele verskyn hier net in geskeie sinsposisie, bv.

*Die grafiek loop eers steil op, dan **plat** hy **af** as hy by een kom* (Prof. G. G. Cilliers, Stellenbosch);

*Die melk **sterk af**;*

*'n Vrees **donker op*** (D. F. Malherbe: *Hart van Moab*, 179);

*'n Westewind **loom verkoelend op** uit die see* (idem, 121);

*Watter stem roep my? **flou dit op** van binne* (idem, 65);

*. . . bo-op die hoëveldse vlakte wat **wegblou vorentoe*** (Jan Celliers: *Inleiding tot Die Vlakke en ander Gedigte*, 1).

### Diachronie

Ons werk met 'n lys van 227 Nederlandse voorbeelde. Die getal is soveel groter as die Afrikaanse lys (109) omdat daar talle Nederlandse voorbeelde is wat nie ook Afrikaans is nie, bv. *aanhogen, aanstappen, afhoogen, aflangen, bijronden, bijvlakken* ens. Dié het Afrikaans verloor of nie geërf nie.

Wanneer ons die Nederlands naslaan, word in 69% van die 227 voorbeelde nie een van ons voorgestelde tipes (1), (2) en (3) (a) gevind nie, maar wel (3) (b): stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat. Die volgende is in Nederlands almal gevorm van *aan/af/bij* + stam met ww.-korrelaat:

*aانبeteren/-diepen/-harden/-scherpen/-zuiveren*  
*afblinken/-diepen/-dorren/-drogen/-klaren*  
*bijronden/-scherpen/-snellen/-vlakken/-witten* ens.

'n Deel hiervan kan in Afrikaans ook so opgevat word, naamlik as stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat, byvoorbeeld uit die lys hierbo *aanskerp, aansuiwer, afblink, afdroog, byskerp, bysnel* en *bywit* en verder ook nog bv. *aanheel, aanryp, aansterk, aflos, afskerp, afsnel, afweek, afwit, afsuiwer, deurblink, deursnel, deurweek, inkort, inkom, inruim, insnel* ens. Maar in 37% van daardie 69% Nederlandse voorbeelde van bw.-korrelaat + ww.-korrelaat, ken ons vir die tweede komponent in Afrikaans nie 'n ww.-korrelaat nie, alleen 'n b.nw./bw.-korrelaat, bv. uit die lys hierbo *aانبeter, aandiep, aanhard, afdiep, afdor, afklaar, byrond, byvlak* en verder ook nog bv. *afmat, afplat, afrond, uitdiep* ens.

**Opn.:** *Aانبeter* kan moontlik nog verband hou met ons ww. *beter* (WAT), al is dit weinig gebruiklik. (WAT sê nie dat dit w.g. is nie.) Vergelyk dit dan met *minder* as ww. en met *verminder* en *verbeter*.

As hierdie gevalle van Nederlands stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat wat in Afrikaans ook bestaan, maar by ons gerealiseer word as stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, in Afrikaans produktief sou word, sou 'n mens produktiwiteit verwag van stam met bw.-korrelaat. (Natuurlik kan stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat wat nie ook 'n b.nw.-korrelaat het nie, ook produktief wees, maar dan in die gewone ope samekoppelingstipe stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat sonder meer.)

Dit dan wat betref die 69% van die Nederlandse voorbeelde wat skynbaar gevorm is van stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, maar in werklikheid van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat (d.w.s. stam met ww.-korrelaat wat ook stam met b.nw.-korrelaat kan hê).



Die ander 31% van die Nederlandse voorbeelde is gevorm van

(a) stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, bv. *aandikken/ -hoogen/-vlakken/-wakkeren/-zoeten, afmageren/-scherpen/-zoeten, doornatten, opblooten/-doffen/-donkeren/-dorren/-fraaien* ens. (18% van 227),

(b) stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-/ww.-korrelaat, bv. *aan-koelen, afkoelen, doorklaren, invlakken, omronden, opkrommen* ens. (12% van 227), en

(c) stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-/b.nw.-/ww.-korrelaat, nl. *afronden, opzouten* (1% van 227).

**Opm.:** In verband met Nederlands moet nog op drie puntjies gewys word:

1. Daar kan nie altyd met sekerheid bepaal word hoe 'n gegewe woord gevorm is nie. So sê die WNT by *koelen* (in samestellinge met *koel* „als tweede lid“): „Het is niet altijd met zekerheid te bepalen of men met samenst. afl. van *Koel* (1) danwel met samenst. van *Koelen* (1) te maken heeft. Ook hier heeft men in hedendaagsch technisch gebruik soms met vert. uit Hd. te doen” (WNT VII, 4948).

By *inwilligen* staan o.m. „van *in* en *willig*, of met *-igen* gevormd van *Wil*” (WNT VI, 2174).

By *op-* staan: „De meeste woorden van deze rubriek zijn geen eigenlijke samenstellingen met ww., maar moeten beschouwd worden als afleidingen van bnw. en znw.

a) Van bnw. zijn afgeleid: *opbleeken, opdrogen, opruisschen, ophelderen, ophoogen, opkoelen, opkorten, opscherpen, opvroolijken* enz. Hierbij behoort waarskynlik ook *oplossen* . . .

b) Van znw. zijn afgeleid: d) Een aantal ww., waarvan het grondwoord een hoop of bundel aanwys, als *ophoopen, opstapelen, optassen* en *opbossen* (aan bossen binden), *opkippen* (stokvisch aan kippen pakken), *opvloten* (balken tot een vlot samenvoegen) enz. Bij de meeste dezer woorden denkt men natuurlik ook nog aan het begrip: omhoog. β) Verscheidene andere ww., waarin de betrekking van het grondwoord tot het subject (of object) verskillend is, en die dus niet onder één bepaalde rubriek gebracht kunnen worden als *opbulten* (een ring bultig maken, uitkloppen), *opluisteren* (luister bijzetten), *opfleuren* (fleurig worden of maken), *opzomeren* (zomerachtig worden) enz.” (WNT XI, 326-327).

2. Die WNT teken 'n paar keer aan dat Duits beslis of waarskynlik ook invloed gehad het of vertaal is, bv. by *aandikken, aanmoedigen, inweeken* ens., bv. „AANDIKKEN, *bedr. en onz. zw. ww.*, met *hebben* en *zijn: dikte aan, heeft* en *is aangedikt*. Van *Dik* en het bijw. *Aan* in den zin van toeneming (34, j). Hd. *andicken*” (WNT I, 89).

3. Die Nederlandse en Afrikaanse voorbeeldlyste kom in dié opsigte nog ooreen dat

a) Die eerste komponente van die Afrikaanse voorbeelde, bv. *aan*, *af*, *by*, *deur*, *heen* ens., almal ook Nederlands is;

b) teenoor die 54 verskillende Afrikaanse tweede komponente, wat almal ook Nederlands is, is 92 verskillende Nederlandse komponente aangetref.

Die lys van 227 Nederlandse voorbeelde van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat wat ook 'n b.nw.-korrelaat is, bestaan dus uit

- (a) 69% wat 'n stam met ww.-korrelaat as tweede komponent het,
- (b) 18% met 'n stam met b.nw.-korrelaat as tweede komponent,
- (c) 1% met as tweede komponent 'n stam met s.nw.-korrelaat wat ook 'n ww.- en b.nw.-korrelaat het, en
- (d) 12% met as tweede komponent 'n stam met b.nw.-korrelaat wat ook 'n ww.-korrelaat het.

Aangesien ons 46% van die 227 Nederlandse voorbeelde ook in Afrikaans het, byvoorbeeld behalwe sommige van die vorige Nederlandse ook nog die volgende: *deurvogtig*/*-suiwer*/*-suur*, *opdiep*/*-fris*/*-helder*/*-ruim* ens. lyk dit duidelik dat ons al vier tipes van Nederlands geërf het en dat dié van ons voorbeelde wat ook Nederlands is wat hulle vormingswyse betref, beskryf moet/kan word as

1. stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat wat 'n stam met ww.- of s.nw.-korrelaat kan hê;
2. stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat sonder meer.

### **§ 28 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat: b.nw. (komparatief, intensief)/bw.**

*afgrond-diep* in . . . o maak ons hart weer *afgrond-diep* en *suiwer* (C. M. v. d. Heever: „Afrika”)

*belofteryk* in *Die maanskyn is belofteryk en bestendig* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 49)

*draadjiesfyn* in 'n *Mengsel van vier tale draadjiesfyn inmeakaargestrengel* (Uys Krige: *Sol y Sombra*, 36)

*gifsiek* in . . . *gifsiek ding* (Mikro: *Toiings*, 13)

*gomlastiektaaie* in *Hy skuur waansinnig aan die gomlastiektaaie vel van sy vyand* (Hobsons: *Buks*, 15)

By hierdie tipe word baie vroe gestel, veral na aanleiding van nuwe woorde vir „nuwer” industrieë, soos *roesvry*, *staalvry*, *vuurvas* ens., sodat daarvoor enigsins uitvoerig gehandel moet word.

Daar kom by hierdie tipe 'n hele verskeidenheid verskillende verhoudinge tussen die dele voor, waarvan die komparatiewe en/of intensiewe

wel die gewoonste is, soos in ou, van Nederlands geërfde voorbeelde soos *beeldskoon, bloedrooi, grasgroen, pikswart* ens. Ander verhoudinge het ons onder meer in die volgende:

<i>broodlus</i>	„lus vir brood”
<i>foutvry</i>	„vry van foute”
<i>geldgierig</i>	„gierig oor geld”
<i>Jehowa-getroue</i>	„getrou aan Jehowa” (D. F. Malherbe: <i>Saul die Worstelheld</i> , 114)
<i>kniediep</i>	„diep tot aan die knieë”
<i>mensverlate</i>	„van (deur) mense verlate”
<i>slaapdrunk</i>	„drunk ten gevolge van slaap”
<i>vuurvas</i>	„vas (bestand) teen vuur”

#### *Komparatiewe en Intensiewe*

1. Afrikaans het heelwat hiervan, bv.

<i>appelrond</i>	<i>heuningsoet</i>	<i>spieëlglad</i>
<i>asynsuur</i>	<i>naaldskerp</i>	<i>veerlig</i>
<i>fluweelsag</i>	<i>rateltaai</i>	<i>wawyd</i>
<i>glashelder</i>	<i>seningtaai</i>	<i>yskoud</i>
<i>grafstil</i>	<i>snaarstyf</i>	<i>ystersterk</i> ens.

Hier word gewerk met 'n lys van meer as 300 voorbeelde.

2. Die kompositum word gewoonlik in sy stelvorm gebruik: *appelrond(e) wange, asynsuur druiwe*, maar die vergelykende trap kom 'n enkele keer voor, bv. 'n *Grafstiller bestaan as hier op die plaas . . .*; *Fluweelsagter handjies het niemand nie*, en die superlatief by die meeste voorbeelde, bv. *die glashelderste geluid, die heuningsoetste aarbeie, die rateltaaiste klomp rugbyspelers* ens.

3. Betekenisverhouding en semantiese waarde lê hier so na aan mekaar dat dit saam behandel kan word. Dan kan hier ruweg vier soorte gevalle onderskei word.

(a) Die tweede lid is 'n kleurnaam, die geheel word dikwels byvoeglik gebruik, dikwels ook naamwoordelik, soms net naamwoordelik; daar is altyd 'n vergelyking of 'n vergelykingselement, maar die eerste komponent word tog meesal bedoel om onderskeidend te identifiseer, meer om saam met die laaste lid soort aan te gee, dus soort meer as vergelyking. Voorbeelde:

<i>amarantrooi</i>	(woordsoort word in WAT I, 171 nie gespesifiseer nie)
<i>ametisblou</i>	(word in WAT I, 178 net as b.nw. genoem)
<i>angelierrooi</i>	(word in WAT I, 200 as b.nw. en s.nw. genoem)
<i>appelkoosgeel</i>	(woordsoort word in WAT I, 240 nie gespesifiseer nie)
<i>appelrooi</i>	(nie in WAT nie)
<i>asgrou</i>	(word in WAT I, 278 net as b.nw. genoem)
<i>asgrys</i>	(word in WAT I, 278 net as b.nw. genoem)
<i>asvaal</i>	(word in WAT I, 294 as b.nw. en bw. genoem)

Hier word gewerk met 'n lys van sowat 20 sulke voorbeelde.

- (b) In sowat 25 van die voorbeelde is die verhouding en/of die waarde volgens my proefpersone uitsluitend of hoofsaaklik vergelykend, en die funksie byvoeglik, bv. *appelrond, armdik, asemsag, berghoog, diamantblink, fluweelsag, koolswart, palingglad, toringhoog, veselfyn* ens.
- (c) In sowat 'n 40 van die voorbeelde is daar 'n komparatiewe en 'n graad-element, maar die meeste segslui realiseer nog (soms) die/'n vergelykende waarde, bv. *afgrond diep, alsbitter, asynsuur, glashelder, plankdun, spieëlglad* ens.
- In dieselfde groep sou dié geplaas kon word waarby daar ook 'n graad- en 'n vergelykingselement is, maar waarby die meeste segslui dit aanvoel as meer aan die intensiewe kant, bv. *blitsvinnig, bliksemsnel, haarfyn, hemelsbreed, galbitter, hondmak, kliphard* ens.
- (d) In sowat 215 gevalle realiseer my segslui net die intensiewe (graad)-element, bv. *broodnodig, doodsbлек* en al die ander verbindings met *dood(s)-, horingdroog, houtpopgerus, knuppeldik, moddervet, neutvars, papsag, peperduur, poedelnakend, spekvet, splinternuut, sopnat* ens.

Die indeling is in 'n hoë mate subjektief; almal sal ook nie alle gevalle eenders realiseer nie. Dit hoef myns insiens ook nie. Hoofsaak is dat ons in Afrikaans 'n groot groep komparatief- en/of intensiefkomposita van stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat het. Vergelyk ook § 29 oor ander woordsoortelike tipes.

Dat die vlakke van vergelykings- en intensiveringswaardes oormekaarskuif, is nie 'n geïsoleerde verskynsel nie. By die tipe *druipnat, skreeulelik* loop die vlakke van graad, wyse en intensivering ook oormekaar, en in sinne van die tipe *Hy hardloop soos die wind/asof die duivel agter hom sit/dat sy manelpunte so wegstaan/dat hy die kromme note haal* is dit vergelykings-, wyse-, graad- en intensiveringswaardes wat oormekaar heen skuif.

4. Uit die aard van die semantiese waarde is die kompositum tuis in elke nadruklike stylsoort, maar die gebruiksfrekwensie daarvan is baie hoër in die volkstaal as in die strakke(r) styl.

### *Diachronie*

Die konstruksie was en is nog steeds produktief. Uit 'n lys van ongeveer 300 voorbeelde is 170 ook in Nederlands gevind, bv. *afgrond diep, appelrond, asblond, asynsuur*, en sowat 130 nie, bv. *beersterk, diamantblink, duifgelukkig* ens. Ons het dus blykbaar heelwat self gevorm. (Hierteenoor staan nogtans ook heelwat Nederlandse wat ons nie in Afrikaans kon vind nie, onder meer *aardsdonker, balkdonker, beeldmager, beestlomp, eivol* ens., 'n lysie van byna 300.) Nuwe Afrikaanse voorbeelde staan aan die begin van hierdie stuk. C. M. v. d. Heever het die meeste nuwes gemaak, bv. *vlakte-rustig, mier-nietig, hond-lae, sluier-fyne* ens.

Die kompositum kom in verskeie vroeë vertakkinge van Indo-Germaans voor en is vandag algemeen in die Germaanse tale. *Bloedrooi, kristalhelder* ens. is byvoorbeeld Afrikaans, Nederlands, Duits en Engels, en talle kom in Nederlands, Duits en Afrikaans in vrywel dieselfde vorm voor, bv. *asgrou, goudgeel, grasgroen, haelwit, pikswart* ens. Net 'n klein deeltjie hiervan is ook Engels, bv. *blood red, grassgreen, pitch-black*.

Afrikaans het die tipe samestelling uit Nederlands geërf: verreweg die meeste eerste en ook die tweede komponente is Afrikaans en Nederlands, bv.

### 1e komponente

*afgrond*      *bank*  
*alsem*        *beeld*  
*appel*        *been*  
*arm*          *berg*  
*as*            *blad*  
*asyn*

### 2e komponente

*bitter*        *rond*  
*diep*         *skimmel*  
*dik*          *stil*  
*dor*          *suur*  
*droog*        *vas*  
*fyn*

Die getalle verskillende woorde wat saamgestel word, is beperk (in Afrikaans en Nederlands): uit die lys van sowat 300 is daar net ongeveer 170 verskillende eerste komponente, en net ongeveer 90 verskillende tweede komponente. Dit is ook waar wat die subsoorte betref: in 'n lysie van 135 kleurname, is daar sowat 108 verskillende eerste komponente, bv. *amandel, ametis, angelier, appel, as, beeld, beet, berg, bloed*, en net 14 verskillende tweede komponente, bv. *blou, geel, groen, gryns, swart, vaal, wit* ens.

'n Mens hoef dit maar met die talryke voorbeelde van stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat of stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat te vergelyk, om te beseef hoe relatief geslote die verbinding van stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat is.<sup>6</sup>

### § 29 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat: b.nw. (nie komparatief en/of intensief nie)

*gifsiek* „siek (as gevolg) van gif”

*sielsiek*

*droogteskraal* (C. M. v. d. Heever: *Droogte*, 46)

*menswild*

*speeklos* (J. van Bruggen: *Die Noodlot*, 97)

*spoordood* (streektaal, Noordweste)

*stofnat*

6. Vergelyk § 49 en § 56 hiervan.

*kuikenswak* (Boerneef: *Stad en Land*, 32)  
*daadlustig* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 18)  
*bladvas* „suinig”  
*kerklos*  
*humusryk*  
*vuurvas*  
*waterdig*

Oordadig baie hiervan het ons nie in Afrikaans nie, maar hier word darem gewerk met ’n lys van 330 voorbeelde.

Dié lys vertoon baie ooreenkoms met dié van die komparatief-intensief-groep ten opsigte van die feit dat dieselfde woorde oor en weer verbind word as eerste en veral as tweede komponente, bv.

### 1e komponente    2e komponente

<i>belasting</i>	<i>bewus</i>	(10 voorbeelde in die lys)
<i>bloed</i>	<i>dig</i>	(10    ”    ”    ”    ” )
<i>blom</i>	<i>dronk</i>	( 4    ”    ”    ”    ” )
<i>diens</i>	<i>gesind</i>	( 5    ”    ”    ”    ” )
<i>eer</i>	<i>gierig</i>	( 5    ”    ”    ”    ” )
<i>gas</i>	<i>los</i>	( 8    ”    ”    ”    ” )
<i>genot</i>	<i>mal</i>	(10    ”    ”    ”    ” )
<i>kerk</i>	<i>ryk</i>	(45    ”    ”    ”    ” )
<i>klank</i>	<i>siek</i>	(13    ”    ”    ”    ” )
<i>kleur</i>	<i>sku</i>	( 5    ”    ”    ”    ” )
<i>koeël</i>	<i>vaardig</i>	( 7    ”    ”    ”    ” )
<i>kuns</i>	<i>vas</i>	(23    ”    ”    ”    ” )
<i>lewe</i>	<i>vol</i>	(46    ”    ”    ”    ” )
<i>liefde</i>	<i>vry</i>	(58    ”    ”    ”    ” )
	<i>waardig</i>	(10    ”    ”    ”    ” )

As eerste komponente behels die lys van 330 sowat 228 verskillendes, maar as tweede komponente net 46. Die lys hierbo is dié wat die meeste voorkom as tweede komponent, ’n groepie van 15 in 219 (van die 330) van die voorbeelde. Die kompositum is dus veral om die tweede komponent opgebou.

Die gewoonste betekenisverhouding is dié wat omskryf kan word met een van die voorsetsels *van* „as gevolg van”, „ten opsigte van”, *aan* „ten opsigte van”, *in*, *op* of *oor* „ten opsigte van”.

### Diachronie

Hoewel daar heelwat eie-Afrikaanse nuwe komposita van hierdie soort gevorm is – 93 van ’n lys van 330 is nie Nederlands nie – is die verbinding

nie besonder produktief nie. Produktiwiteit kom hoofsaaklik voor ten opsigte van die verhoudings wat hier vóór aangegee is. (Vergelyk § 41.1.)

Afrikaans het die kompositumtipe uit Nederlands geërf, en baie van die woorde is reeds Oud-Germaans, byvoorbeeld baie op *-vol*, *-siek*, *-waardig* ens.<sup>7</sup>

Hier vóór is meegedeel dat van sowat 330 Afrikaanse voorbeelde sowat 93 nie Nederlands is nie. Daarnaas moet nou gestel word dat daar ook naby 'n 300 Nederlandse is wat ons nie in Afrikaans het nie, bv. *aluingaar*, *baanwijs*, *bierzat*, *bloedguldig*, *buikziek*, *druivezot*, *gloriedronken*, *handkoud* ens. Nederlands en Afrikaans het dus wel enigsins elkeen hulle eie koers gegaan, maar die ooreenkomste bly baie groot: ook in Nederlands vind ons hier 'n beperkte getal verhoudingsoorte, en ook in Nederlands is die kompositum veral rondom die tweede komponent opgebou, met woorde soos *rijk*, *vast*, *vrij*, *dicht*, *zat*, *zot*, *ziek*, *gezind*, *gierig*, *vaardig*, *plichtig* ens.

'n Opvallende verskil is dat ons die woorde *bestand*, *bewus*, *los* en *mal* so dikwels met ander saamstel, bv. *droogte-/vuur-/warmtebestand*, *eksamen-/geld-/kuns-/seks-/taalbewus*, *God-/kerk-/naat-/speeklos*, *eksamen-/geld-/gholf-/kuns-/mode-/sport-/vakansiemal* ens., waarvan ons byna geen voorbeeld in Nederlands kon vind nie.

Ons het min feite om lig te werp op die vraag waarom hierdie woorde ook in dié woordvorming betrek word. Moontlik het Engels hierby 'n rol gespeel vir soverre *bestand* as 'n vertaling van *proof* beskou kan word; *bewus* is ons woord vir die Engels *conscious* en *mal* vir *mad*, en al drie word ook in Engels verbind soos in Afrikaans, bv. *sex conscious/love conscious*, *fire proof/fool proof*, *sex mad/war mad* ens. Maar daarteenoor staan dat ons heelwat het wat nie in Engels voorkom nie, bv. *skuld-/geld-/eksamenbewus*, *eksamen-/vakansie-/dansmal* ens., sodat Engelse invloed nie bewysbaar is nie. In elk geval het Nederlands darem ook ten minste een met *bewust*, nl. *schuldbewust*. In die geval van *bestand* is die saak so dat ons daarnaas *vas* (*muur-/blok-/bodemvas* ens.) het en *vry* (*belasting-/bakterie-/bom-/gifvry* ens.) vir die Engelse *proof* e.a., sodat ons plek-plek moontlik die begrip uit of via Engels gekry het, maar ons komposita – tipe en komponente en verhouding – is Afrikaans. Vir die verbindings met *los* het Engels nie regstreeks ekwivalente nie. Ons kan die moontlikheid van Engelse invloed m.i. dus rustig vergeet.

Buitendien is daar ook in die begripsoorte van *bestand*, *bewus*, *los* en *mal* niks wat ons nie reeds in Afrikaans en Nederlands het nie: vergelyk dit maar met byvoorbeeld die talle woorde met *vry*, *sku*, *vas*, *siek* ens.

Ook hierin het Afrikaans dus 'n getroue voortsetting van Nederlands en Germaans gebly. Ons kan dus rustig voortbou en uitbou.

7. Van Lessen, J. H.: *Samengestelde naamwoorden in het Nederlands*, 120 vlg.

### § 30 Die tipes been-af, padlangs, hoenderkop

Daar is heelwat komposita wat baie ooreenkoms met reeds bespreekte tipes vertoon, maar wat by nadere beskouing tog van hulle verskil, bv. *padlangs* „eerlik”, *poot-uit*, *stroom-op* „dwars-trekkerig” ens. Van eenkant beskou, sou ’n mens kon sê dat *poot-uit* en *stroom-op* maar net soos *pikswart* of *roesrooi* is, omdat hulle ook bestaan uit stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (*poot* + *uit*, *stroom* + *op*) en ook, net soos *pikswart* en *roesrooi* b.nwe. is, maar dan moet al dadelik daarop gewys word dat dit volgens die betekenis nie die b.nw. *op* „gedaan, uitgeput, opgebruik” is wat in *stroom-op* verskyn nie, maar die bywoord *op*. En teoreties kan die *uit* van *poot-uit* eweneens die bywoord *uit* wees. Daarteenoor staan dat *langs* ’n voorsetsel is, sy dit dan een wat dikwels posisioneel staan, net soos bywoorde dikwels doen, maar *langs* kan nie op die gewone wyse bywoordelik optree nie.

Ons kan ook verder gaan: ons kan byvoorbeeld die komposita *padlangs* en *stroom-op* stel naas bv. *in die pad langs* en *teen die stroom op* waartussen daar ’n duidelike verband is, maar ons kan nie op dieselfde manier en met behoud van verwante betekenis *poot-uit* stel naas of teenoor sê maar *hy is die poot uit\** nie, of bv. *pikswart* en *rietfyn* naas en/of teenoor ’n sin waarin *pik* en *swart*, en *riet* en *fyn* nie komposita sou vorm nie.

Op grond van dergelyke oorweginge is dit stellig nodig om tussen die volgende groepe te onderskei.

#### § 30.1 Stam met s.nw.-korrelaat + af: b.nw.

<i>been-af</i>	<i>keel-af</i>
<i>bek-af</i>	<i>kop-af</i>
<i>haar-af</i>	<i>nerf-af</i>
<i>hand-af</i>	<i>vel-af</i>

Dit val op dat alle eerste komponente die name van liggaamsdele is: *been*, *bek*, *haar*, *hand* ens., of wat daarmee verband hou: *roof* in *Die seer begin nou roof-af gaan*.

Die woordsoortelike funksie van al hierdie *af*-komposita is nie dieselfde nie: *been-/bek-* en *hand-af* „hulpeloos, raad-op” is b.nwe., meesal predikatief gebruik, maar *haar-/keel-/kop-/nerf-/roof-* en *vel-af* lê nader aan ’n bywoordelike gebruik: *nie hond haar-af maak nie*, ’n *dier keel-/kop-af sny*, *jou nerf-/vel-af val*, en ’n *seer(plek) wat roof-af gaan*.

Om hier te onderskei tussen wat as komposita geskrywe word en wat as woordgroep geskrywe word, bv. *padlangs* (b.nw.) en *pad langs* (bywoordelike woordgroep) deug nie, om redes wat reeds verduidelik is. Buitendien het die twee op presies dieselfde wyse ontstaan (§ 30.2 hieronder.)



Daarom word dergelijke verbindings hier behandel as op die grens tussen die kompositum en die woordgroep.

Dan kan ten eerste gesê word dat dié soort verbinding op groot skaal voorkom, (a) baie min wat as komposita geskrywe word, nl. *been-af, bek-af, buikvol, gatvol, haar-af, hand-af, hand-uit, handvol, keel-af, kop-af, lepelvol, mondvoll, nerf-af, padlangs, pensvol, poot-uit, pote-uit, raad-op, roof-af, stroom-op, toonvol, vel-af, wind-uit* en (b) 'n groot getal wat nie as komposita geskrywe word nie.

### *Diachronie*

In geskifte oor die ontstaan van Afrikaans is tot nou toe net een Nederlandse voorbeeld genoem, nl. *bek-af*.<sup>8</sup> Maar daarby is dit nog die vraag of die Afrikaanse woord dieselfde is, want Nederlands *bekaf* sou dan beteken „moeg, uitgeput”, en Afrikaans *bek-af* sou beteken „terneergedruk, teleurgesteld”. Dit is halwe waarhede. Laat ons dus die hele beskikbare waarheid hieroor in die hande probeer kry. Vergelyk die WNT (II, 1562):

„BEKAF (klemtoon op *-af*) koppeling van *Bek* en *Af*.

(1) Uit de zegswijze *een paard den bek afrijden* ontstaat de uitdrukking *een paard bekaf rijden* (ook wel met andere ww.), waarin *bekaf* den toestand aanduidt waarin het paard door overmatige vermoeienis geraakt; thans verouderd.//Ik zou wel haast denken, dat ze bek of ereeden waren, v. EFFEN, Spect. 1, 51. Dat ze als een afgeslooft huerpaard wel haast bek af gereeden zijn, 6, 242. Men kan een gewillig paard te veel vergen en . . . bek af helpen, TUINMAN 2, 173.

(2) Vandaar *bekaf*, van menschen gezegd; uitgeput door te hard loopen, doodmoe; thans in de taal van het dagelijksch leven nog zeer gewoon.//Dat de kerels . . . mij . . . zo onmanierlijk hard hadden doen loopen, dat alles zwirrelde en zwarrelde voor mijn gezigt en ik bek af was, IMMERZEEL, *B. Knoopius* 103. Neef Leopold en ik hebben een uur lang . . . rondgesukeld, wij zijn bekaf en rammelen van den honger, BOSB.-TOUSS., *Maj. Frans* 82.

(3) Uit de zegswijze *iemand den bek afspelen*, iemand doodmaken, ontstaat de zegswijze *iemand bekaf spelen*, waarin *bekaf* betekent *dood*; thans verouderd.//Die voornemens waren de wachters aen de vene-poorte beck af te spelen, *uit een werk* a°. 1615, bij BOSSCHA, Held. 1, 281. Ick speel den Drossaert oock Beck af, OGIER, *Boere-geck* 31.

(4) Vandaar *bekaf* als praedicatieve bepaling: *dood*; thans verouderd.//Hier zijjne (t.w. *de vijanden*); haest u wat, of wij zijn aaltemael beck af, v. DAM, *Westvoorn* 110.

(5) Ook in toepassing op zaken die geheel versleten zijn en onbruikbaar geworden, hetzelfde als *af*. Thans verouderd.// Een paar brakjes (*hier een*

8. Bouman, A. C.: „Onderzoekingen over Afrikaanse syntaxis”, 50.

*paar onsterke schoenen: zie Dl. III, kol. 996) . . . , Die in een week twee drie bek af zijn, v. HOOGSTRATEN, Geleerde Advok. 23.*

(6) Als eigennaam (zie de aanhaling), t.w. voor plaatsen van waaruit de vijand *bekaf* geholpen wordt. // Vanwaar . . . onderscheidene versterkingswerken hier te lande den naam *Beck-af* droegen, en gedeeltelijk nog dragen: als het bastion van dien naam te Breda, en de lunet te Bergen-op-Zoom, BOSSCHA, *Held.* 1, 281.

(7) In Vlaanderen beteekent *bekaf zijn* meestal: niet krijgen, niet verwerven wat men hoopte, b.v. eene erfenis, een prijs enz.

(8) In West-Vlaanderen wordt *bekaf* ook gezegd in den zin van: „zonder gesprek . . . of bedingenschap eenigerhand”. // Hij heeft zijn vlas bek-af verkocht, *Loquela* 10, 25.”

Die WAT (1, 360) sê:

„*Bek-af*, b.n. 1. Terneergedruk, neerslagtig weens teleurstelling: *Baie bek-af lyk*. 2. Moeg, uitgeput: *Ek voel nou regtig bek-af*.”

Daaruit blyk

(a) dat *bekaf* 'n ou verbinding is in Nederlands, met 'n semanties en geografies uitgebreide gebruiksveld, en

(b) dat Nederlands altwee betekenis het of gehad het wat Afrikaans nog het, nl. (1) „terneergedruk, neerslagtig weens teleurstelling” en (2) „moeg, uitgeput”.

Ek beskou *bek-af* dus as erfgoed. Die klem verskil: Afrikaans *bèk-af* teenoor Nederlands *bek-af*, maar die klem in Afrikaans en Nederlands is dikwels nie dieselfde nie. (Vergelyk § 64.13.)

Tans kan gewys word op nog 'n verbinding met *af* wat ook Nederlands is, nl. *kop-af*. Hoewel nie as aparte lemma opgeneem in die WNT nie, kom *kop-af* en *kopof* tog onder meer in hierdie vorme daarin voor. WNT VII, 5479:

„(De) *kop af*, onthoofd (worden); ook in de verzekeringsformule *mijn kop af, als -*. // *Kop of is een dood wond, die soud hy niet weer geneesen konnen*, KOERBAGH, *Bloemhof* 137. Die Sinjeur Loogen verdiend noch wel een blank aan touw (*d.i.: verdient den strop*) . . . En Bedrog wou ik wel eens . . . rabraaken . . . Haar gevolg kopof, dat kan bestaan, v. HALMAEL 1<sup>3</sup>, 16. Als het maar van geen kop-af en is, zei de gevangene, DE BO. Ik was zoo kwaad, 'k hadde hem den kop afgeslegen. – Ja maar, zei de ander, kop-af is eene doodelijke wonde, *Ald.* „Ik wed, het is de p-poppekast,” stamelde D. . . „Me kop af als het de beer niet is”, v. LOOY, *Jaapje* 178. Mijn kop af . . . als 't niet waar is, DE MONT en DE COCK, *VI. Vert.* 69.”

Hieruit blyk

(a) dat *kop-af* met en sonder lidwoord, as woordgroep en as samekoppeling voorkom,

- (b) dat dit s.nw. en b.nw. is (en vergelyk vir die gebruik as s.nw., Afrikaans *Erger (doller) as kop-af kan dit nie*, waarin *kop-af* beteken „dood of dood wees, kop-af wees”,) en
- (c) dat die betekenis dieselfde is as in Afrikaans.

Daarmee is nou nog nie bewys dat die Afrikaans *kop-af* dus geërf is nie, maar dit is wel moontlik: betekenis en sintaksis is dieselfde in altwee tale, en ook hier is die eerste komponente name van liggaamsdele.

Het ons in Afrikaans begin met die Nederlands *kop-af*, lê die volgende analogies voor die hand: *keel-/haar-/nerf-/roof-/* en *vel-af*. *Hand-af* lyk, om die dialektiese daarvan, na 'n jongere vorming.

Tog moet daar ook by *hand-af* op gewys word dat hier, net soos by *bek-af* en *been-af*, die betekenis nie letterlik is nie, teenoor die res waar dit wel so is.

Dan sou dit moontlik so inmekaar kon sit dat Afrikaans met die Nederlands *bek af* as beginpunt, *been-af* en (later?) *hand-af* gevorm het, en met die Nederlands *kop af* die res van die Afrikaanse reeks.

En so nie? So nie, dan sou al die vorme kon ontstaan het soos *bek af* en *kop-af* in Nederlands. Naamlik? Daaroor is daar verskil. Bouman<sup>9</sup> vind die verklaring uit bv. *Hij rijdt het paard den bek af* „nie overtuigend” (waarom nie, sê hy nie).

Of *kop-af* in Nederlands inderdaad ook 'n kompositum is, is van weinig belang: dit is die verbinding en sy funksie en betekenis wat van belang is. En ook in huidige Afrikaans is daar talle verbindinge waarvan dit nie van geval tot geval duidelik is of hulle komposita of woordgroepe is nie. (Vergelyk § 15.)

Dan kan ons nogtans tog vra hoe dié soort kompositum in Nederlands ontstaan het, dus ook hoe dit in Afrikaans sou kon ontstaan het as daar geen Nederlandse voorbeeld was vir analogiese nieu-vorming nie.

Daar is twee gedagtes hieromtrent:

1. Dat uit bv. *Ze reden het paard den bek af* die lidwoord *den* sou verdwyn het, waarskynlik nadat *den bek af* as min of meer byvoeglik of bywoordelik gerealiseer is. Dan sou 'n mens moet vra of dit meermale gebeur (het) dat lidwoorde „uitgestoot” raak. Die antwoord is dat dit, wat Afrikaans betref, baie dikwels gebeur (het). Onder meer kan op die volgende gewys word:

- (a) die tipe *vrou soek* teenoor *die /'n vrou soek*, *berg klim* – *die berg klim*, *fiets ry* – *'n/die fiets ry*, partykeer heeltemal sonder 'n vorm met *die* daarby, bv. *nesskop* ens.;
- (b) die tipe *na die Kaap/Strand/Transvaal toe* naas *Kaap/Strand/Transvaal toe*;
- (c) die tipe *die veld in* – *veld in*, *die berg op* – *berg op*;

9. Bouman, A. C.: *Op. cit.*, 50.

(d) die tipe *kop onderstebo* naas *met die kop onderstebo, hand in die sy – met die hand in die sy* ens.

2. Die WNT sê by *bekaf* onder meer: „Uit de zegswyze *een paard den bek afrijden* ontstaat de uitdrukking *een paard bekaf rijden* (ook wel met andere ww.” (II, 1562).

Dit is presies die soort taalsituasie wat ook in Afrikaans alledaags is: ons het byvoorbeeld naas mekaar *die dier se keel afsny* en *die dier keel-af sny*, *die kinders ruk hand-uit* en *kinders wat hand-uit ruk* ens. In die laaste voorbeeld is dit duidelik dat *uit* semanties gegroep kan word saam met *hand* en/of saam met *ruk*. Dieselfde het Bouman opgemerk in verband met 'n sin uit die dagboek van Louis Trigardt:

„Zo zien we dat in de zin: *brak de mes een stuk af* (Louis Trigardt p. 88) de groep *een stuk af* als één bepaling dient te worden opgevat, bij *brak* zowel als bij *de mes*, zodat men onmiddellijk kan zeggen: *de mes is een stuk af* (doordat het *brak* = ‚gebroken‘).”<sup>10</sup>

Hiervolgens lyk dit asof verbindings soos *zij sloegen/snedden hem den kop af* dit moontlik gemaak het om te kom tot . . . (*den*) *kop af* met die *den* fakultatief, en ten slotte tot *kop af* sonder die lidwoord, net soos *bek-af*.

Word Bouman se redenering in verband met *been-af* hierop toegepas<sup>11</sup> – en die gevalle is presies eenders – dan sou die finale verskuiwing tog nie moontlik gewees het voordat daar eers 'n ander verskuiwing plaasgevind het nie, nl. van datief-objek tot akkusatief-objek. Dit is volkome juis, maar dit hoef nie in Afrikaans te gebeur het nie, soos Bouman wil, want by *bek-af* en *kop-af* het dit in Nederlands reeds gebeur. En dit het in Nederlands gebeur sonder aanduidinge dat daar 'n sekere verswakking plaasgevind het in die gevoel vir sinsverhoudinge en sonder dat daarin die aanvangsnotie 'n besonder sterk invloed uitgeoefen het op wat daarna staan in die sin. Dit het nie alleen met *bek-* en *kop-af* gebeur nie, maar ook met *asem-af*: „*Ze was den adem af en tenden*” (WNT, Supplement by A, 437 : 23 (b), aangegee vir Suid-Nederlands). Hier sou ook moes staan *Haar was den adem af en tenden* of *Den adem was haar af en tenden*. *Ze was den adem af* . . . verteenwoordig dus 'n voor-finale fase: net die lidwoord (*den*) moet nog verdwyn. Wat so tot drie maal toe in Nederlands gebeur het, kon in Afrikaans ook gebeur het. Maar dit hoef nie: wat ons kant en klaar geërf het, *bek-af* en *kop-af* kon natuurlik regstreeks verder analogies benut word sonder sintaktiese verskuiwinge of invloed van (veral emosionele) aanvangsnoties.

Die verbinding *die + keel + af + sny* het ons sonder twyfel geërf. Dit is immers gewone Nederlands (WNT VII, 1929). Om daarvandaan by *keel-*

10. Bouman, A. C.: *Op. cit.*, 49.

11. *Ibid.*, 48.

*af sny* te kom, is nie meer nodig as die model van *kop-* en *bek-af* nie. Dan kan ook die ander komposita met *-af* analogies volg.

En, kom tyd, kom kennis, toenemende kennis van Nederlands sal nog moet leer of dit nie in Nederlands met meer woorde as net *adem af*, *bek-af* en *kop-af* so gebeur het nie.

### § 30.2 Stam met s.nw.-korrelaat + langs/op/uit: b.nw.

#### *Diachronie*

Is *poot-uit* en *hand-uit* nou ook gevorm na analogie van die groep met *af*? Bouman meen van wel, altans *poot-uit*, waarvoor hy die tipe met meervoud as primêr veronderstel: dus *pote uit: poot-uit*. Dit lyk moontlik, en dan kan *hand-uit* (weer) analogies ontstaan het, al bly dit opvallend dat *poot-* en *hand-uit* ook name van liggaamsdele as eerste komponente het. Was die *-af*-groep almal ook met sulke eerste komponente, en die oudste in Afrikaans dus miskien ook hiervoor die analogiese aanleiding?

J. J. le Roux<sup>12</sup> se behandeling van *been-af*, *poot-uit* ens. as parallel met bv. *die huis uit* en *die pad af* kan genegeer word: so ontstaan geen b.nw. *huis-uit* of *pad-af* nie, en *die poot uit* en *die been af* was in geen stadium van Nederlands of Afrikaans bywoordelike groepe soos (*die*) *huis uit* of (*die*) *pad af* nie.

Wel kan Le Roux se vergelyking waarde hê vir *padlangs* (b.nw.) uit (*in/met*) *die pad langs*. Die bywoord *padlangs* is 'n reduksie van laasgenoemde groep en die b.nw. is net 'n figuurlike gebruik daarvan, verder gehelp deur die feit dat *is* hulpwerkwoord en koppelwerkwoord is: *Hy is pad langs* = *Hy het (in die) pad langs gehou* en *Hy is padlangs* = *Hy is padlangs in sy gedrag* „eerlik, reguit”. Hiervoor kan ook vergelyk word *grondlangs*, *rivierlangs*, *jaar-in*, *jaar-uit* e.d.m., wat nog nie byvoeglik gebruik word nie.

Bouman noem ook *speeklos* in een groep met *poot-uit* en *been-af*. Hoewel hy dié geval nie verder bespreek nie, noem hy dit „vreemd aan het Nederlandse taaleigen”.<sup>13</sup> Die geval hoort tot 'n uitgebreide tipe komposietum (wat in § 30 bespreek word).

En is *raad-op* nou van dieselfde groep? Nie van dieselfde as *padlangs* nie en nie sonder meer van dieselfde as *been-af* en *poot-uit* nie: *raad-op* gaan nie terug op 'n bywoordelike groep soos *hy is (die) raad op* (soos *hy is die brug op*) nie, en ten andere bevat *raad-op* nie soos die ander *-af-* en *-uit-*komposita name van liggaamsdele as eerste komponent nie. Die naaste is dit aan *been-af* wat die verhouding tussen die komponente betref: volgens die voorafgaande gegewens kan dit dus of uit die sinsverband ontwikkel het en dus 'n reduksievorm wees van *hom/hulle is die raad op* of

12. Le Roux, J. J.: *Oor die Afrikaanse sintaksis*, 123.

13. Bouman, A. C.: *Op. cit.*, 8.

dit kan analogies gevorm wees by bv. *bek-af, kop-af* ens. Nederlands is dit sover tans bekend nie.

En waar lê *kop-sku* nou in die skema van kompositumtipies? Vir soverre dit nie herleibaar is tot 'n groep soos bv. *Hulle maak hom die kop sku\** nie, soos sê maar *Hulle slaan hom die pote uit* nie, is dit nie van dieselfde tipe as *been-af, poot-uit* e.d.m. nie, al is die eerste komponent hier ook die naam van 'n liggaamsdeel. Dan moet dit dus by die groep komposita stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (§ 30) geplaas word.

### § 30.3 Stam met s.nw.-/b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: b.nw.

*hoenderkop*  
*lekkerlyf*  
*droëlewer*

#### *Diachronie*

Dié drie word deur Le Roux<sup>14</sup> in een groep bespreek, en ook deur Bouman<sup>15</sup> in een groep genoem, maar nie nader bespreek nie. Hier skei ons hulle liewer, en wel volgens die woordsoortelike komponente.

Dan het ons:

1. stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: b.nw., bv. *droëlewer, lekkerlyf*;
2. stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: b.nw., bv. *hoenderkop*.

So beskrywe, moet natuurlik dadelik gevra word of hulle dan verskil van bv. (a) die tipe *dikbek, hardekwas* ens. (§ 40.1) en (b) van die tipe *haasbek* ens. (§ 46.1).

Le Roux<sup>16</sup> het dit reeds kortliks bespreek saam met *domkop* e.d.m., maar ongelukkig nie *domkop* as b.nw. aangegee nie, want in sy voorbeeld 'n *domkop kêrel*, sou daar net een grond voor wees om *domkop* as b.nw. te beskou, naamlik dat dit ook buite die kompositum as b.nw. fungeer. Anders moet 'n *domkopkêrel* as kompositum beskou word, net soos *blouoognooi* e.d.m.

Hesseling<sup>17</sup> gooi komposita en nie-komposita bymekaar en sien daarin 'n kreoolse deureenhaspeling van woordsoorte. Bosman<sup>18</sup> het hulle geskei, maar nie uitvoerig behandel nie, en Boshoff<sup>19</sup> het iets ruimer ingegaan op

14. Le Roux, J. J.: *Op cit.*, 75 vlg.

15. Bouman, A. C.: *Op cit.*, 8.

16. Le Roux, J. J.: *Op cit.*, 76.

17. Hesseling, D. C.: *Het Afrikaans*, 96 vlg.

18. Bosman, D. B.: *Oor die ontstaan van Afrikaans*, 80 vlg.

19. Boshoff, S. P. E.: *Volk en taal van Suid-Afrika*, 286 vlg.

enkele soorte woordsoortelike meerfunksionaliteit, maar ook nie die sisteem uitgewerk nie.

Die onderdele van ons grammatiese sisteem is in hierdie bundel wel nader uitgewerk. Daarvolgens is *hoenderkop*, *lekkerlyf* en *droëlewer* twee verskillende tipes (bespreek in § 40 en § 46).

### § 31 Die tipes afwysend en duielsingwekkend

#### § 31.1 Stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt. deelw.): b.nw.

##### *Diachronie*

Dit is om genetiese oorweginge wenslik om te onderskei tussen deelwoordelike en nie-deelwoordelike b.nw., dus tussen bv. *stofbedekte* en *siel-dodend* aan die een kant en *hondmak* aan die ander kant. En dan het dit sy nut om verder te onderskei tussen onvolt.deelwoord as b.nw., bv. *hemel-tergend* en voltooide deelwoord as b.nw., bv. *bloedbevlekte*.

Een soort geval is gedeeltelik al deur Boshoff behandel in die vraag: „Is *handgemaak* goeie Afrikaans?”<sup>20</sup> Omdat die praktyk nogtans ruimer vrae stel, gaan ons hier na twee groepe kyk, nl.

1. stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt.deelw.): b.nw., bv. *hemeltergend*;
2. stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (volt.deelw.): b.nw., bv. *handgemaak*.

Volledigheidshalwe word twee verwante tipes genoem, te wete :

3. stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt.deelw.): b.nw., bv. *uiteenlopend*;
4. stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (volt.deelw.): b.nw., bv. *tuisgemaak(te)*.

Aan tipes 3. en 4. sit nie besondere grammatiese probleme vas nie, daarom word daarby net gewys op enkele punte wat ook vir en by die ander twee van belang is.

Die tipe stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt. deelw.): b.nw., bv. *afwysend*, *deurtastend*, *hardwerkend*, *innemend* is in spreek- en skryftaal baie gewoon. Ons werk hier met 'n lys van 320 voorbeelde.

'n Bietjie nadere aandag laat dadelik blyk dat hier iets besonder aan die gang moet wees of gewees het. Terwyl ons naamlik komposita en woordverbindings het soos *afwys*, *deurtas*, *hard werk* en *inneem*, sodat *afwysend*,

20. Boshoff, S. P. E.: „Is handgemaak goeie Afrikaans?” *Die Huisgenoot*, 13 en 20 April 1951.

*deurtastend*, *hardwerkend*, *innemend* volkome normaal lyk, het ons tog nie 'n woord *deurtas* in dieselfde betekenis as die *deurtas* van *deurtastend* nie, en nie 'n woord *inneem* in dieselfde betekenis as die *inneem* van *innemend* nie. Vergelyk ook *aanstaande* en *aanstaan*, *afdoende* en *afdoen*, *afdraand* (< *afdraend*) en *afdra*, *uitemend* en *uitleem* ens.

Soms het ons ook 'n woord op *-end* wat tog nie in Afrikaans 'n korresponderende samegestelde werkwoord het nie, bv. *aangrensend*, sonder 'n werkwoord *aangrens\**, *bysierende* sonder *bysien\**, *diepgaande* sonder *diepgaan\**, *noulettend* sonder *nou let\** of *noulet\** ens.

Kyk ons nou 'n oomblik na samegestelde woorde met stam met s.nw.-korrelaat i.p.v. stam met bw.-korrelaat as eerste komponent, bv. *angswekend*, *bedlënd*, *gesaghebbend*, *standhoudend* ens., merk ons dieselfde verskynsel: ons het nie woorde soos *wekkend\**, *bedlê\**, *hebbend\** of *houdend\** nie. En kyk ons dan 'n oomblik na onsamegestelde woorde, vind ons bv. *blakende* (*gesondheid*), maar nie bv. *hy blaak\** of *sy gesondheid blaak\** nie, *briesend*, maar geen *bries\** nie, *vlietend* maar nie *vliet\** nie ens.

Dan moet ons al gewaarsku wees dat ons hier met Nederlandse erfgoed te maak het. Sien verder onder *Diachronie*.

'n Interessante uitloper van die tipe stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt.deelw.): b.nw. is die volgende: stamme wat gewoonlik 'n b.nw.- of s.nw.-korrelaat het, maar saam met 'n stam met bw.-korrelaat as werkwoord fungeer, kry 'n deelwoordvorm en fungeer dan byvoeglik, bv. *die aanduisterende see* (D. F. Malherbe: *Hans-die-Skipper*, 29), en *onnosel-apend met hulle te gesels* (A. H. Jonker: *Die kanker van die jare*, 20), *deur die meisies geplant en nou wisselvallig en tussenposend benat* (C. J. Langenhoven: „Meester” in F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 45) ens. Dit is uitsluitend literatuurtaal.

Hiervandaan kry ons net soos by die onsamegestelde b.nw. gewone substantivering (vergelyk § 93) met /ə/ soos in bv. *op-* en *afdraande* en ook *uitdraande* na analogie van *op-* en *afdraande*.

**Opm.:** Met die oog op die noue samehang tussen hierdie tipe en dié met s.nw. as eerste komponent, bv. *sieldodend*, is altwee saam behandel en wel onder hoofde van laasgenoemde tipe omdat daarby meer probleme voorkom as by die tipe *aanhoudend/innemend*. Sien § 31.1.

### *Diachronie*

Slaan ons nou die WNT na in verband met komponente soos *blaak* ens. wat ons nie in Afrikaans se selfstandige woorde met die betekenis wat hulle in die kompositum het, ken nie, blyk die volgende:

1. Nederlands het meesal wel 'n enkel of 'n afgeleide werkwoord of woordgroep of kompositum waarop die stam met deelwoord-korrelaat in die kompositumtype stam met bw.-korrelaat of stam met s.nw.-korrelaat +



stam met deelwoord-korrelaat teruggaan – 251 van 'n lys van 265 Nederlandse deelwoordvorme – bv.

<i>aangrijpen</i>	naas	<i>aangrijpend</i>	<i>blaken</i>	naas	<i>blakend</i>
<i>afdoen</i>	„	<i>afdoende</i>	<i>briesen</i>	„	<i>briesend</i>
<i>angstwekken</i>	„	<i>angstwekkend</i>	<i>doortasten</i>	„	<i>doortastend</i>
<i>bemoedigen</i>	„	<i>bemoedigend</i>			

2. In enkele gevalle is die posisie min of meer soos onder 1., maar met dié verskil dat die deelwoord alleen voorkom in 'n besondere betekenis van die grondwoord, bv.

*ontzettend*, waarvan die WNT sê: „1) Eigenlijk. Schrik, ontsteltenis inboezemend. // Het gevoel van de ontzettende nadering der ontbinding, BILD., *Dedek. Pr. 2. Ontzettende afgronden*, H. H. KLIJN, *Zwits.* 98. Die ontzettende ziekte, die men in het dagelijksch leven met den gevreesden naam van zenuwzinkingkoorts gewoon is te bestempelen, BEETS, C. O. 135” (WNT X, 2064);

*toereikend*, waarvan die WNT XVI, 624 sê: „bnw. Naar den vorm het tegenw. deelw. van *toereiken*, II). De klemtoon ligt, althans tegenw., op de 2de lettergreep. Voldoende, (groot) genoeg. Vooral in praed. gebruik”.

3. In enkele gevalle is daar nie sulke groepe of komposita nie, byvoorbeeld die volgende, waarvan die WNT sê:

*aangrenzend*: „Uit *Grenzen* en het bijw. *Aan* in den zin van *aanraking* . . . Grenzen aan iets, aanpalen, belenden. // Eene kaart van Duitschland en aangrenzende landen. De geest van oproer, die in het rijk heerschte, breidde zich over de aangrenzende landen uit.– Het jachthuis en 't aangrenzend oord/Had wis een schilders oog bekoord, V. LENNEP, *Poët.* 2, 139” (WNT I, 154);

*aanstaande*: „Van toekomstige voorvallen of gebeurtenissen. Nabij zijnde, ophanden zijnde, binnen kort zullende plaats hebben; *voor de deur staande*, gelijk men zegt. In dezen zin niet alleen attributief, maar ook praedicatief in gebruik. // De aanstaande verloving zijner zuster. Om het aanstaande vertrek van zijn schoonbroeder naar de Oost, blijft hij nog eenige dagen in de stad. Hij voelt zelf, dat zijn einde aanstaande is.– De tijd mijner ontbindinge is aenstaende, 2 *Tim.* 4, 6. De fortuin des aanstaanden gevechts, HOOFT, *Tac.* 488. Konde ik uit achtung . . . eene huwlyksverbintnisse aangaan, uw geluk . . . was aanstaande, *Leev.* 2, 298 . . .” (WNT I, 349);

*bijziend*: „bnw. Uit *Bij* (Samenst. 4, 2) en *Ziende*. Slechts in de nabijheid ziende; gezegd van hem wiens oogen zeker gebrek hebben, waardoor zij slechts de voorwerpen, die zich in de nabijheid bevinden, goed kunnen onderscheiden. Mnl. *bisiende*, met half dichtgeknepen oogen (VERDAM, I, 1271. // D'onvoorzichtige zijn als bysiende luyden, Min siende dan gesien, HUYGENS I, 334” (WNT II, 2676);

*menschlievend*: „bnw. en bijw. Koppeling van *Mensch* en *Lieven* in het tegenw. deelw. Waarschijnlijk in de 18de E. in gebruik gekomen in navolging van fr. *philanthrope*, ontleend aan gr. . . . Eigenlijk: de menschen liefhebbende, in het bijzonder opgevat als: zeer bereid om zijne medemenschen te helpen. (1) Van den mensch en zijn gemoed.//Goedaardige en menschlievende charakters, *Blank.* 3, 42. (2) Van uitingen.//Belooning te eischen voor het doen van menschlievende daaden, *Leev.* 8, 205. (3) Soms schertsend of ironisch gebruikt.//Het menschlievend voornemen . . . een visite te maken, *PIERSON, O. Tijdgen.* 74” (WNT IX, 568);

*nauwlettend*: „bnw. en bijw. Koppeling van *Nauw*, bijw., en het tegenw. deelw. *Letkend*. (1) Bnw.–Nauwkeurig toeziende, lettende op alle bijzonderheden; van personen en ook van hun studie, hun onderzoek . . .//De geleerden van zijn tijd waren niet zoo nauwlettend als wij tegenwoordig zijn, *FRUIN* 8, 278. Het stijve, nauwlettende classicismus, *ROOSES, N. Schetsenb.* 290. (2) Bijw.–Met groote oplettendheid.//Bij het nauwlettend lezen van het gesprokene ben ik bezwaar gaan zien, *FRUIN* 8, 34. Zij (copieeren), meer of min nauwlettend, eenige . . . beeldjes uit het lagere leven, *KLOOS, N.Lit.-Gesch.* 1, 7. Afl. *Onnauwlettend, naulettendheid*” (WNT IX, 1651);

*ontzettend*: „bnw., en ook wel bijw.; eigenlijk het als bnw. gebruikt tegenw.deelw. van *Ontzetten*. (1) Eigenlijk. Schrik, ontsteltenis inboesemend. //Het gevoel van de ontzettende nadering der ontbinding, *BILD., Dedek.* Pr. 2. (2) In zwakkere opvatting. Verbazend groot of sterk.//Ten andere had hij een ontzettend geheugen, *K.Zev.* 1, 12. (3) In de spreektaal soms ook van hetgeen in hooge mate aangenaam is; men zal b.v. zeggen: ‚Wij hadden daar een ontzettend genoeg’.–Als bijwoord gebruikt.//Een paars zijden hoed met ontzettend veel . . . bloemen, *K.Zev.* 2, 325. Afl. *Ontzettendheid*” (WNT X, 2064).

Daar het dus reeds in Nederlands ’n mate van isolering van onvolt.deelw.-vorme met byvoeglike funksie plaasgevind, en dit het in Afrikaans net verder gegaan deurdat

(a) in verskeie gevalle die woordkorrelaat van die stam verdwyn het (bv. *afdoende* – ons het nie *afdoen*\* nie, *blakende* – ons het nie *blaak*\* nie, *briesend* – sonder *bries*\* (ww.), *bysierende* – sonder *bysien*\*, *mensliewend* – sonder *lief*\* (ww.) ens.;

**Opm.:** Twee gevalle vra om ’n spesiale woordjie: *bedlêend* en *sleepvoetend*: Nederlands het nie *bedlêend* nie, net *bedlegerig* – wat in Afrikaans geen verband hou met die Nederlands nie. Is daar wel ’n verband, moet ons dit moontlik so sien, dat *bedlêerig*\* verdring is omdat dié vorm na sy betekenis in Afrikaans by ander ww.-afleidinge op *-erig* sou aansluit en dus pejoratief sou wees. Dan sou die nuutvorming of aan-

passing by woorde op *-end* 'n neutraler resultaat gee: *bedlêend*. *Sleepvoetend* kom naas *sleepvoet* voor, en nie een is Nederlands nie. Hulle word elders behandel. Vergelyk § 57.2.

(b) die onvoltooide deelwoord in verbale funksie feitlik volkome uit Afrikaans verdwyn het (soos lank reeds bekend uit navorsing oor die ontstaan van Afrikaans.) Daardeur is die ou deelwoordvorme feitlik volkome geïsoleer van alle verbale verband en oorgeskuif tot die byvoeglike terrein, waar hulle veral in verbinding met ander woorde, dus in komposita, nie alleen in gebruik gebly het nie maar selfs in nuwe komposita gaan verskyn het.

Waar ons dan in die volgende bladsye woorde soos *duiselingwekkend*, *vredeliewend*, *vingerwysend* ens. gaan bespreek, sal nie verder aandag gegee word aan die feit dat ons nie woorde soos *wekkend\**, *liewend\**, *wysend\** ens. het nie: ons weet nou hoe dit inmeekaarsit.

### § 31.2 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (onvolt.deelw.): b.nw.

*duiselingwekkend* (*Die Burger*, 5.8.1952)

*God-onterende* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 21)

*god-vererende* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 7)

*sandverskuiwend* (E. Leroux: *Die Mugu*, 9)

*sielverskroeiende* (*Die Brandwag*, 16.11.1951)

*skrikinboesemende* (Sangiro: *Op Safari*, 206)

*angswekkend*

*bloedstollend*

*deurslaggewend*

*haatdraend*

*lagwekkend*

*ooglopend*

*raadgewend*

*seevarend*

Die tipe is taamlik gewoon in die volkstaal en in die letterkunde, maar nuwe vorminge kom sowat uitsluitend in die letterkunde voor.

In die volkstaal is bekend onder meer *haatdraend*, *skrikwekkend*, *standhoudend*, *vredeliewend* ens., en dan (natuurlik) die tipe met taalnaam as eerste lid, bv. *Afrikaanssprekend*, *Engelssprekend* ens.

Hier word gewerk met 'n lys van 209, afkomstig uit skryf- en spreektaal. 'n Baie opvallende kenmerk van dié soort kompositum is dat die onvoltooide deelwoordvorm in sowat 70% van alle gevalle nie in Afrikaans voorkom buite die komposita om nie, bv. *(mens)liewend*, *(tyd)rowend*, *(skouer)ophalend*, *(belang)stellend*, *(hulp)behoewend*, *(onheil)spellend*, *(oorlog)voerend* ens.

Die 30% wat wel los van die kompositum voorkom, is ook gebonde, maar só, of in dié sin, dat hulle as selfstandige, los woorde naamlik nooit gebruik word saam met dieselfde woorde waarmee hulle komposita vorm nie. *Lopende, tergende, dodende, roerende, verheffende, vererende* ens. is wel gewone, alledaagse Afrikaanse woorde, en woordgroepe waarin hulle byvoeglik fungeer ewe groot gewoon, bv.

<i>lopende water</i>	<i>roerende eiendom</i>
<i>'n tergende geheim</i>	<i>verheffende invloed</i>
<i>dodende belastings</i>	<i>vererende opdragte, ens.</i>

maar *'n lopende oog\** het ons nie (ondanks *ooglopend*), *tergende senu's\** nie (ondanks *senutergend*), *'n/die dodende siel\** nie (ondanks *siel-dodend*) ens.

Dat *verrukkende* (in *siel-verrukkende*) dus meesal in 'n kompositum voorkom,<sup>21</sup> is dus volgens die sisteem van Afrikaans. Dat *hunkerende* (in *liefde-hunkerende*) ook buite die kompositum voorkom, is ook nog binne ons sisteem. Maar dat ons *hunkerende liefde* naas *liefde-hunkerende* kry, 'n probleemgeval uit D. F. Malherbe, is 'n verbreking van ons sisteem. Dié geval moet/kan dan beskou word as taalvernuwing. Sy lewenskans is 'n saak van voorspelling en nie van taalkunde nie, daarom laat ons dit hierby.

In verband met hierdie soort word dikwels gevra of byvoorbeeld die volgende wel „normale” Afrikaans is :

*Hy wag om die siel-verrukkende krete te hoor*

*Hy besef die liefde-hunkerende leegte in sy siel*

(D. F. Malherbe : *Die Hart van Moab*, 52 en 60.)

Sover moontlik word dan alle gesigspunte nagegaan om te kyk wat die „normale” sisteem ten opsigte van Afrikaans is.

Wat die verhouding tussen die dele betref, vind ons in 98% van die lys 'n voorwerpsverhouding, bv. *haatdraend, hartroerend, tydrowend, vrede-liewend*. Die 2% ander gevalle is dié waar by die eerste lid in vrye sintaktiese verband 'n voorstel sou kom, bv. *ooglopend: wat in die oog loop, seevarend: wat op die see vaar*.

Enkele gevalle kan moontlik in altwee groepe kom, bv. *kopskuddend, stertswaaiend, tandeknersend*. Hulle gaan in nie-kompositumvorm naamlik terug op *die kop skud* of *met die kop skud*, *die stert swaai* of *met die stert swaai*, *die tande kners* of *met/op die tande kners*.

In die opsig is Malherbe se *siel-verrukkende* dus in ooreenstemming met die meerderheidsgevalle maar *liefde-hunkerende* „na liefde hunkerende” nie.

21. D. F. Malherbe gebruik wel *verrukkende* 'n enkele keer buite die kompositum – vergelyk bv. die volgende sin uit *Die Hart van Moab*, 81: *Amri se siel gryp na haar glimlag, na haar verruukkende wese*.

Enkele eerste komponente verskyn meermale saam met verskillende tweede komponente, bv. *god*(skreiend/tergend/vresend), *hart*(roerend/verskeurend), maar dis meesal die tweede komponente wat met verskillende eerste komponente verbind word, bv. (*mens/vrede*)liewend, (*deurslag/raad/lewe*)gewende, (*eerbied/ontslag/weersin*)wekkend ens. *Verrukkende* en *hunkerende* van Malherbe is nie een van dié groepe nie, maar hoof dit ook nie te wees nie, aangesien die meeste tweede komponente ook nie in verskillende verbindings herhaal word nie.

Die begripsoorte van die eerste komponente behels die volgende :

1. abstrakte dinge, menslike gevoelens, aandoeninge, gewaardwordinge, bv.

<i>angs</i> (wekkend)	<i>onheil</i> (spellend)
<i>belang</i> (hebbend)	<i>siel</i> (dodend)
<i>hart</i> (roerend)	<i>skrik</i> (wekkend)
<i>hulp</i> (behoewend)	<i>vrede</i> (liewend)
<i>insig</i> (gewend)	ens.,

byna 50% van alle voorbeelde. Die gevalle *liefde* en *siel* in die probleem-voorbeelde is hier dus volkome binne die sisteem. Omdat daar egter ook ten opsigte van ander gevalle probleme kan ontstaan, word nogtans ook maar die ander dele van die begripsoortelike sisteem van die eerste komponente gegee :

2. die name van menslike liggaamsdele (my lys het 13), kom dikwels voor (21% van alle gevalle), bv.

<i>hande</i> (wringend)	<i>oor</i> (verdowend)
<i>kop</i> (skuddend)	<i>skouer</i> (ophalend)
<i>oog</i> (lopend)	<i>tande</i> (knersend).

3. 'n Gedeelte staan in verband met die mens (sowat 7%), bv. *mens*(liewend), *asem*(berowend), *senu*(tergend), stofname en verwante begrippe ( $\pm 14\%$ ), bv. *goud*(draend), *kalk*(houdend), *skuim*(spattend), *water*(houdend) ens., en die res is moeilik groepeerbaar, bv. *god*(vresend), *oorlog*(voerend), *vleis*(etend) ens., en dan die reeds genoemde taalname *Afrikaans*(sprekend) e.d.m.

Die begripsoort van die tweede komponente vind ek nie groepeerbaar nie, maar die werkwoordstamme waarvan hulle (histories, in Nederlands) die onvoltooide deelwoord is, is in 98% van alle gevalle oorganklik. Dan lyk dit (nog 'n keer) asof *ooglopend*, *seevarend*, *vingerwysend* nie ontstaan het soos die res van die groep nie. En dan is ook *liefde-hunkerende* (nog 'n keer) nie binne die sisteem nie. Dit sou, op hierdie punt, gewees het as 'n mens kon sê *jy hunker liefde\** in plaas van *jy hunker na liefde*.

Die meeste komposita van hierdie tipe kom voor in offisiële en in strakker stylverband. Die gewone volkstaal sou nie maklik praat van *angs-* of *lagwekkend*, wel *maak 'n mens bang* of *laat jou lag* ens. Wie die taal en die stylsoorte van ons letterkunde enigsins ken, moet dan ook nie verbaas

wees om te vind dat D. F. Malherbe hierdie soort kompositum nie alleen veel meer gebruik as enige ander Afrikaanse skrywer nie, maar dat hy dit in sy Bybeltrilogie<sup>22</sup> gemiddeld ruim dertig keer soveel gebruik as in sy eerste prosabundels, bv. *Hans-die-Skipper* en *Die Meulenaar*. In hierdie hoë gebruiksfrekwensie sal dan ook die verklaring lê van waarom mense in Malherbe se eerste bundels nie oor die kompositum gestruikel het nie, en in die latere bundels wel.<sup>23</sup>

Daarmee is ons by die vraag of die kompositumtipe produktief was of is in Afrikaans.

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Vergelyking met Nederlands bring aan die lig dat die posisie in Nederlands en Afrikaans in hoofsaak dieselfde is ten opsigte van alle punte wat tot hiertoe uiteengesit is. Op 'n enkele punt moet nogtans spesiaal gewys word.

1. Die woorde wat in Afrikaans dikwels as eerste en as tweede komponente verskyn, is meesal ook min of meer dieselfde as die Nederlandse, bv.

Eerste komponente		Tweede komponente	
<i>angs</i>	<i>hart</i>	<i>barend</i>	<i>skeppend</i>
<i>belang</i>	<i>krag</i>	<i>draend</i>	<i>stellend</i>
<i>dood</i>	<i>onrus</i>	<i>eisend</i>	<i>vererend</i>
<i>haat</i>	<i>skrik</i>	<i>hebbend</i>	<i>wekkend</i>

2. Die samegestelde woorde is in die meeste gevalle ook min of meer presies dieselfde, bv. *asembenemend/berowend*, *bloedstillend/stollend*, *doodveragterend*, *belanghebbend/stellend/wekkend* ens.

Dit is dus duidelik dat die konstruksie en die meeste Afrikaanse voorbeelde daarvan uit Nederlands geërf is.

3. Ook in Nederlands is die kompositum veral rondom die eerste komponent opgebou: in 'n Nederlandse lys van 337 voorbeelde is daar ongeveer 77 verskillende eerste komponente en ongeveer 260 tweedes.

4. In enkele gevalle gee Nederlandse woordeboeke en lyste besondere woorde nie aan nie, maar is hulle tog bekend in die gewone Nederlandse omgangstaal, bv. *doorslaggewend*, *ooglopend* (wel: *in het oog lopend*) ens. Sulke gevalle kan ons eie maaksels wees (*den doorslag geven* > *doorslaggewend*, en *in het oog lopend* > *ooglopend*), of hulle kan tog geërf wees.

5. Baie gevalle is blykbaar beslis ons eie maaksel, gevorm na analogie van die Afrikaans-Nederlandse gemeengoed, byvoorbeeld uit die algemene taal *aasvretende*, *deurslaggewend*, *gesagvoerende*, *ooglopend* ens., en uit byvoorbeeld die taal van D. F. Malherbe *are-insamelende*, *kragproewenāe*, *verskrikking-strooiende*, *wysheid-draende* ens. Tog is dit met die voor-

22. D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, *Saul die Worstelheld*, *Die Profeet*.

23. Vergelyk ook D. F. Malherbe se artikel in *Die Huisgenoot*, 16.2.1951, en in sy *Afrikaanse Taalboek* § 96 en vergelyk ook *Ons Eie Boek*, 1944, no. 4, bl. 161.

beelde uit Malherbe gesteld soos met die woorde op *kracht* in Nederlands, waarvan die WNT (VIII, 53) sê:

*kracht*: . . . **Samenst., samenst. afl. en koppel** . . . – Verder (grootendeels ongewoon en dichterlijk):

*Krachtbesef* („Bezigt moed en *krachtbesef* te gader-“ v. 'S GRAVENWEERT, II, 4, 145; „Een warme gloed van *krachtbesef* en vreugde (sloeg) naar zijn hoofd”, ROBBERS, *A. de Boogh* 91; zie ook BOGAERS, I, 14);

*krachtbesteden* („Zy (*de Natuur*) gruwet van woest geweld en roekloos *krachtbesteden*”, BILD. 6, 379);

*krachtbesteding* („Kracht baat niets zonder *kracht-besteding*”, v. D. PALM, *Sal.* 6, 429);

*kracht(s)betoon* („De Geschiedenis dezer . . . oorlogen is de belangrijkste . . . omdat zij den mensch . . . in zijn sterkste *krachtbetoon* voorstelt”, v. KAMPEN, *Kruist.* I, inl. blz. 3; „'t Leven heeft zijn oogenblikken van een heerlijk *krachtbetoon*”, TEN KATE, *N.Ged.* 52; „De onbegrensde ontvankelijkheid wordt de voorwaarde van scheppend krachtsbetoon”, PIERSON, *O. Tijdgen.* 14);

*krachtbetooning* („Zoo trekken wij niet zelden onze warme gevoelens het koude harnas der *krachtbetooning* aan”, BEETS, *C.O.* 126);

*krachtbewustheid* („Eene uitdrukking van zelfgenoegen en *krachtsbewustheid*”, CONSC. 2, 393 b);

*krachtgemis* („Wat gaf zijn kalmte in *krachtgemis*?”, v. ZEGGELEN 8, 141);

*krachtgenie*, hd. *kraftgenie* („Hoe welkom deze verachting der regelen zijn moest voor die menigte van *krachtgeniën*, die onze tijd zag geboren worden”, v. D. PALM, *Red.* 3, 65);

*krachtherstellend* („Hoe . . . Voedt (dit weefsel), wat zich afslijt, aan, met *krachtherstellend* vocht”, BILD. 6, 75; *Het Lichaam*);

*kracht(s)inspanning* („Niemand dergenen die volgen, is in staat aan zijn paard de vereischte *kracht(s)inspanning* te geven”, BOSSCHA, *Lev. v. W.* II 445; „Volgens hem (*Kant*) kon er alleen dan van deugd gesproken worden, wanneer er *krachtsinspanning* was noodig geweest”, OPZOOMER, *Wezen d. Deugd* 107; „De manmoedige *krachtinspanning* onzer vaderen gedurende de beroerlijke tijden”, ROOSES, *N. Schetsenb.* 109);

*krachtenkweeking* („De spijs, geschikt tot *krachtenkweeking*”, BILD., 6, 431);

*krachtmeel*, stijfjel (KIL.);

*krachtmoedig*, energiek („Mannen . . . , die *krachtmoedig* . . . zijn”, CONSC. 3, 132 b); vandaar: *-heid* („Om . . . (*haars vaders*) verdriet . . . door hare *krachtmoedigheid*, door hare liefdebewijzen te verjagen”, CONSC. I, 33 b);

*krachtsontwikkeling* („De trage mensch houdt van alle *krachtsontwikkeling* zich zoo ver mogelijk af”, OPZOOMER, *Wezen d. Deugd* 107; „Arbeid, die *krachtsontwikkeling* vereischt”, *Alb. d. Nat.* 1862, 330; „Een godsdienstige beweging . . . , die . . . tusschen de jaren 1840 en

1850 tot hare volle *krachtontwikkeling* is gekomen”, PIERSON, *O. Tijden*. 35);  
*krachtpatser*, in gemeenzamen stijl: iemand met verbazende spierkracht, atleet („Het was . . . aan zijn zware, gepoote knuisten, dat ik hem herkende later, toen hij „*krachtpatser*” geworden was”, VOS, in *Nederland* 1905, 3, 410);  
*krachtroovend* („Om die *krachtroovende* aandoeningen te overwinnen”, CONSC., *Leeuw v. VI*. 3, 87); . . .”

29 uit die 37 verskillende voorbeelde uit die *Hart van Moab* is nie in Nederlands of elders in Afrikaans gevind nie, o.m. *droom-sittende* (147), *doemdraende* (252), *geheime-vlammende* (31), *hartaar-soekende* (233), *Kamos-vererende* (33) ens. Hulle moet dan as persoonlike taalvorme beskou word, al is hulle meesal gevorm volgens die algemene Afrikaans-Nederlandse model. So is *Kamos-vererende* duidelik gevorm na analogie van *godvererende* (58). Maar die eintlike persoonlike van die geval sit nie soseer in 'n enkele voorbeeld of wat soos die bogenoemde of soos *gesig-belemmerende*, *gras-oorkleurende*, *wraak-roepende* ens. nie, as wel in die hoë gebruiksfrekwensie en die hoë getal nuwe vorminge by Malherbe: terwyl ons van ons hele Afrikaanse lys van 112, Malherbe nie inbegrepe nie, net 48 (= 43%) nie in Nederlands gevind het nie, kon ons 29 uit 37 uit *Die Hart van Moab* (= 78%) nie in Nederlands of elders in Afrikaans vind nie.

Dié feit in verband met Malherbe se taal staan egter nie alleen nie: dit hang daarmee saam dat hy, veral dan in sy tweede prosaperiode, allerlei deelwoorde, onvoltooid en voltooid, in byvoeglike en veral in verbale funksie, baie meer gebruik as enige ander Afrikaanse skrywer.<sup>24</sup>

Maar algemene Afrikaans vorm selde nuwe komposita van die tipe van *angswekkend*, en as dit nuut is, is dit altyd met net een nuwe lid, naamlik die eerste of die tweede, bv. *heupswaaiend* (by *stertswaaiend*) nie altwee soos by Malherbe nie, bv. *geheime-vlammende*, òf die twee komponente word op ander wyse dikwels met mekaar verbind, bv. *jou/die ore spits* (<*orespitsend*), (*met*) *die tong klap* (<*tongklappend*).

### § 32 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat (volt.deelw.): b.nw.

*biesie-omringde* (C. M. v. d. Heever: *Groei*, 40)  
*miershoopbedekte* (idem, 159)  
*riemgematte* (J. van Bruggen: *Die Plaasverdeling*, 10)  
*maan-beskynde* (L. Maré: *Die Nuwejaarsfees*, 12)  
*kleerverskeurde* (idem, 117)

24. Vergelyk *Ons Eie Boek*, 1944, bl. 161.



*buitelug-verslaafde* (*Die Huisgenoot*, 22.9.1950)  
*ellende-gedrukte* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 83)  
*gloed-deurbeefde* (idem, 72)  
*gebed-omringde* (I. D. du Plessis: *Die Vlammende Fez*, 123)  
*bloedbelope*  
*angsbevange*  
*blombedekte*

In die gewone omgangstaal kom min van hierdie komposita voor. Veel meer as die volgende sal daar wel nie wees nie: *angsbevange*, *bloedbelope*, *droogtegeteisterde*, *godvergete*, *godverlate*, *noodgedwonge*, *stroombelyn* en *windverwaaid*, en hiervan is m.i. net sowat *godverlate* en *windverwaaid* werklik volkstaal.

**Opm.:** *Noodgedwonge* lê eintlik buite die groep wat hier behandel word, want dit is 'n bywoord, nie 'n b.nw. nie.

My indruk is dat *winderverwaaid* die enigste is wat in en deur die volkstaal gevorm is. Die res is, en kom hoofsaaklik uit, (die) boeketaal, wat enkele honderde voorbeelde bevat. WAT gee in dele I t/m III byvoorbeeld diep in die dertig voorbeelde, bv. *aluingeharde* (I, 167) waarin *geharde* as 'n soort voltooide deelwoord opgevat kan word, *angsbevange* (I, 204), *angsbesweet* (I, 204), *bloedbelope* (I, 437), *bloedbevele* (I, 437), *blombedek* (I, 445), *bosbegroei* (I, 499), *drankbeneweld* (II, 306), *godgegewe* (III, 325), *goudbeslaande* (III, 363), *grasbedekte* (III, 394) ens.

In die Afrikaanse letterkunde ken prosa en poësie dit, byvoorbeeld in die poësie van:

Jan F. Celliers, bv. *storm-ontruk* („Die Vlakte”), *maangebleekte* („Die Brand”),

C. L. Leipoldt, bv. *gordyn-gesluier*, *blaar-ontblote*, *wolk-bekroonde*, *rot-tang-rondomringde* (almal in „Van Noot se laaste aand”),

I. D. du Plessis, bv. *songedrenkte* („Ek wonder of jy soms . . .”), *goudgevelekte* („Ek wonder of jy soms . . .”), *maanbepoeierde* („Rietfontein”),

Uys Krige, bv. *songekeerde* („Tram-ode”), *maandeurvulde* („Hooglied”),

Elisabeth Eybers, bv. *droomdeurweek* („Portret”),

D. J. Opperman, bv. *wind-omwaaide* („Nagwaak by die ou man”), *mosselbedekte* („Vigiti Magna”),

en in die prosa van byvoorbeeld:

C. M. v. d. Heever, bv. *wolkgekroonde* (*Kromburg*, 1), *modderbevuil* (*Laat Vrugte*, 88),

A. H. Jonker, bv. *kindverskrokke* (*Kanker van die Jare*, 9),

Jochem van Bruggen, bv. *bloeddeurlope* (*Teleurgestel*, 122), *haatgespoorde* (idem, 206),

- L. Maré, bv. *songebruinde* (*Die Nuwejaarsfees*, 47), *reën-gesuiwerde* (idem, 106), *aluin-geharde* (idem, 187), *ster-bepragte* (*Mooi Lemoene*, 40), *traan-besprinkelde* (idem, 92),  
 D. F. Malherbe, bv. *heil-vervulde* (*Die Hart van Moab*, 49), *skrik-verstyfde* (idem, 155), *see-omruiste* (*Hans-die-Skipper*, 17), *wil-berooftde* (*Die Profeet*, 110).

Uit ons letterkunde werk ek hier met 'n lysie van by die drie honderd. Die voorbeelde is so gekies dat daarmee 'n paar opvallende kenmerke van dié kompositumsoort in ons letterkunde geïllustreer kan word:

1. Streng genome kan alle tweede komponente nie as voltooide deelwoorde beskryf word nie, bv. *aluin-geharde*, *ster-bepragte*, *songebruinde*. Hierdie voorbeelde is al drie van Leon Maré wie se taal ook in ander opsigte van algemene Afrikaans afwyk.<sup>25</sup>

2. In 75% en meer van alle gevalle sou, indien 'n woordgroep in plaas van 'n kompositum gebruik word, een van die voorsetsels *deur*, *met* of *van* gebruik word, bv.

*bloedbelope* „**met** bloed belope”  
*modderbevuil* „**met/deur** modder bevuil”  
*maanbeskynde* „**deur** (die) maan beskyn”  
*godgeroepe* „**deur** God geroepe”.

Minder gewoon is bv.

*kinderverskrokke* „**as** kind verskrokke”  
*buitelug-verslaafde* „**aan** (die) buitelug verlsaaf”  
*wil-berooftde* „**van** wil beroof”.

3. Volgens die (Nederlandse) vorm van sommige tweede komponente, moet hulle geërf wees, bv. *-belope*, *-deurlope*, *-verskrokke*.

4. (a) Daar is 'n baie groter verskeidenheid verskillende deelwoorde wat in die verbinding optree as wat daar s.nwe. is. In die volgende lysie van 28 uit WAT is daar byvoorbeeld 25 verskillende deelwoorde of verwante vorme teenoor net 11 verskillende s.nwe.:

1	<i>aluin-geharde</i>	1	<i>bosbekroon</i>	10	<i>godverlate</i>	20		
2	<i>angsbesweet</i>	2	6	<i>doelgerig</i>	11	10	<i>goudbeslaan</i>	21
	<i>angsbevange</i>	3	7	<i>drankbeneweld</i>	12		<i>goudgeborduur</i>	22
3	<i>bloedbelope</i>	4	8	<i>droogtegeteisterde</i>	13	11	<i>grasbedek</i>	5
4	<i>blombedek</i>	5	9	<i>godgegewe</i>	14		<i>grasbegroei</i>	9
	<i>blombehang</i>	6		<i>godgeheilig</i>	15		<i>grasbesoom</i>	23
	<i>blombesaai</i>	7		<i>godgeklaag</i>	16		<i>grasomsoom</i>	24
	<i>blombestrooi</i>	8		<i>godgeroepe</i>	17		<i>grasoorgroei</i>	25
5	<i>bosbedek</i>	5		<i>godgewyd</i>	18			
	<i>bosbegroei</i>	9		<i>godvergete</i>	19			

Dit is in ooreenstemming met die lang lys uit ons skrywers.

25. Vergelyk *Ons Eie Boek*, 1944, bl. 100 en vlg.

(b) Dit val op dat, hoewel die meeste voltooidde deelwoordvorme in algemene Afrikaans tog met *ge-* gevorm word, die *ge-*'s in hierdie lyste in die minderheid is. In die skrywerslys is daar byvoorbeeld 31% met *deur, om* of *oor* (sonder *ge-*), bv. *deurglans, omring, oorgolf*, 27% met *be-*, bv. *besprinkel, betower*, 16% met *ver-*, bv. *verdonker, vervul*, en net 24% met *ge-*, bv. *gekuin, gesuiwer*. (Ander elemente 2%.)

Die begripsoorte van die werkwoorde is meesal of melioratief of pejoratief, bv. *deurglans, gekroon, gesuiwer, geroepe*, en *bevuil, geteister, gedruk*, selde neutraal soos bv. *gemat, belyn* ens.

(c) Die s.nw. verteenwoordig in 90% van alle gevalle die volgende begripsgroepe:

(1) (natuur)elemente: 1. *maan, son, ster*, en wat daarmee verband hou, bv. *glans, gloed* ens. 2. *reën, water, wind, wolk*, en wat daarmee verband hou, bv. *dou, droogte, see, skuim, storm, stroom, vog* ens. Hierdie groep, veral deel 1., is meesal verbind met die amelioratiewe begripsgroep van die werkwoord;

(2) gewasse: *aar, biesie, blom, boom, bos, kweek*;

(3) skepper en skepsel: *god, mens*;

(4) menslike gevoelens en ervarings, meesal negatiewe of minder aangename gevoelens: *deernis, droom, ellende, haat, kommer, nood, skrik, sorg, wrok*, met enkele fisieke ervarings daarby, bv. *sweet, traan, bloed*.

Hierdie groep is meesal verbind met die pejoratiewe begripsgroep van die werkwoord;

(5) stofname (wat (1) deels kan insluit): *goud, klip, stof*, ens. Die orige 10% is bv. *gordyn, klere, riem* ens.

En ten opsigte van verhoudingstipe en t.o.v. verskeidenheid van komponente, en t.o.v. die begripsoorte is die kompositumtipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met byvoeglike gebruikte voltooidde deelwoord-korrelaat: b.nw. dus 'n geslote konstruksie.

Dieselfde geld min of meer van die stylsoort. Met uitsondering van heel enkele gevalle soos *godverlate* en *windverwaaid* is die kompositumsoort in ons letterkunde die tuiste in die strakker styl. 'n Mooi aanduiding hiervan het ons by D. F. Malherbe – weer eens 'n aanduiding uit getalle en nie soort nie.<sup>26</sup> In *Hans-die-Skipper* het ek net *see-omruiste* op bl. 17 aangeteken, maar uit *Die Hart van Moab* onder meer *lyding-beproefde* (15), *troos-berooftde* (17), *skuimgekuinde* (33), *ravyn-gekerfde* (36), *eeu-verweerde* (34), *wrokverdonkerde* (47).

Buite die volkstaal en die letterkunde, meer bepaald in die tegniese taal,<sup>27</sup> is die posisie enigszins verskillend, naamlik in die volgende opsigte:

26. Kyk *Ons Eie Boek*, 1944, bl. 151 en vlg.

27. Behandel deur S. P. E. Boshoff in *Die Huisgenoot*, 13 en 20 April 1951, in „Ons het 'n eie tegniese taal nodig”.

1. Die voorbeelde is hier meesal nog in die maak, d.w.s. word in vak-kringe, o.a. ook in die Vaktaalburo, vervaardig, is nog nie algemeen nie en kom nie uit die volk (volkstaal) nie, bv. die lys van Boshoff met o.a.

*kewerbesmet vlamverhard handgebrei oliedeurweek  
handgemaak handgeverf masjiengebrei windgedroog*

2. *Vlam, olie* en *wind* hoort tot die meerderheidsgroep, maar die meeste tot die minderheidsgroep van die begripsoorte wat deur die eerste komponente benoem word.

3. Die meeste tweede komponente met ww.-korrelate (*gebrei, maak, geverf*) hoort eweneens nie tot die meerderheidsgroep van die begripsoortelike sisteem van die deelwoorde nie.

4. In vrywel alle gevalle is die betekenisverhouding tussen die dele nogtans dieselfde as dié in die letterkundige en die volkstaalvoorbeelde *kewerbesmet* „met kewers besmet” (vgl. *blombedek* „met blomme bedek”) *windgedroog* „deur/in die wind gedroog” (vgl. *drankbeneweld* „deur drank beneweld”).

5. Die uitgangspunt by die vorming van die tegniese voorbeelde is die vertaling van die Engelse woorde – maar by die literêre en ander voorbeelde is daar geen aanduiding van vertaling nie.

#### *Diachronie en Produktiwiteit*

Die tipe was ongetwyfeld produktief in Afrikaans. Verskeie is waarskynlik geërf, of persoonlik ontleen, byvoorbeeld die meeste met *god, goud, maan* en *son* as eerste komponente, maar baie is nie Nederlands nie, bv. *miershoopbedekte, buitelug-verslaafde, bloedbelope, modderbevulde* ens.

Daarmee is ons by die vraag hoe ons eie goed dan gevorm is of ontstaan het. En daarvoor moet ons ook weet hoe die posisie in Nederlands en die ander Germaanse tale was en/of is. Boshoff<sup>28</sup> het dit reeds as volg saamgevat:

1. Die behandelde woordtipe is baie oud; dit kom al in Indo-Germaans voor en in die verskillende Germaanse tale van vroeër en vandag. Dit is kortweg, Germaanse gemeengoed.

2. Hoewel die een taal in 'n bepaalde tydperk meer gebruik as 'n ander daarvan maak, het geeneen van hulle 'n alleenreg in hierdie opsig nie en hang die gebruik van allerlei omstandighede af. Daar is niks in die verskynsel wat met die taaleie van die Germaanse tale strydig is nie.

3. Die een Germaanse taal (bv. Duits, Engels, Nederlands) kan die ander gedurende bepaalde tye by hierdie soort woordvorming beïnvloed, terwyl almal uiteraard deur Grieks beïnvloed kan word, maar ons kan nouliks beweer dat dit in stryd met die aangebore of inherente eienskappe van die beïnvloede taal gebeur.

28. Boshoff, S. P. E.: *Op. cit.*

4. Die moontlikheid bestaan egter in al die Germaanse tale om, afgesien van Griekse of wedersydse beïnvloeding, selfstandig woorde op hierdie manier te skep, selfs volgens verskillende modelle wat as uitgangspunt kan dien.

5. Verskeie tale van die Indo-Germaanse taalfamilie en veral van die Germaanse groep toon tydperke waarin die woordtipe betreklik weelderig ontwikkel, gevolg deur periodes van stilstand en non-aktiwiteit.

6. Wat Nederlands betref, het die tipe veral na vore gekom in tydperke van letterkundige opbloeï (sewentiende eeu en afgelope kwarteeu) en by vooraanstaande digters (Vondel, Bilderdijk, Boutens) wat in sommige gevalle moontlik deur Grieks beïnvloed kon gewees het.

7. Die veroordeling van die tipe in Nederlands geskied blykbaar meer uit Germanisme- as uit Anglisme-vrees, en die gevolg van die vreeskompleks is dat die kind met die badwater uitgegooi word. Die Germanismejagters is legio en die stormloop lyk soms 'n bietjie na Don Quichotterie, terwyl Anglismes met groter toeskietlikheid geduld of hoogstens met 'n beskeie gebaar gesinjaleer word.

In hoofsaak is ek dit hiermee eens, hoewel ek by 6. sou byvoeg dat daar blykbaar ook 'n mate van Engelse invloed werksaam was.

Hoe het dié komposita nou in Nederlands gekom. 'n Paar is oud en blykbaar volkstaal, bv. *huisbakken* (WNT VI, 1261), *huisbrouwen* (WNT VI, 1247) en *huisgeboren* (WNT VI, 1249), die meeste jonk en/of letterkundig gevorm na Griekse, Duitse en Engelse model, of (enkeles) in die handels-taal geskoei op Engelse lees (bv. *handgeborduurd*).<sup>29</sup>

Hoe het ons dus die nie-geërfdes gevorm? Boshoff<sup>30</sup> suggereer veral

(a) analogiese vorming (wat 'n normale proses is),

(b) steun by (a) van tipes soos *kunsliewend*, *ertshoudend* ens., en

(c) weglating van voorsetsels.

Hy het feitlik in die kol geskiet, al wis hy dit nie.

Net soos hy byvoorbeeld Afrikaans *dophou* gee as afkomstig van *in de doppen hebben* (*houden*), kon hy ander verbindingsgegee het (vergeelyk die afdeling hiervan oor komposita met werkwoord as kern) en kan ons nou ook hierby meer gee.

*Bloedbelope* kom van Nederlands *met bloed belopen*. Die geval is interessant en belangrik, want geen Nederlandse woordeboek gee iets anders as *met bloed belopen* nie. Maar Royen<sup>31</sup> gee (uit A. den Doollaard) *bloedbelopen* en *bloeddoorlopen ogen*, sonder die *met*. Dan het die voorsetsel dus al (of ook?) in Nederlands verdwyn en was die proses dus klaarblyklik inheems.

29. Vergelyk Van Lessen, J. H.: *Op. cit.*, 113.

30. Behandel deur S. P. E. Boshoff in *Die Huisgenoot*, 13 en 20 April 1951.

31. Royen, G.: *Ongaaf Nederlands*, 15.

Van *omringen* sê die WNT (x, 446): „ . . . – Vooral gebruikelijk in het verl. deelw. *omringd*, met de waarde van een praedicatief bnw., waarbij de personen, die iemand omgeven, worden aangewezen door het voorz. *door* of *van.* // Eene Oostersche Monarchin, . . . omringd van een geheelen kring minnaars. *Leev.* 1, 202. Omringd van vyf schoone gezonde kinderen, zit zy magteloos, 3.118. . . . – Vooral in het verl. deelw. *omringd* (*door* of *van* de genoemde personen). // Zij waren ongewapend en door vele vyanden omringd. *CONSCIENCE* 7, 24b. Maar onophoudelyk van 's vyands volk omringt, / Heeft hy gemerkt, dat hem het wreede noodlot dwingt. *LANGENDIJK* 2, 53. . . . – Vooral gebruikelijk in het verl. deelw. *omringd*, als praedicatief bnw., waarbij datgene, dat iemand of iets omgeeft, wordt aangewezen door het voorz. *met*, *door* of *van.* // Een majestueuze wolk, omringd door den prachtige regenboo, *Leev.* 9, 234. Eene uitvinding der flaauwhartige XVIIIde eeuw, toen men dichtstukken zat te maken, omringd van spraakkunsten, woordenboeken en rijmlijsten, *GEEL, Ond. en Phant.*, 171. Geheel het Germaensch leger was omringd van wagens, *DAVID, Hist.* 1, 65. Hy lag van kussens omringd in een grooten leunstoel, *SCHIMMEL, M. Hollis*, 3, 185. Is uwe ryxkroon, daer uw glorizucht naer dingt, / Met distlen niet omringt? *SCHIM, Bybelpoezy*, 204. Ja, wiegel u in tooverdroomen, / Van zoeter amberlucht omringd, / Dan ooit om 't nest des Phenix zweeft. *TEN KATE* 1, 333.”

Van *omwoelen* sê die WNT (x, 786): „ . . . – Vooral gebruikelijk in het verl. deelw. *omwoeld*, met de waarde van een attributief of praedicatief bnw., waarbij datgene, dat om iets heen gewonden of geslingerd wordt, wordt aangewezen door het voorz. *met* of – hoezeer ongemeener – door *van.* // Een met zilverdraad omwoelde staf. – De drie (*masten*) omwoelt met kabels, *HOOFD, aang. bij. WEIL.* Een koort, met gouddraad omwoeld, v. *LENNEP, Rom.* 5, 255 . . .”

Van *doorboren* sê die WNT (III<sub>2</sub>, 2927): „ Hebbende . . . haer Schip soo van de Worm doorboort, dat gestadigh mosten pompen, *Begin e. Voortg.* 8, 3b. Cleden . . . , wesende de sommige bevecht, ende andere met gaetjies doorboort, *Daghreg. Bat.* 7, 11. Ruglings van een lans doorboord, / Liet hij toom en jagtspriet glippen, *STARING* 1, 27. (Hij) sloeg de blikken treurig neêr, Zijn ziel van spijt doorboord, *BOGAERS* 1, 27.

Van *omzoomen* sê die WNT (x, 832): „ . . . b) Figuurlijk. Van eene ruimte. Ze met een zoom of rand van iets omgeven; veelal met het bijdenkbeeld van de liefdelijke tegenstelling of bevallige kleurschakeering, die daardoor ontstaat. Bijna uitsluitend in het verl. deelw. *omzoomd* (*met iets*). // Heldere meertjies, wier boorden als met een bruidkrans van schitterende veld- en waterbloemen omzoomd waren, v. *LENNEP, Rom.* 5, 160. Zij (*de Maliebaan*) was 173 roeden lang . . . en . . . met buitenplaatzen omzoomd, *TER GOUW, Volksverm.* 332. Het pad is effen en netjes, omzoomd met eene zorgvuldig gemetselde afwating, *KNEPPELH.* 8, 332. De paden waren niet met gewoon gras, maar met roode en witte madeliefjes en

zeegras omzoomd, BEETS, C.O. 50. Smalle wandelpaadjes, aan weerskanten met aardbeienplanten omzoomd, 112 . . .”

Ook ander woorde word volgens die WNT dikwels so gebruik, bv. *bezet* (II<sub>2</sub>, 2455), *beblaard* (II<sub>1</sub>, 1098), *beplant* (II<sub>1</sub>, 1824), *begroeid* (II<sub>1</sub>, 1440), *bedekt* (II<sub>1</sub>, 1144).

Dan lyk dit baie waarskynlik dat ons in baie gevalle die verbinding voors. + s.nw. + voltooide deelwoord uit Nederlands geërf het, maar dat die reduksie (of sintetisering, volgens Royen<sup>32</sup> ten minste gedeeltelik hier plaasgevind het.

Verder is daar die feit dat ons talle woorde het soos *bestand*, *gevoelig*, *bewus*, *gehard*, wat met werkwoorde verband hou en optree as tweede komponent van samestellings, bv. *droogtebestand*, *droogtegevoelig*, *geldbewus*, *werkgehard*, maar wat nie voltooide deelwoorde is nie. Die komposita wat hulle vorm, is so alledaags soos *vuurvas*, *vogvry*, *waterdig*. Hulle kon en kan daartoe bygedra het dat die tipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met byvoeglike gebruikte voltooide deelwoord-korrelaat ook as normaal aan gevoel word/is.

En sekerlik kon daar sterk beïnvloeding uitgegaan het, en nog uitgaan, van die tipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met byvoeglike gebruikte onvolt.-deelw.-korrelaat (kyk § 31.2 hiervan).

Oor een gesigspunt is daar by my geen twyfel nie, naamlik dat ons letterkundige voorbeelde deels regstreeks aan Nederlands ontleen is en andersins gevorm is na die model van die Nederlandse letterkundige voorbeelde, want let op die ooreenkoms hier tussen Afrikaans en Nederlands:

1. Ook in Nederlands kom die kompositum veral in die letterkundige taal voor. (Volgens Royen, de Vooy, v. Lessen ens.)

2. Ook in Nederlands kom min van die komposita in die gewone omgangstaal voor, bv. *huisbakken*, *huisbrouwen*. (Volgens v. Lessen.<sup>33</sup>)

3. Ook in Nederlands is alle tweede komponente, streng gesproke, nie voltooide deelwoorde nie, bv. *(zon)betipt*, *(bloed)omrande*.

4. Ook in Nederlands kan die verhouding tussen die dele, indien dit in 'n woordgroep in plaas van in 'n kompositum gebruik sou word, met een van die voorsetsels *deur*, *met* of *van* aangegee word, bv. *godbemind* „door God bemind”, *bloemdoorweefd* „met bloemen doorweefd”.

5. Ook in Nederlands is daar baie eerste komponente wat met verskillende deelwoorde verbind word, bv. *god*, *maan*, *zon*, *bloed*, *bloem*.

6. Die Afrikaanse en die Nederlandse eerste en tweede komponente is in hoë mate dieselfde, bv. *angs*, *blaar*, *bloed*, *blom*, *maan*, *son*, en *bedek*, *beglans*, *beskyn*, *deurboor*, *omsoom*, *deurwaai* ens.

7. Ook in Nederlands behoort ruim 90% van die voorbeelde van Royen,

32. Royen, G.: *Op. cit.*, 15.

33. Van Lessen, J. H.: *Op. cit.*, 112.

WNT, Van Lessen ens. tot die begripsgroepe wat vir Afrikaans verduidelik is (vergelyk bl. 174 hiervan).

8. Ook in Nederlands kom die meeste voorbeelde uit die strakkere prosa-styl en uit die digkuns.

Daar kan m.i. weinig twyfel oor bestaan : ons literêre groep is regstreeks van Nederlandse model.

Met die voorbeelde uit die tegniese en verwante taalgebied is dit anders gesteld : dat hulle taalkundig in elke opsig by die literêre groep aansluit, is duidelik, sodat hier nie sprake kan wees van 'n botsing van taalstruktuur nie. Maar dis ewe waar dat hulle begripsoortelik by die minimum-groep aansluit. (bl. 175 hiervan) en dat hulle hierin, wat woorde soos *hand*, *masjiene* e.d.m. betref, regstreeks die Engelse begripsoortelike sisteem volg.

Of ons hulle dus moet vermy? Myns insiens nie. Die weg deur Boshoff aangewys, lyk die mees nugtere en realistiese : gebruik hulle gerus wanneer dit onontbeerlik is.

### § 33 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat : s.nw.

Daar is hierby drie soorte gevalle:

1. dié wat gewoonlik b.nw. is en wat as s.nw. fungeer met die betekenis „wees soos deur die betrokke woord genoem”, bv. *Vir kaffersleg se maat, neef Kasper?* (J. van Bruggen: *Ampie die Natuurkind*, 132). Die samegestelde woord gedra hom net soos die onsamegestelde (vergelyk § 4 oor Meerfunksionaliteit);

2. komposita met -vol, bv. *handvol*, *sakvol* ens. (§ 29);

3. ander gevalle, bv. *oesaf* („die vry dag vir werkers net nadat die oes af is”). Dit moes ontwikkel het uit vroeë en uitroepes soos *Wanneer is die/jou oes af? Nou-nou is die oes af. Oes af!* e.d.m.

### § 34 Stam met ww.-korrelaat + Stam met b.nw.-korrelaat : b.nw.

*breekvry* (WAT I, 525)

*dobbelsiek* (WAT II, 214)

*glyvas* (WAT III, 319)

*kreukeltraag*

*spatdig*

*werksku*

Hier word gewerk met 'n lys van 82 voorbeelde. Oor dié tipe word in die industrie-taal baie vroeë gestel.

Verskeie van die komposita kan op meer as een manier opgevat word, bv. *kreukeltraag* en *werksku* as (stam met werkwoord-korrelaat OF stam



met s.nw.-korrelaat) + stam met b.nw.-korrelaat. Die stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat is reeds bespreek, daarom beperk ons ons hier tot wat 'n werkwoord is of kan wees.

Die tweede komponent vertoon 'n opvallende ooreenkoms met die tipes van die vorige bladsye: die lys van 82 bevat net 36 verskillende woorde as tweede komponente – by die stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat was dit 46 uit 320 – en baie daarvan is dieselfde as dié van die vorige tipe, onder meer *dig*, *gierig*, *mal*, *siek*, *vaardig*, *vas*, *vol*, *vry*, *waardig*. Hiermee is 53 van die 82 voorbeelde gevorm (= 64+ %).

Ook hier is daar meer variasie in die eerste komponente: 65 verskillende woorde in 82 komposita.

Die komposita het nie almal dieselfde waarde nie:

1. Goed 20% daarvan is min of meer niks anders as intensief-komposita nie – sy dit dan met 'n werkwoord in plaas van 'n s.nw. as eerste lid, bv. *druipnat*, *klinkklaar* (*klaar* beteken „helder”), *kraakdroog*/-*dun*/-*nuut*/-*sindelik*, *piepfyn*/-*jonk*, *smoordronk*/-*heet*/-*kwaad*/-*verlief*/-*warm*.

2. In die grootste gedeelte kan die betekenisverhouding omskryf word met 'n voorsetsel, naamlik *van*, *ten opsigte van*, *teen*, *tot*, *vir* ens., bv. *babbelsiek*, *bemoeisiek* (waarin *siek* beteken „lief”), dus „lief vir babbel” ens., *breek*/-*krimp*/-*steelvry* (*vry* beteken „bestand”), dus „bestand teen breek, krimp, steel” ens., so ook by *gly*/-*plof*/-*soenvas* ens., *leer*/-*twis*/-*weetgierig* (*gierig* beteken „gretig, lus”), dus „lus om te leer/twis/weet”.

### Diachronie

Ons kry die kompositumtipe, en die meeste voorbeelde daarvan, uit Nederlands: 60 van die lys van 82 is ook Nederlands, bv. *behaagsiek*, *boetvaardig*, *dweepsiek*, *gedenkwaardig*, *krimpvry*, *leerryk*, *piepjong*, *praatsiek*, *skreeulelik*, *stampvol* ens.

'n Goeie deel van die eerste en ook van die tweede komponente is ook Nederlands, bv.

### 1e komponente

*babbel*  
*behaag*  
*bemoei*  
*dweep*  
*klink*  
*kraak*

*leer*  
*piep*  
*smoor*  
*spot*  
*twis*  
*werk*

### 2de komponente

*gierig*  
*heet*  
*jonk*  
*klaar*  
*lelik*  
*nat*

*siek*  
*vaardig*  
*vas*  
*vol*  
*vry*  
*waardig*

Tog is daar tien eerste komponente in Afrikaans wat nie ook in soortge-lyke Nederlandse komposita voorkom nie, nl. *dobbel*, *erf*, *gly*, *klop*, *kreukel*, *plof*, *skinder*, *soen*, *spat* en *vlieg*, en elf tweede komponente, nl. *dig*, *dun*, *fyn*, *geregtig*, *kwaad*, *nuut*, *sku*, *traag*, *vas*, *verlief* en *vry*. Waar ook hierdie kompositumtipe kennelik om die tweede komponent gebou is,

is dit nogtans van belang om dadelik daarop te wys dat ses van dié elf, nl. *dig, fyn, sku, traag, vas* en *vry*, wêl voorkom in ander Nederlandse (en Afrikaanse) komposita (nl. stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat), bv. *gasdicht, ragfijn, plichttraag, bloedschuw, beginselvast, alcoholvrij* ens.

*Dun, geregtig, kwaad, nuut* en *verlief* is dus nie in dié of 'n verwante soort kompositum in Nederlands gevind nie, sodat ons hier dus wel enig-sins op ons eie gewoeker het, net soos Nederlands: hier word naamlik gewerk met 'n lysie van 68 Nederlandse komposita van hierdie soort wat nie ook Afrikaans is nie, bv. *baatziek, bidzalig, doenvrij, drijfnat, hapwarm, kraakblank, loopziek, rekwijd, slachtrijp* ens. Wel bevat die lys van 68 heelwat woorde wat in Afrikaans as eerste of as tweede komponent voorkom, bv.

### 1e komponente

<i>bak</i>	<i>krimp</i>
<i>boet</i>	<i>pas</i>
<i>breek</i>	<i>piep</i>
<i>broei</i>	<i>praat</i>
<i>kraak</i>	<i>smoor</i> ens.

### 2de komponente

<i>droog</i>	<i>vas</i>
<i>gierig</i>	<i>vry</i>
<i>siek</i>	<i>warm</i> ens.,

maar daar is tog nog 35 Nederlandse eerste komponente wat nie in Afrikaans voorkom nie, en dertien tweede komponente, uit dié lys van 68, bv.

### 1e komponente

<i>baad</i>	<i>glitter</i>
<i>bid</i>	<i>grijp</i>
<i>doen</i>	<i>hap</i>
<i>drijf</i>	<i>loop</i>
<i>eet</i>	<i>muut</i>

### 2de komponente

<i>blank</i>	<i>schoon</i>
<i>gezind</i>	<i>schuldig</i>
<i>glad</i>	<i>willig</i>
<i>lam</i>	<i>wijd</i>
<i>lauw</i>	<i>zot</i> ens.

Nederlands het dus ook op sy eie gewoeker.

En daar sit nog meer aan vas: die Afrikaanse lys bevat 65 verskillende eerste komponente en 36 tweedes, die Nederlandse lys 90 verskillende eerstes en 38 verskillende tweedes. Dit beteken dat daar 'n kleiner deel van ons woordeskat in hierdie kompositumtype betrek is as in Nederlands – ons hele woordeskat is ook nog kleiner – maar na verhouding was ons hier tog taalaktief genoeg, want van 82 voorbeelde kon ons 23 nie in Nederlands vind nie – wat ons dan blykbaar self gevorm het, d.w.s.  $\pm 29\%$ .

Alles bymekaar beskou, bewys dit dat die verbinding produktief was en is in Afrikaans, en dat dit ook in hoofsaak op Nederlands-Germaanse wyse produktief was.

So kan ons dan tot *kreukeltraag, spatdig* e.a. terugkeer en sê dat, volgens die sisteem van Afrikaans hulle volkome normaal is: as *kreukel* as

s.nw. opgevat word, sluit dit aan by die tipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, en as dit as werkwoord opgevat word, by die tipe stam met werkwoord-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. Woordsoortelik is dit dus in die haak. Die komponente verskyn ook in ander komposita, is gewone Afrikaanse woorde, en die verhouding tussen die dele is soos dié van die meeste ander. *Kreukeltraag* en *spatdig* is dus goed in orde.

Ander gevalle kan beoordeel word teen die agtergrond en langs die materiaal wat hiervoor staan.

**Opm.:** (stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat) + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw., bv. *wegholbang*, is 'n normale uitbreidingstipe van die tipe stam met ww.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat. Vergelyk § 34.

§ 34.1 (Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat)/  
 (Stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat)/  
 (Stam met b.nw./bw.-korrelaat + stam met b.nw./bw.-korrelaat) }  
 + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw./s.nw.

Die verskillende soorte word hier saam behandel omdat elkeen deur min voorbeelde verteenwoordig word. Ons het daarvan onder meer die volgende :

Herhaling van die eerste komponent van

1. Intensief-komposita met 'n stam met ww.-korrelaat as eerste lid, bv. *kraak-kraakdun*, *piep-piepfyn*;

2. gewone komposita van stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, bv. *knik-kniktreetjies*, *smakmak-proetjies* (Jochem van Bruggen : *Marta*, 9), *pla-pla-roep* (N. P. van Wyk Louw : *Raka*, 10), *flap-flap-ore* en *klap-klap-skote* (Leon Maré : *Mooi Lemoene*, 9 en 39). Maré skryf die iteratiewe verkeerdelik los van die s.nwe.;

3. intensief-komposita met 'n s.nw. as eerste lid, bv. *bloed-bloedrooi*, *blousel-blouselblou*, *klip-kliphard*, *pik-pikswart* ens.;

4. komposita met bw. of b.nw. as eerste lid, bv. *hardhardloop* in *Jou pappie moet hardhardloop* (J. van Bruggen : *Ampie die Natuurkind*, 193), *kort-kort-kortgolfsender* in *Moontlik kry die Russe dit met 'n geheime kort-kort-kortgolfsender* (*Die Burger*, 22.10.1957) ens.;

5. 'n enkele keer kom ook gevalle voor soos *glim-glimlag*, *struik-struikelend*, *dieselfde-selgde* (Leon Maré : *Die Nuwejaarsfees*, 15, 64 en 42; die laaste staan so gedruk : *dieselfde, selgde*). Dat dit by Maré voorkom, bewys weinig : sy taal is in baie opsigte nie, of nie volkome Afrikaans nie.<sup>34</sup>

34. Kyk *Ons Eie Boek*, September 1944.

Hoe kom ons aan dié tipe?

Tot nog toe het niemand 'n voorbeeld daarvan in Nederlands aangewys nie, sodat ons dit as 'n besondere Afrikaanse ontwikkeling sou moet beskou. Wat hoe ontwikkel het? Wat net die reduplikasie-patroon van ander iteratiewe gevolg het, d.w.s. waarskynlik van 'n jongere datum is. Dit sou ook kon verklaar waarom hierdie tipe minder voorkom en waarom so min hiervan tot die algemene taal behoort.

#### *Diachronie*

Ten andere weet ons nog nie of ons nie miskien die ritmiese patroon van Nederland geërf het nie: in Nederlandse kinderspeletjies en liedjies is dit naamlik baie bekend. Vergelyk die volgende voorbeelde:

1. *Pallem, pallem pasen/Die grootste zijn de base*
2. *Krui, krui wagen krui maar voort*
3. *Draaien, draaien van diedeldiedeldaje*
4. *Muize-muize-manneken/Geef my een ander tanneken.*

So word die iteratiewe patroon ten opsigte van 'n hele verskeidenheid van woordsoorte in Nederlands gevolg, veral in speletjies en liedjies: s.nwe., wwe., b.nwe., bwe., tussenwerpsels ens. (Vergelyk daarvoor *De Speelwagen*, red. Wortel en Köhne, 1946-47.)

Daar is rede om te verwag dat meer kennis van Nederlands al hoe meer Afrikaanshede voor 'n dag sal bring.

#### § 34.2 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw.

*been-horinggoud* (Boerneef: *Van my Kontrei*, 79)

*bloed-horinggrooi*

*goud-borriegeel*

*horing-kalbasoud*

*klipsteenhard* (en *klipsteenkalbashard*)

*kurk-horingdroog*

*pik-gitdonker*

*pikgitswart*

*pik-inkswart* (L. Maré: *Die Nuwejaarsfees*, 116)

*spiergitwit*

*stoksielalleen* (en *stok-moedersielalleen*)

*vingersiel-alleen* (C. M. van den Heever: *Droogte*, 31)

Omdat *bot* in *botdoodstil*, *mors* in *morsdoodsiek*, *spik* in *spiksplinternuut* e.a. onselfstandige morfeme is, kan hulle nie woordsoortelik ingedeel word nie. Daardeur groepeer hulle hulleself as 't ware by tipes met 'n gelyke getal komponente en met identiese betekeniswaardes. Dan kom hulle in dieselfde groep as *kurkhoringdroog* en *pikgitswart*. Dié is 'n uitbreidings-

tipe van die komparatief-intensiewe stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (§ 28).

Die verbleking van die etimologie blyk baie duidelik uit 'n geval soos *spiergitwit*. (*Git* is immers „swart”. Maar hierdie *git* is net as intensiveringswoord gebruik.)

Die stapeling van vergelykings- of intensiveringskomponente is ook Nederlands asook enkele van die komposita self, bv. *spiksplinternuut* (J. J. Cremer: *Overbetuwsche Novellen*, 118).

Wesenlik is dit ook nie anders as die iteratiewe tipe nie, met of sonder voegwoord, bv. *skat-skatryk*, *pik-pikswart* e.d.m., wat ook Nederlands is, bv. *skat-en-skatrieke*, *joeu-en-joeu-enlank* „jare lank” (W. Kloeke: *Zwolsche Schetsjes*, 17 en 38), *aller-*, *allerbeste* (De Jong, A. M.: *Het Boze Gerucht*, 213) e.d.m., al is die Nederlandse dan meesal 'n „en”-kompositum.

(Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: b.nw., bv. *hoenderpootmoeg* (komparatief-intensief) en *stopstraatbewus* is normale uitbreidings van stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat, maar word selde gevorm. Vergelyk § 28 en § 29.

## Komposita met 'n Stam met 'n Bywoord-korrelaat as Kern

### § 35 Stam met bw.-korrelaat + Stam met bw.-korrelaat (iteratief) : bw.

Omdat *amper*, *byna*, *net* ens. net bywoorde is, kan *amper-amper*, *byna-byna*, *net-net* ens. nouliks as iets anders beskou word dan as stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat (iteratief).

Maar *effens*, *fyn* ens. is b.nw. en bw. Moet *effens-effens* en *fyn-fyn* nou beskrywe word as stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat wat, net soos 'n nie-samegestelde b.nw., as bywoord fungeer, of moet dit as stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat beskrywe word?

Vir die volgende paragrawe is as volg gekies: as 'n gegewe woord en in iteratiewe en in nie-iteratiewe vorm in dieselfde sin kan optree as bywoord, word die iteratief ook beskou as die iteratief van daardie bw.-korrelaat en nie van die b.nw.-korrelaat nie. Dus, al is bv. *effens*, *fyn*, *stil* ens. ewe goed b.nw. as bywoorde, word hulle iteratiewe vorm hier beskrywe as stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat omdat naas bv. *Dit was net effens-effens te kort*,

*Ons het hom fyn-fyn dopgehou*,

*Hy het sommer so stil-stil verdwyn*, ook voorkom:

*Dit was net effens (bw.) te kort*,

*Ons het hom fyn (bw.) dopgehou*,

*Hy het sommer so stil (bw.) verdwyn*.

Die tipe het 'n flink gebruiksfrekwensie, met voorbeelde soos:

*byna-byna* in *Meraai skrik haar so byna-byna kis* (Mikro: *Gonnakolk*, 123), *Minstens een keer het die polisie hom al so byna-byna gehad* (*Die Burger*, 23.8.1957);

*fyn-fyntjies* in *Sy het dit fyn-fyntjies in die tee gedruk* (*Die Sarie Marais*, 3.9.1952);

*hier-hier* in *Net hier-hier sal hy hom vastrap* (A. H. Jonker: *Gebeurtenisse*, 133);

*kort-kort* in *Die oubaas slaan kort-kort houe met die sambok*;

*laag-laag* in . . . 'n bed wat laag-laag op die grond is . . . (Mikro: *Gonnakolk*, 83);

*nou-nou* in *Dit is nou, sommer nou-nou* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 58);

*saam-saam* in *En saam-saam wou hul bewegings ook nie vlot nie* (*Die Burger*, 18.8.1952);

*verlang-verlang* in *Ek het al so verlang-verlang verneem* (Mikro: Toiings, 83);  
*vroeg-vroeg* in . . . *en ek ver wag hulle môre vroeg-vroeg op die dorp* W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 49).

Of 'n gegewe iteratiewe verbinding as kompositum dan wel as soort woordgroep beskou moet word, hang meesal af van die tempo van die verband, bv. *Stram, stram sukkel die ou orent* of *Die ou het stram-stram opgevlie*.

Almal is intensiewe, maar in 'n enkele geval het die iteratief 'n ander betekenis as die enkelwoord, nl. *kort-kort* „dikwels”.

Begripsoortelik behels die tipe hoofsaaklik bywoorde van graad, wyse en tyd, soos in die voorbeelde hiervoor.

Die tipe is tuis in elke stylsoort, maar kom tog die meeste voor in wat Bouman<sup>1</sup> die innige styl genoem het, in die omgangstaalstyl.

### *Diachronie*

Die herkoms van die tipe is nog 'n enigins betwiste vraag. Bouman<sup>2</sup> noem nie Nederlandse voorbeelde nie, maar op grond van die absolute gelykheid van betekenis, funksie en sintaksis, sal *blou-blou*, *gou-gou*, miskien *so-so* en *sito-sito* wel as erfgoed beskou word. Hoe is die ander Afrikaanses dan gevorm?

Analogies? Dit lê voor die hand, maar dit hoef nie, want baie kon ook normaalweg, met versnelde praattempo, ontwikkel het uit herhalings. Maar waarom sou dit dan in Afrikaans so dikwels en in Nederlands so selde gebeur het?

Die antwoord is dat dit nie in Nederlands so selde gebeur het as wat die vakliteratuur tot 1957 voorgegee het nie. Scholtz<sup>3</sup> het al 'n lysie van 14 gegee, nl. *cito-cito*, *piano-piano*, *gauw-gauw*, *half-half*, *zo-zo*, *lekker-lekker*, *knus-knus*, *kwasi-kwasi*, *zo mè zo mè*, *kirrie-kirrie*, *kaar-kaar*, *lul-lul*, *lutse-lutse*, *gevens-gevens*.

Dan sou ons aan die lysie hier bo waarskynlik nog *half-half*, en *lekker-lekker* moet (kon) toevoeg as erfgoed. Daar is nog meer in Nederlands, bv. *kile-kile* (of *kiele-kiele*: Woudrichem en Gorinchem); *sam-sam* in *sam-sam doen*; *lak-lak* in *Je kon immers doen of Villa Soleil je lak-lak liet* (N. V. Mateor: *Havant*, 131); *krap-krap* in *Die werkman heeft het niet breed, het is krapkrap bij hem. Die wil reizen om zich te verlustigen mag van krapkrap niet weten* (W. de Vries: *Iets over Woordvorming*, 183).

Hoe het die res van die Afrikaanses dan ontstaan? Volgens Scholtz nie analogies nie, maar een-een, uit sinsverband, hoofsaaklik deur sneller

1. Bouman, A. C.: „Onderzoekingen over Afrikaans syntaxis”.

2. Bouman, A. C.: „Over Reduplicatie en de Woordsoorten” *De Nieuwe Taalgids* XXXIII, 337.

3. Scholtz, J. du P.: „Reduplikasieverskynsels in Afrikaans”, 10.

praattempo. Hiermee kan ook vergelyk word wat De Vries oor Duits *kaumkaum* „byna-byna” sê:

„Het ontstaan der verdubbeling in ouder nhd. *kaumkaum* kan men zich licht voorstellen, uitgaande b.v. van het slot van Schiller, Die Sänger der Vorwelt: Denn noch von auszen erschien, im Leben, die himmlische Gottheit, Die der neuere kaum, kaum noch im Herzen vernimmt.”<sup>4</sup>

Sover ons kennis van Nederlands tans strek, kom iteratiewe bywoorde daarin minder voor as in Afrikaans, en seker is hulle in die algemene Nederlands minder bekend as die Afrikaanses in algemene Afrikaans, maar daar is geen aanduiding van nuwe taalprosesse hierby in Suid-Afrika nie, behalwe die feit dat Afrikaans meer volkstaalvorm is.

### § 36 Preposisioneel-adverbiale Komposita [?]

Die vraagteken hierbo beteken dat dit nie sonder meer duidelik is dat en of dié gevalle inderdaad komposita is nie, bv.

<i>agteraf</i>	<i>haaragter</i>	<i>oorboord</i>	<i>tussendeur</i>
<i>andersom</i>	<i>hotagter</i>	<i>reguit</i>	<i>vaneen</i>
<i>bo-aan</i>	<i>kortaf</i>	<i>rondom</i>	ens.,

miskien selfs *haar-af*, *nerf-af* ens.

Van die blote feit dat hulle aanmekaar geskryf word, mag ons nie aflei dat hulle komposita is nie. Dan sou ons ewe goed van die skryfwyse van bv. *aan kant*, *haar om*, *hot om*, *reg voor* ens. moes aflei dat hulle nie komposita is nie. Maar dan sou ons taalkundige verskille tussen die vas- en die los-groep moes aantoon. Daarom kan maar direk gevra word of daar sulke verskille is?

Die vyf erkende eienskappe van komposita is eenheid van aksent, morfologie, funksie en semantiek, en versnelde tempo van uitspraak. Daar is geen verskil in aksent tussen bv. *andersom*, *oorboord* en *rondom* enersyds, en bv. *hot om*, *aan kant* en *reg voor* nie. Morfologies is daar 'n verskil: daar word soms gepraat van *My kamer is aan kanter as joune*, maar dit pleit vir *aan kant* as kompositum. Funksioneel word *aan kant* byvoeglik gebruik, en *haar om*, *hot om* en *reg voor* op twee maniere, nl.

(a) so dat die twee woorde saam bywoordelik fungeer: *Hy hou haarom/hot om*, *Hy staan reg voor*, wat dus om die funksionele eenheid daarvoor pleit dat die verbinding as kompositum beskou word, en

(b) so dat die eerste woord bywoordelik fungeer en die tweede preposisioneel, bv. *Hou haar om/hot om die boom* en *Hy staan reg voor ons*, wat wys na 'n beskouing dat ons hier nie komposita het nie. Maar o.a. *bo-aan*, *reguit* en *rondom* word ook as tweehed gebruik, bv. *Hy sit heel bo aan tafel* e.d.m.

4. De Vries, W.: *Iets over Woordvorming*, 183.



Verdere kenmerktoetse bevestig net verder dat ons nie op grond van die aanmeekaarskrif van sommige van hierdie woordverbindings mag besluit dat hulle dus komposita is en dié wat los geskrywe is, dit nie is nie.

Was ons skryfstelsel ongebonde genoeg om op taamlike groot skaal veranderinge te ondergaan, sou dit moontlik wees om op grond van die voorgenoemde eenheidskenmerke die skryfwyse van dié gevalle anders te reël. Maar ons skryfstelsel is nie meer vry nie, sodat ons ons kan beperk tot die gesigspunt van die verbindings as sodanig. En dan moet 'n verskeidenheid van tipes onderskei word:

### § 36.1 Stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat (nie-iteratief) : bw.

*agter-in*

*agterlangs*

*agteroor*

*bedoord-waardig* in „Maar kyk” sê die oubaas *bedoord-waardig* (A. H. Jonker : *Die Trekboer*, 129)

*gemaak-ongeërg* in . . . *gemaak-ongeërg klim hy af* (A. H. Jonker : *Die Plaasverdeling*, 169)

*dik-rooi* in *Sy het in die skemerte haar oë dik-rooi gehuil* (Hettie Smit : *Sy kom met die Sekelmaan*, 47)

*inmekaar-vooroor* in *Inmekaar-vooroor het hy in die saal gesit* (A. H. Jonker : *Die Kanker van die Jare*, 32)

Hierby moet tussen ten minste twee soorte gevalle onderskei word, nl.

1. die tipe *bedoord-waardig*: die komponente is stamme met bw.-korrelate en/of predikatiewe vorme van die b.nw.-korrelate en
2. die tipe *agter-in*: een of altwee komponente is, behalwe stam met bw.-korrelaat, ook stam met voorsetsel-korrelaat, afhange van die sinsverband.

Die tipe 1. *bedoord-waardig* (bw.) verskil alleen in funksie van die ooreenstemmende stam met bw./b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat : b.nw. (§ 23) en hoef dus nie verder bespreek te word nie. Aan tipe 2. *agter-in*, *agter-langs* ens. sit allerlei probleme vas :

(a) Wanneer is of vorm sulke verbindings komposita en wanneer is hulle losser verbindings?

Op die gebruikelike skryfwyse kan hiervoor nie peilgetrek word nie: daar is byvoorbeeld geen grammatiese verskil tussen *haaragter* en *haar om* nie, en tog is dit hulle offisiële skryfwyse. 'n Konsekwenster skryfreëling sou moontlik wees indien Die Taalkommissie bereid sou wees om die bestaande praktyk te wysig.

Met die meeste van dié gevalle is dit so dat, as die twee woorde saam as

bywoord optree, hulle ook as eenheid geskrywe word, bv. *agterna*|-langs/ -op/|-oor, *bolangs*|-om, *onderdeur*|-om/|-oor ens.

Word die twee deur 'n s.nw. gevolg, word hulle meesal as tweeheid geskrywe, bv.

<i>agter langs die wa</i>	<i>bo langs die rivier</i>
<i>agter op die bak</i>	<i>bo uit die bottel</i>
<i>agter oor die muur</i>	<i>onder deur die drif</i> ens.

Tog skrywe ons: *Hy sit bo-op hom* en *Hy val bo-oor 'n mens*. Dit sou nie 'n ingrypende wysiging wees om te skrywe *Hy sit bo-op* en *Hy klim bo-oor*, maar *Hy sit bo op hom* en *Hy klim bo oor 'n mens* nie.

Omdat hierdie bundel nogtans nie met sulke gesigspunte te make het nie, beperk ons ons tot die grammatiese gesigspunte wat daaraan vassit.

'n Oorsig van verskillende vergelykbare verbindings bring aan die lig dat die inkonsekwente skryfwyse saamhang met duidelike, sy dit dan klein, verskilletjies.

(b) Die gevalle *agter-in*, *agterna*, *regoor*, *reguit* ens. verteenwoordig 'n paar subtypes. Om dit in perspektief te sien, is dit nodig om na die verbindings as sodanig te kyk, afgesien van hulle skryfwyse.

Ons het hier naamlik verbindings van stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat en van stam met bw.-korrelaat + stam met voorsetsel-korrelaat, maar 'n groot verskeidenheid verskillende sinsverhoudinge:

1. 'n Paar verbindings is komposita met die aksent op die laaste komponent en uitsluitend met bywoordelike en/of byvoeglike funksie, bv. *agterna*, *agteruit*, *agteroor*, *agterop*, *agterstevoor* (ook b.nw.), *onderstebo* (ook b.nw.), *ondertussen*, *vooroor* ens. Hulle fungeer nooit as voorsetsel nie.
2. Bywoord en bywoord of bywoord en voorsetsel staan toevallig naas mekaar, maar het niks met mekaar te maak nie. Hockett<sup>5</sup> noem dit „accidental concatenations”, bv. *Hy spring agter oor die muur*. Kyk *agter na die kinders* (*agter* gaan saam met resp. *spring* en *kyk*). Die dele van sulke skynverbindings kan uit die aard van die saak nie tot nouere eenheid groei nie.
3. Die tweede komponent is soms ook 'n voorsetsel, maar kan nie deur 'n bepalende of 'n bepaalde s.nw. gevolg word met behoud van die kernbetekenis van die stam met bw.-korrelaat + stam met voors.-korrelaat nie, bv. *Sit regop die stoel* teenoor *Sit reg op die stoel*.
4. Die tweede komponent is bywoord as daar geen bepaalde s.nw. op volg nie en voorsetsel as daar wel so 'n s.nw. volg, bv. *Hy spring bo-oor*. *Hy loop bo-op* en *Hy spring bo-oor die draad*. *Hy sit bo-op die kas*.

5. Hockett, C. F.: *A course in modern linguistics*, 169.

Daar is heelwat sulke woordgroepe in Afrikaans, maar min wat as komposita erken word, bv. *agter + op*, *agter + in*, *binne + in*, *bo + in*, *bo + om*, *onder + in*, *voor + aan/in/om* ens.

Van dié tipe skrywe die *Woordelys en Spelreëls* onder meer die volgende aaneen: *binne-in*, *bo-aan*, *bodeur*, *bo-oor*, *bo-op*, *naasaan*, *onderaan*, *tussendeur*, *tussenin*, *vooroor* ens., maar sonder 'n mededeling of dit samegestelde bywoorde of ook (!) samegestelde voorsetsels is.

Die algemeenste praktyk is om die bywoorde as komposita te skrywe en die meeste samegestelde voorsetsels as woordgroepe (dus los).

### *Diachronie*

Die meeste verbindings is ook Nederlands, sodat ons die tipe as geërf kan beskou. In elk geval is dit geneties sonder probleem: stam met bw.-korrelaat + stam met voors.-korrelaat is 'n ou soort verbinding, bv. Nederlands *boven op*, *vlak bij*, asook stam met bw.-korrelaat + stam met bw.-korrelaat, bv. *heel boven*, *dicht bij* (vergelyk *nabij*) ens. As die voorsetsel nou ook bywoord is, soos *deur*, *in*, *om*, *op* ens., en/of die laaste komponent van die verbindingstam met bywoord-korrelaat + stam met bywoord-korrelaat ook voorsetsel, soos *oor*, *uit*, *voor* ens., steun die twee mekaar sodat samegekoppelde bywoorde en/of voorsetsels maklik kan ontstaan of in getal uitbrei.

Vergelyk hieroor ook Overdiep :

„Het verduidelijkende of verzwarende adverbium gaat ook vooraf aan het voorzetsel: Er zit iemand *boven op* den muur. *Vlak bij* de deur. Drentsch en Gron. : *Stoef bi* deur. Een tocht maakte hij *dwars door* Borneo. *Ver van* de stad stond zijn huisje. *Kort na* je vertrek (*Een uur na* je vertrek). Steevaste verbinding geworden is *rondom*: *Rondom* die nagemaakte sociëteitszaal (Aug. de Wit). Zelfs wordt deze nieuwe praepositie weer versterkt door een adverbium: *Rondom* den Tjerimai *heen* verdrongen zich de heuvelen (Aug. de Wit). Drentsch: *Rondom* 't hoes toe.— *Rondom* kan trouwens ook als *adv.* volgen: Het speelt, den steen *rondom* (G. Gazelle). *Rond* kan ook volgen: Daar walmen geuren *om* mij *rond* (Perk).”<sup>6</sup>

### § 37 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met bw.-korrelaat : bw.

*bankvas* in *Daar lê sommer nog bankvas baie werk voor knipmes-om* in *Ons spring toe knipmes-om*  
*namiddag-skuins* in *Die son, reeds namiddag-skuins van stand, broei met 'n drif op die wêreld* (D. F. Malherbe : *Vlam van die Suurveld*, 2)

6. Overdiep, G. S.: *Stilistiese grammatika*, par. 240.

*punteerste in Die torpedojaer . . . het kort daarna punteerste na onder ge-  
duik (Die Burger, 15.11.1939)*

*strykdeur in Maar my kop was maar strykdeur aan 't werk (Die Burger:  
Die Byvoegsel, 22.9.1956)*

*tonguit in Die hele middag werk ek my tonguit vir haar opsitkerse (D. F.  
Malherbe: Vlam van die Suurveld, 4)*

Veel hiervan het Afrikaans nie, en die weinige wat ons wel het, is geneties  
klaarblyklik 'n ongelyksoortige groep:

*bankvas* is ook b.n.w. (WAT I, 331) en die bywoord kan die predikatiewe  
vorm daarvan wees. Vergelyk § 29;

*kniptes-om* lyk na taalspel by *kortom* (*spring*);

*namiddag-skuins* kan 'n analogievorming wees by bv. *dagver*, *wawyd*,  
*landswyd* e.d.m.;

*punteerste* kan gevorm wees na analogie van *kop onderstebo*, *hande om-  
hoog*, *kop omlaag* e.d.m., en hoef nie as kompositum beskou te word  
nie;

*strykdeur* is 'n verkorte sametrekking van *een stryk deur*;

*tonguit* is duidelik gevorm na analogie van *poot-uit* (§ 30.2).

*Sononder* en *sonop* is blykbaar 'n paar, maar hoe het hulle ontstaan?  
Moontlik uit bv. *met die son onder/op . . . sal dit beter gaan* tot bv. *met  
son op/onder* tot *sonop/-onder*, moontlik in aansluiting by adverbiale be-  
palinge soos *Maandag is ons daar. Hulle kom aanstaande jaar. Maandag  
kom elke week weer*. *Aanstaande jaar* is nou vlak by ons e.d.m., waarin  
*Maandag* en *aanstaande jaar* èn as bywoord èn as s.n.w. voorkom.

En *son-uit*? Dit lyk na analogie by *sononder* en *sonop*.

**Opm.:** Stam met s.n.w.-korrelaat (<superlatief) + stam met bw.-korre-  
laat: bw./b.n.w., bv. *agterstevoor*, *onderstebo*: Dit is geen ope analogietipe  
nie. Dit is 'n reduksievorm van *met die agterste* „agterste deel” *voor/met  
die onderste* „onderste deel” *bo*.

### § 38 Stam met ww.-korrelaat + Stam met bw.-korrelaat : s.nw.

Afrikaans het bitter weinig hiervan, bv. die geërfde *deugniet* en *klimop*,  
en eiegoed soos *blaasop* „anghorabok met stywe hare”, en „vissoort” –  
meesal diminutief: *blaasoppie*, *keerweer* „doodloopstraat”, *roltoe* „dui-  
sendpoot”, *snuffelgraag* „snuffelaar, verstokte leser”, *trapsuutjies* „ver-  
kleurmanneltjie; stadige mens, harmansdrup”.

*Keerweer* is die Nederlandse *keer weder* „weer”, net met 'n Afrikaanse  
betekenis.

Of die ander eiegoed analogies by *deugniet* en *klimop* gevorm is, is nie  
duidelik nie: *blaasop* miskien by *klimop*, maar die res?

Indien hulle nie analogies gevorm is nie, is dit wel interessant dat hulle volkome ooreenkom met ander Nederlandse gevalle soos *flapuit*, *kruipin*, *stavast*, al drie s.nwe. en al drie ook hoofsaaklik in verband met mens, dier en plant gebruik.

Van *flapuit* sê die WNT (III, 4514) onder meer: „Van *Uitflappen*”, sonder inagneming van die verskil in woordorde tussen *uitflappen* en *flapuit*.

By *kruip-in* (WNT VIII, 418) word ook niks van die vormingswyse gesê nie, wel dat dit „nauwe, kleine woning, krot; woning, verblijf” beteken.

Van *stavast* sê die WNT (XV, 890): „Koppeling van *Sta*, gebiedende wijs van *Staan*, en *Vast*, bijw.”, en daarby word verwys na die verbale gebruik in *sta vast*, die gebiedende wys. Dit is sinvoller as wat by *flapuit* staan, want dit verklaar die vorm.

As imperatief-komposita kan ook *trapsuutjies* beskou word, of, so nie, saam met *roltoe* en *snuffelgraag*, as samekoppeling van werkwoord en bywoord – vergelyk *Hy trap suutjies/snuffel graag/rol toe* – wat dan byna in ’n soort selfnoemfunksie naamwoordelik gebruik word. Dit is indien nie-imperatief opgevat, dan ook vergelykbaar met Afrikaans en Nederlands ’n deugniet en met Nederlands *bedrijfjal*, *beschikal* of *doeniet*, *durf-niet*, *weetniet* e.d.m.<sup>7</sup> De Vries wys ook daarop dat die tipe *kijk-in-den-pot*, *spring-in-'t-veld*, *sta-in-den-weg*, en vergelyk Afrikaans *kruidjie-roer-my-nie*, *wag-'n-bietjie* e.d.m. (§ 70) in hoë mate hiermee ooreenkom.

Dan was dié tipe dus wel produktief in Afrikaans en op Nederlandse wyse, maar nie soveel as in Nederlands nie.

### § 39 Stam met *ww.-korrelaat* + Stam met *bw.-korrelaat* : *ww.*

*houvas*

*pasop*

Dat dit, altans in sommige mense se taal, komposita is, word aangetoon deur bv. *Hy het dit gehouvas* en *Ek het mos gepasop*, asook *Jy moet houvas/pasop* i.p.v. *Jy moet vashou/oppas*.

Die probleem hier is net waarom die bywoord sy posisie ná die werkwoord soms handhaaf. Want stel teenoor *Jy moet houvas/pasop* bv. *Jy moet kom hier\** / *gaan weg\** / *werk lekker\** wat nie Afrikaans is nie, hoewel *Kom hier!*, *Gaan weg!*, *Werk lekker!*, net sulke goeie en normale Afrikaans is as *Hou vas!*, *Pas op!* e.d.m. Dit lyk duidelik dat die woordorde van die bevelvorm van *hou vas* en *pas op* geperseveer het ook in nie-bevelsverband: „*Ek sal houvas/pasop*.”

7. Vergelyk De Vries, W.: *Op. cit.*, 172.

## Komposita met 'n Stam met S.nw.-korrelaat as Kern

## § 40 Stam met b.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : b.nw.

*dikbek**dikoulap* „baie lui”*dikstewels* „parmantig”*droëlewer**guslyf* „vrybaar, hubaar”*hardekoejawel* „aanstellerig, trots, hoogmoedig”*hardekwas* „aanstellerig”*harderibbes* „astrant, te groot vir jou skoene”*heilwater* „vernuftig, bekwaam”*kaalkop**kortasem**langhand* „skelm”*langoog* „jaloers”*ligvoet* „flou” (van koffie bv.)*losklos* „so dat nie op jou staatgemaak kan word nie”*malkop**platsak**rooi-oog* „moordlustig, kwaad, kwaai” (G. H. Franz : *Rabodutu*, 2)*seervoetjies* „dronk”*skoonveld* „weg, soek”*stroopkop* „dronk”*toekop* „onnosel”

Waarskynlik sal nie meer as sowat tien hiervan algemeen bekend wees nie, met ander woorde die meeste is (nog) streektaal of individuele taalgebruik.

Dit kan vir die genetiese belang wees om daarop te let dat verreweg die meeste net of hoofsaaklik predikatief verskyn.

Verder val op (a) dat die meeste i.v.m. mense, menslike eienskappe en toestande, gebruik word, en (b) dat die meeste (15 van die 21) die naam van 'n liggaamsdeel of wat daarmee verband hou (*sak*, *stewels*) as laaste komponent het.

Die genetiese hiervan is nog 'n onuitgemaakte saak. Al wat in die literatuur oor die ontstaan van Afrikaans vasstaan, is dat *platsak* uit Nederlands geërf is. Hoe kom ons dan aan die res?

Die probleem lê by die funksie, nie by die besondere komponente of die wyse van verbinding nie. Onder meer *dikbek*, *dikmond*, *droëlewer*, *kaalgat* is ook gewone Nederlands, maar in Nederlands is hulle net s.nwe. Hoe word hulle tot b.nwe. in Afrikaans?

Vanweë die groot ooreenkoms tussen b.nw., bywoord en s.nw. hier, sal dié vraag bespreek word saam met bywoord en s.nw.

#### § 40.1 Genetiek van stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.korrelaat : b.nw./bw.

Daar is heelwat geskrywe oor die moontlike genetiek van dié verbinding in byvoeglike funksie.<sup>1</sup> Net een presiese Nederlandse parallel is genoem naamlik *plazak zijn*, wat egter as uitgangspunt tot die Afrikaanse verwerp is omdat dit in Nederlands 'n unicum, net één, is. Le Roux<sup>2</sup> het daarop gewys dat in Nederlands talle verbindings van b.nw. + s.nw. > s.nw. in één opsig egter nie unica is nie, naamlik dat hulle voorkom met *hebben* en *zijn*, hoewel altyd met die lidwoord daarby, dus bv. *Hy is/heeft 'n domkop/langtong/lekkerbek* ens. (Le Roux noem 12 voorbeelde.) Verder wys hy op die fakultatiewe aan-/afwesigheid in Nederlands van 'n in bv. *Hij is rechter maar tevens mensch* ens. en hy skyn dan te meen dat die 'n in Afrikaans net verdwyn het (moontlik in die mond van Kleurlinge).

Lê 'n mens nou materiaal hiervoor aan, blyk dat daar soveel ooreenkoms is tussen b.nw. en s.nw., kompositum en woordgroep, as s.nw., bywoord en b.nw., dat ons die stelsel skeef sien as net na een of twee funksies gekyk word. Daarom neem ons hier al drie.

Ons het in Afrikaans, soos bekend, talle komposita (en woordgroepe) van b.nw. en s.nw., bv. *groenmielies*, *rooimier*. Woordsoortelik hieraan gelyk is bv. *dikstert* „skaap” en „akkedis”, *domkop*, *grootbek* ens., maar hulle verskil van mekaar hierin dat laasgenoemde nie letterlik opgevat moet word nie, eersgenoemde wel: 'n *dikstert/domkop/grootbek* is nie „'n stert, kop of bek” nie, maar „iets of iemand met so 'n stert, kop” ens. – vandaar ook die naam possessief-komposita of bahuvrīhi – maar *groenmielies* en *rooimiere* en *wildehonde* is wel „mielies” en „miere” en „honde” (of mense wat hulle so gedra), nie „mense of diere of dinge met mielies, miere of honde” nie.

Tussen die twee lê bv. *dronklap*, *domoor*, *goedsak* ens. wat ook nie „'n lap”, „'n oor” of „'n sak” is nie, maar wat ewe min beteken „iemand met so 'n lap, oor of sak”. Dié interesseer ons hier nou nie en ons werk nou verder net met die possessief-groep.

Hiervan het ons in Afrikaans :

##### 1. selfstandige naamwoorde,

bv. *dikkop/-lip/-mond/-pens*, *grootbek/-haan/-kop/-mond* ens.

In die sinsvorm *Wie is dié . . . ?* of *Hy/sy is 'n . . .*, dus met *is* verbind, word sulke gebruikelike verbindings gewoonlik as komposita geskrywe: *Wie is die/Hy is 'n dikkop, grootbek* ens.

1. Hesseling, D. C. : *Het Afrikaans*, 112.

2. Le Roux, J. J. : *Oor die Afrikaanse sintaksis*, 76.

Met *het* daarby, word hulle meesal as woordgroepe behandel, dus bv. *Hy het so 'n dik kop/lip, groot bek/mond* ens.

Word dié groep of kompositum met 'n verdere s.nw. verbind, bv. *dik + kop + skaap, dik + lip + mense, groot + bek + kinders* ens., is die drie saam tot nog toe as komposita behandel en dan geskrywe *dikkop-skaap, diklipmense, grootbekkinders* ens.<sup>3</sup>

Van belang is verder dat die tweeledige verbinding dikwels met 'n voorsetsel, veral *met*, as bepaling optree, bv. *met 'n dik kop rondloop, met 'n dik lip sit, met 'n groot mond loop en raas* ens.

Meganies of meganisties beskou, sou 'n mens hierdie bepalinge waarskynlik bywoordelik wou noem omdat hulle so nou met die werkwoord(e) saamgaan, en dan lyk dit ook op bepalinge van wyse of manier: antwoorde op die vraag „hoe iemand/iets loop, sit, praat” ens. Maar hulle kan ook so gerealiseer word dat hulle, by die persoon of ding dan, dus by die selfstandige naamwoord of voornaamwoord die toestand aangee, in welke geval hulle eerder byvoeglik genoem kan word. Hierin staan hulle nie alleen nie, want as ons sê *Iemand is gesond veld toe en hy het siek teruggekome*, kan *gesond* en *siek* ook op twee maniere opgevat word, naamlik dat dit wyse aangee en dan bywoord is<sup>4</sup> òf dat dit toestand aangee (by die s.nw. of vnw.) en dus b.nw. is.

Die verbinding b.nw. en s.nw. word dikwels ook predikatief gebruik by persoonsname, bv. *Piet grootbek, Piet losbol, Hans platgesig, Jan blinkgesig, Jan rooiwang, Flip vroomgesig, Klaas malkop* ens.

Dis interessant dat in hierdie aanwending dikwels verbindinge verskyn wat andersins nie, of selde, as komposita voorkom nie, bv. *blinkgesig, rooiwang, vroomgesig* ens.

Begripsoortelik val op dat, in die lys waarmee hier gewerk word, 82% van die voorbeelde 'n mense- en deels dierekategorie vorm, d.w.s. gebruik word ten opsigte van mense, bv. naas dié wat reeds gegee is, *dwarskop, kaalkop, kromrug, langbeen, losbol, platvoet* ens. en ten opsigte van diere, bv. *dikkop* „voël”, *grootoog* „vis”, *langoor* „donkie”, *vetstert* „skaap” ens. By mens en dier is dit liggaamsdele wat genoem word, veral die volgende: *been, bek, kop, mond, nek, neus, oog, oor, pens, rug, tong, voet* ens.

Die eerste komponente is byna uitsluitend eenlettergrepige b.nwe., veral die volgende:

<i>breë</i>	<i>dwars</i>	<i>kaal</i>	<i>plat</i>	<i>wit</i>
<i>dik</i>	<i>fyn</i>	<i>kort</i>	<i>skeef</i>	ens.
<i>dom</i>	<i>groot</i>	<i>lam</i>	<i>skeel</i>	
<i>droë</i>	<i>harde</i>	<i>lang</i>	<i>smal</i>	
<i>dwaas</i>	<i>hol</i>	<i>leë</i>	<i>vet</i>	

3. Posthumus, M. J.: *Die vry preadjunk in Afrikaans*. Dit is een van die tipes waarvan Posthumus betoog het dat die eerste twee dele saam 'n vry preadjunk is en dus los geskrywe sou kon word, dus bv. *dikkop skaap* ens.

4. Basler, O.: *Der grosse Duden Grammatik der deutschen Sprache* doen dit so.



2. *byvoeglike naamwoorde,*

bv. *dikbek/-mond, grootbek, hardekwas/-gat, kaalpoot/-voet* ens.

Ons het baie minder b.nwe. as wat ons s.nwe. het. Van 'n lys van 62 s.nwe. is net 27 ook b.nwe. bv. *loskop, kromrug, platneus, platvoet* ens. S.nwe. wat nie ook as b.nwe. gevind is nie, is o.a. *dikstert, domoor, dwarskop, langhaar, langoor, losbol, skewebeke* ens.

Hiernaas is daar ook b.nwe. wat nie as s.nwe. voorkom nie, nl. *dikvel* (meesal *dikvellig*), *hardegat* (*hardegatte* kom soms as s.nw. voor: *Al die hardegatte moet oppas*), *hardekoejawel, hardekwas, platsak* en dan die berugte *droëlewer*,<sup>5</sup> in totaal net ses! Hiervan word almal behalwe *dikvel* en *droëlewer*, ook attributief gebruik.

Die komponente van die b.nwe. is meesal dieselfde as dié van die s.nwe., behalwe *koejawel, kwas* en *lewer*.

Dan lyk dit

(a) asof die s.nw. en die meeste b.nwe. van dieselfde bron kom òf dat die een uit die ander kom, en

(b) asof daar by *hardekoejawel/-kwas* en *droëlewer* ook nog iets anders aan die hand was.

3. *bywoorde,*

bv. *lang(s)been (sit), langtand (eet), langvinger (skiet), wydsbeen (loop).*

Ons het baie min, naamlik net dié vier, wat uitsluitend bywoord is, behalwe as 'n mens *holrug* ook net as bywoord sou beskou.

Daar is egter meer wat óók bywoordelik fungeer, d.w.s. wat s.nw. èn bywoord is, bv.

*dikmond praat*  
*grootoog rondkyk* „jou verwonder”  
*'n perd holrug ry*  
*kaalvoet rondloop*  
*loshande ry*  
*toemond/oopmond/toe-oë eet*  
ens.,

al is sommige hiervan as s.nw. nie komposita nie, maar woordgroepe, bv. *met sy oop mond/toe mond/oop oë ry, eet* ens.

Die tweede komponente kom almal ook by die s.nw. voor. By die lys eerste komponente van die s.nw. kom nou net *toe*.

Die begripsveld is dieselfde as dié van s.nw. en b.nw.

Op die Afrikaanse feite af lyk dit dus asof ons, op 'n geval of vier na, met dieselfde woorde te maak het, te wete s.nw. – waarvan 'n deel (43 + %) ook b.nw., en 'n deel (42%) ook bywoord geword het.

5. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 75; Hesseling, D. C.: *Op. cit.*, 112–113; Bosman, D. B.: *Oor die ontstaan van Afrikaans*, 86, 140; Boshoff, S. P. E.: *Volk en Taal van Suid-Afrika*, 288.

Om dit te toets, moet die Afrikaanse feite nou naas die Nederlandse gestel word.

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die Nederlandse feite is in belangrike mate dieselfde as in Afrikaans. 'n Paar van die hoofsaake is die volgende :

1. Nederlands het talle s.nw. van stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat van die tipe wat ons nou hier bespreek. Hier word gewerk met 'n lysie van 150, met voorbeelde soos *breebaard/-mond/-neus, dikbast/-bek/-kop/-mond/-pens, domkop/-kruin/-oor* ens., en in die sewentiende eeu al *kromtong, kaal-gat, stinck-uyt* (Paffenrode, 1657).

Die eerste en die tweede komponente is dieselfde as in Afrikaans. Vergelyk vorige bladsy.

2. Nie alle verbindingsie is komposita nie : *een dik hoofd, een dikke tong, een harde kwast* ens.

3. Stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat met nog 'n s.nw. (of twee) daarby as drieledige (of meerledige) kompositum, is in Nederlands wel nie 'n ope konstruksie nie, maar kom tog veelvuldig voor, met bv. *dikbekvink, kaalrughaai, langarmaap, langehalsklamp, langsprietbokter, platkop-kwik, platkopspijker, platluizenzalf*, al is hulle dan in die sewentiende eeuse skryftaal skaars. (Vergelyk ook § 60.2 hiervan.)

4. Gewone Nederlands was en is nog, die woordgroep voors. + b.nw. + s.nw. as bywoordelike groep, bv. *met lange tanden eten, met losse teugels rijden*.

5. Baie bekend was, in die sewentiende eeuse klugte veral van Asselijn en Bredero, die geprediseerde tweeledige verbindingsie, na 'n persoonsnaam, bv. *Jan Stompvoet, Evert Platbek, Jaep Rontvoet*. Vergelyk ook *aauwe lampoot, krombien*.

6. In verband met die vraag van woordsoortelike funksie is die posisie merkwaardig baie soos in Afrikaans. Daar is talle voorbeelde wat nie alleen die persoon, dier (of ding) benoem nie, maar ook die „toestand dat die (bv.) lippe/mond/kop ens. is soos deur die eerste komponent, die b.nw., benoem”, bv. *diklip*, waarvan die WNT III<sub>2</sub>, 2620 : sê :

„1<sup>o</sup>. Iemand wiens lippen dik zijn. // Een dik-lip grof, wanschapen, hooggebult, SPIEGHEL 51.2<sup>o</sup>. De toestand dat de lippen dik zijn. // Diklip, Diksmoel, Dikmond is, naar uitwyzen der benaaminge, niet anders dan eene onnatuurlyke misvorming van de lippen of den mond (*der paarden*), BERKHEY, N.H. 4<sup>1</sup> 176.”

Hoe na die s.nw. aan die b.nw. gekom het, blyk verder uit die volgende: by *diklippig* staan in die WNT III<sub>2</sub>, 2620 : „dik van lippen. // Dit volck was . . . wijt van mondt, plat van neus, breedt van aengesichte, dick-lippigh, breedt-tandigh enz., *Begin e. Voortg.* 8, 5b.” Daar kan hier weinig twyfel

wees: die woordgroepe *wijt van mondt*, *plat van neus* en *breedt van aengesichte* het presies dieselfde funksie as die afgeleide b.nwe. *dick-lippigh*, *breedt-tandigh*.

Vergelyk ook wat die WNT sê van *dikpens* (III<sub>2</sub>, 2621), *dikstaart* (III<sub>2</sub>, 2621), *dikkop* en *dikkopt* (III<sub>2</sub>, 2622) en Le Roux oor *kaalkopt*.<sup>6</sup>

Baie insiggewend is die Nederlandse gebruik van verbindinge met *plat* as eerste komponent, bv. *platneus* (WNT XII, 2426):

„1. Eigenlijk.//Plat-neuse. *Simo, simus: cui nares sunt depressae superius*, KIL. – Dat hy swart hair had, een platneus was, en bruin van vel, ZORGDRAGER, *Groenl. Vissch.* 31. Leelijke platneus! Om iemand uit te schelden. – Ook in toepassing op dieren met een platten neus; b.v. als naam voor bepaalde apen met breed neusbeen: *platneuzen* (lat. *Platyrrhini*), in Amerika.

2. Oneigenlijk. Een platje, guit, slimmerd. Gewestelijk (b.v. in N.-Holland). Evenzoo *platoor*.//’t Is ’en platneus. BOEKENOOGEN.

**Afl.** *Platneuzen*, bij HARREB. 3, 55a, vermeld in den zin van: den neus plat tegen het venster drukken, b.v. om in een winkel beter te kunnen zien.”

By *platvisch* gee die WNT XII, 2443 o.a. aan:

„– Iemand tot *platvisch slaan*, hem een flink pak slaag geven. Ook met betrekking tot vijanden die verslagen worden.//Hy (*de Engelschman*) randder vry onze Scheepen aen En ha ha Wy zullen hem gauw tot platvis slaen, bij SCHEURLEER, *V. varen en v. vechten* 3, 410 (a<sup>o</sup>. 1780.” En verder: „Met zinspeling op *Plat* in den zin van: slim, oolijk, soms ook schertsend voor: een slimmerd, leeperd. Verg. in denzelfden zin: *platneus*, *platoor*, *platvos*, *platzak*, *platte boender enz.*//ô Gy Platvisch! daar heb je een ouwe rot in de val, *Burg.* 604.”

Nederlands ken *platvoet* as s.nw. (WNT XII, 2443):

„Eigenlijk. Een platte, breede voet.

(a) In ’t algemeen.//Met zijn platvoeten maakte hij breede sporen in den weeken grond.

– Ook in eene andere toepassing. *Op zijn platvoeten loopen* (eigenlijk: *op den platten voet loopen*), schertsend voor: loopen. Verg. het ww. *Platvoeten*.//Ik het al een uur op myn platvoeten geloopt, sonder dat ik iemand het ontmoet. Die my het huis van O. heit kennen toonen! LANGENDIJK 4, 212.

(b) In ’t bijzonder. In de geneeskunde. Een voet die van onderen plat is, omdat door verzwakking der pezen de normale welving van den voet verminderd of verdwenen is, waardoor bij het loopen de geheele zool plat neergezet wordt.//De uitholling aan de binnenzijde van de voetzool is verdwenen, er heeft zich een Platvoet gevormd, STUMPF, *Ziekenverpl.* 43. De oude heer heeft platvoeten, BUSKEN HUET, *Rembr.* 2<sup>o</sup>, 547.

6. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 175.

– Ook als naam van een gebrek bij paarden. Zie de aanhaling//De Platvoet, zoo genaamd, omdat de voet plat en breed voorwaards uitloopt, waarmede de Hoorn dan, zelfs van de kroon af, platagtig nederglooit. Een gebrek, dat . . . dikwijls gevonden wordt by Paarden die veel in 't zand loopen en arbeidden, BERKHEY, *N.H.* 4, 1, 201 . . . Figuurlijk. In toepassing op een lomperd, een botterik. Verouderd.//Hy is een regte platvoet. *C'est un vrai pied-plat, un gros boeuf, un cheval de carosse, un maroufle*, HALMA. It 's een platvoet, een loeris, een plumpe vent. *C'est un pied plat, un bouvier*, MARIN – Een Liefhebber van de Haagsche Mercurius, voor wie te Londen een stuk gecomponeert werd tegens de jakhalzen en platvoeten, zullende de naam voeren van *Schandalum Magnatum*, begaan om dat sommige heerschzugtige niet kunnen gedoogen dat de Mercuriale aanmaaningen de gehoorzaamheid aan de Hoog-Overigheid zoo sterk recommandern, DOEDYNS, *Merc.* 2, 339.

– gewestelijk (bv. te Gent) ook : laffe vleier (SCHUERM., *Bijv.*)”

Die WNT (XII, 2444) gee dit ook as werkwoord aan :

„Loopen, in 't algemeen. Vooral ook: op en neer loopen, heen en weer gaan.//Wat souwe wy nou loopen plat-voeten langes straet? v. SANTEN, *Lichte Wigger* 12. Hij platvoette naar huis . . .”

En daarnaas *platvoetig* en *platvoets*, waarvan die WNT sê:

„*Platvoetig*, bnw. Van *Plat* (III) en *Voet* (of van *Platvoet*) met *-ig*. Platte voeten hebbende//*Plat-voetigh*. *Plautus*, KIL. *Platvoetig*. Met platte voeten. HALMA. De ganzen zijn platvoetige vogels, *Ald.*– De Water-vogels zyn plat-voetigh, swemmens halven, COMENIUS, *Deure d. Taalen* (36 a<sup>o</sup>. 1666).

*Platvoets*, bijw. Van *Plat* (III) en *Voet* met *-s*.

1) Met platte voeten, de voeten plat en gelijk houdende, met de beide voeten naast elkaar. In Z-Ndl.//*Platvoets* springen, DE KOCK en TEIRL., *Kindersp.* 1, 276. *Platvoets* rijden (*over sneeuw of ijs glijden*), 6, 232.

2) Op den platten voet, te voet. B.v. in tegenstelling met: op schaatsen. In Friesl. en Groningen. Daarnaast ook *platvoetjes*, in denzelfden zin (zie MOLEMA; *Fri. Wdb.* 2, 362b).//*Platvoets* op het ijs loopen.– Mijn broer was *platvoets*, v. DALE<sup>4</sup>.”

Dit lyk duidelik: in sewentiende-eeuse volksnederlands was daar 'n stuk of vyf weë waarlangs b.nw. + s.nw.:s.nw. tot die byvoeglike en/of bywoordelike funksie kon kom:

1. van die tipe *diklippig* > *diklip*,
2. van *diklipt* > *diklip*,
3. van *met dik lip(pe)* > *diklip*,
4. van *diklipmens*, waarin *diklip* byvoeglike funksie het, terug na *diklip*,
5. van *dik van lip* > *diklip*.

Nederlands het, sover bekend, nie bywoorde van hierdie tipe nie, bywoordelike woordgroepe egter volop, soos reeds hierbo gegee, bv. *op den platten voet lopen, te platten beurs gaan, met platte voeten* e.d.m.

Gevalle sonder voorsetsel, maar met adverbiale -s in die auslaut, sluit baie nou hierby aan, bv. *platvoets, platvoetjes, heelhuids, luidkeels*, en ook die tipe *binnensmonds, wydsbeen, droogmonds/keels*, d.w.s. met adverbiale s ook by die eerste komponent. In die meeste gevalle, soos ook al uit die voorbeelde hierbo blyk, het ons dieselfde komponente as in die Nederlandse s.nwe. en die Afrikaanse s.nwe., b.nwe. en bwe. Daar is dus op allerlei wyse woordsoortelik gespeel met die verbinding van b.nw. en s.nw. wanneer dit in verband met mense gebruik is.

Die enigste bekende Nederlandse b.nw. van die tipe is *platzak*. Daarvan sê die WNT (XII<sub>1</sub>, 2447):

„1) Iemand die plat van zak is of bij een platten zak wordt vergeleken; in verschillende toepassingen.

a) In de verbinding *platzak zijn*, plat van zak zijn, niets in den zak hebben. Als praedicatieve bepaling in gebruik en dus ook als bnw. opgevat.

b) In toepassing op iemand die geen geld in den zak heeft, wiens beurs plat is. Soms ook met verspringen van den klemtoon naar de tweede lettergreep. // Wij zijn nu *platzak*, *hebben geen geld meer*.— Nimmer greep ik in mijn tasch, Dat ik gantschlijk ‚platzak’ was, DE GÉNĒSTET 2, 14.

— Zelden ook als persoonsnaam. // ’t Is een *platzak*, *hij heeft geen geld*. Zoo ’n *platzak* wil doen of hij rijk is.— Op deze beurs waren het juist de *platzakken*, die ’t meeste geschreeuw maakten, TER GOUW, *Amstelod.* 1, 134...”

Wat ons hier interesseer, is hoe die kompositum dan predikatief gebruik is saam met *zijn* en/of sonder *een*. Het die Hollanders begin sê: *Wij zijn platzakken/Hij is een platzak*, en vandaar *Wij zijn/hij is platzak*? Dan kon dit in Afrikaans net so gebeur het, hoewel op uitgebreider skaal. Of het hulle begin met bv. *platzak thuishomen* (WNT XII<sub>1</sub>, 2447: 1a)? Maar dan moes dit tog begin het met *met plat zak thuishomen*. Het die voorsetsel dus verval? Dan kon dit, nog ’n keer, tog in Afrikaans ewe goed gebeur. En juis iets soos *platzak thuishomen* kan op twee maniere opgevat word. Vergelyk § 40.

Dit sou my nie verbaas as in die Nederlandse dialekte nog meer hiervan sou voorkom nie. Want dit lyk my asof die volgende geval baie naby aan ons tipe is, so nie miskien presies identies nie: ’k Ben *natschoey* „ek is natskoen” (M. de Swaen: *De Gecroonde Leersse*, 38). *Schoey* hang klaarblyklik nouer saam met *skoei* in bv. *op ’n ander lees geskoei*, maar in die verband waarin dit voorkom, beteken *natschoey* „natskoen, natvoet”—dus ’n b.nw. Die vermoemde koning het naamlik laatnag by die skoenmaker

binnegestap en hom gevra om hulp met sy verslete skoene: 'k *Ben natschoey* het hy gesê. Die WNT noem die geval nie.

Beslis nader aan ons soort geval is Nederlands *barvoet*, volgens die WNT uit *barvoets* (II, 1038). In Nederlands word dan gepraat van *barvoete kinderen* (WNT II, 1039 *barrevoets Aanm.*, wat dié vorm „minder juist” noem).

Presies so is *plat(s) barvoets*, in Nederlands b.n.w., en *lichtslaaps* ook (al is dit sintakties anders, nl. „licht van slapen”). *Platzak* is dus nie die enigste Nederlandse b.n.w. + s.n.w. wat b.n.w. word nie.

WAT noem net die bywoordelike funksie, en gee dan vorme met fakultatiewe (?) (*s*), bv. *blootsbeen(s)*, *blootshoof(s)*, *blootsvoet(s)*. As dié vorme met adverbiale *-s* werklik nog bestaan, sal dit waarskynlik net nog hier en daar by oumense of Nederlands-georiënteerdes wees, altans die meeste daarvan. In elk geval het dié *-s* dan wel gedeeltelik verdwyn. En byvoeglike funksie kom hierby sporadies wel voor, predikatief dan, bv. *En as julle nou so blootvoet(s) hier in die nattigheid is?*<sup>7</sup>

Het hierdie bywoordelike tipe met die postformans *-s* miskien in Afrikaans die *s* verloor en tot b.n.w. geword? Gedeeltelik wel, ja. Die hele posisie was naamlik as volg:

Sestiende- tot sewentiende-eeuse Nederlands het heelwat verbindingsgehad met 'n genitief *-s*, soos *goedsmoeds*, *goedstijds*, *droogsmonds*, sommige soos hier met die *s* by altwee dele, ander soms met *s* net by die laaste deel, soos *goedschiks*, *heelhuids* (ook *heelshuids*), ander met 'n adverbiale *s* net by die eerste deel, bv. *drooghsvoet*, sommige soms met 'n *s* by die eerste deel, soms met 'n *s* by die tweede deel, en soms met 'n *s* by altwee dele, almal bywoordelik gebruik, bv. *heelshoofd*, *heelhoofds* en *heelschoofds*, *heelshuid*, *heelhuids* en *heelshuids*, *luidskele* (W. Vlaams), *luidkeels* en *luidskeels* ens. Die *s* na die eerste komponent het vroeg reeds in Nederlands dikwels verdwyn of fakultatief verskyn, soos in *blootbeens* naas *blootsbeens*, *blootvoets*/*blootsvoet*, *droogvoets*/*droogvoets*, *heelhoofds*/*heelhoofds*. Maar soms het die laaste *s* verdwyn, soos in *heelshoofd* (WNT VI, 282), *heelshuid* en in ('n) enkele geval(le) het daar geen *s* oorgebly nie, soos in *barvoet* (b.n.w.).

Van die tipe met *s* by altwee dele het Afrikaans enkele behou, soos *goedsmoeds*, *blootsvoets*, enkele met *s* net by die eerste deel, bv. *wydsbeen*, *langsbeen*, heelwat met *s* (soms ou genitief, soms adverbiale *s*) net na die laaste komponent, bv. *heelhuids*, *luidkeels*, en ook sommige, so wil dit my voorkom, sonder *s*, hoewel daar in die Nederlands een of meer *s*'e was, bv. Afrikaans *droogmond*/*droëmond*, *droogvoet*/*droëvoet*, *wyemond* ens., Dit lyk my naamlik, wat die laaste betref, baie waarskynlik dat hulle nie nuwe Afrikaanse vorminge is nie, maar kom van die Nederlandse

7. Uit die spreektaal aangeteken.

*droogsmonds, droog(s)voets, wydmonds*. En al drie word meesal bywoordelik gebruik.

'n Ander vorm, wat reeds deur Le Roux e.a. genoem is, is die tipe *platboomd, kort-hield, dikkoft*, e.d.m. Le Roux het reeds daarop gewys dat, met die apokopee van *d/t* na *f, g, k, p* en *s* in Afrikaans „en by die Part. ook nog na ander konsonante” *kaalkofter* tot *kaalkofter* word (die Afrikaanse vorm).<sup>8</sup>

Dan sou ons van die volgende Nederlands al heelwat dergelike b.nwe. in Afrikaans kon gekry het, bv. *blauwkleurd/-neusd/-oogd* (> Afrikaans *bloukleur/-neus/-oog*), *dikbuikt/-haard* (> *dikbuik/-haar*, en met die stryd tussen *buik, maag* en *pens* dan ook *dikmaag/-pens*), *grootoogd* (> *grootoog*), *kortasemd/-heid/-oord/-steeld/-stamd* (> *kortasem/-oor/-steel/-stam*), *platboomd* (> *platboom*) ens.

Dat ons heelwat so sou kòn gekry het, is nie net 'n teoretiese moontlikheid nie: dit het vroeg reeds in Nederlands gebeur. Die b.nw. *hardsteenen* is daar „soms verkort tot HARDSTEEN” (WNT v, 2196). Die b.nw. *hardhandde* verskyn by Bredero al in die vorm *hart hangt*: „. . . die als Cornelis Tamesz van Gisp wat hart hangt zijn” (WNT v, 2167). *Kortstaart* word soms net so as b.nw. gebruik: „om . . . een beter dragen . . . te verkrijgen, wordt een gedeelte van den staartwortel . . . gecoupeerd, waardoor het paard dan kortstaart wordt” (WNT VII<sub>2</sub>, 5723). Ook *langbaart* verskyn sonder vormverandering as attributiewe b.nw.: „Met zegt dat eertijds 't schaap, de veers en langbaard geit zich . . . Met koning leeuw verbonden” (WNT VIII<sub>1</sub>, 1051).

*Platzak, barvoet, (natschoey?)* is dus glad nie sulke vereensaamde gevalle as wat dit aanvanklik gelyk het nie.

Maar selfs daarmee eindig die verhaal nie, want daar het in Nederlands ook nog, sy dit dan op 'n ander manier, 'n ander soort verkorting plaasgevind, naamlik verkorting van b.nwe. op *-ig*, soos in Nederlands (nie Afrikaans nie) *hardvocht*. Die WNT v, 2197 sê:

„*Hardvocht* komt alleen bij dichters voor en mag gerust als een ter wille van de versmaat verkorte vorm van *hardvochtig* beschouwd worden; althans de bijvorm laat zich niet op dezelfde gronden verdedigen als b.v. *almachte* en *godvrucht* . . . naast *almachtig* en *godvruchtig*, en aan eene op zich zelf staande afleiding (met *-de*) als westvl. *langsteertte, scherp-tandte* . . . zal ook wel niet te denken zijn. Het voorkomen van dial. *vocht* bnw., naast *vochtig* heeft de verkorting ongetwijfeld in de hand gewerkt en haar schijnbaar gerechtvaardigd.”

Dat die gevalle *hardvocht, godvrucht* en *almachte* op 'n ander manier ontstaan het, is aanneemlik gemaak deur die WNT. Maar behalwe hulle

8. Le Roux: J. J.: *Op. cit.*, 75.

was dit in die sewentiende-eeus algemene praktyk dat *-ig*-vorme verkort is. Die WNT sê dié soort afkapping (van *-ig*) was

„vooral in de 17de eeuw een gewoon verschijnsel geweest. Het nevens elkander bestaan van vormen met en zonder *-ig* (als *erwaard* en *eerwaardig*, *manhaft* en *manhaftig*, *standvast* en *standvastig*, *levend* en *levendig*, *vocht* en *vochtig* enz.) gaf aanleiding dat men in 't algemeen de adjectivale uitgangen *-ige* en *-e* ongeveer gelijk begon te stellen, en nu ook in de verborgen vormen bloede, geweldde, gifte, onruste, slorde, uitwende enz. schreef, voor bloedige, geweldige enz.” (WNT, 215-6)

Verder word dan by *-ig* (WNT VI, 1388 vlg.) hele reekse sulke voorbeelde gegee.

Dan is dit werklik nie meer teorie dat Afrikaans van *dikmondig* en *grootoogig* e.d.m. tot *dikmond* en *grootoog* ens. kon gekom het nie.

Nie dat dit vir ons alle probleme in verband met hierdie tipe oplos nie. Daar is byvoorbeeld nog die probleme

(a) dat so baie van die Nederlandse b.nwe. wat bestaan uit b.nw. + s.nw. + uitgang nie ook b.nwe. is in Afrikaans nie, bv. *blou-oog*, *dikhaar*, *kortsteel*, *platboom* ens., en

(b) dat dié verbindings juis as bywoorde so 'n ope of vrye konstruksie geword het in Afrikaans.

Wat (a) betref, val dit op dat Nederlandse bronne dié tipe b.nw. vrywel altyd attributief aangee. Dan moet 'n mens klaarblyklik ten minste twee vroe stel, naamlik bevat byvoorbeeld die Afrikaans *blou-oognooi*, *dikhaarskape*, *grootoogvink*, *kortsteelpyp*, *platboomskuit* dan die s.nwe. *blou-oog*, *dikhaar*, *grootoog*, *kortsteel* ens. soos Nederlands dit het in bv. *dunbek-franjepoot*, *dunbekwulp*, *dunhalsworm*, *dunkopworm*, *platkopspijker* ens., of bevat hulle die identiese b.nwe.? En as dit die b.nwe. is, bevat die Nederlands dan ook die ooreenstemmende b.nwe.? Of is en was dit in Nederlands ook soos in Afrikaans naamlik deels samegestelde b.nwe. en deels samegestelde s.nwe. wat met 'n derde komponent saamgestel is?

Die Nederlandse en Germaanse feite hieromtrent is nog nie bekend nie. Van Lessen<sup>9</sup> skyn te meen dat ons, van een kant beskou, hier met ou s.nwe. te make kan hê, en van 'n ander kant beskou, òf met ou b.nwe. en/of met nuwere b.nwe. wat uit drielidkomposita geabstraheer of losgemaak is. Dan is die historiese waarheid moontlik soos die sinchroniese, naamlik dat sommige b.nwe. en sommige s.nwe. is/was.

Dit is ook die beskouing van die WNT, wat

(1) dit spesiaal noem dat en hoe dikwels b.nwe. + s.nw.-verbindings in verband met liggaamsdele voorkom en (2) in verband met drieledige

9. Van Lessen, J. H.: *Samengestelde naamwoorden in het Nederlandsch*, 81 vlg., 150 vlg.



komposita van die tipe *breedrandhoed* e.a. sê dat hulle „niet ongedwongen als uit twee leden samengesteld opgevat (kunnen) worden” en dat hulle „dus als samenstellingen uit drie leden beschouwd moeten worden” (WNT III, 1190).

Wat (b) hierbo betref, naamlik dié verbindingse as bywoord, Le Roux bespreek dit net terloops en sonder om enige verband te lê of te vind met die b.nw.

En 'n verband is daar m.i. wel: van *langtand eet* is dit 'n normale stap na *langtand-eters* (*eters* is 'n s.nw. < ww.) en vervolgens na *langtand + kinders* (*kinders* is 'n s.nw. wat nie ook ww. is nie). Dieselfde kon gebeur het met bv. *dikbek/-mond/-lip*, *kaalkop/-voet/-been loop*, *dikbek . . . kaalbeen . . . lopers* (*lopers* is 'n s.nw. < ww.) tot bv. *dikbek . . . kaalbeen . . . kinders* ens.

Die kern van die hele posisie kom dus hierop neer:

1. Daar was 'n oorgang van een woordsoort tot 'n ander, in hoofsaak sonder morfologiese wysigings;
2. die oorgang was deels van geprediseerde s.nw. en bw. tot b.nw.;
3. in baie gevalle kan die oorgang gesien word as die produk of oorblyfsel van die wegval van partikels – dikwels byvoorbeeld voorsetsels;
4. die oorgang kon ook geskied het van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat > bw. + s.nw., en
5. daar was blykbaar 'n mate van woordverkorting deur suffiksverdringing en/of wegval van suffikse.

Dan sal ons moet weet hoe dit in sewentiende-eeuse Nederlands gesteld was

(a) met die oorgang van een woordsoort tot 'n ander, asook

(b) met die wegval van voorsetsels,

en eweneens hoe dit ten opsigte van dié twee punte gesteld is in moderne Nederlands. Dit kan hier as volg saamgevat word:

(1) ook in Nederlands was en is daar nog verdwyning van partikels, en

(2) ook in Nederlands was en is daar nog allerlei oorgange van een woordsoort tot 'n ander.

Dit het in Afrikaans ten dele blykbaar 'n groter omvang gekry as in Nederlands, maar dit het geen nuwe verskynsel meegebring nie. En selfs om te bewys dat die omvang werklik groter is, sal nog baie uitvoerige vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands verg.

#### § 41 Stam of verbindingsvorm daarvan met b.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : bw.

Dié tipe kom volop in Afrikaans voor, bv.

*anderpad* in *Hy kyk dan anderpad* (H. S. van Blerk: *Geboorteplaas*, 64)

*blootsvoet* in *Al die klonkies loop blootsvoet „kaalvoet”* (Namakwaland, Kamieskroon)  
*bloudak* in *Die gras staan al bloudak „dig aanmekaar”* (Worcester)  
*botsononder* „kort voor sononder” (Clanwilliam)  
*dikmond* in *En as ek nou vir my ’n ding koop omdat my hart hom begeer, dan loop jy dikmond rond* (Mikro: Gonnakolk, 106)  
*donkeraand* in *Dit was al donkeraand toe hy gekom het* (West. Provinsie)  
*donkerdag* in *Donkerdag sluit hy sy winkel oop* (Mikro: Klaradynstraat, 171)  
*eie-tyd* in *Dit moet eietyd plaasvind „dadelik”* (Noordweste) of *Die ou het eietyd daar aangekom „hopeloos te vroeg”* (Koringberg)  
*bangoog* in . . . *soebat en bangoog kyk help niks . . .* (Boerneef: *Palissandryne*, 93)  
*kaal-voorlyf* in *Ons werk kaal-voorlyf „sonder ’n hemp”* (Kakamasboere)  
*kleindag* in *My ma het my kleindag geslaan „toe ek nog klein was”* (student) ens.

Die kompositum het in dié funksie veral twee semantiese waardes, nl.

#### 1. wyse:

*bakgat ry, blootsvoet, bloudak, dikmond, kaal-voorlyf,*  
*langsbeen* in *Die jong sit langsbeen en voete oormekaar* (S. V. Petersen: *As die Son ondergaan*, 3),  
*losklos* in *Nou sal hy darem losklos moet hardloop „vinnig”* (Boerneef: *Pensie*, 11) en in *Dit sit nie in elke lieplapper se broek om van vroeg voordag môre af so krom te staan en as die son daar sit nog losklos aan die boontjiesingels te pluk nie* (Boerneef: *Van my Kontrei*, 48),  
*loslit* in . . . *en die ou motor loop lekker loslit* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 78),  
*skerpspan ry* „ry in ’n kar wat deur drie perde getrek word” (Piketberg),  
*skewekop* in . . . *waar rooibekkies skewekop luister* (Boerneef: *Ghaap en Kambro*, 48),  
*toe-speek* in *Die windpomp loop toe-speek „so vinnig dat ’n mens nie die speke kan onderskei nie”*,  
*wyd-oog* in *Die kinders het sku en wyd-oog gesit* (Van Wyk Louw: *Raka*, 7) ens.;

#### 2. temporaal:

*botsononder, donkeraand, donkerdag, eie-tyd, kleindag,*  
*kleinson* in *Dit was so kleinson dat ek dit gesien het* (Suidwesboer),  
*kleintyd* in *Hoekom het ek nie al kleintyd al van ’n hoë berg afgeval nie* (Vredendal),  
*ounag* in *Hy is alweer dronk, dus sal hy maar weer ounag opdaag* (Noord-Weste, Suidwes Afrika),

*vroedag* in *Die dam het vroedag al oorgeloop* „vroeg vandag”,  
*vroërentyd* in *Mattewis Offer wat vroërentyd by die sjud gewerk het*  
 (Mikro: Gonnakolk, 131),  
*vroegjaar* in *Soos hy vroegjaar uitgerekten het* (*Die Burger*, 27.7.1950) ens.

Net enkeles is lokale bywoorde, bv. *halwerhoogte*, *kortpad* in *Ou April . . . kom tydsaam, kortpad agterna* (H. S. van Blerk: *Geboorteplaas*, 57) (ook wyse?), en miskien *skoonveld* in *skoonveld verdwyn*.

Verder val op hoe baie van die groep (a) in ander verband ook s.n.w. en/of b.n.w. is, en (b) ook die naam van 'n liggaamsdeel as laaste komponent het, bv.

<i>bakbeen</i>	<i>kaal-voorlyf</i>	<i>oopmond (slaap)</i>
<i>binneboud</i>	<i>langsbeen</i>	<i>skewekop (luister)</i>
<i>blootsvoet</i>	<i>langtand</i>	<i>stywebeen (dans)</i>
<i>diklip</i>	<i>langvinger (skiet)</i>	<i>toe-oë slaap</i>
<i>dikmond</i>	<i>loshand(e) (ry)</i>	<i>wyd-oog</i>
<i>holrug</i>	<i>loslit (hardloop)</i>	ens.
<i>kaalhand</i>	<i>mankbeen (loop)</i>	

*Losteuels* (miskien ook *binneleisels* in *binneleisels* kyk „skeel wees”) moet of kan moontlik gegroepeer word saam met die liggaamsgroep, omdat die *teuels* en *leisels* met dier (en mens) geassosieer is soos *platsak* met die mens.

Baie min van hulle is uitsluitend bywoorde: *lang(s)been sit*, *langtand eet*, *langvinger skiet*, *wydsbeen sit*, *staan* en miskien *holrug* in 'n *onderwerp holrug ry*.

Die tipe kom selde voor in strakke stylverband, is meesal omgangstaal.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die tipe is klaarblyklik van Nederlandse herkoms, maar daar is tog groot verskille tussen Afrikaans en Nederlands. Die grootste is dat die meeste Afrikaanse komposita nie ook komposita is in Nederlands nie en ook nie daarin as bywoorde voorkom nie. As Nederlands vroeg reeds naamwoordelike groepe gehad het soos

<i>het gehele jaar wachten</i>	<i>met kromme benen staan</i>
<i>de gehele dag werken</i>	<i>met lange tanden eten</i>
<i>'n grote bek opzetten</i>	e.d.m.,

dan hou dit wel duidelik verband met Afrikaans

<i>heeljaar wag</i>	<i>krombeen staan</i>
<i>heeldag werk</i>	<i>langtand eet</i>
<i>grootbek tekere gaan</i>	e.d.m.

Maar het die sametrekking of reduksie in Afrikaans of in Nederlands reeds begin, en waarom het dit by ons so uitgebrei?

Van dié tipe is 'n enkele Nederlandse erfgoed, naamlik *altyd* (*altoos* ook, maar dié bevat 'n onselfstandige morfeem *-toos*). Miskien is *aljare* ook erfgoed uit die tans verouderde Nederlands *allejaars* (Vir die verdwyning van die *s*, vergelyk § 133.).

Omdat die ander in die aangegewe vorm nie ook Nederlands is nie, moet hulle in kompositumvorm as Afrikaanse eiegoed beskou word.

Tog berus 'n paar klaarblyklik op Nederlandse woordgroepe. So berus die meeste van ons *kant*-adverbia op Nederlandse groepe (kyk § 41.1), en ook die volgende:

1. *aldae*, *aljare*. Die WNT sê hierby onder meer dat die *al* voorkom by „benamingen van tijdstippen en tijdruimten, waar de hedendaagsche taal eigenlijk het meervoud zou vereischen, dat dan ook het meest gewoon is; doch waarbij, als eene herinnering uit het verledene, . . . het enkelvoud in gebruik is gebleven, inzonderheid in de dagelijksche spreektaal, doch alleen in adverbiale tijdsbepalingen. // Alle oogenblik (*telkens*) hindert mij die pijn. Alle uur een lepel. Alle dag en nacht weer aan. Alle maand wordt afrekening gehouden. Hij ontvangt alle jaar duizend gulden. Daar wij alle dag, die God geeft, woorden over hebben, *Leev*, 7, 343. De taal . . . die wij alle dag van kindsbeen af gesproken hadden, *KNEPPELH*, 12, 47. Aan twee oude schoonmaaksters . . . alle week twee guldens ieder, *Leev*, 8, 302. Des zomers catechiseer ik publiek alle Zondag avond, 6, 71.” (II, 44)

2. *heeldag* „die geheele dag” en *heeljaar* „het gehele jaar”. By *heel* sê die WNT onder meer:

„*Heele dagen, heele jaren* (*lang*), gedurende gansche dagen enz. // Een heel jaar wachten naar zyn geld, *MARIN*. – In hielle uytstrengen dach, in doet zy niet dan kraken, *BREDERO*, 1, 110. Hele nachten sijne buyten, *QUINTIYN*, *Lys e.B.*, 184. Ander' gaan heel jare toeren Op enz., *POIETERS*, *Mask*, 243. De kerck die heele twaelf honderd jaeren langh doolde, *BARCLAIUS*, *Vermaening*, 45. Zij . . . had er den slag van, hem (*een knaap*) heele dagen . . . bezig te houden, *BOHN-BEETS*, *Onze Buurt*, 92.” (VI, 262)

En verder WNT VI, 265:

„*Den heelen dag*, enz., gedurende den ganschen dag enz. // Ick heb de hielle nacht vast wacker gelegen, *BREDERO* 1, 220. Ik, die mijn heel leven gedacht had, dat enz., *BERGMANN*, *Nov*. 291. Wou je gaan preeken? Maar je doet je heele leven niets anders, kind! *GOEKOOP-DE JONG*, *H. v. Suylenb*. 1, 108.

- *Den heelen tijd*, voortdurend, altijd door. // 'k wil gien schoon-vaer die 'er den heelen tijd om zijn schulde ren, *HOOFT*, *Ged*. 2, 281.”

En WNT VI, 270:

„–*Heeltijden*, dikwijls; bijna altijd (CORN.-VERVL.); verg. gron. *haitied* (voor *hailtied*); b.v. *Goltjebloemen*, 147.”  
*Heeldag* berus dus op Nederlands.

3. *eietyd* het twee gelykbetekenende variante: *einste tyd* en *die einste tyd*, en al drie bevat die Nederlandse b.nw. *eigen* in die betekenis „dieselfde”, waarvan die WNT III, 3986:8 sê dat dit „in dit gebruik in de algemeene taal vrijwel verouderd” is. Temporale woordgroepe met dié *eigen* in Nederlands is onder meer *dien eigen morgen* en *op den eigen stond*, en daarnaas, met die oortreffende trap wat nog dikwels in dié betekenis gebruik word, onder andere *op dien eygensten tijdt*, *dien eygensten avond*. *Eietyd* is dus ’n Afrikaanse sametrekking, maar dit berus op Nederlands.

Dit lyk waarskynlik dat die temporale bywoorde die model van *aldae/-jare* – sonder voorsetsel – gevolg het, en die bywoorde van plek dan ook, behalwe miskien *skoonveld*.

Vanweë die klaarblyklike verband tussen soveel Afrikaanse byvoeglike naamwoorde, bywoorde en selfstandige naamwoorde met die komponente stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat en met name van liggaamsdele (of wat daarmee geassosieer word/is) as laaste komponente, is dié groep verder onder b.nw. en die s.nw. bespreek.

#### § 41.1 Die *kant*-komposita

’n Geslote bygroep van die stam met bywoord-korrelaat / stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: bywoord-groep is die klompie komposita met *kant* as tweede lid, bv. *anderkant*, *duskant* ens.

Die woordkorrelate van die eerste komponente is o.a. ’n telwoord (*allekante*), b.nw. (*anderkant*), voornaamwoord (*diékant*, *deuskant*), veral bywoorde (*binnekant*, *bokant* ens.). Omdat die geneties van die groep blykbaar ongeveer identies was/is, word hulle nogtans hier bymekaar gehou.

Die s.nw.-funksie is die uitgebreidste: *die agter-/ander-/binne-/bo-/by-/diekant (aan die diékant) van die huis* ens. en, in gebondener sintaksis (*aan*) *alkante/weerskante* (s.nw. na die voorsetsel *aan*).

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Van die Afrikaanse voorbeelde vind ons *agter-/binne-/bo-/buite-/oor-* en *weerskante* in Nederlands.

Van die s.nw.-groep is *agter-/by-* en *voorkant* nie bywoorde in Afrikaans nie, die ander wel: *al-/binne-/anderkant* ens. *kyk/speel/werk* ens. Nie een hiervan is bywoorde in Nederlands nie.

**Opm. 1.** Oor die radio, in verslae oor wedstryde wat aan die gang is, word dikwels *pawiljoenkant van die veld* gehoor. Dit is ’n verkorting uit *aan*

die pawiljoenkant van . . . moontlik geassosieer met *alkante/weerskante van*. Tog bereik dit nog nie die finale stadium waarin die laaste *van* ook uit is nie.

2. *Weerskante* s.m. kom ook al as voorsetsel voor, maar dis nog nie algemeen nie. Van Bruggen skryf: *Ampie bly eenkant staan, hoogmoedig, met blyheid, wat sy hele wese oortrek. Sy melkimmers weerskante hom* (Ampie, 135).

Van die hele groep is net *duskant* (*deuskant*) ook (dialekties) voorsetsel in Nederlands, nl. *duskant*: *dizze kant Stad „aan deze kant van die stad (Groningen)”*.<sup>10</sup> In 'n dialektstudie word ook die volgende aangegee: /d̥ə ò : rə kaant kò : l̥d̥əm/ „aan gene zijde van Koudum”.<sup>11</sup>

Dit is dus duidelik dat wat verklaar moet word, veral die bywoordelike en die prepositionele funksies is.

Soek ons nou na 'n verklaring, moet ons allereers alle feite in die gedagte hou. En die verdere feite is veral die volgende: Die meeste of almal van die genoemde *kant*-komposita verskyn ook in woordgroepe as bywoorde en/of voorsetsels. Ons het naamlik naas mekaar:

s.nw.	bw.-groep	voors.-groep
<i>die anderkant</i>	<i>aan die anderkant</i>	<i>aan die anderkant van</i>
<i>die binnekant</i>	<i>aan die binnekant</i>	<i>aan die binnekant van</i>
<i>die bokant</i>	<i>aan die bokant</i>	<i>aan die bokant van</i>

Die s.nw., het ons reeds gesê, is ook Nederlands. Die meeste bywoordgroepe en voorsetselgroepe ook, bv. *aan de binnen-/buiten-/bovenkant*, en *aan de binnen-/buiten-/bovenkant van*. Met ander woorde as ons uit die Nederlandse verbindings *aan de* by die bywoordgroep en *aan de . . . van* by die voorsetselgroep verwyder, het ons die Afrikaanse bywoorde en voorsetsels.

Dit word dan 'n probleem nie van kompositumvorming of funksie nie, maar van verklaar hoe die Nederlands *aan de* en *aan de . . . van* verdwyn het, en waarom?

Soek ons 'n antwoord hierop, moet ons daarop let dat ons in Afrikaans ook nog het: *alkante van die huis*, nie *alkante die huis\** nie, *diekant van* en *duskant van die huis* en *weerskante van die huis*, wat al lyk soos 'n tussenstadium tussen *aan alkant(e) van* en *alkant* ens. En *weerskanten van* is ook al Nederlands.

Sulke tussenstadia (èn eindstadia) kom in 1779 reeds in Suid-Afrika voor: *anderkant van de kraal*, *onderkant van de draagosse*, *onderkant de Blicquas*, *onderkant de Bokkerivier*, *deeskant de Kamusbergh*.<sup>12</sup>

10. De Vries, W. *Iets over woordvorming*, 178.

11. De Boer, B.: *Studie over het dialect van Hindeloopen*, 115.

12. Franken, J. L. M.: „Die taalgebruik van Wikar”, *Taalhistoriese Bydraes*, 155.

Wat hierdie „kondensasie”, soos Franken dit noem, aan die gang gesit het, is ’n onderwerp vir gissing. Wat ’n mens wêl interesseer, is of dieselfde eindstadium glad nie ook in Nederlands bereik is nie. En dit is. Dit kom in Vlaams voor. In Gent is aan my verduidelik: *T ’is daar juist terzij het huiske*, dus *terzij* i.p.v. *terzij van of terzijde van*. Prof. Blancquaert en dr. Vanacker het bevestig dat dit alledaagse Gents is.

Hier moet ook herinner word aan die „nuwe” Nederlandse voorsetsels soos *langsij*, *midden*, *weersijden*, wat deur Royen „ont-,van’-de” voorsetsels genoem is.<sup>13</sup>

Wat bewys dit? Dit bewys nie dat die Afrikaanse kondensasie dus plaasgevind het sonder Hottentotse invloed nie. Maar dit bewys wel (a) dat dit kòn plaasgevind het sonder heteroglottiese invloed en (b) dat die resultaat nie, geneties beskou, onnederlands is nie. Dit moet dan ook niemand verbaas as noukeuriger waarneming van Nederlands nog meer „Afrikaans-hede” aan die lig bring nie.

#### § 42 Stam of verbindingsvorm van stam met b.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

*anderland* (dr. O. ’Kulis: „Die Vorming van ’n Patriot” in F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 30)

*benoude-bors* „asma” (Boland)

*bitterappel* „plant in die Noordweste, te sien na reëns”

*bitterbek* „Kleurling” (Fraserburg en Karoo)

*bitterboeta/bitterboela* „wilde rankplant met ’n ronde vrug”

*bitterlemoen* „grape-fruit” (Engels) (WAT I, 422)

*blindeman* „die dood” (C. L. Leipoldt: *Schoonheidstroos*, 49)

*blouland* „lug” in *Die arend wat hoog bo uit die blouland ons uitnooi . . .*

(P. J. Schoeman: *Op ver Paaie*, 18)

*bruinkoor* (Mikro: *Toiings*, 12)

*dolspring* in *Daar het hulle nog nooit sulke hoë water gesien nie, hulle noem dit dolspring* (*Die Burger*, 5.10.1950)

*domsiekte* „skynbare onnoselheid by skape” (Boerneef: *Boplaas*, 33)

*dronkbroer* (J. van Bruggen: *En lank die Nag wat voorlê*, 176)

*fyntuin* „groentetuin en nie ’n stuk grond vir kommersiële doeleindes nie” (C. M. v. d. Heever: *Laat Vrugte*, 135)

*goudief* in *En as Jimmie sy hand na iets uitgesteek het, het hy dit altyd gekry. Hy was ’n goudief* (*Die Huisgenoot*, 12.10.1951)

*grootbees*, *grootskaap*, *grootbok*, *grootperd* „bul, ram, hings” (a.h.w. eufemismes in geselskap van dames gebesig: *Clanwilliam*)

*grootkerk* „nagmaal” (Namakwaland)

13. Royen, G.: „Gekondenseerde voorsetsels”, *De Nieuwe Taalgids* XXXVII, 212 vlg., 247.

hoogsomer in *Tot nou in die hoogsomer breek hulle die brood saam met vriende* (D. F. Malherbe: *Vlam van die Suurveld*, 266)

kaalkarretjie in *Dan het hy mos nog die groen kaalkarretjie en die donkies* (Mikro: *Toiings*, 16)

klamtante „vadoek, lap” (Piketbergdistrik)

kleinhoewe in . . . die lewe op ons kleinhoewe . . . geniet (Rooi Rose, Jrg. 3, No. 27)

klein-Saterdag „Vrydag” (Kleurlingbenaming, omdat dit die dag is waarop hulle gewoonlik dorp toe gaan: Riversdal)

kromtaal (*Die Huisgenoot*, 18.7.1952)

Net so moeilik as die onderskeiding tussen kompositum en woordgroep wat bestaan uit stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat, of stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat, is dié tussen kompositum en woordgroep van stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. Vandaar fakultatiewe skryfwyses soos *hoër skool* en *hoërskool* e.d.m.

Die taalkundige toets wat die oortuigendste resultate lewer, is die morfologiese: of die b.nw. in ’n gegewe verbinding die moontlikheid behou om trappe van vergelyking te kry en gelyktydig met ’n snelle tempo uitgespreek te word. As ons naas *bont bok*, *geel wortel*, *wilde bees* e.d.m. ook (kan) praat van ’n *bonter bok*, *geler wortel*, *wilder bees* ens., is *bont bok*, *geel wortel* en *wilde bees* gewone woordgroepe. Wanneer, daarenteen nie gepraat (kan) word van bv. *bonterbok\** in die sin van ’n *bonter bont(e)bok*, of van ’n *gelerwortel\** in die sin van ’n *geler geelwortel* of van ’n *wilderbees\** in die sin van ’n *wilder wildebees* nie, is daar grond voor om *bont(e)bok*, *geelwortel*, *wildebees*, in sekere betekenis, te beskou as nouer verbindings dan woordgroepe en dus as samekoppeling. So ’n toets lewer ’n resultaat wat in baie hoë mate ooreenstem met hoe die gewone skrywende publiek ook dergelyke verbindings behandel.

Maar dié toets is waardeloos by b.nwe. wat gewoonlik nie verbuig nie, bv. *goue*, *oorle* (*oorlede*), *gewaagde*, *byvoeglike* ens. Daar is mense wat hierby die toets „eenheid van betekenis of begrip” wil gebruik, maar dit deug nie: ’n *sukkelende bestaan* is net soseer ’n eenheid nl. ’n „bestaanswyse” as wat ’n *sukkelbestaan* dit is of *siek mense* as wat *siekehuis* dit is, maar daarmee is nog geen taalkundige eenheid bewys nie. Wel skyn daar iets te wees in die skryfpraktyk wat dieselfde verbinding los en vas skrywe as daar ’n (duidelike) betekenisonderskeid(ing) bestaan: as *kwaai wind* net „enige sterk onstuimige wind” is, skryf ons soos hier, maar as *kwaaiwind* beteken „bose gees, malheid” dan aaneen. (Daar is Kleurlinge wat glo dat, as iemand mal is, as daar „’n gees in hom gevaar het”, hy oor ’n vuur gehou moet word om die gees te verwilder. Dan sê hulle *Die kwaaiwind moet uitgebrand word*: Rawsonville.) Dieselfde het ons in bv. *laat vye* „vye” en *laatvye* „donkies” (Boerneef: *Boplaas*, 15), ’n *lang hand* en ’n *langhand* „skelm, dief”,



'n *los kind* „losbandige kind” en 'n *loskind* „buite-egtelik”,  
 'n *maer man* „nie vet nie” en *maerman* „dorswind, westewind” (Boer-  
 neef: *Boplaas*, 45),  
 'n *mak aalwee* „aalwee wat tuis gekweek of gehou word” en 'n *makaalwee*  
 „garingboom”,  
*mooi nooientjie* „mooi meisie” en *mooinooientjie* „vissoort”,  
*nat neuse* (van bv. honde) en *natneuse* „esels, donkies”,  
*ou gras* „gras wat lankal êrens staan of gesny is” en *ougras* „gras wat die  
 vorige jaar nie gebrand is nie”,  
*ou kêrel* „enigeen wat oud is, of 'n vorige kêrel, vryer” en *oukêrel* „pa,  
 vader” ens.

Verder het dit taamlik algemene praktyk geword om 'n b.n.w. wat ge-  
 woonlik wel attributief verbuig word, aaneen te skrywe met die volgende  
 s.n.w. as dit nié verbuig nie, bv.

'n *safvoet* „motor” (Vredendal),  
*sleggoed* in *Ruk die sleggoed voor in hul bekke* (Mikro: *Toiings*, 31),  
*sleghalter* (Boerneef: *Boplaas*, 5),  
*vroegaand* in *Die vroegaand het die reën . . .* (E. v. Heerden: *Die Bevry-  
 ding*, 30) ens.

Op grond van dit alles moet dit duidelik wees dat 'n verbinding nie sonder  
 meer as kompositum beskou kan word net omdat dit so geskrywe word  
 nie.

Omdat hierdie bundel egter nie in eerste instansie in skryfreëlings be-  
 lang stel nie, word bestaande daarby gelaat en verder ingegaan op reële  
 taalkundige gesigspunte van die verbinding van stam met b.n.w.-korrelaat  
 + stam met s.n.w.-korrelaat: s.n.w.

Die verbinding kom in groot getalle in Afrikaans voor, veral om die  
 besondere van die algemene te onderskei, bv.

*vuilbaard* „leeu” – 'n *vuil baard*  
*warmhakskeentjies* „uiegereg” – *warm hakskeentjies*  
*warmpatat* „kinderspel” – 'n *warm patat*  
*witgat* „boom” en „koffie” – 'n *wit gat*  
*wildeperd* o.a. „vis” – 'n *wilde perd*  
*wildevark* „bosvark” – 'n *wilde vark* ens.

'n Besondere subgroep hiervan is dié wat, met dieselfde komponente, maar  
 net in 'n ander sinsverband, s.n.w. en/of b.n.w. en/of bywoord is, meesal  
 met die naam van 'n liggaamsdeel as laaste komponent, bv. *dikbek*, *dikkop*,  
*dikmond*, *grootbek/-haan* (hierdie *haan* is die *haan* van *hy is 'n haan*),  
*grootmond*, *kaalkop*, *langbeen* ens. Kyk verder § 40.1.

### *Diachronie*

As samekoppeling ontstaan die kompositum stam met b.n.w.-korrelaat +  
 stam met s.n.w.-korrelaat: s.n.w., volgens die tradisionele opvatting, deur

langsame sametrekking uit of van die ooreenstemmende woordgroep. Dit wil nogtans nie sê dat die Afrikaanse materiaal alles eievorming is nie. Onder meer *bloukous*, *blindeman*, *booswig*, *dikbuik*, *gek(ke)spul*, *heethoof*, *nuwejaar*, *stillewe* ens. is ook doodgewone Nederlands. En ook die tipe self is oud. Dr. Van Lessen skrywe:

„De composita van adjectief en substantief kunnen onmiddellijk verdeeld worden in twee groote groepen, wier ontwikkelingsgeschiedenis geheel verschillend is geweest. De eene soort zijn de z.g. bahuvrîhi-formaties, zooals *blauwbaard*, *nathals*, *ruigrok*, de andere zijn niet possessief en kunnen weer onderverdeeld worden naar vorm en accent. Men is het er over eens dat die bahuvrîhi-composita een zeer hoogen ouderdom hebben, en zeker tot het oudste Idg. behooren. De andere soort vindt men weliswaar in de meeste Idg. talen, maar de geleerden twifelen toch, of het type wel Idg. is. Veeleer komt het hun waarschijnlijk voor, dat ze zich in de verschillende talen afzonderlijk hebben ontwikkeld. In het skr. schijnen ze tamelijk veel in gebruik te zijn geweest en sommige voorbeelden moeten zeer oud zijn.”<sup>14</sup>

Dit is te betwyfel of alle Afrikaanse eiegoed langzaam ontstaan het. Ons weet dat *die ronde bossie* en *die blou berg* bestaan het voor *Rondebosch* en *Blouberg*, maar sulke gegewens ontbreek by die meeste materiaal wat hierby in vorige paragrawe gegee is. Daar is geen rede waarom stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat nie spontaan gekoppel sou word tot nuwe kompositum nie: daarvoor is die getal reedsbestaandes en hulle gebruiksfrekwensie oor groot genoeg.

### § 43 Stam met bw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

Hier word twee tipes aangetref, naamlik dié waar die bw.-korrelaat van die eerste stam net bywoord kan wees, en dié waar die bw.-korrelaat van die eerste stam ook voorsetsel kan wees.

#### § 43.1 Die tipe *agternading*

Die bw.-korrelaat van *agterna-* is net of gewoonlik net bywoord *agternading* (Jonkershoekbergnedersetting)  
*amperbroekies* (advertensie)  
*ampermens* in *Die oorblyfsels van ampermens* (*Die Brandwag*, 26.8.1949)  
*byna-rampe* in *Die Paasnaweek bring baie byna-rampe by Durban* (*Die Burger*, 15.4.1952)  
*halfelf-gaste* in *Koek en vrugte vir halfelf-gaste* (L. Maré: *Nuwejaarsfees*, 16)

14. Van Lessen, J. H.: *Op. cit.*, 52.

*kamma-hoop* in . . . *strompel die wesens moeg en grynslaggend, vol kamma-hoop* (*Die Stellenbosse Student*, Sept. 1947)  
*soontoekant* (D. F. Malherbe: *Die Meulenaar*, 179)  
*verdompgesig*  
*wegmens* in *Ek moet 'n wegmens wees* „Ek moet nou gaan” (Piketberg)  
Dié tipe het 'n klein gebruiksfrekwensie.

#### *Diachronie*

Van genetiese kant beskou, lyk die voorbeelde nie identies nie. *Bynamislukking* kan as volg gevorm wees: *byna misluk*: s.nw. met *-ing*. Dat 'n hele woordgroep as ander woordsoort as die kern aangewend word en net een deel daarvan dan verdere afleiding kry, is naamlik normale Afrikaans. (Vergelyk ook § 93 bv. 'n *taamlike mooi meisie/apel: taamlike mooies; alle mense wat nie verloof is nie: alle nie-verloofdes*, waarin *mooi* en *verloof* gesubstantiveer word ondanks die aanwesigheid van die bywoorde *taamlike* en *nie*.)

*Kamma-kunstenaars* kon eweneens ontstaan het uit bv. *Hulle is kamma kunstenaars, maar . . . tot Die kamma-kunstenaars weet nie . . . Amperbroekies* kon moontlik op vergelykbare wyse ontstaan het, en soortgelyke ontstaansomstandighede is by die ander bedinkbaar.

Dis lyk in elk geval nie asof dié komposita analogies gevorm word/is nie.

### § 43.2 Die tipe *agterdraai*

Die bw.-korrelaat is (in ander verband) meesal óók voorsetsel, soms ook b.nw.

*aflyn*

*agterdraai* (D. F. Malherbe: *Die Meulenaar*, 84)

*binnetelefoon*

*buitekerk*

*deurbees*

*napad*

*natrekkie* (Uys Krige: *Sol y Sombra*, 134)

Die tipe brei blykbaar wel analogies uit.

#### *Diachronie*

Vir ons eerste genetiese vrae hoef ons nie meer te weet as dat dié tipe ook algemeen is in Nederlands nie. Nogtans is daar hierby 'n lastige vraag in verband met die sistematiek. Die WNT sê naamlik dat hierdie tipe bestaan uit bywoord + s.nw. Ons moet dit dan op diachroniese grond ook vir Afrikaans aanvaar. Maar geen Afrikaanse of Nederlandse grammatikus sê dat 'n bywoord attributief met 'n s.nw. verbind kan word nie – behalwe in gevalle soos hiervóór onder § 43.1 gegee. Hoe het die bywoord dan by die s.nw. uitgekom?

Van Afrikaanse standpunt uit sou ons kon sê dat, as sê *binne* in *binnelyn* nie primêr as b.nw. of as voorsetsel te beskou is nie maar as bywoord, *binnelyn* dan ook nie 'n samekoppeling is nie, maar 'n samestelling. Dan sou ons in die voor-Nederlandse periode 'n verbinding van bywoord met s.nw. moes gehad het.

Daaroor sê Schönfeld onder meer: „Ook adverbia kunnen als eerste lid voorkomen, oorspronkelijk vóór nomina actionis, dan ook vóór andere substantieven.”<sup>15</sup> Die proses was dus: (bw.) + (ww. wat nie ook s.nw. is nie):(bw.) + (ww. afgelei tot s.nw. as nomen actionis):(bw.) + (s.nw. wat nie ook van 'n ww. afgelei is nie), dus bw. + s.nw. soos in *naweek*, *agterlyn* ens. (Vergelyk ook §§ 27 en 44.)

Daar kan by hierdie tipe ook ingegaan word op moontlike verskille tussen Afrikaans en Nederlands, maar waarskynlik lewer dit niks meer op as dat elke taal sekere verbindingse het wat die ander nie het nie, byvoorbeeld die Afrikaanse eiegoed *buitekerk*, *nasorg*, *naweek*, wat grammatikaal onbelangrik is.

#### § 44 Stam of verbindingsvorm van stam met bw.-korrelaat + Stam of verbindingsvorm van stam met s.nw.-korrelaat : ww.

Voordat ons voorbeelde gee, moet daarop attent gemaak word dat ons hier te doen kry met sg. skeibaar saamgestelde werkwoorde. Of so 'n benaming goed is, gaan ons hier nie aan nie. Dit gaan hierom dat 'n kompositum dan dikwels in sy geskeie vorm aangegee word, bv. *Die lande kol plek-pek blougroen aan*, waarin *kol . . . aan* as kompositum behandel word hoewel dit nie 'n kompositumvorm het nie. Die verklaring is dat die betrokke woorde wêl 'n kompositum vorm as die sin andersom gestel word, bv. so: . . . *waar die lande plek-pek blougroen aankol*. Alle voorbeelde moet so gelees en verstaan word.

#### Voorbeelde:

*Hulle stert mos allewig agter mekaar aan*

*Ons moet maar stadig so aansuiker*

*Julle kon 'n krans afgeduiwel het* (Hobsons: *Aan Jannie*, 9)

. . . *en loop jongmanne met lang gesigte waar vore langs afdrif* (P. de V. Pienaar: *Ruth*, 11)

*Ek het darem die prys 'n bietjie afgejood* „deur kibbel verlaag gekry” (Worcester)

*Ons moet eers hier afkas dorp toe* (Paarl)

. . . *hulle gedagtes laat inkardoes* (C. M. v. d. Heever: *Die Stryd om Ewe-wig*, 228)

15. Schönfeld, M.: *Historiese grammatika van het Nederlands*, 144.

*Die rook . . . spiraal . . . die lug in* (J. van Bruggen: *Marta*, 147)  
*Hy wil vlug . . . voordat hy neergespies word* (D. F. Malherbe: *Saul die  
 Worstelheld*, 257)  
 . . . *dat hulle die Kleurlinge . . . wil oorkruiwa* (*Die Burger*, 10.3.1950)  
**opkoffie** „opdons, konfoes, nutteloos maak” ens.

1. Sommige van die tweede komponente wat hier as s.nwe. beskrywe word, kom ook as werkwoorde voor, bv. *duiwel*, *spiraal*, meesal egter saam met ’n bywoordelike bepaling: ’n mens kan nog praat van *rook wat spiraal*, sonder meer, maar nie van bv. *iemand duiwel\** sonder meer nie. Hierop word later teruggekom.

2. Die kompositumtipe se semantiese funksie is primêr om iets verbaal te stel, bv. . . . *as ons nie wil sluk wat vir ons opgelepel word nie . . .* i.p.v. bv. . . . *wat vir ons met of soos met ’n lepel ingegee word . . .*, baie dikwels ook met ’n komparatiewe bygedagte soos in die omskrywing hier aangegee, soms letterlik, bv.

*ommantel* „(met) ’n mantel omhang”,  
*saamkraal* „saamja in ’n kraal” (C.L. Leipoldt: „Dingaansdag”),  
*toedraad* „met draad toetspan”,  
*uitvoering* „uitvoer met voering”,  
*vasvet* „in vet vassit” ens.  
*aanstert* „soos ’n stert agternakom”,  
*afgrif* „soos in ’n grif afloop”,  
*inkardoes* „soos in ’n kardoos ingooi”,  
*opstoet* „soos in stoet opkom” (radiopreek),  
*opstreep* „soos ’n streep beweeg”,  
*optoring* „soos ’n toring in die hoogte strek”.

Daar is ’n paar wat oënskynlik buite hierdie komparatiewe sisteem lê, en by eerste oorweging ook buite elke ander semantiese sisteem. Hoe moet ons bv. *aansuiker*, *afduiwel*, *afkas*, *rondkas* en *opkoffie* verstaan?

*Opkoffie* lyk my na ’n eufemistiese verdoeseling van *opfok* (uit Engels) > *opkof*, en vandaar tot *-koffie* om dit sinvoller te maak, naamlik die gewone proses by volksetimologisering. Ons kry naas *opkoffie* ook *opgekoffie*, *op koffie*, *op die koffie*, waarvan die betekenisse stukkie vir stukkie klop met dié van die aangegewe Engels.

*Aansuiker* (ook *afsuiker*) kan die gevolg wees van taalspel (en onkunde). Ons het naamlik *piekel* „dra, gee” ens., en daarnaas *pekel* en *afpekel*, *kerrie* en *afkerrie*. As by *pekel* nou die gedagte aan ’n kossoort of -vorm aanwesig was, sy dit dan eintlik verkeerdelik, sou ’n mens kon verstaan hoe en waarom *kerrie* ook daarby betrek is en dan ten slotte ook *suiker*. Seker is dit nogtans nie.

*Afduiwel* sou kon laat dink aan „afval soos ’n duiwel” – dink ook aan

die bose geeste en die Gadareense varke – maar is beslis ook Nederlands: „*Afduivelen* – *afduvelen* – onz. en bedr. Uit *af* en *duivelen*. *Af* in den zin van verwijdering . . . Eenruw woord voor afvallen, in Zuid-Nederl. ook voor afgooien (Teirl.)” (WNT Supplement t.d. Eerste Deel, 490).

*Afkas* en *rondkas* bevat vermoedelik die *kas* van Afrikaans *verkas*, Nederlands *verkasten* „verhuizen”, wat aanvanklik so iets beteken het as „verhuis deur jou huisraad in *kasten* na ’n ander plek te laat vervoer”. Daarvandaan tot die Afrikaanse betekenis „weggaan, vertrek” is dit ’n geringe stappie, en *af-* en *rondkas* is dan net spesifieker.

3. Die meeste vorme is òf spreektaal en/of literêr, selde iets vir offisiële taal.

4. Die konstruksie is geslote wat die eerste komponent betref: *aan/af/in/om/op/rond/saam/toe* en *uit* is die gebruiklikste eerste lede, maar qua kompositumtipe produktief.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die tipe is ook Nederlands, maar baie van die voorbeelde is Afrikaanse eiegoed, bv. *aanstert*, *afjood*, *inkardoes*, *ophel* ens.

Die konstruksie het begin met bw. + ww. en later uitgebrei tot (bw.) + (s.nw. wat ook ww. is) en vandaar tot bw. + s.nw. sonder meer, soos *opduiwel*, *ophemel* ens. (Die WNT XI, 488 gee net *opduvelen* en sê verder: „De vorm *opduivelen* schijnt niet in gebruik te zijn”.) Van *ophemel* in die Afrikaanse betekenis van die woord, naamlik „met woorde (te) hoog prys” sê die WNT XI, 839 dat dit gevorm is van die bywoord *op* + die s.nw. *hemel*, nie van die bywoord *op* + die werkwoord *hemelen* nie. En verder: „Het is zeer waarschijnlijk dat het woord in dezen zin alleen in gebruik gekomen is, doordien men het in het vorige art. behandelde ww. door verkeerde volksetymologie in verband heeft gebracht met *Hemel*; de aldaar onder 3 en 4 genoemde bet. konden daartoe geredelijk aanleiding geven (verg. WEIL. die denkt aan een beeld ontleend aan de reinheid of helderheid des hemels en aan de pracht van den sterrenhemel). Al is het werkwoord dus misschien niet rechtstreeks van *Hemel* afgeleid, maar eigenlijk hetzelfde woord als *Ophemelen* (I), waaraan men eene andere bet. heeft toegekend, toch is het ww. reeds in de 17de eeuw als eene afleiding van *Hemel* opgevat en gebezigd.”

Hierby moet gevoeg word wat die WNT oor *opdonder* (s.nw.) en *opdonderen* (ww.) sê:

1. Oor *opdonder* (WNT XI, 452):

„OPDONDER, znw. m.; mv. -s. Van *Opdonderen* in de bet. iv) of van *Op*, II, A, 4) en *Donder*, naar analogie van synon. znw. In platte taal. Harde

vuistslag, stomp, stoot. // Iemand een opdonder geven, v. DALE. *Aanm.* De volkstaal kent een aantal dergelijke synonieme uitdrukkingen. Eenige daarvan zijn afgeleid van ww. die: slaan of stompen beteekenen; verg. b.v. *opdril* en het ironische *opslag krijgen* (voor: afgeranseld worden), en verder *opdoffer*, *opdokker* en *opstopper*. In navolging van deze woorden maakte men in scherts andere, die wel schijnbaar van ww. waren afgeleid, doch welke ww. niet of zeer zelden in den zin van: slaan worden gebruikt, b.v. *opmepper*, *opmaaiër*, *opneuker*, *oppeuter*, *opwaaier*, *opzaniker*. Vervolgens werden naar analogie daarvan naar willekeur woorden gevormd, hetzij in aansluiting bij vloeken of andere krachtige uitdrukkingen (verg. *opdonder*, *opduvel*, *oplazer*, *opmieter*), hetzij door samesstelling van *Op* met znw. die op zichzelf reeds: slag, stomp beteekenen (verg. *oplababber*, *oplababbel*, *oplawawel*, *oplawaaï*) en verder door willekeurige schertsende vervorming, als *opwammes*, *opsalamander*, *oplatafel* en dergelijke (verg. BOEKENOOGEN 703 volg.).”

(Vergelyk Afrikaans *opkoffie* en *aansuiker*.)

2. Oor *opdonderen* in die Afrikaanse betekenis (WNT XI, 452 en 455):

„ . . . Uit *Op* en *Donderen* . . . III) *Op* in de bet. II, D, 2, d). – Onz. In p'atte, ruwe taal voor: Weggaan, uitrukken, zich wegpakken. Waarschijnlijk naar analogie van ww. als *Opdrossen*, *Opkramen*, *Ophoepelen* enz. gevormd van *Donder*, onder invloed van *Neerdonderen* en *Omdonderen*, terwijl het reeds bestaande, in bet. afwijkende ww. *Opdonderen* het ontstaan van juist deze formatie in de hand zal hebben gewerkt. // Hij kan voor mijn part opdonderen. – Donder maar op! v. DALE. IV) *Op* in de bet. II, D, 12, c). – Volgens WEILAND in de straattaal gebruikelijk in den zin van: iemand ‚op zijn donder’ geven, ‚braaf opdoffen, slagen geven’, doch bij schrijvers niet aangetroffen. Wellicht is het woord dus door hem afgeleid van *Opdonder* (zie ald.). Verg. ook OPDRILLEN, III) (XI, 474).

*Aanm.* In eene uitdr. als: *iemand de straat op donderen*, hem op straat gooien (in de woordenboeken van BOMHOFF en v. DALE bij *Opdonderen* vermeld) worde *op* liever niet met ww. verbonden. Verg. OP, II, A, 2, c).”

Wat die verbinding van bw. en s.nw. betref, kan ook vergelyk word *opkwalmen* (WNT XI, 962): „Uit *Op* . . . en *Kwalmen* of rechtstreeks van *Kwalm*”.

'n Mens kan dié soort Afrikaanse vorminge nouliks begryp tensy jy hulle samehang met Nederlands en die spel met variante daarin ken. Dan word die Afrikaanse en die Nederlandse volkstaal ten opsigte hiervan maar kinders van dieselfde gesin.

#### § 45 Stam met lw.-korrelaat (?) + Stam met snw.-korrelaat : b.nw./bw.

*ingat* in 'n *ingat vent*, *jou ingat gedra*  
*inkastrol*  
*inkoejawel*

*inkokkewiet* in *Ek word alte ongelukkig as 'n grootman so inkokkewiet werk* (F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 134, uit 'n skets van Boerneef uit *Boplaas*: „Gerwe-ry en Trap”)

Dit is geensins duidelik dat en of ons hierin inderdaad die lidwoord 'n het nie. 'n Mens dink by dié woorde allereers aan die *in-* van bv. Nederlands *inblauw/-bleek/-blijk/-boos/-braaf/-gemeen* ens. (WNT VI, 1486), met die betekenis „door en door, uitermate”, wat ook al hier en daar in Afrikaans posgevat het, bv. in *ingemeen, inlelik* e.d.m. Maar dié *in* verskyn net by b.nwe./bwe. en die uitspraak daarby is /ən/, terwyl die Afrikaanse uitspraak by inkoejawel c.s. /ǝ /is.

Verder val op dat al die /ǝ /-woorde hierbo dieselfde beteken, nl. „swak, sleg, minderwaardig, teleurstellend” ens., terwyl die *in* (/ən/) nie net by woorde met pejoratiewe waarde verskyn nie.

Ook is dit nie duidelik watter semantiese verband daar bestaan tussen *kastrol, koejawel, kokkewiet* en *skottel*, en *inkastrol/-koejawel/-kokkewiet/-skottel* nie. Dan lyk dit asof hierdie groep op die een of ander wyse verbloemde eufemismes kan wees. *Inkastrol* kan 'n eufemisme wees vir *ingat* en *inkoejawel* via *hardekoejawel* ook. Van *kastrol* af is dit 'n hane-treetjie na *skottel*. Die hele stelletjie lyk na 'n spel met variante, maar hoe *kokkewiet* daarby kom, is nie duidelik nie. Naas *inkokkewiet* kom ook *kokkewiet* as bnw. voor: kom ons nou van *kokkewiet* tot *inkokkewiet* of anders om? Of is dit glad 'n ander woord wat eufemisties hiertoe volksetimologiseer is? Dit lyk my so.

En hoe kry ons *ingat*? My lyk dit na 'n *gat*, met die klem, spelenderwys op die 'n, moontlik gesteun deur bv. *hardegat* e.d.m., en moontlik ook deur variante segswyses 'n *gat van 'n plek/vent* ens., wat presies dieselfde waarde het.

Wat die etimologie ook al is, hier het ons 'n nuwe *in*. Sy verbindings is nog gemeensaam, maar die meeste is darem nie meer plat soos *ingat* nie. Of die spel verder sal gaan, is 'n saak van afwag en kyk.

## § 46 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : b.nw.

### § 46.1 Die tipe *blikners*

*blikners* in *Hy het hom blikners gery*

*doekvoet „rats”* (Adelaide)

*dopsak* in *Hy is dopsak „sonder albasters”, „het alles verloor”*. (Ook *Hy is doppies*.) Of is *dop* en *dok* hier wwe.?

*doringbos* in *Hy raak toe sommer doringbos vir die plek „skrikkerig”* (Ganspan – Vaalharts-nedersetting)

*doringskof* in *Hy is doringskof „kwaad”* (Namakwaland)



*ganspen* in *Hy is ganspen* „dronk” (Kleurlinge, Moorreesburg)  
*haasbek* (*wees*)

*hoenderkop*/-*vel*/-*vleis* (*wees*)

*kiepkop* in *Hy is kiepkop* „effens dronk” (Kleurlinge, Touwsrivier)

*latjiesbeen* in *Jy hou jou latjiesbeen by ’n meisie* „vlerksleep” (Worcester)

*melkkoffie* in *Hy is melkkoffie* „’n halfnaatjie”, „nog wit nog swart” (Dit kan ook as s.nw. beskou word.)

*ramkat*

*ringbek* in *Jan is al ringbek* „het al baard en kan saampraat” (Prins Albert)

*tonteldoek* in *Die ding lyk maar tonteldoek* „onsamehangend” (Transvaal)

*vuurbek* in *Hy is baie vuurbek* „dronk” (student, Stellenbosch)

*ystervark* in *Loop dan maar so ystervark rond as julle geen selfrespek het nie.*

**Opm. 1.** *Blikners* sou vir ons uit stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat bestaan, maar is in Nederlands gevorm van ’n b.nw. *blik* (+ *ners*/*neers*/*naars*). Maar of dit nou al sin- of diachronies beskou word, ons probleem bly: hoe het dit in Afrikaans tot b.nw. geword?

· 2. *Puinhoop* (in *Hy het die kar puinhoop gery*) kan òf as b.nw. òf as s.nw. opgevat word.

3. Afrikaanssprekendes sou *waterpas* waarskynlik opvat as stam met s.nw.-korrelaat + stam met die ww.-korrelaat *pas*, maar dis uit Nederlands behou en daar gevorm met die b.nw. *pas*.

Die kompositum kom meesal in die gemeensame (spreek- en skryf-)taal voor, meesal ook met komparatiewe waarde.

Hoewel daar ’n duidelike mate van analogiese aktiwiteit rondom ’n bepaalde geval is – *kiepkop* is klaarblyklik so gevorm naas *hoenderkop* – kan die tipe nie produktief genoem word nie.

Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat as s.nw. gebruik, is ’n volkome normale en alledaagse Afrikaanse en Nederlandse kompositumtipe. *Doekvoet*, *doringbos*/*skof*, *ganspen*, *hoenderkop* ens. as s.nw. bied dus geen probleem nie. Die probleem lê by hulle byvoeglike funksie. Hoe kom Nederlands daaraan?

### *Diachronie*

’n Paar gevalle is klaarblyklik Nederlands of steun daarop, bv. *blikners* (Nederlands *bliknaars*), *haaslip* (Nederlands *hazenlip*) en miskien *haasbek*, maar dié is in Nederlands ook almal s.nw., en buitendien is Nederlands *hazebek* ’n plantnaam, en *hazenmond* is ’n sinoniem van *hazenlip*. *Haaslip* is in Afrikaans s.nw. en b.nw., en by die b.nw. lê die knoop.

*Hoendervel*/-*vleis* is in dié sin ook Nederlands dat die woord *hoender* in Afrikaans die Nederlands *kip*(*pen*) ook in die kompositum vervang het. Nederlands is naamlik *kippenvle*/-*vlees* (met presies dieselfde betekenis as die korresponderende Afrikaanse woorde, maar s.nw.).

*Kippenvel/-vlees* word in Nederlands as s.nwe. saam met *klijgen* gebruik net soos *kiekenvlees* in Vlaams (WNT VII, 2752). Hoe naby die *kippen*-komposita in Nederlands aan b.nwe. kom, blyk uit 'n toeligtig van die WNT by *kippenvel (van iets) krijgen*, nl. „verg. ‚er koud van worden’ ” (WNT VII, 3131), dus omskrywe met die b.nw. *koud*. Ook *kiekenvlees* staan naby aan 'n b.nw.: naas *kiekenvlees krijgen* word ook *kiekenvlees zijn* aangegee. Dit korrespondeer presies met die metafories-byvoeglike Afrikaanse *hoendervel/-vleis wees*. Daarmee is nie alleen gesê dat dié twee erfgoed is nie, as s.nw. en b.nw., maar dit toon ook die ontstaanswyse aan: uit die komparatiewe gebruik van die twee s.nwe. sonder lidwoord, vlak na en saam met die ww. *om te wees*, dus volkome gelyk aan nie-samegestelde gevalle soos Afrikaans en Nederlands *puik* e.a. Vergeelyk § 10.1.

Vergelyk hiermee ook *ramkat wees*, *jannetjie wees*, „jaloers wees” (dikwels uitgespreek as *janloers*, waaruit die *jan*-gedeelte dan moontlik losgemaak en gediminueer is), 'n *bobbejaan wees* e.d.m.

So gesien, kan baie van die ander voorbeelde hierbo ook so op twee maniere opgevat word, bv. *hoenderkop wees*. In elk geval is *hoenderkop* nie 'n totaal nuwe Afrikaanse beeld nie. Nie alleen *kippenvel/-vlees* en *kiekenvlees* word in Nederlands oordragtelik aangewend nie, maar ook bv. *kipoog* „iemand die gebrekkig ziet; die bijziende is” (WNT VII, 3119); *kippenkoorts* in „. . . ze kreeg kippenkoorts van de gedachte alleen al” (WNT VII, 3121) „bang word by die gedagte aan . . .”; *kippekop* in „iemand . . . die zich dom-eigenwijs en zenuwachtig-koppig gedraagt” (WNT VII, 3121); *kippestuip* (WNT VII, 3133) „hoenderstuipe”. Die beeld in ons *hoenderkop* is dus klaarblyklik uit Nederlands behou, met genoeg *hoender*- of *kippen*-assosiasies om die Afrikaanse betekenis „dronk” te motiveer, en die funksie sluit volkome aan by die Nederlandse gebruik van *kippe(n)koorts/-vel/vlees* (gebruik sonder lidwoord saam met die ww. *krijgen*).

Ander in die voorgaande lys wat op soortgelyke wyse as s.nw. en/of b.nw. na *wees* beskou kan word, is *doringbos*, *melkkoffie*, *ramkat* en *tonteldoek*.

Hoe sou die res dan aan hulle byvoeglike funksie (kon) gekom het? Omdat, soos ons herhaaldelik sien, funksiewisseling by komposita meesal die sisteem van onsamegestelde woorde volg, soek ons dus allereers daar (§ 10.1) en vervolgens ook by ander komposita met sekondêre funksie. Daarvolgens kan die volgende oorweeg word:

1. Die wisseling tussen lidwoord plus s.nw. plus *wees* en s.nw. sonder lidwoord plus *wees*. Dan kan *doekvoet*, *doringkof* (miskien), *haasbek*, *hoenderkop* (afgesien van die steun van die ander *hoender*- of *kippen*-komposita), *latjiebeen*, *ramkat*, *ringbek*, *sekelstert* (miskien) en *vuurbek* ook so ontstaan het, dus as reduksievorm met die lidwoord afwesig.

2. Die komparatiefpartikels kon verval het of, in direkte metaforiese benoeming, afwesig gebly het. Dan kon uit of naas *soos* ('n) *doringbos/ganspen/tonteldoek/ystervark wees* gekom het *doringbos/ganspen wees* ens. sonder *soos*.

**Opm.:** *Doringskof* (b.nw.) kan moontlik ook van *doringskof-os* kom, soos *pap* (volgens Posthumus) uit Nederlands *paplam* (waarin *pap* oorspronklik s.nw. is) en soos *perd* in *heeltemal perd*, *pure perd wees* moontlik uit *perdfrys*, met behoud van die byvoeglike funksie van die kompositum, dus ook vergelykbaar met die Nederlandse b.nwe. *stamp*, *stapel* e.a. (kyk § 10.1), maar seker is die geval *doringskof* glad nie. Miskien hou dit verband met 'n *doring*, 'n *doring van 'n (skof)* en dergelyke uitdrukkinge meer.

Analogiewerking is natuurlik ook moontlik: dan sou s.nw. plus s.nw. regstreeks analogies aangewend word as b.nw., soos reeds in *kiepkop wees* (by *hoenderkop*). Of is dit nog 'n geërfde Nederlands *kip(pe)kop*?

3. Die vroeër vorm van Afrikaans *haasbek/-lip/-mond wees* is 'n *haasbek/-lip/-mond hê*. Die laaste is ook die enigste Nederlandse vorm. Hier het ons dus nie alleen 'n wisseling van *hê* en *wees* nie (soos by *dors*, *honger*, *lus* ens.), maar ook die uitstoot of verlies van die onbepaalde lidwoord. Dat hierby groepe soos 'n *gek wees* naas *gek wees*, 'n *sot wees* en *sot wees* e.d.m. (vergeelyk § 10.1) 'n rol gespeel het, is moontlik, hoewel nog nie bewysbaar nie. By *gek/sot wees* was die proses: van b.nw. tot s.nw., en nie omgekeerd soos by *haasbek/-lip* ens. nie. Maar natuurlik weet en wis die gewone, ook Nederlandse, taalgebruiker dit ewe min as wat hy weet of wis wat in die wisseling van ww. tot s.nw. en van s.nw. tot ww. die eerste was. (Vergeelyk § 6.)

### § 46.2 Die tipe *hartseer*

Die verhaal hiervan is nie heeltemal so eenvoudig soos dit in die literatuur voorgestel word nie. Daarin gaan dit meesal net oor dié soort komposita met adjektiewiese funksie. Maar ons het meer in Afrikaans, nl.

(a)	(b)	(c)
<b>bnw.</b>	<b>s.nw</b>	<b>b.nw./s.nw.</b>
<i>hartseer</i>	<i>bedseer</i>	<i>kopseer</i>
<i>pootseer</i>	<i>bek-(en klou)seer</i>	<i>lyfseer</i>
<i>voetseer</i>	<i>keelseer</i>	<i>rugseer</i>
	<i>maagseer</i>	

**Opm. 1.** Bosman skryf in 1928 dat *Ek is hartseer* vir sy gevoel „nog op die grens” staan.<sup>16</sup> Dit was in 1928 korrek. Vandag ken die jonger geslag

16. Bosman, D. B.: *Oor die Ontstaan van Afrikaans*, 86.

feitlik glad nie 'n s.nw. *hartseer* in die sintaksis *hartseer hê* nie (wel in bv. *Hartseer gaan ook verby*).

2. Vandag is *kopseer* vir ons soos *hartseer* in 1928 vir Bosman was.

Van die Afrikaanse *-seer*-komposita is die volgende ook Nederlands, nl. *hartzeer*, *hoofdzeer*,<sup>17</sup> *keelzeer*, *klauwzeer*, *kopzeer* ook in die vorm *kopzeerde*,<sup>18</sup> *maagzeer*, *liefzeerde*<sup>19</sup> „lyfseerte, buikpyn”, *oogzeer* en *pootzeer*. Daarbenewens het Nederlands nog *buikzeer* en *mondzeer*<sup>20</sup> en hulle is in Nederlands almal s.nw. Hiervolgens moet ons ons s.nw. *bed-|bek-|rug-|voetseer* as eiegoed beskou, en miskien *kopseer* ook.

Die vraag vir ons is dus: (a) Hoe is die nie-Nederlandse Afrikaanse voorbeelde gevorm en (b) hoe kom Afrikaans aan die byvoeglike funksie van *hartseer*, *kopseer* ens.?

### Diachronie

Wel, semanties lê *bedseer* buite die res van die groep: al die ander het die name van liggaamsdele as eerste komponente. Dit lyk waarskynlik dat dit 'n direkte vertaling is van Engels *bedsore*. En die ander dan? Beginnende met die geërfde Nederlandse s.nw., kon ons langs analogiese weg gekom het tot die Afrikaanse s.nw. *kopseer*, of dit kan 'n verkorting wees van *kopzeerte*, en *bekseer* is klaarblyklik 'n substitusie van *mondzeer*. Maar hoe kry ons dan die b.nw., nl. *hart-|kop-|lyf-|poot-|rug-* en *voetseer*, wat in Nederlands nie b.nw. is nie? Volgens die algemene bekendheid daarvan, lyk dit asof *hartseer* ons oudste b.nw. met *-seer* kan wees. As dit so is, sou *pootseer* en *voetseer* na analogie daarvan gevorm kon gewees het, en *kop-*, *lyf-* en *rugseer*, met twee funksies, na analogie van bv. *hartseer* (met dubbele funksie).

Maar is *hartseer* ons oudste b.nw.-kompositum op *-seer*, en hoe kry ons dit van Nederlands? Nederlands het immers net 'n s.nw. *hartzeer*, gebruik saam met die wwe. *hebben* en *aandoen*, bv. *iemand hartzeer aandoen*. Dit wil sê Nederlands *hartzeer* is gevorm van s.nw. + s.nw. Dit is duidelik dat ons *hartseer* (s.nw.) ook die Nederlandse woord *hartzeer* is. Neem ons dit nie aan nie, is daar nouliks enige probleem: dan kan *hartseer* doodgewoon behoort tot die groep stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat: b.nw. (§ 29).

Hoe kom ons nou van die Nederlandse s.nw. *hartzeer* tot die b.nw. in Afrikaans? Alle besprekinge hiervan (by Bosman, Hesseling, Boshoff, Le Roux ens.) het nog steeds gedraal rondom die volgende: hoe diep, of vlak, die verskil is tussen bv. *hartseer hê* en *hartseer wees*, sodat dan ook

17. Koenen-Endepols: Handwoordenboek der Nederlandse taal, 425.

18. De Vries, W.: *Op. cit.*, 139.

19. De Vries, W.: *Op. cit.*, 139.

20. In die uitdrukking *mond- en klauwzeer*.

*honger/dors/lus/vaak* + *wees* of *hê* in dieselfde groep lê. Die saak sou dan so inmeekaarsit dat, of 'n mens nou al sê *hij heeft hartzeer* of *hij is hartzeer*, die slotgedeelte tog byvoeglik gerealiseer word. Meer lig hierop sal ons nie kry voor die verskyning van die betrokke deel van die WNT nie (oor *zijn* en *wezen*).

Intussen moet ons vra of *hartseer* nie ook 'n Afrikaanse vorming kan wees van *hart* + b.nw. *seer* nie. *Seer* as b.nw. is immers ook oud in Nederlands en dus moontlik in Afrikaans.

Ten andere was daar en is daar ook nog, 'n mate van mededinging tussen woorde op *pyn* en woorde op *seer*. H. R. Bosman<sup>21</sup> het al daarop gewys. So het Afrikaans en Nederlands onder meer as s.nw.e. :

<i>buikpyn</i>	<i>klierpyn</i>	<i>maagpyn</i>	<i>tandpyn</i>
<i>hartpyn</i>	<i>koppyn</i>	<i>oorpyn</i>	<i>voetpyn</i> (?)
<i>hoofpyn</i>	<i>liggaamspyn</i>	<i>pootpyn</i> (?)	
<i>keelpyn</i>	<i>lyfpyn</i>	<i>rugpyn</i>	

en daarnaas op *-seer/-zeer*:

#### Nederlands

*buikzeer*  
*hartzeer*  
*hoofdzeer*  
*keelzeer*  
*maagzeer*  
*oogzeer*

#### Afrikaans

—  
*hartseer*  
 —  
*keelseer*  
*maagseer*  
 — (?)

Oor die algemeen het die *-pyn*-woorde 'n hoër status in Afrikaans, en in 'n paar gevalle het ons ook net *-pyn*-woorde, bv. *klier-/oog-/oor-/tandpyn*.

Daarmee gaan saam dat ten opsigte van die name van enkele liggaamsdele daar ook mededinging is tussen hoër en laer status, bv. *mond* teenoor *bek*, *hoof* teenoor *kop*, *voet* teenoor *poot*.

In die geval van *bek-* en *klouseer* weet ons dat dit kom van Nederlands *mond-* en *klauwzeer*. Dan sou dit nie vreemd wees as Afrikaans *kopseer* sou kom van Nederlands *koppijn* en *hoofdzeer* nie.

Dan is dit ook moontlik dat so 'n differensiasie steun kon verleen het aan die gebruik van *-seer*-woorde as b.nw.e.

### § 47 Stam of verbindingsvorm van stam met snw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat (nie-iteratief) : bw.

*apegape* in *Hy het daar apegape gelê na die wedstryd* (Vryheid)  
*bakhans* in *Ons maak die kalfie bakhans groot*

21. Bosman, H. R. : *Nominale samestellings in Afrikaans*, 38.

*bladsak* in *Hy ry bladsak „kromrug”* (Khomas Hochland, S.W.A.)  
*blikners „deurgery op die sitvlak”* (*Etimologiese Woordeboek*)  
*bultrug* in *Hulle het bultrug gespeel „pragtig”* (Suid- en Wes-Vrystaat)  
*doekvoet* in . . . *het ek nog doekvoet lê en slaap „heerlik”* (Oos-Londen)  
*handgalop* in . . . *so ry ek die skimmel handgalop* (Boerneef: *Ghaap en Kambro*, 55)  
*houtkas* in *houtkas ry „die motor teen ’n afdraand uit rat haal”*  
*katsak* in *iemand katsak maak „al sy albasters wen in albasterspel”*  
 (Oudtshoorn)  
*katvoet* in *katvoet loop „ligvoet”* (Malmesbury)  
*manshoogte* in *Die son sit manshoogte van die berg af*  
*ramkat* in . . . *waar hy so ramkat gespeel het* (*Dagbreek en Sondagnuus*, 12.3.1950)  
*sekelstert* in *Hy loop sekelstert teen die berg uit „in ’n halfmaan”*  
*skouerhoogte*  
*soutsak* in *soutsak sit*

Die semantiese waarde is meesal dié van wyse, met soms ’n tikkie van die komparatiewe en van toestand daarby. Dit kom veral in die volkstaal(styl) voor en is nog nie ’n ope konstruksie nie. Die meeste voorbeelde is dan ook individuele taal of streektaal.

#### *Diachronie*

Hoe moet die bywoordelike funksie verklaar word?

In die eerste geskifte rondom die ontstaan van Afrikaans het dit veral gedraai rondom die voorbeelde *knipmes ry*, *lepel lê*, *soutsak sit*, *velling lê* ens. (Vergelyk § 47.)

Hoe het die ander hulle bywoordelike funksie gekry?

Hulle is, geneties beskou, blykbaar nie of nie volkome eenders nie:

*apegape*: kom van Nederlands *op apegapen liggen*. Ons het dus, weer ’n keer, die voorsetsel verloor;

*bakhans*: klaarblyklik gevorm naas *hans* (wat s.nw., b.nw. en bw. is);

*bladsak*: sou *soutsak* miskien die aanleiding hiertoe gewees het?

*bultrug*: kan analogies gevorm gewees het by *holrug*, met verontagsaming van die verskil in woordsoortelike komponente;

*doekvoet*: klaarblyklik dieselfde as die b.nw./s.nw. *doekvoet*;

*handgalop*: sluit aan by *galop ry* (of *galopry*?);

*houtkas*: bevat moontlik die *kas* van *radkas*, maar waarom is die *hout* daarby? Of is dit miskien slegte registrasie van *uit kas* wat beteken „uit (rad)kas”?

*katsak*: kan ’n wisselvorm van *platsak* wees;

*katvoet*: skyn by *doekvoet* aan te sluit. *Kat* is hier volkome deursigtig: dit gaan om die geluidlose beweging;

*manshoogte*: ook Nederlands, maar is ’n s.nw.;

*ramkat*: sou moontlik kon begin het as predikatiewe s.nw., soos in bv.

*Hy is predikant, onderwyser, afslaer e.d.m.*;

*sekelstert*: kom moontlik van *soos (met) 'n sekelstert*;

*skouerhoogte*: ook Nederlands, maar daar net s.nw. Dit lyk asof in Afrikaans die *op* van *op skouderhoogte* weggeval het;

*soutsak*: as s.nw. is dit Afrikaans en Nederlands. Maar hoe het dit tot bw. geword?

Hesseling het hierin nog 'n voorbeeld gesien van hoe „het Afrikaansch, evenals het Maleisch-Portugees, menigmaal de woordsoorten geheel anders gevoelt . . . dan de Europeesche talen”.<sup>22</sup> Le Roux is dit daarmee nie eens nie en wys o.a. op Nederlands *brilzien, brilijken* „wat verklaar word as ontstaan uit *als door een bril zien*”.<sup>23</sup> Die waarde van dié Nederlandse parallel is ontken omdat dit 'n unikum sou wees. Maar dit is nie so 'n danige unikum nie, want naas wat onder woordsoortelike funksiewisseling gegee is (§ 10.1) kan ook nog Nederlands *pruim kijken/zien, den mond pruim zetten* ens. genoem word (WNT XII, 4624 en 4618). Maar nou was die beswaar teen die geval *bril*, en dieselfde geld van *pruim*, dat daar geen teken is dat hulle ooit in Suid-Afrika gekom het nie. Dan kon hulle ook nie analogies die aanleiding gewees het tot die genoemde gebruik van *lepel* in Afrikaans nie.

Daarteenoor kan natuurlik gestel word dat, as *bril* en *pruim*, moontlik sonder enige verband tussen hulle, in Nederlands so gebruik kon word, sonder aanwysbare invloed van ander tale, dieselfde in Afrikaans kon gebeur het. My indruk is trouens dat dit in Nederlands en Afrikaans dieselfde taalproses was wat die verskillende resultate gelewer het, naamlik metaforiese adverbialisering (vergelyk § 10.2) met sy Afrikaanse en Nederlandse bystukke metaforiese adjektivering en (veral by samegestelde woorde in Nederlands) metaforiese verbalisering. (Die geval *velling lê* is geen probleem nie: dit is 'n klaarblyklike Afrikaanse variant van *lepel lê*, wat semanties baie nader aan mekaar lê as wat die Nederlandse *bril* en *pruim* aan mekaar is.)

Ten andere kan met die geval *soutsak sit* aangetoon word hoe maklik 'n mens jou met dergelike geïsoleerde gevalle kan misreken. *Soutsak* is bespreek asof dit hoegenaamd geen verband met Nederlands het of gehad het nie. Tog weet ons vandag dat dié woord en sy gebruik wel Nederlands is, in 'n hele verskeidenheid van gebruike. *Ge zit as 'en zoutzak* staan net so in J. J. Cremer se *Overbetuwsche Novellen*, 10de druk, 224, en hierin word *zoutzak* net so komparatief-adverbiaal gebruik as in Afrikaans. Ook die gereduseerde vorm is Nederlands: *Als je vroeger voor 'n tientje („10 gulden”) dronk, was je zoutzak* (b.nw.) is in Utrecht gehoor. Dit klop vol-

22. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 134–5.

23. *Ibid.*

kome met wat Van Dale van *zoutzak* (s.nw.) sê: „Van iemand, die als een zak zout in elkander zakt, die niet rechtop zit, of die niet flink is, geen energie betoont.” Dieselfde gebruik kom meermale in Nederlands voor. Vergelyk verder bv. *Hij is een rechte zoutzak* en *Hij zit als een zoutzak*.<sup>24</sup>

Daar kan weinig twyfel oorbly: ons *soutsak* in *soutsak sit* is geërfde Nederlands. Dit is alleen nog die vraag of dit as reduksievorm (sonder *als* of *zoals* geërf is, dan wel of die reduksie in Suid-Afrika plaasgevind het. (Vergelyk verder § oor die verdwyning van partikels.)

Ook oor *broekskeur* was daar taalkundige hoofpyne: sy Nederlandse parallel *propschiet* is ook onverklaar en dit het nie in Afrikaans beland om hier die analogie te wees vir die vorming van *broekskeur* nie. Ek moet hierby sê dat ek nie oortuig is dat *propschiet* nie hier is nie. Die volgende twee vorme is dikwels aangeteken: *broekskyt* en *propskyt*. Miskien is daar desondanks geen verband tussen dié vorme nie, maar dit is moontlik.

Ten andere is dit goed moontlik dat ons ons ook met hierdie geval misreken, net soos met *soutsak*. Want Nederlands ken die beeld in *broekskeur* net so goed soos Afrikaans, net in 'n ander vorm: *Het gaat niet zonder kleerscheuren*, met vrywel dieselfde waarde as die Afrikaanse *broekskeur*. (Volgens prof. M. J. Langeveld volkome algemeen bekend in Nederlands.) Ons sal dus, nog 'n keer, maar moet wag op meer kennis omtrent Nederlands.

Dit blyk dus dat die kompositumtipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: bw. (a) reeds Nederlands was en is, sy dit dan so dat dit daar meesal nog saam met 'n partikel (*op als*) gebruik is, (b) in Afrikaans nog geen ope konstruksie geword het nie: in verreweg die meeste gevalle vind daar nog van geval tot geval uitstoting van 'n partikel plaas om 'n samegestelde bywoord te kry.

**Opm.:** In *Dit het net so* ('n) *slangsleepseltjie gereent* „'n bietjie”, word *slangsleepseltjie* gebruik ongeveer soos 'n *trekseltjie* in *Ons het net so 'n trekseltjie koffie oor* „'n bietjie”, waarin *so 'n bietjie*, en dan ook die ander, as adverbiaal beskou kan word.

## § 48 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat (iteratief)

### § 48.1 Tipe met bywoordelike funksie

*draai-draai* in *Die wal lê draai-draai in die leegte* (Mikro: *Toiings*, 18)  
*klompies-klompies* in *Die mense het klompies-klompies op die gras gaan sit*

*kolle-kolle* in *So kolle-kolle lyk dit nie sleg nie*

*lap-lap* in *Die blomme het lap-lap in die veld gestaan* en in *Sy mond hang lap-lap oop* (Mikro: *Toiings*, 57)



*nerf-nerf* in *Nig Willa! Nig Willa! So nerf-nerf of ek was aan jou sy* (J. van Bruggen: *Op veld en Rante*, 107) en in *Mantag, Oubaas, ons had hom so nerf-nerf* (M. J. Harris: *Uit die Buurt*, 134)  
*paar-paar* in *Die skuide loop so paar-paar* („skuite”, visserstaal)  
*plek-plek* in *Dit het plek-plek goed gereent*  
*rol-rol* in *Ons wil die persketamelêttjies so rol-rol eet* (student)  
*slag-slag* in *Slag-slag word hy moedeloos*  
*stuk-stuk* in *Julle kan nie die hoofvakke stuk-stuk skrywe nie*  
*stywebeen-stywebeen* in *Die bedelaar kom stywe-been, stywe-been<sup>24</sup> aangestap* (Boerneef: *Sketsboek*, 30)  
*witpens-witpens* in *So kaal sal hulle ook nie meer lank wees nie, want as die lenteweer kom, word hulle seiklere aangetrek en dan kies elkeen weer witpens-witpens koers na die oop see* (Die Burger, 23.8.1957)

Soos uit die voorbeelde blyk, kom die s.nw. as bywoord in enkelvoud en meervoud voor, maar meesal in die enkelvoud. Enkeles kom in altwee vorme voor, bv. *ent-ent* en *ente-ente*, *kol-kol* en *kolle-kolle* ens.

Die semantiese waarde hiervan is veral van tweërlei soort, nl. (a) „in/op sommige van wat deur die betrokke woord genoem word”, dus *in sommige ente, kolle, plekke* ens., en (b) „-gewyse”, dus bv. *laps-/paars-/rols-/stywe-beensgewyse* ens.

Sommige van dié iteratiewe is vervangbaar deur nie-iteratiewe van dieselfde woord, bv.

*Die pad was ent-ent sleg* deur *Die pad was ente sleg*,

*Die blomme het lap-lap . . . gestaan* deur *Die blomme het lappe . . . gestaan*,

*Dit het plek-plek goed gereent* deur *Dit het plekke goed gereent* ens., maar nie bv. *Sy mond hang lap-lap oop* deur *Sy mond hang lap(pe) oop* nie. Wat beteken dit? Dit kan beteken dat, as hierdie iteratiewe ontstaan het uit jukstaponering (Vergelyk § 24) dus bv. *Dit het plek-plek goed gereent* uit *Dit het plekke-plekke goed gereent*, daaruit nie volg dat elke iteratief dus ook uit sodanige sametrekking ontstaan het nie – *lappe-lappe* e.a. kon dus gevorm gewees het na analogie van (die) ander.

Dié soort iteratief kom in die Bybel voor, bv. Markus 6:39: *En Hy het hulle beveel om almal klompies-klompies op die groen gras te laat sit*, maar daarvan mag nie afgelei word dat dié soort dus sy eerste en natuurlike tuiste het in die stylkader van die Bybel nie. Oor die algemeen is die stylwaarde van dié tipe eerder aan die volkse kant. Ewe min kan ons sê dat, hoewel die Grieks in Markus 6:39 en 40 iteratiewe het (*συμποσια συμποσια* en *πρασιαί πρασιαί*), en hoewel altwee vertaalbaar is, nl. *klompies-klompies* en *groep-groep*, omdat die Afrikaanse Bybel dit vertaal met *in groepe*, dit nie afkerigheid van *groep-groep* bewys nie. Feit is

24. Dit kan ewe goed as kompositum beskou word.

dat in die sinsverband die iteratief sintakties nie verbindbaar sou wees met wat volg nie. Daar staan naamlik: *En hulle het gaan sit in groepe van honderd . . .* Ons kan nie sê . . . *groep-groep van honderd\** of so iets nie.

Moontlik geld 'n soortgelyke oorweging t.o.v. Mattheüs 13:30: „*ῥησαυτε( εεραμαδά σμάς*”, vertaal as . . . *bind dit in bondels i.p.v. . . . bind dit bondel-bondel.*

Wat iteratiewe in die Afrikaanse Bybel betref, het ons te make met getroue oorsette van die Grieks en Hebreeus. (Vergelyk ook Psalm 77:6 in die Afrikaanse vertaling van 1933.) Daarvan skryf Fr. Blass: „Der Akk. des Resultats wird bisweilen in hebraisierender Weise verdoppelt zur Bezeichnung des Distributiven.”<sup>25</sup> Vergelyk ook § 493 van Blass.

Buite die Bybel om is hierdie iteratiewe meer iets van die vrye volkstaal. Die gebruiksfrekwensie van die bywoord is kleiner en sy vormbaarheid beperkter as dié van die s.nw.-funksie, maar die voorbeelde self word baie herhaal.

Oor die herkoms van dié funksie is daar nog sekerheid nie. Le Roux meen dit kom van Maleis.<sup>26</sup> Scholtz onderskei twee groepe: (1) dié waarin die reduplikasie beskou kan word „as 'n normale herhaling van 'n s.nw. wat eers enkel gebruik is”, nl.

*rye-rye* in *In die soetdoring langsaan hang die vinkneste rye-rye aanmekaar aan die wilgeragtige takkies,*

*klompies-klompies* in *Hulle woon klompies-klompies bymekaar* en in *Die koue laat die dassies klompies-klompies teen mekaar sit,*

*klompe-klompe* in *Hulle loop hom sommer klompe-klompe gelyk van agter af storm,*

*knoppe-knoppe* in *Die skape is hardvet. Dit staan sommer so knoppe-knoppe.*

Daarby sluit dié aan soos  
*lappe-lappe vaalbos duiselingwekkend in die hitte,*  
*banke-banke sand,*

*reekse-reekse sandwolke,*

*rye-rye sandwalle,*

*troppe-troppe trekbokke,*

*doppe-doppe water,*

wat sonder meer met verdubbeling kan kom uit resp. *lappe vaalbos, banke sand, reekse sandwolke, rye sandwalle, troppe trekbokke, doppe water.*

Maar sê hy verder (2) dat in sinne soos  
*Hulle (die hamels) staan klompies-klompies koppe bymekaar (bymekaar hoort hier by koppe en nie by klompies nie),*

25. Blass, F.: *Grammatik des neutestamentlichen Griechisch, bearbeitet von A Debrunner*, § 158: noot.

26. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 179.

*Die trop sit klompies-klompies onder die bome en rus,  
 Die gemsbokke lê klompies-klompies lomerig en herkou,  
 Die wildsbokke en die volstruise staan troppe-troppe lomerig en lui,*  
 „kan die reduplikasie nie vervang word deur die enkel s.nw. nie, sodat die reduplikasie hier nie as die normale herhaling van 'n woord in 'n bestaande sintaktiese verband kan beskou word nie. Hulle moet as uitbreidingsgevalle van die voorgaande normale reduplikasies opgevat word”.<sup>27</sup>

Hy meen dus dat dié tipe 'n natuurlike ontwikkeling in Afrikaans is wat ook eie is aan Afrikaans en nie in Nederlands voorkom nie. Moontlik is dit so, maar daar is voorbeelde van adverbiale gebruik (Vergelyk § 50) wat 'n mens laat twyfel.

**Opm.:** Daar is uitbreidingsgevalle, naamlik dié wat in 'n sinsvorm beland waarin hulle nie meer deur die nie-iteratiewe vervangbaar is nie. [Sien § 50.]

### § 48.2 Tipe met byvoeglike funksie

*gat-gat* in *Die pad is vreeslik gat-gat*  
*rand-rand* in *Hoekom is jou lippe so rand-rand vanmôre*

Die tipe kom nog te min voor om meer daaroor te sê.

### § 49 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat (nie-iteratief) : s.nw.

*aalfuik* „mandjie waarmee riviervis gevang word” (Bredasdorp)  
*aangesigpyn* „hoofpyn” (boswerkers, Knysna)  
*aanvalsbevel*  
*aapstert* „sambok”  
*aasdieromslagtigheid* in *Hy gaan met aasdieromslagtigheid te werk* (Hobsons: Buks, 140)  
*aasvoël-indruk* in *Die aasvoël-indruk wat die mense hier van hom het* (Die Burger, 28.8.1950)  
*Abraham-boepens* „koringkriek” (Kimberley)  
*Adam-rib* „vrou” (Rawsonville)  
*afdakkuif* in . . . *met die lang afdakkuif* (Die Brandwag, 9.9.1949)  
*affêresman* „sakeman” (Kleurlinge, Kruisrivier-Wes)  
*afkappingspermissie* „afkappermit” (boswerkers, Knysna)  
*Afrikanerskaap*  
*agtuurgoed* „ontbytgoed” (Boerneef: Boplaas, 132)

27. Scholtz, J. du P.: „Reduplikasieverskynsels in Afrikaans”, 14–15.

*ambraalstuk* „pronkstuk”, „iets wat spoggerig is”  
*amandel-pannekoek* „fyngemaakte amandels in die deeg van pannekoek gemeng”  
*angssiel* in . . . *van wat in sy angssiel voortvreet* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 185)  
*angs-ure* in *Die stem klink in die angs-ure* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 250)  
*ankerklippe* in . . . *wieg ’n halfdosyn bootjies . . . op die water, slegs vasgemaak aan ankerklippe wat in die vlak water gegooi is* (P. J. Bonson: *Die Waaier*, 113)  
*ankerwag* „anchorwatch” (vlootterm)  
*apiesdoring* „mimosabome”  
*apostellepeltjie* „teelepeltjie waarvan die steel in die vorm van ’n apostel is”  
*appelstronk* „klokhuis” (Burgersfort)  
*arelesers* in *Die maaiers en snyers en arelesers samel ryk oeste in* (D.F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 110)  
*asbek* „donkie” (Calvinia)  
*asbrood* „stuk deeg wat onder as toegekrap word om te bak” (Bokveld)  
*asgat* „stouterd” (Noordweste)  
*aspotjie* „asbakkie”  
*astraklaggie* in *Wynand gee ’n astraklaggie* „bitterlaggie” (R. Hendriks: *Die Verdwyning van die Tweeling*, 25)  
*Australia-gif* „koffie” (Onrusrivier)

Dit word so baie gebruik en nuwes word so dikwels gevorm dat ’n keuse van voorbeelde nie anders as willekeurig kan wees nie. Om ’n indruk van die hele veld te gee, word telkemale ander voorbeelde gekies, hoofsaaklik wat nie in WAT voorkom nie.

Dit is die tipe waarby verbindingsklanke en verbindingsvorme die gewoonste is, bv. *kinderdae*, *kindsbeen*, *pannekoek* ens. (Vergelyk § 18.1.).

Meervoudsvorming geskied meesal by die tweede komponent, bv.

*baaibosse*,  
*baardskeerders*,  
*baas-wegkruipers* (*Die Suiderstem*, 23.8.1946),  
*bakalwers* „hansdiere wat uit die bak grootgemaak is” (Ceres),  
*bakkiemans* „mans wat die visnet ingooi en kontroleer” (Sandveld),  
*bakoonddansters* „volwasse persone met besondere klein liggaamsbou” (Boesmanland),  
*baksteen-woorde* „groot woorde, veral vloekwoorde wat ons nie elke dag besig nie of wat nie behoorlik is om te besig nie”,  
*bakvangers* „persone wat net kan eet en nie werk doen nie” (Ceres),  
*bakwagters* „oujongnooiens” (Noordweste),  
*bankhaaie* „vaal haaie wat in die diep see naby die banke bly en leef die klein vissies wat onder die banke bly” (Gordonsbaai),

*bedwelmsmiddels* (*Die Huisgenoot*, 11.4.1947),  
*beesbyter „mambaslang”* (Fiksburg),  
*beesdiere* (G. S. Joubert: *Oupa Landman se viool*, 27),  
*beeshanse* „skape wat tussen beeste grootgeword het en heelwat groter as gewone skape is”,  
*bekveld-maniere* (C. J. Langenhoven: *Sonde met die Bure*, 22),  
*besemmanne* (Boerneef: „Gerwe-ry en Trap”, ’n skets uit *Boplaas*, opgeneem in F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 131),  
*biblioteekwalifikasies* (*Die Brandwag*, 21.7.1900),  
*blaarore „bakore”*,  
*blaasertjies* „persone wat ’n groot windlawaaï is en min daadwerkliks uitvoer” (Kaapstad),  
*bladsakke „plaasvolk”* (Piketberg),  
*bladvye „turksvye”*,  
*blakerpote „makoue”* (Oudtshoorn),  
*blikore „muile”*,  
*blitsverkopers „best sellers”*.

Die Taalkommissie het ’n reëling dat die volgende die meervoude is: *goewerneurs-generaal*, *ouditeurs-generaal*, *posmeesters-generaal* ens. Die tyd sal leer of dié voorskrif ingang sal vind, want dit is in botsing met ons algemene sisteem. Intussen word in die omgangstaal verkleinwoorde van dergelike woorde wel binne ons algemene sisteem gevorm: *goewerneur-generaaltjie* en nie *goewerneurtjie-generaal\** nie. Die taal wen meesal, die voorskrywende taalkundige selde.

Diminuering van ’n eerste komponent is net gewoon as dié komponent ’n vormvaste of ’n veelgebruikte diminutief is, bv. *blikkieskos*, *boontjiesop*, *litjiesgras*, *rosyntjebrood*. Afrikaans skyn enigsins afkerig te wees van komposita met twee diminutiewe, want dit kom selde voor, bv. *vuurhoutjiedosie*.

Daar is probleme van sistematiek :

1. Die onderskeiding tussen bv. *in Gods naam* en *in godsnaam*, dus ook *om Vaders wil* en *om vaderswil* (?), *om Christus wil* (?), berus op kennis van Nederlands. Afrikaans het nie meer ’n lewendige genitief-s-sisteem nie.

2. Die onderskeiding tussen bv. ’n *model mótor* en ’n *modèlmotor*, ’n *soort naám* en ’n *soórtnaam* ens., meervoude: *modelle motors*, *modèlmotors*, *soorte name* en *soórtnaam*, raak veral die woordgroep en moet dus onder dié hoof uitgewerk word.

Die dominerende semantiese funksie van die tipe is om te benoem deur nadere spesifisering, meesal in die eerste lid, bv.

*bloedsaak* teenoor enige ander *saak* (Die Griekwas het jare lank die gewoonte gehad om na die geboorte van ’n kind ’n wit bok, hoender of

skaap te slag. Hulle sê dis 'n *bloedsaak*, want die aarde gee en aan die aarde moet gegee word.),  
*bloedsverbondenheid* teenoor *verbondenheid* (*Die Huisgenoot*, 9.5.1952),  
*blomdagga* teenoor *dagga*,  
*blommenvrouens* teenoor *vrouens* (S. V. Petersen: *As die Son ondergaan*, 35),  
*bobbejaantjiebeentjie* „gottabeentjie” teenoor *beentjie*,  
*bodemventilasie* teenoor *ventilasie*,  
*boerbase* teenoor *base*,  
*boerevakansie* „reëndag” teenoor *vakansie*,  
*boertoon* „gat in skoen of pantoffel se punt” teenoor *toonboomtuiste*  
(Hobsons: *Kees van die Kalahari*, 134) teenoor *tuiste*,  
*braamhand* „kat” teenoor *hand*,  
*breinfloute* „geheueverlies” teenoor *floute*  
ens. (Nie een van hierdie woorde is in WAT opgeneem nie.)  
Daar is 'n groot verskeidenheid verhoudinge tussen die komponente, onder meer die volgende :

<i>beesboer</i>	„boer wat met beeste boer”
<i>bomdop</i>	„(die) dop van 'n bom”
<i>dankoffer</i>	„offer as bewys van dank”
<i>geldlaai</i>	„laai vir die geld”
<i>huweliksreis</i>	„reis na die huwelik”
<i>kelkblom</i>	„blom met 'n kelk”
<i>loodkleur</i>	„kleur soos dié van lood”
<i>lugreis</i>	„reis per lug”
<i>maagkramp</i>	„kramp op die maag”
<i>moerasplant</i>	„plant wat in die moeras aard”
<i>nagrus</i>	„rus gedurende die nag”
<i>opiumhandel</i>	„handel in opium”
<i>raapolie</i>	„olie gestook van rape”
<i>sneebal</i>	„bal van sneeu gemaak”
<i>visaas</i>	1. „aas om vis mee te vang” 2. „vis wat dien as aas”
<i>wêreldreis</i>	„reis om/deur die wêreld”
<i>wraaksug</i>	„sug om wraak”.

Naas stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (kyk § 56 hiervan) is dit die mees produktiewe tipe in Afrikaans, met hoë gebruiksfrekwensie.

### „Nuwe” voorbeelde:

*angssiel* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 185)  
*beñfondament* (Uys Krige: *Sol y Sombra*, 20)

*beroerte-liggaam* (D. J. Opperman : „Nagwaak by die ou man”)  
*blitskrisis* (*Die Burger*, 3.5.1950)  
*botterwoorde* (Psalm 55)  
*hoenderkraai* (F. A. Venter : *Geknelde Land*, 3)  
*huismanne* „getroude mans” (Kakamas)  
*kalkoenpraat* „dronkmanspraatjies” (Malmesbury)  
*kalwerbemindes* (*Sarie Marais*, 3.9.1952)  
*maanduiwe* „duiwe wat wild geword het”  
*molbestaan* (*Die Burger*, 9.6.1950)  
*nag-eensaamte* (C. M. van den Heever : *Anderkant die Berge*, 25)  
*nesmetode* (D. Craven : *Grondbeginsels van Rugby*, 184)  
*piesangtrein* (*Die Burger*, 17.7.1950)

Die vormbaarheid van die tipe word beperk deur die begripsoort van die komponente : persoons- of pleknaam plus soortnaam is nie vry verbindbaar nie :

- (a) Nuwe woorde soos *Pashur-trots* (D. F. Malherbe, vgl. vroeër) word selde gevorm en doen vreemd aan.
- (b) Dié verbinding is alledaags wanneer iets tipies is van iemand, bv. *Dis 'n tipiese Taljaardstorie daardie, 'n tipiese Villiers-trek, 'n tipiese Roux-grap* e.d.m. . . .
- (c) Ook geboue, mense, produkte ens. word dikwels met dié konstruksie benoem, bv. *D. F.-Malangebou, Neethlingsaal, Smutsbeeld, Paarl-mense, Franschhoekwyn, Kakamasperske, Fordmotor*.

**Opm.:** Ten opsigte van skool- en koshuisname e.d.m. het dit mode geword om, waar moontlik, en veral as dit 'n meerledige naam of van geld, te prediseer, dus bv. *Huis De Villiers, Huis Marais, Hoërskool G. Cillié*. Dit kom deels uit die opvatting as sou voorplasing van die eienaam anglisisties wees. Dié anglisisme is nie bewysbaar nie : *Magoebaskloof-hoërskool* en *Langlaagteweeshuis* is normale Afrikaans.

Die tipe is algemeen en oud in Nederlands en baie van ons voorbeelde is ook gewone Nederlands, bv. *eikeboom, lidmaat, Maandag* (t/m *Sondag*), *oogappel, sinksalf, vroumens, weekblad* ens. Maar Afrikaans het duisende nuwes gevorm en vorm hulle nog. Naas wat hier voorafgegaan het, kan onder duisende nog die volgende nie-Nederlandse voorbeelde genoem word (nie een in WAT van letters A–G nie) :

*dag-genot* (D. F. Malherbe : *Die Bergstroom ruis*, 37),  
*delwersdonkie* in *Gedwee soos 'n delwersdonkie* (*Die Kern*, Maart 1947),  
*dermwerk* in *Hulle doen dermwerk „niks spesifiek nie”* (Burgersfort),  
*diefslae* in *Nou daar diefslae gepleeg is . . .* (*Die Burger*, 20.9.1946),  
*doderykbaas* „begravnisondernemer” (Kleurling, Upington),  
*dogtertjiekind* in *My dogtertjiekind, ek wens ek kon dit koop* (C. J. Langenhoven, *Versamelde Werke*, II, 190),

*dolos-indaba* in *Toordokter . . . wat terugkeer van 'n dolos-indaba met die geeste . . .* (Die Burger, 5.2.1942),  
*doodgenootskap* „begravnisonderneming” (Kleurling, Tulbagh),  
*doodswurg* in . . . *gered uit die doodswurg . . .* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 152),  
*doppiewater* „water waarin die doppie (vissoort) in groot getalle verkeer”,  
*drangmotief* in *Wat is die drangmotief van sy handeling* (Stellenbosch),  
*Dreyersore* in *Hy het 'n paar Dreyersore* „buitengewoon groot ore” (Namakwaland),  
*Dreyersoor* in *Die Dreyersoor van die skaap* „die kraakbeen aan die voorpunt van die bladbeen” (Namakwaland),  
*drif-oë* in *Sy sien die vlam in sy drif-oë* (D. F. Malherbe: *Vlam van die Suurveld*, 53),  
*drogboeties* „duiweltjies” (F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 105, uit 'n skets van Uys Krige: „Die Doodkis”),  
*droomhunkering* in *Sy voel sy droomhunkering as magtige waarheid* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 144),  
*duifvroujie* „wyfieduif” (skoolseun),  
*duine-trappers* „eenvoudige, effens agterlike mense” (A. Bignault: *Die Vrolike Lied*, 107),  
*duiwelskar* „warrelwind” (Vosburg, Kaap),  
*dwaaihout*; *dwaai* is „'n soort boom wat by die Koup groei” (Kleurling, Touwsrivier),  
*eierdag* in *Vandag is weer eierdag*,  
*eiersonde* in *Hy laat sy handlangers eiers in hul hokkies pak met die punte ondertoe – glo 'n onvergeeflike eiersonde* (Die Huisgenoot, 2.9.1949),  
*elandsvye* amper dieselfde as „hotnotsvye”; die vrug word egter vroeër as hotnotsvye ryp, as dit ryp word, word dit heeltemal pap (Nuwerus, Namakwaland),  
*emigrasie-nooi* in *Die terugverlangende stem van 'n emigrasie-nooi* (L. Maré: *Die Nuwejaarsfees*, 107),  
*eselskraper* „skraper wat deur esels getrek word”. So kry 'n mens dan ook 'n donkiekar en eselkar,  
*familie-ongenade* in *Hy is nog sterk en kan die las van die familie-ongenade dra* (D. F. Malherbe: *Vlam van die Suurveld*, 243),  
*familie-winkel* (advertensie, Stellenbosch),  
*flentergordyn*,  
*flentersoentjie*,  
*Floorsietaal* (Die Huisgenoot, 24.5.1946),  
*gaatjieskouse* „mesh-kouse” (A. Bignault: *Die Vrolike Lied*, 73),  
*gaffelkop* „os” (Oudtshoorn),  
*galgstuipe* in *Jy kan galgstuipe daarvan kry* „jy kan daar iets van oorkom” (Stellenbosch),  
*galkop* „duiker” (Oostelike Provinsie),



*galspugies „koffie” (Ceres),*  
*Garibaldihemp „ferweelhemp” (Oudtshoorn),*  
*gatsteen „steen waarmee koring stukkend gestamp word”. Deel van die*  
*gatskuur (Noordweste),*  
*gedagte-kluis in Die ou meid, swaar van erns, is opgesluit in haar eie ge-*  
*dagte-kluis (D. F. Malherbe: Vlam van die Suurveld, 188),*  
*gehalte-materiaal in . . . aantrekklike patrone en gemaak van gehalte-mate-*  
*riaal (Die Rooi Rose, Sept. 1950),*  
*geld-indaba in Hoër goudprys nie op die Britse program vir geld-indaba*  
*nie (Die Suiderstem, 18.8.1949),*  
*gelukoortjie „oortjie wat jy hou vir geluk” (Namakwaland),*  
*geluksoes „gelukkige slag wat afhang van die sameloop van omstandig-*  
*hede”,*  
*genotsvertering in Sy word amper bang dat haar siel aan slegte genotsver-*  
*tering sal begin ly (L. Brewis: Marietjie, 70),*  
*geskutkas „gunner’s store” (vlootterm),*  
*gevalkindjie „buite-egtelike kind” (Kaapse Kleurlinge),*  
*gewetepoetsers in En ’n mens verbaas jou oor die intieme kennis wat die*  
*gewetepoetsers van ons volk oor hierdie euwels dra (Die Huisgenoot,*  
*9.9.1949),*  
*ghitaarslaner in Lang vingers soos ’n ghitaarslaner (boswerker, Knysna),*  
*gifkool ’n veldplant. Dit lyk net soos die hotnotskool; sy blare en stam is*  
*egter baie dunner (Namakwaland, Nuwerus),*  
*graanwasser word gebruik deur graanboere. Gewoonlik tuisgemaak van*  
*’n paraffiendrom met ’n slingeras reg in die middel deur die drom ge-*  
*steek. Hierdie as word baie stewig aan die dromkante vasgekoppel.*  
*Drom rus met die slingeras op twee pote wat in die grond gekonkreet is.*  
*Binne-in afskortings van staalplate, hoepels ens. wat amper op ’n ou-*  
*tydse handkarring lyk. Die saadkoring word ong. 2 maande voor ploeg-*  
*tyd in hierdie drom met ’n bestrydingspoeier „gewas” en die drom van*  
*’n deksel voorsien. Die drom met die graansaad word stadig en tydsaam*  
*in die rondte gedraai en die koring word dan „gewas”,*  
*grammadoela-paaie „ontoganklike paaie” (Vandag, Sept.-Okt. 1946),*  
*graniet-boggel „klipkoppie” (Die Brandwag, 27.6.1958),*  
*grondgeweer „slagyster” (Piketberg),*  
*grondstraatjie „vuurherd” (Calvinia).*

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Of daar in Afrikaans iets ontwikkel het wat in aard en/of omvang nie ook Nederlands is nie, is moeilik om te beantwoord, maar enkele dinge weet ons tog reeds:

1. Soos Nederlands meer komposita as Duits het met diminutiva as eerste komponent, so het Afrikaans moontlik meer as Nederlands, omdat Afrikaans meer vormvaste verkleinwoorde het, maar daaruit volg nie dat

Afrikaans dus ook meer komposita het met diminutiewe as eerste komponente nie, wel dat Afrikaans waarskynlik ander verbindings daarvan sal hê soos *boontjiesop*, *ertjiesop*, *jongetjieskind*, *duwweltjiedoring* e.d.m.

2. Wat in Nederlands dikwels of meesal verbindings van stam met (soort- of) stofaanduidende b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat is, bv. *albasten beeldjes*, *aarden pot*, *koperen ketting*, *houten vloer*, *ijzeren man* e.d.m., is in Afrikaans meesal stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat en komposita: *albaste(r)beeldjies*, *erdepot*, *koperketting*, *houtvloer*, *ysterman* ens.

3. Ook van Afrikaans geld wat Vondel van Nederlands gesê het naamlik dat samestelling „een middel (is) om noch maghtigh in nieuwe koppelwoorden (waer in onze spraek niet min geluckigh dan de Grieksche is) aen te winnen . . .”<sup>28</sup>

4. Net so is dit blykbaar ook in Afrikaans ’n populêre taalvorm omdat, soos in Nederlands, daar nie alleen ’n groot verskeidenheid verskillende verhoudinge tussen die dele is nie, maar dit nie nodig is om vas te stel hoedanig daardie verhouding is alvorens ’n nuwe samestelling gevorm word nie. Want wát die besondere verhoudinge ook al is, dit kan tog nie in die vorm van die woord uitgedruk word nie.

#### § 50 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat (iteratief) : s.nw.

*bakke-bakke* in *bakke-bakke veldblomme* (*Die Burger*, 18.9.1952)

*bietjies-bietjies* in *bietjies-bietjies baard soos ’n wyfiespook*

*bietjie-bietjie* in *bietjie-bietjie kos en die werk is baie* (Jonkershoekberg-nedersetting)

*bok-bok* in *Kom ons speel bok-bok*

*doppe-doppe* in *Dis sommer doppe-doppe met jou*

*eerstes-eerstes* in *Toe sy voete grondvat en ons eerstes-eerstes so half doel-loos . . .* (H. J. C. Pieterse: *Volksaltare*, 59)

*gat-gat* in *Die kinders speel gat-gat* (D. B. Bosman en I. W. v. d. Merwe, *Tweetalige skoolwoordeboek*, 93)

*kiste-kiste* in *kiste-kiste bier*

*klip-klip* ’n kinderspeletjie (Riversdal)

*lappe-lappe* in *Daar is nog lappe-lappe grond onbewerk* (Piketberg)

*mollie-mollie* „mierleeu” (Kirkwood)

*môre-môre* in *Dit sal die môre-môre wees „dit sal die dag wees”*

*myle-myle* in *Dit sif oor myle-myle stad aaneen . . .* (D. J. Opperman: *Joernaal van Jorik*, 46)

*pennie-pennie* in *Hulle is maar lui ook en alte lief vir pennie-pennie op die straathoeke* (Hettie Smit: *Sy kom met die Sekelmaan*, 159)

28. Van Loey, A.: *Historische grammatica van het Nederlands*, 181.

*spykers-spykers* in *Hulle het net spykers-spykers ingeslaan* (Stellenbosch)  
*stoep-stoepie* 'n kinderspeletjie (Heidelberg)  
*vragte-vragte* in *vragte-vragte gruis* (Hobsons: *Aan Jannie*, 38)  
*wegkruiper-wegkruiper* 'n kinderspeletjie  
*wolke-wolke* in *Hy hardloop dat daar wolke-wolke agter hom staan* (*Die Brandwag*, Mei 1950).<sup>29</sup>

Dit kom as s.nw. in die enkelvoud hoofsaaklik saam met die werkwoord *speel* voor, soos in *bok-bok* / *klip-klip* / *tol-tol* / *voetjie-voetjie speel* ens., in ander verband meesal in die meervoud soos in die voorbeelde hierbo.

Diminuering hierby is nie ongewoon nie, bv. *Dis net so die eerstetjies-eerstetjies hierdie. Daar was sulke fyn spatseltjies-spatseltjies verf* op e.d.m.

Die semantiese funksies is meesal distributief en intensief by woorde wat hoeveelheid, maat en/of omvang aangee: Kyk maar na die sinne met *bakke*, *bietjie*, *kiste*, *lappe* ens. hierbo. Hierdie tipe kom byna uitsluitend in die volkstaalstyl voor.

In kinderspeletjies het dit al gewoonte geword om die iteratiefvorm te gebruik sonder dat daarmee iets besonders bedoel word: *Dit reën dat die skeure-skeure so wys* is intensiewer as *Dit reën dat die skeure so wys*, maar *Kom ons speel tol-tol* sê niks meer as *Kom ons speel tol* nie.

Hoewel dié tipe 'n heldere funksie het, is die gebruiksfrekwensie daarvan tog nie hoog nie en skyn dit nie besonder produktief te wees nie: dis meesal dieselfde ou voorbeelde wat oor en oor gebruik word.

Oor die herkoms daarvan bestaan daar nog geen sekerheid nie, maar die algemene gedagte is dat dit Maleis (en/of Maleis-Portugees) sou wees. Scholtz sê: „Dit is moeilik om hierdie konstruksies te verklaar” en verwys maar weer na Le Roux en Maleis.<sup>30</sup>

Soos dit daar staan, is dit in teenspraak met wat Prof. Scholtz in verband met *klompies-klompies*, *troppe-troppe* ens. gesê het, naamlik dat hulle „as uitbreidingsgevalle van (die voorafgaande) normale reduplikasies opgevat (moet) word”.<sup>31</sup> Uit die verband lyk dit egter asof die woorde „Dit is moeilik om hierdie konstruksies te verklaar” net slaan op die tipe met enkelvoudsvorm wat nie ook die name van kinderspeletjies is nie, bv. *beurt-beurt*, *bietjie-bietjie*, *bol-bol*, *ent-ent*, *plek-plek*, *stuk-stuk*. Hoe of waarin verskil hulle dan van die uitbreidingsgevalle sodat hulle moontlik onder Maleise invloed (sou) ontstaan het en die „uitbreidingsgevalle” nie?

Prof. Scholtz laat nie duidelik uitkom of die verskil in die enkelvoudsvorm lê, of in die distributiewe waarde, of in die verskil in sintaksis, en of dit miskien in àl drie dié gesigspunte lê nie. Ons kyk dus na al drie.

29. Dit kan ewe goed as kompositum opgevat word.

30. Scholtz, J. du P.: *Op. cit.*, 15.

31. *Ibid.*, 14–15.

Die verskil kan nouliks in die distributiewe waarde lê, want dié het sommige van die meervoudsvorme ook – soos Scholtz trouens self sê. Dat daar 'n verskil ten opsigte van die enkelvoudsvorm teenoor meervoudsvorme is, is so, maar is dié verskil so ingrypend dat dit nie uit die normale meervoudsgroep kan kom nie? Dit lyk my nie so nie. Ons kry immers in verskeie gevalle enkel- en meervoudsvorme by dieselfde woorde, bv. *bietjie(s)-bietjie(s)*, *ent(e)-ent(e)*, *kol(le)-kol(le)*, *lap(pe)-lap(pe)*, *plek(ke)-plek(ke)*, *ry(e)-ry(e)* ens. As die beginpunt meervoude was, sou die meervoude juis des te makliker enkelvoude word of daardeur verdring word omdat die distributiewe waarde van die geheel sterker as die meervoudswaarde van die dele was en is.

Wat verskille in sintaksis betref, is dit so dat elke iteratief nie in elke sinsposisie in elke sinsoort pas nie, soos reeds geblyk het in verband met voorbeelde uit die Bybelvertaling (kyk § 48.1). Van normale gevalle het ons uitbreidingsgevalle gekry. Seker, so lyk dit. Maar blykbaar het dié soort gevalle nou net in sinsposisies beland waarin hulle ver verwyder skyn te wees van die aanwending of die aanwendbaarheid van die ooreenstemmende enkelwoorde. Dit lyk dus asof Prof. Scholtz ook sy „moeilik verklaarbare gevalle” by sy „uitbreidings” kan tuisbring.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Nie dat ons daarmee nou die finale of die volle waarheid het nie, waarskynlik nie. Want daar is ook vergelykbare stukke Nederlands, al word nou die eerste keer hiermee die aandag op hulle gevestig. Dit is naamlik die volgende

1. *doppe doppe* by Gezelle: „De zonne valt daarop (d.w.s. op die mos)/ de regen valt daaroppe; /ze groeien zijwaarts uit, ze zetten doppe, doppe, / een dopken hier en daar, dat, zoo en zus geleid, /aan elke schorre geeft heur' schoone uitwendigheid.” (WNT III<sub>2</sub>, 3139.)

Hoe moet ons daardie *doppe, doppe* verstaan? Dat dit nie as kompositum geskrywe word nie, is van weinig belang: die iteratiewe gebruik is die belangrike. Die WNT III<sub>2</sub>, 3139 sê dat hierin „de kracht van *doppe* al zeer moeilijk te omschrijven (is)” en dat dit miskien dieselfde woord as *dop* is, in 'n temporale of 'n lokale betekenis. Dan is dit miskien 'n byvorm van die Vlaamse bywoord *dop*. Maar dié is oorspronklik 'n s.n.w. En dan is *doppe, doppe* miskien tog 'n iteratiewe s.n.w. wat as bywoord fungeer. Soos Afrikaans? Die antwoord sal moet wag op die voltooiing van baie intensiewer studie van Vlaams en Nederlands.

2. In Middelnederlands was 'n hele reeks s.n.w. iteratief in verbinding met *gelike/gheliic/like* ens. in gebruik – ook een telwoord: *hundert hundred gelijk* – bv.  
*acker ackers gelyke*,  
*bedde beds gelike* (ook *bedde gelijk*, nie-iteratief),  
*bunderbundersgelijk*,

*gaerde gaerde like,*  
*ghemet ghemet ghelike* (ook in die vorm: *ghemet ghemete gheliec, met metgelike*),  
*gras gras gelicke,*  
*lant lande gelike,*  
*morgenmorgensgelijck* (ook in die vorm: *mergen-mergen gelijke*),  
*march march gelycke* (ook in die vorm: *mark mark ghelijc, marke marcke gelike, marke marke lijck*),  
*mat mats ghelike, pont pont ghelike* (in moderne Nederlands ook *pond-pondsgelijc* en *pondspontsgelijc*),  
*roede roede ghelijc,*  
*voet voets gelijc.*<sup>32</sup>

Interessant is dat toe reeds die buigingsvorm van die s.nw. onvas was: soms by die tweede lid (*acker ackers*) soms by altwee (*ponds ponds*), soms by nie een nie (*ghemet, gras*).

Wat was die waarde van dergelijke verbindinge? Volgens die WNT XII<sub>2</sub>, 3278 was die aanvanklike waarde ongeveer „per of by wyse van wat deur die eerste s.nw. (of telwoord in die geval van *hundert*) genoem word” en „per of by wyse van wat is soos deur die twee s.nwe. genoem”. (Eie formulering. Skrywer.) In ’n vroeër deel van die WNT (IV, 1169) is dit effens anders en uitvoeriger gestel. Tot die gebruike van die woord *gelijk* sê die WNT naamlik:

„behooren ook de adverbiale uitdrukkingen waarin *gelijk*, met de benaming van eene maat, eerst in den 1sten en daarna in den 2den nv., samengesteld, eene gelijkmatige verdeeling te kennen geeft, als *bunderbundersgelijk, morgenmorgensgelijk*, voorheen ook *deimtdeimtsgelijk, garsgarsgelijk* of *geersgeersgelijk, gemetgemetsgelijk* ens., alle in dijkzaken gebruikelijk, om te kennen te geven, dat ieders aandeel in de dijkslasten naar het getal *bunders* enz. in gelijke verhouding bepaald wordt, t.w. zóó, dat de eene bunder het gelijke van den anderen bunder, en dus elke bunder evenveel betaalt. Evenzoo, bij omslag van belasting, verponding enz., *akkerakkersgelijk . . . roederoedegelijk . . .* en het vooral gebruikelijke *pondpondsgelijc*, d.i. naar het aantal schotponden, waarop ieder gezet is.”

Daarvolgens is die konstruksie dus in Middelnederlands uitsluitend in verband met land- en geldmate gebruik, d.w.s. die konstruksie iteratief-s.nw. plus *gelijk*.

Wat het nou later daarvan geword?

Ons weet dat die s.nw. in Middelnederlands soms net een keer genoem is (bv. *mergen gelijke*), ons weet dat die meeste verbindinge verdwyn het

32. Almal gevind in Verwijs, E. en J. Verdam: *Middelnederlandsch Woordenboek*.

(net enkeles, o.a. *bunderbundersgelyk*, *morgenmorgensgelyk*, *bestaan* nog.) ons weet ook dat die woord *gewyze* soms en later in die plek van *gelyk* gekom het (*pondpondsgewyze*), en ons weet dat die iteratief vandag in Nederlands soms sonder *gelyk* of *gewyze* voorkom, naamlik in *pondponds* (WNT XII<sub>2</sub>, 3279).

Aangesien die twee s.nwe. (of telwoorde) dieselfde is, het dit blykbaar die differensieringsgedagte wat deur die woord *gelyk* benoem is, laat vervaag, waardeur die betekenismoment „wyse” versterk is. Dan is dit ook nie verbasend nie dat die WNT XII<sub>2</sub>, 3279 by *pondpondsgewyze* aanteken: „Jonge vorming naar analogie van *pondpondsgelyk*, toen men den oorsprong van dat woord niet meer begreep” (XII<sub>2</sub>, 3279). Blykbaar het dit oorheersende betekenismoment vir sommige meer na die slotwoord van die verbinding geskuif, en vir ander na die aanvangswoord(e). Daardeur kan ’n mens begryp dat in die een geval die s.nw. net een keer gebruik word (*pondsgewyze*) en dat in die ander geval die woord *gewyze* verval, soos in *pondponds*.

Wat het nou verder van hierdie verbindinge geword?

(a) Volgens beskikbare gegewens het die tipe met een s.nw. plus *gewyze* nie veel uitgebrei nie: Afrikaans en Nederlands het net ’n beperkte getal woorde daarmee, soos Afrikaans (1) met die waarde „soos, op die wyse van, in die vorm van, met, in” (WAT), bv. *halfmaansgewys*, *kransgewys*, *persentasiegewys* ens., en (2) met distributiewe waarde (ook in Nederlands) bv. Afrikaans *bekers-/bietjies-/groeps-/lepels-/paarsgewyse* ens. (WAT).

(b) Maar wat het van die tipe *pond(s)ponds* geword, d.w.s. die tipe sonder *gelyk* of *gewyze*? Hou die Vlaamse *gers en gers*<sup>33</sup> verband met die Middelnederlands en is die *en* daarby nog dié van (*bij*) *gerst(e) en(de) gerst(e) gelyke*? Indien wel, is dit dan ook dieselfde *en* wat daar nog is in bv. *twee en twee* (uit *twee ende twee* (WNT VII<sub>1</sub>, 535)), en hou dit dan verband met die Middelnederlandse konstruksie in bv. *hundert hundred gelyck* (WNT VII<sub>1</sub>, 535)?

Dit lyk wel eerder asof die *en* van *gers en gers weunen*, *aan* is, sodat die verbinding dan dus van dieselfde tipe is as bv. in *kop aan kop* (*woon*) e.d.m., maar dit is nie seker nie.

Dit lyk moontlik dat dié *aan* vroeër in Nederlands *en* (*ende*) was, dus enklities miskien /ən/. Die *Middelnederlandsch Woordenboek* van Verwijs en Verdam (II, 639) sê nl.:

„Ende dient tot verbinding van twee gelijkluidende telwoorden en het znw. *paer*, om aan te duiden, dat eene reeks personen in eene bepaalde orde elkander volgen of opvolgen. Mhd. *ein unt ein* (Ben. 3, 183); hd. *zwei und zwei*, d.i. *telkens twee, twee te gelyk*; eig. *twee en* (*dan weder*) *twee*. Wij zeggen thans *twee aan twee* (Ndl. Wdb. 1, 44). Misschien heeft de fr. uitdr. *deux à deux* hierop invloed gehad; misschien ook soortgelyke

33. *gers en gers weunen* (Loquela, 164),

Nederl. uitdr., als *dorp aan dorp, man aan man*, doch met meer waarschijnlijkheid is *aan (an)* slechts als eene verbastering van *en* te beschouwen. Zie *Taalk. Bijdr.* 1, 124 vlg. / Alle andere huysen sullen hebben twee ende twee (hd. *je zwei*) een crebbe, *O.K. v. Delft* I, 34 (vgl. bij ELC). Ghij sult vergadert worden een ende een kinder van Israhel, *D. B. Jes.* 27, 12 (Lat, *unus et unus*). Ghine groetet elken een ende een, *Wal.* 3183. Wi sulse een ende een onthalen, 7029; vgl. dl. 2, bl. 259 vlg. Paer ende paar, *Versl. en Ber.* 4, 64, 303. Sie volgden processie viere ende viere, *L. o. H.* 1558; zoo ook *Brab. Y.* VII, 16748. *Twee ende twee, . . .*"

En die WNT se betekenisomskrywing van *hand aan hand* is vrywel identies met dié van *hand in hand*, nl. *hand aan hand*: „Terwijl . . . de *hand* van den een vereenigd is met (d.w.z. gevat of gelegd is in) de *hand* van een ander” (v, 1806), en *hand in hand*: „terwijl . . . de *hand* van de een gelegd is in . . . eene der *handen* van den ander” (v, 1821).

In dié geval kan ook die Afrikaanse /hantənant/ „hand in/en/hand, hand aan hand” e.d.m. vergelyk word. (Die WAT gee inderdaad *hand in hand* naas *hand aan hand* in die uitdrukking *hand . . . hand gaan*.)

In baie gevalle word enklitiese partikels geïnterpreteer of gehanteer as synde dit of dat, maar sonder sekerheid omtrent die etimologie. Afrikaanssprekendes sê bv.

*gaan/loop* /ə/ *jou verstand en gaan/loop in jou verstand, maar gaan/loop* /ə/ *jou moer, gaan/loop in jou moer en gaan/loop na jou moer.*

In *jaar na jaar* is glad nie altyd duidelik hoorbaar of en dat dit *na* is nie: dit klink baie dikwels na weinig meer as /ən/ of /nə/. En saam met die meervoud het ons dikwels ook weinig meer as /ə/, veral saam met temporale s.nwe., bv. *jare en (/ə/) jare, ure en ure, dae en dae* ens.

Is *jarenjare\** (= *jare en jare*) werklik iets anders as *jare-jare*? En *jare-jare* ens. „kan . . . beskou word as 'n normale herhaling van 'n s.nw. wat eers enkel gebruik is”.<sup>34</sup>

Prof. Scholtz het ook daarop gewys dat

„Die voorsetsel word in Afrikaans maklik weggelaat wanneer die s.nw. bygesit word deur aanduidende woordjies soos *so* of *sulke* (dikwels voorafgegaan deur *sommer*) of wanneer daar 'n bywoord soos *aanmekaar, bymekaar, tegelyk* op die s.nw. volg: ‚Die voëls het *sommer sulke swerms vlei* toe getrek,’ ‚Die boontjies het *rye aanmekaar* weelderig groen op die land gestaan.’ In dié omstandighede word die s.nw. in Afrikaans dikwels herhaal in aanskoulike taal. Verskeie voorbeelde kom in die ondersoekte tekste voor: ‚In die soetdoring langsaan hang die vinkneste *rye-rye aanmekaar* aan die wilgeragtige takkies,’ ‚Hulle woon *klompies-klompies bymekaar*,’ ‚Die koue laat die dassies *klompies-klompies* teen mekaar sit,’ ‚Hulle loop hom *sommer klompe-klompe* tegelyk van agter af storm,’ . . .<sup>35</sup>

35. Ibid., 14–15.

35. Ibid., 14–15.

Ons kan dus in sommige van die voorbeelde van die tipe *plek(ke)-plek(ke)* met 'n resultaat van voorsetselverlies te doen hê, maar seker is dit nie.

'n Ernstige knoop in die gedagte van voorsetselverlies in konstruksies van s.nw. + voorsetsel + (identiese) s.nw. is dat daar in verreweg die meeste gevalle geen direkte opposisievorm sonder voorsetsel is nie.

Afrikaans het heelwat van die genoemde konstruksies, met ten minste tien verskillende voorsetsels, naamlik *aan, bo, by, na, oor, om, op, teen, tot* en *vir*.

Verbindinge met *vir* kom die meeste voor en skyn ook die produktiefste te wees.

Onder 100 voorbeelde is net 9 gevind met 'n vorm sonder voorsetsel, nl.

*slag-slag* (teenoor *slag om/vir slag*)

*plek-plek* (teenoor *plek vir plek*)

*bietjie-bietjie* (teenoor *bietjie vir bietjie*)

*ent-ent* (teenoor *ent vir ent*)

*kol-kol* (teenoor *kol vir kol*)

*laag-laag* (teenoor *laag vir laag*)

*ry-ry* (teenoor *ry vir ry*)

*sluk-sluk* (teenoor *sluk vir sluk*)

*stuk-stuk* (teenoor *stuk vir stuk*).

Die komposita is egter nie almal semanties en/of sintakties gelyk aan die voorsetselverbindinge nie. Dit skyn om 't ewe te wees of 'n mens sê *Hulle kom slag-slag kyk* of *Hulle kom slag vir/om slag kyk*, en

*Hulle word bietjie-bietjie beter* of *Hulle word bietjie vir bietjie beter*.

Maar verskeie informante onderskei semanties tussen die volgende: *Hulle het plek vir plek bly staan* „op die een plek na die ander”, „ongeveer op elke plek”; *Hulle het plek-plek bly staan* „op sommige plekke”.

Vergelyk ook *Hulle het plek vir plek verkoop* „die een plek na die ander” (voorwerp) waarin *plek-plek* twyfelagtig is. *Ent vir ent het hy saamgeloop* „elke ent, elke stuk”, dus „die hele ent pad” teenoor *Ent-ent het hy saamgeloop* „sommige ente of stukke”.

Of *laag-laag* semanties sonder meer gelyk is aan *laag vir laag*, is nie seker nie. Hulle kan gelyk wees, maar daar is ook mense wat as volg onderskei: *laag vir laag*: „die een laag na die ander, alle lae”, *laag-laag*: „by wyse van lae”.

So doen sommige mense ook met *ry vir ry* teenoor *ry-ry* (nie die ww.-stam nie), *sluk vir sluk* teenoor *sluk-sluk* (nie die ww.-stam nie) en *stuk vir stuk* teenoor *stuk-stuk*.

Dit is bekend dat die voorsetselverbindinge die oudste is. As uit enkele van hulle die voorsetsellosos ontwikkel het, dan was dit blykbaar geen ontwikkeling ten opsigte van die hele corpus nie, maar net t.o.v. partikuliere gevalle uit die corpus.

Net so is dit nie seker of Afrikaans *stuk-stuk, ry(e)-rye(e)* e.d.m. enige verband daarmee het nie. Maar die ooreenkoms in waarde tussen sekere



Afrikaanse iteratiewe en sekere Nederlandse en Afrikaanse verbindings met *-gewyse* (Nederlands *-gewijze*) is duidelik genoeg om 'n verband te suggereer. Die WNT IV, 2095 sê in dié verband drie dinge:

1. „Het gebruik van *gewijze* was in de middeleeuwen meer tot de eigenlijke opvatting beperkt, de jongere taal bezigt het in gevallen waarin het Mnl. zegt *gelike*; verg. mnl. *pont pont gelike* in plaats van *pondspondsgewijze*.”
2. „Tegenwoordig”, sê die WNT verder, „is duidelik tweërlei gebruik te onderscheiden”, naamlik „op de wijze van den persoon of de zaak, in het eerste lid der samenstelling genoemd. Zoo b.v. *Geestgewijze* om de welluidendheid voor geestes- of geestsgewijze, op de wijze van een geest . . . *klootsgewijze*, als een kloot of bol . . . *pondspondsgewijze* . . . , *speelsgewijze*, als in spel . . . , *spotsgewijze*, hetzij spottenderwijze, hetzij voor de aardigheid . . . , *staatsgewijze*, als Staten . . . , *trapsgewijze* . . . *troepsgewijze*, als een troep . . .” ens., en
3. vir Afrikaans nog belangriker: „In distributieven zin. *Paarsgewijze*, bij paren . . . , *rijensgewijze*, in rijen . . . , *stuiwersgewijze*, bij stuiwers . . . , *stuksgewijze* . . . *troepsgewijze*, bij troepjes.”

Dit val dadelik op dat *gewijs* nie, soos *gelijk*, uitsluitend saam met maatname verbind word nie.

Wat veral opvallend is, is dat Afrikaans die Nederlandse voorbeelde onder 3. hierbo, òf met *gewyse* en/of met iteratiewe kan stel, dus

#### **Nederlands**

*paarsgewijze*

*rijensgewijze*

*stuiwersgewijze*

*stuksgewijze*

*troepsgewijze*

#### **Afrikaans**

*paarsgewyse*

*paar-paarsgewyse*

*paar-paar*

*ry(e)-ry(e)*

*stuiwersgewyse*

*stuiwer-stuiwersgewyse*

*stuiwer-stuiwer*

*stuksgewyse*

*stukstuksgewyse*

*stuk-stuk*

*tropsgewyse*

*trop(pe)gewyse*

*trop-tropsgewyse*

Daar is heelwat meer gegewens oor Nederlands nodig om redelik finaal te kan weet of die Afrikaans hierin werklik met die Nederlands verband hou, en ons weet ook nie of die Afrikaanse tipe *paar-paarsgewyse* oud is of jonk nie – indien jonk, kan dit die reeds gevestigde iteratiewe wees wat hier net tot verbindings met *-gewyse* deurgedring het – maar in elk geval

kan ons nou nie meer sê dat iteratiewe s.nwe. nie Nederlands is nie, ook nie eens dat hulle daar nie bywoordelike funksie het nie: *pondponds* is Nederlands en is adverbium.

Dit is wel so dat *pondponds* nog steeds 'n -s bykry, maar dié is nie 'n ernstige probleem nie: die -s se waarde en gebruik is in Nederlands reeds aangetas. (Vergelyk § 133 oor die tipe *blootsvoet/blootvoets*.)

Met iteratiewe s.nwe. in kinderspeletjies is ons op definitiewer grond. Prof. Scholtz het kindertaalvorme en name van speletjies apart bespreek en sê daarvan onder meer: „Nou is dit so dat in Nederlands dergelike herhalingsvorme as name vir kindervermake nie bestaan nie.”<sup>36</sup> ('n Voorbeeld soos *stop-stop spelen* (Haspengouws) beskou hy as „waarskynlik na die model van *cache-cache* gevorm”.)

Net soos in die geval van die tipe werkwoord + werkwoord: bywoord (*sluip-sluip* e.a. § 67), kom die Nederlandse gegewens maar traag los. Tot 1956 is ook gesê dié tipe (ww. + ww.: bw.) is nie Nederlands nie; sedertdien het al heelwat Nederlandse gegewens voor 'n dag gekom. (W. Kempen: *Die Huisgenoot*, 8.10.1956.)

Met die s.nw. is dit net so gesteld: Nederlands het wel iteratiewe s.nwe. In die sewentiende eeu kom onder meer die volgende voor: *traf-traf spelen* en *hot-hot spelen*, en *bok-bok* is baie oud in Nederlands.

Van *bok-bok* sê die WNT III, 261:

„In den naam van een jongensspel, thans gewoonlijk *bok-bok-stavast* genoemd, voorheen ook onder andere benamingen bekezd (zie de aanhalingen), hierin bestaande, dat een jongen op den rug van een ander, die voorovergebukt staat, springt en schrijlings gaat zitten, en hem onder het opsteken van eenige vingers vraagt hoeveel vingers (*horens*) er op zijn rug staan. Verg. *bokspringen*, *bokstaan* (beneden bij de Koppel.), KIL. op Blickspel en Kockock; VISSCHER, *Sinnep.* 162 en HALBERTSMA, *Lex. Fris.* 434. Het is moeilijk uit te maken, welk aandeel het ww. *bokken* (*bukken*) heeft gehad in de benoeming van dit spel, dat reeds bij PETRONIUS, *Sat.* 64 vermeld wordt (*Bucca, bucca, quot sunt, hic'*). Ook de onderlinge betrekking tusschen de verschillende benamingen vereischt nog nadere opheldering. // Bok-bok-sta-vast, hoeveel horens heb-je op je bast? – Bock over haghe spelen, bocken spelen, bocken setten, bock-horen spelen. *Micare digitis*, KIL.– Bock, bock, hoeveel hoornen steekender op, N. HEINSIUS in *Syll. Epistol.* 5, 375.– Ik zie daar al mijne makkers; / Lustig doen zij: ‚Bok-sta-vast’. V. DROOGENBROECK, *Zonnestr.* 39.”

Die WNT noem nie *hot-hot spelen* nie (wel by Van Spaan), maar wel 'n ander *hot-hot*:

36. T.a.p. bl. 19.

Van *traf-traf* sê die WNT XVII, 1808 :

„TRAF, interj. of znw. Op de volg. plaats in de verb. *traf, traf spelen*, welke wsch. beteekent: draven. Wellicht is *traf* hier hetz. woord als klanknabootsend nd. hd. *traf*, toegepast op het draven van paarden (*Brem.-niedersächs. Wtb.*; verg. het voorb. ald.: *dat Hoperd geit traf, traf*), of gebezigd als aansporende roep (SCHOTTELIUS, *Teutsche Haupt Sprache* 1432 (1663): ‚Traf, traf Lautwort, *quo cursum incitamus*.) / Ick gae hier achter an, Wat uyt de paerden voeten: daer ick de battalie van veers sien kan . . . En ick sal u van daer het teycken geven, en bestuuren Gelyck de schermmeester, hoe ghy sult drillen, en spelen traf, traf Hoe ghy den storm aenbrengen sult, ende hoe ghy sult wijcken af, BREDERO 2, 93 (1615).”

Die WNT VII<sub>2</sub>, 4916 en 4919 gee by *koekoek* allerlei vorme, onder andere *kokkok*, en noem dit nadruklik „bij kinderspelletjes”.

Herhalingsvorme as name van kindervermake was dus en is nog Nederlands, en ten minste *bok-bok* is gewone erfgoed uit Nederlands.

**Opm. 1.** Dat *hot* en *traf* nie s.nwe. is nie, is hierby van geen belang nie: dit gaan hier nou net om iteratiewe as name van spele. En dan is dit van belang om daarop te let dat *hot-hot* en *traf-traf* in Nederlands aangegee word met die werkwoord *speel* daarby.

2. Let ook daarop dat *hot-hot* en *traf-traf* ook as bywoorde aangegee word.

Daar was en is dus in Nederlands meer iteratiewe en meer soorte iteratiewe as waarvan die Afrikaanse – en, volgens grammatiese publikasies, ook die Nederlandse taalkunde – hulle bewus was. Met meer aandag en indringender studie gaan dit daarmee dan miskien nog, wie weet, soos met die dubbele *nie*: dié was ook tot vry onlangs beperk tot sporadiese gevalletjies, totdat prof. Pauwels ’n uitvoerige beskrywing daarvan in Aarschots gegee het<sup>37</sup> wat in sowat elke onderdeel met Afrikaans ooreenkom.

Ons soek dus nog na die tipe *lappe-lappe koring, stukke-stukke grond*. Solank ons hulle nie het nie en die Maleise herkoms nie in presiese besonderhede aangegee is of word nie, moet ons die gedagte van hulle oorsprong uit jukstaponerende herhaling, moontlik ook of net terwille van die intensiverende daarvan, aanvaar, en dan ook dieselfde soort geneties vir die werkwoord in verbale funksie. (Vergelyk egter § 70.)

„Door VONDEL gebezigd om een stootend geluid af te beelden. // Op vier raders (schoof) den beslaghen Disselboom Hot, hot, al breydeloos den wagen henen glipten” (VI, 1131).

37. Pauwels, J. L.: *Het dialect van Aarschot en omstreken*.

§ 51.1 Nie-iteratiewe tipe

*baberbek* in *Die boontjies baberbek* (N.O. Vrystaat)  
*blokkiesraaisel* in *Hy blokkiesraaisel my „uitoorlê, toesit, vasvra”*  
*bokappel* in *Kyk hoe bokappel so 'n kêrel in die gang af „spring”* (WAT I, 473)  
*bokwerk* in *Saans bokwerk ons tot donker*  
*doektoon* „'n grap uithaal met”, „stilweg bekruip en betrap”  
*maanhaar* in *Die hawer maanhaar op die land*  
*pannekoek* „plat, met die vliegtuig op sy maag, land”  
*proefpreek* „proefpreek lewer”  
*ribbekas* in *Hy ribbekas my „in die ribbekas pomp”*  
*ringbas* „'n ring in die bas van 'n boom maak”  
*rysmier* „ondermyn, ondergrawe” (C. M. v. d. Heever: *Kromburg*, 56)  
*sangfees* „aan die sangfees meedoen”  
*skadubeeld* „'n skadubeeld gooi”  
*vleisarm* „baklei” (Kleurlinge, Ceres)

Die meeste hiervan, en moontlik almal, is òf individuele òf streektaal.

Die semantiese funksie hiervan is meesal net dat dit iets verbaal stel wat gewoonlik naamwoordelik gestel word, bv. *baberbek* „met 'n baberbek (ploeg) losmaak of bewerk”, *bokwerk* „bokwerk doen”, *pannekoek* „plat afkom soos 'n pannekoek” (bv. wanneer dit uit 'n bakpan opgeskiet word), *proefpreek* „proefpreek lewer” ens. Daar is soms ook 'n vergelykingsaspek by, soos in *maanhaar* „soos 'n maanhaar of -hare staan”, *rysmier* „soos 'n rysmier ondergrawe of onderknaag” ens.

Die verband tussen s.nw. en ww. is meesal deursigtig, byvoorbeeld behalwe in die voorafgaande, ook nog in *doektoon* „'n doek(ie) om die toon bind van iemand wat (dikwels) te laat slaap”, *ribbekas* „in die ribbekas pomp”, *vleisarm* „vleisarm trek” („baklei”. Maar waarom *vleisarm* i.p.v. *arm*?)

Maar watter *bokappel* het ons in die ww. *bokappel* „spring-spring beweeg”?

Wat is die beeld agter *kapkar* in *Kyk hoe kapkar die kat daar om die hoek „vinnig gly-gly-in-sy-spore beweeg”* (Springbok)?

Die verbale funksie is blykbaar in die meeste voorbeelde sekondêr. Dit wil sê dat dit waarskynlik die reeds gevormde s.nwe. is wat werkwoorde geword het of so gebruik is, en nie werkwoorde wat spontaan uit of van stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat gevorm is nie.

Origens is die voorbeelde ook van ongelyke waarde: in *bokwerk*, *maneskyne*, *proefpreek* en *skadubeeld* kon die bestaan van *werk*, *skyn*, *preek* en *beeld* as wwe. meegehelp het tot die werkwoordelike funksies van die komposita. Is die res analogies gevorm of het hulle individueel ontstaan?

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Wel, *blokbeenen* (De Bo), *kateroogen*, *kraamhalzen*, *krophalzen*, *pijlren*, *boolaarzen* (en vergelyk verder §§ 6, 10.6) is ook Nederlands, en *gangs-oogen* „gansoë” kom al by Bredero voor, sodat die tipe ook wel Nederlands is en was, maar of die ou geërfde onsamegestelde s.nwe. soos *adel*, *boer*, *flerrie*, *kanker*, *smous* (en die honderde ander wat in § 10.6 genoem word) wat ook in Nederlands as werkwoorde opgetree het, hier analogies gewerk het, of die nuwe aanwendinge, dit weet ons nie.

**Opn.:** Tot hiertoe het ons nie onderskei tussen afgeleide en onafgeleide s.nwe. nie, hoewel so 'n onderskeiding soms noodsaaklik is. Wie bv. *waterdraers* en *druiveplukkers* sonder meer sou gaan beskou as stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, sou nouliks kon begryp hoe daar 'n voorwerpsverhouding tussen die dele kan bestaan, omdat soiets tog die aanwesigheid van 'n werkwoord vereis. Die probleem word eers duidelik as ons die verband in die gedagte hou tussen *water dra* en *waterdraers*, *druive pluk* en *druiveplukkers* ens. In sulke gevalle verdien dit dus miskien aanbeveling om te beskrywe: stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat afgelei van 'n werkwoord: s.nw.

### § 51.2 Iteratiewe tipe

*kruk-kruk* in . . . en stadig *kruk-kruk sy oor die woelige straat* (F. E. J. Malherbe: *Afrikaanse Humorverhale*, 150 uit A. Jonker: „Oumatjie”) *malkop-malkop* in *Die ou malkop-malkop nog so hie' voor my, ma' toe'k wee' sien, toe's hotnit se kjint weg* (Kleurling)

Die tipe kom nog te min voor om meer daarvoor te kan sê.

### § 52 Stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

*agtal*

*drie-angel* „haastige, kwaai mens” (nie in WAT nie)

*driebeen*

*driebek* „soort broek”

*driekuns*

*drielip* „gesplete lip”, „iemand met 'n gesplete lip”

*driehoek/-poot/-voet/-wiel*

*duisendpoot*

*duisendstuk* „een uit 'n duisend” (J. van Bruggen: *Ampie II*, 123)

*eenbedryf*

*eenvoor* „eenvoorploeg”

*negeoog*

*sestal*

*tienkamp* „atletieksoort”

*twalap* „twee oulap” (ongeveer twee sent; Kleurlinge)

*tweegesig* „iemand wat met die honde blaf en met die wolwe huil”

*tweestuk*

*vierskaar*

Die mees opvallende kenmerk van hierdie tipe is die afwesigheid van die meervoud na meertallige telwoorde. *Eenbedryf* is normaal, maar ons sou tog verwag *driebene, driewiele, negeoë, tweestukke*.

Hierin is hulle dus net soos die tipe *langbeen, langvinger* ens. in die betekenis „iemand/iets met lang bene, lang vingers” ens. En hulle kom meesal ook verder ooreen, naamlik hierin dat, net soos ’n *kromneus, langbeen/-vinger* ens. „iemand/iets is met so ’n/sulke neus, bene, vingers”, ’n *driebeen/-poot/-voet/-wiel, negeoog* ens. „iemand/iets is met drie bene, pote, voete, wiele, nege oë” ens. (Vergelyk § 40.)

Dit bring ook aan die lig dat alle komposita van stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat nie end-uit identies is nie, want byvoorbeeld ’n *agtal* is nie iets met *ag talle\** nie (so ook *sestal*), ’n *drievoor* nie iets met *drie vore* nie, *twalap* nie iets met *twee oulappes* nie ens. Hoe sit hierdie nie-bahuvrihi nou inmekaar?

Van *achtal* sê die WNT I, 765 net dat dit bestaan uit *acht* + (s.nw.) *tal*. Net soos *sestal, tiental* ens. kan *agtal* byna ’n soort telwoord genoem word. *Driekuns* „die kuns om drie krieketpaaltjies met drie agtereenvolgende balle te vat” is nie helder nie. Is dit miskien ’n samedringing van iets soos *drie(paaltjie)kuns*, of is dit tog analogies gevorm?

*Duisendstuk* lyk na nog ’n geval waar Van Bruggen die Afrikaanse woordorde verkeerd beet gehad het, naamlik i.p.v. ’n *stuk (man/vrou) duisend*. (Vergelyk *Goupraat Greef (Teleurgestel*<sup>4</sup>, 204) en ander gevalle in *O.E.B.*, Junie 1944, 62 vlg.)

*Eenvoor* is blykbaar ’n verkorting van *eenvoorploeg*, soos *baberbek* van *bakerbekploeg*, *wit eland* van *witelandleer*, *twee-oor* moontlik van *twee-oorkommetjie* ens.

*Tienkamp* is die Afrikaanse weergawe van die Grieks wat in Engels *dekathlon* genoem word. Gegewens ontbreek om vas te stel om dit min of meer net vertaal is en of dit miskien die model van bv. *tweegeveg* gevolg het.

*Twalap* is ’n sametrekking van *twee oulap* „twee sent”. Na telwoorde groter as een volg sommige maatname dikwels in die enkelvoud (*twee tree/myl/jaar* ens.)

*Vierkant* is as s.nw. ’n gewone bahuvrihi-kompositum („figuur met vier kante”).

**Opm. 1.** *Vierkant* is ook bywoord bv. in *Ons het hulle vierkant die waarheid vertel*. Dit is ook Nederlands.

2. In 'n vierkant(e) voet het ons nog die ou, ook Nederlandse, b.nw. wat in ander verband meesal verdring is deur vierkantig.

3. Vierkantig self is volgens die WNT XXI, 416 „in die alg. taal verouderd, maar gewestelijk nog zeer bekend, vooral in het zuidelijk deel van het taalgebied en daar soms de eenige vorm.”

Vierspoor is blykbaar gevorm na analogie van staanspoor (met bygedagte aan vier stewels) (in die lug)?

### Diachronie

Verskeie van die Afrikaanse voorbeelde is erfgoed of leengoed uit Nederlands, o.a. *agtal*, *drievoet*, *eenbedryf*, *negeog*, *vierkant*, *vierskaar* „vier banke” ens., en verskeie is ouer as Nederlands. *Negeog* „als naam voor een visch is . . . reeds O. germ.”<sup>38</sup> Vergelyk ook Schönfeld § 157.

'n Deel van ons eiegoed is dus gevorm na analogie van geërfdes, en 'n deel het ontstaan deur sametrekking of deur verkorting.

## § 53 Tussenwerpsels

Daar is woorde wat die voorkoms van komposita het, maar waarvan dit nie duidelik is wat die komponente dan sou wees nie, bv.

*aangewiegel-waggel kom*,

*dompiedoms* „blou blommetjies in berggrond” (Oos-Vrystaat),

*kruppeltjie-hunk* (*Die Burger*, 20.9.1952),

*kwinge-kwange* „met draaie” (bw.),

*rommel-tjommel* (bw.).

Hier ontstaan vroe soos: Wat is *wiegel*? Wat is *hunk*? Is *kwinge-kwange* klanknabootsend – en waarvan dan? Is *rommel-tjommel* dalk Engels *rumble-tumble*?

By dié minder gewones kan ook algemener bekendes soos die volgende gevoeg word:

<i>flikflooi</i>	<i>karnuffel</i>	<i>skermutsel(ing)</i>
<i>ginnegaap</i>	<i>klappertand</i>	<i>skorriemorrie</i> (Pers.-Turk.)
<i>harwar</i>	<i>rikketik</i>	(Ndl. <i>schorem</i> „uitvaagsel”)
<i>hinkepink</i>	<i>rinkink</i>	<i>slampamper</i>
<i>holderstebolder</i>	<i>(ge)roesemoes</i>	

Hoewel die etimologie van die meeste hiervan redelik duidelik is, is dit glad nie uitgeslote dat daar, altans by sommige, 'n mate van met-klanke-speel aanwesig was nie, bv. by *harwar*, *rikketik*, *roesemoes*, *hinkepink* ens.<sup>39</sup>

38. Van Lessen, J. H.: Op. cit., 84.

39. Almal ook Nederlands. Kyk W. de Vries, *Op. cit.*, 3 en 189 vlg.

Hiermee moet rekening gehou word in wat volg oor komposita met tussenwerpsels.

Hoewel tussenwerpsels deur die meeste taalkundiges as a-sintakties en deur sommige ook as „nie woorde nie” beskou word, fungeer hulle in Afrikaans tog binne die woordvormingsstelsel van komposita, baie dikwels in iteratiewe of deels iteratiewe vorm, as :

1. Byvoeglike naamwoorde, bv. *woer-woer* in *Jou sokkies is altyd woer-woer „gedraai, slordig”*. Dit is moontlik die s.n.w. *woer-woer* wat hier gebruik is.

**Opm.:** *Ting-ting* „baie soet”, gebruik van bv. koffie, konfyt, tee ens., lyk na ’n klanknabootsende woord, maar is hy? Waarvan dan?

2. Bywoorde (hoofsaaklik van wyse of manier), bv.  
*ghwarre-ghwarre* in *Ghwarre-ghwarre kom die klippe af*,  
*hooi-hooi* (ook *hoi-hoi*) in *Die osse word hooi-hooi aangejaag*,  
*kip-kap* in *Die bok loop kip-kap oor die straat*,  
*plerts-plerts* in *Hy loop plerts-plerts met die wateremmer huis toe*,  
*slipper-slapper* in *Die ou meid gaan slipper-slapper die straat af*.

3. Selfstandige naamwoorde. Die s.n.w. is naas die ww. die gebruiklikste funksie van die iteratiewe interjeksie in Afrikaans, waarvan ons aansienlik meer het as enige ander, bv.

*dak-dakkie* in *Die oubaas lag so lekker vir sy grappie dat ’n dak-dakkie bo in die balke verskrik aan die tjilp gaan* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 26),

*djap-djappie* „voëltjie”,

*hoep-hoep* „kamduif” (Kleurlinge, Riversdal),

*katoks-katoks* in *Hier kom haar ewige katoks-katoks alweer* (Bellville),

*kiep-kiep* „mierleeu”,

*klap-klappie* „voël” (Bosveld),

*koelie-koelie* „mierleeu”

*pom-pom* „Maxim-Nordenfeldkanon”

*strum-strum* in *die strum-strum van die kitaar* (C. M. v. d. Heever: *Somer*, 124)

*tink-tink* „taai tmeletjie wat nog drade trek” (Clanwilliam)

*uff-uff* in *Hy gaan met ’n gerusstellende uff-uff langs die wyfie sit* (Hobsons: *Kees van die Kalaharie*, 126).

4. Werkwoorde. Partykeer word bestaande woorde, wat self oorspronklik klanknabootsing is of kan wees, klanknabootsend werkwoordelik in iteratiewe of deels iteratiewe vorm gebruik, bv.

*Die fisante hottentot-hottentot en wragtag-wragtag in die bosse* (Bredasdorp),



*Rustig tok-tok die draaghout* (C. M. v. d. Heever: *Laat Vrugte*, 275),  
 maar meesal is dit tog oorspronklike onomatopeë, bv.  
*waar . . . meide onder die wilgerbome klutsklats met wasgoed* (J. van Brug-  
 gen: *Marta*, 23),  
*Die janpieriewiet kwaad-kwaderik* (*Die Jongspan*, 7.5.1950),  
*. . . pluk so 'n spierwit dingetjie uit haar handsak en paf-paf op haar neus*  
 (C. M. v. d. Heever: *Langs die Grootpad*, 238),  
*Die nat skoensole sjiiep-sjap op die rotse* (D. F. Malherbe: *Hans-die-  
 Skipper*, 4),  
*Tinktinkies ting-ting en sonbesies tjir* (L. Maré: *Nuwejaarsfees*, 37),  
*Die kriekie tjirp-tjirp in die gras* (Alexandria-distrik),  
*Dis jy wat met haar getjoing-tjoing het en nie ek nie* (Mikro: *Gonnakolk*,  
 87),  
*Die kokkewiet tokwie-tokwie in die boom* (*Die Jongspan*, 7.5.1950),  
*Hy tweng-tweng en pang-pang aan die snare* (Boerneef: *Boplaas*, 103).  
 Dié onomatopeïese werkwoorde verskil van ander alleen hierin dat  
 hulle in iteratiewe vorm gebruik word. Net so gewoon as bostaande is bv.  
 die volgende:

*kedoem in My pa het ook 'n kitaar; hy kedoem hom so nou en dan* (*Die  
 Kerkbode*, 16.8.1950),  
*opwirr in . . . die stofwolke wat agter die motors opwirr . . .* (J. van Brug-  
 gen: *Marta*, 147),  
*sjor in Die koringkorrels sjor op die dorsvloer neer* (Boerneef: *Boplaas*,  
 57),  
*swiep in Die sweep swiep deur die lug* (Laingsburg),  
*wirts in Gesigte wat by die venster uitloer, wirts verby* (C. M. v. d. Heever :  
*Langs die Grootpad*, 234).

Die semantiese sisteem van s.nw., bywoord en werkwoord is dieselfde :  
 die s.nw. benoem „die dier of ding wat die nagebootste geluid maak”, die  
 bywoord „met 'n geluid soos deur die klanknabootsing benoem”, en die  
 werkwoord „maak die benoemde geluid”.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Hoe kom Afrikaans aan dié sisteem? Op dié vraag het ons nog geen finale  
 antwoord nie, maar ons het wel vordering gemaak: teenoor die vorige  
 mededelings dat dit nie Nederlands sou wees nie, weet ons vandag dat dit  
 wel Nederlands is. Scholtz noem al *klats-klats*, *klos-klos* e.a.,<sup>40</sup> en in  
 Nederlandse volksdanse, kinderspeletjies en kinderliedjies kom dit baie  
 voor, suiwer iteratief soos *bom bom*, *tok tok*<sup>41</sup> of in die Ablaut-vorm *bim-  
 bam*. Dat dit in Nederlands meesal nie as samekoppeling geskryf word

40. Scholtz, J. du P.: *Op. cit.*, 18.

41. Kes, D., J. Pollmann en P. Tiggers: *Kinderzang en kinderspel*, 90.

nie, bewys weinig of niks; die reduplikasie-struktuur is die punt waar dit om gaan. En die reduplikasie-struktuur het Afrikaans wel uit Nederlands behou, ten opsigte van b.nwe., bywoorde, werkwoorde, klanknabootsende interjeksies, s.nwe. So is ons *raai-raai* (speletjie) gewone Nederlands. So is ons *bok-bok* gewone Nederlands (*bok-bok stavast*) ens. Dié is erfgoed. Daarmee word nie te kenne gegee dat al ons klanknabootsende iteratiewe, of die meeste daarvan, geërf sou wees nie, maar wel dat die tipe geërf is.

Dan word die vraag net: hoe beland die klanknabootsende woorde in die taalsisteem van (veral) s.nw., werkwoord en bywoord?

Wel, die nie-iteratiewe tipe het van oudsher volgens Sommer<sup>42</sup> e.a. maklik oorgegaan tot werkwoord. Dat dan in Afrikaans die iteratief ook werkwoord word, is wesenlik niks anders nie, te meer omdat dit 'n vry, ope konstruksie is om 'n enkele werkwoord ook iteratief as werkwoord te gebruik. Verder is dit 'n ou taalverskynsel dat die klanknabootsing tot s.nw. gemaak word. Boshoff skrywe hieroor o.m.:

„(1) Afrik. het die meeste Ndl. klanknabootsinge oorgeërf, soos *gons*, *knor*, *korhaan* (voël), *knorhaan* (vis), *kiewiet* e.a. (a) Tot die Afr. erfgoed behoort ook enige onomatopeë, wat in die Ndl. dialekte voorkom, maar nie in die ‚Algemeen Beskaafd‘ nie, soos *runnik*, *kokkewiet* e.a.”<sup>43</sup>

Daarnaas het Afrikaans ook sy eie gemaak bv. *Janfrederik*, *Jandiederik*, *Janpiedewiet* (of *piedewiet*, *pierewiet*), *Jantaterak* (of *taterak*, *Jantatra*), *Piet-ses-perde-wa*, *Piet-my-vrou*, *Piet-tjou-tjou*, *Piet-maak-gou*, *pie-papou*, *poppelwiet*, *bokmakierie*, *kelkiewyn*, *bietjiereën* (kiewiet), *Dokter Haarhof* (korhaan), *Jan-Wragtie* (of *Wragtie-Wragtie*, korhaan)<sup>44</sup> ens., dus in nie-iteratiewe vorm (soos Nederlands). Waar ons dan die iteratiewe klanknabootsing het, word hy op dieselfde manier as die nie-iteratiewe ingespan as naam en as s.nw., soms met 'n morfologiese teken van 'n s.nw., bv. *klap-klappie*, *tinktinkie*, soms daarsonder, soos in *hoep-hoep*, *kok-kok*, ('n) *kwê-kwê* ens.

En hoe kom ons tot die bywoord? Word die nie-iteratiewe klanknabootsing ook as bywoord gebruik? Bouman sê nee. As *tjir* as bywoord gebruik moet word, dan kan dit „alleen in reduplicasie as ‚taal-element‘ aangewend” word.<sup>45</sup>

Is dit korrek? Dit is korrek van *tjir* in die sin *Die muishond kom tjir-tjir nader*, maar dit is nie korrek as daarmee bedoel word dat klanknabootsinge „alleen in reduplicasie” as bywoorde kan fungeer nie, of anders gestel, dit is nie korrek as daarmee bedoel word dat klanknabootsinge in

42. Sommer, F.: *Indogermanische Forschungen*, 51.

43. Boshoff, S. P. E.: *Volk en taal van Suid-Afrika*, 308.

44. *Ibid.*, 309.

45. Bouman, A. C.: „Over reduplicasie en de woordsoorten”, *De Nieuwe Taalgids* XXXIII, 8ste afl., 349.

nie-iteratiewe vorm nie bywoordelik fungeer nie. Dit is vir Nederlands onwaar, want in die volgende het ons klanknabootsinge as bywoorde: *Hij sprong pardoes in het water* (Koenen-Endepols), *Hij staat er paf van* (Van Dale) ens., en dit is vir Afrikaans onwaar, want bv. *Hy vlie woerts om die hoekie, Hy 't sommer so sjierts by ons verbygejaag, Die ou het kaplaks van die stoel af geval, . . . die konstabel steek sy knipmes onder die tou en die knippie spring klips! los* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 82), *Hulle wag nou dat ek uitkom, sien, en hulle moes ook plaks bokant my kop gewees het* (Idem, 42) ens., is gewone Afrikaans met nie-iteratiewe klanknabootsinge as bywoorde. Of is dié voorbeelde nie klanknaboetsend nie?

En tog is *Die muishond kom tjir nader\** nie Afrikaans nie. Dan bewys dit tog wel iets. Wat dan? Saam met die nie-iteratiewe hierbo, myns insiens dit: dat sommige klanknaboetsinge in nie-iteratiewe vorm alleen in sommige sinsoorte as adverbial kan fungeer, of, anders gestel, dat sommige klanknaboetsinge alleen in iteratiewe vorm in sekere sinsoorte kan verskyn.

En hoe moet so 'n beperking verklaar word? M.i. volg die onomatopeë hier twee sisteme: (a) dié van (die) eksklamasies en (b) dié van werkwoorde wat as bywoorde fungeer: as in die sinsverband 'n onomatopeë nog eksklamatories (?) gebruik of bedoel word, al sou ons dit daar 'n bywoord noem, kan dit soos eksklamasies in ander verband, in enkel- of reduplikasievorm gebruik word. Ons kan in Afrikaans sê *Hy vlie woerts* (of *woerts-woerts*) *om die hoekie, Hy 't sommer so sjierts* (of *sjierts-sjierts*) *by ons verbygejaag . . . die konstabel steek sy knipmes . . . in en die tou spring klips!* (of *klips-klips*) *los*.

Maar as die eksklamatoriese nie meer dominerend is nie, as die geval nader lê aan die bywoordelike (van wyse of manier), dan volg dit die sisteem van die werkwoord wat as bywoord fungeer, naamlik as ope kategorie net in reduplikasievorm. In *Die muishond kom tjir-tjir nader* doen ons dus soos in bv. *Die muishond kom knor-knor* (nie *knor* nie) of *dreig-dreig* (nie *dreig* nie) of *blaas-blaas* (nie *blaas* nie) ens. nader. Met ander woorde, in *Die muishond kom tjir-tjir nader* het ons nie die klanknaboetsende uitroep *tjir* nie, maar die werkwoord *tjir*. En werkwoorde moet as sisteem geredupliseer word om as bywoorde te (kan) fungeer. (Vergelyk weer § 67.) En in *Die ou val kaplaks in die water* het ons nie die werkwoord *kaplaks* nie (dit bestaan nie), maar die tussenwerpsel *kaplaks*.

En hoe dit daartoe gekom het dat, as ope sisteem, die werkwoord geredupliseer moet word om as bywoord te fungeer, is elders bespreek, in § 67. As dit in Nederlands uitgebreider is as wat ons huidige kennis sê, moet dit ons nie verbaas as daar gevind word dat ook in Nederlands die onomatopeëse interjeksie alleen as bywoord kan verskyn indien dit ook as werkwoord verskyn en indien die interjektiewe ondergeskik geraak het aan die adverbiale nie. Want vergelyk ook Scholtz se indruk :

„Die aangehaalde Nederlandse voorbeelde kan maklik opgestel word in 'n reeks (nie in die eerste plek chronologies nie), sodat elk duidelik erken word as illustrasie van 'n konstruksie wat natuurlik kon ontwikkel uit die voorgaande konstruksie. Die uitgangspunt van die hele ontwikkeling is dan geredupliseerde klanknabootsende en klanksimboliese tussenwerpsels, eers afgeskei maar mettertyd opgeneem as bywoordelike bepaling in 'n groter geleding.”<sup>46</sup>

**§ 54 Stam met tussenwerpsel-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.**

<i>ditsembeentjie</i>	„kwesbare elmboogbeentjie”
<i>eina-gesig</i>	„lelike gesig”
<i>eina-punt</i>	„swak, kwetsbare plek”
<i>eina-straaltjie</i>	„dun, swak straaletjie”
<i>hokaaistraat</i>	„stopstraat”, „doodloopstraat”
<i>siesgroen</i>	„vuilgroen”

Veel hiervan het Afrikaans nie, moontlik omdat die tussenwerpsel meesal nie volkome a-sintakties gebruik word nie en dan ook dikwels die iteratief-vorm het.

*Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Maar of dit noual die tussenwerpsel as sodanig is wat hier optree, en wat ook al die verklaring van die beperkte getal sou wees, 'n nuwigheid in Afrikaans is dit nie, want onder andere *jaja-hoed* is ook Nederlands.

Boshoff noem onder andere *knor-* en *korhaan* en *kokkewiet* as „oorgeërfde Nederlandse klanknabootsinge”,<sup>47</sup> maar dit is onjuis. Al drie is oorgeërf, maar nie een van dié drie het in Nederlands as klanknabootsing ontstaan nie: *knor-* en *korhaan* bevat die werkwoorde *knorren* en *korren*, en *kokkewiet* is 'n byvorm van *koekoek*, wat vroeg kom van Frans *coucou* (van Latyn *cuculus*).

Maar die volk wat komposita met sulke (of ander) woorde vorm, werk nie met (reële) etimologieë nie: vir die volk is „met klanknabootsende waarde” en „klanknabootsing” dieselfde. Dan het waarskynlik bv. *Kockwt-voghel*<sup>48</sup> vir die Hollander in Kiliaan se tyd net so goed 'n tussenwerpsel as eerste lid gehad as *kwêvoël* vir die moderne Afrikaner. Dan het daar op hierdie terrein dus niks nuuts gebeur sedert Kiliaan se tyd nie.

46. Scholtz, J. du P.: *Op. cit.*, 18.

47. Boshoff, S. P. E.: *Op. cit.*, p. 308.

48. *Ibid.*

## § 55 Stam met voors.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw.

Dié verbinding kom ook terloops ter sprake by verbale komposita (verge-lyk § 64 en volgende).

Vooraf is dit nodig om daaraan te herinner dat 'n woord nie 'n kompositum is omdat dit so geskrywe word nie (Vergelyk ook § 36) en dat dit dikwels tradisie is, meer as taalkundige oorweginge, dat sekere verbinde-linge aanmeakaargeskrywe word. So skrywe ons bv. *tegelykertyd, terselfdertyd, ternouernood* ens., maar *te goeder trou, ter geleëner tyd; inderdaad en inderhaas*, maar *in der minne* ens. of, om by die tipe sonder 'n woord tussen voors. en s.nw. te bly: *oorboord*, maar *aan boord, oorsee* (maar *oor land*) ens.

Omdat daar nietemin tog verskeie dergelike verbinde-linge is wat werklik as komposita beskou kan word, word dié tipe wel kortliks bespreek.

Hoewel komposita hoofsaaklik met en rondom die ope woordsoorte gevorm word, het voorsetsels ook al in 'n mate daarby betrek geraak, selfs in 'n taamlik omvangryke mate, bv. in *agtereen/-mekaar/-middag/-weë* ens.

Sulke komposita is hoofsaaklik stam met voors.-korrelaat plus stam met s.nw.-korrelaat: *bw./b.nw.*, bv. *onderdak/-weg, oorboord/-dag/-see, uit-aseem, vanaand/-dag/-môre*, maar daar is ook enkele ander woordsoorte by betrokke, bv. *onderdak* as s.nw., omdat en *omrede* (voegwoorde) ens.

**Opm.:** 1. *Deurdat* en *omdat* bevat die (Nederlandse) voornaamwoord *dat*, en *agtermekaar, deurmekaar* ens. die voornaamwoord *mekaar*.

2. In *omhoog, omlaag, omver* ens. moet *hoog, laag* en *ver* volgens die WNT beskou word of opgevat word as die s.nw. *hoog, laag* ens. (Vergelyk daarvoor: *Zweert ganschelijk niet, noch bij hoog, noch bij laag*.)

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die verbinding is nou verwant met voorsetsel plus s.nw. plus adverbiale *-s*, bv. *agterbaks, onderaards, onderduims, oorlangs* (van *lang*: kyk Opm. 2 hierbo), *oorhands, uitheems* e.d.m., wat samestellende afleidinge is (in Nederlands) van voorsetsel plus s.nw. plus (oorspronklik) adverbiale *-s*. Daarvan sê die WNT XI, 1285 onder meer:

„*Onderduims*, bijw. (van omstandigheid). Door aanhechting der adverbiale *s* gevormd van het voorz. *Onder* . . . en het znw. *Duim*. *Onderduims* is dus zoveel als *onder den duim* . . . en komt op hetzelfde neder als *onder de hand, onderhands*, waarin dezelfde overdrachtelijke beteekenis zich ontwikkeld heeft . . .”

Alle Afrikaanse komposita met 'n voorsetsel as eerste lid, is samekoppeling en die meeste daarvan is ook Nederlands, bv. *ondertussen/-weg/-wyl, vanaand/-dag/-oggend* ens. Hulle is in Nederlands nie analogies gevorm nie, maar het een vir een ontstaan deur sametrekking uit sinsver-

band. So sê die WNT I, 657 by *achtereen*: „Bijw. van omstandigheid. Uit het telw. *Een*, als zelfst. gebezigd in den zin van *elkander* . . . en *Achter*, als voorz. van tijd . . . Vroeger veelal in twee woorden geschreven (*achter een*), doch thans te recht als eene eenheid opgevat”.

By *achterwege* (WNT I, 743) vind ons 'n presies soortgelyke verhaal: „Koppeling der verouderde uitdrukking *achter wege*, bestaande uit het voorz. *Achter* . . ., en *wege* . . .” Vergelyk ook by *overboord*: „Koppeling van *Over* en *Boord*. Eertijds dikwijls in twee woorden geschreven” (WNT II, 1630).

Ook die meeste Afrikaanse eiegoed het so ontstaan, in alle gevalle uit woordgroepe wat ook Nederlands is, bv.

### Afrikaans

*agtermekaar*

*deurmekaar*

*onderdak*

*uit-aseem*

*uitemekaar*

### Nederlands

*achter elkaar / mekaar*

*door elkaar / mekaar*

*onder dak*

*uit den adem, buiten adem*

*uit elkaar / mekaar*

**Opm.:** *orent* is Nederlands *overeind*, *overend*.

Met die hoofklem meesal op die s.nw. en met die funksie meesal adverbiaal, is dit duidelik dat die woordklem en die funksie dié van die ooreenstemmende woordgroepe is.

Die Afrikaanse bywoord *onderdak* behels dus niks nuuts nie, maar die s.nw. wel: *êrens onderdak kry*. Die assosiasie met „skuiling, herberg” ens. sal dan waarskynlik daarvoor verantwoordelik gewees het. Maar dis nog 'n vraag of dit 'n eie ontwikkeling is. Die WNT gee nie *onderdak* as s.nw. nie, Van Dale egter wel. Het Afrikaans en Nederlands dan miskien langs individuele weg hier tot dieselfde nuwe resultaat gekom?

### § 56 Stam met ww.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

<i>borrelgeluidjie</i>	(L. Maré : <i>Die Nuwejaarsfees</i> , 97)
<i>braaikant</i>	( <i>Die Jongspan</i> , 28.4.1950)
<i>dreigbrulle</i>	(D. F. Malherbe : <i>Die Bergstroom ruis</i> , 8)
<i>dig-nooi</i>	(C. J. Langenhoven : <i>Die Krismiskinders</i> , 61)
<i>galopslukke</i>	(C. M. v. d. Heever : <i>Langs die Grootpad</i> , 76)
<i>groetskoot</i>	(J. van Bruggen : <i>Ampie die Meisiekind</i> , 92)
<i>haakvoet</i>	( <i>Die Burger</i> , 16.9.1957)
<i>houbokke</i>	(Hobsons : <i>Geluksvlei</i> , 57)
<i>keerhand</i>	(D. Craven : <i>Grondbeginsels van Rugby</i> , 254)
<i>klinklag</i>	(Boerneef : <i>Van my Kontrei</i> , 2)
<i>klop-keel</i>	(N. P. van Wyk Louw : <i>Raka</i> , 12)

<i>nieskonsert</i>	( <i>Die Huisgenoot</i> , 25.8.1950)
<i>rek-treë</i>	(S. V. Petersen : <i>As die Son ondergaan</i> , 12)
<i>sukkel-liedjie</i>	(P. J. Schoeman: <i>Fanie se Veldskooldae</i> , 53)
<i>sukkeltreintjie</i>	(Uys Krige : <i>Sol y Sombra</i> , 174)
<i>wurgknop</i>	(P. de V. Pienaar: <i>Ruth</i> , 125)

1. Verbindingsklanke by dié tipe kom wel selde voor, maar nie nooit nie. (Vergelyk daaroor § 18.1.)

2. Dit is naas stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat die meesgebruikte en die mees produktiewe tipe kompositum in Afrikaans. 'n Mens kan byna daarop staatmaak dat elke uitgawe van populêre weekblaaie 'n paar nuwes sal bevat, al is dit dan net geleentheidskomposita.

3. Probleme van die sistematiek : Omdat ons soveel honderde woorde het wat sonder meer as s.nw. en as werkwoord optree, is dit lank nie altyd met sekerheid vas te stel of 'n bepaalde geval bestaan uit stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat of uit stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat nie. (Vergelyk § 6 en § 10.6 hiervan.)

Wie in 'n besondere geval belang stel, moet allereers die Nederlands na-slaan. Is die betrokke verbinding nie Nederlands nie, kan 'n mens jou laat lei deur die betekenis en die verband waarin die woord voorkom, maar eintlik maak dit weinig saak omdat werkwoorde en s.nwe. vrywel net so maklik verbindbaar is as s.nwe. met s.nwe.

4. Semantiese funksie : Dié kompositumtipe benoem deur onderskeiding tussen kompositum en nie-kompositum. So tipeer en onderskei dit tussen *sukkel-liedjie* (P. J. Schoeman : *Fanie se Veldskooldae*) en net *liedjie* s.m., *meettreë* (C. M. v. d. Heever : *Laat Vrugte*, 3) en *treë, dig-nooi* (C. J. Langenhoven : *Die Krismiskinders*) en *nooi* ens.

5. Daar is 'n groot verskeidenheid verskillende verhoudinge tussen die komponente, onder meer die volgende (meesal determinatief) :

<i>brandvlek</i>	„vlek deur brand veroorsaak”
<i>dryfys</i>	„drywende ys” (duratief)
<i>eetkamer</i>	„kamer waarin geëet word”
<i>hoesmiddel</i>	„middel teen hoës”
<i>kieswet</i>	„wet i.v.m. die kieswyse van bv. volksraadslede”
<i>kookpunt</i>	„punt (= bv. temperatuur) waarop vloeistowwe kook”
<i>messelsand</i>	„sand (wat) vir messel gebruik (word)”
<i>nieskruid</i>	„kruid wat ('n mens) laat nies” (kousatief)
<i>rookvleis</i>	„gerookte vleis” (perfektief)
<i>skeermes</i>	„mes waarmee geskeer word” (instrumentalis)
<i>skuifvisier</i>	„skuifbare visier”
<i>slaaptyd</i>	„tyd om te (gaan) slaap”
<i>slagvee</i>	„vee (wat) vir slag bedoel (is)”
<i>waaghals</i>	„iemand wat sy hals waag” (meesal determinatief)

6. Hoewel die tipe baie produktief is, is daar grense. (Vergelyk § 21.)

### *Diachronie*

Verder is dit voldoende om te weet dat die tipe oud, uitgebreid en algemeen is in Nederlands, ook met elke soort verhouding tussen die dele as wat in Afrikaans voorkom. (Kyk hieroor die gewone Nederlandse naslaanwerke : Schönfeld, De Vooy, Van Lessen ens.)

#### § 57 Stam met ww.-korrelaat + Stam met s.nw.-korrelaat : ww.

*brandmerk, knipoog, kwispelstert, reikhals, skuimbek* ens.

Die verbale funksie van die kompositum is opvallend. Normaal sou wees dat dit, soos die meeste ander tipes, dieselfde funksie het as die laaste komponent, hier dus substantiwies.

Gelyksoortige materiaal verskil in soveel opsigte dat dit die beste sal wees om maar eers na alle soorte gevalle te kyk. Doen ons dit, merk ons onmiddellik dat ons die voorbeelde in twee begripsgroepe kan plaas, naamlik

(a) dié waarvan die tweede komponent die naam van 'n liggaamsdeel is, of van wat daarmee geassosieer is (*skoen, klere, sak*), soos in *knipoog, kwispelstert, reikhals* en *skuimbek* hierbo, en

(b) die waarvan die tweede komponente tot onhomogene begripsgroepe behoort, bv. *plasreën, stortreën* ens.

Daar is ook nog 'n subtipe

(c) die tipe stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw./bw. soos bv. *brandasem (wees), (jou) dreunbors (hou)* ens.

Die tipes word in bogenoemde volgorde behandel.

#### § 57.1 Tipe (a) – knipoog

Die woordkorrelaat van die tweede komponent noem 'n liggaamsdeel, bv. *bek, hals, oog* en *stert* hierbo, en verder nog bv. *been, mond, tand, voet* ens. (in bv. *slingerbeen, watermond|-tand, sleepvoet*). Hierop word later teruggekom.

1. In sowat 'n 25 gevalle het ons dié komposita net of hoofsaaklik as werkwoorde, bv. (behalwe die bostaande) :

<i>flikkeroog</i>	<i>kwispelstert</i>	<i>skuimbek</i>
<i>gerrebek</i> <sup>49</sup>	<i>loer-oog „soek”</i>	<i>stampvoet</i>
<i>knipoog</i>	<i>ringeloor</i>	<i>watertand</i> ens.

In gebruiksfrekwensie, verspreiding en gebruiksveld is hulle nie eenders nie.

*Gerrebek* haal WAT III, 171 aan uit *Eiternal*. Dit is 'n literêre en persoonlike ontlening uit die bekende vers van Gezelle. Die meeste ander voor-

49. Kyk Opm. § 53.



beelde is ook „literêrerig”. *Knipoog* en *watertand* lyk my sowat die enigste werkwoorde van hierdie tipe wat algemeen bekend is en gebruik word.

Die werkwoorde benoem almal 'n manier of wyse van doen, bv. *flikker-oog*, *knipoog*, *kwispelstert* ens.

2. In sowat 'n 12 gevalle ken ons die komposita uitsluitend of hoofsaaklik as bywoord :

(a) sonder bywoordelike formans soos in *druipstert*, *kruisbene*, *sleep-tong*, *sleepvoet*, *wipstert* ens. en

(b) met formans, soos in *reikhalsend* en *skoorvoetend*, almal met die vorm van die onvoltooide deelwoord.

'n Enkele geval kom met 'n sonder die deelwoordvorm voor, nl. *sleep-voet(end)*, *stampvoet(end)*.

Ook hulle is ongelyk t.o.v. gebruiksveld, verspreiding ens.: *druipstert*, *sleep-tong/-voet* en *wipstert (loop)* lyk my die enigste wat algemeen tot ons aktiewe taalskat behoort. Die meeste ander is meer literatuurtaal.

Die bywoorde benoem ook almal 'n manier of wyse van doen, maar by 'n ander werkwoord, bv. *druipstert* + (*êrens*) *aankom*, *sleepvoet* + *loop*, *sleep-tong* + *praat* ens.

3. In sowat 'n 25 gevalle ken ons die komposita uitsluitend of hoofsaaklik as s.nw., bv.

<i>draaigat</i>	<i>grynsbek</i>	<i>puiloog</i>	<i>wateroog</i>
<i>druiloor</i>	<i>lawaaibek</i>	<i>traanoog</i>	ens.,

wat byna almal goed bekend is.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Daar is verskillende woorde wat ons waarsku dat ons hier met Nederlandse taalmateriaal te make het, bv. die *mees* van *meesmuil*, die *klapper* van *klappertand*, die *skoor* van *skoorvoetend*, die *wiek* van *kortwiek*. Daarom moet ons maar die hele posisie in Nederlands ook nagaan.

Van Ginneken<sup>50</sup> het al 'n lys van ± 220 gegee, en dié het ons vir hierdie studie aangevul tot 332. Van Ginneken gee bv. *likkebaarden*, *slingerbenen*, *schuimbekken*, *reikhalzen*, *druipneuzen*, *lukogen*, *druipsteerten*, *knars-tanden*, en in ander Nederlandse bronne het ons ook nog gevind bv. *blik-aarzen*, *slingeraarzen*, *stootaarzen*, *spartelbillen*, *draaiheupen*, *schitterogen*, *tintelogen*, *draaiesteerten* ens.

Al die Nederlandse voorbeelde is nie ww. + s.nw. nie. Van Ginneken se lys het net op twee punte gelet, naamlik (1) dat die tweede komponent die naam van 'n liggaamsdeel is, en (2) dat die geheel 'n werkwoord is.

50. Van Ginneken, J.: „Nederlandsche Taal- en Cultuurrelicten uit den steentijd” *Onze Taaltuin* VIII, no. 5, Sept. 1939, 133 vlg.

De Bo<sup>51</sup> onderskei ook nog volgens die woordsoort van die eerste komponent. Doen ons dit, kry ons die volgende posisie :

(a) 205 uit 'n Nederlandse lys van 332 (= 62%) het 'n werkwoord as eerste komponent, bv. *blaaskaken, blikogen, draaiaarzen, druiloren, fladderwieken, flikkerbenen, gierogen, keerogen, klappertanden, knarstanden* ens.;

(b) 28 het 'n s.nw. as eerste komponent, bv. *blokbenen, kathalzen, kattedaarten, kraalogen, krophalzen, pijloren* ens. en

(c) 25 het 'n b.nw. as eerste komponent, bv. *blauwbekken, breebaarden, hardebollen, kortoren, langhalzen, lekkerbekken, platvoeten* ens.

Dié drie groepe omvat dus 258 (uit 332) voorbeelde (= 80%). Die etimologie en/of woordsoort in die orige 20% is óf onbekend, onseker, óf die eerste komponent kan meer as een woordsoort wees, bv. *blaecoogen, daesbollen, flinkôgchen, gekkebekken, glänhørsen, hikkebillen, kokhalzen, pikkelbenen, ralögen, starogen* ens.

Die posisie in Nederlands was en is dus so dat werkwoorde gevorm is van die stamme van (a) ww. + s.nw., (b) s.nw. + s.nw. en (c) b.nw. + s.nw., almal met name van liggaamsdele as tweede komponent. Die woorde wat in dié komposita voorkom, is veral die volgende :

#### as eerste komponent

(a) *werkwoorde:*

<i>blaas</i>	<i>klapper</i>	<i>lik(ke)</i>	<i>reik</i>	<i>slinger</i>
<i>draai</i>	<i>klipper</i>	<i>li(ke)</i>	<i>ringel</i>	<i>smak</i>
<i>druil</i>	<i>klutter</i>	<i>loer</i>	<i>rol(le)</i>	<i>smodder</i>
<i>druip</i>	<i>knars</i>	<i>lonk</i>	<i>ruk</i>	<i>snater</i>
<i>fladder</i>	<i>knik</i>	<i>luik</i>	<i>schemer</i>	<i>spaar</i>
<i>flodder</i>	<i>knip</i>	<i>maai</i>	<i>schok</i>	<i>spartel</i>
<i>gabber</i>	<i>koker</i>	<i>mees</i>	<i>schomper</i>	<i>stamp</i>
<i>gier</i>	<i>kraak</i>	<i>piep</i>	<i>schoor</i>	<i>stoot</i>
<i>grijs</i>	<i>krabbel</i>	<i>pink</i>	<i>schort</i>	<i>strijk</i>
<i>grim</i>	<i>krijzel</i>	<i>plas</i>	<i>schrij</i>	<i>strompel</i>
<i>jaag</i>	<i>krimp</i>	<i>pluk</i>	<i>schud</i>	<i>stuit</i>
<i>kittel</i>	<i>kwispel</i>	<i>puil</i>	<i>sleep</i>	<i>suize(n)</i>
<i>klap</i>	<i>lek(ke)</i>	<i>raas</i>	<i>slikker</i>	<i>til(le)</i> ens.

(b) *s.nwe.:*

<i>blok</i>	<i>kever</i>	<i>krop</i>	<i>snot</i>
<i>bol</i>	<i>kraal</i>	<i>pijl</i>	<i>steert</i>
<i>kat</i>	<i>kraan</i>	<i>schok</i>	ens.

(c) *b.nwe.:*

<i>blauw</i>	<i>hard(e)</i>	<i>lang</i>	<i>plat</i>
<i>bree(d)</i>	<i>kort</i>	<i>lekker</i>	ens.

51. De Bo, L. L.: *Westvlaamsch Idioticon*.

### as tweede komponent veral)

<i>aars</i> (18)	<i>fok</i> (= gat)	<i>mond</i>	<i>teen</i> (= toon)
<i>arm</i>	<i>gat</i>	<i>muil</i> (= mond; 15)	<i>tong</i>
<i>baard</i>	<i>haar</i>	<i>nek</i>	<i>top</i>
<i>bak</i> (= rug?)	<i>hak</i>	<i>neus</i>	<i>vinger</i>
<i>balg</i> (= sak)	<i>hals</i> (15)	<i>oog</i> (49)	<i>vlerk</i>
<i>been</i> (27)	<i>heup</i>	<i>oor</i> (12)	<i>vleugel</i>
<i>bek</i> (22)	<i>hiel</i>	<i>poot</i>	<i>voet</i> (18)
<i>bil</i> (= boud)	<i>hoofd</i>	<i>schoer</i> (= skouer)	<i>vuist</i>
<i>bol</i> (= bal; 19)	<i>kaak</i>	<i>schouder</i>	<i>wiek</i> (= vleuel)
<i>buik</i>	<i>kop</i>	<i>staart</i> (19)	ens.
<i>buis</i> (= lyf)	<i>lip</i>	<i>tand</i> (20)	

Die getalle van dié wat die meeste voorkom, word daarby tussen hakies aangegee.

Van dit alles het ons bitter min in Afrikaans, naamlik net sowat 60. Ten opsigte van die besondere woorde wat in die komposita verskyn, is die posisie in Afrikaans nóg kariger: van die ongeveer 80 verskillende werkwoordsterme as eerste komponent in Nederlands het ons in Afrikaans maar ongeveer 25, bv.

<i>blaas</i> (balk)	<i>gryns</i> (bek)	<i>knars</i> (tand)
<i>draai</i> (boude)	<i>kittel</i> (orig)	<i>knik</i> (kebol)
<i>druip</i> (stert)	<i>klapper</i> (tand)	<i>kwispel</i> (stert)
<i>flikker</i> (oog)	<i>klap</i> (wiek)	ens.;

van die ongeveer 20 verskillende Nederlandse s.nwe. net sowat 6, nl. *kraal*, *krop*, *pyl* ens., en van die ongeveer 12 Nederlandse b.nwe. net ongeveer 6, bv. *kort*, *lang*, *lekker*, *plat*, *vuil* ens.

Van die tweede komponente het ons slegs ongeveer 10 (teenoor sowat 42 in Nederlands), bv. *bek*, *hals* ens. (vergelyk begin van hierdie para-graaf).

Ons het onder die name van die liggaamsdele geen enkele wat nie ook Nederlands is nie, en die eerste komponente saam met name van liggaamsdele is ook almal Nederlands, wat beteken dat dié Afrikaanse voorbeelde almal geërf is. Dan is dit vir ons ook van min belang om te weet hoe dit in Nederlands ontstaan het of gevorm is. Tog verdien die historiese-genetiese kant van die saak ons aandag, ten minste om die buitengewone verskynsel dat liggaamsdele deur die woordkorrelate van die tweede komponente benoem word, EN verder omdat dit die eerste en enigste tipe Nederlandse kompositum is wat nie in Afrikaans uitgebrei het nie, en waarvan blykbaar alleen onproduktiewe flenters en rafels wwe., b.nwe. en s.nwe. oorgebly het.

In Nederlands is klaarblyklik op groot en taamlik vrye skaal komposita

gevorm van ww. en s.nw., s.nw. en s.nw., b.nw. en s.nw., alles om werkwoorde te vorm, met name van liggaamsdele as tweede komponent.

Volgens die WNT is die meeste van die 135 voorbeelde wat daarin gevind kon word, as volg gevorm :

1. deels van ww. + s.nw. : ww., bv. *blaaskaken, kraaiarzen, draaistaarten, druiloren, druipeuizen, grijnsmuilen, klappertanden, knarstanden, knikhoofden* ens.,
2. deels van b.nw. + s.nw. : ww., bv. *blauwbekken, kortpooten, kwikstaarten, lekkertanden, platvoeten* ens.,
3. deels van s.nw. + s.nw. : ww., bv. *kathalzen, kokhalzen, kraanhalzen, schokschouderen, schortneuzen, spillebenen* ens.

Maar dié vorming het in verskillende fases of prosesse verloop : veral van ww. of s.nw. of b.nw. + s.nw. : s.nw., en daarna is die reeds gevormde kompositum verbaal (soms ook adverbiaal) aangewend, byvoorbeeld die volgende : *grimbecken* (ww.) < *grimbek* (s.nw.), *grimlachen* (ww.) < *grimlach* (s.nw.), *hardebollen* (ww.) < *hardebol* (s.nw.), en dikwels ook regstreeks van byvoorbeeld b.nw./ww. + s.nw. : ww., bv. *knikhalzen* < *knikken* + *hals*, met samestellende afleiding, dus *knikhalzen, knikkebenen* net so uit *knikken* en *been* > *knikkebenen, knipogen* < *knippen* en *oog* > *knipogen* (en dan met Rückbildung *knipooog* (s.nw.)).

**Opm.:** Van Afrikaanse standpunt uit beskou, sou ons nie bv. *knikhalzen* as samestellende afleiding beskou nie, omdat die *-en* die uitgang van die infinitief is en nie 'n formans wat van *knikken* + *hals* 'n werkwoord maak nie. (Vergelyk ook § 10.6.)

De Vooy's<sup>52</sup> sê „een groot aantal van deze woorden is ontstaan als infinitieven en in het gebruik daartoe beperkt”, maar sê nie waarop hy dié beoerwing grond nie. Wel noem hy 'n paar gevalle :

„Een werkwoord als *blaaskaken* is stellig ontstaan uit *blaaskaak*. Aan *druiloren* kan het substantief *druiloor* voorafgegaan zijn, dat o.a. bij Bilderdijk voorkomt. Dit type van samenstelling is intussen al oud. In het Mnl. bv. *daesbollen*, in de zestiende eeuw *blaecoghen* (Mar. van Nyem.); bij Hooft: *stropelvoeten*, bij Vondel: *sprietoogen, staeroogen*; bij Bilderdijk: *flikkerogen*.”

Hy skyn te meen dat ons in die meeste gevalle moet uitgaan van 'n samegestelde s.nw. wat dan sonder meer verbaal aangewend is. Dit is moontlik en aanneemlik, want dit gebeur vandag nog, in Nederlands en Afrikaans, dat s.nw. werkwoorde word. Dat 'n groot aantal hiervan nog tot die infinitiefgebruik beperk sou wees, word moontlik bevestig deur wat die WNT gee. Uit 135 wat in die WNT gevind is, is daar 31 (= ± 23%) wat in die voorbeeldsinne net in die infinitief aangegee word, bv. *blauwbekken, draai-*

52. De Vooy's, C. G. N. : *Nederlandse spraakkunst*, 173, 174.

*billen, flodderwieken, gabbermonden, grijnsmuilen, hillebillen.* Van geen ander vorm van die werkwoord, naamlik deelwoord, indikatief ens., gee die WNT naastenby soveel voorbeelde nie.

Ook twee ander dele van De Vooy's se uitspraak skyn te klop met wat die WNT gee: „ . . . er zijn er ook die uitsluitend of bijna uitsluitend als participia voorkomen, bv. *druijstaartend, schoorvoetend, reikhalzend.*”

Vergelyk ook die WNT onder *draaiheupen, klutterbeenen, lekkebaarden, likkelippen, sleepvoeten, stronkelvoeten, suizelooren* ens.

Verder sê De Vooy's: „De minderheid kan volledig vervoegd worden” wat ook strook met die gegewens in die WNT: daar is maar net drie voorbeelde (uit 135) waarby die WNT voorbeelde met vyf vorme aangee, naamlik teenwoordige tyd, verlede tyd, onvoltooide deelwoord, voltooië deelwoord en infinitief, nl. by *knipooogen, pinkooogen en stampvoeten*, en 9 voorbeelde waarby vier vorme aangegee word, nl. infinitief, verlede tyd, teenwoordige tyd, onvoltooide deelwoord, onder meer by *klappertanden, meesmuilen, starooogen, tinteloogen* ens.

De Vooy's se uitinge lyk dus volkome betroubaar, maar dit is wel enig-sins 'n oorvereenvoudiging van die Nederlandse feite. As die gebruiksvorme van die WNT se voorbeelde deurgaans verteenwoordigend is, is die Nederlandse prentjie veel bonter. Dit gee naamlik

by 31 voorbeelde net sinne met 'n infinitief

by 18 voorbeelde net sinne met 'n teenwoordige tydsvorm

by 10 voorbeelde net sinne met 'n infinitief, verlede / teenwoordige tyds-vorm

by 5 voorbeelde net sinne met 'n verlede tydsvorm

by 5 voorbeelde net sinne met 'n voltooië deelwoord

by 6 voorbeelde net sinne met 'n teenwoordige tydsvorm en 'n onvoltooide deelwoord

by 4 voorbeelde net sinne met 'n infinitief en 'n onvoltooide deelwoord ens.

Dit is dus nie alleen so dat „de minderheid volledig vervoegd kan worden” nie, maar die minderheid is maar 3 van 135, wat wil sê dat die groep eintlik baie oneweredig versprei is in gebruikswyse en vorm.

Stel ons nou die Nederlands hier naas die Afrikaans, dan lê die verskil hoofsaaklik in die soveel geringer getal dergelike komposita in Afrikaans. Deels sal dit wel te verklare wees uit die feit dat dié komposita veral in Suid-Nederlands talryk is, en ons weet dat Afrikaans regstreekser verband hou met die Nederlands Noord van die Schelde. Ten andere het baie van dié vorme in Nederlands nie tot die volkstaal behoort nie, sodat ons ook min daarvan in Afrikaans moet verwag.

Indrukwekkender as die verskil, is myns insiens egter die groot ooreenkoms:

(1) ook in Afrikaans is sommige net werkwoord, het party net die deelwoordsvorm, is party net bywoorde ens., en

(2) die bekendste Afrikaanses kom in Nederlands net so voor, bv. *druipstaarten, knipogen, kwispelstaarten, reikhalzen, schoorvoeten, sleepvoeten* ens. Van hulle sê die WNT :

„*Druipstaarten*, onz. zw.ww. Van *Druipen* en *Staart*.

(1) Een slap neerhangenden staart hebben. // Daar het slaphangen (*van den staart der koeien*) een slecht teeken is, noemt men dit druipstaarten, BERKHEY, *N.H.* 5, 109.

(2) Bepaaldelijk van dieren die in angst verkeerden. // Het vosken druipstaert, dat den wijnberg heeft geschent. En sijnen staert soo fier te krullen was gewent, VONDEL 3, 86. Dat het zwyn Ten woude uit vliê, de wolf, vermetel noch in schyn. Druipstaertende van schrik zyn' vyant poog' t' ontschuilten, MOONEN, *Poëzy* 108. Wij zullen die honden wel druipstaartend in hun nest jagen, LOOSJES, *Lijnsl.* 4, 407. De geringste hunner dienaren (is) genoeg, om het verachtelijk vee (*t.w. honden*), druipstaartend en jankend in zijn nest te jagen! v. D. PALM, *Red.* 2, 90. Hij vlugt, hij vlugt . . . De bloedhond, die zich Alva heet . . . En druipstaart, even laf als wreed, TOLLENS 1, 120.” (WNT III<sub>2</sub>, 3487)

„*Knipoogen*, onz. zw.ww. . . Van *Knippen* en *Oog* . . .

(1) De oogleden (de oogen) snel sluiten en weer openen, tengevolge van slaap, een gemoedsaandoening, een sterken lichtindruk enz.; vaak eenige malen achtereen. // Knipoogen . . . Knijpoogen, minkeloogen. *Cliqner, remuer les paupieres*, HALMA. – Men kan de Zon niet aanzien zonder te knipoogen, MARIN. Een . . . man, . . . knipoogend tegen 't schelle licht uit de lantaarn, v. MAURIK. *Amst. bij D. en N.* 69. Ik wou haar (*mijn poes*) achter de kachel zien gaan liggen nu, al knipoogend tegen den rooden gloed, v. LOOY, *Proza* 223. Toen het (*t.w. het zingen*) uit was kwam iedereen handjes geven, de gastvrouw fier-vroolijk voorop, en toen de ouders D. De oude heer knipoogde, veinzende aangedaan te zijn, ROBBERS, *A. de Boogh* 197.

(2) Een oog – minder vaak beide oogen – snel sluiten en weer openen als teken van verstandhouding, wenk, teeken van goedigen spot, enz. // De maan schuilt achter 't hout, maar gluurt ter sluik op 't Sparen En lacht om 't bont tafreel van al dat feestgewoel, En knipoogt als een schuit de vloot eens gaat ontvaren, v. ZEGGELEN 3, 119. „In twee uren naar Haarlem”, beveelt de heer Die . . . „As ze 't niet in zeven kwartier kennen”, zegt Gerrit, knipoogende, „is er geen aardigheid an”, BEETS, *C.O.* 330. „Het manvolk is kouelijk van nature”, zei ze knipoogend tot Moeder, SCHIMMEL, *B. v. Omm.* 2, 77. Zij knipoogde slim ter zijde naar hare gezellin, LOVELING, *D.E.* 125. „Allemoâl diê luxe, die kostelekke kléeren! Ze moe' zij wel weten woâr da' z' 'et krijgt”. En zij knipoogden van fijnigheid, DE VOS, *VI. Jong.* 360. Hij knipoogde schalks . . . Maar 't bleeke gezicht van den langen zetter, die over hem stond, in aandachtig afwachtende houding, bleef strak, ROB-

BERS, *Gel. Fam.* 164. Hij zag zijn moeder knipoogen en wenken naar de deur als om een vredigen aftocht te bewerken, NAEFF, *Veulen* 174. – Gebezigd voor: *knipoogend* zeggen.// „Nos kennimus nos! . . .’ Zoo zeggen de latinisten immers?’ knipoogde hij, tegen Jeanne, ROBBERS, *Gel. Fam.* 63 . . .” (WNT VII, 4684)

„*Kwispelstaarten*, onz. zw.ww. Van *Kwispelen* en *Staart*.

Met den staart kwispelen; inzonderheid van honden gezegd die den staart bewegen, meestal ten teeken van vriendelijkheid of vleierij. Ook fig.// Der dieren prins . . . betoonde Sijn’ heuscheyd . . . Hy lonckt verliest . . . En quispelstaert . . . en streelt, VONDEL 3, 130. Vergeefs tracht ge uiterlijk ’t gemeene volk te vleyen Met quispelstaarten, ELMGUIDI, bij HUYDECOPER, *Pr.* 3, 254. ’k Zie hoe haer leeuw . . . De manen schud en vrolyk kwispelstaert, SMITS, *Nag. Ged.* 1, 262. Kwispelstaart is genoeg bekend: alle Koeijen kwispelstaarten onder ’t grazen om die vliegen af te weeren; maar er is nog eene gewoonte, uit dit staartkwispelen ontstaande, die misschien . . . uit eenige jeukerigheid of onderhuidsche prikkeling ontstaat, BERKHEY, *N.H.* 4<sup>e</sup>, 220. Hoe dankbaar is mijn kleine hond/Voor beentjes en wat brood!/Hij kwispelstaert, hij loopt in ’t rond, v. ALPEN 1, 385. Wie van den duivel spreekt, die ziet hem kwispelstaarten, v. LENNEP, *O. en N. Ged.* 154. Daar springt de jagthond los, En luistert, blaft en kwispelstaert, LEDEGANCK 203.” (WNT VIII, 819)

„*Reikhalzen*, onz. zw.ww. Van *Reiken* en *Hals*.

Een samenst.afl. van een in het ndl. niet zelden voorkomend type, waarbij het eerste lid een verbale stam is en het tweede een lichaamsdeel aanduidt, bv. *knipoogen*, *klapwieken*, *stampvoeten*. Zie v. LESSE, *Samengest. Naamw.* 108 vo’g. Het eerst is wsch. *reikhalzen* (zie ald.) opgekomen, dat in tegenst. tot *reikhalzen* in de 17de e. in de eig. bet. (1) niet zelden voorkomt. Door bijgedachte aan het ‚verlangen b.v. om iets te zien’ werd naast *reikhalzen* al spoedig *reikhalzen* gebezigd, dat echter pas in fig. toepassing (2) in algemeener gebruik kwam. Onder invloed daarvan ging ook *reikhalzen* aanvankelijk de fig. bet. aannemen, maar raakte, behalve in gewest. taal, omstreeks het midden van de 18de e. in onbruik. Thans wordt in de alg. taal *reikhalzen* vooral nog gebruikt in de fig. bet. en dan uitsluitend in bepaalde verb. Verg. DE VRIES in *Taalk. Bijdr.* 2, 58–61

– Niet zelden als tegenw. deelw. – 1<sup>o</sup>; In het alg.// Terwijl ons volk reeds sinds eenen langen tijd verdrietig en reikhalzend naar den eindelijk terugtogt verlangde, in GODEE MOLSB., *Reizen in Z.A.* 233 (1805). Hier sta ik eindelijk aan den oever van den passo de Catchaï, en wacht . . . reikhalzend naar de verschijning van de Koninginne van den dag, HAAFNER, *Ceilon* 11 (1810). De rust van ’t graf . . ., Die zij, reikhalzend, hijgend, zocht. v. LENNEP, *Poët.* 1, 35 (1828). Hoe groot moet gij dan niet zijn in heiligen wandel en vroomheid, reikhalzend verwachtend het aanbreken van den

dag Gods, 2 Petr. 3, 12 (Leidsche Vert. 1912). 2<sup>o</sup>; In het bijz. in attrib gebruik. // Vraegt men naer de juiste tydstip, waer op het den Heere des Levens gelieft heeft de reikhalzende hoop van ons en alle rechtschapen Patriotten zoo heuchlyk te bekroonen? *Ned. Jaerb.* 2, 159 (1748). Eindel-lyk zien wy ons eigen reikhalzend verlangen vervuld, door UL. te kunnen doen . . . de Rekening en Verantwoording der penningen, ons . . . ter hand gesteld, *N. Ned. Jaarb.* 24, 2240 (1790). Immers weet ik wat ik gevoel, als de muziek mij als een stem uit de hoogte toeruischt, en mij met reikhal- zende begeerte naar de bergen mijns hemelschen vaderlands doordringt, HASEBROEK, *W. en Dr.* 48 (1840). Toen . . . voor den naar daden reikhalzen- den jongeling honderd wegen tot roem openstonden, VEEGENS, *Hist. Stud.* 1, 9 (1846). Wij op der aarde, verbannene menschen, wij schouwen ten hemel met reikhalzende oog! GEZELLE (ed. BAUR) 1, 540 (1855).

– Thans vaak in: *reikhalzend uitzien* of *kijken naar*. Daarnaast ook *reik- halzend tegemoet zien* en in de oudste aanh.: *met reikhalzen tegemoet zien.* // Zo dat ieder Sterrekundige het jaar 1758 en 1759 met reikhalzen heeft te gemoete gezien, *Verh. Holl. Maatsch. d. Weet.* 5, 226 (1760). Reik- halzende zie ik naar een brief van U uit, D. J. VAN LENNEP, in J. VAN LENNEP, *Lev. v. D. J. v. L.* 288 (1809). Iets reikhalzend tegemoet zien, KUIPERS (1901). Als kind keek ik reikhalzend uit naar de komst van dien dag, want hij viel in den pruimentijd, CLAES, *Zich. Nov.* 13 (1921). Met name naar de ordening en ontsluiting van een aantal particuliere archieven uit de 19de eeuw zien vele historici reikhalzend uit, ROMEIN, *Carillon d. Tijden* 165 (1949).

„Schoorvoeten, onz. zw.ww. Van Schoren en Voet . . .

Gewoonlijk in den vorm van het verl. deelw. *schoorvoetend.* // Noo doen is oock gedaen: Ick gae schoorvoetende daer and're na toe loopen, HUY- GENS 1, 528. Dat de Gezant van Vrankryk tot het doen van deeze aan- bieding nie quam, dan al schoorvoetende, naa veel woordenstryds, BRANDT, *De Ruiter* 121. Og! Hoe dikwijl hielt sij haar of sij hooftpijn had, en liet mij vast schoorvoetende heen gaan! VALENTIYN, *Ovid.* 1, 141. Hoe Goël zelf 't schoorvoetende geloof Van Thomas, op de maer van zyn verryzen doof, Hebbe overtuigt door zien, door tasten, MOONEN, *Poëzy* 63. Hij han- delde onophoudelijk; maar hoe voorzigtig, hoe schoorvoetend en met welk eene fijne kunst! STIJL, *Opk.* 195, 't Geen zij (*de kinderen*) uit eigen ver- kiezing gaarne zouden doen, dat weigeren zij, of doen het schoorvoetende, wanneer het hun bevolen wordt, v. D. PALM, *Sal.* 3, 33. Zij gingen digt voor mij voorbij . . .; eene, echter, bleef schoorvoetende achter uit, en dorst niet voorbij gaan, : AAFNER, *Pal.* 2, 73. Niet dan schoorvoetende en onder protest benoemde zij (*de provincie Zeeland*) den oud-burgemeester Boreel tot haren gevolmagtigde, VEEGENS, *Hist. Stud.* 2, 131. Nadat hij . . ., in 't geheim, schoorvoetend, angstig, verzocht had om gehoor bij den assistent- resident, MULTATULI 1, 175. „Brave kinderen, ga eens even in den tuin,



wilt ge?’ vroeg ze . . . ,ik moet een woord met papa en tante spreken’, en toen trokken zij schoorvoetend heen, LOVELING, *Sophie* 135.” (WNT XIV, 862)

„*Sleepvoeten*, de voeten laten slepen, niet voort willen; schoorvoeten.// Discordia is doen luyelijck . . . Van der eyrden op ghestaen, als die crancke . . . , Sy quam al sleyp-voeten als een mancke Trugghelesse staen opten dorpel, HOUWAERT, *Lusth. d. M.* 3, 486. Scheffer vertelt in zyne historie van Lapland, dat eene jonge juffer van dat land, nu aan haren minnaar verloofd zynde . . . niet dan sleepvoetend en als met weerzin . . . naar ’t huwelyks-altaar treedt, *Denker* 3, 388. Sleepvoetend nader Mulciber, Met zijn verraadlyk wapen, STARING 1, 145.” (WNT XIV, 1657)

Die mense wat nog ernstig meen dat Nederlands in Suid-Afrika ingrypend deur die taal (tale) van die slawe ens. beïnvloed is om tot Afrikaans te word, sal dit moeilik vind om te verklaar waarom dan desondanks die beeld van Nederlands in Afrikaans so betreklik suiwer bewaar is, selfs op beperkte terreine soos dié van hierdie tipe kompositum.

Daarmee kan ons tot Afrikaans terugkeer en vra of dié tipe dan werklik glad nie produktief was in Afrikaans nie. Die antwoord is: nee, sover ons tans kan vasstel, glad nie, d.w.s. nie in verbale funksie nie. Of dit in die toekoms nog gaan gebeur, weet niemand nie.

### § 57.2 Tipe (b) – brandmerk

Die woordkorrelaat van die tweede komponent noem nie ’n liggaamsdeel nie, bv. *brandmerk*, *plasreent*, *stortreent* ens.

Ook hier, net soos by die groep met name van liggaamsdele, het ons verskeidenheid van funksie, samestelling ens., sodat ons nie uitsluitend na stam met ww.-korrelaat en stam met s.nw.-korrelaat kan kyk nie, maar ook ander komponente daarby moet beskou.

Van sinchroniese standpunt uit beskou, sou ons lysie van 40 voorbeelde op ’n hele verskeidenheid maniere beskrywe kon word wat hulle woordsoortelike komponente (en funksies) betref:

*Banvloek* sou byvoorbeeld kon wees stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat òf stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat òf stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat òf stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat; so ook bv. *boekstaaf*, *brandmerk*, *plasreent* ens.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Maar ons het hierdie woorde geërf of ontleen, en in Nederlands is hulle van die volgende stamme gevorm: *banvloek*: s.nw. + s.nw., *boekstaaf*: s.nw. + s.nw.; *brandmerk*: ww. + s.nw.; *plasreent*: ww. + s.nw.

Daarom lyk dit die beste om maar onmiddellik alles in Nederlands na te slaan. En dan kry ons die volgende feite :

Uit 'n lys van 28 Nederlandse voorbeelde, word die vormingswyse by 19 aangegee as werkwoord ontstaan uit s.nw. wat gevorm is van die volgende stamme

1. s.nw. + s.nw. (2 gevalle), bv. *banvloeken* en *boekstaven*, dus Nederlands *banvloeken* (ww.) uit die s.nw. *banvloek*,

2. ww. (of in een geval s.nw. of ww.) + s.nw. (13 gevalle), bv. *blikvuren*, *bolwerken*, *brandmerken*, *draaibomen*, *grijnslachen*, *grimlachen*, *jaagvoren*, *klakkebussen* ens., dus bv. *blikvuren* (ww.) uit die s.nw. *blikvuur* ens.,

3. b.nw. + s.nw. (4 gevalle) bv. *dwarsbomen*, *glimlachen*, *lichtmissen*, *luibakken*, dus bv. *dwarsbomen* uit die s.nw. *dwarsboom*.

Soms word die vormingswyse en/of etimologie nie aangegee nie, bv. *gerdekoyen*, *jaagvoren*, *lillepitten* ens., en in 'n paar gevalle word verskillende ontstaansmoontlikhede bespreek, bv. by *kraaklachen*, *lichtmissen* ens.

„*Kraaklachen* (,Zc . . . keken brutaal naar andere gasten en grinnikten dan, maakten opmerkingen, *kraak-lachend*', ROBBERS, *A de Boogh* 192)“ (WNT VIII, 76),

„*Lichtmissen* . . . Afl. Of het ww. *lichtmissen*, zich aan losbandigheid overgeven (en oneig. : .eene te ligte vraag in het omberspel' doen : HARREB. 3, 44 a), een afl. van het znw. is, dan wel omgekeerd het znw. van het ww., staat, gelijk boven reeds is gezegd, niet vast (,Onder 't faveur van hun maagdelyk rapier . . . slaan zy dikwyls aan het *lichtmissen*, verachten en mishandelen zeediger Medeburgers', v. EFFEN, Spect. 1, 71; ,De aarde draagt geen ongelukkiger vrouw, dan de vrouw van een' man zonder beginsels, zonder zeden, die *ligtmist* en speelt', *Wildsch.* 3, 127)“ (WNT VIII, 1196–1197).

Hierdie wwe. was dus meesal in eerste fase samegestelde s.nwe. wat daarna as werkwoorde gebruik is.

Aangesien alle Afrikaanse voorbeelde ook Nederlands is, neem ons aan dat hulle reeds in Nederlands gevorm is op die Nederlandse wyse. Ons het dan die volgende :

1. s.nw. + s.nw. word s.nw. : *banvloek*.

2. s.nw. + s.nw. word s.nw. en/of ww. : *boekstaven*, *bolwerken*, *brandmerken*, *draaibomen*, *glimlachen*, *grijnslachen*, *grimlachen*, *plasregenen*, *stortregenen* ens.

3. b.nw. + s.nw. word s.nw. en/of ww. : *dwarsbomen* (ww.), *glimlachen* (ww. en s.nw.), *lichtmissen* (net s.nw.) ens.

'n Opvallende verskil met groep (a) in § 57.1 is dat hierdie groep byna nooit oorgaan tot adverbiale aanwending nie.

Die oorgang van samegestelde s.nw. tot ww., bv. *brandmerk*, *grynslag*

ens. is 'n normale proses in Afrikaans en was en is produktief: vergelyk ook *kniehalter* (in Nederlands net s.nw.) en verdere lys in § 51.1 hiervan. Met die oog op die bespreking daar, hoef ons hier nie verder te gaan met hierdie groep nie.

**Opm. 1.** *Gee pad* word deur baie mense al as kompositum behandel in 'n vorm soos *Die jong het gegeepad voor die perd* en *Julle moet geepad voor*, i.p.v. die normale . . . *het padgegee/moet padgee*. *Gee pad* is die imperatiefvorm wat dan persevereer in nie-imperatiewe verband, net soos *pasop!* tot *julle moet pasop* i.p.v. *julle moet oppas*.

2. *Valkeep* „'n keep in 'n boom kap om die valrigting daarvan te stuur” kan die s.nw. *valkeep* wees wat as ww. gebruik word (vergeelyk

§ 10.6), òf 'n ww. gevorm van stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat, òf 'n ww. gevorm van stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (soos *brandmerk*; § 57.2).

### §57.3 Tipe (c) – brandasem

*brandasem* in *brandasem* wees „uitasem”

*brandbek* in *brandbek* wees „dronk”

*brulband* in *brulband jaag* „vinnig”

*dreunbek* in *jou dreunbek hou* „grootman”

*dreunbors* in *Hy kom ewe dreunbors by my staan* „selfvoldaan”

*dreunlyf* in *jou dreunlyf hou* „aanstellerig, parmantig, spoggerig”

*druipstert* in *druipstert êrens aan- of inkom*

*haakriem* in *haakriem* wees „vol”

*haaktand* in *haaktand* wees „volgeëet”

*hang-arms* in *hang-arms staan* „met hang-arms”

*hanglip* in *hanglip loop* „met 'n hanglip”

*hangmond* in *hangmond* wees „met 'n hangmond”

*hangskouers* in *hangskouers stap* „met hangskouers”

*klapmond* in *klapmond eet*

*klapvoet* in *klapvoet loop*

*klinkstiebeuel* in *Dit gaan klinkstiebeuel* „goed, voorspoedig”

*klopdisselboom* in *Dit gaan klopdisselboom* „goed”

*maakman* in *Die tye is maakman* „Dit is rooktyd” (Boswerkers, Knysna)

*sleeswingel* in *Dit gaan sleeswingel* „sleg”

*sleeptong* in *sleeptong praat*

*sleepvoet* in *sleepvoet loop*

*slingerwiel* in *slingerwiel ry*

*smeltgrond* in *Dit het darem so smeltgrond gereent* „redelik goed”

Die b.nw. is hoofsaaklik b.nwe. van houding of gesteldheid, die bywoorde hoofsaaklik bywoorde van wyse of manier.

Van die hele groep is net *druipstert*, *klapmond*, *klopdisselboom*, *sleeptong*, *sleeppvoet* en *smeltgrond* redelik algemeen bekend.

Verder val op dat net 7 nie die naam van 'n liggaamsdeel as laaste komponent het nie, nl. *brulband*, *haakriem*, *klinkstiebeuel*, *klopdisselboom*, *sleeppwingel*, *slingerwiel* en *smeltgrond*. Daarteenoor het ons *-arms*, *-asem*, *-bek*, *-bors*, *-hand*, *-lip*, *-lyf*, *-mond*, *-skouers*, *-stert*, *-tong*, *-voet* (12).

Dit is opvallend hoeveel van die name van liggaamsdele dieselfde is as wat onder die verbale groep (a) in § 57.1 bespreek is – wat dadelik 'n sekere genetiese verband suggereer. Net so stellig as wat daar 'n direkte verband moet wees tussen komposita soos *dikmond* e.a. wat s.nw., b.nw. en bywoord is, net so stellig moet ons so 'n verband verwag tussen bv. *stampvoet* as werkwoord en *stampvoet* as bywoord, of sê tussen Nederlands *druipstaarten* as werkwoord en Afrikaans *druipstert* as bywoord.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Nou is stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat 'n oorbekende tipe kompositum in Afrikaans en Nederlands, maar dan as s.nw. Hoe kom ons dus aan die byvoeglike/bywoordelike funksie?

Om 'n duidelike beeld daarvan te kry, is dit noodsaaklik om na die feite in verband met drie tipes te kyk, nl. stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, en stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat.

Ons bekyk die liggaamsgroep eerste, en dan is dit gou duidelik dat driekwart van die genetiese proses reeds Nederlands was, nl.

1. Stamme van ww. + s.nw. of b.nw. + s.nw. (bv. *druipen* + *neus*, *lekker* + *bek/tand*, *plat* + *voet*) > s.nwe. (*druipneus*, *lekkerbek/-tand*, *platvoet*). Die komponente het dus allereers s.nwe. gevorm, soos vandag nog gedoen word.

2. In baie gevalle het die woordvorming nie verder as die eerste fase gegaan nie, bv. *hangkous*, *hanglip*, *hanglijf*, *hangoor* ens. wat in Nederlands s.nw. gebly het. Baie hiervan was skel- of spotname in Nederlands (vergeelyk die WNT by *hangkous* en *hanglijf*) en is dit nog in Afrikaans. Maar soms is die samegestelde s.nw. as werkwoord gebruik, byvoorbeeld in Nederlands *blaaskaken*, *druiloren*, *druipneuzen* ens., en (met b.nw. as eerste komponent), *lekkerbekken* en *lekkertanden* ens., en in Afrikaans *flikkeroo*, *kwispelstert* en (met b.nw. en s.nw.) *plathand* „klap”.

3. Sommige van die samegestelde werkwoorde is dan bywoordelik gebruik in die deelwoord- of in die infinitiefvorm van die werkwoord, bv. *draai-aarzen*: *Die gaet zoo dray-eersen*, *besietse eers te deghen*, STARTER 417 (WNT III<sub>2</sub>, 3192); *crysel-tanden*: *De 'ander laghen en sielbraeckten al crysel-tanden* (WNT III<sub>2</sub>, 263).

Dit lyk asof dié vorm die uitgangspunt kon gewees het tot die Afrikaanse bywoordelike gebruik van die samegestelde woord sonder formans, bv. *druipstert (loop)*, *sleepvoet (loop)*, ens. Die *-en* (i.p.v. *-ende*) het dan verdwyn saam met die foneties identiese *-en* van die infinitief.<sup>53</sup> Intussen het dit in Nederlands moontlik nie hiermee geëindig nie, geoordeel volgens 'n gebruik soos 't *Is maar kraakschoen* waarvan die WNT sê: „o.a. in de sprw., 't *Is maar kraakschoen*, veel geschreeuw en weinig wol (CORN-VERVL. 1841)” (VIII, 76). Seker is dit nogtans nie, omdat daar nie 'n ww. *kraakschoenen* of 'n bw. *kraakschoenen(d)* aangegee word nie. Maar wat was dan die analogie vir *kraakschoen* as b.nw./bw.?

In verband met die bywoordelike gebruik van dergelike komposita word daar herinner aan 'n opmerking wat die WNT herhaaldelik by dié soort kompositum maak, naamlik dat dit „gewoonlijk” of „niet zelden” in die vorm van die verlede deelwoord bywoordelik en/of byvoeglik gebruik word, byvoorbeeld in *reikhalzen*, *schoorvoeten* (vergelyk § 57.1) en by *stampvoeten* word onder meer gesê:

„2) Als begeleidente handeling bij het gaan, dansen enz.: *stampvoetend* gaan, dansen enz.

a) Bij het gaan lopen.—α) Van menschen. // Heen en weer stampvoetend in de sneeuw op de brug trachten Gravensteyn en de stuurmansleerling, die met hem wacht loopt, om warm te blijven, VERHOOG, *Op bruisende Golven* 97. β) Van paarden. // Ginds voelt zich 't jeugdig ros! het stampvoet in 't geklavert, HELMERS, *Nag. Ged.* 1, 45.

b) Bij het dansen. In de volgende plaats bedr. // Den hartstochtelijk-rythmischen dans met castagnetten, welke door een zwart-oogige Spaansche danseres wordt gestampvoet, VERHOOG, *Op bruisende Golven*, 148.” (WNT XV, 643)

Hierby moet weer 'n keer De Vooy's gelees word:

„ . . . er zijn er ook die uitsluitend of bijna uitsluitend als participia voorkomen, b.v. *druipstaartend*, *schoorvoetend*, *reikhalzend*.”<sup>54</sup>

In verband met die deelwoordvorm sonder *d*, soos in bv. *al hoesten en rochelen*, *druipstaarten* e.d.m., is dit nodig om te weet dat dit baie voorgekom het in die sewentiende eeu, byvoorbeeld meer as tien keer in *De Gecroonde Leersse* van Mich. de Swaan (1688).

4. Blykbaar na analogie van groep 3., is in sommige gevalle regstreeks adverbial gevorm met deelwoordvorme sonder enige naamwoordelike of

53. Ook in Nederlands het die infinitief soms sonder *-en* verskyn, soos in *begin . . . werk*, *mooge steek* en *te verkoop* (uit 1750 aangehaal deur Kloeke in *Herkomst en Groei van het Afrikaans*, 297, voetnoot 361) en *zou protesteer* (in *De verwaande Holl.Franschman*, 1717) ens.

54. D. Vooy's, C. G. N.: *Op. cit.*, 174.

voorstadia, bv. *klutterbenen*, *lekkebaarden*, *likkelippen*, *spartelbillen* ens. Die WNT sê daarvan die volgende :

*Klutterbenen* word nie gegee nie, net *klutterbenend*, in die sin „Klutterbeenend en rilhanded smeeken we ons recht niet af” (WNT VII, 4460).

Onder *Lekkebaarden* word net twee sinne gegee en nie een selfstandig-verbaal nie, maar altwee adjektiwies en/of adverbiaal: „Esculapius leckebarende met der tonghen” en „Een krokodil . . . spoedt al lekkebaardend Den speelman achterna” (WNT VIII, 1516).

*Likkelippen* word ook net as bywoord gegee: „Op vastgestelden dag, loopt Reintje al likkelippen Naer 's ooivaers woonst . . .” (WNT VIII, 2400).

*Spartelbillen*. Die WNT sê: „*Spartelbillen*, met de billen draaien”, maar só gestel, is dit eintlik fiktief, want die WNT sê ook daarby: „Eenmaal aangetroffen”, en daardie eenmaal is nie verbaal gebruik nie, maar adverbiaal, naamlik so: „Kind gaet niet al spertel billen, nog al maeken vremde grillen . . .” (WNT XIV, 2613).

Sulke vorme kon dan in Afrikaans foneties dieselfde weg opgaan as groep 3. hiervoor.

5. In Nederlands het soms, met Rückbildung, uit die werkwoord nuwe s.nwe. ontstaan, bv. *knipoog* uit *knipoogen*, miskien *stuteers* uit *stuteersen*, *schuddemuts* uit *schuddemutsen* ens.<sup>55</sup>

6. In Afrikaans het die adverbia dan analogies nuwes laat ontstaan soos *hangmond*, *hangskouers*, *klapmond*, *sleptong*, *wipgat* ens.

7. Eweneens in Afrikaans het die adverbia gedeeltelik oorgegaan tot adjektiewe – dis immers deels dieselfde woorde – bv. *hangmond*, *hangskouers*, *wipgat* ens., en/of

8. die b.nwe. kon ook ontstaan het uit die korresponderende s.nwe., bv. *dikmond* (b.nw.) < *dikmond* (s.nw.), *wipgat* (b.nw.) < *wipgat* (s.nw.), en

9. dié kon analogies uitgebrei het tot byvoorbeeld nuwes soos *dreunlyf*, *kraaklitte* (*loop*), *swaaiheupe* (*loop*), *wipgat*, *wipstert* ens.

Hou die tipe *brulband* (bywoord!) ens. (tweede komponent nie die naam van 'n liggaamsdeel nie) nou enige verband met hierdie liggaamsgroep?

Woordsoortelik volkome: *brulband*, *dreunlyf*, *dreunribbes* (*wees*), *dreunyster*, *hangmond*, *hangskouers*, *klapmond*, *sleptong*, *smeltgrond* ens. is almal stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. Daar is net die verskil dat die *dreun*-groep, nl. *dreungat*/-lyf/-ribbes/-yster ook b.nw. is (volgens WAT), èn dat dié *dreun* ook b.nw. kan wees. Die herkoms van hierdie *dreun* is nie duidelik nie.

55. Kyk J. H. van Lessen: *Op. cit.*, 109.

En begripsoortelik? Het dit nou hier uit die liggaamsgroep losgebreek en ook ander begripsoorte betrek? Dit lyk so. Want dit lyk nie aanneemlik om *dreungat/-lyf/-ribbes* van *dreunyster* te skei net omdat die tweede komponent van laasgenoemde nie die naam van 'n liggaamsdeel is nie – daarvoor is die betekenis en die funksie te volkome eenders. Maar of *brulband*, *klopdisselboom*, *sleepswingel*, *slingerwiel* en *smeltgrond* ook geneties met dié groep verband hou, is op begripsoortelike grond nie duidelik nie. Dit is nogtans wel moontlik. Dié vyf kon ook nie-analogies ontstaan het – soos die unika (§ 20 hiervan). Hoe dit ook al sy, hierdie groep is in Afrikaans aangevul (en daar skyn geen rede te bestaan waarom dit nie verder sal uitbrei nie) en hier het ons nou die eintlike antwoord op die vraag of die liggaamsgroep-werkwoorde dan werklik nie in Afrikaans uitgebrei het nie. Die antwoord is duidelik: dit het uitgebrei, maar hoofsaaklik in bywoordelike funksie. En dit is weer duidelik uit wat by die werkwoord-groep gevind is, naamlik dat net 3 uit 135 volledig vervoeg word en dat 'n partisipiale vorm in die sewentiende eeu by byna almal voorgekom het, maar lank nie almal het ook die ander vorme van die werkwoord gekry nie.

Dit blyk dus dat daar, diachronies beskou, 'n noue samehang is tussen die soort komposita waarvan die volgende voorbeelde is: *banvloek*, *brandmerk*, *dikmond*, *druipstert*, *klapmond* ens.

Die hele geval sit naamlik as volg inmeekaar:

1. Die stamme (a) b.nw. + s.nw.,  
           (b) s.nw. + s.nw.,  
           (c) ww. + s.nw.,

kom in Nederlands soms van s.nw.-komposita waarvan ons in Afrikaans ook heelwat het, bv. (a) *blauwbaard*, (b) *banvloek*, (c) (1) *brandmerk*, (2) *draaigat*.

2. (a) Sommige van hierdie s.nw.-komposita in Nederlands kom van werkwoorde, bv.

van tipe 1 (a): *dwarsboom* van *dwarsbomen*,

van tipe 1 (b): *banvloek*, *muilband* van *banvloeken*, *muilbanden*,

van tipe 1 (c): *brandmerk*, *druipneus* van *brandmerken*, *druipneuzen*,

waarvan ons in Afrikaans ook kry

tipe 1 (a): bv. *dwarsboom*,

tipe 1 (b): bv. *banvloek*, *muilband*, en

tipe 1 (c): bv. *brandmerk*, *kwispelstert*.

(b) In Afrikaans word tipe 1 (a) dikwels tot bywoord en/of b.nw., bv. *dikmond* (*wees*, *praat*) ens., hoewel dit waarskynlik ook langs 'n ander weg gekom het (vergelyk § 40 hiervan).

3. (a) In sommige gevalle spring dit in Nederlands oor fase 1. heen en vorm regstreeks ww.-komposita, veral ten opsigte van tipes 1 (a) en 1 (c), en besonderlik wanneer die laaste komponent die naam van 'n liggaamsdeel is, bv. 1 (a) *blauwbekken*, 1 (c) *druipstaarten*.

(b) Hiervan het ons in Afrikaans o.a. tipe 1 (a) *kortwiek*, 1 (c) *stampvoet*, maar baie minder as in Nederlands.

4. (a) Sommige van die werkwoord-komposita van tipes 2. en 3. en daarvan veral tipes 3.1 (a) en 1 (c) met die naam van 'n liggaamsdeel as laaste komponent, word in Nederlands in partisipiale vorm op *-end(e)* en soms op *-en*, bywoordelik en enkele kere ook byvoeglik gebruik, bv. tipe 1. (a) *glimlachen(d)*, 1. (c) *druipstaarten(d)*, *draaiaarzen(d)*, en (b) in Afrikaans in die vorm op *-end(e)* of sonder uitgang, veral bywoordelik gebruik, veral tipe 1. (c) (met naam van liggaamsdeel), bv. *reikhalsend*, *druipstert*.

In sommige gevalle het ons in Afrikaans glad nie 'n werkwoordelike fase nie, byvoorbeeld geen werkwoord by *druipstert*, *hangskouers* nie. Sommige voorbeelde van die tipe *druipstert*, d.w.s. die stamme ww. + s.nw. > bw., kon ook langs 'n ander weg gekom het, bv. *hangskouers*, *wipneus* ens. uit die s.nw. > bywoord op dieselfde manier as bv. *dikmond* ens.<sup>56</sup>

Ten andere kon daar by verskeie van die nie-algemenes besondere ontstaans- of vormingsmotiewe aanwesig gewees het.

1. *Brandasem* en *haakriem* bestaan ook as s.nwe. Van ('n) *brandasem hê* tot *brandasem wees* is dit dieselfde oorgang as van *dors/hoendervel/honger hê* tot *dors/hoendervel/honger wees* (§ 10.1). Maar die verband tussen *haakriem* „stok met 'n riem aan waarmee o.a. melkkoeie gevang en nader getrek word melkplek toe”, en *haakriem* „vol, versadig” is nie duidelik nie. Moontlik is dit twee verskillende woorde.  
En wat is die *haaktand*?
2. *Maakman* kan die imperatief *maak, man!* d.w.s. „maak gou, maak vort, maak dat jy klaarkry” wees. (Die rooktye vir boswerkers is beperk en die rooklus groot.)
3. Die begrip agter *brandbek* is verkrygbaar met dié van *brandasem*. Sou ons hier dan analogievorming hê?
4. *Breekhand* herinner aan die Kleurlinge se *breekbeen* „gebreekte been”, maar of daar 'n werklike genetiese verband is/was, is nie duidelik nie.
5. *Klinkstiebeuel* kan gevorm wees na analogie van *klopdisseboom*, wat ook binne dieselfde begripsoortelike veld lê.
6. *Sleepswingel* kan moontlik gevorm wees naas *sleepvoet*.
7. *Smeltgrond* kom moontlik uit iets soos *tot smeltgrond (reent)*, maar so 'n s.nw., is my nie bekend nie. Anders lyk dit na 'n soort sprongvorming, vergelykbaar met iets soos *dit het net so waterloop (bw.) gereent*.

56. Wie in die tipe met die naam van 'n liggaamsdeel verder belangstel, kan daarvoor meer lees by Van Ginneken (*Onze Taaltuin* VIII, 132 vlg.), Van Lessen, *Op. cit.*, 109 en De Vooy, *Op. cit.*, 174.



## § 58 Uitbreidingstipes

Met uitbreidingstipes word hier bedoel: tipes met meer as twee komponente, sê maar bv.

<i>blouapiejapiestuipe</i>	<i>kromsteelpyp</i>	<i>tweeskaarploeg</i>
<i>blylêbeeste</i>	<i>spekveisvarkkarkasse</i>	<i>vasvalplek</i>
<i>buitenaatvelskoene</i>	<i>taaipitperskebome</i>	ens.

Beskou van die oogpunt van die getal selfstandige komponente, verskil hulle van bv. *blouapie*, *perskeboom* en *vasval* ens., maar hulle opbou is eenders: by splitsing in wat die Amerikaners I.C.'s („immediate constituents”) noem, kry ons ook steeds binêre resultate, dus bv. *kromsteelpyp* (*krom steel* + *pyp*), *tweeskaarploeg* (*twee skaar* + *ploeg*), *taaipitperskeboom* (*taaipitperske* + *boom* of *taaipit* + *perskeboom*) ens. Met ander woorde, in die meerledige kompositum (d.w.s. meer as tweeledig), tree twee of meer komponente gesamentlik op soos een. As stamme met woordkorrelate behorende tot twee woordsoorte dan produktief verbindbaar is tot kompositum, bly dit so ook wanneer meer as een woord saam optree in die funksie van een, of daardie „meer as een woord” nou al op hulle eie ook 'n kompositum vorm, soos in *taaipit* + *perskeboom*, of nie 'n kompositum vorm nie, soos in *krom steel* + *pyp* of *bly lê* + *beeste*. Die woordgroep en die kompositum self kan dus net so goed as die onsamegestelde woord optree as lid van komposita.

Maar of 'n spesifieke kompositum of 'n spesifieke woordgroep wel lid van 'n kompositum kan word, word bepaal deur dieselfde faktor wat geld in die geval van onsamegestelde woorde. Hoewel stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw. 'n gewone tipe kompositum in Afrikaans is, en hoewel bv. *kwesbok* en *breekmielies* so saamgestel is, met die betekenisse respektieflik „gekweste bok” en „gebreekte mielies”, kan ons nie 'n woord *voltooikursus*\* vorm in die betekenis „voltooide kursus” nie.

Waar nou reeds die kompositumtipes stam met b.nw./bw./lidw./s.nw./telw./tw./v.nw./voors./ww.-korrelaat + s.nw.: s.nw. behandel is, hoef daar nie lank stilgestaan te word by uitbreidingsgevalle waar een of meer komponente meerledig is nie.

Tog is dit vir die praktiese taalgebruik van belang om 'n oomblik stil te staan by die sogenaamde lang komposita.

## § 59 Lang Komposita

Dit is nie altyd presies duidelik wat mense met lang komposita bedoel nie, maar dit is wel duidelik dat daar 'n beswaar teen so-iets bestaan. Die beswaar is onoorsigtelikheid en, vir mense wat 'n bietjie Duits ken, ook „duitsgeid”. Iets soos *negepenniekasteroliebottelnek* (*nege-pennie-kasterolie-bottel-nek*), *blinkhaarafrikanerskaapkombers* (*blink-haar-afrikaner-*

*skaap-kombers*), *wielboudvervaardigingsgeskiedenis* (advertensie in *Die Brandwag*, 23.4.1948), *springstofruimteoorstromingskleppe* (vlootterm), *plattendakrooibaksteenhuysies* (*plattendak-rooibaksteen-huysies*) (Mikro: *Anna Beyers*, 33) vind mense nog leesbaar as dit met koppeltekens geskrywe word (soos Mikro doen), maar dit bly tog onoorsigtelik, skaars leesbaar en duitserig.

Nederlands het dieselfde moeilikheid en Nederlanders reageer op dieselfde manier daarteen, Duits ook, maar

„In het Duits houdt men hiermee minder rekening. Daar komen woorden voor als ‚Bombengefährdetes‘ (Gebiet), ‚Schnellzugzuschlagkarte‘, ‚Anwesenheitsgeldergesetzentwurf‘ (ontwerp van wet op de presentiegelden), ‚Funkfernsprechweitverkehr‘ (intercommunaal radio-telefonisch verkeer), en zelfs . . . ‚Reichsschuljugendernährungsführer‘ (leider van de commissie die ervoor zorg droeg dat de schooljeugd van voedsel voorzien werd). Dergelijke vormen veroorzaakten in het Nederlandse vakjargon soms samenstellingen, waarbij ook geen enkel element verwaarloosd werd, zoals *vlamovenstraatsteenfabrieken* . . . Men vraagt zich af, waarom niet ‚vlamovenstraatbaksteenfabrieken‘? Bekend is ook het Nederlandse samenstellingsgrapje: *kusthefschroefvliegtuig*(*regelingscommissie*) of wat geen grap is: *meerderjarigheidshandelingsbekwaamheid*.<sup>57</sup>

As prakties benutbare advies gee Ligtenberg se bundel die volgende:

„De samenstelling stelt de taalgebruiker in staat de incidentele nauwgezetheid van een uiting in het zinsverband te vervangen door een minder streng begrensde algemeenheid van betekenis, zodat b.v. ‚strategisch belangrijke gebieden, blootgesteld aan aanvallen uit de lucht door vijandelijke eskaders‘ een ‚gevaarzone‘ vormen, waarvoor de samenstelling ‚gevaarzone‘ wel vager, beknopter, en zuiniger in taalgebruik is, maar doelmatiger kan zijn. Voor een goed begripen van het woord *gevaarzone* zal de *synthetiserende* samstelling geanalyseerd dienen te worden, maar als voorlopige benoeming voldoet het gebruikte woord volkomen.

Dat het onjuist is in een samenstelling zoveel mogelijk elementen te plaatsen, opdat men een zo volledig mogelijke definiëring verkrijgt, wordt duidelijk als men beseft wat de drijfveer is bij de vorming van een samenstelling (*beknoptheid* en *doelmatigheid*).<sup>58</sup>

Maar natuurlik, wat een beknopt en doelmatig vind, is vir ’n ander te lank en onoorsigtelik. Ons moet dus vra of daar nie eksakter of wetenskapliker norme is nie. Die antwoord is ongelukkig dat daar nie sulke norme is nie. Al wat die aantekening en studie van ongeveer 60,000 Afrikaanse kom-

57. Ligtenberg, P. H., H. A. M. van Rossum, B. W. Schippers: *Nederlands voor de kweekschool*, 175–176.

58. Ibid.

posita in dié verband aan die lig gebring het, is dat vier- of meerlediges uiters selde gevorm word : op die 60,000 is nog geen 100 aangeteken nie – minder as 'n half persent. Daarenteen is drielediges heeltemal alledaags. Daarom word by hulle ook 'n bietjie langer stilgestaan.

## § 60 Drie- (en meer-)ledige Komposita met 'n Stam met 'n s.nw.-korrelaat as Kern

### § 60.1 Stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (een of meer) : s.nw.

<i>blouwildebees</i>	<i>blouwildebeesbiltong</i>
<i>bruingeelbek</i>	<i>bruingeelbekbees</i>
<i>luilekkerland</i>	<i>luilekkerlandslewe</i>
<i>blouwildedril</i>	<i>blouboepensstuipe</i>
<i>oujongnooi</i>	<i>oujongnooimaniere</i>
<i>swartsuursop</i>	ens.

Die tipe kan beskou word as 'n normale uitbreiding van twee ander soorte, naamlik

stam met b.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat (§ 23),

stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (§ 42).

Hoe uitgebreid dié tipe in Nederlands is en of ons daarvan geërf het, kon ons nie bepaal nie, maar De Vries<sup>59</sup> noem *Oudnieuwjaaravond*. Is dit miskien ons *ounuwejaarsdag|-aand*?

### § 60.2 (Stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + (stam met s.nw.-korrelaat) : s.nw.

<i>breëdeurwaenhuis</i>	(S. V. Petersen : <i>As die Son ondergaan</i> , 26)
<i>broeishennetjie-manier</i>	( <i>Die Brandwag</i> , 5.8.1949)
<i>dronklyfhotnots</i>	(D. F. Malherbe : <i>Hans-die-Skipper</i> , 100)
<i>dubbelloop-adjektiewe</i>	
<i>groenoognooi</i>	
<i>hardehaarbesem</i>	(C. M. v. d. Heever : <i>Droogte</i> , 17)
<i>lamrugby-groef</i>	( <i>Die Burger</i> , 14.8. 1950)
<i>platkroonboom</i>	

1. Dié soort kompositum kom in Afrikaans in honderdtalle voor en nuwes kan betreklik vryelik gevorm word.

2. Probleem van sistematiek : Posthumus<sup>60</sup> verdedig die standpunt dat, in verreweg die meeste gevalle waar ons vandag (volgens ons skryfwyse)

59. De Vries, W. : *Op. cit.*, 7.

60. Posthumus, M. J. : *Op. cit.*

komposita van stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat sien, dit nie komposita is nie. Volgens hom is die eerste twee komponente in die meeste gevalle vrye b.nwe. Volgens my het hy soms gelyk.

3. Die semantiese waarde verskil nie van dié van ander samegestelde s.nwe. nie: dit differensieer deur meer kenmerke van die benoemde aan te ge: *soen* teenoor *rooilipsoen*, *taaitiperske* teenoor *perske* ens.

4. Dit is 'n baie produktiewe tipe in Afrikaans met hoë gebruiksfrekwensie. 'n Paar „jong” voorbeelde:

*slaphakskeen-kuiken*, *swartvlerk-aand* (S. V. Petersen: *As die Son ondergaan*, 183), *swartvoorlyfmannetjiesleeu* (*Die Rooi Rose*, Mei 1950), *volbekjong* (Boerneef: *Boplaas*, 79), *witgatboom*, *witskuimarms* (D. F. Malherbe: *Hans-die-Skipper*, 24) ens.

Die produktiwiteit is nogtans begrens: so is *hoëboomtoppe*, *dikboekblaai* ens. vir my taalgevoel twyfelagtig. Presies wat die grens is, is nie duidelik nie.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Wat wel duidelik is, is dat die konstruksie in Nederlands blykbaar meer geslote is as in Afrikaans. Maar dit is nie waar dat Nederlands net 'n beperkte getal van dergelike verbindings het nie.<sup>61</sup> Hier is byvoorbeeld 'n paar name van inwoners van Artis, die Amsterdamse dieretuin:

<i>langarm-baviaan</i>	<i>grootoor-vleermuis</i>	<i>geelkuif-kakatoe</i>
<i>witbaard-slankaap</i>	<i>witneus-makako</i>	ens.
<i>witstaart-gnoe</i>	<i>langhoef-antiloop</i>	

in A. F. Portielje: *Apen en Hoefdieren in Artis*, 1940),

*zwarthalszwaan*, *geel(groen)vleugel-Ara* (A. F. Portielje: *Dierenleven in Artis*, 1939). (Die feit dat Portielje nie alle name as een woord skrywe nie, nl. *witbaard slankaap* en *geelkuif kakatoe*, bewys nie dat hulle nie komposita is soos die ander nie, en bewys wel die bestaan van die verbindingstipe.) Verder is in Nederlands goed bekend o.m.:

<i>wittebroodsdagen</i>	<i>groenerwtensoepp</i>	<i>nieuwjaarsbrief</i>
<i>diepzeefauna</i>	<i>rijkeluiskind</i>	<i>witwolkruid</i>
<i>roodkopwever</i>		

Ook in die sewentiende-eeuse volksnederlands kom heelwat gevalle voor, bv.

<i>wittebroodskeyeren</i>	<i>dooffmans deur</i>	<i>droog-lere schoen</i>
<i>suycherde-letters-deegh</i>	<i>roo-kalfsvel</i>	<i>roo biet-wortele</i>
<i>soete-melck-koeckjes</i>	<i>goed mans kijnt</i>	<i>ou mannen-huys</i>
<i>aermans kint</i>	<i>malle-mans praet</i>	<i>dronkemans komfertijffe</i>

(in P. H. van Moerkerken: *Het Nederlandsch Kluchtspel in de Zeventiende Eeuw.*)

61. Le Roux, J. J.: *Op. cit.*, 74.

Dat alles nie as komposita geskrywe is nie, bewys nie dat die verbindings nie komposita was nie : die meeste Nederlandse skryfreëls dateer maar van 1806.

Ook die WNT ken en erken die bestaan van sulke drieledige tipes :

„De volgende woorden kunnen niet ongedwongen als uit twee leden samengesteld opgevat worden (immers eene koppeling van het possessieve *breedvoet* en *slak* is nauwelijks denkbaar), en zullen dus als samenstellingen uit drie leden beschouwd moeten worden; het bestaan van dergelijke samenstellingen kan men, met het oog op *tweeriemsgiek*, *dubbelloopsgeweer* enz., kwalijk ontkennen. *Breedbladboom*, bij HOUTTUYN, *Nat. Hist.* II, 3, 58 benaming voor eene boomsoort met zeer lange en breede bladeren, *Tetracera volubilis*; *breedrandhoed*, bij. V. LENNEP en TER GOUW, *Uithangt.* 2, 215 als uithangteeken van een hoedenmaker; *breedvoetslak*, benaming eener orde van slakken, bij welke de ondervlakte van het lichaam als 't ware eene breede voetsool vormt waarop de dieren kruipen, *Platypoda* (BURGERSDIJK, *Dieren* 3, 645)” (WNT III, 1190).

En dan gee die WNT hierby ook nog aan :

<i>hardsteenblok</i>	<i>lang-sprietboktor</i>	<i>platpuntnagel</i>
<i>hardsteenplaat</i>	<i>lang-trosganzevoet</i>	<i>platpijlstaartrog</i>
<i>hardsteensoort</i>	<i>lekkerkoekwinkel</i>	<i>platvoetei</i>
<i>hardsteenstuk</i>	<i>platbuikvleesch</i>	<i>platvoetspin</i>
<i>hardsteenwerk</i>	<i>platkop-kwikwi</i>	<i>platvoetsool</i>
<i>lang-armaap</i>	<i>platkopspijker</i>	ens.

Die WNT gee honderde sulkes, d.w.s. daar is nie net 'n beperkte getal, soos Le Roux gemeen het nie.

Daar is dus volop grond om te dink dat die Afrikaanse konstruksie uit Nederlands geërf is, al bly dit 'n vraag waarom dit in Afrikaans produktiewer geword het as in Nederlands, 'n Moontlike antwoord is: die (meerdere) afwesigheid van buigingsmorfologie bevorder blykbaar die vorming van komposita, omdat 'n kompositum nie lewende buigingsvorme tussen sy komponente duld nie. Dis dus moontlik omdat Nederlands nog soveel meer lewende morfologie het as Afrikaans dat o.a. dié kompositumtipe in Nederlands minder produktief was en is. Vergelyk ook die volgende bespreking van die tipe stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat in §60.10.

### § 60.3 Stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (een of meer) : s.nw.

<i>afslaan-kapkar</i>	(Boerneef : <i>Boplaas</i> , 89)
<i>inkyk-hoedjie</i>	(M.E.R. : <i>Drie Vertellings</i> , 96)
<i>inval-sonnestraal</i>	(J. F. Celliers : <i>Dorpsondag</i> , 54)
<i>lekkersitstoele</i>	(D. F. Malherbe : <i>Hans-die-Skipper</i> , 25)

Kyk § 64 tipe stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat.

Dié tipe kom volop voor en is 'n normale uitbou van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat en van stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. Na alle waarskynlikheid het ons heelwat hiervan uit Nederlands meegekry, waar dit in sy honderde bestaan en gevorm word, bv. *ophangwerk*, *ophefpomp*, *opklapbed*, *oprijlaan* ens. Die WNT is daar vol van.

Net so belangrik as wat die tipe *swartkopnooi* (stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) naas die tipes *bloukweek* (stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) en *veldmense* (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) is, net so belangrik is die tipe *bangmaakstorie* naas die grondtipes *slaanding* (stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) en *weggooi* (stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat), naamlik omdat dit twee van die mees produktiewe tipes in Afrikaans kombineer. As naamlik in die verbinding stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw., die bywoord die werkwoord bepaal en die werkwoord die s.nw., vorm die drie saam outomaties 'n kompositum, of die stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat nou al normaalweg 'n kompositum is of nie: *hoog trap* en *skeel kyk* en *plat sit* is nie komposita nie, *opsit* en *rondkyk* wel, maar almal word in die gegewe verbindings geïnkorporeer tot komposita, bv. *hoogtrapsiekte*, *skeelkykoë*, *platsitgewoonte*, *opsiters*, *rondkykkans*. (Van Bruggen kom so selfs tot *alkant-uitkyk-oë*: *Teleurgestel*, 221.)

Die konstruksie kan natuurlik uitgebrei word tot (stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat) + (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) : s.nw., soos in bv. *aanhangsneeuploeg*, *afslaankapkar*, *doodgaanskaaptroppe*, *uitsoekkoringoes* e.d.m., òf, met 'n ander groepering, bv. *weglêhorings*, *rondloophondmaniere*, maar dié verskil nie wesenlik van die ander nie.

'n Interessante groep van dié tipe is dié met 'n s.nw. op *-er* as tweede komponent en 'n bywoord (of ook 'n s.nw.) as eerste komponent, bv. *rondloperhond*, *uithalerhou*, *voorsitterstoel*, *weglêhorings/-tone*, *windmakervent* ens. Hiernaas kom voor *rondloophond*, *weglêhorings/-tone*, maar nie *uithalhou\**, *voorsitstoel\**, *windmaakvent\** nie.

Die komposita met *weglêer* word al hoe minder gebruik, dié met *rondloper* skyn nog algemeen te wees. *Weglêer* kan gevorm wees na analogie van die ander, en *rondloper* is 'n bekende Afrikaanse afleiding. Dan is *rondloophond* moontlik die jongste vorm.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Dit is interessant dat daar in Nederlands heelwat komposita met sulke *-er*-vorme voorkom in plaas van vorme met byvoorbeeld die genitief van

'n infinitief, bv. *opstanertijd*, *handewasscherswater*, *schoonmakertijd*.<sup>62</sup> Dan is wat in Afrikaans voorkom, weer 'n keer, nie alles altyd iets nuuts nie.

§ 60.4 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

*gallamsiekte*

*koek-kleinwurkie*

*nek-af-skoot*

*oes-af-dag*

(Boerneef : *Boplaas*, 131)

*piesangwitperd*

(*Die Burger*, 7.5.1951)

Enkeles hiervan is goed bekend en meer skyn vormbaar te wees, maar die meeste van die voorbeelde is nog streektaal, soos ook bv.

*Abramewige-pens* „koringkriek”,

*bêrendslaparm* „hamerkop”,

*bêrendstinktoon* (kinderspeletjie),

(*op my*) *erewarewoord*,

*jakoblangasem* „blaasoppie”,

*gifsiekding* in . . . *en dan is sy dronk nes 'n gifsiekding* (Mikro : *Gonnakolk*, 21) ens.

Die voorbeelde verteenwoordig ten minste drie geneties verskillende tipes.

1. Die tipe met die groepering een + twee, bv. *koek-kleinwurkie*, *gallamsiekte*, (waarskynlik ook) *piesang-witperd*, wat 'n normale verbinding is van die tipes *kleinwurkie* en *koekwurkie*, *galsiekte* en *lamsiekte* ens.

2. Die tipe met die groepering twee + een, bv. *oes-af-dag*, *nek-af-skoot* (wat ewe goed as woordgroepe beskou kan word en ook so geskrywe kan word : *oes-af dag*, *nek-af skoot*).

3. Die tipe *bêrend-langasem*, *bêrendslaparm*, *Abramewige-pens* ens., wat ook ewe goed en miskien nog beter beskou kan word as s.nw. plus samegestelde s.nw. as predikatiewe adjektiewe bepaling. Dié voorbeelde verskil grammaties nie van bv. *Jan Kaalkop*, *Piet Skeeloog*, *Klaas Blinkbakkies* e.d.m. nie, en behels eintlik dieselfde sintaksis wat Afrikaans ook het in die tipe *Jan tuisbly*, *Hans lekkerlag*, *Jan grootpraat* e.d.m. (nou net met 'n bywoord en werkwoord in plaas van 'n b.nw. en s.nw. as geprediseerde bepaling). Altwee dié geprediseerde tipes is trouens ook ou erfgoed. *Jan Kaalkop* se tipe is in die sewentiende eeuse Nederlandse klugte baie gewoon, bv. *Bouwen lang-lijf*, *Jan Langbeen* „die Dood”, *Eevert Platbek*, *Jan Soetekau* (of is dit bw. + ww.? Waarskynlik nie.), *Jaep Rontvoet* ens. en daarnaas het ons ook die tipes *Jan Hanggat*, *Tijs Tafelbezem*, *Lijs Lollepots*, *Claasje Kleumkous*, *Frangs schuddebol* e.d.m. Ook *Jan tuisbly*

62. De Vries, W. : *Op. cit.*, 99.

se tipe is geërf. *Jan tuisbly* is o.a. ook Vlaams: dit word net soos in Afrikaans gebruik, hoewel soms in die vorm *Jan thuisblijver z'n wagentje* in plaas van die Afrikaans *Jan tuisbly se karretjie*.

*Erewarewoord* kan kontaminasie wees van (*op my*) *ware woord* en (*op my*) *erewoord*.

### § 60.5 Uitbreidingstipes van stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat

1. Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw., bv.

<i>beesboerdialektiek</i>	( <i>Ons Eie Boek</i> , Junie 1946)
<i>blomkoolore</i>	(stoeiwedstyd oor SAUK)
<i>buffelhoringsdraai</i>	(Hobsons: <i>Geluksylei</i> , 5)
<i>bylneusjood</i>	(C. M. v. d. Heever: <i>Droogte</i> , 192)

Hierby kom daar verskeie groeperings voor, onder meer:

(a) (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + (stam met s.nw.-korrelaat): s.nw., bv.

<i>aia-Dassie-hand</i>	„'n baie swak hand kaart” (studente, Stellenbosch)
<i>berglelietyd</i>	(Jonkershoekbergnedersetting)
<i>boerkindhare</i>	(Matjieskloof)
<i>bobbejaanoorpatats</i>	„rondeblaarpatats” (Boland)
<i>boorgatsous</i>	„water, drank”
<i>bossiekopperd</i>	(Calvinia)
<i>breinspesialisvriende</i>	
<i>doringskof-os</i>	(Upington)
<i>gatdraadhok</i>	( <i>Die Huisgenoot</i> , 20.6.1947)
<i>goudblom-mimosa</i>	(N.P. v. Wyk Louw: <i>Raka</i> , 10)
<i>haarnaald-draaie</i>	(W. v. d. Berg: <i>Die asvaal ou Karoo</i> , 99).

Dié tipe het geen ander kenmerke as die tweeledige nie, behalwe dat nuwe komposita minder dikwels gevorm word. Dit is nogtans produktiewer as die volgende groepering, naamlik

(b) stam met s.nw.-korrelaat + (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat): s.nw., bv.

<i>Anna-velkros</i>	„hardedopgogga”
<i>dopvroumens</i>	( <i>Die Brandwag</i> , 5.8.1949)
<i>granietrandsteen</i>	(L. Maré: <i>Hardepad</i> , 118)
<i>houtmuisneste</i>	(Hobsons: <i>Skankwan van die Duine</i> , 12)
<i>Klaasskaapwagter</i>	(voëlsoort)
<i>korente-melkkoek</i>	
<i>sy-kerkhemp</i>	
<i>vrouehulpliga</i>	



2. Vier stamme met s.nw.-korrelate : s.nw.

Ook hierby kom meer as een groepering voor, naamlik onder meer :

(a) (Stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) : s.nw., bv.

*broodplaatvelskoene* „groot, lomp skoene”

*fluitjiesrietliefdesgeroep* (Hobsons : *Buks*, 74)

*riempiesnaat-velskoen*

*Saterdagmiddag-stofdampie* (L. Maré : *Die Nuwejaarsfees*, 123)

*suikerboskoolvuur*

*Van Riebeeckfees-saadkatalogus*

*wilgerhoutvuurslag* „stadige persoon”.

(b) (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw., bv.

*draaghoutpuntlisse* „lisse aan die draaghoutpunte”

*kolfgatdekselveer* „veer van die kolfgatdeksel” (lugmagterm).

Van dié tipes word min nuwes gevorm, net soos van

(c) stam met s.nw.-korrelaat + (stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) : s.nw., bv.

*amateur-radiosenderbouer* (*Die Burger*, 19.7.1951)

*paraffienlugdrukstofje* (*Die Huisgenoot*, 18.8.1950).

Ook in Nederlands is die tipe met drie (soms meer) s.nw. baie bekend. Die WNT het honderde voorbeelde soos *dagbladbericht*, *moerashoorn-schaal*, *schapenbremvlieg*, *zwaluwstaartschaap* e.d.m.

### § 60.6 Stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

*beessuipegangetjie* (Langenhoven : *Herrie op die ou Tremspoor*, 63)

*boekevattyd* „tyd vir boekevat, huisgodsdien”

*Boland-klop-vorm* (*Die Burger*, 4.8.1952)

*frummelplooiemasjien* (*Die Huisgenoot*, 9.5.1952)

*gerwerytyd*

*gerweryvurk*

*haarknipplek*

*hoenderopstaantyd*

*hongerlyblomme* „plat gousblomme”

*houthaallag* „uitspattige manier van lag”

*huis-sit-soort* (S. A. Louw : *Dialekvermenging en Taalontwikkeling*, 69; aangehaal uit Von Wielligh).

Hoewel in Afrikaans heelwat van die tipe voorkom, is daar min wat algemeen is: onder die bogenoendes net *boekevattyd* en miskien *gerwerytyd*, en verder bv. *radio-vasvra-span*, *vleisbraai-aande*, *waterleibeurt* ens.

Die groepering van komponente en die sinsverhouding is nie in almal dieselfde nie. Ons kry naamlik die tipes *bees + suipgangetjie* en die tipes *boekevat + tyd*, dus stam met s.nw.-korrelaat + (stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) en (stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat) + stam met s.nw.-korrelaat.

Die sinsverhouding, net soos by stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat (§ 66) is meesal dié van 'n objek tussen eerste en tweede komponent, soos in *boekevat(tyd)*, *maatsoek(geroep)*, *niksdoen-(tydjies)* (*Die Burger*, 9.9.1949), *teedrink(vriendinne)* (*Die Huisgenoot*, 9.5.1952) ens.

In enkele voorbeelde is daar ook 'n onderwerpsverhouding tussen eerste stam met s.nw.-korrelaat en stam met ww.-korrelaat, bv. (miskien) *bees-suipegangetjie* en *hoenderopstaan(tyd)* en beslis in *tandeklap(koue)* (*Die Burger*, 28.7.1950), *tandeklap(wind)* (P. J. Schoeman: *Jagters van die Woestynland*, 1), *windwaai(dag)* ens.

In 'n paar gevalle is daar 'n verhouding wat, indien die kompositum opgebreek sou word, met voorsetsels aangedui sou word, bv.

<i>huis-sitsoort</i>	„by die huis sit soort”
<i>kliptrapklonkies</i>	„op die klippe trap klonkies”
<i>radio-vasvra-span</i>	„die radio se/voor die radio vasvra-span”
<i>reëndraskoene</i>	„in die reën dra skoene”
<i>werfblybokke</i>	„op die werf bly bokke” ens.

**Opm.** 1. Boerneef se *kropvatmanne/-tyd* kan opgevat word as bv. *tot krop vat*, maar dit hoef nie, want *vat + krop* (sonder voors.) kom ook voor.

2. *Skoolgaande* sluit waarskynlik o.m. aan by *skoolgaan* en *gaan skool* en berus nie noodwendig op *na skool gaan* nie.

Alle soorte verhoudinge kom ook voor by stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat sonder meer (vergelyk § 66). Aangesien die driedigige tipe net 'n uitbreiding is van die tipes stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat en stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, met dieselfde verhoudinge (§ 65 en § 56), het ons hier dus nie met 'n nuwe verskynsel te make nie. Dieselfde opmerking bly dus ook waar van vier- en meerledige tipes soos in *hotnos-bly-maak-weer*, wat net een werkwoordstam i.p.v. twee het (vergelyk § 60.10).

Ook die driedigigheid (met die aangegewe woordsoorte) is geen nuwe Afrikaanse verskynsel nie: nie alleen het Nederlands die tweelediges met dieselfde woordsoorte en sinsverhoudinge nie, maar ook die driedigiges, bv.

„*beddegangerstijd, opstanerstijd, koffiedrinkerstijd, (schaap)melkerstijd, schaapmelkersjongen, boerenknechtje* dat o.a. de schapen te melken heeft’, *handewasserswater, voet(e)wasserswater, schotelwasserswater (schotelwasschen, het tafelgereedschap reinigen)*’. In W.-Frsl. zegt men

(Gids 1904, 326) *handenwasscherskompie* ‚steenen kommetje‘ (stellig voor handenwasschen? t.a.p. voor het schoonmaken na het koffiedrinken), *schoonmakerstijd* (ib. 329).”

Oor die vorme op *-er* kyk § 60.3, en van die tipe sonder *-er(s)* by die tweede (verbale) lid sit dit WNT vol, bv. *emmerbaggermolen*, *landstorm-soldaat*, *schaaldekschelp*, *schapenhutspot* e.d.m.

**§ 60.7 Stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat +  
stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.**

- ag(t)dae gras / -reën*  
*ag(t)-os-sweep*  
*derdedagkoors*  
*driekantbyl*  
*driemaandekadet* (Die Burger, 3.10.1950)  
*drievingersny (brood)*  
*eenmens-Betjie* „’n ongenoemde persoon”  
*een-tassie-meisie* in *Ek praat van die meisie wat in die hoek sit*,  
*die een-tassie-meisie*  
*eerstejaarstudent*  
*elf-woord-waarskuwing* (Sarie Marais, Aug. 1951)  
*ses-maande-kaffer / -kursus*  
*seweweekertjies*  
*tweegatjakkals*  
*tweegesigmotors*  
*tweemansaag*  
*tweestraalkam*  
*tweetanddroogte* „droogte van korte duur”  
*tweetandskaap / -trop / -verkouetjie / -vloekies*  
*twee-verdieping-trem*  
*twintig-minuut-ente* (Hobsons : *Op die Voorposte*, 75)  
*veertien-os-bos* „bos met baie stewig geankerde wortelstelsel, sodat  
veertien osse – ’n span – dit dan nie sou kon uittrek nie”  
(die) *vierde-dag-môre* (A. H. Jonker : *Najaar*, 59), ook *vierdedag-oggend*  
*vierperdewa*  
*vierpuntgoeters*  
*vyfganghings* (Rooi Rose, Aug. 1952)  
*vyflaagkoek* (Die Burger, 30.5.1950)

In plaas van ’n enkele telwoord kom soms ook twee voor, bv. *drie-ag-dae-reën*, en die binne- of eindkomponent is soms samegesteld, bv. *agdae-geneesbossie*, *driebeen-wedloop*, *driedae-galsiek*, *sesduim-klipmes*, *twaalf-duim-boerewors*, *tweedisselboomkarretjie* ens.

Van Bruggen se *twalf-boer-brood-deeg-klomp* (*In die Grammodoelas*, 134) „deegklomp of klomp deeg vir twalf boerbrode” is die langste van dié soort wat gevind is.

**Opn.:** ’n -s-vorm by die tweede komponent kom ’n enkele keer voor, bv. (*n*) *sesduimsrand* (Jerome, J. K.: *Drie Swape op die Rivier*, 95). Die verbinding is produktief.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die Germaanse tale ken dié tipe goed. Nederlands het onder meer *drie-ploegenstelsel*, *eendagsvlieg*, *eenmanspaadje*, *eenpersoonslied*, *tweemansschool*, *twalfvingerdarm*, *tweepersoonsledikant*, *vyfvingerkruid* ens., selfs ’n enkele vierledige soos *vijfwindgatstraat* (Gent).

#### **§ 60.8 Stam met tussenwerpsel-korrelaat + stam met tussenwerpsel-korrelaat (iteratief) + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.**

*doef-doen-geluae*  
*dum-dumkoeëls*  
*gê-gê-laggie*  
*ghoem-ghoemwoorde*  
*hie-hie-geluidjies*

Dié kompositum is ’n normale uitbou van stam met tussenwerpsel-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, bv. *kwêvoël* (§ 54). Ons kry tussenwerpsels in enkel- en in iteratiefvorm in Afrikaans. As die enkelvorm in komposita kan fungeer, is daar blykbaar niks wat die dubbelvorm keer nie: as Boerneef kan praat (met ’n afleiding) van *Die gerikke-tikke-tik van die masjien . . .* (Boplaas, 130) en kan sê (met ’n werkwoord) *Die dorsmasjien rikke-tikke-tik* (Boplaas, 31), is sy pad oop na ’n *rikke-tikke-tik-geraas*. (Al maak hy dit nie, kan hy wel as hy wil.)

Dat iteratiefvorming as ope woordvormingsstelsel nie ’n spesiale Afrikaanse voorwaarde vir die vorming van dergelike komposita is nie, word bewys deur Nederlands *jaja-hoed*: „Meisjeshoed met breë rand, welke laatste onder ’t gaan op en neer gaat („ja-ja” zegt)” (WNT VI, 788).

#### **§ 60.9 (Stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.**

*breekbeen-tafeltjie*  
*breekstertgeitjie* (Namakwaland)  
*dryfsandmengsel*  
*dwaalgeesplek* (’n berugte spookplek in die Knysnabos) (boswerkers, Knysna)  
*eettafelredenaar* (Die Burger, 19.8.1950)  
*leiwaterbeurt*

<i>loopneusdag</i>	„baie koue dag” (plaasarbeider, Worcester)
<i>rankrugkalf</i>	„kalf met ’n lang rug” (Is dié <i>rank</i> ’n s.nw.?)
<i>raasgatkorhaan</i>	(sekere soort korhaan wat ’n groot lawaai maak as hy opvlie) (Vosburg)
<i>rondloop-straatkinders</i>	
<i>saaisakmanne</i>	in . . . <i>en die saaisakmanne hulle treë rek</i> (Boerneef, <i>Krokos</i> , 51)
<i>skeermeslem</i>	
<i>skinkbordlap</i>	
<i>skindertong-kwetsuur</i>	( <i>Standpunte</i> no. 11, bl. 13)
<i>slaapyddrankie</i>	( <i>Die Byvoegsel</i> , 22.3.1952)
<i>slaapydstories</i>	(A. S. Maxwell: <i>Slaapydstories</i> , 33)
<i>spindraadspatsels</i>	in <i>Die son se goue spindraadspatsels op my hare</i> (Hettie Smit: <i>Sy kom met die Sekelmaan</i> , 15)
<i>vermeersiektebossie</i>	
<i>weiveldprobleme</i>	

Dié tipe word baie in Afrikaans gebruik en gevorm. H. R. Bosman<sup>63</sup> noem net *wipstertmier* en sê die tipe „kom nie dikwels voor nie”, wat onjuis is. Dit het dieselfde funksie en semantiese waardes as stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat (§56) en is van Nederlands geërf. Bestaande voorbeelde is almal eiegoed. Bewysbare erfgoed kon ek nie vind nie, maar die WNT het talle voorbeelde van die tipe, bv. *klapbesseboom*, *strijkhoutjesschaaf* e.d.m.

#### § 60.10 Stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw.

*blylêbeeste*  
*gaanslaapyd*  
*kom-eettyd*  
*hoorsêgetuienis*  
*laatloopbeleid*  
*ryloopgewoonte*  
*sit-slaapkamer*

1. Die konstruksie is betreklik geslote en voorbeelde daarvan beperk in getal.
2. Die semantiese funksie is om onderskeidend te benoem: *blylêbeeste* teenoor *beeste* sonder meer (wat alle soorte sou insluit).

63. Bosman, H. R.: *Nominale samestellings in Afrikaans*, 47.

3. Die stylwaarde is neutraal, hoewel *hoorsêgetuienis* miskien die enigste is wat (ook) al in offisiële stukke voorkom.

4. Nuwe komposita is vormbaar soos enige ander samestelling :

(a) mits die eerste twee komponente buite die samestelling om 'n gangbare woordgroep is. Teoreties sou bv. *gaan lê*, *gaan kyk*, *laat kom*, *bly staan*, *gaan sit* kon optree as eerste komponente van nuwe komposita met s.n.w. as kern, sê maar bv. *gaanlêslag*, *gaankykkans*, *laatkomkoek* (reeds so in Loeriesfontein gevind), *blystaan-plek*, *gaansitslag* (reeds in WAT).

Hierdie tweelid-werkwoordgroepe word in allerlei opsigte deur die taalgemeenskap behandel asof hulle eenhede is. (Vergelyk bv. *geblystaan* en *gaanlêery*. Kyk ook Bouman<sup>64</sup>.) In die komposita tree hulle dan ook as eenhede op.

Verder blyk dat veral dié stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat-groep saamstelbaar is tot wat ook as imperatief voorkom: *gaan lê! bly sit! kom kyk!* ens.

(b) 'n Tweede groep is dié van bv. *ryloop*, d.w.s. dié waarin stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat reeds 'n kompositum vorm sònder samestelling met 'n s.n.w. Tekens van samegesteldheid is onder meer 1) die prefiksering in plaas van infiksering van die *ge-*, dus (*het*) *geryloop*, nie *geryloop\** of *rygeloop\** nie, 2) *rylopery*, ((*n*) *gedrafstap* en) *drafstappery* ens.

Voorbeelde van hierdie soort verbale kompositum is bv.

*blaai-les* (C. M. v. d. Heever: *Droogte*, 28),

*bêrekoop*,

*gedrafhardloop* (*het*) (Boerneef: *Van my Kontrei*, 75),

*dreundraai* (D. F. Malherbe: *Die Meulenaar*, 61, 64),

*kartelskeur* (*Die Huisgenoot*, 25.8.1950).

By hierdie groep is samestellinge met 'n s.n.w. as kern normaal vormbaar, bv. *blaaiïesmetode*, *bêrekoopskema*, *drafhardloopstyl*, *dreundraai-geluide*, *brandtraanoë*, *stootskraapmasjien*, *wuifgroetbeweging*.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Nederlands is die tipe na die beste van my wete nie, nòg ten opsigte van die tipe *blylêbeeste*, nòg ten opsigte van die tipe *bêrekoopskema*. Albei lyk my tipiese uitbreidingsoorte wat in Afrikaans moontlik geword het deur die afwesigheid van infinitiefuitgange by die werkwoord en in Nederlands onmoontlik gebly het weens die aanwesigheid van dergelike uitgange.

Stamsamestelling in Nederlands is 'n ou geërfde konstruksie (waarmee Afrikaans gewoon analogies verder gegaan het). 'n Woord soos *ophalen*

64. Bouman, A. C.: *Op. cit.*, 23.

kon en kan dan in sy stamvorm: *ophaal* met byvoorbeeld 'n s.nw. saamgestel word tot bv. *ophaalbrug*, en ander desgelyks.

Maar twee verba saam, met die uitgang afwesig in altwee, bv. *blaad-lees\**, *berg-koop\**, of *blyf-lig\** ens. kon en kan nie in Nederlands nie, al kan bv. *leesmetode* en *koopakte* en dergelike meer wèl. En *bladenlees-metode\** of *bergenkoopakte\** ens. kan ook nie, want dan sou ons 'n stuk lewende morfologie tussen die dele van 'n kompositum hê, iets wat nie verenigbaar is met die eenheidsaard van die kompositum nie.

Dit lyk my dus asof ons in hierdie tipe in Afrikaans 'n jong(er) ontwikkeling het wat moontlik geword het eers ná die verlies van die buiging. Dit sou ook ten minste gedeeltelik kon verklaar waarom dit (nog) nie baie ruim uitgebrei het nie.

## Komposita met 'n Stam met 'n Telwoord-korrelaat as Kern

### § 61 Komposita met Stamme met telwoord-korrelate

Wat hier volg, is eintlik geen hoofstuk nie, maar iets wat deur die indelingstelsel meegebring is. Afrikaans ken naamlik wel komposita soos dié wat hierbo genoem word, bv. die tipes

(a) *agtien, sestien* ens.,

(b) *klawer-drie, ruite-ses* ens., en

(c) *een-een, drie-drie, vier-vier* ens.,

maar (a) en (b) is volkome onproduktief, en oor (c) is daar eintlik weinig te sê:

1. Die iteratief-tipe word hoofsaaklik gebruik ten opsigte van die laer telgetalle: *twee-twee, vier-vier* ens.

2. Hulle woordsoortelike funksies is meesal bywoordelik, soos in *Hulle loop een-een/twee-twee* ens., minder dikwels ook telwoordelik, soos in *Die boer tel vyf-vyf skape op 'n slag* ens.

3. Die semantiese waarde(s) noem Scholtz „deels iteratief, deels distributief”. Die verskil met die (of 'n) enkele telwoord blyk duidelik uit voorbeelde soos die volgende: *Hy gooi twee klippe weg* (dit kan die een na die ander of twee op 'n slag wees) teenoor *Hy gooi twee-twee klippe weg*. Vergelyk ook *Daar het twee motors geparkeer gestaan* met *Daar het twee-twee motors geparkeer gestaan* en *Die motors het twee-twee daar geparkeer gestaan* d.w.s. „in meer as een groepe van twee”. Miskien moet groeppwaarde of groeperingswaarde dus nog aan iteratief/distributief toegevoeg word. Dít het ons duidelik genoeg by byvoorbeeld *Eeneen in die voetpad/patrys en fisant* (Boerneef: *Krokos*, 85), en ook by bv. . . . *gekyk hoe Doemdoempie die eiertjies, twintig-twintig, in klein skilpaddoppies pak* (P. J. Schoeman: *Op die Klein Spoortjies*, 7). Die oudste moontlike geval wat in Afrikaans aangeteken is, is *een een* in *Hier mede blywe ik Een Een verwagting* uit 'n brief van 1812 (in L. C. van Oordt: *Die Kaapse Taalargief*, deel 8, 12). Of dit werklik as *een-een* bedoel is, is nie duidelik nie. Sou dit miskien 'n verwarring wees van of met *die ene/een en al verwagting*?

Die naaste wat ons aan Nederlands kom, is sekere voorsetselkonstruksies (vergeelyk § 50 en Scholtz). Verder as Scholtz kom ons tans nog nie: „Miskien het ook by die ontstaan van die reduplikasies van telwoorde in Afrikaans die Maleise voorbeelde 'n rol gespeel”.<sup>2</sup>

1. Scholtz, J. du P.: „Reduplikasieverskynsels in Afrikaans”, *T.W.K.*, April 1957, 15.

2. *Ibid.*



Ook ander tipes sou bespreek kon word, bv.  
(d) *half-ag, half-vier* ens., en  
(e) ('n) *vervyfdrie*,  
maar ook daaroor is weinig te sê wat nie ewe goed elders kan staan nie.  
(Vergelyk § 140.)

## Komposita met 'n Stam met 'n Voornaamwoordkorrelaat as Kern

### § 62 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met v.vw. *hulle* as korrelaat : s.nw.

*Boel-hulle*

*die kinders-hulle*

*Ma-hulle*

*Pa-hulle*

*Piet-hulle*

*u-hulle* ens.

**Opm.:** *U-hulle* („julle”, aanspreekvorm), is 'n jong vorm wat in die afgelepe sowat 15–20 jaar ontstaan het, klaarblyklik in aansluiting by (*my*) *ma-hulle* en (*my*) *pa-hulle* as aanspreekvorme en as minder formele aanspreekwyse.

Naas die vorm in die voorbeelde hierbo, kom ook 'n vorm met 'n nasaal voor die *-hulle* voor, bv. *Paanulle*, *Maanulle* ens. > *Paanhulle*, *Maanhulle*, wat waarskynlik *Pa-(e)n-hulle*, *Ma-(e)n-hulle* ens. is. (Gehoor by oumense in die distrikte Malmesbury en Piketberg.)

Dié *-n*-vorm word gebruik presies soos die *-n*-lose vorm in algemene Afrikaans.

Afgesien van *u-hulle*, kom die *-hulle* alleen voor in verbinding met (a) verwantskapsname van mense: *my neef-hulle*, *my niggie-hulle*, *die seuns-hulle*,

(b) saam met einame van persone en diere: *Japie-hulle*, *Boel-hulle* (*Boel* is 'n hondenaam), *Wagter-hulle* (*Wagter* is 'n hondenaam), maar nie saam met soortname van diere nie, dus nie bv. *die hond(e)-hulle\**, *die kat-hulle\** e.d.m. nie.

Uitbreidings hierop moet 'n mens nie verbaas nie. Skrywer het reeds meermale gehoor: *Tuine-hulle het ons lelik laat skrik* („die Tuine-span”, 'n mense-groep). Net so gaan kinders al oor die grens met bv. *die honde-hulle*, *die skapies-hulle* e.d.m.

Dis nie duidelik of *Piet-ons* (in Namakwaland gehoor) as 'n uitbreiding op die *-hulle*-groep beskou moet word nie, maar dit lyk wel so. Die betekenis is: *Piet en ek* en ook *Piet en ons*.

Die kompositum het kollektiewe waarde, iets van meervoudigheid, maar is geen meervoud nie: *ma-hulle*, *my neef-hulle*, *die seuns-hulle* ens. is nie die meervoud van *ma*, *neef*, *seuns* nie (*seuns* is klaar vanself meervoud sonder die *hulle* daarby), en die groep wat so benoem word, kan twee of meer wees, bv. *my neef-hulle* „my neef en nog iemand” of „my neef plus ander mense”.

Hoewel die *hulle*-komposita volkome algemene Afrikaans is, is dit tog nog enigszins omgangstaal: net so min as wat Langenhoven wou skrywe van *Maria, Christus se moeder*, net so min sou hy dit in *Skaduwees van Nasareth* hê oor *Christus-hulle* of *Jesus-hulle* as hy bedoel het „Christus of Jesus en een of meer van sy dissipels”.

Oor die herkoms hiervan is al heelwat geskrywe. Le Roux vergelyk dit met die Negerhollands van die Deense Antille, waarin die meervoud met behulp van *sender* of *selle* aangegee word:

„So is *die radies sender* = die radyse, *mie twee kint sender* = my twee kinders, *mie meester sie skuen sender* = my meester se skoene, ens.”<sup>1</sup>

Hierdie getuigenis word gevoeg by wat Hesseling gegee het „in velerlei Kreools” (d.w.s. gemengde tale). „So is ‚die huise’ in Papiements: *e casnan* (*cas* = huis; *nan* = hulle)” ens. Verder word meegedeel dat „in die Neger-tale van die Slawekus die Mvd. op dieselfde manier gevorm (word”. Hesseling sê verder:

„In ’t Franskreools van Mauritius en het Portugeeskreools van Ceylon, waar de Europese talen niet in aanraking kwamen met Afrikaanse talen, vindt men deze meervoudsvorming niet.”<sup>2</sup>

Daarop laat Le Roux die beskouing volg, wat hy ook later in *Praatjies oor ons Taal* herhaal, naamlik „ook Afrikaans sal dus hierdie Meervd. uit die oorspronklike taal van die Negers gekry het.”

Gestel nou dat die Afrikaanse konstruksie kom van iets soos die in Negerhollands of Papiements, hoeveel van die Afrikaanse feite verklaar dit, en bly daar nog bedenkinge oor? As daar geen nadere Nederlandse parallele aan te wys is nie, kan Negerhollands en Papiements wel ’n ontstaansmoontlikheid aan die hand doen. Daar sou dan egter nog die volgende besware wees:

(a) Kreools gebruik ’n aparte woord om die meervoud te vorm. Afrikaans nie: (1) die algemene meervoudstelsel van Afrikaanse woorde is in wese nog vry presies Nederlands; (2) die samestelling met *-hulle* vorm nié meervoude in Afrikaans nie: *die radies sender* is *radyse*, *mie twee kint sender* is *kinders* (meervoud dus van *radys* en *kind*), en *e casnan* is *die huise*, maar *Pa-hulle* is nié die meervoud van *Pa* nie, *Piet-hulle* nie die meervoud van *Piet* nie, die *kinders-hulle* nie die meervoud van *kind* nie. Daarom is hierbo gesê dat die begrip kollektief en meervoudig is, maar sekerlik nie meervoud nie. Dit sou darem vreemd wees as ’n konstruksie wat in ’n meervoud begin, geen meervoude in die beïnvloede taal vorm nie.

1. Le Roux, J. J.: *Oor die Afrikaanse Sintaksis*, 80 vlg.

2. Ibid.

(b) Die Kreoolse stelsel skyn sowat alle soorte naamwoorde te omvat: *radyse, skoene, kinders, huise*. As òns konstruksie nou daarvandaan kom, waarom verskyn die *hulle*-samestellinge uitsluitend by mense-name: *Johanna-hulle, my broers-hulle* e.d.m. nooit bysake of dinge nie, byvoorbeeld nooit iets soos *die skoene-hulle\** of *die aartappels-hulle\** of iets dergeliks nie? Vanweë die gebruik van die persoonlike voornaamwoord *hulle*? Dit sou moeilik wees om te glo, omdat die persoonlike van *hulle* tog nie verhinder het dat dit ook, en taamlik vryelik, van sake en dinge gebruik word nie, bv.: *Waar is jou boeke?* Antwoord: *Hier is hulle. Wie het ons twee drieë gedruk?* Antwoord: *André het hulle gedruk* e.d.m.

(c) In die aangegewe Kreools is daar geen sprake van bykomende elemente nie: *mie (twee) kint sender* is nié „my kinders en (moontlik) ander kinders” nie, soos Afrikaans *my kinders-hulle* wèl (kan) insluit „ander kinders”, of soos dit beslis ander kan insluit as ons sê: *die kinders-hulle*. So is *Piet-hulle* „Piet en ander”, *Ma-hulle* „Ma en ander”. Waarom hierdie verskuiwing van meervoud tot kollektief? Waarom is daar in een deel van die land blykbaar ’n *en* tussen die hele ingeskuif (*Paanulle, Pa (e)n hulle*), en dit in ’n deel waar ook die Hotnotkonstruksie sonder *en* (*Pa goed*) nie onbekend is nie, terwyl daardie *en* in die grootste gedeelte van die land nooit (?) verskyn het nie? En verder, as daardie Malmesburyse (*e)n* werklik die voegwoord *en* is, waarom het hy nie die eenheid van die konstruksie verbreek nie? En waarom verskyn hy in die geheel daar, terwyl die rigting van Afrikaans tog juis is dat dergelike elemente sonder duidelike waarde uitgestoot raak; vergelyk byvoorbeeld die hendiadiskonstruksie: *staan en slaap* word *staan slaap, lê en kreun* word *lê kreun* (bv. by D. F. Malherbe te vind). Of is dit bloot ’n soort oorgangsklank?

As Kreools die enigste moontlikheid was, lyk dit my ’n mens sou dit alleen met ’n erg beswaarde gemoed as herkoms van die Afrikaanse *hulle*-konstruksie(s) kan aanvaar indien jy àl die Afrikaanse feite in aanmerking neem.

Wat of hoe dan anders?

Die ander moontlikheid is Fries, genoem deur prof. J. I. Smith. Hy sê onder meer dat hy die Negerherkoms onwaarskynlik ag. „Ek glo veel eerder dat dié ontstaan het uit *Pa en hulle, Oom Johannes en hulle* – ’n sinswending wat ons in die Friese dialekte van Nederland aantref, en wat heel moontlik ook in die verfrieste Noord-Hollands van Amsterdam bestaan het.”<sup>3</sup>

3. Smith, J. J.: in ’n kritiese bespreking van dr. J. J. le Roux se *Praatjies oor ons Taal, Ons Eie Boek*, Junie 1940, 19.

Hy gee dan Friese sinne en besluit :

„Hierdie verklaring word baie aanneemlik wanneer ons vind dat daar 'n synonieme uitdrukking *Pa en dié* nog werklik in sommige Afrikaanse streke bestaan – 'n sinswending wat eweneens in Fries voorkom.”<sup>4</sup>

Om die waarde van Fries te beoordeel, word dit noodsaaklik om ook na ander kollektiwiteitsvorme in Afrikaans te kyk.

In dieselfde gebied as die *-(e)n*-vorme kom ook 'n verbinding *-doe(n)* voor, bv. *Pa-(e)n-doe(n)*, *Ma-(e)n-doe(n)*, met presies dieselfde waarde en beperkinge as die *-hulle*-groep.

Groot gedeeltes van die land ken en gebruik ook verbindinge met *dié*, bv. *Pa-en-dié*, *Piet-en-dié* ens., wat net in een opsig van die *-hulle*-verbinding verskil, naamlik dat dit meesal gebruik word van meer as twee.

In 'n deel van die land, veral langs die Weskus in die binneland op, noord van Piketberg-Citrusdal tot aan en oor die Gariep (Oranjerivier), word ook, veral deur Kleurlinge, verbindinge met *-goed* gebruik, bv. *Pa-goed*, *ousie-goed* „ousus-goed”, *die baas-goed* ens. Dit verskil van *-hulle* in *status* – dit word sosiaal laer gewaardeer – en ook hierin dat 'n *-goed*-verbinding ook van die enkelvoud gebruik (kan) word, bv. *tant Bet*” in *Jannetjie skuiwe nader aan haar tant Bed-goed* (Mikro: *Toiings*, 107), *Oubaas Isak Boplaas-goed* „Oubaas Isak Boplaas” (Boerneef: *Boplaas*, 3) ens.

Die Griekwas gebruik ook *wie-goed*, bv. *In die hiernamaals sal dit nie wees pa en ma en wie-goed nie*.

Minder in gebruik, is stapelvorme met *-hulle* en *-goed*, soos *ousie-goed-hulle*, *pa-goed-hulle* e.d.m. met ongeveer dieselfde waarde as die ander.

Die *-goed*-groep kan ons links laat as onvertaalde Hottentots.

Die *-doe(n)*-groep se etimologie is nog nie duidelik nie en sy moontlike verband met *-(e)n-die* en/of *-(e)n-hulle* dus ook nie.

Die *-en-dié*-verbinding is gewone Nederlands. Dit is moontlik dat die *-(e)n*- van bv. *Ma-(e)n-hulle* hieruit kom.

Die ander moontlikheid is die reeds genoemde Fries. Fries ken, volgens Friese grammatikas, grammatici, en volgens Fries-sprekende segsliede, twee konstruksies: een met *hjar* en een met *dy* „die”: *mîn heit-en-hjar*, *mem-en-hjar*, *Jouk(e)-en-hjar*, en *mîn heit-en-dy*, *mem-en-dy*, *Jouk(e)-en-dy*, gelyk aan Afrikaans: *my pa-hulle*, *moeder-hulle*, *Jouk(e)-hulle*. (*Heit* is „pa”, *mem* is „ma”, *Jouk(e)* is 'n eienaam.) In hierdie konstruksie het *hjar* en *dy* presies dieselfde waarde. 'n Klein verskilletjie in gebruik word soms soos volg gemaak: *hjar* (uit te spreek sonder die *r*) word meesal gebruik wanneer die *hulle* die genoemde man se vrou is: *din heit-en-hjar*: „jou pa-hulle”, of meer bepaald „jou pa en sy” (d.w.s. „sy vrou”), maar dit

4. Kyk voetnoot 3.

kan ook (en) ander mense insluit; *dy* word meesal net gebruik as die ander groep, die *hulle*-deel, werklik meervoud is: *din heit-en-dy* „jou pa-hulle”, waar *hulle* op meer as net „jou ma” betrekking het. Hierdie onderskeiding word egter nie konsekwent gevolg nie.

Die konstruksie met *-hja(r)* en *-dy* in Fries is ook verder in die sintaksis ingestruktureer net soos in Afrikaans, bv.

*Dat is heit-endy's pleats* „Dit is pa-en-die se plek”

*Dat is heit-en-hja's pleats* „Dit is pa-en-hulle se plek”

*Dat is ús heit-en-hja's pleats* „Dit is ons pa-en-hulle se plek”

*Dat is heit-en-dy's/-hja's* „Dit is pa-en-die s'n/pa-en-hulle s'n” ens.

Kan ons nou hiervandaan by ons *pa-hulle*, *Piet-hulle* uitkom? Myns insiens wel, asook by al die ander vorme van die Afrikaanse konstruksie, behalwe natuurlik die Hottentotse.

1. *Heit-en-hjar*. Hierdie *hjar* is gelyk aan Afrikaans *haar* (vergelyk die uitspraak: *hjelp*, *jeupe* i.p.v. *help* en *heupe*), en ook aan *haarlie* (wat ook in Suid-Afrika nog onder ou mense voorkom). Daar was en is naamlik drie vorme: *haarlie*, *sullie* en *hull(i)e*, almal met die betekenis van huidige Afrikaans *hulle*; *hulle* het gewen, die ander twee is verdring. So sou uit *-en-hjar* ontstaan *-en-hulle*, bv. *heit-en-hjar* > *pa-en-hulle*, gesteun van die kant van die *-dy*-konstruksie: sê maar (*Piet*)-*en-dy* > (*Piet*)-*en-die*, want hierdie *die* word vandag nog as persoonlike voornaamwoord gebruik, o.a. in Malmesbury se wêreld en verder: *Waar is die kinders?* Antwoord: *Dié is bokke-toe, dié is veld-toe* ens.

Blykbaar, of moontlik, is die partikel *en* dan in die genoemde gebied behou, sodat ons moet skrywe: *pa-en-hulle*, *pa-en-die*, *pa-en-doe(n)* – soos meer Nederlandse dinge daar behoue gebly het (bv. *Ek is* i.p.v. *Ek het dit vergeet* e.d.m.) – terwyl die *en* in die res van ons taalgebied uitgeskuif geraak het net soos byvoorbeeld die *en* van *sit en slaap* en dergelike vandag oral in spreek- en skryftaal uitgestoot raak. Ten gunste van so 'n verloop pleit die feit dat in gesproke Fries die *en* by sommige woorde ook tot so goed as niks verswak: in verbinding met *dy* hoor 'n mens die (*e*)*n*-element meesal duidelik genoeg: *memendy*, *Joukendy*, maar by *hjar* nie: *heitenhjar* en *Joukenhjar*, ja, maar by *mem* is daar feitlik niks van die *en* oor nie, sodat dit soms klink soos *memnja(r)*, soms soos *memeja(r)*. As die eerste woord op 'n *n* eindig, soos byvoorbeeld *Valtyn*, sê my segsliede *Valtyn-hja(r)*, met 'n erg dowwe /a/-klank. Na my oordeel is dit na genoeg aan Afrikaans.

2. Die betekeniswaarde van die konstruksies in Fries is presies gelyk aan dié in Afrikaans, naamlik kollektief en meervoudig, maar nié meervoud nie.

3. Die konstruksie is in Fries beperk tot presies dieselfde groep as in Afrikaans: mense-name, wat dus sal beteken dat die *hulle-* en die *die-*konstruksies hul gebied behou het soos dit in Fries was en nog is, en nie dat daar 'n ernstige inkrimping van gebied sou plaasgevind het soos dit dan sou moet indien ons konstruksies van Kreoolse herkoms is nie.

Groter ooreenstemming om die nie-Kreoolse herkoms van Afrikaans op hierdie gebied te bewys, lyk my nie nodig nie.

Of Fries soveel invloed op Nederlands of Hollands gehad het dat dit hierheen oorgedra kan gewees het? Vakkundiges ken die omvang van daardie invloed, ook in die sewentiende eeu; ook in *Oor die Afrikaanse Sintaksis* van prof. J. J. le Roux is daar 'n paar verwysinge na Friese invloed.

Maar dit is nog 'n leemte in ons kennis dat ons nie weet presies hoe so 'n Friese taalvorm dan in Afrikaans sou gekom het sonder spore in Amsterdams nie. Soos die Nederlanders sê: *het wachten is op de toekomst*. Daar was al meermale taaldinge nie Nederlands nie waarvan later geblyk het dat hulle wel Nederlands is (vergelyk §§ 10.1 ens.).

## Komposita met Stam met Werkwoord-korrelaat as Kern

## § 63 Stam met bywoord-korrelaat + Stam met werkwoord-korrelaat : s.nw.

<i>afkap</i>	„ekstra stukkies vleis wat 'n koper soms bykry by wat hy gekoop het”
<i>doodgooi</i>	„brood wat neergeslaan het, d.w.s. nie gerys het nie”
<i>doodkou</i>	„'n taai soort lekker, baie soos tameletjie”
<i>gouloop</i>	„geweer”
<i>grootsê</i>	in <i>Wat laat oom Louwie weer die grootsê so hoog uit die takke haal?</i> „groot of hoog praat” ( <i>Die Huisgenoot</i> , 1.10.1948)
<i>huistoegaan</i>	(van die bw.-groep <i>huis toe</i> + ww.)
<i>koudslaap</i>	„tronk, gevangenis”
<i>laatkom</i>	in <i>Laatkom woon nie by my nie</i> „Ek is nie een wat laat kom (by my werk) nie” (Kleurlinge)
<i>lank-rek</i>	in <i>Dis amper asof die lank-rek van die laaste noot die kraai laat lekkerkry</i> (Hobsons: <i>Vlam van die Bantomberge</i> , 117)
<i>lank-gesels</i>	in <i>Die opgewekte deuntjies van die orkes wou nie lank-gesels toelaat nie</i> ( <i>Die Matie</i> , 1.9.1950)
<i>maltrap</i>	„verspotte persoon” (kan ook as stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat opgevat word)
<i>rooibekruip</i>	(soort konfynt) (Griekwaland-Wes)
<i>saamweet</i>	in . . . <i>die meteense saamweet by alles wat mooi is</i> (Hettie Smit: <i>Sy kom met die Sekelmaan</i> , 44)
<i>toekap</i>	(soos <i>afkap</i> hierbo)
<i>vernietry</i>	„plaaslike polisiewaentjie” (Kleurlinge, Parow)
<i>weersien</i>	in <i>Sou daar 'n weersien wag vir sulkes soos ons?</i> ( <i>Die Huisgenoot</i> , 19.9.1952)

Dié tipe is in Afrikaans byna net so gewoon as onsamegestelde werkwoorde wat as s.nw. gebruik word (kyk § 6) en is ook geneties niks anders nie. Sy elementêre waarde is gelyk aan die infinitief:

*Laatkom is sy ou laai* „om laat te kom . . .”,

*Daar is nie vanaand tyd vir lank-gesels nie* „ . . . om lank te gesels nie” ens. Daar kom net soms by dat die stam met ww.-korrelaat of stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat, as s.nw. gebruik word in 'n sinsvorm waarin dit nie ook, soos hierbo, deur 'n infinitiefvorm vervangbaar is nie. As ons byvoorbeeld het *Afkap is maklik, maar plant is harde werk*, gelyk aan *om af te kap . . . om te plant*, dan beteken dit nie dat *afkap* en *plant* nou tot dié sintaksis beperk bly nie. Dit kan ook in die sintaksis



verskyn van s.nwe. wat nie ook wwe. is nie. So kry ons dan bv. *afkap* „wat oorbly of afval na of van die afkap”, *doodgooi*, *doodkou*, *gouloop* ens.

Maar dit gaan ook verder. In die werklike taalgebruik gaan elke gebruikswyse nie deur elke gebruiksfase nie. As ons *koudslaap* „tronk” en *maltrap* en *rooibekruip* „konfyt” ens. as s.nwe. in hierdie betekenis kry, hoef daaraan nie vooraf te gegaan het dat *koud* + *slaap*, *mal* + *trap*, *rooi* + *bekruip* eers of nog as infinitiewe gebruik moet/moes word nie. As (*'n*) *maltrap* stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat is, lyk dit my dit het oor die infinitief-fase heen gespring, en *rooibekruip* e.a. eweneens. (Vergelyk ook § 6 by ww. en s.nw.)

Ten andere kan ons ook tot bv. *toekap* kom via *toegif*, *toekos* – ons het immers reeds *kap* as s.nw. in die betekenis „bietjie, stukkie” ens.

#### § 64 Stam met bw.-korrelaat + Stam met ww.-korrelaat : ww.

<i>aangee</i>	<i>omkyk</i>
<i>bysit</i>	<i>opspring</i>
<i>deurblaai</i>	<i>wegsmyt</i>

Naas die tipes stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw., en stam met ww.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw., is dit die soort waarvan Afrikaans en Nederlands die meeste het en die meeste nuwes kan byvorm. Tog het ook dié tipe sy beperkinge, want verbindings soos sê maar *meesal-stap*\* of *dikwels-lag*\* as werkwoorde is heeltetal ondenkbaar. Presies waarin die beperking lê, is nie duidelik nie. Dit lê bepaald nie in die lengte van die bywoord nie, want *aaneenstrengel*, *aanmeekaarskrywe*, *agteroorval* is alledaags; met ander woorde, lang bywoorde is wel verbindbaar. Maar lengte het wel iets daarmee te make, want geoordeel volgens 'n materiaalversameling van ongeveer 4,000 voorbeelde, is verreweg die meeste bywoorde in dergelike komposita kort, een- en tweelettergeregipes.

Waar ander grense lê, is moeilik bepaalbaar omdat ook hier, soos by die tipe *agterlangs*, *binne-in-* e.d.m. dit dikwels meer tradisie as taalkundige oorweging is wat bepaal of daar aaneen of los geskryf word.

Wanneer die bywoord in ander verband ook as voorsetsel fungeer, word hy saam met die werkwoord outomaties as deel van 'n kompositum beskou en behandel, bv. *aanlas*, *bykom*, *deurkyk*. *instap*, *nawerk*, *opskep*, *teensit* ens.

Selvs enkele ander bywoorde wat nié ook voorsetsels is nie, word sonder meer as dele van komposita beskou in verbinding met werkwoorde, bv. *afknyp/-kyk/loer*, *vashou/-lê/-trek/-vat*, *verbyloop/-kom/kyk*, *wegkom/-lê/slaan* ens.

Of 'n gegewe bywoord 'n kompositum vorm met 'n bywoord of nie, word origins van geval tot geval bepaal deur die aan- of afwesigheid van

die eenheidskenmerke en deur isolering of geen isolering van betekenis.

'n Lastige punt in die sistematiek is of vorme soos *aánvaar* en *aanvâar*, *òmklee* en *omkleé*, *oórwèrk* en *oorwèrk* e.d.m. almal as komposita beskou moet word en of die vorme met die aksent nié op die bywoord nie, miskien beter as afleidinge te beskou is. (De Vooy's noem altwee sonder meer samestellinge.)

#### *Diachronie en vergelyking met Afrikaans*

Die verbinding van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat : ww. is produktief, word baie gebruik en is ook gewone Nederlands.

Komposita (?) met *aan*, *deur*, *om*, *onder*, *oor* ens. word nou verder bespreek. Die vraagteken beteken dat dit lank nie 'n uitgemaakte saak is dat alle verbindinge van bv. *aan-*, *deur-* ens. met werkwoorde komposita is nie: veral dié sonder die aksent op die aanvangskomponent, het baie kenmerke van afleidings, bv. *aanbid*, *aanvâar*, *deurboór*, *deurloóp* ens. Aan die anderkant is dit egter ook waar dat die semantiese sisteem van tipes met die aksent op die aanvangselement in baie opsigte dieselfde is as dié van die tipes sonder die aksent op die aanvangselement, byvoorbeeld dié met *oor-*. *Oor-* in bv. *oorbié*, *oordoén*, *oordryf*, *ooreét*, *ooreis*, *oorháas* ens. beteken „baie, te veel, verder, hoër”, vrywel dieselfde as in bv. *oór-aangenaam*, *oórbekend*, *oórbekwaam*, *oórbelangrik*, *oórbeskaaf*, *oórbeskeie*, *oórbesorg*, *oórbevolk*. Die saak het dus twee kante, daarom word dié tipe maar hier by die kompositum gehou.

**Opm.:** Streng beskou, behoort net die tipe met stam met ww.-korrelaat as kern hier behandel te word, omdat hierdie afdeling dié is van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat. Omdat dit hier egter ook om aksentverspreiding gaan, word stam met bywoord-korrelaat plus stam met woordsoort-korrelaat ander as die werkwoord, ook hierby behandel.

#### § 64.1 *aan-*

*Aan-* met die aksent daarop, bv. *aanbak*, *aanbeland*, *aanbestee*, *aanbeur*, *aanbeveel*, *aanbied*, kom in baie meer Afrikaanse woorde voor as *aan-* sonder die aksent bv. *aanbid*, *aanskou*, *aanvaar*, *aandadig*, *aangrypend*, *aanhorig*, *aanhoudend*, *aanstaande*, *aanvallig*, *aanwesig* (mèt aksent: 572 uit 'n lys van 589, sònder aksent: 17 uit 'n lys van 589).

*A. Dié met die aksent op die aan-, het die volgende sisteem:*

1. *Aan-* + stam met ww.-korrelaat: werkwoord (80% van die grootlys van 589) gee te kenne:

(a) „voort, vorentoe, agterna, verder”, bv. in *aanbagger*, *aanbeur*, *aanboer*, *aanbulder*, *aandwaal*, *aanfladder*;

- (b) „in meerdere mate maak of word soos deur die tweede komponent genoem . . .”, bv. in *aanbeter*, *aanbrei*, *aandik*, *aandraai*;  
 (c) „raak of teen (iets/iemand)”, bv. in *aanbeuk*, *aanbons*, *aanbots*, *aanvly*;  
 (d) „begin en/of aanhou”, bv. in *aanarbei*, *aanbly*, *aanbreek*, *aanbyt*, *aangloor*;  
 (e) „by, rondom, om” bv. in *aanerd*, *aangord*, *aanweef*.

**Opm.:** *Aan-* + stam met b.nw./s.nw.-korrelaat kom te min voor (8 gevalle uit 481) om van sisteem te kan praat, maar die waardes is dieselfde as dié wat by die werkwoord voorkom, bv. :

*aandik:* (stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat) „dikker maak; dikker word; onderstreep, besonder beklemtoon; vergroot, oordryf”;

*aanerd:* (< Nederlands *anaarden*; stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) „grond om ’n plant ophoop, operd”;

*aanhuwelik:* (stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) „deur huwelik verkry, deur huwelik verwant raak”;

*aanpoot:* (stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) „vinniger loop, aanstoot”;

*aanrand:* (stam met bw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) „gewelddadig aanval; benadeel; aantas”;

*aansuur:* (waarskynlik stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat) „suurder maak; suurder word; ’n oplossing suurmaak deur toevoeging van ’n suur”.

2. *Aan-* as eerste komponent van s.nwe. het dieselfde semantiese waardes as *aan-* + stam met ww.-korrelaat: werkwoord, net minder daarvan, en in die meeste gevalle is daar groter betekenisisolasië as by *aan-* + stam met ww.-korrelaat: werkwoord, bv.

(a) „by rondom, om ’n mens”, bv. in *aanbehore*, *aandrang*, *aangesetene*, *aansyn*;

(b) „voort, voorste deel, verder, vorentoe”, of, omgekeerd: „nader”, bv. in *aanfluistering*, *aangesig*, *aanmars*, *aanrit*, *aansig*, *aantog*, *aanvlaag*;

(c) „allereerste, eerste, vroeë, aangebore, ingeskape”, bv. in *aanbegin*, *aandrijf*.

**Opm.:** 1. In verreweg die meeste komposita met *aan-* wat s.nwe. vorm, is die s.nw. eerstens sonder meer ook ww., bv. *aanblik*, *aanbou*, *aangroei*, *aanhang*, *aanhef* (27 voorbeelde in die grootlys), òf tweedens s.nwe. wat van werkwoorde afgelei is, bv.

*aanbod* < ww. *aanbieden*

*aanrit* < ww. *aanrijden*

*aandag* < ou ww. *aandenken*

*aanskyn* < ww. *aanshijnen*

*aandeel* < ou ww. *aandeelen*

*aanslag* < ww. *aanslaan*

*aandenking* < ou ww. *aandenken*

*aansnee* < ww. *aansnijden*

*aandrang* < ww. *aandringen*

*aansoek* < ww. *aanzoeken*

*aandrijf* < ww. *aandrijven*  
*aanklag* < ww. *aanklagen*  
*aanleg* < ww. *aanleggen*

*aanspraak* < ww. *aanspreken*  
ens.

*Aansyn* (Ndl. *aanzijn*) is 'n koppeling van *aan* en *zijn* as een woord opgevat en as s.nw. gebesig. *Aan-* heg hom dus hoofsaaklik aan werkwoorde. Daar is ook komposita van *aan-* + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw., bv. *aanbegin*, *aangesig*, *aanmars*, *aantal*, maar die kom baie min voor.

2. *Aanstalte* en *aantal* is Duits: *Anstalt* en *Anzahl*.

3. *Aan-aan* (kinderspel) kom voor as *aán-aan* en as *aan-aán*. Na sy vorm hoort hy by die iteratiewe sisteem. (Vergelyk § 50.) Woordsoortelik is dit waarskynlik die b.nw. *aan* wat, as naam van 'n speletjie, iteratief as s.nw. gebruik word.

3. *Aan-* as eerste lid van b.nwe. kom in nóg beperkter getalle voor dan as eerste lid van s.nwe. (s.nwe.: 61, b.nwe.: 28). Ook hier is daar meesal betekenisisolasië, byvoorbeeld in *aangenaam*, *aangedaan*, en ook hier hou die b.nw. meesal verband met 'n werkwoord: meer bepaald is dit die deelwoordvorm, bv.

*aanbestorwe* < ww. *aanbesterven*  
*aanbevole* < ww. *aanbevelen*  
*aangebode* < ww. *aanbidden*  
*aangebode* < ww. *aanbieden*  
*aangebonde* < ww. *aanbinden*  
*aangebore* (stam met bw.-korrelaat +  
stam met b.nw., verlededeelwoord-  
korrelaat)  
*aangedaan* < ww. *aandoen*  
*aangedrewe* < ww. *aandrijven*  
*aangehewe* < ww. *aanheffen*

**Opm.:** Net twee hou nie sonder meer verband met werkwoorde nie, nl. *aangenaam* en *aanverwant*, maar selfs hulle gaan in 'n ouer Germaanse taalstadium tog terug op die verba *neem*, resp. *verwend*.

4. *Aan-* as eerste komponent van ander woordsoorte vorm geen sisteem nie. Dit is onder meer die volgende: *aangesien* (voegwoord) < ww. *aanzien*, en *aanstons* (bywoord) < *aanstonds*, Mnl. *aen stonden* (stam met voorsetsel-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat) + adverbiale -s.

*B. Dié met die aksent nie op die aan- nie is min in getal (16+) en* l. hoofsaaklik b.nwe., waarvan die meeste ook regstreeks verband hou met werkwoorde, bv.

*aangrensend* < ww. *aangrenzen*  
stam met bw.-korrelaat + stam

met ww.-korrelaat

*aangrypend* < ww. *aangrijpen*

*aanhorig* < ou ww. *aanhooren*

*aanhoudend* < ww. *aanhouden*

*aanstaande* (ook s.nw.) < ww. *aanstaan*

*aanvallig* < ww. *aanvallen*

*aanwesig* < uitdrukking *aan wezen* + *ig*

Die semantiese waardes is almal van die soorte wat onder die ongeaksentueerde *aan-* gegee is, net met meer betekenisisolasië.

2. Net 'n paar is werkwoorde, nl. *aanbid*, *aanskou*, *aanvaar*, te min om 'n betekenisstelsel te vorm.

**Opn.:** Tipes soos *aan-die-slaap* hoort primêr by die verbale woordgroep.

### *Diachronie en Produktiwiteit*

*Aan-* was feitlik of byna volkome onproduktief in Afrikaans: *aan-aan* is die enigste wat nie in Nederlands gevind is nie. Verskeie komposita daarmee, kon ons wel self gevorm het, veral dié waarin *aan-* beteken „by, in byvoeging tot . . . ens.”, bv. *aánbou*, *aanbrei*, *aanlas*, *aanplak*, *aanspeld* ens., maar hulle is almal ook Nederlands. Die enigste nie-geërfdes is dié waarvan die woordkorrelaat van die werkwoord-stam ook nie Nederlands is nie, soos *aanbof*, *aanbraak*, *aanhallie* ens.

## § 64.2 agter-

Komposita met *agter* is goed bekend in Afrikaans – hier word gewerk met 'n lys van 284 – die meeste met die aksent op die *agter-* (271 uit 'n lys van 284: 95%) bv. *agteraansig*, *agteragterkleinkind*, *agteras*, *agterbaan*, *agterbak*, *agterbalk*, *agterbalkon* ens., en die meeste is s.nwe. (248 uit 'n lys van 284: 87%).

*A. Dié met die aksent op die agter-, vorm die volgende sisteem:*

1. *Agter-* in s.nwe. (248 voorbeelde) beteken meesal

(a) „(tyd- of plekruimtelik) met ander dinge daarvoor”, bv. in *agterband*, *agterbank*, *agterbeen*, *agterbos*, *agterboud*, *agterderm*, *agterdeur*, *agterend*, *agterent* ens.;

(b) enkele kere beteken dit meer bepaald „van 'n lae standaard, agterlik”, of „agterlike deel van” bv. in *agterbuurt*, *agterdorp*, *agterklas*, *agterwerk*, *agterwyk* ens.

2. In werkwoorde is die betekenis verwant aan dié van s.nwe. maar tog nader aan „nie saam nie, alleen, agteraan, aan die agterkant van”, bv. in *agterbly*, *agterkom*, *agterlaat*, *agterraak*, *agterstaan* ens.

3. In b.nwe. en bywoorde is die waardes mutatis mutandis dieselfde as in s.nwe. en werkwoorde, bv. in *agteranaal*, *agtergeblewe*, *agterswaar*, *agteraan*, *agteraf*, *agterberg*, *agterin*, *agterkruis*, *agterlangs*, *agterom* ens.

**B. Agter-** sonder die aksent daarop, kom in te min woorde voor dat daar sprake kan wees van 'n sisteem. Hulle is naamlik die volgende :

*agtermiddag* „tydperk tussen die middag en sonsondergang”

*agternamiddag* „laaste gedeelte van die namiddag”

*agterhaal* „inhaal”

*agtervolg* „agter iemand aan gaan en hom probeer inhaal met vyandige bedoelinge of ten einde hom lastig te val; iemand voortdurend lastig val, onophoudelik kwel”

*agterbaks* „wat agteraf, agter die rug skelmagtig te werk gaan; onopreg, nie openlik nie, onderduims; waarby so te werk gegaan word”

*agtermekaar* „in die regte orde; reg rangskik; in goeie orde gebring, in die haak; by wie alles in die regte orde, in die haak, goed versorg is, knap; agtereenvolgens”

*agterstallig* „nie op die bepaalde dag betaal nie; nog nie uitgevoer wat reeds verrig moes gewees het nie, agter”

*agtereen* „waarby die een op die ander volg; agter mekaar; agtereenvolgens; sonder onderbreking, aaneen, agtermekaar”

*agterna* „later, naderhand; agter iemand of iets aan”

*agteroor* „na agtertoe oor”

*agteruit* „na agtertoe; van wie die toestand versleg het”

*agtervolgens* „agtereenvolgens”

*agterweë* „nie gedoen, nie vermeld, nie te voorskyn gekom of gebring nie”.

**Opm.:** *Agtervolgens* kan 'n verkorting wees van *agtereenvolgens*, wat op relaai, waarin die aksent in die een geval op die *agter-* val en in die ander geval op die laaste komponent nie, soos met woorde op *aan-*, *onder-*, *oor-*, *om-* ens. nie, bv. *aánvaar* en *aanvaár*, *ònderhou* en *onderhou*, *oórkóm* en *oorkòm*, *òmvaar* en *omváar*.

### *Diachronie*

1. *Agter-* is meesal die bywoord *agter-* naamlik in alle gevalle behalwe *agterbaks*: voorsetsel + *bak* „rug” + adverbiale -s

*agtereen*: voorsetsel + *een* (selfstandig gebruik)

*agtermekaar*: voorsetsel + voornaamwoord (= s.nw.)

*agterweë*: voorsetsel + s.nw. *weg* (Nederlands)

**Opm.:** *Agtervolgens* kan 'n verkorting wees van *agtereenvolgens*, wat op sy beurt kom van die deelwoord van *achtereen volgen*.

*Agtereen* en *agterweë* is sametrekkinge van woordgroepe, nie analogies gevormde komposita nie.

2. Alle tipes verbindings met *agter-* is Nederlandse erfgoed, naamlik die tipes :

- (a) bywoord + s.nw., bv. *agterfront* /-galery/ -gang/ -gebou/ -gedeelte/ -middag
- (b) bywoord + werkwoord, bv. *agterlaat* /-staan/ -stel/ -voeg/ -haal/ -volg
- (c) bywoord + b.nw., bv. *agtergeblewe*
- (d) bywoord + bywoord/voorsetsel, bv. *agteraan* /-af/ -in/ -langs/ -om/ -op
- (e) voorsetsel + voornaamwoord : *agtermekaar*
- (f) voorsetsel + s.nw., bv. *agtereen* /-weë.

### *Produktiwiteit*

Die meeste komposita met *agter-* is geërf (163 uit 284 is in Nederlands gevind : 57%), bv. *agteras*, *agterbaan*, *agterbalk*, *agterbalkon*, *agterband*, *agterbeen*, *agterbeslag* ens.

Dié wat nie in Nederlands gevind is nie (121 van die 284 : 43%), is hoofsaaklik s.nwe. (108 van die 121), bv.

<i>agteragterkleindogter</i>	<i>agterbeweging</i>	<i>agterdorp</i>
<i>agteragterkleinkind</i>	<i>agterbladisy</i>	<i>agterharsings</i>
<i>agteragterkleinneef</i>	<i>agterbroeksak</i>	<i>agterhoring</i>
<i>agteragterkleinseun</i>	<i>agterbuffer</i>	ens.,
<i>agterbak</i>	<i>agterdonkie</i>	

en hulle lê in dieselfde semantiese groepe as wat hierbo onder die s.nw. geformuleer is, naamlik

1. „(tyd- of plekruimtelik) met ander dinge daarvoor”, bv. in *agteragterkleindogter* /-agterkleinkind/ -hut/ -ingang/ -juk/ -ketting/ -kis/ -klap ens., en

2. „van ’n lae standaard, agterlik, of agterlike deel van”, soos in bv. *agterdorp* /-klas/ -werk ens.

Dit was dus die produktiewe groep in Afrikaans.

Die ander nie-geërfdes is, statisties beskou, van minder belang, maar taalkundig-geneties tog nie onbelangrik nie. Hulle word dus een vir een bespreek :

- (a) *agteraf* (b.nw. en bw.): „weg van . . . agterna”, kan ’n Afrikaanse same-trekking wees van die bywoorde *agter* en *af* (soos *voor deur*, *voor verby* e.d.m.), met betekenisverskuiwing tot ’n nie-letterlike vlak, òf die Nederlandse *achteraf* met dieselfde betekenisverskuiwing. Dieselfde geld min of meer van *agtertoe* en *agterverby* (WAT);
- (b) *agterberg*. Die s.nw. sou ’n normale vorming wees, maar WAT gee dit ook as bywoord in *Agterberg het hulle mooier lemoene*. Dit lyk dan na ’n reduksievorm van *in (die) agterberg*, wat dan die bywoordelike funksie verklaar, al is sodanige reduksies nie baie gewoon in Afrikaans nie;

- (c) *agterkruis*. WAT gee dit as bywoord in *agterkruis spring* „spring met die arms *agter* (d.w.s. *agter* die rug) gekruis”. Dit sou ’n sametrekking kon wees van bv. *met die arms agter kruis*, waarin *kruis* bywoord kan wees;
- (d) *agtersteek*. WAT gee dit o.a. as bywoord in . . . *en die seuns skoffel agtersteek*. Die s.nw. *agtersteek* sou ’n normale vorming wees, maar die bywoord nie. Dié funksie sou analogies kon wees by bv. *agterkant kyk*, *agterswingel trek* (nie in WAT nie, maar baie bekend in die boerderytaal), *agterjuk trek* (wel in WAT) e.d.m.;
- (e) *agterskeeps* moet na sy vorm Nederlands wees, maar is nie daar gevind nie. Na sy vorm is hy presies gelyk aan bv. *agterbaks* e.d.m., dit wil sê voorsetel + s.nw. + bywoordelike -s (in Nederlands);
- (f) *agternamiddag* kan ’n normale samestelling wees van die bywoord *agter* en die s.nw. *namiddag*, òf *agter* „ná” (voorsetel) + die s.nw. *namiddag*;
- (g) *agterkom* en *agterraak* is normale samekoppeling van stam met bywoord-korrelaat + stam met werkwoord-korrelaat;
- (h) *agteranaal* is ’n normale samestelling van die bywoord *agter* en die s.nw. en/òf b.nw. *anaal*;
- (i) *agterswaar* is ’n vliegtuig waarvan die stert die neiging het om in die vlug te sak, kàn bywoord/b.nw. wees, maar dan om ’n b.nw. te vorm. Dan is dit as s.nw. ellipties vir (*n*) *agterswaar vliegtuig*;
- (j) *agtervolgens* lyk na ’n sametrekking van *agtereenvolgens* (en dan dus geërf).

Daar was dus ’n hele verskeidenheid van taalaktiwiteit rondom *agter* as lid van komposita in Afrikaans.

### §64.3 by-

A. Die meeste komposita met *by-* het die aksent op die *by-* (297 uit ’n lys van 304: 97.7%), bv. *byannekseer*, *bybehou*, *bybestel*, *bybetaal*, *bybind*, *bybly*, *byafdeling*, *byaksent*, *bygedagte*, *byartikel*, *bypas*, *bybaantjie*. Hulle vorm die volgende sisteem:

1. *By-* in werkwoorde (125 voorbeelde uit ’n materiaalys van 304) beteken

(a) „bykomend, addisioneel, aanvullend, ekstra . . .”, bv. in

<i>byannekseer</i>	<i>bybind</i>	<i>bydoen</i>	<i>bygee</i>
<i>bybehou</i>	<i>byboek</i>	<i>bydruk</i>	<i>bygiet</i>
<i>bybestel</i>	<i>bybou</i>	<i>bydruppel</i>	<i>bygooi</i>
<i>bybetaal</i>	<i>bybraak</i>	<i>byfantaseer</i>	ens.;

(b) „nader of naby, digby, nie verwyderd nie”, bv. in

<i>bydraf</i>	<i>byhê</i>	<i>byskuif</i>	<i>bystaan</i>
<i>byhaal</i>	<i>byhou</i>	<i>bysleep</i>	ens.
<i>byhardloop</i>	<i>byroep</i>	<i>bysnel</i>	

Dit lê baie naby aan die volgende, naamlik



- (c) „saam met ander, ineen, bymekaar”, bv. in *bybly, byhang, byreken, bysit, bysluit, bywerp* ens.;
- (d) „op maat, tot 'n geskikte(r) vorm, tot die gewenste vorm”, bv. in *byrasper, byskawe, byskoffel, byslyp, bystel, byvyl* ens.

**Opm.:** Ander waardes is nie groepeerbaar nie, of behels betekenisisolasië, bv. „eenkant, weg, nie (na)by nie”, bv. in *bylé* en *by-* in woorde soos *bybring, bydam, bydra, byval, bywoon* ens.

2. *By-* in s.nwe. (161 uit 'n materiaalys van 403) het hoofsaaklik die waarde van *by-* in werkwoorde, naamlik „bykomend, aanvullend, addisioneel, ekstra, verdere”, bv. in

<i>byakte</i>	<i>bybaantjie</i>	<i>bybehore</i>	<i>bybesitting</i>
<i>byartikel</i>	<i>bybedryf</i>	<i>bybepaling</i>	<i>bybetekenis</i>
<i>byas</i>	<i>bybegrip</i>	<i>byberekening</i>	ens.,

maar in 'n paar gevalle met die bykomende gedagte van „klein(er), ondergeskik, minder(waardig)”, bv. in

<i>byharsings</i>	<i>bykantoor</i>	<i>bynier</i>	<i>bysin</i>
<i>byhuis</i>	<i>bykarakter</i>	<i>bypersoon</i>	<i>byspeen</i>
<i>bykaart</i>	<i>bykeiser</i>	<i>byplaneet</i>	ens.

**Opm. 1.** *By-* in b.nwe. (7 uit 'n lys van 304) het dieselfde waardes as in (veral) wwe., bv. in *bybehorend, bygaande, bygeblewe*, maar is te min om nadere ontleding te regverdig.

2. In bywoorde soos *bykans* en *byna* is die betekenis van *by* nie sonder meer duidelik nie (etimologies wel).

B. *By-* sonder die aksent daarop het dieselfde waardes as mèt die aksent, bv. in *byde(r)hand, bykomstig, bysiende, byeen, bymekaar*, maar, veral as *by-* die voorsetsel is, is die betekenis (ook) nie sonder meer duidelik nie, bv. in *byvoorbeeld, bywyle, bygeval, bygevolg*.

#### *Diachronie en Produktiwiteit*

*By-* is meesal die bywoord *by* (in 296 uit 'n lys van 304 voorbeelde) naamlik in alle gevalle behalwe

1. die voegwoorde *bygeval* en *bygevolg*,
2. die bywoorde *byeen, bymekaar, byvoorbeeld, bywyle, bykans*, en
3. die b.nwe. *byde(r)hand*.

Hierdie groeie is almal samekoppeling wat uit woordgroeie ontstaan het. Die ander is almal òf

(a) samekoppeling, nl. bw. + ww., bv. *byuur, byjaag, byjok, bykap, bykies, bykom, bykook, bykoop*, of afleidinge daarvan, nl. die tipe *bybehorend, bygaande, bygeblewe, bygeleë, òf*

(b) samestellinge, nl. bw. + s.nw.:s.nw., bv. *bykos*, *bykroon*, *bykultuur*, *bylae*, *byletter*, *bylokaal*, *byloslopie*, *bylyn* ens.

Alle groepe is ook Nederlands, net soos die meeste voorbeelde self (176 uit 304: 58%), maar 'n belangrike gedeelte (42%) kon tog nie in Nederlands gevind word nie, al is baie daarvan goed denkbaar en bestaanbaar in Nederlands. Dié wat dan moontlik of waarskynlik in Afrikaans gevorm is, behels die volgende twee groepe:

1. *by-* + ww.: wwe. (51 uit 'n lys van 125) bv. *byannekseer*, *bybehou*, *bybestel*, *bybraak*, *bydam*, *bydissel*, *bydruppel*, *bygee*, *byhuur*, *byjok* ens. en
2. *by-* + s.nw.: s.nw. (78 uit 161), bv. *byafdeling*, *byberekening*, *bybors*, *byfunksie*, *bygereg*, *bygeruis*, *bygeselskap*, *bygesteente*, *bygeur(tjie)* ens.

*By-* met die aksent daarop was dus baie produktief in Afrikaans in die verbindings bw. + ww.:ww., en bw. + s.nw.:s.nw., en daarby nog meer bepaald met die volgende betekenis:

- (a) in werkwoorde byna uitsluitend met die betekenis „bykomend, addisioneel, aanvullend, ekstra . . .”, bv. in *byannekseer*, *bybehou*, *bybestel*, *bybraak*, *byhuur*, *byjaag*, *byjok*, *bykap*, *bykies*, *bykweek*, *bylaai*, *byleen*, *byleer*, *bygeleer*, *bylewer*, ens., en
- (b) in s.nwe. met dieselfde waarde as wat onder die s.nw. geformuleer is (§ 108), bv. in *byharsings*, *bykarakter*, *bykeiser*, *bypersoon*, *byspeen* ens.

Al hierdie semantiese waardes is ook Nederlands.

**Opm.:** Omdat *bydam* in die betekenis „met 'n versoek nader, aanspreek; aanval; 'n saak aanpak” nie binne ons semantiese sisteem lê nie, sou 'n mens verwag dat dit geërf is, maar dit kon tot nog toe nie in Nederlands gevind word nie.

#### § 64.4 *deur-*

Van alle preposisionele adverbialia kom *deur-* die meeste in komposita voor: hier word gewerk met 'n lys van 481. Die meeste het die aksent op die *deur-* (315 van die 481) en die meeste is werkwoorde, bv. *deurbak*, *deurbars*, *deurblaai*, *deurblaas*, *deurblink*, *deurblits*, *deurbloei*, *deurblok* ens.

A. Dié met die aksent op die **deur-**, vorm die volgende sisteem:

1. *Deur-* in werkwoorde (280 voorbeelde) beteken wesenlik altyd „van 'n gegewe punt af na 'n eindpunt”, maar volgens die betekenis van die ww. waarmee dit verband hou en volgens die dominerende betekenismoment meer dié is van aanhoudendheid, voltooiing, onderbreking ens., kan onderskei word tussen

- (a) „aanhoudend, intens, kragtig, diep . . . ens.”, bv. *deurasem*|-babbel|  
-brand|brei|-dans|-galoppeer|-hardloop|-jakker|-praat ens.;
- (b) „deur . . . heen, van die een kant na die ander, end-uit . . .”, bv. in *deurblaai*|-blink|-blok|-bou|-brand|-dra|-draf|-druk|-filtreer|-giet  
ens.;
- (c) „deur . . . heen sodat dit stukkend of in twee dele is . . .”, bv. in *deur-*  
*hak*|-hap|-kap|-kloof|-knip|-kruip|-roes|-saag ens.;
- (d) „voort, verder . . . ens.”, bv. in *deurry*|-sein|-send|-slenter|-trek|-veg  
ens.

2. Die betekenis van *deur-* in s.nwe. (28 voorbeelde) sluit ten nouste by dié van die werkwoorde aan, maar is veral

- (a) „deurgaande, sonder of met minimale onderbreking, ononderbroke”,  
bv. in *deurdiens*|-pad|-straat|-trein|-verkeer|-vlug|-vrag ens.; en
- (b) „deur . . . heen, van kant tot kant, een oppervlak na ’n ander ens.”,  
bv. in *deurbespreking*|-braak|-vaart ens.

3. Ook in enkele b.nwe. sluit die betekenis van *deur-* by die voorgenoemde groepe s’n aan, bv. *deurgeslete* en *deurgestoke*.

**Opm.:** In die volgende gevalle het ons deels met ’n ander woord *deur-*, deels met ’n ander betekenis te make :

1. *deurkop* (b.nw.; WAT): bevat waarskynlik die b.nw. *deur* „deur die moeilikheid heen”;
2. *deurnat* „deur en deur, dwarsdeur, heeltemal . . . nat”;
3. *deurdat* „ten gevolge van . . .”
4. *deurentyd* „gedurende die (hele) tyd”.

## B. *Deur-* in komposita met die aksent nie op die **deur-** nie, beteken

1. in werkwoorde (138 voorbeelde):

- (a) „deurdring met, deur . . . heen, oor of deur die hele gebied, volkome bewerk of geraak word soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. in *deurbewe*|-blits|-boor|-dink|-drenk|-geur|-giet|  
-glans|-glinster|-gloei|-klink|-kruis ens. baie dikwels met
- (b) ’n nie-letterlike aanwending, bv. in *deurdrenk*|-grond|-huiwer|  
-knaag|-knie|-leef|-loop|-louter|-peil|-proe|-sien ens.;

2. in b.nwe. (26 voorbeelde) wissel die betekenis van die *deur-* enigszins volgens die woordsoort van die woordkorrelaat van die tweede komponent.

- (a) In die meeste gevalle is die b.nw. naamlik die voltooide deelwoord van ’n werkwoord, bv. in *deurdag*|-dronge|-lede|-lugtig|-rimpel, òf dit het so ’n vorm, bv. *deurbak*, waarvan die WNT sê dat dit kom van

„een overigens niet voorkomend ww. doorbakken”. In sulke komposita beteken *deur-* meesal

1) „deeglik, volkome, heeltemal deurge . . .”, bv. in *deursweet*|-voed|  
-week;

2) dikwels nie-letterlik, bv. in *deurdronge*|-trap|*-trokke*|-wrog ens.

(b) Is die tweede komponent ’n s.nw. òf hou dit verband met ’n s.nw., bv. *deurdraad*|-marmer|*-rimpel*|-son ens., dan beteken *deur-* „gevol met, deurdring van, vol, met baie”, of „asof gevul met, deurdring van . . .” ens., bv. *deurdraad*|-marmer|*-rimpel*|-son|*-spier*|-vonk|*-voor*.

**Opn.:** Die bywoorde *deureén* en *deurheén* regverdig nie ’n groeibespreking nie.

### *Diachronie en vergelyking met Afrikaans*

1. Behalwe in *deurdat* (voors. + voegw., volgens die WNT), miskien *deurentyd* (Nederlands *door den tijd?* vergelyk *uitentreure*), *deureen* (voors. + telwoord (selfstandig gebruik)) en miskien *deurkop* (b.nw.? + s.nw.), is *deur-* altyd die bywoord *deur*.

2. Alle tipes verbindings van *deur-*, met en sonder aksent op die *deur-*, is Nederlandse erfgoed, naamlik die tipes

(a) *deur-* + ww., bv. *deurbabbel*|-bak|*-bars*|-bewe|*-boor*|-breek,

(b) *deur-* + s.nw., bv. *deurweg*,

(c) *deur-* + b.nw., bv. *deurnat*, asook

(d) *deur-* + telwoord, voegwoord ens., bv. *deureen*|-dat|*-heen* ens.

Tog realiseer ons tipe 2 (b) gedeeltelik anders as wat die vormingswyse daarvan in en vir Nederlands aangegee word. Die WNT gee bv. *doorrimpeld*|-zond|*-vonken*|-voord ens. as komende van die werkwoorde *doorrimpelen*|-zonnen|*-vonken*|-voren ens., wat ons nie as werkwoorde ken nie. Wie dan in Afrikaans bv. *deurrimpel*, *deurson*, *deursweet*, *deurvonk*, *deurvoor*, *deurwarm* en *deurweek* ken, sou, omdat dié woorde vir hulle bestaan uit *deur-* + s.nw./b.nw. (*warm*), maklik daartoe kon kom om nuwe komposita te vorm van *deur-* + s.nw. wat nie, soos in Nederlands, werkwoorde èn, via die deelwoorde daarvan, b.nwe. vorm nie, maar regstreeks b.nwe. ’n Eerste stap in dié rigting het Nederlands trouens sèlf al gegaan met bv. *doorbàkken* as b.nw. te gebruik sonder dat daarnaas ’n werkwoord *doorbàkken\** bestaan (het). Dié tipe het ons in Afrikaans ook, d.w.s. waar die tweede komponent ’n werkwoord is, maar ons met *deur-* + werkwoord : b.nw. het en nie ook *deur-* + ww. : ww. nie, bv. *deurdruis*, *deurskuim* en miskien *deurspier*.

3. Verskeie van die b.nwe. is die deelwoorde met Ablaut van werkwoorde, bv. *deurdag*, *deurdronge*, *deurlede*, *deurskote*, *deurtoë*, *deurtrokke* en *deurwrog*.

**Opm.:** *Deurgesleep* (WAT; gewestelik) lyk na 'n kontaminasie, moontlik van *uitgeslaap*, *geslepe* en *deurtrapte*, sodat *deurgesleep* dan dus die *deur-* van *deurtrapte* het, die *ge-* van *geslepe*, die lang *-e-* van *geslepe*, die aksent op die *deur-* van die meeste dergelike verbindings, en die betekenis (+ „skelm”) van al drie.

### *Produktiwiteit*

Nòg die WNT nòg WAT gee alle verbindings van adverbiale partikels met dieselfde of ander woordsoorte. Wat WAT II, 102 in verband met *deur* sê, naamlik

„Daar *deur* feitlik voor elke werkwoord geplaas kan word, bv. *deurbid*, voortgaan met *bid*, *deurblaai*, voortgaan met *blaai*, ens., word sulke ss., waar hulle geen ander betekenis het nie, meestal weggelaat”.

was in 'n mate blykbaar ook die beleid van die WNT I, 632, want by *achter* word nadruklik gesê :

„Daar het gebruik van het plaatsbepalende *achter* uit zijnen aard onbegrens is, en talloze samenstellingen met dit *achter* mogelijk zijn, die slechts voor het oogenblik der rede moeten dienen, maar niet als uitdrukkingen van blijvende begrippen in de taal zijn of worden opgenomen, is het even ondoenlijk als onnodig, ze alle in het Wdb. te vermelden.”

Dit beteken dat baie wat nie in Nederlands gevind is nie, tog Nederlands kan wees. As hulle dan hier „nie-geërfdes” genoem word, geskied dit in die betekenis „nie-in-Nederlands-gevind-nie”.

Die meeste komposita met *deur-* is geërf (331 uit 481 : 69%). Die nie-geërfdes behels die volgende groepe :

1. *deur-* met aksent + ww. : ww. (91 nie Nederlands nie), bv.

<i>deurbind</i>	<i>deurgis</i>	<i>deurkarnuffel</i>	<i>deurpars</i>
<i>deurflits</i>	<i>deurgooi</i>	<i>deurkleis</i>	<i>deurplas</i>
<i>deurfuij</i>	<i>deurhap</i>	<i>deurklits</i>	<i>deurpyl</i>
<i>deurghrop</i>	<i>deurhardloop</i>	<i>deurloer</i>	ens.,

met al die betekenis wat aan die begin van § 64.4 (A1) saamgevat is. Hierdie uitbreiding kan as volkome normaal beskou word, omdat dit 'n uitbreiding is van die talrykste groep (bw. + ww. : ww.).

2. *deur-* sonder aksent + ww./s.nw. : ww. (36 nie-geërfdes), bv.

<i>deurblits</i>	<i>deurglans</i>	<i>deurlug</i>
<i>deurdroom</i>	<i>deurknaal</i>	<i>deursidder</i>
<i>deurgis</i>	<i>deurknetter</i>	<i>deurspook</i> ,

ook in al die betekenis wat in § 64.4 (B1) geformuleer is. Dié uitbreiding kan ook as volkome normaal beskou word, gesien die getalsterkte van

die geërfde groep (102 van die 138 is ook Nederlands), maar daar is hier tog 'n verskil: terwyl 5 van die 102 geërfde Nederlandse voorbeelde 'n s.n.w. as tweede komponent het, of 'n s.n.w. wat oók werkwoord is, nl. *deurspek*/*-suur*/*-vog*/*-water* en *deurwinter*, en die res 'n werkwoord as tweede komponent, bv. *deurbewe*/*-boor*/*-breek*/*-bruis*/*-dawer*/*-dink*/*-drenk*, is 8 van die 36 nie-geërfdes s.n.w. of s.nwe. wat ook werkwoorde is, nl. *deurbliis*/*-droom*/*-pekel*/*-pik*/*-rafel*/*-vuur*/*-wiel* en *-wortel*. Daar is hier dus meer s.nwe. in die kompositum betrek as in Nederlands.

**Opm.:** Teenoor die één nuwe voorbeeld van *deur-* + b.nw. : ww., nl. *deur-somber*, is net een Nederlandse in die WNT gevind, nl. *doorvochtigen* (wat ook Afrikaans is).

3. *deur-* met aksent + s.n.w. : s.n.w. (12 nie Nederlands nie), bv. *deurbespreking*/*-diens*/*-pad*/*-straat*/*-trein*/*-verkeer*/*-vrag* ens., ook in altwee die hoofbetekenisse wat elders gegee is (§ 64.4 A2).

Dié uitbreiding is nie volkome normaal nie, want terwyl alle Nederlandse voorbeelde op een na (naamlik Afrikaans *deurweg*, Nederlands *doorweg*), 'n stam met 'n s.n.w.-korrelaat en 'n werkwoord-korrelaat as tweede komponent het, bv. *deurbraak* < *doorbreken*, *deurgang* < *doorgaan*, *deurslag* < *doorslaan*, *deursnee* < *doorsnijden*, *deurvaart* < *doorvaren* ens., het ten minste 7 van die 12 nie-geërfdes stamme met s.nw.-korrelate wat geen werkwoord-korrelate ook het nie, naamlik *deurbank*, *deurdrif*, *deurkonnossement*, *deurpad*, *deurstraat*, *deurtrein* en *deurvrag*. (Of Engels *through* hierby miskien 'n rol gespeel het?)

4. *deur-* sonder aksent in b.nwe. (9), bv. *deurdonker*/*-draad*/*-druis*/*-marmar*/*-nerf*/*-skuim* ens., in die gegewe betekenis (§ 64.4, B2).

Teenoor die Nederlandse feite, naamlik dat al ons geërfde Nederlandse voorbeelde (behalwe miskien *deurbak*) byvoeglike gebruikte deelwoorde is, bv.

<i>deurdag</i>	<i>doordenken</i>	<i>deurrimpel</i>	<i>doorrimpelen</i>
<i>deurdronge</i>	<i>doordringen</i>	<i>deurskote</i>	<i>doorschieten</i>
<i>deurlede</i>	<i>doorlijden</i>	<i>deurson</i>	<i>doorzonnen</i> ,

staan die feit dat 5 van ons 9 eievorminge geen verband hou met werkwoorde nie, nl. *deurdonker*/*-draad*/*-marmar*/*-nerf* en *-spier*, net een is ook werkwoord, naamlik *deurdruis* en een bevat die woord *skuim* wat werkwoord en s.n.w. is.

Dit lyk waarskynlik dat ons dan die tweede komponente in bv. *deurrimpel*/*-son*/*-sweet*/*-vonk*/*-voor* ens. opgevat het as s.n.w. en dan na analogie daarvan bv. *deurdraad*/*-marmar*/*-nerf* ens. gaan vorm het. (Vergelyk ook 2 (d) onder Diachronie hiervan.)

5. *deur-* met aksent in b.nwe. (2 voorbeelde), nl. *deurgesleep* en *deurkop*.

Verder moet in verband met die hele uitbreiding van komposita met

*deur-* as ongewoon gesien word die uitbreiding met *deur-* sonder die aksent daarop: naamlik 36 werkwoorde en 9 b.nwe. (Kyk 2. en 4. hierbo.) In vergelyking met ander dergelike komposita, sou 'n mens dit nie verwag nie. Die feite hierby is nogtans duidelik: *deur-* in komposita van die onderhawige soort was produktief in Afrikaans.

### § 64.5 om-

*Om-* met die aksent daarop, bv. *ombabbel, ombind, omblaai, omblaas, omboor, omjong, ommelander, ommesy, ompad, omsny, omgeleë, omstedelik* en *omdat* (? aksentplasing onseker), kom in baie meer Afrikaanse woorde voor (148 uit 'n lys van 216: 68.5%) as *om* sonder die aksent daarop, bv. *omarm, omfladder, omfloers, omgeef, omglans, omgloor, omgord, omgrens, omhein, omhels, omliggende, omsigtig, omheen, omhoog, omlaag, omtrent, omver* en *omréde* (68 uit 216: 31.5%).

Omdat verskeie woorde meer as een betekenis het, bv. *omklink*: „die ente omslaan sodat hulle nie los kan gaan nie; omgooi (plat); deur slaan of skiet laat neerval”, word hier verder met die getal betekenisse gewerk liewer as met die getal woorde.

#### A. Dié met die aksent op die om-, het die volgende sisteem:

1. *Om-* + stam met werkwoord-korrelaat (135: 62½% van die totale lys van 216) gee te kenne:

- (a) „onderstebo”, bv. in *omblaas, omdolwe, omdruk, omeg, omkantel, omloop, omruk* ens. (46 uit 161 betekenisse: 28½%). Dit is die dominerende waarde;
- (b) „toe, rondom”, bv. in *ombind, omdoen, omkom, omkruip, omlê* ens. (31 uit 161: 19%);
- (c) „(na 'n) ander kant toe”, bv. in *omblaai, ombuig, omdraai, omhaal, omkonkel, omplooi, omrol* ens. (25 uit 161: 15.5%);
- (d) „anders, tot iets anders . . .”, bv. in *ombou, omgiet, ommunt, ompak, omreken, omsit* ens. (21 uit 161: 13%);
- (e) „(al) in die rondte”, bv. in *omdool, omdraf, omgaan, omroer, omsnel, omstaan* ens. (16 uit 161: 10%);
- (f) „agtertoe”, bv. in *omkyk, omsien, omspring, omswaai, omvlieg* ens. (8 uit 161: 5%);
- (g) „heen en weer” (dikwels baie naby aan groep (e) hierbo), bv. in *om-sleep, omslinger, omswabber, omswalk, omswalp* ens.) 6 uit 161: 3.5%.

**Opn.:** Die ander waardes is persentueel volkome onbelangrik en in elk geval tog verwant met die voorgaandes, bv. in die volgendes (*die tyd*) *ombabbel, (iets met of in jou) omdra, (die tyd) omkry, omruil, omsukkel* ens.

2. *Om-* + stam met s.nw.-korrelaat kom min voor (9 uit 'n lys van 216:  $\pm 4\%$ ) en het verspreide waardes, nl.

(a) „aangrensend, rondom”, soos in *ommelander* (met 'n Nederlandse vorm), *omstreke*, *omwêreld*, *omwoners*;

(b) „ander, aan die ander kant”, bv. *ommesy* (ook met 'n Nederlandse vorm);

(c) „nie reguit nie”, bv. *ompad* en *omweg*;

(d) „hele”, of ook wel „rondom”, bv. *omsny* ens.

**Opm.:** *Om-* + stamme met ander woordsoorte is te min in getal dan dat daar sprake van 'n sisteem kan wees. Dit behels onder meer die volgende tipes: (a) *omgeleë*, *omstedelik*, (b) *omdat*.

B. *Dié sonder die aksent op die om-, het die volgende sisteem:*

1. *Om-* + stam met ww.-korrelaat : werkwoord (42 uit 'n totale lys van 216: 19+%) gee te kenne „om . . . heen, rondom”, bv. in *omfladder*, *omglans*, *omhul*, *omklee*, *omklem*, *omknel*, *omseil*, *omslinger*, *omsluier*, *omsluit*, *omsnoer*.

**Opm.** 1. *Omskryf* „noukeurig skriftelik vaslê” sluit by bostaande aan, maar is nie sonder meer identies daarmee nie.

2. *Om-* in *omskep* (wat so dikwels in Afrikaans voorkom), met die betekenis „tot iets anders . . .”, sluit glad nie by dié aksentgroep aan nie.

3. Die groep behels verskeie woorde waarvan die simplicia in Afrikaans òf nie bekend is nie òf weinig bekend, bv. *omhein*, *omhels*, *omraster*, *omswalp* ens.

4. Heelwat gevalle wat in Nederlands aangegee word as gevorm van *om-* + stam met ww.-korrelaat, kàn dit van sinchroniese standpunt ook wees, maar kan eweneens *om-* + stam met s.nw.-korrelaat, wees, of nèt *om-* + stam met s.nw.-korrelaat, bv. *omgrens*, *ompaal*, *omskans*, *omvadem* ens.

5. Afrikaans *omvâar* het al die Nederlandse betekenis van *omvaren*, maar die Nederlandse woord het alleen die klem op die *òm-*.

2. *Om-* + stam met s.nw.-korrelaat : werkwoord (18 uit 216: 8½%), het ook meesal die enkele waarde „om, om . . . heen, rondom . . .”, bv. in *omarm*, *omkors*, *omlys*, *ommuur*, *omnewel*, *omrand*, *omring*, *omvleuel* ens.

**Opm.:** Enkeles hiervan bevat 'n woordkorrelaat naas die stam wat in Afrikaans nie, of nie goed bekend is nie, bv. *omfloers*, *omswagtel*.

3. *Om-* + stam met bw./b.nw.-korrelaat is 'n klein, onhomogene groep, ook semanties, bv. *omheen*, *omhoog*, *omlaag*, *omliggende*, *omsigtig*, *omstrede*. Hulle vormingswyse word onder hoofde van die geneties nader bespreek.



### *Diachronie*

*Om-* het twee betekenis.

1. *Om-* is meesal (211 uit 216 : 97.5%) die bywoord *om*, nl. in verbinding met

(a) alle werkwoorde,

(b) alle s.nw. wat werkwoorde en s.nw. vorm, en

(c) byvoeglik gebruikte deelwoorde.

Bywoord + werkwoord is 'n gewone tipe kompositum, oud en talryk; bywoord + s.nw. is ook oud, maar was nog altyd beperkter in getal as bywoord + werkwoord.

2. *Om-* is, diachronies beskou, 'n voorsetsel in die volgende gevalle :

(a) 'n groeie wat bywoorde vorm, nl. *omhoog, omlaag, omver*. Dié het in Nederlands ontstaan uit woordgroeie met *om* + resp. *hoog, laag* en *ver*, waarin dié woorde as s.nw. beskou moet word. *Omtrent* het ontstaan soos die vorige drie, uit 'n tans verdwene b.nw. *trend* „rond”;

(b) *omdat* < voorsetsel *om* + voornaamwoord *dat*.

(c) *omrede* (voegwoord en voors.), in Afrikaans ontstaan uit die voors. *om* + s.nw. *rede*, moontlik uit vraag- en antwoordsinne van die tipe : *Jy sê hy het dit gedoen om 'n rede of redes . . . ? Ja, om rede . . . hy was siek*, wat dan saamgetrek word tot *omrede* en dieselfde woordorde kry as *omdat*, bv. . . . *omrede hy siek was*. Dié tipe ontstaan dus uit sinsverband, en nie analogies soos die voriges nie.

### *Produktiwiteit*

*Om*-verbindings in Afrikaans is die meeste uit Nederlands geërf (93%), net 15 uit 216 voorbeelde is nie ook in Nederlands gevind nie. Dit kan in die volgende groeie saamgevat word :

1. stam met bywoord-korrelaat *om* + stam met ww.-korrelaat : werkwoord, bv. *ombraak, omdolwe, omdop, omkristalliseer, ommunt, omstamp* ens. (9 gevalle). Almal val binne die gesketste betekenis- en aksent-sisteme (kyk A 1. (a) tot (d)). Almal het die aksent op die *om*. Daar is geen nuwe in Afrikaans met die aksent op die werkwoord nie.

2. stam met bywoord-korrelaat *om* + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw., naamlik *ompad, omsny* en *omwêreld*. Hulle is van dieselfde tipe as Nederlands en Afrikaans *omstreke, omvraag, omweg*.

**Opm.** 1. Stam met bw.-korrelaat *om* + stam met s.nw.-korrelaat : werkwoord. Net *omkraál* is nie in Nederlands gevind nie. Dis klaarblyklik analogies gevorm.

2. Die res van die verskille is reeds bespreek.

Alleen die geaksentueerde *om-* met stam + ww./s.nw.-korrelaat (> s.nw.) was dus in 'n mate produktief in Afrikaans.

## § 64.6 onder-

*Onder-* met die aksent daarop kom in baie meer Afrikaanse komposita voor as sonder die aksent daarop (met : 108, sonder : 49), bv. *ondergaan*, *ondergooi*, *onderhou*, *onderskry*, *ondersit*, *onderverdeel*, *onderverhuur*, *onderverseker* ens., teenoor *onderbreek*, *onderdruk*, *ondergaan*, *ondergrawe*, *onderhandel*, *onderhou*, *onderhuur*, *onderken*, maar daar is meer werkwoorde met die aksent nie op die *onder-* nie (33, teenoor dié met die aksent op die *onder-* : 22).

A. Dié met die aksent op die *onder-* vorm die volgende semantiese sisteem:

1. *Onder-* in stam met ww.-korrelaat (22 voorbeelde) beteken „nie bo nie, bedek, op 'n lae(r) plan of vlak, ondergeskik, ontoereikend . . . ens.”, bv. in *onderbly*, *onderbring*, *onderdompel*, *onderdruk*, *onderduik*, *onderskuif*, *onderspit*, *ondersteek* ens.

2. *Onder-* in stam met s.nw.-korrelaat (die talrykste groep : 69 voorbeelde) beteken wesenlik dieselfde as in 1., bv. in *onderaansig*, *onderadmiraal*, *onderafdeling*, *onderarm*, *onderbaadjie*, *onderbeen*, *onderbetaling*, *onderbevelhebber*, *onderbos*, *onderbou*, en ook in

3. stam met bywoord-korrelaat, bv. *onderaan*, *onderdeur*, *onderin*, *onderlangs*, *onderom*, *ondertoe*, *onderuit*, en

4. stam met b.nw.-korrelaat, behalwe dat die gedagte van „minder as die normale of die toereikende” hier meermale voorkom, bv. in *onderbelig*, *onderbevolk*, *onderbewus*, *ondernormaal*, *ondersees* en *ondersersadig*.

In vergelyking met *om-*, *oor-* is dit dus 'n eenvoudige sisteem.

B. Woorde met *onder-* sonder die aksent daarop, het dikwels 'n mate van betekenisisolasië, bv. in *onderrig*, *ondersoek*, *ondervind*, *onderwys*, maar daar is tog enkele duidelike waardes :

1. Stam met ww.-korrelaat met *onder-* beteken meesal wesenlik „op lae(r) vlak” of „tussenin doen wat die woordkorrelaat van die stam noem”. „Op lae(r) vlak” kan dan

(a) „steun” wees omdat dit sake bevorder, soos in *onderhou*, *onderrig*, *onderskryf*, *onderspan*, *ondersteun*, *onderstreep*, *onderstut*, *onderteken* en *ondervang*, ðf

(b) dit kan „verwydering van steun” te kenne gee, soos in *onderdruk*, *ondergrawe*, *onderkruip*, *onderskuif* en *onderwerp*, ðf

(c) dit kan te kenne gee „'n tussenbeikom tussen twee vlakke”, soos bv. in *onderhandel*, *onderken*, *onderskei* en *ondertrou*, miskien ook *onderbreek* en *onderskep*. Ander waardes sluit almal hierby aan, bv. *onderhuur*, *onderskat* ens.

2. Stam met b.nw.-korrelaat met *onder-* (sonder aksent) kom min voor (10 uit 'n grootlys van 157) en het semanties nouliks enige sisteem, maar sluit tog in 'n sekere sin aan by die ander waardes van die ww.-korrelate onder 1. hierbo, naamlik „op 'n lae(r) vlak”, bv. in *onderaards*, *onderduims*, *onderhawig*, *onderhewig*, *onderhorig*, *onderleg*, *ondermaans* en *onderworpe*.

**Opm.** 1. Die helfte is dan ook byvoeglik gebruikte deelwoorde, nl. *onderbroke*, *onderhorig*, *onderleg*, *onderliggend* en *onderworpe*.

2. Die res bevat nie die bywoord *aan* nie, maar die voorsetsel, nl. *onderaards* „diep in die grond”, *onderduims* „in die geheim; skelm; agterbaks”, *onderhawig* „teenwoordige, betrokke, hierdie”, *onderhewig* „aan iets lydende, onderworpe aan” en *ondermaans* „op aarde, aards”.

3. Die ander woordsoorte, te wete vyf bywoorde en twee s.nwe., vorm nie 'n sisteem nie. Hulle is *ondereen* „deurmekaar, saam”, *ondertussen* „in die tussentyd”, *onderweg* „op die pad”, *onderwyl* „in die tyd, intussen; terwyl”, *onderdak* „skuiling, verblyf, herberg”, *onderonsie* „huislike fees”.

C. *Onder-* met en sonder aksent by dieselfde stamme, kom ook 'n enkele keer voor, bv. *ónderdruk* /-gaan/-hou, *onderdrúk* /-gáan/-hóu, maar te min om 'n sisteem te vorm.

#### *Diachronie*

*Onder-* het hier duidelik twee betekenis.

1. *Onder-* is meesal die bywoord, naamlik in

(a) alle werkwoorde,

(b) s.nwe. met die aksent op die *onder-*,

(c) alle bywoorde met die aksent op die *onder-*, en

(d) dié b.nwe. wat na hulle vorm deelwoorde is.

(a) en (c) is samekoppeling, (d) kom van samekoppeling, en (b) is samestelling. (Vergelyk verder § 15.3.)

2. *Onder-* is die voorsetsel *onder* in

(a) die bywoorde *onderhands* /-een/-tussen/-weg/-wyl,

(b) die b.nwe. wat nie met werkwoorde verband hou nie, nl. *onderaards* /-duims/-hawig/-hewig en *ondermaans*, en

(c) die s.nwe. *onderdak* en *onderonsie*.

**Opm.:** *Onderkant* bevat die bywoord *onder* en word tot bywoord en voorsetsel van die s.nw. *onderkant* in woordgroepe soos *aan de onderkant van de . . .* soos byvoorbeeld in Wikar se Reisverhaal.<sup>1</sup>

1. Hierdie taalkundige verskynsel in H. J. Wikar se Reisverhaal word bespreek deur J. L. M. Franken in „Die Taalgebruik van Wikar”, *Taalhistoriese Bydraes*, 155.

Alle verbindings met die voorsetel *onder* as eerste komponent, het uit woordgroepe ontstaan, meesal in Nederlands reeds, bv. *onderdak* (Nederlands s.nw.; Van Dale), *ondereen*, *onderweg* ens. Hulle is nie analogies produktief nie.

#### *Produktiwiteit*

*Onder-* was weinig produktief in Afrikaans: van die 157 wat nageslaan is, is 146 in Nederlands gevind, bv.

<i>onderaan</i>	<i>onderduims</i>	<i>onderhou</i>	<i>onderaansig</i>
<i>onderaf</i>	<i>onderhawig</i>	<i>onderhuur</i>	<i>onderadmiraal</i>
<i>onderdeur</i>	<i>onderdruk</i>	<i>onderken</i>	<i>onderafdeling</i>
<i>onderbelig</i>	<i>onderduik</i>	<i>onderkruip</i>	<i>onderarm</i>
<i>onderbewus</i>	<i>ondergaan</i>	<i>ondertussen</i>	<i>onderbaadjie</i>
<i>ondersees</i>	<i>ondergooi</i>	<i>onderweg</i>	ens.
<i>onderaards</i>	<i>onderdruk</i>	<i>onderwyl</i>	

Die elf wat nie gevind is nie, bevat almal die geaksentueerde *onder* en lê in die volgende groepe:

1. Bywoord, in die betekenis „op lae(r) vlak”, naamlik die woord *ondertoe*.

**Opm.** 1. *Onderdak* as bywoord, bv. in *êrens onderdak kom*, is nie Nederlands nie, maar dieselfde woord as s.nw. is wel Nederlands, bv. in *onderdak vinden/krijgen*.

2. *Onderkant* as s.nw. is ook Nederlands, maar as bywoord en voorsetel net Afrikaans (< *aan de onderkant* en/of *aan de onderkant van*).

2. B.nw., in die betekenis „onvoldoende, minder as”, naamlik in *onderbevolk*, *ondernormaal* en *onderversadig*.

3. Die werkwoord *onderverseker*, en

4. s.nwe., in die betekenis

(a) „minder as die vasgestelde”, nl. in *onderbetaling* en *ondergewig*,

(b) „onderste of laer as . . .”, nl. in *onderbos* en *ondergordyntjie*,

(c) „ondergeskikte, bykomstige . . .”, nl. in *onderkamp*, en

(d) die s.nw. *onderveld*.

Die talrykste groep (*onder* as bywoord + s.nw. : s.nw.) was dus die produktiefste in Afrikaans. Die toekoms bring waarskynlik meer hiervan.

#### § 64.7 oor-

*Oor-* met die aksent daarop, bv. *ooraangenaam*, *oorbagasie*, *oorbak*, *oorbalsem*, *oorbekend*, *oorbekwaam*, *oorbelangrik*, *oorbelas*, *oorbeleef*, *oor-*

*belig, oorbemes*, kom in baie meer Afrikaanse woorde voor as *oor-* sonder die aksent, bv. *oorbie, oorbluf, oorbodig, oorboord, oorbrug* ens. (met aksent: 410 uit 'n lys van 539: 76%; sonder aksent: 129 uit 'n lys van 539: 24%).

**A. Dié met die aksent op die oor- het die volgende sisteem:**

1. *Oor-* + stam met b.nw.-korrelaat (12% van die lys) gee te kenne „baie, besonder, oordrewe, te . . .”, bv. in *oorbillik, oordiep, oorduidelik, oor-ellendig, oorererstig, oorgaaf, oorgaar*.

2. *Oor-* + stam met s.nw.-korrelaat (12% van die lys) gee te kenne  
(a) „te veel, meer as wat nodig, gewens ens., is . . .”, bv. in *oorbagasie, oorbetaling, oorbevrugting, oorgewig, oorlas, oormaat* ens.;  
(b) „bo-oor, oor die ander heen, buite, boonste ens. . .”, bv. in *oorbroek, oorgoed „bo-klere”, oorgordyn, corhemp, oorjakkie, oorkouse* ens.

**Opm.:** In *oorgrootmoeder/-ouers/-vader* beteken *oor-* ongeveer „die een wat een geslag voor die genoemde (bv. grootmoeder, -vader ens.) kom”.

3. *Oor-* + stam met ww.-korrelaat (52% van die lys) gee te kenne „weer, nog 'n keer, oor . . ., heen . . .”, bv. in *oorbruis, oorbuig, oorbuk, oordoën, oordoop, oordors, oordra, oordraai, oordraf, oordreutel, oordribbel, oordroog* ens.

**B. Dié met die aksent nie op die oor- nie, het die volgende sisteem:**

1. *Oor-* + stam met ww.-korrelaat gee te kenne „te veel, verder, hoër ens. doen wat die werkwoord-korrelaat van die stam noem”, soos bv. in *oorbie, oorbluf, oorbulder, oordawer, oordek, oordoën, oordryf, ooreet, ooreis* ens.

2. *Oor-* + stam met s.nw.-korrelaat benoem dieselfde gesigspunte as die voorsetsel *oor-*, meer bepaald tyd en plek, soos bv. in *oorboord, oordag, oorhoop* (die beste bekend in die vorm *oorhoops*), *oorland, oornag* (is ook werkwoord), *oorsee, oorweg* (weinig gebruiklik; meesal: *oor die weg* in bv. *met iemand oor die weg kom* ens.

**Opm.:** Omdat die meeste verbindings met *oor-* uit Nederlands geërf is (516 van 'n lys van 539), word die Nederlandse ontstaanswyse aangegee. *Oorbrug* lyk na *oor* + stam met s.nw.-korrelaat *brug*, maar bevat die Nederlandse werkwoord.

Tog kan nie altyd met sekerheid gesê word of ons met erfgoed te make het of nie. *Oorduister* kan van Nederlans kom, maar word deur

die WNT „ongewoon” genoem. *Ooreis* korrespondeer met *overeischen*, maar Van Dale en die WNT gee net as die betekenis „... van den koop-prijs van iets. Meer vragen dan billijk is”, en noem glad nie die Afrikaanse betekenis „jou te veel inspan” of die refleksiewe Afrikaanse gebruik *my/jou/hom ooreis* nie.

3. *Oor-* + stam met b.nw.-korrelaat of bywoord-korrelaat gee te kenne „rigting, bo-oor, verspreiding ens. ten opsigte van wat deur die woord-korrelaat van die b.nw./bw.-stam genoem word” soos bv. in *oordwars*, *oorheen*, *oorjarig*, *oorkruis*.

**Opm.:** In *oral* (dikwels *orals*) en *orent* is daar volkome betekenisisolasië.

*Oorbodig* bevat ’n woord *bodig* wat vermoedelik saamhang met *bied*.

*Oortollig* bevat ’n ou vorm van die woord *tal* „getal”.

*Ooreen* bevat die voors. *oor* en die selfstandig gebruikte *een* met die betekenis „mekaar”.

*Oorhans* (ook in die vorm *oorhands*) bevat die woord *hand* plus ’n adverbiale *-s*.

*Oorhoeks* is, in Nederlands, met *s* gevorm van die s.nw. *oorhoek*.

*Oorlangs* bevat nie die voorsetsel *langs* nie, maar kom van *over* + *lang* + adverbiale *s*, waarin *lang* verstaan kan word as „lang” of „langste kant”.

*Oorstuur* (ook *oorstuurs*) bevat die s.nw. *stuur* en is dus vergelykbaar met bv. *oorboord*.

*Oorhaastig* het in sommige sprekers se taal die aksent op die *oor-*, en in ander s’n op die *-haastig*.

*Oorlams* kom via Nederlands *gorlam*, via Maleis *orang lama*<sup>2</sup> en is dus nie ’n kompositum met *oor* nie.

C. Daar is ’n stuk of 40 werkwoordpare met die aksent in die een geval op die *oor-* en in die ander geval met die aksent op die ander stam, bv. *óordans*|-dek|-doen|-donder|*drÿf*|-giét en *oordàns*|-dèk|-doén|*dònder*|-dryf|-giét ens.

Semanties en aksentueel bekyk, vorm hulle nie ’n eenvoudige sisteem nie, maar tog een met duidelike dominerende momente. Die semantiese waardes is soos hiervoor uiteengesit, maar waar dit hier gaan om die semantiese sisteem by pare met kontras-aksent, is dit nodig om fynere onderskeidings te maak.

1. *Oor-* in verbindinge met die aksent op die *oor-* beteken

(a) „nog ’n keer, weer”, soos in bv. *oórdans*|-dek|-doen|-leer ens. (28 uit 41 gevalle);

(b) „anderkant toe”, soos in *oordryf*|-jaag|-ruk|-roei|-wen ook (*oórwinn*: „na ’n ander kant of standpunt wen”) ens. (9 uit 41 gevalle); en

2. Boshoff, S. P. E.: *Etimologiese Woordeboek*.

(c) „bo-oor, af” bv. in *oórdonder* „oórval” /-rank/-stroom/-tree (4 gevalle).

2. *Oor-* in verbindings met die aksent nie op die *oor-* nie, beteken

(a) meesal „te veel, oormatig, meer of langer as wat gewoon, nodig, gesond, verstandig, gewens ens. is”, bv. in *oordàns* /-doén/-drýf/-laái/-skàt /spàn ens. (16 uit 41 gevalle);

**Opm.:** ’n Paar gevalle sluit wel hierby aan, maar is nie sonder meer dieselfde nie, bv. *oorléef* „langer lewe as iemand of iets anders”, *oorskryf* „aansoeke ontvang om meer aandele as wat beskikbaar is”, *oorstèm* „met meerderheid van stemme wen”, *oortroéf* „hoër troef as ’n ander”, (miskien) *oorwin* „volkome wen” ens.

(b) „toe, heeltemal toe, oor die hele oppervlakte”, bv. in *oordèk* /-giét /-pleiester /-rànk /-stroóm /-stuiif ens. (7 uit 41 gevalle).

**Opm.:** Ook hier is daar gevalle wat naby mekaar kom maar nie sonder meer dieselfde is nie, bv. *oorsién* („die geheel sien”, d.w.s. „verstaan” ens.), *oorspoél* „bo-oor die geheel spoel”, *oorvâl* „onverwags toe val” ens.

(c) In die ander gevalle is daar nie noemenswaardige groepe nie. Onder meer kry ons die volgende:

(1) min of meer geen duidelike waarde nie, bv. *oorkòm* (?), *oorlé* (weinig gebruiklik), *oorréik*, *oortuíg*, *oorweég*;

(2) „tot stilswye of onaktiwiteit bring” soos in *oordònder* ens.

3. Wat ons nou wil weet, is of sekere waardes van *oor-* mèt aksent gekoppel is aan sekere van *oor-* sònder aksent. Die antwoord is: net gedeeltelik. Die hoofgroepe is die volgende:

(a) die betekenis „weer, nog ’n keer” is gekoppel met dié van „te veel, oormatig, meer as gewoonlik” ens. (12 gevalle), bv.

betekenis „weer”: *oordans* /-doen /-leer /-sing /-skat /-voer /-vra /-werk;

betekenis „te veel”: *oordàns* /-doén /-léer /-sing /-skàt /-voér /-vrá /wèrk ens.;

(b) die betekenis „weer” ens. is gekoppel met „toe”, bv.

betekenis „weer”: *oórdek* /-pleiester /-poeier;

betekenis „toe”: *oordèk* /-pleiester /-poéier ens.;

(c) die betekenis „anderkant toe” en „te veel” ens. is gekoppel, bv.

betekenis „anderkant toe”: *oordryf* /-jaag /-laai /-roei;

betekenis „te veel”: *oordryf* /-jáag /-láai /-roéi ens.

Maar (b), (c) e.a. is te min in getal om groepe genoem te kan word.

Die hele verhaal kom dus hierop neer 1) dat die betekenis in die kontras-aksentgroep hoofsaaklik „weer” en „te veel” is, en 2) dat betekenisisolasië hoofsaaklik voorkom by die groep wat nié die aksent op die *oor-* het nie.

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

*Oor-* het op hierdie veld duidelik twee betekenis.

1. *Oor-* is meesal die bywoord *oor*, naamlik in verbinding met (a) werkwoorde, (b) b.nwe./bywoorde, (c) dié s.nwe. waarby *oor-* die aksent dra en beteken 1) „te veel, meer as die gewone of normale”; 2) „oor die ander heen, buitenste” en 3) „die een wat in geslag voor die genoemde kom” (vergelyk A. 2. (b) Opm.).

Al hierdie gevalle is samestellinge (*oor-* + s.nw./b.nw.) of samekoppeling (*oor* + ww.).

2. *Oor-* sonder aksent, met s.nwe. verbind, met die betekenis van groep B.2., is die voorsetsel *oor*, en dié verbindings het reeds in Nederlands uit woordgroepe ontstaan :

*oorboord* Ndl. *overboord*

*oorland* Ndl. *overland*

*oordag* Ndl. *overdag*

*oornag* Ndl. *overnacht*

*oorhands* Ndl. *overhands*

*oorsee* Ndl. *overzee*

*oorhoop* Ndl. *overhoop*

*oorstuur* Ndl. *overstuur*

*oorkruis* Ndl. *overkruis*

*oorweg* Ndl. *overweg*

**Opm.:** *Oorkôrsting* sal wel 'n Nederlandse afleiding van die ww. *overkôrsten* wees, hoewel die WNT nie dié s.nw. op *-ing* gee nie.

3. *Oor-* sonder aksent, met b.nwe./bywoorde verbind, bv. *oorlangs*, *oordwars* is ook almal uit Nederlands geërf.

### *Produktiwiteit*

Uit die voorafgaande het terloops al geblyk dat *oor-* nie baie produktief was in Afrikaans nie: van 539 voorbeelde is ten minste 516 (95½%) ook Nederlands. Die volgende is nie in Nederlands gevind nie – ingedeel volgens woordsoortelike, semantiese en aksentuele sisteem :

1. betekenis „te veel” + stam met s.nw.-korrelaat: *oórbagasië* / *-betaling* / *-beurt* „die beurt van 'n ander by boulwerk in krieket”;

2. betekenis „te veel” + stam met b.nw.-korrelaat: *oórbesorg* / *-gaaf* / *-veilig* / *-volop*;

3. betekenis „te veel” + stam met ww.-korrelaat: *oórbewei* / *-filtreer*;

4. betekenis „te veel”, sonder aksent + stam met ww.-korrelaat: *oordàns* / *-dáwer* / *-eïs* / *-ploég* / *-swèm* / *-trèk*;

5. betekenis „weer” + stam met ww.-korrelaat: *oórdans* / *-krap* / *-suiker* / *-toets* / *-tuig*;

**Opm.:** *oórtuig* is moontlik gevorm naas *áftuig*, dus nie s.m. van die s.nw. *tuig* nie.

6. betekenis „bo-oor, anderkant toe” + stam met ww.-korrelaat: *oórdruk* / *-wikkel*;

7. betekenis „bo-oor die / 'n ander, buitenste” + stam met s.nw.-korrelaat: *oórstewel*.



Dit toon dus produktiwiteit ten opsigte van elkeen van die hoofmomente van die geërfde sisteem, met die tipe 4. *oordans/-dâwer/-eis/-trèk* ens. as die getalsterkste. Dit is die tipe sonder die aksent op die *oor-*. Die ander ses tipes, met aksent op die *oor-*, toon minder uitbreiding en ook hoofsaaklik ten opsigte van die tipes 2., bv. *oórbesorg/-gaaf/-veilig* ens. en 5. bv. *oórdans/-krap/-suiker/-toets* ens. Dit is dus die drie tipes wat die talrykste in Nederlands is, wat hulle terrein in Afrikaans die ruimste uitgebrei het.

Dat daar produktiwiteit was (en miskien nog is), word verder bewys deur verbindings van *oor* met woordgroepe, bv. *oor diep genoeg*,<sup>3</sup> *oor ver genoeg*, *oor te veel*, waarin *oor* beteken „heeltemal, volkome, meer as” ens. Hiervan kon geen voorbeelde in Nederlands gevind word nie.

Die vorige paragrawe moet nogtans nie so gelees word asof Afrikaans nou meer woorde met *oor-* het as Nederlands nie. Die teenoorgestelde is waar: in die WNT is daar byna ’n duisend wat ons nie in Afrikaans ken nie, bv.

<i>overaardig</i>	<i>overamperen</i>	<i>overbaat</i>	<i>overbars</i>
<i>overaards</i>	<i>overander</i>	<i>overbaden</i>	<i>overbarig</i>
<i>overachtbaar</i>	<i>overanderdaags</i>	<i>overband</i>	<i>overbed</i>
<i>overadellijk</i>	<i>overanen</i>	<i>overbank</i>	ens.
<i>overalpisch</i>	<i>overazen</i>	<i>overbankvuur</i>	
<i>overambt</i>	<i>overbaas</i>	<i>overbannen</i>	

Dit is maar die ou storie *oor*: die grootste gedeelte van die Afrikaanse woordeskat is of skyn ook Nederlands te wees, maar die hele Nederlandse woordeskat is (nog) nie Afrikaans nie.

#### § 64.8 tussen-

Verbindings met *tussen-* kom so min voor (51 voorbeelde), op drie na, nl. *tussenboot*, *tussensoort* en *tussenverkiesing* is almal ook Nederlands en dié drie volg ook presies die Nederlandse model, dat, hoewel daar ’n enkele vorm voorkom met die aksent nie (altyd) op *tussen-* nie, nl. *tussenbei(de)* (wat ook Nederlands is) dit verder onbespreek gelaat word.

#### § 64.9 uit-

A. Komposita met *uit-* kom wel in groot getalle voor (hier word gewerk met 412), maar het ’n beperkter woordsoortelike en semantiese veld as die meeste ander. Hulle is naamlik hoofsaaklik werkwoorde (346 van

3. Oor die skryfwyse hiervan bestaan daar nog geen reëling nie. Die mees verdedigbare lyk *oordiepgenoeg*, *oorteeveel* ens.

die 412: 84%), bv. *uitbagger*, *uitbak*, *uitbaken*, *uitbaklei*, *uitban*, *uitbars*, en hulle betekeniswaardes is die volgende:

1. *Uit-* + stam met ww.-korrelaat, met die aksent op *uit-*, beteken

(a) „na buite, uitmekaar, buitenshuis, in die openbaar, los”, bv. in *uitasem*, *uitbars*, *uitbesem*, *uitbly*, *uitbons*, *uitboor*, *uitbot*, *uitbreek*, *uitbring*, *uitdop* ens.;

(b) „diep(er), van onder af boontoe, beter, kragtiger, groter”, bv. in *uitbagger*, *uitblink*, *uitborrel*, *uitbot* ens.;

(c) „klaar, gaar, dood, ophou met, tot die end toe”, bv. in *uitbak*, *uitblaas*, *uitbloei*, *uitblus*, *uitboer*, *uitbrand*, *uitdien* ens.;

(d) „oral, wyd, ruim, weg, skoon”, bv. in *uitbasuin*, *uitblaker*, *uitblêr*, *uitboender*, *uitborrel*, *uitkalf* | *uitkalwer*, *uitkam* ens.

2. *Uit-* + stam met s.nw.-korrelaat, met die aksent op *uit-* (32 voorbeelde), bv. *uitbraak*, *uitbrander*, *uiteinde*, *uitgaaf* | *uitgawe*, *uitgang*, *uitgeleide*, veral met die betekeniswaardes

(a) „na buite, van buite”, bv. in *uitgeleide*, *uitgang*, *uitkoms*, *uitlander*, *uitmars*, *uitreis*, *uitsig*, *uittog*, *uitweg* ens., en

(b) „los, weg, vry, verwyderd, ver”, bv. in *uitbraak*, *uithoek*, *uitskot* ens.

3. *Uit-* + stam met b.nw.-korrelaat, met die aksent op *uit-* (8 voorbeelde), veral met die betekeniswaardes

(a) „volkome, volledig, klaar”, bv. in *uitgeëet*, *uitgeleer*, *uitgeslaap*, en

(b) „tussen ander uit, bo ander”, bv. in *uitgelese*, *uitverkore* ens.

**Opm.:** Die enkele voegwoorde/voorzetsels *uitgenome* en *uitgesonderd* regverdig nie 'n besondere semantiese bespreking nie.

B. *Uit-* sonder aksent +

1. stam met b.nw.-korrelaat, beteken veral „sonder, buite, weg van, los (van)”, bv. in *uitasem*, *uitbundig*, *uithuisig*, *uitlandig*, *uitmekaar*, *uitemiddelpuntig*, *uitsinnig*, *uistedig* ens.;

2. die volgende stam met b.nw.-korrelaat: *uiteen*, *uitemtreure*, *uiteraard*, *uitermate* is te min om 'n sinvolle aparte bespreking te kry.

### *Diachronie*

Omdat die WNT nog nie tot by *uit* voltooi is nie, is dit nie moontlik om met sekerheid te sê hoe die *uit*-verbindings gevorm is nie. Wat hier volg oor diachronie, is dus meer waarskynlik as seker. Dieselfde geld van die produktiwiteit, maar met dié verskil dat tog wel by Van Dale, Koenen-Endepols e.a. nageslaan kon word hoeveel van die woorde wel of nie Nederlands is.

1. In die volgende gevalle is *uit* 'n voorsetsel en die verbindings daarmee òf samekoppeling uit woordgroepe, nl. *uitasem*, *uitemkaar*, *uiteen*, *uidentreure*, *uiteraard*, *uitermate*, òf samestellende afleidinge (veral met -ig), bv. *uitbundig*, *uitheems*, *uithuisig*, *uitlandig*, *uitemiddelpuntig*, *uitsinnig*, *uistedig*.

2. Alle ander verbindings is samestellinge met die bywoord *uit*, nl.

(a) die werkwoorde, bv. *uitbars*, *uitbasuin*, *uitbeeld*, *uitbeitel*, *uitbesem*, *uitbestee*, *uitbetaal*, *uitblaas*, *uitblaker*;

(b) die s.nwe., bv. *uithoek*, *uitkoms*, *uitlander*, *uitmars*, *uitnodiging*, *uitreis*, *uitset*, *uitsig*, *uitskot*, en

(c) die b.nwe., bv. *uitgeknip*, *uitgelate*, *uitgeleer*, *uitgelese*, *uitgeslaap*, *uitlands*, *uitbundig*, *uiteindelik*, *uitheems*, *uithuisig*, *uitlandig*.

**Opm.:** 1. Die s.nwe. bevat as tweede komponent meesal 'n deverbatief (in 25 uit die 32 gevalle), bv. *uitbraak*|-brander|-gaaf|-gawe|-gang|-geleide|-gesponnenheid|-gewekene|-geworpene|-gifte ens. *Uiteinde*, *uitham*, *uithoek* en *uitweg* is van die weiniges met 'n nie-deverbatiewe s.nw.

2. Ook die meeste b.nwe. met die aksent op *uit*- is deverbatiewe (deelwoorde > b.nwe), bv. *uitgeëet*|-geknip|-gelate|-geleer|-gelese|-geslaap (7 uit die 8).

3. Die tweede komponent in b.nwe. sonder die aksent op *uit*-, hou verband met die s.nw.-groep, bv. *uiteindelik* met *uiteinde*; *uitlandig* met *uitlander*, en soms met hulle kontrasvorme, *uitheems*, *uithuisig* en *uitwendig* met *inheems*, *inhuisig* en *inwendig*.

3. Alle tipes verbindings met *uit*-, met of sonder aksent, is Nederlandse erfgoed.

### *Produktiwiteit*

Die verhaal hier is uiters eenvoudig: net 30 van ons werkwoorde is nie in Nederlands gevind nie, bv. *uitbaklei*, *uitblêr*, *uitboender*, *uitdolf*, *uithardloop*, *uitjaag*, *uitkaf*, *uitkalf*|*uitkalwer* ens. Hulle is gevorm van *uit*- met die aksent daarop + (a) werkwoord, bv. *uitbaklei*, *uitblêr*, *uitboender*, *uitdolf*, *uitglip* ens., en (b) s.nw., bv. *uitkaf* (en miskien *uitkamp*, *uitpen*, *uitpeul* en *uitstraat*). Sommige hiervan sou ons nie in Nederlands verwag nie, òf omdat die stam met ww./s.nw.-korrelaat nie Nederlands is nie, òf omdat ons vorm daarvan nie Nederlands of nie algemeen Nederlands is nie, bv. *baklei*, *blêr*, *dolf* (*dolwe* < *delf*).

Dat die s.nwe. ook in dié verbindings betrek is, lê voor die hand, omdat die tweede komponent in baie van die geërfde Nederlandse voorbeelde as s.nw. gerealiseer kon gewees het, bv. *uitasem*, *uitbaken*, *uitbesem*, *uitblaker*, *uitboesem*, *uithark*, *uithuwelik*, *uitkaffer*, *uitmond*, *uitrafel* ens.

Dit lyk dus waarskynlik dat *uit*- produktief aangewend is in Afrikaanse verbale komposita.

## §64.10 vol-

Komposita met *vol-* is nie talryk nie: hier word gewerk met 'n lys van 57 voorbeelde.

A. Ons het *vol-* met aksent (21 voorbeelde) in

1. *Vol-* + stam met ww.-korrelaat (10 voorbeelde), veral met die betekenis „totdat of sodat die hele ruimte gevul is”, bv. in *voldra*, *volgiet*, *volgooi*, *volloop*, *volmaak*, *volprop*, *volskink*, *volstaan* ens.

**Opm.:** In *volhou* is die geheelbetekenis geïsoleer.

2. *Vol-* + stam met b.nw.-korrelaat (6 voorbeelde), in die betekenis „volkome, volledig, gevul, die hele”, bv. in *volbek*, *volgeëet*, *voltyds*, *volvet*, net soos in

3. *vol-* + stam met s.nw.-korrelaat (4 voorbeelde), nl. *volmaan*, *volmag*, *volzin*, *voltreffer*.

**Opm.:** Daar is net een voorbeeld met bywoord-korrelaat nl. *voluit*.

B. Ons het 36 voorbeelde van *vol-* sonder aksent:

1. *Vol-* + stam met b.nw.-korrelaat (22 voorbeelde), veral met die betekenis „ten volle, volledig, volkome, totaal”, bv. in *voldrae*, *volgroeid*, *volleerd*, *volprese*, *voltallig*, *volteken*, *volwaardig* ens., dus wesenlik dieselfde as in stam met b.nw.-korrelaat met die aksent op die *vol-*.

2. *Vol-* + stam met ww.-korrelaat (12 voorbeelde), veral in die betekenis „volledig afgerond, volkome, tot die end toe”, bv. in *volbring*, *voldoen*, *voleindig*, *volmaak*, *volmagtig*, *volstaan* ens.

3. Dieselfde waarde is daar in twee voorbeelde van *vol-* + stam met s.nw.-korrelaat, nl. *voleinder* en *voleinding*.

Met net drie (uit 57) voorbeelde moontlik nie geërf nie, nl. *voldra*, *volbek* en *voltyds* (na Engelse model?), kan hier nouliks sprake wees van produktiwiteit.

## § 64.11 voor-

In komposita met *voor-* (251 voorbeelde) lê die aksent meesal op die *voor-* (237 voorbeelde). Hulle sisteem is die volgende:

A. 1. *Voor-* + stam met s.nw.-korrelaat (149 voorbeelde) beteken veral (a) „met iets anders plek- of tydruimtelik daarna of daaragter, (aan) die begin van”, bv. in *vooraand*, *vooraansig*, *voorarm*, *vooras*, *voorbaan*, *voorbeen*, *voorbok*, *voordeur* ens.;

- (b) „voorlopig, vooruit, voorafgaande, voorbereidend”, bv. in *voorarbeid, voorarres, voorbaat, voorberig, voorbode, voorbrand, voorgebed, voor-gebergte, voorgevoel, voorskot* ens.;
- (c) „ten gunste van jouself of ander ‚navolgenswaardig”, bv. in *voorbede, voorbeeld, voorbidding, voorreg, voorspraak, voorsprong* ens.;
- (d) „vroeëre, van voorheen”, bv. in *voorbestaan, voorgeskiedenis, voor-kennis, voortyd, voorvader, voorwêreld* ens.;
- (e) „voorste kant of deel van”, bv. in *voorhoof, voorhuis, voorjaar, voor-kop, voorlyf, voornag, voorskip, voorsomer* ens.

2. *Voor-* + stam met ww.-korrelaat (62 voorbeelde) beteken veral

- (a) „vooraf, van ’n/die vroeë tydpoint af”, bv. in *voorbeding, voorbeskik, voorbestem*;
- (b) „aan die voorkant, eerste, slegs met mense (dinge) na of agter jou”, bv. in *voorbind, voorblaas, voorbly, voorlê, voorloop, voorry, voor-skuiif* ens.;
- (c) „na vore, ter sprake, te berde, onder die aandag, ter oorweging”, bv. in *voorbbring, voorstel*;
- (d) „as voorbeeld, om leiding te gee, as voorbereiding”, bv. in *voordans, voordoen, voorgaan, voorkou, voorlees, voorlieg, voorsê, voorsing* ens.;
- (e) „as voordeel, begunstigend, as hulp of aanmoediging”, bv. in *voorgee, voorkry, voorlig, voortrek* ens.;
- (f) „met ’n ander as die uiterlike doel, misleidend, met ’n (nie-letterlike) masker”, bv. in *voordoens, voorgee, voorhê, voorwend* ens.

**Opm.:** Baie van die werkwoord-korrelate van die stamme het ’n hele verskeidenheid betekenisse wat dikwels nie sonder meer as aspekte van die betrokke selfstandige werkwoord omskryf kan word nie – net soos afleidinge – bv.

*voordoens* „laat deurgaans vir, voorstel; doen as voorbeeld vir ander; plaasvind, gebeur; hom aanbied”;

*voorhaak* „geldelike hulp verleen, byspring; aantrek, voor aanhaal”;

*voorkom* „te voorskyn kom, verskyn, gebeur; aangetref word; voor die hof verskyn; lyk, skyn”;

*voorlê* „inwag, bekruip, in hinderlaag lê; nog in die toekoms afhandel; uiteensit, ter oorweging gee, onder die aandag bring”;

*voorstel* „’n mosie indien; aanbod maak, aan die hand doen; iemand by ander persone bekend stel, nuwe lidmate van ’n kerk aan die gemeente bekend stel; vertoon, die rol speel van; verteenwoordig; verbeel; voor die gees haal, herinner; aan iemand se beslissing onderwerp”.

3. *Voor-* + stam met b.nw.-korrelaat (12 voorbeelde) beteken veral

- (a) „vroeër/ouer/eerder as”, bv. in *voorchristelik, voorgraads, voor-histories*;

(b) „vooraf, reeds, al, al klaar”, bv. in *voorbedag, voorgenome, voor-ingenome, vooropgeset* ens.

4. *Voor-* + stam met bywoord-korrelaat (8 voorbeelde) beteken veral „(tyd- of plekruimtelik) vooraan, na vore, op die voorste plek”, bv. in *vooraan, vooraf, voorin, vooroor, voorop* ens.

**Opm.:** Die enkele voegwoord *voordat* het *voor-* in dieselfde betekenis as in al die ander woordsoorte, nl. „eerste, sonder ander dinge daarvoor” ens.

B. *Voor-* in komposita sonder die aksent op die *voor-* kom so min voor (14 voorbeelde) dat daar nouliks sprake kan wees van ’n betekenisstelsel. Afrikaans ken dit naamlik in

1. stam met ww.-korrelaat, met die betekenis „vooruit, voorspellend, antisiperend”, nl. in *voorkom, voorsê, voorsien, voorspel*;
2. stam met bywoord-korrelaat, sonder groepeerbare betekenis, nl. in *voorasnog, voordese, voorhande, vooruit, voorwaar*; en
3. stam met b.nw.-korrelaat, veral in die betekenis „vroeg, vroeër, vroeër reeds”, nl. in *voorbarig, voormalig, voormeld, voornoem(d)*.

#### *Diachronie en Produktiwiteit*

1. Behalwe in *voorasnog, voordese, voorhande*, wat samekoppeling is en waarin *voor* die Nederlandse voorsetsel is, is *voor* in alle ander gevalle die bywoord *voor* en die komposita is samestellinge.
2. Alle tipes verbindings met *voor-*, met en sonder aksent, is Nederlandse erfgoed, asook die meeste verbindings self (223 van die 251 : 89%).
3. Die Afrikaanse uitbreidings het almal die aksent op die *-voor-*, en behels die volgende:  
(a) s.nwe. (21), bv. *voorbok|-brand|-esel|-jong|-juk|-kis* ens., almal met geërfde betekenissoort, naamlik veral  
(1) „voorste, leier of leidende”, bv. in *voorbok|-esel|-jong|-os*, en  
(2) „vooraf, voorbereidende, voorafgaande”, bv. in *voorbrand|-hel|-ontsteking|-oorlyding|-trek|-verkoeling* ens., en  
(3) „aan die voorkant, slegs met dinge/mense agter jou”, bv. in *voor-juk|-kis|-maag|-punt|-ry* ens.

Die talrykste geërfde groep was dus ook die produktiefste in Afrikaans.

**Opm. 1.** *Voorspoeksel* is nie Nederlands nie en blykbaar ook geen Afrikaanse kompositum nie, maar ’n Afrikaanse kontaminasie van (Nederlands) *voorspoek* en *spooksel*.

2. *Voorkoms* is nie Nederlands nie en waarskynlik ’n afleiding by *voorkom*, in aansluiting by vorme soos *aankoms, byeenkoms, opkoms* e.d.m.

Hoewel soos reeds verduidelik is, ons hier geen presiese Nederlandse gegewens het nie, is daar in verskeie van die eiegoed aanduidinge dat hulle waarskynlik nie geërf is nie, byvoorbeeld die Afrikaanse gebruike in verband met *voorbok* en *voorbrand*, die ossewa in *voorjuk* /-kis/-os en *voortang* (?), ons rugbyspelery in *voorry*, die Groot Trek in *voortrek* ens.;

- (b) werkwoorde (7), nl. *voorbly* /-brand/-dateer/-keer/-kry/-spring en *voorverwarm*. Daar kan verwag word dat hulle almal, behalwe *voorbrand* ook in Nederlands gevind sal word.

Die hoofproduktiwiteit van Afrikaans rondom *voór-* was dus om samegestelde s.nwe. te vorm.

### § 64.12 weer-/weder-

Dit is met komposita met *weer-/weder-* in Afrikaans min of meer gesteld soos met dié *tussen-* en *volg-*:

1. Die getalle is beperk: totaal 59,

- (a) 37 met die aksent op *weer-*, bv. *wedereis*, *wedergeboorte*, *wederhelf*, *we(d)erkoms*, *wederliefde*, *we(d)erontmoeting*, *weerga*, *weergawe*, *weerglans*, *weerhaak*, *weerstorting*;  
(b) 22 met die aksent nie op die *weer-* nie, bv. *wedervaar*, *weergalm*, *weerhou*, *weerklink*, *weerlê*, *weerspieël*.

2. Dit kom uitsluitend in die vier ope woordsoorte voor, naamlik stam met s.nw.-/b.nw.-/bywoord-/ en werkwoord-korrelaat, byvoorbeeld, behalwe die voorbeelde hierbo: *we(d)ergebore* en *weerbarstig*, *wederkerend*, *wederkerig*, *wederregtelik*, *we(d)erspannig*.

3. Die betekenisvorm 'n paar duidelike groepe, veral

- (a) „terug, teen”, bv. in *weergalm*, *weerhou*, *weerklink*, *weerlê*, *weerspieël*, *weerspreek*, *weerstand*, en  
(b) „nog 'n keer, opnuut, by herhaling”, bv. in *wedergeboorte*, *we(d)erontmoeting*, *wederverskyning* ens.

4. Nie alleen is alle woordsoortelike en semantiese tipes ook Nederlands nie, maar elke voorbeeld daarvan is ook Nederlands. Dan het ons hierin wel geen eiegoed nie, maar wel 'n bewys van hoe merkwaardig Nederlands Afrikaans plek-plek ook gebly het.

### § 64.13 Samevattende opmerkinge

Van die 3,400 komposita met *aan*, *agter*, *deur* ens. wat in die voorafgaande bladsye bespreek is,

- (a) is die woordkorrelaat van die eerste komponent in die meeste gevalle

- 'n bywoord (3,278 van die 3,400). Dit is 'n openbaring dat daar dus soveel gevalle is (122) waarin 'n stam met 'n voorsetsel-korrelaat met die volgende woord saamgetrek geraak het tot kompositum;
- (b) is dit veral stamme met werkwoord-korrelate (byna 1,900) en stamme met s.nw.-korrelate (oor die 500) wat as tweede komponent optree;
- (c) het die meeste die aksent op die eerste gedeelte (2,861 van die 3,400) teenoor 539 met die aksent op die laaste gedeelte;
- (d) is die meeste ook in Nederlands gevind (2,890 van die 3,400: 85%), sodat ons hier maar 'n maksimum gesamentlike produktiwiteit van sowat 15% gehad het;
- (e) het die meeste van dié 15% (510) ook die aksent op die eerste komponent (455 van die 510);
- (f) is die moontlike eiegoed met die aksent op die laaste komponent (ongeveer 55), hoofsaaklik komposita met
- (1) die stam met bywoord-korrelaat *oor* (6), nl. *oordáns*|-*dáwer*|-*eis*|-*ploég*|-*swèm*|-*trèk*;
- (2) die stam met bywoord-korrelaat *deur* (45), nl. 9 b.nwe., bv. *deur-dònder*|-*draád*|-*druis*|-*màrmer*|-*nèrf*|-*skuim* ens. en 36 werkwoorde, bv. *deurbliets*|-*droóm*|-*gìs*|-*glàns*|-*knàl*|-*knétter*|-*lùg*|-*sìdder*|-*spook* ens. (Vergelyk verder § 64.4 onder *Diachronie* 2.)

Uit hierdie feite spruit nou sekere vrae, bv.

1. Wat is die historiese feite in verband met die aksentverspreiding in woorde van die onderhawige soort?
2. Waarom is komposita met die aksent op die bywoord, soveel talryker as die ander?
3. Waarom, hoewel ons ook nuwe komposita kry met die aksent nie op die bywoord nie, kry ons dit byna uitsluitend met *deur* en *oor*?

Laat ons begin met die herkoms van die aksentstelsel. Kort saamgevat, was die posisie, volgens Schönfeld, as volg :

„Het woordaccent was in 't idg. vrij; d.w.z. de hoofdtoon rustte afwisselend op de worstelsyllabe, de suffixen en de uitgangen, zoals duidelijk blijkt uit de ablaut (§ 13 v.v.). In 't oudste germ. was dit ook nog het geval, maar al spoedig, nog in gemeengerm. tijd, werd de klemtoon vooraan overheersend, doordat men bij de aanvang van 't woord over de meeste kracht beschikt . . . Toen de klemverschuiving plaats had, had men in 't ogm. nog geen samengestelde w.w., vandaar dat deze in tegenstelling tot de nominale composita de klemtoon op het tweede lid hebben, dat het semantisch belangrijkste deel was; b.v. got. *andbeítan*: *ándabeit*, *aflétan*: *aflèt*, ndl. *verzórgen*: *vóorzorg*, *weestaán*: *wêerstand*, *belúiken*: mnl. *bíloke* ‚klooster‘, nwvla. *blik* ‚omsloten weide‘ (vgl. ook gents *Bijlok(k)e*, naam van een gasthuis) (tegenover b-lok : § 94), *doorzien*: *doórzicht*. Dit



geldt natuurlijk niet voor jongere denominatieven (b.v. *ántwoorden, óór-delen*), evenmin voor jongere samekoppelingen (de scheidbaar samengestelde w.w., b.v. *doórzien*), en omgekeerd evenmin voor substantieven, die van w.w. zijn afgeleid (b.v. *begeerte, onderwijzer*).<sup>4</sup>

Dit wil sê dat die oudste Nederlands kon begin met bv. *aanváren, achter-vólgen, omsluiten, onderwijzen, overdoén, voorkómen* e.d.m., maar dat, as daar jongere komposita met *aan, achter, om* ens. gevorm is, hulle waarskynlik die aksent op die *aan, achter, bij, om* ens. sou kry, soos in bv. *aánlopen, áchterblijven, òmggaan, òndergaan, óvergaan* e.d.m. Hierdie groep word die talrykste, maar verdring die ander nie heeltemal nie, waarskynlik deels omdat die tipe met ongeaksentueerde *aan, agter, by, om, onder* ens. reeds deur hulle ouderdom vaste betekenis gekry het saam met die sisteem of patroon van geen aksent nie. As van die geaksentueerde aanvangselemente nou in nuwe komposita gaan optree waarin hulle dieselfde betekeniswaarde het as in ander wat nie die aksent het nie, sou dit normaal wees indien die talryke nuwe groep die ander aantas sodat hulle aksent ook na vore skuif. Dit het byvoorbeeld gebeur met Nederlands.

Dieselfde het in ander tipes komposita gebeur; Schönfeld sê byvoorbeeld :

„In samenstellingen (samenkoppelingen) is de klemtoon vast (vgl. § 148). Van groot gewicht is daarbij het finale eenheidsaccent, dat in tal van woorden de plaats innam van het initiale waardeaccent b.v. *burgemeéster, hogeschóol, plattelánd*; vgl. ook *boerenzoón: boérenoorlog, herenhúis* (maar in sommige streken *hérenhuis*): *hérendiner, burgermán: búrgerplicht*. Het duidelikst komt dit uit in namen van plaatsen en straten, die immers hoe langer hoe meer hun betekenis zijn gaan verliezen en tot formule zijn geworden, b.v. *Blokzijl, Genemuíden, Haarlemmerméer; Heregrácht, Leidse stráát, Muiderpóort*. Dit finale eenheidsaccent is in oorsprong eigenlijk een zinsaccent; het ontstaan moet vermoedelijk gezocht worden in 't finaal accent van bijeenbehorende woordgroepen; de aldus ontstane categorie heeft zich dan analogisch uitgebreid.<sup>5</sup>

Dieselfde, net in omgekeerde rigting, het gebeur met ander groepe woorde in Nederlands, Schönfeld sê byvoorbeeld :

„In het ndl. is, in principe, het beginaccent van het ogm. bewaard gebleven, maar er hebben zich toch – ook afgezien van het in § 88 reeds besprokene – een reeks van verschuivingen voorgedaan, die deels door ritmische factoren beheerst worden, deels van analogische aard waren.

4. Van Loey, A.: *Schönfeld's historische grammatica van het Nederlands*, 108–109.  
5. *Ibid.*, 111.

Als algemene oorzaak neemt men aan het verzet van de bijtonige syllabe tegen de vervlakkings-tendentie, de drang tot handhaving van de volle vocaalklank. 'Om het gevaar van klankverlies af te wenden zal de volklinkende vocaal met bijkleemtoon altijd een zekere neiging hebben om uit reactie zijn accent te verzwaren'. Zo trokken verschillende suffixen (o.a. *-ig*, *-lijk*, *-baar*, *-zaam*) het accent op de onmiddellijk voorafgaande syllabe, b.v. *misdádig*, *hartstóchtelijk*, *omkoópbaar*, *arbédzaam*. Het uitgangspunt voor deze verschuiving vormen de samenstellende afleidingen op *-ig*. Indien b.v. van *hard* en *hand* door middel van *-ig* een nieuw woord gevormd werd, stietten twee hoofdaccenten samen: *hárdhádig*, en nu ontstond de tendens om het tweede hoofdaccent, dat door het bijaccent van de derde syllabe beschermd werd, de zege te laten: *hardhádig*. Daar kwam bij, dat er al talrijke tweesyllabige bvnw. waren, waardoor men gewoon werd aan een onmiddellijk aan 't suffix voorafgaande accentuering, b.v. *vrúchtbaar*, *heílzaam*, *áárdig* enz. Zo, onder invloed enerzijds van de vele woorden als *hárdhádig*, anderzijds van *heílzaam* enz., werd de klemverschuiving bij deze bvnw. algemeen: *eénvoudig* werd *eenvóúdig* enz.

**Opm.:** De verschuiving van klemtoon had niet plaats, indien de aan 't suffix voorafgaande slot-syllabe van 't grondwoord een ə bevatte; afwijkend – met overgang van ə tot è – *ordentelijk* (§ 164). Zie voor *-loos* § 163, *-achtig* § 184, *-in* § 189a.

Ook bij de tot bvnw. geworden participia praes. – en onder invloed daarvan ook bij sommige partic. praet. – heeft dezelfde verschuiving meermalen plaats gehad, b.v. *aanhóúndend*, *uítmúntend*, *uítstékend*, *voortvárend*. Waarschijnlijk bewaart hier het jongere adjectief de oudere accentuatie. Immers, 't participium praesens had in 't ogm. een zware uitgang; so werd dus volgens de bovengenoemde tendens *\*ána-háldàndi* tot *\*àna-háldàndi*, ndl. *aanhóúndend*. Maar in 't participium verdween deze accentuatie onder invloed van de andere werkwoordsvormen, terwijl hij bleef in 't geïsoleerde adjectief. In deze opvatting juist, dan moet de verschuiving al in de vóór-mnl. periode vallen.

Een ander voorbeeld van eigenaardige accentuatie biedt het praefix *on-* (§ 194). Het heeft in onze taal vóór znw. de klemtoon, is daarentegen vóór bvnw. (en bijwoorden) zwakbetoond, b.v. *óndiepte*: *ondiép*, *ónvrede*: *ontevréden*. Dit verschijnsel vindt z'n oorsprong in 't owgm., waar een zwakbetoond *un-* reeds voorkomt in verbaaladjectieven, in aansluiting aan de zwakbetoonde verbale praefixen (§ 88). Daar de verbaaladjectieven en de participia met *on-* de talrijkste categorie gingen vormen, sloeg dan de zwakke toon van *on-* analogisch op de andere bvnw. over, temeer daar in verbindingen als *onge-*, *onbe-* de neiging bestond de volle toon op de derde syllabe te leggen. Zo ontstond in onze taal de scherpe tegenstelling

tussen substantieën en adjektieën, anders dan in 't Duits, waar de emfatische toon bij tal van bvnw. vast werd (*únecht, únlieb, únfreundlich, únerfreulich* enz.).

Op deze wijze hebben dus grote groepen van bvnw. in 't ndl. 't accent naar achteren geschoven, en onder invloed daarvan hebben weer andere adjektieën (b.v. *oprecht, vierkant*), 't zij overal, 't zij in bepaalde streken, dezelfde verschuiving ondergaan.<sup>6</sup>

By die oorgang tot Afrikaans sou dit normaal wees om te verwag dat hierdie na-vore-trek van die aksent op nóg groter skaal sou plaasvind, en dit hêt ook gebeur: in verskeie van Schönfeld se voorbeelde val die aksent in Afrikaans anders, naamlik voorop, bv.

### Afrikaans

*voórbeeldloos*  
*òndiep*  
*bùrgemeester*  
*hoërskool*  
*plàtteland*

### Nederlands

*voorbéeldloos*  
*ondiép*  
*burgeméester*  
*hogenschoól*  
*plattelànd*

Dan sou ons eweneens kon verwag dat komposita met *aan, agter, by, om* ens. as ongeaksentueerde eerste komponente in Afrikaans *minder* voorkom as in Nederlands? Miskien wel, miskien nie, want van die een kant beskou: die hele Nederlandse woordeskat is nie na Afrikaans oorgedra nie, sodat ons minder as Nederlands kan hê; en van die ander kant beskou: in Nederlands kon die gelykmaking van die aksentipes vinniger gegaan het of dit kon, miskien veral in konserwatiewe perifere gebiede, stadiger gegaan het. Dit sal dus nog 'n aparte Nederlandse studie verg om hier 'n betroubare antwoord te vind. Intussen weet ons nogtans waar die aksentipes vandaan kom en verstaan ons waarom dié met die aksent nie op die bywoord nie, die minste voorkom.

**Opm.:** Die aksent in die kompositumtipe stam met voorsetsel-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat is geen probleem nie: in sulke gevalle, bv. *op straat, aan wal*, val die sinsaksent normaalweg op die s.nw. en dié aksent bly behoue ook nadat die voorsetsel en die s.nw. tot kompositum saamgetrek is. Met ander woorde die sinsaksent word die woordaksent.

Daarmee kan ons terugkeer tot twee vorige vrae, naamlik 1) waarom ook nuwe komposita meesal die aksent op die bywoord het (ongeveer 510 van die 550), en 2) waarom dit, van alle bywoorde, feitlik net *deur* en *oor* is wat ongeaksentueerd in nuwe komposita verskyn.

6. Van Loey, A., t.a.p. 109 vlg.

Die enigste antwoord wat die feite self verskaf, is

1. dat dit die getalsterkste groep was, naamlik dié met die aksent op die bywoord, wat ook hier die produktiefste was: terwyl naamlik 84% van alle komposita wat in die vorige bladsye bespreek is, die aksent op die bywoord het – of 83% as ons net die geërfdes reken – het 93% van alle eiegoed die aksent op die bywoord. Die getalsterkste groep was dus ook die dwingendste wat die getal en die aksentpatroon van die eiegoed betref;

2. dat woorde met die aksent op die laaste komponent, 'n ou patroon verteenwoordig. Waarom was dié dan nog produktief? Al antwoord wat die feite self hier verstrek, is dat daar 'n duidelike semantiese differensiering is tussen komposita met *deur* en *oor* waarin *deur* en *oor* geaksentueer is, en soortgelyke komposita sonder die aksent op die *deur* of die *oor* (soos gegee by *deur*- onder A. 1. (a) en B. 1. (a) en (b), en by *oor*- onder C. 3. (a)).

Komposita met (veral) die bywoorde *aan*, *agter*, *deur* ens. met die aksent op die laaste komponent, is stewig gevestig in Afrikaans, ondanks die feit dat hulle die getalwakste groep is. Die enigste noemenswaardige tekens van produktiwiteit word nogtans getoon deur *deur* en (deels) *oor*.

**Opm.:** *Omskep* is tans in die gedrang. Daar is baie mense wat sê *omskèp*, en dan ook *ons het dit omskèp tot . . .* i.p.v. *òmskëp* en *òmgeskep*. Beskou en beoordeel volgens die algemene sisteem van Afrikaans, lyk dit nie asof *omskèp* se lewenskanse baie hoog is nie. Maar of dit met welslae teengewerk sal kan word, is 'n ander vraag.<sup>7</sup>

## § 65 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met ww.-korrelaat : s.nw.

*dagbreek*

*bomme-neersit* in *Van die eintlike bomme-neersit in openbare plekke . . .*

(Uys Krige: *Sol y Sombra*, 193)

*geweldebreek* in *As jou pad deur die kantvoorspelers versper word, gebruik jy die geweldebreek* (D. Craven: *Grondbeginsels van Rugby*, 184)

*melkverkoop* in . . . *melkverkoop kan nog gaan* (Hobsons: *Aan Jannie*, 33)

*menswees* in *Dis iets wat sy deur haar menswees nie kan verstaan nie* (*Die Sarie Marais*, 23.8.1950)

*stukkie-omdraai* „die kort treintjie wat tussen Stellenbosch en Eerste-rivier loop”

*broek-verloor* in *Die kortbeen het gladnie op broekverloor se vlakke gaan sit soos party manne nie* (*Die Burger*, 5.8.1950)

7. 'n Ander interessante groep is die tipe stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, wat meesal die aksent op die b.nw. het, bv. *bloûtong*, *dikbek*, *doóilam*, *geélmielies* ens., maar waarvan veral komposita met wilde uiters selde die aksent op die b.nw. het, bv. *wildeàls*|-*bées*|-*éénd*|-*gàns*|-*hoénder*|-*hònd*|-*kàt*|-*pèrd*|-*výj*|-*wèghol*|-*wràgtag* e.d.m. Hierop kan egter nie nou verder ingegaan word nie.

*gatskuur* „twee ronde klippe waartussen koring gemaal word”  
*hekoopneuk* „donkie met die gewoonte om hekke oop te stoot” (boswerkers, Knysna)  
*hotnosblymaak* „kort reënbutjies” (Langkloof)  
*koffiestoot* „waentjie of rakkie met wietjies om koffie of tee mee te bedien, of vir opskepskottels”  
*kopstamp* „goedkoop wyn” (Kleurlinge, Ladysmith K.P.)  
*lyfpla* in *Dis net lyfpla om vir een dag se kuier so ver te ry* „onnodige moeite en inspanning” (Worcester)  
*meidvat* in *Meidvat is nie speletjies nie* (Mikro: *Toiings*, 14)  
*stoelpoot-staan* in *Dis nou 'n lekker stoelpoot-staan* ('n mens staan met een voet op 'n voorwerp)  
*vaartsny* in *Hy byt op sy tande om sy kragte tot 'n nuwe vaartsny op te voer* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 141)  
*veldversleg* „verkleurmannetjie” (Namakwaaland)  
*voëlsit* „boom sonder naam of van min belang” (George)

Die voorbeelde is klaarblyklik nie volkome eenders nie. In die meeste gevalle het ons hier eenvoudig te doen met die tipe stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat: werkwoord (§ 66) wat as s.nw. fungeer net soos enige onsamegestelde werkwoord dit kan doen (§ 6).

1. Die gewoonste verbinding is dié met 'n voorwerpverhouding tussen die dele, bv. behalwe *bomme-neersit*, *melkverkoop*, *boekevat*, *broekverloor*, *gloriehou*, *hekoopneuk* e.a. hierbo, ook nog bv. *varkslag*, *fietsry*, *bergklim* ens.

**Opm.:** Dit is gebruikelik om die verbinding stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat: s.nw. as kompositum te skrywe, maar dit is nie taalkundig of offisieel so gereël nie: ons sou ewe goed *vrou soek*, *is nie perdekoop nie* as *vrou-soek is nie perdekoop nie* kon skrywe.

2. Minder gewoon is verbindings wat, in ander sintaksis, voorsetselkonstruksies is: as ons sê *Hy loop in die veld* kan ons nie maklik daarvan maak *Hy loop veld\** of *Hy moet veldloop\** of *Veldloop is swaar werk\** nie (vergelyk §§ 31.2 en 32). Tog gebeur dit, maar dan blykbaar per geval en nie as ope sisteem nie, byvoorbeeld in die volgende: *Ver kom grootpraat, ná kom broeksit* „Wie buite gevaar groot praat, is dikwels bang as die gevaar byderhand is”. *Geweldbreek* bevat die woord *breek* wat reeds as s.nw. gebruik word en is dus eintlik stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat. In bv. *dagbreek*, *lyfpla*, *menswees* ens. het ons 'n (seldsame) onderwerpsverhouding. *Stukkies-omdraai* is nie deursigtig nie, maar is moontlik twee s.nw., wat dan miskien verstaan moet (moes) word as *die stukkie omdraai* (dus as woordgroep; vergelyk *'n bietjie na-loop* „wyndroes”) „die stukkie wat (steeds weer) omdraai” of iets derge-

liks. *Sondraai* kan ook 'n onderwerpsverhouding behels. *Stoelpoot-staan* kan aansluit by *kopstaan*. Wat die besonderhede in elke geval ook al is, dit lyk duidelik dat ons hier dikwels nie met analogiewerking te make het nie, maar met gevalle wat onafhanklik van mekaar ontstaan het. Hulle getalle kan dan wel groot wees of word, maar (veral) dié wat andersins voorsetselverbindinge sou wees, vorm nog geen ope sisteem nie.

### § 66 Stam met s.nw.-korrelaat + Stam met ww.-korrelaat : ww.

<i>baasraak</i>	<i>kafloop</i>
<i>bokspring</i>	<i>rugsteun</i>
<i>feesvier</i>	

Dit is dikwels onduidelik of dié verbinding 'n woordgroep of 'n kompositum is. Skryftradisie en gevoel, waarskynlik meer as taalkundige oordeel, het in die praktyk bepaal wat ortografies as een woord of as twee handel is (net soos sommige verbindinge van b.nw. en s.nw. en bywoord en werkwoord; : vergelyk § 59 hiervan), ook in Nederlands, volgens De Voofs.<sup>8</sup> Vir die taalkunde is die skryfwyse nogtans nie van belang nie, daarom word hier nie verder ingegaan op die onderskeiding tussen woordgroep en kompositum by hierdie verbindinge nie. Van die 66 voorbeelde van s.nw. en werkwoord wat die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* gee, word 52 vas en 14 los geskrywe. Van dié wat vasgeskrywe word, het 43 'n infiks *-ge-* (*baasgeraak*) en 9 'n prefiks *ge-* (*gedagvaar*), wat nouliks anders as vas kàn wees.

Die verbinding is alledaags, normale Afrikaans in elke stylverband. Dit wil nie sê dat byvoorbeeld *kafloop* of *voetslaan* dus ook in verhewe of strakke styl (sal) voorkom nie, net dat die tipe verbinding oral gevind word.

Daar is 'n hele verskeidenheid verhoudinge tussen die dele: baie gewoon is byvoorbeeld die voorwerpsverhouding, soos in *asemhaal*, *boekevat*, *deelneem*, *kaartspeel* ens.

Ander verhoudinge kan uit die volgende omskrywinge blyk :

<i>baasraak</i>	„tot baas raak”
<i>baaspeel</i>	„speel of handel soos of asof jy die baas is”

(*Dagvaar* lyk soos „'n dag (lank) vaar”, maar is dit nie. Dit kom as werkwoord van die s.nw. *dagvaart* (: Middelnederlands).)

*duimry* „met die duim ry, ry per rygeleentheid verkry deur met jou duim aan motoriste te beduie”.

8. De Voofs, C. G. N. : *Nederlandse spraakkunst*, 171-172.

Verdere voorbeelde is onder meer :

<i>grondvat</i>	„aan die grond vat of raak”
<i>hokslaan</i>	„hok toe of tot in die hok slaan”
<i>lepellê</i>	„soos lepels (inmekaar) lê”
<i>kopspeel</i>	„met die kop speel”
<i>lynstaan</i>	„in ’n lyn staan”
<i>paalspring</i>	„met ’n paal spring”
<i>skaatsry</i>	„met/op skaatse ry”
<i>skyfskiet</i>	„na die/’n skyf skiet”
<i>skuilhou</i>	„in ’n skuiling/skuilplek hou”
<i>tiekiedraai</i>	„draai op of soos ’n tiekie”
<i>voetslaan</i>	„te voet gaan” ( <i>slaan</i> „gaan”)

Die verbinding is nie analogies produktief in elke verhoudingsoort nie. Ons kan byvoorbeeld nie na analogie van *lepellê* en *vellinglê* sê maar *hoeksteenlê\** of *druiewehang\** ens. vorm nie, of *hoedreis\** na analogie van *duimry* nie. Die konstruksie is alleen oop ten opsigte van spesifieke verbindings van werkwoord en s.nw. (sonder voorsetsel) wat oók met ’n ander sintaksis voorkom in die vorm: s.nw. en werkwoord, maar dan vorm die s.nw. en werkwoord nog nie outomaties ’n verbale kompositum nie: of dit gebeur of nie gebeur nie, hang af van die aan- of afwesigheid van die eenheidskenmerke van komposita (§ 16 hiervan). As ons dus kry: (*hy*) *loop klas/vra geld/koop ink*, en daarnaas: (*hy kan*) *klas loop/geld vra, ink koop*, dan kán laasgenoemdes onder gegewe omstandighede komposita gaan vorm. In verbale funksie gebeur dit sporadies en onvoorspelbaar, in naamwoordelike funksie is dit taamlik gewoon. Dit lyk selfs asof stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat: werkwoord des te makliker tot kompositum word as die bepaalde verbinding van stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat: s.nw. ’n aktiewe gebruiksfrekwensie het. Ook stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat kan hierop ’n invloed hê as die tweede s.nw. etimologies verband hou met ’n werkwoord. De Vooy's sê:

„In sommige gevallen zal men ook met ‚Rückbildung’ rekening te houden hebben. *Schoolwandeling* zal wel ouder zijn dan *schoolwandelen* en wellicht *slaapwandelaar* ouder dan *slaapwandelen*. Bij de vorming van *pianospelen* kan *pianospel*, *pianospeler* meegewerkt hebben.”<sup>9</sup>

As die verbinding egter stam met ww.-korrelaat + stam met voors.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat is, bv. (*hulle*) *loop in ’n ry/sit op ’n hoop/stap om ’n bos*, bly die voorsetsel by sintaktiese omspanning in die reël behoue wanneer die woordgroep verbaal fungeer: *in ’n ry loop/op (’n) hoop sit / om (’n) bos stap . . . is nie moeilik nie*.

9. De Vooy's, C. G. N., t.a.p. 171.

Wanneer 'n voorsetsel wel sal verdwyn, is nie voorspelbaar nie, maar ons kan tog al op 'n sekere neiging wys: Le Roux noem as voorbeelde waar voorsetsels „afwesig bly”:

„(α) 'n bepaling wat die plek waar 'n beweging plaasvind, of 'n afstandsmaat uitdruk, b.v.:

*My het die kortste pad (met die kortste pad) geloop;*

*Hy het 'n end (vir 'n end) saamgegaan.*

*Geskiedkundig.* Hierdie konstruksie het ontstaan uit 'n ouer kasusuitgang: Akkusatief of Genitief . . .

(β) 'n Bepaling wat 'n tydstip of 'n tydsmaat aandui:

*Toe ons Nuwejaar (met Nuwejaar) by die van der Merwes was (Misdade, bls. 92);*

*Hy is die tiende Mei (op die tiende Mei) gebore;*

*Hy het die volgende dag (op die volgende dag) weggegaan;*

*Hy het die hele dag (vir die hele dag) gebly.*

*Geskiedkundig.* Ook vir hierdie betrekking kon vroeër 'n Genitief of 'n Akkusatief gebruik geword het.

(γ) 'n Bepaling van manier of begeleidende omstandigheid. Vergelyk:

*Hy het Frankryk hande en voete geboei (Getrou, bls. 44);*

*Dan weer hang die bome kop-na-onder (Veld, bls. 57);*

*Kaalvoet en broek opgerol stap Stephanus met Outa rivier toe (Veld, bls. 124);*

*Bril-op-die-neus loer hy rond; hy staan wye-been; hy lê been-in-die-lug; hy loop hoed-in-die hand; die hondjie kom stert-tussen-die-bene nader; ek kan dit toe-oë sien; hy staan hand-in-die-hare.*

In al hierdie gevalle kan *met* (+ lidw.) as bindwoord gebruik word. Dieselfde is die geval in: *en daarom praat ek nie so malkop, soos julle nie* (Na Olikheid, bl. 7). Sulke korter bepalinge het, as hulle sonder voorsetsel gebruik word, egter 'n sterk neiging om samestellinge met die ww. te vorm, sodra hulle veel voorkom by 'n bepaalde werkwoord. In die preposisionele uitdrukkinge wat daarnaas staan, kan verskillende voorsetsels gebruik word. Vergelyk:

*Hy het die kos kafgeloop* (= tot k.g.); *hy skiet dooie rus* (= op d.r.); *hy ry perd* (= te p.); *hy slaan voet* („slaan' kon vroeër = „gaan”); *hy speel klavier* (= op d.k.); *hy dans binnebond* (= teen d.b.).<sup>10</sup>

Le Roux noem dus *met, op, te, teen, tot* en *vir*.

Hiervan is *met* so gereeld afwesig dat daar al 'n reël ontstaan het: in die mees gebruikte verbindings van *met* + lidw. + s.nw. + voors. + lidw. + s.nw. wat 'n bywoordelike bepaling van wyse of manier vorm, nie

10. Le Roux, J. J.: *Oor die Afrikaanse sintaksis*, 126 vlg.



ander soorte nie, is *met die* fakultatief mits die werkwoord wat daarmee verbind is ook kan optree net saam met *met* + lidw. + s.nw. sonder meer. As jy dus in Afrikaans kan sê: *Waarom loop/sit/staan/ry ens. jy dan vanmôre met 'n pen/skoen/petisie rond.* En as jy dit ook kan aanval, sê maar tot bv. *Waarom loop/ry/sit/staan ens. jy dan vanmôre met 'n pen in die hand/met 'n skoen op die kop/met 'n petisie in die sak rond ens.,* dan kan jy meesal ook sê: *Waarom loop ens. jy pen in die hand/skoen op die kop/petisie in die sak rond?* Jy kan dus nie bv. *Hy spit met die graaf in die grond* reduseer tot *Hy spit graaf in die grond\** nie; *met die graaf in die grond* is naamlik nie 'n bepaling van wyse of manier nie.

Aangesien die reduksievorm ook Nederlands is en dus moontlik vroeg in Afrikaans aanwesig was, verklaar dit miskien waarom die voorsetsel hierby soveel meer dikwels afwesig is as in ander verbindingsge.

Verder val op dat *met* ook in ander verbindingstipes verdwyn (het), bv. *toe-oë, loshande (ry), kaalhand (iemand kaalhand/kaalvuus/kaalvoet ens. bydam).*

Vergelyk hiermee ook die Hobsons se gebruik :

<i>Die met-dou-belaaide blommetjies</i>	(Kees, 19)
<i>'n . . . met-reën-geseënde somer</i>	(Kees, 317)
<i>die deur droogte geteisterde bosse</i>	(Kees, 76)
<i>die moddergetrapte wildspad (tot . . .)</i>	(Buks, 9)
<i>die reën-deurweekte streke (met . . .)</i>	(Buks, 61)
<i>in die stofgetrapte wildspadje (tot . . .)</i>	(Buks, 119)
<i>die stofbelaaide lug (met . . .)</i>	(Vlam, 16)
<i>dou-belaaide nagte (met . . .)</i>	(Vlam, 152) ens.

Dat hierby Engelse invloed aanwesig is, is moontlik, maar moeilik bewysbaar.

Ook ander voorsetsels en verbindingspartikels raak uitgeskuif, of liever, verskyn daarsonder, want ons het dikwels geen bewys dat sulke verbindingspartikels ooit aanwesig was nie. So kry ons by baie skole *bakoond hardloop/kruip* „deur (die) bakoond . . .”, d.i. die bakoond gevorm deur die bene van die ry ontgroeners, wat wydsbeen in 'n ry staan en so met hulle bene 'n bakoond vorm. Maar *deur die bakoond hardloop/kruip\** is nie bekend nie.

Of 'n bepaalde verbinding as kompositum geskrywe word, is, ten soveelste male, onbelangrik en willekeurig.

Dit lyk dus asof ons hier ook reeds in 'n mate dieselfde verskynsel as elders kry, naamlik dat 'n fase as 't ware oorgespring word. (Vergelyk ook § 57.3.)

Hoe dit ook sy, ook die volgende sou in normale sintaksis verbindingspartikels hê of kry :

*bandvat* in 'n *stout seun bandvat* „streng optree” < *aan die band vat?*  
*bankiesit* „opsit, vry” < *op (?) die |'n bankie sit?*

*beeslê*: 'n Variasie op *bullê* „leeglê, min of niks doen”?  
*bladslaan* „abba” of *agter die blad slaan* (*slaan* „sit, plaas”)  
*bokwerk*: *met (die) bokke werk* of *uit bokwerk doen*?  
*bondelslaan*: *in 'n bondel slaan* (*slaan* „maak, pak” ens.)  
*boomstaan*: *onder die | 'n boom staan* „buite wees”  
*bosroer*: *in (?) die bos roer* „beweeg”  
*brandmaak / brandsteek*: *aan (die) brand maak / steek*  
*bullê*: *soos (?) 'n bul (leeg) lê?* Kyk ook *beeslê*  
*dophou*: 'n Variasie op *doplê* in *in / onder die doppe* (Ndl. „oë”)  
*doplê*: Kyk *dophou*  
*draadslaan*: *op die draad slaan* „telefoneer”  
*hoklê*: 'n Kontaminasie van bv. *hokslaan* en *voorlê*?  
*hokslaan*: *na die hok (toe) slaan?*  
*hoopsit*: *op (?) 'n hoop sit*  
*kalwertrou* kan *soos kalwers trou* wees, maar is waarskynliker gevorm na analogie van *kalwerliefde*: dus > *kalwertrou* > *kalwertrou*  
*kantstaan* „in die middag gaan lê”: *op (sy) kant staan*  
*kathals trek*: 'n sekere vingerspel beoefen (Boerneef: *Krokos*, 26). Hou dit miskien verband met *katstaan* „bontstaan, lewendig wees en oral aandag gee” (S. J. Joubert: *Steiltes*, 190)? En kom dit dan van *soos 'n kat staan?*  
*knopgooi* „kwaad word” (*Die Burger*, 12 Maart 1947) < 'n *knop gooi* (*gooi* „maak”) of *op 'n knop gooi?*  
*koef(k)sisterloop* „hand om die lyf loop” < (*inmekaar gedraai*) *soos koef(k)sisters?*  
*kommando-staan*: Na analogie van *wagstaan*, of < *soos op kommando staan?* *Hy wys na die akker waar die tabakstronke kommando-staan* (P. de V. Pienaar: *Ruth*, 177)  
*konsertspeel* (*Die Huisgenoot*, 1.10.1948) kan gelyk wees aan bv. *popspeel* e.a. ðf *op / in 'n konsert speel*.  
*kraalvleg*: *die hare kraalvleg*: < *tot (?) 'n kraal(vorm) vleg?*  
*kropvat*: *Sy gee die hoenders kos uit haar voorskoot wat sy onder kropgevat het* (Mikro: *Die weduwee Meraai*, 78) < *in / tot 'n krop (saam)gevat?*  
*lemlê* „dophou” (Noordweste) < ?  
*likkewaanry* „'n bloutjie loop” < ?  
 Hou dit miskien verband met *likkewaanstaan* „regmaak om met 'n nooi uit te gaan”, en kom dit van *soos 'n likkewaan staan?*  
*maanskynstaan* „vry” < *in die maanskyn staan?*  
*naaldsteek* „waarsku, inlig” ens. < *met die | 'n naald steek?*  
*outostap* „per outo of motor stap”, dus „duimry, ryloop” (*Die Burger*, 11.8.1951). Na analogie van *duimry* „met die duim ry”.  
*perd-vasgesteek* (L. Maré: *Hardepad*, 115) < *soos 'n steeks perd vasgesteek?*

*pofslaan* (*Die Huisgenoot*, 18.7.1958) < tot 'n pof slaan?  
*sakslag* (*De Roubaix: Boesmanlandse Sketse*, 9) < in sakvorm (af)slag?  
*skeepgaan*: Reeds Nederlands; < te skeep gaan?  
*slaaploop*: < in sy slaap loop?  
*slangstaan*: Na analogie van *toustaan*, < in 'n tou staan of soos 'n slang staan of in 'n slangvorm staan?  
*snuiftrap*: *Die klomp van ons wat jou gaan soek het – Pat en Mac inkluis – het die wêreld om die Oog snuifgetrap* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 44) < tot snuif trap?  
*soutsaksit*: < soos 'n soutsak sit. Die beeld en dié besondere verbinding is uit Nederlands geërf, weet ons, want die uitdrukking kom ook in Nederlands voor: *zitten as ne (als een) zoutzak*. (Vergelyk ook § 47).  
*treinklim*: *Dieselfde aand nog het hulle treingeklim Kaap toe* (S. V. Petersen: *As die Son ondergaan*, 218) < op die trein klim?  
*waardeskat*: *Hy sien nie hoe dat Bekka stappie vir stappie sy arm innerlike wese leer ken en waardeskat het nie* (A. Jonker: *Die Trekboer*, 168) < na waarde skat?  
*wagstaan*: op wag staan?  
*waterlê*: Kyk by *hoklê*. < (*By die*) water (voor)lê?  
*wetslaan*: *Julle sal my nie wetslaat (-slaan) nie „oor my baaspeel”* < met die wet slaan?

As hierdie komposita gedekomponeer word, blyk dat almal nie sonder voorsetsel gestel kan word nie: naas *iemand bandvat* kom ook voor *vat hom band* as *hy nie wil luister nie*; naas *bullê* kom ook voor *Hy lê weer bul*, naas *brandsteek* kom ook voor *Steek die vuur brand* ens., maar sover vasgestel kon word, kom die volgende nie ook in omgestelde vorm voor sonder voorsetsel nie:

<i>bankiesit</i>	<i>hoopsit</i>	<i>lemlê(?)</i>	<i>slangstaan</i>
<i>bladslaan</i>	<i>kalwertrou</i>	<i>maanskynstaan</i>	<i>treinklim</i>
<i>bokwerk</i>	<i>kantstaan</i>	<i>outostap</i>	<i>waardeskat</i>
<i>boomstaan</i>	<i>koe(k)sisterloop</i>	<i>perd-vassteek</i>	<i>waterlê</i>
<i>bosroer</i>	<i>kommandostaan</i>	<i>sakslag</i>	<i>wetslaan</i>
<i>draadslaan</i>	<i>kraalvleg</i>	<i>slaaploop</i>	

Daarteenoor is *hou dop*, *slaan hok*, *gooi knop*, *vat krop*, *steek naald*, *trap snuif*, *trek tou*, *staan wag*, normaal en algemeen.

Wat beteken dit? Moontlik dat dié wat nie omgestel kan word sonder 'n voorsetsel nie, jonger is, dat die voorsetsel dus net uit één soort rangskikking verdwyn het.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die interessante is dan ook dat die oudste vorme wat ook Nederlands is, ook in Nederlands in altwee soorte sintaksis sonder voorsetsel verskyn, bv. *beetkrijgen* en (*Wij*)*kregen (hem) beet* (< de beet krijgen).

Ten slotte moet egter nog opgemerk word dat so 'n lang proses soos die verval van partikels hier miskien nie nodig was nie:

(a) die geërfde voorbeelde behels so 'n verskeidenheid van soorte verhoudings tussen die dele, en

(b) die tipe geval is al so oud in Nederlands

dat die nuwegoed wie-weet doodgewoon analogies gevorm is.

**Opm.:** Na alles wat tot hiertoe bespreek is, moet dit oorbodig wees om veel meer te sê oor die verbinding stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat: s.nw., soos in bv. *bokspring/feesvier/houtsny/nesskop/visvang is iets wat almal kan doen*. Die oorgang van werkwoord tot s.nw. is op alle taalterreine van Afrikaans bekend genoeg.

### § 67 Stam met ww.-korrelaat + Stam met ww.-korrelaat (iteratief) : bywoord

*brom-brom* in *En daar stap hy brom-brom weg* (J. J. G. van Rensburg: *Hans Rebel en sy maats*, 3)

*drup-drup* in *Die mense het maar drup-drup ingetrek* (Fritz Steyn: *Die wêreld wat was*, 93)

*keer-keer* in *Hulle kom keer-keer terug, want die spiese val op hulle* (*Die Burger*, 29.4.1950)

*kopspeel-kopspeel* in *Kopspeel-kopspeel hardloop die twee karperde* (Mikro: *Pelgrims*, 131)

*mik-mik* in . . . *mik-mik loop en skelmstreke bedink* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die Knyp*, 8)

*padgee-padgee* in 'n *Tortelduif loop padgee-padgee op soek na kossies wat daar nie is nie* (Boerneef: *Palissandryne*, 123)

Die konstruksie gee altyd wyse of manier aan by 'n werkwoord, en is daarby meesal ook duratief en/of iteratief.

'n Interessante sintaktiese beperking op die gebruik van die iteratiewe werkwoord as bywoord, is dat dit vrywel nooit in een en dieselfde sin saam met 'n ander iteratiewe werkwoord as werkwoord voorkom nie: *Die Burger* (Julie 1957) se *Professor reis-reis soek-soek* is 'n bietjie goedmoedige taalspel.

In die genoemde funksie kom hierdie kompositumtipe vrywel uitsluitend in die gemoedelike stylverband voor. (Vergelyk § 68.)

Die konstruksie is in één opsig oper as dié met die werkwoord-funksie, naamlik dat dit by meerlettergrepige woorde (samegesteldes inbegrepe) ewe gewoon is as by eenlettergrepiges. Maar dit het 'n beperkter paradigma, d.w.s. daar is heelwat minder verskillende werkwoorde wat as bywoord fungeer as wat daar is wat werkwoordelik fungeer.

Oor die herkoms van die verbinding is heelwat geskrywe. Die algemene oordeel was dat dit op die een of ander manier afkomstig was van Maleis

en/of Maleis-Portugees. Nadat skrywer hiervan op een Nederlandse voorbeeld gewys het: *Onze fotograaf is . . . sluip-sluip . . . de gangen van . . . nagegaan* (*Die Huisgenoot*, 8.10.1956), het J. du P. Scholtz<sup>11</sup> nog 'n paar Nederlandse voorbeelde aangegee, en daaraan kan ek verder toevoeg, in gemoedelike, verhalende, ook kinderlike styl:

*Zij liepen er te stappen, en zo stap-stap kwamen zij eindelijk bij een huisje;*

*De kat zat aan de deur te krabben, en zo krab-krab kreeg hij de deur open; Je moet hem de woorden zo trek-trek uit zijn mond halen;*

*Ik voel er weinig voor om zo maar klok-klok je koffie naar binnen te werken* (genoemde vier sinne meegedeel deur dr. Kuyper van die personeel van die WNT in Leiden);

*En ze ging klots-klots de keldertrap af met twee bezems . . .* (H. de Vries: *Het Genie*, 233).

En in die Departement Duits-Nederlands aan die Universiteit van Wenen (Oostenryk) is my meegedeel: *Wer kommt denn da schlapp-schlapp?*

Daarmee is finaal die stelling vernietig as sou die iteratief-werkwoord in bywoordelike funksie nie Nederlands en nie Germaans wees nie. Maar daarmee is nie ook bewys dat die Afrikaanse kompositum dus wel van Nederlands kom nie. Wel bewys dit dat dit dus kon ontstaan het sonder heteroglottiese invloed. Maar 'n finaler antwoord op die probleem van die herkoms van dié konstruksie sal alleen gebring kan word deur kennis van die volle omvang van dié verskynsel in die Nederlandse volkstaal. Daar is baie dinge in Nederlands. As ons maar wis.

### § 68 Stam met ww.-korrelaat + Stam met ww.-korrelaat (nie-iteratief) : werkwoord

*bêre-koop*

*blaai-les* in *Oom Soois blaai-les deur die ou stukke* (C. M. v. d. Heever: *Droogte*, 28)

*breekslaai* in *Ek sou hom breekgeslaai het* (D. F. Malherbe: *Hans-die-Skipper*, 226)

*drabring* in *Ek het die suiker gedra-bring van die winkel af* (Upington)

*drafhardloop* in . . . *gedrafhardloop het* (Boerneef: *Van my Kontrei*, 75)

*drafstap*

*dreundraai* in *Walsmusiek kan hy mos verstaan, omdat dit net so dreun-draai soos die meulwiel* (D. F. Malherbe: *Die Meulenaar*, 64)

*frommelpraat* „praatjies waarmee jy direkte vrae probeer ontwyk” (Prins Albert)

*galmbrokkel* (D. F. Malherbe: *Die Profeet*, 23)

*gloeiglim* (D. F. Malherbe: *Hans-die-Skipper*, 236)

11. Scholtz, J. du P.: „Reduplikasieverskynsels in Afrikaans”, *T.W.K.* XVII, 1.

*huil-kreun*

*huppel-spring* in *Twee, maer, vuil, bruin beentjies huppel-spring oor . . .*  
(A. van Niekerk : *Met liefde van Katinka*, 2)

*kartel-skeur* in *Toe het daar 'n stem deur die lug gekartel-skeur* (*Die Huisgenoot*, 25.8.1950)

*koggelvlieg* in *Nou kyk hy hoe bosduiwe heen en weer in en uit hulle kransskuilings koggelvlieg* (H. S. van Blerk : *Geboorteplaas*, 14)

*lag-sê* in *Moenie so foolish wees nie, het sy gelag-sê* (S. V. Petersen : *As die Son ondergaan*, 80)

*loop-dink* in *Hy loop-dink huis-in en huis-uit* (D. F. Malherbe : *Hans-die-Skipper*, 167)

*loop-staan* in . . . *terwyl die maer ou dier lusteloos, met slingerang loop-staan* (C. M. v. d. Heever : *Droogte*, 96)

*oplet-loop* in *Jy sal moet oplet-loop . . .* (F. E. J. Malherbe : *Afrikaanse Humorverhale*, 133 uit 'n skets van Boerneef : „Gerwe-ry en trap”)

*oplet-ry* (Boerneef : *Van my Kontrei*, 7)

*oplet-werk* in *Jy moet nou oplet-werk* (Boerneef : *Boplaas*, 171)

*opskepouer* in *Hy kom altyd opskepouer „wanneer hy uit iets voordeel kan trek”* (Kaapstad)

*opskepouer*: *op die opskepouer „iemand wat sorg dat hy altyd by ander mense kom wanneer ete gereed is”* (Paarl, Ladysmith)

*pikstap* „ryloop” (studentetaal)

*roepja* in . . . *en die span rooies was elke middag trommeldik gevreet as hulle roepgeja word op die braakland se wenakker* (Boerneef : *Boplaas*, 120)

*sê-vra* in *Ek wonder wat Pa sal sê as hy dit moet weet? sê-vra Meraai* (Mikro : *Gonnakolk*, 57)

*sif-stap* in *Manie sif-stap oor die bultjie na die fonteintjie toe* (Boerneef : *Boplaas*, 61)

*sit-leun*

*sitslaap* in *Die bobbejaan sitslaap* (Namakwaland)

*sit-stap* in *Hy sit-stap die hele dag op die goed se spoor rond* (Namakwaland)

*skermsteek* in *Toe hy skermsteek, gee hy vorentoe pad* (K. Kielblock : *Die Vreemdeling*, 48)

*skuldag*

*spogvra* (Boerneef : *Van my Kontrei*, 12)

*stormloop*

*trippeltrap* in *Die perd staan en trippel-trap* (spreektaal)

*stootskraap* in *Een van sy masjiene kan tot 22 tree grond op 'n dag stootskraap* (*Die Burger*, 11.9.1950)

*stuurhaal* „stuur en dit laat haal” (Sutherland)

*sukkel-trek* in *Ons sukkel-trek en laat 'n hele paar dooie lammers en grotes op die werf agter* (Boerneef : *Boplaas*, 37)

wedhardloop (Steynsrus)

wuif-groet in *Op sy perd het hy haar soos gewoonlik gewuif-groet* (J. P. Malan : *Concordia*, 5)

Dié tipe kom nogal baie voor, hoewel meesal in die letterkunde. Die omgangstaal gebruik dit min.

Die konstruksie het veral twee semantiese waardes, t.w.

- (a) die eerste komponent benoem die wyse waarop die aktiwiteit geskied wat deur die tweede werkwoord genoem word: *drafstap* beteken ongeveer „draf-draf stap” of „op ’n drafstryk/-manier stap”, en
- (b) daar is soms ’n „en’ -verhouding tussen die komponente (natuurlik onuitgedruk): *wuif-groet* beteken nie alleen (soos onder (a) aangegee) „wuif-wuif groet” nie, maar ook „wuif èn groet”, *stootskraap* „stoot-stoot skraap” èn „stoot èn (gelyktydig) skraap” ens.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Geneties is alle voorbeelde nie van dieselfde orde nie:

1. *Lê-formeer, lê-indommel, lê-njaan* (voorbeelde uit F. J. Jacobs se *Die Griekwas en hul Bure*) bevat die *lê* van die verbale hendiadis (net sonder *en*) en is dus gelyk aan *lê en formeer/indommel/njaan*. Dit staan ongeveer gelyk aan blanke Afrikaans *staan en* plus werkwoord, behalwe dat *lê* plus werkwoord in Griekwa-Afrikaans ’n veel nouer eenheid vorm as *lê* plus werkwoord in algemene Afrikaans.

2. *Opskeploer* sou die werkwoorde *opskep* plus *loer* kon wees, maar die betekenis strook dan nie. Dit lyk dan eerder asof dit die s.nw. *opskep* bevat, soos in *op die opskep loer* „loer wanneer opgeskep word”; „op ’n vir jou voordelige, maar vir ander mense minder geleë tyd by mense aankom”).

3. *Sitslaap* kan ’n analogies gevormde kompositum wees, maar is waarskynlik ook ’n sametrekking van die partikkellose verbale hendiadis.

4. *Sitstaak* is waarskynlik ’n Rückbildung van *sitstaking*. *Sitstaking* was jare lank in gebruik voordat die werkwoord gehoor of aangeteken is. Volgens materiaal wat uit *Die Volksblad*, *Die Vaderland* en *Die Transvaler* aangeteken is, is *sloerstaak* en *stootskraap* eweneens jare na *sloerstaking* en *stootskraap* gevorm (net soos Engels *bulldozer* lank voor *bulldoze* in Suid-Afrika bekend was); *stootskraap* is trouens gevorm as Afrikaanse weergawe van *bulldozer*).

Blykbaar kan alle verbale begrippe wat saamgedink kan word, ook in sodanige komposita saamgevat word: *Verskoon my tog dat ek so skryf-*

praat „skrywe onderwyl ek praat” en ’n *Man hakkelpraat maklik as jy nie weet wat om te sê nie* „hakkelend praat”, klink my baie normaal.

Dit is moontlik dat die verbinding uitgebrei het na analogie van Nederlandse voorbeelde, maar dis onwaarskynlik omdat

(a) dergelike koppeling seldsaam is in Nederlands,<sup>12</sup>

(b) van al die Nederlandse voorbeelde net twee ook in Afrikaans bekend is, nl. *ginnegaap* en *geroese moes*, en

(c) dié twee nie deur ons gerealiseer word as synde stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat nie. (*Geroese moes* ken ons net as s.nw. Vergelyk WAT III, 170.)

Dit lyk waarskynliker dat die verbinding ontstaan het uit werkwoord + substantiwies gebruikte werkwoord, dus bv. *drafstap* uit *draf* (ww.) + *stap* (s.nw.!), *skudlag* uit *skud* (ww.) + *lag* (s.nw.!) wat ’n gewone, ook Nederlandse, kompositum tipe is (werkwoord + s.nw.), en dat daarna die hele kompositum gebruik is in die verbale funksie van die laaste komponent.

Vergelyk hiervoor die vormingsproses by werkwoord + s.nw. soos deur De Vooy's aangegee:

„Aannemelijk is de verklaring, dat het uitgangspunt geweest is de samenstelling met een nomen actionis, dat even goed opgevat kon worden als een verbale stam en dus tot analogie aanleiding kon geven; woorden dus als *roefdier*, *koopman*, *rustbed*, *slaapkamer*, *werkman*, waarin ook nu nog het eerste lid als substantief voorkomt. Naar zulke modellen konden dus samenstellingen ontstaan, waarin het eerste lid alleen als verbale stam op te vatten is: *hakhout*, *doofpot*, *dorsvlegel*, *drijftol*, *schrijfboek*, *leesboek*, *scheldwoord*, *spreekwoord*, *timmerman*, enz.”<sup>13</sup>

Hierby kan eweneens gelees word wat De Vooy's in verband met die tipe s.nw. + ww. (*boekhou*, *skoolgaan*) sê: „In sommige gevallen zal men ook met ‚Rückbildung’ rekening te houden hebben.”<sup>14</sup>

### § 69 Stam met ww.-korrelaat + Stam met ww.-korrelaat (iteratief) : ww.

Omdat stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat (iteratief) ook as bywoord voorkom, is dit noodsaaklik om hier voorbeeldsinne te gee. . . . of **blaaiblaai** *sommer in ’n woordeboek* (Boerneef: *Palissandryne*, 124)

*Hy staan nog en boor-boor met die groottoon* (P. W. Botha: *Joggie*, 30)

12. De Vooy's, C. G. N.: *Op. cit.*, 170 vlg.

13. *Ibid.*, 165.

14. *Ibid.*, 171.



*Namate die wêreld kaal word, dwing-dwing die honde terug samma-veld toe* (Hobsons: *Vlam van die Bantomberge*, 12)

*Die brandertjies kap-kap soos 'n slang wat kwaad is* (*Die Huisgenoot*, 15.9.1950)

*Hy ruik-ruik die water so effens* (Boerneef: *Boplaas*, 21)

*Teen die venster spat-spat die winterreëndruppels* (C. M. v. d. Heever: *Laat Vrugte*, 245)

*Half skaam skud-skud hy die los hare van sy vingers af* (A. Jonker: *Die Trekboer*, 80)

Die morfologiese eenheid van die kompositum blyk uit die voltooide tyds-vorm (*hy het*) *gekoes-koes* / *gekap-gekap* ens.

Die semantiese waarde van die kompositum is duratief en herhalend.

Die verbinding is alledaags in spreek- en skryftaal, maar kom tog hoofsaaklik voor in enigsins dramatiese en/of gemoedelike stylverband. (Vergelyk § 70.)

Die konstruksie is relatief oop, d.w.s. daar kan betreklik vryelik nuwe komposita so gevorm word, maar die samestelling van eenlettergrepige woorde is tog baie gewoner as dié van meerlettergrepiges. Van die 51 voorbeelde waarmee hier gewerk is, is 44 eenlettergrepig en 7 meerlettergrepig (samegestelde woorde inbegrepe). Voorbeelde van laasgenoemde is bv. *As ou Majaaitjie se kakebeen so toeklap-toeklap en dan weer oopval . . .* (*Die Burger*, 10.9.38),

*. . . draai 'n perd en skuimbek-skuimbek so oor 'n vasebyte stang* (L. Maré: *Nuwejaarsfees*, 42),

*Onderwyl die trein oor die vaal . . . Karoo rammel-rammel* (A. Heymans: *Van Willem en San*, 166).

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die herkoms van die konstruksie is nie volkome helder nie. Le Roux noem dit glad nie – wel die adverbiale funksie daarvan – en Bouman sê niks van die werkwoord as werkwoord nie. Scholtz sê die kompositum is seldsaam in Nederlands, en noem net een voorbeeld *klept-klept*, maar gee elders nie-komposita in Nederlands soos *praat, praat; glipt, glipt; rende, rende*.<sup>15</sup> Inderdaad is herhaling, ook meer as twee keer, van die werkwoord baie gewoon in Nederlands, veral in kinderryme en liedjies, bv.

*Paardje loop loop loop,*

*Paardje draaf draaf draaf,*

*Paardje holle holle holle holle hol e.d.m.*

Maar dis die vraag of hierdie gebruik ook in die vrye Nederlandse taal veel voorkom, d.w.s. meer as wat die letterkunde te sien gee. Wel of nie,

15. Scholtz, J. du P.: *Op. cit.*, 6.

ook in Nederlands sou dit normaal wees dat 'n werkwoord herhaal word en dan as samekoppeling behandel word as die pouse ontbreek of, anders gestel, as die tempo versnel. Geneties beskou, is dit dus 'n geringe stappie van *koes*, *koes* tot *koes-koes*: ons kan die kompositum in hierdie funksie as normale samekoppeling beskou. (Vergelyk ook § 50 hiervan oor die iteratiewe s.nw. > s.nw.) Dit het trouens in Nederlands al so gebeur. Die WNT III, 1512 gee 'n werkwoord *brombrommen* en haal daarby aan (uit 1864): *'t poesjen brombromt bij de warme houtasch*. Toegegee dat dit maar een voorbeeld is, is dit nogtans 'n belangrike voorbeeld omdat dit nou die heel eerste is wat ons het waarin die werkwoord iteratief ook in Nederlands as morfologiese eenheid gebruik word: Scholtz se voorbeeld *klept-klept* het 'n *t* by elke deel, maar *brombromt* het dit net by die laaste lid. Dat dit net een voorbeeld is, is jammer, maar nie finaal nie – met die iteratiewe werkwoord as bywoord het ons ook maar met een begin. Die soektog eindig nie hier nie. Ons probleme word gereeld kleiner.

**Opm.:** Behalwe *brombrommen* is in die WNT V, 2142 nog 'n ouer voorbeeld uit die jaar 1661 van 'n soortgelyke Nederlandse iteratief gevind, naamlik *haphappen* in: *Zy kieskauwen over een mug en haphappen een kemel* (Oudaan, *Agrippa*, 232).

## § 70 Sinskomposita

Met sinskomposita word hier bedoel komposita wat gedeeltelik of in hulle geheel woordreëse, woordgroepe, halwe of hele sinne is, met of sonder 'n toegevoegde laaste komponent wat, as hy aanwesig is, buite die woordgroep of -sin, maar binne die kompositum staan. *Ete en drinke* is 'n gewone woordreëse in bv. *Daar is altyd iets te ete en (te) drinke* en dit word sonder meer as nouere eenheid gebruik in die sin van „gesig, voorkant van die mens se kop, mond” (en dan ook *ete-en-drinke* geskrywe). Teoreties kan enige woordgroep of sin so gebruik word. Daarnaas word aan dieselfde soort sintaktiese verbinding 'n woord toegevoeg wat nie sinsdeel is nie, wel kompositumdeel, byvoorbeeld in *eet-en-sluk-partytjie* (*eet en sluk + partytjie*. *Die Brandwag*, 28.4.1948).

### *Komposita met en*

Hiervan het Afrikaans heelwat, bv.

*bek-en-klouseer*,

*boertjie-en-sy-varkies* (G. Preller: *Oorlogsoormag*) beter bekend as *boer-met-die-vark(e)*,

*broek-en-baadjie* blomsoort (Riversdal),

*dop-en-dam* „brandewyn met water”,

*glips-en-gly* „jellie” (skoolkinders),

*ha(a)k-en-pootjie*,

*heen-en-weer* (meesal in diminutiefvorm: *heen-en-weertjie*),  
*koei-en-kalfie* „waterpas”, s.nw. in *koei-en-kalfie gooi op 'n rivier*,  
*op-en-af* „bas van vermeerbossie”.

**Opm.** 1. *Bloeds-en-mag* (meesal: uit *bloeds-en-mag*, maar ook (uit) *bloeds-en-murg*) lyk soos dié tipe, hoewel die herkoms van die *s* van *bloeds* nie duidelik is nie. Kan dit miskien die *s* van *hals* in bv. (uit) *hals-en-mag* wees?

2. *Glattendal* (WAT III, 294) is *glad-ende-al* (vergelyk ook *glattema(a)*) „glad 'n maal) en bevat nog die verouderde *ende* „en”, met soos *henen-deweer* > *heen ende weer* > *heen en weer*.

3. Die *spring* in *bek-en-spring* „bek-en-klouseer” (Vryburg-Mafeking) is nie duidelik nie.

Met *en* en 'n toegevoegde woord by die woordgroep of sin is daar ook heelwat, bv.

*bekvet-en-swawel-smeermiddel*,

*haak-en-steekbos*,

*jy-en-ek-verhouding*,

*koppie-en-piering-geluide*,

*kort-broek-en-bloese-uitrustings* (C. Lessing: *As die Volmaakte gekom het*, 18),

*lê-en-vrot-onsin* (*Die Burger*, 15.11.1939),

*pik-en-graaf-deskundiges* (*Die Volksblad*, 27.6.1950),

*spek-en-boontjie-beskouing* (*Die Brandwag*, 28.4.1948),

*wenkrou-en-ooghaar-gewas* (Uys Krige: *Sol y Sombra*, 19).

Soos uit die voorbeelde blyk, is dit dus veral s.nwe. en werkwoorde, en in mindere mate bywoorde, wat so saamgetrek word. Vergelyk ook verder *druk-en-knyp-jaar* in *Depressiejaar is druk-en-knyp-jaar*, *meng-en-sprei-apparaat* (*Landbouweekblad*, 8.9.1948), *oortree-en-betaal-op-die-plek-metode*, *paal-en-modder-hartbeeshuisie* (F. Steyn: *Die Wêreld wat was*, 1).

Die *en*-tipes is ook gewone Nederlands, net soos verskeie van ons Afrikaanse voorbeelde, bv. *mond-en-klouseer* (vergelyk § 46.2). Daar skyn geen grens te wees aan die vorming van nuwes nie, ook nie wat tipes sonder *en* betref nie.

*Ander woordgroepe as komposita*

Net so gewoon as bv. *dop-en-dam* „brandewyn met water” of (*'n*) *dop-en-dam-drinker*, is ander woordgroepe en/of sinne, met en sonder toegevoegde komponente.

*Woordgroepe/Sinne sonder meer as komposita gebruik:*

Die geval *aan-die-slaap* in 'n *aan-die-slaap juffroutjie* is duidelik getransponeer van die predikatiewe *aan die slaap*. Dan is dit nog die vraag of dit

'n vry pre-adjunk is (kyk Posthumus), en of dit nie 'n kompositum vorm met *juffroutjie* nie.

*Alles-van-die-beste* in 'n *Verdroogde stuk alles-van-die-beste . . .* (H. Smit: *Sy kom met die Sekelmaan*, 27). Dit word gewoonlik as wens gebruik, dus enigsins interjektief.

(*'n*) *Arnaatjie-sleep-deur-die-modder* „iemand met 'n slordige voorkoms, lunsriem”.

*Bok-se-pens/-oog/-stert* „nou net mooi – min of meer – niks, glad niks”. Dit is vermoedelik almal eufemistiese variasies op *bok-se-hol*, wat self weer 'n soort volksetimologie is van *boggher(h)ol* < Eng. *bugger all*.

*Brehm-se-gras*: 'n soort veevoer, na bewering ingevoer deur 'n apteker Brehm. *Se* kom nie ondikwels nie, ook in plekname (vergelyk die publikasies van die pleknamekomitee) in saamgetrekte woorde voor.

*Die-man-wat-so-fluit*. Dit word gebruik as uitkeningsbenoeming in P. J. Schoeman: *Jagters van die Woestynland*, 17. Schoeman doen dit meer-male.

Vergelyk ook in *Jagters van die Woestynland*, 148: *man-vir-wie-se-tandeleeu-bang-is*, 'n tipiese Boesman-manier van naamgewing.

Ook in Bantoe en Bantoe-Afrikaans is dit algemeen: *meisie-staan-op-twee-voete-ek-loer-nie-ek-kyk* (G. H. Franz: *Moeder Poulin*, 20).

Verdere voorbeelde:

*dood-in-die-dop* in . . . *maar ons is nou mos darem nie heeltemal dood-in-die-dop* (Boerneef: *Van my Kontrei*, 71),

*een-man-oor* in *M. het die een-man-oor bewerkstellig en R. het gaan druk* (*Die Burger*, 22.5.1950),

*een-stryk-deur* in . . . *jil Velbaadjie een-stryk-deur* (D. F. Malherbe: *Die Meulenaar*, 149),

*een-vir-my, een-vir-jou* in . . . *iets een-vir-my, een-vir-jou eet* (M. Postma: *Lettie Bock kom kuier*, 16),

*ek-weet-nie-wat-my-makeer-nie* in . . . *al haar ek-weet-nie-wat-my-makeer-nie uitgesnik* (*Jaarblad, Hoërskool Parow*, 1947),

*elke-dag-sel-fde-dag-en-verbrands-broer-môre-kan-jy-maar-weer-begin* (Uys Krige: *Sol y Sombra*, 72),

*geduld-in-lydsaamheid* in *Alles het gegroei tot die geduld-in-lydsaamheid* (N. P. van Wyk Louw: *Die Halwe Kring*, 14),

*die esel/os wat haar(hot)-agter-op-ses/twaalf trek*,

*'n help-my-trap*: tergnaam vir soort knor- of bromfiets,

*het-ek-maar* in *As het-ek-maar kom, is dit altyd te laat* „spyt kom altyd te laat”,

*in-die-loog-steek* in *Die in-die-loog-steek van die druiwe* (J. Perold: *Handboek oor Wynbou*, 607),

*Jan-in-die-Sak*: soort poeding, vergelyk *nonnetjie/ouvrou-onder-die-kombers*,

'n kappetuit: *kap-dit-uit* „iemand wat dit al meer as een keer voor die polisie uitgekap het, d.w.s. ontsnap het”,  
 'n kul-die-boere „hemp met gekleurde onderdeel en wit kraag”,  
*laaste-by-die-paal* „wegkruipertjie”,  
*moenie-praat-nie*: 'n soort laagrankende dwergblommetjie (Marico),  
*om-die-draai* „kafferkoringmeel”,  
 'n patat-bo-die-grond / *stok-in-die-rok*: pampoensoort,  
*smoel-om-die-bek* „Turkse lekkers”,  
*wil-net-opstaan* in . . . omdat die domineesvrou . . . haar styf en wil-net-opstaan hou . . . (C. M. v. d. Heever: *Kromburg*, 56). Van den Heever het baie sulke sinskomposita.

Teoreties skyn daar geen beperking te wees op wat so gekoppel kan word om as eenheid opgevat te word nie. Word met sulke aaneenryginge 'n slotkomponent verbind, kry ons wesenlik 'n gewone kompositum: die voorlaaste gedeelte(s) is dan net woordgroepe of sinne. Die volgende kan met honderde aangevul word:

*alles-gaan-goed-atmosfeer* (C. M. v. d. Heever: *Kromburg*, 51),  
*buig-of-bars-uitdrukking* (D. F. Malherbe: *Die Hart van Moab*, 235),  
*die-tyd-sal-ons-leer-beleid* (Sabra: *Die Naturellevraagstuk*, 18),  
*dertig-myl-per-uur-teken*,  
*droog-my-keel-bessies*,  
*ek-het-jou-mos-gesê-houding* (*Die Huisgenoot*, Aug. 1950),  
*ek-kuier-lekker-uitdrukking* (*Die Naweek*, 20.2.1947),  
*hoed-in-die-hand-dae* (*Die Landman*, Okt. 1947),  
*huil-baba* (*mamma?*)-*gogga-maak-vir-baba-bang-gesig* (Boerneef: *Stad en Land*, 17),  
*Kaffer-Moor-en-Indiaan-hoendertjies* (Alba Bouwer: *Nuwe Stories van Rivierplaas*, 23),  
*man-se-hand-wolkies* (Langenhoven: *Herrie op die ou Tremspoor*, 230),  
*nek-om-draai-gevoel* (*Die Burger*, 28.7.1950),  
*oor-die-heining-stories* (*Die Brandwag*, 9.9.1949),  
*ry-maar-in-kerk* (*Sondagnuus*, 21.5.1950),  
*uit-die-ou-doods-gedoente*,  
*vies-vir-die-wêreld-uitdrukking* (Sangiro: *Simba*, 168),  
*wag-'n-bietjie-fotograawe* (*Radio*, 15.8.1951).

**Opm. 1.** So 'n verbinding met 'n persoonsnaam is maar een keer teëgekomm: *wil-graag-vrede-hou-Flip* (C. M. v. d. Heever: *Kromburg*, 79). Dit herinner aan J. van Bruggen se ewe ongewone *gou-praat-Greeff* (*Teleurgestel*, 203) i.p.v. die gebruikelike *Greeff-gou-praat*, soos *Hans Lekkerlag/Grootpraat* e.d.m. (vergelyk § 60.4).

2. ('n) *so-lyk-lammetjie* „een van 'n tweelinglam” (Namakwaland) sou normaler gewees het in die vorm *lyk-ook-so* of *lyk-net-so-lammetjie*.

3. 'n lekker misvloer-deursteek-tot-dagbreek-dans (Fleur, Aug. 1946) is 'n deursteek-tot-dagbreek-dans wat gelyktydig 'n misvloerdans is; dit is die enigste aangetekende voorbeeld waar 'n woordgroep of sin nie die eerste komponent van die kompositum is nie. Normaler sou dus gewees het 'n deursteek-tot-dagbreek-misvloer-dans.

4. As *bang-oormekaar-kyk-oë* (P. C. Schoonees: *Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*, 176) geset is soos dit hier staan, is dit ook 'n sinskompositum. So nie, is dit *bang* + *oormekaarkykoë* (die laaste 'n gewone kompositum).

5. *klein-klippie-ver-gooi* „die oog van mens of dier” het baie van die sinskompositum, maar sou vir 'n sinskompositum veronderstel dat dit net die laaste gedeelte van byvoorbeeld 'n *mens kan met 'n klein klippie ver gooi* is. Eerder is sy vorm te beskou as dié van sy gebruiklike verband, naamlik die taalvorm van die raaisel.

6. A. G. Visser se *olie-rolie-polie-katjie-poetjie-olifant* (*Uit ons prille Jeug*) bevat vermoedelik die *olie* van *olifant*, dan *rolie-polie* om sy vetheid, en *katjie-poetjie* vir die gomlastiek. Dit is 'n speelvorm soos 'n paar ander in dieselfde bundel, bv.

*ou veertien-voet-van-seerkeel-as-hy-keelseer-kry-giraf*,

*piering-pinang-rottang-blatjang-oerangoetangs* (almal Maleise woorde wat bekend is in Afrikaans),

*Kalaharie-Sarie-harie-blikkanarie-dromedaris*, en dit herinner ook aan die sinlose dagga-sêgoed van nie-blankes.

Soos die bronne, en soms die gemeensame woorde, aandui, is dergelike verbindings nie beperk tot literêre taal nie.

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die meeste voorbeelde op die voorafgaande bladsye is Afrikaans eiegoed, maar ons het tog die tipe met sommige voorbeelde en al, uit Nederlands behou, bv.

*laat-maar-springen* en

*laat-maar-springen-beleid* (ons *laat-maar-loop-beleid*),

*man-van-de-daad*.<sup>16</sup>

Tog moet daarop gewys word dat Overdiep die tipe *met-de-looppas-vooruit-probleem*, d.w.s. dié met 'n toegevoegde woord by die „aangehaalde zin(sdeel)” – hier *probleem* – nie goeie Nederlands ag nie. „Het probleem (van) ‚met-de-looppas-vooruit’ ware wel zo fraai”<sup>17</sup> sê hy.

Nederlandse taalkundiges onderskei dikwels sogenaamde imperatiewe komposita.<sup>18</sup> Dit is dan gevalle soos *kijk-in-de-pot*, *haal-in*, *klim-op* (*kruidje-roer-mij-niet* e.d.m).

16. Overdiep, G. S.: *Stilistiese grammatica*, 211–212.

17. *Ibid.*, 211.

18. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 191–193.

Dit is nie altyd duidelik dat so 'n onderskeiding vir Afrikaans noodsaaklik is nie: of iemand se bynaam nou al *Komnader* is omdat hy gewoonlik uitnooi: *Kom nader!*, of 'n gewaarwording *het-ek-maar* genoem word omdat mense so dikwels selfverwytend sê *Het ek maar . . . !* of 'n soort seunskuif 'n *dagbasie* genoem word omdat die kuif orent staan soos iemand wat handomhoog groet, en of 'n plantnaam *soek-hulle-basie* is omdat dié woorde gewoonlik gebruik word as aanmoediging vir kinders om dié soort grys blommetjie te soek wat soos die grond lyk en wat gevind word deur op hulle skerp reuk af te gaan, skyn geen verskil in genetiese proses in te hou nie. Dan kan ook die volgende rustig tot die sinskomposita gereken word: *Kruidjie-roer-my-nie* en al sy variasies, bv. *hempie-raak-my-nie*, *klippie-druk-my-nie*, *duwweltjie-steek-my-nie*, *dorinkie-krap-my-nie*, en verder *môre-baas* „onkruid wat as 't ware sommer die volgende dag weer daar is, nadat dit die vorige dag afgekondig is” ens.

Ook hierdie tipe is, soos terloops geblyk het, Nederlands, saam met party van ons voorbeelde soos *kruidjie-roer-my-nie*, *klimop* ens.

### § 71 Afstandskomposita

Onder afstandskomposita word gewoonlik komposita verstaan waarvan die dele soms deur ander woorde geskei word, en dan word byvoorbeeld *waar . . . van* in sinne soos *Die mense waar jy nou van praat* daaronder ingesluit. Goed beskou, sou dan ook die sogenaamde skeibaar samegestelde werkwoorde onder dié naam inbegryp moes word, omdat dit juis 'n kenmerk van dié groep is dat die dele van sulke komposita uitmekaar staan, byvoorbeeld in *vassit* teenoor *vas aan die hout sit* en *dit sit daaraan vas*. Dan sou talle verbindings soos *opspiraal*, *aankruiwa* e.d.m. (vergelyk § 27) ook so genoem kon word, omdat hulle dele in 'n ander sintaksis ook geskeie voorkom, byvoorbeeld *Die rook spiraal reguit op*, *Hulle kruiwa die goed aan* ens.

Vir die praktiese taalgebruik sou dit nogtans eintlik van geen belang wees hoe sulke komposita genoem word nie, omdat, wanneer die dele in kontakposisie staan, tog aaneengeskrywe word. En vir die woordvorming is dit van ewe min belang, omdat dié primêr alleen met kontakkomposita werk.

Maar daar is 'n ander tipe waaraan daar wel praktiese en akademiese probleme vassit, naamlik die tipe *tweeslag roterende motor*.<sup>19</sup> Die praktiese kant hiervan is dit:

1. *roterende* moet, as vrye b.nw., los van *motor* geskryf word: *roterende motor*;

2. *tweeslag* moet, as onvrye s.nw. by *motor*, daaraan vas geskrywe word: *tweeslagmotor*;

19. Posthumus, M. J.: *Die vry preadjunk in Afrikaans*, 113.

3. maar as *roterende* tussen die ander twee staan, kàn *tweeslag* nie meer vas wees nie. Dan word die vraag :

4. moet ons nou skrywe: *tweeslag roterende motor* (drie los woorde) of *tweeslag-roterende motor* (ook drie los woorde, maar met 'n koppelteken na *tweeslag* om aan te toon dat dit nog altyd deel is van die kompositum *tweeslagmotor*?

5. Posthumus<sup>20</sup> pleit vir die skryfwyse *tweeslag roterende motor* o.a. omdat hy sê daar bestaan nie „sulke afstandsamestellings” nie: *roterende tweeslag* word vir hom „vry” gemaak deur die vrye tussengevoegde b.nw.

6. 'n Deel van die skryfpraktyk is stellig ook aan sy kant met die standpunt dat die koppelteken oorbodig, onooglik en die reël in verband daarmee „moeilik om toe te pas” is.

7. Daarteenoor staan 'n ander (akademiese) standpunt, naamlik dat daar wel „sulke afstandsamestellings” bestaan en dat, as byvoorbeeld *tweeslag roterende motors* as drie vrye woorde geskrywe kan word, daar weinig grond oorbly om *tweeslag* vas aan *motors* te skrywe as die *roterende* (of enige ander skeidende „vrye” b.nw.) nie aanwesig is nie. Waarom eintlik nie? Om die praktiese oorweging of die feit, hoe 'n mens dit ook al wil stel, dat waarskynlik niemand die skrywende publiek, skole inbegrepe, sal kan beweeg om die konsekwensies daarvan te aanvaar nie. En die konsekwensies is? Dit is dat die publiek dan die vryheid kry om enige twee s.nwe. of 'n werkwoord en 'n s.nw. ens. ook los te skrywe, sê maar bv. *kap kar* en *lees bril*.

Ons kan dus tot die akademiese vraag terugkeer, naamlik of daar wel of nie afstandskomposita bestaan nie. En dit lyk asof hulle wel bestaan. Net so duidelik as bv. *aanteel* of *aspirant* of *hangskouer* of *sleepvoet* morfologie het in sê maar *aangeteel*, *aspirante*, *hangskouers* en *sleepvoete*, net so duidelik het hulle dit nie in verbindings soos byvoorbeeld *aanteel- uie*, *aspirantkandidate*, *hangskouermans* en *sleepvoetdametjies* nie: in komposita hê hulle nie dié morfologie nie. En hulle het dit nog steeds nie as hulle van hulle meegaande s.nwe. geskei is soos in *aanteel- laat uie*, *aspirant- mediese offisier* (voorbeeld van Posthumus, 108), *hangskouer- moderne mannetjies* en *sleepvoet- moderne vroumense*. Die tussenvoeging van „vrye” b.nwe. herstel dus nie hulle morfologie nie. Anders uitgedruk, kan ons sê: hulle grammatiese gedrag in tweewoordverbindings soos *aanteel- uie*, *aspirantkandidate* ens. is net soos in driewoordverbindings soos *aanteel- laat uie*, *aspirant- mediese offisier* ens., daarom word hulle ook as grammaties-identiese verbindings beskou en geskrywe.

20. t.a.p., 109 e.a.



'n Tipe eerste komponent wat hierby moeilikheid gee is bv. *kaalvoet, dikmond* e.d.m. Afrikaans het baie van dié tipe wat èn as b.nw. èn as s.nw. fungeer (vergelyk § 40). As s.nw. beskou, moet hulle dan as komposita behandel word in bv. *kaalvoetkinders* (en dan ook *kaalvoet- blanke kinders*), *dikmondwerkers* (en dan ook *dikmond- Russiese werkers*) e.d.m. Ook as hulle as b.nw. beskou sou word, sou hulle komposita kòn vorm (samekoppeling dan) in bv. *kaalvoetkinders* en *dikmondwerkers*. Daarteenoor staan egter dat, as hulle as b.nw. beskou sou word, hulle nie outomaties komposita met s.nw. vorm nie: dan sou *kaalvoet kinders* en *dikmond werkers* net soos bv. *lelike kinders* en *ontevrede werkers* woordbindinge, sou hulle eweneens lede van woordgroepe wees (en los geskrywe groepe wees (en los geskrywe word). Verskyn hulle dan in drieledige verword), dus *kaalvoet blanke kinders* en *dikmond Russiese werkers*. Mense kan so iets beskou as 'n swakheid in ons skryfstelsel – as vryheid om tussen twee vorme te kies, 'n swakheid is – mits maar besef word dat dié vryheid of tweeheid nie veroorsaak word deur drieledige verbindinge nie: dit is die b.nw. wat die tweeheid veroorsaak, want 'n b.nw. vorm nié outomaties 'n samekoppeling met sy meegaande s.nw. nie, maar hy kàn dit vorm.

En nou is die verdere probleem hierby dat komposita van die tipe *kaalvoet* en *dikmond* net soms b.nw. is. Ander, met dieselfde soort komponente in dieselfde volgorde, is net s.nw., bv. *taaipit, swartkop* e.d.m. Dié kan dus net komposita vorm met volgende s.nw., nie ook woordgroepe nie, sodat ons dus met hulle *taaipitperske* en *swartkopskape* kan kry, maar nie *taaipit perske* of *swartkop skape* nie, en dus ook *taaipit-Transvaalse perske* en *swartkop- Persiese skape* (maar nie bv. *taaipit Transvaalse perske* asof *taaipit* 'n b.nw. is nie, want hy is dit nie).

In die laaste instansie maak dit dus nie saak of verbindinge soos *tweeslag roterende motor* 'n afstandskompositum of 'n gesplete kompositum genoem word nie: *tweeslag* bly daarin die eerste komponent van 'n kompositum *tweeslag-motor*.

En oor die vraag of daar baie dergelike verbindinge bestaan, is daar geen twyfel nie. Posthumus gee self dosyne daarvan (o.m. op bl. 102-3 en 113). Maar sy voorbeelde is ongedifferensieer. *Droëlewer Bolandse jong, grootbek verwaande kêrel, hardekoejawel jong studentjie, malkop bedorwe kind* e.a. kàn so geskrywe word omdat die komponente *droëlewer, grootbek, hardekoejawel* en *malkop* vrye b.nw. is. *Eenoog Engelse bril, rooinek Engelse lord, swartkop Persiese skaap* kan nie so geskrywe word nie, omdat hulle eerste komponente, nl. *eenoo, rooinek* en *swartkop* nié b.nw. is nie, nie in dié verband nie, en in geen ander verband nie. In verbindinge móét hulle dus beskou word as dele van komposita (en dus geskrywe word: *eenoo- Engelse bril, rooinek- Engelse lord* en (om 'n keer 'n digterlike voorbeeld daarby te haal net soos Opperman dit laat druk het) *wolgesig- ou uil (Periandros van Korinthe, 110)* (ook aangehaal deur Posthumus, 109).

## Afleiding en Samestellende Afleiding

### § 72 Inleiding

Met afleiding word hier bedoel: woordvorming deur middel van formantia (d.i. hoofsaaklik voor- en agtervoegsels). Die eenvoudigste soorte probleme in verband met afleiding verskil nie weselik of noemenswaardig van dié in verband met woordvorm (vgl. §§ 74 en 77) nie.

Ons kry die volgende soorte probleme in verband met afleiding :

#### A. Vorm

Waar daar formansvariante bestaan, is die vraag of daar stelsel is in hulle spreiding, bv. *-lik* en *-elik* in *hartlik/hartelik*, *-loos*, *-eloos*, *-teloos* in *geesloos/geesteloos*, *hartloos/harteloos*, *-rig*, *-erig*, *-derig* ens. in. *warmrig/warmerig/warmerdig* e.d.m.

In hierdie bundel word die spreiding oral aangegee waar dit sinchroon bepaal kon word. Die Woordelys van die Akademie gee hierby al 'n mate van leiding, ook wat werkwyse betref: „dit is prakties die beste om van die klankbou van die woord uit te gaan” (par. 16; 6de druk, bl. 15). Waar dit te pas kom, sal onder bepaalde formantia meer hieroor gesê word.

#### B. Sistematiek: afleiding of nie?

Dit is lank nie altyd duidelik waar die grens(e) tussen afleiding en sekere ander gebiede van die taal loop nie. In *die Paarlse/Bolandse mense – die Paarl/Boland se mense*, is daar nou 'n afleidingsformans *-se* (of *-e*?) soos in *oorsese*, *rebelse*, en dus afleiding, of die partikel *se* van bv. *die land se mense*, en dus 'n woordgroep, en/of dieselfde partikel en dus kompositum ens.? Ons skryfwyse steun nie op duidelike taalwetenskaplike oorweginge nie.

Enigsins anders lê die probleem binne die terrein van die morfologie self. Is daar byvoorbeeld taalwetenskaplike grond vir die onderskeiding tussen afleidingsmorfologie en buigingsmorfologie? Prof. De Villiers noem die volgende :

„*Fleksieformanse*:

1. Hulle het duidelike betekenis of waardes; geflekteerde woorde is ‚voorspelbaar’ t.o.v. vorm en betekenis. As ons denkbeeldige woorde soos ‚twee sawas’ of ‚n torp’ teëkom, kan ons voorspel dat ‚een sawa’ en ‚verseie torpe’ moet bestaan.

2. Hulle verander by toevoeging nie die woordsoort nie bv. hark – harke, skoon – skoner.

3. Hulle sluit meestal die moontlikheid van toevoeging af, wat tewens beteken dat hulle in Afrikaans verder van die stam moet staan as afleidingsformanse.

#### *Afleidingsformanse:*

1. Hulle betekenis of waardes hang dikwels in hoë mate van die res van die woord of van oorlewering af, sodat afleidings moeiliker ‚voorspelbaar‘ is. Iemand wat nie ‚vriendelik‘ is nie is ‚on-vriendelik‘, iemand wat nie ‚gesond‘ is nie, is . . . nie ‚ongesond‘ nie maar siek! Van wandel kan ons ‚wandeling‘ vorm, maar van ‚loop‘ nie ‚loping‘ nie!

2. Hulle kan by toevoeging die woordsoort verander, bv. groot-heid, wasbaar, be-veilig.

3. Hulle sluit nie noodwendig die moontlikhede van toevoeging af nie, wat tewens beteken dat hulle in Afrikaans nader aan die stam moet staan as fleksie-formanse.”<sup>1</sup>

Prof. De Villiers se gebruik van „meestal”, „dikwels” en „nie noodwendig nie” is ’n aanduiding dat hy geweet het dat die verdeling nie waterdig is nie. Verbindinge van diminutiewe meervoude met *-rig* is byvoorbeeld baie gewoon in Afrikaans, bv. *toutjiesrig*, met ’n stuk buigingsmorfologie (*-s*) voor ’n afleidingsformans (*-rig*). En *-rig*-vorme as waardes is net so voorspelbaar as die van byvoorbeeld meervoude.

Hier word egter nie geprobeer om met dié onderskeidingsprobleem verder te vorder nie.

Nog lastiger is die vraag of alleen gevalle waar ’n stam in dieselfde vorm ’n selfstandige woordkorrelaat het, tot afleiding gereken moet word. As daar geen selfstandige woordkorrelaat is nie, is daar weinig probleem, maar nie geen probleem nie. Daar is tog geen twyfel dat *modifiseer* en *modifikasie* met mekaar verband hou nie, t.o.v. ’n gedeelte van die vorm (*modifi-*) en t.o.v. die betekenis. Maar ons het geen woord *modifi\** nie. Om sulke gevalle buite bespreking te laat, sou verdedigbaar wees omdat dit geen produktiewe procedé is nie. Maar sou die konsekwensie(s) van so ’n standpunt ook aanvaarbaar wees? *Retirasie* het ook geen selfstandige woordkorrelaat *retir\** nie, maar hou tog verband met *retireer*, net soos *produsent* en *produseer* met mekaar en met *produk*, of *waardasie* en *waarddeer* met mekaar verband hou. En daar is honderde sulke gevalle. *Willie* en *Willa* steun ook nie op *Wil* nie, net so min as *Gerra* en *Gerrie* op *Ger*,

1. De Villiers, M.: *Afrikaanse Klankleer*, 162.

maar die vorming van *-a*-vorme is in 'n mate produktief, en van *-ie*-vorme taamlik produktief. Afrikaans vorm dus wel afleidinge – altans soms en sommige – van onselfstandige morfeme.

'n Verwante tipe probleem lê in gevalle van stamwysiging by afleiding. Die samehang en verband tussen bv. *populêr* en *populariseer*, *reël* en *realiseer*, *styl* en *stiler*, *China* en *Chinees* ens., is baie duidelik. Moet hulle net as taalvoorraad beskou of binne ons taalsisteem geplaas word?

Waar dit te pas kom, word meer aandag aan sulke gevalle bestee.

### C. Semantiek

Omdat ons heelwat aandag gaan gee aan die semantiese gesigspunt in verband met afleiding, hoef hier voorop niks verders gesê te word nie.

### D. Produktiwiteit, Diachronie en vergelyking met Nederlands

Die produktiwiteit en herkoms van 'n formans is vir ons in Afrikaans van besondere belang met die oog op die baie woorde wat die algemene administrasie, die spoorweë, radio, handel en nywerheid, en die akademiese lewe feitlik van dag tot dag moet „maak”. Daaraan word hier eweneens heelwat aandag bestee.

### E. Stilistiek

Stilistiese probleme in verband met afleiding is meesal net van akademiese belang, byvoorbeeld as ons vra of daar 'n verband is tussen stylwisseling en afleidingsgebruik. Daarvan sal ons, saam met C en D, voldoende te sien gee.

Die hoofmoeilikhed wat ons sal teenkom, veral in lastiger soort gevalle, lê in die bepaling van semantiese en stilistiese waardes. Daarvan word enkele gevalle uitgewerk om die werkmodes en gesigspunte te illustreer.

### F. Behandelingsmetode van afleidinge

Dit sou sy nut hê om wat semanties en/of woordsoortelik verwant of identies is, bymekaar te behandel. In die geval van allomorfe kan dit ook nouliks anders: *-ie*, *-jie*, *-pie*, *-etjie*, *-tjie* ens. in verkleinwoorde moet van self bymekaar gehou word, of *-ery*, *-ry* en *-y* by stamme met ww-korrelate. Die probleem kom veral by woorde met formantia wat kategoriaal verwant is, bv. *-agtig* en *-erig* in bv. *aluinagtig*, *aluinerig*, *be-* en *ver-* in bv. *bebrou* en *verbrou* e.d.m.

As elke formans net een waarde gehad het, al hou dit ook hoe nou verband met 'n ander, sou daar geen probleem wees nie. Maar *-agtig* en *-erig* verskyn glad nie altyd by dieselfde stamme nie en hulle waardes lê soms ver uit mekaar, net soos dié van bv. *be-* en *ver-*.

Om nou sulke gevalle saam te groepeer, sou in die praktyk beteken dat die onverwante waardes en die verwantes in dieselfde omgewing bespreek word. Dit werk nie verhelderend nie.

Dié gedagte kan nog verder gevoer word, naamlik so dat nagegaan word of daar miskien groot groepe is. Daar is, ongetwyfeld. Daar is 'n groot en duidelike persoonsgroep, 'n versamelgroep, 'n toestandsgroep, en daar is kleiner groepe. Selfs so is daar oorvleueling. Nogtans word die besonderhede van die drie groot groepe maar gegee, sodat die leser self kan oordeel.

Die vraag word dan wat van die res van die gegewens moet word. Die antwoord kom op die volgende neer: wanneer 'n formans, met sy moontlike allomorfe, reeds volledig in 'n groot groep bespreek is, word in die alfabetiese volgorde net na die groep verwys. As dit net gedeeltelik in 'n groot groep pas, word in die partikuliere alfabetiese geval net die ander besonderhede verwerk en verder na die groot groep verwys.

### § 73 'n Poging tot die Groepering van Formantia en Afleidinge in Grammatiese en/of Oppositionele Groepe

Dit sou vir die hantering van 'n taal, ook Afrikaans, gelukkig gewees het as die bou van die woorde só was dat wat in omskryfbare opsigte eenders was, ook altyd gemeenskaplike betekenis-elemente gehad het, dus as ons byvoorbeeld kon sê alle woorde wat op, sê maar, *h* begin en *s* eindig, het te make met . . . (wat dan ook al). Langenhoven en prof. E. C. Pienaar het in dié rigting gedink toe hulle gesê het:

„In verband met hierdie toevallige ooreenkoms tussen klank en inhoud sê Multatuli êrens 'n mooi ding. Die *sss*-klank wat ons gebruik om iemand te versoek om suutjies te praat – die kenmerk van die gefluister – is die teken van *ss*stilte. Die *rrr*-klank is die teken van *gerrraas*. Nou kry jy die woord *rus* (*rrrusss*) wat aandui dat daar geraas was en stilte gevolg het en die woord *stoor* (*ssstoorry*) wat aandui dat daar stilte was en geraas gevolg het. Multatuli gee 'n menigte ander voorbeelde.”<sup>2</sup>

Daar is min materiaal nodig om aan te toon dat dit nie so is nie, ook nie t.o.v. Langenhoven en Pienaar se *r-s*-gevalle nie.

Nou kan 'n mens sê dat dit met die afgeleide woord tog beter gesteld is, omdat daarby tog kategoriale semantiese waardes aanwesig is. 'n Mens kan byvoorbeeld sê dat woorde met 'n voorvoegsel *on-* meesal of dikwels iets negatiefs te kenne gee, bv. *onbekwaam*/*onbuigsaam*/*ondoeltreffend*/*onegalig*/*onguns* ens. Iets soortgelyks kan gedoen word met die meeste groepe woorde wat herkenbare affikse bevat. Maar verder as „meesal of

2. Pienaar, E. C., en C. J. Langenhoven: *Hoe om te skrywe*, 35.

dikwels” kom jy nie, en die betekeniswaardes is dikwels so uiteenlopend dat hulle verbandloos voorkom, byvoorbeeld dié van, sê maar, woorde met *-ing*. Vergelyk die *-ing*-woorde in die volgende sinne :

*Die aantekening<sup>1</sup> daarvan sal gou gaan.*

*Die aantekening<sup>2</sup> is nie korrek nie.*

*Sy bewondering van die skildery het nie lank gehou nie.*

*Die afvaardiging het 'n lang onderhoud met die minister gehad.*

*Daar is genoeg huisvesting vir almal.*

*Die trekboer het staning gesoek vir sy vee.*

*Aantekening<sup>1</sup>* beteken ongeveer „die daad van aanteken”,

*aantekening<sup>2</sup>* beteken ongeveer „dit wat aangeteken is of word”,

*bewondering* beteken ongeveer „gewaarwording van te bewonder”,

*afvaardiging* beteken ongeveer „groep (mense) wat afgevaardig is”,

*huisvesting* beteken ongeveer „plek waar (mense) gehuisves (kan) word”,

en

*staning* beteken ongeveer „plek of geleentheid om met vee oor te staan”.

Eenheid van semantiese waarde het ons hierin bepaald nie – en dit was nog maar ses voorbeelde. Dit tipeer enigszins die hele veld van afleidinge.

En tog is daar kategorieë, sy dit dan meesal net kategorieë van vorm-met-funksie-en-betekenis of van vorm-met-funksie.

*Wat is 'n kategorie?*

Baie belangrik is die volgende stelling: Vorm alleen is nooit distinkties nie.

Daar is geen woorddeel waaraan die taalgebruiker sonder meer kan weet of sou kan weet dat die hele woord se betekenis dus tot 'n bepaalde betekenisgroep behoort nie. Dit is byvoorbeeld nie so dat woorde wat begin met bv. die foneme *be* /bə/ of met *ver* /fə/, of wat eindig op bv. *te* /tə/ of *s* /s/ almal tot 'n gegewe betekenisgroep behoort nie. Verre daarvan. Vergelyk maar bv. *beheer*, *berou* en *besonder*, of *verwend*, *verniet* en *verwaarloos*, of *sagte*, *grote*, *grootte* en *grotte*, of *boers*, *broers* en *gesels*.

Dit is ook nie sonder meer so dat as daar 'n woorddeel is wat taalkundiges 'n formans noem, die taalgebruiker bloot op grond van die aanwesigheid daarvan semanties iets „weet” nie, nie tensy ons aanneem dat die taalgebruiker ook in 'n mate taalbeskouer is nie, d.w.s. dat hy woordvorme tenminste naas of teenoor mekaar stel. Sonder pare, sê maar *mes* naas *messe*, dus met net *mes* of net *messe*, is hy eenvoudig net so buite 'n getalsterrein as sê maar met *goud* of *haat*. Dit gaan nie daarom of hy die begrippe en/of die name enkelvoud en meervoud ken nie, dit is nie nodig nie. Dit gaan daarom dat en of hy differensieër tussen die gebruik van verskillende verwante vorme, dus ook dat hy ooreenkomste identifiseer. En dit doen ook die ongeletterdste gebruiker van Afrikaans wel. Hy doen dit as hy *mes* en *messe* en honderde ander dergelyke pare nie wille-

keurig gebruik nie, maar die een as enkelvoud en die ander as meervoud. Dit wil sê dat hy dan ook die betekeniswaardes van sulke vorme ken, sy dit dan – ons sê dit nog 'n keer – nie noodwendig bewustelik ken of só ken dat hy die waarde(s) kan ontleed en/of formuleer nie.<sup>3</sup> As hy dan 'n *hoed* en *hoede* ken, of 'n *skoen* en *skoene* ens., en hy hoor die eerste keer in sy lewe die ('n) woord *agnaar*<sup>4</sup> met sy betekenis gegee, sal hy vanself tot die vorm *agnate* kom, net soos hy vanself van *adret*,<sup>5</sup> met sy betekenis gegee, tot *adretste* sal kan kom. En/of omgekeerd: van *agnate* tot *agnaar* en van *adretste* tot *adret*.

Alles draai daarom dat die taalgebruiker vorme moet kan vergelyk en hulle betekenis moet ken.

By afleidinge is dit ook waar, maar hoegenaamd nie in dieselfde mate nie.

### *Kategorieë van vorm-met-funksie-en-betekenis*

In die meeste gevalle kan die taalgebruiker uit die formans van 'n afleiding iets betroubaars omtrent die betekenis van die afleiding te wete kom alleen indien hy ook die woordsoort in ag neem van die selfstandige woordkorrelaat wat naas die stam van die afleiding bestaan. Woorde met 'n preformans *a-* het 'n groot mate van betekenisoreenkoms met mekaar, sy dit dan net ten opsigte van die *a-* gedeeltes, bv. *a-filosofies/a-gods-dienstig/a-kerklik/a-logies* ens. Maar hoe die waarde van dié *a-* geformuleer word, hang saam met – of af van – die woordsoort van die betrokke woordsoorte genoem.

Die volgende tabelle is 'n tentatiewe skematiese voorstelling van hoe die afleidingsveld daar sou uitsien as dit op grond van semantiese waarde en funksie in groepe verdeel sou word. Ten spyte daarvan dat so 'n indeling, hoewel teoreties in terme van die strukturele beginsels miskien wetenskapliker verantwoord is, is dit prakties onaanvaarbaar, want gegewens oor dieselfde formans (bv. *ver-*) word versnipper en aangebied in tot ag verskillende groepe. Hierom en om redes wat reeds genoem is, word so 'n groepering nie gehandhaaf nie, maar slegs as 'n voorbeeld aangegee.

3. Kyk De Villiers, M.: *Op. cit.*, 169 oor morfeembewustheid van die taalgebruiker.

4. „Hoed”, Kleurlingtaal, in Vredendal gehoor.

5. „Netjies”, Namakwaland.

**Substantiewe**

<p><b>1. Persoonsgroep</b></p> <p>-a : Benna                      -aan : Indiaan                      -aar : goëlaar                      -aard : luiaard                      -aarts : aartsverraaier                      -ant : appellant                      -aris : argivaris                      -e : lelike                      -ent : produsent                      -er : Vrystater                      Tagtiger                      -êr : miljoenêr                      -erd : dikkerd                      -erik : botterik                      -es : dienaars                      -eur } : regisseur                      -euse } : regisseuse                      -ier : Jodin                      -iet : Paarliet                      -in : internis                      -is : tuinier                      -ling : huurling                      -ster : huishoudster                      -trise : inspektise</p>	<p><b>3. Versamelgroep</b></p> <p>-asie : timmerasie                      -dom : Jodedom                      -ery : boekery                      -ge- : gedermte                      -ing : regering                      -skap : broederskap                      -te : geraamte</p>	<p><b>8. Duratiefgroep</b></p> <p>-ery : kommery                      : grapjassery                      : gedraai                      3e- : gejy?                      : gehiernatoe                      her- : heraanpassing</p>
	<p><b>4. Voorwerps-/Agensgroep</b></p> <p>-aar : koppelaar                      -e : bloue                      -er : aankondiger                      afleier</p>	<p><b>9. Lokaliseringsgroep</b></p> <p>-asie : bouerasie                      -dom : biskopdom                      -ing : weiding                      : sluiting                      -skap : burggraafskap</p>
	<p><b>5. Negatiefgroep</b></p> <p>anti- : antikabinet                      -asie<sup>1</sup> : dierasie                      mis- : misdaad                      on- : ondank                      wan- : wanhoop</p>	<p><b>10. Werkingsgroep of Handelingsgroep</b></p> <p>-ing : { werking                      : neiging                      : aanduiding</p>
<p><b>2. Toestandsgroep</b></p> <p>-entheid : verkouentheid                      -heid : aakligheid                      -igheid : koorsigheid                      -ing : aandoening                      -isme : alkoholisme                      -nis : bekommernis                      -skap : digterskap                      -te : skuinste                      -teit : emosionaliteit</p>	<p><b>6. Intensiteitsgroep</b></p> <p>aarts- : aartsverraaier                      oer- : oerbos</p>	<p><b>11. Romaanse of Akademiese Resgroep</b></p> <p>ante- : antesedent                      -asie<sup>2</sup> : registrasie                      -ie<sup>2</sup> : argeologie                      -teit : fataliteit                      : mentaliteit                      -ment : bombardement</p>
	<p><b>7. Dit wat --groep</b></p> <p>-te : begeerte                      -sel : aanbrandsel</p>	



## Werkwoorde

<b>1. Negatiefgroep</b> mis- : misvorm ver- : verskroei : verfrommel : verbreek : verdwaal : verag wan- : wanaanpas <hr/> <b>2. Maak-groep</b> be- : bemoeilik ont- : ontbloot ver- : veronaan- : genaam	<b>3. Voorsien-groep</b> be- : bedraad ver- : verchroom -ig : bevochtig <hr/> <b>4. Intensiefgroep</b> be- : behamer ver- : verslaap : verpak : vermors <hr/> <b>5. Herhalingsgroep</b> her- : herdoop ver- : verplant	<b>6. Aanvang-afloop-groep</b> ver- : verklink ont- : ontdooi <hr/> <b>7. Veranderingsgroep</b> ver- : verblaar <hr/> <b>8. Verwyderingsgroep</b> ont- : ontdoen : ontanker ver- : verberg <hr/> <b>9. Romaanse of Akademiese Resgroep</b> -eer : redigeer
--	---	--

## Adjektiewe

<b>1. Negatiefgroep</b> a- : a-kerk anti : anti-alles in- : inaktief -loos : werkloos mis- : mismoedig on- : onaangenaam wan- : wanklinkend <hr/> <b>2. Vergelykingsgroep</b> -agtig : kinderagtig -gewyse : speelsgewyse -ig : fluwelig -s : aards <hr/> <b>3. Geneigdheidsgroep</b> -agtig : bedelagtig -erig : dieperig -ig : knorrig -s : broeis	<b>4. Intensiteitsgroep</b> aarts- : aartsleg oer- : oeroud <hr/> <b>5. Aktief/Passiefgroep</b> -baar : aanbidbaar : vloeibaar -lik : beminlik : beweeglik <hr/> <b>6. Met-groep</b> be- : bepuis, bencuk ge- : gelym : gebaadjie -ig : afgunstig : angstig : dikvellig : driehoekig <hr/> <b>7. Betrekkingsgroep</b> -s : Joods	<b>8. Bewerkingsgroep</b> ge- : gekam <hr/> <b>9. Germaanse Resgroep</b> -liks : jaarliks -lings : ruggelings -saam : vreedsaam -s : bedags, betyds <hr/> <b>10. Romaanse of Akademiese Resgroep</b> -(i)aal : abaksiaal -(i)eel : departementeel -ant : amusant -ent : eminent -êr : ordinêr ante- : antehistories -ment : juistement -ies : adjektiewies
---	---	---

## § 74 Die Persoonsgroep

Wie met afleidinge na persone wil verwys, het 'n reeks van sowat 18 formantia tot sy beskikking, bv. *-a, -aan, -aar, -aard, -aris, -e(s), -ees, -er, -erd, -erik, -es, -(t)(j)ie, -ier, -iet, -in, -is, -ling, -ster* ens. sommige met, sommige sonder variante. Maar elkeen het òf leksikaal en /òf fonologies en /òf semanties 'n eie veld.

### § 74.1 Die tipe Ben-Benna, Piet-Pieta

Dit is nie altyd duidelik dat en of ons met 'n agtervoegsel *-a* te make het nie. In bv. *Benna, boeta, Bokka, Tjolla* kan 'n agtervoegsel *-a* erken word omdat ons ook die vorme *Ben, boet, Bok* en *Tjol* het, maar by bv. *Gerra* en *Willa* nie, omdat ons geen *Ger* en *Wil* het nie. Tog het *Gerra* en *Willa* dieselfde waarde in die reeks as *Gert, Gerra, Gerrie, Gertjie*, en *Willem, Willa, Willie, Willempie* as bv. *Benna* en *Tjolla* in die reeks *Ben, Benna, Bennie; Tjol, Tjolla, Tjollie*. Kan ons *Gerra* en *Willa*, streng genome, nie beskou as afleidinge nie, omdat ons geen *Ger* en *Wil* het nie, dan is *Gerrie* en *Willie* eintlik ewe min diminutiewe – ook omdat hier geen *Ger* en *Wil* is nie.

Dergelike *-a*-vorme kry ons byna uitsluitend by persoonsname, en dié het dikwels vorme wat nie by ander soorte woorde voorkom nie. Daarom word die *-a*-vorme tog as 'n soort afleiding behandel. Ons het naamlik in Afrikaans op groot skaal lang en kort persoonsname langs mekaar, die langes dikwels as doopname, die kortes as omgangname. 'n Lysie van 50 sulke pare het 19 soorte kort vorme behels, onder meer die volgende:

1. die vol vorm teenoor of naas net die eerste deel daarvan, bv. *Coenraad* naas *C(K)oen*, *Daniël* naas *Daan*, *François* naas *Frans*, *Gysbert* naas *Gys*;
2. die vol vorm naas net die tweede deel daarvan, bv. *Albert* naas *Bert*, *Adolf* naas *Dolf*, *Andries* naas *Dries*, *Nicolaas* naas *Klaas*;
3. die vol vorm naas 'n kort vorm met net 'n gedeelte van die aanvangs-, middel- en eindfoneme van die volle vorm, bv. *Diederik* naas *Dirk*, *Floris* naas *Floors*, *Frederik* naas *Frik*, *Gerhard(us)* / *Gerrit* naas *Gert*, *Jacob* naas *Jaap*;
4. die vol vorm naas 'n kort vorm wat net 'n deel van die eerste gedeelte van die vol vorm bevat, bv. *Johannes* naas *Johan* / *Jan*, *Philippus* naas *Flip*;
5. die vol vorm naas 'n korte met net die middelste of 'n deel van die middelste en laaste foneme van die volle, bv. *Arnoldus* naas *Nols*, *Cornelius* naas *Neels*, *Ignatius* naas *Naas*, *Jac(k)obus* naas *Koos* ens.

Sulke kort vorme het dikwels normale diminutiewe langs hulle, bv. *Bertie* naas *Bert*, *C(K)oenie* naas *C(K)oen*, *Danie* naas *Daan*, *Dirkie* naas *Dirk*, *Dolfie* naas *Dolf*, *Kosjie* naas *Koos* ens.

Ons het dan soms 'n stelletjie van vier vorme, bv.

<b>Vol Vorm</b>	<b>Kort Vorm</b>	<b>Diminutief</b>	<b>-a-Vorm</b>
<i>Barend</i>	<i>Ben</i>	<i>Bennie</i>	<i>Benna</i>
<i>Daniël</i>	<i>Daan</i>	<i>Danie</i>	<i>Dana</i>
<i>Stephanus</i>	<i>Faan</i>	<i>Fanie</i>	<i>Fana</i>
<i>Johannes</i>	<i>Jan</i>	<i>Jannie</i>	<i>Pieta.</i>
<i>Pieter</i>	<i>Piet</i>	<i>Pietie</i>	<i>Janna</i>

Maar meesal het ons net 'n stelletjie van drie vorme, nl.

<b>Vol Vorm</b>	<b>Kort Vorm</b>	<b>Diminutief</b>
<i>Albert</i>	<i>Bert</i>	<i>Bertie</i>
<i>Abraham</i>	<i>Braam</i>	<i>Braampie</i>
<i>Casper</i>	<i>C(of K)as</i>	<i>C(K)assie</i>
<i>Coenraad</i>	<i>C(of K)oen</i>	<i>C(K)oenie</i>
<i>Diederik</i>	<i>Dirk</i>	<i>Dirkie</i>
<i>Gieljam</i>	<i>Giel</i>	<i>Gielie</i>
<i>Johannes</i>	<i>Hans</i>	<i>Hansie</i>
<i>Isak</i>	<i>Sak</i>	<i>Sakkie</i>

Hiernaas vind ons nou soms 'n stel met net twee vorme, te wete die vol vorm en 'n diminutief van 'n kort vorm wat nie bestaan nie, bv.

<i>Calvyn</i>	<i>C(K)alvie</i>
<i>Dawid</i>	<i>Datie</i>
<i>Hendrik</i>	<i>Hennie</i>
<i>Karel</i>	<i>Kallie</i>
<i>Lambert(us)</i>	<i>Lammie</i>
<i>Hermanus</i>	<i>Manie</i>
<i>Ockert</i>	<i>Ockie</i>
<i>Samuël</i>	<i>Samie</i>
<i>Sarel</i>	<i>Salie</i>
<i>Willem</i>	<i>Willie</i>

En hiernaas is daar nog 'n stel van drie vorme met *-a*-vorme en *-ie*-vorme wat op kort vorme gebaseer is, maar waarby sulke kort vorme nie bestaan nie, bv.

<i>Gerrit (Gerhard)</i>	<i>Gerrie</i>	<i>Gerra</i>
<i>Hendrik</i>	<i>Hennie</i>	<i>Henna</i>
<i>Karel</i>	<i>Kallie</i>	<i>Kalla</i>
<i>Willem</i>	<i>Willie</i>	<i>Willa</i>

(dus sonder die kort vorme *Ger, Hen, Kal, Wil*).

**Opm.** 1. Geen *-a*-vorm is gevind waar nie ook 'n *-ie*-vorm bestaan nie, wat kan beteken dat die *-a*-vorm jonger is en op die *-ie*-vorm gebaseer is. Of moet *Polla* miskien gesien word, nie as *Paul* + *-a* nie, maar as *Pol* (wat nie in Afrikaans voorkom nie) + *-a*, d.w.s. *Pol* as verkorte vorm van *Paulus*?

2. In familietaal is daar baie getuienis dat kort vorme soms Rückbildungen is van diminutiewe vorme af, bv. *At* < *Attie* < *Adriaan*, *Ed* < *Eddie* < *Eduard*, *Sak* < *Sakkie*, *Saam*/*Sam* < *Samuël* ens.

3. Die meeste *Giepies* is gedoop *Gideon*. Sou *Giepie* dan wees *Gi-* plus die *-pie* van *Liepie* (< *Lieb* < *Gottlieb*, en soms *Liepie* < *Lieb(enberg)*)?

4. Dieselfde kort vorme kom voor by vanne of familienaam, maar meesal so dat net die eerste deel gebruik word as stam vir diminuering, bv. *Badie* naas *Badenhorst*, *Barrie* naas *Barnard*, *Bassie* naas *Basson*, *Bessie* naas *Bester*, *Bossie* naas *Bosman*, *Callie* naas *Calitz*, *Kempie* naas *Kempen*, *Roubie*/*Robbie* naas *Raubenheimer*, *Swanie* naas *Swanepoel*, *Tallie* naas *Taljaard* ens. Dergelike familienaamvorme kry egter meesal geen *-a* by nie. Die enigste wat aangeteken is, is Van Wyk Louw se *Bokkha* (in *Nie vir Geleerdes*. Miskien 'n bewuste woordspeling met en op *bokka*?).

Om saam te vat, die volkstaal het afleidinge ook van onselfstandige persoonsnaammorfeme (met *-ie* en *-a*).

Daarmee kan dan tot die woordsoortelike en semantiese sisteem van *-a* oorgegaan word.

### A. Woordsoortelike Sisteem

*-a* verskyn feitlik uitsluitend by s.nw.-stamme: *Benna*, *Dana*, *Fana*, *Harta*, *Kinta* ens.

**Opm.:** (*K*)*akka* kan van die ww. of van die s.nw. gevorm wees.

### B. Semantiese Sisteem

*-a* verskyn hoofsaaklik by

1. *manlike persoonsname* (soos hierbo)

Om die waarde daarvan goed te vat, moet dit gesien word in die reeks: vol of kort vorm, verkleinvorm, *-a*-vorm. As die vol of die kort vorm dan dié is met die minste gevoelswaarde, die mees volwassene, en die verkleinvorm persoonliker maar dikwels kinderliker, gee die *-a*-vorm 'n vertrouliker en volwassener verhouding aan. 'n Paar voorbeelde uit C. M. van den Heever se *Op die Plaas* (40–41):

„Die agterdeur val oop en *Gert*, die Boesman, kom met 'n paar miskoeke onder sy verflenterde moue die kombuis in.

„Hoekom dan so baie mis vanmôre, *Gerrie?*” sê Freek en hy lag hie-hie.  
„Dit is nie te veel nie, a-nee-a, baas!” sê Gert, en sy klein ogies loer op ’n skrefie uit na Freek. Dis snaaks, die baas was vanmôre nog so omgekrap en nou lag hy net wit-tande. Die ding kan hy nie kleinkry nie. En wat se danige *Gerrie* is dit dan nou? Vanmôre wou die baas hom net maak en breek.

„Is dit jy wat sulke blou dampe daar agter die muur met jou dagga-merrie uitgeskop het, *Gerra?*” ’n Lag begin by die Boesman se dik lippe en vou weg stadigaan tot by sy ore, tot hy so uit sy hart lag. Dis waar, die baas, hy kan tog snaakse vrae vra. En die belangstelling in hom trap sy norsheid dood, en lag-lag antwoord Gert: „Nee, Baas Freek, ek het somar bietjie my môre-stop daar warm gemaak. Maar die merrie is kwaai vanmôre. Sy dwing om my in die kop te skop.” Met sy klein geel gerimpelde handjies breek Gert die miskoeke stukkend en pak hulle stadig een vir een in die stoof. Freek kom staan in die agterdeur en kyk met genoeë hoe handig Gert sy vuur aanslaan.

Freek ken al vir Gert so goed. As jy hom wil fluks hê, prys hom net. Dit is soos vuur in sy bloed. Maar Freek voel self of daar ’n groot geluk agter sy hart sit en dit maak ’n wilde geselslus in hom wakker.  
„Maar, *Gerra*, hoe het jy dan nou die aand die sand so in die volk se oë gegooi daar by die meide? Nou was *Gert* op die voorste punt en dan het hy weer die klomp met sy dril-bene aangeja.”<sup>6</sup>

In C. M. v. d. Heever se *Vuurvlieg en Sterre* (154) is daar ’n jong seun, Fransie. Solank as die jong met hom *as seun* praat, gebruik hy die vorm *Fransie*: „Vandag sal die son ons blaai vat, *Fransie*. Hy steek nou al soos ’n mes. En jou hoed is so vol gate! Jy ken nog nie die son nie. Hy’s parmantig!” Maar sodra hy met Fransie *as medearbeider* te doen kry, sê hy: „Kyk, *Fransa*, vat jy die koring hier – soontoe. Hier’s jou sekel.”

(Vergelyk ook die gebruik van *Ems*, *Emmie* en *Emma* in *Geboorteplaas* van H. S. van Blerk.);

**Opm.:** *Biela* (< *bielie*), *bokka*, *harta* en *kinta* is die enigste nie-persoonsname wat in verband met mans gebruik word en wat in hierdie verband gevind is.

## 2. vroulike persoonsname

bv. *Betta*, *Fanna* (uitgespreek /fɛ:na/), *Polla*, *Willa*, en enkele nie-persoonsname soos *harta*, *kinta*, *sussa*, lank nie soveel as by manlike name nie, maar met ongeveer dieselfde waarde;

**Opm.:** Die *-a* van *Polla* en *Willa* is miskien ook maar die slot-*a* van *Paula*/*Paulina* en *Wilna*/*Welhelmina*.

## 6. Kursivering van my.

3. woorde waar dit bloot eufemisties is, nl. *gatta*, *gotta*, en *kakka*, en mis-  
kien *o hell*.

### C. Produktiwiteit

-a is nog glad nie produktief nie, hoewel die bestaande vorme redelik be-  
kend is en dikwels gebruik word. Uitbreidings soos *Coena*, *Giela*, *Giepa*,  
*Janna* kom reeds hier en daar in die omgangstaal voor.

### D. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Kort en verkleiningsvorme van persoons- en familienaam is in Nederlands  
net so algemeen as in Afrikaans, met dié verskil :

1. dat 'n diminutief in Nederlands moontlik nie so dikwels gevorm word  
sonder 'n werklike verkorte vorm nie, bv. geen *Dolfke* (*Dolfie*) sonder *Dolf*  
( < *Adolf*) nie, geen *Fonsje* (*Fonske*) sonder *Fons* ( < *Alfons*) nie, geen  
*Kobeke* sonder *Kobe* ( < *Jacobus* / *Jakob*) nie, geen *Montje* (*Monske*) son-  
der *Mon* ( < *Raymond*) nie ens., maar ander soms wel, en

2. -a-vorme skyn onbekend te wees.

In dié opsig is Afrikaans dus anders as Nederlands.

**Opn.:** Één Nederlandse geval lyk wel baie soos Afrikaans, maar die -a-  
vorm, *Sara*, kan die neutrale grondvorm wees: dit het blykbaar net so  
min gevoelswaarde as Afrikaans *Anna*, *Johanna*, *Magdalena* e.d.m. Dit  
kom naamlik voor in Hans de Vries se vertaling van Joyce Carey's *The*  
*Horse's Mouth* (*Het Genie*, 229):

„Ja, dacht ik, *Saartje* laat dit leven achter zich. Ze laat mij achter zich.  
Ze wordt oud. Ze heeft ouderdomspensioen aangevraagd. Ze heeft het  
gehad.

Ik sloeg mijn arm om haar schortband. „Ik hoop dat je het fijn vindt,  
me weer eens te zien, *Saar*”, zei ik. „Maar wat is er met jou gebeurd? Ik  
bedoel, met Fred, je levensverzekering?”

„Tja”, zei *Zara* . . . „het kwam door de rekeningen.”

Waar kom die *a* dan vandaan? Die aanneemlikste verklaring lyk dat dit 'n  
losmaking is van die Auslauts-*a* in *pappa*, *mamma*. Net soos ons die reeks  
*ma*, *mammie*, *mamma* (en *mamá*), *pa*, *pappie*, *pappa* (en *papá*) het, sou  
ons dan die reeks bv. *Piet*, *Pietie*, *Pieta*, *Ben*, *Bennie*, *Benna* ens. kon gekry  
het.

Waarom kom dit dan hoofsaaklik voor by of van manlike persone?  
Moontlik omdat daar in die skema van manlike persoonsname selde of  
nooit 'n -a-vorm voorkom en in die skema van vrouename baie dikwels,  
bv. *Alida*, *Aletta*, *Anna*, *Barendina*, *Christina*, *Cornelia*, *Erika*, *Francina*,

*Hendrina, Jacoba, Magdalena* ens. Sou van die manlike *Bert Berta* gemaak word, van *Kobus Koba (Kowa)*, van *Tiens Tina* ens., sou manlik en vroulik identies wees – iets wat moontlik die taalgevoel sou stuit omdat manne- en vrouename dan nie meer onmiddellik onderskeibaar sou wees nie.

Die veld van die tipe *Ben – Benna* is dus 'n beperkte klompie meesal (ver)kort(e) manlike persoonsname met die waarde wat hierbo omskrywe is.

Waar by manlike persoonsname geen *-a*-vorme voorkom nie, dus nie 'n opposisie *-a*-vorme : *-ie*-vorme moontlik is nie, word dieselfde veld as wat die *-a*-vorme het, beset deur diminutiewe.

**Opm.** 1. Hoe oud die *-a*-vorme in Afrikaans is, is nie bekend nie. Van Oordt se *Taalargief* bevat geen *-a*-vorm nie. Die oudste wat ek gevind het is *Pieta* in die *Dagboek van Louis Trichardt* met inleiding en aantekeninge van G. S. Preller. (Le Roux gee in sy uitgawe geen kommentaar op die vorm *Pieta* nie.) Trichardt praat baie van sy seun wat gedoop is „*Petrus Frederek*”. Hy noem hom 'n enkele keer *Pieter* (bl. 46), 'n keer of wat *Piet* (bl. 62, 152, 289) maar meesal *Pieta* (van bl. 11 af).

2. Na die eerste druk van hierdie boek het prof. Karel Roelandts in 'n artikel oor „Familiarismen met anorganiese konsonant” (bl. 256–7, kyk *Bibliografie*) dieselfde neiging tot suffiksering by manlike persoonsname in o.a. Engels, Skandinawies en Nederlands waargeneem. Van Afrikaans sê hy die volgende :

„Ook het Afrikaans kent dergelyke augm. formaties, maar daar eindigen zij op *-a*. Voor het overige vertonen zij een treffende gelijkenis met onze augm. dialektvormen, in struktuur, distributie én stijlwaarde. Typerend zijn immers daarbij: de drastische verkortingen en assimilaties, naar het voorbeeld van de diminutieven die veel talrijker en primair zijn; de toepassing op mann. persoonsnamen (*Gerra, Willa*), in mindere mate op vrouwenamen (*Fanna*) en appellatieven (*harta, kinta, sussa*), een enkele keer op familienamen; de uitdrukking van een ,vertrouliker en volwassener verhouding'. Zoals het afrik. diminueringstelsel in hoofdzaak de voortzetting is van de ndl. toestand (KEMPEN 392–393), zo lijkt me die raadselachtige *-a* een erfenis te zijn van onze dial. *-e(n)*. Het geprononceerde timbre van het afrik. suffix is dan wellicht te verklaren in oppositie tot het diminutief, dat eveneens een heldere vokaal heeft (*-ie*): *Gerrie | Gerra, Willie | Willa.*”

## § 74.2 Diminutiewe en Persoonsname

Vir volledige materiaal en bespreking sien § 109.

## § 74.3 Die tipes Freud-Freudis, Luther-Lutheraan, Malan-Malaniet

'n Eerste vraag is of die tipes *Birma-Birmaan, Paarl-Paarliet* ens., nie by die groep *Freud-Freudis* hoort nie. Die afleiding is immers ook persoons-

benoeming en die betrokke formantia het ten minste gedeeltelik dieselfde vorme as dié van die tipes *Freud-Freudis*, *Malan-Malanië* ens. Dit is ook moontlik om die semantiese waarde so te formuleer dat alles in een bakkie kom, byvoorbeeld so: sulke vorme benoem persone in hulle verhouding tot eiename waarna in die stamme van dié vorme verwys word.

Dit deug nogtans nie, omdat so 'n omskrywing ook van *anti-* en *pro-* verbindingse geld, bv. *anti-* of *pro-Hertzog*. Daarom lyk dit tog gewens om hier semantiese sub-groepe te maak.

Die tipes *Freud-Freudis* ens., is eweneens persoonsbenoeming maar fonologies, leksikaal en semanties is hulle ten ene male verskillend van die tipes *Ben-Benna-Bennie*, *Johanna-Hanna-Hannie-Johannatjie* ens.

Die tipes *Lutheraan*, *Malanië* en *Freudis* benoem ook persone op basis van persoonlike eiename, maar benoem nie dieselfde persone nie, is nie eiename nie, en benoem persone as behorende tot 'n groep. (Sulke benoeming is daar ook in bv. *aktiwis* – vergelyk *aktiwisme* –, maar die benoeming geskied hier nie deur verwysing (in die stam) na persone nie. Die geheel is 'n persoonsnaam. Vergelyk hieroor verder § 74.5.) Dié vorme benoem persone as aanhangers of ondersteuners van die leer van die individu na wie deur die stam verwys word.

Hierdie veld is beset deur *-aan*, *-iet* en *-is*. Wat die presiese deel van *-aan* is, is nouliks bepaalbaar, omdat Afrikaans te weinig voorbeelde het om van 'n sisteem te kan praat. Veel meer as *Darwin-Darwiniaan*, *Luther-Lutheraan*, *Mohammed-Mohammedaan*, *Zwingli-Zwingliaan* skyn ons nie te hê nie, en hiervan is *Darwiniaan* in 'n swak posisie: WAT gee dit glad nie aan nie, net *Darwinis* (WAT II, 40).

Eweneens klein is die veld van *-is*, bv. *Boeddhis*, *Bonapartis*, *Calvinis*, *Carlis*, *Dadaïs*, *Darwinis*, *Freudis*, *Jansenis*, *Marxis*, *Mennis*, te klein om die fonologiese veld te kan beskrywe.

Dieselfde is waar van *-iet*. In Bybelverband is redelik bekend o.a. *Ammon-Ammoniet*, *Jacob-Jacobiet*, *Käin-Käiniet*, *Levi-Leviet*, *Moab-Moabiet*, en op politieke terrein is binne die afgelope dertig jaar onder meer die volgende aangeteken:

*Hertzog-Hertzogiet*

*Malan-Malanië*

*Pirow-Pirowiet*

*Smuts-Smutsiet*

*Strydom-Strydomiet*

*Wilson-Wilsoniet*

Maar meer dikwels nog word komposita met *-man(ne)|-mense* gebruik, bv. *Hertzogmense*, *Smutsman*, *Wilsonman* ens.

#### § 74.4 Die tipes *Birma-Birmaan*, *Egipte-Egiptenaar* ens.

Hoeveel Afrikaans hiervan het, hang af van hoe gevalle soos *Indië-Indiaan*, *Europa-Europeaan*, *Mexiko-Mexikaan* e.d.m. beskou word. In bv. *Afrika-Afrikaan*, *Birma-Birmaan*, *Java-Javaan*, *Tibet-Tibettaan* is daar net prosodiese verskille. Maar in die gevalle *Indië-Indiaan* ens. hier-



bo het die plekname 'n eindklank elk wat die korresponderende persoonsname nie het nie. Volgens prof. M. de Villiers lyk dit asof dergelike *-aan*-vorme in elk geval gereken kan/moet word tot die gebied van die afleidinge. Hy sê naamlik :

„'n Ander tipe van sinkopee . . . tref die /ə/ van die auslout bv. /sedə – sedəx, mitə – mitoloxi – mitis, fɔrmylə – fɔrmyler/. In hierdie tipe geval word die /ə/ geassimileer aan party formanse wat met 'n vokaal begin.

Vergelyk vrede-vredig-bevredig, skade-beskadig, hulde-huldig, sonde-sondaar-sondig, armoede-armoedig, ellende-ellendig, waarde-waardeer; -kunde -kundig (soos in onkunde, meetskunde, wiskunde ens.); trope-tropies, metode-metodies, mode-modies, mite-mities, tipe-topies-tipeer, anekdoten-anekdotes, formule-formuleer-formulier, diagnose-diagnoseer.”<sup>7</sup>

So nie, sê hy, kan dit ook anders gestel word, naamlik so

„dat die /ə/ 'n formans van substantivering verteenwoordig en dat daar geen sinkopee is nie. Dan is die formulering soos volg: onselfstandige stam /fred/ in /fred-ə, bəfred-əx/ en onselfstandige stam /fret/ in /fretsa : m/. Dit sou ook gedeeltelik geld vir die stam in mite-mities-mitologie, skade-beskadig-skaad, sonde-sondaar-sondig.”<sup>8</sup>

Alleenlik sou ons dan, om al ons gevalle in te sluit, nie net /ə/ moes neem nie, maar onder meer ook /o/, /ɛs/, bv. *Thebes-Thebaan*, en by pare soos *China-Chinees*, *Kanada-Kanadees* ook /a/ ens.

Hoe dergelike verskille tussen pleknaam en stam-van-dieselfde-pleknaam ook al beskrywe word, 'n Chinees is vir 'n Afrikaanssprekende net so beslis 'n inboorling van China as wat 'n Hollander dit is van Holland.

Die veld van hierdie semantiese waarde word beset deur hoofsaaklik *-i*, *-iet*, *-n*-vorme (enkel *-n*, *-aan*, *-iaan*), *-r*-vorme (*-aar*, *-der*, *-er*, *-ter*), *-s*-vorme (*-s*, *-ees*, *-lees*) of kombinasies van *-n*- en *-r*-vorme (*-naar*, *-ner*) en *o*-morfeme.

Daar is geen opvallende stelselmatigheid in hulle verspreiding nie, maar die volgende opmerkinge kan tog gemaak word.

1. In persoonsname naas Suid-Afrikaanse plekname kom net *-iet*, *-n*-vorme en *-r*-vorme voor (en kombinasies van *-n*- en *-r*-vorme), bv. *Ceressiet*, *De Aariet*, *Elimiet*, *Paarliet*; *Calviniaan* en *Calvinianer*; *Parysenaar*, *Pretoriaan* en *Pretorianer*, *Bloemfonteiner*; *Boshoffer*, *Laingsburger*.

2. Geoordeel volgens 'n lys van 131 voorbeelde, is die *-er*-vorme verreweg in die meerderheid (124 van die 131), die *-iet*-vorme die tweede meeste (11 van die 131) en die res is vrywel negeerbaar.

7. De Villiers, M.: *Op. cit.*, 178.

8. *Ibid.*, 178.



genoem word, bv. *Hertzogiet*, *Pirowiet*, *Smutsiet*, meesal met pejoratiewe waarde en meesal (?) geskep deur politieke opponente;

- (d) 'n eweneens klein getalletjie benoem geologiese of ander natuurvorme aan die hand van persoonstamme (ontdekkers ens.), bv. *bauxiet*, *curiet*, *carrolliet*, *tuliet* ens. Wie nie weet van *Baux*, *Curie*, *Carroll* en *Tule* nie, sal dié *-iet*-vorme natuurlik nie as afleidinge beskou nie. Vir hulle sou alle ander *-iet*-vorme dus wel persoonsname wees.

*-iet* skyn in geen verband produktief te wees in huidige Afrikaans nie. In Nederlandse taalkundige bronne kon niks oor *-iet* gevind word nie, maar die Bybelse *-iet* word taamlik ruim bespreek deur Marchand.<sup>9</sup> Daarvolgens geoordeel, lyk dit asof (1) die meeste van ons Bybelse persoonsname op *-iet* regstreeks uit die Nederlandse Bybel kom, (2) ons Afrikaanse persoonsname met plekname naas hulle onder invloed van die Bybelse gevorm is, en (c) ons persoonsname van eiename moontlik onder invloed van Engels gevorm is.

5. *-Er (-der/-ter)* kom vry konsekwent voor na plekname met die volgende slotgedeeltes:

<i>-baai</i>	<i>-fontein</i>	<i>-plaas</i>
<i>-berg</i>	<i>-hoek</i>	<i>-stroom</i>
<i>-bos</i>	<i>-hof</i>	<i>-ton</i>
<i>-burg</i>	<i>-kraal</i>	<i>-town</i>
<i>-dal(e)</i>	<i>-nek</i>	<i>-ville</i>
<i>-dam</i>	<i>-pan</i>	<i>-vlei</i>
<i>-dorp</i>		

(70% van die materiaal)

- Opm.:** Enkele kere kom *-iet* en *-er* voor, bv. *Bellviller* en *Bellvilliet*, *Ceresser* en *Ceressiet*.

6. In persoonsname naas buitelandse plekname is die veld hoofsaaklik beset deur *-s*-vorme, meesal *-ees*, met 'n klein gedeeltetjie vir *-i*, bv. *Israeli*, *Hindoestani*, *Pakistani*, *-n*-vorme, bv. *Birmaan*, *Parmaan*, en *-r*-vorme, bv. *Laplander*.

By onsekerheid of onbekendheid word soms na *-aan*-vorme gegryp en kry ons langs mekaar bv. *Amalfiaan* en *Amalfitaan*, *Parmaan* en *Parmeasaan*, *Peruaan* en *Peruviaan*, *Thebesaan* en *Thebaan*.

7. Die tipe benoeming *Belg-België*, *Bulgaar-Bulgarye*, *Deen-Denemarke*, *Fin-Finland*, *Noor-Noorweë*, *Turk-Turkye*, *Roemeen-Roemenië*, kom nie voor ten opsigte van persoonsbenoeminge by Suid-Afrikaanse plekname nie.

9. Marchand, H.: *The categories and types of present-day English word-formation*, 248, § 4.54.

Wel word buitelanders soms inheems-Afrikaans benoem, bv. in *Finlander*, *Noorweër*, *Roemeniër* ens.

### § 74.5 Die tipe kuns – kunstenaar

Baie woordpare met selfstandige naamwoorde as saaknaam naas 'n gelede persoonsnaam wat op dieselfde selfstandige naamwoord berus, bv. *kuns-kunstenaar*, is daar nie in Afrikaans nie. Ook as nie-persoonsname in so 'n lys ingesluit word (met x gemerk), kom ons weinig verder as die volgende:

<i>amp</i>	– <i>amptenaar</i>	<i>les</i>	– <i>lessenaar</i> (x)
<i>bult</i>	– <i>bultenaar</i>	<i>leuen</i>	– <i>leuenaar</i>
<i>geweld</i>	– <i>geweldenaar</i>	<i>middel</i>	– <i>middelaar</i>
<i>(klein)handel</i>	– <i>(klein)handelaar</i>	<i>moord</i>	– <i>moordenaar</i>
<i>kluis</i>	– <i>kluisenaar</i>	<i>rede</i>	– <i>redenaar</i>
<i>kuns</i>	– <i>kunstenaar</i>	<i>sent</i>	– <i>sentenaar</i> (x)
<i>land</i>	– <i>landenaar</i>	<i>skuld</i>	– <i>skuldenaar</i>
<i>lepel</i>	– <i>lepelaar</i> (x)	<i>sonde</i>	– <i>sondenaar</i>

Veel semantiese sisteem sit daar ook nie in nie. Vergelyk maar:

<i>amptenaar</i>	: „iemand wat 'n amp bekleë”
<i>bultenaar</i>	: „iemand met 'n bult (boggel)”
<i>geweldenaar</i>	: „iemand wat hom aan geweld skuldig maak”
<i>(klein)handelaar</i>	: „iemand wat van of in die handel 'n bestaan maak”
<i>kluisenaar</i>	: „nie iemand wat in 'n kluis lewe nie, miskien soos in 'n kluis, maar ook dit is twyfelagtig”
<i>landenaar</i>	: (weinig gebruiklike woord) vir „iemand wat op en van die land lewe” ens.

As nuwe afleidinge op *-(t)(e)(n)aar* op basis van selfstandige naamwoorde moes of sou ontstaan, sou wel verwag kan word dat dit persoonsname sou wees, maar verder sou daarvan semanties weinig te voorspel kan wees.

Ook die vorm van die formans is net gedeeltelik voorspelbaar, byvoorbeeld ten opsigte van gelede vorme met s.nw.-korrelate op ongeaksentueerde *-el*, soos *handel*, *lepel* en *middel*. Ook t.o.v. gevalle soos *amptenaar* en *kunstenaar* sou iets geformuleer kon word oor die samehang tussen die vorme *amp-ampte-amptelik-amptenaar*, *kuns-kunste-kunstig-kunsteenaar*. Maar veel verder kom ons nie, ook nie as ons, soos prof. De Villiers<sup>10</sup> sou werk met *-pt-st*-stamme soos *ampt-* en *kunst-* nie.

Semanties en fonologies kan hierdie groep se *-aar*/*-naar*/*-enaar*/*(-tenaar?)* dus beskou word as nie identies met die *-aar* van byvoorbeeld *babbelaar* (§ 74.9) nie.

10. De Villiers, M.: *Op. cit.*, 181.

## § 74.6 Die tipe bank-bankier

Veel hiervan het Afrikaans nie. Hier word gewerk met 'n lys van 42 waarvan daar semanties-verwante pare is. Die taalbeskouer en student kan nie altyd weet of vasstel of daar vir die taalgebruiker semanties verband is nie, byvoorbeeld in gevalle soos *band-bandolier*, *kruid-kruidenier*, *port-portier*, waarin altwee lede van die paar goed bekend is. Hoe minder bekend een of altwee is, hoe twyfelagtiger word 'n semantiese verband, byvoorbeeld in: *beiaard-beiaardier*, *karabyn-karabinier*, *musket-musketier*.

Om die onsekerheid word dergelike gevalle hier buite beskouing gelaat.

Eintlik is net enkele van die *-ier*-vorme in die omgangstaal goed bekend, bv. *juwelier*, *koetsier*, *kruidenier*, *rentenier*, *skolier*, *tuinier*, *winkelier*. Die meeste kom net in hoër taalgroepe en/of groeptale voor, bv. *aalmoesenieer*, *avonturier*, *beiaardier*, *croupier*, *gondelier*, *grenadier*, *griffier*, *hellebaardier*, *herbergier*, *howenieer* ens.

Die fonologiese veld is hoofsaaklik deur *-ier* beset, bv. *avontuur-avonturier*, *bank-bankier*, *gondel-gondelier*, *kanon-kanonnieer* ens.

In 'n klein groepe is daar *-enieer*, bv. *aalmoes-aalmoesenieer*, *kruid-kruidenier*,<sup>11</sup> *vlie-vlieënieer*.

Of moet by *aalmoesenieer*, *rentenieer*, *spysenieer*, *valkenier -nieer* as die formans beskou word en die /ə/ daarvóór as verbindingsklank?<sup>12</sup> Dan sou skrywer hiervan nog liever *aalmoese*, *spyse* en *valke* as verbindingsvorme wil beskou (vergelyk ook § 18.2 hiervan).

Wat die fonologie in finale instansie ook al hieromtrent sou bevind, die *-n*-vorm(e) *-nieer*/*enieer* beset 'n klein veldjie. (Hier word met 6 gewerk.)

Ook 'n moontlike /r/ soos in *finansier* (naas *finansies*), *passasier* (naas *passasie*), *tesourie* (naas *tesourier*), het geen stelselmatige verspreiding nie, net so min as *-ier* self.

Ook semanties is daar weinig sisteem. Die enigste bindende faktor is dat die oorgrote meerderheid persoonsname is wat mediant hulle stamme semanties verband hou met selfstandige naamwoorde, bv. *herbergier* met *herberg*, *koetsier* met *koets*, *skolier* met *skool*, *tuinier* met *tuin* ens.

Waar *-ier* ook volkome onproduktief is, moet dus vasgestel word dat sy groep net 'n klein leksikale veldjie beset wat net gebruik kan word deur wie dié vorme een vir een reeds ken.

### Diachronie

Almal is in Nederlands gevorm van s.nwe. (net *vlieënieer* is in Nederlands gevorm van 'n ww.) en almal is persoonsname.

11. Oor die /t/ van *kruid* en die (d) van *kruidenier* vergelyk § 18.2 hiervan.

12. Vlg. M. de Villiers: *Op. cit.*, 183.

### § 74.7 Die tipes aktief-aktiwis-aktiwisme en akwarel-akwarellis

In die grootste gedeelte van ons afleidingsmateriaal is daar redelik stelselmatig beskryfbare vorm-betekenis-pare. Dié is hier ook bv.

<i>akwarel-akwarellis</i>	<i>essay-essayis</i>
<i>alarm-alarmis</i>	<i>ghitaar-ghitaris</i>
<i>algebra-algebraïis</i>	<i>humor-humoris</i>
<i>alkohol-alkoholis</i>	<i>instrument-instrumentalis</i>
<i>ballon-ballonnis</i>	<i>motor-motoris</i>
<i>ego-egoïs</i>	<i>orrel-orrelis</i>

Die kategoriale semantiese waarde van die *-is*-vorme kan ook betreklik eenvoudig en duidelik omskryf word met behulp van die vorme sonder *-is*. Hulle is persoonsname vir mense wie se aandag in tyd, bestaansvorm, belangstelling, gewoonte ens., gerig is op wat deur die *-is*-lose vorme genoem word. Dat in die omskrywing verskillende woorde gebruik moet word, word leksikaal en idiomaties bepaal :

<i>akwarellis</i>	: „iemand wat akwarelle maak”
<i>alarmis</i>	: „iemand wat (onverantwoordelik) alarm roep”
<i>algebraïis</i>	: „kenner, beoefenaar van die algebra” (WAT I, 147)
<i>alkoholis</i>	: „iemand wat aan alkohol verslaaf is”
<i>ballonnis</i>	: „iemand wat met ’n ballon opstyg” (WAT I, 325)
<i>egoïs</i>	: „iemand wat sy (eie) ego vooropstel” ens.

Dat elkeen wat so benoem word, ook ander dinge doen, is ten opsigte hiervan van geen belang nie. Wat van belang is, is die gerigtheid van elkeen op iets wat deur ’n ander selfstandige naamwoord genoem word, en dié selfstandige naamwoord fungeer as woorddeel in ’n persoonsnaam. Wie dan praat oor mense wie se aandag op akwarelle of op die algebra of op alkohol of (sekere soorte) ballonne gerig is, kan nie sê die een „maak” akwarelle en die ander „maak” algebra of alkohol of ballonne of ego’s ens., nie, maar hy kan met die *-is*-vorme wel al dié soort mense taalkundig eenders behandel. Verder benoem hy op die wyse elkeen nie as lid van ’n gelyke of gelyksoortige groep nie, maar as individu, dus met verswyging van groepverband.

Maar ’n groepverband kan soms genoem word, en dié of so ’n groepverband het in die taalvoorraad en in die taalsisteem ook ’n hele stel materiaal daarvoor. Wie byvoorbeeld ’n *alkoholis* sien, nie as ’n enkele alkoholverslaafde nie, maar as iemand wat, soos ander, aan alkoholverslaaftheid ly, bedoel met *alkoholis* „iemand wat aan alkoholisme ly”. Wie met ’n *egoïs* te doen kry as „iemand wat die egoïsme as leer aanhang” (WAT II, 463), sien hom dan nie as „persoon wat met selfsug besiel is” nie (WAT II, 463), maar as een van meer aanhangers van die egoïsme.

En nou is daar in Afrikaans 'n groot groep *-is*-vorme met korter en langer vorme naas hulle, bv.

*absolutis-absoluut* (kort vorm) – *absolutisme* (lang vorm)

*aktiwis-aktief* (kort vorm) – *aktiwisme* (lang vorm)

*humanis-humaan* (kort vorm) – *humanisme* (lang vorm)

*sosialis-sosiaal* (kort vorm) – *sosialisme* (lang vorm) ens.,

waarin die betekenis van die *-is*-vorm die duidelikste verband hou met die betekenis van die lang vorm, en minder duidelik met dié van die kort vorm. Om te sê 'n *absolutis* is „iemand wat absolute beskouinge daarop nahou”, is nie sonder meer waar of duidelik nie. Wel is dit waar en duidelik om te sê dit is „iemand wat die absolutisme steun”. Om te sê 'n *aktiwis* is „iemand wat aktief is”, is vrywel onwaar. Wel is dit iemand wat „'n aanhanger van die aktiwisme” (WAT I, 138) is. Om te sê 'n *sosialis* is „iemand wat sosiaal is”, is onwaar. Wel is dit „iemand wat die sosia-lisme aanhang”.

Hier het ons dus persoonsbenoeming in terme van verwysing na 'n groep.

**Opm.:** WAT is taamlik konsekwent in sy behandeling van die betekenis van *-is*-vorme. Sommige word net gegee met behulp van die lang vorme, bv. *absolutis*, *afrikanis*, *Daltonis*, *eksistensialis*, *fatalis*, sommige net met behulp van die kort vorm, bv. *afgodis*, *alkoholis* (m.i. moet hierby ook na *alkoholisme* verwys word), *demonis* (moes ook na *demonisme* verwys het), *essayis* ens., en sommige met verwysing na kort en lang vorme, bv. *egoïs*, *fetisjïs*, *figuris*, *idealis*, *individueel*.

Daar moet op attent gemaak word dat die omskryfbaarheid van 'n *-is*-vorm soms in terme van 'n kort en 'n lang nie-persoonsvorm nie grammaties gedifferensieer is nie. Daar is nie aparte vorme vir „iemand wat figure, figurines, pleisterbeeldjies maak” (*figuris*) en „iemand wat die figurisme aanhang” (*figuris*) nie.

Wel is dit van genetiese (?) belang om vas te stel hoe gegewe *-is*-vorme geassosieer word of kan wees. Waar daar net *-is*-vorme naas kort vorme is, is daar weinig of geen probleem nie, bv.

1. *argument-argumentis*

2. *essay-essayis*

3. *grammofoon-grammofonis*

4. *humor-humoris*

5. *intern-internis*

Hier kom dan net 'n *-is* by 'n kort vorm om 'n persoonsvorm te kry. Dit is die algemene Afrikaanse manier van doen.

Waar daar net lang vorme naas die *-is*-vorme voorkom, is daar ook weinig probleem, maar nie geen probleem nie, bv.

*altruïs-altruïsme*

*deïs-deïsme*

*anabaptis-anabaptisme*

*dualis-dualisme*

*animis-animisme*

*Fascis-Fascisme*

*antagonis-antagonisme*

*feminis-feminisme*

*atavis-atavisme*  
*ateïs-ateïsme*  
*Bolsjewis-Bolsjewisme*  
*chauvinis-chauvinisme*  
*defaitis-defaitisme*

*nudis-nudisme*  
*optimis-optimisme*  
*pessimis-pessimisme*  
*sadis-sadisme*

Die vraag en probleem hier is of dit ook maar as progressiewe<sup>13</sup> afleiding beskou moet of kan word, dus so dat die *-me*-vorme gevorm is of word op basis van die *-is*-vorme, of omgekeerd? Dat die *-is*-vorme aanhangers, beoefenaars ens. benoem van wat deur die *-me*-vorme genoem word, skyn te pleit vir regressiewe afleiding. Daarteenoor kan 'n mens sê: die *-me*-vorm benoem die groep waarvan die aanhangers en/of lede deur *-is*-vorme benoem word.

Dieselfde probleem en dieselfde getuienis bestaan waar daar kort en lang vorme naas *-is*-vorme is, bv.

*egoïs-ego-egoïsme*  
*fetisjis-fetisj-fetisjisme*  
*finalis-finaal-finalisme*  
*idealis-ideaal-idealisme,*

egter met die volgende verskil: ons kan nie altyd sonder 'n semantiese sprong van die kort vorm by die *-is*- en soms ook by die *-(is)me*-vorm uitkom nie. Van *ego* en *fetisj* is dit 'n duidelike stap na *egoïs* en *fetisjis*, net soos van *egoïs* en *fetisjis* na *egoïsme* en *fetisjisme*, òf direk van *ego* en *fetisj* na *egoïsme* en *fetisjisme*. Maar van bv. *absoluut*, *finaal* en *humaan* (en ander) kom ons nie sonder meer by *absolutis* en *finalis* en *humanis* uit nie. In sulke gevalle het ons geen keuse nie: die *-me*-vorm is die uitgangspunt vir die *-is*-vorm.

**Opm.:** Dan bly die *-me*-vorme in sulke gevalle onverklaar? Hier, ja. Hulle word elders bespreek in § 120.

Is die *-is* of die *-is*-groep produktief? Dis moeilik om dit te wete te kom, moeilik omdat ons hier in baie hoë mate te make het met min of meer gevestigde, en internasionaal gebruikte, taalmateriaal. Twee toetse is met studente uitgevoer, en dié wys in die volgende rigting:

1. Mense werk spontaan en met minder weifeling van 'n *-isme*-vorm af terug na 'n *-is*-vorm wat hulle dan „skep”, as van 'n kort vorm na 'n *-is*-vorm, byvoorbeeld in die volgende: van *eksistensie* het party *eksistensionis* gemaak, maar van *eksistensialisme* *eksistensialis*, van *Latyn* *Latyn*er, maar van *Latinisme* *Latinis*, van *Stoïsyn* *Stoïsyn*er, maar van *Stoïsisme* *Stoïsis* ens.

13. Vgl. M. de Villiers: *Op. cit.*, 164.



2. Dergelike nuwe vorminge bly beperk tot woorde wat, as stamme, ook een of meer van die volgende by hulle het :

(a) *-eer/-ieer/-iseer/-fiseer* ens. vir werkwoorde,

(b) *-ief/-(t)ies/-aal/-eel* vir byvoeglike naamwoorde,

(c) *-ie/-iek/-isme* ens. vir selfstandige naamwoorde wat nie persoonsname is nie, soos in die voorbeelde onder 1.

3. Waar woorde of stamme *-kunde, -kundig* en/of *-kundige* by hulle het of kan kry, is deur die proefpersone nooit gehuiwer nie: daarby het hulle nooit 'n *-is*-vorm „geskep” nie. Hulle het byvoorbeeld wel soms van *Geografie Geografis* geskep, maar van *Aardrykskunde* alleen *Aardrykskundige*, van *Antropologie* wel *Antropologis*, maar van *Volkekunde* alleen *Volkekundige* ens.

### § 74.8 Die tipe argief-argivaris

Daar is net enkele woorde wat sinchroom as Afrikaanse afleidinge beskou sou kan word, byvoorbeeld dié in die volgende pare: *argief-argivaris*, *biblioteek-bibliotekaris*, *legaat-legataris*, asook enkeles waar die simpleks met stamwysiging in die persoonsvorm verskyn, bv. *funksie-funksionaris*, *konsessie-konsessionaris*, *legioen-legionaris*, *pensioen-pensionaris*.

Die getalsetjie is te klein en die *-aris* ten ene male te onproduktief om iets meer hieromtrent te probeer bepaal.

### § 74.9 Die tipe babbel-babbelaar

Die tipe is taamlik getalsterk in Afrikaans. Hier word gewerk met 122 voorbeelde, onder meer

*afluister-afluisteraar*

*babbel-babbelaar*

*bedel-bedelaar*

*bedien-bedienaar*

*beier-beieraar*

*bekonkel-bekonkelaar*

*bemiddel-bemiddelaar*

*beoefen-beoefenaar*

*beoordeel-beoordelaar*

*beusel-beuselaar*

*bevorder-bevorderaar*

*bewonder-bewonderaar*

*boemel-boemelaar*

ens.

Die oorwegende fonologiese groepe is dié met ongeaksentueerde *-el* of *-er* in die Auslaut van die grondwoord, naamlik *el*: 74, *-er*: 31. Die volgende groeie is die met ditto *-en* (/ən/) in die Auslaut van die grondwoord, bv. *(be)oefen-(be)oefenaar*, *reken-rekenaar*, *teken-tekenaar* (6 hiervan). Die aksent val nooit op *-aar* nie. So is dié groep ook anders as bv. *familiaár*: b.nw.

**Opm.** 1. Miskien moet *goël-goëlaar* en *reël-reëlaar* ook tot die -əl-groep gereken word, en *loën-loënaar* tot die -ən-groep.

2. (*Be*)dien-(*be*)dienaar staan teenoor (*be*)dien-(*be*)diener, diender en bediende, elkeen met 'n eie leksikale terrein. (Vergelyk -er in § 97.)

3. (*Be/ver*)oordeel-(*be/ver*)oordelaar is interessant met die oog op deel-deler.

4. *Leer-leraar* moet naas en teenoor *leer-leerder* gestel word.

5. *Min-minnaar* en *win-winnaar* staan naas en teenoor resp. *min-bemide* en *wen-wenner*.

6. Moordenaar kan of so beskou word dat dit met *moor* (ww.) verband hou, en dan met *toor-toordenaar* vergelyk word, of met *moord*, en dan vergelyk word met *bult-bultenaar*, *geweld-geweldenaar*, *skuld-skuldenaar*.

7. *Makelaar* kan sinchroon nie semanties in verband gebring word met *maak* nie en moet dus as ongeleed beskou word al eindig dit ook op -aar en al is dit ook 'n persoonsnaam.

Die afgeleide persoonsname op -aar wat met werkwoorde verband hou benoem almal „iemand wat doen soos deur die werkwoord genoem”.

**Opm.:** In enkele gevalle hou die -aar-vorm semanties wel duidelik verband met 'n grondvorm, maar die -aar-vorm is nie sonder meer die/'n nomen agentis naas die ongelede vorm nie.

(a) 'n *Dienaar* is nie sonder meer iemand wat ('n ander) dien nie.

(b) 'n *Gyselaar* en *martelaar* het nie aktiewe betekenis nie, is nie „iemand wat (iemand anders) gysel/martel” nie, maar „iemand wat gegysel/gemartel is/word”, en lê dus nie in dieselfde semantiese sisteem as die res van dié soort afleidinge nie.

(c) 'n (*Klein*)handelaar is nie sonder meer „iemand wat handel” of „iemand wat op klein skaal handel” nie, maar wat in die kleinhandel staan.

(d) 'n *Leraar* is nie „iemand wat (ander) leer of wat self leer” nie.

(e) 'n *Eienaar* is nie s.m. „iemand wat iets of iemand eien” nie.

(f) 'n *Lepelaar* is 'n soort voël.

(g) 'n *Koppelaar* en 'n *ewenaar* is saakname.

Daar is nog Afrikaanse woorde op ongeaksentueerde -el en -er waarnaas nog geen persoonsname aangeteken is nie, bv. *borsel*, *dartel*, *dwarrel*, *gruwel* ens.

**Opm.:** *Skermutselaar* (1964) is interessant omdat ons nie, of nie algemeen, 'n ww. *skermutsel* het nie. Is dit dus 'n terugvorming van die stam van *skermutseling* af?

### § 74.10 Die tipe droom-dromer

Woordpare van 'n grondwoord naas 'n stam van dieselfde grondwoord plus *|-der|*/*-er|*/*-r|*/*-ter* is van die talrykste groepe in Afrikaans. Hier word gewerk met 'n lys van 1,200.

Die formans het meesal die vorm *|-ər|*, minder dikwels *|-dər|*, nog minder *|-tər|* en die enkel *|-r|*, en die minste *|-vər|*, sonder dat dit die semantiese verhouding van grondwoord tot afleidingsvorm beïnvloed. Die verhouding van byvoorbeeld die volgende is presies eenders:

<i>droom-dromer</i>	<i>werk-werker</i>
<i>huur-huurder</i>	<i>loseer-loseerder</i>
<i>slag-slagter</i>	<i>stig-stigter</i>
<i>drywe-drywer</i>	<i>skrywe-skrywer</i>

Wat dit betref, moet dan ook daarop gelet word dat *-aar* soos in *sukkel-sukkelaar* (vgl. ook § 74.9) in dieselfde sisteem lê. *Sukkel-sukkelaar*, *tuimel-tuimelaar* korrespondeer presies met die *-der|*/*-er|*/*-r|*/*-ter*-groep hierbo.

Ook fonologies is die *-aar-* en die *-er-*vorme by werkwoordstamme komplementêr.

*-Aar* kom hoofsaaklik voor na werkwoordstamme op ongeaksentueerde */əl|*, */-ən|* of *|-ər|*, en die res van die gebied is beset deur *|-dər|*, *|-ər|*, *|-r|* en *|-tər|*.

*-Der* kom hoofsaaklik voor na werkwoordstamme op */r|*:

<i>bestier-bestierder</i>	<i>organiseer-organiseerder</i>
<i>keur-keurder</i>	<i>regeer-regeerder</i>
<i>loseer-loseerder</i>	<i>verloor-verloorder</i>

Hiernaas kry ons */dər|* taamlik stelselmatig by woorde wat in ander verbindings ook 'n *-d-* het wat nie in die ooreenstemmende werkwoordelike grondwoord aanwesig is nie. Vergelyk byvoorbeeld die volgende:

<i>arbeider</i> – <i>arbei</i> (sonder <i>d</i> ) – <i>arbeid</i> – <i>arbeidsaam</i>
<i>bevryder</i> – <i>bevry</i> (sonder <i>d</i> ) – <i>bevryding</i> – <i>bevrydend</i>
<i>stryder</i> – <i>stry</i> – <i>strydig</i>

Meer as taamlik stelselmatig is die ooreenkomste egter nie. Naas *bedui* en *bevry* kom byvoorbeeld *beduier* en *bevryer* voor, ondanks die bestaan van *beduiding|*-*end*, *bevryding* en *bevryder* ens. Of dergelike *d*'s veld verloor, is 'n onderwerp vir aparte studie.

Wat van *-der* gesê is ten opsigte van sy samehang met ander *-d-*vorme, geld mutatis mutandis ook van *-ter* en sy samehang met ander *-t-*vorme. Vergelyk bv.

<i>trooster</i> – <i>troos</i> – <i>vertroosting</i> – <i>troosteloos</i> ens.
<i>vegter</i> – <i>veg</i> – <i>vegtery</i> – <i>bevegting</i>
<i>verwoes</i> – <i>verwoester</i> – <i>verwoesting</i> – <i>woesteling</i>
<i>wag</i> – <i>wagter</i> – <i>wagtery</i> – <i>opwagting</i> ens.

Dat ons al *waggery* (sonder *t*) en *woesheid* ens. kry, moet geïnterpreteer word op grond van meer gegewens as waaroor ons hier beskik.

-*Wer* kom voor in die tipe *gee-gewer*, maar is nie voorspelbaar nie. By *gee-gewer* het ons nog *uitgewer*, *vormgewing*, maar naas *blywend-bly* nie *tuisblywer* nie. (Of wel?)

**Opm.:** Gevalle soos *lê-ligger-belegging* is nie sistematies georden nie en bly hier buite bespreking.

-*R* is die vorm na stamme op /-ə/: *grawe-grawer*, *skrywe-skrywer*, *strewer-strewer* ens.

**Opm.:** Waar geen *-we*-vorme by werkwoorde in ('n) spreker(s) se taalgebruik bestaan nie, maar alleen *-f*-vorme, is die formans *-er*, bv. *weefwewer*, met dan die bekende *-f-w*-wisseling.<sup>14</sup> Waar daar geen *-f-w*-wisseling is nie, alleen *-f*-vorme, soos in *afskaf*, is daar ook alleen 'n /-ər/-vorm in die s.n.w.: *afskaffer* ens.

Die res van die woordterrein behoort tot /-ər/ die mees ekstensiewe groep. Wetende wat die dele van die woordterrein van *-aar*/*-der*/*-ter*/*-r* ens. is, is dit dus nie nodig om die res van die terrein fonologies nader te omskryf nie.

Die semantiese sisteem van die tipe *droom-dromer* is baie helder: die /-ər/-vorme is agensname, d.w.s. benoem „iemand wat (gereeld) doen wat deur die werkwoord-korrelaat van die stam genoem word”, bv.

<i>aankondiger</i>	<i>aanvoerder</i>	<i>afloerder</i>
<i>aannemer</i>	<i>adverteerder</i>	<i>afnemer</i>
<i>aanrander</i>	<i>afknouer</i>	<i>afperser</i>
<i>aansêer</i>	<i>afkyker</i>	<i>afrigter</i>
<i>aansoeker</i>	<i>aflaaiër</i>	<i>afsender</i>
<i>aanvaller</i>		ens.

(85% van *alle* materiaal waarmee hier gewerk word, is persoonsname met dié waarde. Oor nie-persoonsname, vergelyk § 97.)

### § 74.11 Die tipe *dispuut-disputant*

Baie sulke pare het Afrikaans nie en hulle is ook nie almal omgangstaal nie, bv.

<i>appel-appellant</i>	<i>komedie-komediant</i>
<i>arres-arrestant</i>	<i>manifes-manifestant</i>
<i>debuut-debutant</i>	<i>musiek-musikant</i>
<i>dispuut-disputant</i>	<i>negosie-negosiant</i>
<i>fabriek-fabrikant</i>	<i>protes-Protestant</i>

14. Vgl. M. de Villiers: *Op. cit.*, 183–184.

Wel het Afrikaans heelwat met stamme sonder selfstandige woorde daarnaas, wel met dieselfde stamme plus *-eer* daarnaas, bv.

*aspireer-aspirant*

*determineer-determinant*

*disputeer-disputant*

*domineer-dominant*

*eksploteer-eksploutant*

*emigreer-emigrant*

*endosseer-endossant*

*immigreer-immigrant*

*informeer-informant*

ens.

Dergelike werkwoord-korrelate is daar dikwels ook by die *pare* hierbo, bv.

*appelleer-appel-appellant*

*arresteer-arres-arrestant*

*debuteer-debuut-debutant* ens.

Die semantiese waarde van die *-ant*-vorme is meesal „iemand wat doen/maak, optree, aktief is ens. in verband met dit waarna deur die stam verwys word”. Dit is dus dieselfde soort waarde wat ons het in woorde van die tipes *werker* (naas *werk*), *sukkelaar* (naas *sukkel*), *skolier* (naas *skool*) e.d.m.

**Opm.:** *Arrestant* het twee waardes, naamlik die *gearreesteerde* en die *arresteerder* (verstaan as „beslaglegger”).

In 'n paar gevalle vind ons dan ook sowel *-ant*- as *-der*-vorme (vgl. § 85.1) en ook by die korresponderende ww.-stamme, bv. *appelleerder*, *debuteerder*, *fabriseerder* ens.

Waarom die omgekeerde nie ook voorkom nie, naamlik bv. *werkant\** naas *werker*, *verloor(d?)ant\** naas *verloorder?* Synchron kan ons niks meer sê as dat *-ant* nie produktief is nie, *-der* wel.

Wie dergelike persoons-*ant*-vorme gebruik, het dus net 'n klein leksikale veldjie.

### *Diachronie*

Persoonsname op *-ant* is hoofsaaklik van Romaanse oorsprong. Dit is nie volkome seker dat Nederlands *disputant* van Frans kom nie; dit was nog gebruiklik by Voltaire in die 18de eeu, maar is vandag verouderd of selfs heeltemal uitgesterf. Nederlands kòn dit self gevorm het van *dispuut* (of langs *disputeer*, soos *arresteer-arrestant*). Daar was of is dus moontlik in Nederlands reeds 'n deurbraak van *-ant* tot die terrein van die agtervoegsel en afleiding. Dan moet dit ons nie verbaas as dit in Afrikaans ook gebeur nie. Moontlik is sommige van dié wat ons reeds het, naamlik 'n deel van dié waarby ons 'n simpleks het, al ons eie vorming, bv. *appellant*, *disputant*, *fabrikant komediant* ens., maar omdat almal ook Nederlands én Frans is, beskou ons hulle as erf- of leengoed.

## § 74.12 Die tipe gierig-gierigaard

Afrikaans het net 'n beperkte groepie woorde op *-aard*, bv.

<i>dronkaard</i>	<i>lafaard</i>	<i>Spanjaard</i>
<i>gierigaard</i>	<i>lui aard</i>	<i>trotsaard</i>
<i>grysaard</i>	<i>rykaard</i>	<i>valsaard</i>
<i>gulsigaard</i>		ens.

'n Paar met *-aard* in die Auslaut, naamlik *beiaard*, *ponjaard* (miskien ook *snoodaard*) kan, sinchronies beskou, geen afleidinge op *-aard* wees nie, omdat ons nie die simplicia *bei\**, *ponj\** (en *snood*?) het nie.

'n Paar sou volgens hulle vorm, d.w.s. omdat hulle simplicia naas hulle het wat volkome of nou ooreenstem met die stam, afleidinge kon wees, maar semanties of woordsoortelik lê hulle nie of nie volkome, binne die sisteem van die merendeel van die groep nie.

Die groep is almal persoonsname, s.nwe., hoofsaaklik met b.nwe. naas hulle, bv.

<i>gierigaard-gierig</i>	<i>gulsigaard-gulsig</i>
<i>grysaard-grys</i>	<i>lui aard-lui</i>

**Opm. 1.** *Spanjaard* is die enigste met 'n s.nw. (*Spanje*) naas die *-aard*-vorm, semanties hoort dit by die *-enaar*-groep *Kapenaar-Kaap* ens. (Vgl. § 74.4.)

2. *Veinsaard* is die enigste met 'n ww. naas hom (*veins*), en hoort semanties dus by die tipe *slaap-slaper*, *skryf-skrywer* ens. (Vgl. § 74.10.) Die persoonsname benoem meesal „iemand wat is soos deur die grondwoord genoem”, dus byvoorbeeld iemand wat *grys*, *trots*, *vals* ens. is.

**Opm. 1.** *Lafaard* en *standaard* hou semanties geen verband met respektiewelik *laf* „verspot” en *stand* nie. (Diachroon beskou, is *lafaard* wel 'n afleiding, naamlik in Nederlands van Nederlands *laf* „lafhartig”.)

2. In die meeste gevalle beteken die *-aard*-vorme nie sonder meer „iemand wat is soos deur die grondwoord genoem” nie, maar meer bepaald „iemand wat gewoonlik of steeds/dikwels ens. is soos deur die grondwoord benoem”. In die meeste gevalle is daar ook 'n pejoratiewe element aanwesig, sy dit dan so dat dit meesal reeds in die grondwoord aanwesig is. Maar selfs so geformuleer, kom daar besondere leksikale aspekte by enkele gevalle. *Grysaard* is nie alleen nie pejoratief nie, maar word ook uitsluitend gebruik ten opsigte van mans, nie vrouens nie. Ondanks die nie-pejoratiewe van *ryk*, is *rykaard* wel pejoratief. Dan moet ons dit miskien sien as vorm wat nie naas *ryk* „goedbedeeld, met besittinge”, staan nie, maar naas *ryk* „goedbedeeld en (dus) rykdom-behep” of soiets. En *dronkaard* is nie sonder meer „iemand wat gewoonlik/dikwels dronk is” nie, eerder „iemand wat gereeld/dikwels te veel drink” (d.w.s. alkoholiese drank gebruik).

Die groepie woorde op *-aard* is volkome onproduktief.

### Diachronie

Alle Afrikaanse voorbeelde hiervan is uit Nederlands behou.

#### § 74.13 Die tipe dik-dikkerd

Woorde op *-erd* met 'n grondwoord naas hulle, is daar nie veel in Afrikaans nie. Hier word met die volgende gewerk :

1. met 'n b.nw. daarnaas :

<i>dikkerd-dik</i>	<i>slimmerd-slim</i>
<i>lelikerd-lelik</i>	<i>stinkerd-stink</i>
<i>lomperd-lomp</i>	<i>stouterd-stout</i>
<i>papperd-pap</i>	<i>vrotterd - vrot;</i>

2. met 'n ww. daarnaas :

*gluiperd-gluip, sufferd-suf, temerd-teem,*

en dan die geval *pafferd* naas *paf*? Omdat die samehang van *pafferd* („iets wat swak ontplof”) met *paf* (klanknabootsende interjeksie) nie sonder meer duidelik is nie, word dit hier verder genegeer, asook omdat dit die enigste van die groep is met 'n interjeksie naas die afleiding.

Die grootste gedeelte is dan persoonsname waarvan die meeste nog duidelik semanties verband hou met b.nwe. (*lelikerd* met *lelik*, *lomperd* met *lomp* ens.), en 'n paar met ww. (*gluiperd* met *gluip*, *sufferd* met *suf*, *temerd* met *teem*).

Dat daar iets pejoratiefs aan die meeste kleef, sal wel daarmee verband hou dat die grondwoorde self dit meesal het : *dik, gluip, lelik, lomp, stink, stout, suf, teem, vrot*. Die geval *slimmerd* lyk anders, maar is moeilik beskryfbaar omdat sy gebruiksfrekwensie laag en sy betekenis aan die onduidelike kant is. As *slimmerd* soiets beteken soos „iemand wat slim is, dit wil sê uitgeslape, nie volkome deursienbaar reguit nie”, het ons 'n ooreenstemmende verband met *slim* „uitgeslape” ens., en nie met *slim* „intelligent” ens. nie.

**Opm.** 1. *Gluiperd, sufferd* en *temerd* staan teenoor sterk mededinging van *gluiper, suffer* en *temer*, wat veel sterker staan omdat hulle lede is van die baie gestalsterke groep ww.-stam + *-er* soos in *dromer, kruiper* e.d.m. (Vgl. ook § 74.10.)

2. *Slimmerd* staan ook nie sterk nie, vanweë die bestaan van die vrywel gelykwaardige *slimmerik*.

Dit val op dat die grondwoorde op een na (*lelik*) eensillabig is en almal *f, k, m, p* of *t* in die Auslout het.

*-Erd* is volkome onproduktief.

### Diachronie

Alle Afrikaanse voorbeelde is òf erfgoed òf leengoed, behalwe miskien *temerd*, wat nog nie in Nederlands gevind kon word nie.

### § 74.14 Die tipe bot-botterik

Die paar voorbeelde hiervan, naamlik

*bot-botterik*

*slim-slimmerik*

*dom-dommerik*

*stom-stommerik*

verdien nouliks vermelding. Ook is hulle gebruiksfrekwensie baie laag en is die groep volkome onproduktief.

**Opm.:** Al vier is ook Nederlands. *Stommerik* staan teenoor sterk mededinging van *stommeling*.

### § 74.15 Die tipe bekeer-bekeerling

Afrikaans het maar 'n beperkte groepie woorde op *-ling* met 'n grondwoord sonder *-ling* daarnaas, bv.

*afstam-afstammeling*

*druip-druipeling*

*ban-banneling*

*huur-huurling*

*beskerm-beskermeling*

In vier gevalle is dit nie seker of ons met *-ing* of met *-ling*-vorme te make het nie, naamlik *enkeling*, *hemeling*, *onnoseling* en *vermeteling*.<sup>15</sup> Foneties is dit *-ing*-vorme, maar semanties beskou, lyk hulle na *-ling*-vorme d.w.s. hulle moet (of kan) dan as assimilasiëvorme beskou word. Soos deels elders bespreek (§ 118) is daar geen *-ing*-vorme wat gebruik word, ten opsigte van individue nie: 'n *afdeling* („soldate”), 'n *afvaardiging*, 'n *besetting*, 'n *sending* ens. is meesal of dikwels wel 'n groep mense, maar nie een mens nie. Vergelyk hiervoor ook *sending* en *sendeling*. *Enkeling*, *hemeling*, *onnoseling* en *vermeteling* hoort dus tot die *-ling*-groep.

Fonologies kan ons dan sê dat die veld van die groep *bekeer-bekeerling* c.s. beset is deur *-ing* by 'n stam op /əɪ/ – of deur /lɛə/ met outomatiese of onmiddellike assimilasië – en oriens deur *-ling*-vorme: hoofsaaklik *-ling* en *-eling*.

*Oosterling* en sy groep, *Noorder-/Suider-* en *Westerling* het in die stam die *-er*-verbindingsvorme van respektiewelik *Noorderlig-* *Oosterlig* ens., net soos *ouderling* dit het soos in *ouderdom* e.d.m. En *gunsteling*, *vlugteling* en *woesteling* het die *-t*-vorme van *gunste/gunstig*, *vlugte/vlugtig*, *woeste/woestaard* / *-Ling* het ons na 'n stam op /ɾ/ : *bekeerling*, *huurling*, *Kleurling*, *leerling*, *oproerling*, *vierling* ens.; na 'n stam op /rəm/ : *beskermeling*; na /en/ : *eenling*; na vokale, bv. *drieling*, *eersteling*, *ellendeling*, *nuweling*, *tweeling* en na *vyf* : *vyfeling*.

Die res van die veld is beset deur *-eling*, bv.

*afstam-afstammeling*

*loot-loteling*

*doop-dopeling*

*sak-sakkeling*

*druip-druipeling*

*verstoet-verstoteling* ens.

15. *Onnoseling* en *vermeteling* is net een keer aangeteken, uit gesprekke, 1965.



Semanties is alle *-ling*-vorme nie sonder meer een duidelike groep nie. Die volgende is duidelik onderskeibaar :

1. Die tipe *bekeer-bekeerling*, d.w.s. werkwoord naas ww.-stam + *-(e)ling*.

Waar die korrelate ww. transitief is, is die betekenis van die *-(e)ling*-vorm passief, en waar dit intransitief is, is die betekenis van die *-(e)ling*-vorm aktief. *Ban, bekeer, beskerm, doop, huur, verstoot* is transitief en 'n *banneling/bekeerling/beskermling/dopeling/huurling/verstoteling* is „iemand wat geban, bekeer, beskerm ens. is of word”. *Afstam, druipe, sak* ens. is intransitief, en 'n *afstammeling/druipeling/sakkeling* ens. is „iemand wat (van ander) afstam, iemand wat druipe/sak, of wat (van ander) afgestam, of wat gedruipe/gesak het”. (Vergelyk 'n soortgelyke verskynsel by *-baar*, § 90, en by *-lik*, § 122.)

Die enigste binding tussen die twee subgroepe is dat almal persoonsname is wat verband hou met die betekenis van korrelate werkwoorde. In gegewe gevalle is daar besondere soortelike leksikale verskille. 'n *Huurling* is byvoorbeeld nie sonder meer „iemand wat gehuur is” nie, 'n *kwekeling* nie sonder meer „iemand wat gekweek is/word” nie, 'n *loteling* nie sonder meer „iemand wat geloot is/word” nie. M.a.w., wie dié woorde gebruik en reg gebruik, moet hulle as hele woorde ken, kan nie hulle betekenis volkome aflei uit kennis van die grondwoord plus kennis van die semantiese waarde van *-(e)ling* in kombinasie nie.

2. Die tipe *swak-swakkeling*, dit wil sê b.nw. naas b.nw.-stam + *-(e)ling*.

Die *-(e)ling*-vorm beteken „iemand wat is soos deur die grondwoord genoem”, byvoorbeeld 'n *jongeling* is „iemand wat jonk is”, 'n *nuweling* „iemand wat nuut is (êrens)”, 'n *woesteling* „iemand wat woes is of so optree”, maar, net soos by werkwoord-stamme, glad nie altyd sonder meer nie. 'n *Jongeling* word byvoorbeeld net van 'n seun gesê (vgl. *grysaard* wat net t.o.v. 'n man gebruik word : § 82), 'n *nuweling* meesal van iemand wat die eerste keer op ('n) skool of universiteit kom, 'n *swakkeling* van (meesal) 'n volwassene wat nie beslis, kragtig ens. is in sy optrede nie, 'n *liefeling* van iemand vir wie jy of ander mense lief is, wat jou of hulle gunsteling is ens.

**Opm.** 1. *Lammeling*<sup>16</sup> hou, sinchroon-semanties beskou, nie verband met *lam* nie, maar met *lamlendig* en *lamlendeling*<sup>17</sup>.

2. *Sonderling* hou geen verband met *sonder* (voors.) nie, wel met *uitsonderling*<sup>18</sup> en *uitsonderlik*.

16. Net 1 keer aangeteken: 1963.

17. Net 3 keer aangeteken: 1960-5.

18. Net 1 keer aangeteken: 1963.

3. Die tipe *Noord-Noorderling*, d.w.s. met die naam van 'n windrigting naas 'n verbindingsvorm van die stam plus *-ling*.

Almal benoem „iemand woonagtig in of afkomstig van of tipies van 'n streek van 'n land of deel van die wêreld wat benoem word deur die grondwoord”: *Oosterling, Suiderling, Westerling* ens.

Dié groeple is dus deel van die veld van *-er* (*Bredasdorper*), *-iet* (*Paarllet*) ens. (vgl. § 74.3).

Nie-persoonsname op *-ling*, naamlik *kortling, saailing* en *vingerling* is te weinig in getal om 'n groepbespreking te regverdig.

Waar is die tipes *bekeerling* en *swakkeling* se plek nou in die ('n?) semanties-morfologiese sisteem van Afrikaans? Om dit te beantwoord, moet dit met die ander groepe vergelyk word, d.w.s. met die volgende tipes (en hulle subtypes):

<i>babbel-babbelaar</i>	<i>swak-swakkeling</i>	<i>slim-slimmerik</i>
<i>lui-luiaard</i>	<i>drie-drieling</i>	<i>aktief-aktiwis</i>
<i>suf-sufferd</i>	<i>wit-wittes</i>	<i>doop-dopeling</i>
<i>bank-bankier</i>	<i>werk-werker</i>	<i>druip-druipeling</i>
<i>vlug-vlugteling</i>	<i>dik-dikkerd</i>	<i>wit-witte</i>

Wat die vorme in die tweede kolomme bind of tot een groep maak, is die feit dat almal persoonsname (en s.nwe.) is. Maar nou is daar soms belangrike semantiese verskille sê maar tussen *-er-* en *-eling-*woorde: 'n *doper* en 'n *dopeling* is nie dieselfde nie, of 'n *versteker* en 'n *verstekeling*, of 'n *beskermer* en 'n *beskermling* ens., en die verskille het soms, soos hier, 'n kategoriale karakter. Daarom sou subgroepering noodsaaklik word.

#### § 74.16 Die tipe *kelner-kelnerin*

Die *-in* van vroulike persoonsname kom in 'n stuk of twintig woorde in Afrikaans voor, maar net sowat 'n twaalf is redelik gebruiklik en goed bekend, bv. *godin, gravin, heldin, Jodin, kelnerin, koningin, lugwaardin* en *vriendin*.

**Opm.:** *Sottin* en *swapin* is speelvorme in studentetaal. Hulle is vermaaklik om hulle ongewoonheid.

*Leeuin* is volkome verouderde boektaal, en *mannin* net Bybeltaal.

Hierdie *-in* is vrywel volkome onproduktief. Die res van die veld is beset deur *-es*, bv. *onderwyser-onderwyseres, -ster*, bv. *besoeker-besoekster*, en verder word komposita met *meisie, vrou, wyfie* (vir mense), *merrie, ooi, teef* ens. (vir diere) gebruik.

#### *Diachronie*

Alle gevestigde vroulike *-in*-vorme is ook Nederlands.

### § 74.17 Die tipe baron-barones

Vir volledige materiaal en bespreking sien § 103.

### § 74.18 Die tipe miljoen-miljoenêr

*Biljardêr, biljoenêr*, dus dié met 'n persoonsnaam naas 'n miljoene-telwoord, is beperk tot enkele gevalle met die woorde „iemand wat soveel (geld) besit soos deur die telwoordstam genoem”. (Vir die tipe *sestiger, tagtiger* vgl. § 97.)

### § 75 Die Versamelgroep

In sekere opsig sou dit beter wees om van 'n „*groep*”-*groep* te praat, of van *kollektiwiteit*, maar nie een bevredig volkome nie, en „versamel”- is al geyk. Dat daar hierby groepbenoeming is, is gou duidelik. Vergelyk maar bv.

'n *bos* met ('n) *boskasia*

'n *mens* met (*die*) *mensdom* en *mensheid*

'n *boek* met ('n) *boekery*

'n *gebak* („koek” bv.) en 'n *bak* (*beskuit* bv.) met 'n *baksel* („beskuit”) ens.

Maar dat daar nie altyd 'n teenstelling is van groep-individu (of groep vs. net een) nie, kan al uit die voorbeeld met *bak* blyk: dié *bak* is semanties nie die/'n korrelaat van die stam *bak-* in *baksel* nie. Wel is daar 'n verband tussen die *bak-* van *gebak* en dié van *baksel*.

Ook is die veld van die verskillende afleidingsoorse hierby meesal heeltemal verskillend.

### § 75.1 Die tipe bos-boskasia

Dit val enigsins te betwyfel of *bos-boskasia* werklik tot 'n aparte groep behoort. Vireers is dit 'n uiters klein groepie, en verder is daar nie werklik duidelike semantiese binding nie, ten minste nie tussen almal nie. (Vergelyk ook § 88 en § 89.) Die kollektiewe waarde is net duidelik in 'n stuk of ag gevalle, nl.

*boskasia* (-*gasia*)

*klerasia*

*modderasia*

*murasia*

*pakkasia*

*plantasia*

*pluimasia*

*takelasia*

Ook is *-asia* volkome onproduktief. Die groepie staan dus alleen tot beskikking van wie dit een vir een reeds ken.

## Diachronie

Kyk hieroor -*asie*<sup>2</sup>, § 89 hiervan.

### § 75.2 Die tipe Afrikaner-Afrikanerdom

Afleidinge op -*dom* kom in Afrikaans in betreklik klein getalle voor. (Hier word gewerk met 'n lys van 44.)

A. **Hulle woordsoortelike sisteem is taamlik eenvoudig:**

1. Hulle is almal selfstandige naamwoorde en

2. hulle kom voor naas stamme met

(a) hoofsaaklik s.nw.-korrelate, bv. *Afrikaner-Afrikanerdom*, *amptenaar-amptenaredom*, *armblanke-armblankedom*, *demoon-demonedom*, *engel-engeledom* ens. (34 van die 44 voorbeelde);

(b) enkele b.nw.-korrelate (bw.-korrelate), bv. *Engels-Engelsdom*, *heiligh-eiligdom* en *ryk-rykdom*;

(c) 'n enkele wat èn b.nw.- èn s.nw.-korrelate het: *blanke-blankedom*.

**Opm.** 1. *Eiendom* hou verband met die *eie*, maar met die b.nw. of die s.nw.? Dit is sinchroon nie uit te maak nie.

2. *Wasdom* moet sinchroon as onafgeleid beskou word. (Diachroon beskou, is dit in Nederlands reeds afgelei van die ww. *wassen* „groeï”, o.i. van die naamwoordelike *was* „groeï”.

3. *Weedom* word te selde gebruik om moontlike samehang met *wee* (s.nw.?) te bepaal.

B. **Ook die semantiese sisteem is betreklik eenvoudig:**

1. -*Dom* verskyn naamlik hoofsaaklik by persoonsname as stamme (gode en engele inbegrepe) en benoem dan daarby

(a) gesamentlikheid of groep, bv. *Afrikanerdom*, *barbaredom*, *godedom*, *heldedom*, *Jodedom*, *mensdom*, *proletedom* ens., of

(b) administratiewe of juridiese gesagsgebied of gesagsomvang, bv. *aarts-biskopdom*, *hertogdom*, *keiserdom*, *pousdom*, *skependom*, *vorstedom* ens.

2. By b.nw.-stamme benoem -*dom* ook gesamentlikheid en/of omvang t.o.v. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. *eien-dom*, *heiligdom*, *rykdom* ens.

-*Dom* sou, teoreties beskou, 'n groot leksikale veld kon dek: vorme daarmee verskyn dikwels langs name van funksionarisse: *hertog*, *keiser*, *pous*, *priester*, *prins*, *vors*. En daarvan is daar honderde: *burgemeesters*, *direkteure*, *sekretarisse*, *parlementariërs* ens. Tog het dit nog nie gebeur nie.

Die vorm van die formans lyk na 'n hele probleem. Die geval *eiendom* daargelate omdat dit alleenstaan (*ei-e-n-dom*), is die vorme *-dom* en *-edom* (/ədom/), tensy die *-e-* (/ə/) as deel van die stam beskou word, en dan òf as meervoud òf as verbindingsvorm. Hier is die materiaal:

**-dom**

*Afrikanerdom*  
*aartsbiskopdom*  
*arbeiderdom*  
*Christendom*  
*Engelsdom*  
*filisterdom*  
*heiligdom*  
*hertogdom*  
*keiserdom*  
*ketterdom*  
*maagdom*  
*magdom*  
*mensdom*  
*ouderdom*  
*pousdom*  
*priesterdom*  
*prinsdom*  
*Rhodesiërdom*

**-edom**

*algodedom*  
*amptenaredom*  
*barbaredom*  
*demonedom*  
*driegodedom*  
*eengodedom*  
*eenvrouedom*  
*engeledom*  
*filistynedom*  
*godedom*  
*heldedom*  
*Jodedom*  
*keurvorstendom* (?)  
*lekedom*  
*proletedom*  
*vorstedom*  
*skependom*  
*slawedom*

Enkele van die *-e-* vorme kan, teoreties, geen meervoude wees nie, nl. *eengodedom* en *eenvrouedom*, omdat *een* nie deur 'n meervoud gevolg kan word nie en omdat dit beteken „leer of geloof dat daar maar een god is” (WAT II, 429). Dus is *gode* hier geen meervoud nie en dan moet dit as verbindingsvorm beskou word. So oordeel prof. M. de Villiers<sup>19</sup> ook daarvoor, hoewel op ander gronde.

*-Dom* kan nouliks produktief heet. In die afgelope paar jaar is net *arbeiderdom* en *Rhodesiërdom* aangeteken.

*Diachronie en vergelyking met Nederlands*

*-Dom* is, saam met die meeste afleidinge daarmee, uit Nederlands behou, bv. *aartsbisdom*, *aartsbiskopdom*, *adeldom*, *algodedom*, *Christendom*, *eiendom*, *engeledom*, *godedom*, *heidendom*, *heiligdom*, maar 'n klein gedeeltetjie is blykbaar tog Afrikaanse eiegoed, bv. *Afrikanerdom*, *barbaredom*, *blankedom*, *Engelsdom*, *heldedom*, *lekedom* ens. Dit was dus maar sporadies produktief in Afrikaans.

19. Vgl. M. de Villiers: *Op. cit.*, 182 vlg.

**Opm.:** Hou *magdom* verband met *mag* (s.nw.)? So ja, dan met die *mag* van 'n *mag der menigte*?

### § 75.3 Die tipe afvaardig-afvaardiging

Gesien die klein getalletjie hiervan, kan dit nouliks 'n tipe genoem word. Tog is dit so dat hier kollektiewe betekenis is en dat dit meesal nie leksi-kaal in die stam aanwesig is nie. Vergelyk die volgende :

<b>Grondwoord:</b>	<b>Enkelinge:</b>	<b>Groep:</b>
<i>afvaardig</i> <i>beset</i>	<i>afvaardiger</i> / <i>afgevaardigde</i> <i>besetter</i>	<i>afvaardiging</i> <i>besetting</i> (bv. „soldate wat 'n stad beset”)
<i>regeer</i> <i>send</i>	<i>regeerder</i> / <i>geregeerde</i> <i>sender</i>	<i>regering</i> <i>sending</i>

**Opm.:** *Vergader* word altyd gebruik i.v.m. meer as een, sodat die groep-waarde van *vergadering* reeds in *vergader* aanwesig is en die *-ing* in *vergadering* dan net 'n s.nw.-eksponent wat dit ook onderskei van *vergaderdes*.

Produktief is *-ing* in hierdie waarde nie.

### § 75.4 Die tipe bak-baksel

Dit is die enigste tipe naas dié van *mens-mensdom* wat ook 'n redelike getalsterk veld beset. Hier word gewerk met 'n lys van 141 voorbeelde. Die oorwegende meerderheid het nogtans nie 'n kwantitatiewe waarde nie, sodat die groeipidee ook hier, soos by die *-dom*-tipe, nie ruim ontwikkel is nie.

Woorde met ww.-stam + *-sel* benoem dan soms 'n onbepaalde hoeveelheid waarmee gebeur het, of wat bedoel is vir of wat die resultaat is van wat deur die stam genoem word, bv.

<i>baksel</i>	– „hoeveelheid wat saam gebak is/word”,
<i>broeisel</i>	1. „eiers waarop tegelyk deur dieselfde voël gebroei word”, 2. „klomp kuikens wat saam uitgebroei is”, 3. „klomp tabak wat gelyk in die sweet gesit word”, 4. „werpsel van kat” ens.,
<i>brousel</i>	– „hoeveelheid wat in een slag gebrou is”,
<i>kooksel</i>	– „hoeveelheid wat genoeg is om een keer te kook”,
<i>pluksel</i>	– „hoeveelheid wat by een geleentheid gepluk word”,
<i>skeersel</i>	– „hoeveelheid wol wat boer met een keer afskeer”,
<i>treksel</i>	– „hoeveelheid koffie, tee . . .”,
<i>werpsel</i>	– „soveel kleintjies as wat 'n dier ineens werp”.

Volgens die omskrywing van WAT en ander handwoordeboeke, is dit nie meer as sowat 14 nie. Met die oog op die beperktheid hiervan, word ander aspekte van die *-sel*-groep elders bespreek (§ 135).

### § 75.5 Die tipe been-gebeente

Woordpare van die tipe *been-gebeente* vorm ten minste vier verskillende groepe in Afrikaans, nl.

1. dié waarin die vorme vrywel gelykbetekenend is, soos *aard* en *geaardte* (meesal: *geaardheid*), *deel* en *gedeelte*;
2. dié waarin die vorm met *ge-* en *-te* gesamentlikheid of kollektiwiteit te kenne gee, soos *gebeente* (naas *been*);
3. deelwoordvorme soos *gelapte* (b.nw.), en
4. die tipe *dier-gedierte*.

Net tipe 2. sou hier bespreek moet word. Elders blyk dat dit 'n baie klein groepie is (§ 138)), daarom word hier volstaan met 'n verwysing.

### § 75.6 Die tipe broeder-broederskap

Daar is enkele gevalle waar 'n *-skap*-vorm 'n groep benoem, bv. *broederskap* „'n groep broers of broeders” in die sin van „mense van gelyke oortuiging, geloofs- of ampsgenote”, *afgesantskap* „groep afgesante”, maar hulle getal is te klein om dit as aparte groep te kan beskou.

### § 75.7 Die tipe twee-tweeling

Dit is die tipe met 'n telwoord naas 'n telwoord-stam plus *-ling*. Die groeps-waarde is „groep van soveel as wat deur die grondwoord genoem word, wat uit dieselfde drag of swangerskap gebore is”, bv. *agling*, *sesling*, *tweeling*, *vierling*, *vyfling*. Met dié woorde alleen word nooit na één van so 'n groep verwys nie; daarvoor word 'n bepaling gebruik, bv. *hy (sy, dit) is een van 'n drie-/twee-/vierling* ens. M.a.w., dié *-ling*-groep hoort eintlik tot dieselfde veld as een van die *-ing*-groepe (vgl. § 118).

**Opm.:** *Eenling* en *eersteling* is semanties dus nie lede van hierdie groep nie. 'n *Eenling* is nie een nie, maar eerder „'n alleenling, 'n eensaamling, 'n alleenloper(ing)”<sup>20</sup>. En 'n *eersteling* is „'n eersgeborene”. Hulle hoort dus tot die groep *swak-swakkeeling* (§ 74.15).

**Opm.:** Die geval *boek-boekery*, waarin die *-ery*-vorm 'n versameling of (groot) hoeveelheid benoem van wat deur die stam genoem word, vorm (nog) geen gesistematiseerde groep in Afrikaans nie.

20. Eie maaksels.

## §76 Die Toestandsgroep

Ook dít is geen goeie naam vir die groep nie (al gebruik Marchand<sup>21</sup> dit ook). Seker gaan dit dikwels om 'n toestand of 'n toedrag van sake ten opsigte van wat deur die betrokke stam genoem word, bv. *bywonerskap* (naas en teenoor *bywoner* en *bywoning*), *presisie* (naas *presies*), *maerte* (naas *maer*), *dekoratiewiteit* (naas *dekoratief*) ens., maar „toestand” pas nie volkome op gevalle soos *despotisme* (naas *despoot*), *droefnis* (naas en teenoor *droef* en *droefheid*) ens. nie.

Waarom sou of moet dit dan ook? Nee, dit móet nie, maar die waardes lê tog baie na aan mekaar. Sou „abstrakte s.nwe.” nie beter pas nie? Ook nie, omdat „abstrak” (en „konkreet”) begrippe is wat nie goed deug in die Taalkunde nie. „Toestandsgroep” wil dus eintlik net sê dat „toestand” of verwante begrippe dikwels daarby aanwesig is en moet verder dien om dit te skei van die persoons- en die versamelgroep.

### § 76.1 Die tipe ferment-fermentasie

Vir volledige bespreking en materiaal sien § 88.

### § 76.2 Die tipe geleerd-geleertentheid

Die formans *-entheid* beset 'n klein veldjie naas en soms teenoor *-heid*, *-te* en *-ing*, soms teenoor 'n vorm sonder agtervoegsel. Die volgende is aangeteken :

<i>bedoelentheid</i>	<i>bedoeling</i>	
<i>begerentheid</i>	<i>begeerte</i>	
<i>beswarentheid</i>	<i>beswaar</i>	
<i>ervarentheid</i>	<i>ervarenheid</i>	<i>ervaring</i>
<i>geaardten(t)heid</i>	<i>geaardheid</i>	<i>geaardte</i>
<i>geleertentheid</i>	<i>geleerdheid</i>	
<i>gevoelentheid</i>	<i>gevoel</i>	<i>gevoelte</i>
<i>roerentheid</i>	<i>roering</i>	
<i>verbelentheid</i>	<i>verbeelding</i>	
<i>verkouentheid</i>	<i>verkoue</i>	
<i>verslaentheid</i>	<i>verslaenheid</i>	
<i>vertrouentheid</i>	<i>vertroue</i>	

Hulle verskil van die tipes *afgemete-afgemetenheid*, en *alomvattend-alomvattendheid* in die volgende opsigte :

1. *Ervarentheid*, *verkouentheid* en *verslaentheid* berus op die b.nwe. *ervare*, *verkoue* en *verslae*, en ander sulke b.nwe. het *-nheid*-vorme langs hulle, bv. *afgemete/-nheid*, *bedorwe/-nheid* ens. (Vgl. ook § 96.)

21. Marchand, H. : *Op. cit.*, 375.



2. Dié *-entheid*-vorme beteken dieselfde as dié sonder *-entheid* wat naas hulle bestaan.

**Opm.:** *Ervarenheid* (met of sonder *t*) kan dieselfde beteken as *ervaring*, maar kan ook beteken: „omvang of toedrag van sake t.o.v. ervare wees”. By die ander bestaan daar nie twee sulke vorme waartussen die gebruiker kan kies nie: daar is net bv. *aangeleentheid*, *geleentheid*, *geneentheid* ens.

3. Hulle word sosiaal laer gewaardeer, het almal iets van ’n volkse bywaarde, geld ook as minder geleerd en word nie in neutrale, offisiële of strakker gestileerde taalomstandighede gebruik nie.

4. Daar kan nie spontaan dergelike nuwes gevorm word nie. (Maar met *-heid* kan dit wel. Vgl. § 107.)

Vir die taagebruiker bied hierdie vorme dus in hoofsaak ’n stylmiddel by ’n stuk of twaalf woorde.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Die formans is, histories gesien, dikwels nie *-ent(d)heid* nie, maar bloot *-heid* by deelwoorde op *-en*, soms met ’n epentetiese /t/, bv.

*aangeleentheid* (Nederlands *aangelegenheid*),  
*ervarentheid* (*ervarenheid*),  
*geleentheid* (*gelegenheid*; vroeër ook *gelegent(d)heid*),  
*geneentheid* (*genegenheid*, vroeër ook *genegentheid*),  
*ongeleentheid* (*ongelegeneid*, vroeër ook *ongelegendheid*),  
*toegeneentheid* (*toegenegen(d)heid*),  
*verleentheid* (*verlegenheid*) en  
*verslaentheid* (*verslagenheid*).

Dié vorme kan ons almal as geërf beskou.

**Opm.:** Let op dat die Nederlandse voorbeelde beperk is tot drie fonologiese groepe:

(a) *-egen-* + *-heid* (6),

(b) *-agen* + *-heid* (1), en

(c) *-aren-* + *-heid*,

en dat die *-(d)-(t)* net by groep (a) voorkom.

Dan het ons net sowat nege met ’n eie *-ent(d)heid*, nl.

*bedoelentheid*

*begerentheid*

*geaardtendheid* | *gearentheid*

*geleertentheid* | *gelerentheid*

*gevoelentheid*

*roerentheid*

*verbelentheid*

*verkouentheid*

*vervelen(t)dheid*,

en miskien *aangeleentheid* en *ervarentheid*. Beskou ons net die relatief sekere, dan het ons hier:

1. stam met ww.-korrelaat + *-entheid*: *bedoelentheid*, *begerentheid*, *roerentheid*, *verbeentheid* en *vervelen(t)dheid*,
2. stam met b.nw.-korrelaat + *-entheid*: *geaartentheid*/*gearentheid*, *geleertentheid*/*gelerentheid* en miskien *verkouentheid*, waarvan *geaartentheid* en *geleertentheid* verband (kan) hou met die wwe. *aard* en *leer*, of met die vorme *geaard* en *geleerd*, en
3. stam met s.nw.-korrelaat + *-entheid*: *gevoelentheid*, wat verband hou met *voel*.

Fonologies het hierdie groep losgeraak van die Nederlandse sisteem (kyk **Opm.** hierbo) en het ons nou wesenlik 'n nuwe agtervoegsel *-entheid*, nl. by 1.: stam met ww.-korrelaat: *bedoel*/*begeer*/*roer*/*verbeel* en *verveel*; by 2.: stam met b.nw.-korrelaat: *geaard*/*geleerd*; by 3.: stam met s.nw.-korrelaat: *gevoel* en miskien *verkoue*.

**Opm.** 1. *Verkoue* is ook b.nw., maar as die s.nw. *verkoue* teenoor *verkouentheid* gestel word, lyk dit meer asof laasgenoemde van die s.nw. gevorm is.

2. *Vervelend(t)heid* lyk my na twee woorde, nl.

(a) *vervelendheid* „toestand of optrede van iemand wat vervelend is” ens., en (b) *vervelentheid* (met 'n *t*) „verveling, verveeldheid” ens.

### § 76.3 Die tipe vry-vryheid

Die formans *-heid* het vorme, nl. *-heid* soos in *vryheid* (teenoor *vry*), *-nheid* (/nəit/) soos in *bedrewenheid* (teenoor *bedrewe*), *-theid* (/təit/) soos in *ongereptheid* (teenoor *ongerep*).

Vir volledige bespreking van materiaal wat Woordsoortelike Sisteem en Diachronie aanbetref, word verwys na § 107 en verder aan.

### § 76.4 Die tipe diffuus-diffusie

Dit gaan hier om die nie-verkleiningsuitgang *-ie* en sy variante. Hoewel Afrikaans duisende woorde het wat op 'n nie-verkleiningsuitgang *-ie* eindig, kan net 'n geringe persentasie, van sinchronies-Afrikaanse standpunt af, as afleidinge beskou word – in die lys van 1028 voorbeelde waarmee hier gewerk word, net sowat 100.

Die posisie is as volg:

1. Die meeste woorde het geen simpleks (sonder *-ie*) naas hulle in Afrikaans nie, bv. *biometrie*, *botanie*, *chemie*, *chromopsie*, *deduksie* ens., wel soms in ander tale, bv. Engels, bv. *deduction* naas *deduct*, *deflection* naas *deflect*, *digestion* naas *digest* e.d.m.
2. Afrikaans het soms wel onselfstandige morfeme, soos in *definisie* naas *definieer*, *dekadensie* naas *dekadent*, *diskresie* naas *diskreet*, *evolusie* naas *evolueer* e.d.m.

Woorde op *-ie* waarnaas daar wel 'n selfstandige morfeem bestaan in Afrikaans, is almal s.nwe. en meesal sogenaamde abstrakte s.nwe., saakname, bv. *abstraksie*, *agronomie*, *anatomie*, *antropologie*, *diffusie*, *filosofie*, *fitogenie* ens., hoofsaaklik gevorm van s.nw., soos in die meeste voorbeelde hierbo.

Die minste gevalle is gevorm van b.nwe. of sou van b.nwe. gevorm kon gewees het, bv. *abstraksie*, *diafonie*, *diffusie*, *fitogenie* ens.

Woorde op *-ie* is meesal name vir akademiese studierigtings en begrippe, bv. *gastrologie*, *gastronomie*, *genealogie*, *geneanomie*, *geonomie*, *geotropie*, *gerontologie*, *ginekologie*, *glifografie* ens., en waar daarnaas s.nwe. sonder *-ie* voorkom, is dié die persoonsname vir die beoefenaars van die betrokke akademiese rigting.

Waar die stam 'n b.nw.-korrelaat as selfstandige woord het, bv. *abstrak* (naas *abstraksie*), *diafoon* (naas *diafonie*) ens., benoem die *-ie*-vorm meesal „die toestand of dit wat is soos wat deur die selfstandige b.nw.-korrelaat genoem word”. Met ander woorde dergelike *-ie*-woorde het in hoë mate dieselfde semantiese waarde as woorde op *-heid* (vgl. § 107).

<i>-Ie</i> en <i>-heid</i> kom ook baie dikwels by dieselfde stamme voor, bv.	
<i>diffusie</i> / <i>diffuusheid</i>	<i>outonomie</i> / <i>outonoomheid</i>
<i>galanterie</i> / <i>galantheid</i>	<i>parallellie</i> / <i>parallelheid</i>
<i>imperfeksie</i> / <i>imperfektheid</i>	<i>perfeksie</i> / <i>perfektheid</i>
<i>korreksie</i> / <i>korrektheid</i>	<i>presisie</i> / <i>presiesheid</i>
<i>korrupsie</i> / <i>korruptheid</i>	<i>rebellie</i> / <i>rebelsheid</i>
<i>ortodoksie</i> / <i>ortodoksheid</i>	

Hierdie soort opposisie by afleiding word ook by stamme met *-erig* en *-agtig*, met *-heid* en *-iteit*, met *ge-* en *-ery* ens. aangetref.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

In verreweg die meeste gevalle waar daar 'n vorm sonder *-ie* bestaan naas een met *-ie*, bv. *abstraksie* naas *abstrak*, *agronomie* naas *agronoom*, *agrostografie* naas *agrostograaf*, *allotropie* naas *allotroop*, *analogie* naas *analoog*, *anatomie* naas *anatoom*, *argeologie* naas *argeoloog*, *presisie* naas *presies* ens., is die twee vorme moderniseringe van twee verskillende, hoewel verwante, Griekse, Latynse en/of Franse woorde. Wat Afrikaans betref, het die vormwysiging meesal reeds in Nederlands gebeur.

Vir volledige materiaal word hier verwys na § 108 verder aan.

### §76.5 Die tipe mallig-malligheid

'n Eerste moeilikheid in verband met *-igheid* is hoe om te bepaal of die agtervoegsel *-igheid* is dan wel *-heid*, bv. in *koorsigheid* teenoor *malligheid*. As daar naas 'n woord wat op *-igheid* uitgaan, ook een bestaan wat

op *-ig* uitgaan, is dit beskou as 'n afleiding op *-heid* en nie op *-igheid* nie. *Koorsigheid* is dus die stam *koorsig* + *-heid*. Maar ons het nie 'n woord *mallig* nie en beskou *malligheid* dus as *mal* + *-igheid*.

### A. Woordsoortelike Sisteem

*-Ighheid* kom voor in s.nwe. met

1. stamme met b.nw.-korrelate (60 uit ons lys van 69), bv. *agterbaksigheid*, *astrantigheid* ens.
2. Enkele gevalle, naamlik bv. *dradigheid*, *ferweligheid*, *siltigheid* en *soutigheid* lyk soos stamme met s.nw.-korrelaat + *-igheid*, maar kan ewe goed ook beskou word as stam met b.nw.-korrelaat op *-ig* + *-heid*, dus *dradig* + *-heid*, *ferwelig* + *-heid*, òf as stam met b.nw.-korrelaat + *igheid*, dus *silt* (b.nw.) + *-igheid*, *sout* (b.nw.) + *-igheid*, *vet* (b.nw.) + *-igheid*.

**Opn.** 1. *Sinnigheid* kan alleen gesien word as stam met s.nw.-korrelaat *sin* + *-igheid*, en *vattigheid* en *voorsienigheid* as stamme met ww.-korrelate (*vat* en *voorsien*) + *-igheid*.

2. Vir opmerkings oor *vattigheid* en *sinnigheid* ens. sien § 115.

### B. Semantiese Sisteem

*-Ighheid* gee meesal te kenne: „'n mindere mate van of in mindere mate wees soos òf 'n houding asof dit in 'n mindere mate is soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *dowigheid* „geringe(r) doofheid of kamma- of voorgewende doofheid”.

Vir verdere bespreking van die semantiese waardes en kontrastering met *-heid* en *-igheid* kyk § 115.

Hierby kan net gevoeg word dat *-igheid* in opvallend baie gevalle gebruik word ten opsigte van iets kleins of gerings wat is soos deur die grondwoord genoem word, en dan ook dikwels sintakties met 'n en morfologies met *-jie* verbind, bv. 'n *fynigheid(jie)* / *gladdigheid(jie)* / *holligheid(jie)* / *kleinigheid(jie)* / *nattigheid(jie)* / *soutigheid(jie)* ens.

### C. Produktiwiteit

Dit is moeilik om vas te stel of die *-igheid*-groep produktief is, omdat tussen 1945 en 1967 so min aangeteken is wat nog nie in woordeboeke opgeneem is nie en wat dus nuut kàn wees, bv. *onfilosofiesigheid*, *gematiedigheid* „toestand van tot Matie gemaak te wees of te geword het”, *komiekigheid*, *lompigheid*, *makkigheid*, *wittigheid*. Getoets aan 'n lys van 200 b.nwe., lyk dit asof *-igheid* 'n baie beperkter veld beset as bv. *-erig* en *-heid* en asof dit tot die onproduktiewe groep gereken moet word. In elk geval is dit moontlik om 'n hele stel negatiewe reëls daarby te gee, byvoorbeeld dat *-igheid* nie voorkom na stamme op 1. *-de*, 2. *-end*, 3. *-ig*, 4. *-lik*, 5. *-te* ens. nie.

## D. Diachronie

Diachroon beskou, is die geneties van *-igheid* effens duideliker.

*-Ighheid* het as agtervoegsel naamlik reeds in Nederlands ontstaan en die meeste Afrikaanse voorbeelde is ook Nederlands, bv.

<i>brakkigheid</i>	<i>fraaiigheid</i>	<i>klarigheid</i>
<i>brawigheid</i>	<i>fynigheid</i>	<i>kleinigheid</i>
<i>dadigheid</i>	<i>geiligheid</i>	<i>lammigheid</i>
<i>dolligheid</i>	<i>gekkigheid</i>	<i>lawwigheid</i>
<i>dommigheid</i>	<i>growwigheid</i>	<i>liewigheid</i>
<i>dowigheid</i>	<i>holligheid</i>	<i>lossigheid</i>

ens., al is daarmee nog nie gesê of bewys dat hulle of sommige van hulle nie in Afrikaans gevorm is nie, want 'n mate van produktiwiteit was daar blykbaar wel in Afrikaans. Die volgende kon ek byvoorbeeld nog nie in Nederlands vind nie: *blinkigheid*, *desperatigheid*, *dikkigheid*, *ferweligheid* (kon ook gevorm gewees het op basis van *ferwelig*), *geleerdigheid*, *wolkigheid*.

In sewentiende-eeuse Nederlands is dikwels *-igheid*-vorme gebruik waar Afrikaans en Nederlands vandag net *-heid*-vorme het, bv. *owerigheid* (teenoor *owerheid*), maar die gegewens ontbreek om vas te stel wat tussen die sewentiende eeu en vandag gebeur het.

### § 76.6 Die tipe aanstel-aanstelling

Net 'n klein gedeelte van die honderde Afrikaanse afleidinge op *-ing* en die honderde ander wat vormbaar is, kan onder die toestandsgroep ingedeel word, bv. *aandoening*, *beswyming*, *bewondering*, *skemering*, *verdenking*, *voeling* en *walging*.

Daar is reeds op gewys (§ 76) dat „toestand” nie goed deug nie. In hierdie bepaalde verband deug dit wel, maar dit geld net van 'n geringe deel van die *-ing*-materiaal. Vergelyk volledige materiaal in § 118. En so beland ons weer in die ou probleem met 'n poging om die semantiese waardes van afleidinge in groepe te behandel: daardeur word wat fonologies en morfologies in hoë mate eenders is, gesplits in verskillende groepe. Die enigste oplossing skyn te wees om maar semantiese disseksie toe te pas en net saamhorende dele saam te behandel.

### § 76.7 Die tipe alkohol-alkoholisme

Vir volledige bespreking van materiaal word verwys na § 120 waar die groep *absintisme*, *albinisme* tot en met *didaktilisme* onder die semantiese groepering „toestand” geplaas is.

### § 76.8 Die tipe duister-duisternis

Vir volledige materiaalbehandeling word verwys na § 129. By die toestandsgroep sou van die afleidings op *-nis*, dus *droefnis*, *duisternis*, *geheimenis*, *vuilnis* ens., ter sprake kom.

**Opm.:** Met *duisternis* word hier bedoel „'n toestand wat duister is” en nie die betekenisaspek „menigte” van die afleiding nie.

Daar kan net kortliks verwys word na die opposisie van *-nis*-afleidings met *-heid*-afdelings. Ons tref *-nis* en *-heid* dikwels by dieselfde stamme aan, bv.

*bekommernis* / *bekommerdheid*

*benouenis* / *benoudheid*

*besorgnis* / *besorgdheid*

*droefnis* / *droefheid*

*duisternis* / *duisterheid*

*gelykenis* / *gelykheid*

*vuilnis* / *vuilheid*

*wildernis* / *wildheid*

### § 76.9 Die tipe balling-ballingskap

Dit is met woorde op *-skap* gestel soos met woorde op enkele ander formantia (vgl. § 76) met 'n toestandsbetekenis, naamlik so dat hulle nie almal dié waarde het nie. Uit 136 voorbeelde wat in WAT en ander woordeboeke nageslaan is, word net by 18 die aspek „toestand” genoem, bv. *ballingskap*, *bywonerskap*, *digterskap*, *nasieskap* ens., en selfs dan is die *-skap*-vorm nie sonder mededinging nie, byvoorbeeld in *blydskap* teenoor *blyheid*. By altwee is WAT I, 455 se eerste omskrywing: „die toestand van bly te wees”, met eers daarna 'n mate van differensiering.

Ook is die aspek „toestand” nie oorwegend by woorde op *-skap* nie. Ons woordeboeke gee by 59 die aspekte „amp, posisie, beroep, waardigheid (van te wees soos deur die grondwoord genoem)”, bv. *advokaatskap*, *afgesantskap*, *agent-generaalskap*, *baasskap*, *bestuurderskap*, *burgemeesterskap*, *fiskaalskap* ens.

### § 76.10 Die tipe droog-droogte

Met hierdie tipe is ons op vry ekstensiewe skaal op die gebied van die toestandswoorde, hoewel nie ongekwalifiseerd of sonder meer nie.

(a) *Aanklagte*, *klagte*, *uitgifte* ens. is nie toestandswoorde nie, en

(b) vorme soos *geboomte*, *gebergte* ens. (met *ge-* + *-te*) ewe min.

(c) Waar *-te*-vorme naas *-heid*-vorme voorkom, staan hulle soms teenoor mekaar, veral by stamme met b.nw.-korrelate. Hierby is veral die *-heid*-vorme die toestandswoorde.

1. Afleidinge op *-te* met stamme met b.nw.-korrelate gee naamlik te kenne „(die) toestand t.o.v. wat of dit wat is soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv.

<i>maerte</i>	<i>skaarste</i>	<i>steilte</i>
<i>noute</i>	<i>skerpte</i>	<i>sterkte</i>
<i>rondte</i>	<i>skraalte</i>	<i>stilte</i>
<i>ruigte</i>	<i>skuinste</i>	<i>stifte</i>
<i>ruimte</i>	<i>skurfte</i>	<i>swaarte</i>
<i>siekte</i>	<i>slapte</i>	<i>swakte</i>
<i>skaamte</i>	<i>smalte</i>	<i>swoelte</i>

ens. Die woorde in hierdie groep beteken dikwels ook (a) ’n bepaalde ding of geval, in teenstelling tot (b) in (die) onbepaalde of algemene toestand t.o.v. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word en waarvoor dikwels afleidinge op *-heid* gebruik word:

### Bepaald

*noute* „nou pad, moeilikheid”

*rondte* „kring, omtrek”

ens.

### Onbepaald

*nouheid* „algemene toestand van nou te wees”

*rondheid* „algemene toestand van rond te wees”

**Opm.:** *Liefde*, die enigste stam met b.nw.-korrelaat met *-de*, het ’n volkome onproduktiewe *-de*.

2. Die fonologiese distribusie van *-te*: vir volledige materiaal en bespreking sien § 138.

## § 76.11 Die tipe absurd-absurditeit

Akademie Afrikaans ken honderde woorde op *-iteit* – ’n enkele keer ook *-witeit* soos in *antiek-antikwiteit* – die omgangstaal net enkeles soos *brutaliteit*, *elektrisiteit*, *kwaliteit*, *kwantiteit*, *lojaliteit*, *munisipaliteit*, *nasionaliteit* ens.

Die grootste gedeelte van hulle (183 uit ’n lys van 330, = +55%) is, van Afrikaanse standpunt uit, ook nie afleidinge nie, omdat Afrikaans geen simplekse daarby ken nie, bv. *addiwiteit*, *aediliteit*, *annuïteit*, *ansiënniteit*, *asiditeit* ens.

Dié waarby daar wel ’n selfstandige woordkorrelaat van die stam is, behels veral die volgende fonologiese groepe:

1. die tipes (a) *aktueel-aktualiteit*, *emosioneel-emosionaliteit* en (b) *familiêr-familiariteit*, *populêr-populariteit* ens.

Dit is ongeveer dieselfde stel grondvorme wat reeds in verband met werkwoorde op *-eer* ens. bespreek is (§ 76.1, § 94);

2. die tipe *dekoratief-dekoratiewiteit*, met 'n intervokaliëse verandering van /f/ tot /v/ soos in alle ander gevalle in Afrikaans. (Vgl. §74.10 oor *skryf/skrywe, lief/liewe* e.d.m.);
3. die tipe *banáál-banaliteit*, met lang vokaal in die selfstandige woord, en kort vokaal in die *-iteit*-vorm, soos ook in *abnormaal-abnormaliteit, admiraal-admiraliteit, brutaal-brutaliteit, dislojaal-dislojaliteit, frugaal-frugaliteit*;
4. die tipe *respektabel-respektabiliteit*, met /bəl/ in die selfstandige woord en (dikwels) /bil/ in die *-iteit*-vorm, soos ook in *durabel-durabiliteit* ens.;
5. die tipe *enorm-enormiteit*, met /rəm/ in die kort vorm en /rm/ in die ander;
6. die tipe *eksentries-eksentrisiteit*, d.w.s. dié waarin die vokale en die konsonante in albei vorme eenders is.

Alle *-iteit*-vorme het die hoofklem op die /-əit/.

Van alle tipes gesamentlik het Afrikaans heelwat, bv. *dekoratiewiteit, effektiwiteit, egaliteit, eksklusiwiteit, elliptisiteit, fataliteit* ens. (Hier word gewerk met 'n lys van 130.)

Hierdie afleidinge is hoofsaaklik abstrakte s.nwe. wat „toestand, verksynsel „eienskap of houding” benoem t.o.v. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. behalwe die bogenoemde ook nog *finaliteit, fiskaliteit, fluïditeit, futiliteit, genialiteit, humaniteit* ens.

Met hierdie waarde is hulle dikwels semanties baie na aan of selfs volkome sinoniem met vorme op *-heid* by dieselfde stamme. WAT gee byvoorbeeld net in een uit 92 gevalle wat nageslaan is (tussen A en I) 'n mate van betekenisverskil aan. Dit is naamlik die geval *flouheid-flouïteit*, waarvan WAT II, 716 sê:

„*flouheid*: 1. toestand, hoedanigheid of omstandigheid van flou wees in die verskillende betekenis van die woord . . . 2. mv. flouhede. Iets wat flou is; floue daad;” ens.

„*flouïteit*: Flou, geestelose gesegde, grap of opmerking; lawwe grap; onbenulligheid; flouheid.”

In 13 ander gevalle gee WAT eweneens *-heid-* en *-iteit*-vorme aan. egter met die betekenis alleen by die *-iteite*, nie ook by die *-heide* nie, bv. by *banaliteit, impulsiwiteit, intimiteit*.

Die paar *-teit* en *-heid* beset egter net 'n deel van die toestandsveld. Die res is versprei oor ander formantia (vgl. § 139).

**Opm.:** Daar is net enkeles, nl. *outoriteit* en *spesialiteit*, wat persoonsname is. *Outoriteit* se posisie is veilig omdat daarnaas geen ander persoonsvorm bestaan nie, maar *spesialiteit* leef swaar teen *spesialis*: die oorsig van die sisteem is teen die gebruik van *-iteit*-vorme as persoonsname.



Hoe lyk die spreiding van *-iteit* in vergelyking met dié van *-heid*?

1. Hulle kom soms voor na dieselfde stam, bv. *absurdheid-absurditeit*, *abnormaalheid-abnormaliteit*, *aggressiefheid-aggressiwiteit*, *banaalheid-banaliteit*, *brutaalheid-brutaliteit* ens. (In my materiaal 96 voorbeelde.)

Waarom hulle nie altyd by dieselfde stamme voorkom nie, is sinchroon nie altyd duidelik nie, byvoorbeeld (nog) nie *debielheid\**, *deklinabelheid\**, *diskontinuuheid\** e.d.m. nie. Sê 'n mens dat *-heid* hierby nie produktief is nie, verklaar dit nog steeds niks. Om 'n beroep te doen op of te verwys na die Franse herkoms en morfologie van die betrokke woorde, soos Schultink<sup>22</sup> doen, sou 'n deureenhaspeling word van die sinchronie en die diachronie. Voorlopig moet dus volstaan word met te sê dat *-heid* al hoe meer produktief word by stamme wat reeds *-iteit* het, maar beslis nie omgekeerd nie.

2. As die stam van 'n *-iteit*-vorm 'n s.nw.-korrelaat het, verskyn daar nooit *-heid* by nie, bv. *admiraal-admiraliteit*, *moraal-moraliteit*, *univers-universiteit* (met twyfelagtige sinchrone verbandlegging).

3. Waar verbindings met *in-/on-* plus *-heid/-iteit* voorkom, is dit meesal *in-* + stam + *-iteit* of *on-* + stam + *-heid*, dus selde *on-* + stam + *-iteit* of *in-* + stam + *-heid*, bv. *inaktiwiteit-onaktiefheid*, *informaliteit-onformeelheid* (ook *informeelheid*), egter met 'n neiging om *-heid* ook na 'n *in*-vorm te laat volg. (Vgl. ook § 131, i.v.m. *in-/on-*.)

4. In die woordtipes *familiêr-familiariteit* en *reëel-realiteit* kry ons die wisseling *ê-a* en *ee-a* alleen by *-iteit*-vorme, dus nie *familiêriteit\** of *reëliteit\** nie, en ook nie *familiarheid\** of *realheid\** nie.

5. Die woordkorrelate van die stamme met *-iteit* is meesal meerlettergrepige woorde met die aksent op die laaste lettergreep (85% van alle materiaal). Daarby kom nog stamme op *-ies*, wat nie die aksent op die *-ies*, dus nie op die laaste lettergreep, het nie, bv. *artisties-artistisiteit*, *eksentries-eksentrisiteit* ens. (Teenoor hulle staan die *-iek*-vorme, wat net *-heid* het, bv. *artistiekheid*, *eksentriekheid* ens.)

Daar is nogtans baie meerlettergrepige woorde buite die *-iteit*-groep wat ook die aksent op die laaste lettergreep het en tog nie 'n *-iteit*-vorm ken nie, bv. *agterbaks*, *apart*, *kapot* ens., en waarnaas wel *-heid*-vorme bestaan.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Daar is tans nog geen betroubare manier om vas te stel of sekere *-iteit*-vorme in Afrikaans gevorm is nie. Moontlik was en is dit bepaald, maar

22. Schultink, H.: *De morfologische valentie van het ongelede adjectief in modern Nederlands*, 185.

nie bewysbaar nie. Wel weet ons dat elke Afrikaanse *-iteit*-vorm ook Nederlands is en dat die meeste ook in Engels, Frans ens. bestaan.

Van § 77 af, volg nou die volledige materiaal met bespreking van die verskillende formantia, alfabeties gerangskik.

### § 77 a-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide adjektiewe, groep 1.)

Van sinchronies-Afrikaanse standpunt beskou, is *a-* en *an-*woorde dikwels nie afleidinge nie, omdat ons die korresponderende woordkorrelate van die stamme nie het nie, bv. *-fasie\**, *-morf\**, *-odien\** ens. Tog is dit die bedoeling dat dergelike woorde verstaan moet word teen die agtergrond van hulle herkoms, bv. *amorf* „sonder morfologie”, *afasie* „spraak- en of begripsonvermoë”, *agrafie* „onvermoë om te skryf”, *astasie* „onvermoë om te staan”. Dit word veral in die mediese taal dikwels gebruik om siektes, siekteverskynsels en bestrydingsmiddels te benoem.

1. *a-* kom veral in akademiese taal voor in b.nwe. en s.nwe. by stamme met
  - (a) b.nw.-korrelate, bv. *a-filosofies*, *a-godsdienstig*, *a-kerklik*, *a-logies*, *a-moreel*, *a-normaal*, *a-rasioneel*, *a-sedelik*;
  - (b) s.nw.-korrelate, bv. *a-kerk*, *a-opwekkingsdienste*, *a-politiek*, *a-staatslotery*, *a-studentekeuring*, *a-vakansiekursus*;
  - (c) ww.-korrelate (substantiwies opgevat), bv. *a-bop*, *a-dans*, *a-dobbel*, *a-ryloop*, *a-skrywe*, *a-visvang*, *a-werk*;
  - (d) ander woordsoort-korrelate, bv. *a-„ek-en-jy*, *jy-en-ek*”, *a-alles*, *a-enigiets* ens.;
  - (e) woordgroep-korrelate en sin-korrelate, bv. *a-gemengde universiteite*, *a-militêre opleiding*, *a-„moet getroude vroue werk*”, *a-stemreg vir 18-jariges*, *a-verpligte I.K.-bepaling*.

2. Sulke *a-* vorme gee meesal te kenne

- (a) „neutraal, sonder belang(stelling) vir of teen, (dus) houdingloos t.o.v. wat deur die grondwoord (of die grond-woordgroep of *-sin*) genoem word”, soos in al die voorbeelde hier bo.
- (b) Omdat „neutraal wees” of „houdingloosheid” egter dikwels beskou word as „gekantheid teen”, word *a-* vorme tog dikwels gebruik met dieselfde waarde as *anti-* of *teen*, bv. in *amoreel*, *a-sosiaal*, *ateis(ties)* ens.

*A-* skyn volkome produktief te wees, sy dit dan byna uitsluitend in akademiese taal.

*An-* en *-ana-* kan, sinchroon beskou, 'n voorvoegsel genoem word in bv. *analfabeet, anestesie, anhidreer, annihileer, anorganies* ens., omdat ons by almal simplicia het: *alfabeet, estesie, hidreer* ens., en omdat die *an-/ana-*deel nie 'n selfstandige woordkorrelaat het nie.

*An-* en *ana-* het hierin dieselfde waarde, kombinatories dan, as wat hierbo onder 2. geformuleer is. *Ana-* kom sowel voor by woorde wat met 'n konsonant begin as by woorde wat met 'n vokaal begin, maar direk voor die konsonante/vokale (of verbindings daarvan), bv. *am, bap, bas, bio, dipl, ge, kl, m*, en dan ook net in 'n baie beperkte getal woorde. *An-* verskyn voor bv. *aë, al, e, h, n, o* ens.

Dit kenskets nog nie die hele situasie nie, want *an-/ana- dans/ge--mengde-huwelik/kerk\** ens. is nie Afrikaans nie. Om te sê dat *an-* en *ana-* net voorkom by woorde van Griekse-Latynse herkoms, sou 'n deureenhaspeling wees van sinchronie en diachronie en sou op die koop toe misleidend wees omdat *a-* ook by sulke woorde voorkom: *kerk* is van Griekse herkoms en ons vorm is *a-kerk(s)*.

Ek sien alleen 'n gedeeltelike oplossing hierin, naamlik om te sê dat, van die drie vorme, net *a-* produktief is by woorde wat ook tot die omgangstaal behoort.

### *Diachronie*

Diachronies beskou, kan ons sê dat *an-* en *ana-* net in Grieks-Latynse woorde voorkom (al dek dit nog nie die hele posisie nie).

Sulke woorde kry Afrikaans nie regstreeks uit Grieks en/of Latyn nie, maar deur die sogenaamde internasionale vakwetenskaplike terminologie.

## § 78 -a

Die *-a*-materiaal is volledig gegee en bespreek in die behandeling van die persoonsgroep, § 73. Hier word dus slegs daarna verwys.

## § 79 -aal, -iaal, -eel, -ieel

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 by die skema van afgeleide akjektiewe onder groep 12.)

Eintlik is die bogenoemde vorme meesal net so min 'n agtervoegsel as wat bv. *-eer* dit in die meeste woorde is. Ons het meesal nie woordkorrelate naas die stamme nie, bv. nie naas *artifisieel, inouguraal, korpuraal* ens. nie, sodat ons hier met 'n saak van woordvorm te make het en nie met afleiding nie. Daarteenoor staan dat ons wel soms woord-korrelate het, byvoorbeeld naas *departementeel, grammatikaal, klassikaal, instrumentaal* ens. en dat dit moontlik is dat ons (miskien) sommige daarvan self gevorm het. Daarom word die geval tog hier bespreek. En omdat *-aal/-eel* ens. in belangrike mate saamhang, word die twee ook saam behandel.

'n Prinsipiële vraag wat hier aan die begin gestel moet word, is of, aangesien ons hier hoofsaaklik met betreklik jong akademiese leenwoorde uit Nederlands te doen het, ons nie maar eenvoudig die Nederlandse vorme kan beskou as die korrekte ook vir Afrikaans nie? Dan moet ons maar ons materiaal woord vir woord met die Nederlands vergelyk. Doen ons dit, vind ons onder meer die volgende verskille :

Afrikaans het *temporaal* en *temporeel*, Nederlands net *temporeel*.

Afrikaans het *nominaal* en *nomineel*, Nederlands net *nominaal*.

Afrikaans het net *departementeel*, Nederlands net *departementaal*.

Afrikaans het net *parsieel*, Nederlands *partiaal* en *partieel*.

Afrikaans het net *tangensiaal*, Nederlands net *tangentieel*.

Die posisie is dus dat ons sekere vorme het wat nie Nederlands is nie, sodat ons hulle van 'n ander taal moes gekry het of self gevorm het. Hoe waarskynlik Engelse invloed ten opsigte van die vorm van dergelike sogenaamde internasionale akademiese woorde ook al is, bly dit moeilik om te bewys. Daarom moet ons probeer om ten minste die hooftrekke van die sisteem van dergelike woorde of woordvorme te vind en so te probeer verstaan wat in Afrikaans aan die gebeur is. Daarvoor moet allereers materiaalyste aangelê word. Sulke lyste laat blyk dat daar drie groot groepe woorde met *-aal*/*-eel* en variante is :

Woorde net op <i>-aal</i>	Woorde net op <i>-eel</i>	Woorde met <i>-aal</i> en <i>-eel</i>
<i>abaksiaal</i>	<i>addisioneel</i>	<i>ideaal</i> / <i>-eel</i>
<i>abdominaal</i>	<i>amoreel</i>	<i>inouguraal</i> / <i>-eel</i> (?)
<i>adverbiaal</i>	<i>departementeel</i>	<i>moraal</i> / <i>-eel</i>
<i>doktoraal</i>	<i>eksperimenteel</i>	<i>nominaal</i> / <i>-eel</i>
<i>fenomenaal</i>	<i>finansieel</i>	<i>temporaal</i> / <i>-eel</i>
<i>grammatikaal</i>	<i>individueel</i>	<i>instrumentaal</i> / <i>-eel</i>
<i>horisontaal</i>	<i>kommersieel</i>	

ens. ens. Was die ruimte nie beperk nie, sou ons hier 'n paar honderd voorbeelde gegee het. Nou volstaan ons met één opmerking wat die getal voorbeelde betref, naamlik dat daar blykbaar baie meer woorde op *-aal* as op *-eel* is. Ons lys van 680 bevat naamlik 503 *-aal*-woorde en 52 *-eel*-woorde.

Nou moet ons ons materiaal volgens uitgangse woordsoortelik en semanties indeel, en dan vind ons die volgende :

#### I. Daar is woorde met

##### (a) net *-aal*

*abaksiaal*  
*abdominaal*  
*abnormaal*  
*adverbiaal*  
*alluviaal*

##### (b) net *-eel*

*addisioneel*  
*bordeel*  
*graweel*  
*juweel*  
*kanteel*

##### (c) *-aal* en *-eel*

*dimensionaal*/*-eel*  
*ideaal*/*-eel*  
*inouguraal*/*-eel*  
*instrumentaal*/*-eel*  
*kanaal*/*-eel*

*banaal*  
*brutaal*

*krakeel*  
*penseel*

*kapitaal/-eel*  
*moraal/-eel*

Van 670 voorbeelde is die *-aal*-vorme 503 (74%), die *-eel*-vorme 152 (22.3%) en dié met *-aal* en *-eel* 25 (3.7%).

2. Die woordsoortelike verspreiding is as volg:

(a) *-aal*-vorme

(b) *-eel*-vorme

(c) *-aal*- en *-eel*-vorme

(*kanaal* / *-eel*)

<b>b.nw.</b>	<b>s.nw.</b>	<b>b.nw. en s.nw.</b>
376	58	69
106	37	9
11	1	13

3. Kommentaar oor die lyste voorbeelde:

(a) „B.nw.” beteken nie „net b.nw.” nie, maar „ook b.nw.” of „b.nw. en / of bw.” omdat baie van hierdie woorde, soos die meeste ander b.nw. in Afrikaans, b.nw. en bw. kan wees.

(b) Hoewel gegewens bekom kon word oor watter woorde meesal met b.nw. (of bw.), watter meesal net s.nw. en watter b.nw. en as s.nw. optree, is die getalle hier nie volkome betroubaar nie. In die paleontologie kom bv. *abaksiaal*, *abaktinaal*, *abissaal* e.d.m. in vakpublikasies byna uitsluitend as b.nw. voor. En tog word hulle per geleentheid deur paleontoloë mondeling ook as s.nw. gebruik.

(c) Honderd van die *-aal*-vorme is min of meer internasionale taal. So byvoorbeeld is op die gebied van die skeikunde formeel besluit dat die name van die aldehyde op *-aal* moet eindig, bv. *butanaal*, *glioksaal*, *metanaal*, *propanaal* e.d.m. Sulke vorme is dan nie onderhewig aan die normale veranderingsprosesse van die nie-akademiese taal nie.

Hoewel 'n strenge of duidelike onderskeiding nie moontlik is nie, kan ons tog sê dat die meeste *-aal*-vorme nie tot die algemene taal behoort nie, maar meer bepaald tot die akademiese taal, bv. *abissaal*, *adaksiaal*, *adverbiaal*, *aksiaal*, *alodiaal* ens. Nader aan die algemene taal is bv. *abnormaal* (en *normaal*), *banaal*, *brutaal*, *diktatoriaal*, *egaal* e.d.m. Van die meer akademiese is 236 b.nw./bw., 16 s.nw. en 29 b.nw. en s.nw., d.w.s. 281 van die 503, dus 56%.

(d) Wat die *-eel*-vorme betref, ruim sowat 50% daarvan is taamlik gewone volkswoorde soos *juweel*, *kasteel*, *prieel* e.d.m.

(e) vorme met enkel *-aal* of *-eel* lewer geen probleem nie. Daarom kan ons ons beperk tot die groep met *-aal* en *-eel*. Daarby word die volgende gevind:

Daar is dié waarvan

1) die *-aal*-vorm b.nw. en s.nw. is, met 'n betekenisverskil tussen

*-aal-* en *-eel-*vorm by die b.nw., bv. *ideaal* (b.nw./s.nw.) en *ideëel*; *instrumentaal* (b.nw./s.nw.) en *instrumenteel*.

2) Dié met betekenisverskil tussen *-aal-* en *-eel-*vorm by die s.nw.: *kanaal*/*kaneel*, *kapitaal*/*kapiteel*, *rituaal*/*ritueel*.

3) Die *-aal-*vorm is s.nw., die *-eel-*vorm b.nw. soms met algehele betekenisverskil:

*graduaal*/*gradueel*

*materiaal*/*materieel*

*korporaal*/*corporeel*

*moraal*/*moreel*

*manuaal*/*manueel*

*reaal*/*reëel*

**Opm.:** Daar is koerantpogings om *moreel* ook as s.nw. te laat gebruik ter onderskeiding van *moraal*. Ek merk geen teken van wels!ae met dié pogings nie.

4) In enkele gevalle is *-aal-* en *-eel-*vorme ewe goed b.nw. en s.nw. sonder meer, bv. *potensiaal*/*potensieel*.

5) In enkele gevalle is daar betekenisverskille tussen *-aal-* en tussen *-eel-*vorme: *differensiaal*/*differensieel*, *eksponensiaal*/*eksponensieel*.

6) *-Aal-* en *-eel-*vorme (b.nw.) van ongeveer gelyke waarde:

*departementaal*/*departementeel*    *interdepartementaal*/*-eel*

*dimensionaal*/*dimensioneel*    *nominaal*/*nomineel*

*ekwipotensiaal*/*ekwipotensieel*    *temporaal*/*temporeel*

*inouguraal*/*inougureel*

7) In enkele gevalle is *-aal-* en *-eel-*vorme altwee net b.nw., met verskil in betekenis: *eksistensiaal*/*-ieel*, *fenomenaal*/*-eel*, *parogiaal*/*-ieel*, *rasionaal*/*-eel*.

Daar bestaan rede tot twyfel oor die vraag of alle gebruikers van Afrikaans tussen die vorme van hierdie groep onderskei.

(f) Kan bogenoemde vorme almal sinchroon as Afrikaanse afleidinge beskou word? Dié met simplicia op *-aal*/*-eel* naas hulle, sekerlik, bv.

*abissaal*

*ekwatoriaal*

*(ab)normaal*

*ekwinoksiaal*

*chloraal*

*elementaal*

*dekretaal*

*epogaal*

*departementeel*

*familiaal*

*diktatoriaal*

*fenomenaal*/*-eel*

*doktoraal*

*momenteel*

*eksistensieel*

ens., in my lys sowat 'n sestig.

Ook die kombinatoriese betekenis van *-aal*/*-eel* is volkome duidelik en byna so eenders as dié van 'n stuk buigingsmorfologie. *-Aal* benoem naamlik samehang, assosiasie, gegroepeerdheid – soms met, soms sonder, 'n vergelykingsmoment – met en/of by wat deur die stam met woordkorrelaat genoem word. Waar dit nie die geval is nie, kan sinchroon nie van afleiding gepraat word nie, bv. *hospitaal*, *spesiaal* ens.

Hulle hou vir ons geen sinchrone verband met respektiewelik *hospita* en *spesie* nie.

### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

Met so min voorbeelde soos *temporaal* /-eel (groep (4) hier bo), met so min wat -aal en -eel het (25 van die 680, = 3.7%), en met so 'n blykbaar willekeurige sisteem ten opsigte van die -aal/-eel-vorme, moet ons nou vra: hoe kom ons aan hierdie woorde? Hoeveel is ook Nederlands? Hoe (en wanneer) het hulle in Nederlands gekom?

Vergelyking met Nederlands lewer die volgende resultaat:

1. Drie voorbeelde is in sekere sin nie Nederlands nie, nl. *ambraal*, *ferweel* en *tarentaal*.

*Ambraal* is nogtans wel Nederlands in dié sin dat dit van Nederlands *admiraal* kom, uit die liedjie *Amraal, amraal hoe gaat het uwe* ens.

*Ferweel*, *fluweel* en *tarentaal* is net Afrikaans (< *ternataal se vogels*).

2. Ek het ruim 150 b.nwe. op -aal nie in gewone Nederlandse bronne gevind nie, bv. *abaksiaal*, *aboraal*, *akropetaal*, *aktinaal* ens., maar wel in Nederlandse vakpublikasies op die gebied van die natuurwetenskappe.

Dié woorde kon ons uit Nederlands gekry het, maar 'n goeie deel daarvan kon ons ook uit Duits en/of Engels gehaal het.

3. Hoeveel en watter -aal/-eel-vorme is ons eie maaksel?

*Uniaal* vind ek nêrens in Nederlands nie en is bes moontlik ons eie vorming. Daar is nog heelwat wat ons self kon gevorm het, naamlik dié waarby ons *simplicia* het, bv. *grammatikaal* (< *grammatika*), *instrumentaal* (< *instrument*), *klassikaal* (< *klassiek*), *kontrapuntaal* (< *kontrapunt*), *masjinaal* (< *masjien*) ens. Maar ek vind dit onmoontlik om te bewys dat ons hulle of dergelikes self gevorm het.

'n Groepie wat afsonderlik beskou moet word, is dié waarby die uitgang van Afrikaans en Nederlands verskil. Hulle is onder meer die volgende:

#### **Afrikaans**

*departementeel*  
(WAT II, 83 gee ook *departementaal*,  
maar noem dit w.g. („weinig  
gebruiklik”)  
*dimensioneel*  
*eksponensieel*  
*eksistensiaal* en *eksistensieel*  
*fenomenaal* en *fenomeneel*

#### **Nederlands:**

*departementaal*  
*dimensionaal*  
*exponentiaal*  
*eksistentieel*  
*fenomenaal*  
*instrumenteel*  
*nominaal*  
*partiaal* en *partieel*

*instrumentaal en instrumenteel*  
*nominaal en nomineel*  
*parsieel*  
*tangensiaal*

*tangentieel*

Uit die bostaande lys blyk dat ons hier 'n sterk, deels gevestigde, neiging tot *-eel* het waar Nederlands *-aal* het. Waar dit vandaan kom, is moeilik om te weet. Maar ons kan daarop let dat Afrikaans sowat 113 *-eel*-vorme het wat ook Nederlands is, 80 daarvan b.nwe., dat verreweg die meeste daarvan ou Nederlandse vorme is wat moontlik vroeg al in Afrikaans gekom het of bewaar gebly het, en dat die meeste daarvan nie spesiale (natuur)wetenskaplike woorde is nie, bv. *addisioneel, aktueel, artfisieel, eksperimenteel, emosioneel, essensieel, finansieel* ens. Dit kan dus dié groep wees wat verantwoordelik is vir die verskuiwing van *-aal* of die verdringing daarvan deur *-eel*. In hoeverre anglisismevrees daarmee gemoeid is, is wetenskaplik nie uit te maak nie.

Aan die Nederlandse kant lyk dit waarskynlik dat veral Duits meehelp om *-aal*-vorme te bestendig.

Dan is die posisie moontlik so dat sekere woorde in die meul beland tussen ou *-eel*-vorme aan die een kant en ou en jong (veral wetenskaplike) *-aal*-vorme aan die ander kant. En dit kan blykbaar ook geen kwaad doen as daar verskuiwings kom nie. Inteendeel, in gevalle soos *eksistensiel/eksistensiaal, fenomenaal/fenomeeneel, instrumentaal/instrumenteel* e.d.m. is die twee vorme semanties juis baie nuttig. En dan hoef ons in twyfelgevallenie te proskribeer nie – vryheid is hier volgens ons taalsisteem.

Die meeste Afrikaanse *-eel*-vorme kom via Nederlands van oorspronklike Franse *-el*-vorme, bv. *bordeel, kaneel, kasteel, perseel, prieel* ens.

Die meeste Afrikaanse *-aal*-vorme kom via Nederlands van oorspronklike Franse en/of Latynse woorde op *-ale, -alis* ens., bv. *admiraal, joernaal, kanaal, simbaal* ens.

In die taal van wetenskap en tegniek is daar baie *-aal*-vorme van Duitse en Engelse fabrikaat, maar wat gevorm is van Latynse en/of Griekse stamme, bv. *abdominaal, abissaal, allodiaal, apikaal* (< *apex*), *dekagonaal, dorsaal, eleuteropetaal, entovriaal, filiaal* en so meer.

Ons het hier dus met Latyns-Frans-Griekse leengoed te maak waarvan die vorme deur Latyn-Frans-Griekse wette van woordbou bepaal is en nie deur Afrikaanse wette nie. Wat daardie wette is? Latynse s.nwe. op *-um* het die meervoud op *-a* gevorm, bv. *gymnasium: gymnasia, neutrum: neutra, verbum: verba* ens. Voeg nou aan sulke woorde die Latynse uitgang *-alis* (vir b.nwe.) toe, dan het ons feitlik later vanselfsprekend *-aal* by sulke leenwoorde in die Germaanse tale. (Wie meer van dié kant van die saak wil weet, sal maar die studie van Latyn moet aanpak.) In sommige gevalle het die *-aal*-vorme dan net so behoue gebly, later is selfs meer



analogies gevorm, maar in ou woorde het *-aal* (*-alis*) in Frans tot *-el(le)* (uitspraak: /ɛl/), of gerek tot *-eel* geword soos bv. in *exceptionelle* (< *eksepsioneel*).

Dit beteken feitlik dat ons nie volgens Afrikaanse reëls of wette kan sê wanneer die uitgang *-aal* en wanneer dit *-eel* is nie. Het ons mense nou almal, of die meeste, Frans of Latyn geken, sou dit waarskynlik verseker het dat ons woordvorme in dié verband redelik streng en stiptelik in ooreenstemming met die Frans-Latynse gebly het, soos dit nog gebeur in Nederland. Ons mense is meesal òf Nederlands òf Duits òf Engels (en in heel enkele gevalle Frans) georiënteer, en dit bring mee dat daar allerlei individuele Nederlandse of Duitse ens. neiginge is, met die waarskynlike verdere gevolg dat, waar die een se taalgevoel hom *-eel* wil laat sê, die ander s'n hom na *-aal* laat neig. Dan kry ons 'n tipiese resultaat van meer-taligheid, naamlik onsekerheid. Aan die ander kant is dit ook wel moontlik dat die hoë gebruiksfrekwensie van sommige woorde op *-aal* ander wat histories eintlik *-eel* moes hê, kan aantrek, net soos die omgekeerde moontlik is, naamlik dat die hoë gebruiksfrekwensie van sommige woorde op *-eel* ander kan aantrek wat histories eintlik *-aal* sou moes (moet) hê. Ook dit is normaal vir 'n ontwikkelende taal.

In verband met woorde van klassieke herkoms, kan byvoorbeeld gewys word op die stryd wat tans gaande is tussen *-ci* en *-usse*, byvoorbeeld in *historikusse/historici*, *akademikusse/akademici*, wat duidelik ten gunste van *-ci* skyn te verloop, en op die soortgelyke stryd tussen *-ums* en *-a*, byvoorbeeld in *museums/musea*, *kriteriums/kriteria*, *sentrums/sentra*. In verband met nie-klassieke woorde kan gelet word op *-s* teenoor *-e*, veral by afgeleide woorde op *-ing*, bv. *aantekeninge/aantekeninge*, *vergaderinge/vergaderings*. En dit is sake wat met meertaligheid niks te maak het nie, dus suiwer interne taalgebeurtenisse.

Die probleem *-aal/-eel* moet gelyktydig dien ter illustrasie van die feit dat die verdeling woordvorm : morfologie nie absoluut is nie : omdat ons naas *diktoriaal* 'n simpleks *diktator* het, soos *departement* naas *departementeel*, *unie* naas *uniaal* ens., moet ons dié *-aal*-vorme as afleidinge beskou. Daarenteen moet ons byvoorbeeld *kapitaal*, *moraal*, *differensieel* e.d.m. sinchronies as woordvorme beskou omdat ons nie bv. *kapit\**, *moor\** of *differens\** as betekenisverwante woordkorrelate daarnaas het nie. Die geval is desondanks hier behandel omdat dit hier net gaan om die keuse tussen die vorme *-aal* en *-eel* en nie in eerste instansie om die woordvormende moontlikhede van die *-aal/eel*-variante nie.

## § 80 *-aan* (*-aan*, *-an*, *-n*)

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1.)

Woorde op *-aan* (of verwante vorme) is van twee groepe :

1. dié met gewysigde stam plus *-aan*, bv. *Europa-Europeaan*, *Mexiko-Mexikaan*, *Ou Paaie-Oupaaiaan*. Hulle is meesal geërfde vorme wat steun op ander simplicia en vir ons van weinig belang omdat by Afrikaanse vorming daar uiters selde stamwysiging plaasvind. (*Oupaaiaan* is so 'n voorbeeld, afgelei van *Ou Paaie*, 'n eertydse verwysingsnaam na 'n sekere rigting in die N.G. Kerk.)

Hulle vorm is meesal, van sinchronies-Afrikaanse standpunt beskou, nie voorspelbaar nie. Kyk maar na die volgende :

*Amalfi-Amalfitaan*

*Heliopolis-Heliopolitaan*

*Orvieto-Orvietaan*

*Parma-Parmesaan*

*Peru-Peruaan*

*Thebes-Thebaan*

*Troje-Trojaan*

*Venezuela-Venezolaan* ens.

By *Ghana* lê *Ghanees* voor die hand as 'n mens dink aan *China-Chinees*, *Kanada-Kanadees*, *Malta-Maltees*, maar *Ghanaan*\* lê voor die hand as gedink word aan *Afrika-Afrikaans*, *Birma-Birmaan*, *Java-Javaan*, *Korsika-Korsikaan*, *Kuba-Kubaan*, *Sparta-Spartaan* ens.; *Java* en *Afrika* en *Sparta* het ook twee *a*'s, nes *Ghana*. Daar is besluit om *Ghanees* te gebruik.<sup>23</sup>

2. Baie bevat geen stamwysiging nie, bv. *Darwiniaan*, *Lutheraan*, *Mohamedaan*, *Pretoriaan*, *Tibettaan*, *Zwingliaan* ens.

Min van dié woorde het selfstandige woordkorrelate langs hulle, almal is gevorm van plek- of persoonsname, en almal benoem persone wat volgelinge, aanhangers, ondersteuners, inwoners ens. is van (die) genoemde plekke, persone, leerstellinge ens.

## § 81 -aar

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1. en groep 4.)

Onder die talle woorde in Afrikaans wat op *-aar* (*-naar*, *-enaar*) uitgaan (hier word gewerk met 'n lys van 182), is daar verskeie wat geen afleidinge op *-aar* ens. is nie, bv.

*antikwaar*

*barbaar*

*basaar*

*beukelaar*

*eksemplaar*

*ghitaar*

*kommentaar*

*pilaar*

(< Hoogduits *Antiquar*)

(< Grieks-Latyns *barbarus*)

(< Persies *bazar*)

(< Frans *bouclier*)

(< Frans *exemplaire*)

(< Italiaans *chitarra*)

(< Frans *commentaire*)

(< Latyns *pilare*, *pilarium*) ens.

23. Deur die Taalkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

## A. Werklike Afleidinge en Woordsoortelike Posisie

Werk ons net met die werklike afleidinge (lys van 157), is die woordsoortelike posisie as volg:

1. almal is selfstandige naamwoorde, en

2. hulle kom voor by stamme met

- (a) ww.-korrelate (118 uit 157, = 75%), bv. *afluisteraar*, *babbelaar*, *bedelaar*, *bedienaar*, *beieraar*, *bekonkelaar*, *bemiddelaar*, *beoefenaar*, *beoordelaar*, *beuselaar*, *bevorderaar*, *bewonderaar*, *boemelaar* ens., en  
(b) s.nw.-korrelate (19 uit 157, = 12%), bv. *amptenaar*, *bultenaar*, *Egiptenaar*, *Gentenaar*, *harpenaar*, *kluisenaar*, *kunstenaar*, *lepelaar* ens.

**Opm.:** 'n Onverwante groep gevalle kon op meer as een manier ontstaan het.

1. *Gyselaar* is vir ons 'n afleiding by die ww.-korrelaat *gysel*, maar die WNT IV, 2345 sê dis slegs skynbaar die ww.-korrelaat, eintlik is dit die s.nw.-korrelaat *gysel*.

2. *Kleinhandelaar* lyk soos 'n afleiding met *kleinhandel* en kan dit inderdaad ook wees, maar die Nederlandse *kleinhandelaar* is volgens die WNT VII, 3801 gevorm na die Duitse *Kleinhändler*.

3. *Lofredenaar* kan, teoreties beskou, gevorm wees met *lofrede* òf *lof* + *redenaar*, maar is in Nederlands gevorm naas *lofrede* in navolging van *redenaar* en naas *rede* (volgens die WNT VIII<sub>2</sub>, 2592).

4. *Martelaar* lyk soos 'n Afrikaanse afleiding van *martel*, en kan dit inderdaad ook wees, maar die Nederlandse *martelaar* (met dieselfde betekenis as in Afrikaans) is in Oudgermaans gevorm van die s.nw. wat in Oudhoogduits lui *Martela*.

5. Ook *moordenaar*, *towenaar*, *vedelaar* e.a. kon in Nederlands op verskillende maniere gevorm gewees het.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

(a) Selfstandige naamwoorde op *-aar* met ww.-korrelate benoem

1) „'n persoon wat doen soos deur die ww. genoem”, bv. *dobbelaar*, *fluisteraar*, *goëlaar*, *hakkelaar*, *hengelaar*, *huigelaar*, *intekenaar*, *invorderaar*, *kwanselaar*, *lasteraar* (103 uit die 118 gevalle, = 87%).

**Opm.** oor *dienaar*, *handelaar*, *leraar* e.a.: In verskeie gevalle is daar òf betekenis-isolasie òf 'n verengde betekenis, bv. *dienaar* (nie sonder meer „iemand wat ('n ander) dien” nie), *handelaar* (nie s.m. „iemand wat sus of so handel op optree” nie), *leraar* (nie s.m. „iemand wat leer” nie) ens.

2) 'n Klein groepie is saak- of voorwerpsname (soms óók persoonsname) wat te kenne gee „dit wat doen of waarmee gedoen word” soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem, bv. *duikelaar* „klein poppie van ligte stof met 'n swaar voet, sodat hy altyd regop bly staan”.

*koppelaar* „deel van 'n motor wat die versnellingsratte met die enjin verbind”, *omkippelaar* „toestel of hefboom waarmee 'n bak of iets omgekip word”, *omskakelaar* „toestel om iets om te skakel”, *rammelaar* „kinderspeelding wat 'n geraas maak wanneer dit geskud word”, *rekenaar* „syfertabelle”, *skakelaar* „toestel om in en uit te skakel” ens. (15 uit 118 gevalle, = 13%).

3) Daar is 'n paar diere-name met min of meer dieselfde waarde as 1. (a) 1) en 2) hierbo, nl. *pekelaar*, *trippelaar* en *tuimelaar*, maar die vormingswyse van *pekelaar* is nie seker nie. Die WNT XII, 991 sê dis 'n Afrikaanse woord vir „gesoute vis, meer bepaald harder en snoek”. Dit kan kom van die s.nw. *pekel* of, waarskynliker, die ww. *pekel*. Die betekenis, naamlik „gesoute vis”, lê egter buite die Afrikaans-Nederlandse semantiese sisteem, wat laat vermoed dat dit miskien glad geen afleiding op *-aar* is nie. Dan kan dit 'n verdraaiing wees van Nederlands *pekelharing* /pekəlarəp > pekəlar/. (Vergelyk ook *kabelgare* /*garing* en *kaalgaar*.) *Trippelaar* is normaal, en *tuimelaar* ook.

(b) Selfstandige naamwoorde op *-aar* met s.nw.-korrelate is

1) hoofsaaklik persoonsname,

1. veral lede of respektiewelik inwoners van rasse, stamme en/of geografiese gebiede, bv. *Gentenaar*, *Hagenaar*, *Kapenaar*, *Parysenaar* ens.;

**Opm.:** Dieselfde waarde het *-aan*, *-er*, *-iet* ens. in bv. *Pretoriaan*, *Burgersdorper*, *Paarliet*. Sien ook die ander formantia in die persoonsgroep.

2. 'n Beperkte getal is agensname, bv. *amptenaar*, *harpenaar*, *kunstenaar*, *leuenaar*;

3. enkele is persoonsname wat kenmerke van persone benoem, nl. *bultenaar*, *geweldenaar*, *kluisenaar* (*leuenaar* kan ook hierby gereken word), *landenaar* (weinig gebruiklik), *skuldenaar* (kan ook die Afrikaanse werkwoord-korrelaat *skuld* hê. Nederlands het nie 'n ww. *schulden* nie) ens.

2) Daar is net 'n stuk of drie diere- en voorwerpsname, nl. *lepelaar* „soort moerasvoël met 'n breë lepelagtige snawel” en *stippelaar* en *lessenaar*. Al drie lê enigszins buite ons semantiese sisteem. *Lepelaar* is Nederlands, *lessenaar* ook, sodat die verdere vormingswyse Afrikaans nie raak nie, maar *stippelaar* „'n gestippelde perd” is nie Nederlands nie. Hoe sou dit dan gekom het dat ons 'n woord gevorm het wat buite ons sisteem lê? Moontlik is dit dan geen afleiding op *-aar* nie, maar miskien *stippelhaar*\* (bahuvrihi-kompositum) wat soos *stippelaar* (sonder *h*) klink.

2. Begripsortelike Sisteem

Omdat *-aar* hoofsaaklik by stamme met ww.-korrelate en sekere s.nw

korrelate verskyn, kan in verband met begripsoorte ook hoofsaaklik oor dié twee iets verwag word.

(a) Die werkwoorde behels geen duidelike groep nie, maar let op die volgende:

1) die vorm van die woordkorrelaat van die stam skyn beslissender te wees vir die afleidingsmoontlikheid as die begripsoort, want 109 uit 118 van die ww.-korrelate (= 92%) is woorde wat op ongeaksentueerde -el, -en of -er eindig, bv. *afluister, babbel, bedel, bekonkel, beredder, beusel, boemel, fluister, folter* ens.

2) Die meeste is pejoratief of óók pejoratief, bv. *afluister, babbel, bedel, bekonkel, beusel, boemel, brabbel, dobbel, drentel, femel, folter, frommel, futsel, hakkell, hekel, huigel, kalfater, kekkell, kibbel* ens.

(b) Die s.nw.-korrelate is plek-, streek- of rasname, bv. *Egipte, Gent, Den Haag, Kaap, Parys* ens.

### C. Diachronie en Produktiwiteit

Uit die vorige paragrawe het so terloops geblyk dat -aar saam met die meeste woorde daarop van Nederlands geërf is (86%), bv.

<i>beoefenaar</i>	<i>boemelaar</i>	<i>Egiptenaar</i>
<i>beoordelaar</i>	<i>brabbelaar</i>	<i>eienaar</i>
<i>beredderaar</i>	<i>bultenaar</i>	<i>femelaar</i>
<i>beuselaar</i>	<i>dienaar</i>	<i>fluisteraar</i>
<i>bevorderaar</i>	<i>dobbelaar</i>	<i>folteraar</i>
<i>bewonderaar</i>	<i>duikelaar</i>	

ens., en dat daar waarskynlik 'n mate van produktiwiteit was/is.

-Aar was/is produktief by stamme met ww.-korrelate en stamme met s.nw.-korrelate (plek- en rasname), bv. (met ww.-korrelate) *beieraar, bekonkelaar, drentelaar, frommelaar, koggelaar, skinderaar, sprinkelaar* en (met s.nw.-korrelate) *dorpenaar, Kapenaar, Pell(a)(e)naar*.

**Opm.:** *Dorpenaar* is 'n bevreemdende geval. Dit is nie Nederlands nie, en ons sou nie so 'n Afrikaanse afleiding verwag van 'n onbepaalde pleknaam nie. Tog sluit dit die naaste by dié groep aan. Verdere diachroniese navorsing sal hier miskien meer lig bring.

### § 82 -aard

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1. en groep 6. en by die skema van afgeleide adjektiewe, onder groep 4.)

Afrikaans het net 'n beperkte groepie woorde op -aard, bv. *dronkaard, gierigaard, grysaard, gulsigaard, lafaard, luiaard, rykaard, Spanjaard, trotsaard, valsaard* ens. ('n lys van 17).

'n Paar met *-aard* in die Auslout, nl. *beiaard*, *ponjaard* kan, sinchronies beskou, geen afleidinge op *-aard* wees nie, omdat ons nie die woordkorrelate *bei\**, *ponj\** het nie. *Lafaard* en *standaard* sou Afrikaanse afleidinge kon wees, maar die betekenis waarsku al daarteen: *lafaard* is geen afleiding van die Afrikaanse *laf* „verspot” nie, want dit beteken nie „iemand wat verspot is” nie, *standaard* hou geen semantiese verband met *stand* nie en is buitendien die enigste nie-persoonsnaam in die groep. Al hierdie woorde word dus verder buite rekening gelaat.

Van die res is die woordsoortelike en die semantiese sisteem uiters eenvoudig: hulle is almal persoonsname, s.nwe. met hoofsaaklik stamme met b.nw.-korrelate, bv. *gierigaard*, *grysaard*, *gulsigaard*, *luiiard*, *rykaard*, *trotsaard*, *valsaard*, *woestaard*, *wreedaard*.

Die meeste woorde het 'n pejoratiewe gevoelswaarde, bv. *dronkaard*, *gierigaard*, *gulsigaard*, *luiiard*, *rykaard*, *wreedaard*, maar dié sit reeds in die woordkorrelate self: *dronk*, *gierig*, *gulsig* ens. *Rykaard* is die enigste met nie-pejoratiewe woordkorrelaat en tog is *rykaard* pejoratief. Dit is dan blykbaar van die afkeurende *ryk* gevorm, net soos *trotsaard* van *trots* in die „hoogmoedige” sin van die woord. *Grysaard* is die enigste (tensy 'n mens *Spanjaard* wil byreken) sonder pejoratiewe waarde.

*-Aard* is volkome onproduktief: die hele stelletjie voorbeelde is uit Nederlands geërf. (Vergelyk verder *-erd* en *-erik*, § 99 en § 101.)

**Opm.** 1. *Dronkaard* kan 'n eie vorming wees, maar is waarskynlik uit Nederlands behou, waarin dit her-vorm is uit *dronkert*.

2. *Spanjaard* is die enigste wat van 'n s.nw. gevorm is (in Nederlands uit Frans?).

3. *Veinsaard* is in Nederlands gevorm uit *veinzerd*.

4. Afrikaans het enkele woorde wat op *-aardig* eindig, bv. *boosaardig*, *edelaardig*, *goedaardig*, *kwaadaardig*, *plantaardig*, *sagaardig*, *wreedaardig* (almal ook Nederlands), maar hulle is samestellende afleidinge, dus byvoorbeeld as volg gevorm: *boos* + *aard* + *-ig*, *plant* + *aard* + *-ig*, en nie as volg nie: *boosaard* + *-ig* ens.

### 83 aarts-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1. en groep 6., en by die skema van afgeleide adjektiewe onder groep 4.)

Woorde met *-aarts* gevorm, kom nie veel in Afrikaans voor nie, hier word gewerk met 'n lys van 53. Hulle is nietemin goed gevestig en bekend, bv. *aartsbedrieër*, *aartsbiskop*, *aartsengel*, *aartshertog*, *aartsknoeier* ens. Sulke woorde is hoofsaaklik s.nwe., bv. *aartskwaaddoener*, *aartsleegleër*, *aartsleuenaar*, *aartslieger*; net enkele is b.nwe., bv. *aartsdom*, *aartslui*,

*aartsonnosel, aartsskelm* (ook s.nw.), en hulle het ooreenstemmende woordkorrelate d.w.s. s.nw. < s.nw. en b.nw. < b.nw.

*Aarts-* beteken „prototipiese, eerste of opperste, hoogste in status, ergste, nie of nouliks oortrefbare”, bv. in *aartspriester, aartsregter, aartsrondloper, aartsskurk, aartssot, aartstipe, aartstiran, aartsvader* ens., òf, in b.nwe. „allerergste”, bv. in *aartslui, aartsonnosel, aartsskelm* ens.

Begripsoortelik val op

1. dat die meeste woorde persoonsname is, of die name van betrekkinge of gesagsgebiede wat daarmee saamgaan, bv. *aartsbisdom, aartsbiskop, aartsdiaken, aartsdiakonaat, aartsdief, aartsdioeses(diosese), aartsdomkop, aartsdomoor, aartshertog, aartsgierigaard, aartshuigelaar* ens. (42 uit 53);

2. dat die woordkorrelate van die meeste s.nwe. en van alle b.nwe. pejoratief is, bv. *aartsrondloper, aartsskelm, aartsskurk, aartssot, aartstiran, aartsverleier, aartsverraaier, aartsvrek, aartsvyand*;

3. dat 'n belangrike gedeelte (13 uit 53) met die kerk in verband staan, bv. *aartsabdy, aartsbiskop, aartsdeken, aartsbisdom, aartsdiaken, aartspriester* ens. (*Aartsengel* en *aartsverborgenheid* is dan moontlik vir die kerklike groep in die afleiding betrek. Anders sou 'n mens bv. s.nwe. nie abstrakta soos (*aarts*)*verborgenheid* verwag nie.)

#### *Diachronie en Produktiwiteit*

Die meeste woorde met *aarts-* is van Nederlands geërf: 39 van die 52 bestaan ook in Nederlands. Die eiegoed is

(a) hoofsaaklik nie-kerklike, pejoratiewe s.nwe., bv. *aartskarnallie, aartsleeglêer, aartslieger, aartspes, aartsrondloper* ens., en

(b) enkele b.nwe., bv. *aartsonnosel, aartssleg*.

*Aarts-* was dus produktief in Afrikaans, maar hoofsaaklik by pejoratiewe s.nwe. Dit is denkbaar dat daar nog meer hiervan ontstaan.

Die neiging tot die pejoratiewe is nogtans nie 'n besondere Afrikaanse ontwikkeling nie. Dit was en is in Nederlands reeds so.<sup>24</sup> Schönfeld noem weliswaar die pejoratiewe net in verband met 'n adjektiewiese voorbeeld (*aartsdom*), maar s.nwe. soos *aartsbedrieër* | *-deugniet* | *-dief* | *-gek* | *-gierigaard* ens. is ook gewone Nederlands.

#### § 84 -agtig

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide adjektiewe, onder groep 2. en groep 3.)

Woorde op *-agtig* kom, in vergelyking met sommige ander afleidings.

24. Van Loey, A.: *Historische grammatica van het Nederlands*, 215.

besonder dikwels in Afrikaans voor. Hier word gewerk met 'n lys van 458, bv.

<i>aalagtig</i>	<i>aasagtig</i>	<i>albasteragtig</i>
<i>aalweeagtig</i>	<i>adderagtig</i>	<i>aluinagtig</i>
<i>aapagtig</i>	<i>advokaatagtig</i>	<i>amandelagtig</i>
<i>aaragtig</i>	<i>akkedisagtig</i>	<i>amberagtig</i>
<i>aarbeiagtig</i>	<i>aktriseagtig</i>	<i>amebeagtig</i>
<i>aardagtig</i>		

Die spreektaal ken dit goed, bv. *beesagtig*, *belroosagtig*, *beuselagtig*, *bufelagtig*, *koorsagtig*, *krampagtig*, *senuweeagtig*, *skoolmeesteragtig*, *stormagtig*, *traak-my-nieagtig*, *vergeetagtig* ens., maar gebruik dit minimaal: dit is veel meer tuis in akademiese taal, bv. *ametisagtig*, *amfibieagtig*, *ammoniakagtig*, *asbesagtig*, *asetoonagtig*, *asfaltagtig*, *aspersieagtig*, *astraalagtig* *atlasagtig* ens.

## A. Woordsoortelike Sisteem

1. Alle afleidinge op *-agtig* is b.nwe., en

2. hulle het stamme met

(a) s.nw.-korrelate, bv. *baas*, *ballon*, *bas*, *been*, *bees*, *belroos*, *berg*, *besem* ens. (395 van die 458, = 86%, is van s.nwe. gevorm).

**Opm.:** Enkele gevalle kan, suiwer woordsoortelik beskou, afleiding wees van s.nwe. en/of van wwe., bv. *droom-|flerrie-|flirt-|sif-|skroom-|sout-* (kan ook b.nw. wees) *|tower-|twyfelagtig*.

(b) ww.-korrelate, bv. *babbel*, *bedel*, *bedil*, *beusel*, *bibber*, *bruis*, *byt* ens (32 van die 458, = 7%).

(c) b.nw.-korrelate, bv. *bleek*, *blond*, *bolronde*, *brak*, *bruin*, *donker*, *dor* ens (20 van die 458, = 4+ %).

**Opm. 1.** Die orige 3-% kan op meer as een manier gevorm gewees het (kyk Opm. onder (a)).

2. *Traak-my-nie-agtig* is blykbaar van die byvoeglike *traak-my-nie* gevorm.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Die semantiese waardes van *-agtig* lê dikwels so naby aan die van *-erig* dat WAT I, 450 dikwels by woorde op *-agtig* verwys na vorme op *-erig*, hoewel die paragrawe oor dié twee nogal duidelik onderskei. So sê WAT by *blouerig*: „blouagtig, effens blou”, en by *blouagtig*: „enigsins (effens) blou” (WAT I, 448), en by *donkeragtig*: „effens donker, donkerig” (WAT II, 241), net soos by *donkerig*: „effens donker, donkeragtig” (WAT II, 241). Heeltemal so eenvoudig is die saak egter nie.

(a) Woorde op *-agtig* by stamme met s.nw.-korrelate het die volgende waardes:

1) By persoonsname of wat daarmee geassosieer word, soos *engel*,



*Jupiter* ens. benoem *-agtig* meesal uiterlike ooreenkoms met die minder gewaardeerde doen en late van die persoon wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv.

<i>advokaatagtig</i>	<i>diakenagtig</i>	<i>grootmanagtig</i>
<i>aktriseagtig</i>	<i>domineeagtig</i>	<i>grootmeneeragtig</i>
<i>beesagtig</i>	<i>engelagtig</i>	<i>grootmensagtig</i>
<i>beulagtig</i>	<i>Esauagtig</i>	<i>Jupiteragtig</i>
<i>boeragtig</i>	<i>fariseëragtig</i>	<i>kinderagtig</i>
<i>burgemeesteragtig</i>		ens.

**Opn. 1.** Die pejoratiewe waarde van woorde op *-agtig* blyk duidelik uit teenstelling soos *burgemeesterlik* ('n *burgemeesterlike ontvangs* bv. en *burgemeesteragtig*, *kinderlik* en *kinderagtig*, *meesterlik* en *meesteragtig*, *vaderlik* en *vaderagtig*.

2. *Reusagtig* is die enigste met neutrale waarde, min of meer „baie groot” of „uitgebreid”.

2) By diere- en plantname, op mense toegepas, het ons dieselfde waarde as onder 1), bv.

<i>aapagtig</i>	<i>draakagtig</i>	<i>skaapagtig</i>
<i>akkedisagtig</i>	<i>eselagtig</i>	<i>swynagtig</i>
<i>bobbejaanagtig</i>	<i>jakkalsagtig</i>	<i>tierwyfieagtig</i>
<i>buffelagtig</i>	<i>papegaaiagtig</i>	<i>varkagtig</i> ens.

3) By diere- en plantname in die wetenskap word vorme op *-agtig* gesubstantiveer en dan in die meervoud gebruik ter aanduiding van families in die sistematiek, bv.

<i>bolagtiges</i>	<i>lelieagtiges</i>	<i>roosagtiges</i>
<i>grasagtiges</i>	<i>palmagtiges</i>	<i>skimmelagtiges</i>
<i>knolagtiges</i>	<i>ranonkelagtiges</i>	ens.

4) By stofname, vrugtename e.d.m. is die semantiese verskil tussen afleidinge op *-agtig* en dié op *-erig* nie altyd duidelik nie, maar die algemene rigting skyn tog die volgende te wees :

1. waar *-(e)(r)ig* en *-agtig* by dieselfde woordkorrelaat van die stam voorkom, dui die vorm op *-(e)(r)ig* werklike ooreenkoms aan, ook „besit van 'n mate van wat die woordkorrelaat van die stam noem”, en die vorm op *-agtig* uiterlike of skyn-ooreenkoms, meesal t.o.v. vorm of smaak, òf anders uitgedruk, die vorm op *-agtig* word gebruik om 'n algemene identifikasie of groepering aan te gee, bv.

<i>arbeierig</i>	- <i>arbeiagtig</i>	<i>blarerig</i>	- <i>blaaragtig</i>
<i>aluinerig</i>	- <i>aluinagtig</i>	<i>bloederig</i>	- <i>bloedagtig</i>
<i>amandelrig</i>	- <i>amandelagtig</i>	<i>borrie(ë)rig</i>	- <i>borrieagtig</i>
<i>asserig</i>	- <i>asagtig</i>	<i>degerig</i>	- <i>deegagtig</i>
<i>asfalterig</i>	- <i>asfaltagtig</i>	<i>donserig</i>	- <i>donsagtig</i>
<i>aspersie(ë)rig</i>	- <i>aspersieagtig</i>	<i>doringrig</i>	- <i>doringagtig</i>
<i>benerig</i>	- <i>beenagtig</i>	<i>draderig</i>	- <i>draadagtig</i> ;

2. waar *-agtig* en *-erig* nie by dieselfde woordkorrelaat van die stam

voorkom nie, het *-agtig* nog dieselfde waarde as onder 4) 1., maar soms ook, ongedifferensieerd dan, dié van *-erig*, bv. *ametisagtig*, *ammoniakagtig*, *asetoonagtig*, *blomkoolagtig*, *kankeragtig*, *koraalagtig* (?), *kraakbeenagtig* ens.

5) By name van liggaamsdele, sekresies of aandoeninge daarvan gee die vorme op *-agtig* „las, siekte, ongesteldheid, moeilikheid” aan t.o.v. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv.

<i>edeemagtig</i>	<i>jigagtig</i>	<i>roosagtig</i>
<i>ekseemagtig</i>	<i>kankeragtig</i>	<i>skilferagtig</i>
<i>galagtig</i>	<i>klieragtig</i>	<i>skurfagtig</i>
<i>griepagtig</i>	<i>puis(ie)agtig</i>	<i>stuipegagtig</i> ens.

(b) Woorde op *-agtig* met stamme met ww.-korrelate beteken meesal „geneig om te, lief om te doen wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv.

<i>babbelagtig</i>	<i>dweepagtig</i>	<i>kyfagtig</i>
<i>bedelagtig</i>	<i>femelagtig</i>	<i>vergeetagtig</i>
<i>bedilagtig</i>	<i>hugelagtig</i>	<i>weifelagtig</i>
<i>bruisagtig</i>		

(c) Woorde op *-agtig* met stamme met b.nw.-korrelate beteken „wat ’n ooreenkoms vertoon met wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv.

<i>bleekagtig</i>	<i>bruinagtig</i>	<i>grouagtig</i>
<i>blouagtig</i>	<i>geelagtig</i>	<i>grysgagtig</i>
<i>bolrondagtig</i>	<i>groenagtig</i>	<i>rooiagtig</i> ens.
<i>brakagtig</i>		

(Vergelyk ook (4) hier voor.) Hulle word baie minder gebruik as vorme op *-erig*, en die vorme op *-erig* dui ook meesal op werklike ooreenkoms, *-agtig* op skyn- of vermeende ooreenkoms.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

Begripsoortelik is verreweg die meeste afleidinge op *-agtig*, woorde wat die mens en die dier en hulle bestaansvorme aangaan.

Van die 395 stamme met s.nw.-korrelate wat hierby nagegaan is, kry ons die volgende :

(a)  $\pm$  33% is name van grondstowwe en verwante begrippe, bv. *aard-* / *albaster-* / *aluin-* / *amber-* / *ametis-* / *ammoniak-* / *as-* / *asbes-* / *asetoon-* / *asfalt-* / *bergagtig* ens.

(b)  $\pm$  23% is name van persone, die mens en sy liggaam, en dele en aandoeninge daarvan, bv. *advokaat-* / *aktrise-* / *arm-* / *baas-* / *belroos-* / *beul-* / *blaas-* / *blasies-* / *bloed-* / *boef-* / *boer-* / *buik-* / *bult-* / *burge-meesteragtig* ens.

(c)  $\pm$  16% is name van plante en vrugte, die natuur e.d.m., bv. *alwee-* / *aar-* / *aarbei-* / *amandel-* / *ananas-* / *aspersie-* / *banana-* / *bas-* / *blaar-* / *blad-* / *blom-* / *blomkool-* / *bolagtig* ens.

- (d)  $\pm 13\%$  is name van voorwerpe of produkte, maaksels van die mens, bv. *anker- / ballon- / besem- / bioskoop- / boek- / borsel- / brokkies- / buis- / dorp- / fluitagtig* ens.
- (e)  $\pm 6\frac{1}{2}\%$  is name van diere waarna in die wetenskap verwys word, bv. *aal- / amebe- / amfibie- / duisendpoot- / eend- / elf- / gansagtig* ens.
- (f)  $5-\%$  is name van diere wat veral as skeldname van mense gebruik word, bv. *aap- / adder- / bees- / bobbejaan- / bok- / buffel- / bul- / bulhondagtig* ens.
- (g)  $\pm 3\frac{1}{2}\%$  is name van diere of verwante begrippe wat i.v.m. een of meer van groepe (e) en (f) gebruik word, bv. *akkedis- / dons- / gems- / gemsbok- / geraamteagtig* ens.

### C. Diachronie en Produktiwiteit

*-Ag* is saam met die meeste afleidinge daarop (334 uit 'n lys van 458, = 73%) uit Nederlands geërf, bv.

<i>harsagtig</i>	<i>ivooragtig</i>	<i>katagtig</i>	<i>klieragtig</i>
<i>heeragtig</i>	<i>kaasagtig</i>	<i>katoenagtig</i>	<i>klipagtig</i>
<i>herfsagtig</i>	<i>kalfagtig</i>	<i>kernagtig</i>	<i>kloosteragtig</i>
<i>horingagtig</i>	<i>kalkagtig</i>	<i>kieselagtig</i>	<i>knolagtig</i>
<i>houtagtig</i>	<i>kanferagtig</i>	<i>kinderagtig</i>	ens.
<i>huigelagtig</i>	<i>kankeragtig</i>	<i>kleiagtig</i>	

Die geërfdes behels dieselfde woordsoorte en dieselfde begripsoorte in wesenlik dieselfde persentuele getalsterkte as in Nederlands. Ons gesamentlike lys bestaan naamlik uit stamme met die volgende woordkorrelate:

#### Persentuele Samestelling van Materiaal

Woordsoort-korrelate van die voorbeelde	Lys met Afr. Ndl. materiaal (458 voorbeelde)	Lys met Afr. vbe. wat ook Ndl. is (334)	Lys van uitsluitend Afr. voorbeelde (124)
s.nwe.	86%	84+ %	92%
wwe.	7%	9+ %	2- %
b.nwe.	4+ %	6%	1- %
meer as een moontlike woordsoort	3- %	1%	$\pm 5\%$

Dit is merkwaardig hoe „Nederlands” Afrikaans gebly het, ook in sy verowering, want die oorheersende getal van die nuwes is ook van s.nwe. gevorm, en ons het geen vorming van ’n woordsoort wat nie ook al in Nederlands afgelei is met *-agtig* nie. *-Agtig* kan blykbaar nog verder taamlik vryelik by stamme met (hoofsaaklik) s.nw.-korrelate gevoeg word

### § 85 Die Romaanse groep: *-ant, -aris, -ent, ens.*

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1. en by die skema van afgeleide adjektiewe, onder groep 10.)

In verreweg die meeste woorde wat hier bespreek gaan word, is die uitgange woordeindes en nie agtervoegsels nie, bv. *adjutant, applikant, ambulans, amusant, aktuaris, funksionaris, inventaris, alveolêr, arbitrêr, binêr, dissiplinêr, doktrinêr* ens.

Waarom hulle dan tog hier bespreek word? Om twee redes:

1. Baie sou, rein sinchronies beskrywe, as afleidinge (met agtervoegsels) beskou moes word omdat ons simplekse daarby het waarmee hulle semanties verband hou, bv. *appellant, arrestant, debutant, disputant, fabrikant* ens., naas resp. *appèl, arres, debuut, dispuut, fabriek*.

2. Weens die deelname van Afrikaanssprekendes en -skrywendes aan die internasionale akademiese lewe, op toenemende skaal, neem ook die gebruik van dergelike, hoofsaaklik Romaanse woorde, toe. Dit kan daartoe lei dat ons in die toekoms woorde gaan vorm met *-ant, -aris, -ent, -êr* e.a. asof hulle agtervoegsels is. Dit is trouens wat in Nederlands gebeur het en in Afrikaans behou is met woorde op *-ier*. Soos bekend, het Nederlands baie Franse woorde ontleen wat op *-ier* uitgegaan het, dit het die indruk gemaak van ’n agtervoegsel te wees en is vervolgens gebruik as afleidingsformans by nie-Romaanse Nederlandse woorde.

Daar is ook reeds aanduiding van ’n begin van so ’n proses met *-ant* en ander „vreemde” woorduitgange. Dit is nie volkome seker dat Nederlands *disputant* van Frans kom nie; dit was nog gebruiklik by Voltaire in die agtiende eeu, maar is vandag verouderd of selfs heeltemal uitgesterf. Nederlands kòn dit self gevorm het van *dispuut* (of langs *disputeer*, soos *arresteer: arrestant*). Dit lyk asof *parasitêr* ’n Nederlandse vorming van *parasiet* is (volgens die WNT XII, 434), hoewel alle ander woorde op *-êr*, soos *dokumentêr, elementêr, familiêr, fidusiêr, humanitêr, miljardêr, miljoenêr, parlementêr, polêr* ens. klaar gevorm uit Frans oorgeneem is. Daar was of is dus moontlik in Nederlands reeds ’n deurbraak van *-ant* en *-êr (-air)* tot die terrein van die agtervoegsel en afleiding. Dan moet dit ons nie verbaas as dit in Afrikaans ook gebeur nie. Moontlik is sommige

van dié wat ons reeds het, naamlik 'n deel van dié waarby ons 'n woordkorrelaat naas die stam het, al ons eie vorming, bv. *appellant*, *disputant*, *fabrikant*, *komediant* ens., en *dokumentêr*, *elementêr*, *familiêr*, *fidusiêr*, *reglementêr*, *sedimentêr*, maar omdat hulle almal ook Nederlands en Frans is, beskou ons hulle as erf- of leengoed.

As die bogenoemde woorduitgange Afrikaanse afleidinge gaan vorm, sal dit klaarblyklik aansluit by die sisteem van die leenwoorde wat ons vandag het. Daarom volg dié sisteme hier.

### § 85.1 -ant

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, sien § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1. en by die skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 10.)

Van 124 woorde met *-ant* as woordeinde in Afrikaans, kan net sowat tien sinchroon as afleidinge beskou word, bv. *appellant*, *arrestant*, *debutant*, *disputant*, *fabrikant*, *komediant*, *manifestant*, *musikant*, *negosiant* en *Protestant*. Dit word gedoen op grond van twee oorweginge: (a) dat Afrikaans naas elkeen hiervan 'n woordkorrelaat vir die stam het, (b) waarmee die ander semanties duidelik verband hou. Dié verband kan in soverre kategoriaal genoem word dat almal persoonsname is by stamme met woordkorrelate wat ding- of saakname is.

Word dié verband egter nader beskou, ontstaan daar twyfel oor sommige. *Arrestant* beteken „(die) een wat gearresteer is/onder arrest is”, teenoor die ander voorbeelde wat ongeveer beteken „hy/(die) een/iemand wat doen/maak/optree in ens. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *appellant*, *debutant*, *disputant* ens. Maar 'n fabrikant is „iemand wat dinge (laat) fabriseer”, 'n *negosiant* 'n „smous of ander soort (klein)handelaar in negosie”, en *Protestant* is sekerlik nie „iemand wat 'n protes aanvoer of steun” nie.

Hou 'n mens dié woorde in die moontlike sinchroniese lys, word dit 'n vraag of *restant* (naas *res*) nie ook moet bykom nie. Kategoriaal-semanties gesien, meen ek dit moenie, omdat dit die enigste ding- of saaknaam onder die groep sou wees. Buitendien verskil die eerste vokaal: /res/teenoor/rəstant/.

Die hele groepie woorde se betekenis is het meesal iets anders. *-Ant* verskyn hier naamlik enigsins in opposisie tot/met woorde op *-der*, meer bepaald teenoor woorde op *-der* afgelei van grondwoorde op *-eer*, bv. *appellant* teenoor *appelleerder*, *debutant* teenoor *debuteerder*, *fabrikant* teenoor *fabriseerder*, *Protestant* teenoor *protesteerder*, en dit is duidelik dat die *-der*-vorme algemene benaminge is, en die *-ant*-vorme meer spesifieke benaminge vir bepaalde soorte *appelleerders*, *debuteerders*, *fabriseerders* ens. Ook so beskou, val o.a. *arrestant*, *negosiant* en *restant* buite die groep.

Tekens van produktiwiteit van *-ant* kon ek nie vind nie. Tog moet daarmee rekening gehou word dat die *-eer/-ant*-groep produktief kan word. Ons het naamlik reeds die tipe *appel-appelleer-appelleerder-appellant, dispuut-disputeer-disputeerder-disputant* (almal met simpleks) en ook 'n groot groep soos *aspireer-aspirant, eksploteer-eksploutant, emigreer-emigrant* ens., en hiernaas sou nou maklik nuwe *ant*-vorme kon ontstaan soos *hipnotisant\** en *narkotisant\**.

Diachroon beskou, is die feit egter dat àl ons *-ant*-vorme vroeg reeds in Nederlands gebruik is, meesal afkomstig uit Frans. Baie van hulle het ons bes moontlik bereik via Engels, Duits, Frans, Nederlands, meer bepaald in/uit akademiese taalkringe.

### § 85.2 -ent

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, sien § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1. en by die skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 10.)

Woorde op *-ent* is net s.nwe. en/of b.nwe., bv. *antesedent, assistent, dekadent, delinkwent, deponent, dirigent, dosent, eksellent, disponent, inkonsekwent, insident* (78 is s.nwe., 48 is b.nwe., 2 is b.nw./s.nw., nl. *adherent* en *ekwivalent*).

Naas afleidinge op *-ent* bestaan daar in Afrikaans nie simplekse of woordkorrelate vir die stamme nie, dié waarby afleiding moontlik is of was van 'n onselfstandige morfeem, bv.

*agent-ageer*

*assistent-assisteer*

*dirigent-dirigeer*

*dosent-doseer*

*eksponent-eksponeer*

*kompetent-kompeteer*

*kongruent-kongruer*

*konkurrent-konkurreer*

*korrespondent-korrespondeer*

*opponent-opponeer*

*president-presideer*

*pretendent-pretendeer*

*produsent-produuseer*

*referent-refereer*

*regent-regeer*

Woordvorming by die *ent*-groep sou na analogie van *assisteer-assistent, dirigeer-dirigent, eksponeer-eksponent* e.d.m. – almal sonder Afrikaanse woordkorrelaat naas die stam – kon geskied, bv. *korrigent\** naas *korri-geer* ens.

Indien dit sou gebeur, sou verwag kon word dat sulke nuwe morfeem-afleidinge ook net s.nwe. en/of b.nwe. sal wees. Wat die betekenis en begripsoorte betref, die volgende: (a) Die meeste s.nwe. op *-ent* is persoonsname, die res eienskaps- en dingname. (b) Die meeste b.nwe. het die waarde van adjektiewies gebruikte deelwoorde, bv. *eksellent* „uitmuntend”, *eminent* „vooraanstaande”, *imminent* „naderende”, „dreigend” ens.

### § 85.3 -aris

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, sien § 73 by die skema van afgeleide substantiewe, onder groep 1.)

Dit is met woorde op *-aris* mutatis mutandis gesteld net soos met dié op *-ant* en *-ent*, met enkele verskilleljies.

1. Alle woorde op *-aris* is s.nwe., bv. *aktuaris*, *argivaris*, *bibliotekaris*, *funksionaris*, *inventaris*, *jubilaris*, *legionaris*, *notaris*, *pensionaris* en *sekretaris*.

2. Meer as 90% is persoonsname, bv. *jubilaris*, *kommissaris*, *legionaris*, *sektaris*, *sessionaris* – *inventaris* en *salaris* is twee van die weinige saakname.

3. Almal is in Nederlands leengoed uit Latyn, soms via Frans. *Argivaris* – s.nw. < Mlat. *archivarius* < *archivum*; *bibliotekaris* – s.nw., Ndl. vorm vir Lat. *bibliothecarius*, met die uitgang *-aris*; *legataris* – s.nw., vernederlandsing van Lat. *legatarius* in navolging van woorde soos *notaris*, *sektaris* ens.; *notaris* – s.nw., regstreeks ontleen aan Lat. *natorius* of via Frans.

4. Daar is net 'n paar met Afrikaanse woordkorrelate naas hulle, bv. *argivaris-argief*, *bibliotekaris-biblioteek*, *legataris-legaat*.

5. Verskeie het onselfstandige morfeme in verwante ander woorde, bv. *funksie* en *funksioneer* naas *funksionaris*, *noteer* en *notarieer* naas *notaris*, *pensioen* en *pensioneer* naas *pensionaris*, *salarieer* naas *salaris*, *sessie* en *sedeer* naas *sessionaris* ens.

Sinchroon benader, sou bitter min woorde op *-aris* as Afrikaanse afleidinge beskou kon word: met *argivaris* en *bibliotekaris* is ons, wat die algemene taal betref, sowat uitgepraat. Uit die regstaal sou nog *legataris* bygevoeg kon word, wat dan 'n stelletjie van drie persoonsname is.

*-Aris* is volkome onproduktief. As dit produktief sou word, sou dit wees op dieselfde manier as wat by *-ant* en *-ent* geskets is.

### § 86 ante-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 12, en by die skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 10.)

*Ante*-afleidinge is meesal internasionale woorde, bv. *antebragium*, *antebragiaal*, *antedateer*, *antediluviaal*, *antediluviaans*, *antegenitaal*, *antehistories*, *antejustiniaans*, *antekapiteel*, *antekubitaal*, *antesedent* ens., ook dié wat, van sinchronies-Afrikaanse standpunt beskou, nie afleidinge is nie, bv. *antependium*, *anterieur* / *anterior*, *antesedent* ens.

*Ante*-vorme is almal b.nwe. of s.nwe., gevorm van b.nwe. of s.nwe.

Tot op datum verskyn *ante*- nog nie by inheems Afrikaanse woorde nie: die stam is altyd Latyn of Frans, bv. *antefleksie*, *antemeridiaan*, *antemundaan*, *antenupsiaal*, *anteokkupasie*, *anteponeer*, *anteposisie* ens.

## § 87 anti-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 5. en by die skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 1.)

### A. Vorme

Dié voorvoegsel het meesal die vorm *anti*- (441 hier in 'n lys van 490 voorbeelde), maar in 'n minderheid van gevalle ook die vorm *ant*- (49 voorbeelde), soos in *antasied*, *antwoord* e.d.m.

### B. Sistematiek

Verreweg die meeste woorde met *anti*- is in die algemene taal onbekend, en is akademiese, veral chemies-mediese vaktaal, bv. *anticariosum*, *anticatarrhalium*, *anticausticum*, *antichloor*, *antichoeradies*, *antichrese*, *anti-coagulans*, *anticolicum* ens. Vir die akademies-vakkundige sou baie hiervan dus wel afleidinge wees, vir die kenner van alleen die omgangstaal nie, omdat hy die simplekse daarby nie ken nie, bv. *antidifterieserum*, *Antidikomarianiete*, *antidinicum*, *antidinies*, *antidoron*, *antidotaries*, *antidotarium*, *antidromie*, *antifebrilies* ens.

Vir die doel van hierdie bundel lyk dit die dienlikste om te onderskei tussen (a) *anti*- + Germaanse of vergermaanste woorde, aan die een kant, en (b) *anti*- + woorde van ander herkoms aan die ander kant. Dan sou ons die volgende hê: van (a) 177 en van (b) 362. Word die kring nog nouer getrek en gevra hoeveel ook tot die algemene volkstaal behoort, val dit te betwyfel of ons verder kom as die een enkele woord *antwoord*. Die „volk” ken en verstaan wel byvoorbeeld *anti-alles*, *anti-Afrikaans*, *anti-Engels*, maar sê tog waarskynlik liever *teen alles* / *Afrikaans* / *Engels*, net soos *teenmiddel* i.p.v. *antidoot* of *-dotum*.

In hoofsaak kan ons sê, dat die meeste *anti*-woorde tot die groep Westers-internasionale akademiese taal hoort.

Veel sin het dit nie om hierby woordsoortelike en semantiese sisteme in groot besonderhede na te gaan nie, daarom volg hier net 'n paar hoofsaake:

1. Baie van dié woorde is nie Afrikaans-Nederlandse afleidinge nie, maar verafrikaanste Engels, Frans, Latyn, Grieks, bv. *antichrese* (< Fr. *antichrèse*), *antidoot* / *-dotum* (< Lat. *antidotum*), *antifoon* (< Mlat. *anti-*



*phona*), *antifrase/-frasis* (< Lat. *antiphraasis*), *antiklinaal* (< Nlat. *anticlinalis*), *antimonium/-moon* (< Mlat. *antimonium*), *antipatie* (Fr. *antipathie*), *antipode* (< Gr.-Lat. *antipodes*), *antisepties* (< Nlat. *antisepticus* of Hd. *antiseptisch*), *antagonis* (< Lat. *antagonista* of Fr. *antagoniste*), *antarkties* (< Hd. *antarctisch* < Lat. *antarcticus*), *antonomasie* (< G.-Lat. *antonomasia*) ens.

2. Behalwe *antwoord* wat s.nw. en werkwoord is, is die res (a) almal s.nw. en/of b.nw., (b) met stamme met s.nw.- of b.nw.-korrelate.

3. Die kernbetekenis van *anti-* is „teen, gekant teen”, en woorde op *anti-* word veral in die mediese beroep gebruik in name vir teenmiddels, bv.

<i>antiblennorrhagicum</i>	<i>anticatarrhalium</i>	<i>antalgicum</i>
<i>antibloedingsvitamine</i>	<i>anticausticum</i>	<i>antalgies</i>
<i>anticancerosa</i>	<i>anticoagulans</i>	<i>antalkalies</i>
<i>anticardion/anticardium</i>	<i>anticolicum</i>	<i>antallergan</i>
<i>anticariosum</i>		

ens.

**Opm.:** Nie elke *anti-* is *anti* „teen” nie: *antichambre* bevat eintlik *ante* „voor”; so ook *antidateer*, *antikabinet*, *antisipasie*, *antitipe* ens.

4. *Anti-* is blykbaar sowat onbeperk produktief by stamme met s.nw.- en b.nw.-korrelate om s.nw. en/of b.nw. te vorm, en by woorde van enige herkoms, bv.

(a) *antidiarrees*, *antidifterieserum*, *Antidikomarianiete*, *antidinasties*, *antidinicum*, *antidines*, *antidisenteries*, *antidisenterieserum*, *antidogmaties*, *antidoot/-dotum*, en

(b) *anti-alles*, *Antibandietebeweging*, *anti-Boer*, *anti-Brits*, *antidroogpasta*, *anti-Duits* ens.

## § 88 -asie<sup>1</sup>

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe, onder groepe 3., 5. en 9.)

*Asie*<sup>1</sup> en *-asie*<sup>2</sup> is vier in Afrikaans, diachronies beskou, want die meeste Afrikaanse woorde wat op *-asie* eindig, kom oorspronklik van Frans, wat daarvoor vier verskillende vorme het, naamlik

*-ation*, soos in *démonstration*, *-ance*, soos in *persévérance*

*-aison*, soos in *terminaison*, *-age*, soos in *pourcentage*.

En dan moet nog aan die tipe geval *afasia-afasie* ook gedink word.

Sinchronies beskou, kan ten minste onderskei word tussen twee, nl. (a) die *-asie* van bv. *dierasie*, *bosgasie* ens., en (b) dié van bv. *kapitalisasie*, *kolonisasie* ens. Hulle verskil van mekaar hierin dat 'n *dierasie* en 'n *bos-*

*gasie* „'n dier” en „'n bos” (met bygedagtes) is, maar 'n *kapitalisasie* en 'n *kolonisasie* is nie „'n kapitaal” of „'n kolonie” nie.

Dit is nie altyd duidelik dat en of ons met die een of met die ander te make het nie, bv. in *alliasie*, *kolportasie*, *montasie* ens.: *Alliasie* „legering, metaalmengsel” korrespondeer met Frans *alliage*, maar sou ook 'n eievorming met *-asie* kon wees naas die werkwoord *allieer*. *Kolportasie* korrespondeer met Frans *colportage*, maar skyn, semanties beskou, tog eerder 'n eievorming met *-asie* naas *kolporteur* te wees. Net so *montasie* naas Frans *montage* en Afrikaans *monteer*. Meer sulke gevalle word verderop bespreek.

Nogtans het ons meesal wel 'n duidelike verskil, waarvolgens ons dan die volgende kry :

*-Asie*<sup>1</sup>, met variante *-gasie*, *-hasie*, *-kasie*, en miskien *-rasie* (in *bewerasie*? – sien verder). Skynafleidinge op *-asie* daargelate, soos *bagasie* (< Fr. < *baga*), *orasio* (< Fr. < Lat. *aura* „wind”), *spinasio* (< Fr. *épinard*, via Ndl.), *strawasio* (uit Ndl. *strapats*, Du. *Strapaze*, It. *strapazzo*) het Afrikaans nog geen vyftig sulke woorde nie. *-Asie*<sup>1</sup> vorm altyd s.nwe. ongeveer ewe dikwels met (a) stamme met s.nw.-korrelate, bv. *beeskasie*, *boskasie*, *dierasie*, *modderasie*, *murasio*, *pakkasie*, ens., as met (b) stamme met ww.-korrelate, bv. *brekasie*, *galoppasie*, *lekkasie*, *skilderasie*, *slytasie*, *timmerasie* ens.

**Opm.** 1. *Bewerasie* kan gevorm wees van *bewe* òf van *bibber*, wat dan aangepas sou wees aan *bewe* om *bewerasie* te lewer.

2. *Bohasie* in Leipoldt se versie :

*En vra jy waarom die bohasie*  
*Waaronder die vensters ly,*  
*Dan praat hul oor „eer van die nasie”,*  
*Oor vlae en vrymakery* ens.

bevat blykbaar die *bo-* van *bohaai* en is moontlik gevorm om die rym met *nasie* òf, bewustelik(?), kontaminasie met *orasio*.

3. *Dronkasie* in *Ek wil die dronkasie nie by my hê nie* (vissers, Doornbaai) is die enigste *-asie*-vorm van 'n b.nw., moontlik gekontamineer met *pakkasie* / *pakkaas*?

4. *Eerlikasie* in *Die jongmense van vandag het geen eerlikasie nie* is 'n verdraaiing van *edukasie*.

5. *Lê-asie* in . . . *die griep-situasie of lê-asie* . . . is 'n soort geleentheidswoordspeling by *situasie*.

6. *Pakkasie* is in Nederlands gevorm van *pakken* òf miskien vervorm van Engels *package*.

7. *Retirasie* en *rinnewasie* lyk na afleidinge van die onselfstandige morfeme *retir-* en *rinnew-* in *retireer* en *rinneweer* (< *ruïneer*). Frans het wel twee soorte woorde waaruit Afrikaans *retirasie* sou kon gekom

het, nl. *retirage* en *retiration*, maar nie een beteken „terugtog” soos in Afrikaans nie.

8. *Wederwasie* in *Ek 't 'n lelike wederwasie gehad* lyk na 'n kontaminasie van *wedervering* en *wiesewasie*.

Afleidinge op *-asie*<sup>1</sup> van s.nwe. gevorm, beteken meesal ongeveer dieselfde as die onafgeleide woord, bv. *beeskasie* (*beesgasie*) is „'n bees, dier, gedierte”, ’n *boskasie* of *bosgasie* is „'n bos”, ’n *dierasie* is „'n dier”, *klerasie* is „klere”, *modderasie* is „modder” ens., maar daar kom nog die volgende by:

(a) die *-asie*<sup>1</sup>-vorm druk 'n mate van afkeer uit, soos in *beeskasie*, *boskasie* (van 'n mens se hare gesê), *dierasie*, *modderasie* (in *En alles word in een opgehoopte deurmekaar modderasie gesmyt*. S. V. Petersen: *As die son ondergaan*), *spokerasie* (’n vrou- of wyfie-spook) ens. Dieselfde pejoratiewe element is daar dikwels ook by afleidinge van werkwoorde, bv. *bouerasie*, *brekasie*, *galoppasie* (meesal *galpasie*, *galop*, nie letterlik nie), *lekkasie*, *ritterasie*, *skilderasie*, *timmerasie* ens.

**Opm.** 1. *Spioenasie* is nie „'n spioen” nie, maar is ook nie gevorm van die Afrikaanse s.nw. *spioen* nie. Dit kom via Nederlands van Frans *espionnage*.

2. *Strawasie* is (volgens Boshoff) Duits, Italiaans en/of Fries, en dit het met *strawwe* niks te make nie.

(b) Die *-asie*<sup>1</sup>-vorm het soms kollektiewe waarde, soos in *boskasie*, *bouerasie*, *brekasie*, *klerasie*, *murasie*, *pakkasie*, *plantasie*, *timmerasie* ens.

**Opm.:** *Stoffasie* lê buite die algemene semantiese sisteem met sy betekenis „gehalte of soort stof”. Volgens die WNT xv, 1802 is dit gevorm naas *stoffeeren* na die voorbeeld van ander basterwoorde op *-age*. Saam met *klerasie*, *persentasie*, *plantasie* en *stellasie* is dit van die min *-asie*<sup>1</sup>-vorme sonder pejoratiewe by-waarde.

(c) Van *-asie*<sup>1</sup> saam met werkwoorde kan dikwels gesê word dat dit 'n soort resultatiewe waarde het, soos in *brekasie*, *pakkasie*, *timmerasie*.

(d) Soms ook plek waar of feit dat of dit wat doen of gebeur soos deur die werkwoord genoem, dus soms ook ongeveer gelyk aan ww. + *-ery*, bv. *bouerasie*, *brekasie*, *lekkasie* ens.

#### *Diachronie en vergelyking met Nederlands*

*-Asie*<sup>1</sup> is, saam met die meeste woorde wat daarmee gevorm is, Nederlands (meesal uit Frans) leengoed, bv. *boskasie*, *lekkasie*, *murasie*, *slytasie*, *timmerasie*, *vryasie* ens. – *stuwassie* skyn die jongste ontlening te wees < Nederlands *stuwage* – maar sowat 20 uit 47 skyn tog ons eie vorming te wees, onder meer *beeskasie*, *bewerasie*, *bouerasie* (nog nie in WAT nie), *brekasie* (met invloed van Engels *breakage*?), *dierasie*, *gal(o)ppasie* (nie in WAT nie, maar goed bekend. Of is dit gevorm van *galop*(peer) met

-*asie*<sup>2</sup>?), *modderasie*, *retirasie* en *rinnewasie* (maar kyk Opm. 7 voorop), *skilderasie*, *spokerasie* ens. (Oor *waardasie* kyk § 88 by *-asie*<sup>2</sup>.)

Verskeie hiervan skyn goed gevestig te wees, maar o.a. *skilderasie*, *snipperasie* „snipperig wees” en *spokerasie* sal nog hulle lewensvatbaarheid moet bewys.

Daar was dus en daar is dus nog, ’n mate van produktiwiteit rondom *-asie*<sup>1</sup>, maar dit was en is gering.

Tog het dit in Afrikaans in een opsig anders verloop as in Nederlands. As wat Schönfeld en Van Loey van Nederlands sê, korrek is, nl. „Het suffix staat in de eerste plaats achter verba . . .”<sup>25</sup>, dan is Afrikaans anders, want in Afrikaans is die werkwoord-stamme iets minder as die s.nwe.

### § 89 -*asie*<sup>2</sup>

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 12.)

-*Asie*<sup>2</sup>, met variante *-sasie*, *-iasie*, *-tasie* ens., verskyn in etlike honderde woorde in Afrikaans – hier word gewerk met ’n lys van 560 – moontlik selfs in duisende, maar diachronies benader, kan dit net in ’n uiters beperkte getal gevalle as agtervoegsel beskou word, naamlik sowat 70 van die 560 (= 12½%), bv.

<i>arrestasie</i>	<i>evangelisasie</i>	<i>hospitalisasie</i>	<i>kanalisasie</i>
<i>desimalisasie</i>	<i>fermentasie</i>	<i>instrumentasie</i>	<i>kapitalisasie</i>
<i>disputasie</i>	<i>gradasie</i>	<i>ionisasie</i>	ens.

Gaan ons net hierop af, kan gesê word dat Afrikaans vorme met *-asie*<sup>2</sup> het naas woorde daarsonder, soos hierbo, en dat die meeste daarvan stam met ’n s.nw.-korrelaat + *-asie* is, bv. *kolonisasie*, *kristallisasie*, *lokalisasie*, *magnetisasie* waarskynliker egter *magneties* + *-asie*, om die betekenis „magneties maak of laai”), *manifestasie*, *mineralisasie* ens. Die aksent-sistiem van *-asie*<sup>2</sup>-woorde wat ’n selfstandige woordkorrelaat naas die stam het, is betreklik eenvoudig. Die woordaksent val oral op *-ásie*.

Net ’n geringe getal sou van b.nwe. gevorm kon gewees het, of óók van b.nwe., bv. *likwidasie*, *lokalisasie*, *magnetisasie*, *mineralisasie*, *mobilisasie*, *modernisasie*, *normalisasie* en *sublimasie*.

Absolute sekerheid omtrent die vormingswyse en of dié woorde inderdaad in Afrikaans gevorm is, sal ons waarskynlik nooit kry nie: hulle kon in verskeie Europese tale gevorm gewees het, in die byna universele of internasionale taalkringe van die wetenskap.

Stel ’n mens die sekere bo die onsekere, moet hierby bedink word dat die meeste van dié woorde lank reeds in Frans bestaan: van die sowat 70 met ’n Afrikaanse selfstandige stam naas hulle, is 54 ook Frans, bv. *arrestasie*, *desimalisasie*, *disputasie*, *evangelisasie*, *fabrikasie*, *fermentasie*.

25. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 226.

*gradasie* ens. Net bv. *ionasie, kalkulasie, kapitalisasie, kwotasie, modernisasie, molestasie, monochromasie, praksasie* en *prenumerasie* ens. is nie ook Frans nie, en ten minste drie hiervan, nl. *kalkulasie, kapitalisasie* en *kwotasie* is ook Nederlands.

Dan bly ons maar met 'n skrale 7 gevalle, nl. *praksasie, prenumerasie, Russifikasie, segmentasie, tormentasie, traktasie* en *waardasie* wat moontlik of waarskynlik eievorming is. Ons het wel meer, bv. *Die absorbasie van son . . .*, en andere, maar hulle is nog nie algemeen nie, is moontlik maar versprekings en word moontlik nooit algemeen nie.

In hoofsaak is ons woorde op *-asie*<sup>2</sup>, saam met die sisteem daarvan, dus erfgoed met dieselfde semantiese waarde as in Frans, die taal waaruit die meeste van dié woorde kom en waarin ook die meeste voorkom.

Tog is daar op 'n paar puntjies blykbaar iets besonder aan die gang in Afrikaans:

(a) Daar is blykbaar afleidinge gevorm van onselfstandige morfeme, nl. *praksasie* (naas *prakseer*), *prenumerasie* (naas *prenumereer*), *traktasie* (naas *trakteer*), *waardasie* (naas *waardeer*).

**Opm. 1.** *Russifikasie* kan ook so gevorm wees, naamlik naas *russifiseer* en/of van *Russie*. Indien dit van *Rus* gevorm is, sou dit in ooreenstemming wees met die algemene woordsoortelike patroon, naamlik dat *-asie* meesal by s.nwe. verskyn en dan sou ons 'n nuwe formansvariant *-ifikasie* moet erken.

2. Dit is nie duidelik of *tormentasie* beskou moet word as *torment* + *-asie*, en dan *-asie*<sup>1</sup> omdat dit ongeveer dieselfde beteken as *torment* nie, òf as *torment* + *-asie*<sup>2</sup> (om semantiese oorweging wat hieronder volg), òf as newevorming naas *tormenteer* en *tormentering*. Soveel is nogtans wel duidelik, naamlik dat in Afrikaans op baie groot skaal vorme op *-asie*<sup>2</sup> naas vorme op *-ing, -ering* bestaan en gebruik word (vergelyk ook § 118 oor *-ing*).

(b) Dié vorme word nou dikwels ook semanties gedifferensieer. Vir WAT I, 278 het skrywer hiervan dit as volg gestel:

„Eintlik meer 'n woorduitgang as 'n agtervoegsel. Verskyn hoofs. by woorde van Latyns-Griekse herkoms wat op *-eer* uitgaan. Waar dergelyke stamme sowel afleidinge op *-asie* as op *-ing* kan kry, gee die *-ing*-vorm dikw. die proses of aktiwiteit aan, dié op *-asie* die voltooide, die resultaat of stelsel: *punktuering, punktuasie; kristallisering, kristallisasie; kondensering, kondensasie*. Is daar geen vorm op *-ing* moontlik nie, wel een op *-asie*, dan word die onafgeleide werkwoord as selfstandige naamwoord gebruik om die proses aan te dui, mits die woord deur 'n voorwerp gevolg word, en die vorm op *-asie* gee dan die resultaat, ens. aan: Die *registreer* van kiesers (proses) teenoor die *registrasie* van kiesers; die *opereer* van 'n pasiënt teenoor sy *operasie* (feit dat daar geopereer is of word). (Vgl. ook *waardeer* en *waardasie, valueer, valering* en *valuasie, en vorming* teenoor *formasie*.)”

Volkome algemeen is dit nog nie, maar dit skyn tog sterk dié kant uit te gaan.

### Opmerking

As samevatting na *-asie*<sup>1</sup> en *-asie*<sup>2</sup>, kan die volgende oor die moontlikheid van 'n gemeenskaplike betekenselement by dié afleidings gesê word:

1. By *-asie*<sup>1</sup>-afleidings met s.nw.-korrelate naas die stam, is die gemeenskaplike waarde „kollektiwiteit” en/of „pejoratiwiteit” gevind, bv.

by *klerasie*, *plantasie*, *pluimasie*, *takelasie* – kollektiwiteit,

by *murasie*, *pakkasie*, *presentasie* – kollektiwiteit en pejoratiewe bywaarde,

by *bokasie*, *beesgasie*, *dierasie* – net pejoratiwiteit.

2. By *-asie*<sup>1</sup>- en *-asie*<sup>2</sup>-afleidings met ww.-korrelate naas die stam, is as gemeenskaplike waarde „resultatiwiteit” gevind, naamlik by

(a) *asie*<sup>1</sup>-afleidings, *bewerasie*, *lekkasie*, *slytasie*, *timmerasie* ens.,

(b) *asie*<sup>2</sup>-afleidings, *redenasie*, *ruïnasie*, *segmentasie*, *spioenasie*.

3. Hierby kan ook gevoeg word, dat ook by afleidinge met *-asie*<sup>2</sup> wat 'n stam sonder woordkorrelaat het wat ook 'n afleiding op *-eer* kan vorm, 'n resultatiewe waarde as gemeenskaplike betekenselement gevind is, bv. *praksasie* (*prakseer*), *repatriasie* (*repatrieer*), *sabotasie* (*saboteer*) ens.

Volgens die ondersoek na 'n gemeenskaplike betekenselement by *-asie*-woorde, sou sinchronies ook die volgende indeling van *-asie*<sup>1</sup> en *-asie*<sup>2</sup> gemaak kon word:

1. *-asie*<sup>1</sup>: dié afleidings met s.nw.-korrelate naas die stam met kollektiewe en/of pejoratiewe waarde, bv. *dierasie*, *klerasie*, *murasie* ens.;

2. *-asie*<sup>2</sup>: dié afleidings met ww.-korrelate naas die stam of met afleidings op *-eer* by dieselfde onselfstandige stam, met resultatiewe waarde, bv. *bewerasie*, *praksasie*, *spioenasie*.

## § 90 -baar

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard sien § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 5.)

Woorde by *-baar* kom volop in Afrikaans voor: hier word gewerk met 'n lys van 577, bv. *aanbeveelbaar*, *aanneembaar*, *aangepasbaar*, *aanvoerbaar*, *aanwysbaar*, *afdwingbaar*, *afkoopbaar*, *aflosbaar*, *afsienbaar* ens.

### A. Woordsoortelike Sisteem

Die woordsoortelike sisteem is net so eenvoudig soos dié van bv. *-heid*. Woorde op *-baar* is in byna 100% van alle gevalle b.nwē. gevorm met

stamme met ww.-korrelate, bv. *afskei(d)baar*, *afsluitbaar*, *afsonderbaar*, *aftrekbaar*, *afwasbaar*, *afweerbaar*, *afwendbaar*, *agbaar*, *aksepteerbaar*.

**Opm.:** Die enkele gevalle wat buite dié sisteem lê, is onder meer die volgende:

1. **Openbaar:** b.nw., s.nw. en ww.

2. Van sinchronies-Afrikaanse standpunt uit sou die volgende beskou moet word as gevorm met stamme met

(a) s.nw.-korrelate: *aksyns-/diens-/middel-/sig- en vrugbaar*;

(b) s.nw.- en/of ww.-korrelate: *dank-/eer-/kos-/skyn-/stryd- en wonderbaar*;

(c) 'n b.nw.-korrelaat: *openbaar* (vgl. *openlik*);

(d) 'n voors.-korrelaat: *sonderbaar*.

(Maar vergelyk by al hierdie woorde die Opmerkinge onder C *Diachronie* hiervan.)

3. Op grond van die betekenis sou *rugbaar* en *dierbaar* nie sonder meer beskou kon word as afgelei van die Afrikaanse s.nwe. *rug* en *dier* nie.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

(a) B.nwe. met *-baar* met stamme met onoorganklike ww.-korrelate het siewe betekenis, d.w.s. *-baar* gee te kenne „waarmee gebeur of gedoen word of kan word wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, of wat dit verdien of daartoe geskik is”, dus bv. *aanbeveelbaar* „wat aanbeveel word of kan word”, *aanbidbaar* „wat verdien (of waardig is) om aanbid te word” ens. (*Aanbidbaar* skyn dus 'n afleiding te wees met 'n oorganklike ww.-korrelaat.) Vergelyk verder ook bv. *aanklaagbaar*, *aankweekbaar*, *aanneembaar*, *aanspreekbaar*, *aantasbaar*, *aantoonbaar*, *aantrekbaar*, *aanvaarbaar* ens.

(b) B.nwe. met *-baar* met stamme met onoorganklike ww.-korrelate het 'n aktiewe betekenis, d.w.s. *-baar* gee te kenne „wat doen of kan doen of wat geskik of toereikend is vir wat deur die ww. genoem word”, bv. *bederfbaar* (van goedere) „wat (maklik) (kan) bederf”, *bestaanbaar* „wat kan bestaan”, *blykbaar* „volgens wat blyk”. Vergelyk verder ook o.a. *faalbaar*, *feilbaar*, *leefbaar*, *ontplofbaar*, *ontvlambaar*, *skynbaar*, *vloeibaar*, *weerbaar* ens.

**Opm.** 1. Verskeie gevalle het 'n aktiewe en 'n passiewe betekenis, bv. *breekbaar* „wat kan breek” en „wat gebreek kan word”, *buigbaar*, *kreukelbaar*, *opvoubaar*, *rekbaar* ens.

2. Dieselfde semantiese sisteem vind ons ook by ww. + *-lik*. (Kyk § 122.)

3. *-Baar* en *-lik* kom dikwels by dieselfde simpleks voor, bv. *aanbidbaar* en *aanbiddelik*, *aanneembaar* en *aanneemlik*, *aanskoubaar* en

*aanskoulik, aanspreekbaar en aanspreeklik*, en so verder by bv. *aantrek, afsonder, bedrieg, begeer, begryp, bevat, bevorder, beweeg, doen, draag, eer, erf, uitdruk, vertrou, wonder* ens., meesal met 'n duidelike verskil in betekenis. (Vergelyk hieroor *-lik*, § 122.)

- (c) B.nwe. met *-baar* met stamme met s.nw.-korrelate gee te kenne „met 'n gevoel van, geskik tot, wat met hom meebring of wat voortbring ens. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *diensbaar, vrugbaar* ens. (Kyk Opmerkinge onder C *Diachronie* hiervan.)

**Opm.:** By die ander woordsoorte is daar geen duidelike semantiese sisteem nie.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

- (a) Die enigste duidelike begripsoortelike sisteem wat daar by stam met ww.-korrelaat + *-baar* > b.nw. bestaan, is dat dit hoofsaaklik oorganklike wwe. is (543 uit 556 stamme met ww.-korrelate + *-baar* > b.nwe.). (Vergelyk B 1. voorop.)

- (b) Origens sluit die ww.-korrelate o.m. in

1) ww.-korrelate wat geestelike en liggaamlike aktiwiteit noem (*aanbeveelbaar, aanbidbaar, aanskoubaar, afbeeldbaar, afleibaar, afrolbaar* ens.),

2) ww.-korrelate wat rus en beweging noem (*beskikbaar, besproeibaar, bestaanbaar* ens.),

3) ww.-korrelate wat natuurwetenskaplike prosesse noem (*elektriseerbaar, emulgeerbaar, fermenteerbaar, filtreerbaar, geleibaar* ens.),

4) ww.-korrelate wat taalaktiwiteite noem (*lesbaar, noembaar, nomineerbaar* ens.),

5) ww.-korrelate wat regsbegrippe noem (*aanklaagbaar, aanspreekbaar, terugvorderbaar, toerekenbaar, uitlewerbaar* ens.).

## C. Diachronie en vergelyking met Nederlands

*-Baar* is uit Nederlands geërf saam met verskeie honderde woorde (ten minste 275 van die lys van 577 (= 47.6%) is ook Nederlands), bv. *bevatbaar, bevorderbaar, bevredigbaar, bevriesbaar, bevrugbaar, beweegbaar, beweerbaar, bewerkbaar, bewoonbaar, bewysbaar, blusbaar, blykbaar*. (Vergelyk egter ook die Opm. 1 en 2 onder A by *-heid*, § 107.)

**Opm.:** Diachronies beskou, is die feite in verband met die woorde onder die Opmerking by A genoem, as volg:

1. *Openbaar* is in Nederlands as b.nw. gevorm van die b.nw. *open*, moontlik met vroeë Duitse invloed daarby, en moontlik met die versterkende partikel *-baar* (en nie die Nederlandse agtervoegsel *-baar* nie), want *openbaar* het beteken: „heeltemal oop, volkome oop”. Die ww. en die s.nw. is sekondêre funksies van die b.nw. *openbaar*,



2. *Aksynsbaar* is nie Nederlands nie. Dit is nie duidelik dat en hoe dit kon gevorm gewees het na analogie van die enkele Afrikaanse afleidinge van 'n stam met s.nw.-korrelaat nie. Dit is ook nie ons eievorming nie, maar Nederlands *cijnsbaar* / *accijnsbaar*.

3. *Diensbaar* (Nederlands *dienstbaar*) is volgens die WNT III<sub>2</sub>, 2550 gevorm van die ww. *dienen* (en nie van die s.nw. *diens* nie).

4. *Middelbaar* < b.nw. of s.nw. (Nederlands).

5. *Sigbaar* (Nederlands *zichtbaar*) is moontlik 'n afleiding van *zicht*, maar moontlik 'n transliterasie van Duits.

6. *Strydbaar* (Nederlands *strijdbaar*) kom van die s.nw. *strijd*, maar word volgens die WNT XVI, 18 „thans veelal gevoeld als een afleiding van strijden”.

7. *Sonderbaar* (Nederlands *zonderbaar*), wat weinig bekend is in Afrikaans, is volgens WAT I, 311 gevorm van 'n voorsetsel.

Soiets sou hoogs uitsonderlik wees, omdat voorsetsels en voegwoorde gewoonlik nie in afleiding betrokke is nie. Volgens die WNT II, 824 lyk dit veel eerder asof *zonderbaar* gewoon Duits is, en in elk geval afgelei van 'n b.nw., nié van 'n voorsetsel nie.

## D. Produktiwiteit

Volgens die getalle lyk dit taamlik seker dat *-baar* produktief was in Afrikaans. 302 van die lys van 577 (dit is 52.4%) is nie in die WNT of Van Dale gevind nie, bv. *aantasbaar*, *aantoonbaar*, *afbeeldbaar*, *afdryfbaar*, *afdwingbaar*, *afhaalbaar*, *afkeurbaar* ens., hoewel die meeste hiervan my wel bestaanbaar lyk in Nederlands. Daar is trouens 'n besondere rede waarom *-baar* produktief sal wees, naamlik die feit dat daar by stam met ww.-korrelaat + *-baar*: b.nw. vrywel geen betekenisisolasië voorkom nie, teenoor die geval van stam met ww.-korrelaat + *-lik* waar daar sodanige isolasie is in 91% van al dergelike nagegane gevalle. (Vergelyk *-lik*, § 122.) Gesien die verdere feit dat die semantiese sisteem van *-baar* en *-lik* so eenders is (vergeelyk § 122 oor *-lik*, en B 1. hiervan), sou 'n mens kon verstaan as *-lik*-woorde selfs in mededinging kom met *-baar*-vorme. Dit gebeur dan ook reeds met bv. *aanneembaar* (nie Nederlands nie) teenoor *aanneemlik* (Ndl. *aannemelijk*), *aantrekbaar* teenoor *aantreklik* (Ndl. *aantrekkelijk*), *bevorderbaar* teenoor *bevorderlik* (Ndl. *bevorderlijk*), *erkenbaar* teenoor *erkentlik* (Ndl. *erkentelijk*) ens., waar nie een van die *-baar*-vorme ook Nederlands is nie.

Dit lyk dus asof *-baar* produktief is by ww.-stamme met 'n waarde wat baie na is aan dié wat *-lik* vroeër in Nederlands daarby gehad het.

## § 91 be-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 6. en onder skema vir afgeleide werkwoorde, onder groepe 2. en 4.)

Afrikaans het baie probleme in verband met die gebruik van *be-*. Ten opsigte van die volgende woorde kan byvoorbeeld gevra word of dit goeie Afrikaans is :

*Maar kyk, so 'n Engelsman is darein bekous nè!*

*'n Belanferde vrou.*

*Bespinnerakte ruimte.*

*'n Beveerde toordokter (Die Burger: 5.2.1942).*

*. . . wat deur begeweling en bepilaring nog die skyn van kuns moet bewaar (Die Burger: 27.5.1950).*

*. . . dit is . . . of bosse . . . die watermassa hier en daar swart bestippel (C. M. v. d. Heever: Droogte, 10).*

Goeie Afrikaans sou hier beteken „Afrikaans wat binne ons taalsisteem is”. Daarom word die sisteem eers in besonderhede nagegaan.

Die sisteem van *be-* is bewerk met 'n lys van 750 voorbeelde wat, getoets aan WAT, as vrywel volledig beskou kan word.

Die oorgrote meerderheid daarvan, naamlik 627, dus ten minste 83 + %, is ook Nederlands, 'n belangrike gedeelte selfs al Middelnederlands (219, = 29%). Die Nederlandse wortels van Afrikaans sit dus ver en diep. Ek sê ten minste 83%, omdat sommige Afrikaanse voorbeelde wel in Nederlands kan bestaan, maar toevallig nog nie in min of meer standaard woordeboeke opgeneem is nie.

### A. Woordsoortelike Sisteem

1. Die woordsoortelike verspreiding van die lys is as volg:

werkwoorde: 550

selfstandige naamwoorde: 15

byvoeglike naamwoorde/bywoorde: 107

voorsetsels: 5

voegwoorde: 3 (nl. *benewens*, *behalwe*, *behoudens*)

dié wat tot meer as een woordsoort behoort: 70, bv. *bedek* (b.nw./ww.), *bederf* (s.nw./ww.) ens.

*Kommentaar:*

(a) Die voegwoord *benewens* kom van Nederlands *beneven* + *s* < *be* + *neven* (vs.),

*behalwe* < Nederlands *bi-halve* (s.nw.), en

*behoudens* < Nederlands *behoudend* + *s*.

(b) Vyf voorsetsels: *benede, benoorde, beooste, besuide en beweste* is almal weinig gebruiklik in Afrikaans, selfs „meer Nederlands”.

(c) Van die groepie s.nwe. (15) is *beampte, belang, beleid, beleg, benaming* en *besending* gewone Afrikaans. *Bedankie* (WAT I, 343) lyk my na 'n (minder Afrikaanse) diminutief of kontaminasie van *bedanking* en *dankie*.

*Bebording* (ook Nederlands), *bedakking, belagging* (lyk my na 'n persoonlike taalvorm) en *beterming*, almal uit WAT, is hoofsaaklik nuwe vaktaal.

As ons nuwe s.nwe. op *be-* sou kry, sou ons kon verwag dat dit vorme op *be-* + *-ing* sal wees (*be-dak-king, be-lag-ging*) of *wwe.* > s.nw. of s.nw. < *ww.* van die tipe *bederf, bedryf, beheer* ens. Die probleemgevalle *begeweling* en *bepilaring* is dus binne ons sisteem wat die woordsoort en die vorm betref: *be-* + stam met s.nw.-korrelaat + *-ing*.

(d) 1) Die b.nwe. is hoofsaaklik van die tipe *bebaard, bebril, behaar* en van die tipe *bebroei, bebrou, bedruk*, d.w.s. adjektiwies gebruikte deelwoorde. Ons probleemgevalle (voorop genoem): *bekous, belangerde, bespinnerakte, beveerde* en *bestippel* is dus ook binne die sisteem.

2) Ou b.nwe. soos *bedees, behep, benard, bevoeg* met stam sonder herkenbare woordkorrelaat word volop en algemeen gebruik.

3) Ons het 'n hele reeks sinonieme of naby-sinonieme soos *bejies* en *bejoeks* en *betjies* en *betjoeks* en *betjoins* en *bejorries*, almal met *s*-Auslaut, almal plat of gemeensaam en dikwels gewestelik.

(e) Die *wwe.* is ons oopste groep: *bearbei, bedien, beantwoord, behou, beplant* ens. is gewone Afrikaanse woorde.

2. *Be-* afleidinge is gevorm van stamme met

*ww.*-korrelate: 340

*s.nw.*-korrelate: 303

*b.nw.*-korrelate: 28

*vnw.*-korrelate: 2

voors.-korrelate: 3

korrelate waarvan

etimologie onbekend: 73.

*Kommentaar:*

(a) Dit lyk my waarskynlik dat, aangesien ons maar twee *wwe.* met *be-* het met *vnw.*-korrelate, nl. *bejy* en *bejou*, dit eerder die *ww.*-korrelate *ijy* en *jou* kan wees wat as stamme gebruik word.

(b) Die vorming uit 'n voors. en 'n bw. het elkeen 'n besondere ontwikkeling gehad en is nie regstreeks analogies gevorm nie: *bejeën* < Nederlands *bejegenen* < *-jegen*; *benede* < *be-* + stam met *bw.*-korrelaat wat nie op sigself bestaan in Nederlands nie.

(c) Die vorming van b.nwe., bv. *bedroef, begroot, belang* is meesal ou woorde in Nederlands en goed gevestig in Afrikaans.

- (d) As *be-* produktief sou wees, sou ons dit moes verwag by die groot groepe, dus by *wwe.* en *s.nwe.*, bv. *beaar*, *beanker*, *beargumenteer*, *bebies*, *bebind* ens.

Ons probleemgevalle is dus ook binne die sisteem ten opsigte van die woordsoorte van die woordkorrelate van die stamme waarmee hulle gevorm is.

Die aktiefste momente van ons woordsoortelike sisteem in afleidinge met *be-* is dus die vorming van *wwe.* en *b.nwe.* uit *wwe.* en *s.nwe.*

As nuwe afleidinge ontstaan, sou ons dit dus hoofsaaklik binne hierdie woordsoortelike klasse verwag.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

- (a) Waar *be-* met die woordkorrelaat van die stam saamgesmelt is tot enkel *b-*, is daar, van sinchroniese standpunt uit, oor semantiese waardes niks te sê nie, soos bv. in *bang* (< *be-* + *ang* „eng”; vgl. *be-angs*), *binne* (< *be-* + *innen*), *blo* (< *be-* + *loof*), *bly* (< *be-* + *lifan*(?)) ens.

Dieselfde geld van :

- (b) Dié gevalle waar die woordkorrelaat van die stam 1) verdwyn het of 2) nie sonder meer nog herkenbaar is nie, bv.  
1) *bedees*, *begeer*, *behaag*, *benard* ens. (81 gevalle),  
2) *beaam* (< *be* + *amenen* „amen sê”), *beledig* (< *be-* + *ledig* < *leed*), *bemoei* (< *be-* + *moei*; vgl. *moeite*, *moeilik*) ens. (34 gevalle).
- (c) In baie gevalle waar 'n *s.nw.* gevorm is van 'n *ww.* op *be-* kan ook nie gesê word dat en of *be-* semantiese waarde het nie, bv. *bedrag*, *bedrog*, *bedryf*, *beraad*, *berou* ens.
- (d) Sonder semantiese groepwaarde is *be-* ook in 'n groepie woorde waarin dit net as betekenisonderskeidende element staan teenoor die woordkorrelaat van die stam in *wwe.* soos *bedra* (teenoor *dra*), *beloop* (teenoor *loop*), *besluit* (teenoor *sluit*) ens.
- (e) *Be-* het wel onderskeibare waarde in die volgende gevalle :<sup>26</sup>  
1) Oorganklike *wwe.* met stamme met  
1. *s.nw.*-korrelate. Dan is die waarde daarvan (a) „voorsien of voorsien van, stel, besorg wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *bedraad*, *bedyk*, *begruiis*, *behuis* ens. Die betekenis is meesal neutraal, d.w.s. nóg amelioratief nóg pejoratief, soos in die voorbeelde hierbo en in bv. *bekaart*, *bekis*, *beklemtoon*, *beloon*, maar soms ook pejoratief, veral by meerlettergreppige en same-

26. Die bewoording hiervan is deels verbatim soos in WAT 1, 341. Die verklaring is dat skrywer hiervan ook die stuk in WAT opgestel het.

gestelde woorde, bv. *bemaatreël, bespelreël, bepleister, beslaksleepsel*: *Hy beslaksleepsel alles met sy gladde gepraat* ens. (b) 'n Tweede waarde, wat na aan die pejoratiewe gevoelsgroep lê, is „op minder gewenste wyse behandel soos of volgens”, bv. *bedominee, beskoolmeester, bestiefmoeder, beswernoot* (ww.!), *bereël, bevark* ens.;

2. b.nw.-korrelate. Dan is die waarde „maak, optree soos of dat iets word soos deur die woordkorrelaat van die stam aangegee”, bv. *be-koel, bekort, bemoelik, besondig, besuinig, besuur, beveilig, bevreemd, bevry, bevuil* ens. Sulke wwe. is dikwels *be-* + b.nw. op *-ig* wat 'n stam met 'n s.nw.-korrelaat het, soos *beëindig, bemagtig, bemoedig, benodig, beskuldig, bevogtig* ens.;
3. ww.-korrelate (oorganklik en onoorganklik). Dan gee die *be-* te kenne „volkome, ernstig, selfs oordadig, intensief ens. doen of handel soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *bedisputeer, bedrieg, begrommel, begiet, begroet, behamer, beheers, bekekel, bekla, beklim, beklouter, bemors*.

Waar daar nie, of nouliks enige, betekenisisolasië is nie, is *be-* plus stam met ww.-korrelaat baie dikwels semanties gelyk aan ww. plus voorsetsel, bv. *bearbei en arbei aan, bevoel en voel aan, bemors en mors op, begrom en grom teenoor/op, beheers en heers oor, bekap en kap aan* ens.

## 2) Byvoeglike naamwoorde met stamme met

1. s.nw.-korrelate. *Be-* gee dan te kenne „met dit aan of op of vol van of met die hoedanighede wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *bekappie, bekrans, belas, bemiddeld, bemos, bepuis, bepunt, beroet, beskub, besneeu* ens.

Ons probleemgevalle is dus ook binne die semantiese sisteem: (a) *bekous* ens., is soos *beaar* en *bebaard* ens., en (b) *begeweling* is soos *bedakking* ens., *-ing*-afleidinge van *begewel* en *bedak*;

2. ww.-korrelate. *Be-* gee dan te kenne „vol, of met (baie van die) eenskappe verbonde aan wat (meesal pejoratief) deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *bedonderd, befoeterd, beneuk*. Dergelike b.nwe. op *be-* beteken min of meer almal dieselfde, nl. „mocilik, lastig, dwars, opstandig”, afgesien van die woordsoort van die woordkorrelaat van die stam en afgesien daarvan of ons (nog) 'n woordkorrelaat van die stam het of nie. So beteken *beneuk* en *bedonderd* en *besimpeld* en *betjoins* en *bejorries* en *bedinges* min of meer almal dieselfde, met net 'n graadverskil tussen sommige daarvan.

**Opm.:** Die semantiese sisteem t.o.v. kleiner groepies soos **benoorde** ens. is vir ons doel nie van belang nie.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

(a) By die stam met ww.-korrelaat verskyn *be-* veral by begripsoorte wat

ongeveer neutraal is, soos *antwoord, boer, bou, deel, dek, dink, gaan, gee, giet*. Die minste kom dit voor by amelioratiewe en pejoratiewe wwe. soos *aai, streel, voel, groet*, en *babbel, brou, donder, dreig, dwing, steel* ens.

- (b) By die stam met s.nw.-korrelaat verskyn *be-* veral by begripsoorte wat attribute of kenmerke van dinge is, soos *baard, bril, doek, draad* ens.

### 3. Betekenisveld van *be-* afleidinge

Dis interessant en van belang om te weet dat die *be-* afleidinge in die meeste gevalle 'n ruimer betekenisveld of toepassingsveld het in Nederlands as in Afrikaans. WAT I, 362 gee by *beknibbel* bv. net een betekenis of toepassing, die WNT II<sub>1</sub>, 1610 gee 6; WAT I, 363 gee by *bekommer* 2, die WNT II<sub>1</sub>, 1619 gee 6; WAT I, 375 gee by *bereg* 3, die WNT II<sub>1</sub>, 1847 by *berechten* 8.

Die omgekeerde, soos by *bekonkel* WAT I, 363: 3, die WNT II<sub>1</sub>, 1642: 1, *belyn* WAT I, 369: 3, WNT II<sub>1</sub>, 1733: 2, kom uiters selde voor.

## C. Produktiwiteit

123 van die 750 voorbeelde kon ek nie in Nederlandse woordeboeke vind nie, bv. *beaar, beargumenteer, bedokter, bedraad, behooftoon, bekonkurreer* ens., wwe. en b.nwe.

Dit bewys nie dat al 123 dus in Afrikaans gevorm is nie. Ons kan eievorming hoogstens beslis aanneem in dié gevalle waar die simplekse nie ook Nederlands is nie, soos *befiedel, befonkfaai, bejiëks* ens.

Nogtans is die teendeel ewe min bewysbaar, naamlik dat ons nie self daardie 123 gevorm het nie. Ons kon trouens ook nog heelwat van die restant (750—123 = 627) self gevorm het, naamlik dié waarvan die betekenis nie geïsoleer is van die woordkorrelaat van die stam nie, bv. *bejuweel, bekap, beklamp, beklëts, beklim* ens. (Kyk § 122 by *-lik*.)

Daar is dus genoeg tekens dat *be-* produktief was. *Beargumenteer* en *begrammatiseer* e.d.m. skyn jong eievorminge te wees, sodat *be-* blykbaar ook nog produktief is.

As ons dan nou na 'n paar vermoedelik nuwe Afrikaanse afleidinge op *be-* kyk, behoort ons maklik te beoordeel in hoeverre hulle binne ons sisteem lê. Toets dit maar self aan die volgende voorbeelde. *Hy sal jou bevloek. 'n Bepinnerakte ruimte. Hul harte was bewalm van hunkering.*

## § 92 -dom

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 vir skema van afgeleide substantiewe, onder groepe 3. en 9.)

Afleidinge op *-dom* kom in Afrikaans in betreklik klein getalle voor. (Hier word gewerk met 'n lys van 44.)

## A. Vorm

Dit val op dat by 'n redelike groot getal van die *-dom*-afleidings daar 'n „verbindingsklank” /ə/ tussen die stam met woordkorrelaat en *-dom* voorkom. Die afleidings volg hier dieselfde sisteem as komposita met dieselfde stam as eerste lid, bv.

*barberedom* naas *barbare-inval* en *barbaresiel*,  
*engeledom* naas *engeleaanbidding*, *engelekop*, *engelekoor*, *engelesang* ens.,  
*godedom* naas *godefiguur*, *godekind*, *godedrank*, *godeseun* ens.

Daar is egter gevalle waar die komposita ook gevorm word sonder „verbindingsklank”, bv. *amptenaarstad*, *blankvleuelig*, *vroumens* ens. teenoor *amptenaredom*, *blankedom*, *vrouedom*.

## B. Hulle woordsoortelike sisteem is taamlik eenvoudig

1. hulle is naamlik almal s.nw. en

2. hulle is gevorm met stamme met

- (a) hoofsaaklik s.nw.-korrelate, bv. *Afrikanerdom*, *amptenaredom*, *armblankedom*, *barbaredom*, *demonedom*, *engeledom* ens. (34 van die 44 voorbeelde),
- (b) enkele b.nw.-korrelate (bw.-korrelate), bv. *eiendom*, *Engelsdom*, *heiligdom* en *rykdom*,
- (c) èn b.nw.-korrelaat èn s.nw.-korrelaat, bv. *armblankedom* en *blankedom*, en.
- (d) 'n enkele ww.-korrelaat, naamlik *wasdom*.

## C. Ook die semantiese sisteem is betreklik eenvoudig

1. *-Dom* verskyn naamlik hoofsaaklik by stamme met persoonsnaam-korrelate (gode en engele inbegrepe) en benoem dan daarby

- (a) gesamentlikheid of groep, bv. *Afrikanerdom*, *barbaredom*, *godedom*, *heldedom*, *Jodedom*, *mensdom*, *proletedom* ens., of
- (b) administratiewe of juridiese gesagsgebied of gesagsomvang, bv. *aartsbiskopdom*, *hertogdom*, *keiserdom*, *pousdom*, *skependom*, *vorstedom* ens.

2. By stamme met b.nw.-korrelate *-dom* ook „gesamentlikheid” en/of „omvang ten opsigte van wat deur die simpleks genoem word”, bv. *eiendom*, *heiligdom*, *rykdom* ens.

**Opm.:** 1. *Wasdom* is in Nederlands afgelei van die ww. *wasschen* „groeï” (van dieselfde stam as Engelse *wax*, Duits *wachsen*, nie Engels *wash* nie).

2. *Weedom* kom van die Nederlandse s.nw. *wee*, wat oorspronklik 'n tussenwerpsel was.

## D. Diachronie en Produktiwiteit

-*Dom* is, saam met die meeste afleidinge daarmee, uit Nederlands behou, bv. *aartsbisdom*, *aartsbiskopdom*, *adeldom*, *afgodedom*, *Christendom*, *eiendom*, *engeledom*, *godedom*, *heidendom*, *heiligdom*, maar 'n klein gedeeltetjie is blykbaar tog Afrikaanse eiegoed, bv. *Afrikanerdom*, *barbare-dom*, *blankedom*, *Engelsdom*, *heldedom*, *lekedom* ens. Dit was, en is (?) dus maar sporadies produktief in Afrikaans.

### § 93 -e/ə/

(Vir semanties-funksionele indeling, kyk § 73 vir skema van afgeleide substantiewe, onder groepe 1. en 4.)

Volgens die feit dat *WAT* tot dusver alle formantia gee, maar nie *-e* nie, skyn die redaksie van *WAT* te gemeen het dat *-e* sê maar in bv. 'n *oue*, 'n *broeise*, 'n *kromme* e.d.m., nie 'n formans is nie. Wat is dit dan wel? Een moontlikheid is dat dit beskou word as die attributiewe uitgang van die b.nw., want die s.nwe. ('n) *goeie*/*skurwe*/*slegte* ens. het dieselfde vorm as die attributiewe b.nwe. *goeie*/*skurwe*/*slegte* ens. Dan sou bv. ('n) *goeie*/*skurwe*/*slegte* ens. beskou moet word as ellipties vir 'n *goeie* + s.nw., 'n *skurwe* + s.nw., 'n *slegte* + s.nw. ens., en dus vergelykbaar met bv. (*my*) *verloofde* (*man*/*dametjie*), (*sy*) *aanstaande* (*vrou*) e.d.m. Afsien daarvan dat die taalwetenskap oor die algemeen enigsins afkerig staan van die begrip ellips, is daar die volgende oorweginge teen bogenoemde moontlikheid, nl.

1. daar is honderde b.nwe. wat selde of nooit in attributiewe gebruik 'n *-e* het, bv. *dun*, *goedkoop*, *groot*, *kaal*, *krom*, *lendelam*, *mooi*, *ovaal*, *smal*, *stomp*, *vars* ens., maar wat tog gesubstantiveerde *-e*-vorme het, bv. ('n) *dunne*, *goedkope*, *grote*, *kale*, *kromme*, *lendelamme* ens.;

2. daar is ook ander woordsoorte wat gesubstantiveerde *-e*-vorme het, hoewel hulle nie in ongebonde attributiewe verband voorkom nie en ook in geen ander verband *-e*-vorme het nie, bv. ('n) *hure\**, *lappe\**, *pekele\**, *ruile\** ens. (Vergelyk verder B hier onder.)

Of die substantiverings *-e* dus miskien kom van, of oorspronklik dieselfde is as, die attributiewe *-e*, hy is dit vandag in honderde gevalle beslis nie. Daarom word hy hier as normale formans behandel.

### A. Vorme: *-e*, *-de*, *-te*

'n Ander vraag is of ons in Afrikaans drie vorme het, nl. *-e*, *-de* en *-te*, soos in bv. ('n) *vette* (*-e*), *omgevalde* (*-de*) en *uitgemelkte* (*-te*), dan wel of dié *d* en *t* beskou moet word as deel van die betrokke morfeem. Die



posisie is hier *mutatis mutandis* soos by die *-e* self: die *d* en die *t* van *-de* en *-te* is meesal die *d* en die *t* van die attributief-adjektiewies gebruikte deelwoord (en in verreweg die meeste gevalle is dit in Nederlands die deelwoordvorm self, bv. *gelapt*, *gezalfd*, *gevouwd* ens. Maar in 'n klompie gevalle, veral waar teenoor die Afrikaans 'n sterk verbale vorm staan, het ons nie met 'n Nederlandse *d* of *t* te make nie, bv.

### Nederlands

*gemolken*  
*afgevallen*  
*bevrore*

### Afrikaans

(uit)gemelkte  
afgevalde  
bevriesde

Sonder twyfel kom hierdie *d* en *t* van die *d* en *t* van ander Nederlands-Afrikaanse vorme soos *geplukte*, *geskokte*, *gevreesde* e.d.m., maar in baie Afrikaanse woorde is die *d/t* nou uitsluitend Afrikaans en moet dit ons insiens dan ook beskrywe word met *-e* daarby, as vorme met dieselfde waarde as *-e*. Oor die vraag wanneer is dit *d* en wanneer *t*, vergelyk die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, bl. 18–19, § 2–§ 4.

## B. Woordsoortelike Sisteem

*-e* vorm s.nwe. van

1. hoofsaaklik stamme met b.nw.-korrelate, met deelwoord- en nie-deelwoordvorm, bv. *gesoute*, *gestopte*, *gewonde*, *dunne*, *skuinse*, *vrotte*, samegesteld en onsamegesteld, bv. *pikswarte*, *vuurwarme*, *windskewe*, *lange*, *oue*, *stompe*, *vuile* ens. Dit kan by die honderde so gevorm en gebruik word in Afrikaans.

**Opm.:** 'n Mededingende konstruksie is verbindings van dergelike b.nwe. met die woord *een*, bv. *'n dun een/skuins een* ens.

2. Enkele stamme met ww.-korrelate en stamme met s.nw.-korrelate, veral dié wat baie dikwels optree as eerste komponent van komposita met hoë gebruiksfrekwensie. Posthumus noem hiervan net *een*, nl. (*'n*) *ruile* „ruil-seël”,<sup>27</sup> maar Afrikaans ken meer, bv. (*'n*) *glase* (WAT III, 288: „glasalbaster”); (*'n*) *katoene* en (*'n*) *wolle* in *As ek sê ek het 'n gryns broek aan, sal die meeste mense dink ek het 'n wolle of 'n katoene aan* (uit die spreektaal); (*'n*) *hure* „huurhuis” in *Nee, dis nie hulle eie huis nie, dis 'n hure; skuiwes en draaies* (mv.) „van die skuif- en die draaisoort”.

**Opm.:** Dieselfde behandeling van eerste komponente van komposita asof hulle b.nwe. is, kry ons in bv. *die lekkerste ruik seep* (uit *lekkerruik-seep*); *Sy's die skreeste balie in die hele skool* „skreebalie” e.d.m.

27. Posthumus, M. J.: *Die vry preadjunk in Afrikaans*, 16.

## C. Semantiese Sisteem

Woorde met substantiverings *-e* benoem

1. „iets of iemand (dus meestal konkreet) wat is soos, of wat gemaak is van, wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *'n glase/katoene/lappe/wolle* „een wat van glas/katoen ens. gemaak is”; *'n bloue/dikke/losse/stramme/vette* „een wat blou/dik ens. is” maar ook bv. *'n goeie*, bv. „'n goeie grap”, *die smeriges*, bv. „smerige stories/grappe” e.d.m.

2. „die gedeelte wat is soos, of die hoedanigheid van, wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word” (meesal abstrak), bv. *die mooie van die geval is . . . ; geen waardering vir die lelike nie* (kan wees: a. „'n lelike ding”, b. „lelikheid as sodanig”); *Ons neig al meer in die rigting van totale afskaffing van eksterne eksamens om so die lakse in sy laksheid te versterk . . .* (*Die Burger*: 17.9.1956); *Al meer word sy bewus van die valse van so 'n houding* (C. M. v. d. Heever, *Kromburg*, 243). In die meeste gevalle is hierdie *-e*-afleidinge semanties ongeveer gelyk aan die ooreenstemmende afleidinge op *-heid*, dus bv. *die valse van sy houding* „die valsheid”, *die lakse* „die laksheid”, *die mooie van die geval* „die mooiheid”.

**Opm.** 1. Die konstruksie *Die taak is 'n moeilike*, *Die opdrag is 'n veel-eisende*, e.d.m. is nie algemene Afrikaans nie. *Die taak is moeilik* is korter en algemener Afrikaans.

2. In die meervoud is daar 'n interessante verskilletjie tussen *oues* en *ouens*: *oues* is „enige dinge of mense wat oud is”, *ouens* is net „mense”, of hulle nou al oud is of nie.

3. Gebruike soos *Sy is 'n Hollandse/Franse/Nederlandse/Kongolese*, „'n Hollandse/Franse ens. dame/vrou” het al in sekere, veral joernalistieke kringe, bekend geraak, maar kan nouliks al Afrikaans genoem word. Ons sê *Sy is 'n Hollander/Fransman/Kongolees*, of *Sy is Hollands/Frans* ens.

**Opm.:** *Substantivering van b.nwe. met /ə/ vir persoonsbenoeming*

As gevolg van 'n mate van twyfel oor die gebruik wat die taalgebruiker maak van die gesubstantiveerde b.nw. ten opsigte van persone, is 600 gestruktureerde en ongestruktureerde b.nwe. hiervoor getoets en die resultaat was as volg:

1. 247 b.nwe. (41%) kan op grond van hulle betekenis beswaarlik ten opsigte van persone gebruik word, bv. *abstrak*, *amorf*, *bitterlik* ens.

2. 268 b.nwe. (45%) sou wel met substantivering deur /ə/ ten opsigte van persone gebruik kon word, maar die meeste van die 268 is slegs aanvaarbaar of meer aanvaarbaar na sekere (a) morfologiese, (b) kontekstuele, (c) sintaktiese en (d) stilistiese kondisionering:

- (a) gebruik in die meervoud, bv. *die agterlikes/bedroefdes/onbekwames* ens.;
- (b) wanneer verwys word na 'n persoon met nagenoeg die teenoor-gestelde eienskap as 'n ander, d.w.s. wanneer die taalgebruiker met sy benoeming 'n persoon in terme van 'n onderskeidende eienskap in teenstelling met 'n ander persoon sonder daardie spesifieke eienskap wil beskryf, bv. *Ek sien kans vir die dikke, maar die lang seningrige lyk gevaarlik; Van die twee is Jan die asosiale en Piet die mensliewende* ens.;
- (c) wanneer die gesubstantiveerde b.nw. as nabepaling by 'n eiennaam gebruik word, bv. *Simson die sterke, Jan die bedeesde* ens., of wanneer dit bv. *ou* as voorbepaling het, bv. *die ou frisse/lompe* ens.;
- (d) in meer verhewe stylverband, dikwels met nabepaling van + s.nw., en dikwels in die meervoud, bv. *die vermooides van gees, die oues van dae* ens.

3. 40 b.nwe. (6.7%) is bekend en gebruiklik in hulle gesubstantiveerde vorm ten opsigte van persone, bv. *aanstaande, blanke, Bose, Engelse, gebrekklike, goeie, mindere, slimme, Oneindige, Verheerlikte, vermoiede, wyse* ens. Hulle val uiteen in die volgende begripsgroepe – die Bo-natuurlike, inwoners van plekke, persone met gebreke, persone met sekere (biblistiese) geesteseienskappe en persone met besondere velkleur.

4. 27 b.nwe. (4.5%) sou gesubstantiveer as persoonsnaam gebruik kan word, maar is minder gewoon, moontlik omdat dit geopponeer word deur 'n afleiding met die betrokke b.nw. as korrelaat, bv. *aartsdomme/aartsdommerd, gryse/grysaard, kleine/kleintjie, swakke/swakkeling, wrede/wreedaard* ens.

5. Die ander b.nwe. val uiteen in minder belangrike groepies soos *aartsgek, sot* ens. (wat ook sonder /ə/ persone kan benoem), *arm(e), siek(e), wit(te)* (wat met of sonder /ə/ persone kan benoem), *domme/dommerd, trotse/trotsaard* (wat met /ə/ of ander formantia persone kan benoem), *jonge/jong/jonk/jongeling, ryk/ryke/rykaard* (wat met en sonder /ə/ en met 'n ander formans persone kan benoem).

### *Gevolgtrekking*

As geheelindruk sou 'n mens dan tereg wil sê (as dié 600 b.nwe. as verteenwoordigende steekproef van die Afrikaanse b.nwe. beskou word) dat die toetsing 'n redelik betroubare aanduiding is dat die Afrikaanse taalgebruiker blykbaar nie ekstensief gebruik maak van die /ə/ as persoonsbenoemende formans nie. As al die gevalle van substantivering deur /ə/ wat deel vorm van die aktiewe Afrikaanse woordeskat, byme-kaargetel word, is dit nog nie 10% (59) van die totaal van getoetste voorbeelde nie.

Toegegee moet word dat dit alleen 'n indruk is wat berus op geselekteerde toetsing, maar dit is tog so verteenwoordigend en objektief moontlik gedoen.

#### D. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Vergelyking met Nederlands is moeilik omdat geen Nederlandse naslaanwerk 'n substantiverings *-e* noem nie, moontlik omdat Nederlandse taalkundiges gevalle soos *een goeie/slechte/scheve* ook beskou as die attributiewe b.nwe. wat (ellipties?) naamwoordelik gebruik word. Handhaaf ons die beskouing van hierdie bundel daaroor (begin van § 93), konstateer ons dat dié *-e* wel Nederlands was en is. Op grond daarvan dat dit in geskrewe Nederlands veel minder skyn voor te kom as in geskrewe Afrikaans, lyk dit asof die *-e* sy terrein in Afrikaans uitgebrei het. Of dit nou al so is of nie, twee punte is tog wel duidelik, nl. (a) dat die *-e* in hierdie funksie geërf is, en (b) dat dit vryelik produktief is.

#### § 94 -eer

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder skema vir afgeleide werkwoorde, groep 9.)

Die *-eer*-sisteem bied 'n goeie voorbeeld van die nie-absoluutheid van die verdeling tussen woordvorm en afleiding. Kyk ook by die inleidende paragraaf van hierdie hoofstuk (§ 89). In byvoorbeeld *agiteer* en *probeer* is *-eer*, sinchronies gesien, bloot woorduitgang: *agiteer* en *probeer* ens. is nie afleidinge volgens ons taalrealisering nie, want ons het geen woordkorrelate vir die stamme *agit-* en *prob-* nie. *Debatteer* en *rebelleer* het dieselfde uitgange met dieselfde waarde, maar is wel afleidinge omdat ons die woordkorrelate naas die stamme *debat-* en *rebel-* het. Maar enig-sins tussen dié twee groepe is gevalle soos bv. *populêr* (met *-ê-*) en *populariseer* (met *-a-*). Die bespreking van *-eer* word dus bedoel as 'n skakel tussen woordvorm en afleiding.

Mense het soveel probleme i.v.m. woorde op *-eer* dat dit 'n vrugbare onderwerp is. Hier is 'n paar van die probleme:

1. In hoeverre is die *ge-* fakultatief by deelwoorde op *ge-* van woorde wat op *-eer* uitgaan, bv.

(a) *Die standpunt is goed formuleer* (of *geformuleer*?).

(b) *Hy het sy standpunt goed formuleer* (of *geformuleer*?).

(c) *Hy het 'n goed formuleerde* (of *geformuleerde*?) *standpunt ingeneem*.

Hierop is 'n gedeeltelike antwoord reeds gegee deur T. H. le Roux.<sup>28</sup>

28. Le Roux, T. H.: *Afrikaanse taalstudies*, 75.

2. Wanneer is die uitgang *-eer*, wanneer *-ieer*, *-fieer*, *-fiseer* ens.? Is die mees verdedigbare vorm dus *russifiseer* of *russifieer* of *russif(v?)eer*, of wat?

Hierop word gedeeltelik geantwoord op die volgende bladsy(e).

3. Is woorde soos *skokkeer* en *bruineer* (WAT) verdedigbaar in Afrikaans?

4. Waarom behou *katalogus* nie sy *u* in die ww. *katalogiseer* nie?

5. Waarom behou *styl* nie sy *y* in die ww. *stilleer* nie?

6. Waarom behou *eksamen* nie sy *e* in die ww. *eksamineer* nie?

7. Waarom kry ons naas *konstruksie*: *konstrueer* en nie *konstrugeer* nie, soos *korrigeer* naas *korreksie*?

8. Wat is die ww. naas *kommunikasie*: *kommunikeer* (soos in *abdikeer*) of *kommuniseer* (soos in *appliseer*)?

Die soort probleme wat hier genoem word, kan as volg saamgevat word:

(a) Is daar in nuwe afleidinge op *-eer*, *-fieer*, *-fiseer* ens. meer te sê ten gunste van die een as ten gunste van die ander?

(b) Hoe kom ons aan die verskillende uitgange?

(c) Is *-eer*, *-fiseer* ens. produktief in Afrikaans?

(d) Wanneer en waarom is daar soms verskille van vokaal en/of konsonant tussen afleidinge of *-eer* en ander vorme wat daarmee verband hou?

In 'n bespreking van die verskyning van *-eer* in Afrikaans, word so baie gesigspunte betrek, dat dit 'n diachronies-gerigte behandeling onvermydelik maak.

Vir die bespreking is uitvoerige lyste aangelê en die herkoms van die woorde is een vir een nagegaan. Daaruit blyk die volgende:

Ons het in Afrikaans 'n paar duisend woorde op *-eer*, bv. *akkrediteer*, *deflekteeer*, *degradeer*, *demobiliseer*, *denasionaliseer* ens. Die grootste gedeelte daarvan, in my lys 1,057 van die 1,707, dus sowat 62%, het nie 'n woordkorrelaat naas die stam in Afrikaans nie, bv. *abbrevieer*, *abdikeer* / *abdiseer*, *absorbeer*, *abstraheer* ens., hoewel daar wel dikwels verwante vorme by bestaan, bv.

*abdikasie* naas *abdikeer* / *abdiseer*

*absoluut* en *absolusie* naas *absolveer*

*adaptasie* naas *adapteer*

*admirasie* naas *admireer*, ens.



<i>excludere</i> „uitsluit”	<i>ekskludeer</i>	<i>exclusum</i>	<i>eksklusie</i>	
<i>explodere</i> ontploff ens.	<i>eksplodeer</i>	<i>explosum</i>	<i>eksplosie</i>	
<i>obsidere</i> „beset”	<i>obsedeer</i>	<i>obsessum</i>	<i>obsessie</i>	
<i>plaudere</i> „die hande klap”	<i>apploudis- seer</i>	<i>plausum</i>	<i>applous</i>	
<i>prehendere</i> „gryp”	<i>apprehen- deer</i>	<i>prehensum</i>	<i>apprehensie</i>	
<i>succedere</i> „slaag”	<i>suksedeer</i>	<i>successum</i>	<i>suksessie</i>	
<i>videre</i> „sien”	<i>revideer</i>	<i>visum</i>	<i>(re)visie</i>	
4) <i>committere</i> „aanbind”, „begin”	<i>kommitteer</i>	<i>commisum</i>	<i>kommissie</i>	
<i>emittere</i> „skiet, gooi”	<i>emitteer</i>	<i>emissum</i>	<i>emissie</i>	
<i>flectere</i> „buig”	<i>flekteer</i>	<i>flexum</i>	<i>fleksie</i>	
<i>mittere</i> „stuur”	<i>transmitteer</i>	<i>missum</i>	<i>transmissie</i>	
<i>permittere</i> „toelaat”	<i>permitteer</i>	<i>permissum</i>	<i>permissie</i>	
5) <i>deponere</i> „neerplaas”	<i>deponeer</i>	<i>depositum</i>	<i>deposito</i>	
6) <i>haerere</i> „vassit”		<i>haesum</i>	<i>adhesie</i>	<i>adherent</i>
7) <i>instruere</i> „instrueer”	<i>instrueer</i>	<i>instructum</i>	<i>instruksie</i>	
<i>struere</i> „bou”	<i>konstrueer</i>	<i>structum</i>	<i>konstruksie</i>	
8) <i>mulgere</i> „melk”	<i>emulgeer</i>	<i>mulctum</i>	<i>emulsie</i>	
9) <i>premere</i> „druk”	<i>deprimeer</i>	<i>pressum</i>	<i>depressie</i>	
10) <i>scribere</i> „skryf”	<i>transkribeer</i>	<i>scriptum</i>	<i>skripsie</i>	
11) <i>sumere</i> „neem”	<i>assumeer</i>	<i>sumptum</i>	<i>assumpsie</i>	
12) <i>traducere</i> „oorlei”	<i>traduseer</i>	<i>traductum</i>	<i>traduksie</i>	

Ook die samehang van en met naamwoordvorme het 'n patroon. So gaan *eksamen* met *e* voor *n* terug op Fr.-Lat. *examen*, maar die *i* van *eksamineer* op die *i* van die meervoud en die casus obliqui van Latyn, bv. *examina*. So is die *u* van *katalogus* ook Latyn (nominatief), maar die *i* van *katalogiseer* gaan terug op die *i* van Latyn *catalogi*. Vir 'n begrip van die vorm van die uitgange self, het ons veral kennis van Frans nodig. Sit ons hier soort vir soort bymekaar, sou ons die volgende groepe kon kry :

### 1. -eer

In die besliste meerderheid van die gevalle is die uitgang *-eer*, soos in bv. *alfabetiseer*, *diagnoseer*, *etimologiseer*, *galvaniseer*, *groepeer*, *halveer*, *komplementeer*, *komplimenteer*, *motiveer*, *notuleer*, *rioleer*, *stoffeer*, *tabelleer* ens.

Is die uitgang ook Nederlands, en is dit lankal in Nederlands aanwesig? Ja, volgens Schönfeld<sup>29</sup> en De Grave<sup>30</sup> is *-eer* oud en algemeen Nederlands. Latyn *-are*, *-ere* en deels ook *-ire* het in Frans saamgeval tot *-er*. Eers is in Nederlands uit Frans leenwoorde op *-er* (Nederlands *-eren*) oorgeneem, en later het *-eren* op sy eie in Nederlands produktief geword by inheemse Nederlandse woorde (bv. *kalmeren*, *halveren* ens.).

**Opm.:** In woorde soos *funksioneer*, *kondisioneer* en *petisioneer* is die *-on-*oorspronklik Frans, net soos die *t* in *protesteer* Frans en Nederlands is, dus wesenlik dieselfde as die *t* in *beeste* of *nagte* ens., behalwe dat die laaste twee nie ook Frans is nie. Het ons *emulsie* gekry soos *funksie* ens., sou ons *emulsioneer*\* verwag. Maar dit kry ons nie, nòg in Afrikaans nòg in Nederlands.

### 2. -ieer

Kom betreklik min voor: *definieer*, *harmonieer*, *justifieer*, *parodieer*, *personifieer*, *remedieer*, *repatrieer*, *subsidieer*, *repudieer*.

Die groepte is van drie soorte :

- (a) dié met 'n *i* in die oorspronklike woord. Dit is almal behalwe *personifieer*.
- (b) Dié waarby daar 'n selfstandige stam in Afrikaans bestaan : *harmonie*, *parodie* en *subsidie*. Let daarop dat die aksent in al drie gevalle op die Auslout kom. Dan sou 'n vorm soos *emulsieer*\* nie daarby aansluit nie.
- (c) Dié met 'n *f* in die uitgang : *justifieer* en *personifieer*.

**Opm. 1.** In wwe. soos *harmonieer*, *justifieer* en *remedieer* (volgens De Grave is hulle laat ontleninge uit Frans in Nederlands)<sup>31</sup> is *-ieer* die fonetiese ontwikkeling van Frans *-ier*. Die geringe getal woorde met

29. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 240.

30. Salverda de Grave, J. J.: *De Franse woorden in het Nederlands*, 318-319, 340-341.

31. *Ibid.*, 318.



-*f*)ieer val op. Die verklaring is dat *-ieer* as produktiewe formans vroeg reeds in Nederlands verdwyn het. In 1600 was dit daar al 'n antikiteit sê Salverda de Grave.<sup>32</sup>

2. *Finansier* as ww. val heeltemal buite enige skema. Dis moontlik vandaar dat dit, waarskynlik ook in aansluiting by *finansieel*, in Afrikaans die vorm *finansieer* gekry het. Maar dis ewe duidelik dat dit net dié bepaalde woord geld en dat *-ieer* nie produktief gaan word het in Afrikaans nie.

### 3. *-(i)seer*

Is naas enkel *-eer* verreweg die gewoonste uitgang in Afrikaans en Nederlands. (Dit is ook oud en algemene Nederlands.)

**Opm. 1.** In baie gevalle is die uitgang slegs skynbaar *-seer*: die *s* is dikwels deel van die byvoeglike „stam” waarvan die ww. gevorm is, bv. *elektriseer*, *etimologiseer*, *hipnotiseer*, *magnetiseer*, *sistematiseer*, *teoretiseer* ens. Daar is talle hiervan.

2. In baie gevalle is die uitgang egter wel *-(i)seer*, bv. *brutaliseer*, *idealiseer*, *karakteriseer*, *koloniseer*, *kristalliseer*, *lokaliseer*, *militariseer*, *nasionaliseer*, *populariseer*, *standaardiseer*, *tiranniseer*, *vulkaniiseer* ens. Daar is dosyne hiervan, en die meeste is betreklik ou leenvertalinge in Nederlands uit Frans, met *-iseer* as fonetiese representant van Frans *-iquer*: vgl. bv. *fabriek* | *fabriseer*, *kritiek* | *kritiseer*, *musiek* | *musiseer*, *polemiek* | *polemiseer*, *praktyk* | *praktiseer*, *produk* | *produiseer*, *replik* | *repliseer*, e.d.m.

Daar is taamlike reëlmaat in verband met die aanhegting van *-(i)seer* by 'n woord, maar wat ons die meeste interesseer, is die negatiewe reël dat dit nie dikwels by 'n stam op 'n vokaal kom nie. *Emulsiseer\** of *subsidiseer\** of iets dergeliks kàn dus nie.

### 4. *-fiseer*

Daar is nie alte veel woorde met *-fiseer* nie. Die volgende is van die belangrikstes: *elektrifiseer*, *identifiseer*, *klassifiseer*, *kwalifiseer*, *petrifiseer*, *ratifiseer*, *sertifiseer*, *stratifiseer*.

'n Reël kan ek nie gee nie. Die naaste wat ek vind, is dat, behalwe in die geval *personifiseer*, daar 'n *fis-* by die *-eer* is wanneer daar 'n korresponderende woord op *-fikasie* is. Vergelyk *elektrifikasie* | *elektrifiseer*, *identifikasie* | *identifiseer*, *klassifikasie* | *klassifiseer*, *kwalifikasie* | *kwalifiseer* ens.

Wat hier verder van belang is, is dat *-fiseer* produktief geword het, bv. in *elektrifiseer* en *russifiseer*.

32. Salverda de Grave, J. J., t.a.p. 318.

Dan sou daar, met die oog op *emulsifikasie*, *mistifikasie*, *petrifikasie* ens., heelwat te sê wees ten gunste van *emulsifiseer*, *mistifiseer* en *petrifiseer*, te meer omdat dié vorme reeds 'n hoë gebruiksfrekwensie het.

#### 5. -veer

Die *v* is deel van die stam. Vergelyk *halveer*, *intensiveer*, *motiveer* en *substantiveer*. Dan sou *emulsiveer*\*, in aansluiting by *emulsief*\*, die aanneemlikste wees as *emulsief*\* nie so volkome fiktief was nie: ons gebruik nooit so 'n vorm van die woord nie. Aandag aan die voorbeelde wat hier onder gaan volg, maak dit volkome duidelik dat die vorm van die uitgang, met inbegrip van sy „omgewing”<sup>33</sup> nie 'n eenvoudige, konsekwente Afrikaanse sisteem vorm nie. Die volgende gesigspunte sit daaraan vas:

- (a) Die feit dat ons soms wel en soms nie 'n woordkorrelaat het vir die stam van die ooreenstemmende ww. op *-eer* nie: *raffineer*, *repatrieer* ens.
- (b) Die feit dat die stam van die ww. soms 'n s.nw.-korrelaat, soms 'n b.nw.-korrelaat het, bv. *diagnose*, *diagnoseer*, maar *hipnose*, *hipnotiseer*.
- (c) Die feit dat sommige van ons woorde (van dié groep) Nederlands-Franse leenwoorde is en ander nie. bv. *funksie*, *funksioneer*, *kondisie*, *kondisioneer*, maar nie *emulsie*: *emulsioneer*\* nie. Laasgenoemde vorm is vir ons volkome fiktief, al is dit Frans (en Duits).
- (d) Die vraag of die betrokke *-eer*-afleiding oud of jonk is (volgens die studie van De Grave<sup>16</sup>), bv. oues soos *harmonieer*, *justifieer* en *remedieer* (met die uitgang *-ieer*), teenoor jongeres soos *apploudiseer*, *narkotiseer*, *polemiseer* ens.

Daar is hier geen meetkundige bepaalbare stelsel waarvolgens ons kan bepaal wat „nuwe” gevalle in Afrikaans „korrek” sal wees ten opsigte van die vorm van die woorduitgang nie, nl. *-eer*, *-ieer*, *-iseer*, *-fi(s)eer* of iets anders nie.

Ek sien alleen twee oorweginge waardeur ons ons in dergelike gevalle kan laat lei:

1. Of die nuwe geval (nuut vir Afrikaans) in Nederlands bestaan. Indien wel, erken dit dan, tensy daarnaas algemeen en onbetwis 'n ander Afrikaanse vorm voorkom, soos *elektriseer* en *elektrifiseer*.

2. Waar ons nie die Nederlandse vorm het nie (soos by *emulsie*), moet ons liever 'n vorm kies wat by 'n (groot en) produktiewe groep aansluit, as 'n vorm wat by 'n klein en nie-produktiewe groep aansluit. Op grond van wat onmiddellik hier gaan volg, kan dan nou al gesê word dat ons,

33. Vgl. Nida, E. A.: *Morphology, the descriptive analysis of words*.

ceteris paribus, liefs nie 'n nuwe vorm met 'n *i* sonder *s* in die uitgang moet erken nie, bv. *-ieer* of *-fiever*. (Waarom nie, is hierbo reeds verduidelik.)

Hiermee kom ons tot 'n groep waar ons kennis nodig het van Latyn en Frans, nl. die tipes

1. *aktueel* – *aktualiseer*  
*formeel* – *formaliseer*  
*kommersieel* – *kommersialiseer*  
*rasioneel* – *rasionaliseer*  
*reëel* – *realiseer*
2. *familiêr* – *familiariseer*  
*militêr* – *militariseer*  
*populêr* – *populariseer*  
*sirkulêre* – *sirkulariseer*  
*solidêr* – *solidariseer*  
*vulgêr* – *vulgariseer*

Dié verskille is nie van Afrikaans-Nederlandse oorsprong nie, maar kom net so uit Frans. Wat daar gebeur het, is dit: in akademiese kringe is naas die Franse vorme *actuelle*, *formelle*, *commercielle*, *familiair*, *militair* ens. „formes savantes”, d.i. „geleerde vorme” afgelei regstreeks van die korresponderende Latyn, dus *actualiser*, *formaliser*, *commercialiser*, *familiariser*, *militariser* ens. Hierdie stel woorde is uit Frans in Nederlands oorgeneem en net so uit Nederlands in Afrikaans.

*-Eer* is in Afrikaans dus soms net 'n woorduitgang, soos in *absorbeer*, *admireer*, *advertbeer*, soms iets tussen 'n woorduitgang en 'n agtervoegsel, soos in *aktueel*/*aktualiseer*, *vulgêr*/*vulgariseer*, maar dikwels tog volkome agtervoegsel, soos in bv. *annekseer*, *appelleer*, *argumenteer*, *balanseer* ens. Van laasgenoemde soort geval het ons sowat 600 in Afrikaans. Soos uit die voorafgaande paragrawe verwag kan word, is hulle hoofsaaklik woorde van Romaanse, van nie-Germaanse, oorsprong, bv. *adreseer*, *adviseer*, *affronteer*, *aktiveer*, *analiseer*, *appelleer* ens., nl. 98+ % van my lys. Daar is net sowat 2% (= ± 8) Germaanse woorde met *-eer*, bv. (*de*)*nazifiseer*, *dreineer*, *halveer*, *hoereer*, *kleineer*, *russifiseer*, *trotseer*, *waardeer*. Verskeie ander lyk of klink volkome Germaans, maar kom tog uit Frans of Latyn, bv. *blameer*, *gradeer*, *kalmeeer*, *kampeer*, *lanseer*, *marsjeer*, *matteer*, *rioleer*, *stoffeer*. Selfs as ons sommige hiervan maar as „Nederlands” sou beskou omdat hulle ontleen is vóór die groot stroom Franse leenwoorde in Nederlands gekom het, sou die getal Germaanse woorde met *-eer*, vergelykenderwys gesproke, baie klein bly.

*-Eer* het dus nie diep deurgedring in die Germaans-Afrikaanse afleidingsstelsel nie. Buitendien het ons ten minste 16 van die Germaans-Afrikaanses uit Nederlands geërf, miskien selfs almal, ook *nazifiseer*,

*denazifiseer* en *skokkeer* – 'n getalletjie wat eintlik te klein is om van produktiwiteit te kan praat. Keer ons nou tot twee van ons probleemgevalle terug, nl. *bruineer* en *skokkeer*, dan weet ons dat (a) *bruineer* uit Nederlands ontleen is, en (b) *skokkeer* waarskynlik ons eievorming is. Nederlands het ook 'n woord *schokkeeren* (WNT), maar dit beteken „beledig” nie „skok” nie. Nou het ons reeds die ww. *skok*, en dan lyk daar min te sê ten gunste van 'n langer woord (*skokkeer*) met 'n formans wat nie produktief genoem kan word nie, en dit by 'n Germaanse woord.

Wat ons ander probleemgevalle betref: *russifiseer* is die aanneemlikste vorm, die vorme van *katalogiseer*, *korrigeer* ens. sal nou duidelik wees, en as mense *kommunikeer* en *kommuniseer* sê, is daar om die samehang met *kommunikant* en *kommunikasie* klaarblyklik meer te sê vir *kommunikeer* as vir *kommuniseer*. Alleenlik mag ons nie op grond hiervan sê dat *prediseer* („predikatief gebruik”) nou verkeerd is en *predikeer* moet word nie. *Prediseer* is 'n ou, geërfde en goed gevestigde vorm net soos *endosseer*, *akkuseer* e.d.m.

## § 95 -ees

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder die skema vir afgeleide substantiewe, groep 1.)

Die beperkte getal Afrikaanse woorde op *-ees*, *-lees* of *-nees* (hier word gewerk met 'n lys van 34) is b.nwe. en/of s.nwe. wat, meesal as taal- en/of as persoonsnaam, 'n verband met nie-Suid-Afrikaanse land- en/of plekname benoem, bv. *Georees*, *Japannees*, *Kananees* (van *Kana*), *Milanees*, *Senegalees*, *Soedannees*, *Siamees*, *Viëtnames* ens. As 'n dusdanige verband met Suid-Afrikaanse plekname benoem word, word ander formantia gebruik, nl. *-er*, *-iet*, *-r* ens. (vgl. § 74), nie *-(l)(n)ees* nie. So is die Suid-Afrikaanse *Senekal* en die buitelandse *Senegal* baie eenders gebou, en ons pleknaam *Albanië* is identies met die buitelandse, maar teenoor *Senegalees* en *Albanees*, staan die Afrikaanse *Senekalse*, *Senekaller* en *Albaniër*.

Wanneer die stam ongewysig 'n *-(l)(n)ees* bykry of 'n deel van die uitgang van die stam verval, is onvoorspelbaar. Al wat duidelik opval, is dat die slot *-a* van plekname meesal afwesig is in die *-ees*-vorm, bv. *Angola*/*Angolees*, *China*/*Chinees*, *Europa*/*Europees*, *Galilea*/*Galilees*, *Ghana*/*Ghanees*, *Kanada*/*Kanadees*, *Malta*/*Maltees*. Maar daarteenoor staan bv. *Birma*/*Birmaan* (nie *Birmees*\* nie). Net so staan teenoor die uitheemse *Japan*/*Japannees*, die inheemse *Durban*: *Durbans*/*Durbaniet*, en teenoor *Kongo*/*Kongolees* staan die inheemse *Boston*: *Bostons*/*Bostoniet*, *Caledon*: *Caledons*/*Caledonner* e.d.m.

*-Ees* is volkome onproduktief. Ons het dit in buitelandse plekname saam met die plekname oorgeneem.

## § 96 endheid/-entheid

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder die skema vir afgeleide substantiewe, groep 2.)

-*Endheid* met 'n *d* is bloot 'n spelvorm: die uitspraak het altyd 'n /t/. Die formans verskyn net in 'n beperkte getal woorde en is, diachronies gesien, dikwels nie *-ent(d)heid* nie, maar bloot *-heid* by deelwoorde op *-en*, soms met 'n epentetiese /t/, bv. *aangeleentheid* (Nederlands: *aangelegenheid*), *ervarentheid* (*ervarenheid*), *geleentheid* (*gelegenheid*; vroeër ook *gelegent(d)heid*), *geneentheid* (*genegenheid*; vroeër ook *genegentheid*), *ongeleentheid* (*ongelegenheid*; vroeër ook *ongelegentheid*), *toegeneentheid* (*toegenegen(d)heid*), *verleentheid* (*vergelegenheid*) en *verslaentheid* (*verslagenheid*). Dié vorme kan ons almal as geërf beskou.

**Opm.:** Let op dat die Nederlandse voorbeelde beperk is tot drie fonologiese groepe:

1. *-egen-* + *-heid* (6),

2. *-agen-* + *-heid* (1),

3. *-aren-* + *-heid* (1),

en dat die *-(d)-(t)* net by groep 1. voorkom.

Dan het ons net sowat nege met 'n „eie” *-ent(d)heid*, nl. *bedoelentheid*, *begerentheid*, *geaardtendheid*/*gearentheid*, *geleertentheid*/*gelerentheid*, *gevoelentheid*, *roerentheid*, *verbelentheid*, *verkouentheid*, *vervelen(t)dheid*, en miskien *aangeleentheid* en *ervarentheid*. Beskou ons net die relatief sekere, dan het ons hier:

1. stam met ww.-korrelaat + *-entheid*: *bedoelentheid*, *begerentheid*, *roerentheid*, *verbelentheid* en *vervelen(t)dheid*.

2. stam met b.nw.-korrelaat + *-entheid*: *geaardtendheid*/*gearentheid*, *geleertentheid*/*gelerentheid* en miskien *verkouentheid*, waarvan *geaardtendheid* en *geleertendheid* verband (kan) hou met die wwe. *aard* en *leer*, of met die vorme *geaard* en *geleerd*.

3. stam met s.nw.-korrelaat + *-entheid*: *gevoelentheid*, wat verband hou met *voel*.

Fonologies het hierdie groep losgeraak van die Nederlandse „sisteem” (kyk **Opm.** hierbo) en het ons nou wesenlik 'n nuwe agtervoegsel *-entheid*, nl. by 1. stamme met ww.-korrelate: *bedoel*/*begeer*/*roer*/*verbeel* en *verveel*; 2. stamme met b.nw.-korrelate: *geaard*/*geleerd*; 3. stamme met s.nw.-korrelate: *gevoel* en miskien *verkoue*.

**Opm.** 1. *Verkoue* is ook b.nw., maar as die s.nw. *verkoue* teenoor *verkouentheid* gestel word, lyk dit meer asof die stam van laasgenoemde 'n s.nw.-korrelaat het.

2. *Vervelend(t)heid* lyk my na twee woorde, nl. (a) *vervelendheid* (met 'n *d*) „toestand of optrede van iemand wat vervelend is” ens., en (b) *vervelentheid* (met 'n *t*) „verveling, verveeldheid” ens. Dan hoef ons hier net met (b) te werk.

Semanties is die groep nogal interessant, ook met die geërfdes daarby. Van ag geërfde vorme, nl. *aangeleentheid*, *ervarentheid*, *geleentheid*, *geneentheid*, *ongeleentheid*, *toegeneentheid*, *verleentheid* en *verslaentheid*, is daar net een, nl. Nederlands *ervarenheid*, Afrikaans *ervarenheid* en/of *ervarentheid* waarby daar in Afrikaans en Nederlands 'n ander naamwoordvorm bestaan met verskil in betekenis en wat dus 'n keuse laat, nl. *ervaring*. *Ervarentheid* (met of sonder *t*) kan dieselfde beteken as *ervaring*, maar kan ook beteken „omvang of toedrag van sake ten opsigte van ervare wees”. By die ander geërfdes bestaan daar nie twee sulke vorme waartussen die gebruiker kan kies nie. Daar is net bv. *aangeleentheid*, *geleentheid*, *geneentheid* ens.

By die eie of nie-geërfde groep, is daar in elke geval twee afleidinge en 'n keuse, nl.

I	II
<i>bedoelentheid</i>	naas <i>bedoeling</i>
<i>begerentheid</i>	„ <i>begeerte</i>
<i>geaardtendheid</i>	„ <i>geaardheid</i>
<i>geleertentheid</i>	„ <i>geleerdheid</i>
<i>gevoelentheid</i>	„ <i>gevoel</i>
<i>roerentheid</i>	„ <i>roering</i>
<i>verbelentheid</i>	„ <i>verbeelding</i>
<i>verkouentheid</i>	„ <i>verkoue</i>
<i>vervelen(t)dheid</i>	„ <i>verveling</i>

'n Werklike betekenisverskil tussen die vorme van kolom I en kolom II is daar nie, maar die vorme van kolom I word sosiaal laer gewaardeer, het almal iets van 'n volkse by-waarde, geld ook as „minder geleerd” en word nie in neutrale, offisiële of strakker gestileerde taalomstandighede gebruik nie.

Ons het in **-entheid** dus 'n volkstaalformans wat in beperkte mate in Afrikaans produktief geword het.

### § 97 -er

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder die skema vir afgeleide substantiewe, groep 1. en groep 4.)

Die *-er* in frekwentatiewe soos *dobber*, *kwetter*, *slinger* ens. word so goed as nooit meer sinchronies gerealiseer as agtervoegsel nie en word hier dus ook nie bespreek nie.

Alle woorde met *-er/(der)* in die Auslaut is nie afleidinge met 'n formans *-er* nie, bv. *ketter* (Grieks), *letter* (Frans *lettre*), *meester* (Latyn *magister*), *minister* (Latyn), *psigiater* (Grieks) ens.

*-Er* word gekies as die sentrale vorm omdat dit die meeste voorkom: *-r* kom voor na woorde op *-e* en *-ië*, bv. *Athene/Athener*, *Andalusië/Andalusiër*, *-der* na wwe. op *-eer*, bv. *agiteerder*, *depolariseerder*, *dramatiseerder*, *dreineerder* ens.; anders is dit *-er*.

Woorde op *-er/-der* is van die talrykste afleidingsoorte in Afrikaans: hier word gewerk met 'n lysie van 1,182.

## A. Woordsoortelike Sisteem

Afleidinge op *-er* is almal s.nwe. en hulle bestaan uit

1. hoofsaaklik stamme met ww.-korrelate (1,069 uit 1,182, = 90%) + *-er*, bv. *aanbidder*, *aanbieder*, *aandraer*, *aanhitser*, *aanhoorder*, *aanhouer*, *aanjaer*, *aanklaer* ens.;

2. 'n beperkte getal stamme met s.nw.-korrelate + *-er*, bv. *agterbanker*, *agtervelder*, *Amsterdammer*, *apteker*, *bittereinder*, *derdeklasser*, *dorslanders*, *dwarbanker*, *Griekwalander* ens.

**Opm.** 1. 'n Paar kan bestaan uit stamme met 'n s.nw.- en/of ww.-korrelaat + *-er*, bv. *kwaksalwer* en miskien *vaarder* (maar dié kom waarskynlik van woorde soos *kusvaarder* e.d.m. met *vaarder* as laaste komponent).

2. Van ons lys van 1,182, is 887 ook in Nederlands gevind. Hoewel die WNT net van 4 hiervan sê dat hulle samestellende afleidings is, nl. *belanghebber*, *bevelhebber*, *bevelvoerder* en *niksdoener*, is daar nog sowat 'n twintigtal wat dit ook kan wees, bv. *dwarsléer*, *Saligmaker*, *wegwyser*, *wynproewer* ens. In elk geval bly hulle dan nog woordsoortelik binne ons sisteem.

3. *Rederyker* is gevorm van *rede* + *ryk* + *-er*, na aanleiding van *retorieker*, dus moontlik 'n soort bewuste (?) *volksetimologie*.

4. *Sanger* is 'n verrassende vorm: 'n mens sou net *singer* verwag. Dit is in Nederlands gevorm.

5. 'n Paar woorde lyk, sinchronies beskou, soos afleidinge van b.nwe., maar is dit, diachronies beskou, nie, nl. *dooier*, *Duitser*, *sneller*. *Dooier* is 'n ou Germaanse *-r*-vorm, en die ander twee kom van Hoogduits *Deutscher* en *Schneller*;

3. stamme met telw.-korrelate + *-er*, bv. *dertiger*, *tagtiger*, *veertiger* ens.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

(a) Afleidinge op *-er* by stamme met ww.-korrelate :

1) manlike *agensname*, dus wat te kenne gee „iemand wat (gereeld) doen wat deur die ww.-korrelaat van die stam genoem word”, bv. *aankondiger, aannemer, aanrander, aansêr, aansoeker, aanvaller, aanvoerder, advorteerder, afknouer, afkyker, aflaaier, afloerder, afnemer, afperser, afrigter, afsender* ens. (sowat 908 uit 1,069 met wwe. as woordkorrelate, = 85%);

2) *saakname* (sowat 92 uit 1,069 = 8½%), (i) konkreet en abstrak, met wesenlik dieselfde waarde as die *agensname* hierbo, behalwe dat dit nou dinge of begrippe is en nie mense nie, bv. *aanloper, aansteker, afkaatser, afkoeler, afkrapper, afleier, afromer, afskeier, afstoffer, demper* ens.

**Opn.:** Verskeie is persoons- en/of saaknaam, bv. *afkrapper, afluiter, groeier, klapper, koker* ens.

2) met dieselfde waarde as 1) maar passief, d.w.s. dit is name van dinge wat te kenne gee dat daarmee gehandel is/word of gebeur soos of wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. *afknyper* „afgeknypte deel van plant”, *droër* „een wat gedroog is”, *sweiser* „een wat gesweis is”. Dit kom net in ’n geval of ses voor.

(b) Afleidinge op *-er* by stamme met s.nw.-korrelate :

1) *agens-saakname* met die betekenis „iets (meestal ’n rygerief) met dit wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *drievoeter, eenakter, enkeldekker, tweedekker* ens. Eintlik is hulle almal samestellende afleidinge, en almal het ’n telwoord as eerste lid;

2) name van dorps-, stads- of landsbewoners, bv. *Andalusiër, Assiriër, Beauforter, Bosvelder, Laplander, Namakwalander, Vry-stater* ens.;

3) name van lede van geloofsgroepe, bv. *Augustyners, Herdoper*;

4) persoonsname wat status aandui, bv. *agterbanker, dwarsbanker, voorbanker*, of bestaanswyse of -oortuiging, bv. *bittereinder, dagloner, dagwerker* ens.

(c) Afleidinge op *-er* met telw.-korrelate naas die stamme is persoonsname, 1) wat leeftyd in dekades aandui, hoofsaaklik van veertig tot negentig, bv. *sestiger, tagtiger, veertiger*, en 2) wat tydgenote in sekere (veral) letterkundige periodes aandui, bv. *dertigers, tagtigers*.

### 2. Begripsoortelike Sisteem

Begripsoortelik kan daar van die woordkorrelate van die stamme waarby *-er* verskyn, sowat niks gesê word wat nie reeds onregstreeks by die semantiese waardes geblyk het nie, behalwe dat die ww.-korrelate blykbaar alle begripsoorte insluit.



### C. Diachronie en Produktiwiteit

-*Er*, en die meeste afleidinge daarop, is erfgoed uit Nederlands (887 uit 1,182, = 75%), bv. *aanskouer, aansluiter, aansoeker, aanspanner, aanspoorder, aansteker, aansteller, aanstigter, aanstoker, aanstorter, aanstryker, aantaster, antoner, aantrekker, aanvaller, aanvanger, aanvoerder, aanvuller* ens.

Die 295 (uit 1,182) wat moontlik ons eie vorminge is, behels die volgende woordsoorte:

1. dié by stamme met ww.-korrelate (164 uit 295, = 55½%), bv. *bewerkstelliger, bontspringer, deurdringer, deurdrukker, distribueerder, doodgooier, doodslaner, doodvreter* ens.;

2. dié stamme met s.nw.-korrelate (25 uit 295, = 8½%), bv. *agterbanker, agtervelder, anderlander, Beauforter, dagbreker, touwerker* (?) ens. Hulle is dus volkome binne die algemene woordsoortelike sisteem.

**Opn.:** Waarskynlik is die persentasies van 1. en 2., veral van 1., heelwat hoër, maar net die sekeres is hier getel. Baie van die origes, bv. *dagbreker, niksdoener, skrummer, touwerker* ens. se stamme het waarskynlik ook ww.-korrelate maar dit kon soms ook s.nw.-korrelate gewees het.

-*Er* was en is nog baie produktief in Afrikaans.

### § 98 -êr

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, groep 1. en by skema vir afgeleide adjektiewe, groep 10.)

Verreweg die meeste woorde met -êr in die Auslaut, is Westers-internasionale gemeengoed, meesal Latynse, Franse of Engelse leenwoorde en, wat Afrikaans betref, selde afleidinge met 'n woordkorrelaat vir die stam. Van 'n groep van 101 het 74 òf glad geen woordkorrelaat vir die stam in Afrikaans nie, bv. *alveolêr, basillêr, binêr, binokulêr, doktrinêr, hereditêr, honorêr* ens. òf nie 'n woordkorrelaat waarvan dit volgens Afrikaanse metode gevorm kan/kon word nie, bv. *arbitrêr, disiplinêr, outoritêr, reaksionêr, rewolusionêr, sekondêr* ens.

Selfs van die 27 wat Afrikaanse vorminge sou kòn wees, is 11 inderdaad nie so gevorm nie, bv. *elementêr* (< Ndl. < Fr. *élémentaire*), *famielêr* (< Ndl. < Lat. *familiaris*), *konsulêr* (< Nnd. < Fr. *consulaire*), *miljoenêr* (< Ndl. < Fr. *millionnaire*), *parlementêr* (< Ndl. < Fr. *parlementaire*) ens. Van die ander 17 waaroor daar geen relatiewe sekerheid van ontlening uit Frans-Latyn bestaan nie, is elk ook Nederlands, en dus moontlik geërf of ontleen, nl. *bipolêr, dokumentêr, fidusiêr, hipo-*

*tekêr, interparlementêr, komplementêr, molekulêr, parasitêr, planetêr, sedimentêr* en *visioenêr*, dus net vyf is moontlik eiegoed, nl. *basillêr, komplimentêr, kwinêr, salutêr* en *stelêr*.

Van die twee groepe saam is die feite die volgende :

1. hulle is almal b.nwe., bv. *basillêr, bipolêr, dokumentêr, fidusiêr, hipotekêr* ens., en

2. hulle het almal stamme met s.nw.-korrelate, bv. *miljoenêr, parasitêr, planetêr, salutêr, sedimentêr, stelêr, visionêr* ens.

**Opm.:** *Miljardêr* is waarskynlik gevorm na analogie van *miljoenêr*, en dan waarskynlik met 'n s.nw.-korrelaat ('n *miljard*) vir die stam en nie met 'n telw.-korrelaat nie. As s.nw. sluit dit by die geërfde of die geleende groep aan, soos *diksionêr, kommissionêr, meubilêr, reaksionêr* ens. en nie by die groepie moontlike eievorminge nie. Dié is almal b.nwe. Semanties is die waarde van *-êr* moeilik omskryfbaar, maar dit is tog meesal ongeveer „wat betrekking het op, betreffende, volgens” ens. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word.

'n Bykomende punt van belang is dat die woordkorrelate op een na almal Romaanse woorde is, bv. *basil, dokument, fidusie, komplement* ens.

Die enigste ander geval is *stelêr* gevorm van *steel*. Hy klink nog erg vreemd.

Op grond van die moontlike vyf eievorminge, sou 'n mens kon sê daar was 'n mate van produktiwiteit, nl. in *basillêr, komplimentêr, kwinêr, salutêr* en *stelêr*, maar dit is onwaarskynlik in *kwinêr* en *salutêr*, in die een geval omdat ons geen woordkorrelaat *kwin\** het nie, in die ander omdat *salutêr* semanties geen verband hou met *saluut* nie.

Wesenlik moet ons dus sê: *-er* was of is nog nie produktief in Afrikaans nie.

## § 99 -erd

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder skema vir afgeleide s.nwe. by groep 1.)

Nie alle woorde met *-erd* in die Auslout, is afleidinge op *-erd* nie :

*baaierd* (Nederlands) < Frans *bayard*,

*lommerd* (Nederlands) is identies met die woord *Lombard*,

*standerd* (Nederlands) < Oud-Frans *estandard*,

*tabberd* (Nederlands) < Oud-Frans *tabard*.

Dié wat wel afleidinge is, is almal s.nwe., bv. *dikkerd, gluiperd, lelikerd, lomperd*, by stamme met (a) b.nw.-korrelate, nl. *dikkerd, lelikerd, lomperd, slimmerd* en *stouterd*, en (b) ww.-korrelate, nl. *gluiperd, pafferd*,

*stinkerd*, *sufferd* en *temerd*, en hulle is (1) hoofsaaklik persoonsname (9 uit die 10), met (2) een enkele, weinig bekende, saak- of dingnaam daarby, nl. *pafferd* „iets wat swak ontplof”.

Alle Afrikaanse voorbeelde is òf erfgoed òf leengoed, behalwe miskien *temerd*, wat nog nie in Nederlands gevind kon word nie. Dit lyk dus asof *-erd* nie produktief was of is in Afrikaans nie.

## § 100 *-erig*

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder skema vir afgeleide adjektiewe onder groep 3.)

### A. Vorme

Die waardes van *-rig*, *-erig*, *-derig* en *-terig* is dieselfde en word dus onder dié een hoof behandel, nl. *-erig*, wat die algemeenste is en die meeste voorkom. Uit 'n lys van 418 kry ons nl. die volgende: 356 met *-erig*, 44 met *-rig*, 12 met *-terig*, 6 met *-derig*.

### B. Woordsoortelike Sisteem

Daar is enkele gevalle wat buite die sisteem lê omdat ons nie (meer) 'n woordkorrelaat daarby het nie, bv. *dynserig*, *grieselrig*, *slibberig*, *trietserig* (*triestering*).

1. *-Erig*-woorde is net b.nwe., bv. *aanhalerig*, *aanmerkerig*, *aanstellerig*, *afgrouerig*, *afhalerig*, *afhokkerig*, *afknouerig*, *afknyperig*, *afskeperig*. Baie van die b.nwe. fungeer ook as bwe., net soos ander b.nwe.

2. Afleidinge op *-erig* het stamme met die volgende woordkorrelate:

- (a) s.nw.-korrelate, bv. *angelrig*, *aperig*, *asserig*, *asynerig*, *bangbroekerig*, *baserig*, *benerig*, *bloederig* (151 uit 'n lys van 418, = 36%);
- (b) ww.-korrelate, bv. *babblerig*, *bekruiperig*, *bewerig*, *blafferig*, *blêderig*, *blufferig*, *branderig* (146 uit die lys van 418, =  $\pm 35\%$ );
- (c) b.nw.-korrelate, bv. *arm(e)rig*, *artistiekerig*, *astranterig*, *bangerig*, *benouderig*, *blinkerig*, *blouerig*, *blyerig* (108 uit die lys van 418, =  $\pm 26\%$ ),

d.w.s. (a), (b) en (c) is gesamentlik  $\pm 97\%$  van die hele lys.

**Opm.** 1. Gevalle soos *blessering*, *souterig*, *suurderig* ens. kan ewe goed stam met s.nw.-korrelaat as stam met b.nw.-korrelaat + *-erig* wees.

2. Gevalle soos *dwarstrekkerig* en *sweterig* kan ewe goed stam met s.nw.-korrelaat as stam met ww.-korrelaat + *-ig*/*-erig* wees, dus *dwarstrek* + *-erig* of *dwarstrekker* + *-ig*, en *sweet*: stam met s.nw./ww.-korrelaat + *-erig*.

3. *Grootdoenerig* is blykbaar samestellende afleiding.

4. *Pieperig* in die sin van *tingerig*, *swak*, kan van Afrikaanse standpunt uit nie 'n afleiding van *piep* „kuikengeluide maak” ens. wees nie. Die woord is van Nederlands geërf.

## C. Semantiese Sisteem

### I. Semantiese Waardes

- (a) B.nwe. op *-erig* met 'n ww.-korrelaat naas die stam gee 'n duratiewe geneidigheid of hebbelikheid te kenne, dikwels ook enigsins pejoratief en derogatief, bv. *brommerig*, *byterig*, *deurbringerig*, *draaierig*, *drale-erig*, *dreunerig*, *drillerig*, *drinkerig*.

Die pejoratiewe steek dikwels in die woordkorrelaat self, soos in die gegewe voorbeelde, maar is soms ook 'n betekenisement van *-erig*, bv. in *preek* teenoor *prekerig*, *eet* teenoor *eterig* ens.

- (b) B.nwe. op *-erig* met 'n s.nw.-korrelaat naas die stam, benoem, ook meesal enigsins pejoratief, die aanwesigheid of toegedigte aanwesigheid, in geringe graad, van wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, en *-erig* het dikwels ook die waarde „enigsins soos . . .”, bv. *buiërig*, *bulterig*, *degerig*, *donserig*, *dopperig*, *doppiesrig*, *doring-erig*, *douerig*, *draderig*, *duinerig*, *feërig*, *ferwelerig* ens.

Die pejoratiewe is ook hier soms 'n element van die *-erig*, bv. in die volgende voorbeelde uit die spreektaal :

*Sy poësie is hiernamaalserig.*

*Hy voel seker honderig nadat hy aan die hond gevat het.*

*Dit voel vir my vandag so Maandagerig.*

*Daardie skilderye lyk so Pierneefestig.*

- (c) B.nwe. op *-erig* met b.nw.-korrelate vir die stam beteken „effens, in 'n geringe(r) mate” soos deur die b.nw.-korrelaat aangegee, bv. *brand-siekerig*, *breërig*, *brosserig*, *bruinerig*, *brutalerig*, *dieperig*, *dollerig*, *dommerig*, *dowerig*, *dowwerig* ens.

Hier is die pejoratiewe meesal net aanwesig as dit in die woordkorrelaat self lê: stel bv. teenoormekaar *dronkerig*, *eenkanterig*, *fanatiekerig*, *flouërig* en *blyërig*, *gawërig*, *goeterig*, *mooierig*, *slimmerig* ens.

Oor die algemeen kan ons dus sê dat b.nwe. op *-erig* houdings- of oordeelswoorde is wat meesal 'n negatiewe waardering te kenne gee.

### 2. Begripsoortelike Sisteem

In die meeste gevalle is die stamme met ww.-korrelate, s.nw.-korrelate en b.nw.-korrelate waarby *-erig* verskyn, begripsoortelik negatief, d.w.s. dit is name van optredes, inhoude, eienskappe ens. wat sosiaal nie gewaardeer word nie, bv. *aanstel-*, *afgrou-*, *afha(a)l-*, *afhok-*, *afknou-*, *afknyp-*,

*afske(e)p-, agie-, arm-, astant-, babbel-, baklei-, bangbroek-, bang-, bekruij-, belet-, be(e)n-, benoud-, besit-, bewe-, blaf-, ble(e)k-, blér-, bles-, blik-* ens.

#### D. Diachronie

*-Erig* is van Nederlands geërf, en heelwat afleidinge daarmee waarskynlik ook, bv. *aanhalerig, aanstellerig, artisterig, astranterig, benerig, bewerig, bloederig, blufferig, boekerig* ens., 'n totaal van 132 uit 'n Afrikaanse lys van 421, =  $\pm 31\%$ . Volgens Schönfeld het die *-erig* in Nederlands ontstaan „doordat verschillende grondwoorden in 't ndl. op *-er* uitgingen (b.v. *honger-ig, stumper-ig, water-ig, etter-ig, ijver-ig, schemer-ig*), ontstond een nieuw suffix *-erig*, gewoonlijk met pejoratieve betekenis; b.v. *drad-erig, hout-erig, strep-erig, plekk-erig, wind-erig, zand-erig, flekk-erig, zwet-erig*, Kil. *weld-erigh* (naast mnl. en Kil. *we(e)ldich*, bij *weelde*; waarnaast bij de aan *weelde* ten grondslag liggende vorm *wele*: mnl. *welich*). Vooral in 't Afrikaans is dit suffix produktief.”<sup>34</sup>

#### E. Produktiwiteit

Boshoff<sup>35</sup> e.a. het ook al daarop gewys dat dié postformans baie produktief is in Afrikaans. Ons lys bevestig dié indruk: van 421 is 289 (=  $\pm 69\%$ ) nie ook Nederlands nie, of, anders gestel, net Afrikaans.

Dié gevolgtrekking is nogtans nie sonder meer regverdigbaar en aanvaarbaar nie, omdat die WNT waarskynlik nie geprobeer het om alle vorme op *-erig* aan te gee nie, soos daar ook nadruklik gesê word dat nie gedoen word met afleidinge op *-ery* nie. Tog lyk dit onwaarskynlik dat die beeld wat WAT, met sy kleiner omvang, in hierdie opsig van Afrikaans gee, teenoor dié wat die WNT met sy groter omvang, van Nederlands gee, altwee so verkeerd is dat volledigheid by altwee alle verskille sou laat verdwyn. Dan het ons dus wel grond om te meen dat *-erig* in Afrikaans produktiewer was as in Nederlands.

Haal ons die letterkunde hierby, word dié indruk bevestig: die Afrikaanse letterkunde skyn sulke afleidinge meer te gebruik as die Nederlandse. In Afrikaanse bundels wat hiervoor geëkserpeer is, word gemiddeld 51.18 afleidinge op *-erig* per 100,000 woorde gebruik, in 6 Suid-Nederlandse bundels 10 per 100,000 woorde, in 6 Noord-Nederlandse 12.33 per 100,000 woorde. Teoreties beskou, kan uitvoeriger ekserpering bepaald verrassing oplewer, maar die verspreiding van *-ery*-vorme in wat reeds nagegaan is, is so uiteenlopend dat dit nouliks denkbaar is dat die verhouding Afrikaans 51 : Suid-Nederlands 10 : Noord-Nederlands 12 noemenswaardig nader aan mekaar sal kan kom as sê Afrikaans  $\pm 26$  :

34. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 209.

35. Boshoff, S. P. E.: *Volk en taal van Suid-Afrika*, 300.

Suid-Nederlands 10 : Noord-Nederlands 12 – dit is hoe die verhouding sou wees indien Boerneef en Eitemal buite rekening gelaat sou word. Die volledige getalle is naamlik die volgende :

<b>Afrikaans</b>		-erig per 100,000 woorde
A. Blignault	– <i>In Klein Maat</i>	30
Boerneef	– <i>Pensie</i>	100
Boerneef	– <i>Boplaas</i>	131
Eitemal	– <i>Jaffie</i>	158
Mikro	– <i>Toiings</i>	21
Mikro	– <i>Rou Rieme</i>	24
Dirk Mostert	– <i>Petaljes van Oom Bart</i>	7
Minnie Postma	– <i>Lettie Bock kom kuier</i>	13
E. de Roubaix	– <i>Boesmanlandse sketse en verhale</i>	13
C. G. S. de Villiers	– <i>Snel dan Jare</i>	27
C. G. S. de Villiers	– <i>Klein Vaderland</i>	39

#### **Suid-Nederlands**

E. Claes	– <i>De Witte</i>	25
E. Claes	– <i>De vulgaire geschiedenis van Charelke Dop</i>	3
E. Claes	– <i>Sichemsche Novellen</i>	2
F. Timmermans	– <i>Pallieter</i>	2
F. Timmermans	– <i>De Pastoor uit den bloeyenden Wijngaerd</i>	10
F. Timmermans	– <i>Pieter Breughel</i>	8

#### **Noord-Nederlands**

J. H. van Doorne	– <i>Achter den Waaldijk</i>	6
C. J. Kelk	– <i>Jan Steen</i>	28
Anne de Vries	– <i>Bartje</i>	25
Theun de Vries	– <i>Het Rad der Fortuin</i>	8
Ant. Coolen	– <i>De Drie Gebroeders</i>	6
Oostloorn	– <i>Dorpsschetsen</i>	1

Waarom -erig produktiewer is en blykbaar meer gebruik word, is 'n vraag wat navorsingsapparaat verg wat nog nie bekend is nie.

### **§ 101 -erik**

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe onder groep I.)

-Erik is 'n volkome onproduktiewe agtervoegsel in 'n paar s.nwe. wat in Nederlands afgelei is van b.nwe., nl. *botterik*, *dommerik*, *stommerik*,

almal persoonsname, waarvan *botterik* meer 'n papierwoord is en *dommerik* en *stommerik* dikwels vergoelikend gebruik word.

## § 102 -ery

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe onder groep 3. en groep 8.)

### A. Vorme van die Postformans

-Ery word as beskrywingsvorm gekies omdat dit meer voorkom as -y, -ry, -dery en -tery, maar daar is tussen hulle geen verskil wat betref die woordsoortelike of die semantiese sisteem nie.

Ons moet daarop let dat afleidinge op -ery meesal die aksent op die stam het, maar enkeles tog soms op die -y van -ery, en/of op die stam, bv. *afgodery*, *belletristery*, *drogistry*, *mooipraterie*, *pappery* ens. en bv. *aanhitsery*, *aanjaery*, *aankarweiere*, *aanlêery*, *aannemery*, *aanryery*, *aansprekery*.

### B. Woordsoortelike Sisteem

1. Woorde op -ery is s.nwe.

2. S.nwe. met (a) hoofsaaklik ww.-korrelate vir die stam, bv. *afbeitelry*, *afbellery*, *afbeulery*, *afblaardery*, *afborselry*, *afbrandery*. (504 uit 'n lys van 558, = 90%, is so gevorm.) Die lys sluit in voorbeelde met *ge-* en -ery, soos bv. *gebakleiere*, *gebaljaardery*, *gehikkery*, *gejaery* ens., myns insiens almal *ge-* + stam met ww.-korrelaat + -ery. Voeg ons dit by die wwe. met enkel -ery, word die persentasie 91.

(b) 'n Klein gedeelte is gevorm van stam met s.nw.-korrelaat + -ery, bv. *aalmoesery*, *advokatery*, *afgodery*, *boewery*, *bogtery*, *dilettanterie*, *drogistry*, *hoerery*, *skurkery* ens. (25 uit 558, = ±4.5%.)

**Opm. 1.** Daar is verskeie gevalle wat ons van Afrikaanse standpunt uit sou beskou as afleidinge van wwe., of as samestellende afleiding, maar wat ook Nederlands is en wat deur die WNT aangegee word as gevorm van 'n (samegestelde) s.nw., bv. *kaasmakery* < *kaasmaker*, *leeglopery* < *ledigloper*, *liefhebberie* < *liefhebber*, *tappery* < *tapper* ens. Verskeie hiervan kon ons self gevorm het, maar om die onsekerheid word hulle hier tot ons Nederlandse erfenis gereken.

2. Verskeie vorme word deur Nederlandse naslaanbronne aangegee as gevorm van „ww. of s.nw.“, bv. *kleremakery*, *kuipery*, *lappery*, *melkery*, *rowery* ens. Ook hulle word hier behandel soos onder **Opm. 1** hierbo, al sou hulle ook ons eie maaksels kon wees met ww.-korrelate vir die stam.

## C. Semantiese Sisteem

### *Semantiese Waardes*

1. *-Ery* by stamme met ww.-korrelate gee te kenne „voortdurende, en dikwels deur die spreker afgekeurde, besig wees met wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *Sy gedurige kommery by ons, vertrou ek nie; 'n Skaamtelose vryery na die kleurlingstern; Die geskreëry moet nou end kry; Van so 'n gewerskafry hou ek nie.*

2. By stamme met s.nw.-korrelate gee *-ery* te kenne (a) „optrede van of i.v.m. of soos” deur die woordkorrelaat van die stam genoem, bv. *aalmoesery, advokatory, belletristery, dilettantery, grapjassery, hanswors-tery, letterknegtery, ploertery* ens., (b) (dikwels met die aksent op die *-ery*) „plek, geleentheid tot of bedryf i.v.m.”, wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, 'n enkele keer ook by stamme met ww.-korrelate, bv. *bakkery, byery, drogistry, skelmery.*

**Opm.:** Gevalle soos *boekery* „'n versameling boeke”, *landery* „gesamentlik bewerkte lande”, *pappery* „pap massa”, *bogtery* „bog, bog- of grappies- makery”, vorm (nog) nie juis 'n sisteem nie.

## D. Diachronie

*-Ery* het reeds in Nederlands ontstaan (soos *-erig*) en heelwat van ons Afrikaanse materiaal is ook Nederlands, nl. ten minste 181 van 532 voorbeelde (naastebly 34%), bv. *aanstellery, advokatory, afdekkery, afgode-ry, afsettery, afskrywery, bakkery, bangmakery, bedrieëry, bleikery, bluf- fery* ens.

## E. Produktiwiteit en vergelyking met Nederlands

Met die vorige paragraaf is reeds gesê dat dit volgens die getalle lyk asof *-ery* in Afrikaans baie produktiewer was en is as in Nederlands. Dit lyk asof  $\pm 66\%$  van ons lys net ons eie is, bv. *aalmoesery, aanhitsery, aan- karweïery, aanlêery, aannemery, aanryery, aansprekery, afbellery, af- beulery, afblaardery, afborselry, afbrandery* ens.

Daarvolgens moet ons dan besluit dat *-ery* baie produktief was in Afrikaans – iets wat ook deur ander, bv. prof. Boshoff<sup>36</sup> opgemerk is.

'n Heeltemal ander vraag is of *-ery*-afleidinge in Afrikaans ook meer gebruik word as in Nederlands. Daarvoor sou omvangryke nalesing van Afrikaanse en Nederlandse bundels nodig wees, maar die bietjie wat wel daarvoor gedoen is, wys wel in dié rigting. Die gegewens is die volgende :

36. Boshoff, S. P. E. : *Op. cit.*, 300.



		-ery per 100,000 woorde
<b>Afrikaans</b>		
Boerneef	- <i>Pensie</i>	90
Boerneef	- <i>Boplaas</i>	86
Mikro	- <i>Toiings</i>	36
Mikro	- <i>Rou Rieme</i>	40
C. G. S. de Villiers	- <i>Snel dan Jare</i>	60
<b>Suid-Nederlands</b>		
E. Claes	- <i>De Witte</i>	14
E. Claes	- <i>De vulgaire geschiedenis van Charelke Dop</i>	40
E. Claes	- <i>Sichemsche Novellen</i>	21
F. Timmermans	- <i>Pallieter</i>	12
F. Timmermans	- <i>De Pastoor uit den bloeyenden Wijngaerd</i>	5
F. Timmermans	- <i>Pieter Breughel</i>	17
<b>Noord-Nederlands</b>		
J. H. van Doorne	- <i>Achter den Waaldijk</i>	20
C. J. Kelk	- <i>Jan Steen</i>	16
Theun de Vries	- <i>Het Rad der Fortuin</i>	23
Ant. Coolen	- <i>De Drie Gebroeders</i>	10
Oostloorn	- <i>Dorpsschetsen</i>	7

Dit werk uit op 'n gemiddelde van Afrikaans 60.5 : Suid-Nederlands 20.78 : Noord-Nederlands 15.25 per 100,000 woorde. Die groot verskille in verspreiding wat by *-erig* gevind is, is hier afwesig. Hier is die getalle dus 3 tot 4 keer so groot as die Nederlandse. (By *-erig* was dit 4 tot 5 keer so groot. Dit lyk dus duidelik : Afrikaans gebruik dié vorme meer as Nederlands.

Waarom sou dit wees? Wat die produktiwiteit betref, het ons nalesing geen lig gebring nie : daar skyn nie 'n besondere rede te wees waarom *-ery* sy Afrikaanse terrein so uitgebrei het nie. Was *-ery* dus miskien produktiewer in sewentiende-eeuse Nederlands as wat die geskrewe stukke te sien gee? Of kom dit miskien in sommige dele van Nederland meer voor, of het dit miskien meer voorgekom, as in ander? 'n Mens kry die indruk van soiets byvoorbeeld uit De Vries.<sup>37</sup> Hy sê naamlik dat woorde op „*-erij* en zijn bijvorm *-derij* wordt veel gebruikt, bv. *rekenderij* ‚gereken‘, *flarderij* ‚flardegoed‘, *die/onze katterij* ‚al die/onze katten‘ (evenzoo *kleerderij* enz. enz.), hij heeft nogal last van *hoesterij* (en dgl.) = ‚van hoest(en)‘, *eterij* ‚eetwaar‘. Wanneer een of meer rijtuigen voor 't gemeentehuis staan, is veelal de reden dat er *trouwerij* is.”

37. De Vries, W. : *Iets over woordvorming*, 149.

Overdiep<sup>38</sup> sê onder meer dat *-ery* „in de omgangstaal . . . 't meest productief” is, veelal met die gevoelswaarde van „een zekere minachting of kleinereing . . . Oude afleidinge as *boerderij, kosterij, drogisterij, tap- perij, loterij* hebben die gevoelswaarde niet.” De Vooy<sup>39</sup> noem glad nie verbaal-abstrakta as groep by *-ery* nie (wel by *ge-* (bl. 199), bv. „*geschreeuw, geloop, gehuil*” ens.), wat die indruk laat dat *ge-* in dié funksie baie gewoner is as *-ery*. Die WNT (VI, 1396-7) sê onder meer dat dergelike afgeleide woorde gelykbetekenend is met afleidinge op *ge-*, maar gee geen aanduiding van die getalsterkte daarvan of moontlike stilistiese faktore of dialektiese verskille daarby nie.

Wat Afrikaans betref, is daar baie wat dui op stilistiese kondisionering. Vergelyk daarvoor § 104 oor *ge-*.

### § 103 -es

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe onder groep 1.)

Woorde op *-es* is (en word 'n enkele keer soms nog) vroulike persoonsname, eintlik meesal agens-, beroeps-, nerings-, status- of funksie- name, met as woordkorrelaat vir die stam, manlike persoonsname, bv. *baron|barones, bewaarder|bewaarderes* (enkele kere in die hof gehoor, teenoor *bewaarster* wat WAT aangee), *burgemeester|burgemeesteres, danser|danseres, dienaar|dienares, minnaar|minnares, onderwyser|onderwyseres, prins|prinses, regent|regentes* (maar *sekretaris|sekretaresse, sondaar|sondares, verweerder|verweerderes* ens. (Ook *lyeres* is eenkeer aangeteken.)

Daar is klaarblyklik 'n mate van „mededinging” tussen *-es* en *-ster*: naas *bewaarster|-deres*, is ook *lyeres|lydster* en *verleieres|verleidster* aangeteken.

Dit was nie moontlik om vas te stel of daar ook in Nederlands mededinging is nie, maar alle ander vorme op *-es* is ook gewone Nederlands.

### § 104 eur

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 74 by die skema vir afgeleide substantiewe onder groep 1.) Hoewel Afrikaans heelwat woorde op *-(at)eur* het (hier word gewerk met 'n lys van 70), is daar net sowat tien met selfstandige stamme langs hulle, nl.:

<i>adviseur</i>	: <i>advies</i>	<i>krediteur</i>	: <i>krediet</i>
<i>debiteur</i>	: <i>debit</i>	<i>magnetiseur</i>	: <i>magneties</i>

38. Overdiep, G. S.: *Moderne Nederlandsche grammatica*, 45.

39. De Vooy, C. G. N.: *Nederlandse spraakkunst*, 196-197, 199.

*dekorateur* : *dekor*  
*importeur* : *import*  
*kontrakteur* : *kontrak*

*narkotiseur* : *narkoties*  
*rappporteur* : *rapport*  
*taksateur* : *taks,*

almal persoonsname en agensname.

Wel is daar heelwat meer met onselfstandige stamme langs hulle, bv. *administrateur*/*administreer*; *demonstrateur*/*demonstreer*; *inspekteur*/*inspekteer*/*inspeksie*, e.d.m.

Daar is geen tekens van produktiwiteit rondom *-eur* nie.

### § 105 *ge-*

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 72 by die skema vir afgeleide substantiewe onder groepe 3 en 8, en by skema vir afgeleide adjektiewe, groepe 6. en 8.)

Daar word allerlei soorte vrae gestel in verband met die gebruik of niegebruik van *ge-*, bv. :

1. Is dit goeie Afrikaans om te sê: *Wat se gehaastig-haastig is dit met jou?*
2. Kan 'n mens praat van 'n *gesukkelry*, of is dit net 'n *gesukkel* of 'n *sukkelry*?
3. Waar kom ons daaraan om te sê: *mense loop gehoed en gejas rond?*

Hier volg wat as die hoofmomente rondom afleidinge op *ge-* + stam met woordkorrelaat beskou kan word.

Dit is nie moontlik om 'n presiese aanduiding te gee van die omvang van afleidinge op *ge-* in Afrikaans nie, onder meer omdat *ge-* by sowat elke ww. gevoeg kan word om 'n s.n.w. te vorm, bv. *geaarsel*, *gebabbel*, *gebak*, *gebaklei* ens. Daarom sal die omvang van groep tot groep aangegee word.

#### A. Woordsoortelike Sisteem<sup>40</sup>

Daar is gevalle van versmelting en isolasie, naamlik in

- (a) enkele woordkorrelate van die stamme waarmee dit saamgesmelt is tot enkel *g*: *glo* (< *ge-loo(f)*), *gun*;
- (b) 'n groepie stamme (hier word gewerk met 'n lys van 63) wat òf nie (meer) in Afrikaans bestaan nie òf waarby die betekenisverband met bestaande woorde (waarskynlik) nie gerealiseer word nie, bv. *geboorte* (< *baar*), *gebrek* (verband met *ontbreek*), *gedrog* (verband met *bedrieg*), *geheim* (verband met *heim(lik)*), *genade*, *genoeg*, *gepeupel* ens.

40. Die groot ooreenkoms tussen wat hier en in W A T staan, vind sy verklaring hierin dat skrywer hiervan ook die stuk in W A T opgestel het.

Hierdie twee groepe lê buite die aktiewe en produktiewe Afrikaanse sisteem. Skakel ons hulle dus verder uit, is die feite in verband met ge- verder soos volg :

1. *ge-* kom voor by

- (a) stamme met s.nw.-korrelate, bv. (1) *gebergte, geboomte, gebroedsel, gedermtte, gesteente, gestoelte* ens. (my lys bevat hiervan 36), en (2) *geaard, geappel, gebaard, gebef, gebek* ens. (my lys bevat 228);  
(b) stamme met ww.-korrelate, bv. *gebaljaar, gebedel, gebel, geblaas, geblaf, geblêr, geblits, geboemel, gebrom* ens. (Die lys bevat 258, maar dit kan nog baie aangevul word.)

**Opm.:** In heelwat gevalle kan die ww. ook as s.nw. gerealiseer word, bv. *geboei, geboek, gebol, gebondel, gebundel, gedeel* ens. (my lys bevat 97 hiervan).

- (c) stamme met bw.-korrelate bv. *gedaarnatoe, gehiarnatoe, geso, gesus* ens.;

**Opm.:** *Gejy* en *gejou* lyk soos afleidinge met die vnwe. *gy* en *jou* as woordkorrelate naas die stam, maar is waarskynlik afleidinge met die ww.-korrelate *gy* en *jou* (in „quotational usage” of selfnoemfunksie) naas die stam.

- (d) stamme met telw.-korrelate. WAT gee o.m. *gedrieë* en *geviere*, maar merk daarby aan – m.i. tereg – dat dit „meer Nederlands” is;

- (e) stamme met die woordsoort van die woordkorrelaat nie volkome seker nie, bv. *gedolliëkos, gejoeg, gepier, gewen* ens. (my lys bevat 13 hiervan);

**Opm.:** Gevalle soos *getoetskrywery, geskuinslêery* ens., en *ge-hot-en-haar-hardlopery, ge-heen-en-weer-swaaiery, ge-op-en-neer-lopery* ens., is reeds onder *-ery* behandel (§ 102).

- (f) *ge-* verskyn ook dikwels by tussenwerpsels, bv. *gedoef-doen* in *Mens kan die haatlike gedoef-doen hoor kom*; *gekarreke-karre-ka* in *Die windjie bring die gereëde gekarreke-karre-ka van die windpomp . . .* (J. van Bruggen: *Die Gesig*, 112); en ook *gekarr-karre* in . . . *die gekarr-karre van die windpomp* (J. van Bruggen: *Marta*, 159), *getippe-getippe-getippe* in *Hy hoor 'n getippe-getippe-getippe agter hom* (*Die Huisgenoot*, 1.10.1948, 86).

Volgens die hele gebruik lyk dit asof ons hier *ge-* plus die verbale tussenwerpsels het, m.a.w. *ge-* + stam met onomatopeïese ww.-korrelaat en nie *ge-* + stam met tussenwerpsel-korrelaat as sodanig nie.

2. Woorde met *ge-* is

- (a) hoofsaaklik s.nwe., bv.

1) *gebak, gebit, gedeelte, gedoente, gehemelte, gehoor, geraamte, geskut* ens., en

2) *gebrou, gebruis, gebrul, gebuk, gebyt, gedans, gedink* ens.;

(b) b.nwe.,

1) byvoeglik gebruikte deelwoorde, bv. *gebrand, gedou, geënt, geglans, gekarring, gekreukel, gekruis* ens., en

2) nie-deelwoordelike b.nwe., bv. *geaar | geader(d), gearm(d), gebaad-jie, geband, gebuidel | gebuil, gedas, geëelt* ens.

**Opm.** 1. Die funksie van *gedomp* en *gedorie* as tussenwerpsels is sekondêr, d.w.s. 'n latere ontwikkeling.

2. Die preposisionele funksie van *gedurende* is 'n sekondêre sintaktiese ontwikkeling uit die teenw. deelw., en *gedurig* is 'n afleiding van *geduren* (ww.) + *-ig*.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes van *ge-*

(a) Daar is heelwat gevalle van min of meer absolute betekenisisolasië, t.w.

1) die gevalle genoem onder A (a), nl. *glo* en *gun*;

2) dié genoem onder A (b), bv. *gereed, gerief, gerug, gesin, gestalte, geweld* ens.;

3) moontlik kan hierby gevoeg word dié gevalle waarin *ge-* nouliks 'n aanwysbare betekenis het, maar tog as betekenis-onderskeidende element teenoor die woordkorrelaat van die stam staan, bv. in *geding, geduld, gelang, gereg, geheel, gedy, gelas, geleed, gelei, gelid, gemoed, geruim, geval* ens.

Dié drie groepe behels s.nwe., b.nwe. en wwe. Waar *ge-* wel onderskeibare betekeniswaarde het, is die waardes as volg:

(b) By s.nwe. met as woordkorrelate vir die stam:

1) s.nwe., gee dit gesamentlikheid of kollektiwiteit te kenne, bv. *gebroe(de)rs, gesous* „die hele ou sous of spul”, *getal*, meesal met 'n agtervoegsel *-te* daarby, bv. *gebeente, gebergte, gebladerte, geboomte, gedernte, gesteente, gesternte, gevogelte* ens.;

2) wwe., gee dit te kenne duratiewe en/of iteratiewe aktiwiteit van wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, dikwels ook met 'n pejoratiewe bybedoeling, bv. *gebaklei, gebraai, gedoef | gedoefdoef, gedraai, gedrentel, gedruis, gefladder* ens., en dikwels met *-ery* daarby, bv. *gelêery, gepratery, gerasery, gerondlopery, gerondryery, medisyne-gehalery* e.d.m. *Ge-* + stam met woordkorrelaat + *-ery* is dan meesal tersienewer as net *ge-* + stam met woordkorrelaat.

Nie ondikwels nie is s.nwe. wat bestaan uit *ge-* + stam met ww.-korrelaat semanties neutraal, ongeveer gelyk aan stam met ww.-korrelaat + *-ing*: s.nwe., bv. *geflonker* „flonkering”, soos in *Sterregeflonker en lig van die maan, waar kom die vreemde betowering vandaan?* (*Die Huisgenoot*: 29.8.1947, 39, kol. 2.)

Dit is verreweg die grootste en die oopste groep in Afrikaans. Ons werk hier met 'n lys van 528.

**Opm.:** Tot groep (b) 2) kan ook gereken word

1. selfnoemgevalle soos ('n) *gesus* (en 'n) *geso*; (wat se) *gejulle* (is dit) (uit die spreektaal); *ek sien Elizabeth frons oor die gekintary* (R. Hendriks: *Mans verbode*, 54); (jou) *gevinnig-vinnig* (kan nou *gerus end kry*) (uit die spreektaal), waarin die afleiding met *ge-* beteken „sê wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, dus *sus sê, so sê, julle sê, kinta sê, vinnig sê* ens.;

2. stamme met bw.-korrelate met *ge-*: *wwe.*, wat beteken „gaan of beweeg soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *gehiernatoe* en *gedaarnatoe*, *gehot* en *gehaar*, *geop* en *geaf* ens., meesal in pare saamgebruik;

3. *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. het die volgende semantiese waardes :

(a) „behandel of bewerk met”, bv. *geolie*, *gelym*, *gesous*, *gesout*, *gesuiker*, *geverniss*, *gewas* ens.;

(b) „met ('n) . . . , of met ('n) . . . aan of op”, of „voorsien van ('n) . . .”, bv. *gebaadjie*, *geblom(d)*/*gebloem(d)*, *gebors(t)rok*, *gebril*, *gedas*, *gegewel*, *gehoed*, *gekamerjas*, *gekeil(d)* ens., 'n uitgebreide groep in Afrikaans. Hier word gewerk met 'n lys van 174 (uit 'n lys van 228 b.nwe. wat van s.nwe. gevorm is);

(c) „verwerk tot . . .” of „ingemaak in . . .” of „gemaak van . . .” of „bedek met . . .” of „met die vorm van . . .”, bv. *geblik*, *gedwarsbalk*, *gegolf*, *gekam(d)*, *gekeper(d)*, *geklei*, *gekonfyt*, *gekors*, *gerubber(d)*, *geskulp* ens.

**Opm.** 1. Die meeste b.nwe. met deelwoordelike vorm, afgelei van *wwe.* wat ook as s.nwe. gerealiseer (kan) word, kan semanties onder hierdie drie groepe tuisgebring word, bv. *geasyn*, *geglasuur(d)*, *gegrief*, *gehamer*, *gekartel(d)*, *geklont*, *gekrap*, *geleer* ens., maar daar is tog allerlei gevalle waar iets bybedink moet word, bv. *gegrond* „op goeie grond of redes steunende”; *gekneg* „diensbaar (tot kneg) gemaak”; *gekoek* „dig opmekaar gepak sodat dit aan mekaar kleef of teen mekaar vasgedruk is”; *gekraal* „in 'n kraal gejaag of opgesluit”; *gekruis* „in die vorm van 'n kruis oor mekaar geplaas”; *gelaer* „verblyf houdende in 'n laer”; *gereeld* „telkens volgens 'n vaste reël of reëls geskiedende”; *geskut* „in 'n skutkraal”; *gestroomlyn* „vaartbelyn” ens.

2. Die verband tussen die betekenis van die b.nw.-afleiding en die s.nw.-korrelaat is soms nie duidelik of deursigtig nie, bv. *geaap* „dronk”. WAT noem geen *aap* in hierdie of 'n „verwante” betekenis nie. *Gebaard* „dronk, aangeklam” is moontlik 'n vervorming van Engels *bar* „kroeg”. *Gekait* („dronk” lyk meer na 'n verdraaiing van Engels *tight* as na die Engels *kit* (deur WAT genoem). Ander voor-

beelde is o.m. *gekonfyt* „vertroud met” ens., *gepikkewaan*, *getee*, *geteewater*, *getier*, *gedollietos* „bankrot”, *gepier* „gekul, gefop”, *geswawel* ens.

3. Ander funksies en betekenis van vorme met *ge-*, soos *êrens aangesit kom* en *iets gedrink of gestaan kry* ens. word in ’n volgende bundel behandel.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

(a) Van *ge-* + stam met ww.-korrelaat : s.nw., van die tipe (*n*) *gehoes*/*gehol*/*gehuigel*/*gehuil*/*gehum*/*gehunker*/*gehuppel* kan begripsoortelik niks anders gesê word nie,

1) omdat *ge-* by die meeste stamme met ww.-korrelate gevoeg word om ’n deelwoord te vorm en

2) omdat vrywel elke dusdanige vorm as s.nw. kan fungeer.

(b) van *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw. val begripsoortelik op dat dit veral woorde is in verband met mense en diere, flora en aardverskynsels, bv.

<i>gebeente, gebit,</i>	<i>gebladerte,</i>	<i>gebergte,</i>
<i>geboefte, gebroeders,</i>	<i>geboomte,</i>	<i>gesteente,</i>
<i>gebroedse, gedermte,</i>	<i>gewas.</i>	<i>gesterntte.</i>
<i>gedierte, gespuis.</i>		

(c) Van *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. val begripsoortelik die volgende op :

1) ’n groot gedeelte (92 uit 228) is die name van dele van die mense-liggaam of van sy klere, bv. *ge-aar*, *-arm*, *-baadjie*, *-bef*, *-bek*, *-blom*/*bloem(d)*, *-borstrok*, *-broek*, *-bril*, *-das*, *-gespe*, *-handskoen*, *-hoed*, *-horing(d)*, *-humeur(d)*, *-jas*, *-kamerjas*, *-kometers*, *-kopdoek* ens.;

2) ’n belangrike deel is die name van flora en fauna en/of onderdele en kenmerke daarvan, bv. *ge-gaffel(d)*, *-hoef*, *-hoof*, *-keper(d)*, *-kieu*, *-kinkel(d)*, *-klok*, *-klou*, *-knoes*, *-knop*, *-knots* ens.;

3) die meeste is name van konkrete dinge of aanskoulikhede rondom die onmiddellike bestaan van die mens, bv. *ge-anker*, *-appel*, *-band*, *-bel*, *-blik*, *geer(d)*, *-gewel*, *-gleuf*, *-gorrel*, *-kamer(d)*, *-kerk*, *-kurk*, *-laag* ens. Dit sluit ook die grootste deel van 1) en 2) hierbo in.

## C. Diachronie

Die woordsoortelike, semantiese en begripsoortelike tipes wat hier bespreek is, is almal tipes van Nederlands geërf.

1. Uit 97 gevalle waar ons isolasie van vorm of betekenis het, is net twee nie ook Nederlands nie, t.w. *glo* en *gesels*.

2. Uit 528 gevalle van *ge-* + stam met ww.-korrelaat : s.nw. is ten minste 441 (= 83.4%) ook Nederlands, bv. *geaarsel*, *gebabbel*, *gebak*, *gebalk*,

*gebasel, gebedel, gebeef, gebeier, gebel, gebengel, gebeuk, gebeur, gebeusel, gebimbam* ens. Moontlik is die werklike persentasie nog hoër, want ons het net nageslaan in die WNT en Van Dale, en die WNT sê uitdruklik dat dit nie alle afleidinge met *ge-* gee nie. Schönfeld<sup>41</sup> sê van Nederlands: „Zeer gewoon is de vorming van verbaalabstracta met *ge-*, . . . vgl. ndl. *ge-brom, ge-zucht, ge-kraak* . . .”

3. Uit 97 gevalle van *ge-* + stam met ww.- en s.nw.-korrelaat : b.nw. met deelwoordelike vorm, is ten minste 86 ook Nederlands, bv. *geaard, geasyn, gebal(d), gebobbel(d), geboei, geboek, gebotter, gebrand, gebundel, gedeel, gedou*.

4. Uit 36 gevalle van *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : s.nw., is 35 ook Nederlands, bv. *gebak, gebeente, gebergte, gebint, gebit, gebladerte, geboefte, geboomte, gebou*.

5. Uit 228 gevalle van *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. (nie deelwoordelik) is ten minste 149 ook Nederlands, bv. *geaard, geaar/geader(d), geanker, geappel, gearm(d), gebanvloek, gebeen, gebef, gebek, gebel*.

#### **D. Produktiwiteit**

Uit groepe C. 1 t/m 5 lyk dit dus asof ons sowat 178 uit 889, d.w.s.  $\pm 20\%$  self gevorm het, bv.

1. *gebaklei, gebalanseer, geboemel, gebuk, gedein, gedruk, gedrup, ge-druppel* ens.;
2. *gebalk, gebed, gebol, gebondel, gekol, gekraal, gekrap* ens., 'n groepie van net elf, en
3. *geaap, gebaadjie, gebrand, gebier, geblik, geborstrok, gebos, gebuffer, gebuidel/gebuil* ens.

Dit wil sê dat, as ons op die vergelyking met Nederlands afgaan, Afrikaans produktief was veral ten opsigte van *ge-* + stam met ww.-korrelaat : s.nw. en *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw. *Ge-* + stam met ww.-korrelaat : s.nw. is na ons oordeel 'n vrywel volkome ope konstruksie (vgl. ook B 2. (a) hiervan) en *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat : b.nw., veral ook ten opsigte van dié begripsgroepe wat in B 2. (c) 1) t/m 3) omskryf is.

'n Heeltemal ander vraag is of *ge-* afleidinge, veral en bv. van *ge-* + stam met ww.-korrelaat, in Nederlands net soveel gebruik word of is soos in Afrikaans. Om dit te wete te kom, sal uitgebreide nalesing van Afrikaans en Nederlands nodig wees. Oordeel 'n mens volgens die *Zeven-tiende Eeuwsche Treur- en Blijspelen* van Thomas Asselyn, en *Het Nederlandsche Kluchtspel* van J. van Vloten, is die indruk dat Afrikaans meer

41. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 238, § 160c.




gebruik, want in die 1114 bladsye van dié twee bundels kom net 47 gevalle voor, bv. *gekerm, gebou, geroep, geschrey, gedruys* ens., en 'n mens sou in Afrikaans baie meer verwag.


Om die verwagtinge te toets, is dus uitvoeriger geëkserpeer, met die volgende resultate:

		<i>ge- per</i> 100,000 woorde
<b>Afrikaans</b>		
A. Blignault	- <i>In Klein Maat</i>	15
Boerneef	- <i>Pensie</i>	50
Boerneef	- <i>Boplaas</i>	26
Eitemal	- <i>Jaffie</i>	38
Mikro	- <i>Toiings</i>	15
Mikro	- <i>Rou Rieme</i>	15
Dirk Mostert	- <i>Petaljes van Oom Bart</i>	35
Minnie Postma	- <i>Lettie Bock kom kuier</i>	17
E. de Roubaix	- <i>Boesmanlandse sketse en verhale</i>	55
C. G. S. de Villiers	- <i>Snel dan Jare</i>	2
<b>Suid-Nederlands</b>		
E. Claes	- <i>De Witte</i>	29
E. Claes	- <i>Sichemsche Novellen</i>	28
E. Claes	- <i>De vulgaire geschiedenis van Charelke Dop</i>	10
F. Timmermans	- <i>Pallierter</i>	109
F. Timmermans	- <i>De Pastoor uit den bloeyenden Wijngaardt</i>	18
F. Timmermans	- <i>Pieter Breughel</i>	65
<b>Noord-Nederlands</b>		
J. H. van Doorne	- <i>Achter den Waaldijk</i>	67
C. J. Kelk	- <i>Jan Steen</i>	57
Anne de Vries	- <i>Bartje</i>	69
Theun de Vries	- <i>Het Rad der Fortuin</i>	30
Ant. Coolen	- <i>De Drie Gebroeders</i>	36
Oostfloorn	- <i>Dorpsschetsen</i>	13

Die gemiddeldes per 100,000 woorde is: Afrikaans 25.45; Suid-Nederlands 40.44; Noord-Nederlands 45.33.

Aangesien *ge-* + ww.-korrelaat : s.nw. ongeveer dieselfde waarde het as stam met ww.-korrelaat + *-ery* : s.nw., moet die getalle van *ge-* dus naas dié van *-ery* gestel word: (*-ery*: Afrikaans 60.5; Suid-Nederlands 20.78; Noord-Nederlands 15.25). Dan word twee dinge taamlik duidelik:





1. Nederlands gebruik veral vorme op *ge-* waar Afrikaans veral vorme op *-ery* gebruik, maar

2. Nederlands gaan met die *ge-* nie so ver as Afrikaans met die *-ery* nie. Dan kan dit toeval wees dat *-ery* by ons die populêrste geword het en *ge-* in Nederlands, maar dat ons gebruiksfrekwensie soveel hoër lê (Afrikaans *-ery* 60.5 teenoor Nederlands *ge-* (gemiddeld) 42.8) lyk nie na toeval nie.

Hier word ook herinner aan die getal in verband met *-erig* (Afrikaans 51.18 : Nederlands (gemiddeld) 11.16).

Dit lyk asof styl hiervoor die verklaring bied, en dit sou dan as volg inmeekaarsit : die Afrikaanse letterkunde gebruik *-ery* en *-erig* met 'n hoër frekwensie omdat die Afrikaanse letterkunde oor die algemeen meer in die volkstaalstyl geskrywe is, en Nederlands omgekeerd. Dit volg dus die wet wat in verband met verkleinwoorde<sup>42</sup> gevind is, nl. dat die gebruik van fakultatiewe verkleinwoorde in hoofsaak deur die styl bepaal word: hoe strakker die styl of die ingesteldheid van spreker of skrywer, hoe minder verkleinwoorde gebruik hy, en omgekeerd.

Nou was dit 'n metodiese fout om in die studie van die verkleinwoord met die getal bladsye per bundel te werk, daarom is die getalle almal omgewerk tot die getal verkleinwoorde per getal woorde per bundel, en die resultate herbevestig daardie „wet”.

In daardie studie is ook gewys op die taalomgewing van die verkleinwoord. Nou kan al meegedeel word dat onder meer die volgende taalvorme tot daardie taalomgewing hoort en dat ook hulle gebruiksfrekwensie in eerste instansie deur die stylsoort bepaal word: die verbale hendiadis,<sup>43</sup> die iteratief-kompositum<sup>43</sup> en afleidinge van *ge-* + stam met ww.-korrelaat : s.nw. en stam met ww.-korrelaat + *-ery* : s.nw. in 39 bundels is geëkspepeer met die oog op die gebruik van verkleinwoorde, verbale hendiadisse en iteratiewe. Die getalle is omgewerk tot wat hulle sou wees indien alle bundels, uitgedruk in getal woorde per bundel, ewe lank sou wees. Die bevinding is die volgende: as 'n bundel dié drie taalvorme gebruik, word hulle gebruik in die getalsvolgorde: verkleinwoorde die meeste, verbale hendiadisse minder, iteratiewe die minste, maar met 'n kwalifikasie, naamlik dat die gebruik van verkleinwoorde nie laer daal as ongeveer 5 per 10,000 woorde nie. (Die gevoeligheid van taalvorme vir die registrasie van verskille in styl eindig blykbaar wanneer die gebruiksfrekwensie benede 'n sekere punt daal, maar die presiese hoogte daarvan is nog nie bekend nie.) Die meegaande histogram illustreer hierdie „wet” baie duidelik.

Keer ons nou tot afleidinge op *ge-* en *-ery* terug, kan die „wet” verder uitgebrei word en gesê word (met dieselfde kwalifikasie as hierbo): as

42. Kempen, W. : *Die verkleinwoord in Afrikaans*.

43. Vergelyk voorafgaande tabelle.

'n bundel die volgende vier taalvorme gebruik: verkleinwoorde, verbale hendiadisse, s.nwe. met *ge-* of *-ery* afgelei van *wwe.*, en iteratiewe, word hulle gebruik in die getalsvolgorde: verkleinwoorde die meeste, iteratiewe die minste, en die ander twee vorme in 'n tussenposisie. Dit lyk dus nie alleen soos 'n stylwet van Afrikaans nie, maar ook soos 'n struktuurwet van die bou van Afrikaans self, dat dié vorme in hoë mate altyd deel is van dieselfde taalomgewing.

Maar die statistiese taalkunde het nog 'n groot taak om hierdie voorlopige bevinding aan die hele Afrikaanse literatuur te toets. Sy dank sal wees dat taalbelangstelling sodoende tot taamlik eksakte taalwetenskap gehef sal kan word.

### § 106 -gewyse

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 2.)

Hoewel *-gewyse* volkome soos 'n selfstandige woord lyk, is dit 'n onselfstandige morfeem, en meer bepaald 'n agtervoegsel, meesal met die vorm *-gewyse* (soms ook *-gewys*).

Die sisteem van woorde met *-gewyse* is baie eenvoudig: *-gewyse* vorm bywoorde by s.nw.-stamme, meesal met 'n verbindingsklank *-s-*, om te kenne te gee „by wyse van, in die vorm van, soos, in die een na die ander van wat deur die stam met s.nw.-korrelaat genoem word”, bv. *artikels-gewyse*, *bekersgewyse*, *broksgewyse*, *deelsgewyse*, *halfmaansgewyse*, *klompiesgewyse*, *speelsgewyse*, *steelsgewyse*, *trapsgewyse*, *stuksgewyse* ens.

Soms kom die s.nw. hierby in iteratiewe vorm voor, bv. *bietjies-bietjies-/klompies-klompies-/paar-paars-/trop-tropsgewyse* e.s.m. (Vgl. § 48.)

**Opm. 1.** *Speel* en *steel* is dan blykbaar die s.nwe., nie die *wwe.* nie.

2. Komposita met stamme met *ww.-*korrelate + *-wyse* het 'n soortgelyke waarde, bv. *lopender-/pratender-/spelenderwyse* e.d.m.

### § 107 -heid

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 2.)

Afleidinge op *-heid* is volop en so vryelik vormbaar in Afrikaans dat getalle misleidend kan wees. Tog meen ons dat ons lys van 2,679 voorbeelde 'n redelike beeld van die hele toestand kan gee.

#### *Vrae oor -heid*

Van die gewoonste *vrae* in verband met *-heid* is byvoorbeeld of die volgende in ooreenstemming is met die bou van Afrikaanse woorde op *-heid*,

bv. in *En Piet gee geen bewys van roerentheid dat hy dit ooit gaan doen nie* (Jochem v. Bruggen: *Die Noodlot*, 12) en in *En waarom kry jy altyd ander mense wat blykbaar dinge, goeters, aanmeakaargesithede, mooi blink steentjies het, wat jy nie het nie?* (A. Heymans: *Van Willem en San*, 65); *Hierdie donkie, waarop kinders in 'n dieretuin in Engeland ry, het met 'n Afrikaanse luislang dik bevriend geraak. Dit kan natuurlik ook maar sommer van dikdoodheid wees, of miskien omdat hy diep dink, dat die donkie so rustig staan* (*Die Burger*: 12.10.1957); *Die seuns en dogters stort hul siel uit in wild-rasende dronkenheid* (D. F. Malherbe: *Die hart van Moab*, 56); *Dit is die eerste geboretheid van August se volhardende handewerk* (D. F. Malherbe: *Die Bergstroom ruis*, 56).

### A. Woordsoortelike Sisteem

Die woordsoortelike sisteem van *-heid* is uiters eenvoudig en eensoortig: *-heid* vorm naamlik net s.nwe., met (hoofsaaklik) stamme met b.nw.-korrelate (99+%), bv. *aakligheid, aamborstigheid, aanbevelenswaardigheid, aanbiddelikheid, aanbiddenswaardigheid, aandadigheid, aandagtigheid, aandoenbaarheid, aandoenlikheid, opdringerigheid*.

**Opm.** 1. *Godheid* en *mensheid* is die enigste twee stamme met s.nw.-korrelate + *-heid* wat ons aangeteken het, maar dan waarskynlik van die substantiewiese b.nwe. soos in bv. *Hy was god en mens*.

2. In 'n paar gevalle is dit nie sonder meer duidelik hoe die woordkorrelaat van die stam beskou moet word nie, bv. *alheid* (*al*: stam met telw.-korrelaat?), *eenheid* (*een*: stam met telw.-korrelaat?), *ekheid* (*ek*: stam met vnw.-korrelaat?).

Van Afrikaanse standpunt uit, hoef ons ons hieroor nie besorg te maak nie, omdat dit almal ergoed uit Nederland is.

Lastig om te begryp, is gevalle soos *aanmeakaargesithede, wetenheid, bolhede, pantoffelheid*.

Hulle is nie Nederlands nie, is dus waarskynlik in Afrikaans gemaak. Maar na analogie waarvan, as byna al ons voorbeelde stam met b.nw.-korrelaat + *-heid*: s.nw. is? Dit lyk asof ons dit só kan verstaan: *aanmeakaargesithede* het nie die stam met ww.-korrelaat *aanmeakaargesit* nie, maar die stam met b.nw.-korrelaat *aanmeakaargesit*, soos in bv. *Dis sommer goed wat aanmeakaargesit is*, waarin *aanmeakaargesit* byvoeglik opgevat kàn word.

*Wetenheid* kom voor in die vorm *wetendheid* en kan dus (ook) 'n afleiding wees met die stam met b.nw.-korrelaat *wetende*.

*Bolhede* kan 'n afleiding wees met die stam met b.nw.-korrelaat *bol*.

*Pantoffelheid* kan nie anders opgevat word dan as stam met s.nw.-korrelaat + *-heid* nie en lê dus buite die eintlike woordsoortelike sisteem van Afrikaans. Die brug tot hierdie vorm lê in die byvoeglike van die

bedoeling „om waarlik pantoffel te wees”. Vgl. „om waarlik predikant te wees”, „om waarlik opreg te wees” ens.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

*-Heid* benoem „toestand, houding, gesindheid, geneigdheid van te wees soos” deur die woordkorrelaat van die stam genoem, of ook „iets wat is soos” deur die woordkorrelaat van die stam genoem, bv. *aakligheid, aamborstigheid, aanbevelenswaardigheid, aanbiddelikeid, aanbiddenswaardigheid, aandadigheid, aandagtigheid, aandoenbaarheid, aandoenlikheid, aandringerigheid*.

### 2. Begripsoortelike Sisteem

Afleikbaarheid met *-heid* skyn moontlik te wees met enige begripsoort: esteties, sintuiglik, geestelik, intellektueel, ruimtelik, t.o.v. houding, standpunt, vorm, toestand, liggaamlik, amelioratief, pejoratief, neutraal ens., bv. *aanskoulikheid, aanspreeklikheid, aanstellerigheid, aantreklikheid, aanvaarbaarheid, aanvalligheid, aanwesigheid, affekgeladenheid, afgebetenheid, afgebeuldheid, afgebrokenheid, afgedaanheid, afgedanktheid, afgedraagdheid, afgekeerdheid, afgeknotheid, afgeleëntheid, afgeleefdheid, afgesaktheid, afgeskeidenheid, afgeskriktheid, afgeskuinstheid, afgesletenheid, afgesloofdheid, afgeslotenheid* ens.

## C. Diachronie

*-Heid* is van Nederlands geërf saam met (waarskynlik) enige duisende afleidinge daarmee: van ons lys van 2,679 kom ten minste 1,917 ook in Nederlands voor (=  $\pm 71\%$ ), soos gegee deur die WNT en Van Dale.

### Vergelyking met Nederlands

Ons kan nie aanneem dat die 762 wat ons nie in die genoemde Nederlandse bronne gevind het nie, ook beslis nie in Nederlands voorkom of voorgekom het nie, want die woordeboeke gee ook nie alles nie. Net so min kan ons eintlik aanneem dat dié van ons wat wel daar gevind is, almal ook deur ons geërf of geleen is: daar skyn geen rede te wees waarom ons nie bv. *afsydigheid, afvalligheid, afwesigheid, agterbaksheid, agterdogtigheid, agterhoudendheid, agterlikheid, alleenheid, almagtigheid*, ens. self sou gevorm het nie, al is hulle ook Nederlands. (Sommige is duidelik geërf, soos blyk uit die afwesigheid in Afrikaans van woordkorrelate vir die betrokke stamme, bv. *noestheid, nywerheid* ens.) As ons al die berekeninge sou kon maak ten opsigte van daardie getal van 762 „eies”, lyk dit nogtans baie onwaarskynlik dat almal geërf sal wees: allerlei gebruiksomstandighede van bv. *agterstevoordeid, apartheid, baarheid, hongerheid*

maak dit redelik seker dat dit ons eie maaksels is, en ons kan betreklik vryelik nuwes vorm. *-Heid* was en is dus klaarblyklik nog, baie produktief.

## § 108 her-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide wwe. onder groep 3. en by skema vir afgeleide substantiewe onder groep 8.)

Ons het heelwat woorde met *her-* in Afrikaans, bv. *heraanbied*, *heraanpas*, *herabsorbeer*, *heradresseer*, *herbebos*, *herbegin*, *herbegraaf*/*herbegrawe*, *herbekragtig* ens. Hier word gewerk met 'n lysie van 205.

### A. Woordsoortelike Sisteem

#### 1. *Her-* vorm

- (a) hoofsaaklik werkwoorde: van die 205 is 142 net werkwoord (= 69%), bv. *herbelas*, *herbeleef*, *herbelyn*, *herbenoem*, *herbeplant*, *herbeset*, *herbeskryf*, *herbesnaar*, *herbevestig*, *herbeviess*;
- (b) selfstandige naamwoorde, 47 van die 205 (= ±23%), bv. *heraanplanting*, *heraansluiting*, *heraanstelling*, *herbekoling*, *herbesmetting*, *hereksamen* ens.;
- (c) 8% is: 1) werkwoord en selfstandige naamwoord (11 gevalle), bv. *herbou*, *herdruk*, *hergroei*, *herkoop*, *herondersoek*, *heropbloei*, *herstel*, *herverhoor* ens., 2) net byvoeglike naamwoord, bv. *herbore*, *herdiets*, *herkruk*, *herontbloot*, en 3) die geval *herkruis*, wat werkwoord en byvoeglike naamwoord is.

**Opm.** 1. *Herbore* is van sinchroniese standpunt geen afleiding op *her-* nie, diachronies wel, as volt.deelw. van Nederlands *herbaren*.

2. *Herdiets* is nie Nederlands nie, en moet dan tot nadere aandag beskou word as 'n afleiding van Afrikaans *diets*, en dan as sowat die enigste b.nw. wat so gevorm is.

3. *Herkruk* en *herontbloot* is nie Nederlands nie. Die vorming daarvan word hierna bespreek.

#### 2. Afleidings op *her-* is gevorm met

- (a) hoofsaaklik stamme met ww.-korrelate, nl. 143 van die 205 (= 70%), bv. *herbewapen*, *herbewerk*, *herbind*, *herboor*, *herbou*, *herdeel*, *herdig*, *herdink*, *herdiskonteer*, *herdistribueer*, *herdoek* ens.;
- (b) stamme met s.nw.-korrelate, nl. sowat 46 van 205 (= 22%), bv. *heraanplanting*, *heraansluiting*, *heraanstelling*, *herafsetting*, *herbekoling*, *herbesmetting*, *herblok*, *hereksamen*, *hergebruik*, *herinenting*, *herinskrywing* ens.

Eintlik kan ons hier nie met volkome sekerheid sê dat *her-* wel by s.nwe. gevoeg is nie. Die posisie is naamlik so dat die WNT wel dié



vormingswyse vir Nederlands aangee, naamlik meesal *her-* plus ww. of wat daarmee verband hou, maar net in sowat vier gevalle dat dit van 'n s.nw. gevorm is, bv. *herexamen*|-disconto|-tribunaal|-wissel.

Dat dit by s.nwe. so beperk is in getal, is deur Van Ginneken verklaar. *Her-* is naamlik die Vlaamse representant van Frans *re-*, en die meeste Franse leenwoorde met *re-* is wwe.; die s.nwe. is min.

Van sinchronies Afrikaanse standpunt uit het ons dikwels geen keuse nie, moet ons die vorming beskou as *her-* + stam met s.nw.-korrelaat, bv. *heraanplanting*, *heraansluiting*, *heraanstelling*, *herinenting*, *herinvoering*, *herontkieming*, *herontmoeting* ens., omdat ons nie ooreenstemmende wwe. *heraanplant*, *heraansluit*, *heraanstel* ens. het nie.

Wat blykbaar hier gebeur het, is dit: na analogie van bv. *kristal* – *herkristallisering*, *oorweeg* – *heroorweging*, *organiseer* – *herorganisering* e.d.m., is nou ook byvoorbeeld gevorm van *aanplant* – *heraanplanting*, *aansluit* – *heraansluiting*, *aanstel* – *heraanstelling* ens., sonder wwe. soos *heraanplant* ens., 34 van die 47 s.nwe. is dan ook s.nwe. op *-ing* (soos hierbo).

In enkele gevalle kry ons *her-* bywoorde op *-asie* i.p.v. *-ing*, bv. *heroriëntasie*, *herregistrasie*, *herwaardasie*, maar dit raak nie die *hernie*: *-asie* en *-ing* kom op uitgebreide skaal by dieselfde woorde in Afrikaans voor, en met dieselfde of baie nou-verwante waarde.

Die proses kon in sommige gevalle ook anders verloop het, naamlik so dat *her-* by 'n stam met ww.-korrelaat gevoeg is en dat dié hele afgeleide ww. dan sonder meer as s.nw. gebruik is/word, bv.

*herbou*: ww. > s.nw.

*herstel*: ww. > s.nw.

*herdoop*: ww. > s.nw.

*herverhoor*: ww. > s.nw.

*herontwerp*: ww. > s.nw.

*herverkoop*: ww. > s.nw.

*heropbloei*: ww. > s.nw.

Volgens Van Ginneken<sup>44</sup> is dit ook presies wat gebeur het by Nederlands *herbou*|-*druk*|-*koop*|-*trouw* ens.

Maar ons kry ook ander fases, nl. (1) dié waar s.nw. en ww. onafgeleid dieselfde vorm het, bv. *gebruik*|-*verbruik*, en (2) dié waar die s.nw. 'n ander vorm het, bv. *klank* (naas die ww. *klink*), *opname* (naas *opneem*), *toetrede* (naas *toetree*), *uitgawe* (naas *uitgee*) ens., maar wat regstreeks met dié wwe. verband hou. Dan is dit 'n normale stap van byvoorbeeld die bestaande *oorweeg* naas *heroorweging*, *aanplant* naas *heraanplanting*, *herbou*|-*gebruik*|-*verbruik* ens. tot bv. *herklank*|-*opname*|-*toetrede*|-*uitgawe* ens. En ook dit het volgens Van Ginneken ook so in Nederlands verloop.

44. Van Ginneken, Jac.: „Een Fransch voorvoegsel in het Nederlandsch of een oer-europeesch prae-indogermaansch relicht”, *Neophilologus* XIII, 246.

Op grond daarvan dat so baie van dié soort woorde in Afrikaans nie ook in Nederlands aangeteken is nie, moet ons in elk geval aanneem dat *her-* in Afrikaans soms regstreeks by 'n s.n.w. gevoeg word/is.

Na die voltooiing van die manuskrip hiervan het die WAT nog 'n ruime aanvulling van dié soort voorbeeld gebring. Uit 'n lys van ongeveer 250 woorde met die voorvoegsel *her-*, waarin gevalle soos *heraanpas* en *heraanpassing* as twee getel is al is die s.n.w. duidelik afgelei van die ww., gee WAT dosyne van die tipe *heraanplanting*/*-aansluiting*/*-aanstelling*/*-aanvaarding* sonder wwe. *heraanplant*/*-aansluit*/*-aanstel*/*-aanvaar* daarnaas.

(c) In 'n paar gevalle is *her-* ook by ander woordsoorte gevoeg, bv. *herdiets*, *herenig*, *herinner*, *herlewending*, *hernuwe*, *hernieu*, *herower* ens., maar hulle is in sekere sin „unica”.

1) *Herdiets* as b.n.w. kan beskou word as die predikatiewe deelwoord van die ww. *herdiets*, òf as onderskeidingsvorming teenoor *verdiets*, wat in Nederlands gevorm is van die ww. *dietsen* (reeds Middel-nederlands).

2) *Herenig* is in Nederlands na die model van Frans *rèunir* gevorm eers as *vereenen*, waarop *vereenigen* (met *-igen*) gevolg het en toe (met betekenisverskil) *herenigen*.

3) *Herinner* is in die Hoogduitse vorm *erinnern* in Nederlands oorgeneem, en later is *er-* deur *her-* verdring. Merkwaardig is die aantekening van die WNT hierby, naamlik „Nog lang is (h)erinneren blykbaar een vrij ongewoon woord gebleven (in de Staten-vertaling komt het niet voor); nog in 1712 zegt Sewel . . . er van: „Het woord . . . is ook één van die, welke sommigen . . . niet gevallen.” (WNT VI, 613.)

Daar is nêrens in Afrikaans enige teken van *erinner* nie, net so min as wat daar enige teken is dat *herinner* ooit anders as algemeen was.

4) *Herlewending* is 'n afleiding van Nederlands *herlevendigen*, wat gevorm is van *her-* plus *levendig* (b.n.w.), waarby kontrastering met *verlevendigen* ook weer 'n rol gespeel het, soos by *herenigen*/*ver-enigen*.

5) *Hernuwe*/*hernieu* is Nederlands *hernieuwen*, gevorm van die Nederlandse ww. *nieuwen* (dus nie van die b.n.w. *nieuw*, Afrikaans *nuwe*/*nuut* nie).

6) *Herower*. Die WNT sê van *heroveren* o.m. „met *her-* gevormd naar het voorbeeld van *veroveren*.” (WNT VI, 634.)

Is *herdiets* dan miskien ook 'n vorming wat ontstaan het na en teenoor die normale *verdiets*? (Vgl. *ver-* + stam met b.n.w.-korrelaat, § 139 hiervan.)

Afleidinge op *her-* sentreer dus om wwe. en s.n.w. wat regstreeks met wwe. verband hou.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese waardes

- (a) *Her-* gee meesal te kenne „opnuut, oor, weer” (88% van ons lys), byvoorbeeld behalwe in baie van die reeds gebruikte voorbeelde, ook in *herabsorbeer*, *heradresseer*, *heraflewer*, *herannekseer*, *herbeeld*, *herbegin*, *herbekragtig*, *herformuleer*, *hergradeer*, *hergraveer* ens.
- (b) Baie na verwant aan (a) is die waarde „anders” (4%), soos in bv. *herblok*, *herfatsoeneer*, *hergroepeer*, *herindeel*, *hernoem* ens.
- (c) Duidelike betekenis-isolasie het ons in sowat 8% van alle gevalle, bv. *herbore*, *herdenk*, *herenig*, *herhaal*, *herinner*, *herlei*, *herower*, *herroep*, *hersien*, *hervat* ens.

Ons moet verwag dat nuwe vorminge die semantiese waarde van (a) en (b) sal hê.

### 2. Begripsoortelike Sisteem (Veld):

Die vorming van afleidinge op *her-* is nie tot sekere begripsgroepe beperk nie: vergelyk maar bv. *heraanbied* / *-beeld* / *-begrawe* / *-diskonteer* / *-druk* / *-gebruik* / *-kleur* / *-lees* / *-ontwikkel* / *-open* / *-roep* ens. Tog kan op twee punte gewys word:

- (a) Ons het hier veral met oorganklike wwe. te doen; byna almal is van dié groep: kyk maar na min of meer alle gegewe voorbeelde.
- (b) Hoewel die meeste *her-*afleidinge taamlik algemeen gebruik word, is hulle nie juis volkstaal nie (in Nederlands ook nie<sup>45</sup>). *Herkou* is een van die weinige „boere”-woorde. In die gewone taal gebruik mense meesal, behalwe waar daar isolasie van betekenis is (groep 1. (c) hier voor), ander woorde om die begrip *her-* mee te stel, bv. „oor, weer, terug, nog ’n keer” ens., byvoorbeeld by die werkwoordelike gedeeltes van *herkies* / *-kleur* / *-koop* / *-kry* / *-laai* / *-lê* / *-leer* / *-lees* / *-nommer* / *-omskryf* ens.

Omdat die vormingswyse van afleidinge met *her-* reeds by die woordsoortelike sisteem nagegaan moes word, kan nou direk aandag gegee word aan die vraag van moontlike produktiwiteit.

## C. Produktiwiteit

Die produktiwiteit is maklik bepaalbaar ten opsigte van s.nwe. (vgl. voorop), maar nie ten opsigte van wwe. nie. Vergelyking van ons lys met Nederlands (WNT en Van Dale) lewer die volgende: van die 205 gee dié twee naslaanbronne net 77 (dus ongeveer 37%), bv. *herbeginnen* / *-benoe-*

45. Volgens C. B. van Haeringen in „Romaanse invloed door Zuidnederlandse bemiddeling”, *De Nieuwe Taalgids* xxviii, 107.

men/-binden/-bloeien/-bouwen/-delen/-denken ens. Onder die byna 130 wat nie in Nederlands gevind is nie, kan byvoorbeeld die volgende genoem word: *heraanbied*|-*aflewer*|-*begrawe*|-*beskryf*|-*bevries*|-*bewapen* ens. Moet ons nou werklik so 'n groot getal as eiegoed beskou? Dit sou 'n gewaagde afleiding wees, gesien Van Ginneken se berekening dat Nederlands tans in die buurt van 'n 300 wwe. met *her-* het. (Aangehaal deur Schönfeld-Van Loey<sup>46</sup>.) Met wat Van Ginneken gee voor ons (in *Neophilologus* XIII, 161 vlg. en 241 vlg.: 'n lys van honderde) kom daar by die 77 nog vyf, nl. *herbeeld*, *herbewapen*, *herloop*, *heropwek* en *hervra*. As ons dié bykomende groep nou maar as leengoed (nie as erfgoed nie, daarvoor is hulle te jonk) beskou, beteken dit nog altyd dat Afrikaans sowat 123 uit 205 self gevorm het. In die lig van wat elders gevind is, naamlik dat afleidings met formantia wat tot die omgangstaal behoort, meesal in die buurt van 'n 80% erfgoed is, sou dit verbasend wees as en dat Afrikaans met 'n formans wat in Nederlands meer tot die akademiese taal behoort, soveel nuwegerd sou gaan vorm het. Maar nou sê De Vooys<sup>47</sup> en Schönfeld-Van Loey<sup>48</sup> dat *her-* veral in Suid-Nederland baie gebruik word. Oor *her-* in Suid-Nederlands, of liever Wes-Vlaams, sê De Bo<sup>49</sup> onder meer: „Voorvoegsel dat in de schrijvende taal onafscheidbaar en zonder klemtoon is, maar in de sprekende taal ook afscheidbaar en geklemtoond. Dus zeggen wij *doe dat her*, *schrijf dat her*, *zeg dat her* enz., zoowel als *herdoe dat*, *herschrijf dat*, *herzeg dat*. Om eene aanhoudende werking aan te duiden, zegt met b.v. *het duurt en blijft duren*, *hij klapt en blijft klappen*, *het regent en blijft regenen*, enz. doch men zegt ook *het duurt en herduurt*, *hij klapt en hêrklapt*, *het regent en hêrregent*, enz. met den klemtoon op *her*. „Ik heb schoon zeggen en *herzeggen*, *preêken* en *herpreêken*, 't en kan al niet baten.’”

Word dié inligting oor Wes-Vlaams teenoor die Afrikaanse feite gestel, is dit volkome duidelik dat die Vlaamse gebruik baie van die Afrikaanse verskil. Dan verbaas dit 'n mens ook nie dat net vier van die negentien wat De Bo gee, ook Afrikaans is nie, naamlik *herbegin*|-*berg*|-*roep* en *herskryf*, en dat die meeste Vlaamses nie Afrikaans is nie, bv. *herduren*|-*gaan*|-*heulen*|-*nokken*|-*oegst*|-*regenen*|-*spijzen* ens.

Met die nie-Vlaamse deel van Nederlands is dit blykbaar net so gesteld, d.w.s. daar was klaarblyklik ook 'n mate van eie taalaktiwiteit rondom die gebruik van *her-* in nuwe afleidings, want hoewel net sowat 40% van ons lys ook daarin voorkom, kon met weinig moeite 'n lys van 60 Nederlandses opgestel word wat nie in Afrikaans voorkom nie, bv. *herbakken*|-*bedijken*|-*belenen*|-*bieden*|-*brengen*|-*gaan*|-*huwen*|-*keren*|-*knauwen* ens.

46. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 227.

47. De Vooys, C. G. N.: *Op. cit.*, 229.

48. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 227.

49. De Bo, L. L.: *West-Vlaamsch Idioticon*, 422.

Die hele posisie lyk dus as volg. Die vorm *her-* vir Frans *re-* sou eers Suid-Nederlands gewees het. Daarin het dit die *er-* die vroegste en die meeste verdring en ook die gouste produktief geword by nie-Romaanse woorde. Vandaar dat dit vandag nog meer voorkom in Suid-Nederland en baie gewoon is in die omgangstaal. In die res van Nederland het dit òf glad nie verskyn nie òf eers heelwat later, en daar was dit dan ook minder produktief, moontlik gedeeltelik ten gevolge van minder aktiewe Franse invloed daar. Van Ginneken stel die hele kwessie van die verspreiding van *her-* as volg:

„*Her-* is een spesifiek Nederlandsch voorvoegsel. Buiten het Nederlandsch is het in de heele Germaansche oude-en-nieuwe-talenwereld niet te vinden. *Her-* komt ook niet voor in het Friesch, en evenmin in het Nederlandsaksisch. De Gelderlandsche, Overijselsche, Drentsche en Groningsche tongvallen kennen geen *her-*. Het komt ook niet voor in Noord-Holland, noch op het platteland van Zuid-Holland, noch op de Zeeuwsche eilanden. *Her-* komt niet voor in Utrecht, niet in het Gooi, noch op de Veluwe, en evenmin in de Betuwe, de Lijmers of Noord-Limburg. Zelfs de volkstaal van West- en Oost-Noord-Brabant kent het niet.

Waar komt *her-* dan ten slotte, wèl voor?

Langs de Fransche taalgrens, en de dialecten, die er middellijk of onmiddellijk aan palen: Zuid-Limburg, nog maar heel sporadisch, iets meer in de Haspengouw, maar volop in het Hageland, Zuid-Brabant, de Belgische Kempen, het Antwerpsch, het Oost-Vlaamsch en het West-Vlaamsch. En overall neemt met het naderen der taalgrens het gebruik van *her-* zienderoogen toe.

En dan komt het ook nog voor natuurlijk in ons Algemeen Beschaafd Nederlandsch, dat zijn *her-*voorbeelden vooral aan de kerk- en literatuurtaal ontleende, die in de tweede helft der 16de en de eerste helft der 17de eeuw immers met Zuid-Nederlandsche taalvormen te over is verzadigd.

In het Middelnederlandsch ontbreekt *her-* in de Oostersche- Limburgsche en Hollandsche teksten, zoover ik zie, volkomen, tot het met den door een Vlaming bewerkten Delftschen Bijbel in Holland zijn intree doet.<sup>50</sup>

In Afrikaans het ons bes moontlik al 'n klompie *her-*woorde uit die Sewentiende-eeus geërf en behou, en dié het weer, moontlik veral in akademiese kringe en met leen-aanvullinge uit moderne Nederlands, moontlik ook in die vertaling van Engelse woorde op *re-*, hier op hulle eie analogies produktief voortgewerk, veral ten opsigte van die vorming van *wwe.* en *s.nwe.* Daar is rede om steeds meer nuwes te verwag.

50. Van Ginneken, Jac.: *Op. cit.*, 161.

**A. Vorm**

Die verkleiningsformans in Afrikaans het sewe vorme, nl.

1. *-ie*, by woorde wat eindig op *f, g, k, p* of *s*: *stofie, lagie, hakie, koppie* en *hasie*;
2. *jie* by woorde wat eindig op *d* of *t*: *bedjie, latjie*;
3. *-tjie* by woorde wat eindig op
  - (a) *l, n* of *r* voorafgegaan deur 'n lang klinker of 'n toonlose /ə/: *saaltjie, haantjie, paartjie; dekseltjie, tekentjie, bekertjie*;
  - (b) *l* voorafgegaan deur 'n tweeklank: *kuiltjie*;
  - (c) *n* voorafgegaan deur 'n tweeklank of *oe* of *ie* (albei in verreweg die meeste gevalle kort in Afrikaans): *treintjie, skoentjie, katientjie*;
  - (d) 'n klinker: *geboutjie, aiatjie*;
4. *-etjie* by

- (a) woorde wat uitgaan op *l, m, n* of *r* voorafgegaan deur enige kort, beklemtoonde klinker behalwe *oe* en *ie*: *rolletjie, lammetjie, pannetjie, karretjie*;

**Opm.** 1. Woorde op *l* voorafgegaan deur 'n kort, beklemtoonde *oe* of *ie* toon geen ooreenstemmende gebruik in die diminitiefuitgange wat hulle kry nie: *-tjie* en *-etjie* kom hier voor, bv. *boeletjie, gevoeletjie* en *gevoeltjie, poeletjie* en *stoeltjie; rieltjie, sieltjie* en *wieletjie*. Dieselfde wisseling is ook gevind by lang *o* voor *l*: *kooletjie* en *koletjie*.

2. Uitgange na *m* in die bogenoemde posisie varieer tussen *-pe* en *-etjie*: *doem-doempie, riempie* en *kiemetjie*.

3. Ek het alleen één woord gevind wat uitgaan op *r* voorafgegaan deur 'n kort, beklemtoonde *oe*, naamlik met die *-tjie*-uitgang, en wel *woer-woer*. Origens ken ek net nog een, nl. *karkoer*, wat volgens my waarneming in streke waar die karkoer voorkom meesal – maar nie altyd nie – *-etjie* bykry vir die diminutief.

- (b) eenlettergrepige woorde op *-ng*: *dingetjie, tongetjie*;

- (c) meerlettergrepige woorde op *-ng*, met die klem op die laaste lettergreep: *gesangetjie*;

**Opm.:** Hierdie gebruik vertoon groot ooreenkoms met dié wat geformuleer is in 4. (a). Tussen hakies: *-ng* word nooit in Afrikaans voorafgegaan deur 'n lang klinker nie.

5. *-kie*, by die oorgrote meerderheid van woorde wat eindig op *-ng* wat nie inbegrepe is onder reël 4. (b) en (c) nie: *woninkie, vertoninkie*;

**Opm.:** In die nagelese letterkunde is uit 'n totaal van ongeveer 60 alleen drie gevalle gevind van meerlettergrepige woorde op *-ng* wat nie tuis hoort onder reël 4. (c) nie, met *-etjie* as verkleiningsuitgang, nl. *rekening, swerweling* en *ingang*. By *rekening* kom die *-kie*-suffiks egter veel meer voor as die *-etjie*. *Swerwelingetjie* is net een keer gevind, en die enigste ander wat ek ken, is *vreemdelingetjie*. By *ingangetjie* lyk dit my

dat ons waarskynlik te doen het met invloed van die onsamegestelde vorm *gangetjie*.

6. *pie* by woorde op *-m* in die auslout voorafgegaan deur

(a) 'n lang klinker of tweeklank: *toompie, pruimpie*;

(b) 'n swakbeklemtoonde klinker of liever 'n toonlose  $|\text{ə}|$ : *besempie*;

(c) 'n *l*: *walmpie*;

(d) 'n *r*: *wurmpie*;

7. *-ies, -jies, -tjies, -etjies* en *-pies* vorm diminutief-adverbia en word by die grondwoorde gevoeg volgens reëls 1., 2., 3., 4. en 6. hierbo: *saggies, netjies, mooitjies, stilletjies, skelmpies*.

**Opn.:** *-kies* kom nie by adverbia voor nie. Terwyl daar in Afrikaans maar weinig adjektiewe en adverbia is wat op *-ng* eindig, sou diminuering by dié klas in elk geval uiters beperk bly, al sou hulle ook miskien eventueel verklein word.

## B. Vormvastheid

Afrikaans het sowat 'n vyf honderd woorde wat net in die diminutief-vorm voorkom. Hulle val in 'n paar duidelike groepe:

1. Dié waarvan die onverkleinde vorm nie (meer) voorkom nie, bv. *agretjie, bessie, dawwetjie, koppie* „drinkding”, *mandjie* en *muggie*.

**Opn.:** *Mand* kom wêl voor, nl. by Van Melle (*Dawid Booysen*, 11), as vertaling van *efa* wat uit die Bybel aangehaal word (kyk *Sagaria* 5). Sowel die Nederlandse as die Afrikaanse Bybel gebruik alleen *efa*. *Mand* is dus 'n Nederlandisme, net soos Van Melle se herhaalde gebruik van *klein* sonder 'n diminutief, hoewel daar geen „ougmentatiewe” bedoeling is nie, byvoorbeeld saam met *man, kind, perd, kop, pan, kraal* ens. En op 'n ander plek in dieselfde bundel gebruik hy wêl *mandjie*: 'n *dametjie met 'n mandjie blomme* (*Dawid Booysen*, 54).

*Mug* kom nog 'n enkele keer by Langenhoven voor, maar, opvallend genoeg, in *Skaduwees van Nasaret* (64). Zadok sê daar in sy brief: *Ons is dwase en blindes, blinde leiers wat die mug uitsuig en die kameel heel insluk*. In sy „Aankondigings” by *Sonde met die Bure* (4) skrywe Langenhoven egter: *Lesers en krietisie<sup>51</sup> wat al so baie van hulle eie en ander mense se kamele ingesluk het, moet tog asseblief nie in verband met my boekie aan muggies gaan suig nie*.

*Boontjies, ertjies* en *rosyntjies* en enkele ander kom nog onverkleind voor by oumense hier en daar en heel enkele kere o.a. by Langenhoven, maar is tog feitlik vormvas oor die hele taalgebied.

51. Sy spelling.

2. Dié waarvan die onverkleinde vorm nog bestaan, maar in geheel ander sin of verband :

- (a) geïsoleerde woorde, bv. *alsie, bietjie, grootjie, lootjie, pruimpie en sopie*;
- (b) idiomatiese en ander vaste uitdrukkinge, bv. *'n appeltjie te skil hê; 'n moeilike endjie mens; middelpaadjie kam; stokkies draai ens.*

3. By genoemde twee groepe sluit aan :

- (a) die talryke gevalle waar diminutiewe fakultatief is, maar tog besonder veel, verreweg oorwegend, diminutief voorkom, bv. *korsie (brood), puisie, steggie*;
- (b) dié waarvan die onverkleinde vorm nog gereeld voorkom, maar waarvan ook die verkleinde vorm só usueel is dat 'n dubbelvorm by hulle nie ongewoon is nie, bv. *bossie, boompie, dassie, gaatjie, kissie, koppie „berg”, en knoppie.*

Dubbelformasies van die hele groep 3. kom in ons prosa uiters selde voor, word egter dikwels in die gewone spreektaal waargeneem. Die volgende is twee van die weinige gevalle : *Daar is die puisietjie en oom Luikes krap dit stukkend . . .* (C. M. v. d. Heever : *Droogte*, 113), en *Gee nou vir ons 'n klein plekkie langs die transportpad om vir ons daar 'n huisietjie op te sit* (J. v. Bruggen : *Op Veld en Rante*, 78).

Maar daar is baie gevalle waar 'n mens voel dat 'n dubbelvorm effektiewer sou gewees het as die enkelvoudige wat wêl gebruik is, so byvoorbeeld waar Langenhoven in *Doppers en Filistyne* skrywe : *My erf was 'n blaartjie aan die puntjie van een van die stengeltjies van een van die takke* (49). *Takke* is hier die *sypeltjies* wat onderdele is van die *straaltjie* van die *bergrieviertjie*. Hier sou *blaartjietjie* m.i. die omvangsorde van onderdele beter geaksentueer het.

### C. Verkleinwoordvorme as eerste Lid van Komposita

Die posisie van diminutiewe in komposita verdien ook 'n paar besondere opmerkinge. Op enkele gevalle na kom die diminutief in komposita altyd voor as lááste lid : *kurktrekkertjie*. Ek het geen gevalle gevind waar albei (of meer) lede van 'n kompositum diminutiewe is nie, behalwe waar die eerste lid 'n vormvaste diminutief is – soos byvoorbeeld *rosyntjiekissie* en *vuurhoutjiedosie*<sup>52</sup>. En selfs hiér geld die tipe wat verreweg oorweeg sóseer dat 'n woord in 'n kompositum 'n onverkleinde vorm het wat hy nooit buite komposita om het nie : by J. van Bruggen en andere is gevind *vuurhoutdosie* teenoor die gereelde *vuurhoutjie-*, of is dit miskien (ook?) ritme of hiperkorreksie?

52. Uit die lys wat hieronder volg, is veel meer dergelikes egter denkbaar.



**Opm.:** Met die oog op die tipe waarvan die eerste lid 'n diminutief is, is dit ook interessant dat die vroeë vorm *bossiesmans*<sup>53</sup> vandag hoegenaamd nie meer in Afrikaans voorkom nie.

Die volgende is die enigste voorbeelde wat gevind is van diminutiewe as eerste lid van komposita :

<i>apiesdoring</i>	<i>matjiesgoed</i>
<i>bakkiespomp</i>	<i>meisiekind</i>   <i>-mens</i>
<i>(beukes)bossieveld</i>	<i>mossienes</i>
<i>bultjie-rug</i>	<i>netjies-gerangskikte</i>
<i>dassiekaros</i>	<i>poffertjie-hande</i>
<i>dubbeltjiedoring</i>	<i>rantjie(s)wêreld</i>
<i>fluitjiesriet</i>   <i>-doring</i>	<i>rantjiesveld</i>
<i>handjies-oormekaar</i>	<i>riempiestoel</i>   <i>-vel</i>
<i>jongetjie-dolosse</i>	<i>rosyntjiekissie</i>
<i>kiesieblaar</i>	<i>steenbokkiespoor</i>   <i>-vleis</i>
<i>kiewietjie-nes</i>	<i>tentjie-kar</i>
<i>kloutjiegeraas</i>	<i>toutjiesvleis „biltong”</i>
<i>kloutjiesolie</i>	<i>uintjiegrawers</i>
<i>knoppiesdoring</i>	<i>uintjiesyster</i>
<i>knopiespinnekop</i>	<i>vaatjiemaag</i>
<i>kommetjie-klou „donkie”</i>	<i>voëltjiesjag</i>
<i>koppie-see</i>   <i>-wêreld</i>	<i>vuurhoutjiedoos</i>   <i>-dosie</i>

By hierdie lys sou elke Afrikaanssprekende nog verskeie kon voeg soos *ertjiedop*, *rissiepit*, *lensieso(e)p* e.d.m., alles tesame 'n goeie 80 of meer, meer as genoeg dus om te kan dien as analogiese aanleiding tot soortgelyke neologismes; en tóg stuit willekeurige neologismes van dieselfde tipe telkens die Afrikaanssprekende se taalgevoel, veral by bepalende samestellinge van stam met s.nw.-korrelaat plus stam met b.nw.-korrelaat (komparatief-komposita), en stam met s.nw.-korrelaat plus stam met s.nw.-korrelaat, bv. *spekkies-vet* en *plasia-mense* kom my beslis voor as onbestaanbaar. Tòg is 39 uit die 41 bogenoemde gevalle komposita van stam met s.nw.-korrelaat plus stam met s.nw.-korrelaat. Dit kom my voor dat komposita van hierdie tipe alleen dán as normaal te beskou is, as die eerste lid 'n vormvaste of 'n usuele diminutief is. Hiervolgens sou ek *kiewietjie-nes* en *tentjie-kar* dan beskou as afwykende streektaal òf persoonlike ongewoonhede – binne welke kring dié konstruksies dan wel in orde mag wees indien die eerste lid dáár selfstandige usuele diminutiewe is. *Handjies-oormekaar* en *netjies-gerangskikte* is nie noodwendig komposita nie, ondanks die aaneengeskrewe vorm. Vergelyk byvoorbeeld met die eerste *kop omlaag* en *bene oorkruis*, en met die laaste *netjies geklede*

53. Die gereelde vorm by o.a. Wikar; kyk ook Dr. J. L. M. Franken, in t. w. k., Januarie 1938, artikel oor „Boesman”.

dames. Hoe ons dit ook al besien, geen geval met *netjies* lewer enige moeilikheid nie, aangesien hierdie woord so goed as vormvas is. *Handjies-oormekaar* is m.i. 'n adverbiale groep. Vergelyk ook verder *bene oorkruis (sit)*, *koppies langsmekaar (slaap)* e.d.m. wat om sy eenheidsfunksie voorkom as kompositum al ontbreek die eenheidsaksent nog gedeeltelik. Dit moet m.i. dus besien word as 'n besondere sintaktiese ontwikkeling – 'n produk van veelvuldige gebruik dus – en nie as 'n kompositumtype nie.

**Opm.:** *Gunsies vra*, wat ook in die lys voorkom, is net 'n geval van 'n „quotational” s.nw., 'n geleentheidskoppeling.

#### D. Woordsoortelike Sisteem

-ie met sy variante vorm

1. hoofsaaklik s.nwe., bv. *Hansie*, *jassie*, *kammetjie* ens., en enkele ander woordsoorte, nl.

2. tussenwerpsels, bv. (*foei*)*toggie(s)*, (*miskien*)*maggies* ens.;

**Opm.:** Verskie gewone s.nwe. word, met en sonder diminutiefvorm, ook interjektief gebruik, bv. *Hemeltjie!*, *Vadertjie!* ens.

3. enkele vnwe., bv. *Is hompie moeg?* (Steynsburg); *Jy moet nou maar loop sodat hytjie ook kan kom eet* (Vanrhynsdorp). Ander vnwe. word meesal substantiwies gebruik, bv. *Ag, jy wil tog nie dietjie hê nie; Oor hierdietjie hoef ons nie te gesels nie; Waar is jouetjie dan?*;

4. telwoorde, bv. *Kyk my drietjies skapies* (kindertaal) en miskien ook nog telwoordelik in bv. *ons tweetjies*, *julle drietjies*, maar meesal tog ook substantiwies, bv. *Die klip lê in tweetjie/drietjie* „die tweede of die derde hok of vak in kliphokkie” (Malmesbury); *Jannie druk sy drietjie* ens.;

5. b.nwe., bv. *Sy siel ontboesem hom in 'n saggiese gesels* (J. van Bruggen: *Ampie die Natuurkind*, 9); . . . *uitgevat in 'n netjiese Paryse tweestuk . . .*; *Die konsert was maar bra einatjies* ens.

6. bywoorde, bv. *Sy soort is dunnetjies gesaai* (Boerneef: *Bop'aas*, 139); *Maak dan tog goutjies vir my iets om te drink; En vergewe maar dat dit so kleintjies brand; Jy sal maar liggietjies weeg* (Of moet dit liggetjies wees?); . . . *ek sal netnoumaartjies op hierdie vraag kan antwoord; . . . ek sé so passies vir die vrou . . .* (J. van Bruggen: *Op Veld en Rante*, 31); *Sy weet mooi jies te vertel dat . . .* ens.;

7. enkele wwe., bv. *pootjie*, maar meesal in die kinder- of kind-en-moedertaal, byvoorbeeld in die bekende *slapies maar, nag is aan kommetjies . . .*, *hoe ver moet my kleintjie nog ganetjies* (Langenhoven: „Liefdes Onsin”) e.d.m.

Verkleinwoorde kom ook hoofsaaklik voor by

1. s.nwe., wat insluit

(a) gewone s.nwe., soos *boom, vrug, wors*;

(b) gesubstantiveerde b.nwe., soos *bruine, gele, luie, mooie* (vgl. § 92);

(c) gesubstantiveerde vnwe., bv. *Ag, jy wil tog nie dietjie hê nie; Hier sal altoos 'n ditjie en 'n datjie te doene wees* (J. van Bruggen: *Ampie die Kind*, 17); *Oor hierdietjie hoef ons nie te gesels nie; Waar is jouetjie dan?* e.d.m.;

(d) telwoorde. Geen telwoord behalwe 'n gesubstantiveerde, dit wil sê geeneen wat die funksie verrig van 'n suiwer telwoord, word in Afrikaans gediminueer nie; iets soos bv. *\*sewetjies skape* is onbestaanbaar. Alleen in beperkte gevalle van hooftelwoorde kom diminuering hier voor:

1) 'n vnw. plus 'n hooftelw.: *ons tweetjies, hulle drietjies* en *ons almaltjies* is die enigste tipe wat gevind is;

2) 'n as onbepaalde hooftelw. gebesigde s.nw. plus (nog 'n) s.nw., bv. *'n klompie hout, 'n troppie vee*; wesenlik is dié soort geval presies gelyk aan die tipe: *hopie grond, snytjie brood, kissie vrugte*, sodat ons eintlik alleen in die geval van (d) (1) hier bo te doen het met diminuering by telwoorde;

2. wwe., bv. *aanboffentjies* („kinderspel”; miskien van die ww. *aanbof*, miskien van die gesubstantiveerde *aanboffens*, vgl. *niksjokkens*); *aflopie* „afdraand”; *draaitjie, herkoutjie, jagentjies* (soos *aanboffentjies*); *koppeltjie* in *Maar ook net 'n klein moontlikheid, 'n koppeltjie wat die byna en die heeltemal skei . . .* (H. Weiss: *Die Geel Kruik*, 56); *oploertjie* (L. Maré: *Profeet Bobbejaan*, 10); *pruimpie; rasie* („sangoefening” U.O.V.S., van die s.nw. *raas?*); *rytjie, snytjie, stampie, stootjie, vrytjie* ens.

Die meeste van dié groep is bes moontlik van die gesubstantiveerde wwe. gevorm en nie van die wwe. as sodanig nie. Maar as *pruimpie* nie geërf is nie, is dit en *herkoutjie* tog waarskynlik van die wwe. *herkou* en *pruim* gevorm.

3. bywoorde, kyk by D 6 ; ;

4. tussenwerpsels, kyk by *Opm.* onder D 2.

## E. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Wat die betekenisleer betref, dien die diminutief in Afrikaans veral ter regstreekse aanduiding of ter (be)geleiding van 'n gevoel van kleinheid, geringheid, onbeduidendheid, beskeidenheid, vertroulikheid, simpatie, liefkosing en vreugde – almal nou-verwante begrippe – en soms word dit eufemisties en minagkend aangewend.

Daar moet op gewys word dat hierdie reeks op verre na nie volledig is nie; hulle verteenwoordig alleen die mees voorkomende, d.w.s. volgens die werk van dr. Hoge<sup>54</sup> sowel as volgens my nalesing. Daar is talle ander moontlikhede, waarvan ek ter aanvulling van dr. Hoge se lys enkele wil gee.

In die kern van die saak het die diminutief in Afrikaans net drie grondwaardes: 1) kleinheid, 2) amelioratiewe gevoelswaarde en 3) pejoratiewe gevoelswaarde, en alle skakeringe kan hieronder tuisgebring word. Onder (1) kan kan dan nog kom – ek kompleteer nou net enigsins dr. Hoge –

(a) aanduiding van allerfynste besonderhede: . . . *elke draaitjie en hoekie en gaatjie van die vissersbedryf leer ken . . .* (D. F. Malherbe: *Hans die Skipper*, 72); . . . *elke gleufie en skrefie, daar het geen enkele voetgangertjie nog oorgebly nie;*

(b) kleinheid en figuurlike gebruik saam (of juis om die figuurlike?): *diamantjies in die gras* (C. J. Langenhoven: *Die Lig van Verre Dae*, 327); *skoffie van 'n nuwe lewe;*

(c) 'n diminutief ter versterking van die grond-begripswaarde van 'n woord (hier veral bywoorde): . . . *hy het my bynatjies toegetrap . . .* (L. Maré: *Verbygerolde Dae*, 39). Hier, d.w.s. by adverbia, het ek gevind dat die diminutief in die meeste gevalle nie dieselfde waarde het as die woordkorrelaat van die stam nie – soos dr. Hoge<sup>55</sup> wil;

(d) in vergelykinge kan, by ontstentenis van ougmentativa in Afrikaans en by die soms nie heeltemal bevredigende van *groot* en *groterig*, juis deur 'n diminutief van iets groots 'n ongewone groot omvang van iets kleins aangedui word – so byvoorbeeld waar Langenhoven praat van 'n *geweer wat lyk soos 'n jong kanonnetjie* (*Sonde met die Bure*, 48). Dit sluit myns insiens goed aan by die veelvoorkomende tipe geval waar 'n bepaalde omvang juis geougmenteer word deur teenstelling met 'n diminutief, so byvoorbeeld waar iemand sou sê: *Dit was kwaai kwessies daardie, vergelyk by hierdie kwessietjie*. Terselfdertyd moet daarop gewys word dat 'n mens lank nie altyd kan begryp waarom 'n diminutief in die een geval wêl en in 'n soortgelyke en gelykstaande ander geval nie gebruik word nie; so byvoorbeeld waar Abel Coetzee dit het oor 'n spinnekop wat sy sydraadjies aan 't span is: *Met die twee voorpootjies hou hy aan die middelpunt vas; met die een middel- en die een agterpootjie hou hy sy afstand; en met die ander middel- en agterpoot word die sydraadjie uitgeryg . . .* (*Skimme van die Goudstad*, 29). Ek kan nie insien dat hier 'n ougmentatiewe bedoeling is nie en kan dit dus alleen aanvaar as 'n verdere bewys van die dikwels ongemotiveerde en redelose (?) voorliefde van Afrikaners vir die diminutief,

54. Hoge, J. J.: *Ondersoekings oor die gebruik van die verkleinwoord in Afrikaans* (*Annale van die Universiteit van Stellenbosch* X B 1, 14).

55. *Ibid.*, 19.

wat ons ook met soveel kwistige oordaad vind o.a. by Dirk Mostert – 'n soort aanwending wat maklik lei tot waardelose fraiings en krulle.

In regstreekse teenstelling tot die laaste soort geval wil ek hier net één gee om aan te dui hoe die begripswaarde van 'n hele sin soms moeilik los te maak is van die gevoels- en begripswaarde van 'n bepaalde diminutief, ook al word die gevoelswaarde bepaal deur die gevoelsaard van die hele verband. Hans sê vir Meester (D. F. Malherbe: *Hans-die-Skipper*, 128): *Meester weet mos al die visgeldjies glip sommer in die maag in*. Hier is die bedoeling dat die geld min is, vir sy eie behoeftes. Vervang dit egter deur *visgeld*, dan is dit dadelik ook 'n erkenning van onoordeelkundigheid in die aanwending van daardie geld.

Aan die gevoelskant is dit dikwels moeilik om uit te maak of met 'n diminutief iets bepaalds bedoel word of nie. Om 'n voorbeeld uit die Bybel te neem: nadat die vrou van Bahúrurum vir Jónatan en Ahimaás op haar werf laat wegkruip het vir die dienaars van Absalom, het sy vir die dienaars gesê die twee manne van Dawid *het die watertjie deurgegaan*, naamlik by die fontein van Rogel. Maar toe die twee spioene veilig by Dawid kom, het hulle hom aangeraai: *Maak julle klaar en trek gou die water deur . . .* (2 Samuel 17: 20, 21). Deur alleen byvoorbeeld 'n Nederlandse vertaling te raadpleeg, word dit ons nog nie duidelik nie, want Nederlands het in die eerste geval *waterriviertjie* en in die tweede *water*. Die Hebreuse teks het onderskeidelik: *Michal Hamaim* (Letterlik: „spruit van die water”) en *Hamaim* „water”, – 'n voorbeeld wat tot versigtigheid moet noop by die te pas bring van taalbeskouings by vertalinge.

Wat verder groep (2), die onderskeiding gunstig-ongunstig betref, hang dit dikwels geheel en al van die standpunt van die groepeerder af, en van sy interpretasie, hoe 'n besondere geval geklassifiseer word. Byvoorbeeld by Hettie Smit (*Sy kom met die sekelmaan*) kan ons uit die gespletenheid van haar gevoelslewe 'n mate van tweeheid in een en dieselfde diminutief vervat sien of voel: sy wil nie opgesluit en afgeslote in haar *kamertjie* leef nie, verafsku dit soms, dit word soms tot *put* met *put-gedagtes*, maar terselfdertyd voel sy dit tog ook soms as beveiligende toevlugsoord teen die koue, *liefdelose* om-wêreld. Dergelike gevalle sou dus ewe goed onder gunstige as onder ongunstige gevoelswaardes tuisgebring kan word. Nogtans noem ek hier 'n paar groepe by dié van dr. Hoge:

- (a) Lig-spottend, maar tog nie onsimpatiek nie: *lyk dit daar op Oom Bart se werf soos 'n halfwas veglaertjie* (Dirk Mostert: *Moleste in die Moot*, 68); van iemand wat nog maar by die melkdrinktyd sou wees, word gesê hy is *Mamma se kindjie . . . soet seuntjie* (C. J. Langenhoven: *Donker Spore*, 126).
- (b) Selfbejammering: *Toe hou hy skielik op en sien sy ou vaal huisie . . . en al sy verwagtinge slaan soos 'n brood toe. Kyk hoe armsalig lyk*

*die ou huisie! Hy (Sarel) het 'n paleis van 'n huis. En hier sit hy in sy armsalige ou pondokkie! Hy sal dit nooit oor sy hart kry om haar in die ou pondokkie te bring nie.* (C. M. van den Heever: *Op die Plaas*, 19); *'n swoegende en slawende ou skoolmeestertjie . . .* (Dirk Mostert: *Moleste in die Moot*, 67). Hierdie soort kom nie veel voor nie.

- (c) Geringstelling. Die belangrikheid of erns van 'n saak word verbloem, weggepraat of verheel, om allerlei motiewe. So praat Marié (Hettie Smit: *Sy kom met die sekelmaan*) van 'n leuen as 'n noodleuentjie en Oom Bart (Dirk Mostert: *Moleste in die Moot*, 13) *sê my ou Beste . . . het 'n klein flatertjie begaan.* Die mees algemene van dié tipe is miskien dié wat by die meeste Afrikaanse skrywers en ouer sprekers voorkom: *Ou vrou, hoe lyk dit dan met 'n bietjie koffietjies?* Hoe geringer – of hoe geringer gestel – die gevraagde, des te geringer die moontlikheid of waarskynlikheid van geweier te word: *Baas Frekie, hoe is dit dan vanaand met 'n stoppie twak, my basie?* (C. M. v. d. Heever: *Op die Plaas*, 51). Let ook op die „paaierende” van die hele wyse van aanspreek hier.
- (d) Bewondering: *Hy is 'n pure ramkat van 'n knapie soos jy hom daar sien. O, jy sal baie ver moet gaan soek om 'n kêreltjie te kry wat vir hom sal kers vashou* (Dirk Mostert: *Moleste in die Moot*, 64); *O! Daardie rakkertjie kan darem vervlaks mooi dink.* Dit kom nie ondikwels voor nie.

Interessant is by laasgenoemde tipe geval dié waarby, ondanks die feit dat intonasie by ons nie ortografies aangedui kan word nie, dit tog sy sinsfunksie behou waar iemand met herhaling van die presiese woorde van 'n smaler of verkleineerder juis verering of bewondering getuig. As 'n klerk in *Donker Spore* (C. J. Langenhoven) ongelowig uitroep: *Wat! hierdie simpele roue plaasseuntjie?*, antwoord een van sy kollegas deur sy woorde met nadruk te herhaal: *Ja, hierdie simpele roue plaasseuntjie.* 'n Mens hoor dit veel meer dikwels as wat ek dit in die geëksperpeerde letterkunde aangetref het, maar ek noem dit om die reeks gevoelsoorte vollediger te illustreer.

- (e) Moeilik klassifiseerbaar tensy onder hoofde van die onspesifieke amelioratiewe gevoelswaarde is ook die volgende: 1. *'n rumoerige huislike toneeltjie* (D. F. Malherbe: *Vergeet Nie*, 8), vir my gevoel detoneer die diminutief hier die sterkte (gevoel) van die adjektief. Hoewel meer dergelike gevalle in die letterkunde my nie besonder getref het nie, is daarvan tog heel veel denkbaar. 2. Die woord *deuntjie* is wel vormvas, sodat 'n mens daarby geen gevoelswaarde sal verwag nie, maar in die volgende kom dit my tog voor dat, uit die verband en as lid van 'n ongewone kompositum, daar nuwe lewe in die verstarde vorm gebring word. Die geval is dié waar Marié (Hettie Smit: *Sy kom met die sekelmaan*, 78) aan Tweetheart, wat sy op 'n gegewe oomblik so graag by haar wil hê, sê: *Met jou hoë laggie lei ek my hartseer*

koud; met die komieklike doe-doe-deuntjies vir jou semelkind sus jy ook my skreeuende liefde aan die slaap.

Die laaste voorbeelde voer ons tot 'n gebruik van die diminutief wat ek buite Sy kom met die *sekelmaan* net in poësie aangetref het: 'n diminutief blykbaar gedeeltelik om die klankwaarde, die musikaliteit<sup>56</sup> dus van sy uitgang, aangewend – dit kom naamlik dikwels gelyktydig met alliterasie voor: *Sien jy dan nie op ander dae die piep-piepfynste blompies langs die pad raak nie?*; . . . en die ligte klapper-de-klap van *Tweeheart se vet kaalvoetjies was soos die musiek van die bekende ou bokklokkies in die berge . . .*; *Ag, liewe Heer, U kan my tog maar saggies wegneem asseblief – sommer nou byderhand en sonder moeite of omstandigheid, soos 'n los herfsblaar wat liggies van 'n boom af-waai, of soos die wind wat 'n ligte skulpie op 'n verre strand suutjies onder die seesand toeblaas . . .* (Al drie voorbeelde uit Hettie Smit: *Sy kom met die sekelmaan*, 12, 73 en 90.)

By groep 3), pejoratiewe waardes, wil ek volstaan met 'n geringe keur uit 'n aansienlike hoeveelheid voorbeelde.

- (a) Wantrouigheid: *daardie rondkykerige ogies* (D. F. Malherbe: *Die Meulenaar*, 49).
- (b) 'n Atmosfeer van onheil, soos dikwels gevind in Hendrik Brand se spurverhale.
- (c) 'n Weemoedstemming waarin gevalle soos *die enigste ou kolletjie vuil drinkwater* (C. M. van den Heever: *Droogte*, 104) en *die vaal plaas-skooltjie* (C. M. v. d. Heever: *Vuurvlieg en Sterre*, 90) voorkom – of is dit te reken onder hoofde van die „gunstige”?
- (d) Afsku of afkeer: *die gemaakte glimlaggie* (Hendrik Brand: *Swart Hand*, 197) en *sy waterige ogies* (C. M. v. d. Heever: *Droogte*, 34).
- (e) Nietigheidsbesef van die kleine mens in die ruimte van die heelal, soos waar Langenhoven sê: *ons bewoon 'n onbeduidende planeetjie* (*Loeloeraai*, 64), of dieselfde besef van die mens teenoor sy Skepper, soos waar Langenhoven dit het oor ons *ou plannetjies en oogmerkies* – of is dit „gunstig”?
- (f) 'n Gevoel van benouing of byna vrees soos in *Doppers en Filistyne* (C. J. Langenhoven, 46): „*Nelie*”, *sê ek dan toe, nadat ek 'n rukkie gepeins het terwyl hy voor my kooi my sit en aankyk met 'n donkere gelaat asof hy alreeds hier vlak voor hom die rampsalige verskrikking oor my sien kom waarteen hy my gewaarsku het, – „Neelsietjie”, sê ek, „ek sal aan soetlief strengte bevele gee om nie toe te laat dat hulle my so haastig wegberge nie”*.

Dit is alles net enkele verteenwoordigende grepe uit 'n heelwat langer reeks gevoelsoorte waarby diminutiewe voorkom. Om kort te gaan, is my

56. Kyk hierby J. J. le Roux in *Die Huisgenoot*, 6.3.1936.

bevinding dit: die diminutief kom alleen nie voor nie by uitsegginge van diep, intens of baie ernstig ervaarde gemoedsaandoeninge . . . 'n punt waarop later uitvoeriger teruggekom word. Die diminutief in Afrikaans leen hom dus tot uitsegging van vrywel alle moontlike gestemdhedes van nie baie hewige aard: dit is hoe die gevoelens wat aan die begin van hierdie gedeelte opgesom is, verstaan moet word.

Uit die samehang van diminutiefgebruik met die gemoedslewe van die gebruiker sal byna al verwag kan word wat verder in hierdie verband gevind is, naamlik dat, as elke skrywer apart betrag word, daar sekere gevoelsorte is wat by die een meer voorkom as by 'n ander, en ook dat sommige 'n veelsydiger geskakeerde gevoelslewe openbaar as ander. Opvallend by Langenhoven is byvoorbeeld sy beskeidenheid en sy nietigheidsbesef – van eersgenoemde is daar minstens vier en dertig duidelike gevalle in *U Dienswillige Dienaar* – gemoedelikheid, intimiteit en liefkosing – laasgenoemde oorweeg byvoorbeeld in *Mof en sy Mense* – en sy weinig van die negatiewe of „ongunstige”. In hierdie lig gesien, is dit dan ook nie bevreemdend dat juis hý in sy weergawe van troetelende en beskermende en wakende moederliefde „toevallig” soveel verkleinwoordjies, ook normaal onbestaanbares, in „Liefdes Onsin” besig nie.

By Leipoldt is die gevoelskakeringe vry beperk in vergelyking met die kleinheid-gebruik by hom – bedoel word natuurlik dié waarby diminutiewe voorkom. In Mikro se reeks *Toiings – Pelgrims – Rou Rieme* oorweeg die groep „gunstig”, in D. F. Malherbe se Bybeltrilogie vind ons byna uitsluitend kleinheid, in *Die Meulenaar* en *Hans-die-Skipper* egter 'n goeie 40% gunstige gevoelspelings. Hettie Smit het die minste mate van kleinheid en die grootste reeks gevoelsorte oor die algemeen en ook die meeste ongunstige waardes. By Mostert tref veral die hoë persentasie ongunstige gevoelswaardes: 14% teenoor gunstige gevoelswaardes: 18% en kleinheid: 68%, by Maré die weinige gevalle van die ongunstige: 1% teenoor respektiewelik 33% en 66% van die res, en by E. Serfontein die hoë persentasie gunstiges: 41% teenoor kleinheid: 53% en ongunstiges: 6%. Hierdie persentasie by Serfontein is egter abnormaal in die hoogte geja deur die sterk romantiese gevoelsaard van sy eerste bundel *Kort Verhale*.

Alle skrywers saamgenome is wel die mees treffende, as ons die aantal bundels in aanmerking neem, die geval van Langenhoven met 'n verhouding kleinheid :gunstig :ongunstig van 55 :38 :7 vir al sy bundels tesame. Wie Langenhoven ken, sal die tipiese hiervan kan waardeer. En so meen ek in die betekenisaspekte van diminutiefgebruik van elke geëksperpeerde outeur te sien 'n vry suiwer aanduiding van die besondere gevoelsbestek – d.w.s. met betrekking tot nie-hewig-ervaarde gevoelens – waarbinne elkeen hom in sy skepping beweeg.

Afgesien van individuele verskille is die algemene dit: bereken oor die hele prosareeks van Malherbe, Van Bruggen, Hendrik Brand, C. M. van den Heever, A. Jonker, Sangiro, die Hobsons, Mostert, E. N. Marais, L.



Maré, Leipoldt, Boerneef, Mikro, Serfontein en Langenhoven kry ons 'n verhouding van die betekenisgroep kleinheid:gunstig:ongunstig van 68:24:8, die verste afwyking van hierdie gemiddelde, wat bereken is oor 132 bundels, kry ons enersyds by Van Bruggen met 84:14:2 en andersyds by Serfontein met 53:41:6, òf, as ons hom om die hiervóór genoemde oorweging buite betrag laat, by Langenhoven met 55:38:7. Op grond van soveel ooreenkomstigheid meen ek met stelligheid die hooftrekke van die diminutiefgebruik van die ongeveer dertig Afrikaanse skrywers te mag aanvaar as geldend van die gewone taalgebruik van die gemiddelde Afrikaanssprekende . . . 'n konklusie wat ek hier eers waarskynlik wou maak sien alvorens later daarop uit te bou.

Die gebruik in die Afrikaanse prosa omvat dus, soos aangetoon is, sterk oorwegend die groep kleinheid tot vreugde. Die verskille binne die groep is meesal duidelik onderskeibaar maar kom selde of nooit geskeie voor nie, en by elkeen is daar weer aparte nuanse-moontlikhede: presies wát, hang af van (a) die verband met die betekenisgeheel en die gevoels-totaliteit van 'n bepaalde gedeelte en (b) die omringing deur en gevoels-waarde van sinonieme en adjektiewe e.a. aanvulling. In hierdie verband herinner ek graag ook aan die uitspraak van M. J. Koenen:

„Vooral in die woorde, welke elkaar in beteekenis naderen, in de zinverwante woorde of synoniemen, ligt de rijkdom, ligt de fijne beschaving eener taal. Hoe grooter het aantal synoniemen is, hoe nauwkeuriger deze worden onderscheiden in hun gebruik of toepassing, hoe edeler de taal! De taal wordt dan, wat Beets noemt „een nauw luistrend instrument“.<sup>57</sup>

Alleen moet ons verder onthou dat dit in taal die *gees* is wat lewe en tén lewe verwek of verwek tot en ten dode. So meen ek kan inderdaad die groot totaal aan lewende sinonieme en produktiewe en veelgebruikte formantia van 'n bepaalde spraakmakende gemeenskap vir ons vry deurdringende lig werp op die ryker of armoediger geskakeerdheid van gees van daardie groep.<sup>58</sup>

## 2. Begripsoortelike Sisteem

Diminuering by die s.n.w. kom voor ten opsigte van die meeste begripsoorte: abstrak, konkreet, lewend, nie-lewend ens., met onder meer die volgende beperkinge:

(a) persoonsname op *-e*, *-aard*, *-erd*, *-erik*, *-ene*, *-ikus*, *-loog*, *-us*, bv. *prinsipale*, *wreedaard*, *stouterd*, *verspotterik*, *geroepene*, *politikus*, *radioloog*, *romantikus* diminueer meesal nie; so ook meesal nie

57. Koenen, M. J.: *Woordverklaring* (4de druk), 19.

58. Kempen, W.: *Op. cit.*, 42-55.

- (b) plekname nie. Eiename van plekke word nie verklein nie, tensy hulle as soortnaam gebruik word: *\*Johannesburgie is 'n woelige stad kan nie, Kimberley word so stadigaan 'n tweede Johannesburgie kan wel.*
- (c) Woorde vir presiese tydstippte word nie verklein nie, dié vir tydsduur wel: *\*Hy sal half-elfjie daar wees kan nie, Hy het net 'n halfuurtjie gewag kan wel.*
- (d) Stofname, soos koffie, sand, water en wol – woorde wat nie normaalweg saam met die onbepaalde lidwoord gebruik kan word nie – kan nie gediminueer word wanneer hulle as suiwer stofaanduidinge dien nie: iets soos bv. *\*Watertjie is vanjaar volop in die Karoo is onbestaanbaar. Sodra daar egter 'n gebruiksverskuiwing voorkom of plaasvind van stof-tot ding- of saak-aanduiding – wat in Afrikaans glad nie ongewoon of seldsaam is nie – kan dergelike woorde ook verklein word.*

Daar skyn hierby twee tipes gevalle te bestaan :

1) dié wat in die onbepaaldheid van hulle saak-aanwysing nog heel na aan die onbepaaldheid van omvang van gewone stofname lê; gediminueer word hulle uitsluitend in die meervoud gebruik, bv. *Vrou-tjie het ons kossies klaargemaak* (Langenhoven: *Sonde met die Bure*, 59); *Teen die end van die winter is die kossies maar skaars in die Hoëveld*, en

2) dié wat selfstandig gebruik word in plaas van 'n kompositum waarvan die eerste lid, met stofaanduidende betekenis, sou wees, sodat dit ook die onbepaalde lidwoord kàn kry. Vergelyk byvoorbeeld met die eerste voorbeeld onder (d), die volgende: *Selfs toe die ossewa padgegee het vir die perdekar kon jy nog langes die pas onder 'n koelteboom by 'n watertjie uitspan en jou keteltjie kook en jou soutribbetjie braai* (Langenhoven: *Sonde met die Bure*, 29). Soos 1) gebruik, is ook gevind onder andere *koffietjies, sandjies en suikertjies*, en soos 2) onder andere *stoffie, voggie en doutjie*.

By die ander woordsoorte kan geen begripsgroepe aangegee word nie, behalwe by bywoorde, wat meesal bwe. van hoedanigheid of wyse, tyd, modaliteit en graad is, bv. *skelmpies, suuttjies, netnoumaartjies, dalkies, effentjies* ens.

## F. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Die hoofsake van die Afrikaanse diminueeringsstelsel is uit Nederlands behou, naamlik die variante van die agtervoegsel, die woordsoorte wat daarby betrek word, die meeste semantiese waardes, die stylverbondenheid en die meeste begripsbeperkings.

Daar is geen bewys dat Afrikaans meer verkleinwoorde het as Nederlands nie, maar wel dat die Afrikaanse letterkunde oor die algemeen meer daarvan gebruik maak as die Nederlandse.<sup>59</sup> Ook hier lê die verklarings in 'n stylverskil tussen Afrikaans en Nederlands.

Daar was uitbreiding van die begripsoortelike veld in Afrikaans. In Nederlands is nie diminutiewe gevind van afleidinge op die volgende nie:

-age (Afrikaans -*asie*), (konkreta): *plantage, stellage*;

-de (abstrakta en konkreta): *gezegde, gezaaide*;

-e (gesubstantiveerde adjektiewe): *zwarte, witte*;

-isme: *anglisme, germanisme*;

-je (Afrikaans -*ie*), (diminutiewe): *meisje, boompje*;

-ste (gesubstantiveerde superlatiewe): *kleinste, mooiste*.

**Opm.** 1. -*iet* kom nie in Nederlands voor in verband met name van streekbewoners nie; -*ist* (Afrikaans -*is*) kom wel in Nederlands voor, maar te weinig om iets van belang oor diminutiewe daarby op te merk.<sup>60</sup>

2. Alleen een Nederlandse diminutief op -*igheid* is gevind nl. *zoetigheidje*, maar tot nadere informasie wil ek tóg aanneem dat dit meer voorkom, veral omdat -*heid* sonder meer nie diminuering uitsluit nie.

3. Volgens die groot aantal gevalle waarby in die WNT geen diminutiewe op -*te* (abstrakta en konkreta) aangegee word nie, sou 'n mens ook kon besluit dat by hiërdie formans geen diminuering voorkom nie. Tog is in aanhalinge by ander woorde gevind o.a. *gedeeltetje, gedoentetje* en *hoogtetje* (respektieflik in WNT IV, 582; IV, 609 en VI, 717). Dat by eersgenoemde aangeteken is dat dit „alleen in scherts zou kunnen gebezigd worden, om door het gebruiken van een ongewonen vorm aan hetgeen men zeggen wil eene min of meer komieke tint te geven”, is hier vir ons geen beswaar nie – daar sou moontlik dieselfde kon gesê word van *gedoentetje* in Afrikaans. Dit gaan hier eers net om die féit van hierdie diminutiewe.

Hoogs belangrik is hierby ook die volgende oorweging: aangesien diminutiewe van afleidinge op -*te* toevallig gevind is, sou dit nie vreemd wees om êrens in die WNT of in die gewone Nederlandse volkstaal diminutiewe te vind by afleidinge op een van die formantia wat hierbo opgesom is in die uitsluiting nie. Ek wil hier volstaan met 'n enkele voorbeeld in dié rigting. Ek het geen Nederlandse diminutiewe op -*age* gevind nie, en dus voorlopig vermoed dat dit miskien die Franse klank daarvan is wat diminuering op -*je* hinder; maar met dieselfde Franse konsonant is tóg gevind: *horlogetje*. Die skynbaar verkeerd bewese vermoede waarborg geensins die voorkoms van diminutiewe op -*age* nie, maar maak myns insiens tóg die bestaanbaarheid daarvan waarskynlik.

59. Kempen, W.: Die Verkleinwoord in Afr., 74–78.

60. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 169.

Ook was daar in Afrikaans 'n toename in die getal vormvaste diminutiewe, en eweneens in die gebruik van dubbele diminutiewe bv. *gawie* „torryrige individu”, *kappie* (^), *blikkies* in *Gaan na jou blikkies*, *voetjie-voetjie* in *voetjie-voetjie speel*, en *boetietjie*, *happietjie*, *stukkietjie* e.d.m.

Daar was dus, en daar is nog steeds, groot aktiwiteit rondom die diminutief in Afrikaans, groter as by enige ander afleidingsoort.

## § 110 -ie<sup>2</sup>

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 onder skema vir afgeleide substantiewe, groep 12.)

Die formans -ie<sup>2</sup> kom meesal in abstrakte s.nwe. van die tipe *diffusie* (naas *diffuus*), *fitogenie* (naas *fitogeen*), *ortodoksie* (naas *ortodoks*), *parallellie* (naas *parallel*) e.d.m. voor.

Hoewel Afrikaans duisende woorde het wat op 'n nie-verkleiningsuitgang -ie eindig, kan net 'n geringe persentasie, van sinchronies-Afrikaanse standpunt af, as afleidinge beskou word – in die lys van 1,028 voorbeelde waarmee hier gewerk word, net sowat 119.

Die posisie is as volg :

1. Die meeste woorde het geen woordkorrelaat sonder -ie naas hulle in Afrikaans nie, bv. *biometrie*, *botanie*, *chemie*, *chromopsie*, *deduksie* ens., wel soms in ander tale, byvoorbeeld Engels, bv. *deduction* naas *deduct*, *deflection* naas *deflect*, *digestion* naas *digest* e.d.m.

2. Afrikaans het soms wel onselfstandige stamme, soos in *definisie* naas *definieer*, *dekadensie* naas *dekadent*, *diskresie* naas *diskreet*, *ewolusie* naas *evolueer* e.d.m.

3. In verreweg die meeste gevalle waar daar 'n vorm sonder -ie bestaan naas een met -ie, bv. *abstraksie* naas *abstrak*, *agronomie* naas *agronoom*, *agrostografie* naas *agrostograaf*, *allotropie* naas *allotroop*, *analogie* naas *analoog*, *anatomie* naas *anatom*, *argeologie* naas *argeoloog*, *presisie* naas *presies* ens., is die twee vorme moderniseringe van twee verskillende, hoewel verwante, Griekse, Latynse en/of Franse woorde. Wat Afrikaans betref, het die vormwysiging meesal in Nederlands gebeur:

<b>Afrikaans</b>	<b>Nederlands</b>	<b>Grieks, Frans, Latyn</b>
<i>abstrak</i>	<i>abstract</i>	<i>abstractus, abstrait</i>
<i>abstraksie</i>	<i>abstractie</i>	<i>abstractio</i>
<i>agronoom</i>	<i>agronoom</i>	αγρος „veld” + νομος „wet”;

<i>agronomie</i>	<i>agronomie</i>	αγρονομος > <i>agronoom</i> ; αγρονομια > <i>agronomie</i> αγρος + γραφω „skryf”
<i>agrostograaf</i> <i>agrostografie</i>	<i>agrostograaf</i> <i>agrostografie</i>	
<i>allotroop</i> <i>allotropie</i>	<i>allotroop</i> <i>allotropie</i>	ἄλλος „anders” + τροπος „verandering”; <i>allotropie, allotropique</i>
<i>analooq</i> <i>analogie</i>	<i>analooq</i> <i>analogie</i>	ἄνα „volgens” + λογος „woord”; ἄναλογία > <i>analogie</i> ; <i>analogie, analogue</i>
<i>anatoom</i> <i>anatomie</i>	<i>anatoom</i> <i>anatomie</i>	ἀνατεμνειν „stukkend sny”; ανατομη > <i>anatomie</i> ; <i>anatomie, anatomiste, anatomique</i>
<i>argeoloog</i> <i>argeologie</i>	<i>argeoloog</i> <i>argeologie</i>	αρχαιος „oud” + λογος „woord”; ἄργαιολογια < <i>argeologie</i> ; <i>archéologie, archéologue</i>
<i>presies</i> <i>presisie</i>	<i>presies</i> <i>presisie</i>	<i>precision, précis,</i> <i>praecisus, praecisio</i>

Woordkorrelaat van die stam en *-ie*-vorm is dus nie van mekaar gevorm nie, al lyk dit diachronies so, maar van verskillende, hoewel verwante voorvorme.

4. Daar is ook gevalle waar die *-ie*-vorm die oudste is en die *-ie*-lose vorm ’n Rückbildung, bv. *allotroop* (< *allotropie*), *anatoom* (< *anatomie*), *impuls* (< *impulsie(f)*), *kompres* (< *kompresie*), *telepaat* (< *telepatie*). Vergelyk ook ’n *ou dramaat* (< *dramaties*), ’n *ou pateet* (< *pateties*) ens.

5. Daar is ook gevalle waar ’n *-ie*-vorm werklik ’n afleiding is, bv. *parallellie* (nie algemeen nie), *sodomie* (reeds in Frans), *paradoksie* (< *paradoks*; Frans net *paradoxe* en *paradoxisme*) ens.

In elk geval lyk dit duidelik dat taalgebruikers oor die algemeen hulle nie daarvan bewus is of ons in bepaalde gevalle met modernisering van Grieks of Frans, of met afleiding deur *-ie* of met Rückbildung te make het nie. Dan kan verwag word dat „nuwe” afleidinge met *-ie* sal verskyn. Kyk by *Produktiwiteit*.

Woorde op *-ie* waarnaas daar wel ’n selfstandige morfeem bestaan in Afrikaans, is almal s.nwe. en meesal sogenaamde „abstrakte” s.nwe., saakname, bv. *abstraksie, agronomie, anatomie, antropologie, diffusie, filantropie, filosofie, fitogenie* ens., hoofsaaklik gevorm van s.nwe., soos in die meeste voorbeelde hierbo.

Die minste gevalle is gevorm van b.nwe. of sou van b.nwe. gevorm kon gewees het, bv. *abstraksie, diafonie, diffusie, fitogenie* ens.

Woorde op *-ie* is meesal name vir akademiese studierigtings en begrippe, bv. *gastrologie, gastronomie, genealogie, geneanomie, geometrie, geonomie, geotropie, gerontologie, ginekologie, glijografie* ens.

In verband met die aksentsisteem van afleidings op *-ie*, d.w.s. dié 119 wat uit sinchroniese oogpunt as afleidings in Afrikaans beskou kan word (nl. dié met woordkorrelate naas die stam), kan die volgende gesê word :

(a) in 106 van die 119 afleidings val die woordaksent op die *-ie*. Van dié groep is die woordkorrelate naas die stamme van 12 afleidings die naam van 'n instrument of apparaat, bv. *chronografie, higrometrie, radioskopie, telefonie, telegrafie* ens.

Die woordkorrelate naas die stamme van 87 afleidings is persoonsname, bv. *agronomie, bakteriologie, demagogie, Egiptologie, etimologie, filologie, filosofie, litografie, oseanografie, pedagogie, radiologie, teologie, xilografie* ens.

Die woordkorrelate naas die stamme van die orige 7 afleidings is 'n regsgroep, bv. *allotropie, analogie, outografie, outonomie, ortodoksie, paradoksie en periferie*;

(b) in 13 van die 119 afleidings val die woordaksent nie op die *-ie* nie, maar wel op die sillabe voor *-ie*, dus op dieselfde sillabe as in die woordkorrelaat naas die stam van die afleiding, bv. *abjeksie, abstraksie, diffusie, impulsie, korrupsie, projeksie, rebellie* ens. Slegs by *ministerie* vind 'n verskuiwing van aksent plaas – en so dat dit ook op die sillabe direk voor *-ie* val.

### *Diachronie en Produktiwiteit*

Soos hierbo aangedui onder 3. is die meeste *-ie*-vorme met selfstandige *-ie*-lose morfeme daarnaas, nie werklik afleidinge nie, maar transliterasies van twee verskillende, hoewel verwante, woorde: *bibliograaf* is Nederlands, Frans, < Grieks  $\beta\beta\lambda\iota\omicron\gamma\rho\alpha\phi\omicron\varsigma$ ; *bibliografie* is Nederlands, Frans, < Grieks  $\beta\beta\lambda\iota\omicron\gamma\rho\alpha\phi\iota\alpha$  ens.

Diachronies beskou, is die meeste van dié woorde dus leengoed, nie eiegoed en nie afleiding nie.

Tog is dit van belang om te weet dat verskeie deur ons self gevorm kon gewees het en dat 'n paar blykbaar inderdaad wel deur ons gevorm is, sy dit dan ook meesal van Latynse-Franse-Griekse stamme, soos *diafonie, fitogenie, parallellie* ens. Die feit dat daar soms Rückbildung is, dui daarop dat dié vorme alledaags is in die betrokke taalkringe. Daar is goeie rede om te verwag dat, veral wat woorde op *-troop/-tropie, -geen/-genie, -(n)oom/-(n)omie, -paat/-patie* betref, „nuwe” afleidinge op *-ie* en/of Rückbildungen daarsonder sal verskyn. Onder meer het die afgelope 20 jaar vorme op *-tropies, -genies, -nomies* ens. al hoe meer gewyk voor vorme op *-troop, -geen, -noom* e.d.m.

Afrikaans word van akademiese kant al hoe meer aangevul met nie-Germaanse materiaal wat dit ook minder veldtaal en meer „internasionale” taalvorm maak.

### § 111 -ier

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe onder groep 1.)

-Ier het drie variantvorme, nl. *-ier*, *-enier* en *-nier*.

Woorde op *-ier* is beperk in getal (hier word gewerk met 'n lys van 85), enkeles is in die omgangstaal goed bekend, bv. *juwelier*, *koetsier*, *kruidenier*, *rentenier*, *skolier*, *tuinier*, *winkelier*, maar die meeste kom net in hoër groeptale voor, bv. *aalmoesenieer*, *avonturier*, *beiaardier*, *croupier*, *gondelier*, *grenadier*, *griffier*, *hellebaardier*, *herbergier*, *howenier* ens., en baie met *-ier* in die Auslout is geen afleidinge op *-ier* nie, bv. *aalmoesenieer*, *avonturier*, *bandelier*, *banier*, *bankier*, *bankroetier*, *barbier*, *boekanieer*, *bombardier*, *bottelier*, maar leenwoorde uit Nederlands en uit Frans. Word laasgenoemde gevalle uit die lys verwyder, bly daar net sowat twaalf werklike afleidinge oor, nl. *beiaardier*, *hellebaardier*, *herbergier*, *howenier*, miskien *koetsier* (uit die s.nw. *koets* òf via Nederlands uit Frans *cocher*), miskien *leweransier* (uit *lewer*?), *rentenier*, *spysenieer*, miskien *tempelier* (uit *tempel* òf via Nederlands uit Oud-Frans *templier*), *tuinier*, *vlieënieer* en *winkelier*. Dié is byna almal in Nederlands gevorm van s.nwe. (net *vlieënieer* is – in Nederlands – gevorm van 'n ww.) en almal is persoonsname. *-Ier* was en is heeltemal onproduktief in Afrikaans.

### § 112 -ies

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe onder groep 10.)

*-Ies* verskyn in drie vorme in Afrikaans, nl.:

1. *-s* (wanneer die stamwoord *-ie* in die Auslout het), bv. *agronomies*, *akademies*, *allegories*, *analogies* ens.;

2. *-ies* (dit meesal), bv. *adjektiewies*, *afgodies*, *akrobaties*, *alfabeties*, *algebraïes* ens., en

3. *-isties*, bv. in *alarmisties*, *atomisties*, *Darwinisties*, *logisisties*, *materialisties* ens.

**Opm.:** Ander vorme, soos *-ties* e.d.m. is „skyn”-vorme, naamlik in dié sin dat die *-t* oorspronklik deel was van die woordkorrelaat van die stam, bv. in *ateïsties*, *individualisties* ens.

Verreweg die meeste woorde met *-ies* ens. in die Auslout, is van sinchronies-Afrikaanse standpunt beskou, nie afleidinge nie, maar verafrikaansing van internasionale woorde van (veral) Franse, Latynse of Griekse herkoms, bv. *aromaties* – gevorm van Grieks-Latyn *aromaticus*, Frans *aromatique*; *asmaties* – nie soseer regstreeks van Nederlands *asthma* afgelei nie, as navolging van Grieks-Latyn *asthmaticus*, Frans *asthmatique*; *barometries* – navolging van Frans *barométrique*; *chirurgies* – na die voorbeeld van Hoogduits *chirurgisch* of Frans *chirurgique*; *choleries* – na die voorbeeld van Latyn *cholericus* en Frans *colérique*; *chronies* – na die voorbeeld van Grieks-Latyn *chronicus*; *chronologies* – na die voorbeeld van Frans *chronologique* ens.

Natuurlik weet die gemiddelde taalgbruiker nie van Romaanse en Griekse woordverbande nie en is dit dus eintlik onsuiver om na Grieks-Latyn te verwys. Konsekwentheid het egter ook soms perke. Schultink het byvoorbeeld taamlik konsekwent sinchroon probeer werk, en tog sê hy in verband met *-iteit* :

„De categorie wordt niet spontaan over inheems materiaal uitgebreid : haar produktiviteit wordt m.a.w. door het inheemse begrens. Deze verschijsnels reflektieren de eigen p'laats die elementen van Franse of Latijnse oorsprong tot op de huidige dag in de morfologiese systematiek van het Nederlands – en trouwens van vele Europese talen – kunnen inemen.”<sup>61</sup>

Verreweg die meeste woorde van die lys van 785 waarmee hier gewerk word, behoort ook net tot die akademiese taal, bv. *aktinies*, *alifaties*, *allopaties*, *anafories*, *apodikties*, *assertories* ens. Van die ongeveer 250 (uit 785) wat redelik algemeen bekend sal wees, bv. *adjektiwies*, *akademies*, *akoesties*, *akrobaties*, *alfabeties*, *alkoholies*, *analities*, *analogies*, *anargisties* ens., sal hoogstens sowat 20 ook tot die volkstaal behoort, bv. *Arabies*, *Bolsjewisties*, *demokraties*, *drasties*, *Egipties*, *elektries*, *humoristies* ens. In elk geval is dit die minderheid waarby Afrikaans woordkorrelate naas die stam het, bv. *adjektiwies*, *afgodies*, *akrobaties*, *alarmisties*, *alfabeties* ens.

Beperk ons ons tot die laasgenoemde groep, kan ons sê: *-ies* ens. vorm b.nwe. met stamme met s.nw.-korrelate met die waarde „soos, volgens, behorende tot, ooreenkomstig, getref deur ens., wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”.

As daar by dieselfde stam een vorm op *-ies* én een op *-isties* voorkom, bv. *logies* en *logisisties*, *psigologies* en *psigologisties*, gee die vorm op *-isties* meesal te kenne „kamma, kastig, nie wettig of erken volgens of soos dit wat die woordkorrelaat van die stam noem nie”.

61. Schultink, H.: *Op. cit.*, 43.



*-les* is volkome produktief by (veral) woorde van Franse, Latynse en Griekse herkoms wat nog kennelik „vreemd” is.

### § 113 *-iet*

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe onder groep 1.)

Die volledige materiaalbehandeling van *-iet* is by die bespreking van kategorieë by afleiding in § 72 te vind.

### § 114 *-ig*

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe onder groepe 2., 3. en 6. en by skema vir afgeleide werkwoorde onder groep 3.).

Sinchronies beskou, wissel *-ig* met *-dig*, *-sig* en *-tig*, bv. in *jeugdig*, *gulsig*, *driftig* ens. In verreweg die meeste gevalle is die *-d/-t* in Nederlands deel van die woordkorrelaat van die stam, bv. *jeugd(+ -ig)*, *drift(+ ig)* ens. *-Sig* sal apart bespreek word waar dit te pas kom, bv. in *geniepsig*, *gulsig*, *vrot-sig* ens.

Verskeie van die Afrikaanse woorde met *-ig* in die Auslaut, is nie afleidinge op *-ig* nie, of is dit nie van Afrikaanse standpunt uit beskou nie. Dit behels veral

(a) gevalle waarby ons nie 'n woordkorrelaat naas die stam het nie, bv. *aaklig*, *besig*, *danig*, *ledig*, *salig*, *suinig* ens.; en

(b) gevalle wat eintlik samestellings is met 'n reeds afgeleide woord op *-ig* as tweede komponent, bv. *aanmatig*, *afvaardig*, *kieskeurig* e.d.m.

**Opm.** 1. Ander gevalle, soos *aandadig*, *aan-/afwesig* ens. word bespreek waar dit te pas kom.

2. Uit 'n lys van 572 voorbeelde is sowat 40, van Afrikaanse standpunt uit, nie afleidinge op *-ig* nie, bv. *amegtig*, *balhorig*, *bedompig*, *besadig*, *bondig*, *egalig*, *gretig* ens. Maar diachronies beskou is hulle wel afleidinge op *-ig*.

## A. Woordsoortelike Sisteem

1. Die woordsoorte op *-ig*:

(a) Die meeste is b.nwe. (510 van die 572), bv. *aandagtig*, *aardig*, *afkerig*, *afkomstig*, *afvallig*, *afgunstig*, *agterdogtig*, *agte(r)losig* ens.

(b) 'n Beperkte groep is wwe. (35), bv. *nuttig*, *pynig*, *reinig*, *spysig* ens.

- (c) Drie gevalle is net bwe., nl. *allig*, *wellig* en *naarstig*, maar *allig* en *wellig* is Nederlandse sametrekkinge van *al* + *licht* en *wel* + *licht*, en *naarstig* is in Nederlands ook b.nw.; die bywoordelike funksie sal dus sekondêr wees.
- (d) Die paar tussenwerpsels op *-ig*, nl. *allamastig* / *-magtig* / *-mintig*, *genugtig* en *mensig* is nie primêr as tussenwerpsels gevorm nie.
- (e) Daar is 'n paar vnwe., nl. *hoedanig*, *sodanig* en *sommige*. Hulle vorming word later bespreek.

## 2. Die woordsoorte van die woordkorrelate van die stamme :

- (a) Die meeste woordkorrelate is s.nwe., bv. *afgunstig*, *bekking*, *bloedig*, *driiftig*, *ernstig* ens.

**Opm.:** Wat as 'n subgroep van die s.nw. beskou kan word, naamlik samestellende afleidinge, is baie talryk: die materiaal sluit 110 daarvan in, bv. *andersoortig*, *boosaardig*, *dikvellig*, *dubbelsinnig*, *fyngevoelig*, *oorhandig* ens.

- (b) 'n Groepie van 37 is wwe., bv. *flikkerig*, *geldig*, *grillig*, *huiwerig*, *morsig*.

- (c) 'n Beperkte groepie is b.nwe., bv. *allenig*, *donkerig*, *droewig*, *goedig*, *tengerig*, *vrotsig* ens.

**Opm.:** Die vormingswyse van enkele gevalle verdien afsonderlike bespreking:

- 1) *allig* (WAT): waarskynlik van bw. *al* + bw. *lig*, moontlik onder invloed van *wellig*. *Wellig* self is Nederlands *wel* + *licht*;
- 2) *eenvoudig*. Ons realiseer dit waarskynlik as afgelei van *eenvoud*, maar in Nederlands is *eenvoudig* die oudste en *eenvoud* 'n Rückbildung daarvan;
- 3) *geniepsig* moet beskou word as erfgoed uit Nederlands (*geniepig*), maar dis nie duidelik hoe dit aan die *s* kom nie;
- 4) *gierig* word miskien deur sommige geassosieer met ons s.nw. *gier* of met ons ww. *gier*, maar die betekenis strook nie. Dit is in Nederlands gevorm van 'n verdwene b.nw. *gier*;
- 5) *gulsig* hou nie verband met Afrikaans *gul* nie, maar is in Nederlands reeds afgelei van 'n ou woord *guls*;
- 6) *innig*: in Nederlands gevorm van die bw. *in*;
- 7) *lenig*: die ww. is in Nederlands gevorm van die b.nw. *lenig*;
- 8) *naywerig* lyk na 'n afleiding van Afrikaans *naywer*, maar is volgens die WNT „eerder van *naijveren*” afgelei;
- 9) *Nederig*: in Nederlands afgelei van die bw. *neder*;
- 10) *orig* kan geen verband hou met die s.nw. *oor* nie. Dit is in Nederlands afgelei van *over* > *overig* (> *orig* in Afrikaans);
- 11) *parmantig* kom nie van ons s.nw. *parmant* nie, maar in Nederlands van 'n b.nw. *parmant*;

- 12) *reinig* kan, van Afrikaanse standpunt beskou, kom van *rein*, maar is in Nederlands afgelei van 'n ww. *reinen*;  
 13) *smerig* lyk na 'n afleiding van die Afrikaanse ww. *smeer*, maar is in Nederlands gevorm van 'n s.nw. *smeer*;  
 14) *vernietig* is in Nederlands 'n vorm naas en van *vernietien* gevorm;  
 15) *vlugtig* kan kom van Afrikaans *vlug* (b.nw.), maar is in Nederlands afgelei van die s.nw. *vlucht*;  
 16) *vrotsig*: *s* miskien van die *s* van bv. *gulsig*, *morsig* ens.?

As aktiewe afleidingsstelsel rondom *-ig* het Afrikaans dus wesenlik net die vorming van b.nwe. en wwe. van s.nwe. en ander wwe.

## B. Semantiese Stelsel

### 1. Semantiese Waardes

- (a) Daar is heelwat gevalle (sowat 20%) van algehele of gedeeltelike betekenisisolasië, bv. *aaklig*, *baldadig*, *deftig*, *geniepsig*, *karig*, *slordig*, *vinnig*, *waardig*, *wysig* ens.  
 (b) In gevalle met 'n s.nw. as woordkorrelaat naas die stam en waar die *-ig*-woord 'n b.nw. is, gee *-ig* te kenne:

1) „getref deur, vol van, bedeed met, met 'n gevoel of 'n houding” wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. *afkerig*, *afgunstig*, *agterdogtig*, *angstig*, *armoedig*, *weemoedig* ens.;

**Opm.:** In 'n groot aantal gevalle moet daar ook nog iets bybedink (of bygesê) word, bv.: *geurig* beteken nie net „met of vol geur” nie, maar meer bepaald „met 'n aangename geur”, *gevoelig* nie net „bedeed met of vol” ens. nie, maar nader bepaald „met sensitiewe, soms lig kwetsbare, gevoel” ens.

2) „met die aard, eienskap of voorkoms van, soos” ens. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. *fluwelig*, *glasig*, *iesegrimmig*, *onderdanig*, *parmantig*, *waterig*, *ysig* ens.

- (c) In b.nw.-afleidings met ww.-korrelate naas die stam gee *-ig* meesal te kenne „geneig tot” wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. *afkerig*, *afvallig*, *flikkerig*, *knorrig*, *morsig* ens.

**Opm.:** In enkele gevalle is die waarde effens anders, bv. *grillig* „wat 'n mens laat grill”, *doenig* „besig om dinge te doen”, *bedrywig* „besig om allerlei dinge te bedryf (doen)” ens.

- (d) In b.nwe. met b.nw.-korrelate vir die stam met die *-ig* meesal geen duidelike waarde nie, bv. *allenig*, *droewig*, *tengerig*, maar *allenig* het tog iets van 'n affektiewe by-waarde, *vrotsig* is 'n soort eufemisme vir *vrot*, en *goedig* beteken meer „met 'n goedmoedige aard” ens.

In hierdie verband kan gewys word op wat die WNT van dié groep sê: „Bij vele van adjektieven gevormde bnww. op *-ig* heeft de opnieuw gesuffigeerde vorm den oorspronklijken zoozeer verdrongen, dat . . .”

(WNT VI, 1390), wat daarop neerkom dat 'n mens dit nie meer herken as die betrokke woordkorrelaat van die stam nie.

- (e) In *-ig*-afleidinge wat wwe. is, gee die *-ig* (dikwels met *be-* as preformans daarby) te kenne „dit aandoen, verskaf, bring of veroorsaak” wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, bv. *beledig, beskadig, bevogtig, bevredig, en huldig, pynig, tugtig*.

**Opm.:** *Nuttig* beteken „nut hê of haal hoofsaaklik t.o.v. voedsel”.

- (f) Die semantiese waarde van samestellende afleidings met *-ig* by die laaste komponent, is meesal dié van

1) possessiefsamestellings, bv. *dikvellig, droefgeestig, fyngevoelig, jammerhartig, of*

2) onvult. deelwoord, bv. *dienswillig, eenstemmig, kwaadwillig* ens., of

3) „met of in die vorm wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *bolvormig, driehoekig, koepelvormig, reghoekig* ens. (wat almal ook afleidinge kan wees van resp. *bolvorm, driehoek, koepelvorm* en *reghoek*).

## 2. Begripsoortelike Sisteem

Die begripsoorte wat die duidelikste hierby betrokke is, is die volgende:

- (a) Abstrakta, meer bepaald

1) menslike gemoedsaandoeninge, bv. *afkerig, angstig, arglistig, deemoedig, eersugtig, ernstig, geesdriftig, moedig, plesierig, spytig, toornig, verdrietig, waansinnig, wanhopig, wrewelig, ywerig, en*

2) geestelike aktiwiteit van die mens, bv. *begerig, grillig, huiwerig, nalatig, vervelig, wantrouig*.

3) Ook die meeste ander benoem behoeftes of eienskappe van die menslike gees, bv. *aardig, aandagtig, afkomstig, behoefstig, denkbeeldig, dorstig, eendragtig, ellendig, gedagtig, geestig, gevoelig, gunstig, hongorig, koorsig, kragtig, kunssinnig, lastig, magtig, moedig, pynig, rustig, skuldig, vlytig* ens.

- (b) Konkreta. Hier vind ons veral

1) natuurverskynsels, bv. *blarig, blitsig, bossig, donsig, grondig, heuwelig, houtig, modderig, moerassig, rosig, rotsig, sappig, skuimig, sonnig, sponsig, stowwig, vogtig, vurig, waterig, ysig* ens.

2) liggaamsdele van die mens: *bekdig, benig, bloedig, buikig, handig, harig, lywig, vlesig*;

3) sekere vakgebiede, bv. *aardkundig, heelkundig, letterkundig, meetkundig, natuurkundig, ontleedkundig, oogkundig, opvoedkundig, skeikundig, taalkundig* ens.;

4) vorm: *bolvormig, driehoekig, hoekig, kantig, koepelvormig, peer-vormig, puntig, reghoekig, vierkantig*;

5) stowwe, bv. *fluwelig, gasig, giftig, glasig, stenig* ens.

Algemeen gestel, beteken dit dat *-ig*-vorme meesal konstaterend is en nie affektief nie.

### C. Diachronie en Produktiwiteit

Op 30 na is al die Afrikaanse voorbeelde ook Nederlands (volgens WNT en die *Etimologiese Woordeboek* van S. P. E. Boshoff). Vier hiervan is tussenwerpsels.

Die voorbeelde *vrotsig* en *onnutsig* is moontlik affektiewe vorminge naas *vrot* (en *onnuttig?* – waarby daar egter 'n betekenisverskil sou wees volgens die Afrikaanse taalgevoel).

Die etimologie van *kamtig* en *kastig* staan by Boshoff. *Alewig* is waarskynlik nie 'n samestellende afleiding nie, maar 'n samestelling van *al* + *ewig*. *Eeuwig* is wel Nederlands.

Volgens die WNT bestaan *egaal* en *egaallijk* wel in Nederlands. Schönfeld maak melding van die feit dat *-lijk* in sommige gevalle verdring is deur *-ig*. *Egalig* word egter nie in die WNT aangegee nie. *Allig* kon in Afrikaans gevorm word na analogie van *wellig*. Dit kan egter nie bewys word nie.

Van 13 van die voorbeelde is niks besonders te sê nie, bv. *blitsig*, *sakkig*, *sousig*, *vervelig* ens. Sewe van die voorbeelde wat nie in Nederlands voorkom nie, is samestellende afleidings, bv. *dikvellig*, *eenfasig*, *kunssinnig*, *tiensnarig*, *veelrassig* ens. In dié verband sê die WNT: „Zeer talrijk zijn – reeds in het oudere Germaansch – de door samenstellende afleiding met *-ig* gevormde bnw., en nog voortdurend worden juist op deze wijze telkens nieuwe adjectieven op *-ig* gemaakt.” (WNT VI, 1393.)

151 van die voorbeelde is ook reeds Middelnederlands, bv. *grondig*, *moerassig* ens.

In Nederlands is talryke voorbeelde van afleidinge op *-ig* gevind waarby daar wel 'n woordkorrelaat naas die stam in Afrikaans bestaan, maar wat nie in Afrikaans 'n afleiding op *-ig* kan vorm nie. Voorbeelde hiervan is: *bergig*, *boerig*, *bokkig*, *bollig*, *dieftig*, *doodig*, *doornig*, *hakig*, *kattig*, *liefdig*, *poppig*, *roetig*, *schandig*, *smartig*, *stormig*, *toppig* ongeveer 150 voorbeelde. Die meeste daarvan is egter volgens die WNT in moderne Nederlands ook al verouderd.

Alhoewel ons dus in Afrikaans afleidinge op *-ig* het wat nie in die WNT of die *Etimologiese Woordeboek* voorkom nie, lyk dit nie asof ons soveel eie aktiwiteit om *-ig* het/gehad het dat dit as produktief beskou kan word nie. Die vorm *-erig* was en is veel meer produktief in Afrikaans as *-ig*, en dit het *-ig* ook in belangrike mate verdring.

Vandag is dit hoofsaaklik die natuurwetenskaplike taal wat *-ig*-vorme soos *benig* e.d.m. maak en gebruik.

## § 115 -igheid

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 2.)

'n Eerste moeilikheid in verband met *-igheid* is hoe om te bepaal of die agtervoegsel *-igheid* is dan wel *-heid*, bv. in *koorsigheid* teenoor *malligheid*. As daar naas 'n woord wat op *-igheid* uitgaan, ook een bestaan wat op *-ig* uitgaan, is dit beskou as 'n afleiding op *-heid* en nie op *-igheid* nie. *Koorsigheid* is dus *koorsig* + *heid*. Maar ons het nie 'n woord *mallig* nie en beskou *malligheid* dus as *mal* + *-igheid*.

### A. Woordsoortelike Sisteem

*-Ighheid* kom voor in s.nwe. met stamme met as woordkorrelate

1. b.nwe. (60 uit ons lys van 69), bv.

<i>agterbaksigheid</i>	<i>benoudigheid</i>	<i>dikkigheid</i>	<i>dowigheid</i>
<i>astrantigheid</i>	<i>blinkigheid</i>	<i>dolligheid</i>	<i>dowwigheid</i>
<i>bangigheid</i>	<i>brakkigheid</i>	<i>dommigheid</i>	ens.;

2. s.nwe. of b.nwe. Enkele gevalle, naamlik bv. *dradigheid*, *ferweligheid*, *siltigheid* en *soutigheid* lyk soos s.nw. + *-igheid*, maar kan ewe goed ook beskou word as b.nw. op *-ig* + *heid*, dus *dradig* (wat WAT II, 300 „weinig gebruiklik” noem) + *heid*, *ferwelig* + *-heid*, òf as b.nw. + *-igheid*, dus *silt* (b.nw.) + *-igheid*, *sout* (b.nw.) + *-igheid*, *vet* (b.nw.) + *-igheid*.

**Opm. 1.** *Wolkigheid* is klaarblyklik *wolkig* + *-heid*.

2. *Sinnigheid* lyk soos s.nw. *sin* + *-igheid*, en *voorsienigheid* soos ww. *voorsien* + *-igheid*, maar altwee is Nederlands en in Nederlands het ook voorgekom die b.nwe. *zinnig* en *voorzienig*. D. F. Malherbe gebruik ook nog die laaste woord: *Honderdmaal het hy van die tuin af gekom met groenmielies of 'n pampoens of 'n handmandjie vol aart-appels of ook anders met leë hande, maar altyd met 'n dragtevredeheid in die hart om die genot van rustige arbeid, om die vrug van voorsienige versorging.* (*Die Skeur van Vaalspruit*, 8), maar dit is moontlik 'n nuutvorming by hom, òf van *voorsien* of ('n Rückbildung) van *voorsienigheid*.

3. *Vattigheid* is 'n lastige geval. Van Afrikaanse standpunt uit, lyk dit soos ww. + *-igheid* òf as die verbaalabstraktum, dus s.nw. *vat* van bv. *geen vat op iets kan kry nie*, maar nou het ons geen gevalle van sulke afleidings van s.nw. of ww. sonder meer nie. Nederlands het wel 'n verouderde woord *vattig*, geen *vattigheid* nie, sodat ons *vattigheid* sou kon wees: die verouderde Nederlands *vattig* + Afrikaans *-heid*. Maar daarteen pleit weer die betekenis, want die WNT XVIII, 940 sê *vattig* beteken: „bekwaam om te ontvang”, terwyl *vattigheid* nie beteken „bekwaam om te ontvang, ontvanklikheid” nie, maar eerder „vatplek,

houvas". As ons nou in die gedagte hou dat *vattigheid* min of meer net „vat" (s.nw.) beteken en dat dit 'n woord is meer van die volkstaalstyl, lyk dit asof dit geen suiwer vorming is nie, iets wat maar, en meer, op die klank af gevorm is. Hoe dit ook al sy, *vattigheid* val nie binne die normale woordsoortelike sisteem van Afrikaans nie.

4. Sen. D. H. van Zyl se *Griekwa-ietsigeit* is geen normale Afrikaans nie, maar 'n Griekwa-isme van die Griekwas self of van die skrywer. Die skryfwyse verbloem 'n afleiding van 'n vnw. *iets* en bevat *-igheid*: *ietsigheid*.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Die semantiese waardes van afleidinge op *-igheid* kan die duidelikste gesien word deur kontrastering met dié van *-heid* en *-erigheid*. As ons drie vorme naas mekaar het, naamlik stam met woordkorrelaat + *-heid*, stam met woordkorrelaat + *-igheid* en stam met woordkorrelaat + *-erig* + *-heid*, bv.

*doofheid, dowigheid, dowerigheid;*  
*lafheid, lawwigheid, lawwerigheid;*  
*verspotheid, verspottigheid, verspotterigheid;*  
*vuilheid, vuiligheid, vuilerigheid,*

gee die vorm op *-heid* meesal aan: die toestand ten opsigte van wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word, die „wees soos" deur die woordkorrelaat van die stam genoem, bv. *doofheid*: „die toestand van doof te wees, doof wees;

die vorm op *-igheid* gee te kenne: „'n mindere mate van òf in mindere mate wees soos òf 'n houding asof dit in 'n mindere mate is soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem", bv. *dowigheid*: „geringe(r) doofheid of kamma- of voorgewende doofheid";

en die vorm met *-erig* + *-heid* benoem dan die geringste graad, dus *dowerigheid* „die toestand ens. van dowerig (minder as doof) te wees".

As daar egter wel 'n b.nw. op *-ig* bestaan, sonder 'n b.nw. as woordkorrelaat daarnaas, bv. *koorsig* (sonder *koors* as b.nw.), *morsig*, *waterig* ens., sodat *koorsigheid*, *morsigheid* dan *koorsig* + *-heid*, *morsig* + *-heid* ens., is, dan het ons as 't ware net (die) twee grade, naamlik (a) „toestand of wees soos", bv. *koorsigheid*, *morsigheid*, en (b) „'n mindere of minder ernstige toestand of wat so voorgestel word", bv. *koorserigheid*, *morserigheid* ens. (vergelyk verder *-heid*, § 107).

### 2. Begripsoortelike Sisteem

Die begripsoort van die b.nw. waarby *-igheid* verskyn, is

(a) hoofsaaklik die name van menslike gewaarwordinge en/of eienskappe, bv. *agterbaks*, *astrant*, *bang*, *benoud*, *desperaas*, *dik*, *dol*, *dom*, *doof*, *gaaf*, *gek*, *geleerd* ens., en

(b) name van sintuiglik waarneembare eienskappe of oordele daaroor, bv. *blink, brak, dof, dun, fraai, fyn, los, mooi, nat* ens.

### C. Diachronie en Produktiwiteit

As agtervoegsel het *-igheid* reeds in Nederlands ontstaan en die meeste Afrikaanse voorbeelde is ook Nederlands, bv.

<i>brakkigheid</i>	<i>dommigheid</i>	<i>gekkigheid</i>	<i>lammigheid</i>
<i>brawigheid</i>	<i>dowigheid</i>	<i>growwigheid</i>	<i>lawwigheid</i>
<i>dadigheid</i>	<i>fraaiigheid</i>	<i>holligheid</i>	<i>liewigheid</i>
<i>dolligheid</i>	<i>fynigheid</i>	<i>klarigheid</i>	<i>lossigheid</i> ens.
	<i>geiligheid</i>	<i>kleinigheid</i>	

Tog is daar 'n paar wat ons nie in Nederlands kon vind nie, bv. *blinkigheid, desperatigheid, dikkigheid, ferweligheid, geleerdigheid, wolkigheid* ens., sodat *-igheid* blykbaar tog produktief is, al is dit dan nie onbeperk produktief nie. Die jongste voorbeelde, bv. *gematiedigheid* „toestand van tot Matie gemaak te wees of te geword het”, *onfilosofiesigheid* (in self-spottende verband gebruik), skyn te dui op 'n ontwikkeling in ligtelik pejoratiewe rigting.

#### § 116 -in<sup>1</sup>

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 1.)

Die *-in<sup>1</sup>* van vroulike persoonsname kom in 'n stuk of twintig woorde in Afrikaans voor, maar net sowat 'n twaalf is redelik gebruiklik en goed bekend, bv. *godin, gravin, heldin, Jodin, kelnerin, koningin, lugwaardin* en *vriendin*.

**Opm.:** *Sottin* en *swapin* is speelvorme in studentetaal. Hulle is vermaaklik om hulle ongewoonheid.

Die Afrikaanse vorme op *-in<sup>1</sup>* is meesal Nederlands. Die *-in<sup>1</sup>*-vorme het veld verloor in Afrikaans, *-in<sup>1</sup>* is vrywel volkome onproduktief en hy is verdring deur *meisie, vrou, wyfie* e.d.m. *Jodevrou, -meisie* is waarskynlik gewoner as *Jodin, leeuin* is boektaal, *mannin* net Bybeltaal ens.

#### § 117 -in<sup>2</sup>

(Kyk onder *on-* in § 131.)

#### § 118 -ing

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groepe 2., 3., 9. en 10.)



Afleidinge op *-ing* is in Afrikaans so talryk en so vryelik vormbaar dat dit weinig sin sou hê om volledige lyste te probeer saamstel. Die lys van 700 waarmee hier gewerk word, is versamel uit WAT, Bosman en Van der Merwe se *Tweetalige Woordeboek*, dagblaaie en romans, dr. D. B. Bosman se artikel „'n Ondersoek na die gevelariseerde *-ing* in Afrikaans” in *De Nieuwe Taalgids* xxxi, 1 en Afrikaanse skoolgrammatikas.

### A. Keuring van die Lys

In Afrikaans is daar die volgende groepe woorde wat nie afleidinge op *-ing* is nie, of waarvan die afkoms onseker is :

1. Afleidinge met die agtervoegsel *-ing* of *-ling* wat in Nederlands ontwikkel het uit die Ou-Germaanse agtervoegsel *-inga* en wat gebruik is om manlike s.nwe. te vorm. Deur verbinding met stamme wat op *-l* of *-el* geëindig het, het die vorm *-(e)ling* ontwikkel. Die meeste van hierdie woorde het in Middelnederlands op *-inc* uitgegaan. (Vir die oorgang *-inc* > *-ing*, vergelyk Le Roux, en Le Roux<sup>62</sup> en ook Afrikaans *jong-jonk*, *koning-koninklik*.) *Balling* < *banneling*, Middelnederlands *ballinc*, met assimilasië < *banlinc*, *bannelinc* (*bannen* + *ling*). *Eersteling*, *enkeling* (< *enkelling*), *hemeling* (< *hemelling*), *howeling*, *inboorling*, *jongeling*, *leerling*, *liefing*, *stedeling*.

In hierdie gevalle is die afleiding in Afrikaans herkenbaar as sodanig, maar die volgende gevalle, ook met hierdie uitgang, is moeilik herkenbaar :

- (a) Die uitgang kom dikwels voor by Ou-Germaanse name van munte:  
*penning*: vroeër *pennig*, *penig*. Die etimologie van die stam is onseker; moontlik dieselfde stam as *pand*.  
*silwerling*, *skelling* (vergelyk Afrikaans *sjieling*, Engels *shilling*, *farthing*).
- (b) Die volgende woorde het in Middelnederlands *-inc* gehad:  
*haring*: Ndl. *haring*/*hering*; Mnl. *harinc*, *hareng*, *herinc*.  
*heuning*: Ndl. *honig*/*honing*; Mnl. *honech*, *honinc*. (Umlaut o > eu<sup>63</sup>.)  
*koning*: Ndl. *koning*; Mnl. *coninc*. Die stam is 'n baie ou woord wat ongeveer beteken „man van afkoms of gesag”.  
*paling*: Ndl. *paling*; Mnl. *palinc*. Die oorsprong van die stam is onseker, moontlik dieselfde as die stam *paal* wat beteken het „poel”.  
*suring*: Ndl. *zuring*; Mnl. *surinc*, *suyrinc* < van *zuur*.

2. Afleidinge op *-ing* of *-ling* wat in Nederlands ontstaan het uit die Ou-Germaanse *-ingô*. Dit het gedien om vroulike s.nwe. wat 'n handeling aandui, van werkwoorde te vorm. 'n Verboë vorm hiervan is in Wes-

62. Le Roux, T. H. en Le Roux, J. J.: *Middelnederlandse grammatika*, § 127.

63. *Ibid.*, § 88 : 4.

Germaanse dialekte gebruik om bywoorde van s.nwe. en b.nwe. af te lei.<sup>64</sup> Net soos die *-ing* van 1. hierbo, het dit deur gebruik met woorde wat op *-(e)l* geëindig het, die vorm *-(e)ling* gekry, waarby dan die adverbiale *-s* aangevoeg is. Hiervan is in die lys *mondeling* (attributiewe vorm: *mondellinge*; bw.: *mondelings*. In studentetaal word *mondeling* ook as s.nw. gebruik). *onderling* en *plotseling*.

3. Sekere woorde het in Nederlands ook *-ing*, maar is nie afleidinge op *-ing* nie. Sommige het ontstaan deur suffikssubstitusie:

*ketting*: < *ketten*, die jonger byvorm van *keten*.

*reling*: waarskynlik uit Eng. *railing*, hoewel die ooreenkoms met 'n woord wat uit *regeling* saamgetrek is, nie onmoontlik is nie. Vgl. Nederduits: *reling*, Deens: *roeling*, Sweeds: *reling*.

*rotting*: Afr. *rottang*. Verbaster uit Maleis *rotan*, *rotang*. Vgl. Frans *rotin*, Eng. *rattan*.

*velling*: jongere vervorming van *velg* < Mnl. *vellege/vellige*, mv. *velligen*. Dié vorm *velleg* met svarabhaktivokaal gaan oor in *velling* (vgl. *g* > *ng* in *honing* – *honing*).

*zinkings*: Afr. *sinkens*, *sinkenkoors*; Ndl. *zinkings* en *trekkingen*: Afr. *trekkens*, kom in Ndl. voor met dieselfde betekenis as in Afrikaans maar ek kon nie vasstel hoe hulle gevorm is nie, deur meervoud of die eerste deel van komposita met verbindings *-s*? Hulle kom in elk geval nie in Afrikaans voor sonder die *-s* nie.

Volgens Bosman kom die volgende *-ing*-woorde in Nederlandse dialekte voor:

*garing*: Afr. *gare*, Ndl. *garen*.

*kussing*: Ndl. *kussen*.

*laning*: Ndl. *laan*. *laning* is in Nederlands bekend, maar in die betekenis „dwarslêer, oorloop, bruggie” en oorspronklik was dit 'n skeepsterm. 'n Waarskynlike afleiding van *laan* is gewestelik bekend „voor een aan weerskanten met bomen beplanten zijweg”. Moontlik is dit 'n verwarring van *lanen* en *laning*. In Afrikaans is die betekenis uitgebrei tot die ry bome self.

*sening*: Mnl. *sene*, Ndl. *zeen*. Moontlik vervorm uit *zenuw* (WNT XVIII, 1634, onder *velling*).

*varing*: Gevorm met suffiks *-ing* van *vaar*, 'n byvorm van *varen*. Gewestelike Oos-Vlaams en Brabants (WNT XVIII, 575).

4. *-Ing*-woorde wat nie in Nederlands voorkom nie:

(a) 'n Groepie wat Bosman<sup>65</sup> foneties verklaar as dissimilasie. 'n Alveolare nasaal *n* in 'n onbetoonde slotlettergreep word ongelyk gemaak aan 'n

64. Van Loey., A.: *Op. cit.*, 209–210.

65. Bosman, D. B.: *Oor die ontstaan van Afrikaans*, 97–98.

voorafgaande alveolare *l*, *r*, *s* en gaan oor in 'n velare nasaal. (Uitsonderings hierop is die/'n gevolg van Nederlandse invloed, of is nuwe ontlenings.) Hierdie sekondêre, gevelariseerde, *-ing* vind ons i.p.v. 'n oorspronklike /ə(n)/ wat voorafgegaan is deur:

1) *l*: *gelling*/*gallon*: < Eng. *gallon*.

2) *r*: *doring*: < Ndl. *doren*/*doorn*, Mnl. *doren*.

*horing*: Ndl. *horen*/*hoorn*, Mnl. *horen*.

*karring*: Ndl. *karn*, *karnen* (s.nw. en ww.)

*koring*: Ndl. *koren*/*koorn*, Mnl. *koren*.

*toring*: Ndl. *toren*/*toorn*, Mnl. *toren*.

*torring* (ww.): Ndl. *tornen*.

3) *s*: *harsings*: < Ndl. *heersenen* < *hersens* < *harsens*.

Hierby sluit ook aan *garing*, *kussing* en *varing* wat wel in Nederlandse dialekte bekend is. Dus meen Bosman dat hierdie fonetiese ontwikkeling sy oorsprong in Nederlands gehad het. *Gelling* en *lusering* dui daarop dat die dissimilatiwê neiging nog lank moes ingewerk het.

(b) 'n Groep waarvan Bosman die ontstaan verklaar deur suffikssubstitusie en/of fonetiese ontwikkeling, as gevolg van analogiewerking:

1) Woorde wat in Nederlands 'n palatale slot *-nje* het:

*fraïing* < *franje* < Ndl. *franje*.

*goïing* < *goien* < Ndl. *gonje*.

*kastaiing* < *kastanje* < Ndl. *kastanje*.

*pluiings* < *pluiens* < Ndl. *plunje*.

Hierby kom *kaiings* en *toiings* wat egter nie 'n ooreenstemmende *-nje* in Nederlands het nie.

*kaiings* < Ndl. *kaan*, mv. *kanen*, diminutief *kaantjes*.

*toiings*/*toiens* < Ndl. *tod(de)*, mv. *todden*.

Hierdie woorde kom meesal in die meervoud voor, dus kon die meervoud *-s* ook 'n rol gespeel het. Bosman wys op die wisselvorme met wisselende uitspraak in Afrikaans, wat moontlik 'n oorgang aandui: bv. *franje* > *fraïens* > *fraiens* (genasaleerd) > *fraïings*.

Die genasaleerde uitspraak was moontlik die tussenvorm wat by sekere sprekers dan verder oorgegaan het tot die vorm *-ings*.

2) Woorde met oorspronklik *-ens*:

*hoofbrekings* < *hoofbrekens* (*hoofdbreking* gevind by Kiliaan vlg. WNT VI, 975), Ndl. *hoofdbrekens*.

*toebehorings* < *toebehorens* < *toebehoorsels*, Ndl. *toebehoren*.

*vermoedings* < *vermoedens*, Ndl. *vermoedens*.

Bosman gee hier die voorkeur aan 'n verklaring deur analogiewerking, want daar is baie gevalle waar die *-ens* alleen voorkom, bv. *gevoelens*, *miedens*. Verdere voorbeelde uit die omgangstaal: *êrings* (*êrens*), *hartings* (*hartens*), *ruitings* (*ruitens*), *vullings* (*vullens*). Hier is ook 'n genasaleerde tussenvorm: bv. *vullens* > *vullens* (genasaleerd) > *vullings*.

3) 'n Heterogene groeie :

*affêring* < *affêre*. Moontlik mv. *affêres* > *affêrens* > *affêrings*  
> ekv. *affêring*.

*benning*: moontlik < *bending* < Eng. *band*, met bygedagte van Afr. *bende*.

*narsing*: Ndl. *narcis*, mv. *narcissen*.

Bosman<sup>66</sup> meen dat dit in baie gevalle moeilik is om uit te maak of die verandering foneties of analogies verklaar moet word. Die veiligste sou wees om aan te neem dat enigeen van hierdie faktore, of albei, meegewerk het in dieselfde rigting. Hy verwerp die teorieë van Te Winkel (Invloed van Franse neusklanke) en Schonken (Maleise invloed) oor die gevelariseerde *-ing* van Afrikaans. Viljoen se teorie is dat dit 'n dialektiese-Nederlandse verskynsel is, naamlik die oorgang *n, nd, nt* > *ng, ngd, ngt*, maar sy teorie word deur Hesseling omvergewerp.

- (c) Daar is 'n paar woorde op *-ing* wat nie afleidings is nie, maar wat van Maleise oorsprong is, bv. *kaparring* < *kaparrang*; *katjiefiering*, *piering*.

5. Die volgende woorde moet ook uit die lys verwyder word :

- (a) *aanfluistering*: *aan* + *fluistering*, want daar is geen ww. *aanfluister\** nie, wel 'n s.nw. *fluistering*. Nederlands het nie *aanfluister\** of *aanfluistering\** nie, wel *fluistering*.

*aardbewing*: samestelling *aard* + *bewing*.

*afgrysing* < *afgryse*; met suffikssubstitusie van Ndl. *afgrijzen* (s.nw.).

WNT I, 995 gee egter aan dat *afgrijzing* voorheen in Nederlands gebruik was; dus het Afrikaans dit moontlik in daardie stadium geërf.

*egskeiding*: in Nederlands samestelling *echt* + *scheiding*.

*herkeuring*: in Nederlands is daar wel 'n ww. *herkeuren* > *herkeuring*, maar volgens Afrikaanse taalgevoel is dit 'n afleiding van *her* + *keuring*. Ek kon *herkeur\** nie in Afrikaanse woordeboeke vind nie.

- Opm.:** By 'n hele paar van die afleidings met *her-* + *-ing* is daar twyfel, veral waar die woordkorrelaat van die stam 'n afleiding met albei formantia het, bv. *skat* – *herskat* – *skatting* – *herskatting*, *herskepping*, *herstemming*, *herstelling*. As afleidings met *-ing* is aangeneem dié woorde waarvan *her-* + stam met woordkorrelaat as afgeleide wwe. in Bosman en Van der Merwe se woordeboek aangegee word. Die aksent speel ook 'n rol. Moontlik sou *herskép* – *hersképping* beskou kan word as *-ing*-afleiding, maar *hêrskepping* as *her*-afleiding van *skepping*.

*huissoeking*: WNT VI, 1260: samestelling *huis* + *zoeking*.

*kiesafdeling*: samestelling *kies* + *afdeling*.

*lykskouing*: WNT VIII 2, 2318: samestelling *lijk* + *schouwing*.

66. Bosman, D. B.: *Op. cit.*, 98.

(b) Die volgende woorde is twyfelagtige *-ing*-afleidinge:

*aandenking*: volgens WNT I, 96 nie 'n afleiding, maar 'n vorm met suffikssubstitusie van die as s.nw. gebruikte infinitief van die verouderde ww. *aandenken* „in gedagte hou”.

*aanmonding*: Afrikaans het geen ww. *aanmond*\* nie. Volgens die WNT I, 250 is dit in Nederlands gevorm van die veronderstelde ww. *aanmonden*. In Nederlands beteken dit „die wyse waarop 'n blaas-instrument aan die mond gesit word”, en word dit ook gebruik vir „'n rivier se mond”. In Afrikaans het dit dieselfde twee betekenisse, maar in die tweede betekenis is dit eerder *aan* + *monding*. Moontlik is *uitmonding*: *uitmond* + *ing*.

*bedenking*: vergelyk *aandenking*.

*hofhouding*: nóg in Afrikaans nóg in Nederlands is daar 'n ww. *hofhou(den)*\*. WNT VI, 854 gee die ontstaan aan as *hof* en *houden* met *-ing*, dus moontlik samestellende afleiding.

*huishouding*: Afr. < *huishou(e)*. Afrikaans het wel 'n woordkorrelaat *huishou*, en Nederlands die ww. *huishouden* en die s.nw. *huishouding*, maar Nederlands het ook die gelykbetekende as s.nw. gebruikte infinitief *huishouden*. Dus is dit moontlik suffikssubstitusie reeds in Nederlands, of later in Afrikaans, òf die afleiding kon opnuut in Afrikaans gevorm geword het van die ww. *huishou*.

**Opm.:** Dis nie onmoontlik nie dat sommige woorde wat reeds in Nederlands deur suffikssubstitusie gevorm is, opnuut in Afrikaans gevorm is as afleidinge met *-ing* van die ww.

*mondering*: Ndl. *montering* < ww. *monteren*, wat verwant is met die Afrikaanse ww. *monteer*. *Montering* in Nederlands beteken o.a. 'n soort uniform. Vanwaar die *d*?

*versnapering*: bekend in Nederlands, moontlik van die ww. *snap* in sy letterlike betekenis.

*verstandhouding*: vergelyk *hofhouding*.

*wedervering*: moontlik met suffikssubstitusie van die Nederlandse s.nw. *wedervaren*, of in Afrikaans self gevorm van *wederveraar* na analogie van bv. *ervaar* – *ervaring*.

*weiding*: Nederlands ken net ww. *weiden* en s.nw. *weide*, dus waarskynlik ook suffikssubstitusie in Afrikaans.

Ongeveer 70 woorde is dus nie, of verdagte, *-ing*-afleidinge en dit laat ongeveer 630 woorde in die lys.

6. Interessantheidshalwe kan daar nog melding gemaak word van 'n groep *-ing*-afleidings (nagenoeg 200), waar die stam met s.nw./ww.-korrelaat nooit met *-ing* voorkom as daar nie 'n ander element (bv. 'n stam met bw.-korrelaat/stam met voors.-korrelaat) ook by is nie. Gevalle soos die volgende word bedoel:

*aanademing* (nie *ademing\** nie)  
*aanbaking* (nie *bakking\** nie)  
*aanbieding* (nie *bieding\** nie)  
*aanduiding* (nie *duiding\** nie)  
*opgraving* (nie *grawing\** nie),  
 asook *aanhitsing*, *aanmeting*, *aanneming*, *aanporring*, *aantasting*, *aanvret-  
 ing*, *aanvuring*, *aanwysing*, *inligting*, *inswering*, *nalating*, *onderwerping*,  
*opvatting*, *saamhoping*, *uitroeiing* ens.

## B. Woordsoortelike Sisteem

1. Al die *-ing*-afleidinge is in Afrikaans s.nwe., verreweg die meeste abstrak, maar daar is ook konkrete s.nwe., bv.

<i>afskorting</i>	<i>lading</i>	<i>ontlasting</i>
<i>bedding</i>	<i>leuning</i>	<i>opening</i>
<i>borswering</i>	<i>monding</i>	<i>oplossing</i>
<i>inrigting</i>	<i>omheining</i>	<i>pleistering</i>
<i>kleding</i>		ens.,

en 'n paar is versamelname van persone, bv. *afvaardiging*, *besetting* „soldate wat beset”, *regering*, *sending*, *vergadering*.

**Opm.:** Twee voorbeelde van wwe. verskyn nie in die lys nie, nl. *torring* (Ndl. *tornen*) en *vertoring* (omgangstaal, Ndl. *vertoornen*), maar hulle is nie *-ing*-afleidinge nie (vgl. § 118).

2. Byna al die *-ing*-afleidinge het stamme met ww.-korrelate in Afrikaans en Nederlands, maar die volgende moet opgemerk word :

*bedding*: Afr. < s.nw., maar in Ndl. < ww. *bedden*.

*benaming*: Ndl. < ww. *benamen*.

*besending*: Ndl. *bezending* < ww. *bezenden*.

*blinding*: Afr. < b.nw. *blind* < *blinder*, Ndl. *blinde*. Moontlik in Nederlands 'n byvorm by *blinden* (mv.), met dieselfde betekenis. Die Nederlandse ww. *blinden* het egter o.a. ook die betekenis „iets onsigbaar maak”. *Blinding* het in Nederlands naas die betekenis „het blinddoeken”, ook die betekenis van *blinde* „bedeksel”. Die Afrikaanse wisselvorm *blinder* hou ook die moontlikheid in dat *blinding* iets te make het met die Ndl. ww. *blinderen* „aan die gesig onttrek, koeëlvry, bomvry maak”, met die afgeleide vorm *blinding*.

*Borswering*, *heining*, *leuning*, *vesting*: Volgens die WNT (by agtervoegsel *-ing*) het o.a. hierdie woorde, name van konkrete sake van s.nwe. gevorm, naas of in die plek van die ouer (deels verouderde) vorme *borstwere*, *hein*, *lene* en *veste*, in gebruik gekom. Verskeie van hierdie vorme het egter ongetwyfeld deur bemiddeling van 'n denominatiewe ww. (bv. *heinen*)

ontstaan en val dus eintlik ook onder die groot groep wat gevorm is van ww. Onder die betrokke woorde gee die WNT die volgende aan:

*borstwering*: < *borst* + *weren* met *-ing*, maar eintlik veeleer in die jonger taal naas en ter vervanging van die ouer vorm *borstweer* gevorm, net soos bv. *glint* > *glinting*. *Borstweer* kom van *borstwere* < *borst* + *weer*, „dit waarmee die bors beskut is”. Dit lyk dus na ’n afleiding van ’n s.n.w. (WNT III, 625)

*heining*: < *henning* < *heinen* + *ing*, wat eintlik beteken „daad van heinen”, maar wat deurgaans konkreet is, naamlik „middel tot afskeiding of afskutting”. (WNT VI, 481)

*vesting*: < *vesten* + *-ing*, Mnl. *vestinge*, met dieselfde betekenis as *veste* (s.n.w.). (WNT XXI, 51)

*leuning*: < *leunen* + *-ing*, gelykbetekenend met *leun* < *lene* (s.n.w.). (WNT VIII, 1690)

Die laaste drie is moontlik van die ww. afgelei, maar die ww. is van die s.n.w. gevorm, dus is die saak nie uitgemaak of die woord ’n gewone afleiding van die ww. is nie, dan of dit deur analogiewerking van die s.n.w. gevorm is nie. Die ontstaan kon dus gewees het:

*heinen*  
*hein* < *heinen* < *heining*, of *hein* ↗  
↖ *heining*

Die probleem vir Nederlands is dat hierdie woorde so vroeg reeds al konkrete s.n.w. was.

*draaiing*: Afr. < *draai* (ww. en s.n.w.), Ndl. < ww. *draaien*.

*genoegdoening*: < Ndl. ww. *genoegdoen*.

*harding*: Afr. < *hard* (b.n.w.), Ndl. < ww. *harden*.

*heiliging*: Afr. < *heilig* (ww. of b.n.w.), Ndl. < ww. *heiligen*.

*ligging*: < Ndl. ww. *liggen*.

*lysting*: Afr. ww. *lys* „om te raam”. Ndl. het nie *lijsting*\* nie, maar wel *lijsten*, wat egter nie beteken „om op ’n lys te plaas” nie. Dit is dus moontlik dat *lysting* gevorm is van die s.n.w. *lys*, wat as ww. gevoel word, waarskynlik onder invloed van die Engelse ww. *list*.

*monding*: Afr. *mond* (s.n.w.). Die ww. in Afrikaans is *uitmond*, Ndl. *uitmonden*. Volgens WNT IX, 1072 is *monding* eers in die negentiende eeu gevorm in navolging van Hd. *Mündung* < ww. *münden*, en nie van die Ndl. ww. *monden* nie. *Monding* kon dus deur Afrikaans geërf gewees het na die ontstaan daarvan in Nederlands, of dit kon in Suid-Afrika gevorm geword het van die s.n.w. *mond*. Miskien is dit ’n verkorte vorm van *uitmonding* of *aanmonding*.

*opskudding*: Ndl. *opschudding* < ww. *opschudden*. Die Afr. ww. *opskud* word in ’n heel besondere betekenis gebruik.

*proefneming*: Ndl. samestellende afleiding: *proef* en *neem* met *-ing*.

*ronding*: Afr. *rond* (b.n.w.), Ndl. < ww. *ronden* (vgl. Afr. *af rond*).

*skemering*: Afr. < ww. of s.nw., Ndl. < ww. *schemeren*.

*skering*: Ndl. *schering* < ww. *scheren*, met 'n betekenis wat in Afrikaans verdwyn het.

*verhouding*: Ndl. < ww. *verhouden*.

*voering*: Afr. ww. (uit)voer, Ndl. < *voeren*.

*volksplanting*: < Ndl. samestellende afleiding: *volk* en *plant* met *-ing*.

*wetgewing*: Ndl. *wetgeving* samestellende afleiding: *wet* en *gee* met *-ing*.

*wrywing*: Ndl. *wrijving* < ww. *wrijven*.

As ons uitgaan van die Nederlandse vormingswyse, vind ons dat uit die ±630 afleidinge, daar slegs 7 is, naamlik *borswering*, *blinding*, *heining*, *leuning*, *lysting*, *monding* en *vesting*, wat nie van wwe. of woordgroepe wat as wwe. optree, afgelei is nie.

**Opm. 1.** Die ww.-korrelate van die stamme kan ingedeel word in :

(a) Transitiewe wwe. Die meeste afleidinge is van sulke wwe.: bv. *skenking*, *slagting*, *sluiting*, *stigting*, *suiging*, *tekening* ens. Overdiep<sup>67</sup> noem dat *-ing*-afleidinge veral gebruik word waar dit gevolg word deur 'n bepaling waarvan die substantief tot die ww. waarvan die afleiding gevorm is, in 'n voorwerpsverhouding staan, bv. *skenk geld* – *die skenking van die geld*.

(b) Intransitiewe wwe.: *stemming*, *styging*, *suising*, *vordering*, *werking*, *woning*. In die geval van 'n *-ing*-afleiding plus bepaling, soos hierbo, staan die substantief tot die ww. in onderwerpsverhouding, bv. *die water styg* – *die styging van die water*.

(c) Refleksiewe wwe., waarvan die meeste egter toevallig refleksief is, bv. *aangording*, *aanmatiging*, *aanmelding*, *aanpassing*, *herinnering*, *inbeelding*, *inmenging*, *vergissing*, *verspreking*, *walging*.

(d) Koppelwwe., slegs een, naamlik *wording*.

2. Die grondvorme kan soos volg ingedeel word :

(a) Stamwoorde: *botsing*, *branding*, *breking*, *bruising* ens.

(b) Afgeleide vorme: *bedeling*, *erkenning*, *herbouing*, *ontaarding*, *verbinding* ens.

(c) Komposita :

<i>aanbeveling</i>	<i>omheining</i>	<i>vasstelling</i>
<i>afbakening</i>	<i>onderbreking</i>	<i>voorbereiding</i>
<i>bywoning</i>	<i>opleiding</i>	<i>vrystelling</i>
<i>inbeelding</i>	<i>toelating</i>	<i>weerspreking</i>
<i>navorsing</i>	<i>uitbreiding</i>	

(d) 'n Sintaktiese groep wat as ww. optree. Die resultaat is dan 'n samestellende afleiding, bv.

<i>aanhangigmaking</i>	<i>inbeslagneming</i>	<i>openbaarmaking</i>
<i>aankantmaking</i>	<i>indiensneming</i>	<i>proefneming</i>
<i>beriggewing</i>	<i>ineenkrimping</i>	<i>samesmelting</i>

67. Overdiep, G. S.: *Op. cit.*, § 55.



*hoeksteenlegging*  
*inagneming*  
*inbesitneming*

*inhegtenisneming*  
*inmekaarsmelting*  
*kennisgewing*

*teraardebestelling*  
*volksplanting*  
*wetgewing*

Somtyds is onderdele hiervan morfeme, bv. *hoek-steen-legging*, *wet-gew-ing*.

**Opm.** by 2. *b*, *c*, en *d*: In baie gevalle is daar geen *-ing*-afleiding met die stamvorm nie, maar wel met die afgeleide en/of saamgestelde vorm, bv. nie *ken* + *-ing* nie, maar wel *erkenning*, *verkenning*, *ontkenning*; nie *laat* + *-ing*<sup>68</sup> nie, maar *verlating*, *toelating*, *inlating*, *uitlating*, *vrylating*, *tewaterlating*. Veral die kompositum stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat is baie produktief wat *-ing*-afleidinge betref, soos bv. gesien kan word deur die groot getal *aan* + ww.-afleidinge, bv. *aanduiding* / *-groeiing* / *-hegting* / *-kondiging* / *-lokking* ens. In talle gevalle is die stam met ww.-korrelaat 'n onvoltooide verbaalbegrip en vorm dus nie met *-ing* 'n afleiding nie, bv. *maak*, terwyl die afleiding of kompositum of werkwoordelike woordgroep 'n verbale volbegrip is en dus wel met *-ing* 'n afleiding vorm, bv. *bemaak*, *vrymaak*, *kennis maak* naas *bemaking*, *vrymaking*, *kennismaking*.

(e) Morfeme. Hier kan ons onderskei :

- 1) Die stam het 'n medeklinker by, wat in die Nederlandse vorm voorkom maar nie in die selfstandige Afrikaanse vorm nie. As die afleiding in lettergrepe verdeel word, voeg die medeklinker hom by die *-ing*, bv. *aandraag-ing*\* – *aandra-ging*, *aangewing*, *agting*, *bestryding*, *bevrugting*, *houding*, *segging* ens.
- 2) Die stamklinker is anders as dié van die selfstandige Afrikaanse vorm, bv. *inlading* (*laai*), *lading*; *nadenking* (*dink*), *oordenking*; *uitnodiging* (*nooi*) ens.
- 3) Die stam is nie selfstandig in Afrikaans nie, maar word in afleidings aangetref, bv. *heining* (*omhein*), *voering* (*uitvoer*).

## C. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Van die ongeveer 630 *-ing*-afleidinge is daar slegs  $\pm 28$  gevalle met betekenisisolasië, en  $\pm 21$  waar die betekenis nie regstreeks omskryfbaar is nie. Oor die algemeen is daar groot ooreenstemming tussen die Nederlandse en Afrikaanse waardes van die agtervoegsel.

Oor die gevalle van betekenisisolasië of nie-regstreekse omskryfbaarheid is die volgende op te merk :

- 1) In sommige gevalle is die woordkorrelaat naas die stam nie bekend nie of word dit nie meer gebruik nie, bv. *besending*, *borswering*, *genoegdoening*, *mondering*, *vesting*, *wrywing*, *heining*, *sending*, *verhouding*, *versnapering*, *wetgewing*.

68. *ken*, *laat* e.a. wat nie verbale volbegrippe is nie.

- 2) In ander gevalle is die woordkorrelaat naas die stam nie meer in sy oorspronklike betekenis bekend nie, bv. *bedding*, *betrekking*, *blinding*, *opskudding*, *skering*, *omgewing* ens.
- 3) In sekere gevalle is dit 'n woordkorrelaat naas die stam in 'n ongewone betekenis waaraan die afleiding verbind is, bv. *lesing*, *rekening*, *roeping*, *speling*, *stemming* „atmosfeer”, *tering*.
- 4) Dan is daar gevalle waar die afleiding 'n spesiale betekenis het wat nie onder die 8 waardes (hier onder) ingedeel kan word nie, alhoewel die afleiding benewens hierdie spesiale betekenis ook een of meer van die bogenoemde 8 waardes kan hê, bv. *rigting*, *aanmerking*, *leiding*, *leuning* „dit waarteen jy leun”, *opmerking*, *pleistering* „dit waarmee jy pleister”, *rondding* „vorm”, *sitting*, *verkieping*, *verpligting*, *verstandhouding*, *voeling*.

Sommige van die voorbeelde onder 1), 2) of 3) genoem, kan ook hierby kom, bv. *verhouding*, *lesing*, *roeping*, *rekening*, *speling*.

- 5) Die betekenis van die afleiding kan soms omskryf word met 'n afleiding of kompositum van die woordkorrelaat naas die stam, bv.
  - spanning*: „toestand van gespanne te wees”,
  - aandoening*: „toestand van aangedaan te wees”,
  - ligging*: „manier van lê”,
  - voering*: „iets waarmee (dinge) uitgevoer word”,
  - agting*: „gevoel vir iemand wat jy hoogag”.
- 6) 'n Paar interessante gevalle waar die Afrikaanse betekenis van die Nederlands verskil, is die volgende:
  - omgewing*: die Nederlandse woord *omgeving* is slegs konkreet. Die Afrikaanse *omgewing* is ongeveer gelyk aan Nederlands *het omgeven*.
  - pleistering*: in Nederlands slegs „die handeling van pleister”, in Afrikaans veral „dit waarmee gepleister word of is”.

Die semantiese waardes van die *-ing*-formans waar daar nie betekenis-isolasie is nie, is soos volg:

- (a) Soos die oorspronklike funksie van die agtervoegsel *-ing*, is sy vernameeste waarde vandag nog in Afrikaans, dat dit die handeling, proses of werking van die woordkorrelaat naas die stam as abstrakte s.n.w. benoem, letterlik en/of figuurlik. Die afleiding is ongeveer gelyk aan die infinitief, dus: *om te red* – *die redding*. In ruim 541 van die 630 voorbeelde het die formans hierdie waarde. In ongeveer 247 uit die 541 gevalle het die formans net hierdie waarde, maar in die ander het die formans ander waardes by, bv. in
- |                    |                   |                  |                  |
|--------------------|-------------------|------------------|------------------|
| <i>aanbakking</i>  | <i>beoefening</i> | <i>bruising</i>  | <i>vergewing</i> |
| <i>aangolwing</i>  | <i>beslegting</i> | <i>datering</i>  | <i>vernuwing</i> |
| <i>aanmelding</i>  | <i>bevalling</i>  | <i>draaiing</i>  | <b>ens.</b>      |
| <i>aanvaarding</i> | <i>bevrugting</i> | <i>hantering</i> |                  |

Van die 46 afleidinge wat nie in Nederlandse bronne gevind is nie, is daar slegs 3 wat nie die bogenoemde waarde het nie, nl. *siening*, *suiping* en *staning*, en 2 het bykomende waardes, t.w. *afskorting* en *grimering*. Dus is daar 41 wat slegs hierdie waarde het. Dit dui daarop dat nuwe vorminge hierdie waarde het, terwyl van die ouer vorminge al bykomende waardes gekry het en sommige selfs al hierdie waarde verloor het.

- (b) Heelwat afleidinge waarvan die formans die bogenoemde waarde het, het daarbenewens die betekenis dat dit die resultaat of voortbrengsel (abstrak en/of konkreet) van die handeling is.

1) Dit vind ons veral by transitiewe wwe., bv. *aantekening*, *afbeelding*, *afdeling*, *afkorting*, *afleiding*, *beraming*, *berekening*, *besering*, *beskrywing* ens.; maar ook by intransitiewe wwe., alhoewel daar baie minder is as by voorgenoemde, bv.

<i>aankorusting</i>	<i>insinking</i>	<i>stying</i>	<i>verjaring</i>
<i>deining</i>	<i>kentering</i>	<i>verbastering</i>	<i>verlowing</i>
<i>dreuning</i>	<i>mislukking</i>	<i>vergadering</i>	<i>verrotting</i>
<i>huiwering</i>	<i>ontsteking</i>	<i>vergroeiing</i>	<i>verswering</i>

2) In sommige gevalle kan die *-ing*-afleiding dien as grammatiese voorwerp van die woordkorrelaat van die stam en die waarde van die afleiding kan aangedui word as „dit wat ge- word of is, soos deur die woordkorrelaat van die stam aangedui”, bv. *Ek besit 'n besitting; besitting* „dit wat besit word”. So ook:

<i>aanbieding</i>	<i>aflewering</i>	<i>skenking</i>	<i>vertelling</i>
<i>aanhaling</i>	<i>bedoeling</i>	<i>tekening</i>	
<i>aankondiging</i>	<i>lading</i>	<i>versameling</i>	
<i>aantekening</i>	<i>skatting</i>	<i>versending</i>	

3) Ons kry enkele afleidinge waar die formans net hierdie waarde het, sonder die waarde onder (a) genoem, bv.

<i>afskaduwing</i>	<i>mening</i>	<i>opvatting</i>	<i>verspreking</i>
<i>bevinding</i>	<i>neiging</i>	<i>sameswering</i>	<i>verwagting</i>
<i>bewering</i>	<i>oorwinning</i>	<i>toegewing</i>	<i>weerspreking</i>
<i>gissing</i>	<i>opmerking</i>	<i>toestemming</i>	ens.
<i>lesing</i>		<i>vergissing</i>	

In die lys van 630 is ongeveer 250 afleidinge gevind waar die formans hierdie waarde het, alleen of saam met ander waardes. In slegs 21 afleidinge is dit redelik seker dat die formans nie ook waarde (a) het nie.

- (c) By 'n kleiner groep dui die *-ing*-afleiding die oorsaak van die handeling of proses aan, of die middel of saak waardeur dit tot stand kom. Die waarde van die formans is dan ongeveer gelyk aan „dit wat doen soos deur die woordkorrelaat van die stam aangedui”. Die afleiding is die onderwerp van die handeling, bv. *'n aanduiding* is „dit wat aandui” – *die aanduiding dui aan*.

### **Voorbeelde:**

1) Slegs waarde (c): *aantying, benaming, heining, inligting, kennisgewing, kleding, uitnodiging, verpligting, verskrikking, voering.*

2) Waardes (a) en (c):

<i>aanbeveling</i>	<i>aanmoediging</i>	<i>afskutting</i>	<i>kastyding</i>
<i>aanduiding</i>	<i>aansporing</i>	<i>belemmering</i>	<i>leiding</i>
<i>aanleiding</i>	<i>aanvulling</i>	<i>beskuldiging</i>	<i>omheining</i>
<i>aanmaning</i>	<i>afskorting</i>	<i>inleiding</i>	<i>verrassing</i>

3) Waardes (b) en (c): *magtiging, vergoeding, verskoning, bv. Die magtiging magtig my om dit te doen. As ek gemagtig is, dan het ek magtiging daartoe.*

4) Waardes (a), (b) en (c): *aanwysing, afleiding, beloning, bepaling, beproewing, besoldiging, betaling, grimering, verskansing, verwysing, voltooiing, bv. Die grimering van die akteurs neem lank. Die grimering was uitstekend. Sy gebruik grimering.*

Ongeveer 65 afleidinge val in groep (c).

(d) By 'n nog kleiner groep dui die afleiding die voortdoring van die posisie of toestand of gevoel aan (fisies en psigies), wat deur die woordkorrelaat van die stam veroorsaak is.

### **Voorbeelde:**

1) Slegs waarde (d): *aandoening, beswyming, bewondering, skemering, verdenking, voeling, walging.*

2) Waardes (a) en (d): *aangryping, aanhouding, aanraking, afkeuring, bediening (van 'n predikant), beklemming, bekering, bewing, gisting, hunkering, lyding, ontaarding, oorheersing, oortuiging, redding, toewyding, verrotting.*

3) Waardes (b) en (d): *aanstelling, besinning, herlewing, ronding, verrukking, versekering.*

4) Waardes (a), (b) en (d): *afronding, besetting, ontsteking, same-smelting, skeuring, verbuiging, verfyning, versnelling, wrywing.*

Ongeveer 50 afleidinge val in hierdie groep.

**Opm.:** In teenstelling met (a), vind ons waardes (b), (c) en (d) meer gekonsentreerd by die woorde in alledaagse gebruik.

(e) Die afleiding dui die plek van die handeling aan:

1) Slegs waarde (e): *bedding, monding, omgewing, staning, suiping, uitspanning, weiding, woning.*

2) Waardes (a) en (e): *aansluiting, huisvesting, inrigting.*

3) Waardes (a), (b) en (e): *opening, tentoonstelling.*

**Opm.:** *Staning* en *suiping* is nuwe vorminge wat nie die gewone proses, naamlik uitbreiding vanaf waarde (a) na ander waardes deurgegaan het nie. Hulle is ook nie in Nederlands bekend nie, en is waarskynlik in Afrikaans gevorm na analogie van bv. *uitspanning* en *weiding*.

Hier het ons 16 voorbeelde.

(f) Die afleiding dui die geleentheid, funksie of byeenkoms aan waar die handeling plaasvind: *inswering, opening, sitting, sluiting, tentoonstelling, uitdeling, uitstalling, veiling, vergadering, verkiesing, vertoning, viering, voorstelling*.

Hier het ons 16 voorbeelde.

(g) Die afleiding dui die manier aan waarop die handeling plaasvind, bv. *aanmondning* (van 'n blaasinstrument), *aanpassing, aanvoeling, houding, ligging, segging, siening, spelling, vertolking*.

Hier het ons 11 voorbeelde.

(h) Die afleiding is 'n versamelnaam vir die persone wat die handeling uitvoer, of op wie die handeling uitgevoer is, bv. *afdeling* (soldate), *bediening* (van 'n kanon-battery), *afvaardiging, besetting* (soldate wat 'n stad beset), *regering, sending, vergadering*.

Hiervan het ons 9 voorbeelde.

Die agtervoegsel *-ing* se waarde is in Afrikaans neutraal en dit het geen pejoratiewe of melioratiewe gevoelswaarde nie. Daar kan hier en daar uitsonderings wees, soos byvoorbeeld *roeping* en *agting* wat amelioratief is, en *aanmerking* wat 'n pejoratiewe waarde gekry het, maar oor die algemeen is die gevoelswaarde neutraal.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

Geen spore van 'n begripsoortelike sisteem kon gevind word nie, aangesien afleidinge gevind is van werkwoorde wat geestes- en liggaamsaktiwiteite van mens en dier benoem en ook wat in verband met lewelose voorwerpe gebruik word, bv. *besinning, bewing, verkwikking, verrotting, versnelling*.

Die meeste afleidinge is van transitiewe wwe., naamlik ongeveer 435 uit 630, of ongeveer 69%. Daarby kom nog  $\pm 46$  wwe. wat transitief en intransitief,  $\pm 15$  wat transitief en refleksief, en 4 wat transitief, intransitief en refleksief gebruik kan word. Dit bring die totaal van moontlike transitiewe wwe. op  $\pm 500$  (of  $\pm 79\%$ ). Van intransitiewe wwe. is  $\pm 92$  afleidinge gemaak (15%). Saam met die intransitief en transitief (46) en die intransitief-transitief-refleksief (4) is dit  $\pm 142$  ( $\pm 22.5\%$ ). Die groot getaloorwig van transitiewe wwe. is miskien daaraan toe te skrywe dat daar waarskynlik baie meer transitiewe as intransitiewe wwe. in Afrikaans is. 'n Ander oorweging is egter ook dat baie van die *-ing*-afleidinge ontstaan het uit 'n konstruksie van transitiewe ww. + voorwerp wat verander in stam met ww.-korrelaat + *-ing* wat met die voorwerp verbind met 'n voorsetsel, bv. *Hulle stel die slawe vry: Die vrystelling van die slawe*.

'n Werkwoord wat 'n relatiewe verbaalbegrip uitdruk, vorm gewoonlik ook nie 'n afleiding met *-ing* nie, bv. *maak*. Met 'n voltooiing kan dit egter wel, bv. *bemaking, bekendmaking, aankantmaking*. Dit skyn egter asof daar soms met 'n relatiewe verbaalbegrip wel 'n afleiding met *-ing*

moontlik is, waar dit byvoorbeeld met *-ery* nie moontlik is nie, bv. *doening*, *segging*, *houding*, maar in hierdie gevalle het *-ing* nie meer sy primêre waarde van „handeling of proses” nie.

#### D. Diachronie en vergelyking met Nederlands

In die lys van 630 *-ing*-afleidinge is 46 gevind wat nie in Nederlandse bronne opgespoor kon word nie. Van 21 van hierdie 46 is die infinitief in Nederland bekend, maar nie die *-ing*-afleiding nie, bv.

<i>aanademing</i>	<i>aaneensnoering</i>	<i>grimering</i>	<i>siening</i>
<i>aanaseming</i>	<i>aanglimming</i>	<i>identifisering</i>	<i>staning</i>
<i>aanblywing</i>	<i>aanhangigmaking</i>	<i>indruising</i>	<i>suiping</i>
<i>aandraging</i>	<i>aankyking</i>	<i>inswering</i>	
<i>aanduwing</i>	<i>aanlapping</i>	<i>neutralisering</i>	

In 7 gevalle bestaan in Nederlands 'n *-ing*-afleiding met die laaste lid van die kompositum, bv. *aanademing* (Nederlands *ademing*), *aanbotting*, *aanbraking*, *aandeining*, *aangolwing*, *inmeekaarstorting* (*braking* in Nederlands egter met betekenis „opgooiery”). Dit dui op die moontlikheid dat hierdie woorde miskien komposita kan wees van bw. + *-ing*-afleiding alhoewel die Afrikaanse woordeboeke die stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat as 'n saamgestelde werkwoord aangee. (Vergelyk Opm. onder C. (e) 1).

Ons kry dus Nederlands *aanademen* en *ademing*, maar nie *aanademing\** nie. Naas *aanglimmen* kry ons ook *glimmering*, maar nie *aanglimming\** nie.

*aanlaaiing*: Ndl. *aanlading*, maar dit beteken in Afrikaans *aanpakking*.

*beriggewing*: Ndl. het wel *berichtgever*.

*herboring*: Ndl. het *herboren*, maar dit beteken „wedergebore word”.

*lysting*: Ndl. het *lijsten*, maar dit beteken „'n raam omsit”.

*punktuering*: Ndl. het *punktuatie*, *interpunkteren*.

Van die volgende 10 afleidinge is nòg 'n infinitief, nòg 'n afleiding met die laaste deel in Nederlands gevind: *aankantmaking*, *aanklamming*, *aankorreling*, *afskorting*, *hoeksteenlegging*, *inaseming*, *indiensneming*, *indiensntreding*, *inmeekaarsmelting*, *inmeekaarvloeiing*.

Die klein getal, naamlik 46 uit 630, is misleidend. Die meeste woorde in die groot lys is woorde van alledaagse gebruik, en dié is meesal uit Nederlands geërf. Let egter daarop dat 35 uit die 46 woorde voorkom in dié gedeelte van die lys wat alfabeties uit die woordeboeke gehaal is. So is daar uit die 93 afleidinge van die tipe *aan-* + stam met ww.-korrelaat + *-ing* uit die WAT, 18 wat nie in Nederlandse bronne gevind is nie. Die moontlikheid is ook nie uitgesluit nie dat baie *-ing*-afleidinge in Afrikaans opnuut gevorm is, veral dié wat 'n ander betekenis het as in Nederlands. Die *-ing*-afleidinge het ook 'n baie sterk analogiese krag in

Afrikaans gehad, soos blyk uit die gevalle van suffikssubstitusie en niewe *-ing*-afleidinge wat in Afrikaans gevorm is. Hierdie gevalle is uit die lys verwyder.

Volgens Overdiep<sup>69</sup> is die *-ing*-agtervoegsel in Nederlands produktief en kan dit by nagenoeg elke werkwoord waarvan daar geen ander afleiding wat 'n handeling, 'n gebeurte, aandui, bestaan nie, gevoeg word. Hy noem enkelvoudige *wwe.*, *wwe.* met onbeklemtoonde voorvoegsel, en ook *wwe.* wat deur samekoppeling met ander werkwoorde tot groep verenig, bv. *telling*, *bestelling*, *kennismaking*. Ons vind dit ook in Nederlands by splinternuwe *wwe.*, bv. *torpedering*, en by nuwe vorminge in die literêre taal.

Die agtervoegsel *-ing* was en is in Afrikaans wel produktief in sy primêre funksie, naamlik om afgeleide abstrakte s.nwe. te vorm wat 'n proses of handeling aandui. Byna alle nuwe afgeleide of samegestelde *wwe.* wat in Afrikaans gevorm word, veral op tegniese en wetenskaplike gebied, kan afleidinge op *-ing* vorm. Talle afleidinge wat wel in Nederlands bestaan, word miskien deur die taalgebruiker opnuut in Afrikaans gevorm omdat die proses van afleiding stam met *ww.-korrelaat* + *-ing* so 'n natuurlike proses in Afrikaans sowel as in Nederlands is.

In al die gevalle waar geen Nederlandse *-ing*-afleiding gevind is nie, het die agtervoegsel die waarde dat dit 'n handeling, proses of werking aandui (waarde C.1. (a)), behalwe die volgende :

*afskorting* (Nederlands het slegs *afschutting*): saam met die handeling dui dit ook die agens aan („dit wat afskort”).

*grimering*: handeling + agens („dit wat grimeer”) + resultaat van *grimeer*.  
*siening*: „manier van sien”.

*staning* en

*suiiping*: „plek of geleentheid” (vgl. Opm. by C.1. (e)).

Al die ander afleidinge waar die agtervoegsel waardes C.1. (b) tot (h) het, bestaan in Nederlands. Dus is *-ing* op 'n paar uitsonderings na, slegs produktief met waarde (a).

Die agtervoegsel *-ing* het 'n paar baie sterk konkurrente in Afrikaans, naamlik die voorvoegsel *ge-* (bv. *gepraat*) en die agtervoegsel *-ery* (bv. *praterij*). Ook is die neiging om die infinitief as substantief te gebruik, baie sterk, bv. *Met die val het hy sy arm gebreek*. Dit skyn asof vir Afrikaans dieselfde geld as vir Nederlands (volgens Overdiep) naamlik dat waar daar reeds 'n ander afleiding bestaan wat die handeling of proses aandui, die vorm met *-ing* nie gebruik word nie. Ons kry wel in Afrikaans *werking* naas *werkery* en *samesmelting*, *inmeekaarsmelting* naas *smelterij*, maar daar is 'n verskil in betekenis, en dit skyn asof die afleiding op *-ery* meer spesifiek die handeling aandui. Dis moontlik dat wanneer die *-ing*-afleiding bywaardes kry, d.w.s. waardes (b)–(h), en dus nie meer as suiwer proses-aanduidend beskou word nie, die afleiding met *ge-* of *-ery* of die

69. Overdiep, G. S.: *Op. cit.*, § 55.

substantiwies-gebruikte verbaalvorm verkies word om die handeling of proses aan te dui, bv. *lesing* – *lesery*; *uitspanning* – *uitspannery*; *samesmelting* „die resultaat van samesmeltery”; *die werking/uitwerking/inwerking* naas, *die werkery aan die gebou*.

### E. Stylwaarde

Afleidinge op *-ing* het geen spesifieke stylwaarde nie. Interessant is wat Overdiep in sy *Moderne Nederlandse Grammatica* sê, naamlik dat ’n tipe „gedrongen constructie” met *-ing*-afleidinge veral in amptelike taal gevind word, bv. *die bevordering van die werkgeleentheid* i.p.v. *hoe mens die werkgeleentheid kan bevorder* en . . . *veroorzaak die sluiting van baie winkels* i.p.v. . . . *veroorzaak dat baie winkels sluit*.

### § 119 -is

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe onder groep I.)

Vroulike persoonsname op *-is/-dis*, soos *abdis*, word nie hier bespreek nie.

Sinchronies beskou, het Afrikaans baie woorde op *-is* (*-dis/-onis* ens.) – hier word gewerk met ’n lys van by die 400, bv. *absolutis*, *afgodis*, *Afrikanis*, *akademis*, *aktivis*, *alarmis*, *alchemis*, *algebraïes*, *alkoholis*, *Amerikanis*, *anargis*, *artilleris*, *Bantoeïs*, *botanis*, *Darwinis*, *duellis* ens. – maar diachronies beskou, is die meeste nie afleidinge op *-is* (of variante formansvorme) nie, maar wel Afrikaanse ontleninge uit Nederlands wat dit ontleen het aan (veral) Frans en Latyn, bv.

*alchemis* < Mlat. *alchimista*, Fr. *alchimiste*; *duellis* < Fr. *duelliste*;  
*evangelis* < Gks.-Lat. *evangelista* ens.

Die meeste is dan ook geen deel van die volkstaal nie, maar akademiese woorde, bv.

<i>ekshibisionis</i>	<i>ekspressionis</i>	<i>essayis</i>	<i>feuilletonis</i>
<i>eksistensialis</i>	<i>ekstremis</i>	<i>evolusionis</i>	ens.,
<i>ekskursionis</i>	<i>ekwilibris</i>	<i>fenomenalis</i>	
<i>ekspansionis</i>	<i>elokusionis</i>	<i>fetisjis</i>	

ruim sowat 96% van die lys. Net enkeles ( $\pm 3-4\%$ ) is redelik bekend in die volkstaal, bv. *artilleris*, *bloemis*, *evangelis*, *ideal* (?), *imperialis*, *kapitalis*, *motoris*, *nasionalis* ens. Die meeste hiervan het blykbaar uit die taal van die godsdiens, die politiek en die mediese praktyk afgesak na die volkstaal, en die volkstaal ken ’n *drinker* nog beter as ’n *alkoholis*, ’n *blommeverkoper* beter as ’n *bloemis*, *iemand wat plante* ken beter as ’n *botanis*, ’n *grapmaker* beter as ’n *humoris* en ’n *klavierspeler* beter as ’n *pianis*. Maar selfs akademiese wat as proefpersone ondervra is, het gemeen dat woorde soos *alkoholis*, *Boeddhis*, *botanis*, *Calvinis*, *dogmatis*, *fundamentalis* ens. op die een of ander manier afgelei is van respektiewelik



*alkohol, Boeddha, botanie, Calvyn, dogmatiek, fundamenteel*, sonder om hulle af te vra waarom bv. *Boeddha* dan sy *a* verloor in *boeddhisties*, waarom die *y* van *Calvyn* dan *i* word in *Calvinisties*, hoe ons dan in *dogmatis* sou teruggewerk het van *dogmatiek* af hoewel ons in gewone Afrikaans afleidinge klanke bÿsit, en waarom die *ee* van *fundamenteel* dan in *fundamentalis* 'n *a* sou word ens. Dit is probleme vir taalkundiges. Vir die gewone taalgebruiker is sulke woorde afleidinge solank hulle maar verwante vorme met verwante betekenis het. Daarom kan verwag word dat *-is* ook nuwe afleidinge in Afrikaans sal vorm.

Die volgende, onder meer, is ook Nederlands, maar kon ewe goed in Afrikaans gevorm gewees het, omdat ons 'n woordkorrelaat naas die stam by elkeen het en omdat die woordkorrelaat naas die stam by afleiding geen wysiging ondergaan nie: *alarmis, algebraïes, alkoholis, Darwinis, demonis, humoris, idealis, imperialis* ens.

Die volgende is nie in Nederlands gevind nie en dus waarskynlik of moontlik Afrikaanse vorminge: *Afrikanis, akademis, ballonnis, Bantoeis, daltonis, finalis* ens.

Hulle is, net soos die Nederlands-Frans-Latynse leenwoorde, almal s.n.w.-persoonsname, en gevorm van b.n.w., soos *fenomenaal, finaal, lojaal* ens., of van s.n.w., soos *Afrikaan, akademie* (?), *ballon, Bantoe* ens.

Uit die materiaal lyk dit asof die uitgang *-is* (*-onis* ens.) in woorde wat nie afleidinge is nie, gerealiseer is as wel 'n afleidingsformans, waarmee dan nuwe woorde gevorm kon word. Dit het in Nederlands reeds gebeur met Germaanse woorde soos *bloem(is)* en veral met taal- en persoonsname soos *Calvinis, Darwinis, Esperantis, Frisis, Gresis, Jansenis, Oriëntalis* ens.

Hierby kom nóg 'n moontlikheid, naamlik dat baie van dié persoonsname Rückbildungen kan wees van die abstrakte saakname op *-isme*. So sê die WNT XIV, 2854 byvoorbeeld dat *spiritis* òf ontleen is aan Hoogduits *spiritist* of gevorm is naas *spiritisme* in navolging van ander persoonsname op *-is*. Dieselfde kon in Afrikaans gebeur het met bv. *atavis* (< *atavisme*), *eksistensialis* (< *eksistensialisme*), *fenomenalis* (< *fenomenalisme*), *futuris* (< *futurisme*), *humanis* (< *humanisme*), *kapitalis* (< *kapitalisme*) ens., ook al is hierdie en ander dergelike woorde ook Frans en Duits en Engels en (gedeeltelik) Nederlands.

Dat *-is* as persoonsnaam opvallend is, skyn te blyk uit die feit dat dit nogal dikwels ongemotiveerd gebruik word, soos in *anatomis* (i.p.v. *anatoom*), *astronomis* (i.p.v. *astronoom*), *ekonomis* (i.p.v. *ekonoom*), *fanatis* (i.p.v. *fanatikus*, WAT II, 652), *filantropis* (i.p.v. *filantroop*) ens. (waarskynlik almal onder invloed van Engels).

Hoe dit ook al sy, ons het hier meesal te make met wat die WNT „internationale woorden” noem (bv. *materialis, nihilis, positivis*), waarby eievorming meesal nie bewysbaar sal wees nie vanweë die internasionale vorm daarvan.

## § 120 -isme

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by die skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 2.)

Verreweg die meeste Afrikaanse woorde op *-isme* is, van sinchroniese Afrikaanse standpunt uit gesien, nie afleidinge met 'n agtervoegsel *-isme* nie, omdat ons geen woordkorrelaat naas die stam het nie, bv.

*aktinisme* – „chemiese werksaamheid van stralende energie”,

*alabandisme* – „slegte kunssmaak; knoery in die kuns”,

*Amyraldisme* – „'n liberale vorm van die Calvinisme”,

*animalisme* – 1. „verering van heilige diere deur natuurvolke”, 2. „leer dat die mens bloot 'n dier is”.

*apinealisme* – „ontbreking van die inwendige afskeiding van die pynappelklier en die verskynsels wat daarmee gepaard gaan”,

*atanatisme* – „geloof aan die onsterflikheid” ens.

Die meeste woorde met *-isme* in die Auslout, behoort tot die internasionale Romaans-Germaanse akademiese taal (ten minste sowat 417 uit 'n lys van 541 voorbeelde, dus ongeveer 77%), bv.

<i>Athanasianisme</i>	<i>Avicennisme</i>	<i>Bajanisme</i>	<i>botulisme</i>
<i>atretisme</i>	<i>Babeuvisme</i>	<i>ballisme</i>	<i>caciquisme</i>
<i>Attisisme</i>	<i>Babisme</i>	<i>barotropisme</i>	<i>caesarisme</i>
<i>Averroïsme</i>	<i>Bahäisme</i>	<i>beatisme</i>	ens.

Selfs die 124 (= 23%) wat darem ook buite akademiese kringe voorkom, is hoofsaaklik internasionale gemeengoed, bv.

<i>aforisme</i>	<i>alkoholisme</i>	<i>atavisme</i>	<i>chromatisme</i>
<i>agnostisisme</i>	<i>Amerikanisme</i>	<i>Boeddhisme</i>	ens.
<i>albinisme</i>	<i>anachronisme</i>	<i>Bolsjewisme</i>	

Daar is maar 'n geringe getalletjie ( $\pm 60$  uit 541, = 11%) wat in die algemene taal voorkom, bv. *Afrikanisme*, *alkoholisme*, *Amerikanisme*, *anachronisme*, *anglisisme*, *antagonisme*, *antisemitisme* ens., en daar is ook net sowat 90 (= 16½%) wat vir die kennis van die gemiddelde Afrikaanssprekende ook 'n woordkorrelaat naas die stam het en dus 'n afleiding kan wees, bv. *Afrikanisme*, *agnostisisme*, *albinisme*, *alkoholisme*, *amateurisme*, *Amerikanisme*, *antagonisme*, *atomisme* ens.

Selfs hiervan kan die meeste nie ons eie maaksel wees nie, bv. *albinisme*, *Boeddhisme*, *Calvinisme*, *Confucianisme*, *Fariseïsme*, *formalisme*, *Hebraïsme*, *hipnotisme*, *individualisme* ens., omdat daar stamwysiging p'laasvind: *albinisme* < *albino*, *Boeddhisme* < *Boeddha*, *Calvinisme* < *Calvyn*, *Confucianisme* < *Confucius*, *Fariseïsme* < *Farisees* of *Fariseër*, *formalisme* < *formeel*, *Hebraïsme* < *Hebreeus*, *hiptonisme* < *hipnose*, *individualisme* < *individueel* ens.

Word al dergelike groepe hier uitgeskakel, bly daar net sowat 40 oor wat van sinchronies Afrikaanse standpunt uit, ons eie nie-akademiese vorming kan wees, naamlik *absenteïsme/absentisme*, *Afrikanisme*, *alkoholisme*, *amateurisme*, *Amerikanisme*, *antagonisme*, *ateïsme*, *barbarisme*, *Bolandisme* ens., òf sowat 152 as ons dié beskou wat eievorminge kan wees, of dit nou al akademiese taal of algemene taal is, bv.

<i>absenteïsme/absentisme</i>	<i>aktivisme</i>	<i>barbarisme</i>
<i>absintisme</i>	<i>alkoholisme</i>	<i>Bolandisme</i>
<i>absolutisme</i>	<i>amateurisme</i>	<i>caesarisme</i>
<i>achromatisme</i>	<i>aristokratisme</i>	ens.
<i>Adamitisme</i>	<i>atomisme</i>	

Hoeveel van hulle is, diachronies beskou, ook werklik eievorminge? 'n Afdoende antwoord hierop is onmoontlik, omdat ons nie geërfdheid kan bewys nie. Werk ons egter hier weer met die gedagte dat wat elders internasionaal gebruik word, by ons waarskynlik erfgoed of leengoed is, moet heelwat van die laaste genoemde lys verdwyn, bv.

<i>absenteïsme/absentisme</i>	<i>antagonisme</i>	<i>egoïsme</i>
<i>absolutisme</i>	<i>antropomorfisme</i>	<i>dilettantisme</i>
<i>aktivisme</i>	<i>asketisme</i>	<i>fatalisme</i>
<i>Amerikanisme</i>	<i>astigmatisme</i>	<i>fetisjisme</i>
<i>amoralisme</i>	<i>barbarisme</i>	ens.
<i>animisme</i>	<i>despotisme</i>	

Die enigste eiegoed waaroor ons dan redelike sekerheid kan hê, is dié wat afgelei is van woorde wat net Afrikaans is, nl. *Bantoeïsme*, *Bolandisme*, *Hertzogisme*, *Hottentotisme* en *Maleis-Portugesisme*; dit is dan vier name van taalverskynsels en een naam vir 'n politieke leer – min genoeg.

Woordsoortelik en semanties val hieroor nie meer te sê nie as dat hulle volkome binne die internasionale sisteem is, d.w.s. gevorm van s.nwe. as name van leerstellinge en taalverskynsels.

**Opm.:** Na die eerste druk hiervan, is 'n steekproef van 200 *-isme*-afleidings in WAT nagegaan om moontlike semantiese groeperings te vind. Die 200 afleidings is groepeerbaar in twee groepe, nl.

1. dié waar WAT in die betekenisomskrywing gebruik maak van 'n stamverwante afleiding (95 afleidings), en

2. dié waar WAT in die betekenisomskrywing alleen gebruik maak van sinonieme woorde/woordgroepe sonder 'n verwante afleiding (105 afleidings).

Uit hierdie groepe 1. en 2. is 5 kleiner groepies te onderskei waarby die woorde „toestand” (8), „leer” (34), „geloof, rigting” (13), „opvatting” (9) en „verskynsel” (2) in die betekenisomskrywing gebruik word.

By *-isme* sou dus die volgende 5 tentatiewe semantiese groeperings gemaak kon word :

- (a) dié waar die woord met *-isme* 'n toestand benoem, bv. *absintisme*, *albinisme*, *astatisme*, *diësisme* (almal uit groep 1.), *ambulantisme*, *aplanetisme*, *asefalisme*, *didaktilisme* (uit groep 2.);
- (b) dié waar die woord met *-isme* 'n leer of leerstelling benoem, bv. *Adopsianisme*, *Alexandrinisme*, *Anglo-Romanisme*, *Baptisme*, *Darwinisme* (uit groep 1.), *Adventisme*, *agnostisisme*, *aktualisme*, *Babisme*, *diabolisme* (uit groep 2.);
- (c) dié waar die woord met *-isme* 'n geloof of geloofsrigting benoem, bv. *Adamitisme*, *anti-Protestantisme*, *biblisme*, *dadaïsme* (uit groep 1.), *ametallisme*, *amoralisme*, *antropologisme*, *dekadentisme* (uit groep 2.);
- (d) dié waar die woord met *-isme* 'n opvatting benoem, bv. *aktivisme*, *assosiasionisme*, *Coccejanisme*, *demonisme* (uit groep 1.), *akademisme*, *animalisme*, *apriorisme*, *behaviorisme* (uit groep 2.);
- (e) dié waar die woord met *-isme* 'n verskynsel benoem, bv. *agorisme* (uit groep 1.), *allotropisme* (uit groep 2.).

## § 121 -kunde

Dit is nie sonder meer 'n uitgemaakte saak of *-kunde* woord of formans is nie. Teen die gedagte van formans pleit die geval *onkunde* wat wel 'n woord is, maar wat dan uit twee formantia sou bestaan. Of dit kan ten opsigte van die *on-* saam met bv. *onhebbelik*, *onbeskof* e.d.m. gegroepeer word en dan beskou word as 'n vorm wat buite of aan die rand van die terrein van *-kunde* lê.

Aan die ander kant is daar 'n woord *kunde* met die betekenis „kundigheid, kennis ens.”, hoewel dit in die omgangstaal selde voorkom en op skrif byna uitsluitend by ouer en/of Nederlands-georiënteerde skrywers soos R. Antonissen, Jan Bouws, D. F. Malherbe, Totius ens. Daar is geen getuienis of bewys dat die honderde Afrikaanse woorde met *-kunde* as slotkomponent op die of 'n woord *kunde* steun nie. Daarom word *-kunde* maar tentatief as formans beskou.

Woorde op *-kunde* is almal s.nwe., meesal meer bepaald wetenskapsname, en sulke woorde is soms geopponeer met woorde op *-kuns*, bv.

*Bantoekunde* | *Bantoekuns*

*boekekunde* | *boekkuns*

*boukunde* | *boukuns*

*krygskunde* | *krygskuns*

*volkskunde* | *volkskuns*

ens.,

waarin die *-kuns*-vorme meer op praktiese bekwaamheid, vaardigheid of prestasie ens. slaan.

In die meeste gevalle het die stamme selfstandige woordkorrelate, bv. *biblioteek, burger, dier, grond, natuur* ens., soms met dieselfde soort verbindingsvorme wat ook by ander tipes afleidinge en komposita voorkom, bv. *aard-* (i.p.v. *aarde*; vergelyk *aardbodem, aardryk*), *aardryks-*; *huis-houd-*, *krygs-*, *volks-* ens.

Daar is in enkele gevalle ook 'n mate van betekenisopposisie met woorde op *-kennis*, bv. *taalkunde*/*taalkennis*, *volkskunde*/*volkskennis* ens., waarin *-kennis* dan min of meer met „kennis, bekendheid met” sal beteken.

Die selfstandige woordkorrelate is

(a) meesal s.nwe. (65%), bv. *dieet, naam, seevaart, wol*;

(b) soms werkwoorde, bv. *genees, ontleed, opvoed* ens.;

(c) soms s.nw. én ww., bv. *oordeel, reën* ens.;

(d) soms is daar twee selfstandige woordkorrelate, *bedryf* en *siel* naas *bedryfsielkunde, land* en *meet* naas *landmeetkunde, volk* en *genees* naas *volksgeneeskunde* ens., waarvan sommige 'n ontleding (a) + (b + c) kan lewer, en ander (a + b) + (c).

**Opm.:** *Wiskunde* is sinchroon ondeursigtig.

*-Kunde* skyn vryelik produktief te wees veral by s.nwe. wat as stamme kan fungeer.

### Diachronie en vergelyking met Nederlands

Die feite in verband met *-kunde* in Nederlands skyn in hoë mate dieselfde te wees as in Afrikaans:

(a) verreweg die meeste Afrikaanse woorde op *-kunde* kom ook in Nederlandse naslaanbronne voor,

(b) die semantiese en die woordsoortelike sisteme is blykbaar eenders, die opposisies inbegrepe, en

(c) ook in Nederlands is *-kunde* meesal woorddeel.

Volgens die WNT het woorde met *-kunde* veral sedert die sewentiende eeu in Nederlands opgekom, veral naas ouer woorde op *-kuns*, met latere betekenisdifferensiering.

### § 122 -lik

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 5.)

Hoewel *-lik* en sy variantvorm *-elik* maar matiglik produktief was en is in Afrikaans en die getal woorde met dié formans beperk is – hier word gewerk met 'n lys van 153 – het die meeste van dié afleidinge 'n aktiewe gebruiksfrekwensie.

## A. Woordsoortelike Sisteem

Die woordsoortelike sisteem is eenvoudig: woorde op *-lik* is b.nwe. en bwe., waarvan (a) die meeste albei funksies kan hê en (b) enkeles net bwe. is, bv. *beswaarlik, dadelik, deerlik, gewoonlik* ens.

**Opm.** 1. *Huwelik* is nie 'n afleiding met *-lik* nie, maar 'n ou samestelling van *hu(w)* en *leek* „dans, spel”.

2. *Vergoe(i)lik* is 'n afleiding van *ver-* + *goe(i)lik* (*goed* + *-lik*). Die stam met b.nw.-korrelaat *goed*, gaan dus saam met *ver-* en nie saam met *-lik* nie.

B.nw. en bwe. op *-lik* het naas die stam :

(a) ww.-korrelate, bv. *aanmerklik, aanneemlik* ens.

(b) s.nw.-korrelate, bv. *broederlik, dadelik, dierlik, geestelik* ens.

(c) b.nw.-korrelate, bv. *jammerlik, lieflik, ryklik, sieklik* ens.

Buite die woordsoortelike sisteem lê 1) stamme met 'n verdwene woordkorrelaat, bv. *billik, haglik, lelik, moeilik*, ens.; 2) *dalk* (< *dadelik*), en 3) *dergelik*, wat in Nederlands saamgetrek is uit 'n sinsgroep.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

In die lys van 153 is daar verskeie gevalle van absolute betekenisisolasië, bv. *billik, haglik, lelik, naamlik* ens.

In die grootste gedeelte (135 van die 153) kan in die betekenisomskrywing nog van die woordkorrelaat van die stam gebruik gemaak word. Die posisie verskil tog nog van woordsoort tot woordsoort :

(a) in 52 uit 57 gevalle van ww. + *-lik*, en (b) in 6 uit 45 gevalle van s.nw. + *-lik* kan die betekenis van die afleiding nie sonder meer omskrywe word in terme van die betekenis van die werkwoord- of s.nw.-korrelaat van die stam nie.

(a) In 91.2% van ww. + *-lik* is daar dus 'n mate van betekenisisolering.

(b) In 13.3% van s.nw. + *-lik* is daar dus 'n mate van betekenisisolering.

**Opm.:** Mede op grond van hierdie hoë persentasie, neem ons aan dat elke Afrikaanse afleiding met *-lik* wat 'n ww.-korrelaat naas die stam het, wat ook in Nederlands voorkom, deur ons geërf is en nie self gevorm is nie, dit is  $\pm 144$  uit 153. Vir ons klassifisering van stam met woordsoort-korrelaat + *-lik* aanvaar ons dus die Nederlandse. As Nederlands dan byvoorbeeld sê dat *aanstotelijk* gevorm is van die ww. *aanstoten* + *-lijk*, aanvaar ons dit vir ons klassifikasie. Nogtans beteken dit nie dat dié geval ook vir ons taalgevoel uit stam met ww.-korrelaat + *-lik* bestaan nie. As ons nie Nederlands gehad het om mee te vergelyk nie en dus moes afgaan op ons eie realisering, sou ons myns insiens *aanstootlik* beskou het as stam met s.nw.-korrelaat + *-lik*, net soos

ook bv. *eerlik* met die s.nw.-korrelaat *eer* en *gewoonlik* met die b.nw.-korrelaat *gewoon* ens., hoewel volgens die diachronie *eerlik* 'n ww.-korrelaat *eeren* en *gewoonlik* 'n verdwene s.nw.-korrelaat *gewone* daarnaas het. Dit is trouens ook in Nederlands nie altyd definitief uit te maak dat 'n woord net op een bepaalde manier (sou) ontstaan het nie, want volgens die WNT I, 944 kom *afgrijs(e)lik* van die s.nw. gebruikte ww. *afgrijzen* en nie van ww.- + *-lik* nie, *erfelijk* van die ww. en/of die s.nw. *erven*/*erf* ens. Vergelyk ook die WNT VI, 365 oor *heerlijk*.

Ons taalgevoel in verband met taalvorme word waarskynlik sterk gekondisioneer deur groot en gebruiklike groepe. Daarenteen is die betekenis van 'n nuwe vorm, in hierdie geval 'n afleiding, darem aan die begin altyd direk omskryfbaar in terme van die betekenis van die woordkorrelaat van die stam. Sou ons nou 'n nuwe afleiding vorm van ww. + *-lik*, sê maar iets soos bv. *staanlik*\*, sou ons waarskynlik 'n botsing t.o.v. die taalsisteem daarvan ervaar: van die een kant benader, sou *staanlik*\* moes/kon beteken „wat staan of kan staan”, maar van die kant van die oorheersend sekondêre waarde van wwe. + *-lik* sou dit dit nié kon beteken nie, sou dit waarskynlik een of ander sekondêre waarde moes gehad het. Dit sou gedeeltelik kon verklaar waarom *staanlik*\* waarskynlik nie sal ontstaan nie. (Ander oorweginge volg in verband met begripsoort hier onder.)

Daarteenoor sou 'n nuwe afleiding van s.nw. + *-lik* waarskynlik minder strydig wees met ons taalgevoel, altans wat sy semantiese waarde betref – moontlik meer of net soveel wat sy begripsoort en wat produktiwiteit betref, waaroor egter later.

Ontleding van elke voorbeeld en groepering van soortgelykes laat dan blyk:

- (a) Die semantiese sisteem van ww. + *-lik* is in 8.8% van alle gevalle van ww. + *-lik* die volgende: 1) stam met transitiewe ww.-korrelaat + *-lik*: b.nw. met passiewe betekenis, dus ongeveer „wat ge- (ww.) word” of „wat ge- (ww.) kan word”, bv. *begeerlik*, *beminlik* ens.; 2) stam met intransitiewe ww.-korrelaat + *-lik*: b.nw. met aktiewe betekenis, dus ongeveer „wat doen of kan doen soos deur die ww.-korrelaat aangegee”, bv. *beweeglik*, *hinderlik* ens., 'n reël wat ook geld ten opsigte van stam met ww.-korrelaat + *-baar*, maar wat nóg by *-lik* nóg by *-baar* absoluut is.
- (b) Sisteem (a) 1) en 2) geld ook van die orige 91.2% gevalle van stam met ww.-korrelaat + *-lik*, maar daar kom nog die volgende by: die afleiding op *-lik* het die betekenis, byvoeglik dan, van die woordkorrelaat van die stam plus 'n mindere of meerdere mate van graadverskil en/of 'n besondere toepassing van die woordkorrelaat. So is *aanstootlik* nie sonder meer „wat aanstoot” nie, maar „wat aanstoot gee”;

*aantreklik* is nie net min of meer „wat aangetrek word” of „wat ’n mens jou (figuurlik) aantrek” nie, maar – van mense gebruik – „geneig om meesal onaangename dinge vir jou persoonlik aan te trek”;

*bedenklik* is nie net min of meer „wat te bedenke is” en stellig nie „wat bedenk (bedink) moet word” nie, maar eerder „wat te bedenke gee” in min of meer verontrustende sin;

*dienlik* is nie net min of meer „wat dien” nie, maar „wat goeie diens gee”, en dan nog meer bepaald nie byvoorbeeld werknemers nie, maar materiale, klere, instrumente ens.

Wat hier van afleidinge van wwe. gesê is, geld ook in belangrike mate van afleidinge van s.nwe., bv.

*gemoedelik* is nie net min of meer „van die gemoed” of „met die gemoed verbonde” nie, maar „van ’n vrolike en gelykmatige gemoed”;

*manierlik* is nie net min of meer „met maniere” nie, maar „met goeie maniere”;

*sweerlik* is stellig nie min of meer „waartoe gesweer kan word” nie, eerder iets soos „waartoe ’n mens byna sou kon swear”;

en ook ’n stam met b.nw.-korrelaat + *-lik*: *lieflik* is nie min of meer „wat of soos wat lief is” nie, maar „esteties lief” d.w.s. „mooi”.

Daar is dus meesal ’n plus-faktor. Wat die inhoud en die graad daarvan in elke geval is, verskil van woord tot woord en kan vir geen woord bepaal word op grond van ’n sisteem nie. So kan ons byvoorbeeld nie op grond daarvan dat daar ’n komparatiewe faktor is in die betekenis van die meeste stamme met s.nw.-korrelate + *-lik* en ook in die betekenis van baie as s.nw. opgevatte stamme met ww.-korrelate + *-lik*, sê dat elke dergelike geval „dus” steeds met ’n komparatiewe element gebruik word of moet word nie. Taalvorme en hulle waardes is selde binne volkome geslote sisteme. Wat ons nogtans wêl kan sê, is dat die plus-faktor in 96.3% van alle gevalle die betekenissoort van die woordkorrelaat van die stam volg: is die woordkorrelaat se betekenis byvoorbeeld negatief of derogatief, is dieselfde stam + *-lik* dit in nog meerdere mate; is dit positief, dan is dieselfde stam + *-lik* dit ook in meerdere mate; is dit neutraal, dan gaan dit met *-lik* daarby meesal die goeie of positiewe kant uit (in 96.3% van alle gevalle dan).

### **Voorbeelde:**

*aandoenlik* is ongeveer „wat jou (gemoed) diep aandoen of raak”;

*beweeglik* „wat maklik, los ens. beweeg”;

*erkentlik* „wat ongevraag, dankbaar die goeie erken”;

*kinderlik* „soos die beste en die onskuldigste in ’n kind”;

*manierlik* „met, of volgens die vereistes van, goeie maniere”;



*manlik* „soos van die sterke, die beskermende en die volwassene van 'n man”;

*vroulik* „soos die tere of die sagte in 'n vrou”;

*sieklik* „steeds of dikwels of voortdurend siek” ens. ens.

Hierdie plus-faktor kan in partikuliere gevalle so seer die woordkorrelaat se waarde gaan oorheers dat net nog die plus-waarde gerealiseer word of dat 'n mens nouliks nog enige verband met die woordkorrelaat se waarde kan realiseer, soos byvoorbeeld die volgende: *dadelik*, *heerlik*, *hoflik* (?), *redderlik* (?), *ruiterlik*, *vreeslik*, *yslik* ens. 'n Mens kan nog sê *dadelik* is „wat op die daad gebeur”, *hoflik* „min of meer soos in hofkringe of by 'n hofmakery gebeur”, *vreeslik* „min of meer wat 'n mens (sou kon) vrees” ens. Maar is *vreeslik* wel in ons bewussyn met *vrees* verbonde of verbindbaar as ons praat van *vreeslik baie geld* en het *ruiterlik* vir ons nog iets te make met 'n *ruiter* of *yslik* met *ys* (met ww.-korrelaat naas die stam of nie)? Ek glo nie.

Ons sê dus: daar is meesal 'n mate van betekenisintensivering in woorde op *-lik*. Miskien verklaar dit waarom so dikwels, logies gesproke oorbodiglik, 'n *-lik*-vorm gebruik word wanneer die woordkorrelaat van die stam daarsonder feitlik dieselfde sou beteken, bv.

*gans onmoontlik*

: *ganselik onmoontlik*

*'n gek spulletjie*

: *'n geklike spulletjie*

*'n goddelose spul*

: *'n goddelooslike spul*

*naarstig soek*

: *naarstiglik soek* ens.

Die lys bevat 13 sulke gevalle, naamlik nog *ryklik*, *sekerlik*, *sieklik*, *sotlik*, *stiptelik*, *vryelik*, *viriglik*, *wonderbaarlik*, *wyslik*.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

Omdat die kennisleer nog nie 'n of een aanvaarde stelsel van indeling van begripsoorte het nie, en omdat taalvorme natuurlik ontstaan in verband met die mens en al sy beleefnisse, is dit dikwels erg moeilik om die begripsterrein af te baken waarop besondere taalvorme voorkom. Dit is ook die geval met woorde op *-lik*. Daarom moet hierop nie alte sterk peil getrek word nie. Maar binne hierde kwalifikasie kan ons tog die volgende sê:

(a) Werkwoorde:

1) Die begrip is selde neutraal, min of meer net so dikwels gunstig of positief as wat dit negatief is, bv. *bedrieg*, *behaag*, *bemin*, *bespot*, *erken*, *hinder* ens.;

2) die begrippe behels veral 1. die gemoedslewe, die denke en die gedrag, en 2. sintuiglike gewaarwordinge en liggaamsaktiwiteite van die mens, bv. *aandoen*, *aanskou*, *aansteek*, *aanstoot*, *aantrek*, *bedenk*, *bedrieg*, *begeer*, *begryp*, *behaag*, *bemin*, *bespot* ens.;

3) dis hoofsaaklik transitiewe verba.

(b) S.nwe., b.nwe. en ander woordsoorte :

1) Die begrippe is selde neutraal of negatief, meesal positief, bv. *deug, fatsoen, genade, meester* ens. Dieselfde geld ook van b.nwe., bwe. ens., bv. *genadig, lief, ryk* e.d.m.;

2) die begrippe behels veral gesins- en menseverhoudinge en gewaarwordinge, soos by die wwe., bv. *afsku, deug, fatsoen, gees, vermoed, gevaar, huis, jammer, lief* ens.

#### D. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Al die Afrikaanse voorbeelde op sowat 8 na is ook Nederlands. Oor 5 daarvan hoef niks besonders gesê te word nie, nl. *afstootlik, dienlik, geklik, goddelooslik* en *sweerlik*. *Gebrekklik* kan moontlik, met suffiksverdringing, van Nederlands *gebrekkig* kom, of dit kan 'n eie differensierende afleiding (teenoor *gebrekkig*) wees. *Stuitlik* kom waarskynlik deur suffiksvervanging uit *stuitig*, moontlik met kontaminasie met *aanstootlik*. *Naarstiglik* kan van die tipe van *oorbodiglik* wees, of dit kan met suffiksvervanging uit Nederlands *naarstelik* kom. *Komieklik* is waarskynlik 'n Afrikaanse eievorming: die WNT gee dit net uit Kloos aan – wat baie „jonk” is. Kontaminasie met *vermaaklik* en stapeling soos in *geklik* is ook moontlik.

**Opn.:** *Schierlik* is ook ou Nederlands! Kyk WNT XIV, 566.

Daar was dus nie soveel eie aktiwiteit om *-lik* heen dat ons kan sê dit was/is produktief in Afrikaans nie. Tog is die gebruiksfrekwensie van *-lik*-woorde hoog in Afrikaans, sodat 'n nuwe vorming hier en daar 'n mens nie te erg moet verbaas nie. (Een so 'n geval kry ons by Maré wat skryf oor 'n jong bobbejaan wat *tot sy manlike of liewer tot sy bobbejaanlike jare kom* (in *Profeet Bobbejaan*, 15). Dit is net 'n (flou) stukkie taalspel.)

#### § 123 -liks

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 9.)

-*Liks* lyk so gewoon soos *-lik* + *-s*, maar dit is nie, of altans nie altyd nie: ons kan weliswaar in die ope partitiewe verbinding van die meeste stamme met b.nw.-korrelate op *-lik*, *-liks*-vorme maak, soos *iets onmoontliks/gruweliks/vermaakliks*, maar dit is dan buigingsvorme, nie afleidings nie. Vergelyk dit met bv. *grootliks, kortliks, nouliks* ens., sonder vorme soos *grootlik\**, *kortlik\** en *noulik\** daarnaas.

Die uitgangspunt hier, volgens Schönfeld, was *dagelijks*

„waar *-lijk*- door verkorting uit *gi-lik gi-hwilik* (vgl. got. *hvi-leiks* en ndl. *welk*) is ontstaan: mnl. *elker dagelike elker dage (ge)like*, d.i. op

iedere van alle dagen, dagelijks; evenzo b.v. *alre dage gelike* = ohd. *allero tago geliches*. Naar analogie daarvan *jaarlijks*, *wekelijks* enz. (alle met genitief -s als in 't ohd.; vgl. voor deze s ook § 194), en naar 't voorbeeld daarvan nauwelijks e.a. (in kanselstijl b.v. *zwaarlijks*, *grotelijks*).<sup>70</sup>

Dan was *daagliks*, *jaarliks*, *weekliks*, *maandeliks* waarskynlik weer die uitgangspunt vir Afrikaans *uurliks*. (Of is *uurliks* 'n Rückbildung van *twee-/drie-uurliks*?)

Maar *-liks* kom in min woorde voor, is nie produktief nie en verdien dus nie meer aandag nie.

### § 124 -ling

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 1.)

Afrikaans het, in vergelyking met ander afleidinge, min woorde op *-ling*. (Hier word gewerk met 'n lysie van 50.)

'n Paar kan, van sinchronies-Afrikaanse standpunt uit, nie as afleidings beskou word nie, bv. *inboorling*, *lamlending* (waarskynlik 'n kontaminasie van *ellending* en *lamlendig*), *vondeling*, *kwekeling* ens. Dié wat wel Afrikaanse vorminge kon wees, vorm die volgende sisteem:

1. (a) Hulle is byna almal s.nwe. (net *sonderling* is nie), en

(b) hulle is gevorm van

1) wwe., bv. *afstammeling*, *banneling*, *bekeerling*, *beskermling*, *druipeling*, *huurling*, *loteling*, *onnoseling* ens.;

2) enkele b.nwe., bv. *enkeling*, *jongeling*, *korteling*, *lieweling*, *nuweling*, *stommeling*, *swakkeling* ens.;

3) enkele telwoorde, bv. *drieling*, *eenling*, *eersteling*;

4) enkele s.nwe., bv. *ellending*, *gunsteling*, *hemeling*, *kamerling*, *Kleurling*, *lamlending*.

**Opm.** 1. 'n Paar kan, van sinchronies-Afrikaanse standpunt uit, op meer as een manier gevorm gewees het of ontstaan het, bv. *boeteling* van die ww. *boet* of van die s.nw. *boete*; *Kleurling* min of meer net so; *boorling* kàn, so benader, 'n verkorting van *inboorling* wees, of 'n afleiding van *boor* in bv. *Sy boor in Maart* „Sy is in Maart gebore” (Kleurlingtaal).

2. *Balling* is (in Nederlands reeds) verkort uit *banneling*.

3. Omdat *sonder* by ons net voorsetsel is, is dit onwaarskynlik dat *sonderling* 'n eievorming is. (Dit is 'n Nederlandse vorming van 'n ou b.nw. *zonder* „apart, anders, eenkant”.)

2. Afleidinge op *-ling* is op 'n paar na almal persoonsname. Die nie-persoonsname is onder meer *kortling*, *saailing*, *teerling*, *vingerling*.

70. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 202.

**Opm.:** Hoe 'n persoonsgroep tot 'n dinggroep oorgaan, is nie sonder meer duidelik nie, maar hier hoef daar geen dusdanige oorgang te gewees het nie, en was daar, ten minste gedeeltelik, ook nie: *teerling* is naamlik geen afleiding op *-ling* nie, maar kom (in Nederlands) van *teerning*; *vingerling* is in Nederlands gevorm, moontlik na analogie van bv. *duimling*, 'n ou diminutief; *korteling* (in Nederlands) is 'n afleiding met *-ling*, maar dis nie duidelik hoe dit buite die persoonsgroep beland het nie; *zaailing* is ook Nederlands, met die betekenis „plant wat van saad gekweek is of word”. In Lodewijk Lievevrouw-Coopman se *Gents Woordenboek* word *zaalingen* uit 'n ou almanak aangehaal: *zaailijngen van Adam* „afstammeling”. As dit die oudste is, dan was *saailinge* dus ook eers 'n persoonsnaam.

Dit alles hoef ons vir Afrikaans nogtans nie aan te gaan nie, omdat dié woorde erfgoed is en daar geen voorteken is van die produktiwiteit van *-ling* om nie-persoonsname te vorm nie.

### § 125 *-lings*

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 9.)

Afrikaans het so min afleidinge op *-lings*, die meeste is so weinig gebruiklik, almal is Nederlandse erfgoed, en *-lings* is so volkome onproduktief, dat dié groep, bv. *beurtelings*, *blindelings*, *ruggelings*, *skrylings*, *sydelings* en *ylings*, nie nadere bespreking verdien nie.

### § 126 *-loos*

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 onder skema vir afgeleide adjektiewe, groep 1.)

Woorde op *-loos* is nie baie talryk in Afrikaans nie. (Hier word gewerk met 'n lys van 135.)

#### A. Woordsoortelike Sisteem

Hulle woordsoortelike sisteem is uiters eenvoudig: op twee na is almal b.nwe. en/of bwe., die meeste in Nederlands reeds gevorm van s.nwe. Dié twee is *verwaarloos* en *weerloos*. *Verwaarloos* is *ver-* plus 'n Middelnederlandse b.nw. *waerloos*; en *weerloos* is *weer* („verdediging”; vergelyk *verweer* en *geweer*) + *loos*, sodat hulle tog in vroeë Nederlands reeds gevorm is volgens die sisteem waarbinne *-loos* vandag nog fungeer. (Dan kan in verband met *mouloos* dadelik opgemerk word dat dit, as b.nw. gevorm van 'n s.nw., volkome binne ons woordsoortelike sisteem is.)

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

- (a) *-Loos* gee die afwesigheid te kenne van wat in die woordkorrelaat van die stam genoem word. Woorde op *-loos* beteken min of meer „sonder wat in die woordkorrelaat van die stam genoem word”, selfs in die klein persentasie gevalle (8 uit 135) waar die betekenis sekondêr of óók sekondêr is, soos bv. *bodemloos*, *dakloos* ens. *Bodemloos* beteken naamlik nie juis „sonder bodem” nie, maar „baie diep”, dus meer „asof sonder bodem”; en *dakloos*, van mense gebruik, is nie juis „sonder dak” nie, maar „sonder tuiste, ongeherberg” ens.
- (b) Alle abstrakte woordkorrelate van die stamme (daar is 83 in die lys, bv. *bedoeling*, *beginsel*, *begrip* ens.) plus *-loos* gee b.nwe. waarvan die betekenis  $\pm 100\%$  primêr is, d.w.s. bv. *bedoelingloos* beteken min of meer „sonder bedoeling”, *beginselloos* min of meer „sonder beginsels”, en *begriploos* min of meer „sonder begrip” ens.
- (c) Van die konkrete woordkorrelate van die stamme in die lys is die betekenis van die *-loos*-vorme in 34 uit 44 van die gevalle eweneens  $\pm 100\%$  primêr, d.w.s. bv. *doploos* beteken min of meer „sonder dop” (slakke), *grasloos* „sonder gras” en *kinderloos* „sonder kind(ers)”.

**Opm.** 1. Twee gevalle kan as abstrak en as konkreet opgevat word: *bande(loos)* en *hawe(loos)*.

2. *Mouloos* is dus ook hier volkome binne die sisteem: *mou* is 'n konkrete s.nw. en *mouloos* se betekenis is primêr. Beteken dit nou ook dat *mouloos* dus nie onder Engelse invloed gevorm is nie? Dit nie. Dit beteken egter wel dat *mouloos* woordsoortelik en semanties nie in botsing is met iets in Afrikaans nie.

### 2. Begripsoortelike Sisteem

- (a) Die meeste konkreta het te maak met die huis, die liggaam, klere, voedsel ens. van die mens. (Dan is *mouloos* ook hier binne die sisteem; vergelyk nogtans hier onder.)
- (b) Die abstrakta benoem hoofsaaklik menslike gemoedsaandoeninge, bv. *hopeloos*, *moedeloos*, *troosteloos* ens.

## C. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Vergelyking met Nederlands bring onder meer die volgende aan die lig: 1. Van 124 voorbeelde met Afrikaanse woordkorrelate van die stamme is ten minste 32 volgens die WNT nie Nederlands nie, naamlik o.a. *armloos*, *bedoelingloos*, *doploos*, *fout(e)loos*, *geurloos*, *humorloos*, *koersloos*, *naatloos*, *peperloos*, *pitloos*, *rigtingloos* ens. *-Loos* was dus beslis produktief.

Hierby kom nog die ooreweging dat ons, volgens skrywer hiervan se taalgevoel, taamlik baie nuwes by die lys kan byvorm, bv. *liglose onweersdae*, *dekorlose moderne dramas*, *kamerlose studente*, *souslose kos* ens. ens.

2. Nie een van die 32 of van hierdie eie maaksels is op ander wyse as die res van die Afrikaanse of anders as in Nederlands gevorm nie: almal het s.nw.-korrelate naas die stam en die s.nwe. is deels konkreta, deels abstrakta (vergelyk hier bo), en die betekenis van die afleiding is regstreeks omskryfbaar as adjektiewiese betekenis-skakering van die woordkorrelate. Verskil in aard of soort is hier nie tussen Afrikaans en Nederlands nie, miskien selfs nie in omvang nie. Want dit is nou wel waar dat ons 32 Afrikaanse afleidinge nie in Nederlands gevind het nie, maar omgekeerd is daar ook Nederlandses wat nie in Afrikaans voorkom nie, bv. *pannenloos* „sonder dakpanne”, en die voorbeelde van die WNT laat tog vermoed dat daar in die volkstaal meer is. (Ons moet ook weet en onthou dat die WNT nie volkome gelyke behandeling gee van alle woorde nie.)

Daar is beweer dat daar Engelse invloed by die vorming van *-loos*-afleidinge, soos bv. *mouloos* werksaam was. Maar daar is nóg ten opsigte van die woordsoort, nóg ten opsigte van semantiek of begripsoort, nóg ten opsigte van produktiwiteit enige rede waarom *mouloos* nie ons eie maaksel, d.w.s. sonder Engelse invloed kan wees nie. Sekerlik is *mouloos* strydig met niks in Afrikaans nie.

Of Engels werklik geen handjie daarby gehad het met *sleeveless* nie? Ontken kan 'n mens dit nouliks, maar bewys ewe min, want afgesien van die ander oorweging is heelwat van die Afrikaanses wat nie ook Nederlands is nie, ook sonder parallel in Engels, bv. *asynloos*, *bedoelingloos*, *eerbiedloos*, *humusloos*, *koersloos*, *peperloos* ens. Dit wil sê dat die analogie op Afrikaanse gebied wel suiwer werksaam was. En dan sou 'n mens myns insiens met geruste gewete nie alleen *mouloos* nie, maar ook *foute-loos* e.a. kon gebruik.

Dit beteken nou nie dat *-loos* geen grense of mededingers het nie. *Sonder* + s.nw. is beslis 'n komplementêre konstruksie met min of meer gelyke waarde: *waardeloos* en *sonder waarde* is taamlik gelyk in waarde, en 'n *huis sonder deur* is vir my taalgevoel stellig aanneemliker as 'n *deurlose huis*. Vergelyk so ook *inkloos* en *sonder ink*, *boekloos* en *sonder boeke* e.d.m.

In 'n ondersoek om vas te stel watter *-loos*-afleidings *sonder* + s.nw. as komplementêre woordgroep daarnaas kan hê, is die volgende gevind: Alle *-loos*-afleidings waarvan die eerste komponent 'n stam met 'n selfstandige komplementêre naamwoord-korrelaat het, kan *sonder* + s.nw. as komplementêre woordgroep neem. Die gevalle *bodemloos*, *dakloos*, *kerkloos* en *sonloos* val binne die sisteem, en daar kan meer as een betekenisaspek van die eerste komponent *dak-*, *bodem-*, *kerk-* en *son-*geaktueer word, bv. *dakloos* – *sonder dak* „sonder dakbedekking” en „sonder huisvesting”.

Wanneer *-loos*-afleidings nie 'n stam met 'n selfstandige woordkorrelaat het nie, bv. *argeloos*, *klakkeloos*, *plotsloos*, *roekeloos* en *verwaarloos*,

bestaan daar nie 'n komplementêre konstruksie *sonder* + s.nw. daarnaas nie. Maar wie op die presiese grense nader wil ingaan, het daaraan, soos ook later by *-sel* gesê is, nog weer 'n afsonderlike taak.

### § 127 -ment

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe en adjektiewe, onder groep 12. en groep 10. onderskeidelik.)

Dit is met woorde op *-ment* in die Auslout baie gesteld soos met dié op *is*: die oorgrote meerderheid is naamlik nie, van Afrikaanse standpunt uit, afleidinge op *-ment* nie, bv. *amendement*, *argument*, *balsement*, *bombardement*, *departement*, *dokument*, *eksperiment*, *element*, *endossement* ens. Uit 'n lys van 91 is een oorspronklik geen woord op *-ment* nie, nl. *peperment* (< pepermunt), van een is die etimologie onseker, nl. *balsement/basement* „moeilikheid, verknorsing”, en net vier sou afleidinge op Afrikaanse woorde kon wees, nl. *dreigement* (< *dreig*), *juistement* (< *juis*), miskien *kommandement* (< *kommando*), en *meubelment* (onerkende vorm, < *meubel*). Maar al vier laasgenoemdes is ook Nederlands; *juistement*, *kommandement* en *meubelment* is ook Frans; en *dreigement* is die enigste wat (in Nederlands reeds) van 'n Germaanse woordkorrelaat (*dreig*) gevorm is. Afrikaans het hiertoe niks bygedra nie. Trouens, van 90 woorde op *-ment* is net 34 redelik bekend in Afrikaans, nl.

<i>amendement</i>	<i>enjambement</i>	<i>komplement</i>	<i>reglement</i>
<i>argument</i>	<i>ferment</i>	<i>kompliment</i>	<i>sakrament</i>
<i>balsement</i>	<i>firmament</i>	<i>konsument</i>	<i>segment</i>
<i>bombardement</i>	<i>fondament</i>	<i>mankement</i>	<i>sentiment</i>
<i>departement</i>	<i>fragment</i>	<i>meubelment</i>	<i>temperament</i>
<i>dokument</i>	<i>goewerment</i>	<i>paalement</i>	<i>testament</i>
<i>eksperiment</i>	<i>juistement</i>	<i>parlement</i>	<i>traktement</i>
<i>element</i>	<i>kompartement</i>	<i>pigment</i>	
<i>endossement</i>	<i>kommandement</i>	<i>predikament</i>	

Vir die meeste van ons sal bv. *akkompanjement*, *arrondissement*, *assortiment*, *battement*, *déboursement*, *detriment*, *divertissement* e.d.m. onbekend òf Engels òf in elk geval vreemd, aanstellerig wees.

*-Ment* het dus nog nie tot lewe gekom in Afrikaans nie.

### § 128 mis-

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 5., afgeleide adjektiewe onder groep 1., afgeleide werkwoorde onder groep 1.)

1. *Mis-* word volledigheidshalwe hier gegee, maar dis geen uitgemaakte saak of daar so 'n voorvoegsel is nie. Oor woorde met *mis* (s.nw.) hoef nie gepraat te word nie, dié is duidelik komposita, bv. *misweer*, *miswa*, *miswater* ens. (*Mis* „vog in die lug, besmetting, diere-afval” ens.) Die probleem kom by die bw./b.nw. (of voorvoegsel?), bv. *misoes*, *misplaas*, *misprys*, *mispunt*, *misreken*. Eén groep hiervan is duidelik samekoppeling, naamlik dié werkwoorde waarby die volgende toetse of vorme geld: (a) of die verbinding opgestel kan word sodat die *mis* na die ww. en vry daarvan staan, en (b) of die *ge-* in die verlede tydsvorm tussen die *mis* en die ww. staan: indien wel, is dié *mis* die bw./b.nw., byvoorbeeld in die volgende:

*misgooi* / *misgegooi* / (jy) *gooi* (die doel) *mis*  
*mishê* / *misgehad* / (jy) *het* (dit) *mis*  
*miskyk* / *misgekyk* / (jy) *kyk* (dit) *mis*  
*misloop* / *misgeloop* / (jy) *loop* (dit) *mis* ens.

Daaruit volg egter nie dat die ander wwe. met *mis-* dus 'n voorvoegsel *mis-* bevat nie, bv. *misbruik*, *misdoen*, *misdra*, *misgis*, *misgun*, *mishaag/hae*, *mishandel*: daar is immers honderde ander woorde met ander aanvangselemente wat ook nie van die stam geskei kan word nie en wat tog as komposita aanvaar word, byvoorbeeld die met ongeaksentueerde *aan-*, *agter-*, *by-*, *deur-*, *om-*, *oor-* ens. (Vergelyk die ooreenkomstige paragraaf by komposita.) Is hierdie *mis-*groep dus ook (onskeibare) komposita?

Al wat oorbly, en ook al wat geld van s.nwe. en b.nwe., is 'n semantiese toets: is die nie-onskeibare *mis-* semanties totaal verskillend van die skeibare? Die antwoord is nee: die skeibare *mis-* in wwe., s.nwe. en b.nwe. beteken „nie raak nie, so dat dit die doel nie tref nie, misluk(te)” (in s.nwe.), die ander *mis-* beteken „anders, afwykend, verskillend, (ook) verkeerd”, wat semanties duidelik met die ander groep verband hou. Die semantiese toets gee dus ook geen uitsluitel nie, net so min as by die aangehaalde groep met *aan-*, *agter-*, *by-*, *deur-* ens.

Die Neerlandici het klaarblyklik dieselfde probleem gehad. Schönfeld<sup>71</sup> behandel *mis-* onder die voorvoegsels, die WNT noem geen sodanige voorvoegsel nie, Vercoullie<sup>72</sup> noem die een *mis* (a) „bijw. en onafscheidb. voorv.” en die ander (b) „onafscheidb. voorv. (verkeerd)”. (Dié terminologie deug nie, omdat ons nie onafskeibare voorvoegsels ken of erken nie: alleen woorde is afskeibaar.)

Die onderskeiding tussen afleiding en kompositum is hier dus nie helder nie. Wat hier volg, volg dus ter wille van wie tog die sisteem van die „onafskeibare” *mis-* wil hê.

71. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 248.

72. Vercoullie, J.: *Beknopt etymologisch woordenboek der Nederlandse taal*, kyk onder *mis*.



2. (a) Woorde met dié voorvoegsel (?) *mis-* is

1) wwe., bv. *misbruik, misdoen, misdra, misgis, misgun, mishaag/-hae, mishandel* ens.

2) s.nwe., bv. *misdaad, misdryf, misnoeë, misstap* ens.

3) b.nwe., bv. *misbedeeld, mismoedig, misnoeg, misplaas, misvorm* ens.

**Opn.:** Die meeste b.nwe. is deelwoorde wat byvoeglik gebruik word, bv. *misken, mismaak, misplaas, misskape, misvorm* ens. Net enkele, bv. *misnoeg, mistroostig* is anders gevorm.

(b) Woorde met dié voorvoegsel *mis-* is gevorm met stamme wat die volgende woordkorrelate het :

1) ww.-korrelate, bv. *misdoen, misdra, misgis, misgun, mishandel* ens.

2) s.nw.-korrelate, bv. *misdaad, misgeboorte, miskraam (?) , misstand* ens.

**Opn.:** *Mismoed* is nie 'n afleiding van *moed* nie, maar 'n Rückbildung van *mismoedig*.

3. (a) Daar is verskeie gevalle van betekenis- of vormisolasië, bv. *misbruik, mishaag/-hae, misnoeë, misnoeg, misskape* (ons het geen enkelwoorde *bruik\**, *haag\** (ww.), *noeë\** ens. nie).

(b) Van die res kan gesê word dat *mis-* ongeveer beteken „onvoldoende, ontoereikend, verkeerd, onwettig, wederregtelik, ongeldig, foutief, nie, sleg” ens., bv. *misdaad, misdeel(d), misdoen, misdra, misgis, misgun, mishandel, mislei, misluk, mismaak, misplaas, misreken* ens.

4. Alle Afrikaanse woorde met *mis-* is ook in Nederlands gevind, sodat, hoewel verskeie ons eie vorming kàn wees, ons geen bewys het van produktiwiteit rondom *mis-* in Afrikaans nie.

## § 129 -nis

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 2.)

Woorde op *-nis/-enis* is beperk in getal: hier word gewerk met 'n lysie van 60, bv. *aanstaltenis, agtenis, beduidenis, beeltenis, begrafnis, behouenis, bekentenis, bekommernis, belewenis, beloftenis*.

### A. Woordsoortelike Sisteem

1. Alle woorde op *-nis* is s.nwe., bv. *belydenis, bemoeienis, benouenis, beslommernis, besnydenis, besorgnis, betekenis, deernis, droefnis, duisternis* en

2. het die volgende woordsoort-korrelate naas die stam :

(a) ww.-korrelate (29 uit 60, = 48+%), bv. *erfenis, ergernis, erkenenis, ervarenis, gedagtenis, groet(e)nis, herryсенis, heugenis, hindernis, kennis* ens.;

- (b) deelwoord-korrelate (7 uit 60, = -12%), bv. *begrafnis*, *bekentenis*, *gebeurtenis*, *geskiedenis*, *gevangenis*, *ontstentenis*, *vonnis* ens.;
- (c) b.nw.-korrelate (7 uit 60, = -12%), bv. *droefnis*, *duisternis*, *geheim(e)nis*, *gelykenis* ens.;
- (d) s.nw.-korrelate (4 uit 60, = -7%), nl. *aanstaltnis*, *belofternis*, *ellendenis* en *kommernis* (volgens Nederlands).
- (e) In 'n paar gevalle is dit nie duidelik watter woordsoort die woordkorrelaat is nie, maar dit lyk wel asof dit tog een (of meer) van die drie soorte wat hierbo genoem is, moet wees, bv. *benouenis*, *beslommernis*, *besorgnis*, *vergifnis*, *verheugnis*, *vermoeienis*, *verrysenis* ens.
- Opm.:** *Kornis* (Fr. *corniche*) en *tennis* is nie afleidinge op *-nis* nie.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Die semantiese waardes kan nie sonder meer aangegee word nie, omdat daar so dikwels vormverduistering by die woordkorrelaat van die stam is. Tog kan ons, sover as dit dan gaan, sê dat

(a) wwe. met *-nis* benoem

1) „die gevoel, gewaarwording, gesindheid, houding, ervaring ens.” of „dit wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *agtenis*, *bekommernis*, *belewenis*, *bemoeienis*, *ergenis*, *erkenenis*, *ervarenis* ens.,

2) „die gebeurtenis waarby geskied (het) wat, of dit waarmee gedoen word soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *belydenis*, *herryisenis*, *steurnis/stoornis*, *verrysenis*;

(b) deelwoorde met *-(e)nis* het wesenlik dieselfde waarde as wwe. onder B (a) 2) hierbo, bv. *begrafnis*, *betekenis*, *gebeurtenis*, *geskiedenis*;

**Opm. 1.** *Ontstentenis* < *ontstand/ontstaan* „ontbreek, afwesig wees”.

2. *Vonnis* < *vondnis* „wat gevind word/is”.

(c) b.nwe. met *-nis* benoem „die gevoel of toestand of dit wat is soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *droefnis*, *duisternis*, *geheim(e)nis*, *vuilnis* ens.;

(d) die s.nwe. met *-nis* het in al vier gevalle vrywel dieselfde betekeniswaarde as die woordkorrelaat van die stam sonder *-nis*, nl. *aanstalte(nis)*, *belofte(nis)*, *ellende(nis)* en *kommer(nis)*. Hulle maak die indruk van ongemotiveerde klankanalogieë te wees, soos *-sel* in 'n *beginsel* i.p.v. 'n *begin* en *-(t)end(t)heid* in *gelerentheid*, *geleerten(t)heid* i.p.v. *geleerdheid* e.d.m.

**Opm.:** Die waardes van die ander groep (A 2. (e)) val volkome binne die sisteem wat hierbo geskets is.

### 2. Die Begripsortelike Sisteem

Die oorwegende begripsort hierby is geestelik en/of intellektuele aktiwiteite en gewaarwordinge, by alle woordsoorte, bv. *aanstalte*, *ag*, *bedui*,

*behou, beken, beloof, bely, bemoei, benou, besorg, beteken, droef, duister, eerbied, ellende, geheim* ens.

**Opm.:** *Gevangenis, vullis* (< *vuilnis*) en *wildernis* is sowat die enigste *-nis*-vorme met 'n konkrete waarde, maar selfs hulle woordkorrelate sluit begripsortelik by die sisteem aan: *vang, vuil, wild*.

### C. Diachronie en vergelyking met Nederlands

*-Nis* is saam met die meeste afleidinge daarmee, uit Nederlands geërf (55 van die 60, = 92%). Dit verbaas 'n mens dat so 'n formans, waarmee so min woorde gevorm is, tog nog 'n paar nuwes gelewer het, nl. *aanstaltenis, benouenis, besorgnis, ellendenis* en *vergeestenis* (al is twee daarvan, nl. *aanstaltenis* en *ellendenis*, ongemotiveerd).

In plaas van *benouenis* sou 'n mens miskien *benoudheid* verwag het, i.p.v. *besorgnis besorgdheid* en i.p.v. *vergeestenis vergeesteliking* of *vergeestelikheid*. Sou by *benouenis, besorgnis* en *ellendenis* miskien *bekommernis* 'n rol gespeel het? Hoe dit ook al sy, nie een van die vorme lyk duidelik gemotiveerd nie, sodat hier, volgens die semantiese sisteem van Afrikaans beskou, nouliks sprake kan wees van produktiwiteit.

#### § 130 oer-

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 5. en afgeleide adjektiewe, onder groep 4.)

*Oer-* klink opvallend genoeg, maar kom min voor, en is nie altyd, volgens alle bronne, *oer-* nie, maar soms *oor-*. So gee die WNT XI, 56, 57 bv. *oormensch/oortaal*, nie *oermensch/oertaal* nie, maar Van Dale gee wel dié *oer-*vorme. Die WNT X, 52 beskou die enigste drie *oer-*vorme wat hy wel aangee, nl. *oerbos, oeros* en *oerwoud*, as Germanismes. Vir die Afrikaanse taalgevoel is hulle dit nie, want ons ken oor die algemeen te min Duits.

Woorde op *oer-* is (a) hoofsaaklik s.nwe., bv. *oerbos, oerdier, oergeesteente, oerhout*, en (b) enkele b.nwe., bv. *oerafgeleefde, oerdom* en *oeroud* en het s.nw.- en b.nw.-korrelate naas die stam (soos in dieselfde voorbeelde).

By s.nwe. beteken *oer-* „van die outyd, oorspronklike, (baie) oud, ongeskonde” en by b.nwe. „erg, besonder, baie”. Dan word dit dus die vraag of (*'n*) *oer-afgeleefde ou ding* werklik 'n afleiding bevat en of dit nie beter verstaan moet word as 'n soort gestapelde intensief van (bv.) *'n afgeleefde, ou ding* nie, dus *oer-afgeleefde ou ding* waarin *oer-* met *ding* saamgaan.

Net *oerafgeleefde, oersel* en *oerslymdiertjie* is nie in Nederlands gevind nie, sodat hulle moontlik ons eie vorminge is. Maar produktief is *-oer* nouliks.

## §131 on-

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 5. en by afgeleide adjektiewe, onder groep 1.)

Woorde op *on-* is van die talrykste groepe afleidinge in Afrikaans. Hier word gewerk met 'n lys van 600, hoewel Afrikaans 'n paar duisend het, maar die 600 verteenwoordig alle tipes.

### A. Woordsoortelike Sisteem

1. Watter woordsoorte gevorm is / word :

- (a) b.nwe. (564 van die 600, = 94%), bv. *onaandagtig, onaandoenlik, onaangedien, onaangemeld, onaangemerkt, onaangenaam, onaangeraak, onaangeroer, onaangesproke, onaangetas*;
- (b) s.nwe. (32 uit 600, = 5%), bv. *onbruik, ondiens, ondier, onding, ongenade, ongerief, ongeval, onguns, onheil, onkoste, onkunde, onmag, onraad*.

**Opm.:** Daar is ook twee voorsetsels en enkele bwe. in die lys, maar hulle is nie primêr met *on-* gevorm as voors., resp. bwe. nie.

*Onbesiens:* die WNT x, 1148 sê by *onbezien:* „bnw.; om de absolute beteekenis zonder trapp.v.vergel. Van *Bezien*, verl.deelw. van *Bezien*, met het voorv. *On-*. Hd. *unbesehn*. Van zaken, die men van iemand koopt of aanneemt. Niet *bezien*, niet *onderzocht*, niet *behoorlijk bekeken*. Hij heeft die dingen *onbezien gekocht*.” En by *onbeziens* sê die WNT x, 1148: „bijw. van omstandigheid. Van *Onbezien* met de bijwoordelijke *s*. Zonder de zaak te zien of gezien te hebben, zonder ze *onderzocht* te hebben. // Hij heeft dat huis *onbeziens gekocht*. – Al ben ik tot eigen oordeel *onbevoegd*, mag ik niet *onbeziens aannemen* dat hunne wetenschap de wetenschap is.”

*Ondanks:* die WNT x, 1187 sê: „voorz. Eigenlijk de 2de nv. van het znw. *Ondank*, het niet willen . . . , met de waarde van een voorz. bij znw. of vnw. gebruikt, en den 4den nv. beheerschende . . . Uit de uitdrukkingen *mijns (zijns enz.) ondanks* ontwikkelde zich eerste het gebruik van *ondanks mij zelven (hem zelven enz.)*, in geheel dezelfde beteekenis; vervolgens de aanwending van *ondanks* bij persoonsnamen in 't algemeen, en eindelijk ook bij zakelijke znw.”

*Ongeag:* die WNT x, 1575 sê by *ongeacht:* „voorz. en voegw., oorspronkelijk het bnw. *ongeacht* in absolute uitdrukkingen. Thans als germanisme beschouwd: hd. *ungeachtet*. Niettegenstaande.”

*Ongeveer:* die WNT x, 1672 sê: „Voorheen ook *ongevaar*, en daarenevens *ongeveerlijk, ongevaarlijk* . . . -, bijw. Eene uit het Hd. overgenomen uitdrukking: *ongefär* bestaat uit het voorz. dat mhd. luidt *âne*, mnl. *ane*, nhd. *ohn*, en het daarvan afhingende znw. *gefähr*, mhd. *gevaere* (verg. ohd. *fâri*), een bijvorm van *gefahr*, dat de â onveranderd behield doordat de grondvorm was *fâra* en niet *fâri*. Dat *ongeveer* geen

oorspronkelijk Nederlandsch woord is, blijkt vooreerst uit *on* (de overgang van *â* tot heldere *o* komt bij ons niet voor), ten tweede is ook de *umlaut* van *â* bij ons onregelmatig.”

*Onverwags*: die WNT X, 2147 sê by *onverwachts*: „bijw. van omstandigheid. Van *Onverwacht* met -s; hetzelfde als *onverwacht*.”

*Onvoorsiens*: die WNT X, 2176–2177 sê by *onvoorzien*: „bnw.; onvoorzienier, onvoorzienst. Van het verl.deelw. *Voorzien* met *On-*. . . *Onvoorzien*s, bijw. van wijze. Van *Onvoorzien* met -s.”

2. Van watter woordsoorte dié woord gevorm word/is :

(a) Die meeste het b.nw.-korrelate naas die stam (502 van 600, = 84%), wat die volgende tipes behels :

1) enkeles van die tipe *ongedas*, *onghoed*, *ongesous* (14 voorbeelde; dit is *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat);

2) heelwat b.nwe. op -baar (93), bv. *onafkoopbaar*, *onaflosbaar*, *onafskesbaar*, *onafwendbaar*, *onafsienbaar* ens.;

3) heelwat b.nwe. op -lik (75), bv. *onafhanklik*, *onbegryplik*, *onbehaaglik*, *onbeminlik*, *onbeweeglik*, *onchristelik* ens.;

4) baie deelwoordvorme (173), naamlik

1. meesal volt.deelwoorde, bv. *onbeperk*, *onbeproof*, *onberedeneerd*, *onberekend*, *onbeskadig*, *onbeskerm*, *onbeskrewe* ens., en

2. enkele onvolt.deelwoorde, bv. *onbeduidend*, *ondeelnemend*, *ondoeltreffend*, *onwelriekend*, *onwetend* ens.;

5) heelwat ander b.nwe. (147), bv. *onalfabeties*, *onalledaags*, *onbedrywig*, *onegaal*, *onkapabel*, *onliterêr*, *onpassabel*, *onstabiel*, *onvakkundig* ens.

(b) Net 'n beperkte getal het s.nw.-korrelate (38 van die 600), bv. (behalwe wat reeds onder A 1. (b) gegee is) *onskuld*, *ontrou*, *ontug*, *onvermoë*, *onverstand*, *onvrede*, *onweer*, *onwil* ens.

**Opm.** 1. *Onlangs*: die WNT X, 1714 sê by *onlangs*: „bnw. en bijw. Van *Lang* met *On-*. I) Bnw. – Niet lang; meest van den tijd. // *Onlanghen* tijdt salt wesen, v. MANDER, Bucol. 54. II) Bijw. (van tijd). Ook in den ouden bijwoordelijken vorm *onlange*.” En by *onlangs*: „bijw. (van tijd). Van *Onlang* met -s 1) Gedurende, of nog maar gedurende korten tijd; thans verouderd. // *Uw* onlanghs neuen glans, HUYGENS I, 399.”

2. Onder die 600 voorbeelde waarmee hier gewerk word, is daar 54 waarby daar nie 'n korresponderende woord sonder *on-* is nie, bv. *onbeholpe*, *onbenullig*, *onbeskof*, *onbesiens*, *onbruik* ens. Wat by dié groep gebeur het, word elders bespreek, maar dit kan sy nut hê om hier reeds 'n paar nader te bekijk.

*Onguor*: die WNT X, 1694 sê: „Ook wel *onguer* en *ongeur* gespeld; daarnevens *ongier*; in ouderen vorm *onghier*, *ongehuur* (dit laatste bij KIL.; de vergel.trap *ongehuerder* bij FRANCK, Chron. 2, 4a) –, bnw. Met *On-* afgeleid van het nog in 't Mnl. voorkomende *gehiere*, *gehure*,

thans nog hd. *geheuer*. Dit grondwoord beteekeent in het algemeen *liefelijk*, en is, ook in de afleiding met het ontkenneend voorvoegsel, in het Oudgermaansch welbekend (zie *D.Wtb.* 4<sup>1</sup>, 2478 en VERDAM 2, 1141). *Onguur* is thans in de schryftaal weinig meer in gebruik, doch men hoort het nog dikwijls zeggen. Het vertegenwoordigt een zeer ruim begrip, en kan worden toegepast op alles wat in zijne soort akelig, on-aantrekkelijk is.”

*Onverrigtersake*: die WNT x, 2126 sê by *onverrichter*: „bnw. Niet verricht.//Laet niet onverricht, dat noodig is gedaen, CATS 2, 312b. – Thans inzonderheid in de uitdrukking *onverrichter zake* (voorheen ook *onverrichter zaken*).//De meeste schepen der Engelschen (zijn al weder t’huis gekoomen . . . onverrichter saken, HOOFT, Br. 1, 257. De Tartaren boden sulken wederstandt, dat sy („de *Moscoviters*”) onverrichter saken moesten aftrekken, STRUYS, Reys. 181. Bij Voncke ook waren reeds kooplieden gekomen, maar onverrichter zake heen moeten gaan: zijne eischen waren te hoog, LOVELING, *D.E.* 102. – Eene enkele maal vindt men *met onverrichter zaken*.//Hier over is den Raet weder met onverrichter saken gescheyden, *Begin e.Voortg.* 20, 89b. (*M m m l a*).”

Waar daar nie dergelike isolasievorme is nie, is daar geen verandering van woordsoort by die voorvoeging van *on-* nie.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Hiervoor kom alleen groepe A 2. (a) en (b) in aanmerking.

(a) Afleidinge op *on-* wat b.nwe. is:

*On-* is hier die teken van die negatief (kyk Opm. oor *guur* en *onguur* by Schönfeld<sup>73</sup>) wat vir die b.nw. min of meer „nie” beteken. Daar is alte dikwels allerlei grade van die negatiewe, van „nie”; presies wat, hang saam met die betekenis van die woordkorrelaat van die stam sonder *on-* en van die situasie waarin dit voorkom. ’n *Onmoontlike* taak is byvoorbeeld baie dikwels nie soseer ’n taak wat „nie moontlik” is nie, as wel ’n „baie moeilike” of „skaars moontlike” taak. *Onmenslik* beteken alte dikwels nie soseer „nie menslik nie” as wel „met ’n tekort aan (normale) menslikheid”. *Onopgevoed* is nie soseer „nie opgevoed nie”, as wel „sleg opgevoed” of „so dat die goeie opvoeding nie blyk nie”. Hierdie in-/onkonstante waarde van *on-* blyk weer eens wanneer ’n afleiding op *on-* en dieselfde woord sonder *on-* nie van dieselfde dinge gebruik word nie, bv. *ryp* en *onryp*. Ons praat nie eintlik van *ryp(e) studente* nie, wel van *onryp(e) studente* en ons bedoel dan „geestelik nie voldoende ryp (volwasse) nie”. (Kyk verder die lys.)

73. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 247.

'n *Persoonlike onderhoud* sou een wees wat deur die verslaggewer self gevoer is (met iemand), 'n *onpersoonlike onderhoud* een waarin die ondervraagde bloedmin van sy eie opvattinge, vooroordele, swakhede ens. laat blyk het. (Vgl. verder *onguur* hierbo.)

Ten opsigte van die wisselende van sy waardes is *on-* by b.nwe. dus baie soos *-lik* by *wwe*.

(b) Afleidinge op *on-* wat s.nwe. is :

In hierdie groep is *on-* ook 'n teken van die negatiewe, maar die waarde van die hele woord met *on-* is dikwels baie meer geïsoleer van die betekenis van die woordkorrelaat van die stam wat die geval is met b.nwe. op *on-*. Ons kan sê *onberou* is ± „afwesigheid van berou”, en *ondanks* is ± „afwesigheid van dank”, maar *ondank* is tog meer „afwesigheid van dankbetoning of betuiging, nie-betuiging van dank”. 'n *Ondeug* is nie soseer „nie of onvoldoende of afwesigheid van deug” nie, as wel „'n kenmerk wat geen deug (verdienste) is nie”. Byna soos *ondeug* is miskien ook *ondiens*, *ongeloof*, *onguns* e.a., maar beslis verder geïsoleer is o.a. *onskuld*, *ondier*, (± „roofdier of onmenslike mens”), *onding*, *onkoste* (dikwels ± „koste”), *onlus(te)* (± buite verband met „lus” > „opstand(igheid)”), *onweer* (1. „dreigende en gevaarlike ens. reëntoestand”, 2. „belowende en gewenste, welkome reëntoestand”) ens.

## 2. Begripsoortelike sisteem

Die klein getal s.nwe. gee en regverdig geen gevolgtrekking nie.

*On-* skyn baie sterk aangetrokke te wees tot b.nwe. (byvoeglik gebruikte deelwoorde inbegrepe), wat gebeure of gebeurlikhede benoem. (Vergelyk Opm. by A 2. (1) hiervan, asook *-lik* B 1. (a), § 122. Vergelyk verder ook Schönfeld se opmerking t.o.v. Nederlands: „*On-* staat vaak vóór deelwoorden met actiewe kracht, b.v. mnl. *onverdiert*, *ongedaen*, *ongespaert*.”<sup>74</sup>)

Maar dit omvat ook heelwat waardebepalinge soos (*on*)*belangrik*, *onbedagsaam*, *onbillik*, *onessensieel* ens.

## C. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Hiervoor is 'n veel groter lys gebruik as vir die voorafgaande paragrawe. Vir daardie paragrawe gee die groter lys wel niks by nie, maar vir hierdie paragraaf móét die lys natuurlik so volledig moontlik wees. Hieruit blyk die volgende :

1. Die WNT gee ± 3,000 woorde met *on-*.

74. Van Loey, A. : *Op. cit.*, 247.

2. Van die  $\pm 3,000$  is  $\pm 1,900$  ook Afrikaans. (Ons eerste lys van  $\pm 600$  kom almal in dié groep.) Sowat 37% van die Nederlandses is dus nie na Suid-Afrika oorgedra nie.

**Opm.:** Alle isolasiegevalle van Afrikaans is ook Nederlands. In verband met sulke Nederlandse woorde sê Schönfeld onder meer:

„Meermalen zijn adjectieven rechtstreeks met *on-* door middel van een suffix van een verbum afgeleid; b.v. *onverschillig*, *onuitstaanbaar*, *onmetelijk*, *onhebbelijk*; ook in sommige andere gevallen ontbreekt de vorm zonder *on-*, b.v. *onachtzaam*, *onbehouden*, (oorspronkelijk een part.praet.), *ondeugend* (eig. een part.praes.; vla. ook *deugend*), *ongerijmd*, *onnozel*, *onstuimig*, *onguur* (= mnl. *ongehure*, *ongehiere*).”<sup>75</sup>

3. Onder die 1,900 wat hier bo genoem is, is daar 72 wat skrywer hiervan nie in Nederlands kon vind nie, naamlik die volgende:

<i>onaangeteken</i>	<i>ondogmaties</i>	<i>ongesorteerde</i>	<i>onpassabel</i>
<i>onaglik</i>	<i>onegaal(ig)</i>	<i>ongesaal</i>	<i>onperfek</i>
<i>onalfabeties</i>	<i>onekstemeerlik</i>	<i>ongestampde</i>	<i>onplesier</i>
<i>onalfabetisme</i>	<i>onentlik</i>	<i>ongestoomde</i>	<i>onsondaags</i>
<i>onalledaags</i>	<i>onerflik</i>	<i>ongesublimeerd</i>	<i>onstabiel</i>
<i>onargwanend</i>	<i>onerns</i>	<i>ongewisenteerd</i>	<i>onstrydelik</i>
<i>onbearbeid</i>	<i>onewetonig</i>	<i>ongevonnis</i>	<i>onuitgepak</i>
<i>onbedrywig</i>	<i>ongedateerd</i>	<i>onherlees</i>	<i>onuitgereik</i>
<i>onbefoeterd</i>	<i>ongedop</i>	<i>onidealiseerbaar</i>	<i>onuitgespeel</i>
<i>onbeklant</i>	<i>ongefikseer</i>	<i>onhoogkunstig</i>	<i>onuitgevoer</i>
<i>onbekoel</i>	<i>ongegun</i>	<i>oninvloedryk</i>	<i>onvakkundig</i>
<i>onbelede</i>	<i>ongeketen</i>	<i>onkapabel</i>	<i>onvergas</i>
<i>onbeplande</i>	<i>ongemoduleer</i>	<i>onkonfessioneel</i>	<i>onverhuur</i>
<i>onbesluit</i>	<i>ongemolesteer</i>	<i>onkunstenaar</i>	<i>onverloof</i>
<i>onbestuur</i>	<i>ongeopponeer</i>	<i>onliberaal</i>	<i>onvindingryk</i>
<i>onbetalend</i>	<i>ongesalarieerd</i>	<i>onliterêr</i>	<i>onvleiend</i>
<i>onblosend</i>	<i>ongesoet</i>	<i>onontginbaar</i>	<i>onvlekkelik</i>
<i>onbreidelbaar</i>	<i>ongesool</i>	<i>onontleed</i>	<i>onwerdig</i>

Ons moet versigtig wees met gevolgtrekkinge wat daarop gebaseer is dat seker afleidinge wel of nie in Nederlands gevind is (of kon word) nie. Dit is wel waarskynlik dat ons met 'n veelvoorkomende formans woorde sou vorm wat nie Nederlands is nie, net soos Nederlands baie het wat nie Afrikaans is nie, soos *onaangezocht*, *onabel*, *onafoogbaar*, *onbandig* ens. Honderde hiervan het waarskynlik nie hier verlore gegaan nie, maar is nooit hierheen oorgedra nie. Aan die ander kant weet ons dat die WNT nie

75. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 247.



alles aangee nie, sodat heelwat van wat nou as eiegoed aangeteken word, miskien tog erfgoed is. Nietemin is dit ook so dat ons baie self kon gevorm het al is dit ook Nederlands, net soos ons moontlik steeds weer dieselfdes kan her-vorm. Praat ons byvoorbeeld van 'n *onbereikbare ideaal*, kan ons dié *onbereikbaar* self gevorm het of op staande voet weer vorm. Dit is trouens waarskynlik net wanneer die betekenis van 'n afgeleide woord nie (meer) omskrywe kan word regstreeks in terme van of met gebruikmaking van die woordkorrelaat van die stam nie, dat ons nie telkens dieselfde afleiding kan her-vorm nie. So kan ons *lafaard* nie her-vorm van *laf* + *-aard* nie, want dan sou dit beteken „iemand wat laf is” en dit beteken *lafaard* nie. *Opdrifsel* kan ons nie her-vorm nie, want ons het geen woord *opdrif*\* nie ens.

Daar kan dus meer of minder woorde eiegoed wees as wat bewysbaar is. Tog lyk dit redelik duidelik dat ons wel eiegoed het, bv. *onbekapste* „on-beskofste”, *ongeproe*, *onstreeklik/onstryklik* „wispelturig” (Namakwaland), *onwaaglik* „gewaag”, *onkoppies* „onpaarkoppies”, *onlidmaatman* (J. v. Bruggen: *Ampie II: Die meisiekind*, 34).

Van die volledige groep hiervan val die volgende op te merk:

- (a) Sowat 30 is deelwoorde wat as b.nw./bw. gebruik word, bv. *onaange-teken*, *onbeplan(de)* ens.
- (b) Daar is 4 nuwe s.nwe. by: *onerns*, *onkunstenaar*, *onlidmaatman*, *on-plezier*.
- (c) Daar is 'n hele groepie woorde met *in-* (en sonder aanvangselement *on-* in Nederlands), almal van Romaanse herkoms, waarby in Afrikaans ook *on-* i.p.v. *in-* verskyn, bv. *in/onessensieel*, *in/onakkuraat*, *in/onaktief*, *in/oneksak*, *in/onkapabel*, *in/onpopulêr*, *in/onproduktief*, *in/onstabiel* ens.

*On-* was/is dus beslis produktief in Afrikaans. Hy was dit 1) by woorde met 'n oorspronklike (negatiewe) *in-* soos hier voor in groep (c) gegee, en 2) by ander woorde (lys hierbo onder (a) en (b)). Die s.nwe. in die produktiewe lys doen stroef aan, maar die deelwoord: b.nw./bw. tref ons as volkome normaal. Dié gedeelte is dus 'n vrye of ope konstruksie, d.w.s. een waarvolgens ons ongeveer vryelik kan vorm soveel ons nodig vind.

Met die oog op die indringing van *on-* by Romaanse woorde met *in-*, kan dit sy nut hê om die feite in verband met *in-* ook hier aan te gee.

Ons vind die volgende:

1. party het net die geassimileerde vorme, nl. (a) *il-*, soos in *illegal*, *illegitiem* en *illiberaal*, (b) *im-*, soos in *immaterieel*, *immobiel*, *immoreel*, *impertinent*, *impiëteit*, *impotent* ens., (c) *ir-*, soos in *irrasioneel*, *irrelevant*, *irresoluut* ens.;

2. party het net die vorm *in-*, bv. *inakkuraat*, *inaktief*, *inkapabel*, *inkapasiteit*, *inkompetent*, *inkompleet*, *inkongruent*, *inkonsekwent*, *inkonstitusioneel* ens.,

3. by 'n klein groepie bestaan daar ook vorme op *on-* naas dié op *il-*, *im-*, *ir-*, *in-*, bv. *onliberaal*, *onproduktief*, *onrasionaal*, *ondelikaat*, *onformeel*, *onstabiel* ens.

Alles bymekaar beloop dit maar sowat 'n 50 woorde, wat baie klein is in vergelyking met dié op *on-*.

Die vorme op *il-*, *im-*, *in-* ens. is almal Romaanse woorde, bv. *illegaal* en *illiberaal*, *immaterieel*, *immobiel* en *improduktief*, *irrasioneel*, *irrelevant*, *irresoluut* ens., *inkorrek*, *indelikaat*, *independent*, *indifferent*, *indirek*, *indiskreet* ens., en die meeste hiervan is goed gevestig in Afrikaans.

In 'n klein groepie, naamlik 18, is daar mededinging van *on-*, bv.

<i>il/onliberaal</i>	<i>on/irrasioneel</i>	<i>in/onakkuraat</i>
<i>im/onmaterieel</i>	<i>im/onpopulêr</i>	<i>in/onkonstitusioneel</i> ens.

Vergelyk ons nou ons feite met Nederlands vind ons die volgende :

1) Al ons voorbeelde op *il-*, *im-*, *in-*, *ir-* is ook Nederlands, bv. *illegaal* en *illegitiem*; *immoreel* en *impotent*; *irrationeel*, *irrelevant* en *irresoluut*; *incapabel*, *inconsequent*, *informeel*, *intransitief* ens., wat beteken dat dié vorme nie in Afrikaans produktief was nie.

2) In Nederlands is daar baie meer hiervan as in Afrikaans, bv. *inaccessibel*, *inaliënabel*, *inalterabel*, *incommensurabel*, *incompatibel*, *incontestabel*, *inconveniënt*, *incurabel*, *indecisie* ens.

3) Dié woorde is in Nederlands almal leenwoorde uit Frans.

4) Ook in Nederlands is daar al 'n mate van mededinging tussen *on-* en *in-*, in bv. *in/onsolide*, *in/onstabiel*. Dit het trouens baie vroeg reeds in Nederlands voorgekom: Florian het al *onstabel* (Latyn *instabilis*. Afrikaans *onstabiel* is moontlik of waarskynlik 'n eievorming.).

Nou lê dit voor die hand dat *in-* in Nederlands 'n veiliger bestaan het omdat soveel Nederlanders ook Frans ken, en in Afrikaans onveiliger omdat ons mense (a) oor die algemeen geen Frans ken nie – en al hoe minder Nederlands –, (b) uit vrees vir Engels moontlik wegding van die (ook Engelse) *in-*vorme (bv. *incapable*, *inconsistent*, *incompatible* ens.) al sou hulle daardeur met *on-* vanself nader kom aan die Engelse *un-* in bv. *unselfish*, *unstable*, *uncompromising* ens.

Uit die hele situasie hoef die verdringing van *in-* deur *on-* ons dus nie te verbaas nie. 'n Vorm soos *onessensieel* word dan nie alleen baie begryplik nie, maar dit word selfs denkbaar tot waarskynlik dat bv. *ondiskreet\**, *onformeel\**, *onkonsekwent\**, *onsolvent\** e.d.m. in die toekoms sal gaan volg. Seker sal hulle aanvanklik „futuristies” aandoen en moet hulle aan die begin dan ook liever vermy word in standaardtaalstukke, maar keer sal ons hulle waarskynlik tog nie kan nie,

## § 132 ont-

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, sien § 73 by skema vir afgeleide werkwoorde, onder groepe 2., 6. en 8.)

Hoewel woorde op *ont-* nogal 'n hoë gebruiksfrekwensie in Afrikaans het, is die getal dergelike woorde tog beperk: hier word gewerk met 'n lys van 142.

### A. Woordsoortelike Sisteem

1. Woorde wat gevorm is van *ont-* + stam met woordkorrelaat, is byna almal wwe., bv. *ontaard, ontanker, ontbas, ontblaar, ontbeer, ontbied, ontbyt, ontbind, ontbloom, onteien, ontgroen, ontheilig*.

**Opm.** 1. Enkeles is uitsluitend of byna uitsluitend b.nwe., bv. *ontdaan, onthuts, ontredder, ontsiel(de), ontstoke*, maar hulle is eintlik deelwoorde wat b.nwe. geword het (die uitgangspunt tot hulle vorming was dus wwe.).

2. (a) Daar is baie s.nwe. met *-ont-*, bv. *ontaarding, ontboeseming, ontbering, ontbinding* ens., maar hulle is almal sekondêre afleidinge van die wwe. *ontaard, ontboesem, ontbeer* ens. en is daarom nie in die lys opgeneem nie.

(b) Dit geld ook vorme soos *ontsteltenis, ontstentenis, ontsag* e.d.m. (< *ontstel, ontstaan, ontsien*).

(c) Uit die vorige word dit waarskynlik dat *ontwil* nie in of by die woordsoortelike skema pas of aanpas nie. Dit kom van (byvoorbeeld) *mijnen wil/zijnen wil* < *mijnentwil/zijnentwil* < *myentswil/syentswil* < *my/sy ontwil*. Dit is dus geen afleiding op *ont-* nie.

### 2. Afleidinge op *ont-* het

(a) hoofsaaklik ww.-korrelate vir die stamme (81 van 142, = 57%), bv. *ontbreek, ontdek, ontdoen, ontdooi, ontduik, ontfutsel, ontgaan, ontglip, ontgoël, ontgroeï, onthaal* ens.

**Opm.:** Afgesien van stamwwe. wat in Afrikaans nie of nie sonder meer bekend is nie, soos *ontbeer, ontgin, onthuts, ontketen, ontmoet* (nie van die hulpww. *moet* gevorm nie) ens., is daar verskeie wat vir Afrikaans, sinchronies beskou, ewe goed of soms selfs beter, uit s.nwe. kon gevorm gewees het, bv. *ontknoop, ontlas, ontluik, ontwortel* ens. Tog is hulle in Nederlands van wwe. gevorm.

(b) Stamme met s.nw.-korrelate (38 uit 142, = 26%), bv. *ontbos, onteer, onterf, onthaar, onthoof, ontkiem, ontkieser, ontkleur, ontcool, ont-kroon, ontkurk* ens.

**Opm.** 1. *Ontleed* bevat die vokaal van die (Nederlandse) meervoud van *lid*: *leden*; so ook *ontskeep* < *schip*: *schepen*.

2. In *ontrief* en *ontwrig* het die *ge-* van *gerief* en *gewrig* in Nederlands reeds verdwyn.

3. *Ontgeld* sou, wat Afrikaans betref, van die s.nw. *geld* gevorm kon gewees het, maar is in Nederlands gevorm van die ww. *gelden*.

4. *Ontsmet* lyk na 'n Afrikaanse vorming van *smet*, maar is 'n Nederlandse leenvertaling van Frans *déchiffrer* en *ontstam* van Duits *entstammen*.

5. *Onteien* is in Nederlands gevorm van die s.nw. en/of die b.nw. *eigen*.

6. *Oponthoud* het in Nederlands „waarschijnlijk in gebruik gekomen in navolging van hd. *aufenthalt*” (WNT XI, 1065).

(c) Enkele stamme met b.nw.-korrelate (9 uit 142, = 6%), bv. *ontbloot*, *ontgroen*, *ontheilig*, *ontruim*, *ontvreemd* ens.

**Opm.** 1. *Ontskuldig* is in Nederlands reeds verdring deur *verontskuldig*, net soos *ontrus* deur *verontrus*.

2. *Ontmoedig* is 'n Nederlandse afleiding van *ont-* + *moed* + *-ig*.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

**Opm.** 1. By *ont-* + wwe. is daar 'n hoë mate van betekenisisolasië (25% van *ont-* + ww.), bv. *ontbeer*, *ontbyt*, *ontbreek*, *ontgeld*, *onthuts*, *ontloën* ens.

2. Selfs wanneer die betekenis van die *ont-* nog op 'n manier uitgelik kan word of wanneer die betekenis van die hele woord nog op 'n manier gestel kan word met behulp van die woordkorrelaat van die stam, moet dikwels allerlei bygedink en bybedink word om 'n soort verband te sien. Voorbeelde :

(a) *Ont-* in bv. *ontbied* en *onthaal* kan met welwillendheid verstaan word as ongeveer „nader”, maar gee dit nog onvolkome.

(b) *Ont-* in *ontplof* kan verstaan word as „uitmekaar”, maar „uitmekaar plof” sou nouliks Afrikaans wees.

(c) *Ont-* in *ontroer* kan gestel word as ongeveer „innerlik, die gemoed” ens., maar is tog nie volkome daar nie.

(d) *Ont-* in *ontsier* en *ontwy* kan omskrywe word as „die teenoorge-stelde doen van wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, maar dit deug nie heeltemal nie.

(e) *Ontstem* en *ontstig* kan by groep (d) gevoeg word of gestel word as „innerlik verkeerd stem/stig”, maar ook dit rek die verband.

(f) *Ont-* in bv. *ontdek*, *onthul*, *ontlaai*, *ontluik*, *ontvou* kan min of meer gelykgestel word aan „oop, buitentoe, (in die) openbaar” ens., maar ook nie sonder „maar” nie.

Wie die betekenisverband in sulke gevalle wil weet of verstaan, moet diachronies werk. Dit wil nie sê dat *ont-* in sulke gevalle betekenisloos is nie; intendeel, dit is meesal wél betekenisonderskeidend, bv. in *sien* teenoor *ontsien*, *slaap* teenoor *ontslaap*, *snap* teenoor *ontsnap*, *stel*

teenoor *ontstel*, *vang* teenoor *ontvang*, *werp* teenoor *ontwerp*. Dit wil net sê dat ons die betekenis van dergelike vorme op *ont-* nie of nie duidelik kan sien as verbandhoudend met die betekenis van die grondwoorde nie.

Word dergelike gevalle ook tot dié met betekenisisolasië gereken, beteken dit dat ongeveer 40% van alle stamme met *ww.-korrelate* + *ont-* buite die semantiese sisteem van Afrikaans val.

Van gevalle wat nie onder die voorgaande Opm. 1. en 2. genoem word nie, kan gesê word:

(a) *Ont-* + stamme met *ww.-korrelate* gee te kenne:

1) veral „los, vry, weg plus wat die betrokke woordkorrelaat van die stam benoem”, bv. *ontbind*, *ontdoen* (*doen* „maak”), *ontduik*, *ontfutsel*, *ontgroeï*, *ontknoop*, *ontkom*, *ontkoppel*, *ontruk*, *ontskeur* ens. (67+ % van *ont-* + *ww.* met nie-geïsoleerde betekenis);

2) „begin doen of gebeur wat deur die woordkorrelaat van die stam benoem word” (16+ %), bv. *ontbrand*, *ontdooi*, *ontspruit*, *ontvlam*, *ontvonk* ens.;

3) „van, uit, oop ens. doen of gebeur soos deur die woordkorrelaat van die stam benoem” (16+ %, maar nie ’n baie duidelike groep nie), bv. *ontleen*, *ontlok*, *ontpak*, *ontpers*, *ontplooi* ens.

Produktiwiteit, indien dit voorkom, sou dus alleen ten opsigte van groepe 1) en 2) verwag moes word.

(b) *Ont-* + stamme met *s.nw.-korrelate* gee hoofsaaklik ’n verwydering, losmaking of vrywording te kenne ten opsigte van wat deur die woordkorrelaat van die stam benoem word, bv. *ontanker*, *ontbas*, *ontblaar*, *ontbos*, *onthaar*, *onthoof*, *ontkleur*, *ontkool*, *ontkors*, *ontkroon*, *ontkurk*, *ontluis*, *ontmantel*, *ontmasker*, *onttroon*, *ontvolk*, *ontwapen* ens. (95% van alle *s.nw.* + *ont-*).

**Opm.:** In ’n paar gevalle is dié semantiese waarde nie onmiddellik deursigtig nie, bv. *ontaard*, *ontleed*, *ontwrig* (maar vergelyk Opm. 2 onder A 2. (b) vlg.), maar dis wel duidelik dat daar ’n verband is.

(c) *Ont-* + stamme met *b.nw.-korrelate* gee te kenne

1) „stel, maak, word . . . soos deur die woordkorrelaat genoem word”, bv. *ontbloot*, *ontruim*, *ontvreemd*, *ontnugter*, en

2) „’n aantasting of verwydering van wat deur die *b.nw.-korrelaat* genoem word”, bv. *onteien*, *ontgroen*, *ontheilig*.

## 2. Begripsoortelike Sisteem

(a) Onder die werkwoorde val op

1) woorde vir (veral) liggaamsaktiwiteite, bv. *ontdek*, *ontdoen*, *ontduik*, *ontgaan*, *ontklee*, *ontlaai*, *ontroof*, *ontruk*, *ontskeur* ens., en

2) woorde vir geestesaktiwiteite, bv. *onthou, ontken, ontloën, ontstel, ontstem, ontstig, ontstry, ontveins, ontvly* ens., maar sowat die helfte is nie groepeerbaar nie.

(b) Onder die s.nwe. val op woorde vir

1) natuurprodukte, bv. *ontbas, ontblaar, ontbos, ontkiem, ontkurk, ontpit, ontwater*, en

2) liggaamsdele en aandoeninge en bekleedsels daarvan, bv. *ontboesem, onthaar, onthoof, ontluis, ontman, ontmantel, ontmasker, ontrefel, ontsenu* ens. Hierby sluit ons jongste offisiële maaksel, nl. *ontkieser*, die nouste aan.

**Opm.:** Die b.nwe. is te min vir 'n groepering.

### C. Diachronie en Produktiwiteit

Die meeste afleidinge op *ont-* is uit Nederlands behou (134 uit 142, = 94%), bv. *ontbeer, ontbied, ontbyt, ontbind, ontbrand, ontbreek, ontaard, ontanker, ontbas, ontblaar, ontboesem, ontbos, ontbloot, onteien, ontgroen, ontheilig*.

*Ont-* was weinig produktief in Afrikaans. 'n Mens sou nog nuwe vorminge van werkwoorde kon verwag het met *ont-* in die betekenis „los, vry, weg”, omdat die betekenisverband tussen woordkorrelaat en afleiding daarby nog regstreeks en deursigtig is, maar dit is nie gevind nie. Miskien omdat daar by die werkwoorde as groep te veel betekenisisolasië voorkom?

Die enigste nuwes is gevind by *ont-* + stam met s.nw.-korrelaat: ww., nl. *ontglas, ontkalk, ontkieser, ontcool, ontcors, ontpit, ontsout*.

**Opm.:** Nederlands het ook 'n ww. *ontkolen*, maar met 'n ander betekenis as Afrikaans. Die Afrikaans lyk na 'n vertaling van Engels *decarbonise*.

Indien dit so is, het ons dus met Engels gehandel soos Nederlands met Frans in bv. *déchiffrer* „ontsyfer”, *désinfecter* „ontsmet” e.d.m.

Meer nuwe ww.-afleidinge van s.nwe. met *ont-* kan dus verwag word.

## §133 -s

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groepe 2., 3., 7. en 9.)

Hoewel die agtervoegsel *-s*, nie so opvallend is in Afrikaans soos byvoorbeeld *-ery* of *-erig* e.a. nie, het ons tog oor die 400 woorde daarmee.

### A. Woordsoortelike Sisteem

1. Hulle woordsoortelike funksie is baie eenvoudig: hulle is naamlik meesal

(a) byvoeglike naamwoorde, bv. *Amsterdams, Babels, Boesmans, Bolland, Bybels* ens., of

- (b) bywoorde, bv. *aanstons, aljimmers, bedags, eersdaags, enigins, goedskiks, goedsmoeds* ens., en soms  
 (c) voorsetsels, bv. *kragtens, langs, namens, tydens, volgens* ens.

2. Die woordsoorte waarvan en die wyse waarop hulle gevorm is, vorm egter nie so 'n eenvoudige sisteem nie. Die grootste gedeelte van ons woorde op *-s* is naamlik òf in Nederlands gevorm, op 'n verskeidenheid van maniere, òf hulle is min of meer Westers-internasionale gemeengoed soos bv. (a) *Deens, Fins, Grieks, Hollands, Nederlands* ens. en (b) *agronomies, allotropies, anatomies, anemies, antropologies, apaties, argeologies, asimmetries, astroologies* ens.

Dié wat wel as afleidinge gerealiseer word of kan word, kan as volg aangedui word:

- (a) *Streek-, taal-, rasname*, bv. *Amsterdam, Boesmans, Bolands, Bulgaars, Deens, Fins, Grieks, Groenlands, Hollands* ens., almal afleidinge van s.nwe.

**Opn.:** Baie van dié vorme kan, streng genome, nie as afleidinge beskou word nie, omdat die stamwoord by afleiding gewysig word – wat normaalweg nie gebeur nie, bv. *Albanië – Albanies, Beiere – Beiers, Kanada – Kanadees, Vlaandere – Vlaams/Vlaming* e.d.m. (Vergelyk ook die paragraaf oor woorde op *-eer*, en dié oor woorde op *-a* en dié oor woorde op *-ie*.) Om al dergelike vorme te verklaar, sou 'n lang en ingewikkelde verhaal word. So is daar byvoorbeeld al baie geskrywe oor wat die *vlaam* van *Vlaams* sou wees, bv. of dit saamhang met 'n ou ww. *vlaemen*: „zich een schijn van voornaamheid willen geven”,<sup>76</sup> of met angelsaksies *flêam* „vlug” en *fliama* „balling”,<sup>77</sup> of met flauma „stroom”.<sup>78</sup> Wat hiervan ook al sy, die verband tussen s.nw. en b.nw. (ook tussen *Vlaandere, Vlaming* en *Vlaams*) word meesal (nog) gerealiseer, al ken ons geen *Vlaam\** meer nie.

Die vormverskille tussen s.nw. en b.nw. is meesal oud, bv. *Madrid* naas *Madrileens*, maar gaan ons vir Afrikaans nie veel aan nie.

In aansluiting by geërfde vorme soos *Arkadies* (< *Arkadië*), *Assiries* (< *Assirië*), *Australies* (< *Australië*), *Indies* (< *Indië*), e.d.m. het Afrikaans toe ook vorme gekry soos *Rhodesies* < *Rhodesië* (sonder die *-ië*) ens.

- (b) Westers-internasionale akademiese woorde soos *astronomies, atrofies, bakteriologies, bibliografies, bigamies, chemies, chirurgies, chronologies, demagogies, dipsomanies* ens., almal b.nwe., wat van s.nwe. gevorm is.

76. Verwijs, E. en Verdam, J.: *Middelnederlandsch woordenboek*.

77. Vercoullie, J.: *Op. cit.*

78. De Vries, W.: *Etymologisch woordenboek*.

- (c) Gewone, alledaags-gangbare woorde soos *aards, barbaars, boers, hels, hemels, kerks, kettors, kinds, rebels, satans, satyns, wêrelds*.
- (d) Gewone, alledaagse, samegestelde woorde soos *binnelands, buitelands, hoëvelds, laevelds, ondervelds, vaderlands* ens.
- (e) Afleidinge met gewone woordgroepe naas hulle, bv. *derderangs* naas *derde rang, eersterangs* naas *eerste rang, grootskaals* naas (*op*) *groot skaal, grotendeels* naas (*'n*) *groot deel, naoorlogs* naas *na (die) oorlog, ondergronds* naas *onder (die) grond* e.d.m. Die meeste *-s*-vorme hier is samestellende afleidinge.
- (f) Daar is 'n klein groeie wat met *wwe.* verband hou, bv. *broeis, loops, speels, steels* ens.
- (g) 'n Klein groeie hou verband met *b.nwe.*, bv. *groots, (van) jongs/(van) kleins/(van) ouds af* ens.
- (h) Daar is verskeie bywoorde wat 'n *s* bykry en tog bywoorde bly, bv. *altemits, dalks, naderhands, nogals*.  
Daar is ook *s.nwe.* wat *s.nwe.* bly, bv. *plaks, puts, ('n) mondelings*.  
Hulle word elders verder bespreek.
- (i) Daar is ook gevalle van isolering, bv. *aanstons* (< *aanstonds* < Nederlands *aan* + *stond(e)* + *s*), *agterbaks* (< Nederlands *achter* + *bak* + *s*), *andersins* (< Nederlands *ander* + *sin* + *s*), *enigsins* (< Nederlands *enig* + *sin* + *s*) ens.

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Stamme met *s.nw.*-korrelate + *-s* > *b.nwe.* benoem

- (a) streek-, taal- of rasname, of eienskappe, kenmerke ens. wat aan dergelike groepe eie is, bv. *Hottentots, Iers, Indiaans, Italiaans, Joods, Kaaps, Latyns, Nederlands, Noors, Samaritaans* ens.;
- (b) „volgens, wat betrekking het op ens. . . wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv.
- |                      |                    |                     |                    |
|----------------------|--------------------|---------------------|--------------------|
| <i>ensiklopedies</i> | <i>etnografies</i> | <i>fisiologies</i>  | <i>genealogies</i> |
| <i>entomologies</i>  | <i>etnologies</i>  | <i>fotografies</i>  | ens.,              |
| <i>epidemies</i>     | <i>filologies</i>  | <i>frenologies</i>  |                    |
| <i>etimologies</i>   | <i>filosofies</i>  | <i>gastronomies</i> |                    |
- (c) „van, soos, volgens . . . wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *aards, barbaars, binnelands, boers, hels, hoëvelds, kerks, ondervelds, rebels, satyns, vaderlands* ens.

2. Stamme met *ww.*-korrelate + *-s* > *b.nwe.* vorm nie 'n sluitende semantiese sisteem nie. Die naaste is miskien iets soos „geneig, lus, reg . . . ens. om te doen wat die *ww.*-korrelaat van die stam noem”, maar dan dikwels in 'n besondere betekenis van die *ww.*-korrelaat. Vergelyk bv. *broeis, loops, speels, steels* ens.



3. Die meeste bywoorde op -s benoem tyd, plek, wyse, omstandigheid, modaliteit ens., bv. *allersyds, bedags, betyds, bloothoofs, blootsvoets, goedskiks, goedsmoeds, grootskaals, onverhoeds, onverwags, onvoorsiens* ens.

**Opm.:** Daar is geen betekenisverskil tussen bv. *altemit* en *altemits, dalk* en *dalks, nogal* en *nogals, plak* en *plaks* e.d.m. nie.

### C. Diachronie en vergelyking met Nederlands

-S is saam met die meeste afleidinge daarmee, uit Nederlands behou: sowat 80% van ons woorde bestaan ook in Nederlands, bv. *allegaags, allerliefs, andersins, blootsvoets, buitentyds, eertyds, grootskeeps, haaks, loops, luidkeels, onderduims, oorhoeks, vanouds* ens.

Die meeste streek-, taal- en rasname is ook Nederlands, hoewel nie almal afleidinge in die gewone sin van die woord nie, asook die wetenskapname. Dié dinge is egter ook min of meer internasionale of interkontinentale gemeengoed en sal waarskynlik soms vernederlandsinge of verafrikaansinge van andertalige vorming wees.

Maar die Afrikaans-Nederlandse vorme verg spesiale aandag omdat daar besondere dinge gebeur het. Schönfeld sê:

„In allerlei taalperiodes worden adverbia gevormd door de isolering van bepaalde naamvals vormen van adjectiva en ook wel van substantiva. Indien dan zo 'n casusuitgang in de levende taal als zodanig tenonder gaat, kan de uitgang productief worden ter vorming van bijwoorden.”<sup>79</sup>

Een groep „adverbiale vormingen, die op geïsoleerde casusuitgangen berusten”, is dié met 'n oorspronklike genitief -s, soos nog bewaar in Nederlands (en gedeeltelik in Afrikaans) *daags, snags, eens, anders*, en die bywoorde op -*liks* (*daaglik, grootlik, jaarlik, nouelik* ens.).

„Doordat deze genitief in zoveel adverbia voorkwam, werd die voor het taargevoel tot adverbiaal suffix; vandaar b.v. mnl. *nochtans* (naast *nochtan*), *te hants* (naast *te hant*); ndl. *ergens* (mnl. *erghen*), *elders* (mnl. *elder*), *somtijds* (mnl. *some tijt*), *dikwijls* (mnl. *dicke wile*; bij Vondel nog meer-malen *dickwijl*), *immers* (nu met differentiëring van betekenis naast *immer*); na voorzetselverbindingen, b.v. *achterbaks, aanstonds, bijkans* (mnl. *bican(t)s* uit *bicant*, nog dial. *bekant*) *na-(voor-)maals, terloops, tersluiks* (naast *tersluik*), *trouwens* (mnl. *(en)trouwen*); bij de bijwoorden op -*waarts* (mnl. -*waert*, maar ook al -*waerts*; vgl. reeds got. *andwair is*) en -*lings*; achter de verkleiningsuitgang; bij deelwoorden, b.v. *onverhoeds* (bij Vondel *onverhoedt*), *vergeefs* (vgl. hgd. *vergeben-s*); *vervolgens, willens en wetens* (alle reeds mnl.), *onverwachts, doorgaans*.”<sup>80</sup>

79. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 233 (5de druk).

80. *Ibid.*, 234.

Vir Nederlands moet ons, diachronies beskou, dus duidelik onderskei tussen die adverbiale *-s* in bv. *anders, betyds, buitentyds, luidkeels, omstreeks, onbesiens* ens., en die genitief *-s* in bv. *blootshoofs, blootsvoets, droogvoets, eensdeels, eersdaags, goedgeefs, goedskiks* ens.

Nou was 'n genitief *-s* in vroeë Nederlands algemeen, en ook vandag is dit nog 'n lewendige stuk buiging, wat die bewussyn van 'n genitief ook in vorme soos *blootshoofs, blootsvoets, droogvoets, eensdeels, eersdaags* ens. „lewendig” kon gehou het en dus deureenloping met die adverbiale *-s* kon teenhou. En tog het die twee in Nederlands reeds deureen begin loop.

Dan sou verwag kon word wat ook inderdaad gevind word, naamlik dat in Afrikaans, wat so 'n genitief eintlik nie ken nie, daar allerlei uitbreidings *-s*-vorme sal wees, nog meer as in Nederlands, moontlik verder gesteun deur die feit dat Afrikaans derhonderde b.nwe. op *-s* het.

Die *-s* het dus sy terrein in Afrikaans uitgebrei, byvoorbeeld in die volgende gevalle :

*andersyds* (waarskynlik na analogie van *enersyds*, wat ook Nederlands is), *bedags* (Nederlands *bij dag*, maar Afrikaans waarskynlik na analogie van *saans, snags, smôrens, smiddags* ens.),

*eietyds* (na analogie van *eertyds*?),

*grootskaals* (na analogie van *grootskeeps* e.d.m.?),

*inlands* (na analogie van *binnelands*, en miskien met Engelse invloed by *inland*?),

*onvoorsiens* (by *ongesiens, onverwags*?),

*oorhans* (< Nederlands *over (de) hand*, maar met die *-s* na (valse?) analogie van bv. *oorkruis, oordwars*?) ens.

**Opm.** 1. *Altemits* is waarskynlik 'n kontaminasie van *altemit* en *mits*.

2. *Dalks* hoef geen byvorm van *dalk* te wees nie, maar 'n verkorting van *dalkies*.

3. *Naens* lyk na 'n verkorting van *naderhands* in bv. *Jy sil maak 't iedere K'rana van hier af toet oener annerkant die Makarikapanne naens wielietjies oener sy hoe-sê-mens het* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die knyp*, 25).

4. *Plaks* (bw.) kom miskien van *ka(r)plaks!*, of is moontlik *vlak* > *plak* > *plaks* in bv. *Hulle wag nou dat ek uitkom, sien, en hulle moes ook plaks bokant my kop gewees het* (W. O. Kühne: *Kassie Krog in die knyp*, 25).

5. *Pleks* het waarskynlik sy *-s* in aansluiting by *plaas* (*plaas* van: *pleks* van).

Wat moeilik is om te sien, is waarom party woorde 'n oorbodige of ongemotiveerde *-s* bygekry het, bv. *bedags, eenders, oorhands, skuins* (resp. *bij dag, eender, over (de) hand, schuin*) – nòg die funksie, nòg die betekenis van dié vorme word immers daardeur geraak. Dit verskerp die in-

druk dat die meeste Afrikaanse adverbialia met 'n nie-Nederlandse -s nie gesien moet word as nuwe afleidinge nie, maar as byvorme by die -s-loses. Maar waarom daar so baie is?

**Opm.:** *Gesels* is nog steeds nie in Nederlands gevind of in Afrikaans verklaar nie. Die naaste daaraan is dat daar in Middel-Nederlands en West-Vlaams baie werkwoorde is wat met -s gevorm is.<sup>81</sup>

-S kan dus nouliks as produktief beskou word, behalwe in b.nwe. van wetenskapname, en van streek-, taal- en rasname.

### § 134 -saam

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard kyk § 73 by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 9.)

Afrikaans het min woorde wat met -saam gevorm is. (Nog nie 50 nie.) Hulle sisteem is taamlik eenvoudig: hulle is almal b.nwe. (bwe.) en het stamme met

(a) hoofsaaklik ww.-korrelate, bv. *arbeidsaam, agsaam, behoedsaam, behulpsaam, buigsaam, duldsaam, duursaam, eersaam, gehoorsaam, genoegsaam, groeisaam* ens. (56%);

(b) enkele s.nw.-korrelate, bv. *deug(d)saam, grusaam, handsaam, heilsaam, minsaam, spraaksaam* ens., en

(c) enkele b.nw.-korrelate: *bedagsaam, eensaam, gemeensaam, traagsaam*.

**Opm. 1.** *Bedagsaam* is in Nederlands gevorm van die b.nw., oorspronklik deelwoord, *bedacht*. Op dié manier het dit dus by die groot ww.-groep aangesluit.

2. *Eensaam* is in Nederlands gevorm van die b.nw. of die s.nw. (of vnw.?) *een*.

3. *Gehoorsaam* is in Nederlands gevorm van die ww. *gehooren*, en sy verbale funksie is sekondêr, d.w.s. afgelei van die b.nw.

4. *Moeisaam* is 'n vernederlandsing van Duits *mühsam*.

5. *Seldsaam* het in Nederlands met suffikssubstitusie ontstaan uit Middel-Nederlands *seltsiene*.<sup>82</sup>

6. *Traagsaam* is nie algemeen nie en is moontlik gevorm na analogie van *langsaam* – miskien spelenderwys?

7. *Verduursaam*, ww., is nie *verduur* + *-saam* nie, maar *ver-* + *duursaam* en dus 'n afleiding met *ver-*.

8. *Verontagsaam* is Nederlands *veronachtzamen*, 'n afleiding van *ver-* + *onachtzaam*.

81. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 243.

82. *Ibid.*, 197.

9. *Voetsaam* (*loop*), *padsaam* en *handsaam* is komposita met die *saam* van die streektaal *met die pad saam loop, met die voet saam loop, met die hand saam groet/slaan*.
10. *Vreetsaam* „besig om te eet” is ’n speelvorm naas *vreedsaam* (met dieselfde uitspraak). Daarnaas is al *eetsaam* gehoor – fatsoenlikheidshalwe?

-*Saam* gee te kenne „geneë tot, besig met, met die gewoonte om te, wat met gemak of steeds doen wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. in *arbeidsaam, behulpsaam, buigsaam, duldsaam, sorgsaam, volgsaam, waaksaam, werksaam* ens., dus veral *saam* met werkwoorde.

**Opm.:** Daar is origens weinig betekenisstelsel en heelwat betekenisisolasië, bv. in *deug(d)saam, eensaam, heilsaam, leersaam, opmerksaam, tydsaam, voedsaam* ens.

-*Saam* was en is blykbaar nie produktief in Afrikaans nie, tensy bv. *vreet-saam* en *eetsaam* so beskou word.

### § 135 -sel

(Vir indeling volgens semanties-funksionele aard, kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 7.)

Woorde wat op *-sel* uitgaan, verg versigtige hantering omdat daar verskeie is wat nie afleidinge op *-sel* is nie, bv. *aarsel, borsel, dissel, kansel, kriesel, messel, vysel* ens.

Dié wat werklik afleidinge is, is beperk in getal. Hier word gewerk met ’n lys van 133.

#### A. Woordsoortelike Sisteem

Hulle woordsoortelike sisteem is in soverre baie eenvoudig dat hulle almal s.nwe. is, bv. *agtervoegsel, aanbrandsel, aanhangsel, aanhegsel, aankapsel, aanpaksel, aanstiksel* ens.

Die bepaling van die woordsoort van die woordkorrelate naas die stam, lewer egter moeilikheid op. Bevat *aanhangsel* nou die stam met s.nw.-korrelaat *aanhang* „’n gevolg, ondersteunersgroep, afhanklike groep” of die stam met ww.-korrelaat *aanhang* plus *-sel*? Werk ons die lys verder deur, blyk dat daar heelwat meer sulke gevalle is, bv. *baksel, beginsel, belegselsel, geursel, kleursel, kweeksel* ens. Die moeilikheid bestaan trouens ook ten opsigte van ander gevalle: bevat *blousel* nou die stam met b.nw.-korrelaat of die s.nw.-korrelaat *blou* plus *-sel*? En bevat *droogsel* die stam met ww.-korrelaat of die stam met b.nw.-korrelaat *droog* plus *-sel*?

Aangesien Afrikaans ’n Nederlandse taalvorm is, waarin daar wel

woordeboeke bestaan wat die vormingswyse van woorde aangee, lê dit voor die hand dat ons Nederlands sal raadpleeg om 'n antwoord op ons vrae. Ons vergelyk dus ons volledige lys met Nederlands. Ons vind dan (a) dat lank nie al ons woorde op *-sel* ook Nederlands is nie, hoewel die grootste gedeelte dit tog is; (b) dat alle Nederlandse woorde op *-sel* van werkwoorde afgelei is! Dit beteken dat ons van Nederlands alleen werkwoorde plus *-sel* geërf het, sodat dié gedeelte van die lys van 133 wat ook Nederlands is, waarskynlik afleidinge is van werkwoorde plus *-sel*. Dit is al die woorde behalwe *droogsel*, *geursel* en *kweeksel*, dus *aanhangsel*, *baksel*, *beginsel*, *belegsel*, *blousel* en *kleursel* ens.

Hoe is *droogsel*, *geursel* en *kweeksel* dus gevorm? – Maar hoe is die grootste gedeelte van die woorde waarskynlik gevorm? Kan hulle almal stam met ww.-korrelaat + *-sel* wees? Ja, alle Nederlandse gevalle behalwe die twyfelgroep, kan inderdaad ook stam met ww.-korrelaat + *-sel* wees.

Die Nederlandse groep sluit onder meer die volgende in: *blousel*, *kleursel*, *rooisel*, *swartsel* en *witsel*, waarvan 'n mens sonder nadere ondersoek sou meen dat hulle van die b.nwe. *blauw*, *rooi* (*rood*), *wit*, *zwart* en van die s.nw. *kleur* afgelei is. Die Nederlandse bronne sê egter duidelik dat dit nie so is nie, dat ons hier afleidinge het van die werkwoorde *blauwen*, *rooien*, *witten*, *zwarten* en *kleuren*. Dan is ons eievorming waarskynlik ook almal stam met ww.-korrelaat + *-sel*. Die ander moontlikheid is dat ons in bv. *blousel*, *rooisel*, *witsel* en *swartsel* net die b.nwe. *blou*, *rooi* ens. gehoor het en na analogie daarvan byvoorbeeld *droogsel* gaan maak het, en dat ons in byvoorbeeld *kleursel* die *kleur*-gedeelte ook net as s.nw. gehoor en toe na analogie daarvan *geursel* gaan vorm het. So iets is moontlik, en dit is waarskynlik wat in die geval van *fabriksel* gebeur het. *Fabriksel* doen egter aan as 'n sonderlinge maaksel; waarskynlik omdat *fabriek* nie, soos *geur* en *kleur* e.a. wel, ook as werkwoord kan fungeer nie. Vir skrywer se taalgevoel sou bv. *fabriseersel* natuurliker gewees het: *fabriseer* is in eerste instansie werkwoord, maar dit kan ook as s.nw. fungeer, bv. in *Die fabriseer van hemde is 'n goed gevestigde nywerheid in Suid-Afrika*.

Daarmee is nou nie alle twyfelgevalle afgehandel nie, dus moet ons dit eers voltooi. Oorsigtelikheidshalwe sit ons die hele groep bymekaar: *Blousel*: Nederlands *blauwsel*, van die werkwoord *blauwen*. So min of meer ook *rooisel*, *witsel* en *swartsel*.

*Lipsel*: Nie Nederlands nie. Kyk verder by B.2 hier onder.

*Opdrijsel*: Geen Nederlandse bron gee so 'n woord nie, ewe min *drijf(t)sel* of *aandrijf(t)sel* of iets dergeliks. Tog wys die *i* i.p.v. *ij* (*drijf* en nie *drijf* nie) beslis na Nederlands.

*Stysel*: Nederlands *stijfsel*.

*Titsel* (meesal *titseltjie*): Nie Nederlands nie. Moontlik van *tiksel* (vergeelyk 'n *tikkie sout|peper* ens.), miskien ook kontaminasie met Engels *touch* waarmee *tats* „aanslaan” (aanslaanspeletjie) te vergelyk is.

*Voorspooksel* (meestal in die meervoud gebruik: *Voorspooksele maak*): waarskynlik 'n kontaminasie van *spooksel* en *voerspook* (altwee Nederlands). Nederlands het nie 'n woord *voerspooksel* nie.

*Werpel*: Geen Nederlandse bron gee dit nie, slegs *worp*, sodat dit lyk op 'n Afrikaanse afleiding van *werp(en)*. Maar *werp* word nie eintlik in Afrikaans as werkwoord gebruik i.v.m. die geboorteproses van diere nie; in Nederlands wel. Dit is dan moontlik 'n ou eievorming.

Ons weet dus nou hoe afleidinge op *-sel* gevorm word/is. Dan kom ons tot ons volgende vraag, naamlik wat is die semantiese waarde van die *-sel* en/of van afleidinge op *-sel*?

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

(a) Woorde op *-sel* het baie dikwels 'n kwantitatiewe waarde, d.w.s. hulle gee dikwels te kenne dat daar 'n sekere hoeveelheid is wat „ge- – is/het of word”, bv. *aanbrandsel*, *aanpaksel*, *broeisel*, *kooksel*, *leksel* ens.

**Opm.:** Ons verstaan *droogsel* nie as 'n hoeveelheid wat *droog* (b.nw.) is nie, maar wat *gedroog* (ww.) is. Daarom sou ons dit beskou as stam met ww.-korrelaat plus *-sel*.

(b) Woorde op *-sel* het dikwels, maar beslis nie altyd nie, 'n pejoratiewe waarde. Nie-pejoratief is bv. *beginsel*, *bloeisel*, *setsel*, *stelsetel*, *uitspansetel*, *voorvoegsel* (preformans, taalkundig, en dan ook *agtervoegsel*, *voorsetel*) ens.

In verreweg die meeste gevalle lê die pejoratiewe waarde in die woordkorrelaat van die stam self, bv. *braaksel*, *brousel*, *namaaksel*, *opsmuksel*, *opraapsel*, *uitwerpsel*, *vomeersel*, *vreksel* ens.

**Opm.:** Persoonlik vermoed ek dat *vreksel* nie ww. plus *-sel* is nie – omdat ek naamlik nie *vreksel* se betekenis kan omskrywe in terme van *vrek* (ww.-korrelaat) nie – maar die s.nw.-korrelaat en skel(d)woord *vrek* gekontamineer met die s.nw. en skel(d)woord *skepsel*.

Alleen in 'n klein minimum van gevalle is daar ook 'n pejoratiewe waarde waar die woordkorrelaat van die stam nie of nie noodwendig of altyd ook 'n pejoratiewe waarde het nie, bv. *drilsetel*, *probeersel* (nie algemeen nie), miskien *groeisel*, *oorblyfsetel*, *uitlooptel* ens.

**Opm.:** Dan word *fabrieksel* ook van die kant van die gevoelswaarde gesien, 'n al hoe individueel geval.

### 2. Begripsoortelike Sisteem

Afleidinge op *-sel* is in verreweg die meeste gevalle name van dinge, konkreta, voorwerpe, nie van mense nie, bv. *bekleedsetel*, *deksel*, *handvatsetel*, *hingsel*, *kleefsetel*, *kousel*, *omboorsel*, *saagsel* ens. Wel is dit hoofsaaklik

woorde in verband met die mens en sy kos, klere, liggaam, plante, vloeistowwe, diere, instrumente ens.

**Opm.:** *Lipsel* staan nouliks in een van die betekenisgroepe. Dit beteken immers „iets wat aan die lippe gesmeer word”, hoewel die betekenis-analogie sou vereis het dat dit moes beteken het „’n lip of ’n stuk lip of iets van ’n lip wat in verband met iets anders aangewend word/is”. Dit maak dit des te waarskynliker dat *lipsel* die Engelse *lypsol* is.

*Uitspansel* is Nederlands en afgelei van *uitspanning*, maar *uitspannen* in watter sin van die woord? Dit lyk my ons moet die woord ongeveer as volg dink: „dit of iets wat bo ons hoofde (uit)-gespan is soos ’n groot kleed”. (Vergelyk hiervoor bv. Jesaja 40:22: *Hy span die hemele uit soos ’n dun doek en spreid dit uit soos ’n tent om in te woon*, en verskeie ander tekste in Jesaja.)

### C. Diachronie en vergelyking met Nederlands

Was/is *-sel* ook produktief in Afrikaans? Produktief in dié sin dat ons vryelik daarmee nuwe s.nwe. van werkwoorde kan aflei, is dit nie. Dinge soos bv. *opskryf sel*, *straatsel* (naas die ww. *straat*), *raaksel*, *tassel* e.d.m. klink my baie twyfelagtig. Tog was *-sel* nie onproduktief nie, want hoewel Boshoff<sup>83</sup> net ses noem wat hy nie in Nederlands gevind het nie, nl. *aankapsel*, *opdrifsel*, *sleepsel*, *snytsel*, *swysel*, *trapsel*, kan ek nog die volgende daaraan toevoeg: *aankapsel*, *aanstiksel*, *afsaksel*, *drifsel*, *droogsel*, *kleefsel*, *kousel*, *krapsel*, *leksel*, *looysel* ens., ’n totaal van 40 uit my lys van 135. Dit is nog afgesien van die moontlikheid dat ons sommige van dié wat wel in Nederlands bestaan, self kon gevorm het, bv. *groeisel*, *pluksel*, *uitloopsel*, *uitknipsel* ens. Trouens, as wat Schönfeld<sup>84</sup> van Nederlands sê, korrek was, naamlik dat woorde op *-sel* altyd pejoratief is, dan het ons in heelwat gevalle òf daardie pejoratiewe waarde kwytgeraak òf, so nie, dan het ons dié woorde glad nooit geërf nie maar hulle self gevorm. (Schönfeld het egter ongelyk, want afgesien nog van taalvakterme soos *voorsetsels* en *agter-* en *voorvoegsels*, is daar ander soos *versiersel* (Eksodus 33:4), en *voorbereid sel* wat volgens Van Dale nie pejoratief is nie.)

*-Sel* was dus produktief en is dit blykbaar nog enigszins, maar dan tog hoofsaaklik by werkwoorde. (Dan sal die meeste mense waarskynlik gelukkiger voel oor ’n nuwe vorming soos *fabriseersel* as oor ’n vorm soos *fabriksel*.)

83. Boshoff, S. P. E.: *Op. cit.*, 301.

84. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 240.

## § 136 -skap

(Vir semanties-funksionele indeling kyk §73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groepe 2., 3. en 9.).

Ons het nie baie woorde op *-skap* in Afrikaans nie. Hier word gewerk met 'n lysie van 139, bv.

*aalmoesenienskap aanvoerderskap admiraalskap advokaatskap  
aanverwantskap aartsdiakenskap adviseurskap afgesantskap* ens.

### A. Woordsoortelike Sisteem

1. Dié is taamlik eenvoudig: woorde op *-skap* is almal s.nwe., bv. *afkamelingskap, Afrikanerskap, agent-generaalskap, agentskap, ambagskap*, in die meeste gevalle (121 uit 139, = 87%) het hulle ook woordkorrelate wat s.nw. is, bv. *apostelskap, assistentskap, baasskap, ballingskap, bannelingskap, boodskap, broederskap, burgemeesterskap, burgerskap* ens.

2. 10 van die ander 18 gevalle (=  $\pm 7.2\%$  van die 139) het b.nwe. as woordkorrelate naas die stam, bv. *aangeboreskap, beterskap, blydskap, gemeenskap, gereedskap, gramskap, solventskep, swangerskap* ens.

3. Die res is

(a) *duisendskap* (histories WAT II, 385) en *honderdskep* (waarskynlik van die selfstandiggebruikte *duisend* en *honderd*, en nie van die telwoorde sonder meer nie);

(b) *nalatenskap*, wat van Duits kom, en

(c) enkele gevalle soos *rekenenskap, seggenskap, weddenskap* en *wetenskap* wat op werkwoorde en/of s.nwe. kan teruggaan.

In elk geval is dit duidelik dat die s.nw. die kern van ons sisteem hier is, met die b.nwe. as uitlopers.

### B. Semantiese Sisteem

#### 1. Semantiese Waardes

(a) Afleidinge op *-skap* met s.nw.- of b.nw.-korrelate naas die stam benoem 1) „die toestand of hoedanigheid van te wees wat of soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv.

*aanverwantskap amppgenootskap bely(d)erskap deelnemerskap  
afkamelingskap ballingskap blydskap digterskap  
Afrikanerskap bannelingskap bywonerskap distrikskap* ens.;



2) „die amp, rang, beroep, nering of bedryf wat deur die woordkorrelaat genoem word, of die bedrewenheid daarin”, bv.

*aanvoerderskap afgesantskap bevelhebberskap dirigentskap*  
*admiraalskap agent-generaalskap burgemeesterskap ens.;*  
*advokaatskap ampmanskap direkteurskap*

3) „groepverhoudinge en/of betrekkinge, die kollektiwiteit of gesamentlikheid van dit wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv. *gemeenskap kwaavriendskap wetenskap ens.;*  
*bloedverwantskap geselskap nabuurskap*  
*broederskap kliëntskap partyskap*  
*buurskap kompanjieskap verwantskap*

4) „die waardigheid van wat deur die woordkorrelaat genoem word”, bv.

*aalmoesenienskap kapteinskap landgraafskap onderkoningskap*  
*aartsdiakenskap kardinaalskap maarskalkskap presidentskap*  
*burggraafskap koningskap moderatorskap primaatskap*

5) „gesagsgebied van wat deur die woordkorrelaat genoem word”, bv. *agentskap, burggraafskap, gesantskap, graafskap en keiserskap.*

**Opm.:** In verskeie gevalle kan wel 'n verband met die bogenoemde groepe bedink of histories nagegaan word, maar die betekenis lê nie (meer) binne 'n duidelike sisteem nie, bv. *boodskap, heerskap* („meneer, man, kêrel” vergelyk bv. *Wie is dié vernaamheid/hoochheid* ens.), *manskap* („net een man, een lid van 'n bemanning of militêre groep”), *wetenskap* („die wete wat op wetenskaplike manier bekom word/is”).

## 2. Begripsoortelike Sisteem

Dié lê in hierdie geval baie na aan die semantiese. Die meeste woordkorrelate van die stamme is persoonsname (113 van die 139, = 81%), veral

(a) name van amptenare, beroepslui, beoefenaars van bedrywe, ens., bv.

*aanvoerder advokaat ampsgenoot bevelhebber*  
*aartsdiaken afgesant apostel burgemeester*  
*admiraal agent-generaal assistent burggraaf*  
*adviseur agent bestuurder ens.;*

(b) name van lede van sosiale of familie-groepe of van aanhangers van sulke groepe, of name van familie- of gemeenskapstatus, bv.

*aalmoesenieer balling bobaas Europeër*  
*afkomeling banneling broeder peet*  
*Afrikaner bely(d)er buur ens.*  
*baas bloedverwant bywoner*

Vyftien van die ander 26 (= 12% van die groototaal) is nie persoonsname nie,

(a) omdat die woordkorrelate b.nwe. is, bv. *aangebore, beter, bly, gram, solvent, swanger, aanverwant*;

(b) enkele woordkorrelate is s.nwe. wat saakname is, bv. *ambag, party, voogdy*, of telwoorde, bv. *duisend, honderd*, maar die meeste het tog regstreeks te maak met die mens en (veral) sy geestelike funksies, bv. *ambag, distrik, gemeen, party, reken, seg(gen), tienman, wed(den), wete(n)*.

**Opm.:** Hiervan lê *distrikskap* en *landskap* semanties die verste weg van die ander, en woordsoortelik die verste weg: *duisendskap* en *honderdskap*. Dit wêk die vermoede dat alles hier nie sy gewone gang gegaan het nie. *Distrikskap* word deur WAT II, 209 dan ook maar net uit een gebruiker aangehaal, naamlik in die betekenis „status as distrik”. *Landskap* is „niet een gewone afleiding, maar een navolging van graafschap” sê Vercoullie.<sup>85</sup> *Duisendskap* en *honderdskap* (deur WAT IV, 364 uit Pelzer aangehaal) lyk na valse analogievorminge, miskien by *honderdtal/-voud* e.d.m.

'n Paar ander wat ook buite die sisteem skyn te lê, kan ook etimologies verklaar word, bv.

*Boodskap*: die WNT III, 380 sê by *boodschap*: „Van *bode* . . . met *schap*” (*bode* in die betekenis van iemand wat 'n bevel of 'n tyding moet oorbbring).

*Gereedskap*: is in Nederlands gevorm van die b.nw. en *-schap*, aanvanklik as abstrakte s.nw., later konkreet soos tans in die sin van werkmiddele.

*Geselskap*: *gesel* is „saal- of huisgenoot”.

*Maagskap*: *maag* is „familielid, verwant” (s.nw.).

Die hoofstuk van die begripsoortelike sisteem van afleidinge op *-skap* is dus soos aangegee in B 2. (a) en (b) hier voor.

### C. Diachronie en vergelyking met Afrikaans

*-Skap* is saam met die meeste afleidinge daarmee behou uit Nederlands. 113 uit ons lys van 139 (= 81%) is ook Nederlands, bv.

<i>aalmoesenienskap</i>	<i>admiraalskap</i>	<i>ampgenootskap</i>	<i>baasskap</i>
<i>aanverwantskap</i>	<i>afgesantskap</i>	<i>ampmanskap</i>	<i>ballingskap</i>
<i>aanvoerderskap</i>	<i>afkomelingskap</i>	<i>apostelskap</i>	<i>bannelingskap</i>
<i>aartsdiakenskap</i>	<i>agentskap</i>	<i>assistentskap</i>	ens.

85. Vercoullie, J.: *Op cit.*

Net 26 (uit 139, = 19%) is nie in Nederlands gevind nie, bv.

*aangeboreskap*    *advokaatskap*    *agent-generaalskap* *bely(d)erskap*  
*adviseurskap*    *Afrikanerskap*    *ambagskap*    *bestuurderskap*

ens., sodat die Afrikaanse produktiwiteit nie groot was nie. Al kan ons nie van al 26 volkome seker wees nie, is bv. *Afrikanerskap*, *agent-generaalskap*, *bobaasskap*, *bywonerskap*, *grensveldkornetskap*, *kwaavriendskap*, tog seker ons eie, omdat die woordkorrelate van die stamme nie ook Nederlands is nie. Beskou ons àl 26 as ons eie, dan was ons produksie as volg:

1. met stamme met b.nw.-korrelate 2, nl. *aangeboreskap* en *solventskap*;

2. met stamme met s.nw.-korrelate 22, nl.

*adviseurskap*    *bestuurderskap*    *dirigentskap*    *sportmanskap*  
*advokaatskap*    *bobaasskap*    *eenlingskap*    *stamgenootskap*  
*Afrikanerskap*    *bywonerskap*    *Europeërskap*    ens.  
*agent-generaalskap*    *deelnemerskap*    *kwaavriendskap*  
*bely(d)erskap*    *direkteurskap*    *onderdaanskap*

Dus val almal binne die twee hoofmomente van ons woordsoortelike sisteem. Daar is dus net 2 wat nie binne dié sisteem lê nie, nl. *duisendskap* en *honderdskap*, waaroor reeds gekommentarieer is.

Die semantiese feite in verband met ons eie groep lê ook, op 'n moontlike 2 na, nl. *ambag-* en *distrikskap*, volkome binne die hoofmomente van ons semantiese en begripsoortelike sisteem soos reeds gegee, bv.

*adviseurskap*    *agent-generaalskap*    *bobaasskap*    *dirigentskap*  
*advokaatskap*    *bely(d)erskap*    *bywonerskap*    *eenlingskap*  
*Afrikanerskap*    *bestuurderskap*    *deelnemerskap*    *Europeërskap* ens.

In hierdie verband kan daarop gewys word dat daar tans in Afrikaans 'n hele konkurrensie bestaan tussen *-aat* en *-skap*, veral ten opsigte van (akademiese) rangname, bv. *lektoraat/lektorskap*, *professoraat/-skap*, *tektoraat/-skap*, *sekretariaat/sekretarisskap*. Die volkstaal skyn *-skap* te verkies.

### § 137 -ster

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 1.)

Hoewel vroulike persoonsname op *-ster* goed bekend is in Afrikaans, is daar nog baie min woorde wat algemeen in gebruik is: met *huishoudster*, *klaagster* (in die hoftaal), *tikster* en *voorsitster* is ons sowat uitgepraat. Tog word van tyd tot tyd verskeie ander gehoor en/of gelees, onder meer *boekhoudster*, *opvolgster*, *speelster*, *verkoopster*, *verleidster*, *voedster* en *vryster*. Maar of hulle ingeburger sal raak en of ander gevorm sal word en

voortbestaan, sal die tyd moet leer. Tans lewe hulle ruim so swaar soos vroulike vorme op *-e* soos *prinsipale* en *studente*.

### § 138 *-te*

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groepe 3. en 7.)

Woorde op *-te* kom taamlik baie in Afrikaans voor. Hier word gewerk met 'n lys van 126, bv. *aanklagte*, *armte*, *begeerte*, *belofte*, *bleekte*, *bloute*, *breedte*, *diepte*, *dikte*, *donkerte* ens.

#### A. Vormprobleme

Elke *-te* is nie *-te* nie, d.w.s. daar is woorde met *-te* in die Auslout wat geen postformans *-te* is nie, bv. *boete*, *gehalte*, *gestalte*, *gewete* ens.

**Opm.:** *Gewete* is die ou voltooid deelwoord van Nederlands *weten*.

Van sinchronies-Afrikaanse standpunt uit sou 'n mens gevalle soos (a) *aanklagte*, *klagte*, *uitgifte* ens., en (b) *gebeente*, *gebergte*, *gebladerte*, *geboefte*, *geboomte*, *gedeelte*, *gedermte*, *gedierte*, *gedoente* ens. almal beskou of kon beskou as afleidinge met *-te*, maar diachronies beskou, is hulle dit nie. Dit word onder hoofde van die diachronie verder bespreek, maar die feitebeskrywing hier geskied sinchronies.

#### B. Woordsoortelike Sisteem

1. Afleidinge op *-te* is almal s.nwe., bv. *gesternte*, *gestoelte*, *gevaarte*, *gevluelte*, *gevoelte*, *gevogelte*, *gewente*, *gewinste*, *gewoonte*, *goute*, *graagte*, *groeite*, *groente*, en

2. hulle het stamme met

(a) hoofsaaklik b.nw.-korrelate (76 uit 126, = 60%), bv. *holte*, *hoogte*, *kaalte*, *kalmte*, *klaarte*, *klamte*, *koelte*, *kromte*, *laagte*, *laatte*, *leegte* ens.;

(b) s.nw.-korrelate (22 uit 126, = 17%), bv. *geaardte*, *gebeente*, *gebergte*, *gebladerte*, *geboefte*, *geboomte*, *gedeelte*, *gedermte*, *gedierte* ens.;

(c) ww.-korrelate (15 uit 126, = 12%), bv. *begeerte*, *behoefte*, *beroerte*, *geboorte*, *groeite*, *jeukte*, *klagte* ens.

Die vormingswyse of herkoms van die ander is onseker, of hulle kan op meer as een manier verklaar word.

'n Paar is byvoorbeeld Afrikaans-Nederlandse gemeengoed wat reeds in Nederlands oorgeneem is uit Duits, nl. *aanstalte* (< *Anstalt*), *gehalte* (< *Gehalt*), *gestalte* (< *Gestalt*). 'n Paar is in Nederlands reeds afkomstig van Frans en/of Latyn, nl. *akte* (< Frans *acte*, Latyn *actus*), *anekdote*

(< Frans *anecdote*, Latyn *anecdotum*), *kollekte* (< Latyn *collecta*). *Gedoente* kan die ww.- en/of die s.nw.-korrelaat *doen, gedoe* ens. hê. *Gevleuelte* is wel 'n afleiding van die s.nw. *vleuel* (reeds Nederlands: *vleugel*), maar na die voorbeeld van die s.nw. *gevogelte* en die post-verbale *gevleu(g)eld*.

### C. Semantiese Sisteem

#### 1. Semantiese Waardes

(a) Afleidinge op *-te* met b.nw.-korrelate naas die stam gee te kenne „(die) toestand t.o.v. wat of dit wat is soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, bv.

<i>maerte</i>	<i>skraalte</i>	<i>sterkte</i>	<i>stilte</i>
<i>noute</i>	<i>siekte</i>	<i>skuinste</i>	<i>styfte</i>
<i>rondte</i>	<i>skaamte</i>	<i>skurfte</i>	<i>swaarte</i>
<i>ruigte</i>	<i>skaarste</i>	<i>slapte</i>	<i>swakte</i>
<i>ruimte</i>	<i>skerpte</i>	<i>smalte</i>	<i>swoelte</i>
		<i>steilte</i>	ens.

Die woorde in hierdie groep beteken dikwels ook

- 1) „'n bepaalde ding of geval”, in teenstelling tot
- 2) „'n/die onbepaalde of algemene toestand t.o.v. wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word” en waarvoor dikwels afleidinge op *-heid* gebruik word :

#### Bepaald

*noute* „nou pad, moeilikheid”

*rondte* „kring, omtrek”

*ruigte* „digte gewasse, veld”

*ruimte*: o.m. „afstand tussen twee voorwerpe”

*siekte*: o.m. 'n bepaalde soort

#### Onbepaald

*nouheid*: „algemene toestand van nou te wees”

*rondheid*: min of meer soos hierbo

*ruigheid*: min of meer soos hierbo

*ruimheid*: min of meer soos hierbo

*siekheid*: min of meer soos hierbo

(b) Afleidinge op *-te* met s.nw.-korrelate naas die stam is byna almal van die tipe *ge-* + stam met s.nw.-korrelaat + *-te*, bv. *geraamte, gesteente, gestoelte, gevogelte* ens., almal met kollektiewe of groepbetekenis, behalwe *ghemelte* en *gesteente*.

**Opm.** 1. Sonder *ge-* kry ons bv. *diefte* en *skemerte*. *Diefte* word deur WAT II, 147 aangehaal uit Preller-Retief en is andersins nie in Afrikaans bekend nie. *Skemerte* kan ook opgevat word as b.nw. *skemer* + *-te* (en ressorteer semanties dan onder groep C 1. (a) hierbo).

2. *Beampte* met *be-* + stam met s.nw.-korrelaat + *-te* is die enigste van sy soort in Afrikaans. Dit is behou uit Nederlands *beampte*, 'n substantivering van die b.nw. *beambt*.

3. *Geaardte*, 'n gewestelike vorm naas *geaardheid* en *geaartendheid* lyk na 'n Afrikaanse afleiding van die b.nw. *geaard*. Dié vorm is egter ook Nederlands en kan geërf wees.

4. *Gevoelte* lyk na 'n Afrikaanse afleiding van die s.nw. *gevoel*, en nie *ge-* + *voel* + *-te* nie

5. *Gewinste* (WAT III, 232) lyk na 'n kontaminasie van *gewin*, *wins* (en *winste*?). Vergelyk *kom* – *komste* (streektaal).

- (c) Afleidings op *-te* met ww.-korrelate naas die stam het geen algemene semantiese patroon nie, maar gee soms te kenne „dit (= die ding) (wat/waarmee 'n mens doen soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *begeerte* „(dit) wat jy begeer”, *behoefte* „(dit) wat jy hoef of nodig het”, *belofte* „(dit) wat jy belooft/belowe”. Daar is ook 'n groepie met 'n pejoratiewe en duratiewe waarde, bv. *gedoente*, *gefladderte*, *gefoeterde*, *gesmeekte*, *gewemelde*, *gewente*, *gewoonte*.
- (d) Afleidings op *-te* met stamme wat ww./s.nw.-korrelaat daarnaas het, bv. *geaardte*, *gedeelte*, *gestoelte*, *geswermt* en *gewenste* („wens”) toon geen gemeenskaplike betekenselement nie.

**Opm.:** In 'n paar gevalle is daar betekenisisolasië en/of vormisolasië, d.w.s. die een of die ander se verband met 'n woordkorrelaat van die stam is nie onmiddellik deursigtig nie.

1) *Beroerte* kan nie in verband gebring word met Afrikaans *beroer* nie. Wel met 'n Nederlandse ww. met 'n ooreenstemmende betekenis.

2) *Geboorte* „die toestand of proses van gebore wees/word”. Wat die *-te* betref, kyk onder *Diachronie* hier onder.

3) *Groeite*, deur WAT III, 421 aangehaal uit Abel J. Coetzee, kom na alle waarskynlikheid uit C. M. v. d. Heever, wat dit ewe waarskynlik uit Streuvels oorgeneem het (saam met ander woorde en invloede).

4) *Jeukte* kan ook 'n afleiding wees van die s.nw. *jeuk*. Dit hoort semanties tuis in groep C 1. (1).

5) *Klagte* hou sinchroon die regstreeksste verband met *klag* en nie met die ww. *kla* (*klae*/*klaag*) nie. *Klag* en *klagte* is in hoë mate sinoniem.

6) *Moeite* is van Afrikaanse standpunt beskou, geen afleiding nie, omdat ons nie meer die woordkorrelaat van die stam *moei*\* sonder meer het nie.

7) As *offerte* sinchroon as 'n afleiding van *offer* (ww. en/of s.nw.) beskou moes of sou word, sou dit die enigste geval wees van 'n wisseling /ə/ en /ε/. (Afrikaans het dit via Nederlands uit Mlat. *offerta*.)

## 2. Begripsoortelike Sisteem

In verband met ww.- en s.nw.-korrelate kan niks besonder gesê word nie. By b.nw.-korrelate is daar egter 'n duidelike sisteem; dit is hoofsaaklik begrippe in verband met

- (a) toestande van liggaam en gees: *arm*, *bleek*, *eensaam*, *flou*, *krom*, *maer* ens.;

(b) vorm : *dik, grof, hol, kaal, krom, rond, skerp* ens.;

(c) kleur en maat : *blou, breed, bruin, diep, dik, donker, dun, eng, groen, groot* ens.;

(d) ligstadia : *donker, laat, skemer, vaal* ens.

#### D. Diachronie en vergelyking met Nederlands

-*Te* is saam met die meeste afleidinge daarmee dus waarskynlik geërf en behou uit Nederlands ( $\pm 116$  van die 126, = 92%), bv. *aanstalte, afgifte, akte, anekdote, armte, beampte, begeerte, behoefte, belofte, beroerte, bleekte, bloute*. Nogtans is die *-te*'s in Nederlands van verskillende herkoms.

1. Die *-te* van bv. *hoogte* het ontstaan uit *-de*.

2. Die *-te* van kollektiewe soos *gebeente* is oorspronklik enkel *-t* wat tot *-te* geword het onder soortgelyke invloede as by

3. nie-kollektiewe, soos *geboorte*. Die ou vorm is *geboord*. Daarin is die *d* in die Auslout verskerp tot stemlose *t*, terwyl die *d* intervokalties bewaar gebly het in die 2de en 3de naamvalle *geboorde*. Aan *geboort* is vervolgens 'n *-e* toegevoeg, deels onder invloed van die verboë vorm *geboorde*, deels deur verwarring met die agtervoegsel *-te* van ander vroulike woorde soos *belofte, diepte* ens. (Volgens die WNT.)

4. In Afrikaans lyk dit moontlik dat op vergelykbare wyse van *aanklacht* *aanklagte* gemaak is ens.

Daar kan nouliks sprake wees van produktiwiteit van *-te* in huidige Afrikaans. Die nuutste wat aangeteken is, is *koute, lamte, middaghelderte, oopte, platte* en *swakte*, almal met stamme met b.nw.-korrelate, en hulle bestaan miskien al lank.

Ook as die Afrikaanse materiaal met Nederlands vergelyk word, is daar net tekens van geringe produktiwiteit. Net 10 van ons 126 voorbeelde is nie ook in Nederlands gevind nie, nl. *aanklagte, brandmaerte, eensaamte, gelykte, jammerte, skemerte, tuiste, vaalte, vieste* en *vrekte*. Hulle is as volg gevorm :

Sewe het b.nw.-korrelate, nl. *brandmaerte, eensaamte, gelykte, jammerte, tuiste, vaalte* en *vieste*.

*Aanklagte* is reeds elders bespreek.

*Skemerte* kan die b.nw. *skemer* of moontlik ook die s.nw. of die ww. *skemer* as woordkorrelaat hê.

*Vrekte* kan die ww. of die b.nw. *vreke* as woordkorrelaat hê. Die woordsoortelike sisteem pleit ten gunste van die b.nw.

Die produktiwiteit van *-te* in Afrikaans geld dus byna uitsluitend b.nwe.

**Opm. 1.** Wanneer 'n mens by ons Kleurlinge vind: *Die bruinite sak* „die skemer(ing) sak toe/daal” is jy geneig om dit as Kleurlingafrikaans te beskou. Moontlik is die gebruik daarvan ook beperk tot Kleurlinge,

en miskien het hulle dit ook self gevorm. Tog is dit interessant dat *bruinite* in hierdie betekenis ook Nederlands is.

2. 'n Soortgelyke geval is *smalte* in bv. *Die smalte van daardie plank is net reg* (boer, Noordweste). 'n Mens is geneig om te twyfel of dit volkome binne ons sisteem lê, omdat mate in die reël tog benader word van die maksimale positiewe kant: al is iets nóg so jonk/kort/lig/naby/dun ens., vra ons: Hoe oud/lank/swaar/ver/dik ens. is dit? Ons sou dus verwag: *Die breedte van die plank is net reg*. Weer Afrikaans wat buite die sisteem is? Miskien. Maar *smalte* in hierdie betekenis is ook Nederlands.

### § 139 -teit

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groepe 2. en 12.)

Akademie Afrikaans ken honderde woorde op *-teit*/*(-iteit)*, die omgangstaal net enkeles soos *brutaliteit*, *elektrisiteit*, *kwaliteit*, *kwantiteit*, *lojaliteit*, *munisipaliteit*, *nasionaliteit* ens.

Die grootste gedeelte van hulle (183 uit 'n lys van 330, = 55%) is, van Afrikaanse standpunt uit, ook geen afleidinge nie, omdat Afrikaans geen woordkorrelate naas die stamme daarvan ken nie, bv. *addiwiteit*, *aediliteit*, *annuïteit*, *ansiënniteit*, *asiditeit* ens. Daarby kom nog dié waarby Afrikaans wel 'n morfeem het, maar geen selfstandige woordkorrelaat wat ongewysig 'n *-teit*/*-iteit* bykry nie, bv. *aktualiteit* (naas *aktueel*), *eksistensialiteit* (naas *eksistensiëel*), *emosionaliteit* (naas *emosioneel*), *essensialiteit* (naas *essensieel*), *familiariteit* (naas *familiêr*) e.d.m. (Vergelyk § 79 en § 98.)

Tog bly daar nog 'n ruime getal oor wat van Afrikaanse standpunt uit gewone Afrikaanse vorminge kan wees, bv. *dekoratiewiteit*, *effektiewiteit*, *egaliteit*, *eksklusiwiteit*, *elliptisiteit*, *fataliteit* ens. (130 uit 'n lys van 330). Alleen is dit nie moontlik om hier te bewys dat hulle eievorminge is nie. Op enkele gevalle soos *flouiteit* en *stommiteit* na, is hulle almal Romaans-Germaanse, internasionale gemeengoed.

Hierdie afleidinge is hoofsaaklik abstrakte s.nwe. wat „toestand, verskynsel, eienskap of houding benoem ten opsigte van wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word”, byvoorbeeld behalwe die bogenoemde ook nog *finaliteit*, *fiskaliteit*, *fluiditeit*, *futiliteit*, *genialiteit*, *humaniteit* ens.

Daar is net enkeles, naamlik *outoriteit* en *spesialiteit*, wat persoonsname is. *Outoriteit* se posisie is veilig omdat daar geen ander persoonsvorm naas bestaan nie, maar *spesialiteit* leef swaar teen *spesialis*: die oorgang van die sisteem is teen die gebruik van *-teit*-vorme as persoonsname.



### *Die opposisie van -teit/-iteit met ander formantia*

In die beskikbare Afrikaanse en Nederlandse woordeboeke (sien *Bibliografie*) is 'n groep van 91 *-(i)teit*-afleidinge nagegaan vir moontlike opposisie met ander formantia by dieselfde stam. Die volgende is gevind:

1. By 52 van die stamme word alleen *-(i)teit*-afleidings aangetref, dus geen opposisie nie, bv. by *absurditeit*, *aggressiwiteit*, *effektiwiteit* ens.
2. By 14 van die stamme word afleidings op *-(i)teit* en *-heid* by dieselfde stam aangetref, maar sonder enige aanduiding van betekenisverskil tussen die twee by 13 van die 14, dus vormopposisie maar blykbaar geen betekenisopposisie nie, bv. by  
*banaliteit* – *banaalheid*                      *egaliteit* – *egaalheid*  
*brutaliteit* – *brutaalheid*                      *intensiteit* – *intensheid* ens.  
By 1 is wel betekenis- en vormopposisie gevind, naamlik by *flouheid* en *flouiteit*.
3. By 13 van die stamme word afleidings op *-(i)teit* en *-isme* by dieselfde stam aangetref, met betekenisverskil, dus vorm- en betekenisopposisie, bv. by  
*emosionaliteit* – *emosionalisme*      *humaniteit* – *humanisme*  
*finaliteit* – *finalisme*                      *irrasionaliteit* – *irrasionalisme* ens.
4. By 9 van die stamme word afleidings op *-(i)teit* en *-(is)asie* by dieselfde stam aangetref, met betekenisverskil, dus vorm- en betekenisopposisie, bv. by  
*immunititeit* – *immunisasie*              *nasionaliteit* – *nasionalisasie*  
*mobiliteit* – *mobilisasie*                      *steriliteit* – *sterilisasie* ens.
5. By 3 van die stamme word afleidings op *-(i)teit* en *-ie* by dieselfde stam aangetref, met betekenisverskil, dus vorm- en betekenisopposisie, naamlik by *diffusiteit* – *diffusie*, *perfektiwiteit* – *perfeksie* en *perversiteit* – *perversie*.

### § 140 ver-

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide werkwoorde, onder groepe 1., 2., 3. en 4.)

Net soos by *be-*, word ook by *ver-* baie vrae gestel, veral of dit goeie of gangbare Afrikaans is, bv.

*'n Verbloemde gesig.*

*Dit wil nou nie sê dat sy brein as 't ware besig is om te verbetter nie.*

*. . . of moet ek dan verhotnot? (D. F. Malherbe: Hans-die-Skipper, 169)*

*Ek sal vernoumaartjies op hierdie retoriese vraag kan antwoord. (Die Huisgenoot, 1.10.1948, 7)*

*Die hele skoolonderwys is so veropvoedkundig dat die vakkennis nie meer naastenby toereikend is nie.*

Die vraestellers wil dus weet of dergelike gevalle in ooreenstemming is met die sisteem van Afrikaans ten opsigte van *ver-*. Om dit te bepaal, is gewerk met 'n lys van 973 afleidinge op *ver-*.

**Opm.:** Nie elke woord op *ver-* bevat ook die voorvoegsel *ver-* nie. Nederlands *voor* het naamlik soms in Afrikaans *vir* geword en soms *ver-*, bv. *voorgoed* > *vir goed*, *voornaam* > *vernaam*, *vooral* > *veral* ens. Sulke woorde lê dus buite die sisteem van die formans *ver-*.

Min lys te taalmateriaal toon so duidelik as hierdie hoe anders en hoe eenders Afrikaans en Nederlands is. By die bespreking van die vraag insake die produktiwiteit van *ver-* in Afrikaans, kom ons hierop terug. Dit kan nogtans sy nut hê om nou al die volgende te sê: van die Afrikaanse lys van 973 is 171 nie in Nederlandse woordeboeke gevind nie, d.w.s. ten minste 801 van die 973, dus 82%, is ook Nederlands. Vergelyk dit met *be-* (83%). Maar as ons nou van Nederlands af na Afrikaans toe werk, is die verskil baie groter. Ek het naamlik 'n lys – en dit sal wel nie volledig wees nie – van 528 Nederlandse afleidinge op *ver-* wat ek nie kon vind nie. En as ons teruggaan tot Middelnederlands is die posisie nog interessanter, want daar was in Middelnederlands oor die 600 wat nie in moderne Nederlands bestaan nie. Die Afrikaans-Nederlandse taalwêreld was dus aktief rondom *ver-*.

### A. Woordsoortelike Sisteem

Die woordsoortelike sisteem van afleidinge met *ver-* is gebaseer op 'n ontleding van 848 werkwoorde, 93 b.nw., 16 s.nw., 10 bywoorde, 6 tussenwerpsels en 1 voegwoord. Die besonderhede daarvan, bespreek van die kleinste tot die grootste groep, is as volg:

1. Die voegwoord, naamlik *vermits*, is baie oud (Middelnederlands reeds) en moontlik ontstaan uit *over* + *mits*. Daar is en word geen nuwe voegwoorde so gevorm nie.

2. Die tussenwerpsels het verskillend ontstaan. *Verdorie* is 'n verdraaide Nederlandse verwensing. *Verdorp* < *verdomd* < *verdoemd*, deelwoord van *verdoem(en)*, word adverbiaal aangewend. *Verbrands*, *verdeksels*, *verduiwels* en *vervlaks* is oorspronklik bywoord en/of b.nw., en die interjektiewe funksie is sekondêr. Ten opsigte van hulle vorming met *ver-* moet hulle dus beskou word as van die groep b.nw./bw. Die vorming van nuwe tussenwerpsels met *ver-* is dus onwaarskynlik, hoewel moontlik.

3. Die bywoorde

As die vormingswyse van die woorde nie (in Nederlands) nagegaan word nie, sou ons die indruk kry dat ons meer afleidinge op *ver-* het as wat

ons werklik het. In die volgende gevalle is *ver-* gelyk aan Nederlands *voor*, dus nie afleidinge met *ver-* nie: *veral* (< *vooral*), *verby* (< *voorbij*), *vereers* (< *voor . . . eerste*), *vergoed* (*vir goed* < *voor goed*) en so ook *verlaas*, *vernaam*, *verniet*, *verseker* „beslis”, *vervas*.

Die ander is (a) deelwoorde wat as bw./b.nw. fungeer, bv. *verbrands*, *vervolgens*, *verwoed*, en (b) *verdeksels*, *verduiwels* ens. gaan almal terug op *bliksems*, *duiwels* ens. + *ver-*. Die proses word later bespreek, maar dit lyk nie asof ons bywoorde vorm met *ver-* nie. Wel het *ver-* afleidings sekondêre bywoordelike funksie gekry. So is bv. *vergeefs* uit die voltoiede deelwoord van *vergeven* plus die adverbiale *-s* gevorm.

#### 4. Die selfstandige naamwoorde

Hulle is merendeels ook meer skyn as werklikheid.

- (a) Gevalle soos *verademing*, *verposing*, *verknorsing* ens., dus afleidings op *ver . . . -ing*, is *ver-* + stam met ww./s.nw.-korrelaat: ww. en van die ww. is dan die s.nw. gevorm met *-ing*. Vergelyk ook wat hieroor by *be-* gevind is. Dit sou nie vreemd wees om nuwe gevalle te kry van *ver-* + stam met s.nw.-korrelaat + *-ing* nie, wel vreemd as ons *ver-* + reeds afgeleide woord op *-ing* sou kry.
- (b) Die meeste s.nwe. op *ver-* is sekondêr s.nwe.: *verblyf*, *verbruik*, *verderf*, *vergryp* ens. (as s.nwe.) is wwe. wat substantiwies fungeer – wat dus niks bewys ten opsigte van *ver-* nie.
- (c) Enkeles is gesubstantiveerde deelwoorde, bv. *verhoog*, *verkoue*, *verwant*, dus ook alleen bewyskrachtig ten opsigte van die verskyning van *ver-* in werkwoorde. Enige byvoeglik gebruikte woord kan te eniger tyd, veral as dit dikwels saam met 'n s.nw. gebruik word vir net een ding, ook sonder s.nw. gaan verskyn en dus fungeer as s.nw., bv. *verloofde*, (*'n*) *suur*, (*'n*) *lekker* (< *iets lekkers* > *lekkers* mv. > *lekker* ekv.).
- (d) *Verhemelte* is 'n unieke geval. Dit kan 'n afleiding wees van *hemel* „gewelf” + *-te*, of van *verhemelen* „voorsien van 'n gewelf” of 'n soort kontaminasie van altwee.

#### 5. Die byvoeglike naamwoorde

- (a) Verreweg die meeste b.nwe. op *ver-*, naamlik ongeveer 66%, is woorde wat in Nederlands ook sonder meer as werkwoorde voorkom, bv. *verbaas*, *verblind*, *verbloem*, *verbrand*, *verbreed* ens.

Die bespreking van hulle vormingswyse, by (1) t/m (4) hieronder, sal aan die lig bring dat hulle dan nie as b.nwe. gevorm is met *ver-* nie, maar as werkwoorde, en dat dit die deelwoorde is wat byvoeglik fungeer – 'n ope konstruksie in Afrikaans.

- (b) Tog is daar b.nwe. soos *verblikskottelste*, *verdankste*, *vergalgste* e.a. wat moontlik wel regstreeks byvoeglik gevorm is met *ver-* sonder tussengang van die deelwoord en/of die werkwoord.

## 6. Die werkwoorde

*Verhewig, verhonger, verhuis, verhuur* ens. – ons het oor die 800 hiervan – is sonder meer gewone werkwoorde wat ook meesal verbaal fungeer.

As daar dan nuwe afleidinge op *ver-* sou ontstaan, sou ons verwag dat hulle werkwoorde of b.nwe. sal wees.

Dan is vier van ons probleemgevalle (genoem aan die begin van hierdie paragraaf) binne die sisteem wat hulle woordsoortelike funksie betref, maar *vernoumaartjies* as bywoord nie. Die *ver-* hiervan lyk my na dié van *vereers, verniet* e.d.m. < Nederlands *voor*, is dus waarskynlik geen afleiding nie en sal dus hier nie verder oorweeg word nie.<sup>86</sup>

Ons sal kyk of die ander gevalle: *verboemelde, verbotter, verhotnot* en *veropvoedkundig* ook binne die sisteem is ten opsigte van die woordsoorte waarvan hulle gevorm is.

Afleidings op *ver-* het stamme met die volgende soorte woordkorrelate:

### 1) Werkwoorde

Ongeveer 431 van die 973, dus 44%, bv. *verhoog, verhoor, verhuur, verjaag, verkap* ens., is in Nederlands van werkwoorde gevorm.

As ons argumentshalwe aanneem dat al hierdie woorde wat ook in Nederlands voorkom, deur ons van Nederlands geërf is, moet ons hulle ook beskou as (in Nederlands) van werkwoorde gevorm.

Daar is nogtans heelwat, soos *verhoog, verhonger, verhuwelik, verjong, verkalk* ens. wat ons self kon gevorm het, en wat ons dan van ander woordsoorte (kon) gevorm het, al is hierdie in Nederlands gevorm van die werkwoorde *hogen, hongeren, huwelijken, jongen* en *kalken*. (Vergelyk ook *-lik*.) Vir die Afrikaanse taatgevoel het baie hiervan stellig nie ww.-korrelate nie – ons hê nie sulke wwe. nie – maar wel s.nwe. en b.nwe. En sodra dit ons taatgevoel is, moet dit ons nie verbaas as nuwe werkwoorde met *ver-* gevorm van s.nwe. en b.nwe. in plaas van soos in Nederlands meesal van werkwoorde nie.

*Verboemelde* sou dus op hierdie punt volkome binne ons sisteem wees.

**Opm.:** Daar is 92 woorde in die lys wat volgens die Nederlandse bronne – en waar dit nie bekombaar was nie, volgens huidige Afrikaans – van meer as een woordsoort kon gevorm gewees het, bv.

*verasem* (< *asem* s.nw. of ww.),

*verpantser* (< *pantser* s.nw. of ww.),

*verkroes* (< *kroes* ww. of b.nw.),

*versondig* (< *sondig* ww. of b.nw.),

*verdors* (< *dors* s.nw. of b.nw.) ens.

Dit kon en kan daartoe bydra dat die hele groep s.nw., ww. en b.nw. oorgesit raak vir afleidinge met *ver-*.

86. Dit kan 'n sametrekking wees van *vir* (in saamtrekking gespel *ver-*) + *noumaartjies*, soos in *vir eers* naas *vereers*. Vergelyk ook *vir goed, vir gou* (*net vir gou*) vir hierdie gebruik van *vir*.

## 2) Byvoeglike naamwoorde

'n Belangrike persentasie (234, = 24%) is in Nederlands van b.nwe. gevorm, bv. *verjeugdig, verkil, verklaar, verklein, verlelik, verlekker, verlewendig* ens. Of ons hulle nou al geërf of self gevorm het, hulle bly afleidings van b.nwe.

Maar daar is ander wat in Nederlands èn van 'n ww. èn/of van 'n b.nw. gevorm kon gewees het, maar in Afrikaans alleen van b.nwe. as hulle ons eievorminge sou wees, bv. *verkoel* (Nederlands *koel*: b.nw., *koelen*: ww.), *verkort* (Nederlands *kort*: b.nw., *korten*: ww.; die Afrikaanse ww. *kort* beteken iets anders, nl. „kortkom”, en „korter maak of beter laat pas”, bv. in 'n *wa se wiele* (eintlik *bande kort*); so ook *verkroes* (miskien ook *kroes*: ww. „kroes word”); *verkrom, verlaag, vernou, versleg* ens.

**Opm.:** *Verwilder* is nie *ver-* plus die vergelykende vorm van *wild* nie, maar *ver-* plus *wilder(en)*, die frekwentatief (dus ww.).

*Veropvoedkundig* is dan ook op hierdie punt woordsoortelik binne die sisteem.

## 3) Selfstandige naamwoorde

141 van die 973, = 14+%, is van s.nwe. gevorm, bv. *verkrag, verkroos, verkurk, vermaatskap, vernag, verongeluk* ens.

*Verbotter* en *verhotnot* is dus ook hier binne die sisteem.

*Ver-* was dus die aktiefste rondom die ww., die b.nw. en die s.nw. Nagenoeg 900 (92.5%) van die 973 afleidings is hiervan gevorm.

## 4) Ander woordsoorte

(a) Werkwoorde met telwoord-korrelate. *Vereen* is weinig gebruiklik. Die gewone is *verenig*. *Vertien* is weinig bekend. *Verveel* (oorspronklik „te veel word”) word nie gerealiseer asof dit verband hou met *veel* (telwoord) nie, hoogstens met die ww. *veel*:  *iemand nie kan veel nie* „nie van hom hou nie”. *Vervyf* (rugbyterm) kom waarskynlik van die s.nw. *vyf*.

(b) Net *verfoei* is van 'n tussenwerpsel gevorm (in Nederlands reeds). Hoe dit gebeur het, is nie duidelik nie.

(c) Bywoorde. Dit is moontlik dat woorde soos *veragter, verbesonder, verewig, verseker* ens. van bywoorde afgelei is, maar die meeste kan ook ewe goed van b.nwe. kom. Volgens Nederlandse etimologiese bronne is hulle getal in elk geval blykbaar nie hoër as sowat vier nie.

## B. Semantiese Sisteem

*Ver-* het stellig 'n groter verskeidenheid van waardes as enige ander formans in Afrikaans. Voordat ons dit nader uitwerk, kan dit van belang

wees om te weet dat dit histories verklaar kan word. *Ver-* is naamlik oorspronklik drie: Goties *fair-*, Goties *faira* en Goties *fra*.<sup>87</sup>

(a) Gesien die feit dat ruim 800 van die Afrikaanse afleidinge op *ver-* ook Nederlands is en dat *ver-* 'n baie ou Nederlandse en Germaanse formans is, verbaas dit 'n mens dat daar so betreklik min gevalle van absolute of ingrypende betekenisisolasië is. Dit is des te meer verbasend as 'n mens bedink dat Middelnederlands, in vergelyking met Afrikaans en moderne Nederlands, besonder baie *ver-* afleidinge gehad het – in my lyste byna 700. Dan lyk dit dus asof daar 'n fase was van 1) groot Middelnederlands aktiwiteit rondom *ver-*, 2) moderne Nederlandse taalaktiwiteit en 3) eie Afrikaanse taalaktiwiteit, en dan lyk dit asof die meeste Afrikaanse en Nederlandse *ver-*afleidinge betreklik jonk kan wees. Anders sou 'n mens meer betekenisisolasië verwag.

Sodanige isolasië het ons uitsluitend in woorde wat 1. reeds Middelnederlands was en/of 2. ook reeds sewentiende-eeuse Nederlands.

Hier is 'n paar voorbeelde: *vereffen* (reeds Middelnederlands) is nie sonder meer „effe maak” nie (bv. in verband met skuld); *vererg* (reeds Middelnederlands) is nie sonder meer „erg word of maak” nie, wel „boos/boser word/maak”. So verder ook, almal Middelnederlands, *vergaan*, *vergewe*, *vergeld*, *vergenoeg*, *vergesel*, *verhoor*, *verkeer*, *verken*, *verkerf*, *verkies*, *verkla* ens.

Om dit nog helderder te kry, sou 'n mens kon vra: in hoeveel van ons afleidinge wat reeds Middelnederlands is, is daar wel of nie isolasië van betekenis nie? Die antwoord is: in die meeste, maar nooit ingrypend nie, soos hier bo.

(b) *Ver-* waardeloos?

1) Daar is heelwat woorde waarvan die woordkorrelaat naas die afleiding bestaan sonder 'n verskil of noemenswaardige verskil, bv. *weer* en *verweer*, *kul* en *verkul*, *maan* en *vermaan*, *meng* en *vermeng*, *sweer* en *versweer*, *troos* en *vertroos*, ens. Dit wil nie sê dat die een sonder meer of altyd in die plek van die ander gebruik kan word nie, of dat die gebruiksfrekwensie van alle pare ewe groot is nie. Mense word byvoorbeeld meesal *gemaan* tot versigtigheid en meesal *vermaan* nádat hulle kwaad gedoen het. *Hy het my gekul* en *hy het my verkul* word oor en weer as volkome gelykbetekenend gebruik. Soms skyn daar 'n bedoeling tot intensivering met *ver-* te wees, soos in *troos* en *vertroos*, *sweer* en *versweer*, maar konsekwent is dié onderskeiding nie.

2) 'n Opvallende deel van dié groep is werkwoorde op *ver-* + stam op *-eer*, bv. *veridealiseer*, *verkapitaliseer*, *verkommersialiseer*, *verkonkretiseer*, *verlatiniseer*, *verordineer* ens., waarvan daar dosyne is. Die meeste kom ook sonder die *ver-* voor, en die enigste verskil wat ek kan

87. Van Loey, A.: *Op. cit.*, 228.

merk, is dat mense in die teenwoordige tyd meesal die vorm sonder *ver-* gebruik, dus *idealiseer*, *kapitaliseer* ens., maar in die verlede tyd byvoeglik en passief dikwels *veridealiseer*, *verkapitaliseer*, *verkonkretiseer*, sodat *ver-* hier dikwels gelyk word aan *ge-*, met af en toe so 'n tikke van die pejoratiewe daarby.

(c) Waar *ver-* wel duidelik onderskeidende en onderskeibare waarde het, kry ons die volgende :

1) *Ver-* gee te kenne „maak, voorstel, verklaar, word of laat word of geword tot of soos – in die geval van b.nwe. dikwels ook komparatief – deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *veraangenaam* „aangenaam(-er) maak”, *veraanskoulik* „aanskoulik maak of voorstel”, *verdamp* „tot damp word”, *verketter* ± „as ketter behandel” ens.

Dit is 'n baie groot groep, veral waar die woordkorrelaat 'n b.nw. en – minder dikwels – 'n s.nw. is. Vergelyk ook *verbreed*, *vereenvoudig*, *vereng*, *vernou*, *versmal* ens. Ons probleemvoorbeelde *verbetter*, *verhotnot* en *veropvoedkundig* is al drie van hierdie tipe: „tot of soos botter/'n hotnot word”, „opvoedkundig (behandel)” ens.

2) *Ver-* gee te kenne „baie, te veel, buitematig doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *vereet*, *verslaap*, *verwonder*, *verrek* ens.

Die betekenis van *verdrink* is al ver geïsoleer van dié van *drink*, sodat dit al enigsins buite die semantiese sisteem beland het.

Hierby sluit aan *ver-* in die sin van „(per abuis) verkeerd, of anders as wat jy bedoel het, doen wat deur die woordkorrelaat genoem word”, bv. *verskrywe*, *verspreek*, *verlê* (refleksief) ens.

3) *Ver-* gee te kenne „verloor of verander van of opnuut kry wat deur die woordkorrelaat (s.nw.) genoem word”, bv. *verblaar*, *verdop*, *verhaar*, *verveer*, *vervel* ens.

4) *Ver-* gee aan „bedek met of opsit wat deur die woordkorrelaat – meesal 'n s.nw. wat stofnaam is – genoem word”, bv. *verbrons*, *verchroom*, *vererd*, *verfoelie* „bedek met foelie of blad”.

5) *Ver-* gee aan „oor, weer, anders doen soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *verbak*, *verbou*, *verklee*, *verplant*.

6) *Ver-* gee aan „bederf, beskadig, deurbring, verkwis met, doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verboemel*, *verboer*, *verbraai*, *verbrand*, *verbras*, *verdobbels*, *verskroei* ens., 'n talryke groep.

Die geval *verboemelde gesig* kom hier in die sisteem. Dat *verboemelde* hier b.nw. is en nie werkwoord soos die ander voorbeelde nie, is 'n sekondêre saak: die deelwoord word in Afrikaans vryelik as b.nw. gebruik.

Ons sou nou kon sê dat ons hier kon ophou omdat ons probleemgevalle almal ingepas is. Maar ons bedoeling is juis om antwoorde op vrae op so 'n manier aan te pak dat dit ook verdere vrae kan antisepeer. Daarom word die sisteem voltooi.

7) *Ver-* gee aan „weg, uit die pad doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verberg, verdring, vergiet*.

8) *Ver-* gee aan „deurmekaar ,stukkend, waardeloos maak soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verfrommel, verkarring, vertrap*.

9) *Ver-* gee aan „geleidelik ophou doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verglim, vergloei, verlink*.

10) *Ver-* gee aan „anders, uitmekaar, stukkend, los maak soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verbreek, verdraai* (figuurlik).

11) *Ver-* gee aan „verkeerd, abnormaal doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verdwaal, vergroei*.

12) *Ver-* gee aan „vas, toe, stewig, saam doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verbind, verpak*.

13) *Ver-* gee aan „min of laag, sleg, benede jou, kwaad doen soos deur die woordkorrelaat genoem”, bv. *verag, verdink*.

14) *Ver-* gee aan „intensief doen wat die woordkorrelaat benoem”, bv. *vermors, vertrap*.

Ander waardes van *ver-* vorm klein groepies, soos die volgende :

(a) „bejeën met”, bv. *verafsku*;

(b) „bevestig met”, bv. *veranker*;

(c) „doen wat die naamwoordelike afleiding van die woordkorrelaat saam met sy ww. sou aangee”, bv. *verantwoord* „verantwoording doen”;

(d) „verkry deur wat die woordkorrelaat noem”, bv. *verdien* „deur dien (of diens) verkry”;

(e) „geduldig, lydsaam doen wat die woordkorrelaat aangee”, bv. *verdra* (figuurlik);

(f) „vul of deurbring met wat die woordkorrelaat noem”, bv. *verdroom* ± „met droom deurbring”, *verspeel* ens.;

(g) „ly, verduur, vergaan van wat deur die woordkorrelaat genoem word”, bv. *verhonger*;

(h) „wat die woordkorrelaat noem, aan ’n ander oordra of afstaan”, bv. *verhuur, verruil*.

Woordsoortelik gestel, kan die semantiese waardes van *ver-* dus as volg aangegee word :

1. By die b.nw. (en enkele telwoorde) het *ver-* net een stel waardes : „maak, voorstel, word – ook komparatief – soos deur die woordkorrelaat van die stam genoem”, bv. *vereng, vergroot, verklein, verbreed, versmal* ens.

2. By die s.nw. het dit

(a) dieselfde waarde as by die b.nw.;

(b) die waarde van „verander van”, bv. *verhaar, vervel*;

(c) die waarde van „bedek met”, bv. *verbrons, verchrom, versilwer* (die meeste stofname).



3. Die meeste waardes kom dus by die werkwoord-korrelaat van die stam voor, naamlik

- (a) „oor, weer, anders”, bv. *verbou, verkleë* ens., wat dus aansluit by 2. (b) van die s.nw.-groep. „Per abuis anders (as wat bedoel was)” sluit dus ook hierby aan, bv. *verspreek, verskrywe*.
- (b) In baie werkwoorde het ons die gedagte van „beskadiging, verkeerdheid, stukkend, negatief afwykend van die normale of die gesonde”, waarby ook die onskuldiger gedagte van „baie, (soms) te veel, oordadig” aansluit. Wesenlik lê die waardes van *ver-* in die volgende groepe dus na aan mekaar: „baie, te veel, beskadig of deurbring deur te veel of sleg, uit die pad, verkeerd, anders, uitmekaar, intensief, doen wat die woordkorrelaat van die stam noem”, soos in (c) 2), 6), 7), 8), 10), 11) en 14) hier voór. Selfs (c) 13) se waardes „laag, sleg, kwaad” ens. sou hierby gereken kon word. So word dit ook duidelik dat die waardes van *ver-* by werkwoorde sterk in die rigting van „die minder wenslike, die minder voordelige” ens. neig.

So beskou, is dit wel duidelik dat vier van ons probleemvoorbeelde, nl. *verboemelde, verbotter, verhotnot* en *veropvoedkundig* nie maar toevallig almal aan die pejoratiewe kant is nie. Hulle lê stewig binne die algemene begripwaardes van die *ver-* groep.

En dit is ewe duidelik dat *vernoumaartjies* geen verband hou met hierdie begripveld nie.

- (c) Die gedagte van „vas, stewig, toe” ens. (onder (c) 12) genoem) kan ook aansluit by dié van intensivering, hoewel die „minder voordelige” hier afwesig is, maar die gedagte van „geleidelik ophou” ((c) 9)), skyn weinig verband met die ander te hou, miskien nog die meeste met die duratiewe in *verslaap, verdroom* e.d.m.

### C. Diachronie en Produktiwiteit

Elders is reeds gesê dat sowat 170 Afrikaanse afleidinge op *ver-* nie in Nederlands gevind is nie. Dit is moontlik, maar dit lyk onwaarskynlik, dat ons in die moderne of die sewentiende-eeuse Nederlandse volkstaal die meeste sal terugvind. Dan het ons blykbaar grond vir die beskouing dat *ver-* in Afrikaans produktief was (en is). Gevalle soos *verbantoe, verdopper, verkaïing, verkakie, versap, vervyf*, is beslis net Afrikaans.

Afgesien hiervan, kon ons nog heelwat van dié wat ook Nederlands is, self gevorm het. Ek kan geen oorweging van woordsoort, betekenis of begripsoort vind waarom ons byvoorbeeld die volgende nie self sou (kon) gevorm het nie, al is hulle ook Nederlands en in sommige gevalle selfs Middelnederlands: *verarm* (Middelnederlands), *verbleek* (van mense gesê), *verbou, verbrand, verdun, verengels, verflou, verfyne, verhang, verheerlik* ens.

**Opm.:** C. M. van der Heever het *verheerlik* waarskynlik opnuut gevorm, soos bewys deur die verband: „ . . . *die rose wat . . . die ledige kamer-ruimte verheerlik.*” (*Kruispad*, 217.) Hy gebruik nogal dikwels afleidinge op *ver-* en merkwaardigerwyse ook meesal aan die pejoratiewe kant, bv. *verskraal*, *vertregter*, *verpolitieking*, *vertriestig*, *verlelikende*, *verliederlikende* ens.

Om saam te vat: dit is waar dat ’n goeie deel van ons afleidinge op *ver-* ook Nederlands is en dat ’n belangrike deel selfs al in Middelnederlands voorkom, al kan ons heelwat daarvan anders realiseer as wat die vormingswyse daarvan in Nederlands en Middelnederlands was. Maar dit is ook waar dat ’n hele persentasie ons eievorminge is en dat *ver-* ook in Afrikaans produktief was en is.

Dan is daar ook van die genetiese kant geen beswaar teen *verboemel*, *verhotnot*, *verbetter* en *veropvoedkundig* nie.

Wie belang stel, kan nou vir homself probeer vasstel of die volgende dan ook binne ons sisteem lê:

*veragtermiddag*: in *Ons het gister daar veragtermiddag.*

*verbroke*: in *Na sy derde nederlaag was Jansen ’n verbroke man.*

*versedelik*: in *Jy is nou versedelik.*

*verveilig*: in *Polisie om die menslike lewe te verveilig.*

*vervreeslik*: in *Die saak is vervreeslik.*

#### **D. Be- en ver- by dieselfde stam**

Vrae wat dikwels gestel word, is byvoorbeeld of geboue *belig* of *verlig* word, of geld en goed aan ander mense *bemaak* of *vermaak* word e.d.m.

Omdat ons hier te make het met reeds bestaande woorde, wat dikwels ook al oud is en waarby daar dikwels al betekenisisolasië voorkom, sal die verskille tussen pare soos bogenoemde nouliks uitgemaak kan word op grond van ’n sisteem sonder om in sisteemdwang te verval. Tog kan kontrastering van waardes help om die waardes helderder en skerper te kry. Daarom word hier ’n groepie woorde nagegaan waarby *be-* en *ver-* voorkom.

##### *1. Woordsoortelike vergelyking*

Alle voorbeelde is werkwoorde of byvoeglik gebruikte wwe. (dus wesenlik byvoeglik gebruikte deelwoorde), bv. *be-/verantwoord*, *be-/verbou*, *be-/verbrou*, *be-/verkalk*, *be-/vergroot*, *be-/verloop*, *be-/verneuk*, *be-/verroer*, *be-/verskiet* ens.

Die woordsoorte waarvan hulle gevorm is, val vanselfsprekend binne die groepe wat reeds onder *be-* en *ver-* (kyk betrokke paragrawe) behandel is.

## 2. Semantiese vergelyking

Daar is gevalle wat semanties gelyk is, hoewel met 'n moontlike verskil in gebruiksfrekwensie. WAT gee byvoorbeeld onder meer die volgende: „befomfaai, befonkfaai. Sien *verfomfaai*” (WAT I, 354). By *befoes* sê WAT I, 353: „Verbrou, verknoei, verfoes”. By *befrommel* sê WAT I, 354: „Verfrommel, verkreukel”. By *bemaak* sê WAT I, 369: „vermaak, legateer”. By *besukkel(d)* sê WAT I, 395: „Sien *versukkel(d)*” ens. Dergelike gevalle is min en die voorkeurvorm skyn *ver-* te wees. WAT onderskei in verreweg die meeste gevalle, ook tussen *belig* en *verlig*.

In verreweg die meeste gevalle is die waardes duidelik (genoeg) gedifferensieer, bv.

*bebind* „met band omwind”; *verbind* „verband omsit” (meesal in verpleging);

*begaap* „aangaap” (oorganklik, nie-refleksief); *vergaap* „met verbasing aangaap” (oorganklik, refleksief);

*beglaas* „van glas voorsien”; *verglas* „(tot) glas word”;

*bekalk* „met kalk behandel”; *verkalk* „tot kalk, kalkerig word”;

*beskans* „van skanse voorsien”; *verskans* „agter skans(e) versteek of beskerm”;

*besondig*: meesal gebruik saam met *aan* plus *dinge*; *versondig*: meesal 'n *mens* (*se siel*) *versondig*.

As die semantiese sisteme van *be-* en *ver-* invloed het op gevalle van twyfel, sou 'n mens in ooreenstemming hiermee verwag dat *beseël* beteken „voorsien van 'n seël of seëls”, ook „bekragtig”, en *verseël* „toegemaak, gesluit” ens. Dan is daar moontlik ook iets te sê ten gunste van *bemaak* „testamentêr oormak” of „toesê aan”, en *vermaak* „vermaaklik wees, vermaaklikheid verskaf”. *Belig* skyn dan ook hierby aan te sluit in die betekenis „die lig laat skyn op”, en *verlig* „(baie) lig gee (meer in as op)”.

## § 141 wan-

(Vir semanties-funksionele indeling kyk § 73 by skema vir afgeleide substantiewe, onder groep 5., by skema vir afgeleide adjektiewe, onder groep 1. en by skema vir afgeleide werkwoorde, onder groep 1.)

Hiervan het Afrikaans min: hier word maar gewerk met 'n lysie van 30, bv. *wanbedryf*, *wanbegrip*, *wanbeheer*, *wanbeleid*, *wanbestuur*, *wanbetaling*, *wandaad*, *wangebruik*, *wangedrag*, *wangedrog*, *wangelooft*.

### A. Woordsoortelike Sisteem

#### 1. Woorde met *wan-* is

(a) s.nwe. (22 van die 30), bv. *wangeluid*, *wanguns*, *wanhoop*, *wanklank*, *wanorde*, *wansmaak*, *wantroue*, *wanverhouding* ens.;

- (b) b.nwe. : *wanklinkend, wanluidend, wanskape, wanstaltig* en *wanvoeglik*;  
 (c) wwe. : *wanaanpas, wanhoop, wantrou*.

2. Woorde met *wan-* het die volgende soorte woordkorrelate :

- (a) s.nwe., bv. *wanbeleid, wanbetaling, wangedrag, wangedrog, wangeloof, wangeluid* ens. ;  
 (b) wwe., bv. *wanaanpas, wanhoop, wanverhoor, wanvoorstelling*;  
 (c) woorde wat, sinchronies beskou, s.nw. en ww. is, bv. *wanbeheer, wanbestuur, wangebruik, wanverhoor* ens. ;  
 (d) b.nw. met teenwoordige deelwoordsvorm, bv. *wanklinkend* en *wanluidend*;  
 (e) woordkorrelate wat as sodanig nie in Afrikaans bestaan nie, nl. *wanstaltig* en *wanvoeglik*.

**Opm.:** Diachronies beskou, is *wandaad* nie 'n afleiding met die Afrikaans-Nederlandse voorvoegsel *wan-* nie. (Kyk etimologiese woordeboeke.)

## B. Semantiese Sisteem

### 1. Semantiese Waardes

Afleidings op *wan-* gee te kenne dat wat deur die woordkorrelaat van die stam genoem word „afwykend” is, „nie reg nie, verkeerd of skeef, vals of gebrekkig, misleidend of chaoties” ens., bv.

<i>wanbegrip</i>	<i>wangedrag</i>	<i>wanorde</i>	<i>wanverhouding</i>
<i>wanbeheer</i>	<i>wangeluid</i>	<i>wanskape</i>	<i>wanvoorstelling</i>
<i>wanbestuur</i>	<i>wanhoop</i>	<i>wansmaak</i>	
<i>wanbetaling</i>	<i>wanklank</i>	<i>wantroue</i>	

**Opm.:** 1. Dis waarskynlik omdat die idee van die afwykende ens. so sterk is dat by 'n woord soos *gedrog*, wat self al 'n afwyking benoem, ook nog *wan-* gevoeg is.

2. *Wan* in (*die*) *wankant (van hout)* is nie die voorvoegsel *wan-* nie, maar die werkwoord *wan* „suiwer, skoonmaak” ens.

2. Begripsoortelik kan van die klein groepie *wan-*woorde (30) weinig opgemerk word. Wat wel enigszins opval, is dat die meeste s.nw.-korrelate (15 uit 30, = 50% van die hele lys) abstrakta is, bv. *bedryf, beheer, beleid, bestuur, geloof, guns, hoop, orde* ens.

## C. Diachronie en Produktiwiteit

*Wan-* is saam met die meeste woorde daarmee, geërf uit Nederlands (27 uit die 30 voorbeelde). Die drie wat nie in Nederlands gevind is nie, nl.

*wanaanpas*, *wanverhoor* en *wanvoorstelling*, skyn wel ewe goed Nederlands te kan wees, maar moet dan blykbaar tog as eiegoed aanvaar word. Hiervan lyk *wanaanpas* soos 'n Rückbildung van *wanaanpassing*, en *wanverhoor* en *wanvoorstelling* kan dan suiwer analogievorminge wees. Volgens woordsoortelike en semantiese sisteem sou dit normaal wees, al sou dit 'n geringe produktiwiteitjie wees. Baie nuwes moet ons nie verwag nie; *wan-*hoort, indien iets, meer tot die akademiese taal, en dié werk selde met sulke onnoukeurige middele.

#### § 142 Die Stapeling en Volgorde van Reekse Voor- en Agtervoegsels in Afrikaans

Dat reekse voor- en agtervoegsels by dieselfde stam voorkom, is lankal bekend en is duidelik genoeg, bv. *on-her-(roep-)lik*, (*koloni-)seer-baarheid* ens., ook dat die volgorde(s) daarvan meesal vas is,<sup>88</sup> bv. altyd *on-her-(roep-)lik*, (*koloni-)seer-baarheid*, nooit *her-on-(roep-)lik\**, (*koloni-)heid-baar-seer\** nie ens. Ons sê meesal vas, omdat by *her-* en *ge-* wel 'n mate van vryheid voorkom, bv. in *herge-/geher-/groepeer*.

Maar besonderhede oor reekse en/of 'n moontlike sisteem daarin, ontbreek byna geheel en al, onder meer by De Groot, Hockett, Marchand, Sapir, Schultink, Uhlenbeck.<sup>89</sup> Wat wel deur enkeles gesê word, is dat buigingsformanse agter 'n stam altyd na afleidingsformanse staan en die strukture afsluit.<sup>90</sup>

Die feite is nogal veeltalig en skynbaar ingewikkeld. Uit 'n ekstensiewe proef wat gedoen is met die materiaal in hierdie bundel, het onder meer die volgende geblyk:

1. Dit sou ewe misleidend wees om te sê alle formantia kom in reekse voor as om te sê alle formantia kom nie in reekse voor nie. *Er-* is in geen enkele reeks gevind nie. Ja, maar is *er-*, sinchroon beskou, 'n formans? Daarop antwoord ons gegewens negatief, al het ons heelwat woorde met *er-*, bv. *erlang*, *ervaar* ens. Aan die ander kant is *be-* wel 'n formans (vergelyk § 91) en verskyn dit wel in 'n reeks in bv. *be-on-(geluk)*, *be-her-(berg)*, *be-her-(kou)* ens. Maar die vyf voorbeelde van *be-* woorde met *be-* in jukstaposisie met nog 'n formans, is stellig te min om 'n sisteem te lewer, alhoewel die verskil in formans-spreiding tussen bv. *beherkou* en *herbekou* tog duidelik semanties distinktief is. Moontlik is daar meer *be-her-* en/of *her-be-* gevalle, maar die tipes *be-ant-*, *be-ge-* en *be-on-* skyn heeltemal geïsoleerd te wees.

88. De Villiers, M.: *Afrikaanse Klankleer*, 162.

89. Sien Bibliografie vir die betrokke publikasies.

90. De Villiers, M.: *Op. cit.*, 162.

2. Oor die algemeen kom voorvoegsels selde in reekse voor, en dan hoofsaaklik in tweelediges. Driedelediges, soos *her-ge-be-(laster)* kom min voor en word meesal as substandaard beskou, soos trouens ook die meeste tweeledige reekse, meer bepaald die meeste met 'n *ge-* en een van die formanse *be-*, *her-*, *ont-* of *ver-*, bv. *ge-be-(mors)*, *ge-her-(skrywe)*, *ge-ont-(water)*, *ge-ver-(mors)* ens.

- (a) Die opvallendste negatiewe reël is dat preformanse nie iteratief voorkom nie, dus nie *bebe-\** of *gege-\** of *ontont-\** ens. nie, hoewel *herher-* nie volkome onbekend is nie, bv. *her-hersien*, *her-herwin* ens.
- (b) Verbindingsreëls soos *beher-*, *beont-*, *bever-*, *herge-*, *ontbe-*, *ontver-*, *verbe-* word weens die beperkte getal, buite bespreking gelaat.
- (c) Al voorvoegselreekse wat in ruim getalle voorkom, is *herbe-*, *heront-* en *herver-*, in bv. *herbegrawe*, *herbevestig*, *heronttrek*, *herverdeel* ens.
- (d) Daar is ook ander, bv. *aarts-on-(verstandig)*, *on-her-(roeplik)*, maar hulle getalle is te klein vir groot gevolgtrekkinge.

3. Die meeste reekse is agtervoegselreekse. Om 'n inventaris van hulle op te stel, is eenvoudig genoeg, hoewel 'n mens direk teen allerlei onbevredigende dinge stuit, veral die volgende: dat daar allerlei vorme is waarvan jy meen of dink dat hulle bestaanbaar sou wees, maar wat jy (nog) nie kon vind nie. So is *Boet* en *Boeta* normale Afrikaans, en *boeta-agtig* sou m.i. ewe normaal wees, waarna ook sê maar *boeta-agtigheid* (met *-a-agtigheid*), maar gevind het ek hulle nie. So is daar honderde, bv. (*norm*) + *aal-erigheid-jie* (?), (*Afrika*)-*n-iseerbaarheid*, (*fatsoen*)-*lik-erig* ens. Maar 'n inventaris is nog geen sisteem nie.

Dit is ook eenvoudig om die posisie van formantia ten opsigte van mekaar aan te gee, byvoorbeeld so:

- (a) Daar is ten minste 53 formantia wat as eerste lid in 'n reeks verskyn, onder meer *-a*, *-aal*, *-aan*, *-agtig*, *-baar*, *-eel* ens.
- (b) Van die 53 is daar 27 wat in die tweede plek van 'n reeks kan voorkom, onder meer *-agtig*, *-asie*, *-baar*, *-dom*, *-erig*, *-ing*, *-loos* ens. Die keersy hiervan is 26 wat nooit anders as eerste in 'n reeks staan nie, o.a. *-a*, *-aal*, *-aan*, *-aar*, *-aard*, *-lik*, *-lings*.
- (c) Van die 53 is daar 11 wat ook soms derde in 'n reeks verskyn – 11 wat almal ook deel is van die groep van 27 in (b) hierbo, o.m. *-heid*, *-baar*, *-dom*, *-ing*, *-skap* ens.
- (d) Net 2 is vierde in 'n reeks gevind, nl. *-(t)(j)ie* (en ander verkleiningsvorme en *-s* (meervoud)).
- (e) Net die meervouds *-s* is vyfde en ook sesde in 'n reeks gevind, bv. *Afrikaanserigheidjies*.
- (f) Van die 298 reekse van meer as een agtervoegsel, is 172 reekse van 2 (: 58%), 88 reekse van 3 (: 29.5%), 25 reekse van 4 (: 8%), en dan 'n klein res.

Maar getalle en voorbeelde is ook nog geen sisteem nie. Nader aan 'n sisteem kom 'n mens met die volgende: agtervoegselreekse is alleen moontlik as 'n stam met sy formans tot 'n woordsoort en/of begripsoort behoort waarby 'n ander formans normaalweg voorkom. *Vriend* is 'n s.nw. By s.nw.-stamme verskyn byna nooit 'n *-heid* nie (vergelyk § 107 oor *-heid*). Maar *vriendelik* is 'n b.nw., en dit is veral by b.nw.-stamme dat *-heid* verskyn (vergelyk § 107). *Siek* is 'n b.nw., *siekerig* en *sieklik* ook. Nou kán, met die produktiewe *-heid*, *siekerigheid* én *sieklikheid* volg (net soos *siekheid* sonder 'n formansreeks), maar *meelheid*\* kan nie: daarvoor moet *meel* eers tot *melerig* word. *-Baar* en *-ing* verskyn volop by stamme met ww.-korrelate: *meetbaar* en *meting* is dus normaal. Dan kan daarop volg: *meetbaarheid* en *metinkie*. By *provinsie* as stam kan o.a. *-tjie*, *-gewyse*, *-loos* verskyn, maar geen *-heid*, *-isme*, *-ing* ens. nie, maar by *provinsie* plus *-aal* wel *-heid*, *-isme* ens.

So is dit vrywel deurgaans: as 'n woord bestaan uit 'n stam met 'n selfstandige woordkorrelaat en as daar twee of meer formantia verskyn waarmee die hele woord b.nw., s.nw. of werkwoord is, kan daardie geheel weer as stam dien en kan daar, in beskryfbare omstandighede, nog sekere formantia bykom. By stamme met b.nw.-woordkorrelate kan onder meer bykom *-heid*, *-er* en *-ste* (met graadwaarde), by 'n s.nw.-groep, *-s* (meer-voud), *-(tj)ie* (diminutief), *-gewyse*, by 'n werkwoord-groep *-baar*, *-ing* ens.

Die beskryfbare omstandighede is nie ingewikkeld nie, maar wel omvangryk. Hier volg net enkele voorbeelde:

1) Doopname word nie per afleiding gevorm nie, 'n paar soorte doopnaam-variante egter wel: ons kan dus begin met *Piet* of *Anna* ens. en dan *Pieta*/*Pietie* ens. of *Annatjie* kry, of ook *Pietatjie* van en naas *Pieta*, maar *Witte-a\** of *Lange-a\**, *Wittesa\** of *Langesa\** is uitgeslote, al is *Witte* en *Wittes*, *Lange* en *Langes*, altwee eiename: hulle is nie afgeleide doopname nie.

2) Die materiaal van *-agtig* bevat net voorbeelde met *-agtig* na onafgeleide stamme (vergelyk § 84), en die meeste stamme het s.nw.-korrelate. Nou is daar wel afgeleide s.nw., bv. (*'n*) *slegte*/*lui aard*/*dikkerd*/*verbasings*/*Nederlandisme* ens., maar by hulle verskyn *-agtig* blykbaar so goed as nooit.

3) Die woordkorrelate van die stamme van woorde op *-baar* is byna altyd werkwoorde. Dié werkwoorde is òf afleidinge òf geen afleidinge nie: *eet(baar)*, *skaaf(baar)*, *vermeerder(baar)*, *steriliseer(baar)* ens.

Sekere gevalle is volkome deursigtig, bv. *koloniseerbaarheid*. *-Baar* kom byna uitsluitend by stamme met werkwoord-korrelate en kan dus nie by 'n s.nw.-stam *kolonie* verskyn nie. Word *kolonie* nou geverbaliseer tot *koloniseer*, is *koloniseerbaar* in orde. Maar dan gee dit ook 'n basis (adjektiewies) vir die toevoeging van *-heid*, wat hoofsaaklik by b.nw.-stamme verskyn. Of die b.nw.-stam voor *-heid* nou al reeds 'n agtervoegsel

bevat of nie, skyn hier geen verskil te maak nie: ten opsigte van die *-heid* is *koloniseerbaar* (met twee formantia) soos, sê maar, *krampagtig* (met een formans) of *kaal, geel* ens. sonder formans.

Ook skyn dit geen (?) verskil te maak watter formans die *ww.-stam* en watter die *b.nw.-stam* vorm nie: *ver-* + *stam* + *-ig* is soms gelyk aan *s.nw.-stam* + *-seer*, bv. *verenig* naas *koloniseer*, en daarvandaan volg *verenigbaar* en *-baarheid*, net soos *koloniseerbaarheid*. Dit is alleen toevallig waar dat *-eer* en sy allomorfe die enigste produktiewe verbaliserende agtervoegsel is.

Hier geld dus 'n woordsoortelike hiërargie van stamme, en dit geld ook in baie ander gevalle.

4) In tweeledige reekse het ons dieselfde verskynsel. *Bedel* is 'n werkwoord en *bedelaar\** is (nog) nie 'n Afrikaanse *b.nw.* nie, ook *bedelagtig\** (nog) nie en dus is *bedelbaarheid\**, *bedelagtigheid\** uitgesluit. Maar *bedelrig* kom voor en *bedelrigheid* klink of is normaal. *Lief* het *liefheid* en *liefde* langs hom (met een formans elk), maar van *liefde* af kan *-heid* alleen bykom as *liefde* geadjektiveer is, dus tot, sê maar, *liefdeloos*.

5) By stamme met werkwoord-korrelate is *-erig* en *-ery* besonder produktief. (Vergelyk § 100 en §102.) Sulke woorde op *-erig* is *b.nwe.*, dié op *-ery* *s.nwe.* By stamme met *b.nw.-korrelate* is *-heid* produktief. Dan lê bv. *bewerigheid*, *branderigheid* ens. volkome voor die hand. Maar op *-ery* volg selde iets: *stryerytjie*, *vryerytjie* e.d.m. is nie diminutiewe van *stryery* en *vryery* sonder meer nie, maar meer bepaald van dié woorde in die betekenis „'n bepaalde geval of voorval waarin/waarby daar *gestry/-vry* is of word ens.”

Dus is die enigste gevolgtrekking waartoe ons kan kom, voorlopig die volgende: Die volgorde van formantia in 'n reeks word dus nie bepaal deur een van die formantia in die reeks self nie. Die aanvoeging van formantia by stamme word beheers deur die funksie van die ooreenstemmende woordsoortkorrelate, afgesien daarvan of hulle morfologies gestruktureer is of nie.

### § 143 Samestellende Afleiding

Onder samestellende afleiding word verstaan die proses en/of die produk waar woorde gevorm word deur gelyktydig gebruik te maak van selfstandige woorde en van 'n formans of formantia. Die woord *selfstandig* is self 'n voorbeeld daarvan: ons het nie 'n woord *selfstand\** waarby *-ig* dan gevoeg kan word om *selfstandig* te kry nie, en ons het ook nie 'n woord *standig\** waarby *self* dan gevoeg kan word om 'n kompositum *selfstandig* te kry nie. Maar ons het wel twee selfstandige morfeme *self* en *stand*, en 'n agtervoegsel *-ig*, en dit is dus deur samestelling en agtervoeging gelyktydig dat *selfstandig* gevorm word/is.



Die verskynsel is van mindere belang omdat geen woord wat so gevorm word, ander woordsoortelike komponente verbind as wat in gewone komposita verbind word nie, omdat geen formans gebruik word wat nie ook in gewone afleiding optree nie, omdat daar geen verhoudingstipe tussen die dele verskyn wat nie ook in gewone komposita voorkom nie, en omdat die formantia nooit ander waardes het as wat hulle in gewone afleidings het nie. Ook word dié middel eindeloos minder aangewend ter vorming van nuwe woorde as wat net met afleiding en/of net met kompositumvorming gebeur. Tog verdien dit om die volledigheid 'n woordjie.

Afrikaans het daarvan onder meer die volgende tipes :

#### A. met -er:

1. stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + -er, bv. *bywoner*, *laatslaper*, *saligmaker*;
2. stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + -er, bv. *brood-snyer*, *kleremaker*, *kolekrapper*, *modemaakster*, *naelknipper*;
3. stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + -er, bv. *drieduimer*, *tweedekker*;
4. stam met ww.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + -er: *komhaler* „adamsappel”, *blystaners*, *laatlopers* „mense wat maar laat loop”;

#### B. met -ery:

1. stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + -ery, bv. *mooi-doenery*, *mooiskrywery*, *laatslapery*, *vroeg-opstanery*, *ge-medisyne-gaanhalery*;
2. stam met s.nw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat + -ery, bv. *hoede-makery*, *kleilatgooiery*, *modemakery*;

#### C. met -ig:

1. stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + -ig, bv. *hardnekkig*, *kleinserig*, *milddadig*, *voltallig*;
2. stam met telw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + -ig, bv. *een-jarig*, *eentonig*, *tweestemmig*;

#### D. met -ies:

stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat + -ies, bv. *nieu-modies*, *oud-modies*, *Nieu-Testamenties* (en *Nuwe-Testamenties*).

Die uitslag van 'n vergelyking tussen Afrikaans en Nederlands op hierdie terrein sal daardeur bepaal word of ons byvoorbeeld die WNT se opvatting van wat samestellende afleiding is, aanvaar. Die WNT gee naamlik honderde woorde aan as samestellende afleiding wat ons nie as sodanig beskou nie, of wat oók anders beskou kan word, naamlik

(a) van die tipe *afmoeren*, *afmageren*, *ommantelen*, *ommuren*, *overmeesteren*, *overnachten*, *uitmageren*, *lievemoederen* ens. (wwe.), en

(b) van die tipe *meelbaal*, *meelkamer*, *aardappelmeel*, *havermeel*, *zetmeel* ens.

Van tipe (b) word nie nadruklik van elke woord gesê dat dit wel samestellende afleidinge is nie, maar dié en honderde dergelike voorbeelde meer staan onder 'n spesiale hoof „samenst. en samenst. afl.". Van 99 voorbeelde wat so onder *meel* aangegee word, is daar maar een enkele wat beslis na 'n samestellende afleiding lyk, nl. *meelklonter* (omdat 'n selfstandige woord *klonter*\* nie aangegee word nie), en 8 ander wat dit miskien kan wees, maar wat dit nie sonder meer is nie, omdat albei komponente ook as selfstandige morfeme bestaan, nl. *meelbereiding*|-*koker*|-*kooper*|-*molenaar*|-*peller*|-*schepper*|-*verkooper* en *-verkooperij* (WNT IX, 375-6).

Negeer 'n mens dit as 'n onnoukeurigheid of as 'n minder gelukkige groepering in die WNT, bly nog groep (a) oor, en dié is volgens ons benadering nie samestellende afleidinge nie: as *moeren*, *mageren*, *mantelen*, *muren*, selfstandige verbale morfeme is, is *afmoeren*, *afmageren*, *omantelen*, *ommuren* ens. gewone verbale komposita van stam met bw.-korrelaat + stam met ww.-korrelaat. En as hulle dit nie is nie, dan behels hulle verbindings van stam met bw.-korrelaat + stam met b.nw.-korrelaat of stam met s.nw.-korrelaat, wat met funksiewisseling van die geheel tot werkwoorde word en dan die infinitiefuitgang *-en* kry, maar nie wat werkwoorde word omdat hulle dié uitgang kry nie. (Vergelyk ook § 44).

In ander gevalle word nie gesê dat dit samestellende afleidinge sou wees nie, bv. *platvoeten*, *stampvoeten* en dergelike meer. By *stampvoeten* (ww.!) sê die WNT net: „Van stampen en voet WNT XV, 642). Nogtans moet dit miskien tog ook tot dié groep gereken word op grond van 'n verwysing na Van Lessen,<sup>91</sup> wat meen dat sulke verbindings inderdaad dikwels wel samestellende afleidinge kan wees.

Vir die bepaling van die verhouding van Afrikaans tot Nederlands is dit in laaste instansie eintlik van minder belang, omdat dié soort materiaal ook Afrikaans is (onder die kompositum behandel).

Beperk ons ons dan tot gevalle en soorte wat onder die definisie hier ressourceer, is die bevinding dat alle tipes samestellende afleidings in Afrikaans van Nederlandse herkoms is, asook verreweg die meeste voorbeelde daarvan. Daar was 'n mate van eie taalaktiwiteit, byvoorbeeld in woorde soos *dikvellig*, *doodhouer*, *droogvellig*, *komhaler*, *seerkleinigheid* (Langenhoven), *stroomoppers*, *teëhouers* „wurgpatats” ook genoem *konsensiedrukkers*, ens., maar dié was tog gering in vergelyking met wat op die gebiede van die afleiding en die kompositum gevorm is.

91. Van Lessen, J. H.: *Samengestelde naamwoorden in het Nederlandsch*, 108-9.

## Van afleiding tot ander terreine van die taal

Terwyl die taalgebruiker sy taal as geheel sien en gebruik, moet die taalwetenskaplike of taalbeskouer, wanneer hy sy onderwerp bestudeer, daar seksies of onderveldinge van maak. Hy bestudeer dus een soort afleiding of samestelling of woordorde op 'n slag. As werkmethode is dit noodsaaklik. Dit het nogtans dié nadeel, dat die gelyktydigheid van alle taalverksynsels nie bestudeer word nie – nié soos die taalgebruiker die taal aanwend deur gelyktydige gebruikmaking van talle soorte taalvorme en -waardes uit alle terreine van die taal nie. Met die oog hierop, word hierdie hoofstuk gegee.

### § 144 Van on- tot nie-

In verband met *-loos* is reeds gewys op die komplementêre konstruksie met *sonder* (§ 126). Met daardie paragrafie is die gebied van die afleiding 'n oomblik verlaat, want sê maar *sonder sorg* is tog 'n woordgroep, dus 'n sintaktiese saak, en nie 'n afleiding soos *sorg(e)loos* nie. In verband met *on-* sou ons dieselfde kon gedoen het deur op die komplementêre konstruksies met *nie* te wys. As geleidelike oorgang van afleiding na samestelling en sintaksis, gee ons *nie* nou hier vollediger. Ons werk nou nie met *nie* as adverbiale sinselement nie, maar met die tipes *nie-blanke* (kompositum) en *nie onverdiensielik nie* (woordgroep).

Om 'n woordgroep te bestudeer, gaan ons te werk net soos by afleiding. Ons sal maar sê dat ons die volgende vraag kry: „Kan 'n mens praat van 'n *nie-heldere* klank, of moet dit net *onhelder* wees? Of is daar 'n verskil tussen die twee?” Of ons kan 'n ander vraag kry, bv. „Waarom praat ons net van *nie-blanke* groepe, nie van *on-blanke\** nie, maar net van *onbesonne* en nie van *nie-besonne\** nie?”

Ons kom weer tot 'n formulering van die algemene probleem deur die besondere voorbeeld(e) uit die vrae te verwyder en dan te vra: „Hoe verskyn *on-* en *nie-* + stam met woordkorrelaat/woord in Afrikaans, en met watter waarde(s)?”

Ons werkmethode is wesenlik gelyk aan dié wat by afleiding verduidelik is, naamlik hierin dat ons eers materiaal moet hê. Aangesien *on-* voltooi is, werk ons nou net met *nie-*verbindings, en uit die aard van die vraag hier hoef ons nou nie die materiaal met Nederlands te vergelyk nie. Wel moet ons die materiaal woordsoortelik groepeer.

Dat ons woordeboeke en ook die Woordelys min voorbeelde gee, sal waarskynlik sy verklarings hierin vind dat ons *nie-*komposita 'n baie ope konstruksie is.

Versamelde materiaal sou dan die volgende kon bevat:

### A. Woordsoortelike Sisteem van nie-komposita

1. S.nwe., dit wil sê *nie-* + stam met s.nw.-korrelaat: s.nw., bv. *nie-besitters*, *nie-geleier*, *nie-godheid*, *nie-jood*, *nie-lede*, *nie-nakoming*, *nie-sosialiste*, *nie-studente* e.d.m. *Nie-* + stam met s.nw.-korrelaat skyn 'n baie ope konstruksie te wees as die s.nw. 'n naamwoordelike afleiding is met 'n stam met werkwoord-korrelaat wat vry met *nie* verbind kan word. Dit wil sê as 'n mens kan praat van *mense wat nie werk nie/nie praat nie/nie slaap nie*, kortom, *nie* plus watter werkwoord ook al, sonder dat die *nie* en die werkwoord 'n kompositum vorm, dan kàn 'n kompositum gevorm word indien daar 'n naamwoordelike afleiding van die werkwoord bestaan of kan bestaan. In die gegewe gevalle sou *nie-werkers*, *nie-praters*, *nie-slapers* dan volkome normaal wees. Vergelyk ook *nie-bekragtiging* (< ww. *bekragtig*), *nie-nakoming* e.d.m.

Dieselfde is waar van s.nwe. met stamme met byvoeglik gebruikte deelwoord-korrelate, voltooi en onvoltooid, bv. *nie-beskermdheid*, *nie-gedwongenheid*, *nie-bedektheid* ens. Dit geld eweneens van b.nwe. wat nie met verba verband hou nie maar wat wel as woordgroepe met *nie* verbindbaar is en wat òf kan afgelei word van s.nwe. òf sonder meer in sinsverband as s.nw. aangewend kan word, bv. *die nie-metodiese/nie-barbaarse daarvan of sy nie-barbaarsheid* ens. (Vergelyk ook die b.nw. hier onder.)

Hou die s.nw. nie regstreeks verband met 'n werkwoord of 'n b.nw. nie, kom komposita met *nie* relatief min voor.

2. B.nwe., dit wil sê *nie-* + stam met b.nw.-korrelaat: b.nw.,

(a) voltooide en onvoltooide deelwoorde wat as b.nw. fungeer, bv. *nie-beseerde passasiers*, *nie-beskermdde wild*, *nie-bestaande gevare*, *nie-betalende onderneminge* ens. Dit sluit voltooide en onvoltooide deelwoorde in en is 'n groep wat waarskynlik duisende voorbeelde omvat;

(b) b.nwe. afgelei van, of wat verband hou met, s.nwe., dit wil sê *nie-* + stamme met afgeleide b.nw.-korrelate: b.nw., bv. *nie-barbaarse*, *nie-dialektiese*, *nie-driehoekige*, *nie-horingagtige*, *nie-vyandige* e.d.m. Daar is baie hiervan;

(c) *nie-* + stamme met ander b.nw.-korrelate: b.nw., bv. *nie-baldadige*, *nie-banale*, *nie-eerlike*, *nie-heldere*, *nie-offisiële*, *nie-spesifieke*, *nie-sinnelike* ens. Ook hiervan is daar talle.

### B. Semantiese Sisteem van nie-komposita

'n Studie van die materiaal in die verband waarin dit gevind is, toon die volgende aan:

1. As 'n woord 'n woord met 'n teenoorgestelde betekenis het of iets wat

ongeveer as teenoorgestelde gebruik (kan) word, fungeer die *nie*-verbindinge om 'n tussensituasie te benoem òf om die teenoorgestelde minder kras, enigsins eufemisties te stel. Deur *wat nie mooi is nie* = *nie-mooi(e)* + s.n.w. te noem in plaas van *lelik*, hou ons blykbaar die begrip „lelik” pertinent uit die gedagte. As verhoudinge nie die kwalifikasie *vriendskaplik* verdien of (heeltemal) regverdig nie, is *nie-vriendskaplik* darem nog verdiensteliker as *vyandig*. Omgekeerd as *vyandig* maar deels waar is of onverstandig om te gebruik, is *nie-vyandig* waardiger of versigtiger as *vriendskaplik*. Vergelyk so verder ook *die lewende* en *die nie-lewende* met *die dooi(e)(s)* of *die oorledene(s)*, *beleef* en *nie-beleef(de)* met *onbeleef* ens.

Dit lyk asof *nie-blank* hier in die skema kom: *blank*, *nie-blank*, *gekleurd*, *asook helder*, *nie-helder*, *onhelder*.

**Opm.:** Waarom *on-blanke\** nouliks moontlik is, weet ons uit die studie van *on-*: dit is nie eintlik produktief by stamme met s.n.w.-korrelate of stamme met onafgeleide b.n.w.-korrelate *nie*. (Vergelyk *on-* § 131.)

Dit gebeur selfs wanneer die teenoorgestelde 'n woord op *on-* is, bv. *moontlik*, *nie-moontlik* (d.w.s. ± „minder moontlik”), *onmoontlik*, en omgekeerd: *onmoontlik*, *nie-onmoontlik*, *moontlik*; *ongesonde* (*klimaatstoestande*), *nie-ongesonde*, *gesonde*; *onbelangrike* (*werk*), *nie-onbelangrik(e)*, *belangrik(e)* ens.

2. Het 'n woord *nie* 'n teenoorgestelde *nie*, dit wil dikwels sê meer 'n teenstelling, word 'n verbinding met *nie-* gebruik, bv.

*besitters* en *nie-besitters*

*driehoekig* en *nie-driehoekig*

*geteisterde* en *nie-geteisterde*

(*gebiede*)

*hartvormig* en *nie-hartvormig*

*horingagtiges* en *nie-horingagtiges* ens.

Van die kant van die semantiek beskou, sou *nie-besonne* bestaanbaar wees, naamlik in die reeks: *besonne*, *nie-besonne*, *onbesonne*. Tog klink *nie-besonne* vir baie mense twyfelagtig. Waarom sou dit wees? Ons kyk eers na ander soortgelyke voorbeelde van woorde wat *on-* en *nie-* kan kry of *nie* kan kry nie:

### Wat wel kan

*nie-aandagtig*

*nie-bepaalbaar*

*nie-gebruiklike*

*nie-gesuiker*

*onaandagtig*

*onbepaalbaar*

*ongebruiklike*

*ongesuiker*

*nie-kerklik*  
*nie-pedagogies*  
*nie-samehangend*  
*nie-kundige*

*onkerklik*  
*onpedagogies*  
*onsamehangend*  
*onkundige*

### **Wat blykbaar nie kan nie**

*onbeholpe*  
*onbenullig*  
*onberou*  
*onbesiens*  
*onbruik*  
*onhebbelik*  
*onophoudelik*  
*onkunde*

*nie-beholpe\**  
*nie-benullig\**  
*nie-berou\**  
*nie-besiens\**  
*nie-bruik\**  
*nie-hebbelik\**  
*nie-ophoudelik\**  
*nie-kunde\**

*Nie*-verskyn by dieselfde stam waarmee *on-* verbind is, mits daardie stam 'n selfstandige woordkorrelaat het. In hierdie kort lysie is daar die volgende woorde wat nie vry voorkom nie: *beholpe\**, *benullig\**, *besiens\**, *bruik\**, *hebbelik\**, *ophoudelik\**. Hierby kan nog gevoeg word die b.nwe. wat genoem word in § 131.

As iemand dus nie die woord *besonne* ken los van die *on-* nie, sal *nie-besonne\** hom beslis nie aanstaan nie, en omgekeerd. Dit is 'n posisie wat in die toekoms waarskynlik al hoe meer gaan voorkom by dergelike ablaute b.nw.-stamme met deelwoord-korrelate. Wat van *nie-besonne\** in sommige mense se taagebruik geld, sal waarskynlik in almal se taagebruik geld ten opsigte van bv. *nie-besproke\**, *nie-ontgonne\**, *nie-verdrote\**, *nie-begonne\** ens., omdat *begonne\**, *besproke\** ens. alleen nog saam met *on-* voorkom, en nie vry voorkom nie. *Nie-ontginge* en *nie-bespreekte* is in die haak, maar baie mense sal huiwer voor en tussen *nie-* en *-on-uitgespreek(te)/-uitgesproke*, *nie-* en *on-gebuiq(de)/geboë*, *nie-* en *on-gbreek(te)/-gebroke*, omdat die Ablautsvorme al hoe meer verdring word, sodat *gesproke*, *uitgesproke*, *geboë*, *gebroke* e.d.m. in baie mense se taagebruik al hoe meer geïsoleer raak, d.w.s. gaan in die rigting van *beholpe\**, *begonne\**, *verdrote\** e.d.m.

Waarom is *nie-berou\** dan enigsins twyfelagtig, want *berou* bestaan tog wel? Die verklaring is reeds hierbo gegee. Daaraan moet nogtans toegevoeg word wat in verband met *onberou* gesê is in § 131: *onberou* se betekenis is nie geïsoleer van dié van *berou* nie. Buitendien is *berou* ook 'n werkwoord. Allerlei pleit dus ten gunste van *nie-berou*. Maar waarom sou *nie-berou\** nou tog aanneemliker klink of wees as bv. *nie-deuq\**, *nie-diens\**, *nie-geloof\**, *nie-guns\**, *nie-skuld\**, *nie-dier\**, *nie-ding\**, *nie-koste\** ens.? Dit is blykbaar so dat hoe groter die graad van betekenis-isolering (*on-* § 131) van *on-* + stam met s.nw.-korrelaat weg van die

grondbetekenis van die s.nw., hoe onbestaanbaarder is *nie* + dieselfde woordkorrelaat in die reeks *on-* + stam met s.nw.-korrelaat, s.nw. sonder meer, en *nie-* + stam met s.nw.-korrelaat. *Nie-deug* naas *deug* en *ondeug*, en *nie-geloof* naas *geloof* en *ongeloof*, kán miskien nog, maar *nie-diens*\* naas *diens* en *ondiens*, *nie-guns*\* naas *guns* en *onguns*, *nie-skuld*\* naas *skuld* en *onskuld*, *nie-dier*\* naas *dier* en *ondier* ens. *deug nie*, omdat die *on-*verbindingsse betekenis te ver geïsoleer is van die enkel s.nw. s'n. Moontlik kan *nie-dier* en *nie-mens* en *nie-trou* ens. nog bestaan naas *dier*, *mens*, *trou* ens., maar *nie* in 'n reeks van drie met die *on-*vorm daarby *nie*. En buitendien weet ons dat nóg *on-* nóg *nie* noemenswaardig produktief is by onafgeleide s.nwe.

Ons het nagegaan in hoeverre *nie* kan verskyn by dieselfde woorde waarby *on-* verskyn. Nou kan ons nog die vraag omkeer en vra: In hoeverre is afleidinge op *on-* ook moontlik by woorde wat wel komposita met *nie-* kan vorm? Die antwoord weet ons reeds omdat *on-* en *nie-* klaar bespreek is. Die antwoord is: *on-* verskyn produktief veral by stam met byvoeglik gebruikte deelwoord-korrelate, wat ook die vrugbaarste terrein van *nie-*komposita is.

Daarmee is dan geantwoord op die vrae insake *nie-helder* en *onhelder*, *nie-blank(e)* en *onblank\**, *onbesonne* en *nie-besonne\**. Maar dit was ook ons bedoeling dat dié antwoord moet kan dien as leidraad vir alle soortgelyke verdere vrae wat moontlik gestel sal kan word: die taalgebruiker wat sy vrae stel, behoort 'n gemotiveerde antwoord te waardeer, en die beantwoorder van die vrae behoort gemotiveerde antwoorde te kan verstrek waar hulle bestaan en hulle self te kan uitwerk waar hulle nog nie bestaan nie.

Ten slotte: die sistematikus weet dat sy groeperinge in mekaar oorloop – hier afleiding op *on-* en komposita met *nie-*, maar dit sal goed wees as ons ook in ons taalonderrig op skool en universiteit so dikwels moontlik dergelyke integreringe tussen verskillende terreine van die taal kan verwerk. Dit is deels ter wille van hierdie selfde integrering en deels omdat daar aan afleiding ook nog ander gesigspunte vassit as dié wat tot hertoe uitgewerk is, dat ons in hierdie hoofstuk ook nog, al is dit sketsmatig, die sintaktiese kondisionering van afleidingsgebruik gaan bespreek.

#### § 145 Die Sintaktiese Kondisionering van Afleidingsgebruik

Omdat dit hier meer gaan om die gelyktydigheid-van-aanwending van onderskeibare taalvorme, kan hier die metode gevolg word om van 'n praktiese taalvraag uit te gaan. Iemand vra dan, soos inderdaad dikwels gevra word: „Kan 'n mens praat van ‚die firma se groot *uitverkoop*‘, of moet dit *uitverkoop* wees?”

Die werkmetode is min of meer dieselfde as hier voor: formulering van probleem, materiaalinsameling ens.

In verband met die probleemstelling moet ons nou oplet dat die vraag nie is of daar 'n onafgeleide woord *uitverkoop* en 'n afgeleide woord *uitverkoping* (wat altwee as s.nw. gebruik word) is nie. Dit is dus geen vraag oor die grense van afleidingsvorming deur *-ing* nie – ons weet trouens dat *uitverkoop* en *uitverkoping* as s.nwe. wel bestaan. Die vraag is: as 'n mens twee sulke vorme het, wanneer gebruik jy die een en wanneer die ander? Maar nou weet ons ook dat *uitverkoping* die gewone vorm hier is vir naamwoordelike gebruik, daarom kan ons ons vraag ook enger stel, naamlik so: Wanneer word 'n werkwoord waarby daar 'n naamwoorde-like afleiding op *-ing* bestaan, sonder die *-ing* as naamwoord aangewend?

Ons sal dus uit spreek- en skryftaal voorbeelde moet versamel van sinne waarin onafgeleide werkwoorde as s.nwe. gebruik word en waarvan ons meen dat daar ook afleidinge op *-ing* van dieselfde werkwoorde kon gebruik gewees het, en omgekeerd, dus ook voorbeelde van altwee soorte waar ons meen dat nie ander vorme kon gebruik gewees het (of kan word) nie.

Sodra ons begin soek, vind ons woorde waarby daar geen *-ing* kan verskyn nie, bv. *aas, bars, dink, eet, gaan, hoes* ens., dosyne hiervan. Waarom hulle geen *-ing* kan kry nie, interesseer ons hier nie, daarom laat ons hulle sonder meer uit ons versameling(e) weg. (Vir wie nogtans om ander oorweginge hierop wil ingaan, is daar metodiese gesigspunte te vind in *Afrikaans as Eerste Taal vir sts. IX en X*.<sup>1</sup>)

In ons verdere versamel(ing) van materiaalsinne wil ons dan dadelik weet of daar ook voorgeskrewe gesigspunte is waarvolgens die materiaal ingedeel kan (moet) word. Aangesien ons hier met afleiding te maak het, sal ons vanself nagaan of daar semantiese verskille aan die betrokke woordvorme vassit. Daarvoor kyk ons eenvoudig na die semantiese waarde van elke voorbeeld en kyk wat blyk. Die uitslag daarvan volg hier onder.

Maar so al werkende tref dit ons dat, terwyl dit in die probleemsin *uitverkoop* is wat twyfel wek, dit in ander sinne juis omgekeerd is: in 'n sin soos *Die uitverkoping van die goed het gou gegaan*, twyfel ons aan dié *uitverkoping*. Dan moet ons dus ook oorweeg of daar nie sinsverskille of verskille in sinstruktuur – wat ons *sintaktiese verskille* noem – aan die gebruike vassit nie. Daarom verskyn hierdie paragraaf ook onder die opskrif *Sintaktiese kondisionering van afleidingsgebruik*. Ons gaan dus ons materiaal indeel volgens die sinsfunksies en verbintenisse van die bestudeerde woorde, dit wil sê of dit onderwerp of voorwerp van sinne is, met sy bepaling verskyn ens. Ons materiaal sou dus in die volgende vorm opgestel kon word:

1. Van der Merwe, C. P., Kempen, W. en Jaco van der Merwe: *Afrikaans as Eerste Taal vir sts. IX en X*.



W *we*. *sonder -ing*, as *s.nw. aangewend*, in die volgende funksies en verbindinge:

Sinne waarin *-ing* ook moontlik of selfs gebruikliker is, of waarin dit onmoontlik is, is in die kolomme hierlangs dienooreenkomstig gemerk.

Onderwerp sonder Verbinding :

1. a: Stelvorm: *Aanhits sal nie help nie.*  
b: Vraagvorm: *Sal aanhits nie help nie?*
2. a: *Aftrek is maklik.*  
b: *Is aftrek maklik?*
3. a: *Afrokkel word deur die wet verbied.*  
b: *Word afrokkel deur die wet verbied?*
4. a: *Afskilfer kom vanself.*  
b: *Kan jy afskilfer verwag?*
5. a: *Angliseer is nog steeds 'n gevaar.*  
b: *Is angliseer nog steeds 'n gevaar?*
6. a: *Verbaster is hulle voorland daar.*  
b: *Is verbaster hulle voorland daar?*
7. a: *Dreig is gevaarlik.*  
b: *Is dreig gevaarlik?*
8. a: *Dreineer is hier gewens.*  
b: *Is dreineer hier gewens?*
9. a: *Kontroleer geskied op die grens.*  
b: *Geskied kontroleer op die grens?*

	Moontlik	Gebruiklik	Onmoontlik
1. a	✓		
1. b	✓		
2. a	✓		
2. b	✓		
3. a	✓		
3. b	✓		
4. a	✓	✓	
4. b	✓	✓	
5. a	✓	✓	
5. b	✓	✓	
6. a	✓	✓	
6. b	✓	✓	
7. a	✓		✓
7. b			✓
8. a	✓	?	
8. b	✓	?	
9. a	✓	✓	
9. b	✓	✓	

Sonder meer voorbeelde is dit al duidelik dat die patroon baie ingewikkeld gaan word. Want ons het met dié 9 sinnetjies al 4 groepe:

*-ing* moontlik: Sinne 1a en b, 2a en b, 3a.

*-ing* moontlik en gebruikliker: Sinne 3b, 4a en b, 5a en b, 6a en b, 9a en b.

*-ing* moontlik en miskien gebruikliker: Sinne 8a en b.

*-ing* onmoontlik: Sinne 7a en b.

Die ondersoek het onbevredigend verloop, omdat baie gou geblyk het dat alle proefpersone nie eenders kies tussen taalvorme nie. Tog weet ons hieruit kant en klaar ten minste één ding, naamlik dat selfs binne gedeeltelike gelykheid van sintaksis (onderwerp, onderwerp sonder verbinding, onderwerp aan die begin van die sin, in stel- en vraagvorm) die gebruik

of nie-gebruik van *-ing* wissel van woord tot woord. Wat beteken dit nou: dat die sintaksis wel of nie die gebruik bepaal nie, wel of nie daarmee saamhang nie?

Die antwoord hierop kan ons nie nou al gee nie, omdat ons ongelyke sinne vergelyk het. Hulle is ongelyk in lengte én in wat ná die aanvang staan of ontbreek. *Dreig is gevaarlik* en *Aftrek is maklik* is volkome eenders gebou, naamlik (ww.:s.nw.) + *is* + b.nw., maar hulle is anders gebou as bv. *Angliseer is nog steeds 'n gevaar* waarin ons twee bwe. + lidw. + s.nw. het teenoor die enkele b.nw. by *dreig* en *aftek*. Om hierdie beswaar uit die weg te ruim, moet ons dus sinne hê van volkome gelyke bou. Neem ons nou die sinstipe van *Dreig is gevaarlik*, dan sal ons gou genoeg honderde sulkes versamel hê in die stelvorm maar baie minder in die vraagvorm. By wat deur lees en uit gesprekke versamel is, word materiaal deur eie voorbeelde van die tipe *Dreig is gevaarlik* verder aangelê. Ons vind onder meer *Aanhits is verniet*, *Opstook is strafbaar*, *Aftrek is maklik*, *Dreineer is goedkoop* ens., dosyne hiervan.

Ons vind dat, in alle gevalle van (ww.:s.nw.) + *is* + b.nw., die (ww.:s.nw.) sonder *-ing* kan verskyn. Maar met die meeste wwe. wat *-ing*-afleidingsvorme het, kan ons nie daardie tipe sin bou nie, sodat hierdie reël nie vir hulle kan geld nie. Ons sal dus ook ander sinvorme moet bou: 1. (ww.:s.nw.) + ww. + bw., en 2. (ww.:s.nw.) + *se* + s.nw. Eerstens dan (ww.:s.nw.) + ww. + bw., bv.

<i>Aanhits help nie</i>	<i>Dreig help nie</i>	<i>Kontroleer help nie</i>
<i>Aftrek help nie</i>	<i>Dreineer help nie</i>	<i>Opstook help nie</i>

Ons vind dat meer werkwoorde as in tipe 1. hierbo in sinne soos tipe 2. kan voorkom. Ons kyk na die ander tipe, nl. 2. (ww.:s.nw.) + *se* + s.nw., waar hierdie verbinding „verwerping, weiering, afkeer, afkeuring” of „tipies van” ens. te kenne gee, dus bv.

<i>Aanhits se voet</i>	<i>Angliseer se verstand</i>	<i>Kontroleer se uitwerking</i>
<i>Afrokkel se maat</i>	<i>Dreig se voet</i>	<i>Opstook se dinge</i>
<i>Aftrek se moses</i>	<i>Dreineer se werk</i>	<i>Verbaster se maai</i>

Verbindinge met *se voet* / *maai* / *verstand* ens., d.w.s. dié wat verwerping of ontkenning te kenne gee, word altyd min of meer as uitroepe gebruik. Die ander kom in sinne voor, bv.

*Dis opstook se dinge wat so lyk*  
*Korrelasies uitwerk is aftrek se moses*  
*As kontroleer se uitwerking so lyk*  
*Omkoop is afrokkel se maat e.d.m.*

Ons kan nog meer tipes nagaan, bv. 3. wat gebeur as die betrokke werkwoord gevolg word deur 'n woord wat in voorwerpsverhouding tot hom staan, sê maar: *Die kontroleer van die syfers sal baie tyd kos*. Hier is

*kontroleer* ww. : s.nw. en syfers sou die voorwerp daarby gewees het as *kontroleer* werkwoord gebly het. Ons kry dan bv.

Die *dreig* van die kinders (ook *dreiging*)

Die *aanhits* van die volk (ook *aanhitsing*)

Die *opstook* van die volk (ook *opstoking*)

Die *af trek* van die papier (nie *af trekking* nie!) ens.

Ons kan nog na baie ander tipes kyk, byvoorbeeld 4. na sinne wat gebou is presies soos ons probleemkonstruksie: *Die firma se groot uitverkoop*, d.w.s. s.nw. + se + b.nw. + (ww. : s.nw.), bv.

*Die water se vinnige verdamp(ing)*

*Piet se ooglopende verbleek | verbleking*

*Jan se kastige terugbetaal | -betaling*

*Sussie se danige terugbesorg(ing)*

*Die dier se laaste stuip trek | -trekking*

*Die blankes se stadige aanwas | -sing.*

Maar ons hoef nie verder te gaan nie, want ons weet nou al:

1. Die gebruik of nie-gebruik van onafgeleide ww. : s.nw. wissel van verbindingstipe tot verbindingstipe.
2. Alle wwe. : s.nwe. kan nie in alle verbindingstipes optree nie.
3. Die aanwending van onafgeleide ww. : s.nw. kom baie uitgebreid voor.
4. *Die firma se groot uitverkoop* verteenwoordig klaarblyklik 'n baie ope konstruksie.

(My materiaal beloop bykans 300 sinne met verskeie ww. : s.nw.)

Dan hoef ons nie aan die geval te twyfel nie, behalwe dat ons nog aan die semantiese sisteem aandag moet gee. Studie van die materiaal toon aan:

(a) Dat wanneer die sinsvorm die gebruik van werkwoord met en sonder *-ing* as s.nw. toelaat, daar 'n sterk neiging is om die *-ing*-lose vorm te gebruik as die aktiewe of verbale waarde daarvan (nog) sterk gevoel of gerealiseer word. *Piet se ooglopende verbleek*, *Jan se kastige terugbetaal*, *Die water se vinnige verdamp* ens. beteken dus eintlik „Die feit dat Piet so ooglopend verbleek (het)”, „Die feit dat Jan kastig sou terugbetaal”, „Die feit dat die water (so) vinnig verdamp” en slaan nie soseer op die „verbleekte toestand”, die „terugbetaaldheid” of die „verdamptheid” nie. Maar die *ing*-vorm verskyn ook in hierdie waardeverband, want ons kon hierbo ewe goed *verbleking*, *terugbetaling*, *verdamping* ens. gesê het. Daar is nog geen vaste sisteem ten opsigte hiervan nie.

(b) Dat as die sinsverband nie-aktief of nie-verbaal is, as daar geen sprake is van proses of onvoltooidheid nie, byna uitsluitend die *-ing*-vorme gebruik word. Hier is wel 'n mate van sisteem. So kan ons praat van *die versamel* of *die versameling* van materiaal, maar as die versamelwerk voltooi is en hier voor ons lê, noem ons dit nie en nooit 'n *versamel\** nie, net

'n versameling. So is die tel van lopies normale Afrikaans, maar wat klaar getel is, die som daarvan, is nie 'n tel\* nie, net 'n telling.

**Opm.:** Ons het gesê dis byna uitsluitend so. Die knoop lê naamlik hierin

1) dat daar by baie wwe. 'n verskil in toepassingsveld is tussen ww.:s.nw. sonder en die met *-ing*, bv. *die sien van 'n skildery* en *die siening van 'n skildery* „kyk daarna en die beskouing wat daaruit blyk”;

2) dat daar baie ww.:s.nwe. is waarvan die begrip min of meer verdwyn as die proses afgehoop is – as 'n *uitverkoperij/uitverkoop/uitverkoop* klaar is, dan is daar niks en alle verwysing daarna is dan histories. (Soos wanneer ons sê *die wind lê* en bedoel „daar is nie wind nie”.)

Die volgende is belangrik: daar is dus baie skakeringe wat in die menslike denke bestaan of kan bestaan wat soms wel, soms nie gerealiseer word nie, en wat ook nie altyd in taal uitgedruk word of kan word nie.

Die geval *uitverkoop* lê semanties volkome binne die sisteemvrye van die hele stelsel. Saam met die sintaktiese beskouing (nie *beskou* nie) lyk dit dus volkome normaal.

In elk geval moet ons die eintlike bedoeling (nie *bedoel* nie) van hierdie gedeelte weer onderstreep, naamlik om aan te toon dat afleiding soms geïntegreer is of verband hou met ingewikkelde sintaktiese sake.

Die sintaksis vereis dus soms 'n bepaalde woordsoortelike vorm. Uit die bespreking van o.a. *-ery*, *ge-* en die verkleiningsformans (§ 102, § 105 en § 109 resp.) weet ons ook dat sekere soorte afleidingsgebruik soms deur stylfaktore bepaal word. Die volgende wat ter sprake moet kom, is die gedeeltelik-semantiese faktor van woordgroep teenoor kompositum. Wat is naamlik die feite in verband met gevalle soos die volgende:

*administrasiegebou* en/of *administratiewe gebou*?

Hoekom is *administrasiegebou* en *administratiewe hoofstad* die vorme wat meesal gebruik word terwyl *administratiewe gebou* en *administrasiehoofstad* selde of nooit gehoor word nie?

Eintlik moet eers bepaal word of dit feite is dat ons meesal so en altyd sus doen. Uit materiaalversameling is vasgestel dat dit nie so danig seker is dat ons meesal *administrasiegebou* sê nie en selde *administratiewe gebou* nie, maar in verband met *hoofstad* lyk die waarneming korrek. Dit voer ons dan tot die volgende deel van die vraag, naamlik hoe dit dan inmekaar sit dat ons so anders handel met eenderse dinge.

Algemeen gestel, sou die vraag só lui: Kom dit meer voor dat ons 'n stam met onafgeleide woord-korrelaat + 'n stam met s.nw.-korrelaat in kompositumvorm kry naas 'n byvoeglike afleiding + dieselfde s.nw. in 'n woordgroep (soos in *administrasie* + *gebou* naas *administratiewe* +

*hoofstad*), en wat is die sisteem indien enige? Uit materiaalversameling is die volgende gekry :

1. Dié waarby daar geen verskil in betekenis is tussen kompositum en woordgroep nie :

<i>departementshoof</i>	en <i>departementele hoof</i>
<i>dialekstudie</i>	en <i>dialektiese studie</i>
<i>dialekverskille</i>	en <i>dialektiese verskille</i>
<i>elektrisiteitsapparaat</i>	en <i>elektriese apparaat</i>
<i>gemeentebiduur</i>	en <i>gemeentelike biduur</i>
<i>gemeentevergadering</i>	en <i>gemeentelike vergadering</i>
<i>grammatikastudie</i>	en <i>grammatikale studie</i>
<i>kultuurwerk</i>	en <i>kulturele werk</i>
<i>munisipaliteitsgrond</i>	en <i>munisipale grond</i>
<i>ouerhuis</i>	en <i>ouerlike huis</i>
<i>propagandamiddels</i>	en <i>propagandistiese middels</i>
<i>sinodebesluite</i>	en <i>sinodale besluite</i>
<i>stadsbelange</i>	en <i>stedelike belange</i>
<i>universiteitsloopbaan</i>	en <i>universitêre loopbaan</i>
<i>vrouemanier</i>	en <i>vroulike manier</i>

Alle taalgebruikers sal dit moontlik nie oor elke voorbeeld volkome eens wees nie, maar dan bly heelwat van die lysie tog nog gevalle waar stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat in 'n kompositum saamgevat, en b.nw. + dieselfde s.nw. net alternatiewe stelwyses is. (Dit is 17 uit die lys van 75 waarmee ons hier werk.)

2. Die tweede groep is dié waarin ook altwee stelwyses bestaan, maar dit is twyfelagtig of daar wel of nie 'n betekenisverskil bestaan :

<i>angstoestande</i>	en <i>angstige toestande</i>
<i>godsdiensoonderrig</i>	en <i>godsdienstige onderrig</i>
<i>mannewerk</i>	en <i>manlike werk</i>
<i>probleemgeval</i>	en <i>problematiese geval</i>
<i>seks(e)drang</i>	en <i>seksuele drang</i>
<i>vrouekwale</i>	en <i>vroulike kwale</i> (7 van die 75)

3. Soms is die kompositum moontlik maar minder gebruiklik, en is die groep wel gebruiklik, meesal met geen algemeen geldende verskil in betekenis nie :

<i>adjektieffunksie</i>	en <i>adjektiewiese funksie</i>
<i>Afrikaans-klas</i>	en <i>Afrikaanse klas</i>
<i>algebraprobleem</i>	en <i>algebraïese probleem</i>
<i>Hollands-saal</i>	en <i>Hollandse saal</i> (4 van die 75)

4. (a) Soms is die kompositum die gewone, en die groep nie :

<i>botanieklas</i>	en <i>botaniese klas</i>
<i>chemiegebou</i>	en <i>chemiese gebou</i>
<i>chemieklas</i>	en <i>chemiese klas</i>
<i>chemiesyfer</i>	en <i>chemiese syfer</i>
<i>geografieklas</i>	en <i>geografiese klas</i>
<i>grammatikales</i>	en <i>grammatikale les</i>
<i>meetkundeklas</i>	en <i>meetkundige klas</i>
<i>parlementsgebou</i>	en <i>parlementêre gebou</i> (8 van die 75)

(b)

<i>algebraklas</i>	en <i>algebraïese klas</i>
<i>atletiekprestasie</i>	en <i>atletiese prestasie</i>
<i>elektrisiteitsmense</i>	en <i>elektriese mense</i>
<i>elektrisiteitsrekening</i>	en <i>elektriese rekening</i>
<i>opvoedkundegebou</i>	en <i>opvoedkundige gebou</i>
<i>probleemkinders</i>	en <i>problematiese kinders</i>
<i>redaksiekamers</i>	en <i>redaksionele kamers</i>
<i>redaksielede</i>	en <i>redaksionele lede</i>
<i>sielkundeapparaat</i>	en <i>sielkundige apparaat</i>
<i>skoolkinders</i>	en <i>skoolse kinders</i>
<i>sportprestasies</i>	en <i>sportiewe prestasies</i>
<i>telefoonrade</i>	en <i>telefoniese drade</i>
<i>telegraafpaal</i>	en <i>telegrafiese paal</i>
<i>telegraafwese</i>	en <i>telegrafiese wese</i>

5. Soms kan die woordgroep glad nie gebruik word nie :

*atletiekbaan* en nie *atletiese baan\** nie.

Volgens baie mense kan verskeie van groep 4. se voorbeelde ook hierby geplaas word.

6. Soms kan die kompositum glad nie gebruik word nie, die groep wel :

<i>chemiese stowwe</i>	en nie <i>chemiestowwe*</i> nie
<i>figuurlike taal</i>	en nie <i>figuurtaal*</i> nie
<i>manlike optrede</i>	en nie <i>mansoptrede*</i> nie
<i>parlementêre taal</i>	en nie <i>parlementstaal*</i> nie (4 van die 75)

7. Soms is kompositum en woordgroep gewoon en gebruiklik, maar met 'n ewe duidelike betekenisverskil :

<i>akademiebespreking</i>	en <i>akademiese bespreking</i>
<i>akademievergadering</i>	en <i>akademiese vergadering</i>
<i>algebraboek</i>	en <i>algebraïese boek</i>
<i>atletiekfiguur</i> „'n tekening”	en <i>atletiese figuur</i>
<i>atletiekklas</i>	en <i>atletiese klas</i>

<i>botanietuin</i>	en <i>botaniese tuin</i>
<i>dramaskrywer</i>	en <i>dramatiese skrywer</i>
<i>fantasiekostuum</i>	en <i>fantastiese kostuum</i>
<i>huismense</i>	en <i>huislike mense</i>
<i>konstruksiewerk</i>	en <i>konstruktiewe werk</i>
<i>landstoestande</i>	en <i>landelike toestande</i>
<i>musiekstudente</i>	en <i>musikale studente</i>
<i>natuurmense</i>	en <i>natuurlike mense</i>
<i>natuurtonele</i>	en <i>natuurlike tonele</i>
<i>ouerpaar</i>	en <i>ouerlike paar</i> (kerktaal)
<i>Patriotdigters</i>	en <i>patriotiese digters</i>
<i>produksiegroep</i>	en <i>produktiewe groep</i>
<i>sportmense</i>	en <i>sportiewe mense</i>
<i>sportreëlings</i>	en <i>sportiewe reëlings</i> (17 van die 75)

Die voorbeelde kan tot in die honderde aangevul word, maar dit kan hoogstens meer groepe gee, nie minder nie. En soos uit die indeling blyk, is daar beslis twee groot gekontrasteerde groepe, naamlik

(a) dié met geen betekenisverskil tussen woordgroep en kompositum nie, teenoor dié waarby daar 'n baie definitiewe verskil is. (Dit is groepe 1. en 7.);

(b) dié waarvoor daar geen woordgroep gebruik kan word nie (groep 5.), en dié waarvoor geen kompositum gebruik kan word nie (groep 6.).

Tussen (a) en (b) deur lê groepe 2., 3. en 4. (met 36, d.w.s. byna die helfte van ons totale getal voorbeelde), wat dan minder of meer van die verskille tussen (a) en (b) behels. (*Administrasiegebou* en *administratiewe gebou* hoort hierby, *administratiewe hoofstad* daarenteen by (b) hierbo.)

Met soveel verskeidenheid lyk dit nie waarskynlik dat ons hier enige sisteem sal ontdek waarvolgens ons in gevalle van onsekerheid tot sekerheid sal kan kom nie. Dit is dan ook nie juis nodig vir die beantwoording van ons vraag nie, want ons kan nou al sê: dit is eenvoudig soos hierbo uiteengesit, en ons weet nou dat *administrasie* en/of *administratiewe* + 'n s.nw. glad nie 'n alleenstaande geval is nie.

As die voorbeelde nagegaan word, blyk dat die onsekerheid veral voorkom ten opsigte van groep 4. Hierin kon groepe 1., 2., 3. en 7. meegewerk het, d.w.s. die bestaan van dubbelgroepe kon twyfel laat ontstaan in gevalle waar daar voorheen nie twyfel was nie. As dit die geval is, wat moontlik is maar nie bewysbaar nie, sou dié gebruik van 'n groep van b.nw. + s.nw. in afdeling 4. verkeerd wees, maar nie onafrikaans nie. Dan sou ons te doen hê met analogiewerking wat (nog) nie algemeen is nie. In voorbeelde uitgedruk, kan ons dan sê: die bestaan van soveel gevalle soos *departementshoof* en *departemente hoof*, *dialekverskille* en *dialektiese verskille*, *elektrisiteitsapparaat* en *elektriese apparaat* e.d.m.

kòn daartoe gelei het dat mense nou ook, in afwyking van die gebruiklike, gaan praat van byvoorbeeld *botaniese klas* naas *botanieklas*, *chemiese gebou* naas *chemiegebou* e.d.m. Daar is nogtans ook 'n ander moontlikheid, naamlik dat Engelse invloed hier in die spel kom, byvoorbeeld in *atletiese prestasie*, *elektriese mense/rekening*, *opvoedkundige gebou*, *sielkundige apparaat* ens.

Feit in hierdie verband is naamlik

1. dat ons so dikwels nie twyfel of ons die kompositum kan gebruik nie, maar wel of ons die woordgroep kan gebruik, en
2. die woordgroep word in Engels ruimer gebruik as in Afrikaans, bv. *athletic activities* vs. *atletiekbedrywigheid/-hede*, *parliamentary buildings* vs. *parlementsgeboue*, *electrical people* vs. *elektrisiteitsmense*, *educational building* vs. *opvoedkungebou*, *sporting news* vs. *sportnuus* ens. Daar is heelwat sulke gevalle waarin die Afrikaanse taalgebruik en taalgevoel die kompositum verkies.

Dit lyk dus asof ons kan sê: Wanneer 'n Afrikaanssprekende twyfel tussen die woordgroep b.nw. + s.nw. en die kompositum stam met b.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat, waar hy weet dat altwee bestaan en dat daar geen betekenisverskil is nie, kies dan die kompositum. Behalwe wat hierbo gesê is, sou die volgende nog ten gunste van so 'n standpunt aangevoer kon word: 1. Die Afrikaanse gevoel vir gewone tweelidkomposita is redelik suiwer: komposita van twee s.nwe. is só gewoon in Afrikaans dat foute daarmee byna ondenkbaar is. 2. Die verbinding b.nw. + s.nw. in 'n woordgroep omvat heelwat minder soorte verhoudinge as dié wat ons by komposita van stam met s.nw.-korrelaat + stam met s.nw.-korrelaat kry. Anders gestel, kan ons sê soos elders by komposita: dieselfde wyse van samestelling omvat 'n baie groot verskeidenheid van soorte verhoudinge – sonder dat die verhoudinge in die vorm van die komposita tot uitdrukking kom of kan kom. Daarom is dit ook nie nodig om van dié presiese verhouding rekenskap te gee as 'n kompositum gevorm word nie, soos dit wel gedoen moet word as 'n woordgroep gebruik word. *Beeshorings* (kompositum) kan wees: „horings van 'n bees, horings soos van 'n bees, horings vir 'n bees” (by kinderspel), „baie groot horings” ens. Daarenteen kan die woordgroep *beesagtige horings* alleen beteken „baie groot horings”. Daar is dus baie te sê ten gunste van die keuse van die kompositum wanneer dit gaan om kompositum of woordgroep in gevalle soos hier vóór verduidelik is. Op die voorbeeld in ons vraag toegepas, sou dit beteken dat *administrasiegebou* 'n verantwoordbare keuse sou wees teenoor *administratiewe gebou*, maar *administratiewe hoofstad* waar *administrasiehoofstad* nie voorkom nie.



## § 146 Slotopmerkinge

### Woordsoortelike meerfunksionaliteit, komposita, afleidinge en die ontstaan van Afrikaans

Hierdie bundel bevat die bevindinge van 'n ondersoek van 160,000 Afrikaanse taalvorme, hoofsaaklik op die gebiede van die woordsoortelike meerfunksionaliteit, komposita en afleidinge. Dit is dus nie die hele Afrikaans wat ondersoek is nie, ook nie op die genoemde gebiede nie. Maar die 160,000 vorme is wel verteenwoordigend van aldie gebiede.

Ook is die ondersoek nie aangepak om teorieë omtrent die ontstaan van Afrikaans te toets nie. Die primêre opset was om die feite so presies moontlik te beskrywe. 'n Deel van daardie feite is die verhouding tussen Afrikaans en Nederlands. Dié verhouding moet in besonderhede bekend wees om te kan bepaal of daar in Afrikaans eie taalaktiwiteit was, wat die omvang daarvan is en, as dit sou blyk dat daar vernuwing of eie taalaktiwiteit in Afrikaans was, in watter rigting dit gegaan het of nog gaan. Antwoorde op dergelike vrae was bedoel om 'n suiwer praktiese nut te hê, naamlik om 'n agtergrond te bied vir die beantwoording van so baie taalvrae wat voortdurend in verband met die uitbou van Afrikaans gestel word. As 'n taalkundige 'n taalvorm anglisisties noem, of onproduktief, of verkeerd, moet hy grond onder sy voete hê.

Dit is dus in sekere sin net 'n by-produk van hierdie ondersoek dat dit ook nuwe gegewens in verband met die ontstaan van Afrikaans voor 'n dag gebring het. Nogtans is dit nie onbelangrike gegewens nie, want hulle toon aan dat Afrikaans veel Nederlandser gebly het as wat 'n mens op grond van publikasies oor die ontstaan van Afrikaans sou dink.

Dit het geblyk

1. dat 'n gemiddelde van sowat 20–25% van die Afrikaanse grammatiese woordgebruik, sy kompositum- en sy afleidingsvoorraad eiegoed is;
2. dat in byna 100% van alle soorte gevalle Nederlandse modelle gevolg is;
3. dat die vernuwing nie bont en willekeurig nie, maar meesal volgens 'n duidelike sisteem plaasgevind het;
4. dat die sisteem op die meeste punte nog vrywel dieselfde as die Nederlandse is;
5. dat die verskille tussen Afrikaans en Nederlands baie kleiner as die ooreenkomstige is, en
6. dat Afrikaans, geneties beskou, nie 'n jong taal is nie, maar 'n oue.

Ons het min taalprosesse teëgekome waarvan die wortels nie in vroeë Europese taalvorme en stadia lê nie. Ondanks die bontheid van die sisteem wat ons van Nederlands geërf het, byvoorbeeld ten opsigte van komposita van die tipe *druipstert*, is dié sisteem so behou in Afrikaans: enkeles as selfstandige naamwoorde, enkeles as werkwoorde, die meeste in partisipiale (of uitganglose) vorm as bywoorde. Ondanks die breuk

tussen Afrikaans en Nederlands, het Afrikaans byna niks toegevoeg tot of verloor van wat dit van Nederlands saamgekry het aan komponente vir komposisumtipies soos *asemberowend* en *òndergaan/ondergaán* nie, met aksentsisteem en al. Ondanks die feit dat duisende woorde waarskynlik nooit na Suid-Afrika oorgedra is nie – en duisende betekenis nie van woorde wat wel oorgedra is – is 'n gemiddelde van sowat 24% van al ons afgeleide woorde afleidinge wat reeds in Middelnederlands bestaan het. Ondanks die feit dat, teoreties beskou, Afrikaans met sy minder morfologie die woordsoorte vryeliker die een in die funksie van 'n ander kan gebruik, het daar net ten opsigte van die oorgang van samegestelde selfstandige naamwoord tot byvoeglike naamwoord 'n noemenswaardige uitbreiding plaasgevind, en dié het nie naastenby die omvang bereik van byvoorbeeld byvoeglike naamwoorde wat in Nederlands as werkwoorde aangewend is nie.

Ons sal nog moet wag op die uitslag van 'n vergelyking in besonderhede van woordgroep- en sintipies in Afrikaans en Nederlands alvorens te kan weet of Afrikaans sintakties in dieselfde mate Nederlands gebly het as op die terreine wat hier behandel is. Maar soveel weet ons nou reeds: baie wat as nuut en anders bestempel is in Afrikaans, is oud en eenders. Dat daar heteroglottiese invloede aan die Kaap was, val nie te ontken nie. Maar op die nagegane terreine is daar nêrens tekens of bewyse van invloede wat naastenby so ingrypend was as wat Hesseling c.s. gemeen het nie. Ons meen selfs dat hierdie studie aangetoon het dat Bosman, Smith e.a. veel groter gelyk gehad het as wat hulle met die materiaal wat in hulle tyd bekombaar was, kon bewys. Hoe meer Nederlands ons ken, so het geblyk, hoe minder problematies word die ontstaan van Afrikaans. Daar is grond om te verwag dat noukeuriger studies as hierdie al hoe meer sal vind hoe oud en hoe suiwer Nederlands Afrikaans is.

## **Bibliografie**

## Bibliografie

- Acket, J. M. *Grammatische begrippen*, Haarlem, 1931.<sup>3</sup>  
*Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, Kaapstad, 1964.<sup>7</sup>  
Ammon, H. *Wiederholungsfragen der deutschen Sprachwissenschaft mit angefügten Antworten*, 1924.  
Antal, L. *Questions of meaning*, *Janua Linguarum XVII*, 'sGravenhage, 1963.  
Ausems, T. W. A. *Klank- en vormleer van het dialect van Culemborg*, (Diss.), Assen, 1953.  
Ballard, P. B. *Thought and language*, Londen, 1934.  
Basler, O. *Der grosse Duden Grammatik der deutschen Sprache*, Leipzig, 1935.  
Bierwisch, M. „Strukturalismus, Geschichte, Probleme und Methoden”, *Studia Grammatica*, afl. 2, 1966.  
Blass, F. *Grammatik des neutestamentlichen Griechisch*, bearbeitet von A. Debrunner, Gottingen, 1931.<sup>6</sup>  
Bloch, B. en G. L. Trager. *Outline of linguistic analysis*, Baltimore, 1942.  
Bloomfield, L. *Language*, Londen, 1950.  
Boekenooien, G. J. *De Zaaansche volkstaal*, Leiden, 1897.  
Boshoff, S. P. E. *Volk en taal van Suid-Afrika*, Pretoria, 1921. *Etimologiese woordeboek van Afrikaans*, Pretoria, 1936.  
„Ons het 'n eie tegniese taal nodig”,  
*Die Huisgenoot*, 13 en 20 April 1951.  
Bosker, A. *Het gebruik van het imperfectum en het perfectum in het Nederlands, het Duits, het Frans en het Engels*, Groningen, 1961.  
Bosman, D. B. *Oor die ontstaan van Afrikaans*, Amsterdam, 1928.<sup>3</sup>  
„Die aanmeekaarskryf van woorde in Afrikaans”, *Die Huisgenoot*, 10 November 1933.  
Bosman, H. R. *Nominale samestellings in Afrikaans* (M.A.-skripsie), Universiteit van Kaapstad, 1941.  
Botha, R. P. *Voorstudie tot 'n klassifikasie van die Afrikaanse komposita* (M.A.-skripsie), Universiteit van Stellenbosch, 1964.  
Bouman, A. C. „Onderzoekingen over Afrikaanse syntaxis”, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jrg. IV, reeks B, afl. 3, Nov. 1926.  
„Over reduplicatie en de woordsoorten”, *De Nieuwe Taalgids xxxiii*, 8ste afl., 1939.  
*Middel nederlandse bloemlesing met grammatica*, Zutphen, 1948.<sup>3</sup>  
Bouman, A. C. en E. C. Pienaar. *Afrikaanse spraakkuns*, Stellenbosch, 1924.  
Brom, G. *Boekentaal*, Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen, Verhandelingen, Afd. Letterkunde, N.R. deel 62, no. 1, 1955.  
Carroll, J. B. *The study of language*, Cambridge (Mass.), 1953.

- Chomsky, Noam. *Syntactic Structures*, Janua Linguarum IV, 'sGravenhage, 1957.
- Current issues in linguistic theory*, Janua Linguarum xxxviii, 'sGravenhage, 1964.
- Aspects of the theory of syntax*, Cambridge, (Mass.), 1965.
- Commissie voor Nederlandse Dialectonderzoek. *Nederlandse dialecten*, Amsterdam, 1957.
- Cornelissen, P. J. en J. B. Vervliet. *Idioticon van het Antwerpsch dialect*, Gent 1899–1903, in 6de afl., 7de aanhangsel 1906, Koninklijke Vlaamse Academie, bijvoegsel bij dl. 1, 2 en 3, 1938.
- Curme, G. D. *Syntax* (Vol. III of *A grammar of the English Language*), Boston, 1931.
- De Bo, L. L. *Westvlaamsch idioticon*, Brugge, 1873.
- De Boer, B. *Studie over het dialect van Hindeloopen*, Assen, 1950.
- De Groot, A. W. *Structurele syntaxis*, 'sGravenhage, 1949.
- Inleiding tot de algemene taalwetenschap*, Groningen, 1964.<sup>2</sup>
- De Groot, A. W. en H. Schultink. *Studies op het gebied van het hedendaagse Nederlands*, Den Haag, 1963.
- DE NIEUWE TAA LGIDS
- De Villiers, M. „Werkwoordsvorme in Afrikaans in die verlede tyd”, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jrg. xxvi, reeks B<sub>1</sub>, 1950.
- Afrikaanse Klankleer*, Kaapstad, 1965.<sup>3</sup>
- De Vooyo, C. G. N. *Nederlandse spraakkunst*, Groningen, 1947.
- De Vries, J. *Etymologisch woordenboek*, Utrecht-Antwerpen, 1959.<sup>2</sup>
- De Vries, W. *Iets over woordvorming* (Verh.), Groningen, 1920–1921.
- Den Hertog, C. H. *De Nederlandsche taal, practische spraakkunst van het hedendaagsche Nederlandsch*, Amsterdam, 1915.<sup>4</sup>
- DIE HUISGENOOT
- Ebeling, C. L. *Linguistic units*, Janua Linguarum xii, 'sGravenhage, 1960.
- Fodor, J. A. en J. J. Katz. *The structure of language*, Readings in Philosophy of Language, Massachusetts Institute of Technology, New Jersey, 1964.
- Franken, J. L. M. „Boesman”, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Jan. 1938.
- Taalhistoriese bydraes*, Kaapstad, 1953.
- GENTS WOORDENBOEK (L. Lievevrouw-Coopman), 1950.
- Goemans, L. *Leuvensch taaleigen*, Koninklijke Vlaamse Academie, Reeks VI, nr. 59, 2 dele, Tongeren, 1936–1955.
- Goossenaerts, J. *De taal van en om het landbouwbedrijf in het Noord-Westen van de Kempen*, Koninklijke Vlaamse Academie, Reeks VI, nr. 76, Gent.
- Haas, W. „Zero in linguistic description” *Studies in Linguistic Analysis – Special Volume of the Philological Society*, Oxford, 1957.
- Heiberg, L. R. *Die taal van die Velddrifse vissers* (M.A.-skripsie), Universiteit van Stellenbosch, 1950.

- Afrikaanse visserstaal* (Diss.), Universiteit van Stellenbosch, 1957.
- Hesseling, D. C. *Het Afrikaans*, Leiden, 1923.<sup>2</sup>
- Hjelmlev, L. *Principes de grammaire générale*, Kopenhagen, 1928.
- Hockett, C. F. *A manual of phonology*, Baltimore, 1955.
- A course in modern linguistics*, New York, 1958.
- Hoenigswald, H. M. *Language change and linguistic construction*, Chicago, 1960.
- Hoge, J. „Ondersoekings oor die gebruik van die verkleinwoord in Afrikaans”, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jrg. X, reeks B<sub>1</sub>, Julie 1932.

#### INDOGERMANISCHE FORSCHUNGEN

- Jespersen, O. *The philosophy of grammar*, Londen, 1935.<sup>4</sup>
- Kempen, W. *Die verkleinwoord in Afrikaans*, Kaapstad, 1940.
- „Die verbale hendiadis in Afrikaans” in *Dietse Studies*, bundel aangebied aan prof. dr. J. du P. Scholtz, Kaapstad-Pretoria, 1965.
- Kern, J. H. *De met het participium praeteriti omschreven werkwoordsvormen in 't Nederlandsch*, Amsterdam, 1912.
- Kloeke, G. G. *Herkomst en groei van het Afrikaans*, Leiden, 1950.
- Koenen, M. J. en J. Endepols. *Verklarend handwoordenboek der Nederlandse taal*, Groningen, 1956.<sup>21</sup>
- Kritzinger, M. S. B., F. J. Labuschagne, P. de V. Pienaar, J. H. Rademeyer en H. A. Steyn. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*, Pretoria, 1961.<sup>4</sup>
- Kruisinga, E. *Het Nederlands van nu*, Amsterdam, 1938.
- Landheer, H. C. *Het dialect van Overflakkee met een vocabularium*, Assen, 1955.
- Langeveld, M. J. *Taal en denken*, Groningen, 1934.
- Lees, R. B. *The grammar of English nominalizations*, 'sGravenhage, 1964.<sup>3</sup>
- Le Roux, J. J. *Oor die Afrikaanse sintaksis* (Diss.), Leiden, 1923.
- Praatjies oor ons taal*, Kaapstad, 1939.
- Le Roux, T. H. *Beschrijvende klankleer van het Afrikaans* (Diss.), Leiden, 1910.
- Afrikaanse taalstudies*, Pretoria, 1962.<sup>9</sup>
- Le Roux, T. H. en J. J. le Roux. *Middelnederlands grammatica*, Pretoria, 1963.<sup>4</sup>
- Ligtenberg, P. H., H. A. M. van Rossum en B. W. Schippers. *Nederlands voor de kweekschool. Spraakkunst* (Diss.), Groningen, 1928.

#### LINGUA

- Louw, S. A. *Dialekvermenging en taalontwikkeling*, Kaapstad, 1948.
- Malherbe, D. F. *Afrikaanse taalboek; praktiese wegwyser by die ver naamste moeilikhede in verband met die Afrikaanse grammatika*, Bloemfontein, 1921.<sup>5</sup>
- Afrikaanse spreekwoorde en verwante vorme*, Bloemfontein, 1924.

- Marais, N. A. *Preposisionele wisseling en differensiering in Afrikaans* (M.A.-skripsie), Universiteit van Stellenbosch, 1950.
- Marchand, H. *The categories and types of present-day English word-formation, a synchronic-diachronic approach*, Wiesbaden, 1960.
- Marouzeau, J. „Quelques vues sur l'ordre des mots en latin”, *Lingua* 1, 1948.
- Martinet, A. *Éléments de linguistique générale*, Parys, 1960.
- Nauta, G. A. *Taalkundige aantekeningen op de werken van G. A. Bredero* (Diss.), Groningen, 1893.
- NEOPHILOLOGUS
- Nida, E. A. *Morphology, the descriptive analysis of words*, Ann Arbor, 1957 (2nd ed.).<sup>5</sup>
- Nienaber, G. S. *Oor Afrikaans*, Johannesburg, 1949.
- Odendal, F. F. *Die struktuur van die Afrikaanse wortelmorfeem*, Kaapstad-Pretoria, 1962
- ONS EIE BOEK
- ONZE TAALTUIN
- Overdiep, G. S. *Moderne Nederlandsche grammatica*, Zwolle, 1928.  
*Stilistiese grammatica*, Zwolle, 1949.<sup>3</sup>
- Paardekooper, P. C. *Syntactiese verkenningen*, 'shertogenbosch, 1955.  
*Beknopte ABN-syntaxis*, 'sHertogenbosch, 1963.
- Parigger, F. H. *Aanshouwlikheidsdrang als factor bij de beteekenis-ontwikkeling der Latijnsche praepositie* (Diss.), Utrecht, 1941.
- Paul, H. *Mittelhochdeutsche Grammatik*, Halle a.S., 1900.<sup>5</sup>  
*Deutsche Grammatik*; Bd. V, Teil IV: *Wortbildungslehre*, Halle a.S., 1920.  
*Prinzipien der Sprachgeschichte*, Halle a.S., 1937.<sup>5</sup>
- Pauw, T. *Woordsamestelling en taalvernuwing in die prosa van D. F. Malherbe* (M.A.-skripsie), Universiteit van Stellenbosch, 1940.
- Pauwels, A. *De plaats van hulpwerkwoord, verleden deelwoord en infinitief in de Nederlandse bijzin*, Leuven, 1953.
- Pauwels, J. L. *Het dialect van Aarschot en omstreken*, Leuven, 1958.
- Pienaar, E. C. en C. J. Langenhoven. *Hoe om te skrywe*, Kaapstad, 1932.
- Posthumus, M. J. *Die vry preadjunk in Afrikaans*, Kaapstad, 1957.
- Reichling, A. *Het woord*, Nijmegen, 1935.  
*Verzamelde studies over hedendaagse problemen der taalwetenschap*, Zwolle, 1962.
- Roelandts, K. *Familiarismen met anorganische konsonant*. Verslagen en Mededelingen Koninklijke Vlaamse Academie, afl. 5, 6, 7, 8. (Overdruk), 1966.
- Roose, H. *Het probleem van de woordsoorten in het Nederlands*, 'sGravenhage, 1964.
- Royen, G. *Ongaaf Nederlands*, Amsterdam, 1942.<sup>2</sup>  
„Gekondenseerde Voorzetsels”, *De Nieuwe Taalgids* xxxvii, 1943.

- Buigingsverschijnselen in het Nederlands* I-IV Verhandelingen Koninklijke Nederlandse Academie van Wetenschappen, Afd. Letterkunde, N.R. deel L, no. 1; deel LII; deel LVIII, no. 1 en 2; deel LIX, no. 3, Amsterdam, 1947-1954.
- Salverda de Grave, J. J. *De Franse woorden in het Nederlands*, Amsterdam, 1906.
- Practische spraakkunst in het hedendaagse Nederlands*, Amsterdam, s.j.
- Sapir, E. *Language*, New York, 1949.
- Selected Writings* (ed. by D. G. Mandelbaum), Berkeley-Los Angeles, 1949.
- Scholtz, J. du P. „Reduplikasieverskynsels in Afrikaans”, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, April 1957.
- Schönfeld, M. *Historiese grammatika van het Nederlands*, Zutphen, 1924.<sup>2</sup>
- Schultink, H. *De morfologiese valentie van het ongelede adjektief in modern Nederlands*, 'sGravenhage, 1962.
- Skeat, W. W. *A concise etymological dictionary of the English language*, Oxford, 1901.
- Smith, J. J. Kritiese bespreking van dr. J. J. le Roux se boek *Praatjies oor ons taal* in *Ons Eie Boek*, Junie 1940.
- Op ons taalakker* (versorg deur Anna M. Smith), Pretoria, 1962.
- Sommer, F. „Lautnachahmung”, *Indogermanische Forschung*, LI. Band 1933, nr. 4, 1933.
- Stoett, F. A. *Middelnederlandsche spraakkunst (Syntaxis)*, 'sGravenhage, 1923.<sup>3</sup>
- TAAL EN LEVEN
- Ter Gouw, J. *De volksvermaken*, Haarlem, 1871.
- Theron, A. S. „Die bywoord” in *Afrikaans* (M.A.-skripsie), Universiteit van Stellenbosch, 1964.
- TIJDSCHRIFT VOOR NEDERLANDSCHE TAAL EN LETTERKUNDE
- Tourbier, R. B. A. L. *Das Adverb als attributives Adjektiv im Neuen-glischen*, Weimar, 1928.
- TYDSKRIF VIR WETENSKAP EN KUNS (T.W.K.)
- Uhlenbeck, E. M. „The study of wordclasses in Javanese”, *Lingua* III, 1952-53.
- Taalwetenschap, een eerste inleiding*, 'sGravenhage, 1960.
- Uys, J. Z. *Homonimie in Afrikaans* (M.A.-skripsie), Universiteit van Stellenbosch, 1958.
- Van Dale: *Groot woordenboek der Nederlandse taal* (bewerkt door dr. C. Kruyskamp), 'sGravenhage, 1961.<sup>8</sup>
- Van der Lubbe, H. F. A. *Woordvolgorde in het Nederlands, een synchrone, structurele beschouwing*, Assen, 1958.
- Van Es, G. A. *De attributieve genitief in het Middelnederlandsch*, Assen, 1938.



- Van der Merwe, C. P., W. Kempen en Jaco van der Merwe. *Afrikaans as Eerste Taal vir standerds IX en X*, Kaapstad, 2de uitg., s.j.
- Van Ginneken, J. *Handboek der Nederlandsche Taal* I, II, 'sHertogenbosch, 1928.
- „Een Fransch voorvoegsel in het Nederlandsch of een Oer-Europeesch prae-indogermaansch relict”, *Neophilologus* XIII, 3de en 4de afl., 1928.
- „Nederlandsche taal- en cultuurrelicten uit den steentijd”, *Onze Taaltuin* VIII, 1939.
- De studie der Nederlandsche streektalen*, Amsterdam, 1943.
- Van Haeringen, C. B. „Romaanse invloed door Zuidnederlandse bemiddeling”, *De Nieuwe Taalgids* xxviii, 1934.
- Etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal* (door J. Franck en N. van Wijk), *Supplement*, 'sGravenhage, 1936.
- Van Lessen, J. H. *Samengestelde naamwoorden in het Nederlandsch* (Diss.), Groningen, 1928.
- Van Loey, A. *Schönfeld's historische grammatica van het Nederlands, klankleer, woordleer, vormleer*. Zutphen, 1960.<sup>5</sup>
- Van Oordt, L. C. *Die Kaapse taalargief*, Deel 1–9, Kaapstad, 1947–1954.
- Vercoullie, J. *Beknopt etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal*, 'sGravenhage, 1925.<sup>3</sup>
- Verdam, J. *Uit de geschiedenis der Nederlandsche taal* (herzien door dr. F. A. Stoett), Zutphen, 1923.
- Verdenius, A. A. *Studies over zeventiende eeuws*. Verspreide opstellen en aantekeningen aangeboden door vrienden en oudleerlingen, Amsterdam, 1946.
- Verwijs, E. en J. Verdam. *Middelnederlandsch woordenboek*, 'sGravenhage, 1889.
- Waterschoot, A. *De syntaxis van het dialect van Sint-Niklaas*, Gent, 1945.
- Weijnen, A. *De Nederlandse dialecten*, Groningen, 1941.
- Bloemlezing van zestiende-eeuwse taal*, Zutphen 1960.
- Weiland, P. *Nederduitsch taalkundig woordenboek*, Amsterdam, 1804–1810.
- Werda, C. *Nederlandsch spreekwoordenboek*, Zutphen, 1939.<sup>2</sup>
- Whorf, B. L. *Language, thought and reality*, Massachusetts-New York-Londen, 1956.
- Wilmanns, W. *Deutsche Grammatik*, Strassburg, 1897.<sup>2</sup>

WOORDEBOEKE

*Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT)

*Woordenboek der Nederlandsche Taal* (WNT)

## **Woordregister**

# Woordregister

Alleen van die belangrikste woorde kan hier vermeld word.  
Die syfers verwys na die bladsye.

## A

- a, 363, 403
- aalmoesener, 374
- aan-, 143, 299
- aan, -an, -n, 24, 410
- aanbagger, 299
- aanbak, 299
- aanbestedingswerk, 100
- aanbeuk, 300
- aanbeur, 299
- aanbevelingsbrief, 100
- aanbevole, 301
- aanbof, 302
- aanbraak, 302
- aandadig, 299
- aan-die-slaap, 348
- aandik, 143
- aandiep, 145
- aandonker, 144
- aanerd, 300
- aangebroeide, 141
- aangedaan, 301
- aanghallie, 302
- aangloor, 300
- aanhef, 300
- aanhits, 603
- aanhorig, 302
- aanklam, 144
- aanryp, 145
- aanslag, 300
- aanstatig, 144
- aanstert, 213
- aanstonds, 301
- aansuiker, 213
- aansuiwer, 143, 145
- aanvallig, 302
- aar, 102, 378, 411
- aard, 39
- aard, 383, 414
- aardig, 415
- aarts-, 415
- aas, 40
- aas, 29
- aat, 572
- Abraham-boepens, 228
- abuis, 57
- accentuatie, 331
- adjektivering, 224
- administrasie, 605
- adverbialisering, 61, 224
- af, 54
- af, 153
- afarmsoldaat, 84
- afdig, 144
- afdroog, 145
- afduiwel, 213
- affiniteitsverhouding, 102
- afgrondiep, 149
- afklimplek, 120
- afleidingsgroepe, 361
- afplat, 145
- Afrikanerskaap, 228
- afroed, 145
- afvalblare, 123
- agdaegras, 284
- agretjie, 127
- agtal, 246
- agter, 302
- agteraf, 185, 304
- agteragterkleinkind, 302
- agteranaal, 303
- agterbaks, 303, 561
- agterbroeksak, 304
- agterent, 302
- agter-in, 186
- agterkruis, 305
- agterlangs, 186, 303
- agter langs, 187
- agterlosig, 506
- agterna, 187
- agterskeeps, 305

agterstaan, 302  
agterstallig, 303  
agterstevoor, 187  
agterswaar, 305  
agterweë, 303  
agtig /-erig, 416, 418  
akkoord, 69  
al . . . al, 80  
aldae, 205  
alkoholis, 375  
alleen-bang, 140  
alles-van-die-beste, 349  
alsbitter, 149  
aluingeharde, 171  
amarantrooi, 148  
ambraal, 61  
ametisblou, 148  
ampermens, 211  
amperskoon, 140  
anderland, 19  
anderpad, 202  
andersom, 185

## B

-baar, 431  
baasraak, 335  
badskamer, 93  
bak, 55, 62, 73  
bakhans, 222  
bandvat, 338  
bang, 52  
bank, 39  
bankvas, 188  
banvloek, 266  
bas, 35  
be-, 435  
be- . . . /-ig, 438  
be- . . . /-s, 438  
bedlënd, 163, 164  
beeldskoon, 148  
been-af, 153  
been-horingoud, 181  
been-in-die-lug, 337  
beetkry, 340  
be- /-ing, 436  
bejies, 436  
bek-af, 154

angsbevange, 170  
angswekkend, 164, 166  
Anna-velk(a)ros, 281  
-ant, 381, 421, 422  
ante-, 424  
anti-, 425  
apiesdoring, 490  
appelkoos, 55  
argwaan, 47  
-aris, 378, 424  
armdik, 148  
armsalig, 136  
asblond, 149  
asembenemend, 167  
asem(berowend), 166  
asemsag, 148  
asgat, 229  
asgrou, 148  
-asie, 393, 426, 429, 430  
-asie /-ing, 430  
asvaal, 148

bek-en-kloueer, 347  
belastingvry, 152  
bekoms, 68  
belofteryk, 147  
bemoesiek, 178  
benoude-bors, 208  
bêrekoop, 287  
bêre-koop, 342  
bestand, 152  
-bestand, 152  
beste-beste, 137  
betekenisverhoudinge, 231  
betjoins, 436  
bewerasie, 427  
bewus, 152  
-bewus, 152  
biesie-omringde, 169  
bietjies-bietjies, 235  
biljart, 39  
billik, 53  
binne/binneste, 96  
Birmaan, 368  
bitterboela, 208

bitterkaroo, 86  
bitterste-bitterste, 138  
blaas-, 260  
blaaskaak, 261  
blaasoppie, 189  
bladslaan, 339  
bladvas, 151  
bles, 69  
blikkies, 73  
blikkieskos, 230  
blikners, 217  
bliksemsnel, 149  
blikskottel, 130  
blinding, 519  
blinkhaarafrikanerskaapkombers,  
274  
blinknuut, 136  
blitsvinnig, 149  
bloedbelope, 170, 171  
bloedrooi, 148  
bloedstollend, 164, 167  
blokkiesraaisel, 245  
blombedding, 129  
bloosgedagte, 111  
bloot(s)voet(s), 199  
blou-blou, 139  
blouboepensstuipe, 276  
blou-oognooi, 201  
blousel-blouselblou, 180  
blystaan-plek, 287  
blylêbeeste, 274  
boei, 38  
boek, 38  
boekevat, 334  
boekevattyd, 282  
boetvaardig, 178  
bokappel, 245  
bok-bok, 235, 243  
bok-se-hol, 349

## D

-d, 200  
daadlustig, 151  
daar, 24  
dagbreek, 333  
dagvaar, 335  
dambord, 130  
dankbaar-bly, 136

bolangs, 187  
boskasie, 428  
botdoodstil, 181  
botsonder, 203  
braaivleis, 111  
brandmerk, 266  
breekmielies, 274  
breekvry, 177  
Brenngeweer, 117  
brilkijs, 224  
broekskeur, 115  
broekskeur, 225  
brom-brom, 341  
bromponie, 113  
brompot, 119  
broodlus, 148  
broodnodig, 149  
buitelug-verslaafde, 170  
buitenaatvelskoene, 274  
bul lê, 71  
by-, 305  
bybaantjie, 305  
bybehore, 306  
byde(r)hand, 306  
byderhand, 306  
bydruppel, 305  
bygedagte, 305  
bykans, 306  
bykos, 307  
bylaai, 307  
bylneusjood, 281  
bylyn, 307  
byna-byna, 183  
bynatjies, 493  
bynier, 306  
byrasper, 306  
bysierende, 162, 306  
byskoffel, 306  
bystaan, 305

dassie, 71  
deernis, 172  
dertiger, 456  
-dery, 466  
D. F. Malangebou, 232  
dekomponeer, 129  
deksels, 76

deur, 307  
deurasem, 308  
deurbak, 307  
deurblok, 307  
deurbraak, 308  
deurdag, 308  
deurdonker, 144  
deurdrenk, 308  
deureen, 309  
deurentyd, 308  
deurfiltreer, 308  
deurfiuf, 310  
deurghrop, 310  
deurglans, 172  
deurlouter, 144  
deurlug, 310  
deurlugtig, 308  
deurpad, 311  
deurpekel, 311  
deursend, 308  
deurspek, 311  
deurtrapte, 310  
deurverkeer, 308  
deurvrot, 144  
Die eiers begin pik, 84  
diékant, 206  
diegesetelde, 141  
dig, 178  
-dig, 506  
dikbek, 159  
dikbek, 191  
dikhaarskape, 201  
dikkop, 22  
dikoulap, 191  
dikpens, 192  
doekvoet, 61, 87  
doen en late, 37  
dolbly, 136  
doljammer, 141

## E

-e, 442  
-e-, 95, 105  
-edom, 390  
-ee-a, 452  
een, 442  
een-een, 289

dolos-indaba, 233  
dom, 50  
-dom, 389, 439  
domastrant, 26, 136  
domoor, 192  
domsiekte, 89  
donder, 40  
doodalleen, 141  
doodgegooi, 141  
doodgooi, 297  
dood-in-die-dop, 349  
doodveragterend, 167  
doofstom, 136  
dooie rus, 337  
dop-en-dam, 348  
dophou, 339  
dors, 55  
draaigat, 258  
drankbeneweld, 171  
driebeen, 246  
drink, 35  
droëlewer, 159  
dronkdik, 140  
droom, 37  
droogtegeteisterde, 171  
droogteskraal, 150  
druiloor, 118  
druipnat, 178  
druipstert, 258  
dryfys, 256  
dubbelloop-adjektiewe, 276  
duifgelukkig, 149  
duimry, 335  
duiselingwekkend, 164  
dum-dumkoeëls, 285  
dwaaihout, 233  
dwarsboom, 267  
dwarsbanker, 457  
dweepsiek, 178

een-man-oor, 349  
een-stryk-deur, 349  
eer (= voor), 66  
-eer, 1, 445  
eerlik, 50  
eerstejaarstudent, 284

eerstetjies-, 236  
-ees, 453  
effens-effens, 183  
eietyd, 203, 206  
eiersonde, 233  
eina-, 253  
elektri-, 451  
-elik, 1  
emulsi-, 451  
-e(n), 109  
-(en)jaar, 373  
-en-die, 294  
-end(t)heid, 393  
-end(t)heid, 454

## F

-fiever, 1  
-fiseer, 1  
-(f)(i)(s)jeer, 1  
flap-flap-ore, 180  
flenters, 63  
fletsblou, 140  
flikflooi, 248

## G

gaan lê, 287  
galgstuipe, 233  
gallamsiekte, 280  
galopslukke, 255  
gate, 72  
gatskuur, 334  
ge-, 468  
ge . . . d, 472  
gedas, 471  
geelgawe, 137  
gee pad, 268  
ge-/-ery, 469, 477  
geestes-, 21  
gehoed, 471  
geldgierig, 148  
-gemaak, 160  
gemaak-ongeërg, 186  
gemeenskapskas, 101  
geniepsig, 507  
geroesemoes, 345  
gesels, 564  
geskutkas, 234

-ens-, 106  
-ent, 423  
-ent-ent, 241  
-er, 23, 102, 106, 372, 380, 455, 594  
-êr, 421, 458  
-êr-ar, 452  
-erd, 384, 459  
-erig, 30, 53, 460  
-erigheid, 512, 592, 593  
-erig /-lik, 592  
-erik, 463  
-ery, 1, 464  
-es, 467  
-eur, 467

Fries, 293  
frommelpraat, 342  
-(f)veer, 451  
fyngehandskoende, 142  
fynlaken, 61  
fynste-fynste, 138  
fyntuin, 208

ge- . . . te, 392  
-gewyse, 478  
gierig, 178  
gifsiek, 147, 150  
ginnegaap, 248, 345  
-(g)(k)asie, 388  
glattendal, 348  
glim-glimlag, 180  
glimlag, 39  
glo, 81  
glyvas, 177  
godskreiend, 166  
godvergete, 171  
godverlate, 170  
godvresend, 166  
goedsak, 192  
goedsmoeds, 199  
gomlastiektaaie, 147  
goudbeslaan, 171  
gou-gou, 184  
grafstil, 148  
grasbedek, 171

groeiboom, 119  
grondstraatjie, 234  
grondvat, 336  
grootbek, 192

## H

haarfyn, 149  
haatdraend, 164  
haaslip, 218  
hand aan/in hand, 240  
handgemaak, 160, 173  
handgeverf, 173  
handvol, 177  
hang-, 268  
hangore, 118, 122  
hap, 34  
hardegat, 194  
hardekoejawel, 191  
harderibbes, 191  
hardhardloop, 180  
hardvogtig, 200  
harmonieer, 451  
hartseer, 220  
heeldag, 205  
heelhuids, 199  
heeljaar, 204  
-heid, 103, 395, 402, 478  
heilwater, 191  
heimlik-mooi, 141  
heining, 520  
hekoopneuk, 334  
heler, 43  
help-my-trap, 349  
hempie-raak-my-nie, 352  
hendiadis, 134  
henendeweer, 348  
her-, 481  
her . . . ing, 483  
herbe-, 591  
Hesseling, 47

## I

-i, 372  
-(i)aal, -(i)eel, 404, 408  
-ie, 487, 501  
-ieer, 1, 449  
-ief /-iwies, 606  
-ier, 102, 374, 504

grootoogvink, 201  
grootskaals, 563  
guslyf, 191

herv-, 591  
heuningsoet, 148  
hie-hie-geluidjies, 285  
hier-, 24  
hinkepink, 248  
hoed-op-die-kop, 64  
hoekom, 115  
hoenderkop, 159  
hoenderlamp, 116  
hoendervel, 61  
hoendervrugte, 118  
hokslaan, 73, 336, 339  
holderstebolder, 248  
hondmak, 149  
honger, 55  
hoogoond, 98  
hoogsomer, 209  
hoopsit, 339  
hope, 72  
hotnosblymaak, 334  
houte, 56  
houtkas, 223  
houtpopgerus, 149  
houtskool, 21  
houvas, 190  
houtvloer, 235  
huil help nie, 36  
Huis De Villiers, 232  
huishoud-, 110  
huishouding, 518  
huis-sit-soort, 282  
-hulle, 291  
hulp(behoewend), 166

-ies, 504, 505, 560  
-ies /-isties, 505  
-iet, 371, 506  
-ig, 506  
-igheid, 396, 511  
-in, 387, 513



in-, 554  
infinitief sonder -en, 270  
-ing, 103, 391, 513, 517  
ingat, 216  
ingebottel, 142  
-ings-, 99  
-ings, 516  
inkardoes, 213  
inkoejewel, 74  
inkokkewiet, 217  
inkort, 145

## J

jammer, 59  
Janfrederik, 251  
jannetjie, 219  
Jan tuisbly, 280

## K

kaalgat, 191, 195  
kaalnakend, 137  
kaalvoet, 338  
kaffersleg, 177  
kafloop, 335  
kaiing(s), 61  
kalwerbemindes, 232  
kam, 82  
kamma-kunstenaars, 212  
-kant, 206  
kantstaan, 339  
kapater, 45  
kap-dit-uit, 350  
kapittel, 44  
kapkar, 245  
kapok, 55  
karringmelk, 119  
kategorie, 359  
kateroogen, 246  
katoene, 442  
keelafgesny, 141  
keerweer, 189  
kerklos, 151  
kê, 63  
kewerbesmet, 173  
kinder-, 110  
klaarpraat, 115  
klam-koue, 136

inmekaar-vooroor, 186  
invet, 143  
-is, 375, 529  
-(i)seer, 1, 450  
-isme, 376, 531  
Israeli, 372  
-(i)teit, 400, 577  
iteratief, 137, 180, 183, 225, 235 ens.  
insout, 143  
insuur, 143  
intensiveer, 451

jeremiade, 46  
jy en jou, 32  
Jehowa-woorde, 125

klanknabootsing, 249  
klapmond, 271  
kleurverskeurde, 169  
kleintyd, 203  
klimop, 189  
klinker, 72  
klipsteenhard, 181  
klompies-klompies, 227  
kloddiselboom, 122, 272  
kniediep, 148  
kniehalter, 45  
knipmesry, 113  
knipoog, 257  
koek-kleinurkie, 280  
koe(k)sisterloop, 339  
koes-koes, 346  
kom-eettyd, 286  
koop is koop, 41  
-kop, 22  
kop-af, 155  
kop en pootjies, 64  
kopmense, 91  
koponderstebo, 65  
kopseer, 221  
kopsku, 159  
kort-kort, 184  
kortsteelpyp, 130, 201  
kraak-, 178

kraak-kraakdun, 180  
kreukeltraag, 177  
krimpvry, 178  
kropvat, 339  
Kruidjie-roer-my-nie, 351  
kruppel-kruppel, 139

## L

lagwekkend, 164  
lamskotelet, 110  
langbeendonkie, 129  
langhand, 191  
langoog, 191  
langoor, 193  
lang(s)been, 194, 203  
langtand, 202  
langvinger, 194, 204  
laning, 515  
lank slaap, 78  
latjiesbeen, 113, 218  
Latynse infin., 447  
lawaaewater, 111  
leergierig, 178  
lees, lesery, 36, 86  
lekkerlyf, 159  
lekkers, 580  
lekkersitstoele, 278

## M

ma-hulle, 291  
mal, 152, 178  
Malaniet, 369  
malkop, 26  
maltrap, 297  
-mee, 24  
meeldiaken, 113  
meerfunksionaliteit, 31  
mensliewend, 166

## N

naaldsteek, 339  
na familie, 54  
name van liggaamsdele, 260  
natskoen, 198  
naweek, 213  
'n + b.nw. op -e, 443  
negeoog, 246

kuikenswak, 151  
-kunde, 533  
kwesbok(ke), 121, 274  
kwêvoël, 253  
kwylymond, 122

lemlê, 339  
lepellê, 113, 336  
lewensduur, 124  
lidmaatskaps-, 21  
ligvoet, 191  
-lik, 1, 534  
-liks, 539  
-(l)ing, 514  
-ling, 385, 514, 540  
-lings, 541  
loop-dink, 343  
-loos, 541  
-los, 152  
los, 152  
loshande, 64  
losklos, 191  
louwarm, 141  
luidkeels, 199  
lyding-beproeftde, 172

menswees, 333  
menschwild, 150  
-ment, 544  
mis-, 544  
modderbevuil, 170  
mollie-mollie, 235  
mooinooientjie, 210  
morsdoodsiek, 181

negerhollands, 292  
nerf-af, 153  
netjiesverspot, 141  
net-net, 114  
neutroom, 28  
nie-, 597  
nie- /on-, 598

nieskruid, 256  
-nis, 399, 546  
-ns-, 106

## O

oer-, 548  
olie-rolie-polie-, 351  
olim, 55  
om, 312  
omarm, 312  
ombabbel, 312  
omdool, 312  
omeg, 312  
omfloers, 313  
omgesukkeld, 74  
omhels, 312  
omkraal, 314  
omkyk, 298  
omlê, 312  
ommelander, 312  
ommesy, 312  
ompad, 313, 314  
omplooi, 312  
omraster, 313  
omrede, 314  
omring, 172  
omskans, 313  
omskep, 333  
omsonde, 142  
omstelbaar, 130  
omstreke, 314  
omswabber, 312  
omswagtel, 313  
omswalk, 312  
omswalp, 312  
on-, 549  
onder-, 315  
onderadmiraal, 315  
onderafdeling, 315  
onderbaadjie, 317  
onderbetaling, 315  
onderbos, 317  
onderdak, 255, 316, 317  
onderdeur, 187, 318  
onderdruk, 315  
onderduims, 254, 316  
ondergaan, 315  
ondergooi, 315

noodgedwonge, 170  
nooiens-, 110  
nou-nou, 183

onderhandel, 315  
onderhawig, 317  
onderhorig, 316  
onderhou, 315  
onderkant, 316  
onderken, 315  
onderlangs, 315  
ondermaans, 316  
onderonsie, 316  
ondersees, 315  
onderspit, 315  
onderstebo, 187  
onderteken, 315  
ondertrou, 315  
onderveld, 317  
onderweg, 316  
onderwys, 315  
onlangs, 550  
on- /nie-, 596  
onnutsig, 510  
ont-, 'van'- de voors., 208  
ont-, 556  
onvult. deelw., 160, 164  
ooglopend, 164  
-oom, 530  
oor-, 24, 317  
-oor, 24  
oorbak, 317  
oorbelas, 317  
oorbeskaaf, 299  
oorbevolk, 299  
oorbluf, 318  
oorbodig, 318  
oorboord, 185, 321  
oorbroek, 318  
oordek, 318  
oordoens, 318  
oordryf, 320  
oorgaaf, 318  
oorgekonkel, 141  
oorgolf, 172  
oorgrootmoeder, 318  
oorhans, 319

oorhoeks, 319  
oorhoops, 318  
oorkruiwa, 214  
oorlams, 319  
oorleef, 320  
oormaat, 318  
oorsee, 318  
oorstewel, 321  
oorstuurde, 142  
oorvonkel, 142  
oorweeg, 320  
-op, 24

## P

padlangs, 23, 154  
pakkasie, 427  
palingglad, 149  
party, 77  
pasop, 190  
patatrank, 17  
pawiljoenkant, 207  
pekelaar, 413  
perd (pure – wees), 220  
persoonsgroep, 361  
Pe(r)toors, 75  
piep-, 178  
piep-piepfynste, 496  
Pieta, 368  
Piet-ses-perde-wa, 251  
pik, 84  
pikgitswart, 181  
pikstap, 343

## R

raap-op, 153  
radio-vasvra-span, 283  
ramkat, 219  
rebels, 561  
reekse-reekse, 227  
riemgematte, 169  
-rig, 53, 460  
roesvry, 147  
Romaanse affikse, 421  
rondloper-, 279  
rooibekruip, 298

opdonder, 215  
opduiwel, 215  
ophemel, 215  
opkoffie, 214  
oplet-loop, 343  
oploom, 143  
opskepouer, 343  
opvroliek, 143  
opwarm, 143  
orig, 507  
oujongnooi, 276  
ou-ou, 137

plaks, 562, 563  
pla-pla-roep, 180  
plasreent, 266  
platboomskuit, 201  
platkopspyker, 201  
platsak, 192  
platvoet, 196, 595  
plek-plek, 226  
pleks, 563  
poedelnakend, 149  
Polla, 366  
pondpondsgewys, 239  
pootjie, 45  
poot-uit, 158  
posmeesters-generaal, 230  
possessief, 509  
pruimzien, 224  
puik, 68

rooi-klein, 141  
rooikopmeisie, 64  
rooimier, 127  
roosterbrood, 121  
rottang, 515  
Rückbildung, 502  
rûensagteroor, 74  
russifiseer, 1  
-ry, 1, 465  
rye-rye, 227  
ryloop, 287

## S

- s, 559
- s-, 94, 103
- saam, 564
- saans, 65
- sak en pak, 64
- sakslag, 340
- samestelling: afleiding, 606
- seer, 1, 220
- (s)eer-baar-heid, 590
- see-omruiste, 172
- seevarend, 164
- seksbewus, 152
- sel, 391, 565
- seningtaai, 148
- siek, 178
- sielsiek, 150
- sig, 506, 508
- sinkens, 515
- sinskomposita, 347
- sitslaap, 344
- sitstaak, 344
- skap, 103, 392, 569
- skelm, 69
- skewebek, 194
- skollie, 45
- skoolgaan, 66
- skoonveld, 191
- skoorvoetend, 265
- skorriemorrie, 248
- skouerhoogte, 223
- skreeste, 442
- skreeulelik, 178
- skuimbek, 257
- skuimbek-skuimbek, 346
- skuins-skuins, 139
- slaap, 34
- slaapdronk, 148
- slaapgrafiek, 121
- slaaptyd-, 286
- slaapwandelaar, 336
- slag-slag, 241
- slagvee, 256
- slangsleepseltjie, 225
- slaphakskeenslenteraars, 27
- slapies, 491
- sleep-, 268
- sleep-sleep, 26
- sleg-gebui, 142
- sleghalter, 210
- sluip-sluip, 342
- slurp-drink, 136
- smeltgrond, 273
- smoor, 74
- smoor-, 178
- smoordronk, 178
- snags, 65
- snuffelgraag, 189
- soenvas, 178
- sonder, 543
- songedrenkte, 171
- sononder, 189
- sopnat, 149
- soutsak sit, 223, 340
- spanne, 72
- spatdig, 177
- speeklos, 150
- spek-en-boontjie-beskouing, 348
- spiergitwit, 181
- spiksplinternuut, 181
- splinternuut, 149
- spoordood, 150
- spyt, 55
- staanlamp, 119
- staantou, 111
- stampvol, 178
- staning, 525
- ste, 23, 148
- steen en been, 64
- ster, 572
- stert-tussen-die-bene, 337
- sterwensuur, 124
- stil-stil, 183
- stippelaar, 413
- stofnat, 150
- stoksielalleen, 181
- stop-stop, 243
- stroop, 74
- stroopkop, 191
- stukkie-omdraai, 333
- stukkend, 65
- stylkeuse, 126
- suiker, 82

suiping, 525  
sukkelbestaan, 123, 209  
sukkel-sukkelende, 209  
swartkop- Persiese skaap, 354

## T

taaipit, 354  
taaipitperske, 277  
taks, 75  
tandeklap-, 283  
tandeknersend, 165  
-te, 399, 441, 573  
-te-, 106  
-te . . . heid, 574  
-teit, 103  
\*elegrafie(s), 607  
-(t)(e)ment, 544  
-tes, 106  
-teur, 468  
Tibetlaan, 370  
-tig, 506  
ting-ting, 249  
tjankbalie, 118  
tjir, 251

## U

uit-, 322  
-uit, 158  
uit . . . uit, 80  
uitasem, 324  
uitbagger, 323  
uitban, 323  
uitbestee, 324  
uitbot, 323  
uitbraak, 324  
uitdien, 323  
uitdolf, 324  
uiteinde, 323  
uitdun, 143  
uiteraard, 323  
uientreure, 323  
uitgelate, 324

## V

vaal-verslae, 136  
vaardig, 178  
vakansiemal, 152

swerkater, 75  
sy-kerkhemp, 281  
sy sê sê, 42

toe, 54  
toekop, 191  
toiings, 516  
tonne, 72  
toe-oë, 64, 337  
toonvol, 154  
toringhoog, 149  
traak-my-nie-agtig, 417  
transposisie, 7  
trapsuutjies, 189  
trekkens, 515  
troppe-troppe, 126  
tussen, 322  
tussenverkiesing, 322  
tussenwerpsel, 79  
twalap, 247  
tweegatjakhals, 284  
twee-twee, 289

uitgeleide, 323  
uitgelese, 323  
uitgenome, 323  
uitgeslaap, 324  
uitham, 324  
uithiems, 324  
uithoek, 323  
uithuisig, 323  
uitkaffer, 324  
uitkalf/uitkalwer, 324  
uitkam, 323  
uitset, 324  
uitsig, 324  
uitsinnig, 323  
uitskot, 324  
uitverkoop, 601

-van, 24  
vaneen, 185  
varkslag, 334

-vas, 177  
-veer, 1  
veldversleg, 334  
ver-, 578  
ver-afgeleë, 137  
verbalisering, 48, 224  
ver- /be-, 587  
verbindingsvorme, 93  
verdonker, 172  
ver . . . eer, 583  
verkas, 215  
verkleinwoorde, 487  
verkoue(ntheid), 454  
verlang- verlangs, 184  
versamelgroep, 388  
verslankingskuur, 124  
vervelend(t)heid, 455  
verveling /-entheid, 456  
vervyfdrie, 290  
veselfyn, 149  
vetstert, 193  
vierkant, 247  
vierskaar, 248  
vies, 52  
vis-, 22  
visaas, 231  
viswyf, 121  
vlamverhard, 173  
vleis(etend), 166  
voëlsit, 334  
voetseer, 220  
-vol, 177

## W

waar-, 24  
waardig, 178  
wan-, 588  
warmtebestand, 152  
waterpas, 218  
watertand, 257  
wat . . . op, 132  
wat . . . van, 132  
weder, 328  
wederhelf, 328  
wedervaar, 328  
weer-, 328  
weerbarstig, 328  
weerskante, 67  
weerwolf, 121

vol-, 325  
volbek, 325  
voleindig, 325  
volgorde, 110  
volprop, 325  
volt. deelw., 169  
voltreffer, 325  
voltyds, 325  
voluit, 325  
vorms, 547  
voor-, 325  
voorasnog, 327  
voorbepad, 327  
voorbode, 326  
voorbok, 327  
voordeur, 325  
voorhande, 327  
voorhistories, 327  
voorjaar, 326  
voormalig, 327  
vooropgeset, 327  
voorry, 326  
voerspooksel, 327  
voerspraak, 326  
voorwend, 326  
voorwêreld, 326  
vrotsig, 510  
-vry, 177  
vuilbaard, 210  
vuurbek, 88  
vuurvas, 147  
  
wegblou, 144  
wegdof, 143  
wegholbang, 180  
weglê-, 279  
werks-, 21  
werksku, 177  
wetslaan, 340  
wildebees, 127  
wildehond, 19  
wildeperd, 210  
windgedroog, 173  
wind-omwaaide, 170  
windverwaaide, 170  
wintershande, 107  
wiggat, 271

wipstertmier, 286  
wirts, 250  
witgatboom, 277  
woerts, 252  
wolgesig- ou uil, 354

wolle, 442  
woonstel, 112  
wydsbeen, 194  
wydsbeen, 204  
wye-been, 337

## **Z**

Zara, 367